# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 554 | 21 APRIL 1925 | 26ste JAARGANG


### PREEK.

GELDBEURSE WAT NIE VEROUDER NIE.

(Ds. J. G. W. v.d. Walt).

Lees: Lukas 12:13—34.

Teks: Lukas 12:33 en 34 . . . . . Maak vir use:t beurse, wat nie verouder, 'n skat wat nie afneem nie, in die hemele, waar die dief nie bykom nie, nog die mot verderf; want waar u skat is, daar sal ook u hart wees.

Die verganklikheid van alle aardse vreugde word deur Jesus in die teks-hoofstuk in die lig gestel. Eers doen Hy dit deur te wys op die verganklikheid van die besitter daarvan. Is daar iemand wat iets besit, soos die ryke dwaas, waarop hy meen dat hy kan staat maak, dan wil dit nog nie sê dat hy sy doel sal bereik nie. Sy lewe is in Gods hand. God kan sy besitting laat bly, maar sy hom wegneem. Só kan aardse heerlikheid, waar die mens al sy hand uitsteek om dit te vat, hom ontglip. Dit kan gebeur en het ook al dikwels gebeur. Ons beleef dit egter nie elke dag nie. Wat egter daagliks ondervind word, is daardie *kwelling* van die menslike hart. wat in verband met die verganklike goed staan. Ons is bang ons sal gebrek ly. Daardie vrees het die dubbele gevolg dat die hart vol is van kommer en dat al onse kragte ingespan word om soveel moontlik aardse besittinge byeen te samel.

Dit is hierom wat Jesus so roerend skoon herinner aan die liefdevolle voorsienigheid van God.

Kommer en sorg is dinge wat nie tuis hoort in 'n gelowige hart nie. God versorg die voëls van die hemel en die lelies van die veld—sou Hy dan sy kindere vergeet? Het Hy dit al ooit gedoen? Hy het juis op so 'n treffende wyse vir sy volk gesorg. Sy koninkryk op aarde het Hy daargestel om in hulle behoeftes te voorsien. Jesus wil nie dat sy kindere deur vrees en kommer sal gekwel word nie, maar dat hulle sal gelukkig wees. Daarom moet hulle die beloftes van die Here nie as 'n dooie letter beskou nie, maar dit van harte aangryp en daarop staat maak. Onse teks-vers bevat 'n opwekking van onse Here Jesus daartoe. Laat u hart nie vol kommer wees oor aardse skatte nie, moenie al u kragte verspil om daarin te voorsien nie! Maak vir u geldsakke, wat nie verslyt nie, soek die skat wat nooit minder word nie, waar die dief nie kan bykom nie en wat die mot nie kan verderf nie. Waar u skat is, daar sal ook u hart wees!

1. *Wat 'n skone moontlikheid word ons hier deur Jesus voor oë gehou*! Die moontlikheid om, onverganklike buidels, geldsakke, te verkry!

Hoe beslis en duidelik prys Jesus die hemelse skatte aan! Ons hoor die stem van Iemand wat weet wat hy sê en wat andere wil oortuig om na sy raadgewing te luister. Dit is die stem van die Wysheid wat roep om die afgedwaaldes op die regte spoor te bring. Dit is die stem van God, wat die ongelukkige mens toeroep: Kom tot die waters! En u, wat geen geld het nie, kom koop en eet, sonder prys en sonder geld, wyn en melk O, mag ons die uitnodiging verstaan! Mag ons met die Samaritaanse vrou, uitroep: Here! Gee my altyd van daardie water om te drink!

Is daar harte wat weet wat kommer en sorg beteken?

Jesus spreek hier tot *u*. Hy aanskou *u* moeite en verdriet. Hy raak aan die kwaal van u hart. As Hy spreek van 'n buidel wat verander en 'n skat wat vergaan, dan spreek Hy van dinge wat deur u, bekommerde en dikwels teleurgestelde, in u verwagting, deurleef is. Het u al ooit iets bestendigs hier op aarde aangetref? Is dit nie waar nie, dat u nog noueliks iets, wat u vreugde verskaf het, in u hande gehad het, of dit het weer daaruit geval? In 'n kerkhof het ek onlangs op 'n grafsteen die woorde "Ons Sonnestraaltjie" ingebeitel gesien. Dit was ter nagedagtenis van 'n liewe klein krullebol, wat net 'n paar jare die huis van haar ouers kon verbly. Wat 'n waarheid lê in die paar woorde opgesluit! Hoe lang

duur die geluk van die huislike lewe? Wat is elke band in die huis anders as 'n sonnestraal wat spoedig deur 'n wolk verdonker word! Alles rondom ons heen verkondig ons die onbestendige van die lewe. Wie al die lesse ter harte neem vra eindelik: is daar dan niks blywends nie? Is alles wat die mens ken van so onvaste, verbygaande aard? Die wysheid van die wêreld ken op hierdie vraag geen antwoord nie. Jesus gee ons hier die antwoord: Ja, Daar *is* buidels wat nooit slyt nie. Daar *is* 'n skat wat nooit afneem nie.

Om die skat te ken moet ons egter let op die *aard* van die soekende menslike hart. Waarom word daar dan so verlangend uitgesien na 'n skat met hierdie besondere eienaardigheid? Dit is omdat die hart gemaak is om op God te leun. Die lelies van die veld en die voëls van die hemel kan ook nie buiten God bestaan nie, *maar hulle weet dit nie*. Die mens egter kan nooit ruste kry nie solang hy nie in God rus nie. Die mens is nie 'n magtige boom, wat self in die aarde kan wortel en op sy eie stam rus nie. Hy is 'n slingerplant wat teen 'n boom moet oprank en só groei en bloei. Kan hy nie op God leun nie, dan leun hy op iets anders. Helaas, op die buidels wat verander, die skatte wat verdwyn. Keer op keer begeef sy steunsels hom. Dit is rietstawe wat sy hande deurboor. Hy klaag dan, as hy tenminste wysheid geleer het: Ek het bakke uitgekap, gebroke bakke wat geen water hou nie!

O, as ons tog in der waarheid ons dwaasheid ken, dan sal ons in gelukkiger toestand geraak. Dit is juis vir radeloses wat Jesus aanraai: kry iets waarop u kan staat maak: buidels wat nie slyt nie, 'n skat wat nooit minder word nie. Daarmee bedoel Hy dat ons die vriendskap van God moet verkry. 'n Vriendskap wat so sterk is dat die mens in die uur van nood, rus kry in sy siel omdat hy hom dan op die Here kan verlaat. Hy sing dan met Dawid

" 'k Lag en sliep gerust
"Van 's Heren trouw bewust!"

Daar lê in die manier waarop Jesus hierdie raad aan sy volgelinge gee 'n *teënstelling*. Daar is twee soorte buidels, twee soorte skatte. Die onderskeid tussen die twee is dat die eerste verganklik is, die ander nie. Dink nog eens aan die verganklike. Ek het reeds herinner aan familiebande en aan stoflike besitting. Dink nou wat verder. Is 'n koningskroon bestendig? Bly hy altyd? Kan 'n mens hom daarop verlaat? Laat die geskiedenis van die eeue, die geskiedenis van die jongste oorlog spreek. Ook die koning word op sy tyd in die stof gelê en sy kroon in die aarde.

Ek het geleerdheid hoor roem as 'n besitting wat nie afgeneem kan word nie. Daarin het ek geloof geslaan. Helaas, die ontnugtering! 'n Besoek aan 'n groot kranksinnige gestig in ons land het dit gedoen. Daar het ek gekry *geleerdes* Doktore, wetgeleerde en andere. Ook daardie skat is onvertroubaar.

Alleen die man wat kan sê: "Die Here is my Rots waarop ek vertrou. Dit is my goed om naby God te wees", het 'n buidel wat nie slyt nie, 'n skat wat nie afneem nie.

II. *Die manier om in besit van hierdie skat te kom.*

"Maak u buidels." Hulle moet *gemaak* word. 'n Geldtas in die eenvoudigste sin kan 'n mens self maak of koop. Elkeen weet egter dat so 'n beurs altyd van buite af moet opgevul word. Daar kan dus van 'n buidel in andere sin sprake wees. Enige bron van inkomste kan ook 'n buidel wees. Sulke buidels moet *gemaak* word. Hoe dikwels het ons nie gesien, dat landbouers en handelaars klein begin het, en deur bekwaamheid en ywer het hulle 'n vaste bron van inkomste vir hulle *gemaak*. Dit is die beeldspraak van Jesus.

Hier word volstrek nie die leer van algemene genade verkondig nie. Nee. Alle mense het nie die vrye toegang na die skatte van Gods ewige genade nie. Niemand minder as Jesus self het dit geleer nie: niemand kan tot My kom tensy die Vader hom trek nie. Jesus spreek hier sy *volgelinge* toe, wat deur die Heilige Gees, hulle self leer ken het. Hulle mag nie kwyn aan die kwaal van die wêreld nie. Hulle moet leer om gebruik te maak van die voorsorg van die Vader. Hulle moes leer om alles te verlaat en Jesus te volg. Ken u die geheim? Weet u raad uit die kommer van u hart? Het u die beurs wat u nooit in die steek laat nie? Jesus wil u in besit daarvan bring en u leer om die te gebruik.

Die beste *tyd* om die buidel te verkry is die tyd van u jongelingskap. Dan is die hart nog nie verhard nie, maar ontvangbaar vir heilige indrukke. Dit is die beste werktyd en saaityd. Die stem van God roep: "Soek u Skepper in die dae van u jongelingskap." Die kwade is aanstaande, wanneer u sal sê: ek het daarin geen lus nie. Vergader manna in die môrestond. 'n Ander tyd is soos God self sê: wanneer die Here naby is. Soek die Here terwyl Hy naby is. As God tot u spreek deur die dood, deur straf of deur seën, luister dan tog. Maak dan u buidel! Vergader dan u onverganklike skat! En as u in besit van

die skat gekom het, maak daar dan daeliks gebruik van. Wees tog nie so dwaas om u pond in 'n sweetdoek te lê nie. Ag, daar is gelowiges wat altyd wag tot 'n ander dag. Waarom sou u nie *vandag, heden* die beddeke opneem en wandel nie? Waarom sou u nie, soos 'n duif die vlerke uitsprei en die lug klief nie? Die saligheid is 'n saak van *heden*. Salomo kla dat hy 'n kwaad onder die son gesien het, n.l. dat daar iemand is wat vele goedere besit en die mag nie besit om dit te gebruik nie. O, is daar nie gelowige kindere van God, wat die geloof nooit of nagenoeg nooit uitoefen nie? Hulle het die skat en leef tog as arme bedelaars.

U *het* 'n Vader in die hemel, u *is* in besit gekom van al die hemelse skatte, maar maak u daar gebruik van? Dit is skatte wat elke dag moet gebruik word. Die nag van beproewing en teleurstelling doof keer op keer die lig van ons lewensvreugde uit. Kommer en sorg bring dikke duisternis aan. Dan moet die hemelse lig ontsteek word. Is ons arm aan aardse goedere dan moet die onuitputlike geldbeurs te voorskyn gehaal word. Wie hom in die arme van God gelowig werp, ondervind op dieselfde oomblik die heerlike waarheid, dat daar 'n lig skyn in die land van die skaduwee van die dood.

Laat daarom u hande nie besig wees met die buidels wat verslyt nie. Werp ver van u weg alles wat hierdie hemelse skat uit die hand kan laat val. Dit is beter om vermink tot die lewe in te gaan, dan om twee oë te besit en in ewige duisternis te bly.

Alleen in Gods lig kan ons die lig aanskou.

III. *Die uitwerking van hierdie skone besitting op sy besitter.*

Waar u skat is, daar sal ook u hart wees. Die "*hart*":—dit wil sê: geestelike teenwoordigheid. Die mens is nie altyd waar sy liggaam is nie. Was u al ooit ver van al wat u dierbaar is? Vrou en kind en besitting? Dan sal u ook weet hoe dat 'n mens kan teenwoordig wees, waar jou liggaam nie is. Die *hart* is dan daar. Jesus spreek hier van 'n hemelse skat. Die buidel wat nie oud word nie, en die skat wat nie slyt nie is van hemelse oorsprong. Die Gewer daarvan is daar, en die skat self in sy volle genieting, sal ook eers daar ondervind word.

As ons die hemelse skat besit, dan sal ons belangstelling ook daar wees. Laat dit vir ons 'n saak van self-ondersoek wees. In iets waarby ons persoonlik belang het, daarvoor het ons tyd, daarvoor offer ons onsself op. Waarom sien u in die donkere nag die veeboer met die flikkerlig van die lantêring by sy vee-skuur? Dit is omdat hy weet sy belang lê daar. Hy spaar homself hier nie. Hy vergeet sy besitting nie. So doen ons in elke beroep, waar ons ons plig besef. Ons *hart* is daar. Is dit ook so met die hemelse skat? Helaas, hoe gering is menigmaal ons opoffering!

U liefde tot God en Sy diens, u vaste vertroue op die vervulling van Gods beloftes in Kristus Jesus—daarin lê die bewys dat u die gelukkige besitter geword het van die hemelse skatte.

Keer, in u gedagte, terug na die lewe. Vertoef u dikwels by hierdie skat? Is Gods Woord vir u 'n dierbare skat? Hoeveel tyd slyt u met die Bybel, in die gebed met God?

Is iets vir ons waarlik 'n skat, dan is dit ons 'n genieting om teenwoordig te wees by die skat. 'n Vreemdeling treur, omdat hy ver weg is van sy vaderland. So leef die kind van God. Van Abraham, die vader van die gelowiges, word gesê: hy was 'n gas, 'n vreemdeling hier op aarde. Sy skat was nie hier nie, maar in die hemel. Hy het verlang om daar te wees. Waar sy skat was, daar was sy hart.

Die ware Abrahams kindere sing van harte:
"Ik ben, o Heer, een vreemdeling hier beneen;
"Laat u geboon, op reis, mij niet ontbreken!"

AMEN.

---

## DIE HEL.

### II.

Waarin die sonde van die Duiwel eintlik bestaan het, tengevolge waarvan die hel vir hom as verblyfplek aangewys is, word met duidelike, direkte woorde in die Skrif nie gesê nie.

Daar is egter gegewens wat die gevolgtrekking wettig dat *hoogmoed* die engele daartoe gedryf het om op te staan teen God.

As die Duiwel in die Paradys verskyn, dan druk hy op daardie snaar van die hoogmoed. Hy beloof die mens dat hy *net soos God sal wees* as hy van die verbode boom eet. Moet ons hieruit nie aflei dat dit die Duiwel se grootste strewe was, en nog is, om soos God te wees nie? As daardie groot woord eenmaal uit sy mond is, dan het hy sy hart geopenbaar en dan is die verleiding in die Paradys voltooi.

'n Twede bewys vir ons bewering vind ons in die versoeking van Christus in die woestyn. Daar kom die Duiwel tot drie keer na die Saligmaker toe en daar spreek die Duiwel ook eers sy hoogste en laaste woord as hy vir Christus vra *om hom te aanbid*. Baie opmerklik dat Christus die Duiwel as met die vinger wys die troon van God en vir hom sê: Die Here, jou God,

moet jy aanbid! Opmerklik ook dat Matteus hieraan toevoeg, dat die Duiwel vir Christus toe laat staan het, terwyl engele afkom om Hom te dien. Eindelik moet ons nog wys op die woord van Paulus in 1 Tim. 3:6. Hy waarsku dat 'n dienaar in die gemeente geen nuweling moet wees nie, sodat hy nie *opgeblaas* word en in die oordeel van die Duiwel val nie. Hier word dus weer die straf van die Duiwel in verband gebring met die sonde van hoogmoed of opgeblasenheid.

Vir menigeen is hoogmoed nie so 'n al te groot sonde nie, maar die Skrif oordeel nie so oppervlakkig nie. En diegene wat die Skrif aandagtig lees, weet dan ook van beter.

Toe Calvyn moes duidelik maak wat die kern is van die ware godsdiens, het hy gesê: In die eerste plek *ootmoed*, in die twede plek *ootmoed* en in die derde plek *ootmoed*.

As dan ootmoed so die allereerste en allergrootste deug is, dan moet hoogmoed by teëstelling wel die allereerste en allergrootste sonde wees.

Ons dink min van die sonde van hoogmoed, maar dit is 'n gruwelike kwaad in die oog van God. Ons kan dan ook gedurig sien hoe volke, geslagte en enkele persone deur hoogmoed tot hulle val gekom het. Was ons oog maar net meer geopen om dit op te merk!

Hoe anders tree Christus op.—Hy wat die eniggebore Soon van God is en dus oneindig veel meer as die Satan, al was dié ook hoe 'n vername engel.

Christus is die groot Teëbeeld van Satan as Hy sê: Leer van My dat Ek sagmoedig is en nederig van hart. Die kern van sy Middelaarswaardigheid lê dan ook in die woord: Hierdie *gebod* het Ek van my Vader. Hy het gekom om te *dien*, terwyl die Duiwel net wou *heers*. Vandaar dat Christus uitermate verhoog is en 'n naam ontvang het wat bo alle naam is. Hy het hom nie geskaam om 'n dienskneg te wees en gehoorsaam te word tot die dood toe nie.

Waarom wys ons enigsins uitvoerig hierop? Dat ons beter sal kan verstaan die betekenis van die hel. Dit was nie somaar-so 'n sonde wat die Duiwel begaan het nie. Hy het God almagtig gesteek na sy troon en na sy kroon. Daarom is daar geen diepte diep genoeg vir die Duiwel nie! Daarenteen het Christus as die Soon Hom onderwerp aan die Vader se gebod. Daarom is daar nou vir Hom as Middelaar geen hoogte hoog genoeg nie! Die *troon van God*, ja *God self* is hier in die geding. Daar is 'n hel vir wie hom teen dié troon verhef. En daar is 'n hemel vir wie hom voor dié troon neerwerp. Besef u dit enigsins, leser? Dan sal u ook kan verstaan waarom die Satan so geweldig en so diep neergegooi is.

Nou moet ons nog 'n blik werp op die Paradys. Die helse vuur wat vir die *Duiwel* en *sy engele* klaargemaak is, soos die Skrif sê,—het ook die *mens* as sy prooi opgeëis. Hoe dit gekom het, word ons uitvoerig verhaal.

Die Satan het uit sy diepte weer opgesteier en na die aarde toe gegaan, waar die Paradys nog blink in die eerste frisheid van lentebloei,—waar die diere nog huppel in hulle vreugdebedryf tot eer van God, en waar die mens nog wandel in die veerkrag van sy onbeswaarde liggaam en ongeboë siel.

*Van buite af* het die verleiding gekom. Van buite af is die mens 'n bondgenoot van die Duiwel en 'n deelgenoot van die hel gemaak. Hoe egter die verleiding *binne-in* die mens 'n vatplek gekry het; hoe die mens wat in sy verstand en hart besit het die son van Godskennis, wat deurglans was van die x-straal van goddelike geregtigheid; hoe sy ligwese deur van-buite-af-komende sonde so geheelenal vertroebel kon word is 'n geheim wat nog altyd vir ons verstand met sewe seëls toegesluit bly.

Dit egter leer die Skrif ons dat die mens se val 'n feit is, en dat dié val nie net 'n verset was teen God se hoogheid nie, maar dat besonderlik die *liefde van God* verag is. Hierop moet ons die aandag vestig, om alweer 'n beter insig te kry in die ontsagwekkende betekenis van die hel. Wie net by enkele tekste lewe, kom gedurig in konflik met die dade van God; maar wie uit die hele Skrif put, het vrede met alles wat God beskik, hoe donker en verkeerd dit ook vir ons mag skyn.

Die Duiwel het met 'n vraag na Eva toe gekom, 'n skynbaar onskuldige vraag maar wat bedoel was om twyfel in haar hart te wek aangaande die liefde van God. Is dit ook, so vra hy, dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?

En nie alleen word twyfel wakker gemaak in die siel van Eva nie, maar deur die Duiwel word 'n kinkel in die woord van God gedraai. Die Here het gesê: Van *al die* bome van die tuin mag julle vry eet. Net *een* boom het Hy uitgesonder. Daarvan maak die Duiwel: Julle mag nie eet *van al die bome*!

Is dit eenmaal so ver, dan begint Eva ook aan die gebod van God te torn. In haar antwoord laat sy die woord „vry" weg (Hd. 2:16). Daarmee gee sy al te kenne dat God tog eintlik hulle vryheid onbillik beperk het. Juis wat die slang haar wou inblaas. Verder maak Eva die gebod

van God strenger as wat dit gegee is. Sy voeg daaraan toe: "En dit nie aanroer nie." Wat 'n ondankbaarheid tussen al die Paradys-oorvloed in!

Nadat Eva eers haar twyfelagtige antwoord gegee het op die twyfelagtige vraag van die Duiwel, het eindelik die groot leuen voor die dag gekom. "Julle sal soos God wees . . . God weet die dag as julle daarvan eet, sal julle oë oopgaan." So het die Verleier gelaster en die mens het daarna geluister.

Die liefde van God is met voete getree, en die verband is gelê tussen die hel en die aarde, tussen die Duiwel en die mens—'n verband wat nog altyd bly bestaan en wat eers dan verbreek sal word as God self die put van die afgrond vir ewig sal toesluit.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Weet U, daar is darem baie dinge nodig aan 'n mens se liggaam voor dat jy van hom kan sê, dat hy volmaak en sonder gebreke is. Nou die dag gaan ek na die Algemene Vergadering te Lindley in die Oranje Vrystaat, en reis op die trein saam met 'n meneer, wat al ooral in die wêreld rond was. Voor dat ons nog 'n woord gepraat het, kon ek dit al sien aan sy koffers en portmentoos, wat met allerlei papiere en seels beplak was, en wat my somar vertel, dat daardie meneer in baie plekke gewees was, waar ek seker nooit sal kom nie. Ons begin op laas 'n gesprek, en hy is baie vriendelik, en o, so gewillig om te praat, maar helaas, ek merk al gou, dat daar fout is met sy tong, of wat dit ook mag gewees het. Die man praat swaar en moeilik. Hy hakkel party keer, en kan nie uit sy woorde kom nie. Veral as hy 'n woord wat met 'n "p" begin het soos parlement wou sê, kon hy nie weg kom nie. Eers het my dit baie gehinder, maar later het ek daar aan gewend geword, en die man vertel my toe, dat hy in Sjina en Japan, in Duitsland. Switserland, Holland en in die Wes Indies vertoef het. Hy was 'n ontwikkelde man en kon baie vertel, en het 'n gesonde opienie gehad. Hy het uit een van die dele van die verenigde koninkryk gekom, maar was heeltemal hier in geburgerd. Later kry ons twee 'n maat, wat ook in Indië was, en wat vreeslik opgenome was met die platinum besigheid van Lydenburg. Maar wat het my eerste vriend toe swaar gekry, want party keer het hy in vuur geraak, en dan het sy spraakgebrek die meeste vir hom gehinder. Ek het so by my self gedink, dat hierdie gebrek die anders so mooie en so bekwame man soms vreeslik moet laat sleg voel het. Hierdie kleine hindernis, hierdie ogenskynlik so ligte gebrek, wat moet dit vir so 'n man nie 'n bitter kruis wees nie.

Ja, so as ek gesê het, was ek na die Algemene Vergadering te Lindley. Ek was soontoe afgevaardig deur ons Algemene Vergadering, om die groetes oor te bring en 'n paar vriendelike versoekies voor die Vergadering te lê. Ek kan hier maar dadelik byvoeg, dat ek baie vriendelik ontvang is, en my groete ook met blydskap in ontvangs geneem is, en my versoek namens die Algemene Vergadering van die Ou Kolonie nie op dowe ore geval het nie. Ek het vir 'n paar dinge kom hulp vra en die hulp is op eg broederlike wyse ons toegesê. Ons het baie aangenaam vergader, dit moet ek sê. My is die eer aangedoen, om adviserend lid van die vergadering te wees, en so het ek aan al die beraadslagings deelgeneem.

Die groot plegtigheid van die dag, toe ons aangekom het n.l. 28 Maart, was die bevestiging van proponent W. Snyman. Sy ordening was vir ons algar nie alleen 'n plegtig maar ook 'n aandoenlik oomblik. Die jonge broeder is (in die mannelike lyn) die jonge loot van 'n stam, wat amper heeltemal afgehouwe is, maar dit troos ons, dat ons met grond mag verwag, dat dit 'n egte tak is van die oude stam en ons jong broeder in die voetstappe sal wandel van sy grootvader, die vrome skrywer van die so graag gelese boekie "Is dit wel met U," en van sy geliefde en hoog geskatte vader. Ons beste wense vergesel die jonge leraar en ons hoop, dat hy die Gereformeerde Kerk van Suid Afrika lang en "vrugbaarlik" moge dien.

Die ou wêreld daar te Lindley lyk gans anders as hier by ons. Dis skoon gras daar, en daar is geen rantjies en koppies, dag alleen lang bulte. Dis 'n saaiwereld en daar word jaarliks duisende sakke mielies gewin. Koring aard daar nie, soos my vertel is. Vee is daar ook in oorvloed maar dis meest beeste, soos my dit wil voorkom. Die grond is daar seker baie vrugbaarder en dus ook baie duurder as hier by ons in die karoo, maar vir my nie so mooi as hier nie. Die hoë gras het vir my nie mooi gelyk nie. Die weer was nat en triestig, toe ons daar was, en dit is seker die oorsaak, dat ek heeltemaal bly gevoel het, toe ek met my terugreis op laas weer deur die karooplase spoor met hul helder groen bossies, oorgiet deur die aangename helder sonlig. Die

broeders en susters te Lindley was ewe vriendelik en hartelik nes ons mense hier is. Met genoeë dink ek terug aan my reis soontoe. Ons het alles te same 6 dienste in die kerk gehad en een of meer van ons leraars het ook in die N.G. Kerk gepreek, soos dit by sulke geleenthede mees die gewoonte is.

Die krante het ons laas week lang mededelings gedoen van die gewigtige gebeurtenis, wat plaas gevind het op die Olyfberg naby Jerusalem. Daar is mos 'n Universiteit vir die Jode geopen. Dit word so van gewig geag, dat Generaal Hertzog en Generaal Smuts te Kaapstad ook na aanleiding daarvan 'n groot toespraak vir die Jode gehou het. Amper 1900 jare gelede het die Heiland van dieselfde Olyfberg die allergewigtigste profesie uitgespreek oor Jerusalem en haar aanstaande verwoesting, wat ons kan vind in Matth. 24. "En als Hij op de Olijfberg gezeten was," so begin die 3de vers, en dan volg die wêreld-profesie, waarvan 'n groot deel reeds in vervulling gegaan het, veral die deel wat betrekking gehad het op Jerusalem self, en nou rig onder die beskerming van die magtige Britse ryk die Jode, wat in Palestina woon en tesame met hul, wat in die verstrooiing verkeer, daar 'n groot skool op, om die wetenskappe te beoefen veral beskou uit die Joodse standpunt. Volgens die toespraak van Dr. Hertz, 'n leier van die Jode, moet die Universiteit die heiligdom word van die Joodse genie; die brandpunt van die siel van Israël en die middelpunt van die Joodse denkers, gloeiende met 'n gevoel van geregtigheid, wat Sion weer die stad sal maak van 'n herbore mensheid."

Vanaf die omwandeling van die Heiland op aarde tot hede het daar altyd 'n stryd bestaan van die Jodendom teen die kristendom. Die Jode het die prediking van die Heiland nie aangeneem nie, en die apostels het hul met hul verkondiging van die Evangelie ook na die heidene moet wend, wat toe die Evangelie van die versoening deur die kruis aangeneem het. Die Jode staan nou nog, waar hul was toe die Verlosser op Golgotha deur hul aan die kruis genageld is. Hul roep nou nog nes toe: Weg met Hem.

Baie wat die Jode so verheerlik en hul strewe so bewonder, dink daar altemit nie aan. Dat Sion weer die stad moet word van 'n herbore mensheid, soos Dr. Herz sê, meen, dat die Evangelie weg moet en die Talmud daarvoor in die plek moet kom. 'n Nader verklaring kan ek nie aan die woorde gee nie. 'n Herbore mensheid, maar nie herbore deur die kruis van Kristus. Na my oordeel is die woorde niks anders nie as grootspraak. Die Nuwe Bedeling sal nie weer plek maak vir die Oude nie.

'n Man, met wie ek oor hierdie saak gepraat het, sê my: Og meneer, die Universiteit staan wel dáár, maar dis net deur die mag van Engeland. As Groot Brittanje môre sy hand aftrek van Palestina, dan veeg in minder as geen tyd die Arabiere die hele ding weg. Dis iets wat ons natuurlik algar wel weet, maar tog is die saak van die Universiteit 'n feit van betekenis. Die woorde deur ons grootste Profeet eenmaal van die Olyfberg gespreek, sal egter deur die onderwys in hierdie vername skool op die Olyfberg nie kan ongedaan gemaak word nie, en sal daar nie 'n jota en 'n tittel van op die aarde kan laat val nie.

Te Kaapstad het hul nou die 6de April die verjaardag herdenk van die koms van Jan van Riebeek na Suid Afrika en sy landing aan die strand van Tafelbaai. Hul het by hierdie geleentheid 'n paar kranse op die voet van sy standbeeld gelê, en daar is ook 'n paar toesprake gehou. Ek is spyt, dat ek nie daar by kon wees. So dikwels as ek te Kaapstad kom, en dan so teen die aand op een van die banke op die esplanade plaas neem, om daar 'n rustig oomblikkie deur te bring en dan my oë dromerig oor die baai laat gaan, stel ek my altyd voor, hoe in die grys verlede Jan van Riebeek met sy drie klein skepies daar in dieselfde baai gekom het en hom met sy sloepe of skuite land toe gelaat roei het, om te kyk waar hy sy fort die beste kon bou, en die begin kon maak van die eerste en oudste stad in ons land. Hy het nie geweet nie, wat hom daar aan land gewag het nie, wilde gediertes of vyandige woeste mense, dog hy het gegaan en hy het die opdrag van sy kompanie gaan uitvoer. Hy het dit gedoen in geloof en met moed. Hy het ook die Gereformeerde leer hier toe gebring. Wat het die mense in die dae 'n moed gehad, om met sulke klein skepies oor die groot oseaan te vaar. 'n Seevaarder, 'n matroos bewonder ek altyd. Ek sou nie omgee nie, om self een te wees, so mooi is die geheimsinnige en die magtige see vir my. Adam se kinders is darem nie makkelike mense nie. Laas sit ek daar te Oos Londen van 'n hoogte na die see en kyk, en sien toe hoe 'n groot stoomboot in 'n baie sterk wind deur die hoë golwe van die see sny. Nou steek hy sy neus amper onder die water, en dan til hy sy kop weer hoog op. Uit die verte lyk dit, of daar geen sterfling op die groot gevaarte is nie, en hy somar van self sy weg kies, maar dan sien ek so nou en dan pikswart rookwolke by die skoor-

stene uit borrel, en dan weet ek, dat een van Adam se kinders daar onder in die groot ding besig is om in die vuur te roer en kole daarop gooi, om die stoomketels met water aan die kook te hou. Wonderlik. Van ons Afrikaanse seuns moet daar ook na die see gaan. Ons moet ons eie skepe kry en ook die see gaan bevaar. Hoe pragtig sal dit nie wees nie, as ook eenmaal ons vlagge en wimpels van ons eie skepe in vreemde hawens in die lug wapper. Ek is so spyt, dat ons die mooi see so verwaarloos.

Beste groete,

U vriend,

C., 9 April, 1925. T. H.

## KERK EN SKOOL.

### ALGEMENE VERGADERING EN BEVESTIGING PROP. W. SNYMAN, LINDLEY, O.V.S.

Br. P. C. Oosthuizen spreek sy blydskap uit oor die goeie afloop van die Alg. Vergadering op Lindley, 28 Maart en volgende dae. Hy herinner daaraan hoe 'n waagstuk dit vir die kleine Lindley was om die Algem. Vergadering te wil ontvang. Die gemeente is egter versterk deur die herinnering aan die tekswoord van Ds. van Rooij uit die Kruiskerkdae nog, van Jan. 1912, n.l. Ps. 142:4, en van Ds. M. Postma, Eseg. 16:5—8.

Dan is die vergadering self opgeluister vir die gemeente deur die bevestiging van hulle nuwe predikant, Ds. W. Snyman, die seun van 'n algemeen geliefde vader. Die broeder spreek die wens uit dat hy dieselfde agting en liefde mag verwerf as Ds. D. G. Venter, en dat die gemeente nie mag soek na nuwe wonders nie, maar let op die oues. Hy sluit met 'n woord van dank aan die broeders en susters van die Ned. Geref. Kerk wat verskeie afgevaardigdes kosteloos geloseer het.

### DANKBETUIGING VAN DIE KONINGIN VAN NEDERLAND.

's Gravenhage, Januari, 1925.

Secretarie
van
H.M. De Koningin.

Voldoende aan de bevelen van Hare Majesteit de koningin heb ik de eer aan de Synode der Gereformeerde kerk van Zuid-Afrika alsnog schriftelijk Hare Majesteits oprechten en bijzonderen dank over te brengen voor het adres van gelukwensching Hare Majesteit namens de Synode door Prof. Dr. H. H. Kuyper overhandigd; zoo mede voor het prachtige geschenk, dat Hare Majesteit daarby tevens werd aangeboden en welke geschenk met groote erkentelijkheid door de koningin is aanvaard.

Hare Majesteit is zeer gevoelig voor de woorden waarin het adres van gelukwensching der Synode is vervat en voor de heilbede voor Haar en Haar Huis, welke daaraan is toegevoegd.

De Particulier Secretaris
van H.M. de Koningin,

VAN GEEN.

De Synode der Gereformeerde Kerk
van Zuid-Afrika.

### HOEKSTEENLEGGING, GEREF. KERK, KURUMAN, K.P.

Saterdag, 21 Maart, sou die hoeksteen van die nuwe Geref. Kerk gelê word. Van hierdie gebeurtenis is nie in die Kerkblad kennis gegee en ook is geen ander brs. predikante en kerkrade uitgenooi nie; want die onkoste is so groot, dat ons niemand daar kon verwag nie; en dan moet alles geskik word na die geleentheid van die een predikant van die Geref. Kerk in hierdie geweste; maar met die hulp en genade van die Here was daar nog nooit teleurstelling nie. Hierdie keer was dit darem amper die geval: inplaas van 3 uur n.m. is die hoeksteen eers 6.30 gelê. Van Vrydagmiddag af tot Saterdagmiddag toe het die leraar en ouderling J. J. Viljoen met hulle gades op Daniëlskuil vas gereent. Gelukkig was ons onder die gasvrye dak van br. H. J. Standers. Die groot were het die paaie so verniel dat dit gevaarlik was om die pad aan te pak, solank as wat dit so reën.

Saterdag-middag 12 uur, het dit eers so bedaar dat die Ford-kar sy neus vir die 60 myl ver geleë Kuruman kon wys. Dit het swaar gegaan; dit het gesukkel met 'n onlustige Ford deur modder en water wat nooit afbreek nie; dit was 'n waag oor 'n uitersgevaarlike pad terwyl die sagte reën nog altyd val. Die broeders kerkraadslede het al allerhande gedagtes gemaak, toe hulle sien dat die predikant nie uitkom nie: party het gemeen hy sit êrens in 'n gat modder en water vas; ander het so 'n vertroue gehad, dat hulle gesê het: „dis onmoontlik, hy sal nooit in die pad bly steek nie; eindelik het die wakker en dapper br. ouderl. Kalie Loots in 'n motor gespring om die predikant te gaan soek. Wat 'n verligting in ons gesukkel was dit nie toe hierdie br. ons oor halfpad ontmoet nie! Toe wis ons dat die pad verder na Kuruman veilig is. Half 7 is die hoeksteen gelê en die aand om 8 uur die rede gehou oor die woorde op die steen: Die wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. 1 Petr. 2:6.

Ons hartlike dank aan oud J. J. Viljoen wat die leraar op sy motor oorgebring het. Die br. is 'n ou veteraan van Postmasburg, wat graag opoffer vir die kant van die kerk.

Ook ons dank aan Ds. Eksteen wat die leraar vir die geleentheid gasvry ontvang het en met sy kerkraad hulle kerkgebou afgegee het vir die dienste op Sondag.

Ons moet ook mnr. H. J. Standers van Daniëls-

kuil bedank vir sy hartlikheid. Hierdie br. en suster het 'n tyd gelede aan ons een van die mooiste saaierwe present gegee om in die toekoms te dien as 'n pastorie-erf van die Geref. Kerk op Danielskuil. Laat ons die Here lief hè nie net met die woord nie, maar ook met die daad! Is dit nie 'n skone en navolgenswaardige voorbeeld nie?

Die boumeester van die Kerk op Kuruman is Mnr. J. Els. Sover het hy sy werk pragtig uitgevoer, en getoon dat hy op 'n meesterlike wyse die blou Jonasklip kan hanteer en dresseer. Mog die Here hom bewaar en bekwaam deur Sy Gees, sodat hy sy werk kan voltooi tot eer van ons Koning!—J.H.K.

('n Ander ongenoemde korrespondent skryf oor dieselfde gebeurtenis. Hy deel mee dat die opkoms van die gemeente in die moeilike omstandighede bo verwagting goed was. By die hoeksteenlegging is gelees en gesing uit Psalm 118 en Ds. Eksteen het met gebed die plegtigheid afgesluit. Die geleentheidstoespraak is toe deur Ds. Kruger die aand in die Nederd. Geref. Kerk gehou.—Red. Die K.).

## NAGMAAL OP ZWARTRUGGENS, TRANSVAAL.

Die gemeente het op 5 April Nagmaal gevier en nie alleen was die vier ernstige preke wat die leraar gelewer het bemoedigend nie, maar ook die feit dat die gemeente in die aanhoudende reëns in so 'n getal opgekom het, dat die kerk Sondag totaal te klein was. Van ver uit die bosveld deur die turf is in reent en modder geworstel, maar toe Saterdagmore die son helder as kristal sy verskyning agter die Swartrug-Rante uit maak, was al die vermoeienis van die tog vergeet en was almal in 'n feestelike stemming. Al vroeg die more was die Susters-Vereniging druk besig met hulle verkoping waarvan Sondagaand die verrassende uitslag meegedeel is dat dit naamlik £40 opgebring het.

Saterdag met die gemeente-vergadering is eenparig besluit, om uit dankoffers vir die geseënde jaar 'n fonds te stig vir die bou van 'n nuwe kerk. Ja, want as die kerk in tyd van swaar reëns te klein is, hoe sal hy wees net na 'n mooi oes en in mooi weer? By hierdie geleentheid is ook 14 jongeliede toegelaat om belydenis van hulle geloof af te lê en 3 kindertjies is gedoop.

As korrespondent van die gemeente en agent vir "Die Kerkblad" is benoem diak. G. M. J. du Preez.—Korrespondent.

## 'N GEVOELIGE VERLIES VIR DIE GEREF. VERENIGINGSLEWE OP MIDDELBURG, K.P. IN MEMORIAM—ANNIE DU PLESSIS.

Daar is 'n plek leeg in ons huise en in ons harte. Ons beminde susterljie in Kristus, *Annie du Plessis*, het die Here uit ons midde weggeneem. Sodra ons verneem het, dat haar siekte die gevreesde ingewandskoors was, het ons die ergste gevrees. Sy was nooit sterk van liggaamskragte nie, en die vraag was of sy sou kon deurhaal? Ons almal was vol kommer en onrus en ons gebede het voortdurend vir haar opgegaan. Wat sou ons dankbaar wees, as God haar lewe wou spaar! Sy was nie alleen, deur haar vriendelikheid, 'n liefling van elkeen nie, maar sy was so nuttig en voorbeeldig vir ons almal! Ons kon nie glo dat sy, juis sy, moet sterf nie. En tog het God dit so gewil. Verslaenheid was op elke gesig te lees, toe ons verneem: Annie is heengegaan. Wat? Is Annie dood? En sy het dan nog maar 'n week gelede opgeruimd en vol lewe in ons midde gewees. Ja, as God dit besluit het, wie sal dan die koue hand van die dood afweer? In die nag van 29 Maart is sy verhuis. Ons hart is seer; ons sal haar nie gou vergeet nie. Sy was 'n sterretjie onder ons jongmense. Hoe het ons harte gebloei, toe ons by die graf die 23ste Psalm gesing het, 'n psalm wat sy nog onlangs, as Leidster van ons Sangvereniging, vir ons geleer het. Mag die Here wat haar weggeneem het, tog weer die leë plek aanvul!

Wat het sy 'n lewendige aandeel geneem in ons Jongeliede-Vereniging. Nooit was haar plek leeg nie. Hoe goed onthou ons nog die opstelle van haar hand, wat in die vereniging voorgelees is. En as sy Sondae, as orreliste, die gemeentelike gesang gelei het, as sy vreugdeklanke of klaagtone laat hoor het, dan het ons gevoel, hoe goed God is. Hy gebruik één uit ons midde om Sy Naam te verheerlik.

Hoe leeg sal haar plek wees in die Jongedogters-Vereniging. Hoe het sy ons vergaderings opgeluister met haar aangename musiek. As niemand meer wou of kon speel nie, dan het sy nog weer soet klanke uit die ou Piano gehaal. Sy was vise-Presidente van hierdie vereniging.

Ons treur oor haar. Ons is trots op haar. So 'n lewe is werd om nagevolg te word. Mog die Here haar nagedagtenis heilig aan ons harte. Mag haar lewe ons laat sien waartoe God 'n nietige mens wil gebruik.

Namens die Sangvereniging, P. S. Kruger, Leier.
Namens die Ger. Jongedogters-Vereniging, H. E. v.d. Walt, Presidente.
Namens die Jongeliede-Vereniging, Hend. Coetsee, Voorsitter.
Middelburg, K.P.,
7 April, 1925.

## BEVESTIGING VAN PROP. T. SPOELSTRA, JOHANNESBURG-OOS.

Saterdag, 28 Feb., en Sondag, 1 Maart, sal vir ons gemeente onvergeetlike dae wees.

Saterddagaand het die gemeente en vrinde en bekendes van naburige gemeentes in groot getalle opgekom om teenwoordig te wees by die bevestiging van Prop. T. Spoelstra as herder en leraar van ons gemeente. Ds. M. Postma het 'n gevoelvolle rede gehou na aanleiding van 2 Kor.

5:18—20: "God heeft de bediening der verzoening gegeven". Hy het agtereenvolgens gewys op: (1) die heerlikheid van die bediening. (2) die bediening deur sondige mense en (3) hoe die "bediening der verzoening" met vurige verlange moet ontvang word.

Vyf predikante van die naburige gemeentes met 2 verteenwoordigers van die Hervormde en Geref. of Herv. gemeentes het daarna die hande opgelê en die jong predikant 'n bemoedigende woord toegespreek waarna sy vader, 'n ouderling en 'n diaken hom gelukgewens het. Jammer dat die kerkgebou nie tweemaal so groot was sodat alle belangstellendes 'n kans kon ge kry het om aanwesig te wees nie!

Sondag, 1 Maart, om 10 uur het die nuwe leraar sy intreerede gehou oor Efese 6:10—12. Die jong prediker het 'n aangename indruk gemaak op sy hoorders en welvoldaan is ons huistoe om half-vier, die middag weer in die kerkgebou saam te kom om die afskeidsrede van Ds. J. V. Coetzee te hoor, wat van nou af alleen Johannesburg-Noord sal bedien.

Sy WelEerwaarde het as teks gekies: "Vergeef ons onse skulde, soos ook ons ons skuldenaars vergewe."

Soos ons gewoon is van ons gewese predikant, het ook hierdie rede 'n diepe indruk op die gemeente gemaak, en toe, ook namens kerkraad en gemeente, oud. Buys hom toespreek, was daar maar min droë oë. Die band, wat Ds. Coetzee aan die gemeente verbind het en nou moes verbreek word, was 'n band van liefde. Gelukkig sal, na ons hoop, sy verblyf in Melville ons nog dikwels in staat stel om van sy preke en geselskap te mag geniet.

L. THOMASSEN, Skriba.

---

## OORLOG TEEN KERKSKULD, VENTERSBURG, O.V.S.

Saterdag, 21 Maart, het die susters van die gemeente weer hulle jaarlikse verkoping gehou. Dit was mooi om te sien hoe die susters saamwerk. Daarom was die verkoping dan ook vanjaar weer 'n sukses. Die geld gaan vir Kerkskuld. Die susters gee ons, as mans regtig 'n voorbeeld.

(Hieraan verbind die geagte korrespondent 'n klag teen die laksheid van baie manslede, wat kerklike bydraes nie betaal nie, omdat hulle gewoonlik ook van gemeentevergaderings wegbly. —Red. Die K.).

Ons hoop al die agterstallige ramingsgelde vir kerkskuld sal in wees voor nagmaal, die 2de Sondag in Mei, sodat dan weer oor die verdere kwessie van kerkskuld sal kan gehandel word.

Die diakens gaan nou in hulle wyke rond om te kollekteer vir die arme en krankes. Ons wil hoop en vertrou dat die gemeente die diakens ernstig steun deur mildelik te gee. Ds. van Rooij was ook weer hier in ons midde. S.Eerw. het die dienste waargeneem. By hierdie geleentheid is br. C. W. A. Venter as ouderling en br. A. J. Venter, L. seun, as diaken voorgestel.

Ouderling J. D. Venter en D. J. Fourie gaan na die Algemene Vergadering as afgevaardigdes. Met nagmaal sal ons weer 'n konsulent moet beroep.

Weens die heers van bloutong is ons kerklike skaap-vandiesie uitgestel tot in Meimaand. — Korrespondent.

---

## AANNEMING VAN BEROEP.

Met innige dankbaarheid in ons hart kan ons hiermee melding maak dat Ds. J. V. Coetzee van Melville die beroep na Frankfort aangeneem het. Die bevestiging vind plaas op Saterdag, 16 Mei, so die Here wil.

Broeders Predikante en kerkraadslede word hiermee hartlik uitgenooi vir die geleentheid.

Wees so goed om ondergetekende van u oorkoms in kennis te stel.

C. J. H. PRETORIUS,
Korrespondent.

Bus 28, Frankfort,
6 April, 1925.

---

## KORRESPONDENSIE.

### DIE TOORSTOKKIE.

**Br. S. N. Venter, Postmasburg.**—As hy dink dat daar enige bonatuurlike mag, soos toorkuns, deur die stokkie werk of as die diamant-aanwyser so iets te kenne wil gee, dan behoort 'n Kristen hom seker nie met die saak in te laat nie.—Red. "Die K."

---

## INSAMELING VAN GELDE.

Geagte Redakteur,

Dit verblyd my dat van ons jongere predikante so aktief deel neem in die algemene kerklike belange en hulle insigte daaroor in Die Kerkblad openbaar maak. Al is dit dan dat ons oueres nie altyd met hulle kan saamstem nie. As ek my dan ook nou genoodsaak ag enige op- en aanmerkings te maak oor die skrywe van Dr. P. J. S. de K. in Die Kerkblad van 7 deser dan is dit met die grootste waardering van die goeie bedoelings en ywer wat die br. besiel.

Ek stem met hom in as die insameling van die armegeld onder die diens geskied die offeridee daardeur veel beter uitkom as wanneer dit aan die end van die diens plaas vind. Maar waar hy sy instemming betuig met dit te doen "in ope sakkies (bordjies)" kan ek nie saamstem nie. Hier geld wel deeglik die bevel van onse Here Jesus "Laat uwe linkerhand niet weten, wat uwe rechter doet," en ek dink Dr. P. J. S. de K. behoort die uitdrukking in sy brief te herroep. Mag die regterhand dit soms maar meer geweet het!" Ek erken dat sonder dat dit juis die bedoeling is, die linkerhand soms wel te wete kom wat die regter doen. Maar dit is juis wanneer dit met opset so gdoen word dat die Here Jesus dit veroordeel. Dan word onedele, sondige motiewe in die lewe geroep n.l. om van die mense gesien en geëer te word. Dat langs die sondige weg om op die hoogmoed te spekuleer nie alleen by kollektes met

kuil bedank vir sy hartlikheid. Hierdie br. en suster het 'n tyd gelede aan ons een van die mooiste saaierwe present gegee om in die toekoms te dien as 'n pastorie-erf van die Geref. Kerk op Danielskuil. Laat ons die Here lief hê nie net met die woord nie, maar ook met die daad! Is dit nie 'n skone en navolgenswaardige voorbeeld nie?

Die boumeester van die Kerk op Kuruman is Mnr. J. Els. Sover het hy sy werk pragtig uitgevoer, en getoon dat hy op 'n meesterlike wyse die blou Jonasklip kan hanteer en dresseer. Mog die Here hom bewaar en bekwaam deur Sy Gees, sodat hy sy werk kan voltooi tot eer van ons Koning!—J.H.K.

('n Ander ongenoemde korrespondent skryf oor dieselfde gebeurtenis. Hy deel mee dat die opkoms van die gemeente in die moeilike omstandighede bo verwagting goed was. By die hoeksteenlegging is gelees en gesing uit Psalm 118 en Ds. Eksteen het met gebed die plegtigheid afgesluit. Die geleentheidstoespraak is toe deur Ds. Kruger die aand in die Nederd. Geref. Kerk gehou.—Red. Die K.).

## NAGMAAL OP ZWARTRUGGENS, TRANSVAAL.

Die gemeente het op 5 April Nagmaal gevier en nie alleen was die vier ernstige preke wat die leraar gelewer het bemoedigend nie, maar ook die feit dat die gemeente in die aanhoudende reëns in so 'n getal opgekom het, dat die kerk Sondag totaal te klein was. Van ver uit die bosveld deur die turf is in reent en modder geworstel, maar toe Saterdagmore die son helder as kristal sy verskyning agter die Swartrug-Rante uit maak, was al die vermoeienis van die tog vergeet en was almal in 'n feestelike stemming. Al vroeg die more was die Susters-Vereniging druk besig met hulle verkoping waarvan Sondagaand die verrassende uitslag meegedeel is dat dit naamlik £40 opgebring het.

Saterdag met die gemeente-vergadering is eenparig besluit, om uit dankoffers vir die geseënde jaar 'n fonds te stig vir die bou van 'n nuwe kerk. Ja, want as die kerk in tyd van swaar reëns te klein is, hoe sal hy wees net na 'n mooi oes en in mooi weer? By hierdie geleentheid is ook 14 jongeliede toegelaat om belydenis van hulle geloof af te lê en 3 kindertjies is gedoop. As korrespondent van die gemeente en agent vir "Die Kerkblad" is benoem diak. G. M. J. du Preez.—Korrespondent.

## 'N GEVOELIGE VERLIES VIR DIE GEREF. VERENIGINGSLEWE OP MIDDELBURG, K.P. IN MEMORIAM—ANNIE DU PLESSIS.

Daar is 'n plek leeg in ons huise en in ons harte. Ons beminde susterljie in Kristus, *Annie du Plessis*, het die Here uit ons midde weggeneem. Sodra ons verneem het, dat haar siekte die gevreesde ingewandskoors was, het ons die ergste gevrees. Sy was nooit sterk van liggaamskragte nie, en die vraag was of sy sou kon deurhaal? Ons almal was vol kommer en onrus en ons gebede het voortdurend vir haar opgegaan. Wat sou ons dankbaar wees, as God haar lewe wou spaar! Sy was nie alleen, deur haar vriendelikheid, 'n liefling van elkeen nie, maar sy was so nuttig en voorbeeldig vir ons almal! Ons kon nie glo dat sy, juis sy, moet sterf nie. En tog het God dit so gewil. Verslaenheid was op elke gesig te lees, toe ons verneem: Annie is heengegaan. Wat? Is Annie dood? En sy het dan nog maar 'n week gelede opgeruimd en vol lewe in ons midde gewees. Ja, as God dit besluit het, wie sal dan die koue hand van die dood afweer? In die nag van 29 Maart is sy verhuis. Ons hart is seer; ons sal haar nie gou vergeet nie. Sy was 'n sterretjie onder ons jongmense. Hoe het ons harte gebloei, toe ons by die graf die 23ste Psalm gesing het, 'n psalm wat sy nog onlangs, as Leidster van ons Sangvereniging, vir ons geleer het. Mag die Here wat haar weggeneem het, tog weer die leë plek aanvul!

Wat het sy 'n lewendige aandeel geneem in ons Jongeliede-Vereniging. Nooit was haar plek leeg nie. Hoe goed onthou ons nog die opstelle van haar hand, wat in die vereniging voorgelees is. En as sy Sondae, as orreliste, die gemeentelike gesang gelei het, as sy vreugdeklanke of klaagtone laat hoor het, dan het ons gevoel, hoe goed God is. Hy gebruik één uit ons midde om Sy Naam te verheerlik.

Hoe leeg sal haar plek wees in die Jongedogters-Vereniging. Hoe het sy ons vergaderings opgeluister met haar aangename musiek. As niemand meer wou of kon speel nie, dan het sy nog weer soet klanke uit die ou Piano gehaal. Sy was vise-Presidente van hierdie vereniging.

Ons treur oor haar. Ons is trots op haar. So 'n lewe is werd om nagevolg te word. Mog die Here haar nagedagtenis heilig aan ons harte. Mag haar lewe ons laat sien waartoe God 'n nietige mens wil gebruik.

Namens die Sangvereniging, P. S. Kruger, Leier.
Namens die Ger. Jongedogters-Vereniging, H. E. v.d. Walt, Presidente.
Namens die Jongeliede-Vereniging, Hend. Coetsee, Voorsitter.
Middelburg, K.P.,
7 April, 1925.

## BEVESTIGING VAN PROP. T. SPOELSTRA, JOHANNESBURG-OOS.

Saterdag, 28 Feb., en Sondag, 1 Maart, sal vir ons gemeente onvergeetlike dae wees.

Saterddagaand het die gemeente en vrinde en bekendes van naburige gemeentes in groot getalle opgekom om teenwoordig te wees by die bevestiging van Prop. T. Spoelstra as herder en leraar van ons gemeente. Ds. M. Postma het 'n gevoelvolle rede gehou na aanleiding van 2 Kor.

5:18—20: "God heeft de bediening der verzoening gegeven". Hy het agtereenvolgens gewys op: (1) die heerlikheid van die bediening. (2) die bediening deur sondige mense en (3) hoe die "bediening der verzoening" met vurige verlange moet ontvang word.

Vyf predikante van die naburige gemeentes met 2 verteenwoordigers van die Hervormde en Geref. of Herv. gemeentes het daarna die hande opgelê en die jong predikant 'n bemoedigende woord toegespreek waarna sy vader, 'n ouderling en 'n diaken hom gelukgewens het. Jammer dat die kerkgebou nie tweemaal so groot was sodat alle belangstellendes 'n kans kon ge kry het om aanwesig te wees nie!

Sondag, 1 Maart, om 10 uur het die nuwe leraar sy intreerede gehou oor Efese 6:10—12. Die jong prediker het 'n aangename indruk gemaak op sy hoorders en welvoldaan is ons huistoe om half-vier, die middag weer in die kerkgebou saam te kom om die afskeidsrede van Ds. J. V. Coetzee te hoor, wat van nou af alleen Johannesburg-Noord sal bedien.

Sy WelEerwaarde het as teks gekies: "Vergeef ons onse skulde, soos ook ons ons skuldenaars vergewe."

Soos ons gewoon is van ons gewese predikant, het ook hierdie rede 'n diepe indruk op die gemeente gemaak, en toe, ook namens kerkraad en gemeente, oud. Buys hom toespreek, was daar maar min droë oë. Die band, wat Ds. Coetzee aan die gemeente verbind het en nou moes verbreek word, was 'n band van liefde. Gelukkig sal, na ons hoop, sy verblyf in Melville ons nog dikwels in staat stel om van sy preke en geselskap te mag geniet.

L. THOMASSEN, Skriba.

## OORLOG TEEN KERKSKULD, VENTERSBURG. O.V.S.

Saterdag, 21 Maart, het die susters van die gemeente weer hulle jaarlikse verkoping gehou. Dit was mooi om te sien hoe die susters saamwerk. Daarom was die verkoping dan ook vanjaar weer 'n sukses. Die geld gaan vir Kerkskuld. Die susters gee ons, as mans regtig 'n voorbeeld.

(Hieraan verbind die geagte korrespondent 'n klag teen die laksheid van baie manslede, wat kerklike bydraes nie betaal nie, omdat hulle ge woonlik ook van gemeentevergaderings wegbly. —Red. Die K.).

Ons hoop al die agterstallige ramingsgelde vir kerkskuld sal in wees voor nagmaal, die 2de Sondag in Mei, sodat dan weer oor die verdere kwessie van kerkskuld sal kan gehandel word.

Die diakens gaan nou in hulle wyke rond om te kollekteer vir die arme en krankes. Ons wil hoop en vertrou dat die gemeente die diakens ernstig steun deur mildelik te gee. Ds. van Rooij was ook weer hier in ons midde. S.Eerw. het die dienste waargeneem. By hierdie geleentheid is br. C. W. A. Venter as ouderling en br. A. J. Venter, L. seun, as diaken voorgestel.

Ouderling J. D. Venter en D. J. Fourie gaan na die Algemene Vergadering as afgevaardigdes. Met nagmaal sal ons weer 'n konsulent moet beroep.

Weens die heers van bloutong is ons kerklike skaap-vandiesie uitgestel tot in Meimaand. —Korrespondent.

## AANNEMING VAN BEROEP.

Met innige dankbaarheid in ons hart kan ons hiermee melding maak dat Ds. J. V. Coetzee van Melville die beroep na Frankfort aangeneem het. Die bevestiging vind plaas op Saterdag, 16 Mei, so die Here wil.

Broeders Predikante en kerkraadslede word hiermee hartlik uitgenooi vir die geleentheid.

Wees so goed om ondergetekende van u oorkoms in kennis te stel.

C. J. H. PRETORIUS,
Korrespondent.

Bus 28, Frankfort,
6 April, 1925.

## KORRESPONDENSIE.

### DIE TOORSTOKKIE.

**Br. S. N. Venter, Postmasburg.**—As hy dink dat daar enige bonatuurlike mag, soos toorkuns, deur die stokkie werk of as die diamant-aanwyser so iets te kenne wil gee, dan behoort 'n Kristen hom seker nie met die saak in te laat nie.—Red. "Die K."

## INSAMELING VAN GELDE.

Geagte Redakteur,

Dit verblyd my dat van ons jongere predikante so aktief deel neem in die algemene kerklike belange en hulle insigte daaroor in Die Kerkblad openbaar maak. Al is dit dan dat ons oueres nie altyd met hulle kan saamstem nie. As ek my dan ook nou genoodsaak ag enige op- en aanmerkings te maak oor die skrywe van Dr. P. J. S. de K. in Die Kerkblad van 7 deser dan is dit met die grootste waardering van die goeie bedoelings en ywer wat die br. besiel.

Ek stem met hom in as die insameling van die armegeld onder die diens geskied die offeridee daardeur veel beter uitkom as wanneer dit aan die end van die diens plaas vind. Maar waar hy sy instemming betuig met dit te doen "in ope sakkies (bordjies)" kan ek nie saamstem nie. Hier geld wel deeglik die bevel van onse Here Jesus "Laat uwe linkerhand niet weten, wat uwe rechter doet," en ek dink Dr. P. J. S. de K. behoort die uitdrukking in sy brief te herroep. Mag die regterhand dit soms maar meer geweet het!" Ek erken dat sonder dat dit juis die bedoeling is, die linkerhand soms wel te wete kom wat die regter doen. Maar dit is juis wanneer dit met opset so gdoen word dat die Here Jesus dit veroordeel. Dan word onedele, sondige motiewe in die lewe geroep n.l. om van die mense gesien en geëer te word. Dat langs die sondige weg om op die hoogmoed te spekuleer nie alleen by kollektes met

ope bordjies nie maar ook deur middel van basaars en andersins veel geld vir die kerk kon gekry word is nie te ontken nie. Maar mag ons as gereformeerdes hierdie weg opgaan wat uitdrukkelik in stryd is met die bevel van die Koning van die Kerk? Dr. de K. voel self dat dit verkeerd is. Waarom beveel hy anders, by die Nagmaalstafel "geslote" offerbuste aan?

Wat nou betref die offerbuste by die nagmaalstafel, daarvoor kan ek, al is hulle dan ook "geslote", die nodigheid nie insien nie. Die nagmaalganger kan tog net so goed sy offer in die gewone bus vir die arme gee. Dat dit nou in Holland die gewoonte is, daar het ek vrede mee, maar by onse kerke in S.A. was dit nooit die gewoonte nie en daar is geen rede waarom dit hier sal ingevoer word nie.

Oor die 2de punt in Dr. de K. se brief "die insameling van die kerklike bydrae" verskil ek heelwat van hom, waar hy meen dat dit nie deur die diakene behoort gedoen te word nie. Dit is so, die formulier vir bevestiging van diakene spreek alleen van die versorging van die arme. Dat hiervoor "diakonaal huisbesoek" nodig is spreek vanself en word ook deur die formulier vereis. Maar dit wil daarom nog nie sê, dat die insameling en beheer deur die diakene van die gelde wat nodig is vir die onderhoud van die godsdiens, onskriftuurlik is nie. Ek wil die werk van die Sinodale deputate" vir omskrywing van die Diakonale Amp" nie te ver vooruit loop nie. Die blote feit egter dat die Sinode dit nodig geag het hiervoor deputate te benoem en dat ook die laaste Alg. Verg. van Transvaal besluit het om 'n Diakonale Konferensie byeen te roep om die ontwikkeling van die diakonale amp te bespreek, bewys tog dat die standpunt deur Dr. de K. ingeneem nog gans nie so vas staan as hy wel meen nie.

Dat in die formulier vir bevestiging van diakene en in onse D.K.O. geen melding gemaak word nie van wie verantwoordelik is vir die insameling en beheer van gelde tot instandhouding van die openbare diens (waaronder inbegrepe is die traktement van die predikant, theol. sk. gelde ens.) vind sy rede in geskiedkundige oorsake, wat bekend is en waaroor dit nie nodig is hier uit te wy nie. Ek wil maar alleen daarop wys dat onder die O. Testament die Priesters en Leviete geleef het van die tiendes, die offerandes en offergawes wat die volk vir die diens van die Here moes opbring, die insameling en beheer waarvan biesonder aan die Leviete opgedra was. (Ex 29:30, 31; Ex. 30:12—; Lev. 8:31; Num. 1:50,51; 2 Kron. 24:6,—sien hierby die verklaring van die kantenare—; Neh. 10:38, 39; Neh. 12:44 en meer andere plekke).

Onder die N. Testament "vinden wij dat in het begin de Apostelen zelve de bediening der armen gehad hebben." Maar dit is duidelik dat hulle daarby ook nog die sorg vir onderhoud van die Here Jesus en hulleself, en die beheer van die gelde wat hulle daarvoor ontvang het, gehad het. En geroepe was selfs die skare wat Jesus gevolg het te bedien as dit nodig was. (Joh. 4:8, Matt. 14:16, 19). En selfs waar vir ander doeleindes geld nodig was, was hulle geroepe daarvoor te sorg (Matt. 17:27; Joh. 13:29). Uit die laaste skriftuur blyk selfs dat die benodighede vir Jesus en sy disiepels uit dieselfde beurs gekom het waaruit die arme bedeel geword is. Die bedeling van die armes en die uitgawes vir die onderhoud en andere benodighede het dus hand aan hand gegaan en die sorg vir albei het by die Apostels berus.

In die eerste gemeente, die van Jerusalem vind ons 'n toestand van "kommunisme" (Hand. 4:32—36). Ook later in andere gemeentes is hiervan spore te ontdek. Die "liefde maaltye, waaraan nie net die armes maar die apostels met die hele gemeente deelgeneem het was hiervan 'n uitvloeisel. Dat dan, soos Dr. de K. van Prof. Biesterveld aanhaal "wat overbleef was voor de armen" juis is, wil ek aanneem. Maar hieruit blyk dan des te meer dat die goedere nie net vir die armes was nie, maar dat die Apostels en die andere wat die diens van die Here waargeneem het, daaraan deel gehad het. Dit was onder die toestand dat die diaken amp ingestel geword is (Hand. 6). Die onmiddelik aanleidende oorsaak was wel die "murmureering der Griekschen tegen de Hebreën, omdat hunne weduwen in de dagelijksche bediening verzuimd werden." Maar in die toespraak van die Apostels tot die gemeente word in die algemeen gespreek van "de tafelen dienen". Uit die hele toedrag van die saak is dit duidelik dat dit nie alleen vir die arme was nie, maar vir die gehele gemeente. En verder dat die bediening van die tafels bestaan het uit die goedere wat vir die gemeenskaplike diens van die Here—dus ook tot leeftog van die Apostels gegee was. Dit kom ous heelwat ooreen met die tiendes en offerandes en offergawes wat onder die O. Testament gegee was, waarvan die Priesters en Leviete moes lewe en wat deur die Leviete moes ontvang en beheer word.

Daar is, Gode dank, in die kristelike kerk van onse tyd en biesonder in onse Geref. Kerke iets uit die O. Testamentiese bedeling van, wat tereg deur Dr. de K. "die offer idee" genoem word, oorgebly. Maar dit moet nie net in betrekking tot die arme so opgevat word nie, dog in alles wat vir die instandhouding van die diens van die Here gegee word. Maar ook aan die gemeenskaps-idee wat in die eerste kristelike gemeentes bestaan het, al is dit nou nie in dieselfde vorm nie, moet ons vashou. Dan sal vanself die visieuse verskil wegval wat Dr. de K. maak tussen "verpligtende bydrae vir die kerk" en "vrywillige bydrae vir die arme". Dan sal dit ook nie nodig wees dat "die predikant se posiesie veredel word" deur hom nie as 'n "bedeelde" te beskou nie en die van die arme onedel, as "bedeelde." Die predikante en Professore wat nie genoegsaam private middele besit nie en wat weens hulle amp nie in hulle onderhoud kan voorsien nie staan dan in dieselfde posiesie as die arme en moet van die evangelie lewe (1 Kor. 9:14, I Tim. 5:18) eweas dit die geval was met die Priesters en Leviete en Jesus en sy disiepels (Matt. 10:10; Luk. 10:7). En hiervoor moet die diakene, wat „de tafelen" moet bedien, sorg dra. (Hand. 6). Die hele saak is van die Apostels op hulle oorgedra.

En waar onse diakene dan ook vanaf die ontstaan van onse kerk hierin so getrou was, is dit ook nie nou nodig om nog 'n soort van 4de of 5de amp van "kerklike kollektante" in te voer nie. Wel word so nou en dan in onse kerke vir 'n buitengewone saak kollektante benoem, maar dit moet dan ook maar as 'n buitengewone maatreel beskou word. As reel geld, dat „niemand anders dan door wettige beroeping in de Kerk van Christus behoort te dienen."

Voor ek eindig wil ek hier nog 'n enkel woord byvoeg oor die onderhoud van onse predikante.

Ek vrees dat waar beswaar gemaak word om die predikant as 'n "bedeelde" te beskou— wat tog vir hom 'n eer moet wees—dat hy dan nie anders as 'n

"huurling" kan beskou word nie. En die geneigdheid van onse tyd loop sterk in die rigting, en hiervan is die predikante self groteliks oorsaak.

Dit spreek vanself dat die armes na hulle stand en behoeftes moet versorg word en ook die predikante, professore, hulle weduwes en wese en ander kerkedienaars na hulle stand en behoeftes. Daarom vind ek dit ook so onskriftuurlik as die kerkraad vooraf al vasstel, voordat hy nog weet wie beroepe sal word en wat die behoeftes van die beroepe persoon sal wees, wat deur die gemeente tot onderhoud sal gegee word. Die beroepsbrief behoort alleen melding te maak van voorsiening van "behoorlik onderhoud." Oor die bedrag kan dan daarna tussen die kerkraad en die beroepe predikant onderhandel word; en selfs daarna as hy in die gemeente dien behoort as sy behoeftes vermeerder b.v. deur aangroei van sy gesin, die saak telkens in hersiening geneem te word. Hierdeur kan voorkom word aan die een sy, dat predikante by vermeerdering van hulle gesin met die eenmaal in die beroepsbrief vasgestelde traktement, in armoede en skuld verval; en aan die ander sy, dat predikante met klein gesinne hulle met 'n groot traktement ten koste van die kerk verryk—want in die laaste geval sou so 'n gemeente anders so veel meer kan doen tot ondersteuning van klinere en armere gemeentes.

L. P. V.

Krugersdorp,
8 April, 1925.

# VIR DIE KINDERS.

## 'N DOGTER VAN SUID-AFRIKA.

Een dag, toe ek nog 'n klein dogtertjie was, was ek op besoek in Kaapstad, saam met my ouers en sustertjie.

Dit is 'n besoek wat ek nooit sal vergeet nie, nie alleen omdat dit juis net 'n paar weke voor die uitbreek van ons oorlog was en almal wat ons daar kom sien het, vol besorgdheid was nie—die Engelse troepe het al begin land en ek onthou nog so goed hoe ons op die balkon van die hotel gestaan en kyk het, toe hulle so verby marseer met hulle musiekkorps voorop. Een afdeling het 'n klomp grawe en pikke gedra, en ons kinders wat niks van oorlog verstaan het of van loopgrawe geweet het nie, het gemeen dat hulle die grawe saamneem om hulle graftes te grawe in geval hulle doodgeskiet word—maar daar was 'n ander rede waarom ek die besoek so besonder goed onthou: al die Afrikaners in die Kaap was so bekommerd oor die toestand en het maar gedurig mekaar opgesoek om oor die sake te praat. So het dit gekom dat ons baie van die manne, wat nou in die geskiedenis bekend staan, gesien of ontmoet het. My Pa het elke maal gesê: "Kyk, kinders, dit is nou Mnr. Hofmeyr, 'Onse Jan'—eendag as julle groot is en in die geskiedenis van hom lees, dan moet julle onthou dat julle hom nog self gesien het!" en so het ons ook anderes gesien en ontmoet. Maar die persoon en die besoek, wat ons as kinders nog die duidelikste onthou, was dié van Mevr. Koopmans de Wet, die waardige Afrikaanse vrou, wat soveel vir haar volk gedoen het.

Sy het ons ontvang in haar historiese ou huis in Strandstraat, die interessante ou woning met sy ou Hollandse huisraad, pragtige ou kaste en stoele, ouderwetse koper en porselein. Ek herinner my nog so goed die statige, bejaarde dame, en die kamer waarin sy ons ontvang het. Toe ons uitkom, vra my Ma vir my sustertjie en my of ons ook opgemerk het dat die boek op die tafeltjie naas Mevr. Koopmans-De Wet dieselfde is, wat Ouma tuis elke dag uit lees—"Stichtelyke Uren" van Beets.

Dit alles kom nou weer so helder in my geheue op, as ek die mooi boek lees, "Marie Koopmans-De Wet," wat nou net verskyn het, en wat geskrywe is deur Advokaat F. S. Malan, 'n vrind van Mevr. Koopmans-De Wet.

Die skrywer sê: "My bedoeling is om veral tot die opkomende geslag van Afrikaanse jonge dogters te spreek en ek sal hulle gedurig in my gedagte hou by die opstel van hierdie boek."

Dis daarom dat ons voor in die boek die opdrag in die treffende woorde lees:

"In dienswaardige liefde
opgedra aan
Die jonge dogters van S. Afrika."

En dit is waarlik 'n boek wat elke jongedogter van Suid-Afrika nie alleen behoort te lees nie, maar ook te besit.

Ek wil hoop dat die lesertjies van hierdie stukkie almal sal probeer om dit in die hande te kry en te lees, en dat die lees van die boek ons almal sal aanspoor om die ideale na te strewe van Mevr. Koopmans-De Wet, wat dit tot haar lewenstaak gestel het om haar volk te dien en te eer.

"Haar doel was," sê die skrywer, "om aan die wêreld te toon, dat om Hollands te wees nie iets was om skaam oor te voel nie. Hierdie gedagte het haar geïnspireer in al haar handel en wandel."

x x x x

Die klein Marie de Wet is gebore op die 18de Maart 1834, in die ou huis in Strandstraat—net 91 jaar gelede, en 28 jaar nadat die Kaap vir die twede maal 'n Britse besitting geword het. Sy was 15 jaar oud, toe die Anti-Bandiete-Beweging in 1849 die Kaap in beroering gebring het.

Toe die onafhanklikheid van die S.A. Republiek vir die eerste maal deur Engeland erken is, was sy 18 jaar oud. Hierdie historiese voorvalle wat sy beleef het, weet die seuns en dogters wat geskiedenis leer, seker alles van.

As klein dogtertjie het sy en haar enigste suster sie, Margaretha, baie lekker dae in die deftige ou huis in Strandstraat deurgebring. Hulle het saam pop gespeel en het hulle poppe baie, baie lief gehad en al hul popkleertjies self gemaak, so fraai en so netjies moontlik. Eendag was die klein Marie met haar Ma in 'n winkel en daar sien sy 'n baie klein poppie. Sy kry somar sin daarin, en veral kry sy so lus om die klein dingetjie aan te trek.

"Dit sal tog te lekker wees om die klein kleertjies te maak," sê sy vir haar Ma, en haar Ma koop dit toe vir haar. Sy trippel huistoe daarmee, haastig om die kleertjies te begin maak! Maar, o liewe tyd, die kleertjies kan sy nie reg kry nie! Hulle moet so klein wees, dat hulle nie wil pas nie!

Later in haar lewe het sy baie oor hierdie voorvalletjie gedink en gesê: "Die klein dingetjies in die lewe is moeiliker om reg te kry as die grote. Dis die

klein dingetjies wat 'n mens se humeur op die proef stel."

Daar word nog meer mooi voorvalletjies uit haar lewe as kind, jong meisie en bruid vertel, wat almal sal geniet om te lees.

Sy was maar kort getroud toe sy haar man verloor, nie so lank na die dood van haar ouers nie, en toe het sy en haar suster alleen oorgebly in die ou woning waar sy voortaan al haar tyd, kragte en talente gewy het aan die taak om haar volk te help en te dien. Dit was nog in die dae toe al wat Hollands was as veragtelik beskou is en net Engels in tel was. Op alle maniere het sy gewerk en geywer om die eer en die behoud van haar volk en taal te bevorder. Gedurig het sy gewaak oor alles wat van historiese belang vir ons volk was—die ou Hollandse geboue, so vol herinneringe aan ons roemryke verlede, die ou bome wat Simon van der Stel geplant het, die ou Kasteel, waarin die ou Hollandse goewerneurs gewoon het—oor alles het sy 'n wakende oog gehou, en elke maal, as daar sprake was dat die Engelse regering 'n verandering of "verbetering" wou aanbring, wat die historiese waarde sou vernietig, het sy in die bres gespring en vir die behoud daarvan, onveranderd, geveg.

As ons vandag die ou Kasteel in Kaapstad besoek en daarin rondloop en al die historiese plekkies nagaan, kan ons so terug lewe in die ou dae, toe die Kasteel so 'n vername rol in ons geskiedenis gespeel het, en dan dink ons ook in dankbaarheid aan Mevr. Koopmans-De Wet, wat meegehelp en gewaak het om dit vir ons, die nageslagte, te bewaar.

Eenmaal was daar sprake om 'n klein stukkie van die Kasteel af te breek—een van die vyf punte—om plek te maak vir die elektriese tremlyn. Mnr. Rhodes, wat toe Eerste Minister was, stuur eers sy privaat sekretaris na Mevr. Koopmans-De Wet om te verneem, wat sy daarvan sou dink, as net 'n klein puntjie van die Kasteel afgesny word om die straat reguit te maak.

Haar antwoord was: "Sê aan Mnr. Rhodes, sy neus is ook net 'n klein puntjie van sy gesig. Laat hy dit afsny en dan in die spieël kyk!"

Die vyfde punt van die ou Kasteel is vandag nog daar!

Wat Mevr. Koopmans-De Wet vir ons taal gedoen het en vir die twee Republieke gedurende die oorlog word ons baie mooi vertel.

Haar hele lewensstrewe kom uit in die woorde, wat sy kort voor haar dood geskrywe het:

> "Mijn volk heb ik liefgehad en ik heb getracht voor hen te leven. Zij zijn Gode aanbevolen. Op Gods tijd, als zij hun Vader voor oogen houden, zal Hij tonen hoe lief Hij ons had in onze donkerste dagen."

Op die 2de Augustus 1906, in die geliefde ou woning in Strandstraat het die waardige dogter van S. Afrika sag en kalm haar ewige rus ingegaan.

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

---

(Mej. Postma dank vir Jakobus Kruger van Annandale, Bethlehem, vir sy woorde van waardering, en hoop dat al die lesertjies van haar stukkies lus sal kry om ook self die gedigte of boeke te lees, waar sy van tyd tot tyd oor skrywe.—Red. "Die K.")

Liewe kinders,

Ons het laas probeer aantoon, wat w y s h e i d is. Ons weet nou, G o d s e l f is d i e Wysheid. Hy het alles ook met verstand en wysheid geskep. Daarom beantwoord elke ding aan sy doel. Alles is g o e d gemaak. God die Here het van Sy wysheid ook aan die mens meegedeel. Hy dra God se beeld.

Hoe jammer tog, dat die mens moedswillig sonde gedoen het in die Paradys. Want daardeur het hy baie van sy wysheid verloor. Tog weet ons, dat God die Here die sondaar nie heeltemal verwerp en losgelaat het nie. Daarom is daar nog baie verstandige,—ons sê amper, s l i m mense op die wêreld.

Koning Salomo was een daarvan, soos ons laas gesien het. Hy het sommer alles r e g gesien en gesê. As hy in Spreuke 1:8 sê: "Mijn zoon! hoor de tucht uws vaders en verlaat de leer uwer moeder niet . . . . "—dan is dit 'n heerlike waarheid, vol wysheid.

Laas het ons daarop gewys, dat God die Here van 'n vader e i s om sy kind te t u g. Dit wil sê: te vermaan en bestraf en selfs te s l a a n, as dit nodig is. Dis vir 'n goeie vader of moeder nie lekker nie. Maar, hy m o e t dit tog doen. Want die Here g e b i e d, eis dit van elke vader en moeder. Hoekom? omdat dit goed en nodig is vir die kind. Elke boompie moet gesnoei word, anders groei hy lelik. So wil die Here, dat elke ouer sy kind sal t u g, waar hy stout is; sal l e e r, wat die kind nie weet nie; en met goeie v o o r b e e l d e sal voorgaan. So staan die Here agter die ouer, en die ouer weer agter sy kind, om te sien, dat ons leef in die vrese van Sy naam.

En eendag, as die kinders groot is en hulle ook self vaders en moeders geword het, dan moet hùlle dieselfde pad met hùlle kinders loop.

So gaan dit dan voort van geslag tot geslag. En as àl die ouers en kinders nou die Here vrees, dan kry ons 'n hele v o l k, wat die Here d i e n; wat nie a f g o d e dien nie; wat nie v l o e k nie; wat die S o n d a g nie ontheilig nie; wat nie ongehoorsaam is nie; wat nie m o o r d pleeg nie, of s t e e l of l i e g nie. So 'n volk s e ë n die Here.

Ag, hoe lekker sou ons lewe op die wêreld gewees het, as àl die ouers en kinders wys en verstandig en godvresend gewees het!

Daar is 'n versie, wat hierdie gedagte baie mooi uitdruk:

> "Waren alle menschen wijs
> En deden daarbij wel,
> Deez' aarde ware 'n Paradijs!
> Maar, nu is zij vaak een hel."

Leer die versie uit julle kop. Hy bevat 'n groot waarheid. In Spreuke 1:9 gee Salomo 'n mooi belofte aan al die kinders, wat hulle ouers gehoorsaam is. Ons lees daar: "Want zij zullen uwen hoofde een aangenaam toevoegsel zijn, en ketenen aan uwen hals." Wat beteken: 'n aangename toevoegsel op u hoof en kettings om u nek? Dit wil sê, dat die uitwerking van die vader se tug en die moeder se leer in die gehoorsaam kind se lewe sal wees, soos 'n k r o o n o p s y h o o f en 'n s i e r l i k e k e t t i n g o m s y h a l s.

In ons taal uitgedruk, beteken dit, dat 'n gehoorsaam kind, wat sy ouers liefhet en die Here vrees, later 'n e e r b a r e en g e l u k k i g e man sal wees. Die mense sal hom respekteer en in sy hart sal hy vrede en geluk smaak. En as die d o o d eendag

kom, dan weet so 'n godvresende en gehoorsame kind of man, dat hy gaan na die Vaderhuis in die hemel.

x x x x

As ons nou die anderkant van die saak beskou, dan skrik ons partykeer. Hoekom dan? Ag, liewe kinders, julle weet nog nie hoe baie ongehoorsame mense op die wêreld is nie. Daar is baie groot mense, wat vir die Here ongehoorsaam is. En net so baie kinders, wat nie hoor vir hulle ouers nie. Dis 'n groot sonde. Sulke kinders sal en kan eendag nooit eerbaar en gelukkig wees nie,—as hulle nie verander nie.

Daar is kinders, wat nie weet watter groot voorreg dit is, om 'n goeie vader en moeder te hê nie.

Wat nie omgee, om hulle ouers se harte seer te maak nie. Seer te maak op honderd en duisend maniere.

As kinders met slegte maats omgaan; slegte geselskappe voer; slegte boeke lees; na slegte prente kyk; slegte plekke besoek; slegte taal gebruik; slegte gewoontes het; slegte dinge doen; lui is; ontrou is; leuens vertel; kwaad praat; skelm is; haatdraend is; steel en soveel meer,—dan maak al die dinge die godvresende ouer se hart seer.

Elke ouer sal daaroor met sy kind praat, sal hom vermaan; naderhand bestraf, en eindelik tug of slaan, as die kind nie wil hoor nie, dit is, as hy volhard in sy ONGEHOORSAAMHEID.

Per slot van rekening kom dit by baie kinders altyd neer op ONGEHOORSAAMHEID.

Dis die GROOT SONDE VAN DIE KINDERWêRELD. En ongehoorsaamheid beteken, die Here se Woord, nl. die 5e gebod, vertrap.

Die vader se gesag vertrap.
Die moeder se liefde vertrap.

En wat kan so 'n kind verwag? Niks goeds nie! Want hy het die Here naderhand teen hom.

Hy het sy vader teen hom.
Sy moeder teen hom.
Die godvresende mense teen hom.
Alle ordentlike mense teen hom.
Die hele LEWE SELF teen hom.

En . . . . die EWIGHEID ook teen hom, omdat hy teen homself en sy eie belang is.

Salomo SIEN hier ook al weer so wys en verstandig. Want hy praat in hierdie verband (sien Spreuke 1:10) doodlik van die "SONDAARS." So 'n ongehoorsame kind word baie gou deur die sondaars (mense, wat die Here nie vrees nie) raak gesien. En dan maak hulle met hom maats. En verlei hom tot nog meer ander sondes. En so word meer as een kind op later leeftyd miskien nog 'n moordenaar (vs. 11 en 12) of 'n selfmoordenaar (vs. 18) of 'n rower (vs. 13) of 'n geldgierige (vs. 19).

En vir sulke mense is daar geen respek of geluk nie. Hulle toekoms is donker. Hulle sal eendag ook buite die hemel gesluit word, as hulle hul nie bekeer nie.

Maar, dis genoeg om ons as kinders te laat SKRIK vir die sonde van Ongehoorsaamheid jeens vader en moeder.

Die sonde begin klein, maar word gou groot, baie groot.

Daarom is dit so 'n goeie en verstandige raad, wat koning Salomo hier aan kinders gee om tog maar liewers te hoor na die tug van ons aardse vader, en die leer van ons liewe moeder nie te verlaat nie. Dan eer ons die Here ook in ons lewe.

Probeer dit uitvoer in julle lewe.

Bid die Here om julle daarvoor bekwaam te maak. Die, wat dit doen, handel verstandig en wys.

I. D.K.

Potchefstroom.

## DRIE MISTIEKE.

### DR. TAULER EN SY WONDERLIKE HOORDER.

Hierdie dag preek Dr. Tauler baie mooi en besonder boeiend, en die mense luister met aandag na hom, want party beskou hom as 'n engel uit die hemel. Daar sit 'n man onder die gehoor, wat nou pas 90 myle ver gekom het, om ook vir die dokter te hoor, maar wie se woonplaas nog baie verder is. Hy woon eintlik in die Oberland, wat in Switserland lê, daar by die hoë Alpenberge, wat winter en somer met snee bedek is. Hierdie man lyk, te oordele na sy voorkomste en sy kleding, heel eenvoudig, maar onder die preek is sy oë aanhoudend op die spreker gerig, en mens kan sien, dat hy met alle erns en aandag luister. Onder die predikasie dink hierdie man:

"Wel die Meester," want so het hul ook vir Dr. Tauler genoem, "lyk 'n baie goeie en beminnelike man. Hy ken ook die Bybel uitstekend, en tog moet ek van hom sê, dat hy nie die lig van die H. Gees ken nie. Hy verkeer in die donker, wat hierdie lig betref, want hy het dit nog nooit gesien nie."

Hierdie man was in sy hart begaan oor Dr. Tauler. Hy het al tot driemaal toe in 'n droom die stem van die Here gehoor, wat teen hom sê, dat hy moet gaan, om Dr. Tauler te hoor en moet sien, hoe donker die hart van die Meester nog is.

Na hierdie preek het die man nog viermale by Dr. Tauler in die kerk gegaan, en daarop het hy 'n besoek aan die groot prediker gebring, en vir hom gevra, of die dokter nie sy biegvader wou wees nie. Ons moet weet, dat hul altwee aan die Roomse kerk behoor, en Dr. Tauler 'n priester was, wat die bieg mog afneem. Dr. Tauler was heeltemaal gewillig, om aan hierdie versoek te voldoen, en so het die vreemde man vir elf weke getrou by Dr Tauler te bieg gegaan. Gedurende die tyd woon hy ook elke diens by, wat die dokter hou, dog nooit sê hy aan hom, wat daar eintlik as 'n swaar klip op sy hart lê.

Op laas neem hierdie man, wat se naam Nikolaas is, die vrymoedigheid, om aan die meester te sê: "Liewe Meester, preek nou eens vir 'n keer 'n predikasie, om ons aan te toon, hoe 'n mens die hoogste punt in die geestelike lewe op aarde kan bereik."

"O," antwoord die Meester, "my seun, wat vra u nou van my? Hoe kan ek tog oor sulke hoë dinge spreek, daar ek vooruit weet, dat u daar maar min van sal verstaan."

"Og Meester, al sal ek daar sleg weinig van begryp, doen dit darem maar, want my hart dors daarna. Kyk, hoe baie mense kom om vir u te hoor, en as daar nou maar een onder hul is, wat u sou verstaan, hoe heerlik sou dit nie wees nie en u moeite sou ook groteliks beloon wees."

"Dit sal my baie studie en veel nadenke kos," sê

die Meester, "maar as u daarop staan, sal ek dit darem doen."

Oplaas was die preek van die Meester na lang studie en veel hoofbrekens klaar. Hy maak toe van die preekstoel bekend, dat hy na drie dae 'n diepsinnige preek sal lewer oor die vraag, hoe 'n mens hier op aarde die hoogste punt in die geestelike lewe kan bereik, en hoe hy die naaste aan God kan kom, en dus die saligste toestand kan verkry op hierdie sondige aarde.

Op die bepaalde dag is die kerk vol, en sit die vreemde man natuurlik ook onder die gehoor.

Daar is mense, sê die prediker, wat met behulp van beelde en ydele vorme en deur studie van ander mense se geleerde menings trag die hoogste punt in die geestelike lewe te bereik, maar hul slaag nie daarin nie, want hul bewandel nie die regte pad nie. Ander mense weer verlaat hul op hul verstand en hul verbeelding, dog hul kom ook nie daardeur tot die ware kennis nie, want hul verhinder die Here om in hul siele te werk. As mens net homself wil afsterf en nederig wil arbei en voorwaarts streef, dan sal God 'n rusplaas in sy siel vind en dan sal God in hom werk, en hom tot sig trek. Maar sulke mense, sê hy, is baie skaars, want hul moet 'n oneindige needrigheid besit, 'n baie klaar begrip en 'n helder verstand. Hierdie soort mense is te ken aan 24 kenmerke, wat hy toe almal opnoem, maar wat hier weens plaasgebrek nie kan afgedruk word nie.

Die hoorders was heeltemal tevrede met die predikasie. Die Meester het alles mooi voorgestel, dog daar het helaas niks in sy woorde voorgekom nie van die bloed van die Heiland. As 'n skoon en navolgingswaardig voorbeeld het hy die Verlosser ewewel wel genoem.

Die vreemde man Nikolaas het na sy hotel gegaan, en daar die preek amper woordelik opgeskryf, en hy wys dit vervolgens aan die Meester. Dr. Tauler was verbaas, toe hy sy eie preek so volledig uitgeskryf ontvang en oorlees. "U het 'n groot talent," sê hy vir Nikolaas, "ek kon dit nooit gedink het nie. U moet hier nog wat in die stad bly, want ek gaan nou nog 'n ander preek lewer."

"Nee," antwoord Nikolaas, "dit is beter, dat ek huistoe gaan, want ek het nie hierheen gekom, om preke aan te hoor, maar om u raad te gee."

Verwonder sê die Meester nou: "Vriend, hoe kan u vir my raad gee? U is mos 'n gewone lidmaat, en verstaan nie die Skrif nie, en dit is ook nie u beroep nie, om te preek."

"Liewe Meester, ek sou u graag iets wil sê, maar ek is bang, dat u my dit sal kwalik neem."

"My vriend, u kan maar praat; ek sal nie kwaad word nie."

Toe begin Nikolaas: "Meester, u is 'n groot geleerde en preek baie mooi, maar u hou u nie aan wat u preek nie. Ek moet u sê, dat die woorde van mense my in baie gevalle meer in die pad gestaan het, om vordering te maak in geestelike sake as dat hul my van diens gewees het. Dit kom hiervandaan, dat ek in baie predikasies verkeerde woorde en uitdrukkings hoor, wat my later moeite kos, om daarvan ontslae te raak. As die groot hemelse prediker na 'n mens kom, dan moet so 'n man leeg wees, en niks van homself besit nie, en op dié wys na die stem van die Heer hoor. Weet u, dat as my groot Meester my besoek, Hy my meer in één enkel uur leer, dan u en al die dokters van Adam af tot die jongste dag toe my ooit met hul woorde sal kan onderrig."

Tauler antwoord nie 'n woord op hierdie verklaring van sy onbekende vriend nie, want hy was werklik 'n sagmoedig eman, en hy wou ook bodien graag hê, dat Nikolaas nog wat langer te Straatburg sou bly.

Nikolaas sê nou, dat hy gewillig is, om nog wat te Straatburg te vertoef, as die dokter hom wou toestaan, om aan hom te sê wat in sy hart was. Daarmee neem die dokter volkome genoeë, en nou begin Nikolaas: "Toe u u groot predikasie hou, kom dadelik die gedagte by my op, dat mens goeie en heerlike wyn kan onsuiwer en troebel maak met moer daar in te doen. U woorde was as goeie wyn, maar die vat, waarin dit is, is nie skoon nie, dog vol moer, wat aan die kant vaskleef. Meester, u verstaan die letter van die Skrif, maar soos u weet, die letter dood, dog die Gees maak lewend. U, liewe Meester, is dood. U verkeer in die nag en nie in die lig van die dag nie. U is, om dit kortweg te sê, 'n Fariseër."

Nou kan Tauler dit nie langer hou nie, en hy voel vir hom beledig. Hy sê dan ook ewe haastig: "My seun, u moet weet, dat so oud as ek is, niemand my nog ooit so aangespreek het nie."

"Meester," so lui nou die antwoord van Nikolaas, "wat is daar nou van u preek? U bewys met u eie woorde, wat ek gesê het."

"Nee," sê Tauler, "niks meer daarvan nie. Ek was altyd 'n vyand van die Fariseën."

Nikolaas wou egter nie stil bly nie, en hy maak nou die Meester duidelik dat hy van sy jeug af altyd in die verkondiging van die Woord Gods vir hom self gesoek het, en nie die eer van die Here nie. Hy is, sê Nikolaas, 'n beminnaar nie van God nie, maar van die skepsels Gods en vernaamlik van één onder hul, en dié bemin hy met alle krag, en dit is hy self. "U hart besoedel u woorde en daarom het die hoorders daar so min aan, en daarom word daar ook so weinig bekeer. U is nie een van die huigelagtige Fariseën nie, maar een van die soort, wat hulself behaag en bewonder. Daar is baie van hul in die wêreld."

Terwyl Nikolaas nog besig was, om so te praat, val Tauler vir hom om die nek en kus vir hom en sê: "Kyk, ek is nou as die Samaritaanse vrou by die put. Die Heiland het haar aan haarself ontdek en so is dit nou met my. Daar is één, wat ek bo alles lief het en dat is ek self. O,", so gaan die geleerde dokter toe aan, "wees tog my geestelike vader, en laat ek u seun wees."

Nikolaas wou daar nie van hoor nie, maar wou wegreis, huistoe. Op laas laat hy darem vir hom oorhaal, om die Meester in die geestelike sake te onderrig, en bly toe langer te Straatsburg.

Ons verhaal lyk baie vreemd en ongeloofbaar tot hiertoe. As mens dit nie in die geskiedenis geboekstaaf sou vind nie, sou dit moeilik gaan om dit te glo. Die vraag kom as vanself op, wie hierdie vreemde man kan gewees het, wat ons met die naam van Nikolaas noem, en wat so vry uit, ja amper onbeskaam, teen so 'n geëerde, geleerde en bejaarde man as Dr. Tauler durf praat. In daardie dae was dit veral ongehoord, dat 'n eenvoudige lid van 'n gemeente teen 'n priester sulke woorde spreek.

Die vraag wie hierdie man van die Oberland gewees het, is nog nie deur die geleerdes heeltemal uitgemaak nie, dog na 'n baie noukeurig ondersoek van skerpsinnige navorsers van die Duitse geskiedenis lyk

dit, dat dit niemand anders kan gewees het as Nikolaas van Basel. Daar is ewewel 'n misterie, 'n geheimsinnigheid, wat hierdie man omring, wat nog nie ontsluier is nie. Laat ek nou hier iets van Nikolaas van Basel vertel. Hierdie man was in sy dae bekend as iemand met 'n sterk geloof, grote liefde tot die Here, belangstellend in die heil van onsterflike siele en volkome tuis in die Heilige Skrif, wat as iets besonders moet aangemerk word, as ons die tyd waarin hy geleef het in aanmerking neem, want dit was 'n tyd van dwaling, bygeloof en onkunde.

Hier kom ons nou somar ineens midde in die wonderlike geskiedenis van die mistiek en die lewe van die mistieke vriende

T.H.

C. 14 April 1925.

## VERSLAG VAN DIE 62ste ALGEMENE VERGADERING.

Van die Kaapprovinsie te Barkly-Oos op 5 Maart 1925. en volgende dae

Met blydskap verneem die Algemene Vergadering uit die antwoorde op Vr. 5 dat oral gereeld viermaal in die jaar die Heilige Nagmaal gehou is met behoorlike voorbereiding en tugoefening desvereis. Net in een gemeente was driemaal Nagmaal en sal die Konsulent daarop gewys word Na aanleiding van die tugoefening word die vraag gedaan: Of 'n lidmaat nog gesensuur moet word as hy 'n sonde gepleeg het (selfs 'n openbare) en daarna te kenne gee dat hy berou daaroor gevoel. Sommige brs. meen, dat as so 'n lidmaat berou betoon daar geen sensuur moet toegepas word nie, maar dat liewer moet gehandel word volgens Art. 75, Kerkorde, nl. dat die lidmaat dan in die openbaar sy sonde moet kom bely. Die Alg. Vergadering is van oordeel dat ons gewone wyse van tugoefening profyteliker is, omdat met die sensuur bedoel word die heil van die lidmaat en dat die kwaad nie verder in die gemeente sal versprei word.

Vr. 6: „Of de doop der jonge kinderen zo spoedig mogelik bediend wordt?" word wel bevestigend beantwoord—maar daar word met erns gespreek oor die sondige vermindering van geboortes. Ook waarsku die Algemene Vergadering dat die Doopsakrament nie 'n mindere as die van die Nagmaal sal beskou word nie.

Uit die antwoorde op Vr. 7 verneem die Algemene Vergadering dat die kerkrade gereëld saamgekom het, veral voor Nagmaal, om sensura morum te kan hou.

Onder Vr. 8: „Of de armen behoorlik versorgd worden?" kom 'n belangrike bespreking oor die saak: hoe die kerk in die algemeen meer aandag kan gee aan die versorging van ons armes? Voorgestel word deur Ds. J. v.d. Walt—oud. H. P. de Wet: „Die Alg. Vergadering verwag dat onder Vr. 8 deur die Diakonie 'n verslag aan die kerkraad sal gelewer word aangaande die armversorging en dat hierdie verslag deur die kerkraad voor die Algemene Vergadering sal gelê word." Die meerderheid van die Vergadering is egter van gevoele om nie so ver te gaan nie en word op voorstel Ds. J. H. Kruger—oud. J. Steenkamp besluit om die saak by die bespreking te laat.

### ONDERWYS.

Uit die antwoorde op Vr. 9: „Hoe gaat het met 't onderwijs en de opvoeding der jeugd?" blyk dit dat ons kinders so te sê almal op skool is, maar dat die onderwys nie altyd bevorderlik is vir ons godsdienstige lewe en kerkleer nie. Een rede hiervoor is, dat die eise vir die maatskaplike onderwys altyd meer tyd in beslag neem, en verder ontbreek dit ons aan onderwysers, veral in ons dorpskole, wat die nodige bevoegdheid besit om godsdiensonderwys te gee. Die predikant van Burgersdorp deel mee dat poginge sal aangewend word om by wetgewing te bepaal, dat Skoolkommissies desvereist sal kan adverteer, dat appliserende onderwysers getuigskrifte van hulle predikante sal moet insluit.

Verblydend was dit om uit die Rapport van ons Opleidingskool vir Onderwysers te Steynburg te verneem dat van die 16 kandidate vir die finale onderwyserseksame 15 geslaag het. van wie 6 in die eerste klas. 'n Ander punt van belang in die Rapport was dat met die totstandkoming van 'n Hoër Skool daar 'n skema ontwerp sal word om in die toekoms kandidate op te lei vir 'n hoërgraad onderwysersakte. Daardeur sal ons dan meer van die onderwysers in ons dorpskole kan aanstel. Met blydskap neem die Verg kennis dat daar met landbouonderwys 'n begin sal gemaak word, en met dank word verneem dat wyle Br. S. J. van Wyk, van Burgersdorp, £400 nagelaat het vir ons Opleiding Skool. Ds. J. G. H. v.d. Walt word herkies op die kommissie vir die skool. Wat betref die deel wat die kerk moet bydra was die inkomste laaste jaar £218 16s. 2d. en die uitgawe £160 16s. 6d.; gemeentes, wat hiervoor agterstallig was, word vermaan.

* * * * *

Aangaande ons Doofstomme en Blinde Kinders op Worcester in die skool, rapporteur die Prinsipaal, Mnr. Besselaar, a.v.: „In Des. 1924 was „die getalle a.v. 7 dowes en 11 blindes. Van die leer-„linge het 3 die skool verlaat in Des., 1 doofstom „meisie, 1 blinde meisie en 1 blinde seun. Hulle is „almal 19 of 20 jaar oud, maar dis aandoenlik om die „onderskeid te sien in die bekwaamheid of geleerd-„heid wat die blindes kon gekry het, en wat die dowe „kind nie het nie. Die dowe kind mag bekwaam wees „met die hande vir huis- en naaldwerk, maar wat be-„tref die verstandelike en geestelike kennis laat dit „nog veel om te wens oor.

„Dis nou weer 'n voorbeeld van die onverstandige „liefde van ouers. 'n Dowe kind met 'n goeie ver-„stand het vier jaar nodig voor dit 'n bietjie taalbegrip „het en baie eenvoudige leesstof kan verstaan. Dan „begin die eintlike leer eers, en daarvandaan spring „die kind weg en word mens, en leer so sy Bybel „taamlik verstaan en 'n berymde Psalm.

**„Die ouers moet tog 'n dowe kind van 8 of uiterlik „9 jaar skooltoe stuur,** want die grotes kry alte swaar. „Hulle sien die kleintjies klop vir hulle ver, en hulle „kan nie van die plek wegkom nie, en al die honderde „van woorde onthou of hulle goed gebruik nie, en „dan gee hulle moed op."

Die Algemene Vergadering hoop dat die ouers tog goed sal let op wat die Prinsipaal in die laaste deel van sy Rapport sê. Ons gevoel jammer vir die ongelukkige kinders en simpatiseer met die ouers, maar hoop hulle sal handel volgens die raad van die Prinsipaal. Ds. J. G. H. v.d. Walt, Middelburg, K.P., is die voors. van die Kommissie en ouers wat hulle kinders na Worcester wil stuur moet maar aan Sy

Eerw. skrywe. Die inkomste van ons kas vir die doel was £84 4s. 3d. en die uitgawe £96 8s. 7d. dus tot ons spyt 'n tekort. Met die oog hierop besluit die Alg. Vergadering ons gemeentes dringend te vra vanjaar 'n ekstra kollekte by die gewone te hou. En aangesien die helfte van die kinders van die Transvaal en die Vrystaat kom, doen ons hiermee 'n beroep ook op ons gemeentes in daardie provinsies om aan Ds. v.d. Walt milde bydraes te stuur.

## DIE SENDING

Na aanleiding van Vr. 11: „Wat wordt er in uwe gemeente gedaan voor de uitbreiding van Gods Koninkrijk?" antwoord al die kerkrade dat die gereelde kollekte gehou is, sodat die inkomste van die kas is £156 6s. 1d., en die uitgawe £80. Maar tog gevoel die vergadering dat ons met 'n blote kollekte nie ons plig doen nie, en veral met die moeilikhede wat ons sendingwerk betref te Venterstad en Angola word die Deputate van Middelburg, Steynsburg en Colesberg, met Venterstad as adviserend, benoem om planne aan die hand te gee. As gevolg van hulle beraadslaging rapporteur die kommissie: (a) dat 'n visitasiekommissie bestaande uit Deputate sal gaan om daar te handel na die beste van hulle bevinding. (b) Dat ons met die goedkeuring van die Sinodale en Prowinsiale Sending Deputate met die Sendingkommissie van die N. Geref. Kerk in korrespondensie tree om 'n kleurling sendeling van hulle te leen om eenmaal na die sendingstasie te Humpata te gaan om daar Woord en Sakrament te bedien ooreenkomstig ons kerkleer. Die uitgawe hiervoor sal gevind word deur vrye gifte te vra in „Die Kerkblad", en in geval daar 'n tekort mag wees uit ons sendingkas. (c) Dat aan die jonge br. v.d. Walt wat besig is om hom vir sendeling te bekwaam 'n ondersteuning van £30 p.a. sal gegee word. Die Alg. Verg. neem die Rapport met dank aan.

Deur op te staan betuig die Alg. Vergadering sy dank aan die kerkraad van Middelburg en veral aan Ds. J. G. H. v.d. Walt vir die ywer en arbeid verrig insake die sendin.g

As Prowinsiale Deputate vir die sending word gekies: Ds. D. Postma, oud. H. J. v.d. Walt, met oud. J. L. Hattingh Jr. en Ds. J. H. Boneschans as hulle Sekundi respektieflik.

## PROPONENTS EKSAME.

Die voorsitter deel mee dat die jonge br. W. J. Snyman, B.A., kandidaat in die Teologie, aansoek gedoen het om sy Proponents-eksame by ons af te lê. Die stukke vereist ingevolge Art. 4(c) Kerkorde word in orde bevind, en nadat die voors. in gebed voorgegaan het word die Eerw. kandidaat geëksamineer in Dogmatiek, Ds. T. Hamersma; Kategetiek, Ds. J. G. H. v.d. Walt; Liturgiek, Ds. G. H. J. Kruger; Kerkreg, Ds. D. Postma; Pastoraal, Ds. J. H. Kruger; Homilitiek, Ds. F. P. J. Snyman. Met groot belangstelling en vergenoeging luister die goed gevulde kerk na die goeie antwoorde, wat die kandidaat gee op die vrae van die eksaminatore, asook op die van ander lede van die Vergadering. In die aand weer hou die jonge br. sy proefpreek oor Jeremia 12:1 6. Die kerk was weer vol mense. Die volgende dag het die Alg. Verg. die werk van die kandidaat beoordeel en na bespreking is eenparig besluit op voorstel Ds. F. P. J. Snyman—oud. H. P. de Wet: om kandidaat W. J. Snyman, B.A., met die grootste vrymoedigheid toe te laat tot die Heilige Bediening van Woord en Sakramente. In 'n volgende sitting deel die voorsitter die besluit aan die jonge br. mee, word die Ondertekenings Formulier aan hom voorgelees en verklaar hy hom gewillig ook mede deur sy ondertekening om in gebondenheid aan die Formulier na wettige beroeping en bevestiging in een van die Gereformeerde Gemeentes in Suidafrika Gods Woord te bedien en die Heilige Sakramente uit te reik. Daarna word aan die jonge proponent die nodige sertifikaat ter hand gestel en word hy deur de voors. en andere brs. in gevoelvolle woorde hartlik gelukgewens en word daar veral op gewys wat 'n vreugde die bevordering vir sy dierbare ontslape ouers en waardige grootvader sou gewees het as hulle dit mog beleef het. Die wens word uitgedruk dat hy net so 'n ywerige dienaar van Kristus mog word. Daarna word die jeugdige broeder deur Ds. T. Hamersma in 'n ernstige gebed aan die Here opgedra.

## TUGSAKE.

In 'n geslote sitting word enige tugsake behandel.

## FINANSIëLE SAKE.

Die penningmeester van die Sustentasie Fonds rapporteer dat vir die afgelope jaar die inkomste was £166 15s. od. en die uitgawe £65 4s. od. Dit word besluit om, behalwe die gewone toelaë aan die hulpbehoewende gemeentes, ondersteuning uit die kas ook sal gegee word aan die gemeentes Vryburg, Strydenburg, Clanwilliam en Kaapstad.

Die penningmeester van die Algemene Verg. Kas rapporteer dat die inkomste van die kas £22 5s. 2d. en die uitgawe £21 14s. 5d. was. Die verslae van die Penningmeesters van die Emerite Predikante en Weduwe Fonds, die Teologiese Skoolkas en die Kas vir Behoeftige Studente word behandel. Die deputate van Gemeentes wat agterstallig is word ernstig op die hart gebind om by hulle tuiskoms te ywer die ontbrekende gelde op te stuur. Met die oog op die finansiële nood waarin Angola verkeer word besluit, dat die Sustentasie Fonds die deel van Ds. Biewenga's bydrae tot die E. P. Weduwe Fonds sal betaal. Verder word besluit die Penningmeester van die Teol. Skoolkas te berig dat die kleinere Gemeentes nie meer kan bydra vir die Ekstra Beraming.

Uit die Verslae van Deputate blyk dat enkele Gemeentes goed bygedra het tot die boufonds van 'n Kerk te Kaapstad. Die ander Gemeentes word opgewek om tog dadelik in die saak te werk en volgens ons Sinodale besluit mildelik by te dra. Die Predikant van Venterstad word gevra om as Konsulent van die Gemeente op te tree

Die inkomste vir reiskoste van ons Predikant na Angola was £92 17s. 7d., uitgawe £80. Dit word besluit om die balans te gebruik vir ons Sending in Angola.

## BESKRYWINGSPUNTE EN ANDER SAKE.

Die Kerkraad van Molteno vra wanneer ons Belydenisskrifte, Liturgie en Heilige Skrif in Afrikaans sal verskyn. Die Voorsitter gee toeligting van die werk van die Bybelvertaling Kommissie en berus die Deputate in die antwoord.

Die Kerkraad van Standerton bring onder die aandag van die Algemene Vergadering die handelwyse van lidmate van ons Kerk wat rondgaan om toneel-

stukke op verskillende dorpe op te voer, en verlang 'n uitspraak van die Vergadering hieroor. Na ernstige bespreking word met algemene stemme besluit:—Insake die toneel verwys die Algemene Vergadering Hofmeyr na die besluit van ons Sinode in 1913, Art. 153 (4) n.l., „De Synode waarschuwt ten ernstigste onze gemeenteleden voor het zondig toneelspel en alle onzedelike en ongoddelike bioskoopvertoningen enz., enz." en wat betref die rondgaan van toneelgeselskappe om opvoerings op ander dorpe te gee, beskou die Algemene Vergadering dit nie gewens nie.

Op 'n vraag van Barkly Oos:—Kan susters van 'n Gemeente spreek op 'n Vergadering van die Kerkraad met die Gemeente as hulle om inligting gevra word in 'n saak waarin die Kerkraad hulle hulp nodig het? word besluit op voorstel van Di. T. Hamersma—F. P. J. Snyman dat die Algemene Vergadering op die vraag bevestigend kan antwoord.

Verder vra Barkly Oos: Het 'n Diaken kragtens sy amp die reg om Sondag in die Kerk Godsdiens te hou as daar geen Ouderling is, en gemeentelede vra hom om sulks te doen? Na 'n lang bespreking besluit die Vergadering op voorstel ouderlinge J. Alberts—P. S. Venter:—Dit kan nie geskied kragtens sy amp maar wel omdat hy as 'n Broeder die Godsdiens lei tot eer van God, wat anders gestaak moes word.

Dan het Barkly Oos ook 'n beskrywingspunt dat Kerkvisitasie weer in werking sal tree. Na diskussie word voorgestel: (1) Ds. J. G. H. van der Walt Ouderling H. van der Walt: die Algemene Vergadering besluit dat die invoering van visitasie wenslik is; (2) Ouderlinge J. C. Hattingh—J. L. Coetsee: dat visitasie vanjaar weer in werking sal tree volgens ons reglement. Die eerste voorstel word aangeneem.

In behandeling kom 'n beskrywingspunt van Burgersdorp:—Die Algemene Vergadering gaan daartoe oor, om volgens aanbeveling van ons laaste Sinode Klassikale Vergaderinge in te stel. Na toeligting en bespreking word voorgestel: (1) Ds. D. Postma—Ouderling H. P. de Wet: Die Algemene Vergadering neem die beginsel aan en dra dit op aan 'n Kommissie om volgende jaar met 'n uitgewerkte skema te kom wat betref die praktiese uitvoering soas groepering van die Gemeentes, finansiële sake ens.; (2) Ouderlinge J. L. Coetsee—F. P. Viljoen: Die Algemene Vergadering ag die tyd nog nie ryp vir Klassikale Vergaderings nie. Die twede voorstel word aangeneem.

Op 'n beskrywingspunt van Burgersdorp word met algemene stemme besluit om aan te dring dat die Afrikaanse beryming van ons Psalms deur Prof. Dr. du Toit op ons gewone kerknote sal verskyn

Met hartlike dank maak die Kerkraad van Steynsburg melding van die toegesegde hulp van ons laaste Sinode n.l. £500 om die Kommissie daar in staat te stel ons standpunt te handhaaf in verband met die C. N. O. Skool. Dit was nie eers nodig om die helfte van die som te gebruik nie, maar also gewaarborg deur die Sinodale steun kon ons Kommissie die beste voorwaardes afdwing met die reorganisasie van ons Skole op Steynsburg.

Die Deputate gee verslag van die getal intekenare op Die Kerkblad en word opgewek om te ywer dat Die Kerkblad in elke huisgesin van ons Gemeentes moet kom. Veral die plan van Postmasburg dat Die Kerkblad self moet instaan vir die intekeninggelde, vind groot byval. Uit die rapporte van die Deputate blyk, dat 1225 eksemplare van die Brosjure van Prof. du Plessis teen Prof. du Plessis van Stellenbos bestel is.

Ds. G. H. J. Viljoen word herkies as Kurator.

Die Algemene Vergadering besluit om in samewerking met die Algemene Vergadering van Transvaal die Regering te nader om met die oog op die verhoring van ons gebede 'n Dankdag te bepaal vir die geseënde reëns en algemene welvaart wat ons geniet.

Op die versoek van die plaaslike N. G. Predikant, Ds. Gie om samewerking insake egskeiding word besluit, dat ons, sodra ons offisiëel deur die Skriba van hulle Sinode daartoe gevra word, samewerking sal verleen deur verwysing na ons reeds genome Sinodale besluit daaroor.

Die versoek van ons lidmate te Oos Londen deur Burgersdorp voorgedra om as afsonderlike Gemeente afgestig te word, word toegestaan en die Predikante van Burgersdorp en Molteno word as Kommissie benoem om dit uit te voer.

As Deputate om ons broedergroete oor te bring aan die Algemene Vergadering in die O.V.S. word benoem, Ds. T. Hamersma, Primus en Ds. G. H. J. Kruger, Sekundus.

By monde van die Voorsitter bedank die Algemene Vergadering Ds. G. H. T. Kruger, SEerw. Kerkraad en Gemeente en eggenote vir die vervulling van die dienste aan ons Gemeente in Angola. September volgende jaar moet weer 'n Leraar daarheen gaan.

Na hartlike bedanking aan die Leraar, Kerkraad, Gemeente en ook die Koster van Barkly Oos vir die gulle ontvangs en aangename verkeer—asook deur die Buro aan die Vergadering en wedersyds, sluit die Voorsitter die Vergadering deur voorlesing uit Titus 2:11—15 en gaan die Vise-Voorsitter voor in dankgebed.

DS. POSTMA,
Korres. Kerkraad.

Maart, 1925.

# DANKDAG

## DEUR REGERING BEPAAL.

### Die Regering het Sondag, 3 Mei bepaal as 'n dankdag.

### VERLOWING.

KOTZE — KOTZE.—Aan familie en vrinde word die verlowing bekend gemaak van Mej. Judith Kotze, jongste dogter van die heer en mevr. Frederik Kotze van Vlaktefontein, distrik Aliwal-Noord, met die jongeheer Johannes Kotze, Ventersfontein, distrik Aliwal-Noord, op 4 April 1925.


### TE KOOP.

LEWENDE KARPVIS, 1/- stuk, mienimum 25, beantwoord oral, tevredenheid gewaarborg.

Lekker tafelvis, min grate, eet meer vis, verminder u doktersrekening.

VAN EETVELDT,
Bletterman

**UNION COLLEGE.**

Korrespondensie-kursusse, Matrikulasie, C.O.P., Apteek, Boekhou en Rekenmeesterkunde, Siviele Diens en Wets-sertifikate, Onderwysers eksamens, Werktuigkundige en Elektriese Enjineers Sertifikate, Graad (Degree) Eksamens (Eksterne), Kuns-kursusse.—Doen aansoek: PRINSIPAAL, Bus 3541, Johannesburg.

# DAMES UITRUSTINGS.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**GRAFSTENEN, MONUMENTEN IN TRANSVAALS GRANIET, OF ITALIAANS MARMER.**

Opgericht in enig deel van Zuid-Afrika.

*Tegen Laagste prijzen. Portretten van Grafstenen op aanvraag aan:—*

## L. CANNATA,

(*Opgericht* 1904)

**Bus 5514.** **JOHANNESBURG.**

# ERICA PLUIMVEE BOERDERY

Spesialiseer in Wit Leghorns vir Eierproduksie. Kry vanaf 18 Mei elke Maandag 500 kuikens uit, prys £6 per 100, dagoud, gesond en sterk van die beste bloed, alles gewaarborg.

:—: :—:

## J. VAN OOSTEROM,

**WESTMINSTER.**

// DIE KERKBLAD

VAN DIE

**GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA**

No. 555 | 5 MEI 1925 | 26ste JAARGANG

## REDE GEHOU BY DIE HOEKSTEENLEGGING VAN DIE NUWE GEREF. KERK OP KURUMAN.

(DEUR DS. J. H. KRUGER.)

Die wat in Hom geloof sal nie beskaam word nie. 1 Petr. 2:6b.

Die apostel eindig sy vermaning tot heiligmaking met die lesers daarop te wys, dat hulle, as uitverkorenes, as lewende klippe, gebou word tot 'n geestelike huis. Hierdie geestelike klippe is nie die klippe wat verstrooi lê, sonder saamhorigheid nie; nee, hulle hoort bymekaar; hulle word uit verskillende oorde, oor die hele wereld, van die begin tot die einde vergader, uitgebreek en saamgebring deur die Evangelie, reggeslaan en gedresseer deur die prediking van die Woord, gefatsoeneer en afgewerk en gereinig deur die beproewing, versier en glinsterend gemaak deur die heiligmaking, hulle word as geestelike klippe gemessel in die gebou van God, die geestelike tempel, waarin Hy woon. Dit is wat ons in ons belydenis noem: die heilige algemene Kristelike Kerk, waarmee ons verstaan: die gelowiges, die uitverkorenes in Kristus Jesus, wat God uitverkore het van voor die grondlegging van die wereld af, na die welbehae van Sy wil, opdat daardie klippe heilig en onberispelik voor Hom sou wees in die liefde, 'n uitverkore geslag, 'n Koninklike priesterdom, 'n heilige volk om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis deur die evangelie geroep het tot Sy wonderbaar lig, om Sy heerlikheid te weerkaats en laat uitstraal so dat die mense dit kan sien en onse Vader in die hemel verheerlik.

Hierdie geestelike gebou met Sy uitverkore klippe het 'n Hoeksteen. In die profeet Jesaja (28:16) noem die Here Hom: 'n Grond steen in Sion, 'n Kostelike Hoeksteen wat goed vas gegrondves is; die wat geloof, die sal nie haas nie. In Ps. 118:22 sê die digter: die klip wat die bouliede verwerp het, is tot 'n Hoof van die hoek geword: dit is van die Here geskied en dis wonderlik in onse oë. Wat die ongelowige betref lees ons: Hy is 'n aanstotelike Klip, 'n Rots van ergernis.. In Matth. 21:44: wie op hierdie klip val die sal verpletter word, en op wie Hy val die sal Hy vermorsel.

Die tabernakel en later die tempel waarin God onder Sy volk gewoon het, was 'n afbeelding van die mens se liggaam, wat genoem word 'n tempel van die Heilige Gees, 'n tempel van God. Dit was ook 'n afbeelding van Kristus se liggaam. Deur die sonde het die mens se liggaam opgehou om 'n tempel, n woonstede van God te wees, daarom het Kristus ons vlees en bloed, ons menselike liggaam aangeneem om deur Sy liggaam ons liggame te heilig, te maak tot tempels van God; daarom bely ons van God die Heilige Gees: dat Hy ook aan my gegee is, en ewig by my sal bly. Al die gelowiges saam is weer die lewende klippe van die geestelike tempel, waarvan Jesus Kristus die hoeksteen is.

### I.

Hoe word die geestelike klippe gebou op die hoeksteen Kristus? Wat is die verband tussen Hom en hulle? In die profeet Jesaja en op verskillende plekke in die Nuwe Testament word dit genoem die geloof: Die wat geloof sal nie haas nie, die wat geloof sal nie beskaam word nie.

Op die vraag: word al die mense weer deur Kristus salig, soos hulle deur Adam verdoem gewordе is? Antwoord ons: Nee, net die word salig, wat Hom deur 'n ware geloof ingelyf word. Dis die geloof wat ons in Kristus inlyf wat ons so aan Hom verbind soos die liggaam wat onlosmaakbaar aan die hoof verbind is, ja so, dat ons met Hom een word. Hoe geskied die inlywing? Hoe word ons as geestelike klippe ingemessel in die muur van die geeste-

ike tempel, waarvan Kristus die Grondsteen s? Hierdie inlywing of allernouste verbonds /ereniging met die Hoeksteen Kristus kom tot stand deur die geloof. Sonder geloof het ons geen gemeenskap, geen deel aan Kristus; sonler geloof is ons los van Hom af, sonder God, verworpe klippe. Met die geloof neem ons Kristus en Sy weldade aan.

Hierdie geloof is nie van onsself nie, dis 'n verk, 'n gawe van God, wat ons by die Wedergeboorte gegee word; dis die eerste werk van lie Heilige Gees in ons: dis die eerste vlammejie waardeur die lewe van Kristus in ons openbaar word, want sonder Kristus is daar geen geestelike lewe in ons nie. As ons deur die geoof Kristus ingelyf is, in die muur, waarvan Hy die Hoeksteen is, ingemessel is, dan leef Kristus in ons. En na mate die geloof kraggiger word en ons die ou mens, die sonde in ons, oorwin; na die mate word ons lewe meer en meer met die van Kristus ineengeweef, word ons as lewende stene meer en meer met lie Hoeksteen Kristus een. Daarom roep ons net die Apostel: Wie sal ons skeie van die lie liefde van Kristus? Verdrukking, of benoudheid, of vervolging, of honger, of naakheid, of gevaar, of swaard? Want ek is vereker dat nog dood, nog lewe, nog engele, nog orhede, nog magte, nog teenwoordige, nog oekomende dinge, nog hoogte, nog diepte, nog enig ander skepsel ons sal kan skeie van lie liefde van God, wat is in Kristus Jesus one Here.

Maar wie is 'n lewende klip en wie nie? Lewende klippe is almal wat geloof in Jesus Kristus; almal wat sondaars is en in hulleself verworpe en verlore gevoel; almal wat in hulleself arm en ellendig is; almal wat in hulleelf geen geregtigheid en heiligheid, geen lewe of heerlikheid het nie; almal wat bekommer is oor hulle sonde en verlang en soek na verlossing; almal wat Kristus se weldade ootmoedig met 'n ware geloof aanneem; almal wat vir hulle Sy geregtigheid en heiligheid oeeien as hulle eie; almal wat alleen hulle geegtigheid voor God soek in Sy soenverdienste; almal wat geloof dat hulle sonde voor God edek is alleen met Sy dierbaar bloed. Maar ir die hoogmoedige, vir die eiewyse en eiegeegtige, vir die goddelose en ongelowige is Hy n klip van aanstoot en rots van ergernis; wie p Hom val sal verpletter word en op wie Hy al die sal Hy vermorsel. Merk daarop, O sonlaar! wie sê dat u nie 'n uitverkorene is nie? Hoe baie sondare het nie geblyk na 'n hartelike bekering van die uitnemendste klippe van die geestelike gebou te wees nie, waarvan Kristus die Hoeksteen is? As u geloof dan sal u nie beskaam word nie.

## II.

Wat is die gevolge van die geloof, die geloof wat Kristus aanneem en omhels? Die wat in Hom geloof sal nie beskaam word nie. In die profeet Jesaja lees ons: Sal nie haas nie. Haas is 'n teken van onsekerheid, wat ontstaan uit twyfel aan die goeie uitkoms op die end. Hierdie haas lei tot beskaming. Die kenmerk van die geloof is lydsaamheid en geduld: besit julle siele in lydsaamheid.

Abraham het haastig geword toe die belofte van God so lank toef en die beskamende uitkoms was 'n Seun van sy ongeloof, Ismaël. Rebekka wou die Here vooruitloop en die beskaming was dat haar lieweling, Jakob, moes vlug vir sy broer Esou. Soul wou nie meer wag nie, hy het haastig geword toe sy manskappe hom verlaat en die leer van die Filistyne al meer aangroei en Samuel vertoef om te kom; toe het hy self geoffer en die beskamende gevolg was dat God hom verwerp het. Dis hierdie haas wat die goddelose so onrustig maak soos die woelige see, wat nie kan stil wees nie. Wie in Hom geloof, die sal nie haas nie. die sal nie beskaam word nie.

Al lyk dit of die wat geloof hier op aarde beskaam word, omdat baie rampe en teenspoed hulle deel is en armoed en verdrukking hulle lot skyn te wees, terwyl die goddelose lekker en sonder moeite leef, dit moet ons nie ontmoedig nie, want dis die uitverkore klippe wat met die swaar hamer stukke afgeslaan word en met die skerp bytel gekap word. Die beproewing van ons geloof beskaam nie. Sal hulle beskaam word wat die wereld verloor en hulle siele win? Sal hulle beskaam word wat sê: ons ag alle dinge niks nie om die uitnemendheid van Kristus. Leer die Apostel ons nie die beskaming van die wereld se dinge as hy sê: Al wat in die wereld is, die begeerlikheid van die vlees en oë en die grootsheid van die lewe is nie uit die Vader nie? Die wereld gaan verby en al sy begeerlikheid; maar die wat die wil van God doen, die bly tot in ewigheid.

Maar wat sal die uitkomste van die einde vreeslik wees vir die wat nie in Kristus geloof nie. Dan sal hulle beskaam wees oor hulle goddeloosheid, oor geweld en verdrukking; dan sal hulle roep tot berge en heuwels om bedekking; met beskaamde aangesigte sal

hulle weggestuur word as vervloektes na die ewige verderf waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitblus nie; hulle sal vir alle vlees 'n afgrysing wees; met wening en tandknersing sal hulle sien die Steen van aanstoot en die rots van ergernis en verpletter en vermorsel word. O Sondaar! ons bid u terwyl dit nog die hede van genade is, soek vrede met God deur die versoening wat in Jesus Kristus is.

Maar die wat in Hom geloof sal nie beskaam word nie. Hulle sal dan ewig glans en in die lig van die ewigheid skitter soos kostelike klippe in die gebou van God, waarvan Kristus die hoeksteen is. Daar sal hulle geniet 'n onbeskryflike geluksaligheid na siel en liggaam; hulle sal aanskou, aanskou, in klaar hemelse lig, die onsienlike dinge wat hulle hier in die verdrukking geloof het; en bo alles sal hulle Hom sien in Wie hulle geloof het, onse Here Jesus Kristus, die Grondsteen, die Kostelike, uiterste Hoeksteen. Die wat in Hom geloof, die sal nie beskaam word nie.—Amen.

## DIE HEL.

III.

In die Oue Testament word die Duiwel net drie keer met name genoem, n.l. by die volkstelling van Dawid (1 Kron. 21:1,) by die beproewing van Job (Hoofstuk 1) en in die naggesig van Sagaria (hoofstuk 3.)

Die woord "hel" kom wel enkele kere voor, maar dit het orals die betekenis van onderwêreld, sodat feitlik iets anders bedoel word as wat ons gewoonlik onder die term "hel" verstaan. Ons Statevertaling het die Hebreeuse woord ook dikwels met "graf" vertolk, waaruit alweer blyk dat ons hier met iets anders te doen het. Op hierdie punt kan ons nou egter nie verder ingaan nie.

Dit is egter verkeerd om uit bowestaande gegewens af te lei dat die persoon van Satan na die voorval in die Paradys teruggetree het en dat die mond van die hel gesluit is, om eers weer oop te gaan as Christus in die vlees verskyn en 'n ander bedeling sy loop begint.

Die Godsopenbaring ten opsigte van die hel het 'n vaste historiese gang onder die oue bedeling en dit is ons taak om dit nou van stuk tot stuk aan te wys.

Een van die middels waardeur die hel sy werking op aarde laat sien het, word met die algemeene naam van t o w e r y e n w a a r s ê e r y aangedui—'n punt wat nou in hierdie artiekel ter sprake kom.

In verband daarmee wens ons vooraf op te merk dat nie alles wat na towery of waarsêery lyk,—dat nie alles wat vir ons onverstaanbaar is, aan die invloed van die hel moet toegeskryf word nie. In vroeër dae is seker te veel aan die Duiwel toegeskrywe wat nie op sy rekening hoef gesit te word nie. Met name die hekseprosesse leer ons hoeveel kwaad en onreg in hierdie opsig gebrou is. Selfs in ons dae nog kom die Duiwel dikwels te pas by dinge waar hy niks mee te doen het nie. As byv. 'n vrou haar garing nie in die oog van die naald kan kry nie, dan is dit Drietoon wat sy stert voor haar hou!

Daar is sekerlik 'n verkeerde uisterste waarvoor gewaarsku moet word. Aan die ander kant loop ons teenswoordig gevaar om van die Skriftuurlike grondslag af te raak deur alles op natuurlike wyse te wil verklaar. Die hel met sy ontsaglike werking word dan ook meer en meer uit die daaglikse lewe uitgeban. Die verligting neem toe, maar dis 'n verligting wat met Gods Woord weinig of geen rekening meer hou nie.

Ons gereformeerde vaders het towery 'n werking van die Duiwel genoem. Voetius beskou towery as iets "waarby sake of waarde aangewend word om iets te verkondig of voort te bring waartoe die mens kragtens sy natuur en deur Gods instelling geen geskiktheid besit nie; en dit uit 'n verbond met die Duiwel, óf openlik óf verborge."

Dieselfde Voetius het ons ook geleer (en daar word in die teenswoordige tyd maar min aan gedink as oor die ou tyd met minagting gespreek word) dat hy ver daarvandaan is om alles wat wonderbaarlik lyk aan die werking van die hellemag te wyt. Hy het duidelik onderskeid gemaak tussen drie soorte van wonderbaarlike dinge. Ten eerste is daar verskynsels wat vir ons toweragtig lyk en wat tog g o e d moet genoem word. Ons kan hierby byv. dink aan die draadlose telegraaf. Wie die werking daarvan gadeslaan, voel dat hy voor 'n afgrond, 'n groot verborgenheid staan. Selfs die wetenskap van ons dae het die wolk van geheimsinnigheid wat oor die draadlose telegraaf hang, nie kon wegveeg nie. Ewenwel word daarby uitsluitlik gebruik gemaak van natuurlike kragte en sal dit niemand in die gedagte kom om aan towery te dink nie.

Ten twede, sê Voetius, is daar snaakse dinge

wat ons nie as goed kan beskou nie, maar wat as y d e l gebrandmerk moet word. Ons dink hierby aan allerhande trieks wat gewoonlik met die naam van "oë-verblindery" bestempel word. Daar is niks in nie, dis ydel en dien om die mense tydkorting te verskaf. Al noem dan ook so 'n triekmaker homself 'n "towenaar", in die wese van die saak is hy dit nie. Sy kunste dien net om die mense 'n aand lank aangenaam besig te hou.

Maar dan is daar ten derde 'n b y g e l o w i g e towery wat volgens Voetius en die kanttekenaars van ons Statevertaling moet gewraak word as 'n gevaarlike werking van die magte uit die donker afgrond van die hel.

Moses het vir ons die donker kamer van hierdie sondige kunste oopgesluit in Deut. 18: 10—12. Hy noem daar verskillende sake: "Waarsêery" — 'n term wat ons almal ken. Dan spreek hy van 'n "goëlaar", eintlik iemand wat optree as verklaarder van voortekens, soos die geskreeu van 'n uil, die geblaf van 'n hond en soveel meer. Verder maak hy melding van diegene wat ag gee op "die geskreeu van voëls". Só het ons Bybelvertaal 'n woord wat eintlik beteken "tekenduidery". Die naaste wat daaraan kom in ons tyd is die dolos-gooiery. Beentjies, klippies en ander voorwerpe word neergegooi en uit die ligging daarvan word 'n antwoord gesoek op wat die mens graag wil weet. Moses noem al verder die "towenaar" 'n man wat ons lewendig geteken sien in Exodus 7:11 as hy optree teenoor Moses en Aäron. 'n "Besweerder", so heet die volgende een in die lys. Hier word gedink aan 'n "banspreker" iemand wat deur sy woorde iets bind, byv. slange soos in Ps. 58:6 te kenne gegee word. In Deut. is ook sprake van 'n "waarsêende gees" wat geraadpleeg word. Goed vertaald moet daar staan dat die "gees van 'n afgestorwene" ondervra word, d.w.s. deur 'n menselike medium. Waar verder in ons vertaling sprake is van 'n "duiwelskunstenaar" moet ons volgens nuwer taalvorsers, dink aan 'n "waarsê-gees" wat besit neem van die menselike gees.

Eindelik spreek Moses van diegene wat gaan om die dooies te vra, waarskynlik die man wat die dooies opsoek, wat 'n orakelspreuk verkry deur middel van towenaars. Die drie laaste vorme van towery is in ons tyd bekend onder die naam van spiritisme.

Dit is die donker lys, só volledig dat ons nie weet of die verligte Parys, wat teenswoordig so ywerig met diè soort van swart kunste besig is, daar iets aan kan toevoeg nie.

Dat Gods Woord dié dinge beskou as produkte van 'n geopende hel, blyk uit Deut. 18:12 waar staan dat almal wat sulke dinge doen, 'n gruwel is vir die Here, en dat die Here t e r - w i l l e v a n d i e g r u w e l s die Kanaäniete uit hulle land laat verdelg.

Groot en gruwelik moes die sonde van die Kanaäniete gewees het, sodat dit tengevolge gehad het die banvloek van die Here, die totale uitroeiïng van mans, vrouens en kindertjies met alles wat hulle besit het; groot en gruwelik moes die mag van die hel in dié dae gewees het wat so 'n afval van die Here kon bewerk; groot en gruwelik moes die towery in al sy gestaltes gewees het wat as een van die middels diens gedoen het om daardie ondergang te bewerk.

As dus in die vyf boeke van Moses geen uitdruklike melding van die hel gemaak word nie, dan is dit nog geen bewys dat die hel toe in sy werking gestuit is nie. Die Godsopenbaring kom na ons met magtige feite en hulle sê ons dat daar altyd 'n geopende put was wat uit sy diepte die water van verderf laat opborrel het.

Ons het gemeen dat dit noodsaaklik is om te wys op die verskynsel van towery in al sy vorme, sodat ons die gang van die Godsopenbaring kan volg ten opsigte van die plek waaruit al die ellende van die mens voortgekom het.

J. D. DU TOIT.

---

## BRIEF.

Waarde Vriend,

In my boek met aantekenings sien ek gister 'n stukkie oor die boek van Johanna Brand, wat 'n paar jare gelede uitgekom het, en waarin sulke vreeslike voorspellings gemaak word oor ons land. By die lees daarvan dink ek toe: "Ja wat het nou daar van uitgekom. Baie mense het werkelik gemeen, toe die vreeslike profesieën oor ons uitgespreek is, dat daar 'n egte profetes onder ons opgestaan was, maar soos dit met so baie van sulke soort voorspellings in vroeër jare gegaan het, is dit ook met hierdie gebeur, n.l. dat daar niks van tereg gekom het nie. Weer 'n bewys vir ons, dat ons ons nie somar deur vroom praatjies van

die spoor moet laat lei, dog ons moet hou aan die suiwere Woord van die Heer.

As ons dit doen, gaan ons veilig.

Dit lyk wel, dat ons land nie sonder die vergiete van bloed bestaan kan. Nou het ons weer die moeilikheid te Bloemfontein gehad, en hoewel daar maar enkele persone geskiet is, het daar tog weer mensebloed in ons land gestroom. Hierdie klein opstootjie is van ernstiger aard as party mense wel dink. Dit is die houtjie op die water wat ons wys watter kant toe die stroom loop. Dis nie so lang gelede nie, dat ek op reis 'n ou magistraat van Philipstown ontmoet het. Ons had mekaar vir 'n geruime tyd nie gesien nie, en ons was bly, dat ons mekaar se hand weer eens kon druk, nou ons paie toevallig mekaar kruis.

Hy vertel my toe, dat hy in een van die kafferdistrikte as magistraat fungeer en, so gaan hy toe aan: "Meneer toe ek te Ph.town was het ek gesien, dat jul daar baie stry oor Nat en Sap en jul warm maak oor allerhande klein dingetjies, wat jul as vreeslik groot beskou, maar ek kan Meneer sê, dat daar maar één groot kwessie in ons land is, en dat is die kafferkwessie. Dit sien ek daeliks as magistraat, waar ek nou is. Jul weet daar in jul dorp niks van nie, en jul verstaan ook nie, hoe groot en gewigtig die vraagstuk vir ons algar is. Laat staan julle verskille en werk saam, om hierdie probleem op te los. Die toekoms is donker, dit kan ek Meneer verseker. Die kaffer word altyd meer en hy word ook slimmer, en dit moet eindelik uiloop op 'n onhoudbare toestand."

Na hierdie gesprek het daar gedurig al weer wrywing en moeilikhede van verskillende soort tussen gekleurd en blank gekom, en ek is dan altyd weer herinnerd geword aan die woorde van die ou magistraat. Ek wil nou nie aan U oor politiek skryf nie, maar dit spyt my darem, dat daar mense is, wat al te lig oor hierdie sake kan praat, en ook daar menigmaal onverantwoordelike uitlatings oor kan maak.

Dit het nou ook weer gebeur, en ek het party mense al snaakse en growwe dinge hoor sê. Dink U ook nie, dat ons baie voorsigtig moet wees met ons woorde en ons gesprekke daaroor. Ons bediendes kan so lig iets daar van opvang en dat oorbring aan hul vrinde. Sulke woorde is dan as onkruid, wat in hul harte opskiet en menigvuldig vrug dra, en bittere gevolge kan hê.

Ons mag waarlik die Here wel bid, dat Hy ons manne gee, wat in hierdie moeilike landskwessie die ware weg aanwys, en waardeur die land bewaar bly vir gruwelike rampe en vreeslike bloedvergieting. In Duits Suid Wes broei dit ook, soos ons kort gelede weer gesien het, en wat daar nog van sal word, weet ons ook nie. Daar is nie een van ons witmense, klein of groot, wat kan sê, dat hom hierdie saak nie aangaat nie. Die kind, wat nog in die arme van sy moeder lê is nog amper meer in die saak betrokke as die oude grysaard, wat sy graf as 't ware reeds in die verte kan sien. Die kleine kind se toekoms lê nog voor hom en hierdie vraagstuk tusse blank en swart sal, as die kind jongeling of jongedogter is, al baie ernstig dreig of al tot 'n uitbarsting gekom het.

As kristens moet ons die swart man regte kristelik behandel, dat wil sê, ons moet eerlik en regvêrdig met hom wees. Dit is 'n punt, waar ook in die parlement op gedruk is, en elkeen moet dit heeltemaal daarmee eens wees. Moge die Here aan diegene, wat geroepe is om met hierdie groot landsprobleem te werk, lig en wysheid gee vir hul taak.

More is die dag, dat die kroonprins te Kaapstad sal land, as daar nie teenspoed kom nie. Van ons dorp is daar 'n hele paar mense weg, om ook by die ontvangs van die hoë besoeker teenwoordig te wees. Dit sal ongetwyfeld 'n pragtige vertoning wees, wel wêrd om te sien. Teenswoordig kan die mense in die aand toor met die elektriese lig. Duisende by tienduisende liggies word in hul klein pragtig gekleurde glas bolletjies met 'n enkele druk van die vinger aangesteek, en die effek is onbeskryflik. Ons wens, dat die kroonprins ons toekomstige koning dus, 'n aangename verblyf in ons land sal hê, en dit lyk of die wens kan vervul word, want alle seksies van die samelewing doen hul bes, om sy koninklike hoogheid dit so aangenaam moontlik te maak. Iedereen skyn daar op gesteld te wees, dat die jonge kroonprins by sy terugkeer 'n allergunstigste indruk van die verre Suidafrika waar in die loop van die tyd al so veel gebeur het, sal meeneem. As hy dan later koning word moet hy nog steeds met 'n lieflike herinnering aan sy domienium Suid Afrika kan terugdink. Die Koninklike besoeker sal ook 'n paar uur hier op ons dorpie kom deurbring. Altemits kry ek dan 'n kans, om ook vir hom te sien. Daar is mense wat sê, as daar sprake is van 'n vername na die wêreld: "Og ek gee nie om, of ek vir hom sien of nie. Hy sal tog maar lyk soos 'n mens." Natuurlik is die laaste waar, en tog sal hy nie as 'n ander mens lyk nie, want elkeen het sy besonderse houding eienaardige wese en voorkomste, waardeur hy van ander mense onder-

skeie is, en dit is altyd, ten minste vir my, interessant, om dit te sien. Daar sit nou nie mensevergoding in nie, maar dit lê in ons menselike aard. Daarom het daar ook. toe die Heiland op aarde was, mense by die apostels gekom met die vriendelike versoek, of hul nie die Heer kon sien nie. Wel, ek hoop, dat die besoek van die kroonprins vir hom self aangenaam mag wees, en dat dit ook vir ons land nog in die verre toekoms tot 'n seen mag syn. Dat die Here ook vir hom veilig mag lei, en hom later met sy terugkeer ook weer behouden by sy vername ouers tehuis mag bring.

In Duitsland het hul nou weer 'n nuwe president. Niemand had dit ooit verwag, dat die so hoog bejaarde en so wêreld beroemde generaal Hindenburg nog eens die vernaamste plaas in sy land sou inneem. Hindenburg is besonder geheg aan die keiser, en hy sou seker gewillig sy lewe wil gee, as die keiser daardeur weer op die troon kon kom. Maar daar is in die nabye toekoms nie aan te dink nie. Die verkiesing van Hindenburg as president wys ewewel aan, dat die politieke stroom in die grote Duitse ryk aan draaie is. Die mense begin daar soetjies aan moeg te word vir die sosialisme en verwante stromingen. "By die begin van die Duitse republiek", so sê 'n Duitser aan my, is daar so geweldig geswindel en bedrog gepleeg, dat die mense van insig begin te verander, en later hul weer 'n keiser sal wil hê." Party mense meen, dat daar nou in Europa gou gou weer oorlog sal kom, nou die groot generaal aan die hoof van sake kom. Dis heeltemaal verkeerd geredeneerd. Nou dat die groot generaal hier die hoë plek inneem, sal daar juis nie oorlog kom nie. Hy weet beter as 'n ander wat nodig is, om 'n oorlog te maak en om die te win, en juis om die rede sal hy sy geliefde "Vaterland" nie in gevaar bring nie, want hy is daar van oortuig, dat Duitsland nou teen die grond lê en vertrede is. Hy sal sy best doen, om dit op te help en weer sterk te maak op die gebied van handel en andersins. Die Heere regeer, sê die Skrif, en ons kan dit ook hier sien, en mag hierdie onverwagte gebeurtenis meewerk tot die vrede van Europa en van die ganse wêreld, en also ook 'n verborge seen vir ons so dikwels beproefde land wees.

Hopende dat U dit eens met my is, bly ek

U Vriend,

C., 29 April, 1925. T. H.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

'n Gebeurtenis van groot belang en wat prominent voor die dag gekom het in die pers was die offisiele opening van die Uniwersiteit van Jerusalem op die 1ste April deur die Weled. Heer Balfour.

Ek meen dat ook die G.U.K. sy gelukwensing gestuur het.

Hierdie Uniwersiteit van die Joodse volk is 'n mylpaal in die geskiedenis van die Sionisme, wat nog van groot betekenis kan word nie alleen in die wetenskaplike wereld nie, maar ook in verband met die vervulling van die Skrif, al sien ons nou in die Sionisme alleen 'n nasionale beweging en staan die godsdienstige element op die agtergrond. Die bedoeling van die Sionisme is om die beloofde land weer die land van die Joodse volk te maak. Dit blyk dan ook dat hulle in hierdie opsig groot vorderings maak, waartoe die Jerusalemse Uniwersiteit baie sal bydra.

Hierdie Uniwersiteit is op 'n vergadering, dieselfde dag in Kaapstad gehou, deur generaal Hertzog genoem die 'ligbaken op Sion'. Ook op die groot betekenis van hierdie gebeurtenis is deur generaal Smuts gewys.

Die laaste het egter hom iets laat ontval wat ons nie so kan laat verby gaan nie. Hy het gesê dat Palestina 'n middepunt was van groot strategiese belang omdat dit so tussen twee groot nasies, die Siriers in die Noorde en die Egiptenaars in die Suide, gelê het. Vir 'n klein volk was dit dus 'n gevaarlike posiesie. Die Here het wel die land vir die volk toegewys, maar dit was 'n groot fout dat Israel daar ingetrek het.

Ons weet dat die Here hierdie land aan die volk aangewys het, geleë tussen die wereldvolke, sodat die lig van die openbaring sou skyn op die wereld en dat juis daar die lig van die Son van die geregtigheid oor die wereld sou opgaan. In plaas van 'n fout blyk ook hier dat die dwaasheid van God wyser is as die wysheid van die mens. Mag nou daar weer in die hart van die Joodse volk hierdie groot lig gaan skyn!

Deur die opening van die Uniwersiteit van Jerusalem is die Joodse volk weer voor die aandag gekom, en dit is onteensêlik waar dat die Jode in die finansiele wereld die groot rol speel en daardeur ook vir 'n groot gedeelte die politieke wereld beinvloed. Dit sou interessant wees om te weet hoeveel regeringe afhankelik is van die Joodse geldskieters. En daar uit Jerusalem sal nog die drade in die toekoms getrek word. Ons sien ook in ons eie land hoe die handel altyd meer in die hande van Jode geraak, en hoe groot handelstakke oral verrys. En nie alleen dit nie, maar ook die gronde van baie van ons mense geraak in die hande van Jode, en ons weet van groot gedeeltes gronde wat ook gehuur word deur Jode vir spekulasie doeleindes, waarvan die Afrikaner besitters of uitgeloop het of besig is

om uit te loop deurdat hulle op die dorpe gaan woon, en intussen lewe van die huur en van die verband wat die tekort op die huurgelde moet dek.

Nou is die Jode ook besig om die wetenskaplike wereld te verower, en ook op hierdie gebied blink hulle uit.

Wat moet ons nou doen? In sommige lande kry ons die Antisemitisme, 'n beweging teen die Semiet of die Jood, wat dikwels uitloop op bloedige vervolging. Hierdie weg mag ons nie volg nie.

Maar waar ons die Jode hulle regmatige plek gun in die samelewing, moet ons sorg dat ons erfenis nie 'n prooi word van Joodse spekulasie nie. Op die handelsgebied en die landbou moet ons nie alleen behou wat ons het nie, maar moet ons deur studie en 'n progresiewe boerdery sorg dat ons in die kompetiesie nie ondergaan nie.

Dit is alleen die boer wat studie maak van die beste metodes, wat homself sal kan handhaaf. Dan is daar 'n neiging merkbaar by sommige om in 'n onnodige weelde te lewe, deur die bou van mooi huise en die meubilering daarvan, die aankoop van motors en gedurige verwisseling van motors om die nuutste modelle te kry. Intussen tyd is die spekulant maar al te gereed om gedeeltelike betaling te ontvang en vir die orige is die toekomstige besit van 'n plaas verseker. Sommige mense laat hulle so gemaklik van hulle stoel afpraat deur 'n geslepe Jood, en in plaas van handel te drywe met 'n soliede besigheid, al kos dit 'n bietjie meer, word hulle omgeloop om òf onnodige dinge te koop òf om op 'n huurkoop hulle te verbind vir die toekoms, waardeur nie alleen smartvolle sorg veroorsaak word nie, maar ook in baie gevalle een of ander waardevolle besit moet afgestaan word om aan die verpligtings te voldoen. Baie van ons eie Gereformeerde mense is vandag in die ellende omdat hulle nie kon weerstand bied aan 'n spekulant nie, of omdat hulle deur weelde, waarvoor hulle bene nie sterk genoeg was nie, in armoede gedompel is.

Saamgaan met die weelde en die mode, onkundige beleid in sake, 'n uitgediende metode van boerdery, gehelp deur die winkelier om saam te gaan is die oorsake gewees van baie verlies van waardevolle eiendomme, die erfenis van die vaders.

Daaronder ly dan ook die Suid-Afrikaanse gemeenskap, die nasionale Staatkundige leuse, en ook die kerk, want verarming word dikwels gevolg deur veragtering, deur verlamming op alle gebied, en die krag van waardevolle energie is verlam geword deur die verlies van besit nie alleen nie maar ook van sedelike krag.

En hierdie laaste is so skriklik. 'n Man, wat altyd sy man kon staan, wat 'n bate was vir Kerk en Staat, nou gedoem tot sedelike onmag, omdat hy nie weerstand kon bied aan die verleiding nie en 'n prooi geword het van die Joodse spekulant of van 'n Asiatiese winkelbaas.

Wat ons nodig het is veerkrag en soliditeit in alles. Beuselagtige en onsinnige dinge moet nie ons aandag in beslag neem nie. En om sulke beuselagtige dinge, soos mooi motors en mooi klere en mooi huise en mooi blompotjies en al daardie straatpraatjie dinge moet ons nie ons besit en ons krag, ons sedelike krag inskiet nie— as ons siel so klein is om net bevrediging daarin te soek of dat daardie kleinigheid van siel ons dwing tot 'n toekomstige verlies van besit en tot armoede net terwille van hierdie dinge.

Bo alles, laat ons verstaan, dat soliditeit, manlikheid, adel, of wat ons dit ook mag noem, daarin bestaan dat 'n man weet om 'n groot saak te sien en te waardeer, bo alles vir ons gelowiges, die groot saak van Gods Koninkryk, en 'n man sal dan ook sonder verlies van sy besit, sy ponde gee vir 'n groot saak, maar iemand wat klein is, sal dit nie sien en waardeer nie, maar hy sal sy huis of grond in pand gee vir klein goedjies, soos hy self klein is, vir klein goedjies, soos mooi meubels of mooi en altyd mooier motors. Waar die visie, die gesig, die waardering klein is, en 'n mens nie lewe vir groot dinge nie, of ook 'n gemeente nie, daar verlies so 'n mens en so 'n gemeente alle grootheid en word hulle altyd kleiner deur hulle besieling vir klein dinge. Hierdie hunkrigheid naar dinge is dan ook die toppunt van selfsug, en selfsugtige mense wat alleen besiel word deur sienlike dinge van mienieme waarde, verlies alle enersie en sedelike krag, en word onnutte stoepsitters, wat nog alleen oplewe vir 'n straatgeraas of 'n hondegeveg.

Teen hierdie kleinlikheid moet ons almal bestry en ons aangord tot wat groot en edel is. Ons is so geneig om ons te verlustig in die klein dinge, en hierdie euwel in al sy verskillende vorms en verskyninge noem die Skrif vleeslike begeerlikheid.

Met betrekking tot die noodsaaklikheid om spaarsaam te lewe laat ek hier volg die slot van die belangrike begrotingsrede van die Minister van Finansies.

Die Minister het gesê:—

"Ek wil eindig met 'n woord van waarskuwing aan die land, en dit is, dat waar ons tekens het van die verbetering van die ekonomiese posiesie, en waar ons 'n goeie oes verwag as gevolg van die milde reëns, hoop ek dat ons nie weer die foute van 'n paar jaar gelede sal maak nie. Ek hoop dat die boere nie allerhande weeldeartiekels sal koop wat nie vir hulle of boerdery nodig is nie, en ook nie weer die prys van grond sal opjaag nie. Dit is nodig vir ons almal, as ons wil sien dat die land sal vooruitgaan, om nie alleen hard te werk nie maar om ekonomies te lewe en om spaarsaam te wees. Ek hoop dat die Regering hierby die voorbeeld sal stel. Waar die vorige Regering die snoeimes gebruik het, meen ek tog dat daar nog ruimskoots geleentheid is om dit verder te gebruik. Ongelukkig was daar gedurende die korte reses wat ons gehad het geen afdoende geleentheid om verder op hierdie

saak in te gaan en behoorlike aandag daaraan te gee nie. Maar ek kan agb. lede die versekering gee dat ons sal onderneem om te besuinig waar dit kan gedoen word sonder om die nasionale dienste te benadeel.

Prof. du Plessis van Stellenbosch skrywe, in Het Zoeklicht van Maart oor die waarskuing van die Transvaalse Korrespondent van De Kerkbode oor die samewerking met die Gereformeerdes en Hervormdes.

"In de Noordelike provincieën", (Vrystaat en Transvaal), so sê die Professor, "weet men bij zure ondervinding wat het zegt, met Hervormden of Gereformeerden te moeten samenwerken (of liever, *samenleven;* want in plaats van *samenwerking* is er in de regel tegenwerking.)" Bewyse asb.!

Van die verspreiding van hierdie onware voorstelling van die kerklike verhoudinge in die noordelike dele van ons land neem ons met leedwese kennis. Ons is bereid om die teenoorgestelde te bewys. Die Professor sien verder in die stigting van gemeentes soos die van Kaapstad, Durban, Oos Londen 'n bewys van die teenwerking van die Ned. Geref. Kerk, ja, van agterdog en naywer: Hy sê:—"Waarom hebben die kerken dan op die plekken hun twintigtalletjes tot gemeenten gekonstitueerd? Er kan slechts één antwoord zijn: *Uit nayver tegen de Ned. Ger. Kerk.* "Want ziet, (zo zegt men), de Ned. Geref. Kerk is sterk en invloedryk: zij heeft grote prestige: en onze leden zouden zo licht ons verlaten en tot haar overgaan, waardoor wij aan ledental, aan geldelike ondersteuning, aan invloed in den lande, zouden kunnen komen te lijden.

We moeten dus houden wat we hebben, onze verstrooide leden achterna lopen, onze schaapjes bij mekaar maken, een kraaltje voor ze bouwen, en ze ten strengste beletten, in Nederduits-Gereformeerde landouwen te gaan weiden." Is dat niet de enghartige en sektariese geest, die uit het twistzieke Nederland tot ons is overgewaaid?

Wij zeggen het andermaal, zoals wij het reeds meermalen gezegd hebben, dat tenzij deze geest van achterdocht en naijver vervangen wordt door een grootmoediger geest, *die zich in daden toont,* er weinig hoop op toenadering en geen hoop hoegenaamd op verbroedering bestaat."

Tot sover die Professor. Ons is jammer dat Kaapstad, Durban en Oos Londen aan Prof. du Plessis sulke rustelose oomblikke besorg. Maar, werklik, dit is tog te kleinsielig om in die stigting van hierdie kleine gemeentes naywer en agterdog teen die Ned. Geref. Kerk te soek. Ons sal van die 'landouwen' nou niks sê nie. Ons wil Prof. du Plessis net verseker dat sy poging om die gereformeerde kerk in 'n bespotlike daglig te stel die "schaapjes" en die herders nie sal verhinder om hulle ampte as gelowiges en as ampsdraers getrou te vervul nie. En ons wil hoop dat ander voormanne van die Ned. Geref. Kerk met 'n beter kristelike gees sal besiel wees en dat hulle waarderings oordeel nie sal verduister wees deur so 'n verregaande Kerkisme nie.

## NUWE BOEKE.

---

*Eeuwfeest-Album* van de Ned. Geref. Kerk in Z. Afrika 1824-1924. Door Eerw. A. Dreyer met een inleiding door Prof. Dr. A. Moorrees.

Van die skrywer het ondergetekende persoonlik in Kaapstad hierdie belangrike album ontvang. Die skrywer noem die Album 'n "platenatlas", om 'n aanskouelike voorstelling te gee van enige van die vernaamste kerkhistoriese gebeurtenisse en van die persone wat daarmee in verband staan. Die inleiding is 'n herdruk van die referaat van Prof. Dr. Moorrees oor die eerste Sinode, gehou met die feesviering in Kaapstad, waarin die referaat o.a. ook die kerkinrigting van die kerk histories behandel. Dit is seker 'n belangrike historiese stuk, hoewel ons nie in alles ons kan verenig met een en ander wat daarin voorkom nie. Ons noem bev. die volgende:—"Het is kenmerkend voor de inrichting van de Gereformeerde Kerk, dat zij zowel de zelfstandigheid van de afzonderlike gemeenten, als de éénheid van allen tezamen, als delen van een groot geheel, met een gemeenschappelik bestuur, handhaaft."

Die verdediging van Prof. Morrees van die aanvaarding van die rigsnoer van die Algemeen Reglement van 1816 in Nederland deur die Sinode van 1824 kan seker nie sterk genoem word nie. Die algemeen histories oorsig, met portrette en plate verryk, is belangrik. Ook aan die Gereformeerde Kerk is 'n nederige plekkie aangewys met 'n portret van Ds. D. Postma. Ons wens die samesteller geluk met sy mooi album van 200 bladsye.

Dit is gedruk deur die Nasionale Pers, Bep., Kaapstad en kos 5/6.

J. P.

---

*Evangelisasie Bibliotheek* 1925.—J. N. Voorhoeve, Den Haag.

Die eerste sending van hierdie jaar bestaan uit 'n mooi boek "De Herder roept," wat romanties die lewe en arbeid teken van 'n gewese advokaat, wat later predikant word in die Heide, bewoon deur 'n klas van Hollanders, wat in heidense toestande verkeer. 'n Boeiende, leersame en inspirerende boek. Dan volg 'n pakkie kaarte en twintig traktate vir Evangelisasie arbeid.

Aan predikante, wat van die traktaatjies wil sien, stuur ons graag 'n enkele vir kennisname.

Die intekening op hierdie Biblioteek is omtrent 8/- per jaar, waarvoor dan verskillende boeke, kaartjies en traktate gestuur word.

---

*De Mormonen,* door Dr. M. H. A. van der Valk, Hillegersberg, Holland, Uitgave J. H. Kok.

In hierdie interessante boek word die bedreiging van Joseph Smith, die profeet van die Mormone, aan die kaak gestel. Eers word geteken

die famielie van Smith met hulle eienaardige kenmerke, dan gee die skrywer ons in woorde die portret van die valse profeet. Teenoor die beweerde hieroglifiese ontdekkings van Smith plaas Dr. van der Valk die egte Egiptiese, waardeur Smith se bedrog verduidelik word en die slimmigheid van die profeet in die lig kom.

Die Egiptologiese gedeelte is nie alleen interessant nie, maar ook leerryk. Die skrywer behandel ook die leer en die veelwywery van die Mormone. Dr. van der Valk het persoonlik kennis gemaak met die Mormone in Amerika. Hierdie boekie van 94 bladsye, wat 'n verkorte populêre uitgawe is van die grotere boek van Dr. van der Valk oor hierdie sekte, is 'n dienstige hulp nie alleen om kennis te maak met die Mormone nie, maar kan ook dien as 'n strydwapen vir die wat in aanraking kom met hierdie dwaalgeeste.

---

*Psalmboek.*—Uitgegee deur die firma Jacques Deussau, nou bekend as H.A.U.M. lang gelede op las van die Ned. Geref. Kerk met koraal en gebind in lere band.

Die wat 'n goedkoop koraal Psalmboek wil hê wat ook dienstig is vir gewoon gebruik moet maar skrywe aan H.A.U.M., Bus 288, Kaapstad.

---

## KERK EN SKOOL.

---

MIDDELBURG, Tvl.—Die dae van die 3de tot die 5de April was dae van goeie boodskap vir hierdie gemeente. Daar was geleentheid vir die aflê van "belijdenis des geloofs", en hiervan het 18 jonge broeders en susters gebruik gemaak. Ons geledere is versterk. Die gemeente het besonder goed opgekom. Vir die kies van 'n diaken is 75 stemme uitgebring. Die hoogste sedert lange tyd. Die besluit van 1-twintigste deur die Algemene Vergadering is aan die gemeente meegedeel. En die verwagting is dat die gemeente eenparig hulle 1-twintigste sál opbring as 'n dankoffer vir die seëninge van die Allerhoogste.

Diaken Ligthelm het aan die gemeente 'n aantal bussies persent gegee vir insamelinge vir die arme op elke eerste dag der week, volgens 1 Cor. 16:2. Vir die eerste maal is die bussies nou leeg gemaak. Die kerkraad, en veral die diakens, het die dank uitgespreek aan die gemeente vir die goeie vordering in hierdie nodige saak. Vir die eerste kwartaal wat die bussies in werking is was die opbrings £8 (ag pond). Onse predikant het vir die eerste keer verlof van die kerkraad ontvang vir 'n paar maande.—Meegedeel.

* * *

In KAAPSTAD en op CLANWILLIAM.—Ondergetekende het die voorreg gehad om op drie Sondae die kleine gemeente van Kaapstad te bedien, waardeur ook die geleentheid verskaf was om kennis te neem van een en ander in die lewe van Kaapstad self.

Die vyf Sondae tevore het Ds. Pasch van Pietersburg die gemeente bedien, sodat Kaapstad byna nie herderloos was nie. Binnekort word Ds. Hamersma weer verwag. Die konsulent is Ds. Boneschans, wat met die Kerkraad, graag sien dat besoekende predikante hier sal preek, wie se verblyfkoste hier soveel moontlik deur die Kerkraad vergoed word.

Die gemeente bestaan uit sowat 50 belydende lede, versprei oor Kaapstad. Sondag die 29ste Maart is die H. Awendmaal bedien aan omtrent 34 belydende lede. Vyf jonge susters het belydenis van hulle geloof afgelê. Nog 'n ouderling, broeder Oxener, en 'n diaken broeder Dekker is gekies en bevestig geword.

Alle dienste word gehou in die Metropolitan saal van die Wesleyaanse Kerk, wat onder gunstige voorwaardes aan die gemeente verhuur word, en besoekers naar Kaapstad uit Gereformeerde gemeentes mag wel meer, as wat soms opgemerk word, die dienste besoek as hier 'n predikant is. Sommige mense dink skynbaar, as hulle seekus plekke besoek, dat ook die Sondae vir die besoekgenot diensbaar gemaak moet word. Ons hoop dat die gereformeerdes 'n beter voorbeeld sal gee.

Ons moet ook ons lig deur 'n onberispelike lewe op vreemde plekke laat val.

Behalwe die gemeentelede, besoek ook enkele famielies wat oorspronkelik tot die gereformeerde kerke in Nederland behoor het, maar hulle hier aangesluit het by die Ned. Geref. Kerk, gereeld onse dienste, en die orreliste van die gemeente is Mej. Rosing, wat self nie tot onse gemeente behoor nie, maar wat met groot opoffering elke diens speel, wat baie gewaardeer word deur almal.

Die sedelike en ook finansiele steun van hierdie famielies word op prys gestel, en ondergetekende en sy eggenote het 'n paar aangename aande in die midde van hierdie famielies deurgebring.

So langsamerhand sal die kleine gemeente van Kaapstad 'n vaste voet kry en al neem dit nog enkele jare, ons hoop dat hier later 'n eie kerkgebou en 'n predikant sal wees. Dit moet egter in die hand van die Here gelaat word om die geestelike wasdom te bewerk.

Dat in Kaapstad ook 'n Dopper gemeentetjie is, is 'n vreemde verskynsel vir buitestanders en baie trek hulle skouers op by gebrek aan vertroue of as bewys van antipatie. Die gereformeerde gemeente van Kaapstad verheug hom nie in die eer en aansien van die Kaapstadse wereld nie, maar as die klein klompie ware geestelike lewe openbaar dan sal die lig van sy kandelaar altyd helderder skyn. In die ywer en durf van ouderling N. van der Walt en sy eggenote het die gemeente 'n opwekkende voorbeeld en ons is seker daarvan dat die aangevulde kerkraad baie sal bydra om vrugbaar werksaam te wees.

Vergelyk met die groot massa mense wat Sondags ook hier iets anders soek as die kerke ly dit geen twyfel nie dat die kerklike lewe oor die algemeen aan 'n treurige geestelike armoede

ly. Het die kerke self daar skuld aan? Word die siele nie meer gevoed nie? Is die kerke deur verwereldliking kragteloos geword? As ons 'n straatspreker mag glo, dan is die Engelse kerke besmet met die ewolusie leer, want so het hy naar aanleiding van wat hy uit 'n krant gelees het, gesê, dat Biskop Barnes van Engeland en hoog kerklike persone daar en hier bedrieërs is omdat hulle voorgee dat hulle nog Gods Woord preek en dieselfde woord tot leuenaar verklaar deur hulle geloof aan die ewolusie teorieë. Met sy sektariese gees vervul, het hy alle kerke veroordeel. Mag die Gereformeerde Kerke as pilare van die vastigheid van Gods Woord bewaar word! Die belofte vir die kerk is gegee vir die wat getrou bly tot die einde toe en die gelowiges sal alleen die kerke soek, wat verstand en hart kan voed deur die suiwere prediking van Gods Woord en waarvan die lewe van die lidmate deur godsaligheid gekenmerk word.

Ons moet daarom nie strewe naar grootheid nie maar naar waarheid en godsaligheid.

Ek het ook die geleentheid gehad om kennis te maak met Ds. Meiring, die Editeur van „De Kerkbode", met Ds. Murray, die Sending-sekretaris en Ds. de Bruyn, die Saakgelastigde van die Ned. Geref. Kerk. Hierdie dominees is kerklik onder dak in die pas opgerigte sierlike gebou van die Ned. Geref. Kerk, waar ook die Sinode vergader, en genoem is „Het Hugenoten Gedenkteken." Hoe ons ook die sierlikheid en nuttigheid van die gebou mag bewonder en die werksaamhede wat daarin verrig word mag waardeer, kom dit ons tog voor dat so 'n sentrale gebou nie sal aanpas by die Gereformeerde opvatting van die kerklike inrigting nie. By ons beteken die plaaslike gemeente te veel en het die Sinode te veel 'n tydelike karakter vir so 'n sentrale inrigting vir die kerklike lewe.

Ek kon daarom ook nooit die gedagte van 'n saakgelastigde vir die Gereformeerde kerke ondersteun nie.

Met so 'n sentrale plek van samekoms vir die Sinode verval dan ook die opdrag van 'n Sinode aan 'n plaaslike kerk om die volgende Sinode saam te roep.

So 'n sentrale gebou met sy verskillende kantore beantwoord dan ook alleen aan die idee van 'n Sinodale organisasie.

Sondagaand, die 5de April, het ek 'n lesing gehou vir studente van die Kaapse Uniwersiteit op versoek van die C. S. V.

My onderwerp was „Die Kristelike Wetenskap en sy dogmatiese grondslag". Dinsdagaand, die 7de het ek 'n woordjie gespreek op 'n klein letterkundige geselskap aan die huis van Mnr. Bartch oor "Die Estetika van die Skrif."

Die standbeeld van J. van Riebeek aan die seeënt van Adderleystraat trek altyd die aandag en hier het ons Maandagmiddag, die 6de April, die landingsdag van Van Riebeek, 'n herdinkingssamekoms bygewoon, waar die Konsul van die Nederlande, professor Brown en Dr. Bosman 'n woordjie gespreek, Ds. Meiring die gebed van Van Riebeek gelees het en 'n klein-meisies koor twee nasionale liedere, gekomponeer deur Ds. de Villiers, gesing het. Ds. de Villiers en andere het al verskillende komposiesies gelewer en ons jongmense moet meer gebruik maak van ons nasionale liedere.

Wat ons Afrikaanse volkslewe in baie gevalle ontbreek is die huislike gesellige lewe, wat ons so baie aantref in die huise van Europeane, veral in Hollandse familielies, waar die hele huisgesin saam met mekaar praat, met mekaar lees en met mekaar sing. By ons merk ons dikwels dat die jongmense eenkant gaan en die oueres weer eenkant, asof pa en ma nie saam kan deel in die gesellighheid nie. In baie gevalle ontaard dan ook die gesellighheid deur allerlei insluipsels, soos tiekiedraai en dergelike. Gesellighheid onder aangename skerts en bespreking ook van meer ernstige onderwerpe, onder die singe van nasionale of geestelike liedere, is meer verheffend en veredelend en nie minder gesellig nie.

Ek het ook die gemeente van Clanwilliam bedien die twede Sondag van April. Clanwilliam is 'n dorpie in die noord-weste met 'n paar honderd blanke inwoners.

Dit was daar ook droog. Die wêreld daar lyk veel op gedeeltes van Bechuanaland en Griekwaland. Die klimaat is subtropies. Lemoene en piesangs word daar gekweek.

Die kleine gemeente was goed opgekom. Deur die uitgestrektheid van die wêreld het sommige lidmate 10 uur te perd gekom, en 'n broeder du Plessis en sy vrou het selfs van Springbok in Namakwaland omtrent 200 myle ver met 'n motor gekom om die kerk by te woon.

So kom die skapies self naar die Gereformeerde kraal sonder dat 'n ernstige poging aangewend word om hulle uit naywer teen die Ned. Geref. Kerk, volgens die Professor van Stellenbosch in die Gereformeerde kraal te ja. Dit was nog donker toe ons van die stasie Graafwater naar Clanwilliam vertrek en onder die ry moes ek my bekend stel nadat 'n ou vriend aan 'n buurvrou in die motor gesê het dat die Doppers ook Nagmaal het en dat Prof. du Plessis die dienste sal waarneem.

Hier het ek egter ook Doppers buite die Gereformeerde Kerk in drag en sedes gesien wat kan wedywer met die egte soort.

Dit was ook net Nagmaal by die Ned. Geref. Kerk. Die bediening van Woord en Sakrament het hier net saamgeval met die Paasdae en daarom het ons dienste reeds Vrydagaand begin.

Ons gemeente daar, wat vroeër lede was van die Gereformeerde kerke onder die kruis, het 'n mooi kerkie gebou van klip. Die gemeente is feitelik een groot familie en die vaders van die gemeente is ou broeder Flip du Plessis, reeds 82 jaar en nog flink en sy broer Wynand

du Plessis, oud 78 jaar, nog vol lewe en entoesiasme. Enkele van die famielielede hou nog vas aan die ou Geref. Kerk onder die kruis en het 'n artiekel 8 predikant. Hulle wil 'n volmaakte Filadelfiese kerk hê. Ons hoop dat die Kerkbegrip onder hierdie broeders en susters sal deurdring en dat hulle die gevaarlike standpunt, waarop hulle nou staan, nog sal insien. Dit moet lei tot sektarisme en dweepsieke mistisisme. Die verkeer onder hierdie groepie Gereformeerdes was opwekkend en in menig opsig leersaam.

Ons het daar katkisasie gehou met die kinders en met drie jonge dooplidmate wat belydenis van die geloof afgelê het, viermaal gepreek en 'n gemeentelike samekoms gehou, waarop die betekenis van die kerk volgens Ef. 1 en ons geloofsbelydenis behandel is.

Aan die Awendmaalstafel het 45 kommunikante die dood van die Here gedink.

Dit was verblydend om te hoor dat in die Kaapstadse gemeente elke huisgesin die ,,Kerkblad" lees en dat hy ook 'n welkome gas is in enkele huisgesinne wat nie tot die Gereformeerde Kerk behoor nie. Ook in die gemeente Clanwilliam en tot in Namakwaland is "Die Kerkblad" 'n band tussen die Gereformeerdes, wat ver van mekaar versprei woon en 'n middel om met mekaar die gemeenskap van die gelowiges te oefen.

J. A. DU PLESSIS.

* * * *

ONTVANGS EN BEVESTIGING VAN Ds. C. W. M. DU TOIT OP BLOEMFONTEIN: Op Vrydagaand, 10 April, was daar 'n gesellige byeenkoms in die Gedenksaal. Ouderling H. H. van Rooyen het, op die manier wat hom eie is, gesorg dat die aand werklik gesellig was. Aan die begin het hy gesê dat Bloemfontein dit so stadigaan regkry om sulke aande te organiseer. Uit vrees dat hulle weer gou 'n afskeidsgeselligheid sou moes hou, het hulle die keer nie weer 'n predikant van oorkant die Oranjerivier geroep nie, in die hoop dat die Vrystater langer sou bly. Die vernaamste ietem op die program sou die pouse wees, waarin almal geleentheid sou kry om die nuwe predikant en sy eggenote te ontmoet.

Verder is daar toe verwelkomingstoesprake gehou deur Di. Kestell, Louw en Boshoff namens die Nederduits Gereformeerde gemeentes van Bloemfontein, en Dr. Conradie namens die Prowinsiale Administrasie. Almal het daarop gewys dat hulle Ds. du Toit se voorgeslagte van beide kante ken en daarby nog lewende betrekkings met hulle gehad het. Ds. Kestell het sy blydskap uitgedruk oor die oorkoms van ds. du Toit spesiaal daarom dat hy lid is van die werkende komitee vir die Afrikaanse Bybelvertaling en omdat hy weet dat Ds. du Toit geen dooie lid is nie.

Tussen die toesprake is die program afgewissel met bekoorlike musiekstukke. Veral moet melding gemaak word van die twee koorsange wat ten beste gelewer is deur die Gereformeerde Sangvereniging.

In sy antwoord het Ds. du Toit sy dank uitgedruk vir die vriendelike woorde van welkom deur die predikante en Dr. Conradie. Hy het gemeen dat hy as 'n onbekende kom en nou vind hy uit dat hy bekend was tot in sy derde en vierde geslag. As hulle hom daar wil hou, dan moet hulle goeie vriende maak met sy vrou, want hy het die swaarste gekry om haar van Frankfort af weg te kry. Ten slotte het Ds. du Toit die hoop uitgespreek dat daar altyd die warmste vriendskapsbetrekkinge tussen hom en die predikante van die ander kerke sal bestaan. Hy is daarvan seker dat hulle wat beginsels betref in stryd sou kom, maar dit hoef nie hulle persoonlike vriendskap te ondermyn nie. Hy het ook die verskillende persone bedank wat daartoe bygedra het om die aand so 'n sukses te maak en vir die goeie opkoms van die gemeente.

Saterdagaand was die bevestiging in die Nederduits Gereformeerde Kerk. Ds. A. S. E. Yssel het die bevestigingsrede gehou voor 'n groot gehoor. Hy het gespreek na aanleiding van II Korinte 4. Die hoofgedagte van sy rede was dat 'n predikant is 'n *gesant van God* en nie 'n sedeprediker soos ons materialistiese eeu dit wil hê nie. Daaruit volg dan die vereistes van 'n predikant. Hy moet in die eerste plek wees 'n *wedergeborene*. Maar uit die hoë roeping volg ook die verantwoordelikheid vir die gemeente om nie soseer te sien op die *persoon* van die predikant as op die boodskap wat hy bring.

Nadat die formulier gelees was en Ds. du Toit geantwoord het op die eise wat hom gestel is, het Ds. Yssel enige telegramme van gelukwensing voorgelees. Daarna is Ds. du Toit toegespreek deur Di. Yssel, van Jaarsveld en Snyman, deur die deputate van die Nederduits Gereformeerde gemeentes; asook deur twee ouderlinge van die gemeente van Bloemfontein. Daarna het Ds. du Toit sy dank uitgespreek vir die gelukwense.

Sondagmore, 12 April het Ds. du Toit sy intreerede gelewer voor 'n stampvol kerk. Sy teksverse was uit I Korinte 3. Hy het daarop gewys dat die predikante bou op die fondament wat deur die apostels gelê is, nl. Jesus Kristus. Elkeen moet vir homself toesien hoe hy daarop bou en elkeen sal loon ontvang na sy werk.

In die middag het Ds. H. S. van Jaarsveld die diens waargeneem en in die aand het die Gereformeerde Vereniging bymekaar gekom.

* * * *

LADYBRAND, 22 April 1925: Tot onze droefheid moeten we andermaal melding maken van een inzinking van krachten bij onzen geachten Leeraar Ds. D. P. du Plessis. Op 10 April van hier vertrokken om te Wepener Woord en Sakramenten te bedienen, kon Z.Eerw. maar alleen

de voorbereidingsdienst houden, en moest toen, de door ZEerw. zoo geliefden arbeid weer worden neergelegd, tot het onze God zal goed oordelen algehele herstelling te schenken. Dit verloop was voorzeker ook voor de Wepener gemeente een groote teleurstelling. Dinsdagmorgen werd hier bericht ontvangen en vertrok Mevr. du Plessis naar Bloemfontein om haar echtgenoot daar te ontmoeten en verdere plannen te maken. Een ingesteld onderzoek door een der bekwaamste geneesheren te Bloemfontein, had tot resultaat, dat algehele rust andermaal werd voorgeschreven, en zoo vertrok onze kranke leeraar naar Donkerpoort om daar de eerste rust te genieten, en ook af te wachten wat de Heere onzen God doen zal.

Onze Nachtmaalsviering was bepaald op 19 April en moest dus door den kerkeraad voorziening worden gemaakt, om zoo mogenlik onze diensten te laten plaatsvinden. Gelukkig was Ds. P. N. Venter, tans te Kroonstad in de gelegenheid en tevens gewillig tot ons over te komen. De kerkeraad door een persoonlik schrijven van Ds. du Plessis op hoogte gesteld met den toestand van ZEerw., heeft eenparig onbepaald verlof toegestaan, en als haar verlangen uitgesproken dat Ds. du Plessis zijn arbeid niet weer zal opnemen voor, door 's Heeren gunste, alle krachten zullen teruggekeerd zijn.

Zondagavond werd onder leiding van Ds. Venter een biduur gehouden, bizonder met het oog op toestand van Leeraar, diens huisgezin en gemeente, waar in gebed voorgingen Oud. A. J. v.d. Walt en de oude broeder Jacob Erasmus. De zorgen in onze pastorie worden nog vermeerderd, door de toestand van de oudste zoon, die in het hospitaal te Maseru onder operatie was en het blijkt nu, dat een verdere behandeling, hoogst waarschijnlik nog nodig zal zijn.

Met het oog op al deze zorgen en bezwaren, bevelen we onzen Leeraar en familie hartelik aan, in de voorbeden der gemeenten, en willen we de hoop uitspreken dat de Leeraren onzer kerk, ook de gemeente Ladybrand ter hulpe zullen zijn, indien een verzoek van den kerkeraad tot hen komt, om Woord en Sakrament daar te bedienen tijdens de afwesigheid van onzen Leeraar.—G.G.

(Onse hartelike simpatie in die beproewing. Mog die Here die gebede verhoor vir die leraar en sy gesin en vir die gemeente.—Red.)

* * * *

BEROEP: Ds. N. van der Walt, Middelburg, deur die gekombineerde gemeentes Heidelberg—Standerton—Volksrus.

* * * *

DIE PROEF-EVANGELIES EN PSALME: Deur die goeie sorg van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is die proefuitgawe van die Evangelies en Psalme in Afrikaans nou weer verkrybaar.

Hierdie twede uitgawe is 'n onveranderde herdruk van die eerste. Op advies van die Bybelvertalers het die Genootskap in hierdie saak gehandel. Die vertalers het naamlik gemeen dat dit vir hulle onmoontlik is om haastig hier en daar enkele veranderings in die oorspronklike proefuitgawe aan te bring. Hulle wil liewer met hulle eie werk voor die dag kom as alles kant en klaar is. Om ewenwel dadelik in die dringende behoefte veral van ons jongmense en kinders te kan voorsien, is toe besluit om die proefuitgawe letterlik te herdruk en verkrybaar te stel.—(Meegedeel).

* * *

VOOR DE MELAATSEN: In hartelike dank ontvangen:

Mnr. J. H. Venter, Soutpan, via Brandfort, 10s.; 'n Vriend, per Mevr. Venter, Petrusburg, 10s.; Kollekte Geref. Gemeente, Bethulie, £3 0s. 4d.; Van de Katechisatiekinders, Geref. Gemeente, Johannesburg Noord, £3 17s.; Mnr. en Mevr. A. D. Botha, Knapdaar oor Maquassi, £1 10s.

Namens de Melaatse kinderen worden de milde gevers hartelik bedankt voor de geschenken, die zij met Paasfeest door hun toedoen mochten ontvangen.

M. VAN DALSEN,
*Penningmeesteresse.*

80, Presidentstraat, Pretoria.

* * * *

TEOLOGIESE SKOOL JUBILEUM-FONDS: Met dank hiermee ontvangs erken van Geref. Kerk, Burgersdorp:

Kollekte, Teol. Skooldag, £15 16s.; Geref. Kerk Postmasburg, ditto, £4 5s.; J. J. Postma, Memel, ditto, 10s.—Totaal £20 11s.

Jub. Fonds, totaal in hande, £9,990 12s.; Wie gee £9 8s.?—Dan is dit die ronde £10,000.

J. A. VAN ROOY,
Penningmeester.

Bus 10, Bethulie,
21/4/1925.

* * *

KAAPSTAD, 30 Maart.—Die Gemeente het met groot genoeë gister Nagmaal gevier, wat bedien was deur Prof. J. A. du Plessis, Hoogleraar Teologie, Potchefstroom.

Die gemeente wens hierby hulle harte dank uit te spreek aan Di. D. G. Venter, Rumpff, Pasch, en Prof. du Plessis, wat vir die Gemeente opgetree het, in die laaste paar maande. Dit word op groot prys gestel.—Korrespondent.

* * * * *

NIJLSTROOM: Alreeds vanaf de 2de April, was het erg druk en woelig op het dorp Nylstroom.

De drie Hollandse kerken waren gelijk besteld en niettegenstaande de vele regens waren de opkomsten, bij elke kerk, biezonder groot; het was een groot lager van wagens; alleen bij ons op het kerkplein waren over de honderd wagens en door de regen en volle rivieren en natte paden waren velen nog verhinderd om op te komen, dit was ook het geval met de oude broeder M.

P. van Staden, met zijn lager vanaf de Magolrivier, die de volle rivieren en modder niet konden deurkomen. Het kerkgebouw was bij elke dienst stampvol en velen moesten maar buiten blijven, omdat zelfs de gangen met stoelen gevuld waren en zelfs de kerkeraadsbanken ingenomen waren. Zes-en-dertig jonge broeders en zusters hebben belijdenis van hun geloof in de gemeente afgelegd.

De oude broeder H. G. Kruger, van Roetan, is bij die gelegenheid afgetreden als ouderling, daar hij wegens ziekte genoodsaakt was een tijdje geleden reeds zijn ontslag te vragen, waarop hem eervol ontslag gegeven werd, maar hij moest nog aanblijven tot zijn plaatsvervanger bevestigd was. Door de zegen des Heeren, is de oude broeder Kruger nu weer tamelik gezond. De gemeente is versterkt door de levendige verkondiging van Gods Woord, door de leeraar, en het gebruik der Sakramenten. Maandagmorgen haastte een ieder zich huiswaarts en de kerkgelegenheid van 5 April is voorby en nu zien we weer naar voren op 5 Julie e.k. wanneer we D.V. weer nachtmaal zullen vieren. Zo vliegt de tijd heen.—Ph. J. v.d. Walt, Korrespondent.

---

## SENDING.

*Verslag van Ds. M. Postma en Br. R. Hogewind (Sekretaris van de Zending Commissie), omtrent den arbeid in de Zending Gemeente te Uniondale van 12 tot 16 Maart 1925.*

Door Gods goedheid zijn wij, na een zeer voorspoedige reis, aangekomen op 12 Maart, l.l. te Uniondale, en *zeer hartelik* ontvangen door Mevr. de Weduwe P. Bos, die, vanaf het begin, alles in haar vermogen gedaan heeft, om ons bezoek te veraangenamen.

Het was, bij de ontmoeting, te zien dat er grote aandoening des gemoeds bij onze zuster, de weduwe was, uit een dankbaar gevoel, dat er weer bediening van Woord en Sacramenten zoude zijn in de Zending Gemeente.

Kort na onze aankomst verschenen eenige leden van de Zending Gemeente achter de woning van de weduwe en zongen ons eenige Psalmen —zoo als Ps. 134 tot verwelkoming toe.

Daarna sprak een van de leiders, namelik Jesaja (vertolkt door Jojakim), met tranen in de ogen hunnen harteliken dank uit betuigende dat er weer bediening zoude zijn. Hij wees, in zijn spreken er op hoe groot hun verlies was door den dood van wien hij noemde (hun Vader), Ds. P. Bos—maar dat de Heere getoond had hunnen gemeente niet te verlaten. Hierop antwoordde Ds. M. Postma en Br. R. Hogewind in gepaste bewoordingen, hun hartelik dank betuigende voor de hartelike verwelkoming en er ook op wijzende—dat hoe zeer ook de Zendings Commissie, met de Geref. Kerk, het verlies van Ds. P. Bos, betreurt, de Zending Gemeente de moed niet moet verliezen, maar het oog vestigen op den Koning der Kerke, onzen Heere Jezus Christus, die belooft heeft, haar geene weezen te laten, en belovenden ook, in deze dagen, en ook bij hun terug gaan—door middel van de Zendings Commissie—alles in hun vermogen te doen tot heil en in stand houding van deze Gemeente.

De dag werd verder besteed door nuttige en noodige inlichtingen te verkrijgen van Mevr. Bos en ook van Jesaja omtrent den gang van den arbeid in deze dagen—'s avonds werd nog door Ds. Postma een korte Godsdienst oefening gehouden in het Zending Kerkje voor een tamelik gehoor.

Op Vrijdagmorgen vroeg verzamelden de gemeente leden in het Kerkgebouw—alwaar een gedeelte van Gods Woord gelezen werd, daarna gebeden en ook eenige psalmen gezongen. Wij vernemen dat Mevr. Bos het *goede* gebruik heeft om alle morgens de gemeente even in het Kerkgebouw te laten samen komen, om, onder leiding van Jesaja—voor de leden naar hun dageliksen arbeid gaan—nog even godsdienstig te doen zamen zijn.

Op Vrijdagmiddag werd ook Kerkraadsvergadering gehouden. Tegenwoordig waren de beide ouderlingen Jesaja en Sileas—de andere ouderling Hosea, woonachtig te Molitziekop was ziek. Onder leiding van Ds. M. Postma—als Voorzitter—werd die vergadering gehouden terwijl Br. Hogewind verzocht werd als Scriba te ageeren en ook met advies te dienen.

Aan de kerkeraad werd duidelik gemaakt de voorziening die de Zendings-Commissie gemaakt had—namelik dat eenige leeraren gevraad zijn om, met verlof van hunne Kerkeraden, Woord en Sacramenten alhier te bedienen. Ook werd besloten dat de volgende Avondmaalsviering weer alhier te Uniondale zou zijn. Daar eenige personen, die reeds door Jesaja onderricht zijn in de leer, en omtrent het gewicht van 't afleggen van de belijdenis des geloofs, (5 in getal), aanzoek hadden gedaan, om den Heiligen Doop —zoo worden zij binnen geroepen.

Persoonlik hoofd voor hoofd worden zij ondervraagd door Ds. Postma en Br. R. Hogewind omtrent hun geloof in Christus en de beteekenis van de belijdenis des geloofs, alsook hunne begeerte om Christelik te wandelen waarop zij bevredigend antwoordden. Door de Kerkeraad, tezamen met Ds. Postma en Br. Hogewind, werd besloten dat zij konden toegelaten worden tot den H. Doop—dat hun ook werd medegedeeld waarover zij verblijd waren.

Hier moeten wij opmerken dat de boven genoemden, die groot gedoopt zullen worden—waaronder ook een kaptein van een volk is—nog leerlingen zijn van wijlen Ds. P. Bos die in zijn leven hun onderricht had gegeven in de leer der zaligheid en hen voorbereid had voor den H. Doop. Onze broeder mocht dus niet de vrucht van zijn arbeid aanschouwen maar hier in wordt het Woord van de H. Schrift vervuld:

„Het is een ander die zaait en een ander die maait."

Door den Kerkeraad werden Zaterdag morgen ook nog een paar tucht-zaken behandeld waarvan Br. Hogewind in zitting van de Zending-Commissie verslag zal doen.

Op de vergadering werd ook de wenschelikheid te kennen gegeven om later alhier een Zending Statie op te richten. Bij deze gelegenheid werd ook gesproken door Ds. M. Postma en Br. Hogewind met Br. Jan Venter Jr. lidmaat van onze Pietersburg Gemeente—die juist ook dien dag op de plaats was en, tezamen met Mev. wed. P. Bos eigenaar van deze plaats is of die broeder zijn toestemming daartoe zou geven als het daartoe kwam. Br. Jan Venter Jr. heeft zich hiertoe bereidwillig verklaard.

In de kerkraad werd toen nog een visitatie rapport opgesteld volgens Art. 41 D.K.O. waarvan alhier een kopie wordt gegeven.

*Afschrift uit het Notulen Boek van de Antwoorden op de Vragen in Art. 41 D.K.O.*

Vr. 1: De diensten worden geregeld nog gehouden, doch de opkomst strekt niet altoos tot tevredenheid. Dageliks worden des morgens voor de aanvang van de dageliksen arbeid een korte dienst gehouden, hier zowel als te Molietsiekop, en des Zondags geregeld tweemaal Godsdienst Oefening gehouden.

Vr. 2 en 3: Door ouderling Jesaja wordt op Uniondale ieder Woensdag Katechisatie gehouden tot voorbereiding van belijdenis. Op Molietsiekop iedere Zondag Katechisatie met de kinderen.

Vr. 4: De diensten worden gehouden overeenkomstig Gods Woord.

Vr. 5, 6 en 7. Geen Nachtmaal en geen Doop kon worden gehouden sedert het overlijden van Ds. Bos, alsook geen Kerkeraadsvergadering.

Vr. 8: Voor behoorlike verzorging der armen zijn wij tot dusverre nog niet in staat.

Vr. 9: Tot dusverre wordt er nog niets gedaan voor Christelik onderwijs, hoewel het dringend noodsakelik geacht wordt.

Van Molietsiekop gaan omtrent 8 kinderen naar de school van andere kerk.

Vr. 10: Er wordt huisgodsdienst gehouden door de Vader. De leden van de Gemeente onthouden zich van heidense gewoonten.

Vr. 11: Groote behoefte wordt gevoeld, zoowel te Uniondale als te Molietsiekop voor 'n Schoolmeester. Bij Jesaja zou waarschijnlik een kleurling onderwijzer gevonden worden. Ouderling Jesaja acht het zeer wenselik, dat Uniondale een Zending Statie wordt.

M. POSTMA, Praeses h.t.
R. HOGEWIND, Sek. Zend.
Commissie.

Op Zaterdagmiddag vond de Voorbereiding dienst plaats. Er waren Vrijdag en ook Zaterdag een groot getal leden van Molietsiekop overgekomen zodat het kerkje vol was. Na eene korte predikatie door Ds. M. Postma vond het belijdenis afleggen van twee jeugdige lidmaten —die door den Kerkeraad onderzocht waren, plaats en alsook het doopen van de vyf volwassenen boven genoemd dat op zeer indrukwekkende wijze geschiedde. Na de belijdenis en den doop werden de nieuwe lidmaten op zeer hartelike wijze toegesproken door Ds. Postma, Br. Hogewind en de ouderling Jesaja en hun door de gemeente toegezongen Ps. 134.

Op Zondag morgen geschiedde de Avondmaalsviering. Er waren Zaterdag avond nog een paar leden van Molietsiekop bijgekomen, zoodat het kerkje nu geheel vol was. Voor de bediening legden ook nog twee jeugdige lidmaten belijdenis des geloofs af die vroeger onderricht hadden ontvangen en Zondag morgen voor den dienst nog eerst door den Kerkeraad ondervraagd werden.

's Zondags middags vond de Dankzeggings dienst plaats bij welke gelegenheid ook nog 12 kinderen gedoopt werden.

Er was grote blijdschap dien dag in de gemeente dat ook nu voor 't eerst aan deze plaats het Avondmaal bediend werd.

Zondag avond was er ook nog een korte godsdienst.

De ondergeteekenden dachten het goed om een proeve te nemen hoe de ouderling Jesaja kon voorgaan in den openbaren godsdienst en verzochten hem Maandag morgen een korte dienst te houden. Daartoe kwam de gemeente dan nog Maandag morgen in het Kerkje samen. Jesaja sprak over de gelijkenis van den zaaier in Matth. 13, verklaarde die gelijkenis op eenvoudige doch zeer duidelike en gezonde wijze en sprak met ernst en bezieling. Volgens de bescheiden meening van de ondergeteekenden is Jesaja bekwaam en bevoegd om voor te ga.. in den godsdienst.

Door Ds. Postma en Br. Hogewind werd nog een kort woord van afscheid en zegenwens tot de Kerkeraad en Gemeente gesproken waarna Ds. Postma sloot met gebed en de gemeente nog staande zong Ps. 134.

De Kerkeraad komt nu nog even samen om een paar zaken te bespreken en besluit onder anderen om onder de aandacht van de Commissie te brengen dat het blijkt uit het notulen boek alsook uit de Doop en Lidmaten Register van Middelbult—dat aldaar in die gestigte Gemeente zeer belangrik kerkelik werk door wijlen Ds. P. Bos gedaan is en dat de Kerkeraad alhier van oordeel is dat ook, in die gemeente Middelbult, *zoo spoedig mogelik* bediening van Woord en Sacramenten moeten zijn. Ook acht de Kerkeraad het goed dat bij de ouderlingen, die er reeds zijn ook later diakenen gekozen worden voor de armen-verzorging.

Gekomen zijnde in het verslag tot het einde van de werkzaamheden te Uniondale zij het den ondergeteekenden vergund de volgende opmerkingen ten nutte van de zending en het werk alhier te maken:

1. De ondergeteekenden hebben met groot genoegen kennis genomen van het Zending werk alhier en hierin mochten zij aanschouwen de heerlike vruchten die God genadiglik mogt geven op den ijverigen en getrouwen arbeid van zijn ontslapen dienstknecht Ds. P. Bos in zijn leven.

2. Maar daarom zijn zij van oordeel dat tot voortzetting van dien heerliken en noodzakeliken arbeid zoo spoedig mogelik een vaste leeraar alhier geplaatst worde—en zoo lang er nog geen vaste leeraar is, andere leeraren onzer kerk moeten uitgenodigd worden om Woord en Sakramenten te bedienen.

Alhier te Uniondale moet, indien eenigzins mogelik alle drie maanden bediening van Woord en Sacramenten zijn.

3. Het verzoek van den Kerkeraad alhier en ook in Middelbult Gemeente Woord en Sacramenten te laten bedienen is billijk en zeer in belang van die Gemeente.

4. De opkomst van de Zending Gemeente was bij de diensten goed en de belangstelling groot zooals blijkt uit het feit dat een groot gedeelte van de gemeente van Molietsekop eenige dagen afstand met den ossenwagen is opgekomen. Alles is zeer stichtelik afgeloopen.

Ook werd de leeraar door Gods genade, gesterkt om het belangrik werk te kunnen volbrengen.

5. De ondergeteekenden leggen er alle nadruk op in hun rapport dat het hun duidelik gebleken is, uit al den arbeid alhier—dat Mevr. de weduwe P. Bos zooals altijd steeds met allen ijver liefde en toewijding doet, wat in haar vermogen is, om de goede zaak des Heeren alhier staande te houden en voort te zetten. De weduwe is een middel, in Gods hand, alhier ten nutte van de zending zaak. Naast aan God is niet alleen de zending commissie en de Kerkeraad van Pretoria—maar ook de ganse Gereformeerde Kerk hiervoor innige dank aan Mevr. P. Bos verschuldigd.

6. Ook hebben de ondergeteekenden met blijdschap opgemerkt dat ouderling Jesaja, die steeds in het leven van Ds. P. Bos Z. Eerw. als tolk en hulp bij al de diensten behulpzaam was —ook nu nog zoo ijverig voortgaat in dat werk —en menseliker wijze gesproken in de tegenwoordige omstandigheden als onmisbaar moet beschouwd worden.

Zeer liefderik werden de ondergeteekenden in die dagen, verzorgd door Mevr. Bos in hare woning en alle mogelike inlichtingen en hulp door haar gegeven in den arbeid. Voor deze grote gastvrijheid en liefderik hulp zijn de ondergeteekenden haar innig dankbaar.

Maandag middag vertrokken wij van Uniondale en men kan verstaan dat het afscheid gevoelig was voral als men beseft dat Mevr. Bos alleen achter bleef in den zending arbeid. Maar met 't oog op het heerlike werk Gods dat wij daar zagen—kon elk onser getuigen wat daar opgeteekend staat in Hand. 8 vs. 39e ,,——*want hij reisde zijnen weg met blijdschap.*"

M. POSTMA.
R. HOGEWIND, Sekr.

## KORRESPONDENSIE.

Broeder P. J. du Plessis, Elliot, wil weet waarom net een diaken en een ouderling, broeder H. P. de Wet, op die Algemene Vergadering van Barkly-Oos was.

W. J. P., Wildebeestfontein.—Ons stuur u brief na die Nasionale Pers.

Ons plaas twee briewe oor die weiering van die Redakteur om verder korrespondensie toe te laat oor die beskouings van ons medewerker T.H. oor die gewraakte toneeluitvoering. Al wat ons nou daarop kan sê is dat, as broeders beswaar het teen die Redakteur of teen 'n lid van die Redaksie in hierdie saak, hulle hul kan wende na die Kuratore, wat die toesig het op "Die Kerkblad."

Hiermee is alle korrespondensie hieroor gesluit.

Br. Joost Heystek skrywe onder die hoof "Griewe" oor sekere sake wat tuis hoor by die Kerkraad en gemeente van Nylstroom. Die broeder sluit sy brief met die volgende ontboeseming:—

"Ons hart word ontroerd oor die afval van ons tyd. Ons vind dit veral onder ons jong mense: waanwyse. Die opvoeding van hulle ouers word minagtend van hulle afgeskud. Die rotsvaste gereformeerde waarhede, wat eeue en eeue van aantyging en ondermyning kon trotseer en in die toekoms nog sal trotseer omdat selfs die poorte van die hel dit nie sal kan oorweldig nie, word nou deur hulle as onbybels verwerp terwyl hulle dan meen rus en troos te vind in die leer wat deur een of ander sekte versprei word. Die mense is te haastig, lyk dit vir my. Sou hulle hulleself die tyd gun om die stem goed te beluister, om eers seker te maak dat hulle as hulle die stem volg, handel na die ingewing van die Heilige Gees, en nie na die inspraak van hulle eie bedorwe hart nie?"

### MOET KERKRAADSLEDE IN 'N AMPSDRAG GEKLEED GAAN?

Eerwaarde Red.,—Kan u my deur middel van "Die Kerkblad" a.u.b. inligting gee op die hierondervolgende vraag. Is dit 'n ouderling of diaken geoorloof om sonder ampsdraers drag Sondae sy diens in die kerk waar te neem?

Kan ons nie beskou dat so 'n persoon die ouderling of diaken amp op 'n voorwaarde aanneem nie? b.v.: "ek is bereid die amp aan te neem, mits as ek sal toegelaat word om sonder 'n manèlpak (ampsdrag) diens te doen."

Indien so, het ons as Gereformeerdes dan reg om voorwaardes te stel vir so 'n saak? Ek beskou dat ons hierdeur die diens van God en van Sy gemeente minag.

Dankie.

BROEDER.

Bloemfontein, 25/3/25.

Die Gereformeerde Kerke het nie 'n ampsdrag nie, en iemand wat geroepe is tot die amp van ouderling of diaken kan nie verplig word om 'n manèl te dra nie.

Die deftigheid eis egter dat Kerkraadslede in die uitoefening van hulle amp 'n passende kleed sal dra

en dit is goed dat elkeen hom skik aan die gebruik.

'n Span Kerkraadslede in bont kleure is lelik en ook deur ons kleed moet ons nie opspraak verwek nie.

Om klerevoorwaardes te stel vir die amp, hetsy voor of teen, verlaag die amp in die kerk van Kristus

---

Die Redaksie, "Die Kerkblad"

Waarde Redaksie,—In verband met u verduideliking omtrent die verantwoordelikheid van T.H. in "Die Kerkblad" van 17 Maart, wens ek die volgende aanmerking te maak, en ek vertrou u sal vir my daarvoor 'n klein ruimte afstaan. "Die Kerkblad" as orgaan van die Geref. Kerk met sy inhoud, behalwe die van korrespondente kom van die hand van die redaksie, dus die redaksie as 'n geheel is daarvoor verantwoordelik. U deel ons in genoemde uitgawe mee dat T.H. (mede-Redaksielid) alleen verantwoordelik is vir die inhoud van sy stuk. Ek sou graag nou wil weet tot watter nut is so 'n Redaksielid vir "Die Kerkblad" en vir die lesers, wat niemand ter wêreld iets oor te sê het nie?

Wat is die Kerkregtelike manier om met so 'n Redaksielid te handel as hy Ketterse leer verkondig, terwyl dit nou blyk of daar vir so 'n buitengewone funksie nie 'n plek is vir appèl nie?

Dankie by voorbaat.

Met agting, die uwe.

A. G. HENNING

Fauresmith, 23/3/25.

---

Aan die Redakteur, "Die Kerkblad."

Waarde Heer,—Nieteenstaande u in die jongste "Kerkblad" geweier het om verder korrespondensie te plaas teen T.H., het ek nogtans die vryheid aan u hierdie reëls te stuur vir plasing in "Die Kerkblad," en hoop dat u dit s e k e r sal plaas, want my plan is nie juis om oor die brief van T.H. te skryf.

Hoofsaaklik wil ek u die versekering gee dat die lesers van "Die Kerkblad" baie teleurgestel voel dat u so 'n uiters belangrike saak stop, en ons meen dat dit nie billik is om die briewe van broeders A. G. Henneng en J. J. Erasmus te weier, te meer daar u tog seker oortuig is dat T.H. heeltemal te vèrgaande was in sy brief oor die opvoering te Soutrivier.

Veral voel die lesers teleurgestel oor u weiering vir plasing van genoemde briewe, omdat die verdediging van T.H. in die jongste "Kerkblad" nie die minste sy vorige brief regverdig. Die verdediging van T.H sien baie spottend neer op die lidmate van ons kerk. waar hy beweer dat die geskokte broeders nie bekend is met ons Sinode-besluite nie, en T.H. kan verseker wees dat dit nie net daardie paar broeders is wat geskok voel, daar word byna in elk gesprek aangehaal oor die wonderlike en onaanneemlike opvatting van T.H. oor genoemde toneelopvoering, en wees verseker dat ons nog nie een enkele persoon, predikant, ouderling of gewone lidmaat gekry het wat dit eens is met T.H. Ook verwys T.H. die geskokte broeders na Sondag 35, en beweer dat die Kategismus alleen bedoel beelde i n d i e k e r k. Spottend mag gedink word dat die gewone lidmaat van die Geref. Kerk te bekrompe is om die Kategismus daar reg te verstaan Wel spreek vraag 38 van die Kategismus van beelde in die kerk, maar wat van vrae 36 en 37?

Ek dink dit was selfs plig van u, Redakteur, om T.H. op sy gevaarlike sienswyse te wys, en ek moet nogmaals sê dat dit nie billik van u was om so 'n belangrike korrespondensie stop te sit. Dis 'n baie ernstige saak wat ons Geref. beginsels raak, en dit kan nie somar so vir 'n grap verbygaan. Die lidmate is in algemeen geskok, waarom moet 'n aanval op T.H. geweier word, gee elkeen 'n kans, en laat T.H. hom dan verdedig en bewys dat daardie soort van opvoering te regverdig is. Dis 'n saak wat moet opgelos word.

U by voorbaat dankende vir die plasing, bly ek

Hoogagtend u dw. dnr.,

J. JOOSTE HENNING,

Ouderling Geref. Gemeente

Burgersdorp, 9/3/25.

---

## AFRIKAANSE LIEDEREBUNDEL.

Die Redaksie, "Die Kerkblad"

WelEerw. Heer en Br.,—Omdat die naam van my vader genoem word deur Ds. C. W. M. du Toit in sy brief oor bostaande onderwerp, neem ek die vryheid om aan u blad te skrywe. Van kleinsaf het ons met Kinderharp en Sankey groot geword, saam met ons Psalmen Gesangboek. Maar ons Psalme—laat staan die Gesange—het nooit daaronder gely nie. Vra Ds. du Toit bewys? Hy sê "daar is 26, uiters 30 psalms, wat enigsins met stigting gesing word." Ek het my Psalmboek—nie Gesange nie—dadelik opgeslaan en aangeteken 44 Psalme wat ek as jongeling by die huisaltaar, in die gemeente en in konferensies, leer sing het.

Dus nie ek alleen het dit geleer nie maar ons jongmense wat saam was, want daar was selde 'n tyd dat daar nie kosgangers by ons in huis was nie. Ek twyfel daar ook nie aan nie dat die gemeente Wellington, waar die gewraakte liedere gesing word, meer dan 30 Psalms met stigting kon sing. Of dit reg of verkeerd is, gereformeerd of ongereformeerd, om Halleluja, Alexander en dergelike te sing, is 'n ander kwessie. Al wat ek wil beweer is dat die sing van daardie liedere nie ons kerksang ondermyn het nie, nie ons met die toe mond laat sit as ons die Psalms en Gesange moet sing, of ons met hulle inhoud en wysies onbekend laat bly nie.

Vir die wat die liedere wraak, uiters 30 Psalme met stigting; vir ons wat met die gewraakte liedere groot geword het, stellig 40 met stigting. Verb. sap.

By voorbaat dankie vir opname.

C. H. MURRAY.

Stellenbosch, 16/4/25.

---

## BESWARE TEEN VERKOPINGS OP BASAARS.

Geagte Redaksie!—Vergun my na aanleiding van die paar vrae van broeder E. J. Oelofse in "Die Kerkblad" van 16 Desember 'n paar gedagtes uit te spreek oor die antwoorde. Die vraag was of die Gereformeerde Kerk die reg het om konserte te hou vir kerklike doeleindes en die antwoord was, Nee! Verder sê die antwoord, na verwys was hoe die ander kerke doen, dat ons hierdie voorbeelde nie moet volg deur te begin met konserte en basaars nie. Hoe moet ek nou die Gereformeerde Kerk verstaan? Ons hou tog ook verkopings wat ek net so gevaarlik beskou as basaars. Dit lyk my ook die begin van ons kerk.

Ons voorouers was ook bang om met sulke dinge te begin en daarom wou hulle ook nooit soiets toelaat, en as ons, wat nog onder die invloed van ons voorouers staan, nie meer kwaad sien om met verkopings te begin,

wat sal ons kinders hinder om later konserte en toneeluitvoerings te hou vir kerkdoeleindes? Toe Christus gekom het, was dit Sy werk om die kerk te suiwer wat besoedel was met verkopings, daar het Hy gesê: "Mijn huis is een huis des gebeds, en maak niet Mijn huis tot een huis van koophandel." Wie is nou die kerk: die gebou of die gemeente, en waar woon die Heilige Gees: in die gebou of in die gemeente; en maak ons nie die kerk, naamlik die gemeente, die woonplek van die Heilige Gees, 'n plek van koophandel deur die verkopings, in plaas van 'n huis des gebeds? Leer die geskiedenis ons nie genoeg van hierdie dinge? Sodra die mens deur sy eie middels in die kerk wil voorsien, word hy van stap tot stap verder afgelei, soos ons duidelik uit die ander kerke kan sien. Hulle het begin met basaars en nou is dit konserte, toneeluitvoerings en selfs danse. Is ons beter dan hulle, of het ons die toekoms van ons kinders in ons hande? Daarom, laat ons versigtig wees en nie 'n verkeerde fondament lê nie. Laat ons liewers op die fondament van ons voorouers bou. Die Here gee ons in Sy Woord die weg aan om die nodige gelde te kry. Laat ons nie deur eie middels die gemeente agter die wêreld aan lei. Die wêreld hou verkopings en basaars vir alle doeleindes en dit behoort nie in Christus kerk (die gemeente) so te wees nie.

U by voorbaat dankende, bly ek u broeder in Christus.

T. N. VAN DER WALT.

Driefontein

---

Waarde Heer Redakteur van "Die Kerkblad."

Ondergetekende meen dat u 'n groot diens sal bewys aan die naas betrokkenes, naamlik kerkrade, professore, leraars, emeritus predikante, predikants weduwees en wese, deur publikasie van onderstaande Reglement, soos goedgekeur deur die Sinode van Rustenburg 1924; as hulle dan so goed wil wees dié No. van "Die Kerkblad" te bewaar

By voorbaat dank

U dienswillige dienaar,

I. A. VAN ROOY

Sekr. Pen. Em. Pr. ens. Fonds

Bethulie, 10/4/25.

*Art. XIII van die Kerkenordening,* soos verklaar en die *Reglement van die Em. Pred. ens. Fonds,* soos gewysig, deur die Sinode van Rustenburg, 1924 :—

*Zo het geschiedt dat enige Dienaars door ouderdom, ziekte of anderszins onbekwaam worden tot uitoefening van hun dienst, zo zullen zij nochtans desniettemin de eer en de naam van een Dienaar behouden, en van de Kerk, die zij gediend hebben, eerlik in hun nooddruft (gelijk ook de weduwen en wezen van de Dienaren in 't gemeen) verzorgd worden.*

"Anderszins" beteken "om fisieke oorsake onbekwaam."

## REGLEMENT VOOR 'T ONDERSTEUNINGS-FONDS TOT EEN GEREGELDE UITVOERING VAN ART. 13 DER D. K. O.

Art. 1. 't Doel van dit fonds is, volgens Art. 13 der Kerkenorde, de Predikanten, die door ouderdom of ziekte onbekwaam worden voor de Dienst, te ondersteunen, alsmede in de behoeften van weduwen en wezen der Predikanten te voorzien.

De Synode hoopt, dat de Gemeenten het verstaan zullen, dat die ondersteuning geen armenverzorging is, maar strekt om Evangeliedienaren, ook wanneer zij onbekwaam zijn tot de Dienst, in staat te stellen te leven naar hun stand.

Art. 2. Om dit doel te bereiken, zal er een kas worden opgericht uit jaarlikse bijdragen van Predikanten en Gemeenten, uit dankoffers bij openbare belijdenis en uit huweliksbevestiging.

*Art. 3. De predikanten zullen jaarliks betalen £2.*

*De professoren in de Theologie die van de kerk hun emeritaat ontvangen hebben, zullen in dezen gelijk staan met de predikanten.*

*De betaling kan ook door anderen worden gedan ten behoeve van de betrokken personen. De betaling door predikanten en Teol. Proff. gedaan geeft hun geen aanspraak op uitkering, wanneer zij niet geëmeriteerd zijn volgens de oorzaken vermeld in Art. 13 K.O.*

*Art. 4 (a). De Kerkeraad, die volgens Art. 13 K.O. te zorgen heeft voor Emeriti Predikanten, Weduwen en Wezen, en die uit de kas ondersteuning verlangt, moet zich bij de kommissie aanmelden, met de overlegging van de nodige stukken benevens de goedkeuring van de Algemene Vergadering.*

*De uitbetaling van de gelden door de kas verstrekt, geschiedt aan de Emeriti Predikanten, Weduwen en Wezen door deze Kerkeraad.*

(b) Tot ondersteuning van de zodanigen zal de Kommissie gebruik maken van de renten van het kapitaal en van de contributies der gemeenten; terwijl de opbrengst van trouwen en dankoffers bij Openbare Belijdenis en de kontributies der leeraren jaarliks zullen gevoegd worden bij het kapitaal.

(c) De sommen die uitbetaald moeten worden, zullen jaarliks door de kommissie worden bepaald naar het vermogen der kas, met deze beperkingen:

Aan een emeritus predikant niet minder dan £75 en niet meer dan £125 p.a.

Aan een predikants-weduwe niet minder dan £75 en niet meer dan £100 p.a.

Voor elk kind van een emeritus of predikantsweduwe, zolang een of beide ouders nog in leven zijn £10 p.a.

Voor elk predikants-kind, dat geheel ouderloos is £20 p.a.

In de beide laatste gevallen houdt de ondersteuning op zodra de kinderen de ouderdom van 18 jaren hebben bereikt of in het huwelik treden.

Alles per jaar berekend bij verschenen kwartalen uit te betalen.

(d) Mocht er een biezonder geval zijn, waarvoor de kommissie een uitzondering zou willen maken, dan trede de kommissie in overleg met de Algemene Vergadering, waaronder zodanige persoon ressorteert.

(e) De Kerkeraad respektief moet het emeritaat kunnen toestaan op voor hem voldoende gronden, onderworpen aan de goedkeuring der Algemene Vergadering respektief, welke Algemene Vergadering ook het recht heeft de goedkeuring te weigeren of het besluit des Kerkeraads te wijzigen, alles overeenkomstig artikel 31 onzer Kerkenorde.

*(f) Voor gemeenten die twee of meer predikanten hebben, wordt de jaarlikse bijdragen der gemeenten niet verhoogd.*

Art. 5. Zodra de weduwe komt te hertrouwen,

houdt de ondersteuning op. Of ook de kinderen van de weduwe bij haar hertrouwen de ondersteuning uit de kas zullen verliezen, zal in ieder speciaal geval door de Kommissie beoordeeld worden. Maar de voorkinderen van de overleden leeraar, die geheel wezen geworden zijn bij zijn overlijden, verliezen de ondersteuning niet.

Ook wanneer zodanige emeritus, weduwe of kind ophoudt lidmaat der Geref. Kerk te zijn, houdt de onderseuning op. Als een emeritus predikant komt te trouwen of te hertrouwen zal na zijn dood noch zijn weduwe noch de kinderen uit zulk huwelik gesproten aanspraak op ondersteuning uit de kas hebben.

Art. 6. Onttrekt een leeraar, of die voor deze leeraar betaalt, zich van de door de Synode gestelde bijdrage, dan verliest hij voor zich en zijne weduwe en kinderen alle aanspraak op ondersteuning uit de kas.

Art. 7. Onttrekt een gemeente zich geheel of gedeeltelik aan de door de Synode gestelde bijdrage, dan moet zodanige gemeente, indien zij later voor haar leeraar of zijn weduwe en kinderen aanspraak op de kas wil hebben, al het achterstallige aanzuiveren; of zo niet zal zodanige gemeente en konsulents-gemeenten door hem bediend, hem als hij Emeritus wordt of zijn weduwe uitbetalen de som van £100 p.a.; en voor elk zijner kinderen £10 p.a.; voor elk kind dat geheel ouderloos is £20 p.a. totdat de kinderen de ouderdom van 18 jaren hebben bereikt of in het huwelik treden. Terwijl de leeraar voor zich en zijne weduwe daarenboven nog aanspraak heeft op de kas voor een som van hoogstens £50 p.a.

Art. 8. Indien predikanten en professoren uit eigen beweging uit de dienst treden, zonder emeritus geworden te zijn, of ook als zij *wettig* van hun bediening afgezet zijn, hebben zij *ipso facto* (metterdaad) ook alle aanspraak voor zichzelven en hun weduwen en kinderen verbeurd.

Als Emeriti predikanten, predikants-weduwen en wezen zich zodanig gedragen, dat zij onder kerkelike censuur worden gesteld, zal het aan het oordeel der Algemene Vergadering respectief staan, of de ondersteuning uit de kas door zodanige personen genoten al dan niet hetzij tijdelik hetzij geheel gestaakt zal worden.

Art. 9. Een predikants-weduwe zal gedurende de eerste zes maanden het volle recht hebben op het volle salaris van haar overleden man en het gebruik van de pastorie, en de Synode acht het wenselik dat de andere predikanten gedurende genoemde tijd de diensten gratis zullen waarnemen. Dit recht op traktement en woning heeft ook de weduwe van een professor in de Theologie. Natuurlik heeft de weduwe gedurende die tijd geen aanspraak voor zichzelf noch voor haar kinderen op ondersteuning uit de kas.

Art. 10. Terstond na de dood van de predikant zal de betrokken Kerkeraad kennis geven aan het bestuur der kas.

Art. 11. Wanneer een emeritus predikant of weduwe of ouderloos kind, die ondersteuning geniet, sterft, zal de Kerkeraad, waaronder die persoon behoort, verplicht wezen aan het bestuur der kas daarvan terstond kennis te geven; ook wanneer zodanig kind de ouderdom van 18 jaren bereikt heeft of in het huwelik treedt.

Terstond na het overlijden van een kind van een emeritus of weduwe zal de emeritus of weduwe verplicht wezen aan het bestuur der kas daarvan kennis te geven; ook wanneer zodanig kind de ouderdom van 18 jaren bereikt of in het huwelik treedt.

Art. 12. De administratie van de kas zal bestaan uit de kuratoren der Theologiese School, door de respektieve Algemene Vergaderingen te worden benoemd.

Art. 13. De Kuratoren hebben het recht hun eigene huishoudelike bepalingen te maken onder goedkeuring van de Synode en doen bij elke Synodale Vergadering verslag.

De Kuratoren verkiezen hun eigen Penningmeester, aan wie alle gelden opgezonden zullen worden.

Art. 14. Indien het onverhoopt mocht gebeuren, dat de bijdragen, zoals voorgeschreven in art. 3, in de behoeften niet kunnen voorzien, dan treden de Kuratoren, zo de Synode niet zit, in overleg met de Algemene Vergaderingen der drie landen.

Art. 15. De Synode behoudt zich het recht voor in hare vergadering de veranderingen, die zij nodig acht, in het Reglement te maken.

## VIR DIE KINDERS.

Die antwoorde op die vrae in "Die Kerkblad" van 3 Maart is:—

1. In Hebr. 8:6 lees ons dat Jesus Middelaar is van 'n beter *Verbond* en in Hebr. 9:15 word Hy genoem Middelaar van die *Nuwe Testament* Ook Hebr. 12:24.

2. Genesis 17:7, Gen. 22:16—18, en Gen. 12:2, 3.

3. Die seremonies deur Moses beskrywe is die godsdiens plegtighede van die Ou Testament.

4. Die offerande en besprenging van die bloed deur die Hoëpriester (Lev. 16), wat afbeeld die versoening deur die offerande van Homself, Kristus, die Hoëpriester van onse versoening. Hebr. 9:24—28. Of ander voorbeelde.

5. Omdat die Bybel vertaal is op besluit van die Sinode van Dordregt 1618 in Hollands, maar ook op las en koste van die State-generaal, die Parlement, van die Nederlande gedruk is.

6. Omdat hulle Kristus verwerp as die Messias.

Die kinders moet nog wag vir die volgende stukkie oor die Bybel en verdere vrae, omdat ons hierdie keer dié gedeelte van "Die Kerkblad" wil afstaan vir die jongmense.

**Kyk watter lang verslag hulle gestuur het.** As hulle nou vir ons en vir julle nie wil kwaad maak nie, moet hulle in die toekoms korter wees. Ds. Hamersma kry ook nie nou plek vir sy mistieke mense nie, omdat sy stukkie te vroeg in die vorige "Kerkblad" verskyn het.

Die volgende kinders het antwoorde gestuur op die vrae van 3 Maart en die syfer agter die name gee aan hoeveel antwoorde reg was:—

Julia du Plessis, 11 jaar, Potchefstroom (4); A. J. Kruger, 12 jaar, Elandskraal, Rustenburg (2); Johanna Henseveldt, 14 jaar, Kestell Rd. (3); Teunie en Sakie Pelser, 13 en 11 jaar, Hamelfontein, Middelburg, Tvl. (2½); Beyers du Preez, 9 jaar, Waboomkop, Swartruggens (3); Pieter van der Linde, 13 jaar, Rooipoort, P.K. Seringkop, Tvl. (2); Wynand Boshoff, 17 jaar, P.K. Warrenton (3); Frederika Booyens, Klipplaasdrif, Ventersdorp (1½); Clasina du Preez, P.K. Steenbokfon-

tein, 14 jaar (2); Nicolaas Kruger, 13 jaar, Damfontein, P.K. Valsrivier (2½). (Jammer, Niklaas, dat jou Pa nie 'n State-Bybel kan koop nie. Verkoop eiers, ou seun, of doen self iets om vir jou so 'n Bybel te koop.) Maria du Preez, 13 jaar, P.K. Steenbokfontein (3); Hendriena Engelbrecht, 14 jaar, Sanddrif, P.K. Brits (3½); Susanna Botha, 14 jaar, Hartbeesspruit, P.K. Sybrandskraal, Pretoria (4); Catharina de Bruin, 14 jaar, Klippan, P.K. Deelpan, Lichtenburg (3). (Katriena, jy het my lekker laat lag oor vraag 5.) M i s s Anna du Plessis, 13 jaar, Buffelskloof, P.K. Pilandsberg (3); Martie Viljoen, 17 jaar, Soetfontein, P.K. Postmasburg (3); Hester Schutte, 15 jaar, Klippan, P.K. Deelpan, Lichtenburg (3); Maggie Hechter, 14 jaar, Prospect, Bus 46, Barkly-Oos (4); Gertruida v. Jaarsveld, 17 jaar, Uitkyk, Odendaalsrus (2½); Lucia Minnaar, 9 jaar, Modderfontein, P.K. Kroondal (4); Heiltjie Minnaar, 11 jaar, Modderfontein (4½); Anna Venter, 14 jaar, Mooiplaas, P.K. Munnik (3½); Tienie Kruger, 14 jaar, Stockenstroomstraat, Burgersdorp (2½); Maria Minnaar, 16 jaar, P.K. Kroondal (4); Sesilia du Toit, 15 jaar, Pos Legkraal, Pietersburg (3); Maria van der Walt, 15 jaar, Bosfontein, Ficksburg (3½); Dewetina Venter, 9 jaar, Petrusburg (2½); Johs. Pretorius, 17 jaar, Elandskraal, P.K. Mooinooi (4); Johanna de Kock, 14 jaar, Klipkuil, Burgersdorp (4½); Johs. Vorster, 15 jaar, Skietlaagte, P.K. Viljoenskroon (3½); Louis du Plessis, Waterkloof, Middelburg, K.P. (3½); Sophia Kruger, 16 jaar, Vrede, Middelburg, K.P. (5); M e j. Annie du Plessis, 17 jaar, Geelhout Kop, P.K. Gadshill (2½); M i s s Bettie Viljoen, 14 jaar, Ploegfontein, P.K. Postmasburg (4); Pieter Erasmus, 13 jaar, Elandskraal, P.K. Mooinooi (3½). (Dit lyk vir my op M o o i n o o i is net seuns, dit is seker lelikes.) Corrie Gutter, 13 jaar, Fouriesburg (4½); Jan van Rooy, 15 jaar, Carpdale, Clocolan (4); Sarel van Vuren, 15 jaar, Palmietfontein, P.K. Devon (4); Andries Kruger, 16 jaar, Damplaas, P.K. Knapdaar (4); M e j. Joey Havinga, 14 jaar, P.K. Steenbokfontein (3½); Martha Sofia van Rooy, Bethulie (3½); Joachim Janeke, 15 jaar, Petrus Steyn (4½); Anna du Plessis, Bethulie (3½). (Baie jammer Annie dat jy te swak is om skool toe te gaan. Hoop jy sal gou sterker word.) Jakobus Venter, 18 jaar, Kwaggashoek, P.K. Mabaalstad (3½).

Soe! julle het vir my swaar laat kry. Baie antwoorde is amper reg. Onder vraag 3 wou ek weet wat die betekenis is van seremonies deur Moses beskrywe. Die vraag het julle miskien in die war gebring. Moses het seremoniele en burgerlike wette gegee. Die seremonies is die godsdiens plegtighede. Onder vraag 4 het die meeste kinders die Paaslam genoem. Sommige die koperslang.

Die Sinode van Dordrecht het besluit om die Bybel te vertaal, maar die State-generaal, dit is die Parlement, het dit laat uitvoer en ook die koste betaal. Al die Bybels deur die Britse en Buitelandse Genootskap gedruk is van die State Bybel. Maar die regte State Bybel is 'n groot boek met verklarings aan die kant, wat genoem word kanttekeninge.

J. A. du P.

---

## KLASSIKALE VERGADERING, PRETORIA.

Kennis wordt hiermede gegeven, dat de e.k. Vergadering van de Gereformeerde Kerken in de Klassis Pretoria D.V. zal aanvangen op Dinsdag 11 Augustus 's avonds om 8 uur in 't Geref. Kerkgebouw.

Geloofsbrieven en Beschryvingspunten bytyds in te zenden aan ondergetekende.

M. VAANDRAGER.
Skriba Kerkeraad, Pretoria.

Pretoria,
160 Buitenstraat,
28 April, 1925.

---

## FONDS VIR DIE AFRIKAANSE BYBEL-VERTALING.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Reeds erken ... ... ... ... ... ... ... ... ... | £542 | 6 | 10 |
| Ger. Gem. Zwartruggens per diaken G. du Preez ... ... ... ... ... ... ... | 5 | 5 | 0 |
| Vierfontein-skool Bethal per ouderling A. G. Schutte ... ... ... ... ... ... | | 11 | 0 |
| Ger. Gem. Ventersburg per diaken J. D. Venter ... ... ... ... ... ... ... | 2 | 3 | 5 |
| Elandskuil-skool, Ventersdorp per I. D. Venter ... ... ... ... ... ... ... | 1 | 8 | 0 |
| Ger. Gem. Waterberg per diaken A. Plomp ... ... ... ... ... ... ... ... | 10 | 0 | 0 |
| Wolmaransstad: S. v. Heerden, 2/6; D. A. Renke, 2/6; A. J. Coetsee, 1/-; en N. P. Fourie £1 ... ... | 1 | 6 | 0 |
| Zastron: D. Human, £1; F. Venter, 2/-; J. Snyman, 5/-; Weduwe Kotze, 5/-. ... ... ... ... ... ... ... ... | 1 | 12 | 0 |
| Ger. Gem. Koster ... ... ... ... ... ... | 5 | 5 | 1 |
| Gekoll. deur diaken Havinga, Koster. | 5 | 0 | 0 |
| | £574 | 17 | 4 |

J. D. DU TOIT.

Noordbrug,
Potchefstroom.

---

## DOODBERIG.

Aan bloedverwante en vriende word bekend gemaak dat dat die Here behaag het om deur die dood van ons weg te neem op die 8ste Maart 1925, ons geliefde dogtertjie,

GERTRUDA WELEMINA ELS,

in die ouderdom van 4 jaar 9 maande en 2 dae, na 'n smartlike lyding van 5 dae. Sy was geduldig en tevrede onder haar lyding en was bereid om die wil van die Here te ondergaan. Hoe swaar dit vir ons is, maar wat die Here doet is wel gedaan. Ons beveel haar in die Hand des Heren.

Psalm 131 vers 4.

Die bedroefde ouers.

CHRISTIAAN FLIPPIS SOVIA ELS,
SOIELJA ELS,
(Geb. Earlie).

**DOODBERIG.**

Op die 12de Februarie 1925 is sonder doodsangs met slegs een paar snikke sag en kalm in die Here ontslaap, ons teergeliefde man en vader,

JOHANNES HENDRIK DE KLERK

in die ouderdom van 76 jaar 10 maande en 13 dae na 'n smartelike krankbed van 5 maande aan watersug. Hy is heengegaan met die vaste oortuiging van die geloof, dat sy Verlosser leef

Namens die bedroefde eggenote en kinders.

DS. EN MEVR. B. J. DE KLERK.

Bus 6,
Zwartruggens,
15 April, 1925.

PRINSLOO.—Dit het die Here behaag om tot Hem te neem op 14 Maart, na 'n lyding van drie maande, waarvan die laaste 28 dae onbeskryflik smartlik was ons dierbare eggenoot en vader,

GEORG DIEDERIK PETRUS PRINSLOO,

in die ouderdom van 76 jaar 28 dae, na 'n gelukkige egverbintenis van 42 jaar.

"Doch gy, o myn ziel! Zwyg Gode; want van Hem is myne verwachting."

Die diepbedroefde eggenote en kinders:

A. M. PRINSLOO,
(geb. Hamman).

Wildebeestfontein 285,
Dist. Witbank

FAURE—DU PLESSIS.—Die verlowing word bekend gemaak van Martie, oudste dogter van mnr. en mev. C. J. J. du Plessis, Waterval, Steynsrust en Pieter Faure, Nasionale Bank, Klerksdorp, jongste seun van mnr. en mev. P. H. E. Faure, Steynsrust O.V S.

**VERLOWING.**

KOTZE—KOTZE: Aan famielie en vrinde word die verlowing bekend gemaak van Mej. Judith Kotze, Jongste dogter van die heer en mevr. Frederick Kotze van Vlaktefontein, dist. Aliwal Noord, met die jongeheer Johannes Kotze, Ventersfontein, dist. Aliwal Noord, op 4de April, 1925


# DAMES UITRUSTINGS.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**GRAFSTENEN, MONUMENTEN IN TRANSVAALS GRANIET, OF ITALIAANS MARMER.**

**Opgericht in enig deel van Zuid-Afrika.**

***Tegen Laagste prijzen. Portretten van Grafstenen op aanvraag aan:—***

# L. CANNATA,

**(*Opgericht* 1904)**

**Bus 5514. JOHANNESBURG.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 556 — 19 MEI 1925 — 26ste JAARGANG


## PREEK.

### DIE UITSTORTING VAN DIE. H. GEES.

### 'N ROEPSTEM TOT BEKERING.

Deur Prof. J. A. du Plessis.

Ps. 118:12, 65:2, 72:3, 72:11.

En als zij dit hoorden, werden zij verslagen in het hart, en zeiden tot Petrus en de andere Apostelen: Wat zullen wij doen, mannen broeders? En Petrus zeide tot hen: Bekeert u!

Hand. 2:37, 38.

Op die 21ste van hierdie maand gedink die Kristelike Kerk aan die Hemelvaart van Kristus. 'n Wolk het hom weggeneem voor hulle oë, soos 'n wolk verskyn het by Sy verheerliking op die berg. Vir die Kerk is dit die fees van die opgang na die Hoogte van sy Hoof, toe die poorte hulle geope het vir die Koning van die eer.

En sedert die tyd is Hy agter die wolk vir ons ligamelik oog.

Ons weet egter dat Hy weer van agter die wolk met die wolk sal verskyn.

Op die 31ste Mei gedink die Kerk aan die Uitstorting van die H. Gees.

Ook dan is dit fees, die fees van die H. Gees en die fees van die eerstelinge. Fees is dit, omdat daardie uitstorting van die Heilige Gees 'n kragtig bewys is, dat ons Verlosser lewe, dat Hy Sy woord bewaarheid het, dat die Skrif vervul is, dat Hy agter die wolk in lewende verbinding is met Sy Kerk, dat, hoewel ons Hom nie sien, Hy tog daar is.

Die fees van die Heilige Gees is dit, omdat dit daar tinkel van Sy lewendmakende krag, omdat Hy self die liggaam van Kristus in besit neem, Hom wil vervul met Sy werking, en waar Kristus nou in die Hemel is, Hy ook afgedaal het in 'n sondige wêreld om die werk van Hom, wat Hom so verneder het, te voltooi, 'n werk, wat Kristus in ons hart nie sou doen nie, maar wat die aanhoudende arbeid is van die Heilige Gees Wederbaringswerk, in enkele reeds bewerk, maar om dit nou te doen in die liggaam van Kristus.

Die arbeid van geloofsoortuiging en van bekering.

Om, soos Kristus in die Hemel by die Vader, hier op aarde te troos deur die Woord in die harte van die, wat Hy toebring tot die gemeenskap van Kristus.

Wat 'n grootse werk met al sy vertakkings, hoe omvattend oor die hele wêreld, teenoor ongeloof en sonde.

Dat die sonde nie sal heers nie, en die mag van Satan, gebreek in sy werkelikheid deur die dood en Opstanding en Hemelvaart van Kristus, ook gebreek sal word in die hart van die mens, daarvoor het ons die waarborg in die Uitstorting van die H. Gees.

En ons *weet*, omdat Kristus in die Hemel daarvoor sorg, en die H. Gees op aarde daarvoor sorg, dat die eindbeslissing seker is, wanneer die verloste Bruid en die Gees sal roep, "Kom, Here Jesus!"

Hoe ons ook dikwels na Jesus mag soek agter die wolk in die stryd van ons hart, in die worsteling teen alle kwaad, in die skynbare oorheersing van die sonde en die ongeloof, en hoe bedroewend die verskynsels van 'n ongeestelik lewe hulle ook mag vertoon in die lewe van die Kerk, laat die gelowiges nie twyfel aan die einde nie, laat hulle nie ongelowig word nie, laat hulle vas hou aan Gods Woord!

* * *

Wat maak ons dan so seker?

Dit is die H. Gees wat die waarheid van Gods Woord aan ons hart bind.

Dit is nie uit onsself nie.

En kyk, dan wandel Gods Kerk in die vertroosting van die H. Gees.

En tog, nieteenstaande hierdie vertroosting en die blydskap, wat daaruit voortspruit, is ons hart dikwels ongetroos.

Dit is nie alleen om ons eie sondes nie, maar omdat dit so donker vir ons geestes oog word, as ons die wêreld sien, waarin 'n ander gees werksaam is, ook 'n gees so sterk, die gees van ongeloof, die gees van wêreldsgesindheid, die gees van onverskilligheid, die gees wat werksaam is in die geeste uit die dieptes.

'n Wêreldgees, nie alleen omdat hy wêrelds is nie, maar omdat hy so magtig sterk is oor die hele wêreld.

En as die Gees nou maar buite die Kerk geopenbaar word, dan sien ons nog sy werking, dan kan ons nog die skeidslyne trek, dan weet ons *hier* is die Kerk, en *daar* is die wêreld, dan is daar 'n wêreldgees, kenbaar en sigbaar, en 'n Kerk of 'n godsdiensgees, ook gesien en geken, dan sien ons die verskil in woord en daad, dan hoor ons dit in die lied, dan merk ons dit in die openbaring na buite, dan onderskei ons dit in die drag en in die sedes en gewoontes, dan word dit beluister in die besieling, òf vir die Here en Sy Ryk, òf vir Satan en sy heerskappy.

Dan vind ons siel ook in die gemeenskap van die heiliges, waarin Gods Gees woon, 'n aansluiting, wat ons binne die kring vertroos.

Maar deurdat die lyne uitgewis word en die wêreld die Kerk binnedring, kerke, waar dans nie meer sonde is nie, waar die onsedelike drag die verlokking binne die Kerkmure dra, waar die wat van die Kerk is in byna niks verskil van die wat buite die Kerk is, o, dan kan dit vir die ware Kerk van Kristus, vir die gelowiges, so donker en troosteloos word, as hulle in die Kerk al buite gesluit word, omdat hulle met 'n verwêreldlikte kerk nie meer getroos kan word nie.

Praat ons van ander of van onsself?

Ook van onsself.

In ons eie gemeentes openbaar hulle soms sulke bedroewende verskynsels.

Of ken ons dan die lewende besieling, wat eie is aan 'n kerk, waarin die lewe van die Gees van God geopenbaar word?

Ken ons die gewaarwordinge van 'n kragtige geestelike lewe, wat hom openbaar in 'n besielende arbeid in die diens van die Here?

Weet ons, welbewus, van 'n hardnekkige stryd teen sonde?

Is sonde vir ons nog sonde?

Of het ons die sonde vernis met die hedendaagse beskawing en met 'n kultuur, wat vreemd is aan die geestelike lewe van die uitverkorenes van die Vader?

Gaan ons vorentoe in die groei van 'n geestelike wasdom, wat ons lewe so kenmerkend anders moet maak, of gaan ons agteruit?

Agteruit in ons eie geestelike lewe, agteruit in die geestelike lewe van ons huisgesinne, agteruit in ons kerklike geestelike lewe?

Ons weet ons is meer geleerd as vroeër, ons kinders is almal op skool, hulle het kennis gemaak soos nooit tevore nie, met die beskawing van die wêreld.

Vorige geslagte sou verstom staan, as hulle kon opwaak uit die dood, hoe ons plaaslewe, ons huislike lewe, ons kerklike lewe 'n geweldige verandering ondergaan het.

Ons het die wêreld leer ken.

Maar, en dit is so vreeslik, ons is vir 'n groot gedeelte van die wêreld geword.

Daarom slink die getal van ons geboorstesyfer, daarom word ons kragteloos in ons stryd, daarom lê ons geestelike wapens en roes, daarom is ouers magteloos teenoor hulle wêreldsgesinde kinders, daarom dra ons dieselfde klere, besoek ons dieselfde plekke van vermaak, en daarom bedreig ook die Gereformeerde Kerk die geestelike ondergang, en sal ons geestelike leed verstom, ons gebed praatjies word, ons woorde en gesprekke van die wêreld wees, ons sal nog trippel en motor kerktoe, maar ons krag sal vergaan, en eindelik sal ons deur senuuitputtings kragteloos wees teen die sonde, omdat ons die wil en die durf van die tug sal verloor het.

Ons drywe daarheen, en dit stem so bedroewend, dat die wat die *lewe* van Gods Kerk wil sien om hulle ook daarin te troos, stil word, en al wil hulle nog spartel in die diepste van hulle siele tog ongetroos is.

Sal ons dan hopeloos wees?

Nee, nie solang as ons vashou aan die Verbondsbelofte van God nie, nie solang ons aanhou in die gebed om die H. Gees ook vir die lewe van Gods Kerk nie.

Maar dan moet ons almal ook nou beluister wat die H. Gees deur Gods Woord aan ons verkondig.

Wat die H. Gees verkondig?

Ja, nie die predikant nie, nie Petrus op die dag van Pinkster nie, maar die H. Gees deur Sy Woord.

Vat ons dit? Is dit waar?

Ja, die *H. Gees* spreek deur die Woord.

Hoor dan! o, luister na die roepstem van die H. Gees!

U, wat Hom bedroef deur u afkerigheid en die verharding van u hart.

U, wat die sonde en die wêreld lief gekry het.

U, wat slaap, wat maar in u slaap laat begaan het, u huis en uself, afdraend na die afgrond.

*Bekeer u!*

* * *

Ons ken nie op Pinksterdae die senuagtige uitwendige bekering, wat gedurig moet herhaal word deur allerlei kunsmiddels nie.

So 'n apostoliese lughartigheid het nie blywende waarde nie. Maar ons weet dat die Bekering wat getuig van sondeskuld en sondesmart, wat ons laat buig voor God, wat ons laat verander van sin en daad, die onherroepelike eis is van Gods Woord.

As Jesus die wêreld intree met sy middelaarswerk, dan hoor ons die roepstem van Johannes, Bekeer u!, en as die Heilige Gees neerdaal, en verslaendheid hom meester maak van die wat die Woord hoor, dan roep die H. Gees deur Petrus, Bekeer u! Word behoue van hierdie geslag!

En deur die hele Nuwe Testament hoor ons altyd én vir heiden én vir afgedwaaldes tot op die tyd wanneer die einde nader, soos dit vir ons geteken is in die openbaring van Johannes, die roepstem tot bekering.

En ons weet uit Gods Woord, waar geen bekering volg nie, dat sy oordeel dan ook voltrek sal word.

En daarom roep ook nou die Woord tot die wat hoor, Bekeer u! Bekeer u met u huis, man en vrou, seun en dogter. Bekeer u!

Draai om, daarbinne in u hart en daarbuite in u lewe, weer terug, na God toe.

En dan weet ons dat 'n waaragtige bekering nie 'n vrome aandoening is vir die oomblik nie, maar dat die bekeerde na sy binnekamer sal gaan voor Gods aangesig, en dat die huisvader met sy huis saam sal bely sonde en skuld, en dat dan ook 'n vernuwing van die lewe sal plaas vind.

Mag die Here ons nog so intyds tot die waaragtige Bekering bring.

Dan het ons 'n heerlike Pinksterseen deur Gods Woord ontvang.

Dan sal ons *weer* vreugde hê.

Dan sal dit ook sigbaar word, nie in die uiterlike bedrywigheid in stoflike dinge nie, maar in geestelike lewe, waardeur alleen die Kerk asemhaal deur die H. Gees, en hom openbaar as die sigbare liggaam van Kristus.

Dan sal ons weer gaan bloei as die lelie, en ook ons wortels inskiet en ons takke versprei soos die sederboom. Dan het ons weer mekaar gekry in die enigheid van 'n lewende geloof en sal die gemeenskap van die heilige weer 'n werklikheid wees. Bekeer u dan en lewe, sê die Here. —AMEN.

* * * *

(Ons het die verwagte preek van een van ons predikante nie ontvang nie.—Red.).

---

## BYBELVERTALING IN AFRIKAANS.

Die gesamentlike kommissies vir Bybelvertaling in Afrikaans word hiermee opgeroep tot 'n vergadering op Bloemfontein, in die Jubileumsaal wat gehou sal word op Woensdag, die 17de Junie, 1925, om 10 uur v.m.

*Besigheid*:—Die aanstel van 'n vierde end-Vertaler in die plek van Dr. B. B. Keet, wat bedank het, en andere voorkomende sake.

J. D. KESTELL,
Voorsitter.

C. F. KIES,
Skriba.

Harrismith,
13 Mei, 1925.

---

## ISOLEMENT.

Ds. Nicol van Johannesburg het die openingsrede gehou vir die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, toe hy o.a. gesê het dat dit onmoontlik is om met die Gereformeerde Kerk saam te werk omdat dié kerk se standpunt die van die isolement is. S.Ew. het gesê dat hy dié standpunt nie kan verstaan nie, omdat hy net 'n isolement van die sonde ken. Ons meen dat Ds. Nicol die Transvaalse Korrespondent is, wat in De Kerkbode gewaarsku het teen die samewerking met die Hervormdes en die Gereformeerdes. Die woord 'isolement' beteken afsondering. Hierdie bewering en standpunt van Ds. Nicol is goedgekeur deur die hele Sinode, omdat niemand hom daarteen versit het nie. Ook hierdie bewering moet ons met beslistheid ontken. Die Gereformeerdes ken ook alleen 'n isolement van wat sonde is, of dit nou 'n sonde is wat bedryf word ten opsigte van die leer of van die lewe. Daar is 'n sondige leer sowel as 'n sondige lewe. Dan het die gereformeerdes beginsels wat nie verwater mag word deur vermenging nie, en wat alleen kan gehandhaaf word deur isolement.

Beteken dit nou dat die gereformeerdes hulle met hul beginsels in 'n hoekie gaan plaas en hulle isoleer van die verskillende terreine van die lewe?

Nee, die isolement van die geereformeerdes

beteken dat hulle alleen kan saamwerk met ander waar hierdie beginsels kan gehandhaaf word, en as die teenoorgestelde blyk, dan staan hulle op die standpunt van die isolement. Om hulle dan geheel en al terug trek? Nee, dan nog dra hulle hul beginsels in die lewe in.

Bewys die praktyk dit nie? Toe die Plaaslike keuse in bespreking was het die Sinode van die Geref. Kerk op Rustenburg die beginsel hieroor neergelê en deputate gestuur na die Pêrlse Kongres om hierdie beginsel te verdedig om op hierdie standpunt samewerking te kry.

Wat het Ds. Nicol toe geskrywe? Hy het gevra wat die Gereformeerdes onder die wynboere te maak het en het toe gepleit vir hulle isolement. "Hou julle hande af van hierdie kwessie!" Tensy, natuurlik, die Gereformeerdes met die beweging saam gaan.

Of die Gereformeerdes hulle isoleer? Het hulle nie saam met ander die voortou gevat in die vertaling van die Bybel in Afrikaans nie? Het hulle nie saam met ander die beweging ondersteun om die Naam van God in die Grondwet te kry nie?

Was hulle nie altyd die voorvegters vir Kristelik Laer en Hoër onderwys nie?

Was dit nie die Gereformeerdes wat op die Kerklik Onderwys Kongres op Pretoria gehou 3 en 4 April, 1918 'n leidende aandeel geneem het nie? Was daar nie toe 'n pragtige samewerking nie? En waarom het die samewerking, toe dit tot 'n finale aksie moes kom, op 'n dooie punt geloop? Ons vra, waarom?

Het die Sinode van die Geref. Kerk op Rustenburg gehou nie opgedra aan 'n gedeputeerde Kerkraad benoem vir korrespondensie met binnelandse kerke om saam te handel in gevalle van Bid en Dankdae, Kristelik Onderwys en Sabbatsheiliging?

Op die 18de September, 1913 is op Pretoria 'n gesamentlike vergadering gehou deur die Sinodale Kommissie van die Ned. Herv. of Geref. Kerk en verteenwoordigers van onse Kerk.

Waarom is, toe die bespreking afgespring het op die punt van kerkvereniging, nie verder pogings aangewend om te kom tot samewerking op ander terreine nie? Het die gereformeerde verteenwoordigers toe blyk gegee van onwillighied om saam te werk?

Ons sou kon voortgaan om deur meer voorbeelde aan te toon dat die bewering van Ds. Nicol geloënstraf word deur die feite, maar die voorgaande is genoeg om te bewys dat die Gereformeerdes altyd geneë was om saam te werk.

Wat onsself aangaan laat ons waak teen alle vermenging met valse leer en sondige lewe ook in ons eie kring. Skei u af! Vermeng u met die sodanige nie! geld ook in ons eie gemeentes. Alle sondige en wêreldse lewe in die gemeentes moet nie alleen onder die tug gebring word tot behoud van die sondaar nie, maar dit het ook ten doel dat die gelowiges hulle sal isoleer van die sonde. Die sondige wêreld bedreig ook ons gemeentes en laat ons goed verstaan dit is nie die voormense in die wêreld wat Gods Kerk uitmaak nie, maar dit is die kleine, die onedele, die geestelike, wat die wêreld versaak en hulle vlees kruisig, en by wie Gods Gees woon.

## EVANGELISASIE.

Ons publiseer in hierdie uitgawe 'n versoek van Ds. Spoelstra namens die Evangelisasie Kommissie op die Rand om steun vir die werk wat daar sal gedoen word. Ons het een en ander maal gewys op die noodsaaklikheid om te begin met Evangelisasie onder die afgedwaalde gedooptes in ons land en ons is bly dat op die Rand met hierdie belangrike werksaamheid 'n begin gemaak is. In die stede moet ons begin en ons hoop dat ook later in Kaapstad en elders die voorbeeld van die Kerke op die Rand sal gevolg word.

Die Sending arbeid het die oog op ongedoopte heidens en die Evangelisasie op gedooptes, wat afgedwaal is. Dit is nou die eerste maal dat deur ons Kerke in Suid-Afrika hierdie soort arbeid begin word en ons hoop dat daarvoor milde ondersteuning sal gegee word.

Laat net gesorg word dat die Evangelisasie uitgaan van die plaaslike kerk, dat geen nuwe amp geskep word nie en dat in algemeen dit in die regte bane gelei word.

## KLASIKALE VERGADERINGS.

Nie alleen word nou in Die Kerkblad Evangelisasie werk vir die eerste maal aangekondig nie maar in die vorige uitgawe het die Kerkraad van Pretoria ook 'n belangrike kennisgewing gepubliseer, namelik die oproeping van die eerste klassikale vergadering, wat in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk sal gehou word. In die Ned. Geref. en Hervormde Kerke is daar Ringe. In Transvaal sal die gereformeerde kerke nou vergader in klassikale en algemene vergaderings, waardeur ons meer die Dortse Kerkorde benader. Tot nou toe het die Algemene Vergaderings nog die werk van die klasses gedoen, omdat die aantal van die gemeentes te klein en te ver van mekaar verspreid was.

Ons sal in hierdie saak ook tot eenvormigheid moet kom, veral met die oog op kerklike kor-

respondensie en die toekomstige verteenwoordiging van die kerke op die meerdere vergaderings, veral die Sinode.

GOD EN ONS GRONDWET.

Oor die gesamentlike besluit van die Volksraad en die Senaat om die erkenning van Gods Voorsienigheid 'n deel van ons Grondwet te maak plaas ons in die volgende uitgawe 'n stuk.

## DIE HEL.

IV.

Ons het in die vorige artiekel uiteengesit dat die woord "hel", as woonplek van die duiwels, nie in die vyf boeke van Moses voorkom nie. Tog ontbreek die saak self daar nie. Ons het gewys op die verskillende vorme van towery en waarseëry, waardeur die hel sy werking gedug laat voel het, só gedug dat die Here ook om dié gruwels ontwil die Kanaäniete uit hune land laat uitroei het.

Daarby moet nog genoem word die belangrike verskynsel van die afgodery. Dit is ook 'n middel waardeur die hel hom laat geld het; want wat die heidene vir hulle afgode geoffer het, het hulle vir die "duiwels" geoffer, sê Paulus.

Ons gaan hier nou nie verder oor spreek nie, want dié verskynsel is bekend, en ons weet dat die Here uiteindelik vir Israel en Juda laat wegvoer het weens hulle sonde van afgodediens.

In hierdie artiekel sal verder aangewys word dat die werking van die hellemag in die Oue Testament nooit stilgestaan het, ook nie in die tyd waaroor die geskiedkundige en profetiese boeke van die Oue Testament handel nie.

Hoofsaaklik sal ons by een verskynsel stilstaan wat gewoonlik minder goed begryp word, naamlik die optrede van *die heidense koninkryke* teenoor Israel.

In die geskiedkundige boeke word uitvoerig beskrywe die oorloë van Israel met die volke van die wêreld. Dit het menige Christen laat dink dat die Oue Testament grotendeels tog maar min waarde besit vir die gelowige van die nuwe tyd. Wat het ons met al die oorloë te maak, so is daar gedink; Christus is tog 'n Koning van vrede en sy ware onderdane moet as vredemakers in die wêreld optree. Veral is beswaar gemaak teen die wreedhede waarvan vertel word en waar Israel so dikwels aan deelgeneem het.

Om måar net 'n paar feite te noem. Die Kanaäniete word op 'n verskriklike manier uitgeroei, soos die boek Josua ons verhaal. Dan, Saul word gestuur om vir Amalek te verban, om dood te maak van die man af tot die vrou toe, van die kinders af tot die suiglinge toe, van die osse af tot die skape toe (1 Sam. 15:3). En Dawid laat die Moabiete op die grond lê en meet hulle met 'n snoer: twee snoere om dood te maak en 'n volle snoer om in die lewe te laat bly (2 Sam. 8:2). Die Ammoniete word stukkend gekap en onder dorswaens verpletter (1 Kron. 20:3).

As die hel met sy verderflike mag buite rekening gelaat word, dan is hierdie saak vir ons eenvoudig onverklaarbaar. Nou weet ons egter dat dit die Duiwel was wat die heidene geprikkel het tot so 'n ontsettende goddeloosheid, dat Israel en sy konings op goddelike bevel moes optree as wrekers van die kwaad en as uitvoerders van die goddelike geregtigheid (vgl. Rom. 1).

Hier kom nog dit by wat Israel se saak 'n besondere betekenis gee en wat gewoonlik uit die oog verloor word: God het *sy koning* op Sion gesalf (Ps. 2), sodat in Israel *God self* geregeer het deur middel van sy Gesalfde. En aan sy Koning moes al die konings van die aarde onderworpe wees. Lees verder Psalm 2.

Maar dit wou Satan nie. Hy wou self "owerste van die wêreld" bly. Uit die *hemel* verban, sou hy te minste *op die aarde* groot wees. Sy toeleg was dan ook dat nie God nie, maar hy as koning oor die mense sou heers. Nie Gods troon sou op Sion gevestig word nie, maar die Duiwel se troon sou daar staan.

Om hierdie doel te bereik het die Duiwel die volke van die aarde gebruik en hy het hulle gedurig opstandig gemaak teen Sion en dus teen God self.

Só kry ons die regte kyk op die baie oorloë wat in die Oue Testament beskryf word en so kan ons eers die Oue Testament na waarde skat.

Die verwoestende en geweldige oorloë word nie teen die heilige land gevoer omdat dit so 'n groot of vername land van die wêreld was nie. Ook nie teen Sion omdat dit die hoogste en mees onneembare bergtop van die aarde is nie. Ook nie teen Jerusalem en sy tempel omdat dié twee heerliker was as wat in ander lande te sien was nie.

Nee, dit was geen gewone oorlog van land teen land, en vors teen vors nie. Die dryfveer was ook nie die gewone dryfveer van veroweringsug nie. Geen gewone ryksuitbreiding van die kant van die heidene en geen gewone landsverdediging van die kant van Israel nie.

Die stryd van die wêreld se koninkryke gaan teen Israel omdat dit die *heilige* land bewoon, omdat Sion se bergtop 'n *heilige* plek is, waar

die troon van God staan. Omdat dáár sy stad en sy tempel is.

Die oorloë wat in die Oue Testament so veelvuldig ter sprake kom, leer ons dus dat daar ontsaglike opwellings was van die hel in die see van volke. Die oorloë is geveg om God te verag, om sy troon om te stoot en om die heerskappy van die hel op die aarde te vestig.

So het Dawid en al die gelowiges onder die Oue Verbond dit verstaan. Daarom kon Dawid die heidense nasies vloek met 'n heilige vloek. Daarom het die vloekpsalme 'n plek in die Heilige Skrif gekry, want die heilige vloek is die hoogste openbaring van God se heiligheid teenoor die verpestende mag van die hel.

Daarom bid Dawid: "Verteer hulle in grimmigheid; verteer hulle, dat hulle daar nie meer is nie; en laat hulle weet dat *God Heerser is in Jakob, ja tot aan die eindes van die aarde toe.*" (Ps. 59:14).

Al dié oorloë staan in die teken van die groot oorlog tussen God en sy Christus aan die een kant teenoor die Aartsoorweldiger met sy hellemag aan die ander kant. As ons die Oue Testament by hierdie lig lees, dan word baie duister sake vir ons duidelik, en ons sal meteens insien dat die hel altyd 'n geopende put was wat sy gifdampe oor die aarde laat opstyg het.

Wat egter opmerklik is by die naspeuring van die historiese wording en werking van die hel is dat juis die optrede van die heidense mag teen Sion en die verdelging van dié mag, die aanleiding was om die *naam* van die hel aan ons te openbaar. Dit hoop ons in 'n ander artiekel aan te wys wanneer ons meer bepaald na die stemme van die profete sal luister.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

In die laaste Kerkblad sien ek, dat een van ons teologiese Professore 'n bietjie los trek teen die boere, wat hul grond oormaak aan die Jode, en dan op die dorp 'n werkeloos lewe gaan lei, en hy wek ons mense ook op, om tog progressief te wees in die boerdery en mee te gaan met die tyd.

Ek verheug my daaroor, dat die geagte broeder dit gedoen het en ek hoop, dat hy nie die enigste sal bly nie. In die verlede het ek al verskeie male die aandag daarop gevestig, dat daar van ons mense so baie agteruit boer, en dan hul grond wegmaak en dorp toe vlug. Meer as een keer het 'n vooraanstaande lidmaat, of ek kan sê vooraanstaande lidmate, van ons kerk alhier daar met my oor gepraat, hoe baie plase in hierdie distrik vroeër aan ons kerk se mense behoor het, wat nou mees in hande van Engelse boere is. Waarom dit so is, daarop kan ek nie inligtings gee nie. Ek sou dan eers kennis moet dra van die wyse, waarop die vorige eienaars geboer het, en hoe hul geleef het. Onlangs toe ek in die Kaap 'n rukkie vertoef het, was ek een aand in die parlement, terwyl daar juis 'n warm diskussie oor die arm blankes gevoer is 'n Lid van die Volksraad nooi my toe uit, om 'n koppie koffie in die wandelgange te gebruik, en daar ontmoet ek toe een van ons Kaapse ministers, wat juis aan die debat deel geneem het. Ons kom al spoedig op daardie genoemde onderwerp en hy verwyt my daar somar, dog op vriendelike wyse, dit moet ek daarby sê, dat ons as predikante baie skuld het aan die verarming van ons boermense. Hy sê, dat ons van die preekstoel te veel op die geestelike dinge die nadruk lê, en te min oor die maatskappelike sake die mense inligtings gee.

Dis ons roeping as voorgangers om die mense in die opsig raad te gee, te vermaan en te waarsku, reken hy. My verdediging was, dat ek nie so danig daaraan skuldig is nie, want, so vertel ek hom, ek het al meermale oor die saak gepreek. Eenkeer oor die woorde van Pred. 11:6: Zaai uw zaad in de morgenstond, en trek uwe hand des avonds niet af, enz. Na die kerk sê een ouderling teen my: Meneer dit was mooi, maar dit was beter geskik gewees vir 'n lesing. 'n Ander ouderling was meer tevrede en hy sê: Ek het nou al 4 windpompe op my plaas, en ek gaan nou nog één opsit, ek wil my hand nie aftrek nie.

Wel, antwoord die minister daarop, dan doen u u plig min of meer, maar daar moet aanhoudend met ons mense gewerk word in hierdie gees.

Verder het ons nie oor hierdie punt gepraat nie, en ek meen, dat die preekstoel nou ook nie die plek is, om ons mense gedurig op genoemde sake te wys nie. Ek reken ewewel, dat die leraars, wat kennis het van boerdery, privaat die mense daar op kan wys, dat hul vooruitstrewend moet wees, en in die boerdery met die tyd moet saamgaan. Daar lê baie keer ons fout, dit moet ek erken. Om alle gevoeligheid te vermy wil ek iets uit die grys verlede aanhaal. Toe die brandsiekte wet in die Kaapkolonie in werking gestel is, nou sowat 30 jaar gelede, het ek

eendag iewers 'n lang gesprek met 'n boer gehad, wat tamelik skerpsinnig was, en hy vertel my toe, wat die geleerdes oor die brandsiekte luis en oor die kiem van haarworm vertel. Hy doen dit baie goed, maar onder die vertel spot hy vreeslik met die bewerings en maak hul belaggelik sover hy kan. Hy glo daar niks van nie. Hy boer al so lang, sê hy, en die pennelikkers het nie nodig nie, om vir hom te leer boer nie. Ek het na die aanhoor van die gesprek gereken, dat ek goeie inligting gekry het van 'n werkelik praktiese boer, want as nuweling het ek niks van die dinge, waaroor die man gepraat het, afgeweet nie. Ek het egter nie lang in my dwaling bly verkeer nie. Die mense het in daardie dae, as hul bymekaar gekom het, oor niks anders gesels en gestry nie, as oor die brandsiekte wet, en al gou het ek gemerk, dat die vooruitstrewende boer vóór die wet is, en die wat by die oue wil bly en alle nuwe dinge verfoei, daar bitterlik teen is. Of ek nou al wou of nie, maar sulke gesprekke moes ek aanhoor, want die stryery is, as die vriende my besoek het, ook in my studeerkamer gevoer. Lang twisgesprekke het ek daar partykeer aangehoor. Wat het toe in die loop van die tyd gebeur? Van die vriende, wat teen die wet was, ook die boer waar ek "iewers" die gesprek mee gehad het, het hul wolskape gaan wegmaak, en met basters gaan boer, omdat die nie so makkelik brandsiekte gekry het nie, en hul dan nie nodig het te dip nie. En daardie stap was vir heelparty hul gestadige agteruitgang, en die oorsaak van hul agterbly by hul medeafrikaners in boerdery. In daardie dae was daar onder ons ook een vername boer, wat nes duisende andere nie aan die bestaan van die brandsiekte luis wou glo nie. Die luis of parasiet was volgens sy mening nie die oorsaak van die kwaai huidsiekte onder die skape nie, wat ganse troppe van die nuttige diere het laat verdwyn. Eendag roep die genoemde man in die hitte van 'n diskussie uit: Ek gee jul £5 as jul my 'n brandsiekteluis (of parasiet) wys.

'n Paar flukse kêrels het daarop 'n siek skaap geloop kry, en enige van die goggatjies, wat daarop was, op 'n stuk wit papier gesit, sodat mens hul met die blote oog en nog beter met die vergrootglas duidelik kon sien. Hul wys dit toe vir die oom, wat nie wou glo nie. Hy sien, en sien en ja, hy sien oplaas die klein insekte duidelik hul beweeg en roer. Hy is eerlik genoeg, om dit te erken en sê: Vriende, jul het my gewin. Hier is die £5. Ek is oortuig, en gaan nou ook dip. Die vriende wou die geld nie aanneem nie, maar sê, dat hul bly is, dat hy *oortuig* geword het, en dat dit hul meer wêrd is dan die geld. Hy sal nou ook saamwerk, om land en volk vorentoe te bring. Hy het ook woord gehou, en hy het *steeds* 'n vooraanstaande boer in die distrik gebly. Na sy trop skape kon mens kom kyk. Omdat ek nou oor hierdie saak skryf, wil ek nog iets vertel. In die ou dae ry ek eendag met 'n vóórboer van ons distrik op sy kar 'n lang end pad. Hy het behoor aan die N.G. Kerk. So onder die ry kom ons deur 'n trop merinoskaap en hy sê toe aan my: Kan meneer opmerk, hoe stil en rustig die skaap loop en wei. Daar is nie één onder hul, wat met sy poot aan sy lyf krap. Ek antwoord: Ja, ek sien dit, en wat meen u daarmee? Wel meneer, sê hy, daardie skape is skoon van brandsiek. Dis 'n prag, om so'n trop diere te sien, en dat hul so rustig kan wei en groei, omdat die ellendige luis hul nie byt nie. Meneer, so gaan hy toe aan, daar is onder meneer se mense, wat ek lief het, en wat my dierbare vriende is, maar dis jammer, om te sê, hul is in die boerdery teen alles wat nuut is. Hul wil by die oue bly, soos hul dit sê Daar is b.v. daardie ou vriende, en hy noem toe 'n paar name, wat edele mense is, en ek sou nie omgee, dat hul by ons kerk sou behoor nie, maar hoe goed hul ook al as vriende en kristens is, hul is swak boere. Meneer moet met hul gaan praat, want ek kan meneer verseker, hul gaan glad nie vorentoe nie.

Hul wurg en dit sou vir my al te jammer wees, as hul later uit hul grond raak. Meneer, so herhaal hy, jy moet met jou mense gaan praat. Daardie woorde van die man, het my 'n bietjie warm en opdraand gemaak en ek het ons mense so goed ek gekan het, verdedig en gesê, dat daar onder die N.G. Kerk se mense ook sulkes is, maar ek het darem nie vergeet nie, wat hy my gesê het, en die tyd het my later, tot my innige spyt en verdriet geleer, dat hy dit nie mis gehad het nie. Ek het die vriende later wel so ver langs die gesprek, wat ons op die kar gehad het, meegedeel, maar hul het daarom gelag: Die ou moet maar na hom self kyk, sê hul. Hy is 'n man waar niemand iets van dink nie. En dit was ook weer tendele waar. As mens was hy seker nie so goed as hul, dog as boer was hy hul ver voor. Hy was verstandig vooruitstrewend.

Die mense waar ek hier van praat is almal al lang deur die dood weggeneem. Ek sou dit ook hier nie neerskryf nie, as dit nie sulk 'n ernstige saak was nie. Dis 'n lewenskwessie vir ons ganse

volk en dus ook vir ons kerk se mense. 'n Mens is maar altyd geneig, om sig aan die oude gewoontes vas te hou ook in die boerdery, en die nuwe is so ongewoon en party ook baie ongemakkelik en so bly mens dan maar waar jy was.

Dis darem nie goed nie. Ons grootmoeders het al die klere vir die huisgesin met die hand gemaak, maar teenswoordig dink niemand daar meer aan nie. Die naaimasien, wat eers ook 'n nuwigheid was, het sy plek verower en is nou reeds onmisbaar. Watter huisvrou kan daar sonder klaar kom. Dit is 'n goeie vooruitgang gewees.

Nou het ieder saak darem twee kante . Ons mense behoor meer vooruitstrewend te wees dit is waar, dog daar kom ook weer 'n seker voorsigtigheid by te pas. As 'n man beperk van kapitaal is, is dit gevaarlik, om somar dadelik agter elke nuwe ding aan te hol, want dalk is dit nie betalend nie. Sulke boere moet eers 'n bietjie skerp rondkyk by diegene, wat daar voor ingaan, en as hy dan sien, dat die nuwigheid werkelik 'n verbetering is, moet hy dit dadelik oorneem, en dan nie allerhande ongegronde aanmerkings maak nie en opsettelik fout vind nie.

As dit te veel kos, kan hy dit op kleine skaal begin. Waar die ryk man op groot koste deur 'n ander 'n sementwal in sy spruit laat messel, om water uit te keer, kan die man met klein kapitaal self die hande uit die mou steek, en met veel minder uitgawes op praktiese wyse amper die selfde tot stand bring.

Dieselfde geld ook van die maak van skure vir die vee en baie ander dinge.

Ek wil nou nie hier verder oor uitwei nie. U verstaan wel, dat iedereen, in wat hy ook al onderneem, daaroor die seen van die Here moet afsmeek. Ons mense is party keer uit godsdienstig oorwegings so konservatief. In die eerste plek het hul 'n afkeer van daardie ongelowiges, wat reken, dat alles van hul eie vernuf en hul eie vlyt afhang, en wat met God nie reken nie. As hul die nou gaan navolg, kan dit die skyn hê, dat hul ook nie meer die seen van Bo verwag, en dat hul hulself wel kan ryk maak. Dit is 'n verkeerde redenering. Ons moet vooruitstrewend wees maar onder die biddend opsien tot God. Dit mag ons nooit uit die oog verlies nie.

Verder sal U ook wel mense ontmoet het, wat meen, dat as hul nie meer presies so doen as hul pa en grootvader, hul die voorgeslag as 't ware 'n slag in die aangesig g e. Hul doen die geliefde vader dan 'n oneer aan. As die vader of grootvader iets gemaak het, wat later blyk nie meer doelmatig te wees nie, is die kind of kleinkind bang, om dit af te breek. Sulkes het ek ook al ontmoet. Hoe goed dit ook al bedoel wees, tog is dit natuurlik geen deugdelike grond, om geen verandering aan te bring nie, en nie nuwe dinge te onderneem nie. Die vader het gedoen na die lig en die insig, wat hy in sy tyd gehad het, en ons moet weer werk na die insig en die ondervinding wat ons self verkry het, en wat die tyd ons leer.

Ons dorp is hede in rep en roer oor die prins. wat ons more sal kom besoek. Oral is dit vol vlagge en versierings. Ek hoop, dat die hoë besoeker alles mooi mag vind.

Soos altyd,
die uwe.
T. H.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

"The Banner" verhaal hoe Dr. Kelley, 'n beroemde wetenskaplike man, geloof aan die onfeilbaarheid van die Bybel. Dr. Kelley was Professor van die John Hopkins Uniwersiteit, Baltimore in Amerika, hy is 'n bekende outoriteit in vrouesiektes en in die verloskunde, vereer deur verskillende Uniwersiteite met grade, waaronder Aberdeen, 'n erkende lid van wetenskaplike genootskappe in Skotland, Ierland, Italië, Duitsland, Frankryk, Roemenië, en Rusland, die skrywer van verskillende wetenskaplike werke. Hierdie geleerde man bestee elke dag van een tot vier uur aan die lees en bestudering van die Skrif. Dr. Kelley sê: ,,Ek geloof in die hele Bybel. Die gedurige lese daarvan het my geleer om die hele Bybel aan te neem as Gods Woord, net soos ek aanneem dat die brief wat ek vandag ontvang het, direk en sonder interpolasies van my moeder in Filadelfia kom.

,,Dink nie dat ek my hierdeur wil opwerp as 'n bekwaam en bedrewe verklaarder van alle gedeeltes van Gods Woord nie, of dat ek wil te kenne gee dat daar geen moeilikhede in is wat op 'n oplossing wag nie.

Ek mag egter met vreugde verklaar dat met die tyd en 'n toenemende kennis van hulle ryke inhoud en hulle soete harmonie, baie moeilike vraagstukke wat eenmaal onoplosbaar gelyk het, verdwyn het soos morewolke, terwyl die weinige wat nog oorbly die sonstrale, wat van die hemel na die aarde skiet, nie verduister nie. My geloof is die vrug van 'n langsame groei van 'n lewenstyd en deur die toevoeging van 'n weinig kennis van die Woord is die uitsig op die lewe vergroot en word altyd meer bekend dinge, wat nie geken word deur die wat hulle nie daeliks voed met Gods Woord nie, dog wat so helder word as kristal vir hom, wat kom om soos

'n kind te leer van 'n alwyse en liefhebbende Vader."

Dr. Kelley se raad is om Gods Woord te neem vir wat hy voorgee dat hy is en om hom op die proef te stel in die lewe."

Wat 'n bekoorlike werkelikheid! 'n Groot man in die wetenskap, wat hom buig soos 'n kind voor sy hemelse vader!

En hier in ons land word dit mode vir baie halfgeleerdes om ongelowig te wees. Dit is groot, sê of dink hulle. Dan is 'n mens wetenskaplik, as jy aan die ewolusie glo en die Skeppingsleer verwerp.

* * * *

In verband met die laaste laat ek hier die onderstaande stukkie volg:

**DE VERMISTE SCHAKEL.**

(Uit "Ziet Hy Komt".)

De Editeur van "The Christian Herald" schryft in de uitgave van 19 Feb. l.l. van dit blad over dit onderwerp. Wy geven korteliks terug wat hy hier zegt, daar wy over het algemeen met hem instemmen in zyne beschouwingen Hy schryft: De nieuwsbladen (in Engeland) waren opgewonden over de ontdekking van de "Taungs Schedel" in Bechuanaland. De een meende dat dit het gezicht van 'n aap-mens was; 'n ander noemde het 'n "sub-man" of ondergeschikte mens. Toen kwam de tyding dat het gebleken is, na later onderzoek, dat het in 't geheel geen mensenschedel is, maar dat van 'n jong kind, of liever 'n jong dier. De duidelike gevolgtrekking van de vele opinies, zelfs van deskundigen, toont aan dat men hier niets meer dan zovele veronderstellingen had.

Sommigen berekenen de ouderdom van de schedel op 'n half tot vyf millioen jaren. Maar wat men eigenlik hier wil bewyzen is dat de Bybelgeschiedenis van de schepping in stryd is met de hedendaagse wetenschap. De tegenwoordige opvolgers van Darwin hebben nu 'n voorwaartse beweging gemaakt; zy spreken niet meer van "de opkomst des mensen" door de ontwikkeling van de aap. Zy zeggen nu de mens kan verwant zyn aan de aap, maar hy is niet 'n afstammeling van hem. Mensen en apen, zeggen zy, komen van dezelfde voorouders, in verschillende tydperken, en zy hebben in verschillende richtingen ontwikkeld en hebben zich geschikt naar verschillende doeleinden en middelen. Zy kunnen dus niet eigenlik de "vermiste schakels" genoemd worden.

Volgens deze mensen is de aap dus de mislukking van 't geslacht, die getracht heeft door dierlike kracht zyn voortbestaan te verzekeren, terwyl de mens onder deze allen verkozen heeft om zich op zyn brein of verstand te verlaten, en door deze keuze heeft hy zyne plaats op aarde veroverd.

De schryver zegt dat met deze theorieën sommige mensen zich aan aapachtige kluchtspellen schuldig maken, wanneer zy 'n nuwe sensatie wensen te verwekken Het is ook dan geen pleidooi voor het verstandsvermogen van dit geslacht, dat men zo ernstiglik zoekt om zulk 'n verwantschap met de aap te bewyzen.

Zelfs sommigen van de sterkste voorstanders van de Evolutieleer, onder de geleerden, z.a. b.v. Sir Arthur Smith Woodward, schynen enigszins twyfelagtig omtrent de gevolgtrekking in verband met de Taungs schedel. Terwyl de veronderstelling van de "vermiste schakel" groteliks op het fatsoen van de schedel gebouwd wordt, zegt Sir Arthur toch: "Het fatsoen en de aanduidingen van 't brein kunnen misschien ietwat veranderd zyn geworden door de drukking er op". en hy voegt er by: "meer proeven zyn nodig voordat Prof. Dart zyn gevolgtrekkingen beslist kunnen worden aanvaard."

Verder wyst hy er op dat terwyl Darwin de bakermat van de mens in Afrika plaatst, Prof. Smith Woodward zegt: "Aangaande 't land waarin de aapachtige voorouders overgegaan zyn in mensen, bewyst de Taungs schedel niets, en alle geologiese bewyzen tot hier toe bevestigen het dat Midden-Azië het oorspronkelike tehuis van het menselike geslacht was. Prof. Elliot Smith van de Londense Universiteit geeft 'n opsomming van de gehele zaak, wanneer hy zegt dat nadat hy de verslagen gelezen had, dat "deze beslist bewyzen dat Prof. Dart 'n 'vermensde (anthropoid) aap' gevonden heeft." Hy voegt er by: "Het brein is schynbaar niet groter dan dat van 'n gorilla; en zelfs als men in aanmerking neemt dat het 'n kind was, en nog voor 'n jaar zou groeien, dan nog zou het niet de afmetingen nader aan dat van de mens brengen, dan van de andere bekende apen. Zodat, in zo verre het 'n brein aangaat, dit schepsel bepaald een aap en niet 'n mens is."

Wy besluiten dus dat voor het tegenwoordige er geen "vermiste schakel" is, en de evolutionisten kunnen wy dus daar laten om te gissen, te veronderstellen en te theorizeren, terwyl de overigen onzer kalm en rustig zullen voortgaan, vertrouwende dat

**het goddelik verhaal**

omtrent de oorsprong van de mens, nog 'n deel blyft van wat Mnr. Gladstone genoemd heeft "De onoverwinnelike Rots van de Heilige Schrift"

Carlyle heeft de prediking van de Evolutie Theorie genoemd "The gospel of dirt". Na 'n halve eeuw is er geen enkel feit om die leer, toegepast op de mens, te bewyzen, terwyl deze de oorzaak was van het antichristelik onderwys van de "moderne beschouwingen", die de hooghartige eisen van de geleerdheid ten koste van de Goddelike openbaring verheerlikt. Zelfs Darwin was huiverig om bevestigend te spreken, daarom heeft hy de uitdrukking "wy mogen wel veronderstellen" 800 malen in zyn twee laatste boeken gebruikt. Zulke veronderstelling is maar 'n pover fondament voor zulk 'n gewichtige zaak, en het is merkwaardig dat enig Christenleraar zulk 'n stelling kon aannemen, en dan gereed zyn de juistheid van de Bybel in twyfel te trekken, omdat die niet in overeenstemming gebracht kan worden met wat Prof. Fleischmann genoemd heeft "enkel het produkt van de verbeelding".

Wy mogen hier eindigen met de verklaring van Dr. Etheridge, fisiologist aan 't Britse Museum: "Negentiende van al wat gepraat wordt door de evolutionisten is onzin, niet op waarneming gefondeerd, en geheel zonder de ondersteuning van feiten. Dit museum is vol van bewyzen van de algehele onjuistheid van hunne beschouwingen."

Zo dan staat het oude Boek nog als de enig gezaghebbende openbaring van des mensen oorsprong en bestemming, en "Myn Woord" zegt de Here "zal niet voorbygaan."

De wetenschaplike mensen mogen het wel in overweging nemen of de studie van de bestemming van de mens niet van groter belang is dan de studie van zyn o o r s p r o n g. Het zal ons stellig veel meer goed doen als wy onszelven de vraag doen, "waar zal ik de eeuwigheid doorbrengen?"

## KERK EN SKOOL.

JOHANNESBURG, 7 Mei 1925.—Op 12 April het ons Nagmaal gehad. Op die 11de, Saterdagaand, die voorbereidingsdiens, het Ds. J. V. Coetzee opgetree voor die gemeente oor Mattheus 18:12—14, toe het ook 43 jongeliede belydenis des geloofs afgelê, en ook 'n jongeling van 17 jaar wat van die jodendom na die kristendom oorgekom het, en toe gedoop is deur Ds. M. Postma wat die jongeling 'n woord van bemoediging toegespreek het en ook Ds. Spoelstra het al die jongelinge toegespreek.

Sondagmore het Ds. M. Postma gepreek uit Johannes 20, waarna die Heilig Avondmaal bedien is. Alhoewel die kerkraad bevreesd was dat Ds. Postma alleen nie dit kon doen omdat Ds. Postma die vorige week weer 'n aanval van die Asma gehad het, het SyEerw. tog goed gehou.

Die kerkraad het Ds. Postma in Maart verlof toegestaan na Soutpansberg om voor die Sendinggemeente op versoek van die sendingkommissie te bedien. Voor die kerkraad was dit 'n vreugde te verneem van Ds. Postma hoe goed die gemeente daar aangaan, en nog meer vir Ds. Postma, dat hy nog op sy ou dag die werk kon gaan doen.

Verblydend sal dit wees as ander predikante die voorbeeld van Ds. Postma wil volg of liewer as die ander gemeentes ook hulle leraars wil verlof gee om sendinggemeentes te bedien.

Namens die Kerkraad,

P. G. L. BUYS,

---

HEIDELBERG.—Die dae vanaf 9 tot 12 April was vir die Geref. Gemeente, Heildelberg, weer dae van geestelike vreugde. Onder gunstige weersomstandighede was die ruimte om die kerkgebou dan ook tamelik beset met waens en tente. Die gemeente het tamelik goed opgekom onder omstandighede. 'n Groot gedeelte van die gemeente, vernaam uit die verste wyke, was afwesig. Dit is te hope dat dié lidmate in die toekoms sal afsien van die ,,wykskerke", waarby ook die Heilige Avondmaal en Doop bedien word, opdat die gemeente weer, soos vroeër in haar geheel kan vergader by die ,,kerk" in Heidelberg. Die teenwoordige gang van sake, wat m.i. 'n noodsaaklike kwaad is, is oorsaak dat die Geref. Gemeente van Heidelberg feitelik in vier afsonderlike gemeentes opgebreek is. Die bloei van die gemeente en haar onderlinge sterkte word hierdeur ongetwyfeld ondermyn.

Nieteenstaande dit was die opkoms tog bevredigend. Vrydagmiddag werd twintig jonge broeders en susters toegelaat om belydenis van hulle geloof af te lê. Vrydagaand al het ons konsulent, Dr. de Klerk, van Germiston, voor die gemeente opgetree en op gevoelvolle wyse die bittere worsteling van Onse Heiland in Gethsemane behandel. Saterdagmiddag met die voorbereidingsdiens het Sy Eerw. die gemeente bepaal by Golgotha en na afloop van die diens die belydenis van die geloof afgeneem van die twintig jonge broeders en susters.

Aangesien Ds. Spoelstra, wat in Januarie, l.l., deur die gemeente beroep werd vir die beroep bedank het, werd Saterdagnamiddag weer oorgegaan tot die beroepe van 'n vaste herder en leraar vir die gemeente. Daar was 'n herstemming tussen Di. Boneschans en N. H. v.d. Walt. Uitslag: Ds. v.d. Walt is gekies.

Die gemeente, wat 'n vaste predikant so broodnodig het, hoop dan ook dat die beroepe predikant sal oorkom om ons te help. Ook werd Br. Dolf v.d. Merwe as diaken gekies i.p.v. diaken D. S. v. Vuuren wat eervol ontslag gekry het.

Sondagmore met die Avondmaalsviering was die kerk stampvol. Aangenaam het die gemeente geniet van die suiwere verkondiging van die grote waarheid deur Sy Eerw. van die ,,Opstanding van Kristus". Sondagnamiddag werd deur SyEerw. op leersame wyse met die gemeente behandel die 4de gebod volgens Sondag 38. Hierna werd die H. Doop aan ses kindertjies bedien en Br. L. M. v.d. Merwe werd in sy amp as ouderling bevestig, i.p.v. Br. Jan Schuurman wat eervol ontslag gekry het.

Ook nog Sondagaand het die gemeente weer vergader vir die laaste diens. Jammer dat daar baie ledige plekke in die kerkgebou was. Sou dit dan te veel wees om na elke drie maande vyfmaal agtereenvolgens op te kom na Gods huis om Sy Woord te hoor?

SyEerw. het die aandag van die gemeente by hierdie diens bepaal by die bede ,,Uw Koninkryk kome" en 'n ernstige rede gehou.

Moge die Here dan self Sy Woord wat in hierdie dae alhier verkondig is en al die verrigtinge seën tot eer en verheerliking van Sy grote Naam opdat ,,Sy Koninkryk mag kom."

J. H. KRUGER.
Korrespondent van die Kerkblad.
P.K. Roodekop Stasie.

---

JOHANNESBURG.--De Eerw. Kerkeraad Geref. Gemeente, Johannesburg-Noord geeft kennis dat op Zondag, 3 Mei, de WelEerw. Heer Ds. D. N. Kotzee van Rustenburg, beroepen is in de Gem. als herder en leeraar. Moge de Heere de Br. wysheid schenken opdat hy een Gode Welbehaaglike Keuse mag doen.

Namens de Kerkeraad, Scriba.

---

REMHOOGTE (Gemeente De Moot), 28 April. —Hierdie gemeente het laas Sondag weer Nagmaal gevier. Die lede wat van ver af met die ossewaens moes kom, het baie goed opgekom daar dit Vrydag en Saterdag mooi weer was. Maar Sondagmore was die lug toegetrek en het dit onafgebroke gereen, sodat die broeders en susters wat naby bly baie deur die reen gehinder is, daar die rivier reeds sterk was. Nieteenstaande die ongunstige weer was die kerk tog

vol en het ons 'n verkwikkende feesviering gehad.

Ons geagte leraar het boeiende preke gelewer, wat baie geniet is deur die gemeente.

By die nabetragtingsdiens, is ook die heilige doop bedien aan een kindjie.

In die aand het die plaaslike Jongeliede Vereniging vergader, maar daar die weer so ongunstig was, kon ons leraar nie teenwoordig wees nie en ook baie van die lede was afwesig.

F. J. POTGIETER.
Korrespondent.

---

KENNISGEWING geskied hiermee aan die eerw. kerkrade, wat sorteer onder die Klassis, Potchefstroom, (nl. Lichtenburg, Swartruggens, Krugersdorp, Zeerust, Schweizerreneke, Kristiana en Wolmaransstad), dat die vergadering sy sitting h i e r open *op* 11 *Augustus om* 7.30 *n.m.* Twee afgevaardigdes word van elke kerkraad verwag. Geloofsbriewe en beskrywingspunte moet ondergetekende minstens 14 dae voor die sitting bereik.

I. D. KRüGER.
Preses, Kerkraad P.C.Stroom.

Potchefstroom,
11.5.1925.

---

FONDS VIR DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.—Reeds erken, £574 17s. 4d.; Frankfort Geref. Gemeente, £5 17s. 8d.; Fam. G. Schoeman, Potchefstroom, £1; Geref. Gem.. Zeerust, per diak. B. Snyman, £2 13s. 10d.; Geref. Gem., Matlabas, per diakens J. Erasmus, £3 14s.—Totaal £588 2s. 10d.

Die bydraers vir hierdie fonds word vriendelik versoek om verder kollektes en gawes te stuur aan *Ds. C. W. M. du Toit, Bus* 543, *Bloemfontein.* Ds. du Toit is deur die gesamentlike Kommissies vir Bybelvertaling aangestel om hulle finansies in die kring van die Geref. Kerk te behartig. Bydrae kan ook direk gestuur word aan die Penningmeester van die Kommissies, mnr. H. J. Otto, Bus 267, Bloemfontein, maar dan word die ontvangs nie apart erken nie, maar net as bydraes van die Geref. Kerk. Die beste is dus dat gelde aan Ds. du Toit gestuur word, wat dit gereeld in ons Kerkblad sal verantwoord. Ondergetekende stuur nou alles wat hy ontvang het aan Mnr. Otto.

J. D. DU TOIT.

Potchefstroom, 7 Mei 1925.

---

PETRUSBURG.—Op die 26ste April het die gemeente alhier weer die geleentheid gehad om die dood van onse Heiland te herdenk. Die opkoms was bevredigend, tenspyte van ongunstige weersomstandighede. Op Saterdag die 25ste het die susters van die plaaslike Dorkas Vereniging hulle twede jaarlikse verkoping gehou, wat hierdie slag die aansienlike sommetjie van ongeveer £60 ingebring het.

Ons geagte herder en leraar is op Maandag, 4 Mei, van hier vertrek na Steynsburg. Daar sy gesondheid vir die laaste paar weke nie goed was nie, het die Eerwaarde Kerkraad besluit om hom 'n verlof van ses weke te gee. Mag die Here hom spaar en weer die nodige krag gee, sodat hy op die bepaalde tyd weer in ons midde kan wees om met nuwe moed en verfriste kragte, ywerig sy werk voort te sit!

KORRESPONDENT.

---

KAS VIR BLINDES EN DOWES.—Namens die Algemene Vergadering van die K.P., deur ondergetekende in hartelike dank ontvang: Geref. Kerk, Vryburg, £1 11s. 1d.; Fordsburg Katkisasie Kinders, £5; Clanwilliam £1 9s. 4d.; Dorkas Vereniging, Johannesburg-Oos, £2 10s.; Matlabas £3 3s. 8d.; Br. C. J. J. du Plessis 6/-; Sterkstroom 12/9; De Aar £2 8s. 6d.; N.N. 20/-; —Totaal £18 1s. 4d.

J. G. H. v.d. WALT.
Penningmeester.

Pastorie, Middelburg, K.P.,
27 April 1925.

---

## EVANGELISASIE OP DIE RAND.

### OF "SENDINGWERK ONDER WITMENSE."

Dit is vir my aangenaam om te voldoen aan die opdrag van die evangelisasie kommissie, wat bestaan uit afgevaardigdes van die kerkerade van Krugersdorp, Germiston, en die drie gemeentes van Johannesburg, en die predikante van die gemeentes, die saak van die evangelisasie onder die aandag van die lesers van die kerkblad te bring.

Dit is vir u wel bekend dat die Rand, die toevlugsoord is, en aantrekkingspunt waarheen menige gesin van die platteland kom om 'n bestaan te maak.

Maar dit het ook geblyk dat menigeen wat van die platteland hierheen kom, nie instaat is te staan teen die magtige stroom van ongeloof en onverskilligheid nie, sodat duisende van ons volks- en geloofsgenote hier weggesink het, en 'n roekelose onkerkelike, ongelowige lewe voortset, en geestelik in 'n betreurenswaardige toestand verkeer.

En waar dit die toestand is kom die vraag tot u en my: ,,Mag ons dit maar aansien en koud daaronder bly?" Mag ons uitroep met 'n Kaïn: ,,ben ik myns broeders hoeder?"

Nee, broeder en suster, u gevoel dat ons dit nie k a n en nie m a g doen nie, veral waar ons sien hoe die sektes hulle kragte inspan om die afgesakte deel in ons stede te wen.

Dit het die kerkerade hier gevoel. Daar is 'n magtige stem wat tot ons roep uit die diepte van ellende en sielesmart. Dit is ons eie nasie, ons vroeëre geloofsgenote wat daar in die nagtlike duisternis rondtas, en wat as heidens daarheen lewe.

Daarom het die kerkerade alhier, hoewel die geldelike sake swaar druk (juis omdat die armoede hier so veel heers) besluit om die skouer aan die wiel te sit, en te werk so hard as dit maar kan.

Die werk kan onmoontlik deur die predikante behartig word omdat hulle die hande te vol het. Daarom het die kommissie vir eers één persoon gekry wat daarmee 'n begin moet maak.

Deurdat daar baie onkoste verbonde is aan die arbeid sal die Randse gemeentes maandeliks 'n vaste bydrae gee om die werk te laat voortgaan, maar al die onkoste kan die gemeentes nie dek nie.

Daarom neem die kommissie die vrymoedigheid, ook 'n beroep te doen op al die broeders en susters, en kerkerade vir hulp.

Dit is ook u broeders en susters, miskien van u familie of vriende of die se kinders wat hier in die duisternis ronddwaal, en wegsink.

Menige gesin van 'n plattelandse gemeente, wat hier as heidene leef.

Daarom vra ons u, kan u nie help nie? Hoe menige geldstuk word nie onnodig uitgegee nie. Hoe menigeen het die vermoë ontvang, om te kan help? Hier word u die geleentheid gebied. Dit geld ons kerk en ons volk. Dit is ons roeping! Dit is ons plig, wat ons nie mag nalaat nie!

Elke kleine som help ons die werk te doen, en is bestee aan ons eie volksgenote.

Mag daarom hierdie versoek nie tevergeefs tot u gerig wees nie. Ook die kerkerade kan hier steun.

Alle gelde moet aan ondergetekende gestuur word, en sal (met toestemming van die redaksie) in die Kerkblad erken word.

T. SPOELSTRA.

Adres: Ds. T. Spoelstra, 75, Clactonweg, Kensington, Johannesburg.

---

## SENDINGSYWER EN SENDINGSBEGINSELS.

„U Koninkryk kom", so bid ons nog, maar waar is onse ywer om daartoe mee te werk dat Gods Koninkryk ook werklik kan kom onder volke wat in die duisternis sit? Ons bede moet tog nie alleen wees nie dat Christus Sy Kerk moet bewaar, maar ook dat Hy dit moet uitbrei. 'n Kerk wat die Evangelie nie meer uitdra naar buite nie, versteen langsamerhand inwendig in sy geestelike lewe. Die lewende krag van die Evangelie word tog veral op die sendingsveld openbaar. Laat ons tog nie so gou wees om daarop te wys dat die sending van die Kaffer 'n brutale mens maak nie. Lees Hand. 16 en ons sien dat die Evangelie van 'n nuwe stokbewaarder 'n gewillige en nederige dienskneg van Christus gemaak het. Die fout kan dus nooit lê aan die Evangelie van Christus wat gebreng is, ook kan die fout nooit lê aan die volk aan wie dit gebreng word nie, want Gods genade werk 'n onberouelike bekering tot saligheid.

Die fout het in die verlede nog steeds gelê by die verkeerde metode waarop sending gedrywe is. Daarom is dit soveel temeer rede dat ons vandaag die saak van die uitbreiding van Gods Koninkryk meer sal aanpak met die erns wat dit wêrd is. Daartoe het God onse vaders naar Suid-Afrika geroep, en hierop het reeds Jan van Riebeek al in sy gebed gewys. Gelukkig is daar ook in die boesem van ons Kerk meer belangstelling in hierdie gewilvolle saak te bespeur. Maar onse ywer is so min en gering, onse ondersteuning aan so 'n ernstige saak is so gering. Nooit moet onse ywer eensydig word nie, ons moet nooit hier tuis laat verwaarloos om maar meer proseliete daar op die sendingsveld te maak. Nee, tuis moet versorg word, en daar moet ook versorg word. Daarom is hier op die Rand selfs 'n begin met Evangelisasie onder die veragterde en kerklik verwaarloosde persone gemaak. Ons plig en ywer is natuurlik in die eerste plek altyd die versorging van die huisgenote van die geloof. Maar Paulus en Barnabas het nie met die sending gewag nie totdat eers heel Jerusalem, heel Antiochië en heel Palestina bearbeid was. Nee, hulle het wel gesorg vir die bearbeiding tuis, maar het dan ook direk uitgegaan om ook andere die blye boodskap van die Evangelie te breng. En werklik hulle ywer was nie verkeerd nie, hulle het geen brutale mense deur hul sending gekweek nie, maar hul sending was so geseën dat die moederkerk in Palestina selfs in ruime mate onderhou en ondersteun is deur die liefdesgawe van die gemeentes uit die heidene. As ons onse steun onttrek aan die heilige bevel van Christus om die Evangelie uit te dra, dan sal sulke volke in ons midde, hier naby in die Soutpansberge, eendag op ons kan wys voor die troon van God, dat ons hulle die dierbare lig van die Evangelie geweier het. En hier woon in ons onmiddellike nabyheid honderdduisende heidene wat lewe in die duistere nag van die sonde en ellende.

Ons Prowinsiale Sndingsdeputate het hulle in Transvaal daarom geroepe gevoel om 'n ernstige oproep aan onse gemeentes in Transvaal te doen om tog beter te steun in die saak van onse sending. Pretoria se gemeente het al die jare met die Sendingskommissie aldaar alleen geworstel om die sending in die Soutpansberge in stand te hou. Onse sending verkeer vandaag aldaar in 'n treurige toestand, dit moet onderhou word en tog is die steun van onse gemeentes so gering. Selfs van die kant van die O.V.S. is die steun en belangstelling in hierdie saak nog so gering Selfs in onse Pinksterdienste word nie altyd kollektes vir die sending gehou nie, of nie altyd die kollektes opgestuur nie. Ons verbly ons egter daarin dat daar nou deputate vanweë ons Sinode en vanweë ons Algemene Vergaderings vir die sending aangestel is. Die beginsels van ons sending kan nou beter in die praktyk uitgewerk word. Net jammer dat so weinige 'n studie van hierdie beginsels maak. Ons hoor al selfs soms die ongereformeerde bewering dat die

sendende gemeente nou maar die sending aan die Prowinsiale Deputate kan oormaak. Wat bly daar dan oor van die selfstandigheid van die plaaslike kerk? Kan deputate dan werklik doen "wat des Kerkeraads is"? Die Prow. Reputate is tog slegs daar om die helpende gemeentes by die sendende gemeente te verteenwoordig. As die sendende kerk belangrik sendingswerksaamhede te verrig het deur sy kerkraad of sendingskommissie van die Kerkraad, dan word die Prow. Deputate bygeroep *om by te sit met adviserende stem.* Gaan hierdie Deputate selfstandig 'n vergadering hou met die sendingkommissie as adviserend dan loop sake verkeerd en raak ons verseild in Kollegialistiese waters. Saam mag hierdie Deputate wel alleen vergader om die finansiële steun van die gemeentes wat hulle verteenwoordig bv. te reël, maar as hulle opgeroep word deur die Kerkraad of Kommissie uit die Kerkraad van die sendende gemeente, dan hou hulle tog immers geen vergadering, maar sit slegs daarby met adviserende stem. Wie steun moet ook mee seggenskap hê. Laat ons dus nie uit die staanspoor al in verkeerde rigting gaan seil nie. Wie ons Sinodale Sendingsrapport lees sal hiervan homself oortuie. Helaas is ons wat ons sending betref nie altyd so suiwer daarop gestel nie dat onse beginsels ook daarin sal verwerklik word. Dit kom natuurlik daarvandaan dat ons nog nooit 'n georganiseerde sending gehad het waarin die beginsels verwerklik is. Met die meeste hoogagting moet ons hier melding maak van die werk van wyle Ds. Bos, maar die Broeder moes so veelal self sy weg vind saam met die Sendingskommissie van Pretoria, die andere gemeentes het slegs finansieel gesteun. Nou werk die andere gemeentes beter saam deur hulle te laat verteenwoordig.

En verder as daar dienaars van ons kerk kan gekry word om nou en dan Woord en Sakramente in die Soutpansberge uit te reik tot tyd en wyl daar weer 'n vaste missionêre leraar is, waarom ook nie 'n Dienaar van die Woord uitgestuur naar Angola? Ek wil hier nie die besluit van die Eerw. Algemene Vergadering van die K.P. kritiseer nie, maar as Sinodale Sendingsdeputaat gevoel ek my geroepe tog hier te waarsku.

Verder sal ek oor hierdie saak van die bediening van die sending te Humpata hier nie skrywe nie, omdat die saak nog nie afgehandel is deur die Algemene Vergadering van die K.P. nie, maar verwys is naar die Sinodale Sendingsdeputate. Ook wat Angola betref moet ons betere bearbeiding vir ons sending kry. Ons moet arbei en ons mense aldaar probeer oortuie dat ons geroepe is om Woord en Sakrament self aldaar te bedien solang ons geen vaste sendingsleraar aldaar het. Ons moet planne maak om 'n sendende gemeente in die K.P. te kry wat 'n sendingsleraar vir Angola kan beroep en uitstuur. Wel is ons op die oomblik nog te swak om 'n groot sendingsaksie op tou te sit, maar ons kan dan tog 'n begin maak.

Pretoria sal binnekort in oorleg met die Prowinsiale Sendingsdeputate weer pogings aanwend om 'n vaste sendingsleraar te kry. Miskien is dit dan tog 'n noodhulp om ook hierdie sendingsleraar as konsulent voorlopig naar Humpata uit te stuur. Wat dringend nodig is, is dat die Prowinsiale Sendingsdeputate die sendingsywer sal aanwakker in elke provinsie.

P. J. S. d. K.

## NUWE BOEKE.

*Verklaring van die Heidelbergse Kategismus* vir die Katkisasie—deur Ds. J. G. H. van der Walt, Middelburg, K.P. Uitgegee deur „De Middellander". 120 Bls. —Prys 2/6.

Dit is die twede uitgawe, waarin nou ook die Kategismus vrae en antwoorde in Afrikaans oorgesit is. Agter elke verklaring word vrae gestel.

Ds. van der Walt het seker deur hierdie boekie 'n groot behoefte vervul, en dat 'n twede uitgawe nou verskyn het is bewys daarvan. Dat die Kategismus vrae en antwoorde ook in Afrikaans verskyn sal wel as 'n proef moet beskou word. Later kry ons wel die offisiële oorsetting.

* * * *

Twee Boeke van wyle Dr. A. Kuyper, herdruk en uitgegee deur J. H. Kok, Kampen.

1) *Het Calvinisme*—Zes Storie-lezingen gehouden in October 1898, te Princeton.

Wie nou die betekenis van die Kalvinisme vir die lewe wil verstaan moet hierdie boek koop. Vir ons in Suid-Afrika word dit broodnodig om vir ons rekenskap te gee van en om uit te dra die Kalvinistiese beginsels op alle terreine van die lewe.

Eers laat Dr. K. u sien die betekenis van die Kalvinisme, dan laat hy u verstaan sy verhouding tot die godsdiens, die Staatkunde, die Wetenskap, en die Kuns, en sluit dan met 'n lesing oor die Kalvinisme en die Toekoms.

* * * *

2) *Vrouwen uit de Heilige Schrift.* Hier het ons 'n pragtige boek vir vrouens—en vir mans. Is die eerste bietjie moeilik en vereis hy studie, hier is een wat meer spreek tot ons hart. In kort stukkies gaan Dr. Kuyper die rei deur van die belangrikste vroue in die Heilige Skrif, om hulle betekenis in die geskiedenis van die Openbaring te teken. Koop hierdie boek vir die vrou.

Wanneer kry ons Afrikaanse oorsittings van sommige van die kostelike boeke van Dr. Kuyper? Sal die uitgewer van die boeke van Dr. Kuyper nie hieroor nadink nie?

## KORRESPONDENSIE.

Br. P. J. W. du Plessis, Kosterfontein skrywe oor die Wedergeboorte en die Heiligmaking en wil sy insigte daaroor kenbaar maak. Die Wedergeboorte, sê die broeder, is die begin van die nuwe lewe en die Heiligmaking is die voltooiing daarvan.

Ons kan tot ons spyt nie die hele brief plaas nie.

Jonge suster Cillie Du Plessis, Houtkraal, skrywe hoe sy opgebeur is in haar geestelike stryd deur die waarneming van 'n natuurverskynsel, wat vir haar 'n beeld was van die verdrywing deur die Heilige Gees van wolke, en alles in ons benoude siel ophelder.

Sy het daarna rus gevind vir haar siel.

Die brief van L. P. V. het ons verwys na Ds. W. J. de Klerk, Penningmeester van die Kas behoeftige studente en Registrateur van die P. U. K.

### KERKLIKE KOLLEKTANTE.

Geagter Redakteur,—Vergun my om korteliks te antwoord op die brief van Ds. L. P. V. wat in u uitgawe van 21 April 1925, verskyn het.

Eers moet ek daarop wys dat Ds. L. V. my enigsins verkeerd verstaan het. Hy het tog geen beswaar, geloof ek, teen die stok met die swart sakkie. Die sakkie is diep genoeg sodat die diaken nie kan sien wat ingegooi word nie. Die sakkie het ek bedoel, wel het ek in hakies bordjies daaragter geskrywe omdat hier vandag mense is wat sulke sakkies ope bordjies noem. Wat ek verder bedoel het is dat die ou stokperdjie: my linkerhand, moet nie weet wat my regterhand gee nie, in ons tyd teveel misbruik word om vrekkigheid te bevorder, om maar net te gee wat ons wil. Ek vrees dis geen vrywillige gawe meer maar 'n eiewillige. Is dit werklik 'n lofoffer van my as priester om elke Sondag my 3d. in te gooi, of ek nou veel meer geld kry of nie!

Ons wil nie valse hoogmoed aankweek nie, maar ons wil vrekkigheid voorkom, dis tog ook sonde!

Die hoofbeswaar het Ds. L. V. egter teen die Kerklike Kollektante. Ek vrees dat Ds. L. V. hier sake 'n weinig verwar en selfs 'n paar tekste aangehaal het waar hulle nie tuishoort nie. Ek stem volmondig toe dat onder die O. T. die Priesters en Leviete gelewe het van die tiendes, die offerandes en gawes wat die volk gebring het. Die insameling daarvan is besonder aan die Leviete opgedra, goed! maar dan moet ons volgens ons formulier vir die bevestiging van ouderlinge sê dat die beheer en insameling van ons kerklike gelde die werk van ons Ouderlinge is; dit is meer konsekwent en meer skriftuurlik. Die formulier sê dat die Ouderlinge die Predikante tot hulp en bystand moet wees, soos in die O. T. die gemene Leviete in die diens van die Tabernakel aan die Priesters bygevoeg is. Die insameling en beheer van die kerklike bydrae val dus seker onder beheer van die Kerkraad, en die Ouderlinge met die Predikant maak tog in engere sin die Kerkraad uit. Nou ja, die Kerkraad stel nou kollektante aan om in te samel wat hulle self nie kan doen nie weens hul drukke werk. Die Kerkraad beheers die gelde wat inkom, die Diakens het maar bloedweinig daarmee te doen. Die regte suiwere skriftuurlike weg is natuurlik dat soos Israel hulle tiendes self naar die Tempel moes bring, Deut. 14:22—29. Wel moes die Leviet om drie jaar sy deel kom haal het, maar ook die vreemdeling en die wees en die weduwee moes kom en die weggelegde tiendes neem. Daar is dus wel deeglik in die O.T. verpligtende voorskrifte tot onderhouding van die erediens. Heel die lewe van die Israeliet moes 'n lewe van offerande aan die Here wees; alles wat hy besit moes hy ontvang as uit die hand van die Here, daarom moes hy dit ook aan die diens van die Here toewy. Wie die Here vergeet en sy hart op sy aardse goed set, sal vergaan, Deut. 8. Die onderhouding van die diens in die Tabernakel was dus verpligtend vir Israël, anders sou hulle geen seën te wagte wees. Maar vir die arme kry ons weer afsonderlike voorskrifte in Deut. 15:7—18: "U sal u hand mildelik opedoen aan u broeder en aan u bedruktes en aan u arme in u land". (vss. 10,11).

Verder lees ons dat wat die arme betref, die Here die vrywillige gewer liefhet. Die armesorg is dan ook in die gemeente 'n liefdesplig. Maar is die kerklike bydrae vir die instandhouding van die christelike erediens dan ook nie 'n liefdesplig nie? so sal Ds. L. V. miskien vra. Hierop antwoord ons dat die bydrae wat nodig is tot die instandhouding van die erediens, seker ook uit liefde moet gegee word, dis ook 'n offerande in die sin van die woord. Ja heel die lewe van 'n christen moet wees 'n lewe van offerande, van toewyding aan die Here met alles wat hy besit. Maar die doel en strekking van sulke bydrae is tog anders as die vrywillige gawe vir die arme. Sulke bydrae is die betaling van ons aandeel in 'n gemeenskaplike aangegane verpligting of gemeenskaplike skuld. (Dr. Bouwman bl. 98). Daarom begryp ek eenvoudig nie hoe Ds. L. V. die benaming verpligtende bydrae vir die kerk en vrywillige bydrae vir die arme 'n "visieuse verskil" kan noem nie. Die posiesie van die arme is nie "onedel" nie as ons spreek van "bedeeld", nee dis hulle eer, dis die gemeente se eer om hulle te bedeel van hul goedere. Met die Predikant is dit anders gesteld. Die teks wat Ds. L. V. aanhaal getuie hier teen hom. In 1 Tim. 5:18 lees ons nie van 'n vrywillige gawe wat aan die arbeider moet uitgedeel word, maar van 'n wettige loon wat hy verdien het. Ek vrees as ons die beskouing van Ds. L. V. op hierdie punt toegee dat ons 'n verwarring sal kry.

Ons mense praat nou al van 'n vrye gif wat hulle maandeliks aan die Diaken of kollektant gee. Nou ja 'n gegewe pêrd kyk jy nooit in die bek nie, mens kan alleen vermaan. Hierteenoor hou ek vol op grond van ons Kategismus Verklaring van die 4de gebod, ja op grond van Gods Woord, dat 'n kerk die reg het om iemand wat sy wettelik verpligte bydrae teenoor die kerk weier, onder sensuur te set, as alle vermanings nie meer help nie. Waarom was dit in Israël so 'n sonde as iemand die tiendes nie opgebring het nie?

Op die regtelike posiesie van die Kerk in die Staat hoef ek seker Ds. L V. nie te wys nie, ook daar is geen sprake van vrywillige gawe.

Ek vrees ons misbruik die vrywillige gawe in 'n eiewillige gewe vandag. Dit moet as heilige plig op elke lidmaat rus dat hy sy verpligte bydrae moet gee aan die Kerk. Dan sê Ds. L. V. dat "niemand anders dan door wettige beroeping in de Kerk van Christus behoort te dienen." Hier wil ek graag vra of onse kosters en orreliste deur wettige beroeping in die Kerk dien En die kerklike kollektante word tog nie deur die Predikant benoem nie, maar deur die hele

Kerkraad, en die name dan voorgelees aan die gemeente. Is dit onwettig? Dis hier geen nuwe amp, maar slegs behulpsels vir die Kerkraad, die Kerkraad beheer self die gelde, die kollektante sorg net om dit in bevoegde hande op te lewer. Hulle staan ook onder toesig van die Kerkraad.

Nee, waarlik ons Diakens moet van hierdie laste loskom om al hul kragte alleen aan hul arme te wy. Tenslotte is 'n Predikant geen "huurling" van die gemeente, maar 'n dienaar van Christus, 'n arbeider in die wyngaard van Christus, wie sy loon waardig is.

P. J. S. d. K.

Germiston,
7 Mei, 1925.

---

Geagte Redakteur,—Sal u of Ds. Hamersma vir my 'n weg aanwys, op die volgende, volgens Gods leiding.

Is dit reg of verkeerd van ouers om die Liefde gevoel van hulle kinders teë te werk, waar daar geen grondige rede voor is nie, wat behoort die standpunt van 'n ouer te wees waar sy kind sy of haar liefde aan iemand gee, teen wie se naam of karakter niks kan gesê word nie.

Sou dit reg wees van 'n vader of moeder om die kind se liefde te ontneem, en daarby die lewe vir die kind ondraaglik te maak en miskien die hele lewe ongelukkig.

Is dit reg van die ouer om vir die man te sê: Ek ken jou nie—daar hy hom wel ken en niks op sy naam of karakter kan sê nie. Dink u nie, Geagte Redakteur, dat die ouer wat so 'n standpunt inneem verkeerd is, en daarby onnodige trane, en verdriet, veroorsaak.

Die ouer neem met sy standpunt die toekoms van sy kind in sy hand, en ek meen tog seker dat die kind alleen die reg het, om oor sy of haar gevoel te kan oordeel. Sy of hy moet tog met die persoon die lewe saam deurmaak.

Dus, Geagte Redakteur, sal u so goed wees en vir ouers hierdie belangrike saak duidelik maak en hulle oortuig. Dit sal baie onnodige verdriet en ongelukkigheid uit die weg neem. Ek voel oortuig dat elke ouer u dankbaar sal wees vir 'n oplossing van hierdie moeilike saak.

Dankie,
Die uwe,

BEKOMMERD.

Douglas,
Grikwaland West,
18/4/25.

(Ons sal vir Ds. Hamersma vra om oor hierdie tere en moeilike vrae te skrywe.—Red).

---

Eerwaarde Editeur,—By die behandeling van die gemeenteverslae van die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie werd, in verband met die dienste op Kerklike feesdae die volgende besluit geneem: "Die aandag van ons Kerkrade word gevestig op Art. 67 van die Dortse Kerkordening, n.l. "De gemeenten zullen onderhouden, benevens de Zondagen, ook de Kerstdag, Pasen, Pinksteren en Hemelvaartsdag". Hierdie besluit is geneem tengevolge van die klag, dat die Kristelike feesdae nie naar behore in die gemeentes van die Kaap gevier word.

Op m'n pleidooi (sie Kerkblad 16 September '24) om by die Katkisasieklasse meer lesse te bestee aan die feesdae, en gereeld ieder jaar enige Sondae voor Pase af te sonder vir die Lydensgeskiedenis, met Pinkster vir die uitstorting van die Heilige Gees en met Kersfees die voorseggings van die koms van Kristus en die koms van Kristus in die vlees te bespreek, word deur Ds. W. du Toit geantwoord (Kerkblad 21 Oktober 1924): "Daar kom 'n gewoonte by die Kristendom, om die gewone Sondae te verwaarloos, maar Krismis en Oujaarsnag verskyn hulle in die Kerkgeboue".

My ondervinding, spesiaal met die oog op Krismis is, dat in hierdie land van die heerlikste feesdag meer 'n wereldlike as 'n geeslike gemaak word, en die Engelse gewoonte van "Father Christmas" en "picnic hou" so deurgedring is ook in ons Afrikaanse Kristelike kringe, dat dit absoluut noodsakelik is, ook op die katkisasie die heerlike betekenis van hierdie fees die kinders onder die oog te bring, en sal ek nooit van m'n gewoonte afwyk nie, gereëld ieder jaar die feesdae in die katkisasieklas te vier.

Wat nou die houding van Luther en Kalvyn betref ten opsigte van die viering van die Kristelike feesdae,— Ds. du Toit beroep hom ook op Kalvyn,— moet mens rekening hou met die spesiale toestande en tye, waarin die groot Hervormers gelewe het.

In die Roomse Kerk werd in die tyd van Luther,— en in Roomse lande word vandag nog,—die feesdae veel hoër geag as die gewone Sondae. Op Sondag word gewerk, terwyl dit as 'n groot sonde beskou word, om dit op kerklike feesdae te doen. Buiten die by ons bekende feesdae het die Roomse Kerk nog die volgende groot kerkelike feesdae: Allerheilige, Allersiele, Petrus en Paulus, Maria, Hemelvaart, Johannes die Doper, Sakramentsdag, Vastedag, ens., ens. Van die Roomse Kerk geld wat die Heer Jesus sê van die Fariseers: "Gylieden hebt Gods gebod krachteloos gemaakt door uwe inzettingen" en: "Tevergeefs eren zy my, lerende leringen, die geboden van mensen zyn".

Teen hierdie veronagsaming van die Dag van die Heer het Luther en Kalvyn kragtig opgetree.

Met die Heiligeaanbidding steek Luther in een van s'n preke die draak, waar hy sê: "Soas ons boere hul bone op Bonifasiusdag plant, so roep die teenswoordige mense die Heilige Valentyn aan teen vallende siekte, omdat hulle s'n naam aflei van val, en roep perty vrouens na St. Vinsensius, as hulle iets verloor het, en na die Heilige Helena, as hulle iets van hul buurvrou wil leen."

In die Lutherse Kerk word vandag die Kristelike feesdae van meer betekenis beskou as die gewone Sondae, en is b.v. Goeie Vrydag die grootste feesdag, en word dit as 'n groot sonde gereken, op dié dag te werk.

En wat was nou Kalvyn s'n opvatting?

Soas Ds. du Toit ons vertel, het hy op die Kristelike feesdae, wat nie op 'n Sondag val nie, eers gepreek, dog het daarna toegelaat dat die lidmate hulle gewone besigheid verrig; hy het dus gereeld die feesdae gevier, dog hulle, as insettings van die Kerk, nie so hoog gestel nie, as die Sabbat, wat deur God die Heer self is ingestel.

Ek geloof, dat in ons land nog nie gevaar bestaan vir teveel werk maak van die Kristelike feesdae, inteendeel kan ons kla oor versuim van die dae, of deurbring op 'n wereldse wys. 'n Gereelde jaarlikse behandeling van die onderwerpe op die feesdae in die Katkisasieklas sal veel daartoe bydra, dat Art.

67 D.K.O. beter in ons gemeentes en onder ons verspreide lidmate sal tot s'n reg kom.

U dankende vir die opname, noem ek my,

U broeder in Kristus,

W. HOUG.

Carolina, 30 April 1925.

## VIR DIE KINDERS.

Weëns plaasgebrek sal hierdie keer van Ds. Kruger nie 'n stukkie verskyn nie. Die lang verslag, waarvan ons laas gepraat het kan nou eers inkom.

In die vervolg kan ons alleen korte mededelings plaas.

---

### DIE GOUE KANDELAAR.

"In Uw Licht zien wy het Licht".
Ps. 36:10.

Hier voor my op die skryftafel staan 'n klein 7-armige kandelaar van koper,—'n klein model van die Joodse Tempelkandelaar.

U vriendin wat 'n tyd in Rome gewoon het; het dit meegebring.. Sy het dit daar dikwels gebruik en sê dat die klein 7-armige kandelare daar baie in die huise aangetref word.

Nou is dit wonderlik om te dink dat ons die klein modelle van die Joodse Tempel kandelaar in Rome moet kry—maar, as ons die geskiedenis van die Goue Kandelaar nagaan, sal ons die verband dadelik verstaan en sien hoe dat die skakels van die geskiedenis volke en nasies, lande en stede aanmekaar bind.

Ons weet die eerste Goue Kandelaar is op die bevel van God aan Moses gemaak vir die Tabernakel.

Ons kan die beskrywing daarvan lees in Exodus 25, waar alles breedvoerig uitgelê word.

Ons kan ons so goed voorstel die pragtige, groot, Goue Kandelaar, met al sy goue gereedskap, sy lampe, skaaltjies en snuiters en die olie-kruik waarmee die lampe gevul word. Daar in die Heilige het dit gestaan en dit was die werk van die priesters om daarvoor elke dag te sorg, dit skoon te hou, te vul met "suiwere gestote olyfolie", en om die lampe gedurig aan te steek.

Hulle moes dit "voor het aangezicht des Heeren gedurig toerichten van den avond tot den morgen—het is een eeuwige inzetting voor uwe geslachten" lees ons in Lev. 24:4.

Vir die pragtige Tempel wat Salomo gebou het, het hy tien goue kandelare gemaak, vyf aan die eenkant van die Tempel en vyf aan die anderkant (2 Kron. 4:7). Maar hierdie heerlike gebou is later deur Nebuchadnezzar verwoes en al die Tempel skatte weggevoer na Babel.

Na die terugkeer uit Babel is die Tempel te Jerusalem weer opgebou, maar heeltemal nie so weelderig en fraai, as die van Salomo, en ons kan seker wees dat die Tempel gereedskap ook minder kosbaar gewees het.

Swaar tye het van toe voortaan gedurig oor Jerusalem gekom. In die jaar 168 voor die geboorte van die Heere Jesus het die Syriers, onder Antiochus Epiphanus weer Jerusalem ingeneem, die Tempel geplunder en verontreinig.

Dit het Mattathias, die vader van die Makkabeen, so gegrief en vertoorn dat hy al die getroue Jode bymekaar gemaak het en die Syriers beveg het. Na sy dood het sy seun, Judas Machabeus, die stryd voortgeset. Hy het groot oorwinnings behaal en Jerusalem weer teruggeneem.

Sy eerste werk was om die Tempel weer te reinig en die ere-dienste te herstel. Die Joodse oorlewering vertel 'n wonderlike gebeurtenis in verband hiermee, en sê dat met die reiniging van die Tempel, wat opsettelik deur Antiochus ontwyd was,—(soos een skrywer sê: Na Antiochus die liggaam van die volk gedood het, het hy geprobeer om hul'e siel ook dood te maak deur hulle Tempel aan te tas en te ontheilig)—daar met die skoonmaak, word vertel, het Judas Maccabeus en sy troue Jode tussen die puin in 'n tempel-kruikie gekry, nog gevul met die suiwere olie, wat altyd vir die 7-armige Kandelaar gebruik word—op die kruikie was nog die seel van die Hogepriester.

Dit was as deur 'n wonder gespaar gebly en deur die ontdekking daarvan, op dié oomblik kon die heilige Kandelaar dadelik, met die herstel van die dienste, met die "suiwere olie" aangesteek word. Maar, daar was net één kruikie, net genoeg olie vir één dag! Deur 'n wonderwerk, egter, is die kruikie se olie vermeerder en het dit ag dae lank vol gebly!

Ter ere van hierdie wonderlike gebeurtenis en ook tot gedagtenis van die herstel van die ware godsdiens en die onafhankelikheid van die Joodse Volk, het hulle van toe 'n ag-daagse fees ingestel, wat elke jaar gevier moet word. Die fees word ook "de Feest der Vernieuwing des Tempels" of "de Feest der Lichten" genoem.

Die getroue Jode vier die fees, wat hulle "Chanucca" noem, vandag nog

Mevr. Lighart-Lion Cachet vertel in haar boek "Erets Israel" dat sy so 'n fees op haar reis in Palestina bygewoon het.

Sy sê in elke goeie Joodse huisgesin brand op hierdie "fees der Ligten" die "Chanucca" lamp. Dit is 'n lamp van edel metaal, waarin, behalwe die gewone sewe liggies, nog 'n agste liggie is, wat genoem word "die dienaar" en waarskynlik die kruikie voorstel, waaruit die Tempel Kandelaar sy lig ontvang. Die kinders in elk Joodse huisgesin steek die liggies aan, meesal doen die oudste seuntjie dit, terwyl die sussies en broertjies eerbiedig aankyk. Die eerste dag word een liggie aangesteek, maar elke dag kom daar een by, totdat op die laaste dag van die fees, wat 'n week duur, al die liggies helder brand.

Dit is 'n simbool of teken van die suiwere Godsbegrip, wat begin by 'n klein volk (die Jode—die eerste liggie), stadig aan aan al die volke (sewe stel volmaaktheid voor) meegedeel sal word, om eindelik, in die volheid van die tye, die hele wereld te oorstraal—volgens die woord van die profeet—"de aarde zal vol zyn van de Kennis des Heeren".

Die lampies word voor die vensters van die huise gesit, sodat die feeslig na buite kan straal in die duistere nag en almal, wat verby gaan, dit kan sien en weet dat Israel sig mag verheug omdat hy leef in die Lig van die Ware Kennis van Die Ewige.

Dis 'n ontroue Jood wat nie die "Chanucca"-lamp brand nie.

Dat die Heere Jesus self die fees ter herinnering

aan die wyding van die Tempel bygewoon het lees ons in Joh. 10:22:—"En het was het feest der Vernieuwing des Tempels te Jeruzalem, en het was winter. En Jezus wandelde in den Tempel in het voorhof van Salomo."

(Die fees word altyd vanaf die 25ste Desember gevier, en in 'n noordelike land soos Palestina is Desember 'n winter maand).

Maar die Tempel waarin die Heere Jesus dit gevier het, was die pragtige Tempel van Herodes—want die Tempel wat Judas Maccabeus gereinig het, toe hy die fees ingestel het, was later deur die Romeine verniel, en Herodes, om die guns van die Joodse volk te wen, het 'n pragtige, skitterende nuwe Tempel gebou, die Tempel waarop die disiepels die aandag van die Heere Jesus gevestig het:

"Zie, hoedanige steenen en hoedanige gebouwen". Daarop het die Heere Jesus geantwoord: "Ziet gy deze groote gebouwen? Er zal niet een steen op de andere gelaten worden". (Markus 13:1 en 2).

Hierdie woorde van die Heere Jesus is letterlik vervul geword enige jare na die Hemelvaart.

Jerusalem is deur die Romeine onder Titus ingeneem en verwoes en die Tempel skatte geplunder en weggevoer, ook die pragtige Goue Kandelaar.

Die is weggevoer na Rome, waar die oorwinnaar Titus, volgens Romeinse gewoonte, 'n groot triomf tog deur die strate van Rome gehad het. In die triomf tog is al die Joodse gevangene en al die buit wat geneem is, die pragtige Goue Kandelaar, die goue tafel van die Toonbrode, die Rol van die Wet, voor die oorwinnaar in die stoet meegevoer. Om die oorwinning van Titus verder te verewig, het die Romeine 'n groot triomf-boog van steen gebou, wat vandag nog in Rome te sien is. Daarop is uitgebeitel voorvalle uit die belegering en die verwoesting van Jerusalem deur Titus. Op een van die panele is 'n duidelike afbeelding van Romeinse soldate wat die Goue Kandelaar op hulle skouers wegdra uit die Tempel.——Nou kan ons verstaan waarom die inwoners van Rome vandag nog die Joodse Kandelaar namaak en in hulle huise gebruik—hulle het die afbeelding van die Goue Kandelaar voor hulle op die triomf-boog van Titus.

"In Uw licht zien wy het Licht" sê die Psalmis; die Goue Kandelaar is die simbool van Goddelike Lig. Die beeld van die Goue Kandelaar word in onse tyd nog as simbool gebruik.

Op die groot Joodse Handwerk-skool, "Bezalel" in Jerusalem (genoem na Bezalel, die kunstenaarwerksman, wat die Tabernakel gereedskap gemaak het (Ex. 31:2 en 3) staan 'n reusagtige "Menorah" d.i. die 7-armige Joodse Kandelaar, hoog op die dak uit.

Ons eie skool in Potchefstroom het die beeld van die "Menorah" op sy wapen met die leuse "In U Lig", om die strewe van die inrigting aan te duie.

Daar is nog een merkwaardige punt om op te let. Laaste maand was die koerante vol berigte oor die opening van die groot Joodse Uniwersiteit te Jerusalem. Die groot Uniwersiteitsgebou staan op die berg Scopus, dieselfde plek waarop die Romeine onder Titus opgestel was met die belegering van Jerusalem, waarna hulle die Tempel beroof en die Goue Kandelaar weggevoer het.

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

## VERSLAG VAN DIE KONFERENSIE VAN KRISTELIKE JONGELIEDEVERENIGINGS IN DIE TRANSVAAL, GEHOU TE PRETORIA OP 10 APRIL 1925.

1. As al die verwagte afgevaardigdes aanwesig is word die vergadering geopen deur die voorsitter van die K.J.V. "Dient Elkander" met die sing van Psalm 68:14 en gebed. Daarna lees die voorsitter 'n gedeelte van 1 Kor. 1.

Die voorsitter roep 'n hartlike welkom toe aan al die aanwesiges, met name aan prof. van Rooy, asook aan mnr. H de Bruyn, wat die eerste met die ideale wat tot hierdie konferensie gelei het na vore gekom het. Spreker gee kortliks weer die geskiedenis van die organisasiewerk vir hierdie konferensie en druk sy leedwese uit dat die heer E. J. Boneschans, wat hierin so 'n belangrike aandeel gehad het, nie aanwesig is nie. Die doel van die byeenkoms word in korte trekke aangedui en daarna verklaar spreker die vergadering geopen onder inroeping van Gods seën met die woorde van Psalm 90, die laaste vers.

Gedurende die konferensie ageer die voorsitter en sekretaris van die roepende vereniging "Dient Elkander" as voorsitter en skriba respektiewelik.

2. Die geloofsbriewe van die afgevaardigdes word nou in behandeling geneem en hieruit blyk dat afgevaardigdes aanwesig is van die K.J.V.'s "Nasaret" van Middelburg, "Dient Elkander" van Remhoogte, "Timotheus" van Ermelo, "Bou en Behou" van Johannesburg, "Kalvyn" van Krugersdorp en "Dient Elkander" van Pretoria. Verder is daar afgevaardigdes van die gemeentelike samekomste te Germiston en Potchefstroom en ander belangstellende persone, o.a. mnr. Hovy van Carolina. Al die afgevaardigdes het opdrag van hulle respektiewe verenigings om te spreek en te handel in ooreenstemming met die konstitusies van hulle verenigings.

3. Die voorsitter nooi nou Prof. van Rooy, wat optree vir die Gemeentelike Samekoms van Potchefstroom, uit om die vergadering toe te spreek. Prof. van Rooy berig die vergadering dat Dr. C. de Wet se bedoeling was om aanwesig te wees, maar dat hy verhinder was om te kom. Spreker sal die vergadering meedeel, wat plaas gevind het op 'n vroeëre konferensie gehou in 1916 op Reddersburg. Die vraagstukke wat daar opgekom het en die oplossings wat voorgestaan is, word onder die aandag gebring, maar aangesien die destydse oplossings tot 'n mislukking van die hele beweging gelei het, is spreker se mening dat die K.J. Verenigings hier verteenwoordig, soas hulle is, saam moet organiseer. Die Verenigings moet nie trag om die basis waarop hulle nou staan in ooreenstemming te bring met die adviese wat op Reddersburg gegee is nie, want dit sou jammer wees as die ontluikende lewe opnuut gesmoor word. Spreker sê dat professore du Plessis, de Wet en du Toit, noukeurig sal ondersoek hoe die K.J.V. gekonstitueer moet wees om nie in botsing te kom met Gereformeerde beginsels nie. Later kan hierdie advies altyd nog toegepas word —organiseer maar voorlopig.

Met verlof van spreker word hierdie verhandeling oopgestel vir bespreking. Gedurende hierdie bespreking kom ouderlinge H. B. K. Hermann en A. K. Bot binne as afgevaardigdes van die Kerkraad van die Gereformeerde Gemeente van Pretoria. Die bespreking word onderbreek en die woord gegee aan ouderling

Hermann, wat sy waardering uitspreek van die konferensie.

Ouderling Bot bring die groete en seënwense van die Kerkraad oor. Die voorsitter bedank vir hierdie blyk van belangstelling en wens tewens ouderling Hermann geluk met sy 40-jarige ampsjubileum, wat hy juis op hierdie dag vier.

4. Nadat in verdere besprekings wat nou voortgesit word, die saak van alle kante beskou is, en Prof. van Rooy sy sienswyse nader duidelik gemaak het, word deur mnr. A. J. B. Deyssel van Johannesburg 'n voorstel ingedien dat die verteenwoordigde K.J. Verenigings sal oorgaan tot die stigting van 'n Bond en sal Konstitueer, gesekondeer deur mnr. I. van Rooy van Krugersdorp. Aangesien daar geen teëvoorstel is nie, word aan al die afgevaardigdes van K.J. Verenigings afsonderlik gevra om hulle instemming te betuig, wat deur almal gedoen word. Mnr. A. Juyn stem voorwaardelik in namens "Nasaret" te Middelburg.

Besluit word om te pouseer tot 2.15 n.m. Die Vergadering word gesluit met gebed deur Prof. van Rooy.

## MIDDAGSITTING.

5. Die vergadering word deur die voorsitter met gebed geopen. Aan die orde is nou die opstelling van die Bondsreglement. 'n Konsepreglement, opgestel deur "Timotheus" (Ermelo) en "Dient Elkander" (Pretoria) word ingedien en punt vir punt bespreek en aangeneem of na insigte van die vergadering gewysig. Ook word 'n viertal artiekels toegevoeg, sodat die Reglement lui as volg:—

Art. I. Die Naam van die Bond sal wees: "Die Bond van Jongeliede-Verenigings op Gereformeerde Grondslag."

Art. II. Die Bond sal bestaan uit Jongeliede- en Jongelings-Verenigings wat as hulle Grondslag erken Gods Woord na opvatting van die Drie Formuliere van Enigheid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Art. III. Die Doel van die Bond is:

(a) Om samewerking te kry met alle bestaande Jongelings- en Jongeliede-Verenigings op Geref. Grondslag en nuwe verenigings van dié aard te stig, waar daar nog nie is nie.

(b) Om die bloei van die toetredende verenigings te help bevorder.

(c) Om ons Kalvinistiese beginsels uit te dra op alle terreine van die lewe.

Art. IV. Middele tot die doel is:—

(a) Die oprigting van 'n eie orgaan.

(b) Elke vereniging verbind homself om op eie inisiatief te werk in die rigting van die Bondsdoel, soos uiteengesit in Art. III en om die opdragte van die Bondsbestuur uit te voer binne redelike perke.

(c) Die werksaamhede van die Bondsbestuur.

Art. V. FONDSE:— (Die bewoording van hierdie artiekel word toevertrou aan die Bondsbestuur, nadat noukeurige informasie ingewin sal wees.)

Art. VI. Die Bondskas sal gebruik word uitsluitend vir die bevordering van Bondsbelange. Die Bondskas sal in 'n Spaarbank geplaas word.

Art. VII. Die Bondsbestuur sal bestaan uit voorsitter, sekretaris, organiserende sekretaris, penningmeester en drie komiteelede. Die Bondsbestuur verdeel die eerste keer onderling die funksies. Die Bestuur sal drie lede aanwys om 'n uitvoerende komitee te vorm.

Art. VIII. Die Bondsbestuur word gekies vir 'n tydperk van 3 jaar. Na die eerste jaar tree af twee komiteelede, na die twede jaar die penningmeester en redakteur en na die derde jaar die voorsitter, sekretaris en organiserende sekretaris. Na die eerste aftreding bly elke funksie drie jaar aan. Aftredende lede is onmiddellik herkiesbaar.

Art. IX. Alle verenigings wat wil toetree tot die Bond, moet eers 'n kopie van hulle statute of reglement ter goedkeuring aan die organiserende sekretaris opstuur en na toestemming van die Bondsbestuur, hulle instemming betuig deur ondertekening van die Bondsreglement deur die voorsitter en sekretaris.

Art. X. 'n Kopie van die Bondsreglement met aangehegte handtekenings sal deur die Bonds-sekretaris bewaar word.

Art. XI. Die Bond probeer elke jaar 'n kongres te hou, waarop die penningmeester, sekretaris en organiserende sekretaris ook verslag doen van die werksaamhede van die afgelope jaar.

Art. XII. Elke vereniging sal op die kongres verteenwoordig word deur nie meer as twee afgevaardigdes nie.

Art. XIII. Word die Bond ontbind dan verval sy besittings aan die bestaande verenigings.

Art. XIV. Wat ook al mag verander word, artiekels II en XIV kan nooit verander word nie.

Op voorstel van een van die afgevaardigdes word hierdie reglement in sy geheel aangeneem, sonder teëstem. Aangesien Art. V nog nie vasgelê kon word nie, word voorlopig die fondse gereël deurdat elke vereniging vir 'n mienimum bydrae vir die jaar 1925 instaan. Dit bring 'n voorlopige raming van die Bondskas op £8 15s. od., waarvan £2 onmiddellik deur die afgevaardigdes van Krugersdorp en Remhoogte afgedra word.

Die afgevaardigde van die gemeentelikse samekoms te Germiston vertrek gedurende die opstelling van die Bondsreglement. Hy wens die vergadering alle sukses toe en spreek die hoop uit dat Germiston eerlank sal kan aansluit, waarop die voorsitter passend antwoord.

Verder dra die vergadering die Bonds-sekretaris op om aan elke aangeslote vereniging 'n kopie te stuur van die verslag van die konferensie. Die volgende sitting word bepaal op Vrydagaand na die godsdiensoefening. Voor die vergadering sluit, word daar oorgegaan tot die verkiesing van die Bondsbestuur. Uit 'n elftal name word deur twee stemminge aangewys tot lede van die bestuur die here A. H. Rooseboom, E. J. Boneschans, I. van Rooy, H. J. Muntingh, H. de Bruyn, A. J. B. Deyssel en H. van Dalsen.

Daarna pouseer die vergadering.

## AANDSITTING.

6. Die notule van die môre- en middagsittings word gelees en met 'n paar wysiginge goedgekeur.

7. Nou word oorgegaan tot die behandeling van die beskrywingspunte:—

(a) Die Kongres bespreek die mees doeltreffende wyse om die verenigingslewe uit te brei oor ons hele land.

(b) Dat die Bond van Kristelike Jongeliede-Verenigings in die Transvaal sal werk om so spoedig moontlik te kom tot die vorming van 'n Bond oor die hele Unie.

Hierdie twee punte word saam behandel. Oor (a) word advies gegee en na 'n taamlike diskussie word (b) aangeneem.

(c) Op watter manier kry ons as verskillende ver-

enigings tot één Bond behorende samewerking in die oplossing van moeilike vraagstukke?

Geadviseer word dat betreffende verenigings hulle in die eerste instansie na die Bondsredakteur moet wend.

(d) Daar so min jongeliede lede van ons verenigings is, bespreek die kongres die aantreklikste manier om ons vergaderings te hou en nogtans nie die kristelike karakter daarvan te verloor nie.

Geadviseer om by die organiserende sekretaris aan te vra om behandelde onderwerpe. Die verenigings onderneem om geskikte en interessante lesings aan die organiserende sekretaris op aansoek te stuur. Verder dat verenigings so dikwels moontlik persone uit ander verenigings uitnooi om lesings te hou.

(e) Kan individue lid wees van die Bond?

Ooreengekom dat dit nie kan nie.

(f) Die Bond bespreek die wenslikheid dat hy die "Kerkblad" as orgaan sal gebruik.

Die onmoontlikheid hiervan word aangetoon op grond van die hoë koste.

Die oprigting van 'n eie orgaan, asook die aanbiedings van "Veritas Vincet" kom ter sprake, maar besluit word dat die Bond met dank sal gebruik maak van die toestemming van "Die Kerkblad" om belangrike sake in die blad te publiseer, in die hoop dat so gou moontlik 'n eie afdeling kan gekry word.

Die Bond sal wederkerig soveel moontlik intekenare werf vir die blad.

Geleentheid word nou gegee vir die stel van vrae as gevolg waarvan nog 'n aantal dinge bespreek word.

Die bepaling van plek en tyd van die eersvolgende kongres word aan die Bestuur oorgelaat.

Aangesien daar verder niks meer voorgebring word, word oorgegaan tot die sluiting. Die voorsitter bedank die afgevaardigdes vir hulle oorkoms en belangstelling en versoek elkeen om die beste wense en hartlike groete van die K.J.V. "Dient Elkander," Pretoria, aan hulle respektiewe verenigings oor te bring. In antwoord hierop stel mnr. I. van Rooy 'n mosie van dank voor aan die K.J.V.'s "Timotheus" en "Dient Elkander." Die vergadering word gesluit met die sing van Psalm 118:14 en dankgebed deur mnr. J. J. Bezuidenhout.

H. VAN DALSEN,
Sekretaris van die Bondsbestuur.

80 Presidentstraat,
Pretoria.

## VERLOWING.

VAN STRAATEN—COETZEE.—Jannie van Straaten, Uitkyk, Molteno, en Francina Coetzee, Bultfontein, Steynsburg, maak aan familie en vrinde bekend dat hulle verloof is.

## VERLOWING.

POISAT—COETZEE.—Die heer en mevr. Johannes Coetzee, Ruigtevlei, Steynsburg, wens aan familie en vriende bekend te maak dat hul dogter, Bramie, verloof is aan die jongeheer Gregoire Poisat, Teneriffe, Steynsburg.

## DOODBERICHT.

KRUGER.—Het heeft de Heere behaagd uit ons midden op te roepen door de dood, op 23 Februarie 1925, onze geliefde vader, behuwd en grootvader,

**Gert Johannes Kruger,**

in de ouderdom van 62 jaar 1 maand en 3 dagen, na een gezegende echtverbintenis van 42 jaar. Het langdurig lijden van omtrent 2 jaar aan bloedverkalking, waarvan de laatste twee maanden ernstig was, werd met geduld en in het geloof gedragen. Een lang tijd van zijn leven mocht hij wijden aan 's Heeren dienst als ouderling.

Voor de vele blijken van hulp en belangstelling van familie en vrienden tijdens de ziekte en bij het overlijden betoond, brengen wij onze hartelike dank, alsook voor de vele brieven van deelneming door ons ontvangen. Biezondere dank brengen wij toe aan Ds. I. D. Kruger voor zijne troostredenen, en de heer en mevr. A. du Plessis, de heren H. Lombard, J. van Aswegen en G. Viljoen voor hun hulp. De beproeving in het lijden was zwaar, en het gemis snijdt ons ook diep in het hart, maar in 't geloof zwijgen wij Gode, gedachtig aan het woord: "Ik weet mijn Verlosser leeft." Zijn geliefkoosde verzen waren Ps. 25:3 en 10. Zijn uitgaan was zacht en kalm.

De bedroefde weduwe en kinderen,
(Wed.) M. E. KRUGER (geb. v. Aswegen).
S. J. KRUGER.
E. KRUGER (geb. du Plessis).
C. J. MALAN (geb. Kruger).
H. P. MALAN.
H. A. KRUGER.
A. H. KRUGER (geb. Kruger).
M. M. DU PLESSIS (geb. Kruger).
J. J. DU PLESSIS.
G. J. P. DU PLESSIS (geb. Kruger).
P. J. DU PLESSIS.

Vlakplaats, Vereeniging,
18 April 1925.

## DOODBERIG.

LABUSCHAGNE.—Aan bloedverwante en vriende word hiermee bekend gemaak, dat die Here van lewe en dood goedgedink het om uit ons midde weg te neem, op 17 Maart 1925, ons geliefde dogter,

**Johanna Elizabeth Labuschagne,**

in die ouderdom van 46 jaar 5 mande en 3 dae, na 'n siekbed van 3 maande, aan 'n gewas in die maag, wat in die laaste paar dae smartelik was, tog het sy dit met geduld gedra. Kort voor haar heengaan het sy versoek om vir haar te sing, waarop Psalm 1:1 gesing is. Ons treur in die diepste van ons harte, maar nie as die wat nie hoop het nie. Ons berus in die wil van die Heer, want wat Hy doen is welgedaan.

Die bedroefde ouers, broer en suster,
F. J. H. LABUSCHAGNE.
F. A. E. LABUSCHAGNE (geb. Coetzee).
F. J. H. LABUSCHAGNE.
S. L. COETZEE (geb. Labuschagne).

Ruigtevlei, Steynsburg,
30/4/1925.

**IN MEMORIAM.**

VAN WYK.—Ons gedink nog steeds aan die 23ste Mei 1924, toe die onverbiddelike dood ons huis binnegetree het, en van ons opgeëis het ons liefderike eggenoot en vader,

**Johannes Christiaan van Wyk.**

Slaap rustig voort dierbare eggenoot en vader.
Ons hoop op 'n salige wedersiens.
Wat God doet is welgedaan.

Die dieptreurende moeder en kinders,
(Wed.) S. C. VAN WYK.

**DOODBERIG.**

MYBURGH.—Op die 7de Mei is oorlede my teergeliefde eggenote,

**Fredrika Wilhelmina Myburgh (geb. Pelser),**

in die ouderdom van 42 jaar, na 'n smartlike lyding van 'n paar maande. Ons troos ons in die hoop dat sy die ewige heerlikheid ingegaan is. Ons betuig ons diepgevoelde dank aan almal wat haar in haar krankheid bygestaan het en veral aan Mnr. en Mevr. Piet Myburgh, Aliwal-Noord, betuig ons onse innige dank: broer en suster, die Here vergelde julle wat julle aan haar gedoen het.

Die bedroefde eggenoot en kinders,
JAN H. MYBURGH.
MAGTELD MYBURGH.
GERT MYBURGH.
JEANETTA MYBURGH.

Flaauwkraal, dist. Dordrecht,
12 Mei 1925.

**GRAFSTENEN, MONUMENTEN IN TRANSVAALS GRANIET, OF ITALIAANS MARMER.**

Opgericht in enig deel van Zuid-Afrika.

*Tegen Laagste prijzen. Portretten van Grafstenen op aanvraag aan:—*

**L. CANNATA,**

(*Opgericht* 1904)

**Bus 5514. JOHANNESBURG.**

**DAMES UITRUSTINGS.**

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

*Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.*

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.
Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

**H. J. KROEP,**

**NYLSTROOM.**

GENERALE AGENT, GEZWOREN TAXATEUR.
BOEDELS MET SPOED AFGEHANDELD.

Dokters moet ook leef, maar waarom vyftig pond uitgee vir die genees van longontsteking of bromkaaitjies, as jy dit maklik vroegtydig kan keer met 'n botteltjie van Woods' beroemde Pepermunt Geneesmiddel? Jy leef mos nie om dokters ryk te maak nie, maar vir jouself en vir jou huisgesin.

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 557 | 2 JUNIE 1925 | 26ste JAARGANG

### PREEK.

DIE TIEN PONDE.

(Ds. Kruger, Barkly Oos).

Sing Ps. 75:1, 2; 19:6; 86:6; 126:3.

> Luk. 19:13: En nadat Hy sy tien diensknegte geroep het, gee Hy vir hul tien ponde en sê vir hul —Dryf handel totdat Ek kom.

Gedurende die afgelope maande het die kristelike kerk herdink, wat onse Here Jesus op aarde gedaan het as Versoener.

Hy het gely tot in die dood. Die dood se kluisters het Hy verbreek en opgestaan. Van die Olyfberg het Hy na die hemel gevaar. Die Heilige Gees het Hy ons as 'n Teëpand, as Trooster gesend.

Vanjaar se gedagtenisviering lê dus in die verlede, maar nou moet die vraag by ons opkom: wat is die baat van die herdinking vir die strydende kerk?

Toe Jesus van die aarde vertrek het, was die dissiepels so besiel, dat hul welbewus was van die gewigtige taak, wat hul moes volvoer, want die boodskap op die hemelvaartsberg was, dat Hy sou weerkom. Die heerlikheid sou nie aanvang voor die gerig sal plaasgevind het nie. Die dag van verantwoording sou voorafgaan. Daarom het hul met alle krag geywer vir die naam en saak van hul Heer. „Oordeel U, of dit reg is voor God, om U meer te hoor dan God." Dit was hul antwoord as die vyande van Jesus hul wou belet, om in Sy naam te spreek.

So behoort dit ook met ons te wees, daarom bring ons onder die aandag van die lesers die gelykenis van die tien ponde.

Die gelykenis het onse Heiland uitgespreek kort voor Sy sterwensdag. En Hy het dit gedaan, om te verydel die gedagte, dat Hy weldra 'n aardse Koninkryk sou oprig. Nee, Sy volgelinge moes weet, dat daar vir hul nog 'n proeftyd te deurstaan was voor die heerlike dag. Daarom spreek genoemde gelykenis ons van—

I.

*Die Heer van die tien ponde.* Hy was van edel afkoms en het op die punt gestaan, om na 'n ver land te vertrek. Daar sou hy, soos gebeurlik was in daardie tyd, Sy Koninkryk gaan ontvang en terugkom om Sy ryk in besit te neem.

Intussen het hy sy getroue onderdane aangestel, om werksaam te wees in belang van sy Koningskap totdat Hy sou weerkeer. Daarom het Hy hul byeengeroep en elkeen 'n pond gegee, om daarmee wins te doen. Dit was min, maar wie nie oor die kleine getrou is, kon nie oor die grote gesteld word nie.

So 'n opdrag was geen gemaklike nie. Want die geld moes nie alleen *bewaar*, maar boonop *vermeerder* geword het. Moeite sou dus vereis en moed geverg geword het. Die heer sou seker sy verskyning maak en saamroep wie hy met sy gawe vereer geword het.

Navraag sou gedaan word, voornamelik na die gehoorsaam- en getrouheid wat hul aan die dag sou gelê het. Genoeg sou dit nie wees om te *sê*, wat hul gedaan het nie, maar ook die vrug van hul arbeid sou moes *getoon* word.

Uit die gelykenis leer Jesus die kerk van die toekoms, dat Hy die edelman is. Solang Hy op aarde bly is Hy nog nie in besit van sy Koninkryk nie. Hy moet heengaan, om gekroon te word en dan weer te kom, wanneer Sy glorie-ryk bevestig sal word. Sy volginge moet onderwyl hier toef om Sy ryk te verbrei oor heel die aardryk: „Gaan heen, onderwys al die volke en doop hulle."

Dus dis vir ons nodig, om goed te verstaan, dat die belyders van onse Here Jesus Sy diensknegte moet wees. Ja, elke Kristen is volgens sy belydenis 'n geestelike handelaar. Met nie baie gawes nie. Dis hier nog maar ten dele. Ons is *kleinhandelaars.* Om iets te verrig moet ons baie moeite doen. Daarom moet ons soveel moontlik niks van geestelike luiaards of geeste-

like gierigaards wees nie. Ons moet handel, werk, woeker met die min wat ons ontvang het. Niemand mag sê nie: ek is te swak of te gering of te verag of te ongeleerd of te min begaaf. As ons dit sou doen dan beskuldig ons ons Heiland van onreg. Hy weet wat Hy van elkeen kan verwag. Hy is bewus dat die wasdom van Hom te wagte is. Deur Sy almag geskied dit dat die handvol koring geval in die land op die hoogte van die berge sy vrug sal laat ruis soos die Libanon.

Daarteenoor mag niemand roem op sy geleerdheid of begaafdheid, invloed of voorspoed nie, want dis die gawe van die Here. Wat het ons, wat ons nie ontvang het nie?

Wat die belyder, die dienskneg, ook mag besit, baie of biekie, *die doel* van sy Koning moet hom steeds duidelik wees: *handel drywe* in belang van die Gewer. Sy invloed, Sy naam moet verbrei word. Die lewe en lus van die Kristen moet wees, waar hy ook verkeer of werk, om te woeker met die Heer se pond, sodat ons Vader in die hemele verheerlik word. Want die pond stel voor die vermoëns en kanse, wat aan elke gelowige vergun is. Dus soos 'n kleinhandelaar moet oral probeer word om wins te maak. Die dissiepels van Jesus is die sout van die wêreld, wat moet inwerk teen die bederf. Al ons gawes het die Heiland met 'n heilige, heerlike doel toebedeel. Sy ryk op aarde moet 'n mag word.

Gemakkelik is die opdrag van die Here nie. Maar watter invloed kan daar nie ontwikkel word nie, omdat Hy altyd met ons is, om die bakens van Sy kerk verder en verder uit te plant, om die ryk van die duisternis te verstoor en die groei van ongeloof te bedwing.

Dis die Here se bevel om vol te hou totdat Hy kom. Ja, Hy kom om die aarde te rig; Hy sal die wêreld rig in geregtigheid en die volke in regmatigheid.

Vergeet dit nie, belyders van Kristus, dit sal nie alleen 'n Gerigsdag wees vir die burgers, wat Hom gehaat het en Hom nie wou erken het as hul Koning nie, maar ook vir Sy diensknegte. Daarom laat ons oog val op—

II.

*Die Beheerders van die tien ponde.* Hul arbeidsdag het eindelik sy einde bereik. Die heer het gekom. Sy diensknegte het hy byeen geroep, om te verneem wat elkeen met sy geld gewin het.

Tog so 'n gewigtige oomblik die uur van afrekening. Die dag as ons *lewensrente* opgevra sal word. As die resultaat van ons lewensbestaan sal nagegaan word deur niemand minder, as die *Gewer* van al wat ons besit. Dan is Hy *Ontvanger* en *Regter*.

Nou laat die gelykenis eers op die toneel verskyn die getroue en *gehoorsame* diensknegte, wat kom en verklaar: *U* pond het so en soveel profyt gelewer. Hul was bewus, dat die talente hul geleen was, om ter ere van die Koning daarmee te werk te gaan.

Daar was verskil van welslae na mate hul bekwaamhede en geleenthede. Almal het kanse gekry, maar nie eweveel nie. Tog het almal, wat *gehoorsaam* was loon ontvang na hul winste. Een is oor 10 en die ander oor 5 stede gestel. Want daar is beloning na verdienste. Nie 'n verdienste, wat die hemel kan verdien nie. Kristus het dit vir diesyne gedaan, maar 'n *genadeloon* volgens opoffering, liefde, arbeid en vlyt. „De leeraars nu zullen blinken, als de glans des uitspansels, en die er velen rechtvaardigen, gelijk de sterren, altoos en eeuwiglijk." —Dan. 12.

Die gehoorsames het die heer oor stede gestel. Hul kon regeer, omdat hul talent daarvoor openbaar het. Handel is geld regeer en daar is seker nie 'n besitting, wat so moeilik in hande en onder beheer gehou kan word as geld nie. Om geld so te regeer, dat dit ten nutte en verering van die *Gewer* kan werk vereis groot genade.

Die diensknegte kon in die ryk van hul heer regeer, omdat hul *gedien het.* „Elkeen van u, wat die eerste sal wil word, die sal dienskneg van almal wees, want die Soon des Mensen het nie gekom om gedien te word, maar om te dien "

Baie wil regeer voor hul gedien het en die Wet van die Koninkryk van Kristus is anders. Hy het die voorbeeld gegee.

Hoe aangenaam moes die ontmoeting tussen die heer en sy getroues nie gewees het nie. Watter salige dag vir hul as diensknegte, wat toe Konings geword het. Watter versadiging van vreugde sal dit nie wees vir die oorwinnaars as hul eens sal verneem: Kom, geseënde van my Vader! beërf die Koninkryk, wat vir u berei is van voor die grondlegging van die wêreld!

Helaas, die lieflike ontmoeting word vir ons verduister deur die wanklank van een dienskneg, waar hy hom laat ken met sy: Here! kyk hier is u pond, wat ek in 'n sweetdoek weggelê het, want ek het u gevrees, omdat u 'n strawwe mens is————

Sy verontskuldiging is sy beskuldiging. Ook van die dienskneg is waar: „Elke dwaas zal de skuld verbloemen." Hy erken rondborstig, dat

hy niks gedaan het nie. Hy het geweet wat hy wou doen. Nou is hy trots op sy voorsigtigheid. Maar hy skaam hom nie oor sy *ongehoorsaamheid* en oor die skade wat hy sy heer berokken het nie. Want hy het hom gewantrou. Daarom was hý, o, so versigtig. Liewer te min as te veel vir sy heer doen.

Die stempel van diensknegte ontbreek daar vandag ook nie in die kerk. Hul is tog so bang om iets te onderneem tot vooruitgang van die Ryk van Kristus. Die moed om dit met God te waag, is daar nie. Hul vertrou nie, dat die God's hemels hul dit sal doen geluk nie. Die bevel om handel te doen met wat God ons in besitting, invloed, geleerdheid vergun het word nie gehoorsaam nie. Die vrees dat sake sal misluk is 'n *skynvrees.* Dis gebrek aan liefde. Ons *vyand* vertrou ons nie.

So graag wil ons met gawes bedeel wees, tydelike en geestelike talente. En dis so gevaarlik om bedeel te wees. Besonder genade is nodig om, wat ons van God ontvang het, reg te gebruik. Dit kan ons tot hoogmoed of werkheiligheid of eiegeregtigheid voer. Maar ook, en dis wat die gelykenis ons voor wil laat waak, kan ons die *sweetdoek* gebruik. Ons talente begrawe. Baie, baie sal verlore gaan oor wat hul *nie gedaan het nie.* Goed nog kwaad. Nie agteruit, maar ook nie vooruit nie. Hul lewe het *op neutraal bly staan.*

Mag ons nie bevange word met die gees van die ongehoorsame en te versigtige dienskneg nie. Hy was nie alleen bang vir diewe maar bo alles vir sy heer, daarom die veilige maar tegelyk die *gemaklikste plan* voorkeur gegee: die sweetdoek, stil sit, niks doen. Sy verskoning het hy lang al klaar gehad. Stom sou hy voor sy heer nie staan nie, soos die gas met die vreemde kleed, Matt. 22:12. Maar tog was hy dwaas. Hy het hom vergis. Sy ekskuus kon die toets van sy heer se bevel nie deurstaan het nie. Die gebod het hy versmaad. As die heer dan so straf was, waarom dit dan gewaag om sy wil te weerstaan? Dus die werkelike oorsaak was nie soveel vrees as gebrek aan liefde en gehoorsaamheid nie. Liefde soek 'n weg om te gehoorsaam, al is dit dan hoe gebrekkig ook. Liefde wil nie rus in die lewenswerkdag nie. Baie van die verskonings om nie te handel vir ons Heiland is blote huigelary. Vyeblare om die gewete te sus.

Was daar 'n wil tot gehoorsaam, dan kon die geld in die bank geplaas geword het. Maar die dienskneg het geen gevoel vir sy heer se voordeel gehad nie. Hy het so min moontlik gedaan. As hy maar net kon vry uitgaan. Voorbedag het hy sy *lewensroeping* gemis en dis vreselik.

Daarom was sy oordeel so swaar. Beroof van sy pond, van die weinig goeds wat hy nog besit het. Sy pond moes werk, daarom gegee aan wie hom sou gebruik. Hy is geskaar geword met die vyande van sy heer. Met hul sou hy straf ly, al was hy vroeër nie een van hul nie. Wie nalaat om goed te doen, sal geskaar word onder hul wat kwaad gedaan het. Treurig om saam met die werkers van die kwaad te val in die jammerstaat.

Mag die gelykenis ons opwek om te waak en te bid. Dat ons mag vrees vir die dag van rekenskap. Ons tyd ly aan 'n skaarste van geestelike handelaars. Mag die tydgees ons nie beinvloed nie. Dis nie alleen die taak van predikante en kerkerade, maar van elke belyder van Kristus om handel te drywe. Daardie pennie van die weduwee het haar vry laat uitgaan in die oordeel van die Regter van hemel en aarde.

Laat dan die afgelope kristelike feesdae, die gedagtenisviering aan wat Kristus gedaan het en Sy bevel: dryf handel totdat ek kom, ons 'n spoorslag wees om in geloofsgehoorsaamheid te volhard, soos 'n Moses verkiezende liever met het volk van God kwalik gehandeld te worden, dan voor 'n tyd de genieting der zonde te hebben. Achtende de versmaadheid van Kristus meerdere rykdom te zijn, dan de schatten van Egypte; want hij zag op de vergelding des loons."

*Amen.*

## DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD EN ONS GRONDWET.

Ons plaas hieronder met dank aan die skrywer 'n beskouing van Lektor L. J. du Plessis, M.A., dosent in die Staatsleer aan die Potchefstroomse Uniwersiteits Kollege, oor die betekenis van die nuwe Artiekel I van ons Grondwet, onder bostaande hoof.

Ons Parlement het natuurlik met 'n volle besef van die betekenis van sy besluit gehandel en die erns van die aanhef van die konsiderans vir hierdie wetswysiging is te deursigtig om dit bloot as 'n formaliteit te beskou.

Die aanhef lui:—"Nademaal het volk van de Unie van Zuid-Afrika, een Godvrezend volk zijnde, steeds de Almachtige God erkend heeft als de Opperste Leidsman door Wie de lotgevallen

van de volkeren der aarde bepaald en beslist worden." Is dit nie 'n naklank van die betekenisvolle woorde van Poulus op die Areopagus, Hand. 17:26, nie?—"En (God) heeft uit éénen bloede het gansche geslacht der menschen gemaakt, om op den gehelen aardbodem te wonen, *bescheiden hebbende de tijden tevoren geordineerd, en de bepalingen van hunne woning.*" Die besluit van ons Parlement, wat onomwonde die Teisties Kalvinistiese lewens- en wêreldbeskouing huldig, sal in die toekoms die konsiderans vorm vir alle Kristelike aksie op maatskaplik en staatkundig terrein. Laat ons dit onthou! Ons dank ons Regering en Parlement vir hierdie houvas. Hier volg nou die woorde van Lektor du Plessis:—

## DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD EN ONS GRONDWET.

Eindelik het dan nou gebeur, wat deur baie al lank as noodsaaklik gevoel is, naamlik die erkenning van die oppergesag van God in ons vernaamste staatsdokument, die Suidafrika-Akte.

Dis 'n gebeurtenis van soveel gewig dat ons met vrug 'n oomblikkie daarby kan stilstaan. In vroeër eeue sou dit wel nie so veel beteken het nie, want voorheen is algemeen gevoel en erken sowel in heidense as in kristelike en mohamedaanse lande dat die Almagtige of in elk geval die Godheid die hoogste wetgewer en gesagsdraer is. Maar veral van die agtiende eeu af het die staatsbestuurders hulle meer en meer vyandig getoon teen 'n erkenning van God as hoogste wetgewer. Hulle het die hoogste staatsgesag gesoek in die wil van die volk, of die wil van die staatsowerheid of in die gemeenskap se regsbesef, altyd in 'n bloot menslike mag. Dit is wat ons verstaan onder die rewolusiegees. En hierdie gees het die politiek meer en meer losgemaak van die goddelike Reg, met die gevolg dat die volkerelewe in die ontreddering verval het wat ons vandag kan aanskou. Daarom is dit so betekenisvol dat die Suidafrikaanse volk teenoor die wêreld nou bondig en beslis verklaar het dat sy soewerein, dit is sy hoogste wetgewer, God is.

By 'n volk wie se geskiedenis ingelei is deur 'n gebed en gestempel deur 'n gelofte is so iets nie vreemd nie. Dis dan ook bekend dat ons Parlement nog steeds met gebed geopen is, waarmee erken word dat die wetgewers hulle onderwerp aan die leiding van God. Tog is dit ook bekend dat daar heelwat gesukkel voorafgegaan het aan die opname van hierdie nasionale staatsbeginsel in ons Unie-Akte. Eensdeels kan dit daaruit verklaar word dat dit voorheen as vanselfsprekend beskou is en daarom nie vermeld is nie; anderdeels moet ons egter ook bely dat daar vrees was vir verset teen so 'n beginselverklaring, waarom van allerlei geringe moeilikhede onoorkoomlike struikelblokke gemaak is. En in sovér dit die geval was, het ons as volk seker skuldig gestaan aan 'n goddelose halfhartigheid, veral omdat die saak op die Nasionale Konvensie v o o r die Unie uitdruklik ter sprake gebring is en daarna weer in ons Parlement, en omdat ons die voorbeeld gehad het van Australië wat in sy grondwet van 1900 uitdruklik verklaar dat die volk van sy onderskeie state "in nederige vertroue op die seën van God Almagtig" die ooreenkoms ge vorm het om 'n gesaamlike staatswese te stig. Selfs toe die saak nou in ons Parlement ter sprake gekom het op die mosie van Adv. Keyter, is daar weer dergelike nietige moeilikheidjies te berde gebring. Met die oog hierop kry hierdie wetswysiging dus die karakter van 'n welbewuste besluit om vroeëre versuim te herstel. Ook daarom is dit vir ons 'n saak van gewig.

Maar die volle betekenis hiervan spring veral duidelik in die oog, as ons op die woorde let van die wysigingswet. Daar is naamlik besluit dat ons Unie-wet se 1e Artiekel nou sal lui:

"Het volk van de Unie erkent de soevereiniteit en leiding van de Almachtige God." Dit is 'n geweldige erkenning—die volk van die Unie, natuurlik nie hoof vir hoof nie, maar in sy groot geheel, as staatkundige eenheid, erken dat die Almagtige God die hoogste wetgewer en lotsbeskikker is in sy staatkundige lewe. Dit beteken dat die Suidafrikaanse volk in sy staatslewe hom sal laat lei deur die Reg van God. En hierdie reg is iets definitiefs, iets bepaalds wat sekere dinge gebied en ander verbied. Vir die heiden of die vrydinker mag dit weinig vastigheid hê, maar vir die volk van die Unie, 'n Kristenvolk, is dit duidelik kenbaar en onwrikbaar vas geboekstaaf in die Heilige Skrif. Die volk van die Unie sal hom dus nie deur sy eie wil of wysheid laat lei nie, maar in die laaste instansie deur die Woord van God. *Nie die volkstem*

*koningstem nie, maar die Stem van God!* Is dit nie 'n geweldige erkenning, 'n allesbeheersende beginselverklaring nie?

Ons vrees egter dat die betekenis van hierdie feit nie genoeg besef word nie. In die Parlement en die Pers, selfs die kerklike pers, het ons slegs verneem 'n toon van tevredenheid dat nou aan die volks gevoel voldoen is, asof die hele stryd nou gewen is. Die geskiedenis van Artiekel 137 leer ons wel anders. Destyds is hierin die beginsel van taalgelykheid neergelê en die volksgevoel bevredig, maar vanjaar beleef ons eers die volle verwerkliking van hierdie beginsel. Nou dat hierdie een grondbeginsel verwerklik is, het ons volk 'n nuwe grondbeginsel neergelê—maar sy verwerkliking is 'n saak van die toekoms; nie dat ons tevore die oppergesag van God uitdruklik miskien het nie, maar hoe weinig bewus het ons staatsmanne hulself nog afgevra wat die wil van God is vir ons volkslewe in al sy staatkundige vertakkings! Dis die taak van die toekoms om bewus en duidelik en voortdurend uit te maak by elke staatshandeling wat hierin die wil is van ons Soewerein, die reg van ons Almagtige Koning en God.

Ons wil nie waag om hier nou die hooflyne uit te stippel van sodanige politieke beginselprogram nie. Net op een punt wil ons wys: Hoe kan die volk van die Unie dit rym met sy erkenning van die Goddelike Soewereiniteit, dat sy staatsonderwys met sy medewete gebruik word om die geloof in die Almagtige God by sy kinders te ondermyn, ja dat sy eie wet op die Hoër onderwys dit *verbied* dat 'n staatsondersteunde instelling die geloofsoortuiging van sy lede in aanmerking mag neem? Dis tog hoogverraad—is dit nie?

Die kiesers mag wel in die toekoms navraag doen na 'n kandidaat en party se houding teenoor hierdie eerste artiekel van ons Grondwet, voordat hulle so'n kandidaat of party in die wetgewersetels verhef! En hiertoe kan alleen die Kalvinisme ons volk opvoed. Sal die Kalviniste hulle roeping besef en aanvaar?

---

## TWEETAL OF VRYE VERKIESING.

---

'n Broeder van die gemeente Zastron vra wat verkiesliker is by die verkiesing van Kerkraadslede, om 'n tweetal te laat stel deur die Kerkraad of die vrye verkiesing.

Die volledige beantwoording van hierdie vraag sal baie ruimte vereis. Ons verwys na die boekie van Dr. J. D. du Toit, getietel "Van het ambt der ouderlingen en diakenen," waar die hele saak breedvoerig behandel word.

Die gevolgtrekking van Dr. du Toit is feitelik 'n goedkeuring van die vrye verkiesing van die gemeente, met behoud van die reg van die Kerkraad om anders te handel ingeval 'n verkeerde gees in die gemeente geopenbaar word.

Hierdie verkeerde gees sal dan daarin te herken wees as die gemeente blyke gee dat hy die regeermag van die Kerkraad deur 'n dislojale gees misken.

Ons kan, soos gesê, hier nie die hele veld meer bestryk nie. Alle ouere bybepalings van ons Sinodes is dan ook uitgehaal deur die uitgawe van ons Kerkordening van 1916. Artiekel 22 gee net drie weë vir die verkiesing aan:

1. Die Kerkraad kies self sonder medewerking van die gemeente.
2. Die Kerkraad kies met medewerking van die gemeente.
3. Die gemeente kies uit 'n dubbeltal deur die Kerkraad gestel.

Die eerste word gewoonlik genoem die aristokratiese manier, die twede 'n meer of min demokratiese en die derde die aristokraties-demokratiese manier.

Nou moet ons goed verstaan dat die Dortse Kerkorde nie bestaan uit wette nie, maar dat hy vir ons die beginsels vir die Kerkregering aangee.

Die Kerkorde gaan uit van die beginsel dat die verkiesing deur die breë Kerkraad geskied. Kyk ook Artiekel 4. Die breë Kerkraad is die ouderlings en diakens saam.

Nou word daar wel by gevoeg: "Volgens de regeling, die daardoor plaatselik in gebruik of door de Kerkeraad vasgesteld is." Maar dit verander aan die uitgesproke beginsel nie, dat die verkiesing of die roeping van die Kerkraad uitgaan.

Hierdie reëling deur die plaaslike Kerkraad word dan nader in Artiekel 22 omskrywe, waardeur ons die drie bostaande kry. Die eerste word algemeen afgekeur omdat dit die medewerking van die gemeente misken, die twede erken wel die medewerking van die gemeente, maar bestaan alleen daarin dat die gemeente vooraf die aandag van die Kerkraad bepaal op geskikte persone, die derde laat die gemeente kies uit 'n dubbeltal deur die Kerkraad vooraf opgestel.

Van hierdie drie maniere gee ons die voorkeur aan die laaste.

Hier kom die demokraties-aristokratiese beginsel die meeste tot sy reg en miskien kan die demokratiese beginsel versterk word deur 'n vereniging van die twede en die derde, en deur dat die Kerkraad in sommige gevalle in plaas van 'n tweetal 'n drie of viertal stel.

## BID- EN DANKURE.

Dit blyk dat in enkele gemeentes nog die gewoonte bestaan om Sondagaand, veral na die Awendmaalsviering, 'n Bid- en Dankuur te hou.

Sulke Bid- en Dankure is dan 'n gewoonte geword en word nie gehou met die oog op 'n besondere omstandigheid nie. Op die motiewe vir sulke Bid- en Dankure wil ons nie ingaan nie. Of hulle ander motiewe het as die gewoonte kan ons nie beoordeel nie.

Oor hierdie saak is lang gehandel op die Sinode van Reddersburg, 1910, toe twee rapporte ingedien was, die een, wat die beginsel uitgespreek is om Kerkordening naas "andere biduren" wou handhaaf, en die ander, die meerderheids rapport, wat alleen die Bidure in Artiekel 66 D.R.O. erken. Die meerderheids rapport is toe aangeneem. Hierdie rapport is breedvoerig gemotiveer. Belangstellendes word verwys na die Handelings van die Sinode 1910.

## SOLIDARITEIT.

Hierdie woord beteken aaneengeslote eenheid. Hierdie eenheid ontbreek baie keer by ons. 'n Mens is so geneig om 'n saak net van sy eie persoonlike standpunt te besien. Dikwels word dan ook gehandel asof die handeling net ons persoon raak. So 'n indiwidualistiese standpunt getuig ook van 'n mate van selfsugtigheid en eergierigheid. Ons kan dit met voorbeelde verduidelik. Iemand het bevoorbeeld 'n persoonlike grief in 'n gemeente of hy het 'n persoonlike voordeel in die oog en dan bedank hy die kerk. Al die tyd vergeet hy die solidariteit, die gemeenskapsgevoel word opsy gesit, en die eenheid van die geheel van die gemeente of van die geheel van verskillende gemeentes verlies dan alle waarde. En so niks beduidend kan die motief, die rede soms weer vir so 'n handeling. 'n Predikant deel ons mee van 'n bedanking van 'n lidmaat om die "Afrikaanse leerstelling" in die kerk. Dit moet dan beteken die gebruik van die Afrikaanse taal.

Hierdie gebrek aan solidariteitsbesef kan ook gemeentelik wees. Dan kry ons 'n gemeente, wat sy dooie gang gaan, nie meeleef met die arbeid van die geheel nie, asof hy die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika is. Ons vind dit ook by gemeentes, wat kan kombineer vir die beroeping van predikante.

Hulle sal so'n beroeping jaar na jaar, laat misluk, om 'n geringe verskilletjie oor 'n klompie ponde, of omdat hulle nou nie juis hulle sin in een of ander saak kry nie, en dan staan hulle op hul eentjie, en besef nie watter onberekenbare skade hulle doen aan die geheel van Gods Koningryk nie. Hierdie eensydigheid is nie outonomie nie, maar antinomie. En weet die leser wat antinomie is? Dit beteken "teen die wet." Ja, al sulke handelinge bruis in teen die goddelike wet, en miskien die groot waarheid van die solidariteit of eenheid van die liggaam van Kristus. Vir al sulke mense geld die vermaning van Poulus in 1 Kor. 6: 7 en 8 vir die prosesmense, "waarom ly julle nie liewer skade nie? Maar julle doen ongelyk, en doen skade, en dit vir die broeders."

## DIE KRISTELIKE UNIE.

Lesers van "Die Kerkblad" word opmerksaam gemaak op die Konsep Statute van die Kristelike Unie, wat in hierdie uitgaaf gepubliseer word. Probeer die grondslag en die doel van hierdie Unie in al sy breë betekenis te verstaan, en besef dan sy solidariteitswaarde. Ons kom in 'n volgende uitgawe hierop terug en vra intussen om die hartelike steun vir hierdie Unie.

## DIE HEL.

Die Russelliete maak in hulle geskrifte met sekere ophef daarvan melding dat die woorde wat so dikwels in die Ou Test. met "hel", vertaal word, nie werklik "hel" beteken nie, maar doderyk of onderwêreld. Daarmee wil hulle te kenne gee dat ons vertaling van die Oue Testament misleidend is, en dat hulle reg is in hul bewering dat daar glad geen hel is nie.

Die kwessie van die vertaling van "sjeool," die Hebreeuse woord waarop gesinspeel word, laat ons vereers rus. Voorlopig moet teenoor Russell en sy aanhangers daarop gewys word dat in ons bewysvoering geen beroep op 'n enkele *woord* gedoen is nie, maar dat ons die groot gang van die Godsopenbaring gevolg het. Nie by 'n letter wil ons lewe nie, soos die ketters ge-

woonlik doen, maar by alles wat God ons in sy wonderbare Woord meegedeel het.

Ons het aangetoon dat die hele Oue Testament 'n geopende hellediepte onderstel, soos ten eerste blyk uit die verskynsels van towery en afgodery, en ten twede uit die opstand van die volke, die "sondaars uit die heidene," teen Sion, die berg en burg van God, waar Hy Sy Koning gesalf het.

In verband met die twede verskynsel—die opstand van die goddelose mense teen God—lei die Heilige Skrif ons na 'n bepaalde plek toe, om ons te laat sien hoe die woord "hel" ontstaan het en hoe die saak self van die hellestraf so langsamerhand in sy openbaarwording toegeneem het.

Aan die suidekant van Jerusalem was daar 'n diep dal of bergkloof wat genoem word "dal van die seun van Hinnom," teenswoordig heet die plek Wadier-Rababi. Daar het Agas en Manasse, onder invloed van die Assieriërs, die afskuwelike Mologdiens ingestel. Van Agas lees ons dat hy gewandel het in die weg van die konings van Israel, ja dat hy selfs sy eie seuns deur die vuur laat gaan het, volgens die gruwels van die heidene (2 Kon. 16: 3) en aangaande Manasse word ons dieselfde feit verhaal, met die toevoeging dat hy goëlery gepleeg en op voëlgeskreeu ag gegee het en bowedien waarsêers en duiwelskunstenaars aangestel het (2 Kon. 21: 6).

Dat daardie "gaan deur die vuur" nie net 'n toewyding aan die afgod was nie, maar 'n werklike verbranding, dit sê Jeremia ons ten duidelikste. In sy profesieë lees ons: "En hulle het die hoogtes van Tofet gebou wat in die dal van die seun van Hinnom was, om hulle seuns en hulle dogters met vuur te verbrand." (7: 31).

Tofet was dus die besondere plek in die dal van Hinnom waar Agas en Manasse die afgodery bedryf het wat meer as ander afgodiese praktyke die uitbreking van Gods toorn veroorsaak het.

Josia het dan ook later die plek, "Tofet wat in die dal van die kinders van Hinnom is," laat verontreinig, sodat niemand sy seun of sy dogter vir Molog deur die vuur laat gaan het nie (2 Kon. 23: 10).

Hoe dié verontreiniging plaasgevind het, weet ons nie. Alleen is dit bekend uit die Joodse oorlewering dat later al die vuilgoed van Jerusalem daar weggegooi is, en dat ook dooie liggame van diere en lyke van veroordeelde misdadigers daarheen gesleep is om te verrot of om verbrand te word. Miskien sien Jer. 19:2 op hierdie verontreiniging, want daar is sprake van "die dal van die seun van Hinnom wat voor die ingang van die Potskerwepoort lê"—'n poort wat aan die suide kant van die stad was en waar teenoor waarskynlik baie stukkende erdepotte weggegooi is.

Maar nou moet ons die profesieë van Jesaja oopslaan. In hoofstuk 30: 27-33 beskryf die profeet in skitterende beeldspraak die koms van die *Here* om gerig te oefen oor sy vyande. Die vyande is die Assieriërs wat besonderlik die Here "gehoon" en "gelaster" het, en hulle stem en hulle oë teen die Heilige van Israel opgehef het (2 Kon. 19:22).

En wat is hulle straf? Jesaja sê: "Tofet is van gister af klaargemaak; ja dit is vir die koning klaargemaak; Hy (n.l. God) het dit diep en wyd gemaak; die vuur en hout van sy brandstapel is baie; die asem van die Here sal dit aan brand steek soos 'n swawelstroom" (vers 33).

Die woord Tofet kan hier vertaal word met "verbrandingsplek," en die man wat hier verbrand word, met sy volk, is die koning van Assur.

Opmerklik dat dié onreine plek, daar naby Jerusalem, in die profesie die plek word waar Gods toorn brand teen sy vyande; opmerklik ook dat wat eers die verbrandingsplek van *mense* was, nou die verbrandingsplek van *God* word, waar Hy Sy vyande hulle straf toemeet.

In die Joodse bewussyn het dan ook later die gedagte posgevat dat die "dal van Hinnom", die "*ge-hinnom*" soos dit in Hebreeus heet, die Simbool en tydelike openbaring is van die plek waar die goddelose mense hulle ewige hellestraf ondergaan. Die woord "ge-hinnom" is toe in die Griekse taal verander tot "gehenna" en is in die Nuwe Testament die eintlike woord vir hel, as plek van ewige pyniging, geword.

Sò het die Oue Testament aan die Nuwe die woord "hel" gegee. En nie alleen dit nie. In aanskouingstaal is die saak self meer en meer aan die lig gebring. Die brandplek is "van gister af" klaargemaak, so staan daar; dit beteken "van tevore" sonder dat gesê word hoelank van tevore. Verder word die plek beskrywe as "diep en wyd." Die wink hier nie aan die Nuwe Testamentiese uitdrukking "*poel* van vuur" nie? Ook die elemente word genoem wat ons terugvind in die aanskouingstaal van die Nuwe Testament: vuur, hout en swawel. Alweer moet ons dink aan die woord van Openbaring: "poel van vuur en swawel."

Jesaja 30:33 is inderdaad een van die duide-

likste uitsprake aangaande die hel wat ons in die Oue Testament vind. Daarnaas moet ons dan nog lê die slotwoord van Jesaja se profesie. Hierdie Godsman profeteer nie net van 'n "nuwe hemel en nuwe aarde" nie (66 : 22), maar ook van 'n plek van afgrysing, en hy sê van die goddelose mense wat hulle daar bevind, weens hul opstand teen die Here, "dat hulle wurm nie sterwe en hulle vuur nie uitgeblus word nie." (66 : 24). Dis duidelik dat die profeet weer Tofet of die dal van Hinnom voor sy sielsoog sien. Daar tog het die inwoners van Jerusalem hulle dooie diere weggegooi en verder alles wat uit die stad verwyder moes word, sodat die wurm daar altyd iets gehad het om aan te eet en die vuur iets om aan te knaag.

Wat 'n treffende voorstelling! Eenkant die pragtige stad Jerusalem, hoog verhewe op die rotse, simbool van die nuwe Jerusalem wat eenmaal uit die hemel sal neerdaal; en vlak naasaan die diepte van Hinnom, die onreine plek waarin die wurms rondkruip en waarbo die rokies draai wat opstyg uit die smeulende as!

Hoër het die Oue Testamentiese profesie nie opgeklim nie. Wel spreek Jeremia ook van Tofet as 'n strafplek, bepaaldelik van die goddelose mense onder sy eie volk, maar hy het die oog alleen op die grootheid van die plek en die onreinheid daarvan. "Hulle (die mense) sal in Tofet begrawe, omdat daar geen plek sal wees om te begrawe nie" (19:11). En Jerusalem sal verontreinig word soos Tofet onrein is (vs. 12 en 13).

So het ons dan nou nagegaan wat die vyf Boeke van Moses, die geskiedkundige en profetiese boeke van die Oue Testament ons leer omtrent die hel. Baie dinge is daar wat nog in newels gehuld is, na die aard van die openbaring onder die Oue Verbond; maar ons sien ook hoe daar 'n toeneming is in duidelikheid, totdat Jesaja ons die ontsettende woord laat hoor van die wurm wat nie sterwe en die vuur wat nie uitgeblus word nie—'n woord wat Jesus net so van die profeet oorneem en tot driemaal toe met groot erns herhaal. (Mark. 9.)

J. D. DU TOIT.

---

## BRIEF.

---

Waarde Vriend,

Soos u seker wel in die laaste Kerkblad gesien het, vra iemand iets oor die troue van 'n jongetjie met 'n meisie, as die ouers daar tee is en daar tog opregte liefde tusse die twee bestaan. Die persoon, wat dit vra, noem sig bekommerd maar ek het 'n sterke gedagte, dat dit 'n jongedogter is, wat sulke trane as waarvan in die vrae gepraat word, skrei, en wat vrees dat haar die ganse lewe sal ongelukkig wees, omdat vader en moeder, of miskien vader alleen, geen toestemming wil gee nie vir die huwelik met die keuse van haar hart. Of ek reg is of nie, kan ek nie sê nie, want ek weet niks meer van die vrae, as wat ek in Die Kerkblad gesien het.

Dis altyd gevaarlik, om op 'n vraag te antwoord, wat wel in algemene woorde opgestel is, maar eintlik 'n antwoord verlang vir 'n spesiaal geval.

In vroeëre dae het daar partykeer 'n brief vir die Algemene Vergadering gekom met 'n vraag, of 'n ouderling of diaken wel dit of dat mag doen, en of 'n leraar wel die reg het, om b.v. iemand van die Nagmaal te weer, sonder dat hy eers die kerkraad geraadpleeg het.

Ek was toe nog jong, en het gemeen, dat dit glad nie moeilik is nie om sulke vragies te beantwoord nie, maar ek het meermale gesien, dat die vaders wyser was as dit. Hul het, seker ook al deur die ondervinding geleer, dan wel geweet dat daar meestal 'n groot geskiedenis aan so'n vraag vasgesit het. Altemit wel 'n baie hewige twis iewers in die gemeente, waar die vraag vandaan gekom het. Die antwoord van die Algemene Vergadering was dan ook vas en seker: Aangesien hierdie vraag betrekking op 'n persoonlike saak skyn te hê, kan dit hier nie beantwoord word, en wys die Vergadering die brief terug na die skrywer, of reëlt die brief buite die orde.

So'n antwoord was dan wys en verstandig, sê ek, want as 'n vraag so in die algemeen gedoen word, en tog betrekking het op 'n spesiaal geval, kan daar so maklik misbruik van gemaak word. Die groot gevaar is dan, dat die vraag eensydig opgestel was, en nie eintlik die saak weergee so as die werkelik is. Die vraer meen dan wel, dat hy heeltemal eerlik en opreg is in die stel van sy vraag, maar dit bly tog waar, dat hy die saak, waaroor dit gaan, deur sy eie bril besien, terwyl diegene, wat ook in die saak betrokke is, 'n gans andere kyk op die geval het.

U verstaan wel, my beste vriend, dat dit nodig is, dat ek hierdie klein inleiding vooraf laat gaan, opdat daar altemit nie deur die een of ander gesê word: "Sien pa of ma of oom nou; dit sê meneer H. van die saak.

En dis dan bes moontlik, dat meneer H. gans iets anders sou gesê het, as hy met altwee kante van die moeilikheid bekend gewees was.

Nou sal ek dan begin een en ander oor die teer vraag te sê.

In die algemeen is dit seker verkeerd van die ouers om as 'n jongetjie en meisie mekaar innig lief het, hul dan te keer, om met mekaar in die huwelik te tree. Liefde is die eerste en grote voorwaarde vir 'n gelukkige huwelik, dit sal iedereen erken. Die huwelik moet op liefde gegrond wees; dit moet die fondament daarvan wees. Die band word immers vir die lewe gelê, en op die huweliksbaan soos dit dikwels genoem word, kom party keer baie en grote swarighede voor, veral as die baan lang is, en die kan alleen deur liefde oorwin word.

Maar nou moet daar by die huwelik nie alleen en uitsluitend met liefde gerekend word nie.

Dit kan wel so wees, dat alhoewel 'n jongetjie en meisie mekaar innig beminnen, dit vir hul tog nie gerade is, om met mekaar in die huwelik te tree.

Die lewenskring, waar die jongeling uit kom, kan heeltemal anders wees, as die waar die meisie in groot geword het en waartoe sy behoor.

So kan dit wees, dat die godsdiens van die een heeltemal anders is dan die van die ander. En die godsdiens is 'n saak van die hart en gryp diep in in die lewe, en dan kan dit wel gebeur, dat die liefde, wat eers so sterk gelyk het, tog op die duur nie die vereiste krag besit, om groot moeilikhede te voorkom en te oorwin.

Een van die twee is soms weer baie godsdienstig en ernstig gesind, en die ander gee niks om die kerk nie, en jaag die ydelhede na, en dit is dan vir die ernstige nie gerade nie, om met sulk 'n onverskillige in die lewensbootjie te stap en die wye lewenssee te gaan bevaar.

Dan het ek ook al gesien, dat 'n seun baie lief vir die drank was, en ek en andere die noointjie waaraan hy verloof was, gewaarsku het, maar in die reël was die antwoord dan: O, ek het vir hom so innig lief, en kan nie van hom afsien nie, en ek glo vas, dat ek vir hom as 'n engel sal wees, wat hom uit die klouwe van die drankduiwel sal verlos.

Later sien mens dan, dat daar van die gehoopte verlossing niks gekom het nie, en die trane van die vroutjie in haar huwelik baie meer is, as hul sou gewees het, as sy vir die jongeling gelaat staan het.

My is ook 'n geval bekend, dat aan 'n blank meisie die hof gemaak is deur 'n oppassende jongeling wat nie, volgens die mening van die mense, heeltemal wit was nie. Hy het 'n goeie pos beklee, en 'n mooi salaris getrek, en op sy gedrag en wandel was niks te sê nie.

Die meisie wou nie luister na die raadgewings van haar vriende nie, en sy het vir die man geneem, en haar daardeur so goed as geheel buiten die kring van haar familie, haar ou vriende en bekendes gestel. Ek sou hier meer van kan sê, want ek weet daar meer van, maar ek dink, dat hierdie ene voorbeeld genoeg is.

Verder kom daar ook die verskil van stand en opvoeding, wat veral ook by die huwelik in aanmerking moet geneem word. Dit is natuurlik 'n baie teer punt, en ek huiwer amper, om daar iets van te sê, dog ek reken dat dit sy nut kan hê, en daarom sal ek dit dan so sag en so mooi doen, as ek kan. Toe ek nog op die gymnasium was, het ek die voorreg gehad, om met my maats les in die Latynse taal te ontvang van wyle Ds. F. P. L. C. van Lingen, 'n baie bekwame man en in Nederland seer wel bekend. Hy het dit sy plig geag, om ons so nou en dan onder die les, as daar 'n aanleiding vir was, iets te sê, wat vir ons later lewe kon van nut wees. Grappig was hy daar ook party keer by. Een maal vertel hy ons, dat een van sy professors te Leiden vir hul as studente gewoon was, om te sê: Jonge vriende, jul moet tog later nie 'n vrou neem nie, wat jul met die slip van jul manel moet toemaak, omdat julle skaam vir haar is, of omdat sy self skaam is omdat sy haar nie tuis gevoel in die kring nie, waar jul haar deur jul hoë posiesie in gebring het. Naderhand, ek was nog jong, bring my die "toeval" by 'n man van naam, wat op die dag van my besoek baie sjowiaal was, en ons gesprek was vir my baie lekker. Van die een onderwerp kom ons op die ander, en toe begin hy my vertel van sy jong dae en hoe hy en 'n seker vermaard persoon, waar in die dae juis baie oor gepraat geword het, saam op hul ou dorpie groot geword het. Daar was toe by ons op die dorp ook 'n jong meisie, so gaan hy aan, die dogter van 'n eenvoudige werkman en ongeleerd, wat besonder skrander was, vol gees en lewe, rein en opreg en daarby ook mooi. Haar omgang en geselskap was vir algar, maar veral vir my, baie aangenaam, en ek dink nog met genoeë aan haar. Dit het my later moeite gekos, om nie meer met haar om te gaan nie, sê hy, maar sy self was skrander genoeg, om te sien, dat toe ek al hoër en hoër eksamens doen, ons twee nie meer by mekaar pas nie. Toe dit vir my duidelik geword het, het my dit pyn gedoen en

het ek jammer vir haar gekry, maar daar is van die dinge in die lewe, waar mens niks aan kan verander nie, al sou jy dit ook al begeer en al jou krag daarvoor inspan. Met hierdie woorde eindig hy sy storie, en ek sien somar, dat die beeld van die meisie nog voor sy gees sweef, hoewel hy toe al met 'n ander getrouwd was, en ook gelukkig met die saamleef.

Wel, my waarde vriend, ek neem aan, dat daar in die geval die begin van egte liefdesbetrekking gewees het, en tog ag ek dit goed, dat die twee mekaar nie geneem het nie. Hul paaie het te ver uit mekaar geloop. Dit gebeur dikwels, dat daar allerhande dinge is, wat dit heeltemal onwenslik maak, dat 'n jongetjie en 'n meisie met mekaar trou, al het hul mekaar ook lief. Die maatskappelike lewe en die toestande is so uiters ingewikkel, dat mens in sy huwelikskeuse nie altyd kan, en ek sê daar by *mag* doen, wat hy wel sou begeer, as die "wêreld" anders was. Meer as eens het ek dit al gesien, en u met u ryke lewenservaring seker ook al, en as 'n paartjie wat om die een of ander gewigtige reden, nie met mekaar moes trou, dan tog die gewigtige stap doen, blyk dit later weleens, dat die digter Tollens volkome die waarheid gesê het, toe hy sy gedig oor die Egskeiding gemaak het:

Niet steeds is die liefde bestendig van duur,
Hoe snel sy de boesem deed jagen;
Sy blust wel somwylen ontydig haar vuur,
Hoe hel sy de vonk had geslagen. Enz.

Jong mense, wat ek self in die huwelik verbind het, en wat op die troudag o, so gelukkig was, omdat, soos hul gesê of gemeen het, daar ware, egte liefde tussen hul was, het later of in groot onenigheid geleef, of selfs die huweliksband weer deur die regter laat ontbind. Hu. was met mekaar teleurgestel. Dan had vader en moeder wel beswaar gemaak teen die huwelik, omdat hul somar gesien het, dat die twee nie vir mekaar gebore was nie, maar na hul was nie geluister nie. Omgekeerd het ek ook al gesien, dat waar daar by die huwelik baie besware by familie en vriende gerys het dit darem later bo verwagting goed gegaan het, en die huwelikslewe van die twee werkelik gelukkig was.

Oor hierdie tere onderwerp is nog baie te sê. maar ek sal dit hierby laat. My raad is, dat jong mense nie somar lig die raad van hul ouers in die wind moet slaan nie.

Waar ek mee eindig is die woorde van die Skrif: Ken die Here in al u weë. (Spreuk. 3: 6).

Dit is wel seker, dat ouers nie teen 'n huwelik van hul kinders sal wees, met die doel om hul geluk te belemmer. Die ouers is nou nog maar, net soos Abraham voorheen besorg oor die geluk van hul kinders, en baie keer gebeur dit ook, dat ouers moet kla oor hul skoonseuns of skoondogters soos Izak en Rebekka dit gedoen het oor die Judith en Basmath die vroue, wat Esau teen hul sin uit die Hethiete geneem het, en wat 'n bitterheid des geestes vir sy vader en moeder was. Hul het nie in die tent van die aartsvader tuis behoor nie. Gen. 26: 34, 35.)

Die gevolge was dan ook vir Ezau se hele geslag allertreurigst.

Hoewel hierdie brief nou eintlik nie, my waarde vriend, vir u bestem is nie, hoop ek tog, dat u dit daar eens mee sal wees.

U vriend,

T. H.

C. 26 Mei, 1925.

## KERK EN SKOOL.

VERGADERING VAN KOMMISSIES VIR BYBELVERTALING: Van Ds. Kies het ons berig ontvang dat bogenoemde vergadering vervroeg is tot Dinsdag, 16 Junie, a.s. om 10 uur v.m. in die Jubileumsaal, Bloemfontein. Die vervroeging was noodwendig weens die Sinode van die Herv. Kerk wat op die 17e Junie open.—Red.

KAAPSTAD KERKGEBOU FONDSE: Reeds erken, £398 13s. 5d.; 'n Br., Pretoria, 5s.; Boshof, £1 15s. 9d.; Pietersburg (Oud. Venter), £1 15s. 6d.; Dullstroom (Oud. Coetsee), £1; Waterberg, £5; Hoffmeyer, £16 1s.; Kaapstad (twede bydrae), £3 9s. 1d.; Min., Uitg., £6 6s. 11d.; Uits., 17s.—£420 15s. 10d.—Kassier.

TEOLOGIESE SKOOL JUB. FONDS: Met dank verder ontvangste erken:

Van Gemeente, Kaapstad, Teol. Skooldag, £1 1s.; Van Gemeente, Krokodilrivier, Teol. Skooldag, £4 1s.; Van Gemeente, Middelburg, K.P., Teol. Skooldag, £2 8s. 10d.; Van Gemeente, Belfast, Teol. Skooldag, 12s. 5d.;—£8 3s. 3d.

Reeds erken £9,990 12s. Totaal £9,998 15s. 3d. —J. A. van Rooy, Penningmeester, Bus 10, Bethulie, 23/5/1925.

KENNISGEWING: Kennis word hiermee gegee, dat die opening van die eerste vergadering van die Klassis Rustenburg (Waterberg, Pietersburg, Krokodilrivier, Matlabas, Die Moot en Koster), D.V. alhier sal plaasvind op Dinsdag, 15e September in die namiddag om halfvier.

Beskrywingspunte en Geloofsbriewe moet tydig gestuur word aan ondergetekende.—D. N. Kotze, Voorsitter, Rustenburg Kerkraad, Rustenburg, 23/5/1925.

ALGEMENE VERGADERING, (Kaapprovinsie):

Ingevolge die besluite van ons laaste Algemene Vergadering word hiermee bekend gemaak dat:

1) Op 10 April die Kommissie namens die Alg. Vergadering ons lidmate te Oos Londen tot 'n selfstandige Gemeente gestig het met sowat 80 belydende en 60 dooplede. Die Kerkraadslede is: Ouderlinge: W. N. v.d. Walt, W. F. Buys en J. A. Jooste; Diakens: F. J. W. J. Aucamp, D. J. du Plooy en J. J. Grobler; Korrespondent: Ouderl. W. N. v.d. Walt, Posbus 402, Oos Londen, K.P.

2) Op 9 Mei het die Visitatore die Sendinggemeente te Venterstad besoek, en, na ernstige beraadslaginge met die Sending Kommissie van ons blanke kerkraad daar, met die Oefenaar G. Stagler en met die kerkraad van die Sendinggemeente, is ooreengekom:

a) goed te keur die skorsing van Oefenaar Stagler, maar dit nou op te hef daar hy berou betoon en ook al meeste van die gebruikte gelde terugbetaal het. Hy sal nog verder behulpsaam veral met evangelisasie onder die heidenvolk, wees;

b) Ouderling F. Coetsee van ons blanke kerkraad daar sal tydelik as Oefenaar optree;

c) die Sending Kommissie van ons blanke kerkraad sal toesig hou saam met die Sending Kerkraad ook op die finansiële sake van die Sendinggemeente.

. D. POSTMA,
Korresp., Kerkraad, Alg. Verg.,
(Kaapprovinsie).

Burgersdorp, Mei 1925.

---

VREDEFORT: Van ons gemeente hier word maar baie selde iets in die *Kerkblad* verneem. Dis miskien omdat ons so bietjie afgeleë lê. Maar ons bestaan en lewe nog. Op 17 Mei l.l., het die gemeente H. Awendmaal gevier. By dié geleentheid het Ds. I. D. Krüger van Potchefstroom, die dienste hier waargeneem. Die opkoms was bevredigend. Kerkraad en gemeente het toe ook besluit om op Saterdagaand, 20 Junie om 7 uur oor te gaan tot die beroep van 'n eie herder en leraar. Vir die klein gemeente is dit 'n baie gewigtige stap. Maar nog groter is die verantwoordelikheid om *sonder* 'n vaste leraar voort te sukkel. Die geestelike lewe verkwyn en versterf. Die Kerkraad besef, dat dit nie langer mag toegelaat word nie. Ons vertroue is op God die Here. Hy sal die voorgenome stap seen. Die arbeidsveld is uitgestrek. As daar trou gearbei word, sal die vrug nie uitbly nie. Mag die Koning van die Kerk die dienaar, wat beroep sal word, laat sê: Ja, Here, U kneg hoor!

As Korrespondent is gekies: Broeder, Diaken M. J. de Kock, Kocksrust, Pos Weiveld, Distrik Vredefort, O.V.S.—Ingesonde.

---

HOEKSTEENLEGGING GEREF. KERK, REDDERSBURG: Die hoeksteenlegging van die nuwe kerk op Reddersburg, vind plaas D.V., op Saterdag, 27 Junie 1925, om 10 uur v.m. Brs. Predikante en Kerkraadslede van ander gemeentes word vriendelik uitgenooi om die plegtigheid by te woon.

Broeders wat wens oor te kom word versoek dadelik daarvan kennis te gee aan ondergetekende sodat vir logies ens. kan gesorg word.

Namens die Kerkraad,

S. DU PLESSIS (Skriba).

Reddersburg, 27 Mei 1925.

---

GEMEENTE JOHANNESBURG-NOORD: Afscheid van Ds. J. V. Coetsee: Zoo brak de tijd aan, dat na ruim 6 jaar alhier te hebben gearbeid, Ds. Coetsee weer moest gaan. Zoo waren dan die laatste dagen maar dagen van drukte en spanning. Zaterdagavond, 9 Mei, was het voorbereidingsdienst voor het H. Avondmaal, waarbij 24 jongelieden openbaar belijdenis van hun geloof aflegden. Zijn Eerwaardes tekst was Matt. 5 verse 13 tot 16, vooral de woorden, Gy zijt het zout der aarde. Aan het einde van deze dienst werd Zijn Eerw. door een der jongelieden toegesproken en een geschenk overhandigd, als blyk van liefde en waardering. Zondag morgen was het H.A. Zijn Eerws. woorden waren "Vader vergeef het hun want zij weten niet wat zij doen." Zondag middag afscheid der kinderen van de katichisatie, waarbij zijn eerw. sprak over het bloed der martelaren. Met grote aandacht werd hiernaar geluisterd. ZijnEerw. bracht zijn dank aan de onderwijzers, voor de grote hulp en steun al de jaren hier in bewezen. Oudl. J. L. Olivier, nam op bekwame wijze afscheid van de Leeraar, en handigde namens de kinderen een geschenk over. s'Avonds om 7 uur zal dan ZijnEerw. voor het laatst optreden om afscheid van de gem. te nemen. De kerk was veel te klein, velen moesten omdraaien. Ds. M. Postma en Ds. Spoelstra met afgevaardigden waren ook tegenwoordig. ZijnEerws. tekst was Openb. 3 vers 11-12, vooral de woorden: "Houd wat u hebt." Aan het slot nam Zijn Eerw. afscheid van Kerkeraad ...en gemeente. Ook 'n woord van dank aan de Organist en de Koster en aan de afgevaardigden Di. Postma en Spoelstra. 'n Diepe indruk was in die grote schare vooral toen Zijn Eerw. afscheid nam van Oude Vaders Postma, daar moesten banden los gemaakt worden. Oudl. J. J. van Tonder las namens Kerkraad en gemeente Ds. en Mevr. Coetsee 'n adres voor, Oudl. de Fries als oudste Ouderling sprak namens de Kerkeraad en Br. J. N. van der Walt namens gemeente. Ds. Postma namens gemeente Fordsburg en Alg. Vergadering, Ds. Spoelstra namens gemeente Johannesburg-Oos. Ds. Coetsee antwoordde op gevoelvolle wijze en hiermede waren de diensten afgedaan. Dinsdagavond nog 'n afscheids avond in de woning van Oudl. de Fries, de belangstelling was groot. Deze avond was namens de zusters. Mevr. de Vries handigde namens de zusters met 'n paar gepaste woorden een geschenk aan Mevr. Coetsee over, Mevr. de Weduwee Postma las een adres namens de zus-

ters van de Dorkas Vereniging en handigde een geschenk over. Ds. Coetsee bedankte namens Mevr. Coetsee voor al de blyken van liefde. Verder werd die avond in 'n behoorlike stemming door gebracht. Woensdag avond in de kerk, afscheid nemende van de Chr. Zangvereniging. Ds. en Mevr. Coetsee aanwezig zijnde, werden zij beiden toegesproken door de Voorzitter, Br. Chr. Buys en ook hy handigde namens de Ver. een geschenk over als bewys van dankbaarheid voor wat ZijnEerw. was ook voor die Vereniging. Donderdagmorgen om 11 uur vertrok ZijnEerw. naar Frankfort. Nog velen waren op de statie tegenwoordig om nog 'n laatste handdruk te geven. Nogmaals aan Ds. en Mevr. Coetsee een laatste vaarwel, de Here zij met u en uwe gemeente te Frankfort.

OUDERLING J. DE VRIES,
Scriba.

---

## DIAKONALE KONFERENSIE.

Al die Diakonieë in Transvaal word hiermee hartelik uitgenooi om volgens besluit en opdrag van die Algemene Vergadering van Transvaal op sy jongste sitting in Middelburg, Transvaal, in 'n konferensie in verband met diakonale sake te vergader in die kerk gebou van die Geref. gemeente van Johannesburg-Noord, op Donderdagaand die 19de November a.s. Beskrywingspunte en name van afgevaardigdes moet die ondergetekende bereik nie later as Saterdag die 10e Oktober nie, sodat vir losies gesorg kan word. Diakonieë van groot gemeentes kan twee broeders en die van kleiner gemeentes een broeder afvaardig.

C. S. KRUGER,
Skriba—Diakonie.
Geref. Gem. Johannesburg-Noord.

ADRES:
No. 36, 8ste Laan,
Melville, Johannesburg.

---

KENNISGEWING — GEMEENTE BETHAL: Omdat daar baie verwarring kom met die stuur van rekeninge en kwitansies, word die aandag daarop gevestig, dat alle korrespondensie in verband met *finansies* moet gerig word aan die Kassier, Jan. J. Booysen, Kafferstad, P.K. Bethal en *nie* aan die korrespondent, J. J. Booysen, Grootpan, P.K. Leslie, nie.

T. SPOELSTRA,
Bethal, 22 Mei 1925. Konsulent.

---

KENNISGEWING: Uit rapport van die Kerkraad, Geref. Gemeente, Frankfort, met Deputate van die Alg. Verg. O.V.S., blyk dat Ds. J. V. Coetzee, voorheen Herder en Leraar van die Ger. Gemeente, Johannesburg-Noord, behoorlik bevestig is te Frankfort op Saterdag, 16 Mei 1925.

Namens die Kerkraad Korr. Gemeente,
H. H. VAN ROOYEN,
Korr.

Bus 543, Bloemfontein.

## DIE KRISTELIKE UNIE.

(Waarby ingelyf is die Ver. vir K.H.O.)

---

*KONSEP STATUTE.*

*Naam.* ......

1. Die naam van die Vereniging is die Kristelike Unie.

*Grondslag.*

2. Die grondslag van die Kristelike Unie is die Woord van God.

*Doel.*

3. Die doel van die Kristelike Unie is bestudering, propagering en toepassing van die Kristelike beginsels volgens die Kalwinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

*Bronne van Inkomste.*

4. Die Vereniging trek sy inkomste uit skinkinge, legate, kontribusies van lede en begunstigers, en uit ander bronne. Dit mag egter die gelde nie aanneem as aan die skinkinge voorwaardes verbind is in stryd met Art. 2, 3.

*Lede.*

5. (a) Lid van die Ver. kan word enigeen wat instem met grondslag en doel van die K. U.

(b) Lede betaal minstens £1 subskripsie jaarliks of anders eenmaal die som van £20.

Ander kontribuante word geboek as begunstigers.

*Geaffilieerde Liggame.*

6. Ander liggame of Verenigînge kan affilieer by die Kristelike Unie deur jaarliks 'n bedrag van tenminste £10 by te dra tot die fondse daarvan. So 'n liggaam sal die reg hê om 'n persoon te benoem om namens hom te stem by die verkiesing van Bestuurslede.

*Bestuur.*

7. Die Bestuur van die Krist. Unie bestaan uit sewe lede, van wie twee in die Kaapprovinsie, twee in die Oranje Vrystaat en drie in die Transvaal woonagtig sal wees.

*Verkiesing van Bestuurslede.*

8. Die verkiesing van Bestuurslede vind plaas al om die ander jaar in die maand November. Nominasies sal skriftelik deur die Sekretaris gevra word op 1 Augustus, voorafgaande aan die kiesingsmaand. Alle nominasies moet deur tenminste vyf lede onderteken word en moet voor 1 September daaropvolgend ingestuur wees. Voor 1 Oktober sal die stembriefies deur die Sekretaris uitgestuur word aan al die lede. Tot stemming sal alleen toegelaat wees lede wat tot op datum hulle ledefooie betaal het. Elke lid sal net soveel stemme hê as daar Bestuurslede verkies word. Die kandidate met die hoogste aantal stemme sal op 1 November daaropvolgend verkose verklaar word deur die sittende Bestuur.

Drie van die Bestuurslede gekies in 1924 sal aftree twee jaar later; die res vier jaar later. Hulle plaasvervangers sal telkens vier jaar later gekies word. Aftredende lede is herkiesbaar.

*Konstituering van die Bestuur.*

9. Elke twee jaar op die eerste vergadering

na die verkiesing van Bestuurslede ('n sodanige vergadering sal gehou word binne 'n maand na elke verkiesing), sal die Bestuur hom opnuut konstitueer deur 'n Voorsitter, Vise-Voorsitter uit sy midde te kies en 'n Sekretaris-Penningmeester te benoem.

*Werkende Komitee.*

10. Die Bestuur kies uit sy midde drie lede as 'n Werkende Komitee om spoed-eisende sake af te handel en in die algemeen handelend op te tree, sover moontlik in oorleg met die volle Bestuur, aan wie ook volledig verslag sal gegee word van alle handelinge en besluite.

*Pligte van die Bestuur.*

11. Die bestuur sal die volle beheer en beskikking oor die finansies en ander besittings van die Vereniging hê; hy sal die algemene leiding gee aan die organisasie, alle geoorloofde poginge aanwend om die doel, soos omskryf in Art. 2 en 3 te verwesenlik en daarby die middels waaroor hy beskik so bestee dat die verwesenliking van die doel op die mees effektiewe wyse kan bereik word, en jaarliks aan alle lede en geaffilieerde korporasies 'n volledige verslag stuur van al sy werksaamhede, asook van die inkomstes en uitgawes. Die Bestuur sal tenminste eenmaal per jaar vergader.

*Spesiale Kommissies.*

12. Die volgende spesiale kommissies sal deur die Bestuur benoem word.

(a) *Hoër-Onderwys-Kommissie,* wat die werkende Komitee sal dien van advies oor die vordering van Kristelike Hoër Onderwys m.n. deur sedelike en finansiële steun te gee aan die P.U.K., as instelling vir Krist. Hoër Onderwys.

(b) *Publisiteitskommissie,* wat die werkende komitee sal adviseer oor alle wenslik geagte publikasies en oor die benoeming van persone om spesiale studie te maak van aangewese onderwerpe ter publikasie van die resultate in die pers of afsonderlik.

Die Betsuur kan na gelang van omstandighede uitbreiding gee aan die aantal kommissies.

*Reglement van Orde vir Bestuur.*

13. Die Bestuur trek sy eie Reglement van Orde op.

*Lede-Vergadering.*

14. In geval van belangrike sake kan die Bestuur, as hy dit nodig ag, 'n algemene vergadering van die lede op 'n geskikte plek en tyd byeenroep. Ook sal lede die reg hê om deur middel van tenminste 25 naamtekeninge die Bestuur te petisioneer om 'n sodanige vergadering te belê.

*Ontbinding.*

15. By die ontbinding van die Krist. Unie moet die Bestuur in oorleg met die lede beslis wat om met die fondse te doen, met die verstandhouding dat dit bestee word vir 'n doel wat so na moontlik kom aan die oorspronklike doel van die Kristelike Unie.

*Verandering van Statute.*

16. Hierdie statute kan met uitsondering van Arts. 2, 3 en 16 verander of vermeerder word deur 'n wettige lede-vergadering.

*L.S.*

Hierdie Konsep-Statute van die K.U. word gepubliseer ter kennisneming van alle lede en geaffilieerde liggame van die K.U.

Met die vergadering van die Kuratore van die Teol. Skool in November-Desember van hierdie jaar sal algemene vergadering gehou word. Veranderinge of toevoeginge kan op daardie vergadering bespreek word. Definitiewe vasstelling van die konsep-statute geskied by daardie geleentheid.

Intussen sal die werkende komitee volgens hierdie statute werk, wat baie weinig, en ook maar in ondergeskikte punte, verskil van die ou statute van die Ver. vir Krist. Onderwys.

Lede van die Ver. vir Krist. Onderwys word, volgens vorige kennisgewinge, beskou as lede van die Krist. Unie

F. POSTMA,
Sekretaris.

Potchefstroom, 20 Mei 1925.

---

## DIE KRISTELIKE UNIE.

(Waarby ingelyf Ver. vir K. Hoër Onderwys).

---

*In hartelike dank ontvang:*

M. Vaandrager (1924), £1; Ds. N. H. v.d. Walt (1924), £1; Damesveren., Middelburg, Tvl., (1924), £2 10s.; Ver. ,,Dient Elkander", Pretoria (1924), 16/-; twee vrinde, Pretoria (1924), £2; Prof. F. Postma (1924), £1; G. L. Kruger, Knapdaar, K.P., (1924, 1925), £2; Suster A. Memper (1924, 1925), £2; S. G. Wiechers (1925), £1; Pastor A. Kohl (1923, 1924), £2; Prof. J. A. du Plessis (1924, 1925), £2; P. Herlinga (1925), £1; C. Muller, Frankfort (1925), 17/6; Mev. C. Muller, Frankfort (1925), 17/6; Mev. Chris. Muller (1925), 17s. 6d.; Penningmeester C. E. v.d. Merwe, Frankfort (balans in Kas van plaaslike tak, Frankfort), £1 14s. 6d.; B. Hamersma, Rustenburg(1924) £1; P. Hamersma, P.K. Merriman, K.P .(1924, 1925), £2; G. J. Pretorius (1925), £1; L. J. du Plessis, Pestr., (1925), £1; Kerkraad. Geref. Gem., Ladybrand, (insameling deur dameskomitee), (1925), £10; D. J. J. Viljoen, Ficksburg (1925), £1; Kerk, Geref. Gem., Reddersburg (1924/5), £10.—Totaal, £48 13s.

VAN WAGENINGEN-VOORSTEL.

Prof. J. A. du Plessis (ged.), £1 10s.; Studente P.U.K., £50.—£51 10s.

Lede en geaffilieerde liggame van die Kristelike Unie (vroeër Ver. vir Krist. Hoër Onderwys) word vriendelik versoek die jaarlikse kontribusie (nl. £1 a £10 resp.) te stuur aan die ondergetekende. Die sommetjie is maar gering, maar klein stroompies, wat gedurig toevloei, het 'n groter uitwerking, as wat gedink word. Laat

'n *persoonlike* herinnering om aan die K.U. te dink nie nodig wees nie; ons sien uit na die invloeiing van die klein stroompies.

F. POSTMA,
Sekr. Penningmeester.

Potchefstroom, 22 Mei 1925.

---

## KORT VERSLAG

van die verrigtings van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die Oranje Vrystaat, gehou te Lindley op 28 Maart, 1924, en volgende dae.

Al die gemeentes is verteenwoordig, behalwe Hoopstad en Durban. Fauresmith, Phillipolis, Thaba 'Nchu, Zastron en Theunissen het elkeen net maar een afgevaardigde gestuur. Aan Prof. Dr. C. J. H. de Wet wat as Hoogleraar in die Teologie die Vergadering bywoon, aan Ds. T. Hamersma wat op las van die Kaapse Algemene vergadering oorgekom het, en aan Ds. C. W. M. du Toit wat alreeds losgemaak is van Frankfort maar nog nie bevestig te Bloemfontein nie, word sitting verleen met adviserende stem. Dit geskied eweneens met Ds. T. N. Venter, wat as predikant van Ventersburg, as sodanig van aktiewe diens onthef is.

Die offisiële opening vind plaas op Saterdagaand in die kerkgebou, wat goed gevul is. Die Konsulent van die plaaslike Gemeente, Ds. C. W. M. du Toit, beklim die kansel en lewer die openingsrede na aanleiding van "Elia onder die jenewerboom en Elia by Horeb." S. Eerw. wys daarop hoe dit verkeerd en sondig was van die profeet des Heeren om moedeloos neer te sit, hoe God hom sterk—ook na die liggaam—deur hemelse spys en hom lei na die Berg des Heeren om hom deur die opdrag van belangrike werk te laat verstaan dat ons "arbeid in die Heere" nooit ydel kan wees nie.

Hieraan verbind die prediker 'n woord van welkom aan al die afgevaardigdes.

Na die lees van die presensielys, neem die lede die plek in wat vir hulle bestem is, en word die Buro gekies as volg: Di. A. S. E. Yssel en J. A. van Rooy, Voorsitter en Onder-Voorsitter; Di. A. Duvenage en W. J. Snyman as Skriba en Hulp-Skriba.

Nadat die Vergadering met opstaan instemmin betuig het met die "Openlike Verklaring," neem die Buro sy plaas in en spreek die Eerw. Voorsitter 'n woord van dank namens die gekose broeders.

Voorts rig S. Eerw. 'n woord van welkom tot Di. A. Duvenage en W. J. Snyman—wat vir die eerste maal die Algemene Vergadering bywoon—asmede tot Dr. C. J. H. de Wet, Di. T. N. Venter en C. W. M. du Toit, en Teologiese Student W. J. Postma.

Mosies van deelneming met die nagelate betrekkinge van Ouderlinge P. Grobler (Vredefort), R. van Rensburg (Frankfort) en J. van der Walt (Fauresmith) word staande aangeneem. Voorts betuig die Vergadering sy simpatie met Ds. D. P. du Plessis in sy ongesteldheid, terwyl by monde van die Voorsitter uitdrukking gegee word aan die blydskap oor die voorspoedige herstel van Ds. C. W. M. du Toit.

Ds. T. Hamersma bring die broedergroete oor van die Algemene Vergadering, K.P.—S. Eerw. ag die wedersydse afvaardiging van deputate baie wenslik vir die versterking van die eenheidsgevoel. Hy het egter nie net vir die groete oorgekom nie, maar ook nog vir iets anders.

1. Die Algemene Vergadering, K.P. sou graag sien dat daar in die Vrystaatse Gemeentes ook gekollekteer word vir die Blinde- en Doofstommeinstituut te Worcester, waarvan Ds. Hamersma interessante besonderhede meedeel.

2. Verder versoek die Kaap die medewerking van die Vrystaat vir die uitgawe van 'n Bundel Kategismuspredikasies in Afrikaans.

3. Eindelik vra die Kaap geldelike steun vir die sendingsarbeid in Humpata. Ook oor hierdie saak wy spreker uit. Hy maak duidelik dat hier sprake is van 'n ereskuld wat op ons kerk rus. Wyle Prof. Jan Lion Cachet het aan die mak volk wat soontoe getrek het, belowe dat hulle in hulle geestelike behoeftes voorsien sou word. In die Kaap is nou onderhandelinge aangeknoop met die Ned. Ger. Suster-Kerk om van haar 'n kleurling sendeling te "leen." 'n Eeie sendeling om te stuur, het ons nie en kan ons ook nie bekostig nie. Die predikante wat van tyd tot tyd soontoe gaan om ons mense te besoek, durf die Sendingsgemeente nie bedien nie, omdat ons eie lidmate daar dit nie wenslik ag nie Ongelukkig maak die wisselkoers dit so goed as onmoontlik vir die inwoners van Angola om iets by te dra ter bestryding van reis- en andere onkoste: die Portugese geld is so goed as waardeloos.

Met betrekking tot punt 1) besluit die Alg. Vergadering om dit by al die Vrystaatse gemeentes aan te beveel, om eenmaal per jaar vir Worcester te kollekteer.

Die kwessie van 'n Afrikaanse Kategismuspreekbundel word verwys na die Jubileumboekefondskommissie.

Re Humpata word besluit om volmag te verleen aan die Sendingsdeputate van die Vrystaat om die saak te ondersteun met 'n bedrag van £25 nie te bogaande nie.

Ds. J. A. van Rooy spreek 'n hartlike woord van dank tot Ds. Hamersma. Het laasgenoemde vroeër in diens van die Heere sy koper uitgestrooi, nou, deur beproewing geheilig, daar gee hy nou edeler metaal uit, nl. silwer. Ja, spr. sou amper sê, dat selfs die goud te voorskyn kom uit sy Kollega wat hy by „Guldenmond" kan vergelyk. Die Vrystaat verheug hom in die uitbreiding van ons kerk aan die Kaap tot aan die seekus by Oos Londen en Kaapstad. By ons is ook so iets van anneksasie-politiek aan die gang: ons het ook 'n seehawe in hande gekry, nl. Durban.

By monde van die Eerw. Voorsitter heet die Vergadering Prof. Dr. C. J. H. de Wet welkom. Hy wens Sy Hooggeleerde geluk met die onderskeiding hom te beurt geval in sy benoeming tot hoogleraar in die Godgeleerdheid. Ds. van Rooy as Kurator van die Teol. Skool voeg hier enige woorde van waardering by. Hy wens Dr. de Wet Gods seën toe by die gewigtige arbeid waartoe hy geroep is.

*Verslag Korresponderende Gemeente.*

Kennis word geneem van—

a) die bevestiging van Ds. A. Duvenage te Petrusburg;

b) die losmaking van Ds. D. G. Venter van Lindley;

c) die losmaking en emeritaatsverklaring van Dr. C. J. H. de Wet van Bloemfontein;

d) die losmaking van Ds. C. W. M. du Toit van Frankfort.

Voorts neem die Alg. Vergadering kennis van die feit, dat Ds. W. J. Snyman behoorlik bevestig is as Herder en Leraar te Lindley.

(Word vervolg).

## KORRESPONDENSIE.

Die brief getietel "Kritiek" van P.J.L., Hoopstad, kan nie geplaas word nie, omdat dit handel oor 'n saak, waaroor korrespondensie nie meer toegelaat word nie.

Die brief oor die Antikris kan om verskillende redes nie geplaas word nie.

### PSALMS EN LIEDERE.

WelEerwaarde Heer,—In die uitgawe van die 5de Mei van u geëerd blad sien ek dat die WelEd. Heer C. H. Murray regte ontevrede is oor die skrywe van Ds. C. W. M. du Toit teen die Hêvielandliedjies. Ek wil net sê ook ek was daar in die Boland op skool, en het by 'n koshuis loseer onder toesig van die Ned. Ger. Kerk, en ek moet sê in die tyd wat ek daar skool gegaan het kan ek my nie herinner dat ons een aand, ja een enkele aand, 'n Psalm gesing het. Op Konferensies was ek baie, maar dit heug my ook nie, dat ons daar gebruik gemaak het daarvan. So, ek wil nie die heer Murray regstreeks weerspreek, maar net sê ek glo Ds. du Toit, omdat dit my eie ondervinding is. Dat die heer Murray so gelukkig was om 44 Psalms te kan sing en wel met stigting sou ek dink verdien onderskeiding en ek voel my genoop hom van harte geluk te wens met sy vordering in die Psalmbundel, wat helaas, maar al te veel in 'n donker hoekie in meer as een Afrikaanse huisgesin te lande kom. Wel, ek wil hier nie in die bres spring vir Ds. C. W. M. du Toit, want hy is heeltemal mans genoeg om homself te verdedig, en selfs sy skrywe spreek vir sigself. En wat Ds. du Toit daar sê dat die Psalme verwaarloos word, is niks meer as die reine waarheid, of ons dit nou al wil aanneem of nie, maar dit is werklik jammer dat ouers so min daarop gesteld is dat hulle kinders leer om Psalms te sing. En eenmaal, as dit nie van kleinsaf geleer word, dan sal dit in latere geslagte daaronder ly.

Dus meen ek dat dit hoog tyd is dat 'n waarskuwende woord moet uitgaan en dit is juis daarom dat ek die pen opgeneem het, waar ek sien dat 'n klip in die pad gerol word vir die wat dit ter harte neem. Die heer Murray meen die liedere is by ons gewraak, en ek kan hom sê dat hy die bal misslaan; ons sing dit nie omdat dit ongereformeerd is, maar dit is nog lank nie te sê dat ons Gereformeerdes oorlog verklaar teen beginsels van andere genootskappe. Ons gaan daar eenvoudig net nie mee saam nie, sonder om iemand te minag of om daar gekantheid mee te toon.

Dankie vir plaasruimte,

P. J. LOUW,
Ouderling.

Dampan, Hoopstad,
14 Mei 1925.

(Ons kon nie die kopstuk lees nie, en daarom 'n ander in sy plek.—Red.)

### DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS IN AFRIKAANS.

Aan die Red., "Kerkblad."

Waarde Red.,—Van verskillende kante het die versoek by my ingekom om die Kategismus (sonder die verklaring) in 'n klein boekie uit te gee, sodat die katkisante wat die eerste uitgaaf van my verklaring het (waarin die Kategismus self nie voorkom nie) dit kan gebruik by die verklaring. Sulke boekies sal, as daar genoeg bestellinge inkom, 9d. stuk kos. Eer ek tot so 'n uitgaaf oorgaan, moet ek egter weet of daar genoeg aanvraag voor is. Wil die brs. Kerkrade, leraars en ouers dan so goed wees om die getal wat hulle sal nodig hê dadelik op te gee aan die uitgewer:— "Die Middellander," Bus 18, Middelburg, K.P.

Die uwe,
J. G. H. v. d. WALT.

Middelburg, K.P.,
14 Mei 1925.

## VIR DIE KINDERS.

### DIE BYBEL. III.

Ons noem dus die versameling van die boeke, wat later bekend gestaan het as "Die Wet en die Profete," die Ou Verbond of Testament, en die versameling in die twede gedeelte van ons Bybel, die Nuwe Testament.

Ons het reeds gesien dat Verbond en Testament hier in dieselfde betekenis gebruik word. In 2 Kor. 3:14 lees ons: "Want tot op den dag van heden blijft hetzelfde deksel in het lezen des Ouden Testaments." Die benaming Nuwe Testament vir die boeke van hierdie gedeelte van die Bybel kry ons nie in die Bybel nie. Dit is eers later so gebruik.

Ons Bybel is dus verdeel in twee dele, en hierdie twee dele is weer onderverdeel in verskillende boeke, naamlik 39 boeke in die Ou Testament en 27 boeke of geskrifte in die Nuwe Testament. Wat was nou die eerste, die hele Bybel of die boeke? Die enkele boeke, natuurlik.

Die boeke van die Ou Testament is eers versamel nadat al die boeke, wat geskrywe is in verskillende tydperke, tot een geheel gevorm is. En so is dit ook met die Nuwe Testament. Daarna is die twee groot dele versamel tot een geheel, en maak hulle die Bybel uit van die Kristene.

Die Jode se Bybel is net die Ou Testament. Soos ons gesien het, was die Ou Testament geskrywe in die Hebreeuse taal, en 'n klein gedeelte in die Kaldeeuse taal. David en Jesaja, bevoorbeeld, het Hebreeus geskrywe. In Daniel kry ons ook Kaldeeus. Hierdie boeke van die Ou Testament kan ons nou gemakshalwe verdeel in Geskiedkundige, Digterlike en Profetiese boeke, hoewel ons weet dat hierdie verdeling nie elke inhoud afsluit nie.

Van David se Psalms is ook baie profetiese gedeeltes en ook in die geskiedenisboeke kry ons profesieë.

Die verdeling, wat gebruik was in die tyd van die Here Jesus, is dan ook mooi, nl., Die Wet en die Profete, hoewel dit nie altyd vir ons so duidelik is as ons die inhoud van die boeke neem nie.

Die Jode het ook 'n ander verdeling gehad. Hulle het die Ou Testament verdeel in drie dele en hulle genoem, die T o r a h of Wet, die N e b r ü m of profete en die K e t u b i m of heilige skrifte.

Die T o ra h bevat dan die vyf boeke van Moses, die N e b i i m word verdeel in profeties-geskiedkundigeboeke, naamlik, Josua, Rigtere, Samuel, Koninge, en dan die suiwer profetiese boeke; die K e t u b i m bevat dan al die orige boeke.

Die skrywers van al hierdie boeke het gelewe in 'n tydperk van sowat 1490 tot 450 voor Kristus.

Moses was die eerste en Maleachi die laaste skrywer.

Dit is dus 'n lang tydperk, en kyk, hoe al hierdie boeke in die loop van al die eeue geskrywe 'n pragtige eenheid vorm. Die eenheid van die Heilige Skrif is ook 'n bewys vir sy waarheid. Ons kan daarom ook in hierdie opsig sê dat die Ou Testament werklik oud is. Dit is daarom nie die oudste geskrifte, wat aan ons bekend is nie. Ons het ook geskrifte, bevoorbeeld van 'n seker Babiloniese koning, met die naam van Ammoerabi, wat geleef het in die tyd van Abraham.

Die geleerde mense sê dat hierdie Ammoerabi dieselfde is as Amrafel, wat ons in die Bybel kry.

Nou kry ons nog 'n verdeling in die boeke van die Bybel, naamlik, in hoofstukke en verse. Het Moses en Jesaja hulle boeke in hoofstukke en verse verdeel?

Nee. Ook hieraan is 'n lang geskiedenis verbind, en eers in ons jaartelling is daar 'n verdeling in hoofstukke en verse, soos ons dit het, gekom. Hugo van St. Caro het in die 13de eeu eers begin met hoofstukindeling vir 'n konkordans vir die Vulgata, die Roomse se latynse Bybel, en in 1440 het Rabbi Nathan, 'n Joodse geleerde, die indeling vir die Hebreeuse teks gemaak. Die indeling in verse met syfers kry ons eers in die Bybel van Rob. Stefanus 1551.

## VRAE.

1. Wat is die deksel, waarvan ons lees in 2 Kor. 3:14?
2. Hoe word die deksel weggeneem?
3. Gee die name van die boeke onder Torah, Nebiim en Ketubim.
4. Wat lees ons van Amrafel in die Bybel?
5. Hoeveel hoofstukke bevat die Ou Testament en hoeveel die Nuwe Testament?

Die antwoorde moet by my wees voor die 20ste Junie. Onthou nou wat ek gesê het in "Die Kerkblad" van 17 Maart.

J. A. du P.

## DRIE MISTIEKE.

### DIE VRIENDE VAN GOD.

Die besonderse soort mistieke, wat hul altyd graag met die naam van Vriende van God bestempel het, het 'n lang geskiedenis in die Kristelike Kerk. Dit is baie moeilik, om hul geskiedenis hier selfs in kort trekke weer te gee. Hulle is bekend onder verskillende name, maar hul het mekaar meestal met die naam van broeder en suster toegespreek. Hul word nou eens genoemd die Switserse broeder of die Italiaanse en ook wel is hul aangeduid met die woord "die arme van Lyon." Lyon is 'n stad in Frankryk, waar ook 'n godsdienstige beweging, wat baie met mistiek te doen het, ontstaan is. Hul dagteken, soos hul self voorgee, vanaf die tyd van keiser Konstantyn die Grote d.i. van 325 af. Hierdie keiser het van die heidendom tot die kristendom oorgegaan, en hom baie met die kerk bemoei. Hy is die man, wat die vorname konsilie van Nicea gelaat bou het (325), en wat die kristelike godsdiens tot die godsdiens van die staat gemaak het. Die vervolgings het toe opgehou, en dit het voortaan 'n ere geword vir die mense, om aan die kristelike kerk te behoor. Dit was aan die een kant baie bevorderlik vir die kristendom, maar aan die ander kant ook skadelik, ja byna verderflik, want daar het van die tyd af gedurig veel kaf onder die koring gekom.

Die Vriende van God sê juis, dat die wêreld toe in die kerk gekom het, en dat die kristendom van die tyd af veruitwendig geword het. Geld, eer, en aansien het in die kerk die toon aangegee, en hierdie dinge het die ware, godsalige, vrome en eenvoudige lewe in die kerk verwoes, en die egte kristendom is so goed as verlore gegaan, soos die Vriende sê.

Hul het hul daarom eenkant gehou, en hoewel hul meestal wel by die kerk gebly het, het hul weinig van die kerk gedink en die ook min besoek. Die uiterlike seremonies, die prag en weelde van die kerk en van die priesters het hul teen die bors gestuit. Hul het gewoonlik hul besware nie weggesteek nie, maar die openlik verkondig en daarop gedruk, dat daar 'n ware, vrome omgang met God moet wees, want anders kan 'n mens die saligheid nie beërf nie.

Hul het hul ook in hoofsaak aan die suiwere en reine leer van die Bybel gehou. Die pouse en die priesters het hierdie mense vreeslik laat vervolg, hoewel hul dikwels nie eers gemeentes gestig het nie, dog slegs in geselskappe en in die onderlinge omgang mekaar gestig, vertroos en opgebou het. Juis omdat hul so stil en sonder vertoon met mekaar omgang gesoek het, is daar allerhande lasterlike stories van hul versprei, net soos voorheen van die eerste kristens, n.l. dat hul klein kindertjies geslag het en dat hul in hul samekomste die gruwelikste onsedelikheid bedryf het. Elkers het die vervolging weer teen hul opgevlam. So is daar in die jaar 1212 vyf honderd van sulke broeders gevange geneem. Daar was persone onder van die adelike stand, priesters, rykes en armes, manne en vroue. Van hierdie groot getal is 80 lewend verbrand, waaronder 12 priesters en 23 vrouspersone.

Die Vriende van God was baie verspreid oor die ganse Europa. Daar was amper in elke stad van hul.

Wat was nou die beskouing van hierdie mense oor die godsdiens? In kort kom dit hierop neer. Mensegeleerdheid kan niks toevoeg nie aan die Woord van God nie. Die Here Jesus het arme vissers, wat nie onderwese was nie, uitgestuur, om Sy kerk te stig en hierdie manne was alleen gewapen met Sy krag en Sy wys-

heid. En, so vra hul nou, is die Here toe nie die meeste verheerlik, en is Hy toe nie die meeste gedien nie? Hul wou min weet van die leer van die kerk. Die Bybel en alleen die Bybel en altyd die Bybel en die Bybel in sy geheel dit was die boek, wat hul gelees en geleer het. Vir die Duitse Vriende van God was die Bybel verkrygbaar in die Duitse taal en so kon hul aan hul begeerte, om hierdie die heilige boek te lees, voldoen. Vir die Vriende in ander lande was dit nie so makkelik nie, hoewel die Bybel ook nie vir hul onbekombaar was nie. Tot sover is dit nou tamelik mooi, wat ons van die Vriende skryf, maar helaas, daar het ook dwaling onder party van hul opgekom. So was daar sommige, wat oplaas gesê het, dat die hele Bybel nie vir die Kristen nodig was nie, want dat die woorde van die Here Jesus eintlik die pit en die kern van die Bybel is. Die apostels, so het hierdie dwalers geleer, was ook maar mense soos ons, en wat hul geskryf het, was slegs mense-woorde en beteken dus nie te veel nie. Hul was wel verlig, maar het tog vèr by die Heiland agtergestaan. Dit was natuurlik heeltemal verkeerd.

Onder die vriende van God was enkele, wat bekend gestaan het as heel besondere persone, deurdat hul aanhoudend met die Here in gemeenskap geleef het. Hul was by uitnemendheid die Godsvriende, en het 'n klein kring gevorm, en hoewel hul party keer ver van mekaar gewoon het, het hul tog mekaar geken en omgang met mekaar gesoek en onderhou. Hul het veral daarop gedruk, dat 'n mens deur die Heilige Gees geleer en onderrig moes wees. Die genademiddels van Woord en Sakrament het daar minder op aangekom. Die amp van priester was nie nodig nie, om aan andere onderrig in die Woord van God te gee. Wie die Here waarlik vrees, is die egte opvolgers van die apostels en kan ook leer. Hul het ook gemeen, dat sulke, met die Heilige Gees vervulde mense, die tug in die kerk mog uitoefen. Dit spreek amper vanself, dat daar baie onderskeid van opinie tusse hul bestaan het oor genoemde punte, en die een het in enkele daarvan baie verder gegaan as die ander. Nou was Nikolaas van Basel een van die vername Vriende, en wel een van die beste. Op 'n wonderbare manier het hy tot bekering gekom, wat ons later korteliks hoop te vertel.

Dr. Tauler was hoogs verwonder, soos ons reeds vertel het, toe hy deur Nikolaas aangespreek en vermaan geword het, dat soon man, wat nie gestudeer het nie soos hyself, so diepsinnig en naar waarheid oor die geestelike waarhede kon praat. Hy staan as verstom, en vra nou aan hom, wat daar met hom gebeur het, en wat die Here aan hom gedoen het, waardeur hy beter oor die groot en goddelike waarhede van die Skrif kan spreek as hyself, wat tog dokter in die Godgeleerdheid is, en dat Nikolaas ook ryker in genade as hyself is.

Nikolaas vertel daarop, hoe hy eenmaal in swaar stryd verkeer het en die Here toe gebid het, dat die vir hom iets moes openbaar, wat bo die begrip en verstand van 'n mens uitgaan. Maar, so sê hy, ek het dadelik berou oor hierdie gebed gekry, want ek het gevoel, dat dit vir 'n mens aanmatigend was om so iets te begeer. Ek het my voor God verootmoedig, en my self tot bloedens toe gekastyd. Daarop, so vertel Nikolaas, het die Here my Sy genade getoon, en my verstand is bestraal geword met lig en met klaarheid. Ja, dit was asof my natuurlike verstand weggegaan het, en ek 'n ander verstand gekry het, wat daar vèr bo uitgeblink het. Ek sien toe, dat die Here 'n groot wonder aan my verrig het. In die kort uurtjie het Hy my meer geleer, dan al die leraars my sou kan onderrig van nou aan tot aan die oordeelsdag toe.

Die Meester was heeltemal verbaas oor hierdie mededeling, en begeer, dat hy self ook so 'n kennis mag deelagtig word, en Nikolaas vertel hom toe, hoe dat kon gebeur. Maar dit moes dan geskied deur die Heilige Gees. Soos die dokter nou was, was hy 'n verlore en dode sondaar. Hierop leer Nikolaas nou aan Dr. Tauler, wat hul in die dae die A.B.C. van die geestelike lewe genoem het, en wat hierop neerkom, dat hy 'n heilig lewe moes lei, en hom self heeltemaal moes verneder. Dr. Tauler sê, dat hy nie daar somar kans voor sien nie, want hy ag, dat hy al heeltemaal needrig genoeg is.

Wel, so sê Nikolaas daarop, u moet u self as 'n arm sondaar voor die voete van Jesus neerwerp, anders is daar nie hoop vir u. Dan sal die Here u verder beproef, en u sal as goud gelouter word. U sal 'n baie bitter beker moet uit drink. Die mense sal u gaan verlaat, ja, u gaan haat. Hul sal dink, dat u kranksinnig geword het.

Hoewel hy daar eers voor teruggeskrik het, het die dokter darem die raad opgevolg, en dit het juis so uitgekom, soos Nikolaas hom voorspel het. Voor daar nog 'n jaar voorby was, het die vriende vir Dr. Tauler verlaat, en sy geestelike kinders wou niks meer van hom weet nie. Hy het amper van sy verstand afgeraak. Hy was werkelik in 'n vreeslike toestand die arme, en eers so beroemde dokter. Hy was verag en die gevierde prediker tree ook nie meer op vir die gemeente nie. Hy kon nie preek nie. Hy werk selfs nie meer nie, en was oplaas verplig, om 'n deel van sy kosbare boeke te verpand. Sy liggaam was uitgeput, en sy hart was moede en mat.

Een keer in 'n nag, toe die kerk die fees van die bekering van die Apostel Paulus gevier het, was die arme man so swak, dat hy nie na die diens in die kerk kon gaan nie. Hy was verplig om maar in sy sel of klein kamertjie te bly. Die slaap is ver van hom gewyk. Hy hoor toe 'n stem wat roep: "Vertrou op God"! Hy was dodelik benoud en stuur toe vir Nikolaas, wat toe vir hom sê: "Broeder, dit is nou die eerste maal, dat u die ware lewe in u ontvang. Die lig van die H. Gees skyn in u hart, en al wat u in u geleerdheid ken van die H. Skrif sal nou eers vir u duidelik word, soos dit nog nooit van te vore was nie. Dis nie langer vir u nodig nie, dat ek u leraar is nie, want die regte Leraar het u nou kom besoek." Nikolaas gee daarop geld vir die dokter om sy boeke wat verpand is, te los.

Kort daarna gee Dr. Tauler nou kennis, dat hy weer in die kerk vir die mense sal gaan preek. Dit was 'n blyde tyding, want die mense het altyd vir hom bewonder as een van die eerste en beste predikers. Op die bepaalde dag dat hy sou preek, sien die dokter dat die kerk stampvol is, en hy klim daarom op die hoë en nie die laë preekstoel, want van daar sou die mense hom beter kon hoor, meen hy.

Op die preekstoel begin hy te bid, terwyl hy sy gesig met sy hande bedek en sê: "O genadige ewige God, as dit u wil is gee my dan die genade, om so te spreek, dat dit tot eer van u naam is. Hy ween onder die wyl so, dat hy nie kan begin praat nie. Dit duur so lang, tot die mense in die kerk begin ongeduldig word. Op laas roep 'n man uit die gemeente: "Meneer, moet ons hier altyd bly staan? Dit word

laat en as u nie van plan is om te preek, laat ons dan huis toe gaan. Dr. Tauler hou egter aan met bid en ween. T. H.

C. 18 April 1925.

## 'N VOORTREKKERSMUSEUM IN POTCHEFSTROOM.

Soos die leser moontlik weet is enige jare gelede in Potchefstroom deur enige belangstellendes 'n begin gemaak met die insameling van voorwerpe vir 'n Voortrekkersmuseum. Iets wat seker baie op sy plek sal wees in die ou hoofstad van Transvaal, waar nog so baie is wat ons herinner aan die verlede. Potchefstroom is ook 'n taamlike sentrum van onderwys en veral vir die Voortrekkerafstammeling uit Wes-Transvaal. Ons kan om geen beter skakel tussen die opkomende geslagte en die Voortrekkersverlede dink nie as so 'n museum. Laat ons dus alle pogings in die werk stel om die ou dingetjies op te samel. En laat ons gou wees; want dis nie verwaarlosing alleen wat die kosbare artiekels uit ons midde wegsleep nie, maar ook en veral uitlanders.

Hierdie poging tot insameling het nou die dag vaste vorm aangeneem. Op 'n vergadering van enige belangstellendes is 'n sterk en goed verteenwoordigende

**Historiese Kommissie**

gevorm. Hy tel onder sy lede enige van die predikante van Potchefstroom, 'n paar verteenwoordigers van die staf en studente van die Uniwersiteits- en Normaalkolleges, ons plaaslike inspekteur, enige ou verdienstelike ingesetenes en verder verskeie dorps- en distriks-onderwysers. Hierdie kommissie kan by goedvinding verder uitgebrei word en kan by voldoende belangstelling moontlik subkomitees in buite distrikte vorm.

Uit die grotere kommissie is toe nog 'n

**Werkende Komitee**

gekies bestaande uit Inspekteur van der Lingen, en dr. Postma, ere voorsitters; mnr J. V. Coetzee, voorsitter, Lektor A. J. H. van der Walt, vise-voorsitter, mnr. K. Geertsema, Sekretaris, en mnr. Chas. Read.

Die Historiese Kommissie stel hom ten doel:

(a) Om belangstelling te wek deur woord en daad vir die saak van die museum.

(b) Om direk en indirek voorwerpe in te samel vir die museum.

(c) Om fondse te vind vir die insameling en behoorlike inrigting van die museum.

Die Kommissie het dit noodsaaklik gevind om een of ander blywende liggaam aan te wys as voogd oor die museum sodat die publiek met gerustheid die waardevolle gifte aan die museum kan toevertrou. Die Raad van die Potchefstroomse Uniwersiteits-kollege is toe aangewys as sodanige voogd.

Wat die

**gebou van die museum**

betref voel almal die wenslikheid om een of ander van die plaaslike ou historiese geboue te kry soos b.v. die ou huis van President Pretorius of een van die ou kerkies. Dog daar nie een van hulle op die oomblik beskikbaar is nie, is goed gevind om die goed voorlopig by die voorsitter, mnr. J. V. Coetzee, te laat. Hy sal meteen 'n wakende oog daaroor hou en alles behoorlik registreer en katalogiseer.

Verder is besluit om deur middel van Prof. Postma die Uniwersiteits Raad (die voogd) te vra vir 'n jaarlikse subsiedie. Aan 'n kommissie bestaande uit inspekteur v.d. Lingen, mnr. Chas. Read en Dr. Postma is opgedra om die Stadsraad te vra vir 'n doelmatige en meer sentrale gebou waar die museum meer besoekers en meer belangstelling sal trek.

Inspekteur v.d. Lingen bied aan belangstelling te wek by mede-inspekteurs in Wes.-Transvaal en persoonlik voorwerpe in te samel in sy inspeksiekring. Hy stel verder voor dat 'n omsendbrief gestuur moet word aan alle hoofde van skole in Wes.-Transvaal om propaganda te maak vir die museum.

Nog word

**'n kort oorsig**

gegee van wat reeds ingesamel is en kortliks gewys langs watter lyne gewerk kan word. Hieruit blyk dat die eerste en vernaamste afdeling moet wees voorwerpe uit die Voortrekkerslewe. Hier kan dan nog bykom 'n Kaffer-afdeling omdat die Voortrekkers met hulle in baie nou aanraking gekom het. Verder nog 'n Boesman afdeling en afdelings om die vroeër en later fases van die Afrikaanse volkslewe te illustreer soos b.v. dinge uit die vroeër lewe aan die Kaap; krygsgevangenevoorwerpe uit die Engelse oorlog en uit die Rebellie.

Uit die gegewe verslag blyk dat daar

**reeds aanwesig**

is onder ander:

1. Die ou **Bloedrivier-wa,** wat volgens die vorige eienares die Groot Trek meegemaak het en nog aanwesig was in die slag van Bloedrivier. Hy het op sy ou dag 'n seereis gemaak na Engeland om op Wembley tentoongestel te word.
2. Die **remskoen** van die ou Bezuidenhout-wa uit die Transvaalse Vryheidsoorlog in 1881.
3. 'n **Ou Sanna** wat deur Inspekteur v.d. Lingen uit die Makapaans grot gehaal is.
4. Bybehore by die ou Sanna soos: 'n kruithoring, koeëlvorms, kruitbussie, loodlepels, ens.
5. 'n Voortrekkersbybel en ander ou boeke.
6. Enige kledingstukke uit die dae van die Voortrekkers en later.
7. Enkele voorwerpe uit die huishouding soos b.v. 'n blaker, vysel, kersvorms, 'n snuiter, kommetjies, ens.
8. 'n Paar versiersels soos 'n harenet, borsspelde, ens.
9. 'n Asgaai nou later op Vegkop opgetel.
10. 'n Taamlike versameling van Boesman klippe.
11. Enkele krygsgevangene artiekeltjies.
12. 'n Ou Boeremaak Saal, die ou niertjie-saal.

Verder is ons beloof 'n ou Voortrekkers-houtploeg en 'n model van 'n ou perdemeul.

**Beroep op publiek.**

Soos die leser sien het ons nog maar 'n baie klein begin gemaak, maar met die samewerking van u en ander kan ons 'n mooi museumpie in Potchefstroom opbou. En dit is onse ernstige plig as afstammelinge en stamverwante van die waardige ou voorvaders. Hulle is op 'n enkele na reeds verdwyn van die toneel. Ons kan die stoere ou vaders en moeders wat besittings en kragte, geluk en gesondheid, ja selfs hul eie lewe opge-

offer het vir die redding van die Afrikaanse nasie, geen beter monument oprig nie as 'n museum. Die dooie voorwerpe sal in 'n lewende taal tot ons spreek en die Afrikaanse volksgeskiedenis vir ons dierbaar maak. Hulle sal as soveel getuies die reuse taak van die edele voorgeslag ons beter laat begryp. Hulle sal by ons 'n nasionale trots en vurige patriotisme kweek. Dus laat ons hulle nie wegsluit nie in of eenkant gooi op die solder vir die mot en die roes; maar laat ons hulle stuur na die plek waar hulle behoort te wees nl. aan die Voortrekkers-museum in Potchefstroom. Hulle is volkseiendom en hoort dus tuis waar hulle die volk kan opvoed.

Skryf of stuur dus aan ds. W. J. de Klerk, Registrateur, Uniwersiteits Kollege, Potchefstroom, of aan die ondergetekende.

J. V. COETZEE

Hoër Gimnasium,
P.K. Noordbrug, Potchefstroom.

### WIE VOLG? ! !

**Die P.U.K. Raad het £10 per jaar gestem vir die museum. Wie volg die goeie voorbeeld? Enige bydrae is welkom. Onthou dis 'n volks-saak! Dis 'n verskuldigde offer aan 'n waardige voorgeslag, wat land en lewe vir ons geoffer het.**

### ADVIES VAN PROFESSORE OOR DIE BONDS-KONSTITUSIE VIR JONGELIEDE VERENIGINGS.

Op versoek van die Jongelings Vereniging van Ermelo sou Dr. de Wet skrywe oor Jongelings en Jongeliede Verenigings, maar by nader oorweging het hy goed gevind om die ander Teologiese Professore te vra om met hom korteliks 'n advies daaroor uit te bring.

Na die verslag van die Kongres van Verenigings op Pretoria gehou, waarin Prof. van Rooy ook meegedeel het dat die Professore bereid is om hieroor te adviseer, het hulle saam die saak bespreek en word nou hier hulle advies na die lese van die Bondskonstitusie meegedeel. Dit kom hierop neer:

(1) Dat die Professore geen beswaar het teen die doel en strekking van die Bondskonstitusie as geheel nie.

(2) Wat hulle egter adviseer:—

(a) Dat Art. IIIc lui:— "Om vir ons toekomstige roeping in Kerk, Staat en maatskappy ons te oefen in die kennis van Gods Woord en van die Kalvinistiese beginsels". IIIc moet dan IIIa word.

(b) By Art. XI gevoeg word dat op so 'n Kongres nie alleen administratiewe werk sal gedoen word nie maar dat ook oor belangrike onderwerpe bevoegde persone voorlesings sal hou.

(c) Dat elke Vereniging die plaaslike leraar of 'n ander bevoegde persoon sal vra om te dien as raadgewer en dat die Verenigings hulle sal aansluit by die "Dient Elkander" gedagte, om hierdie gedagte nie alleen in die oog te hou by al hulle verrigtings nie maar om dit ook later in hulle lewe in verdere beoefening te bring.

## NUWE BOEKE.

*Laster en Legende omtrent Calvyn*, door ds H. Kaajan te Utrecht, uitgawe J. B. van den Brink en Co., Zutphen. 44p.

Hierdie brosjure is No. 9-10, Serie 4 van die 'Brochure-Reeks Ons Arsenaal."

Die inhoud bevat A. Inleiding, B. Het karakter van Calvyn, C. De Procedure van Seruet, D. De laster van het brandmerk. E. De legende van Calvyn's somberen styl.

Kalvyn is baie belaster geword en nou nog. Ook in Suid-Afrika. Dit is amusant om soms die brakkies te hoor blaf.

Sogenoemde kenners van Kalvyn en sy werk, wat twedehand vyandige of onsimpatieke lektuur oor hom met graagte lees en aanprys. In hierdie brosjure word lig gewerp op lewensepisodes van Kalvyn, waarvoor sy belasteraars moet skuiling soek. Die waarde van die brosjure lê nie alleen in sy korte inhoud nie maar ook in die bronnemateriaal, wat daarby moet gelees word.

(Word vervolg).

**OUERS!**

**Vervul Julle Doopsbelofte**

deur die kind 'n insig te gee in die heilsleer soos uiteengesit in die leersame en stigtelike boekie "Verklaring van die Kategismus vir die Katkisasie," 2/6 plus 1½d. posgeld. Kry daarby die aangrypende vermaning, "Dink aan jou Belydenis," 9d. plus 1d. posgeld. Geskryf deur Ds. J. G. H. v.d. Walt. Bestel van "Die Middellander," Bus 18, Middelburg, K.P.

# DAMES UITRUSTINGS.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

### VERLOWING.

MYBURGH—WEBB.—Mnr. Pieter Myburgh, Nasionale Bank, Delmas, Tvl., en Mej. Toekie Webb, Grasmere, Tvl., maak hulle famielie en vriende bekend dat hulle verloof is.

### VERLOWING.

VENTER—BUYS.—Aan familie en vrinde word die verlowing bekend gemaak van Anna (Dollie), dogter van Mnr. en Mevr. Joh. Buys, Kensington, met die jongeheer Lodewikus J. Venter, Kensington, Johannesburg.

### DOODBERIG.

COETZEE.—Dit het die Here behaag om op 25 April weg te neem my dierbare eggenoot,

**Karel David Coetzee,**

in die ouderdom van 58 jaar en 15 dae, na 'n siekbed van 2 maande, my nalatende met 11 kinders om sy heengaan te betreur.

Sy heengaan was soos sy lewe—stil en sag.

Ps. 37:37: "Let op den vromen en zie naar den oprechte, want het einde van die man zal vrede zijn."

Die bedroefde eggenote,

MARIA COETZEE (geb. Van Zyl).

Strydpoort, Steynsburg,
18 Mei 1925.

### DOODBERIG.

VAN WYK.—Ons harte is opnuut seer as ons terug dink aan ons swaar verlies op Hemelvaartsdag, 1924, toe van ons weggeneem is deur die onverbiddelike dood, my dierbare eggenote en zorgzame moeder,

**Johanna C. van Wyk.**

Ons hoop op 'n salige wedersiens.
Wat God doet is welgedaan.

Die treurende Eggenoot, Kinders, Suster en Swaer:

J. H. VAN WYK.

Seekoegat, Venterstad.


**GRAFSTENEN, MONUMENTEN IN TRANSVAALS GRANIET, OF ITALIAANS MARMER.**

**Opgericht in enig deel van Zuid-Afrika.**

***Tegen Laagste prijzen. Portretten van Grafstenen op aanvraag aan:—***

**L. CANNATA,**

**(*Opgericht* 1904)**

**Bus 5514. JOHANNESBURG.**

**H. J. KROEP**

**NYLSTROOM.**

GENERALE AGENT, GEZWOREN TAXATEUR.
BOEDELS MET SPOED AFGEHANDELD.

**MIELIES, Ens.**

**Nuwe Seisoensе Mielies**

**PRYSE VERMINDER. TREK VOORDEEL UIT ONSE AANBOD**

Koop van ons en sluit aan by onse menigte van tevrede kliënte. Onse kwotasies is vir onmiddellike versending en sluit spoorgeld na enige stasie oor die hele van Suidafrikaanse Spoorweë in. 'n Afslag van 1/3 per 100 pond word gegee aan kliënte wat self spoorgeld betaal.
Hickories 16/-; Geles 15/9; Kafferkoring 14/9; Wit Kangoes 15/9; Gebreekte Geles 16/3; Dersprod Pluimvee-mengsel 17/-, 180 pd.; Beste Wit gesifte Mieliemeel 19/-; Wit Rantsoen Mieliemeel 18/-; Geel Mieliemeel 16/6; Dersphat Koeimeel 150 pond 13/-; Gestampte Mielies 23/9; Mielierys 23/6; Bokweit, 180 pond 14/9; Sonneblomsaad 100 pond 10/6; Uitgesoekte Tafelartappels 10/-, 150 pond; Artappels geskik vir Varkkos, 7/6 150 pd.; King-of-Early of Up-to-Date Artappelmoere 10/9, 150 pd.; Koringsemels 8/6, 100 pd.; Voerhawer 0/3, 150 pd.; Algeriese Saadhawer 12/- 150 pd.; Wit Sidonian en Swart Winter Saadhawer 11/9, 150 pd.; No. 1 gesifte Boermeel 47/3, 200 pd.; Ongesifte boermeel 41/-, 200 pd.; Uitgesoekte droë Uie 21/-; Kafferkoringmeel 19/-, 80 pd.

Terme: **Kontant met bestelling** (geen K.O.A.) **Skryf aan:—**

**DERSLEY SE PRODUKTE STOOR,**

**Bus 566, Bloemfontein Telegrafies Adres: „Dersprod."**

**Mielies.**

**Nuwe Seisoense Mielies:** Dersley se Produkte Stoor sal bestellings aanneem vir alle soorte van Mielies, Mieliemeel, Kafferkoring, Pluimvee-mengsel, Gestampte Mielies, Mielierys, Sonneblomsaad, Boekweit vir versending gedurende Junie, Julie teen 1/- per sak minder as pryse in onse pryslys gekwoteer vir onmiddellike versending. Skryf aan

**DERSLEY SE PRODUKTE STOOR,**

**Posbus 566. :-: Bloemfontein.**

**Telegrafies Adres: "Dersprod."**

**2/- Posvry.**

**KATKISASIE-HANDBOEKIE**

**DEUR**

**DS. W. POSTMA,**

**Nou weer verkrybaar**

**by**

**VOLKSBLAD BOEKHANDEL**

**BUS 325,**

**BLOEMFONTEIN.**

**2/- Posvry.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 558 | 16 JUNIE 1925 | 26ste JAARGANG

### PREEK.

#### DIE DAE VAN NOACH EN LOT.

(Ds. W. J. de Klerk).

Sing: Ps. 119:53, Ps. 12:8 of Ps. 95:5, Ps. 73:14.
Lukas 17:26—35: En gelyk dit geskied het in die dae van Noach, so sal dit ook wees in die dae van die Soon des mensen; ens.

Die redevoerings van Jesus was altyd prakties. Ook in Sy voorspellinge en profetiese redes word die praktiese element nie gemis nie. Let maar op die voorspelling van Sy toekoms. Eers voorsê Hy dat die Nasionale bekering van die Jode dié groot teken is van die nabyheid van Sy toekoms (Matth. 24). Dan voeg Hy daaraan toe 'n paar praktiese vermanings vir die Syne. Let, leser, hoe Hy dit doen in onse teks, as Hy op die treffende ooreenkoms wys tussen die toestand wat geheers het op aarde voor die Sondvloed en voor die verwoesting van Sodom, en die toestand wat daar sal wees op aarde net voor Sy wederkoms. Teen die end van Sy lewe op aarde het Hy tweemaal profetiese redes uitgespreek. Eers by Sy afskeid van Galilea, waar Sy arbeid en leer die meeste ingang gevind het. Die rede word verhaal deur Lukas in onse teks. Later, toe Hy die tempel vir goed verlaat het, het Hy weer een uitgespreek op die Olyfberg. Daardie rede vind ons die uitvoerigste weergegee in Matth. 24 en 25. Die twee profesieë vul mekaar aan. Jesus wys in hierdie profesieë aan die hooftrekke van die hele wereldgebeurtenis. Die besondere aandag verdien die aanwysing van die algemene toestand net voor die wederkoms van Kristus. Hy wys ons op die dae van Noach en op die van Lot.

Dit tref ons dat ons in die Heilige Skrif geen voorbeelde uit die Ou-testamentiese geskiedenis kry waarna meer verwys word as na die Sondvloed en die verwoesting van Jerusalem. Daarvoor bestaan daar redes, en wel, allereers omdat in die twee gebeurtenisse die treffendste voorbeelde gevind word wat dien tot vermaning en waarskuwing; maar insonderheid omdat hulle voorspele is van die endgerig. Die dae, wat hulle voorafgegaan het, spieël af die tyd en die toestand wat ons moet verwag op aarde net voor die wederkoms van Kristus. Dit is dan of Jesus ons hier wil waarsku: Kyk daar het u die beeld in lewendige kleure geteken hoe dit sal wees voor My koms op die wolke.

Laat ons dan probeer in die spieël in te kyk, die ooreenkoms te ken en te erken om die nodige les daaruit te neem. Ons let dan eers op die *dae van Noach*.

Veel daarvan weet ons nie. 'n Volledige beskrywing het ons nie. Ons het net die eerste ses hoofstukke van Genesis en daaruit moet ons put al wat ons weet. Dit gaan oor 'n tydperk van omtrent 2,000 jaar. Vir iemand wat nadink is daar in die ses hoofstukke belangrike aanduidings. Allereers was die tyd voor die Sondvloed 'n tyd van *ontwikkeling in wetenskap*. Daar lees ons van Túbal-Kaïn, 'n leermeester van almal wat werk in koper en yster. Dit sluit natuurlik in die delwe, smelte, loutere en bewerke van die metale; die gebruik daarvan om verskillende gereedskappe te vervaardig. Vermeld word die bou van huise, stede en skepe. Uitgevind was die musiek-instrumente want ons lees van Jubal „die vader van almal wat in harpe en orrels handel". **Dink daaroor na wat di**e alles onderstel en insluit. Watter reuse werke van die menselike gees. Ons het hier die grondslae van alle ontdekkings, kunste en wetenskappe. Dit is selfs waarskynlik dat daar in al die eeue van die menselike bestaan geen tyd was, waarin die wetenskap met sulke rasse skrede hom ontwikkel het as voor die Sondvloed. Die lewensduur van die mens was langer en sy lewenskrag frisser. Dit was seker bevorderlik vir die ontwikkelingsgang van die wetenskap. Let. byvoorbeeld, op die bou van die ark. Daar ge-

skied nie 'n wonder nie. Ook geen besondere bekwaammaking as by Bezaleel en Aholiab toe die gereedskappe van die Tabernakel vervaardig is. Eenvoudig word die bevel gegee aan 'n man om die Ark te maak met opgawe van die omvang en inrigting. En tog wedywer die vaartuig met die meesterstukke van onse kuns en wetenskap. In seker sin was hy beter, want die gevaartes van onse tyd word nog dikwels beskadig deur die storms. Wat 'n hoogte moes die skeepsboukunde bereik het dat 'n gewone man as Noach die Ark kon bou. So sê Jesus, sal dit ook wees in die dae van die Soon des mensen. Die profeet Daniel (12:4) voorspel ook as kenmerk van die laaste dae dat "die wetenskap sal vermenigvuldig word." Is dit nie die geval in onse tyd nie? Let op die vermenigvuldiging in die laaste tien jaar. Wondere word verrig in die lug en onder die water. Afstand tel byna nie meer nie. Die toespraak van die Prins van Wallis by sy aankoms in Kaapstad kon gehoor word oor die hele Unie van Suid-Afrika deur middel van draadlose toestelle. Een van die nuusblaaie kon roem dat hy die uitslag van 'n wedren, wat in Engeland plaas gevind het, vier minute, na die beslissing daar, hier kon publiseer. Geen wonder dat teenwoordig gedweep word met die wetenskap. Die oplossing van die brandendste sosiale kwessies word gesoek in die wetenskap. Maar een ding word vergeet dat die H.S. sê: "Wie die wetenskap vermeerder, vermeerder die smart." Dit sal altyd meer en meer duidelik word dat die wetenskap alleen die mens nie kan red nie. Inteenddeel hy verhaas die afval en die oordeel. Daarvan is die dae van Noach 'n stellige bewys. Dit was dae waarin die skeidsmure, wat God gestel het, afgebreek is. Die soons van God het hulle vermeng met die dogters van die mense. Hoe die vermenging ook al verklaar mag word, dit was 'n onnatuurlike daad. Die grense wat God daar gestel het is oorskry en daaruit het voortgespruit die geweldenaars van die aarde. Van kwaad tot erger het dit gegaan totdat die aarde met wrewel vervul was en dit God aan sy hart gesmart het dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Die wêreld was ryp vir die oordeel en word verdelg deur die Sondvloed. So sal dit ook wees in die toekoms van die Soon des mensen. Ons is vinnig op dieselfde weg as die mense in die dae van Noach Die skeidsmuur in die kerk en in die wêreld word gaandeweg afgebreek. Wie 'n muur deurbreek—'n slang sal hom byt. Die betekenis van die kerk word nie meer verstaan nie. Al meer en meer win die gedagte veld dat hy 'n vereniging is waarby die lede vrywillig aansluit of weer hulle onttrek. 'n Vrugbare akker word geskep vir die sektes. Ons kry 'n Kristendom sonder hart en siel. Op maatskaplik gebied gaan dit nie anders nie. Ook daar die afbreking van die skeidsmuur. Die alles besilissende vraag is nie meer die *wil van God* nie maar die *Volkswil.* Daar word gebore kommunisme, sosialisme en bolsjewisme, die rewolusionêre verskynsels van onse tyd wat weer die aarde met wrewel sal vervul en hom ryp maak vir die oordeel. Die dae van Noach was eindelik *dae van vleeslike gerustheid teenoor alle vermanings en waarskuwings.* Hulle het geëet, hulle het gedrink, hulle het ten huwelik geneem, hulle is ten huwelik gegee, en dit terwyl die naderende oordeel hulle aangekondig was. Die aankondiging het nie die minste invloed op hulle uitgeoefen nie. Hulle het onverskillig en gerus gebly. Is dit by ons anders, leser? Ons het die profetiese woord wat vas is. Daarop moet ons ag gee. Die woord gaan in vervulling. Ons kan nou verstaan veel wat vroeër onverstaanbaar was. En tog is daar geen verandering nie. Die onverskilligheid neem toe en ontaard by vele al in spot.

Dieselfde toestand was dit *in die dae van Lot.* Hulle het gelewe in aardse genietinge. Planne en ondernemings het nie ontbreek nie. Hulle het koophandel gedrywe, geplant en gebou. Die toekoms was vir hulle 'n sekerheid. Die swaard wat bo hulle hoof gehang het, het hulle nie gemerk nie. So sal dit ook wees in die toekoms van die Soon des mensen en daarvandaan is ons nie ver nie. Nou is dit al net een bedrywigheid. Daar is haas by alles. Die tyd is by vele al te kort vir hulle besigheid. Hulle wil elke dag graag nog meer doen as die tyd hulle toelaat. Alles moet op 'n groot skaal geskied. In Jerusalem het daardie blinde gerustheid geheers tot op die laaste oomblik. Ook oor ons sal daardie laaste oomblik aanbreek en hoe sal die wees? Een troos is daar, vir die wat waak sal daar 'n ontkoming wees. Noach is behou in die Ark, Lot gaan uit Sodom, vir die gelowige in Jerusalem was daar 'n Pella. Op Sy tyd sal die Here aan die gelowige 'n toevlugsoord openbaar as die sware tye voor Sy wederkoms aanbreek. Van hierdie ontkoming lewer die gebeurde met Lot vir ons 'n leersame voorbeeld. Daar tref ons drie soorte mense aan. Eers die skoonseuns van Lot. Hulle is ongelowig en kom om in Sodom Hoevele sal in die dag, waarop die Soon des mensen geopenbaar sal word, agterbly omdat hulle

nie geloof nie? Sommige gaan nou nog deur vir gelowige en word gereken by die kerk, maar wat sal gebeur as hulle staan voor die groot wit troon? Die een word meegeneem en die ander agtergelaat. As u nie geloof nie, sekerlik u sal nie bevestig word nie. Daarom beproef uself, of u in die geloof is. 'n Twede voorbeeld is die van Lot. Hy het vertoef. As dit aan sy keuse gelê het om uit te gaan of te bly dan het hy seker omgekom in Sodom, maar hy was uitverkies vir die lewe en die wraakengele kon niks doen nie voor hy uit Sodom was. Hier is die beeld van die toestand in die laaste dae. Die een word meegeneem en die ander agtergelaat. In die nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander sal verlaat word. Twee sal op die akker wees: die een sal aangeneem en die ander sal verlaat word. Ernstige woorde.—verwesenlik by die verwoesting van Jerusalem. Die vlug was haastig en die skeiding smartelik. Hulle het nie ag gegee op die woorde van Jesus nie. Onvoorbereid het die Romeinse leër hulle oorval. Hoe vreeslik sal die wederkoms van Kristus wees vir die onagsame wêreld. Waak dan, want salig is die dienskneg wat sy Heer wakende sal vind.

Die vrou van Lot word ons spesiaal tot 'n waarskuwende voorbeeld gestel. Van haar word net meegedeel dat sy omgekyk en in 'n soutpilaar verander het. Reeds was sy op die weg van behoudenis en tog het sy omgekom. Haar hart was nog in Sodom, sy was geheg aan die aardse. Wat 'n vreeslike oordeel wag diegene wat hul hart op die aardse goed gestel het. Kristus eis van ons 'n ongedeelde hart. Hy het Homself geheel gegee tot in die dood toe. Nou roep Hy ons toe: Gedenk aan die vrou van Lot. Sy het te veel geloof geslaan aan die woord van die engele om in Sodom te bly, maar sy het met haar hart bly hang aan die dinge wat sy agtergelaat het. Mog die Here u daarvoor bewaar. Hy gee u genade om Kristus ontwil om van alles los te wees, gewillig om alles te mis, tot selfs u sterflike liggaam toe, om te kom tot die volle vereniging met Hom in die dag.—*Amen.*

## DIE KRISTELIKE UNIE.

Ons het in die vorige uitgawe die Konsep-statute van die Kristelike Unie gepubliseer, en ons hoop dat die lesers hulle volle aandag daaraan gegee het.

Die Kr. Unie is 'n breëre uitbou van die oorspronklike vereniging vir Kristelike Hoër onderwys, wat nou ingesluit is by die Unie. Daarom word die lede van die eerste ook ingelyf by die Unie, tensy hulle te kenne gee dat hulle dit nie verlang nie. Sover ons weet het niemand beswaar gemaak teen die outomatiese inlywing nie. Dat ons nou 'n woord wil sê tot bevordering van hierdie belangrike saak is nie omdat die Unie 'n Kerklike karakter dra nie. Nee, die Unie staan buite die Kerk. Maar waar die Unie nog nie 'n eie orgaan het nie, wil ons graag die leemte soveel moontlik aanvul, temeer omdat ons bewus is van die betekenis van die Unie vir die Kristelike Kultuur-lewe van ons volk.

Die doel van die Unie is om op die grondslag van die Woord van God die Kristelike beginsels te studeer en te versprei. Hierdie beginsels word nader gekenmerk deur die toevoeging "volgens die Kalvinistiese lewens- en wêreldbeskouing." Dit kom ons voor dat die Unie later 'n program van beginsels sal moet ontwerp om die grondslag en doel nader te omskrywe en aan te toon hoe hulle toegepas moet word op die verskillende terreine van die lewe . Daaroor handel ons nou nie verder nie. Die Unie is ongetwyfeld gebore uit die drang van omstandighede. Ons geestes-wêreld lyk nie mooi nie.

Ons is in 'n maalstroom, waarop ons drywe na 'n onbekende toekoms.

Oral in die wêreld openbaar hulle geestesstrominge, wat soek na 'n vaste bedding.

Die aanspoelings van hierdie stromings bereik ook ons land, en dreig ook om in aansluiting aan die sondige hart en die verduisterde verstand 'n stroom van ongeloof te word, wat die bedding van ons Kristelike volkslewe sal verlaat.

Ons kan hier net wys op 'n ongelowige of half-gelowige Wetenskap, en op 'n verwilderde of half-verwilderde sedelike lewe.

Wat wil die Kr. Unie nou? Hy wil teenoor hierdie stromings weer die stroom van die Kristelike lewens en wêreldbeskouing op wetenskaplike wyse en welbewus laat reageer om die tradisionele stroom van ons Kristelik volkslewe op die bedding van Gods Woord te laat vloei.

Vir sommige is die kanaal, waardeur dit moet gebeur, die Kerk, en hierdeur het dit gebeur dat die Kerk hom beweeg het op gebiede en in rigtings, wat buite sy roeping gelê het. Maar die gevolg was ook, dat die kerklike verskille steurend gewerk het op die gewenste eenheid.

Die Kr. Unie wil 'n gemeenskaplike grondslag lê vir gesamentlike aksie van almal van alle Kerke, wat sy grondslag en doel kan onderskrywe.

Wat is die veld wat die Unie gaan bestryk? Dit is moeilik om sy veld op hierdie stadium van sy aanvang al te oorsien. Dit staan egter vas dat hy hom nie wil opwerp as 'n kerklike of 'n politieke party nie.

Buite hierdie grense is sy veld van aksie bykans onbeperk. En hoe verder sy grense uitbrei hoemeer o.i. sal sy kommissoriale arbeid gedesentraliseer moet word.

Hoe ruimer die begrip van die lede is van hulle roeping, hoe meer die bakens van sy arbeidsveld sal versit word.

Ons wens die Unie 'n ruime ontvangs en 'n geseënde arbeid toe!

## DIE HEL.

VI.

Voordat ons afskeid neem van die Oue Testament moet ons nog 'n moeilike vraagstuk onder die oë sien, naamlik: Watter vorstelling het die gelowige onder die Oue Verbond gehad van die hiernamaals? Of duideliker gesê: Wat beteken die woord sjeool, 'n woord wat deur ons vertalers afwisselend vertolk is met "graf" en "hel?"

Teenswoordig is die vraagstuk van aktuele belang, omdat daaroor soveel geskrywe is en soveel vreemde gevoelens omtrent die sjeoolkwessie verkondig is. Ook teenoor dwaalleringe soos die van die Russelliete en Sabbattariërs is dit nodig dat ons op die hoogte kom van wat Gods Woord ons omtrent hierdie saak leer. Dan is daar nog altyd mense wat met besondere voorliefde die vraag opwerp. Of daar 'n "bewaarplek" is, en watter voorstelling 'n Skrifgelowige hom daarvan moet maak.

In verband met die saak wat in hierdie artiekel-reeks behandel word, kom alles hierop neer: Of die hel as plek van pyniging aan die gelowige onder die Oue Testament bekend was? Want as hulle dienaangaande geen kennis besit het nie, dan het Israel volkome gelykgestaan met die ander volke van die oudheid, dan was daar geen onderskeid tussen die openbaringsvolk en die heidene nie; met ander woorde, Israel het dan ook maar net geglo aan 'n Hades, 'n onderwêreld of doderyk of skimmeland soos die Grieke en Romeine en ander nasies wat daaromtrent hulle denkbeelde aan ons oorgelewer het.

Hierdie voorstelling, naamlik dat Israel met sy "sjeool"-voorstelling maar min verskil het van wat ander nasies omtrent die hiernamaals geleer het, tref ons in 'n menigte van geskrifte en kommentare aan. Dit word in die boeke as 'n uitgemaakte saak verkondig dat Israel se godsdiens ook maar beperk was tot die teenwoordige lewe; die verlenging van die dae in die land wat die Here vir hulle gegee het, was, so word gesê, by die Israeliete die een en al; 'n uitsig op die ewigheid was daar nie; hemel en hel het buitekant hulle gesigskring geval.

Wat moet ons hiervan sê?

Al dadelik wil ons opmerk dat vroeër nie genoeg rekening gehou is met die *garig*, met die *wording* van die Godsopenbaring nie. Teveel het die voorstelling ingang gevind dat die kennis aangaande Gods wil en werk 'n vasstaande grootheid gedurende al die eeue was en dat die gelowige van die Oue Verbond omtrent net soveel geweet het as die van die Nuwe Verbond. Daar is nie genoeg besef dat Israel in die moreskemering geleef het en dat die volle dag eers later deurgebreek het.

Natuurlik was die kennis van die saligheid altyd aanwesig; wat die *wese* van die openbaring betref, was daar geen verskil nie, reeds by die paradyspoort het die Here sy genade geopenbaar en 'n uitsig op volkome verlossing geopen deur die aankondiging van 'n Oorwinnaar (Gen. 3: 15). In kiem het die oue vaders alles besit.

Ons gereformeerde teologe het dan ook volkome gelyk gehad toe hulle die stryd teen Coccejus en sy volgelinge begin het. Coccejus tog het op grond van Rom. 3: 25 geleer dat daar onder die Oue Verbond nog geen volle vergewing van die sondes gewees het nie; daar was net 'n "oorsien" of "verbysien" van die misdade. Ja, die hele openbaring was vir Coccejus eintlik niks anders as 'n historiese proses: elke keer ander verbonde met ander beloftes en ander uitsigte, op die ewigheid.

So egter is daar groot geweld gepleeg aan Gods Woord, is die Oue Testament omlaag getrek en is daar vir Abraham geen plek meer as "*vader* van die gelowige" nie. Al die geloofshelde van Hebreën 11 verlies dan die stralekrans wat hulle hoof omskitter het; hulle is dan geen helde en voorgangers nie, maar mense wat in 'n halfdonker rondgetas het.

Teenoor die Coccejanisme het ons godgeleerde beslis gehandhaaf die skriftuurlike waarheid dat Gods heil altyd dieselfde was en dat daar tussen die geloof van Abel en die geloof van die laaste gelowige wat in heerlikheid sal ingaan, geen *wesenlike* verskil is nie. Inteendeel, die vraag is, of hulle kerngeloof nie baie intenser, baie sterker was as ons geloof nie!

Dat die heilsopenbaring altyd dieselfde was.

omdat God in Sy beloftes nie kan verander nie. kan ons nie beter duidelik maak as deur die beeld wat Da Costa gebruik het nie.

Hy sè: As 'n leër soldate by 'n tol verbytrek—sulke tolle was daar nog tot kort gelede by brugge—dan moet hulle betaal. Maar die soldaat het self geen geld nie. Om by die tol te kan passeer, moet hy egter betaal. Daarom wys die voorste soldate *terug* op hulle generaal wat aankom en vir hulle *sal betaal*—en hulle word toegelaat om verby te trek. Maar die soldate wat agter die generaal aankom, wys *vorentoe* op die generaal wat vir hulle *betaal het*— en hulle word ook toegelaat om verby te marsjeer.

Net so gaan dit met die lang reeks van gelowiges wat optrek na die heerlikheid toe. Die geloofstryders wat voor Christus geleef het, wys op die Messias wat nog *sal kom* om vir hulle te betaal; en diegene wat na Christus lewe, wys terug op die Messias wat *gekom het* om vir hulle te betaal. In altwee gevalle is daar betaal, en daar is maar *een Naam* wat almal noem en wat vir almal 'n deurtog verleen.

Dit is die ooreenkoms tussen die twee groot reekse van gelowige. In *wese* en *grond* is dit dieselfde saligheid. Alleen in *graad* en *toepassing* is daar verskil.

Laat ons dit probeer duidelik maak met die woord van Prof. H. H. Kuyper wat onlangs ons land besoek het en wie se magtige woord seker nog naklink in die oor van menigeen.

In 'n reeks stukke wat lang gelede in die "Heraut" verskyn het onder die titel "Nederdaling ter Helle" sè die geagte professor dat die bedoelde verandering van toestand nie die *wese* van die genade raak nie, maar die *toepassing* Maar laat hy liewers self spreek.

"Die arme Lasarus, sè hy, gaan na *Abraham se skoot*, terwyl vir die Christen sy heerlikste verwagting is dat hy *by Christus* sal wees...Vir die moordenaar aan die kruis word gesè: Heden sal jy *met my* in die paradys wees. Dié woord kon nie gesê word vir die gelowige van die Oue Verbond nie. Hulle het na hulle sterwe nog nie na die paradys gegaan nie, maar na Abraham se skoot; hulle het nog nie geniet die gemeenskap met die mens geworde Middelaar nie."

Al gebruik die Skrif beeldspraak, soos in die gelykenis van Lasarus en die ryk man (so merk dié professor verder op), agter dié beeldspraak moet 'n werklikheid skuil. Dan vervolg hy: „Eers deur Christus se sterwe en opstanding het daardie verskil weggeval en geniet die aartsvaders tans dieselfde voorreg wat ook aan ons dooie geskink word."

Saam met Prof. Bavinck beskou Prof. Kuyper die „paradys" en die „skoot van Abraham" as plekke van geluksaligheid Ons verwerp daarom die lering aangaande 'n „bewaarplek." Die gelowige van die Oue Verbond het nie, saam met al die ander afgestorwene, na 'n soort van skimmeryk gegaan nie; hulle is na hulle dood in die gemeenskap van die Here opgeneem. Alleen, die toestand van heerlikheid was voorlopig; voorlopig in dié sin dat hulle, soos Prof. Kuyper dit so korrek uitdruk, nog nie geniet het die gemeenskap met die mens geworde Middelaar nie.

So sien ons dat die aanvalle op Gods Woord, waarvan hierbo melding gemaak is, gedien het om ons insig te verhelder in die gang van die Godsopenbaring. Baie dinge is daar wat nog onverklaar bly. Oor die leer van die „laaste dinge" sweef 'n geheimsinnige duisterheid wat eers verdryf sal word deur die more van die opstanding. Maar Gods Woord bevat ook duidelike aanwysings, ligstrale wat onmiskenbaar is, en vir dié lig moet ons dankbaar wees.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

*Waarde Vriend,*

As ek u vir 'n slag sou meedeel, hoeveel boodskappe en briefies ek af en toe kry met die versoek, om nou oor hierdie onderwerp en dan oor daardie iets in my korrespondensie aan u te skryf, dan sou u seker verwonder wees. Die een wens dat ek oor 'n baie moeilike saak my opienie sè, en die ander wil weer hê, dat ek min of meer 'n aangename brief in losse styl oor enigsins 'n vermakelike voorval skryf. Dit sou my werkelik 'n plesier wees, om aan al die versoeke te voldoen, maar dit sal nie gaan nie. Onlangs ontmoet ek 'n vriend, wat my sè, dat hy opgemerk het, dat my briewe in die laaste tyd nie meer soveel humor bevat as voorheen. Hy het dit jammer gevind, en ek self is daar ook spyt oor, maar ek kan daar niks aan doen nie.

Ek het al uitgevind, dat die digter De Genestet in sy leke-diggie oor humor die volle waarheid sè. U sal u seker daardie gediggie van hom wel herinner. So nie, dan skryf ek dit hier af.

*Humor.*

Een ryke taal vol geest—en ingehouden tranen,
Vol zin—ook zeer geschikt tot leren en vermanen,
Mits maar de vrienden haar verstaan,
Want velen klinkt ze als Grieks, voor and'ren weer—profaan.

So is dit dan maar die veiligste, om my briefies sonder 'n speserytjie daarin somar op tafel te sit. Dit is nou wel 'n bietjie moeilik party keer, veral as mens so effens van kruië hou. Dit is, glo ek, volgens sommige 'n groot gebrek, as mens so is. Hier nie ver vandaan het ek 'n ou vriend, 'n baie goeie oom, wat ook gepla is om, so as hy sê, so nou en dan 'n grappie te maak. en hy het al baie keer daardeur in die grootste moeilikheid geraak, soos hy my vertel. Die ou oom beweer, dat in 'n grappie ook altyd 'n korreltjie peper of kruiëry moet wees, want anders is daar nie smaak aan nie, en dit is juis die ding, wat alger nie kan veel nie. Party meen mos. dat dit ydel en ligsinnig is om 'n grap te maak, en die ou oom, waar ek van praat, is juis 'n baie vroom man en het jare lang met eer as ouderling gedien. Ek is van opienie, dat as in die lewe nie 'n bietjie humor toegelaat word nie, die swaar 'n mens op laas sal neerdruk en heeltemal oormeester.

Dr. A. Kuyper het een dag op die kollege aan ons gesê, dat humor niks anders is nie, as dat iemand die raam oopskuif van 'n kamer, waarin dit baie benoud en bedompig is, en hy op daardie manier die fris lug daarin laat instroom.

Ek reken, dat dit 'n uitstekende beeld is, maar party is dan natuurlik by die instroom van die lekker, fris lug weer bang vir 'n trek, en meestal kry 'n enkele dan ook werkelik dadelik somar 'n stywe nek. Ek sal nou met hierdie onderwerp maar ophou, want dit is hier altemit nie op sy plek nie.

Soos u weet, sal ons hier in die Unie netnou tot die goudstandaard terugkeer, en dan ontslaë raak van die waardelose en morsige papiertjies, wat ons banknote noem. Ons sal dan weer, so as vroeër, die gele, goue ponde as betaalmiddel gebruik, en ek kan nie anders as dink nie, dat dit ons finansiële vertroue sal versterk.

Daar was altyd, en daar is nou nog mense, wat van 'n banknoot niks wil weet nie. Dis nie geld nie, sê hul, want daardie verfrommelde papiertjie het nie die minste waarde in homself nie. Dit is natuurlik waar, dog 'n bewysie van £100 van ryk oom Japie, wat 25 duisend morge grond besit sonder verband daarop, en nog 10 duisend skape daarby, is net so veel werd as 100 goue ponde, en so is dit ook met die note van die bank. As daar voor die note goud in die bank lê, of die goewerment borg is vir die note, dan kan mens hul maar neem in die plek van goud. Maar nou weet mens dit nie altyd nie. Mens sien nie die goud nie wat mens hoor, dat daar iewers in die ysterkiste van die banke opgehoop lê.

In elk geval, ek ag dit baie goed, dat ons spoedig weer goud sal kry in plek van die ou papiertjies. Maar weet u, wat ek nog liewer sou sien? Dit, dat ons op die gebied van die sedelike en godsdienstige lewe ook na die goudstandaard van voorheen mog terugkeer. Die ligsinnigheid en onverskilligheid neem stadig aan onder ons toe, en dit is of die ware goud van die deug en godsvrug sterk verminder. Dit is ook so in ons Gereformeerde kringe. Hoe sal ons nou op daardie gebied tot die goudstandaard terugkeer? Dit kan nie geskied deur 'n besluit van die kabinetministers of, anders gesê, deur die regering nie. Daar is die genade en die hulp van Bô vir nodig.

'n Hoogbejaarde Engelse predikant van in die tagtig sê gister aan my, dat hy ook die *magician* (triksemaker), wat hier vir 'n paar dae op die dorp was, ontmoet het, en dat daardie man vir hom gevra het, of hy nie sy *fortune* (sy toekoms) sou voorspel nie.

Nee dank u, het ek geantwoord, sê die predikant, my *fortune* is al lang gelede bepaal, en daar sal u gelukkig niks aan kan verander nie. en bodien is dit net so wel vir u as vir my self verborge. Weet u, so sê die predikant toe verder aan my, dat daardie waarseggery heeltemal 'n sondige ding is.

Ongetwyfeld is dit sondig, antwoord ek daarop. Dit is 'n sonde teen die eerste gebod. Die mense, wat daar agter aan gaan, soek hul heil en geluk by die godin Fortuna, die heidense godin van die geluk.

Natuurlik, sê hy toe weer, die hele ding kom voort uit gebrek aan geloof in God. Die mense het geen vertroue in die bestuur en die leiding van die Almagtige, en nou soek hul troos by en neem hul hul toevlug tot sulke nikswêrd mense, wat niks van die toekoms afweet nie. En u moet weet, so voeg hy daaraan toe, dat daar 'n menigte mense na die man toe gaan. En daar kom party by hom, waar u dit nooit sou van verwag het nie.

Wat die ou leraar daar gesê het, is die waar-

heid, en die wonderlikste, of nee, laat ek sê, die natuurlikste is, dat mees die vrouelike geslag tot die waarsegger die toevlug neem. Hul lyk veral oor hul toekoms besorg, en is senuweeagtig, om te weet, wat hul nog in die toekomende tyd kan verwag.

Party sal jou natuurlik vertel, dat hul net vir die grap gaan, en al mog dit ook al so wees, dan is dit nog beslis af te keur. Hul wat meen, dat hul vir die grap gaan, mislei hulself, want daar is in die diepste grond van hul hart tog 'n heimelike begeerte, om te weet, wat die waarsegger wel sal vertel, en dit is al 'n bewys, dat hul nie met die volle geloof aan Gods voorsienig bestel die onsekere toekoms durf intree nie. Hul wankele en onvaste gees raak dan ook meestal geheel of gedeeltelik onder die invloed, van wat die waarsegger hul voorspel het. As daar net 'n paar dingetjies in die verdere lewe van hul gebeur, wat oppervlakkig enigsins ooreen skyn te kom met die voorspelling, dan is die persoon vir die verdere deel van sy lewe heeltemal onderworpe aan die gevoel en die vrees, dat die ander nou ook sal gebeur. Dit word dan soms 'n ondraaglike las, 'n pynlik gewig, wat sulk 'n persoon neerdruk, veral as die voorspelling gelui het, dat daar b.v. nog 'n groot stryd moet gestry word, of dat daar onder seker omstandighede 'n ongeluk sal gebeur soas ek o.a. gehoor het dat iemand sou verongeluk met die ry, in 'n vaal motorkar.

Is 'n voorspelling gunstig gewees, dan leef daar by die bygelowige 'n blye hoop in die hart vir die toekoms, maar dit is dan nie die hoop van 'n kristen, wat moet rus op die vertroue op sy God en Heere, maar die persoon leef dan uit die ydele voorspelling van 'n bedrieglike waarsegger. Die hoop rus dan op 'n mens, en nie, soos dit behoor te wees, op die belofte van ons Vader, wat in die hemele is.

In die erste geval is daar dan angs, vrees en sielskwelling, wat deur die waarsegger die swakke, bygelowige op die lyf gejaag is, en in die ander geval word die verwagte huis van geluk en voorspoed op die sandgrond van 'n bedrieger gebou. Swakker kan dit seker nie wees nie.

Bowedien kan ek hier byvoeg, dat die H. Skrif dit ook verbied om tot 'n waarsegger te gaan. Dit gaan in teen die gebod van die Heere. So as iemand, wat iets meer van hierdie dinge weet, my vertel, gaan die waarsegger vir 'n groot deel af op die strepe, wat in 'n mens se hande is. Daarop word dan die voorspelling van jou lewe gebasseer. Die strepe en lyne in die hande het selfs name, en een daarvan noem hul die lewenslyn, want hierdie lyn wys kamelielies aan, hoe lang of hoe kort 'n mens op aarde sal vertoef. Kan dit nou wel belagliker? Op my vroeëre reise na Grikwaland het ek ook op 'n plek gekom, waar 'n posmeester was, wat amper al sy tyd aan die handkykery ("palmistry") gewy het. 'n Suster, wat daar nog al tamelik geloof aan gehef het, vertel my toe daar, dat die man dikwels by hul gekom het, en aan hul sy boeke gewys het, waar hy al sy wysheid uit gehaal het. Dik boeke dus geskryf oor sulk 'n dwaas onderwerp, verbeel jou. Waar word die drukpers al nie moeg mee gemaak nie.

Die enigste boek, waar ons as Kristene ons op moet verlaat is die Woord van die Heere, en wie vir hom op die Woord verlaat, sal nie beskaam uitkom nie. Dit is die lamp vir ons voet en die lig vir ons pad. Ps. 119:105.

Hoe meer ons ons daarop verlaat, hoe gelukkiger en hoe rustiger dat ons lewe sal wees. Al die bygelowighede maak ons ongelukkig en bang.

Beste groete,

U vriend, T. H.

C., 10 Junie 1925.

---

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

---

Volgens *De Heidenwereld* kom Dr. S. M. Zwemer, die bekende Mohamedaanse Missionêr, ook naar S. Afrika in Junie om konferensies hier by te woon, wat op verskillende middelpunte sal gehou word. Kan iemand daaroor nadere informasie gee? Lê dit nie op die weg van Sendingdeputate om hiervan kennis te neem nie? Volgens *De Kerkbode*, 3 Junie, is Dr. Zwemer al in die Kaapprovinsie.

* * * *

Dat in S. Afrika nog hard moet gewerk word om die heiden tot die waarheid van Gods Woord te bring bewys 'n lelike hofsaak uit Soeloeland. waarin kaffers beskuldig staan van die moord van 'n kind, wat hulle dood gemaak en gebraai het en gedeeltes van sy liggaam gebruik het vir toordoeleindes. Die maan het hulle aangeroep as hulle beskermgod.

* * * *

Die Engelse Kerk het ook in Johannesburg 'n Sinode gehou, waarop ook die Plaaslike Keuse Wetsontwerp en die Sending bespreek is. Hierdie kerk beweeg hom ook op sake wat buite sy terrein lê en probeer om net so sterk as ander kerke 'n politieke invloed uit te oefen op die Staat. Die Biskoppe en priesters van hierdie kerk is byna almal geimporteerde mense uit

Engeland en hulle is baie Imperialisties gekleur.

Hulle werp hulle dan ook op as die beskermers van die naturelle en pleit vir hulle gelyke regte met die blankes. Die Engelse Kerk se sendingidee sluit hulle nog altyd aan by die van die ou Engelse sending wat in S. Afrika so baie ellende gestig het.

Dit het nou weer geblyk op hierdie Sinode, waar 'n leek 'n bietjie krities opgetree het teen die ou sending.

Die Biskop van Johannesburg sou graag met hulle 'record' agter sy rug naar die Hemel wil gaan.

Die Dekaan van Johannesburg het gesê dat dit die roeping van die kerk is om te veg vir die regte van die naturellebevolking. Een naturel het gesê dat 'n vorige spreker, wat bietjie huiwerig was vir die ywer van die predikante, hom herinner aan die dae toe op 'n seker plek die *ou* Ned. Geref. Kerk op 'n kerkdeur 'n kennisgewing aangeplak het dat honde en kaffers nie mog binne gaan nie.

Getrou aan hierdie gees het die Sinode hom teen die segregasie politiek verklaar, en ook teen die vervanging van gekleurde arbeid deur blanke seuns.

Ons wil dit voorkom dat dit hoog tyd word dat die Staat aan die kerklike institute te kenne gee dat hulle op eie terrein moet bly.

* * * *

Werk vir die Transvaalse Klassis: Elke Klassis doen ondersoek in hoever die munisipale en staatsinrigtings onder sy resort vir krankes, kranksinniges, swaksinniges ens. wat hulle kristelik beginsel aangaan, beantwoord aan die behoeftes van ons lidmate, en as hulle nie bevredigend is nie, wat gedoen moet word.

* * * *

Aan Dr. de Moor van Holland is gestuur 'n Bundel gesange en Psalms met nuwe wysies, saamgestel deur 'n kommissie van die Ned. Geref. Kerk van die Kaapprovinsie in 1919; waarvan Ds. P. G. J. Meiring die voorsitter is. In *De Heraut* van 3 Mei gee Dr. de M. sy oordeel daaroor. Hy sê hy weet nie hoe die kommissie verskillende van die Psalmwysies onsingbaar noem nie, soos bev. Ps. 62, 63, 69, 106, 130, 131, 139. In die twede plek verbaas dit hom hoe die kommissie met sulke wysies soos die nuwe voor die dag kan kom nie. Hy noem hulle Sankeymusiek en hulle laat 'n mens dink dat jy in die Heilsleër (Salvation Army) is. Een van die komponiste is Joh. de Heer. „Dan weet u de richting," sê Dr. de M. Vir „de zoo smartelik klagende melodië" van Ps. 137 het die heer Beversluis 'n draai-orrel wysie gekomponeer. Waarom, so vra Dr. de Moor, sing die mense in S. Afrika nie die pragtige Psalmwysies met heel en halwe note nie? Hy sê verder: „Maar het is een gruwel om zulk een slap werk te geven ter verbetering van onze zogenaamde onzingbare melodieën! *Kennen* de broeders in Z. Afrika wel onze fraaie Psalmwyzen?"

Hy noem hierdie wysie-verandering 'n vandalisme (vernieling van kunswerk).

Die harmonisasie deur P. K. de Villiers van Ps. 5 noem hy met 'n paar uitsonderings „treurig zonder eenig verband met de woorden." Miskien is hierdie kritiek oordrewe. Of Dr. de Moor 'n bekwame beoordelaar is weet ek nie. Ek plaas maar hierdie kritiek net om vir ons twee dinge onder die aandag te bring, die eerste is dat ons beter oefening moet hê in die singe van ons kerkmusiek, en in die twede plek dat ons baie versigtig moet wees met die invoering van nuwe wysies. Alleen persone wat die kuns verstaan, en hier in besonder die kuns van kerkmusiek, wat heeltemal 'n ander karakter moet dra as ander musiek, is in staat om 'n oordeel te vel.

Die vraag is nie of dit vir ons oor, ongeoefende ore dikwels, 'n mooier wysie is nie, soos daardie wysie van Ps. 146, maar of dit beantwoord aan die eise van Kerk-musiek-kuns. Wat die eerste aangaan, wel, ons het net soos oor die sending en ander dinge al genoeg daaroor *gepraat*. Kan die kerke nie 'n kenner van die kerkgesang in diens kry om verskillende gemeentes te besoek en ons met ons kinders bietjie te oefen in die singe van ons Psalms nie? Dit kan seker gemaklik gedoen word deur gesamentlike oorleg. As ons net die man kan kry. Nou het ons oral in gebruik amateurs en in sommige plekke nog die „voorsinger" tiepes. Laat ons jongmense voorlopig in Verenigings en in die huise of in geselskappe hulle oefen in die singe van die Ps. met heel en halwe note!

* * * *

Die agitasie vir vroue-stemreg bly nog altyd lewendig en ek vrees dat uiteindelik ons Parlement swig vir die drang. Vir 'n tyd gelede praat ek met 'n kerkraadslid daaroor, toe hy opmerk dat die vrouens op die platteland die stemreg nie begeer nie. Waarom verklaar die vrouens hulle dan nie teen die stemreg nie? Daar is 'n klompie vrouens wat agiteer in die naam van die vrouens van S. Afrika. En die ander sit doodstil.

* * * *

*De Hervormer* skrywe:

„Daar zijn in de Synodale vergaderingen van de Vrijstaat en de Transvaal door de Nederduits Gereformeerde Kerk, besluiten genomen, die beide op dezelfde zaak betrekking hebben. Zij betreffen de verhouding dier kerk tot de "General Presbyterian Alliance", een vereniging, die zich ten doel stelt op te treden tegen de Roomse propaganda en andere gevaren van de sekten, die het Pretestantisme bedreigen. In beide Synodes is herinnerd aan de treurige houding, die deze Alliantie in de oorlog 1899—1902 tussen de Zuidafrikaanse Republieken en Brittanje heeft aangenomen. Toch is met eenparige stemmen besloten bij die vereniging zich aan te sluiten nadat Dr. Bosman had gezegd, dat zij om vergiffenis gevraagd heeft en geen organiese vereniging werd bedoeld.

Wij delen dit besluit mede alleen om de te-

genstelling te doen uitkomen van deze houding jegens de Schotse Broeders en jegens de beide Hollandssprekende kerken in Zuidafrika. Zo fluks als men was om de Schotten hun onbroederlike houding in dagen van nood en gevaar te vergeven, zo weinig broederlik was men in de beoordeling van de Afrikaanse kerken. Er werd geklaagd over gebrek aan samenwerking en verklaard dat men de Hervormde Kerk niet kan vertrouwen. Al de schuld van die onbroederlikheid ligt bij de Gereformeerde en de Hervormde Kerk. De Nederduits Gereformeerde Kerk gaat in elk opzicht vrij uit en is onschuldig als een pas geboren lam, zo beweert zij.

't Is goed, dat wij dit weten!

Het ,,buiten en binnen de muren van Troje wordt gezondigd" kennen deze Synodes niet."

Aan die ,,Raad der Kerken" is egter deur die Sinode van die Kaapprovinsie opgedra om in korrespondensie te tree met die ander Hollandse Kerke om ,,te vernemen of er de begeerte bestaat van *toenadering* en *samenwerking* met onze kerk, en op welke wyze zulks zou kunnen geschieden."

Die ,,Raad der Kerken" vergader 11 Junie op Durban.

* * * *

*De Kerkbode* voer in sy jongste uitgawes 'n pleidooi vir die Staatsskool teen enige verdere konsessie of subsidie aan private skole.

Die Kaapse Prowinsiale Raad het nieteenstaande die protes van *De Kerkbode* besluit om private skole van munisipale en prowinsiale belastings vry te stel. Daardeur sal 33 Roomse skole gebaat word.

Dan is daar 'n voorstel om vir elke kind in 'n private skool £5 uit die Unie-kas te gee. Dit lê nou in die mag van die Prowinsiale Raad om hierdie £5 toe te ken of nie.

Volgens *De Kerkbode* is die eerste besluit 'n versaking van 'n beginsel. Die beginsel is ,,Staats- of volkskole".

In verband hiermee sê *De Kerkbode*: ,,Wij vernemen, dat in de loop van de diskussie een en ander lid gezegd heeft, dat hoewel onze Staatscholen op 't platteland wel publieke heten, zij in de werkelikheid toch maar Ned. Geref. scholen zijn, aangezien de kinderen en 't onderwijzend-personeel voor 't grootste gedeelte tot de Hollandse Kerk behoren, en dat het niet meer dan billik is, dat de Roomsen en andere gezindten tegemoetkoming zullen genieten. Wij ontkennen ten enemale dat onze Afrikanerbevolking van zijn macht misbruik maakt en in onze plattelandscholen de kinderen van andere kerkgenootschappen op welke wijze dan ook onbillik behandelt." In verband met die £5 toelae sê *De Kerkbode*:

,,Beide de redakteur van 't Roomse blad (The Southern Cross) en Dr. Welch ('n Roomse priester) achten ons bestaand onderwysstelsel onvoldoende en onvertrouwbaar.

Zij verklaren duidelik dat de Roomse Kerk daarop uit is dit stelsel te bekruipen en tegen te werken. Dus elk pond, dat van Staatswege aan de Roomse scholen gegeven wordt, versterkt die kerk in haar stryd tegen 't volksonderwys.

Zou het nu met gezond verstand te rymen zijn, dat men Staatsgeld nemen zal om 'n Staatsonderneming, waaraan millioenen jaarliks besteed worden, te verzwakken en af te breken?"

Ons waardeer die stryd van *De Kerkbode* om die Protestantse kristendom te handhaaf teenoor Rome, maar ons kan ons nie verenig met die metode en die wapens van *De Kerkbode* nie. Nee, 'n stryd teen Rome met die neutrale volkskool is hopeloos. Ek was eenmaal in die Prowinsiale Raad van die Kaapprovinsie, toe wyle Raadslid Oelofse gepleit het vir meer en deegliker Kategismus-onderwys. Die Administrateur het hom stil gemaak deur te sê: ,,Weet die lid nie dat ons skole sekulêr is nie?" Sekulêr beteken wereldlik.

Vir hierdie sekulêre skole is altyd gepleit teenoor Rome, en kyk, Rome bou skole, gratis, in Protestantse middelpunte skole, wat nie sekulêr is nie, waar deeglik onderwys gegee en goeie orde gehandhaaf word, sonder Staatsondersteuning. Nee teen Rome is sulke wapens magteloos.

Mag die Ned. Geref. Kerk dit insien voordat dit te laat is! Ons volkskole, waarvoor *De Kerkbode* pleit, sal die ondergang van die Protestantisme bevorder.

Hulle *is* vir die grootste gedeelte in die hande van die Ned. Geref. Kerk, waardeur hulle feitelik kerkskole is, maar dit sal op die ent nie geluk om hierdie toestand te behou nie. Moet die Ned. Geref. Kerk nie nou al oral naas die Staatskole losieshuise plaas, om so die invloed te behou nie? Daar word gepleister met godsdienstige kalk, wat die tyd sal wegvee en wat die storm van ongeloof sal laat verdwyn om die kaal mure van die Protestantse kristendom bloot te stel aan sy vernietigende proses. Hoe om die toestand te red? Ons wil nie die geskiedenis van die ou Gereformeerde stryd vir die vrye skool deurloop nie, en ons wil ook nie verwyte slinger nie. Laat in 'n moontlike saamwerking van die Hollandse kerke, waaroor die ,,Raad der Kerken" nou moet handel hierdie ernstige saak een van die hoof deliberasies wees!

* * * *

Van die 19de tot die 30ste Augustus a.s. sal 'n wereldkonferensie gehou word in Stockholm, die hoofstad van Sweden.

Aartsbiskop Soederblom, wat *De Bazuin* noem een van die mees bekende figure van die Protestantse kristenheid, het 'n uitnodiging gestuur aan die vernaamste kerke in Europa om afgevaardigdes te stuur.

Hy is dan die President van die afdeling in Europa vir hierdie wereldkongres. In sy uitnodigingsbrief spreek die Aartsbiskop van die vernaamste taak van die kristendom om die liefde van God in Kristus te verkondig, maar daarby

het die kristendom ook 'n ander roeping, waaroor die wereldkongres wil handel. Uit die volgende woorde in die brief (*De Bazuin*, 3 April), blyk die doel van die Kongres:

,,Het is van het hoogst belang dat de volgelingen van onze Heiland goed en klaar weten hoe zij moeten staan ten opzichte van de vragen van bezit en van zoovele andere vraagstukken op sociaal gebied, die onzen tijd in beweging brengen. De kerk mag zich wel niet opwerpen tot verdedigster van een of ander economisch stelsel, maar het zou verraad aan haar Meester zijn, als zij niet uit Gods Woord, de beginselen afleidde, geschikt om deze en dergelike vragen tot oplossing te brengen en niet met al wat in haar is er naar streefde om die beginselen te verwezenliken. Hetzelfde geldt omtrent de onderlinge verhouding van de volkeren der wereld.

,,De brandende sociale vraagstukken en de gespannen verhouding tusschen de volkeren," sal dan die hoofpunte van bespreking wees.

## KERK EN SKOOL.

GEREFORMEERDE GEMEENTE (Bethlehem). —Die 16e en 17e Mei was ons pas beroepe en bevestigde leraar, Ds. W. J. Snyman, vir die eerste maal in ons midde.

Saterdagaand het die gemeente aan Ds. Snyman 'n welkomswoord in die Stadshuis gegee. Die gemeente was goed verteenwoordig. Ook was uitgenodig en teenwoordig Ds. van der Merwe en Eerw. Roux van die Ned. Geref. Kerk, Ds. Warmington van die Wesliaanse Kerk, en ouderling Telfer van die Presbiteriaanse Kerk, en wat almal ook aan Ds. Snyman 'n welkomswoord gerig het. Dan was ook teenwoordig die Burgemeester, Dr. Theron.

Met gepaste woorde het ouderling Boshoff die geselligheid geopen en gewys op die buitengewone omstandigheid waaronder die gemeente die aand vergader: hoe dat ons S.A. atmosfeer bewolk was met burgerlike geesdrif in verband met die besoek van sy Koninklike Hoogheid, die Prins van Wallis, aan ons land. Hy het daarop gewys dat, hoewel daar 'n groot verskil was tussen die persoon wat ons as volk verwelkom, en die een wat ons die aand in ons midde in 'n klein kring verwelkom, ons rede had om ewe en meer trots op ons gas te wees; want, hoewel die een 'n Prins is en ons gas maar 'n Dienskneg, wis ons dat ons verwelkom 'n Dienskneg van die Koning van al die koninge. Hy het Ds. Snyman, namens die Kerkraad en Gemeente 'n hartelike woord van welkom toegespreek, waarop Ds. Snyman, by die einde van al die welkomstoesprake, passend geantwoord het, en Sy Eerw. se dank uitgespreek het vir die goeie ontvangs wat hy van die gemeente die aand geniet.

Sondag het SyEerw. vir die eerstemaal voor die gemeente opgetree en het twee boeiende en leersame preke gelewer, veral die middagpreek na aanleiding van Kategismus, Sondag 1.

Die gemeente verheug hulle dat hul weer in besit is van 'n eie leraar in kombinasie met Lindley—Steynsrust. En ons bede is dat die Here ons leraar mag spaar en dat sy werk in ons midde tot seën sal wees en tot uitbreiding van Gods Koninkryk en tot eer van Sy naam.

(Diaken) R. J. v.d. WALT,
Korrespondent.

* * * *

LICHTENBURG: Weer het die Ger. Gemeente van Lichtenburg die voorreg gehad om op Sondag, 12 April, die Heilig Avondmaal te vier op Lichtenburg. Die 10de, Goeie Vrydagaand het Ds. Vorster die dienste begin. Die opkoms van die gemeente was besonder goed, die kerk was vol; nieteenstaande die baie reëns wat voor die kerkgeleentheid geval het. Die dae van samekoms was aangenaam sonder reën. Ag-en-twintig jonge broeders en susters het Belydenis van hulle geloof afgelê en is toegelaat tot die H. Avandmaal. In die plek van ouderl. A. J. Schutte wat eervol ontslag gekry het op aanvraag, is gekies tot ouderl. br. Lewies Steyn. In die nuwe wyk by Duikfontein en omgewing is gekies tot ouderl. br. Lewies Venter (diaken) en tot diaken br. Adriaan Venter. Ons e.k. Avondmaal is bepaal so die Here wil, op die twede Sondag in Julie te Sannieshof.

F. J. P. SCHUTTE,
Korrespondent.

* * * *

UITNODIGING: Onse geagte leraar (Ds. M. Postma) sal so die Here wil, op sy 70ste verjaardag (op Dinsdag, 14 Julie e.k.), ook sy 35-jarige Evangeliebediening herdink, met 'n gedagtenisrede in onse kerk alhier te Fordsburg, om 7 uur in die aand.

Daarom nodig ons kerkraad hiermee vriendelik en hartelik die B.B. lerare en kerkraadslede van ons andere gemeentes uit om die diens by te woon.

Op die middag van 14 Julie sal ook in die pastorie van Ds. Postma, 61 Mintweg, Fordsburg, van halfdrie tot sesuur 'n gesellige ontmoeting met die gemeente wees, waartoe ook die B.B. uitgenooi word.

Die B.B. word vriendelik versoek aan Ds. Postma (adres bowe), kennis te gee van hulle voorneme voor Woensdag, 1 Julie e.k., sodat vir losies gesorg kan word.

Namens ons kerkraad van Johannesburg.

(Ouderling) P. G. L. BUYS,
Skriba.

* * * *

FONDS VIR DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING: Reeds erken £588.2.10; Ger. Gem., Wolmaransstad, per ds. W. J. de Klerk, £2; Ger. Gem., Roos Senekal, per diaken J. de Lang, 18s. 7d.; Ger. Gem. ,,Die Moot", per diaken F. J. Potgieter, £4.11.; Gekoll. deur oudl. T. N. Kotze in Ghanziland, £1.10.—Totaal £597.2.5.

Nogmaals versoek ek die bydraers om verder

hulle gelde te stuur aan Ds. C. W. M. du Toit, Bus 453, Bloemfontein, wat deur die Gesamentlike Kommissies vir Bybelvertaling aangestel is om in die kring van die Geref. Gemeentes werksaam te wees in belang van hierdie saak. Hierdie lys is destyds deur my geopen as redakteur van *Die Kerkblad* op versoek van gemelde Kommissies. Die gewers word namens dié Kommissies hartelik dank gesê vir hulle gifte.

J. D. DU TOIT.

* * * *

ALGEMENE VERGADERING VAN DIE K.P. BLINDES EN DOWES: In antwoord op oproep deur die Algemene Vergadering vir die Blindes en Dowes van die Geref. Kerk te Worcester op skool in hartelike dank ontvang:

Reeds erken £18.1.4; N.N. per Ds. van Jaarsveldt £1; Strydenburg, 18s.; Kerkplaas (Potsing) £1.3.9; Geref. Vereniging, Bloemfontein, £5.—£26.3.1.

Per Ds. F. P. J. Snyman, Molteno: Kollekte in N. G. Kerk, Barkly Oos, £8; Kollekte Geref. Gemeente, Dordrecht £12.9; Kollekte Geref. Gemeente, Elliot, £7.10; Kollekte, Geref. Gem., Sterkstroom, £4.10; Kollekte, Geref. Gemeente, Molteno, £10.4.3.—£68.16.4.

Wat 'n goeie stoot gee 'n tjekkie soos die van Ds. Snyman ons Fonds vorentoe! £42.13.3 uit 'n paar van ons kleinere gemeentetjies. As almal so maak, kan ons net nou grotere dinge doen!

Ek wag!

J. G. H. v.d. WALT,
Penningmeester

Pastorie, Middelburg, K.P.,
2de Junie 1925.

* * * *

PHILIPSTOWN: Die 30ste en 31ste Mei was die ses weekse Kerkraadsvergadering. By dié geleentheid het die sustersvereniging hulle jaarlikse verkoping gehou. Die susters was verras met die uitslag dat die opbrings die aansienlike sommetjie van £79 was, waarvoor hulle baie bly en dankbaar was. Iets meer van ons Karroodorp sal dan seker ook nog met genot gelees word. Hier regeer nou nie 'n besonder siekte nie, soos dit menigmaal al gewees het nie, waar voor ons baie dankbaar is, maar nogtans moet ons maar altyd deelneem aan sterfgevalle. Gedurende die afgelope maand het ons drie sterfgevalle gehad. Reeds in die begin van die maand is een van die oudste van ons lidmate oorlede, namelik ou Tante Ralie Hanekom, in die ouderdom van 85 jaar en 1 maand en 9 dae en kort daarna ook die ou heer S. P. Coetsee.

En op die 29ste Mei is weer 'n jonge bekende suster oorlede, 'n lidmaat van die Ned. Geref. Kerk, namelik Miemie du Plessis in die ouderdom van 30 jaar, die enigste ongetroude dogter van haar oude moeder wat sy opgepas het met 'n teer kindersorg. So die dood wenk ieder uur.

Tydelik is ons hierlangs ook vanjaar rykelik geseën met reëns, wat tot die wortel raak en die ou Karroo is waarlik so gegroei van gras en die goeie Karroobossies dat dit 'n lus is om te sien. En die mense op die plase is alger opgeruim en vol moed vir die toekoms, want daar is vooruitsig, nie alleen vir die skaapboer nie, maar ook vir die saaiboer. Die gemeente is dan ook nou weer opgebeur en tevrede omdat hulle nie nou meer herderloos is nie en ds. Van Jaarsveldt alles met moed en ywer aanpak en opbou.

J. A. JOOSTE,
Korrespondent.

* * * *

KENNISGEWING: Die ondergetekende wens langs hierdie weg alle belangstellende wat per telegram, brief, of andersins, hom gelukgewens het by geleentheid van sy bevestiging alhier, hartelik te bedank vir hulle belangstelling.

J. V. COETZEE.

Bus 66, Frankfort.

* * * *

KENNISGEWING: Die adres van die korrespondent van die gemeente alhier is voortaan: Mnr. C. J. H. Pretorius, Bus 28, Frankfort. Alle korrespondensies, ens. bedoel vir die kerkraad van Frankfort, moet aan die genoemde adres gestuur word.

J. V. COETZEE.

Bus 66, Frankfort.

## MEDEDELINGE.

Kennis word hierby gegee dat die Hoë Owerheid Ds. W. J. Snyman, predikant te Lindley, aangestel het tot Huweliksbevestiger vir die Unie van Suidafrika, met ingang vanaf 19 Mei 1925.

* * *

Volgens offisiële stukke ontvang, is op Saterdag, 6 Junie, j.l., die wyk Kroonstad van die Gereformeerde Gemeente van Ventersburg, afgestig tot 'n selfstandige gemeente, in ooreenstemming met die besluit van die jongste Alg. Vergadering en in teenwoordigheid van Deputate van die Kerkrade van Theunissen en Ventersburg.

Die getal belydende lede is 69, dooplede 41.

Die volgende broeders is gekies tot ampsdraers: J. J. Marais, P. J. van der Walt, J. van der Walt, ouderlinge; N. J. Slabbert, W. Grobler, J. J. Pretorius, diakens.

H. H. VAN ROOYEN,
Korrespondent.

Bloemfontein, 12 Junie 1925.

## NUWE BOEKE.

*Die Kristen en die Nuwe Sielkunde*—deur J. J. Theron.
*Met Voorwoord* deur *Ds. G. B. A. Gerdener* —Gedruk deur die Nas. Pers. Beperk, Bloemfontein.

Ons lewe in die „Eeu van die Sielkunde."

Die 19e eeu was die eeu van die Natuurwetenskap; die 20e eeu is die eeu van die Sielkunde.

Hoewel ons nog nie eers die ingang van die 20e eeu deur is nie, het die Sielkunde as wetenskap hom ontwikkel in 'n onnoemlike aantal strominge en rigtinge. Hoeseer die verskillende strominge en rigtinge mekaar ook al kruis of mekaar beveg, in *een opsig* kom hulle almal (behalwe miskien 'n heel enkele uitsondering) met mekaar ooreen. Hulle kom met mekaar daarin ooreen, dat hulle almal uitgaan van die beginsel, wat deur die Natuurwetenskap van die vorige eeu geproklameer is tot *die* fundamentele beginsel van die wetenskap, nl. die *Ewolusie- of Ontwikkelings* beginsel. Dat dit die geval is, blyk uit die volgende bewering van McDougall een van die vernaamste sielkundiges van ons tyd: ,,Almal (die sielkundiges) stem daarin ooreen dat die mens ontwikkel het uit voor-menslike voorouers (diersoorte) wie se lewens gedomineer was deur instinkte."

Watter houding moet die Kristusbelyders aanneem teenoor die ,,*Nuwe Sielkunde*"? Dat die Nuwe Sielkunde skitterende ontdekkinge gemaak het, veral in verband met die *onderbewuste* sielelewe van die mens en die magtige werkinge wat uit die onderbewuste dieptes van die siel opstyg en die mens se gedrag beinvloed, kan niemand ontken nie. Wat egter die ewolusionistiese grondslag van die Nuwe Sielkunde betref, daarmee kan die Kristusbelyders, wat onvoorwaardelik die leer van die Heilige Skrif aanneem dat die mens *geskape* is na die beeld van God deurdat God die ,,adem des levens" in hom ingeblaas het, nimmer vrede vind nie. *Ontwikkeling* en *skepping* tog staan as wetenskaplike verklaringsbeginsels van die ontstaan en wording van die dinge en die lewende wesens in 'n onversoenlike stryd teenoor mekaar. En dit, nieteenstaande die poginge van geleerdes, onder wie ook 'n groot aantal teologe, om die twee beginsels met mekaar te harmonieer en te voorsien,—natuurlik ten koste van die Skriftuurlike skeppingsbeginsel.

Wat nou wonderlik, eintlik meer pynlik is, is dit, dat nog niemand dit gewaag het om vanuit 'n Kalwinisties-kristelike standpunt 'n krietiese beoordeling te gee van die Nuwe Sielkunde. In hierdie opsig staan ons beslis agter by die engelse denkers wat nog voel vir die kristelike leer. Voor die hand kan ons somar werke as die volgende opnoem, werke waarvan die opskrifte vir hulleself spreek: Bruce, "The Psychology of Christian Life and Behaviour", Barry, "Christianity and Psychology", Pym, "Psychology and the Christian Life", Hudson, "Recent Psychology and the Christian Religion". Of ons ons kan verenig met die beskouinge wat in hierdie boeke uitgewerk word, bly natuurlik 'n ander vraag. Van belang is dit, dat hulle die vraagstuk aanpak.

Om nou op bogenoemde werkie van Mnr. Theron neer te kom, wil ons dadelik sê dat dit vir ons betekenis het. Teneinde duidelik te laat uitkom waarin daardie betekenis vir ons lê, was dit nodig om bostaande uitweiding te maak. Die skrywer besef tenvolle die gevaar, wat die kristelike kerk van die kant van die Nuwe Sielkunde bedreig, en, hoewel hy nie 'n vakman is nie (soos hy self sê), besit hy die moed en die durf om die stryd aan te bind op 'n terrein wat so moeilik en gevaarlik is, dat die kristelike vakmanne hulle skynbaar daarop nog nie wil waag nie. In die Aanhangsel, wat 'n ,,openhartige gesprek met die lesers" bevat, deel die skrywer sy doel mee, wat hy drieledig stel, nl. (1) om 'n helpende hand uit te steek, (2) om te waarsku teen gevare, en (3) om te ywer vir ontwaking. Die betekenis van Mnr. Theron se werk lê dan ook vir ons daarin, dat hy die waarskuende alarmklok trek om die jeug van Suidafrika tot ontwaking te roep. Die gevaar wat dreig is beslis ernstig. Die Nuwe Sielkunde, wat sy aanhangers tel onder professore, onderwysers, predikante, mediese dokters, advokate, ens., word geweldig gepropageer en hy verslind sy slagoffers by groot aantalle onder die Kristusbelyders —ook in Suidafrika. Ons beweer dit ten stelligste, hoewel ons alle eerbied het vir die wonderbaarlike ontdekkinge wat die Nuwe Sielkunde gemaak het en die profytelike resultate wat dit opgelewer het.

Wat die inhoud van die boekie betref, dit word verdeel in drie dele, waarin agtereenvolgens die volgende drie vrae behandel word: (1) Waar kom ek vandaan? (2) Wie, of wat is ek? (3) Waar gaan ek heen? Op elke vraag gee die skrywer eers die antwoord van die Nuwe Sielkunde, wat uitgaan van die Ewolusie-teorie, en dan die antwoord vir die Kristen, wat hom stel op die skeppingstandpunt van Gods Woord.

Soos gesê, beweeg die skrywer hom op gevaarlike terrein. Hy is hom egter daarvan tenvolle bewus. Vandaar dat hy elke keer as hy prinsipiële kwessies behandel, sy beskouinge staaf met aanhalings uit gesaghebbende skrywers. Tot stawing van sy skriftuurlike beskouings en tot opheldering daarvan maak hy rykelik gebruik van die werke van wyle Dr. Bavinck.

Om nader op die inhoud van die boekie in te gaan ag ons oorbodig. Laat elkeen wat belangstel in die saak en wat dit wel meen met die kristelike kerk die boekie bestel en dit aandagtig deurlees. Hy sal heelwat voorligting kry en hy sal geprikkel word tot verdere ondersoek en nadenke.

Weliswaar, sou ons op enkele puntjies met die skrywer kan verskil en hier en daar enige opmerkings kan maak, maar dit laat ons daar. In hoofsaak kan ons ons verenig met die beskouinge, wat uiteen gesit word. En ons waardeer ten seerste die pligsbesef en ywer, wat die boekie openbaar in belang van die saak van Kristus op die aarde. Miskien sou sommige van die meedelings en opmerkings, wat van meer persoonlike en intieme aard is, agterweë kon gebly het.

Die boekie is verkrybaar by „Die Volksblad-Boekhandel", Bus 325, Bloemfontein—Prys 2/6 posvry. Die opbrings word, na aftrekking van koste, gegee vir die Afrikaanse Bybelvertaling.

J. C. v. R.

## ALGEMENE VERGADERING, O.V.S.

(Vervolg).

*Gemeenteverslae.*

Die verskillende vrae word deur al die Gemeentes beantwoord. Sommige punte gee aanleiding tot bespreking.

Ds. van Rooy wys op die gebrek aan Kategismusprediking deur skaarste van predikante. Ook die moeilikheid van Kategismus-behandeling deur Konsulente word ingesien. Die wenslikheid van die gebruikmaak van bestaande preekbundels by leesdienste deur ouderlinge, word algemeen erken.

Ook oor die katkisasie word gehandel. Algemeen word gevoel dat ouers, nog skool, nog kerk in hierdie saak hulle verpligting ten volle nakom nie. Ten slotte word hierdie voorstel eenparig aangeneem:

„Die Alg. Verg. stel 'n Kommissie aan wat 'n stuk vir *Die Kerkblad* sal opstel om aan te wys hoe of ons te beter die huis-, skool- en amptelike katkisasie doeltreffend kan maak. Die Kommissie kry opdrag om saamwerking met die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. te soek ten einde die skoolinrigting op godsdiensonderwys vir dorps- en hoëre skole verbeter te kry."

As Kommissie word benoem Di. C. W. M. du Toit en A. Duvenage, en Oudrl. H. H. van Rooyen. Ds. du Toit is byeenroeper.

Na aanleiding van die antwoorde op Vraag 8 en 'n versoek van Reddersburg, word die volgende besluit geneem:

„Die Algemene Vergadering adviseer dat in die komende jaar in elke gemeente in die O.V.S. met 'n nagmaalsgeleentheid die kwessie van die armversorging spesiaal met die diakens en die gemeente in 'n gemeentelike samekoms bespreek word."

Die beantwoording van Vraag 10 toon aan dat daar nog al te weinig besef is van die noodsaaklikheid om te gehoorsaam aan die bevel van die Koning: „Predik die Evangelie aan alle kreature."

In verband met Vraag 10 word ook die Sendingsrapport gelees wat 'n noodkreet is: Soutpansberg se Sendinggemeente loop uit na die dood van Ds. Bos, tot skande vir ons met ons gedurige besware.

Na bespreking word die volgende besluit geneem:

„Die Alg. Verg. verneem met 'n gevoel van teleurstelling uit verskeie gemeenteverslae dat daar niks gedoen is aan die huiskollekte vir die Sending nie. Die Verg. spreek die hoop uit dat daar verbetering in sal kom, en adviseer dat ook oor hierdie belangrike saak besprekings sal gehou word in gemeentevergaderings.

„Die Verg. neem met dank kennis van die Rapport van die Sinodale Kommissie, en benoem 'n Kommissie vir die Sending, volgens die skema."

Tot lede van hierdie Kommissie word benoem Di. C. W. M. du Toit, A. Duvenage, Ouderl. P. A. Venter.

*Weeshuis.*

Na aanleiding van 'n versoek van Kerkraad, Reddersburg, om te kom tot die stigting van 'n weesinrigting, word besluit, om aan die Diakonie van Reddersburg op te dra om statistieke te neem van die getal en omstandighede van die weeskinders van die Geref. Kerk in die O.V.S., en dan te rapporteer op die e.v. Alg. Vergadering.

*„Die Kerkblad."*

Uit die opgawes van getal intekenaars op die Offisiële Orgaan van die Kerk blyk, dat die saak nog nie die aandag verkry wat dit verdien nie. In die meeste gemeentes is die getalle veel te klein.

*Diverse Verslae.*

Die Verslag van die Penningmeester Teol Skool en van die „Em. Pred. en Pred. W. en W. Fonds," is gunstig en word met dank aangeneem.

Dieselfde geskied met die Verslag van die Penningmeester Alg. Vergadering Kas. Die boeke word nagesien en akkoord bevind.

Verslag van Penningmeester van Fonds vir Hulpbehoewende Gemeentes en van Sendingsfonds word behandel en met dank aangeneem. Hierdie boeke word ook geouditeer en korrek gevind.

Ds. A. Duvenage word benoem tot Penningmeester Alg. Verg. Kas, Ds. A. S. E. Yssel bly Penningmeester van „Hulpfonds" en van „Sendingsfonds."

Vir die verskillende kasse sal Bankrekenings geopen word waarop die Penningmeesters sal opereer.

*Benoeminge en Verkiesinge.*

Bloemfontein word bedank vir sy werk en opnuut benoem tot Korresponderende Gemeente.

Tot pers-kommissie word benoem Ds. C. W. M. du Toit en Ouderl. H. H. van Rooyen.

Tot Kurator Teol. Skool word herkies Ds. J. A. van Rooy. In plaas van Dr. de Wet word gekies Ds. du Toit, terwyl as Sekundi gekies word Di. Duvenage en Snyman;

Tot lede van die Kieskollege Di. Duvenage en Snyman; tot Sekundus Ouderl. A. C. A. van Rooy.

Toe roepende gemeente—vir die e.v. Alg. Verg.—word Ventersburg aangewys.

Tot Registrateur van Konsessiekaartjies word Ds. C. W. M. du Toit benoem.

*Afstigting.*

Op versoek van die betrokke wyke, besluit die Alg. Verg. tot afstigting van—

Kroonstad, van Ventersburg;
Koffyfontein, van Fauresmith;
P. M. Burg, van Durban;
Kerkrade van Theunissen en Ventersburg, van Petrusburg en Fauresmith; en van Frankfort en Durban sal respektiewelik optree.

In die geval van Koffyfontein adviseer die Alg. Verg., dat die nuwe gemeente kombinasie sal soek met Petrusburg.

*Konsulentskappe.*

Durban word opgedra aan predikant van Frankfort; Fauresmith aan pred. van Reddersburg.

Met betrekking tot Ventersburg en Vredefort beveel die Alg. Verg. ten sterkste aan dat hulle in kombinasie onmiddellik oorgaan tot 'n beroep en die kwessie van woonplaas aan predikant oorlaat.

*Kerkvisitasie.*

Bloemfontein en Bethulie kry opdrag om Reddersburg te visiteer; Reddersburg en Lindley sal Theunissen besoek.

*Beskrywingspunte.*

Die kwessie van Geref. of Jongeliedeverenigingge en hulle organisasie tot 'n Bond word vir pre-advies verwys na Kerkrade: Bloemfontein en Reddersburg, met opdrag om advies bytyds in Kerkblad te publiseer.

Die saak van klassikale indeling van die O.V.S. word vir pre-advies verwys na Kerkrade van Reddersburg en Bethulie, om op e.v. Alg. Verg. te rapporteer.

*Sluiting.*

Na die gebruiklike dankbetuigings lees die Eerw. Voors. Joh. 15:1—9, spreek na aanleiding van vs. 5 en gaan voor in dankgebed.

Die Verg. sluit met die sing van Ps. 133:1 en 3. en uitspreek van die seën deur die Eerw. Voorsitter.

Namens die Perskomissie,

H. H. v. R.

Bloemfontein, Mei 1925.

## KORRESPONDENSIE.

### LEKTUUR VOOR HET HOSPITAAL.

Mag ik, geachte Redakteur, van uw gastvrijheid gebruik maken, om de lezers van het "Kerkblad" een vriendelik verzoek voor te leggen. In het Hospitaal in Pretoria zijn altijd enige patienten van de Gereformeerde Kerken. Niet allen zijn zo ernstig krank, of ze kunnen een deel van hun tijd aan lezen besteden, en zouden dit ook gaarne willen, maar, hoe aan geschikte lektuur te komen? Ik, die ze op geregelde tijden bezoek, tracht dan wel eens aan hun verlangen te voldoen, maar mijn voorraad is ook maar beperkt. Daarom wend ik mij tot u vriendelike lezers van het "Kerkblad," met de vraag of ge niet zo goed zoudt willen zijn, iets van uw lektuur af te staan, om hun de eenzame uren een weinig te veraangenamen.

Goede lektuur, in 't Afrikaans of Hollands, zal zeer welkom zijn; tijdschriften, verhalen en stichtelike lektuur; zowel voor kinderen en jonge mensen als volwassenen.

Wie iets mocht kunnen missen gelieve het te zenden aan mijn adres.

C. VAN DER MARK, Sen.,
Ouderling.

393, Kockstraat, Pretoria.

## VIR DIE KINDERS.

Liewe Kinders,

Ons het in "Die Kerkblad" van 21 April gesels oor Spreuke 1:8 en verder. Lees dit maar weer na. Ons kan daardie verstandige woorde van die groot koning, Salomo, nooit genoeg lees en oordink nie. Veral waar hy so baie vir en oor kinders geskrywe het. Hy het die kinders blykbaar baie lief gehad. Hy het goed genoeg gesien, dat kinders die dierbaarste skat van 'n volk is. Baie kinders is beter as baie geld. Maar . . . . dan moet hulle goed, godvresend opgevoed word.

Kinders, wat sleg opgevoed word, is soos 'n bedorwe skat, wat nie meer gebruik kan word nie.

Julle weet wat 'n skat is, nie waar?

Dis iets kosbaars; iets van groot waarde en betekenis. Soiets wil 'n mens nie graag verloor nie. Ook nie bederwe nie.

Daarvoor moet dus altyd gesorg word. Dit moet opgepas word. En, omdat kinders die grootste skat is in die wêreld, daarom het Salomo so baie oor hulle geskrywe.

Hulle moet goed versorg en opgevoed word. Dit wil die Here Self hê, omdat die mens, ook die kinders, na Sy beeld geskape is.

Julle vra seker nou al: wie moet ons dan so goed versorg en opvoed?

Die ouers. Daar is ook nog ander opvoeders, soos onderwysers, ens., maar "pa en ma" is die eerste en vernaamste. Hulle moet voor die Here rekenskap gee van hulle kinders en van hulle kinders se opvoeding.

Dit beloof ouers ook elke keer weer, as hulle hul kindertjies laat doop. Toe julle gedoop is, het julle ouers dit voor die Here ook van julle beloof. Lees bietjie die doopsformulier agter in die psalmboek; veral die drie vrae, waarop ouers "ja" antwoord.

* * * *

Maar nou is daar 'n ander vraag: Waardeur en hoe moet die opvoeding geskied? Die ouers moet middels gebruik. Vir 'n siek mens gebruik die dokter ook middels. Dit wil sê, medisyne. Watter opvoedingsmiddels moet die ouers vir hulle kinders gebruik?

Dis 'n moeilike vraag om te beantwoord. Die geleerde mense verskil van opienie op die punt. Maar dis vir ons Kristene altyd beter om in al sulke moeilike sake allereers te vra, wat sê die Bybel daarvan? MENSE se opienies is nie altyd reg voor die Here nie. Maar die Bybel is altyd reg. Want dit is Gods Woord, wat nie kan dwaal nie. Maar Salomo, wat die Spreukeboek geskrywe het, was ook 'n mens,—en kan hy dan nie ook dwaal nie?

Daarop antwoord ons: nee, hy kon in dié saak nie dwaal nie. Want die Here se Gees het hom in al die waarheid gelei, toe hy die heilige boeke geskrywe het.

Daarom is dit eintlik nie sy woorde, wat hy neergeskrywe het nie, maar die Here Syne. In die begin het ons reeds daarop gewys, dat die Here Salomo met sulke grote wysheid vervul het. Dus is ons pad veilig, as ons vashou, wat die Bybel, Gods Woord vir ons leer.

Nou wel, wat sê die Bybel, watter middels moet ouers gebruik om hulle kinders goed op te voed voor die Here?

Die eerste middel word "TUG" genoem. In die Nuwe Testament beteken TUG : KASTYDING. As kinders verkeerde dinge sê of doen, dan is dit dus, volgens die Bybel die plig van ouers om hulle kinders met woorde te tug of tee te gaan. En as hulle vir die Tug van woorde nie wil hoor nie, dan moet die Tug met die daad geskied; dit wil sê: slaan.

Onthou dit goed. TUG met woord of daad, met die mond of die hand is die heel eerste middel, wat ouers moet gebruik om hulle kinders godvresend op te voed. Die hele Bybel spreek van hierdie Tug. Salomo veral. In Spreuke 1:8 sê hy reeds: "Mijn zoon, hoort de tucht uws vaders......" Ons noem nog 'n paar ander tekste. In Spreuke 8:33 staan: "Hoort de tucht en wordt wijs en verwerpt die niet." In Spreuke 13:24: "Die zijn roede (lat) inhoudt, haat zijn zoon; maar die hem liefheeft, zoekt hem vroeg met tuchtiging". Verder, hoofst. 19:18: "Tuchtig uwen zoon, als er nog hoop is; maar verhef uwe ziel niet, om hem te dooden." Hoofstuk 22:15: "De dwaasheid is in het hart des jongen gebonden; de roede der tucht zal ze verre van hem wegdoen."

In hoofstuk 23:13, 14: "Weer de tucht van den jongen niet; als gij hem met de roede zult slaan, zal hij niet sterven. Gij zult hem met de roede slaan, en zijn ziel van de hel redden."

En in hoofstuk 29:15, 17: "De roede en de bestraffing geeft wijsheid, maar een kind, dat aan zichzelf overgelaten is, beschaamt zijne moeder. Tuchtigt uwen zoon, en hij zal u gerustheid aandoen; en hij zal uwe ziel vermakelijkheid geven."

Julle dink miskien, terwyl julle dit lees: Dis net slaan . . . slaan . . . heeldag slaan . . . ! Nee, dis nie so nie!

'n Mens drink nie heeldag medisyne nie. Dis maar net as ons siek word. So is dit ook met die Tug gestel.

Maar nog iets. As julle die aangehaalde tekste goed lees, sal julle sien: dis nie wat ons ouers sê nie, maar wat God die Here sê in Sy Woord.

En—Hy spreek hier nie net met die kinders, maar ook met die ouers self. Sowel ouers as kinders moet hoor, wat die Here gebied. Vir die OUERS sê die Here: TUG jou kind, waar hy stout is. En vir die kinders sê die Here: hoor en neem daardie Tug aan, want dis goed vir julle.

As ouers dus nie hoor, wat die Here gebied nie, dan besondig hul hulle, soos ou Vader Eli, wat sy kinders nie goed opgevoed het nie. Dan sal die Here hulle ook tug en straf. Dus moet ons nie dink, die ouer wil maar net heeldag slaan! Nee, dis glad nie so nie. Dis seker één van die swaarste pligte vir 'n godvresende vader of moeder om die lat te vat. Maar . . . 'n ouer mag ook nie ongehoorsaam wees vir die Here nie.

Daarom MOET HY TUG waar en wanneer dit nodig is.

As julle daaroor goed nadink, sal julle so lewe om julle liewe ouers tog nooit rede te gee om die lat te moet vat nie.

I.D.K.

---

## SINGENDE TORINGS.

Nou die dag met die landing van die Prins in Kaapstad, het die Kaapse klokkespel in die toring van die Stadhuis vir die eerste keer gespeel. Mnr. Anton Brees is spesiaal van België laat kom om met dié geleentheid die klokke te bespeel. Hy is 'n klokkespeler, of beiaardier, soos dit in België genoem word en kom van 'n land wat beroemd is vir sy klokkespel.

Holland en België is die twee lande waar dié kuns die meeste ontwikkel is.

Die lae lande is oordek met toring-spitse, sê 'n Amerikaanse reisiger, singende torings kan mens hulle noem, want of dit nou 'n toring is van 'n Stadhuis, 'n Paleis, stadshek of Uniwersiteit, uit elkeen van die torings ruis daar lieflike musiek, as die klokke in beweging gebring word deur die geoefende hand van die klokkespeler of beiaardier.

'n Italiaanse skrywer, wat die groot toring van Rotterdam beklim het, sê die wonderlike gevoelens wat by hom opgewek is by die aanskou van die heerlike Hollandse landskap daar benede, het hom lang laat swyg. Toe word hy verras deur 'n vreemde musiek, wat, hy weet nie waarvandaan kom nie,—silwere klanke wat stadig, een vir een, uit die lug val, dan in groepe, dan in trillinge en eindelik in magtige akkoorde,—'n ego uit die vanmelewe se dae van die Hollandse volk, wat mens tegelyk laat glimlag en laat sug.

'n Klokkespel bestaan uit 'n versameling klokke, grotes en kleintjies (party klokke is so groot dat dit 'n deursnee van 9 voet het, wat in 'n hoë toring gehang word en op verskillende maniere bespeel kan word. Dit word outomaties bespeel deur 'n draaiende trommel wat met drade aan die toring-uurwerk verbind is, en deur die werking van die uurwerk in beweging gesit word op die halfuur of die kwartier.

Net soos in 'n musiekdoos of draaiorrel het die groot trommel, of speelrad, gaatjies waarin pennetjies gedruk word (die reëling van die pennetjies hang af van die liedjie of melodie, wat gespeel word). Met die omdraai van die trommel, raak die uitstaande penne die hefbome, wat met drade aan die hamers bo verbind is, waarmee die klokke bespeel word. Om die melodie te verander, word die penne net omgewissel, volgens die voorgeskrewe note.

Die twede manier is om die klokke deur 'n geoefende klokkespeler te laat bespeel. In dié geval is daar dan in die toring-kamertjie 'n hand- en voetklavier, waarvoor die klokkespeler sit. Die toetse is met drade aan die klepels van die klokke bo verbind.

Die klokkespeler speel dan net soos op 'n klavier of orrel. Die voete word ook gebruik, want al die basklokke word deur die voete beheer. Dis 'n werk wat baie vermoeiend is en 'n klokkespeler trek gewoonlik baie dun aan, daar die inspanning hom soms die sweet laat aftap.

Klokkespel is sinds baie eeue gelede bekend.

In vroeër tyd het die groot katedrale byna almal hulle klokkespel gehad, van twaalf en selfs tot sowat veertig klokke elk.

Die klokke, groot en klein, is baiemaal deur die monnike self gegiet. Dit was vir hulle 'n baie Godverheerlikende werk en al singende het hulle dit verrig. Die geliefkoosde psalm by die werk was Ps. 150: "Looft den Heer met hel-klinkende cimbalen."

In die vroeëre Roomse tye het hulle die klokke grotelikş vereer; na 'n klok gegiet is, het die priesters, soms ook die bisskop en Aartsbisskop, bymekaar gekom om die klok te heilig en te doop. Dit was 'n hele seremonie, wat plaasgevind het voor die klok in die toring gehang word. Terwyl 'n koor die toepaslike Psalms sing, b.v. Ps. 145 tot Ps. 150, word die klok met heilige water, waarin sout gedoen is, gewas en dan droog gevrywe. Daarna salf die Biskop dit met heilige olie. Hy doop sy duim in die olie en maak die teken van die kruis op die klok, elfmaal, terwyl hy die wydingswoorde uitspreek: "Sanctificetur et consecretur, Domini, signum istud in nomine Patris et Filii et Spiritus Sancti, Amen." Met hierdie woorde word die klok geheilig tot diens in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Dan het hulle die klok 'n naam gegee, partymaal die naam van die persoon, wat die klok present gegee het aan die kerk, of die naam van 'n vername Biskop of kerkman, of ook van 'n Beskermheilige. Baie van die ou klokke dra vandag nog die name.

In daardie dae het hulle die klokke op meer primitiewe manier bespeel, slegs met toue te trek wat aan die klok gevestig is, net soos die koster nog baie van ons kerkklokke lui. Vir so 'n groot klokkespel, bestaande uit sowat twaalf tot veertig klokke, het hulle dan spesiale klokluiers aangestel. Die klokluiers het hulle eie vereniging gevorm, wat vaste reëls gehad het.

Baie van hulle reëls is nogal interessant. So mag die klokluiers, as hulle bymekaar in die toring-kamertjie is om te lui, nie enige geraas maak nie, ook mag hulle nie vloek of grappe maak nie.

Dan mag hulle nie met hoed op of met handskoene of spore aan die klokke lui. Hulle mag ook nie rusie maak of mekaar beledig nie. Vir enige oortreding van die reëls kon hulle beboet word en moes die geld aan die Vereniging betaal.

Deur die eeue heen is daar baie beroemde klokkespelers gewees. In Nederland vind mens dat die beroep dikwels van vader op seun oorgegaan het en sommige families het veral uitgeblink in die kuns.

In Delft se groot kerk, naby die graf van Willem die Swyger, is die graf van Delft se mees beroemde klokkespeler, Dirck Scholl; die opskrif op die graf lui:

> "Hier rus Dirck Scholl, die vir meer dan 30 jaar die klokke van die nuwe kerk laat lewe het."

In Mechlin, 'n stad in België, leef vandag die "Paderewski" van die klokkespelers, Josef Denyn is sy naam. Hy het die kuns van sy vader geleer en is vandag die beroemdste klokkespeler in die wêreld. Van heinde en verre reis die mense na Mechlin om 'n uitvoering van Josef Denyn aan te hoor. Op bevel van die Burgemeester word die verkeer van die strate in die omtrek van die toring stil gehou gedurende 'n uitvoering.

In die stilte van die aand ruis die lieflike klanke oor die stad vanuit die toring-kamertjie, waar die meester speel. Niemand word by hom in die toringkamertjie toegelaat, selfs nie eers 'n koninklike besoeker, wat hom graag wou sien speel, wou hy toelaat. Geheel alleen daar in die toring-kamertjie, 400 voet hoog bo die stad, sit hy te speel en stuur sy boodskap van vrede en harmonie in lieflike, aanswellende melodieë uit oor die stad, tot die hele lug tril en weergalm.

Die 25-jarige dienstyd van Josef Denyn het die stad feestelik gevier. Die koning en koningin van België het ook gekom om die groot fees-uitvoering by te woon en hulde te bring aan die beroemde klokkespeler. Alles is gedoen om hom te eer, die verskillende Gildes het in optog deur die strate gegaan en ook is 'n groot klok met die naam van Denyn daarop gegraveer, hom aangebied.

Maar by al die huldeblyke was dit 'n nederige eerbewys, wat hom die meeste getref het. Toe hy na die fees-uitvoering moeg en natgesweet sy toring-kamertjie verlaat, kom 'n blinde vroutjie hom 'n bossie blomme aanbied, as hulde van die Kantwerksters van Mechlin—Mechlin, weet ons, is beroemd vir sy handgemaakte kant, 'n fyn werk wat seker meer as een kantwerkster die oë gekos het. Hierdie bossie blomme van die kantwerksters, wat die blinde vroutjie hom aanbied, is 'n blyk van die dank van die kantwerksters, en van hulle waardering van sy lieflike klokkespel, wat vreugde bring in hulle anders so eentonige werk.

Deur die eeue heen, in vreugde en in droefheid, in voorspoed en in ramp, ruis die lieflike klokkeklanke oor die laelande van Nederland, nou eens wekkend tot vreugdbedryf vir 'n oorwinning, dan weer waarskuwend in gevaar; dis of die ou klokke meeleef met die volk in hulle smart en in hulle vreugde. Dis soos 'n "yster hart wat klop in die ou toring," sê die Amerikaanse digter, Longfellow, in sy gedig, "The Belfry of Bruges," waarin hy vertel van die magtige indruk wat die klokkespel op hom gemaak het.

Meer as een digter is deur die lieflike musiek geïnspireer. Die beroemde Duitse digter Schiller, in sy "Lied van die Klok," besing dit ook. As ons die gedig van die Amerikaanse digter, Poe, hardop lees, kry ons 'n besef van die wonderlike, wisselende klanke van 'n klokkespel—nou eens vriendelik, vreugdevol, dan weer klaend, kermend, dan weer wakker, wekkend teen gevaar—en ons kan ons die wegslepende skoonheid van so 'n klokkespel voorstel. Dit verplaas ons so maklik in die roemryke verlede van Holland.

En ons is bly dat die eerste klokkespel in Suid-Afrika in Kaapstad opgestel is, die ou stad nog so vol herinneringe aan ons Hollandse stamvaders se eerste koms en vestiging.

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

---

## VERLOWING.

**VAN DER MERWE — COETZEE. Hendriena Cecilia (Cecil), oudste dogter van Mnr. en Mevr. N. B. J. v. d. Merwe van Bloemfontein en Jan J. H. Coetzee van Bloemfontein, wens hulle familie en vriende bekend te maak dat hulle verloof is.**

---


# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**HUWELIK.**

BEKKER—DU PLESSIS.—Ons trou op 22 Julie 1925, in die Bosveldt, Jacobus P. Bekker, enigste seun van Mnr. Sarel Bekker, van Bloemendal, met Annie A. du Plessis, oudste dogter van Mnr. en Mev. Jan du Plessis, van Brakspruit.

---

**DOODBERIG.**

KRUGER.—Dit was die Here van hemel en aarde welbehaaglik om ons teergeliefde seuntjie,

**JAPIE,**

van ons weg te neem op 8 Junie, wat Hy vir ons geleen het vir slegs maar een maand en vyftien dae, na 'n smartvolle lyding van 5 dae. Hoewel dit vir ons byna te swaar en ondraaglik is, nogtans gun ons hom die Salige Oord waar hy aangeland het, en berus ons in die Here se wil en welbehae. Hiermee wil ons ook die vriende wat ons so getrou gehelp en bygestaan het, hartelik bedank.

Die bedroefde ouers,

J. A. en D. C. KRUGER (Jasper).

Sustertjie en Broertjie RINA en ANES.

---

PRETORIUS.—Dit het die Here behaag deur die onverbiddelike dood uit ons midde weg te neem

**NICOLAAS TJAART PRETORIUS**

na 'n siekbed van slegs drie dae op Maandag die 18de Mei l.l. Geliefde eggenoot van

JOHANNA PRETORIUS (geb. van Tonder).
en vader van 4 nog onmondige Kindertjies.

42 De Villiersstraat,
Turffontein, Johannesburg.

---

Aan bloedverwante en vriende word hiermee bekend gemaak dat dit die Here behaag het uit ons midde weg te neem deur die onverbiddelike dood op die 23ste Mei, 1925, ons enigste teergeliefde suster en dogter

**PETRONELLA MAGDALENA VENTER**

in die ouderdom van 19 jaar na 'n siekbed van slegs ses dae. Dit is nog nie sewe jaar dat haar moeder en drie broeders die ewige rus is ingegaan. Onse wonde is diep, maar ons treur nie soos diegene wat geen hoop het nie, want die Here het dit gedaan. Ons is verstom, ons sal ons mond nie ope doen nie. Ons wens te bedank die vriende wat so getrou gehelp het met haar siekte en ook vir alle deelnemings in ons bitter verlies.

Die bedroefde Vader, Broeder en Suster,

DANIE VENTER,
Springfontein
LOUIS DU PLESSIS,
LEVINA DU PLESSIS.
(geb. Venter).
Thaba 'Nchu.

---

**DOODBERIG.**

VISSER.—Dit het die Here van dood en lewe behaag plotseling van ons weg te neem te Johannesburg op Donderdag, 28 Mei 1925, ons teergeliefde eggenote en moeder,

**WILHELMINA MARIA VISSER**
**(gebore van Riet),**

in die ouderdom van slegs 34 jaar en 16 dae.

Ons vra biddende om te berus in die leidinge van God. Sy doen is enkel majesteit.

Die diepbedroefde eggenoot,

WALTER VISSER en
MARIA ELISABETH VISSER.

Middelfontein, P.K. Heldinia,
Distrik Rustenburg.

---

VAN DER LINDE—Na 'n smartelike siekbed van 8 dae, wat hy geduldig en onderworpe gedra het, is op die 4 Februarie 1925, in sy 66ste jaar 11 maande en 19 dae oorlede ons geliefde man en sorgdragende vader,

**HENDRIK STEFANUS VAN DER LINDE.**

Hoewel die verlies vir ons swaar is, stel ons ons tevrede met die oortuiging dat wat God doen is welgedaan.

Sy laaste vers was Psalm 89 vers 19.

Namens die bedroefde eggenote en kinders

SUSARA MARIA V. D. LINDE,
(geb . Prinsloo.)

Rustfontein,
Dist. Pretoria.

---

**GRAFSTENEN, MONUMENTEN IN TRANSVAALS GRANIET, OF ITALIAANS MARMER.**

**Opgericht in enig deel van Zuid-Afrika.**

*Tegen Laagste prijzen. Portretten van Grafstenen op aanvraag aan:—*

**L. CANNATA,**

(*Opgericht* **1904**)

**Bus 5514. JOHANNESBURG.**

---

**H. J. KROEP**

**NYLSTROOM.**

GENERALE AGENT, GEZWOREN TAXATEUR.
BOEDELS MET SPOED AFGEHANDELD.

**OUERS!**

**Vervul Julle Doopsbelofte**

deur die kind 'n insig te gee in die heilsleer soos uiteengesit in die leersame en stigtelike boekie "Verklaring van die Kategismus vir die Katkisasie," 2/6 plus 1½d. posgeld. Kry daarby die aangrypende vermaning, "Dink aan jou Belydenis," 9d. plus 1d. posgeld. Geskryf deur Ds. J. G. H. v.d. Walt. Bestel van "Die Middellander," Bus 18, Middelburg, K.P.

# ADVERTEER IN DIE KERKBLAD.

# MIELIES, Ens.

## Nuwe Seisoense Mielies

**PRYSE VERMINDER. TREK VOORDEEL UIT ONSE AANBOD**

Koop van ons en sluit aan by onse menigte van tevrede kliënte. Onse kwotasies is vir onmiddellike versending en sluit spoorgeld na enige stasie oor die hele van Suidafrikaanse Spoorweë in. 'n Afslag van 1/3 per 100 pond word gegee aan kliënte wat self spoorgeld betaal.

Hickories 14/6, Geles 14/3, Kafferkoring 12/6; Wit Kangoes 14/-; Gebreekte Geles 14/6; Dersprod Pluimvee-mengsel 16/-; Wit Rantsoen Mieliemeel 15/-; Geel Mieliemeel 14/9; Dersphat Koeimeel, 150 pd., 12/-; Gestampte Mielies 21/9; Mielierys 21/9; Boekwiet 180 pd. 14/9; Sonneblomsaad 100 pd., 9/9; Uitgesoekte Tafelartappels, 150 pd., 10/3.

Koringsemels 8/6, 100 pd., Voerhawer 10/3, 150 pd., Algeriese Saadhawer 12/- 150 pd.; Wit Sidonian en Swart Winter Saadhawer 11/-, 150 pond.; No. 1 Gesifte Boermeel 47/6, 200 pond.; Ongesifte Boermeel, 41/- 200 pond; Uitgesoekte droë Uie 21/-; Kafferkoringmeel 17/6 per 180 pond.

Terme: **Kontant met bestelling** (geen **K.O.A.**) Skryf aan

**DERSLEY SE PRODUKTE STOOR,**
**Posbus 566. :-: Bloemfontein.**
**Telegrafies Adres: "Dersprod."**

**TEEN DIE SEER VERMINDERDE PRYS VAN 9d. ELK IS DIE**

# DISPUTASIE MET DIE WEDERDOPERS

NOU VERKRYBAAR.

Ds. P. BOSHOFF, in sy Voorwoord sê: Ds. Kruger het genade verkry om op duidelike en besliste wyse die Standpunt van ons Kerk uit die Heilige Skrif te bewys, en die vele dwalinge waarmee ons in die laaste tyd te doen kry, veral van die kant van hierdie mense, te weerlê.

**Verkrybaar by**

**Die Volksblad Boekhandel,**

**Maitlandstraat,**

**BLOEMFONTEIN.**

**2/- Posvry.**

# KATKISASIE-HANDBOEKIE

DEUR

**DS. W. POSTMA,**

**Nou weer verkrybaar**

**by**

**VOLKSBLAD BOEKHANDEL**

**BUS 325,**

BLOEMFONTEIN.

**2/- Posvry.**

// DIE KERKBLAD

VAN DIE

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 559 | 7 JULIE 1925 | 26ste JAARGANG

## PREEK.

### VOORBEELDE TE WEES.

(Deur Ds. D. Postma, B.A.).

Lees:—1 Thessalonisensen 1.
Sing:—Ps. 119:1; 19:4, 5; 100:1, 2; 98:4.
Teks:—1 Thess. 1:7:—"Alzo dat gij voorbeelden geworden zijt al den gelovigen in Macedonië en Achaje."

As Christene het ons 'n skone roeping om God te dien en daardeur dan ons medemense tot voorbeelde te wees. Nie dat ons ons daarvoor moet uitgee nie, want dan is dit eiegeregtigheid, en dis nie voorbeeldig nie, maar verwerplik. Nee, die drang om voorbeelde te wees, moet nie uit onsself opkom nie, want ons is boos en verdorwe van natuur; maar ons handel en wandel moet so onder 'n hoëre invloed kom, dat ons, sondar om dit juis te bedoel, ander tot voorbeelde is.

In hierdie gedeelte van Gods Woord leer Poulus ons die groot beginsels van 'n voorbeeldige lewe. Sy gedagtegang is:—deur navolgers te wees en Gods Woord aan te neem word ons voorbeelde in goeie sake.

(1). *Ons moet navolgers wees.*—Om die Thessalonisensen aan te moedig in hul geestelike wandel skrywe Poulus in vers 6:—"Gij zijt onze navolgers geworden en des Heeren." Hy gebruik meermaal die uitdrukking van navolgers. b.v. "Weest mijne navolgers, broeders, en merkt op degenen die alzo wandelen." "Weest mijne navolgers, gelijkerwijs ook ik van Christus". Laat ons Poulus hier goed verstaan. Hy bedoel nie, dat hulle hom as mens vir wat hy self voel en dink en doen moet navolg nie. Vir sover hy hom ken, getuig hy van homself: "Ik weet dat in mij, dat is in mijn vlees, geen goed woont." Maar dat hulle hom moet ken soos hy hom later bekendmaak:—"door de genade Gods ben ik, dat ik ben."

Navolgers moet hulle dan van hom word nie soos hy, Soulus van Tarsen was, maar soos hy elke keer in sy Sendbriewe skrywe:—"Paulus een dienstknecht van Christus." Met sy hele lewe en strewe wil hy Christus bekendmaak. Ja, om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, as sy Here het hy alle andere dinge vir skade gereken. Vervuld as hy was met die kennis van en die liefde tot Christus is hy begerig, dat sy gemeentes navolgers van hom en die Here sal word. —

Waar ons dan graag wil hê dat ons gemeentes voorbeeldig moet lewe, moet ons as voorgangers self eers navolgers van Christus wees. Die rigsnoer van ons lewe as predikante en as kerkraadslede moet die leer en die lewe van Christus wees. Ons navolging van Christus moet nie net bestaan in 'n bloot verstandelike kennis van Hom, om Hom dan as 'n voorbeeld van 'n hoogstaande geestelike persoon na te volg; ook nie alleen daarin dat ons bely dat Hy 'n versoening van ons sonde is nie, maar hierin, dat Hy die wortel en die fontein van ons ganse lewe is. Die gemeente moet aan ons as voorgangers kan gevoel dat ons gedurig met Christus besig is, Christus as die Verlosser van ons sondes, Christus as die Leidsman van ons hele lewe. Maar ook die gemeente moet dan navolgers word van ons en die Here. Hoe dikwels tog gevoel die voorgangers met leed in hulle harte, dat die gemeente nie wil gevolg gee nie aan hulle vermanings! En weet U, dat dit 'n nadelige invloed het. Die profeet Hosea skets ons die toestand van die nadelige werking, wat die ongehoorsaamheid van die volk jeëns die priesters uitoefen, as hy uitroep:—"Gelijk het volk, alzo zal de priester zijn." Ons weet dan ook uit die geskiedenis van Israel, dat deur die onwilligheid van die volk om die priesters en profete na te volg, hulle self naderhand ook verkeerd gegaan het, omdat hulle ook maar mense was.

Laat ons dan as voorgangers sowel as gemeentes navolgers wees van die Here, en let dan in die twede plaas op, hoe Poulus ons leer, waarin die gehoorsaamheid bestaan om voorbeelde te word.

(2). *Ons moet die Woord aanneem.*—Hy sê in

vers 6:—"Gij zijt onze navolgers geworden en des Heren, het Woord aangenomen hebbende in vele verdrukking, met blijdschap des Heiligen Geestes." Hiermee wil Poulus tekenne gee, dat hy tot die gemeeente kom nie met sy woorde nie, maar met die Woord van God. In die volgende hoofstuk maak hy dit nog duideliker as hy sê: "Wij hebben nooit met pluimstrijkende woorden omgegaan . . . . daarom danken wij ook God, dat als gij 't woord der prediking van God van ons ontvangen hebt, gij dat aangenomen hebt, niet als der mensen woord, maar (gelijk het waarlik is) als Gods Woord."

Om 'n voorbeeld te kan wees, moet sekere voorskrifte nagevolg word. Van sulke voorskrifte kry ons baie in die natuurlike lewe en hulle word gretig nagevolg. Ek noem U b.v. die woorde of geskrifte van die landbouwetenskap, van die ekonomiese nywerheid of besigheidswêreld, van die natuurwetenskap, ens. Dis almal goeie en nodige sake, en ons is bly dat soveel van ons jong Afrikaners die wetenskappe beoefen—die woorde en geskrif—in verband daarmee bestudeer en aanneem en daardeur voorbeelde word van vooruitgang en ontwikkeling. Maar moet ons nie terselfdertyd met leedwese opmerk, dat daar o, soveel van ons geleerde jong Afrikaners nie meer Gods Woord aanneem nie! Daardie mensewoorde glo hulle meer aan, dan aan Gods Woord. Ja, terwyl daar vandag 'n groot gebrek aan predikante is om Gods Woord te bedien, is daar 'n oorvloed van geleerde manne op allerlei gebied in ons land. Nie dat ons teen geleerdheid is nie, maar ons is nie meer die voorbeeldige ou volkie van vroeër nie, omdat ons al meer en meer kry geleerdheid sonder die christendom.

Laat ons tog goed verstaan dat Gods Woord alles beheers. Dit was vir 'n koning soos Dawid 'n lig op sy pad, en so 'n geleerde man as Poulus het daarvan getuig: "Ik heb 'n vermaak in de Wet Gods". Ook wys hy ons hier in die tekshoofstuk aan, hoe ons die Woord moet aanneem, n.l. "in vele verdrukking met blijdskap des Heiligen Geestes". Van die verdrukkings het die Thessalonisense bittere ondervinding gehad, want deur die Woord aan te neem moes hulle vaarwel sê aan die valse leringe van die afgoderye, waarin hulle eers gelewe het. Daardeur is hulle natuurlik bespot en vervolg. Maar met blymoedigheid het hulle die leiding van die Heilige Gees gevolg, teenoor die verleidinge van die wêreldse geeste. Om voorbeelde te word moet ons nie bang wees nie om die gebooie van die Here te gehoorsaam—al word ons ook bespot of verdruk.

Alleen deur Gods Woord aan te neem kan ons die ware blydskap in die lewe vind—die blydskap van die Heilige Gees. Die wêreldling meen blydskap en plesier te hê sonder die Woord en sonder die godsdiens. Daarteenoor verklaar ons, dat die Christen alleen *mag* waarlik vrolik wees; ja nog meer, dis net 'n Christen, wat waarlik *kan* vrolik wees. Want al die s.g. plesier van danspartye, teaters, kaartspel, bioskoopsale ens., is net soos die geluid van dorings onder 'n pot—'n vuur wat skitterende geknetter skielik uitbrand, en niks nalaat dan as. Mense, wat in die soort lewe opgaan mag nie ons voorbeelde wees nie; hulle is dan ook nie die mense, wat staat en maatskappy werklik tot diens is nie. Hulle bedink nie, dat op die wufte leefwyse wening van oë en knersing van tande sal volg. Ja, diep in hulle harte voel die soort mense, dat daardie plesiere maar 'n masker is, en dat hulle blydskap niks anders is dan 'n verfynde toneelspel.

Wat 'n genade dan dat die Here ons, temidde van die ligsinnigheid waarin ons vandag lewe, deur sy Kerk nog altyd Sy Woord bring. Laat ons dit aanneem sodat ons

(3) *Voorbeelde kan wees.*—Die Griekse woord, type, wat Poulus hier gebruik vir voorbeeld, is afkomstig van 'n werkwoord wat "slaan" beteken; daarvan afgelei, kry ons die betekenis van b.v. 'n munt slaan, 'n indruk daarop maak. Wat hy dan wil sê is, dat die gelowiges van Thessalonika, deur die indruk, wat Gods Woord op hulle gemaak het, voorbeelde of tiepes geword het.

Ja, Geliefde Broeders en Susters, dit is presies wat die Here van ons wil maak. Hy het ons geskape na Sy beeld en Adam was 'n tiepe of voorbeeld van God. Hoewel nou deur sy val die beeld van God in ons geskend is, wil Hy dit weer in ons herstel in die twede Adam, onse Here Jesus, deur die genademiddele van Sy Woord en Gees. Daartoe strek al die arbeid van die heilige bediening, en waar ons dan gelowig en gehoorsaam onder die indruk van die bediening verkeer, word ons voorbeelde.

Let nou op hoe kragtig die werking van Gods genade is. Poulus skrywe hier, dat die gelowiges van Thessolonika 'n voorbeeld geword het van al die gelowiges in Masedonië en Achaje. Die twee provinsies vorm vandag Griekeland. In die oudheid was Griekeland 'n sterk ryk, so sterk, dat toe hy deur die magtige Romeinse keiserryk met wapengeweld oorweldig was, het Griekeland Rome weer beheers met die mag van sy kuns en wetenskap. En nou dat die Grieke Gods Woord aanneem, word hulle met die christelike godsdiens voorbeelde, leidende geeste in hulle land.

Ja, selfs tot voorbeelde vir die hele wêreld, want die ganse christelike wêreld vandag kry sy lering ook van die oudtydse Griekse gemeente van Thessalonika.

Godsdiens is dus sterker, magtiger, meer deurdringend en deurtastend dan wapengeweld, of vernuf van kuns en wetenskap, of skittering van rykdom, of druk van armoede. Waar ons dus waarlik godsdienstig is kan ons voorbeelde word, ja moet ons voorbeelde wees in ons omgewing op alle gebied van die lewe.

Maar ag, hoe staan dit met ons in die opsig? Moet ons dit nie met skaamte erken nie dat, in plaas dat ons as kerkmense voorbeelde is en dus die leiding gee in ons maatskaplik en staatkundig lewe, dit meesal die wêreldmense is, wat die toon aangeee? Kan dit nog met reg gesê word, dat ons 'n christelike maatskappy het, waar b.v. vandag die Sondag so onder ons ontheilig word? Is ons as christelike huisgesinne voorbeeldig met ons kleredrag, met die boeke en tydskrifte wat ons en ons kinders lees? Is ons skole voorbeelde van christelik onderwys? Word in ons staatkundige lewe geywer vir die christelike beginsels?

Waarom is ons dan nie meer voorbeelde nie?

Die meeste sake, waarvoor ons ywer is nie goed- en laat ons daarom let op:—

(4) *Die goeie sake,* waarin die gelowiges van Thessalonika hulle beywer het, sodat hulle daardeur voorbeelde geword het.

—Van hulle sê Poulus: "Want van u is 't Woord des Heren luidbaar geworden niet alleen in Macedonië en Achaje, maar ook in alle plaatsen is uw geloof, dat gij op God hebt, uitgegaan." Waar 'n muntstuk ook al sirkuleer, vertoon dit altyd die beeld wat daarop geslaan is. So was die gelowiges van Thessalonika draers en verkondigers van die Woord van die Here. 'n Mens kon dadelik aan hulle gesprekke hoor, en in hulle leefwyse sien, dat hulle die Woord ken. Ja, die Woord is deur hulle luidbaar geword, omdat hulle dit in waaragtige geloof aangeneem het.

God het Sy Woord aan ons gegee opdat dit luidbaar sal wees. Die Bybel moet nie alleen in die kerk deur die predikant luidbaar gemaak word nie, maar ons moet dit ook laat hoor in ons huise. En dan nie alleen net Sondae nie, soos party van ons lidmate doen, wanneer hulle op die plase godsdiens hou, nee elke dag saam met ons huisgesinne. Dis egter nie genoeg om dit net te lees uit bloot gewoonte nie, maar dit moet luidbaar word, dit wil sê ons moet mekaar bespreek wat ons lees, ons moet ondersoek wat ons nie verstaan nie, en dan in beoefening bring wat ons gelees het. Op die wyse bevorder ons die goeie saak om die kennis van Gods Woord te versprei, en die geseënde invloed van die Bybel te laat geld. Deur ons moet die Bybel sy uitspraak laat gaan oor alles. As ons voorbeelde wil wees, dan mag ons nooit swyg wanneer ons opmerk dat teen Gods Woord gehandel word. Vir die eer en waarheid van die Bybel moet ons opkom in kerk, skool en huis, in staatkunde, maatskappy en regspleging—ja ooral.

Maar Poulus gaan verder en sê, dat die Thessalonisense ook nog hierin geywer het, dat by hulle 'n ingang was vir sy arbeid. "Want zijzelven verkondigen van ons, hoedanige ingang wij tot u hebben; en hoe gij tot God bekeerd zijt van de afgoden om de levende God te dienen." In die volgende hoofstuk herhaal hy die woorde en sê: "Broeders, onse ingang tot u is niet ijdel geweest." Daarmee bedoel hy dat hulle voorbeelde geword het, omdat hulle sy arbeid op prys gestel het. Hulle het na hom geluister en hulle bekeer. Waar hulle eers nietige afgode gedien het, dien hulle nou die ware God.

Laat ons beken, dat ons dáárom nie meer voorbeelde van godsaligheid is nie omdat die gees van wêreldgelykvormigheid te veel ingang by ons kry, en nie die arbeid van die kerk nie.

En hoe sal ons die gees bestry?

Alleen deur die voorbeeld te volg van die Griekse gemeente, waarvan Poulus hier sê, dat hulle tot God bekeer was om: "Zijn Zoon uit de hemelen te verwachten, welke Hij uit de doden verwekt heeft, namelik Jezus, die ons verlost van de toekomende toorn."

Hoe mooi bring Poulus die gemeente tot Christus hier!

As ons voorbeelde wil wees, dan moet ons Christus so ken, so liefhê, dat ons Hom verwag. En as Hy dan kom, wat elke oomblik kan gebeur, moet Hy ons aantref as Sy voorbeelde, Sy getuies.

Ja, daar sal toorn wees vir die voorbeeldige wêreldlinge, vir die wat die wêreld dien. Maar vir die, wat in Jesus vergifnis van hulle sonde soek, wat Sy Woord aanneem en beoefen, wat dan as voorbeelde en toonbeelde van Sy genade is, vir die is daar geen toorn nie. Nee, hulle sien met verlange uit na Sy koms om die ewige geluksaligheid tegemoet te gaan.

Is U so 'n voorbeeld?

**Amen.**

---

## DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

In hierdie uitgawe publiseer ons die verslag van die Kommissie vir die Afrikaanse Bybelvertaling.

Ons merk daarin hoe die werk vorder. Die

reusearbeid van die vertaling van die Ou Testament het tot nou toe vir die grootste gedeelte gerus op die skouers van Dr. du Toit. Ons hoop dat spoedig nog 'n krag sal gevind word in die Ned. Geref. Kerk.

Laat ons almal getrou ons bydrae vir hierdie belangrike werk gee en ook nie vergeet om die vertalers in die gebed te gedink nie.

## GELUKWENSING.

Ons wens Ds. M. Postma, M.A. van Johannesburg van harte geluk met S.Eerw. se aanstaande 70ste verjaardag en 35 jarige ampsbediening.

In ons gedagte sien ons hierdie waardige dienskneg van die Here altyd op 'n draffie.

Hy het seker nie vertraag nie. Lang het hy gesukkel met astma, maar nog is sy ywer in sy ouderdom nie verflou nie. Mag die Here S.Eerw nog die kragte versterk! Ons sal later 'n kort verslag van die feesviering van die 14de Julie plaas.

## ERFLATING.

Wyle ou Br. Stefanus van Wyk het, blykens die kennisgewing van die Penningmeester van die Teologiese Skool, 'n erfenis vir die Teol. Skool van oor die £600 nagelaat.

Ons hoop dat hierdie voorbeeld ook ander broeders en susters sal opwek om in hulle testament te gedink aan die verskillende inrigtings en werksaamhede van die Kerke.

Ons het veral die oog op die Teol. Skool, die Potchefstroomse Uniw. Kollege en die Sending.

Die erflater het, soos ons verneem het, ook aan die plaaslike behoeftes van die gemeente Burgersdorp gedink.

## DIE HEL.

### VII.

Dat die vaders onder die Oue Verbond met die plek van geluksaligheid bekend was en dus met die heidense volke nie op een lyn mag gestel word nie, het ons genoegsaam duidelik geword uit die vorige artiekel. 'n Altyd-groen, 'n jeugdige lewensboom slaan sy takke deur die geboomte van die Ou Testament heen. Hoe dié boom ontkiem het en hoe hy sy takke gekronkel het gedurende die proses van die Gods-openbaring, kan ons nou nie verder aanwys nie. Dit sou ons te ver van ons eintlike onderwerp af weglei.

Ons moet nou dieper ingaan op die betekenis van die woord "sjeool", wat deur nuwere godgeleerde mees met "doderyk" of "skimmeryk" vertaal word. Opnuut sal ons dan blyk dat die oudvaders, deur hulle gebruik van die begrip "sjeool", nie onbekend was met 'n plek van geluk sowel as van rampsaligheid.

Volgens die kanttekening van ons Statebybel op Gen. 37:35 kan die woord "sjeool" vier betekenisse hê: (1) *graf* soos in Gen. 37:35, 42:38, Ps. 6:6, 16:10; (2) *allerhande dieptes* of diep verborge plekke soos in Job 26:6, Ps. 139:8, Amos 9:2; (3) *hel* of plek van die verdoemde soos in Job 11:8, Spr. 15:11; (4) *oorgrote of uiterste benoudhede* soos in 1 Sam. 2:6, Ps. 18:6, 86:13.

Nou is dit seker dat die nederdaling in sjeool op baie plekke dieselfde beteken as ons woord "sterwe". Jakob sê in Gen. 37:35: "Ek sal met rou na my seun in die graf (sjeool) afdaal." En in die lofsang van Hanna lees ons: "Die Here maak dood en maak lewend; Hy laat na die hel toe (sjeool) neerdaal en Hy laat weer opkom." Ons gee hier die Statevertaling, al is dit dat ons in die lofsang van Hanna (1 Sam. 2:6), 'n ander vertaling sou verkies het.

In hierdie twee tekste, en meer ander plekke, is die vertaling met "graf" nie verkeerd nie, al is dit dat die teenswoordige geleerde aan so 'n vertaling nie meer dink nie. Ons moet net die term "graf" hier nie opvat as siende op 'n *afsonderlike* of bepaalde graf nie; daarvoor het die Hebreeuse taal 'n ander woord. Ongetwyfeld het ons vaders die term "graf" hier bedoel in die algemene sin van *groewe of kuil van vertering*.

Dat nie net die siel in sjeool afdaal nie (soos die heidene vir hulle dit voorgestel het), maar ook die liggaam, kan bewys word uit verskillende plekke. In Gen. 42:39, 44:29, 31, 1 Kon. 2:6, 9 is sprake van "*hare*." In Ps. 49:15 kom die woord "gedaante" voor in verband met sjeool —'n uitdrukking wat ten minste óók op die liggaam moet sien. Nie minder opmerklik is dat Job die aanwesigheid van wurms met die verblyf in sjeool vereenselwig nie (17:14). In Ps. 141:7 lê "bene" verstrooi aan die mond van sjeool.

Dit kan ons daarom nie verwonder dat sjeool en graf (laasgenoemde in *eintlike* sin verstaan) naas mekaar genoem word nie. So byv. in Spr. 1:12: "Laat ons hulle lewendig verslind soos sjeool; ja heeltemal soos die wat in die kuil neerdaal."

In Jes. 14:11 is weer sprake van "wurms" en kan ons dus nie aan 'n skimmeryk in die heidense sin van die woord dink nie. Wel vertaal Prof. Ridderbos hier met 'n ander, meer korrekte woord, n.l. "doderyk", maar hy voeg daaraan by wyse van verklaring toe: "Men ziet dat de voorstelling van 't dodenrijk en die van het graf niet streng uit elkaar worden gehouden."

Omdat dus ons vaders die gedagte aan 'n heidense hades of skimmeryk wou afweer, het hulle sjeool dikwels met "graf" vertaal—"graf" dan nie te verstaan as die bepaalde kuil waarin iemand neergelê word nie, maar as verblyfplek van die afgestorwene.

In dié sin opgevat, gaan alle mense na sjeool toe. Ps. 89:49 sê: "Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie? wat sy siel sal verlos van die mag van sjeool?" Ook die vrome Hiskia het geen ander vooruitsig as dat hy by sy sterwe sal gaan na die "poorte van sjeool" toe (Jes. 38:10).

Allermins kan hieruit afgelei word dat Israel ten slotte tog maar weer met die heidene gelykgestaan het wat 'n skimmeryk geken het *as verenigingsplek vir alle mense*. Nee, Israel se sjeool was 'n plek van smaad, waar die mens kragtens sy bestemming nie tuishoort nie en waar hy met al die krag van sy siel voor vrees. Lees maar die klaaglied van Hiskia in Jes. 38. Of vergelyk wat Job (10:21, 22) en die digter van Ps. 88 (vs. 4—7) daarvan sê.

Daarby kom dat Israel nie die dood as 'n natuurproses beskou het soos die heidene nie. Die dood was vir Gods oue volk 'n straf op die sonde. Kennis van sonde was daar onder Israel, en dit was die tugmeester wat uitgedryf het om verlossing te soek uit die mag van sjeool.

Werklik het God Hom dan ook aan die oud vaders nie onbetuig gelaat nie. Reeds Jakob kan op sy sterfbed spreek van die saligheid van die Here waar hy op wag (Gen. 49:18). In die dal van doodskaduwee sal Dawid geen onheil vrees nie (Ps. 23:4): die Here sal die gelowige verlos uit sjeool, want Hy sal hom opneem (Ps. 49:16); Hy sal hom lei deur Sy raad en daarna in Sy heerlikheid opneem (Ps. 73:24), en dan sal Gods kind versadig word met die goddelike beeld (Ps. 17:15).

Die gelowige onder die Oue Verbond het dus nie gesterwe soos die heidene nie. Hulle het geglo in die gemeenskap van die Here wat onverbreeklik is en wat hulle in die dood nie sal prysgee aan die mag van die onderwêreld (sjeool) nie.

Naarmate egter die strale van 'n opstandingslewe helderder geword het, na die mate het ook die insig vermeerder geword aangaande 'n hel as plek van pyniging. Asaf kon geen vrede kry voordat hy eers op die *einde* van die goddelose gesien het nie. Lees maar Ps. 73:17—24. In vers 20 sê hy: "As U opwaak, o Here! dan sal U hulle beeld (dié van die sondaars) verag." Van homself weet die sanger egter dat hy dan gedurig by die Here sal wees (vs. 23).

Die gelowige klim dus uit sjeool op (Ps. 49:16), terwyl die goddelose vir ewig daarin versink (Ps. 49:15). En hierdie neerdaling van die goddelose in sjeool is vir hulle 'n straf (Ps. 9:18, 55:16). In Spr. 15:24 moet sjeool dan ook sien op die hel en kan die woord nie met graf of skimmeryk vertaal word nie. Daar staan: "Die weg van die lewe is vir die verstandige na bowe toe, sodat hy mag afwyk van sjeool daaronder." Eweso Spr. 5:5, 7:27, 9:18, 23:14. Dit is dan ook opmerklik dat Keil en Delitzsch wat sjeool met doderyk vertaal, hierby opmerk dat sjeool hier die betekenis van die Nuwe-Testamentiese gehenna of hel kry.

Ons vaders het dus geweet wat hulle gedoen het toe hulle soms die woord sjeool met "hel" vertaal het. Of dit altyd op die regte plek gebeur het, daaroor doen ons geen uitspraak nie, maar seker is dit dat dié betekenis aan die woord sjeool ewemin kan ontsê word as die ander betekenis van graf of groewe van vertering. Die kanttekenaars het volkome gelyk as hulle by Eseg. 31:15 sê dat sjeool daar geneem word vir graf "met die aanklevende ellendige en smadelike toestand van die verstorwe goddelose in die hel."

J. D. DU TOIT.

## FONDS VIR DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

Van mnr. H. J. Otto, Bloemfontein, het ondergetekende 'n kwitansie ontvang waarmee hy erken die ontvangs van altesaam £597 2s. 5d uit die Geref. Kerk vir bowegenoemde fonds. Bydrae moet voortaan gestuur word aan Ds. C. W. M. du Toit, bus 543, Bloemfontein. Ondergetekende het nog ontvang 'n kollekte van die gemeente Dullstroom groot 16/- wat ook na Bloemfontein gestuur word.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Dit is nou skoon winter hier by ons. Die kortste dag is al agter die rug, en dit is fyn koud. Die reent het opgehou, en hoewel dit koud is, het ons darem soms pragtige dae.

Ons fonteine hier by die dorp is fraai, om te sien. Op vier, vyf plekke borrel die water met groot krag uit die klipplaat uit, en dit is werkelik 'n lus vir die oog om dit te aanskou. Jammer, dat al die heerlike water moet wegloop sonder dat ons dit kan gebruik. Ek hoor, dat die fon-

teine nou ooral sterk is, en die water nou op plekke uitkom, waar mens dit vroeër nooit sou verwag het nie. Mog dit waar wees, wat iemand in die krant geskryf het, dat die sewe vet jare nou vir ons aangebreek het. Dit sou werkelik lekker wees, want daardeur sou baie boere, wat vandaag nog kwyn aan die wonde, wat hul met die ontsettende droogte van 1919 en later opgedoen het, herstel en weer op die been kom.

Dit is 'n goeie tyding, dat Amundsen, wat met die vliegmasien die Noordpool wou bereik, en waarvan ons gemeen het, dat hy met sy reisgeselskap omgekom het, gevind is, en veilig weer op Spitsbergen aangekom het. Party mense kan maar nie begryp nie, dat die man hom bloot vir niet in so'n gevaar begeef het, en die ontsaglike kou gaan trotseer het, waar niemand hom vir betaal nie. Maar, so sê die meeste, dit is net om naam te maak. So 'n man wil hê, dat die hele wêreld van hom sal spreek, en sy naam op alger se lippe is. As dit gebeur, dan het hy sy doel bereik, en is hy tevrede, so meen die mense.

Daar mag nou by sulke mense as Amundsen ook eersug wees, maar ek glo nie, dat ons al hul gevaarlike ondernemings juis daaraan moet toeskryf. Daar is by hul 'n lus en 'n drang tot ondersoek na die wondere en geheime van die natuur. Ons kan dit in ruime sin noem, dors na wetenskap en ek vind dit pragtig en heerlik, dat daar onder ons menselik geslag sulke persone is, wat die durf en mannemoed het, om groot en gevaarlike dinge te onderneem vir die wetenskap.

Toe die koene seevaarder Columbus, ruim vier eeuwe gelede, met sy paar klein skeepjies die onbekende oseaan oorgesteek het, om te wys, dat hy reg was in sy mening, dat daar ander kant die onmetelike water nog 'n land moes lê, het baie vir hom bespot en uitgelag. Party het toe met sogenaamde onomstotelike bewyse aangetoon, dat Columbus dit mis had, en daar nie nog 'n ander wêrelddeel kon wees nie. Maar Columbus het gegaan, en die land gevind, tot 'n niet uit te spreke voordeel van die ganse mensheid. Wie ken nou Amerika nie? Wie gebruik nou nie goed uit Amerika nie? En wie het nie famielie of bekendes in daardie land nie? Columbus kon later op een van sy reise nie eens mense kry, wat met hom wou saamgaan nie, en toe moes hy die reis onderneem met konvikts, misdadigers, wat tot gevangenisstraf veroordeel was. En nou het ons die groot Amerika met sy miljoene mense, met sy rykdomme, sy fabrieke en sy wondere van tegniek.

Columbus, die bespotte en uitgelaggen man, met sy ontembare moed en sy stale wilskrag het vir die mensheid 'n nuwe wêreld gesoek en gevind.

Grote Columbus, onverskrokke held, ek bewonder u, en dit gaan my ter harte, dat u medemens u later van allerlei kwaad beskuldig het, en u in die ysters geset het, sodat u eindelik van hartseer gesterf het. Ja, dit is die dank gewees aan u, wat vir die mensheid baie meer gedoen het, as menig held, wat duisende en nog eens duisende mense ten oorlog gevoer het, en strome bloeds laat vergiet het, en wat tydens sy lewe reeds deur sy bewonderaars op die hande gedra is.

Amundsen wou nou die Noordpool besoek. Dis die plek, waar oom Piet en tante Grieta geen begrip van kan kry nie, omdat hul in hul dae nie op skool van die bewegings van die aarde geleer het nie, en dus nie kan begryp nie, dat die pole, die plekke is, waar die as van ons aarde sou uitsteek, wanneer daar 'n as sou deurgesteek word.

Dis die plekke op ons aarde, waar die son in die kort dae smorens sy kop nie uitsteek nie, en in die lang dae van die somer nie gaan slaap nie. Die Noordpool, sê my vriend Ruslief, wat wil Amundsen daar maak in die vreeslike kou, waar nie eens 'n aangenaam hotel is nie, om in te loseer, ja nie eens 'n "keffie" nie met 'n "grenniefoon" daarin. My ander ou vriend meneer Geldman spot ook met die reis na die Noordpool, want daar kan mens mos nie besigheid doen nie, en daar is nie 'n stuiwer te maak nie. Altemit, sc sê hy, gaan Amundsen nou 'n boek uitgee oor sy reis, om dan so iets uit die ding te maak, maar so sê hierdie ou vriend, ek sal nie so 'n boek koop nie. In Europa is vir die eenvoudige mense, so as u weet, die Noorde die koue plek in die wêreld, en die Suide die streke, waar dit warm is. Hoe Noordeliker hoe kouer, en hoe Suideliker hoe warmer.

In my jong dae was daar 'n volksprediker, wat een dag in die vuur van sy rede sê: Ja, eenmaal sal die waarheid segevier. Dan sal oor die hele aarde, van die koue Noordpool af tot aan die gloeiende hete Suidpool toe, sy dan haar skepter swaai.

Weinig het die spreker net so min as sy hoorders, daarvan geweet, dat dit aan die gloeiend hete Suidpool ewe koud, vol ys en kapok is, as aan die yskoue Noordpool.

Dit lyk my, dat Amundsen nog die bloed van sy voorgeslag in hom het. Die ou Noormanne was mos die woes-heldhaftige, onversaagde seevaarders van die negende en tiende eeu, wat met

hul klein skeepjies oor die wilde bare na Engeland, Frankryk en selfs Italië gevaar het, om te plunder en hul vlag te plant. Ons voorvaders het ook vreeslik onder hul gely, maar dit neem nie weg nie, dat hul manne van ontembare moed was. Dit was hul lewe en hul grootste vermaak om die mees onstuimige en kokende see met hul klein skuitjies te trotseer.

Moed is een van die skoonste deugde, dat ek in my medemens bewonder. Moedige mense bring in die wêreld alleen iets tot stand. Moed gaan mos altyd gepaar met 'n onbuigsame wil, wat die moedige heenvoer, waar hy wil wees.

U sal wel verstaan, dat ek nou nie alleen die oog het op mense so as Columbus en Amundsen en andere uit die teenswoordige en verlede tye, manne, wat die gevare van see en land nie geag het nie, om hul doel te bereik nie, maar dat ek daar veral ook onder saamvat manne en vroue, wat die sedelike moed gehad het, om vir waarheid en reg op te kom, nietteenstaande hul geweet het, dat die gevangenis, die swaard of die brandstapel hul loon sou wees. So maar in eens kom die profeet Daniël my nou voor die gees, wat vir niks terug gedeins het nie, om sy God getrou te bly en daar nie om gegee het, om sy hoë pos aan die hof van die koning te verlies, en nie bang was vir die afgryselike kuil met die leeus nie. Hy was 'n held, en een van die moedige draers van die waarhede, wat die mens alleen kan red. Gister het ek ook nog met die kinders in die kategisaas gehandel oor die profeet Elia. Hy is ook een van die manne, wat ek altyd so bewonder. Die dapper man van Thisbe met sy harige mantel aan, die beroerder van Israel, so as Achab vir hom genoem het, maar in werkelikheid die redder van volk. Hoe eg waar is die Bybel in die tekening van hierdie held. Op Karmel was hy onkeerbaar in heilige moed en brandende ywer vir die ere van sy God, en kort daarop vind ons vir hom moedeloos onder die jeneverboom in die woestyn. So het die helde ook hul angste en node. Ek glo, dat daardie man dit reg gehad het, wat eenmaal gesê het, dat die voorsigtige bang is voor die gevaar, die lafaard bang is in die gevaar, en die held soms bang is na die gevaar.

Maar laat ek hieroor ophou, want nou kom daar 'n menigte ander manne voor my aandag. Die apostele, Johannes de Doper, die martelare, O, 'n hele menigte, want daar is baie helde onder ons gewees.

Ek wou nog oor iets anders skryf, en as ek daar nou nie dadelik mee begin, word die brief weer te lang.

Ek wonder, my waarde Vriend, wat u opinie daar oor is, dat 'n gemeente sig daarop toelê, om 'n kerkelik fonds te stig van vrywillige bydrae, met die doel om met die rente daarvan vir 'n deel die kerkelike uitgawes te bestry. Ons het hier sulk 'n fonds te Colesberg, en dit groei nog gestadig aan. Dit bestaan al twintig jaar, en dit is juis aan hierdie fonds te danke, dat ons klein gemeente 'n leraar kan hê sonder kombinasie met 'n ander gemeente. Ek weet, dat daar wel besware teen die vorming van sulk 'n fonds kan ingebring word, maar elke saak het immers sy skadukant. Die gewone beswaar teen 'n vaste fonds is, dat die gemeente dan op laas op die inkomste van die vaste fonds gaan steun, en dan also die ware kristelike deug van vrygewigheid en milddadigheid verflou. Ek glo darem nie, dat hierdie beswaar van al te groot gewig kan wees, want dit sal maar selde gebeur, dat die gemeente daarin slaag, om so 'n sterk fonds bymekaar te maak, dat die lidmate nie meer nodig het, om iets by te dra vir die kerk, die skool of die sending. Wat sou dit aan die ander kant 'n uitkoms wees, as party van ons gemeentes, wat tamelik sterk is, maar tog te swak om 'n eie leraar te onderhou, sulk 'n fonds sou besit. Dan kon die gemeente op eie bene staan, en gereeld bearbei word, wat nou uiters moeilik gaan.

Gemeentes, wat tusse die 200 en 300 lidmate tel is nou meestal gedwonge om voortdurend "konsulent" te wees. Had die gemeente 'n fonds van twee of drie duisend pond, dan kon hul 'n eie leraar goed onderhou. Wag 'n bietjie, sê u, 'n fonds van 2 of 3 duisend pond, waar sal hul dit vandaan kry? Waarde Vriend, ek meen nie dat hul dit in een of twee jaar moet vergaar, maar in 20 of selfs 40 jare. Dis weer te lang, antwoord u.

Nee, vir 'n gemeeente is dit nie so lang, as u dink. Hoe gou gaan 25 jare nie om nie.

Dink maar ewe aan die Boere-oorlog. Dit is al 25 jare gelede, dat die vreeslike kryg oor ons land gewoed het en dit is vir ons gevoel, of dit gister was.

Hoe baie van ons konsulent gemeentes bestaan al 40 of 50 jare, en hul is tans nog net so worstelend as by hul stigting. Was daar dadelik 'n klein fonds gestig, waar geregeld iets vir afgesonderd was, dan sou daar nou al 'n mooi fonds bymekaar wees, veral as die rente volgens die wet van Mede en Perse altyd by die kapitaal gevoeg was.

Ek wonder, wat u gedagte oor hierdie saak is.

Ek meen, dat dit hoog tyd word, dat ons in ons kerk in hierdie rigting gaan werk.

Beste groete,

U Vriend,

C., 24 Junie, 1925. T. H.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

Volgens ,,De Kerkbode" het die Ned. Geref. Kerk van die Kaap Provinsie op versoek van 'n paar lede van die Ned. Geref. Kerk in Argentinië besluit om 'n predikant daarheen te stuur. Soos een en andermaal meegedeel is in Die Kerkblad word die Afrikaners daar geestelik bearbei deur die Kristelike Geref. Kerk in Amerika en die Gereformeerde Kerke in Nederland. Ds. Sonneveld, 'n Gereformeerde predikant, werk daar. Hierdie ou-lede van die Ned. Geref. Kerk is blykbaar nie tevrede met die Gereformeerde bearbeiding nie, en nou soek hulle verbinding met die Ned. Geref. Kerk hier.

,,De Kerkbode" deel mee dat die Arme Sorg Kommissie nou belas is met die saak, en dat hulle ds. A. D. Luckhoff daarheen sal stuur om die gemeente daar te besoek, die Kommissie dan met alle moontlike informasie te dien en die weg te baan tot beter bearbeiding van die verafwonende deel van ons volk."

Sal ons hierdie geval klassifiseer onder die, waarvan my kollega van Stellenbos, met 'n wending van sy woorde sal sê: ,,We moeten dus houden dat we hebben, onze schaapjes bij mekaar maken, een kraaltje voor ze bouwen, en ze ten strengste beletten, in (,,Ned. Geref.") Gereformeerde landouwen te gaan weiden.

Is dat uit de enghartige en sektariese geest, die uit het twistzieke (,,Nederland") Zuid-Afrika tot ons (Argentinië) is overgewaaid?"

* * * *

Die krante maak melding van die aanstaande Eeufees van wyle President Kruger. Die 10de Oktober sou President Kruger 100 jaar oud gewees het. Die plan bestaan om hierdie Eeufees kristelik te vier. Pres. Kruger was lidmaat van die Geref. Gemeente Pretoria. Ek hoop dat ons, nie net in Pretoria nie, maar oral hierdie Eeufees sal vier.

Die fees sal 'n godsdienstig-nasionaal karakter dra, en daarom sou dit goed wees dat die Fees begin met 'n samekoms, wat van godsdienstig-nasionale aard sal wees, en dat vir die kinders gebeurtenisse uit die lewe van Pres. Kruger sal vertel word en dat hulle ook feestelike vermaak sal hê, waar medaljes van Pres. Kruger uitgereik word (,,Die Burger" het sulke medaljes en ander ornamente aangekondig) en dat in die aand toesprake sal gehou word, afgewissel deur die singe van nasionale liedere deur goedgeoefende kore.

Die 10de Oktober is Saterdag, en dit sal miskien goed wees om daaraan te dink om nie Nagmaal op die 2de Sondag van Oktober te bepaal nie, in geval die fees dan gevier word.

* * * *

Blykens die pers waarsku die afskaffers die mense teen die ,,Bye-wyn", omdat dit niks anders is as die gisting van 'n suurdeeg-plantjie, en soveel alkohol bevat, dat 'n mens daarvan kan dronk word.

Hulle sê, dit is gesond, maar dit maak dronk.

Ek bedoel die suurdeeg-plantjie is 'n voedsame eetwaar. Maar as hy gis dan maak hy 'n mens dronk.

* * * *

Mnr. S. Weich waarsku in ,,De Kerkbode" dat hierdie bye-wyn, wat ek vir die eerste maal in 'n ouderling se huis gesien het, nie 'n onthouers drank is nie.

Dus, van nou af aan, geen bye-wyn nie. Foei, wat 'n moeite en ellende het ons met al die goed in die ou wêreld, wat maar net wil gis! Oom Johans weet Tant Annie het gesê daardie goed is so goed vir 'n mens se maag.

Wees dus nou gewaarsku!

* * * *

Die Sinode van die Hervormde Kerk het vergader. Dit blyk dat hierdie Kerk altyd meer werksaam word. Dit verbly ons ook dat die Sinode die Afrikaanse Bybelvertaling nou gaan steun. Dan word daar planne beraam om nog 'n derde Professor in die Teologie te kry.

Die Sinode het ten gunste van segregasie besluit, omdat die Kerkwet skeiding tussen blank en swart verlang.

Dit is wel 'n gemaklike manier om oor so 'n ingrypende staatkundige kwessie te beslis.

* * * *

Die Ned. Geref. Kerk se Sending het 'n gevoelige verlies gely deur die dood van Ds. Murray, wat deur 'n leeu gewond was. Dit blyk dat hy baie bemind was en sy hart in die Sending-werk gehad het.

Die Sending tel al baie offers van kostelike lewes. Ons hartelike simpatie met die dood van hierdie dienskneg van die Here!

## KERK EN SKOOL.

LEGAAT AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL:— Uit die boedel van wyle S. J. van Wyk (Oom Faan van Bloemhof, Burgersdorp), word hiermee met hartelike dank aan die Eksekuteur Testamentêr die ontvangs erken per Ds. D. Postma van die som van £616, bemaak aan die Teologiese Skool.

'n Tellend, tasbaar bewys, nog nadat hulle gestorwe is, van die hartelike liefde wat Oom Faan en Tant Katriena die Kerk en Skool tegedra het.

Dat die Here mag gee dat hierdie goeie voorbeeld navolging vind is die wens en bede van —J. A .van Rooy, Penn. Teol. Skool.

THEUNISSEN:—Die 12de Mei het die gemeente Nagmaal gehad, toe die Kerkraad Ds. du Toit gevra het om ons te bedien.

Met die geleentheid is toe ook Saterdag vyf jonge broeders en susters ondersoek wat belydenis van die geloof die middag afgelê het. Ds du Toit het Saterdagmiddag voorbereiding gehad en na die diens is met meerderheid gekies Ds. du Toit as konsulent. Mag die Kerkraad van Bloemfontein hom verlof gee om ons te bedien. Sondagaand het Syeerwaarde in die N. G. Kerk gepreek, daartoe uitgenodig van die Kerkraad.

Ons eerskomende Kerkraadsvergadering is bepaal die 1ste Saterdag in Julie, dan sal ons weet of S.E.W. die konsulentskap sal aanneem of nie. —Korrespondent, 20/5/25.

---

GAMAYANA:—Agter Langberg lê Gamayana in n' poort, wat in die berge in loop. Dis die mooi plaas van ouderling J. S. Kruger. Daar groei lemoene weelderig en dra oorvloedig. Die meeste soorte vrugte beantwoord daar; apeplkose word al Oktobermaand ryp. As mens op Gamayana is dan lyk dit of jy omsingel is van skurwe berge. Aan die suidekant lê 'n hoë kop en onder daardie kop staan nog die ou skoolgeboutjie waarin broeder P. P. J. Kruger vroeër jare in skool gehou het. Skoolmeesters was in daardie dae nog dierbaar aan die kante van die Kalahari en was persone van agting wat meer as eenmaal hulle opienie moes gee oor ingewikkelde teologiese vraagstukke.

In daardie geboutjie het ons kerk gehou. Wat was sulke buite of wykskerke aangenaam! As die Woord skaars is, dan is die hoorders hongerig en geniet 'n preek. Ons mense hou van buite kerke, dit is aangenaam en stil: daar is nie 'n winkel of hotel nie; dis nie soos in die dorpe waar Sondagmore mense van die kerk af weg ry nie; daar sien mens nie die lomerige gesigte van onkerklike dorpsgaste, wat vir tydkorting voor die deur sit en kyk na die wat kerktoe gaan nie. Met bokwaens kom die mense aan of met karre en bokkies. As die diens verby is dan word gesels oor die preek. Hierdie dae bly altyd 'n aangename herinnering. Maar waar kan ons kerk hê, waar die satan nie ook is nie? Ek het eenmaal langs die Gamayana Kerkgebou onder bokseile wat gespan was vir die son. Dit was 'n lieflike Sondagmore. Met die paaie het die een na die ander kar of bokkie of perderuiter aangekom; maar spoedig was ek al onrustig vir steuring, want met verskillende rytuie het ook een of twee groot honde of brakke saamgekom. Hierdie menere het mekaar op die werf ontmoet en op hondewyse gegroet. Die houding was nie gespanne, maar darem styf. Styfheid lyk my maar oor die hele wêreld hondeettiket. Van daardie honde was ook in die morekerk; maar die diens het gelukkig sonder botsing afgeloop. Ek was toe gerus. Dit lyk of honde ook maar net van een kerk op Sondag hou. Met die begin van die middagdiens was dit stil; maar toe ek so'n end weg was met die preek sien ek onder die seile uit 'n streep stof teen die skotige afdraende vinnig afkom. Op die voorpunt was 'n maer kafferhond en dit storm met halsenmag op die kerk af. Wat toe eintlik gebeure het weet ek nie meer mooi nie, maar daar was 'n dwarreltjie onder die seile. Gelukkig, die werf was vol klippe, wat die broeders wat goed kon gooi in staat gestel het om die stormlopers te ontmoet. Dit was nie die erste en enigste maal wat ek steuring in die diens deur honde ondervinde het nie. Ons moet ons kinders leer om kerktoe te kom en ons honde om tuis te bly. Ek hou van kerklike mense en onkerklike honde.

Daar op Gamayana lê ou Skot begrawe. 'n Begrafnis is 'n onderskeiding wat nie elke perd te beurt val nie. Ou Skot het dit verdien. Daardie dae het ons nog nie motors gehad nie en moes al die kerkwerk met kar en perde of te perd gedoen word. Watter distansies moes die edel diere voor kar of wa nie draf of hulle ruiters dra nie in reën en wind, in bliksems en sware were snags, in donderstorms en stortreëns bedags, in bytende koue en sengende hitte, in eensame nagte in die velde, op lang en vervelende togte oor sandvlaktes en bulte en berge.

Ek het 'n Desemberdag vir 16 uur lank op ou Skot se rug gesit van die more vroeg tot laat in die nag—ons was op huisbesoek. In die Koranerberge was dit so warm en dor dat die son ons aanmegtig gebrand het en toe dit donker word het ons gesukkel deur die klowe en oor die skurwe nekke van langberg; ek was doodmoeg en lyfseer; maar ou Skot was nog altyd ewe vurig, daar was nie 'n end aan die moedige dier nie. Ou Skot is begrawe en sy baas loop vandag kruppel en sukkel met kieries. Werk terwyl dit dag is, want die nag kom. Vandag kan ek my ou Skot nog goed voorstel: die groot sterkgeboude bruin perd met mooi nek en kop en lewendige oë.

Dis al jare gelede. Op Gamayana het sedert daardie tyd baie verander; die skool- en kerkgeboutjie is nou 'n stal of pakplek. Daar het ook baie gebeure wat diep, diep spore van smarte en lyding agter gelaat het in die harte van onse broeder en suster wat daar woon.—J. H. K.

---

BUDAPEST—HONGARYE: — Hartelik dank voor uw vriendelike brief en voor de cheque die op tijd in mijn handen was gekomen. Wat een aangename verrassing van de zijde van onze Zuid-Afrikaanse broederen! Het spijt mij alleen, dat ik mijn allerhartelikste dank niet eerder kon uitspreken. Maar ik heb in de laatste weken een sware influenza gehad en hierdoor was ik zeer verhinderd om mijn korrespondentie af te wikkelen.

Overigens gaf ik ook een openbare verantwoording van het geld in „De Hongaarse Herout" in het Maartnummer van dit jaar, waarvan ik een eksemplaar met deze brief aan u doe toekomen. Ik verzoek u alleen om mijn beste dank te willen vertolken aan allen, die deze som door hun bijdrage bijeengebracht hebben. Wij zullen het geld voor de uitgave van Geref. boeken gebrui-

ken, want de schriftelike propaganda der Geref. Beginselen in Hongarye is zeer nodig.

Overigens gaat onze arbeid in Hongarye zeer gezegend vooruit. De zin en liefde voor ,,het geloof der vaderen" wordt steeds groter en wij hopen dat, met de hulpe des Heren, de Hongaarse Kerken—na afloop van omtrent 50 jaar—de sterkste Geref. Kerken op het Kontinent zullen zijn, behalve de Hollandse Kerken.

De Cardiff Council hoop ik met a.s. Junie ook te kunnen bijwonen. Ik reken erop dat ik aldaar ook enkele Zuid-Afrikaanse broeders zal vinden.

De Heere zij met u en zegene rijkelik al uw arbeid.

Met hartelike groeten en hoogachting, Uw Dw. Dn. en Br. in Chr. Dr. J. Sebestyen.

---

GEMEENTE VRYHEID.—As korrespondent van die gemeente Vryheid is benoem oud. F. J. Potgieter, P.K. Boomlage, Dist. Vryheid, Natal. Alle korrespondensies, ook oor finansiële sake moet aan hom gerig word.

---

JOHANNESBURG-OOS:—By die sluiting van die finansiële jaar van die Dorkas Vereniging van Johannesburg-Oos het die susters my gevra 'n kort verslag van die werk in Die Kerkblad te sit.

Nieteenstaande dit nog maar 'n pasgestigte gemeente is, was die susters so gelukkig 'n sommetjie van £36 6s. 6d. in te samel deur vaste subskripsies, sodat hulle heelwat hulp aan die diakonie kon bied in die versorging van die arme.

Ook kon 'n kleine hulp gebied word aan 'n gemeente waar die behoeftes meer was as hier.

Verder is £1 gestuur aan die Leprose gestig, en 'n £2 10s. aan die kas vir Blindes en Dowes.

Ook kon 'n winteruitdeling gehou word van klerasie van sowat 'n £16.

Die Here was goed. Hom sy die eer. U by voorbaat dankend vir opname:—Mevr. A. C. Buys, Sekretaresse, 25 Ferretstraat, Kensington, 12 Junie, 1925.

---

VIR EVANGELIESE WERK:—Geref. gemeente, Krugersdorp, 18/2, W. van Rooy, 10/-, W. te M. £1 0s. 6d.—Totaal £2 8s. 8d.—T. Spoelstra, 16 Junie, 1925.

---

KROONSTAD.—Die 5de tot 8ste Junie was hier Nagmaal en is die gemeente ook afgestig van die gemeente Ventersburg, waarvoor afgevaardige van Ventersburg, Ouderlinge S. van der Walt en W. A. Venter, en van Theunissen, Ouderlinge B. J. de Klerk en F. Jordaan, oorgekom het. Die afstigting het plaasgevind Saterdag om 2 uur en om 4 uur het die gemeente bymekaar gekom vir die kiesing van 'n Kerkraad, daar die ou Kerkraad by so 'n geleentheid aftree, die ou vyf Kerkraadslede is toe weer herkies, namelik as ouderlinge, broeders J. Marais, P. van der Walt en J. van der Walt; as diakene, broeders H. Slabbert, W. Grobler en J. Pretorius. Vir die buitewyk waar nog nie 'n diaken genomineer was nie. Om 7 uur was die voorbereidingsdiens en ook die bevestiging van die ses Kerkraadslede.

By al die verrigtinge het Ds. T. H. Venter op versoek van die afgevaardigdes opgetree en het S.E.W. opgetree vir die gemeente en gepreek oor Ps. 139 vs. 23, 24. Die preke was boeiend en ernstig.

Oor die beroeping van 'n konsulent sal met ons eerste kerk besluit word. As korrespondent van Die Kerkblad is benoem br. diaken W. Grobler.

Mag die Koning van Sy Kerk die werk seën en ook die Kerkraad en gemeente. Namens Kerkraad.—Korrespondent.

---

BARKLY-OOS:—Die gemeente van Barkly-Oos het weer die voorreg gehad om Nagmaal te vier op die 31ste Mei, l.l. By die geleentheid het ook tien jonge brs .en susters Belydenes des Geloof afgelê. 'n Heerlike voorreg was dit vir die ouers om te hoor dat hulle kinders lewende lidmate van Kristus Kerk hier op aarde wil wees en bly. Onder die kinders was dan ook waarvan die ouers deur Ds. Kruger in die huwelik bevestig is, en al die kinders is deur Ds. Kruger gedoop (so ver ek weet).

'n Groot gedeelte van die lidmate wat opgekom het, moes deur modder en moddergate sukkel, sommige plekke moes twee span osse die bokwaens deur die modderplekke bring. Iemand wat onbekend is met die distrik kan hom nie voorstel hoe dit was, en wat die lidmate moes opoffer om by die Nagmaalviering te wees.

Sedert die algemene vergadering was dit die eerste grootkerk geleentheid en almal wou graag by wees. Hoewel almal nie kon kom nie.

Sondagaand was ook diens des woords, toe Ds. Kruger ook die Geref. beginsels duidelik gemaak het oor reisies, want die vorige Maandag was op die dorp reisies. Die gemeente het die vier preke baie geniet.—Korrespondent.

---

ELLIOT.—ABRAHAM STEFANUS KRUGER.—Ons wil in die verbygaan graag 'n kransie lê op die graf van broeder A. S. Kruger van die Geref. Kerk, wat die tydelike met die ewige verwissel het op Sondag die 8ste Maart, 1925 in die ouderdom van 63 jaar, 9 maande, slegs 24 uur was die oorledene siek aan 'n hewige aanval van beroerte wat hom dadelik bewusteloos gemaak het. In sy lewe was hy blind, van sy 3de jaar het hy sy gesig verloor aan inflamasie in die oë. In 1884 het hy sy eerste Bybel in ,,Moon"druk gekry. In die dae was dit uiters moeilik om so iets in hande te kry en het hy 'n belofte afgelê aan sy God, dat as hy die Bybel mag in besit kry hy dit jaarliks sou deurlees, 'n belofte, wat hy getrou volbring het tot sy dood. Die Bybel is in Engels en Oom Faan, soos hy bekend was in die omgang, het dit flink en sonder fout gelees, geen teks was hom onbekend. As iemand 'n bepaalde plek of uitleg wou hê dan was Oom Faan altyd gereed om inligting te gee. In vroeëre dae het hy skool gehou en

kinders vir Belydenis des Geloofs geleer, vir die Ned. Geref. en Geref. Kerk 'n Kind wat by Oom Faan geleer het het sy Bybel goed geken. Ook het hy die kerk gedien as koster en katikisasie-meester en voorsinger solang sy kragte hom toegelaat het.

Hy het vir niemand teruggestaan, sonder aansiens des persoons om te vermaan om die suiwer leer te handhaaf. Ja waarlik, Oom Faan se plek is leeg, en ons mis hom en sy getroue wandelstok wat hy so stamp, stamp van huis tot huis mee gestap het, almal het hy geken aan sy stem, elke straat en huis in Elliot was hy mee bekend, waar hy ruim 27 jaar gewoon het. In 1917 het hy Joh. 13 vs. 7 gegee as teksvers vir sy begrafnis, wat ook gebruik is. Ons, met sy getroue eggenote en seun, gun hom die rus wat alleen weggelê is vir die volk van God.—Namens die Kerkraad van Elliot.

---

VREDEFORT:—Alhier is beroep Ds. I. D. Kruger van Potchefstroom.

---

UITNODIGING:—Onse geagte leraar (Ds. M. Postma) sal so die Here wil op sy 70ste verjaardag (op Dinsdag, 14 Julie e.k.), ook sy 35-jarige Evangeliebediening herdink, met 'n gedagtenisrede in onse kerk alhier te Fordsburg, om 7 uur in die aand.

Daarom nodig ons kerkraad hiermee vriendelik en hartelik die B.B. lerare en kerkraadslede van ons andere gemeentes uit om die diens by te woon.

Op die middag van 14 Julie sal ook in die pastorie van Ds. Postma, 61 Mintweg, Fordsburg, van halfdrie tot sesuur 'n gesellige ontmoeting met die gemeente wees, waartoe ook die B.B. uitgenooi word.

Die B.B. word vriendelik versoek om aan Ds. Postma (adres bowe), kennis te gee van hulle voorneme voor Woensdag, 1 Julie, e.k., sodat vir losies kan gesorg word.

Namens die kerkraad van Johannesburg.

(Ouderling) P. G. L. BUYS,
Skriba.

---

## NUWE BOEKE.

By die firma L. v. Schaik, Bpk., Bus 724, Pretoria, sal binnekort verskyn in verband met die Kruger-Eeufees 'n boek oor die lewe van Paul Kruger.

Die prys sal wees 25/-. Die firma sê in sy prospektus:—

,,In verband met die aanstaande herdenking van die Kruger-Eeufees, sal deur die

* * * *

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS

'n belangrike Argief-werk uitgegee word, met oorspronklike briewe e.a. dokumente, deur PAUL KRUGER tussen 1855 en 1877 geskrywe.

Prof. Dr. S. P. Engelbrecht het vir die samestelling van die werk sorggedra en die inhoud hier en daar opgehelder met verklarende aantekeninge.

Die boek sal, behalwe grote HISTORIESE, ook TAALKUNDIGE waarde besit.

---

## DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

### VERGADERING VAN GESAMENTLIKE KOMMISSIES.

Op 16 Junie, 1925 het weer vergader hier in Bloemfontein die gesamentlike kommissies van die drie Hollandse Kerke om te beraadslaag oor sekere sake in verband met die Afrikaanse Bybelvertaling. Hierdie keer was die vergadering in een van die kamers van die nuwe Sinodale of Jubileumsaal van die Ned. Geref. Kerk.

Die drie vertalers, prof. dr. J. du Toit, prof. ds. J. D. Kestell en dr. H. C. M. Fourie was teenwoordig op die vergadering.

Van die Ned. Geref. Kerk was aanwesig: Uit Transvaal ds. W. F. v. W. de Vos (Amersfoort), uit die O.V.S. die Sekretaris ds. C. F. Kies (Harrismith), ds. P. A. M. de Vos (Zastron), ds. J. P. H. Steyn (Theunissen en ds. P. de Waal (Reddersburg), van die K.P. was niemand teenwoordig nie. Van die Herv. Kerk van Transvaal was aanwesig dr. H. D. van Broekhuizen (Pretoria) en van die Geref. Kerk was teenwoordig prof. dr. C. J. H. de Wet (Potchefstroom), ds. D. Postma (Burgersdorp), en A. S. E. Yssel (Reddersburg) en ondergetekende.

Die voorsitter, prof. J. D. Kestell, open die vergadering met gebed en heet die lede welkom. Daarna lees die sekretaris die notule van die vorige vergadering wat in Augustus verlede jaar gehou is. Die eerste saak wat uit die notule aan die orde kom, is die benoeming van prof. dr. Keet as endvertaler. 'n Brief van dr. Keet word gelees waarin hy duidelik maak dat dit vir hom onmoontlik is om die vererende benoeming te aanvaar. Na bespreking besluit die Kommissie dat hulle noodgedwonge van die dienste van prof. Keet moet afsien, en neem sy brief vir kennisgewing aan.

Die hele kwessie van die vertaling word degelik bespreek met die oog op verdere aanstellings.

### WAT REEDS KLAAR IS.

Prof. Kestell deel mee dat hy klaar gemaak het in die N.T. Romeine tot Openbaringe. Hy meen D.V. teen November klaar te wees met die vertaalwerk in algemeen, en in die loop van aanstaande jaar ook met die rewiesie klaar te hê.

Prof. dr. du Toit deel mee dat hy nie soos die ander twee vertalers sy werk nou finaal klaar maak nie, maar eers vinnig vertaal, en die moeilike plekke uitlaat, om later weer alles oor te werk. Hy het nou sy eerste vertaling klaar van Josua, Rigtere, 1 en 2 Samuel en helfte van 1 Koninge.

Prof. du Toit deel mee dat hy 'n groot deel van

die arbeid van prof. Kestell nagegaan het, en dat hy reken daar is uitstekende werk gelewer.

Hy sê dat hy self van sy vertaalde stukke aan die taal-adviseurs gestuur het, n.l. Genesis aan prof. dr. S. P. E. Boshoff, Eksodus aan prof. J. J. Smith, Levietikus aan prof. dr. D. F. Malherbe, en Numerie aan prof. dr. le Roux van Pretoria. Die oordeel van die werk sover, van 'n taalkundige kant, was baie gunstig soos blyk o.m. uit die volgende woorde van prof. Smith en dr. Malherbe.

### WAT TAALADVISEURS Sê.

Prof. Smith sê o.a.: ,,Oor die algemeen is ek baie gunstig getref deur die vertaling van Eksodus. Die taal is verhewe, en die vertaling van die Tien Gebooie is m.i. goed geslaag. Ek is dit ook heeltemal eens met die gebruik van ,,jy" en ,,u" in Eksodus. ,,U" oral is onnatuurlik en dus af te keur."

Prof. dr. Malherbe sê o.a.: ,,Laat my dadelik sê dat die Afrikaans my aangenaam aandoen, al is Livietikus seker een van die minder moeilike boeke uit oogpunt van konstruksie."

In verband met die aanstelling van meer vertalers wys dr. du Toit op die moeilike probleme wat die O.T. oplewer. Daar is gevalle waar meer as een vertaling moontlik is volgens die Hebreeuse teks, en dan is daar soms positiewe moeilikhede waar hulle eigenlik geen raad mee weet nie. Hy pleit dus nie alleen vir meer vertalers nie, maar ook dat tegniese adviseurs in verband met die Hebreeuse teks sal benoem word. Hy wys op enkele van die moeilikhede, waar die gewone leser nooit aan kan dink nie. Hy meen dat die Kommissies iemand van Europa behoort te kry, wat as outoriteit op Hebreeus kan geld. Wat die verdere aanstelling van een of meer vertalers betref, besef die Kommissies dat daar spesiaal vir die O.T. meer kragte moet bykom. Want wat die massa vertaalwerk betref, wys dr. du Toit daarop dat wat hy klaar het reeds meer is as die hele N.T.

### BENOEMING VAN PROF. DR. E. E. VAN ROOYEN.

Na bespreking besluit die Kommissie op voorstel van ds. D. Postma en dr. H. D. van Broekhuizen dat prof. dr. E. E. van Rooyen, wat tans O.T. eksegese behandel aan die Teologiese Kweekskool, Stellenbosch, gevra word om as derde vertaler vir die O.T. op te tree. As die finansies dit toelaat, sal in die begin van volgende jaar 'n vierde endvertaler vir die O.T. benoem word, indien moontlik uit die Ned. Geref. Kerk.

Die kwessie van 'n tegniese adviseur word eers gelaat en sal by 'n latere vergadering weer bespreek word.

Aan die Kerkraad en Gemeente van die Hervormde Kerk, Johannesburg, gaan 'n brief, om hulle hartelik te bedank vir die grote opoffering dr. Fourie as vertaler te laat optree.

### DIE REWISEURS

wat vroeër aangewys is word weer nagegaan, daar word enkele verdere benoemings gemaak, en die werk van rewiesie word as volg verdeel:—

O.T. (a) Die vyf boeke van Moses sal gerewideer word deur dr. J. D. Keet (Pretoria), prof. C. J. H. de Wet en ds. C. F. Kies.

(b) Die historiese boeke word vir rewiesie gegee aan dr. Lamprecht, dr. S. H. Rossouw, ds. W. J. Naude en ds. J. I. de Wet.

(c) Die Profetiese boeke aan dr. Dwight Snyman, dr. H. S. Pretorius en dr. S. P. Engelbrecht.

(d) Die Poëtiese boeke aan ds. D. Postma, ds. Stockenstroom (Bethulie) en ds. J. J. Kuhn.

N.T. (a) Die Evangelies en Handelinge sal rewideer word deur prof. J. du Plessis (Stellenbosch), dr. H. D. van Broekhuizen, prof. F. Postma en ds. J. P. H. Steyn.

(b) Romeine tot Titus deur prof. dr. B. B. Keet, prof. J. A. du Plessis (Potchefstroom), prof. dr. Greyvenstein en dr. Gerdener.

(c) Hebreë tot Openbaringe deur ds. H. F. Schoon, dr. N. J. van der Merwe en dr. P. J. S. de Klerk (Germiston).

### UITGAWE VAN DIE NUWE TESTAMENT.

Die Kommissie het besluit dat sodra as prof. Kestell klaar is met sy vertaling van die N.T. sal die werk behoorlik gerewideer word, ook deur die endvertalers gesamelik en dan gepubliseer word. Daar is wel besware teen om die Bybel so stuksgewyse te publiseer in Afrikaans, ook tegniese besware, maar met die oog op die dringende behoeftes in ons volkslewe het die Kommissies besluit om hierdie weg te volg.

### DIE TIEN GEBOOIE

Onse Vader en Twaalf Artiekels is deur die Kommissies nagesien, en sal nou na hulle deur die taaladviseurs en endvertalers finaal gerewideer is, uitgegee word ten bate van die Afrikaanse Bybelvertalingsfonds.

### DIE FINANSIES

Mnr. H. J. Otto, penningmeester van die Fonds vir die Afrikaanse Bybelvertaling, kom op die vergadering en doen verslag. Dit blyk dat vir hierdie saak ontvang is tot op 16 Junie, 1925 uit alle bronne uit:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Die O.V.S. ... ... ... ... ... ... ... ... | 936 | 16 | 10 |
| Die K.P. ... ... ... ... ... ... ... ... | 631 | 13 | 4 |
| Die Transvaal ... ... ... ... ... ... | 184 | 15 | 0 |
| Natal ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 32 | 9 | 0 |
| Rhodesië Dingaansfees ... ... ... | 6 | 14 | 6 |
| B.O.A. Eldoret ... ... ... ... ... ... | 8 | 17 | 0 |
| Eerste betaling legaat wyle mnr. Arthur de Villiers ... ... ... ... ... | 400 | 0 | 0 |
| Diverse koerante, Kaap en O.V.S. | 103 | 16 | 5 |
| Gereformeerde Kerk ... ... ... ... | 516 | 18 | 3 |
| | 2,822 | 0 | 4 |

Die totale uitgawe was :—

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reiskoste ... ... ... ... ... ... ... ... | 25 | 5 | 0 |
| Salarisse (prof. Kestell, dr. du Toit, dr. Fourie, mnr. du Plessis) | 2276 | 10 | 6 |
| Skryfbehoeftes ... ... ... ... ... ... ... | 11 | 14 | 1 |
| Batige Saldo, 16 Junie 1925 ... | 518 | 10 | 9 |
| | 2,822 | 0 | 4 |

Die batige saldo sal die uitgawe soos hulle nou is dek tot ongeveer die end van September. 'n Brief word gelees waarin die Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk beloof dat daar voortaan gereeld in elke gemeente gekollekteer word, maar versoek dat die Kommissies 'n raming sal opmaak volgens die uitgawes nou is, sodat die kerke min of meer volgens getalsterkte opbring. Die sinode versoek ook proporsionele verteenwoordiging op die Kommissies van vertalers.

Na bespreking word besluit op voorstel van di. P. de Waal en D. Postma dat die vergadering met dankbaarheid erken die besluite wat geneem is deur die verskillende Sinodes in S.A. om vir die Afrikaanse Bybelvertaling jaarliks kollektes te vra en dra dit op aan die Finansiële Kommissie om na aanleiding van die Transvaalse Sinodale besluit 'n eweredige mienimum bydrae vir die verskillende kerke uit te werk, en dan daarvan kennis te gee aan die verskillende Sinodale liggame en kommissies.

Verder word algemeen besluit dat dr. van Broekhuizen in oorleg met die Finansiële Kommissie ook

DIE REGERING

sal nader om hulp te kry vir die grote werk wat tot 'n verreikende betekenis sal wees vir die volkslewe.

Op voorstel van dr. van Broekhuizen en ds. D. Postma besluit die vergadering verder dat die Direkteurs van Onderwys in die verskillende Provinsies genader sal word om in 1926 deur die verskillende offisiële onderwys-organe al die skoliere te vra om 'n kleine sommetjie van sê ses pennies saam te bring skooltoe tot ondersteuning van die Afrikaanse Bybelvertaling Fonds.

Die Finansiële Kommissie sal ook vanjaar weer 'n spesiale oproep doen vir 'n algemene insameling op Dingaansdag.

Aan mnr. H. J. Otto betuig die Kommissies hul hartlike dank vir die arbeid wat hy in die stilte verrig. Hy sal 'n blyk van waardering ontvang, wat hom oorhandig sal word deur die ander twee lede van die Daaglikse Bestuur.

Die Finansiële Kommissie kry nog opdrag om uit te sien na predikante in die verskillende kerke wat spesiaal die gemeentes sal nader oor bydraes vir die Fonds.

Die Kommissies sal deur die sekretaris vra dat DIE BYBELVERTALING 'N SAAK VAN GEBED gemaak word. Die vertalers verkeer onder 'n diepe besef van hulle grote verantwoordelikheid en die moeilikheid van hul werk; en wil dus dat in onse kerke en huise ook aan hierdie saak sal gedink word voor die aangesig van die Here.

Na 'n mosie van dank vir die gebruik van die gebou en die ververings, en 'n dankgebed gedoen is deur ds. P. A. M. de Vos gaan die vergadering uiteen. So het weer 'n belangrike en aangename vergadering afgeloop.

C. W. M. DU TOIT,
(Rapporteur.)

---

| | |
|---|---|
| Verantwoord deur prof. J. D. du Toit in Kerkblad van 16 Junie 1925 | 597—2 5 |
| Ontvang deur ondergetekende: Vriend 2/6; Geref. Gemeente, Dullstroom 16/-; Geref. Gemeente Ermelo £3 9s.; Geref Gemeente Reddersburg £25; Geref. Gemeente Pietersburg £2 10s. ... | 31 17 6 |
| Totaal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 628 19 11 |

Per abuis het in die Kerkblad van 16 Junie gestaan dat alle gelde aan my moet gestuur word na „Bus 453". Dit moes gewees het Bus 543. Alle briewe wat geadresseer word na Bus 543 sal my bereik. Beste is egter dat briewe voortaan geadresseer word 63 Zastronstraat, Bloemfontein. Alle kollektes van Gereformeerde gemeentes en lidmate gaan aan ondergetekende, nie direk aan mnr. H. J. Otto nie.

C. W. M. DU TOIT,

63 Zastronstraat, Bloemfontein,
3 Julie, 1925.

---

KENNISGEWING.

Voortaan moet alle korrespondensie vir die Geref. Gemeente, Bloemfontein gerig word aan ondergetekende, en nie meer aan oudl. H. H. van Rooyen nie.

(Ds.) C. W. M. DU TOIT,
Korrespodent.

63 Zastronstraat, Bloemfontein,
3 Julie, 1925.

## KORRESPONDENSIE.

**Br. J. Lugtenburg** skrywe oor die manel van ampsdraers en wil dat, terwille van arm broeders, die rykes hulle manelle liewer moet afskaf, omdat arm broeders hulle die weelde nie kan veroorloof nie.

Hulle kan dan ook na kerklike vergaderings gaan in 'n wit burger-pak, wat beter is as 'n afgeslyte kaal manel.

**Br. J. Wiechers** protesteer teen die voorgestelde verandering van die naam Dingaansdag in Voortrekkersdag.

Soortgelyke protes van die skrywer het al in die politieke pers verskyn. Die naam Dingaansdag is histories en roep godsdienstige gedagtes te voorskyn, terwyl Voortrekkersdag sal dien tot verheerliking van die Afrikaner, sê die skrywer.

Van **Eerw. Cook,** van Kaapstad, het ons 'n lang

brief ontvang gerig teen die argumente van Ds. C. W. M. du Toit oor die Afskaffing in Amerika. Volgens skrywer is daar gedurende 'n viertal "droë" jare 'n groot vermindering van arrestasies vir dronkenskap gewees.

Ds. du Toit haal sy syfers uit die "Minute Man," wat een van die maandblaaie is van die "Association Against the Prohobition Amendment," 'n drankhandelaars-organisasie. Eerw. Cook skrywe aan die end van sy brief:—

Intussen egter, as die Amerikaanse afskaffing (soos beweer word) so 'n mislukking is moet ons 'n paar vrae doen:

(1) Aangesien Amerika ongetwyfeld een van die grootste en bekwaamste nasies op aarde is, waarom hou sy die prohibiesie wet, na 5½ jaar beproewing, nog op haar wetsboek?

(2) Waarom het die poging van die drankhandelaars en hul vriende om in 1924 'n "nat" President te verkies so volkome misluk; en waarom staan Pres. Coolidge, eweas sy voorganger Pres. Harding gedoen het, so streng vir die toepassing van Drankverbod?

(3) Waarom word elke nuwe Kongres (Volksraad) in die Verenigde State van Amerika "droër" as die voorafgaande Kongres, totdat ons vandag in 1925 nie minder as 72 in die Senaat het wat ten gunste van Prohibiesie is en slegs 24 daarteen; en in die Laerhuis 324 daarvoor en slegs 107 daarteen?

(4) Waarom is daar 60,000 Protestantse Kerke in Amerika wat met die "Anti-Saloon"-Verbond vereenselwig is, met werklik byna alle predikante en godsdienstige voormanne sterke ondersteuners van die Prohibiesie Wet?

Wat Suid-Afrika aangaan vra ons nie vir Prohibiesie nie. Wat ons vra is dat die publiek self die reg sou hê om hul plaaslike drankwinkels toe te maak as hulle dit wil doen. Later hoop ons natuurlik om aan die hele volk die kans te gee om deur hul stem te besluit of hulle die drankwinkels van die hele land wil behou of nie. Dit is die enigste soort "afskaffing" wat ons vra, nl. afskaffing deur die volk self verkry as hulle dit wil hê.

As die volk besluit dat kantiene en bars 'n seën en 'n gawe Gods is vir ons arme ou land, sal hulle natuurlik onder die uitwerking van Plaaslike Keuse sulke kantiene in die lewe hou. Maar kan Ds. du Toit werklik te kenne gee dat hy glo dat die gewetelose, goddelose, en uiters selfsugtige drankhandel, soos dit nou in ons land bestaan, 'n seën vir ons land is? Het die dag nie aangebreek nie wanneer die arme mense wat daaronder ly 'n seggenskap moet hê oor die getal kantiene wat hulle in hul eie buurte wil laat bly?

Ek wou graag Ds. du Toit oor die beweerde onbybelsheid van sodanige volksreg beantwoord maar my brief is reeds te lang.

## AFRIKAANSE LIEDEREBUNDEL.

Waarde Redaksie, — Aangesien alleen ds. C. H. Murray van Stellenbosch af iets geskrywe het in u kolomme teen die stukkie wat ek opgestel het oor die Afrikaanse Liederebundel, wil ek met 'n enkele woord antwoord op sy bewering. Ds. Murray wil beweer dat die singe van Sankey-, Halleluja-, Alexander- en dergelike liedere nié die kerksang ondermyn nie.

Wat blyk uit die brief van ds. Murray?

"Vir die wat die liedere wraak, uiters 30 Psalms met stigting; vir ons wat met die gewraakte liedere groot geword het, stellig 40 met stigting."

In die eerste plek wil ek opmerk dat ds. Murray en Wellington se gemeente in 'n taamlik gelukkige (?) posiesie is as hulle 44 a 40 Psalms met stigting kan sing! Hulle is nog 'n uitsondering ten goede op die algemene reël in die Ned. Geref. Kerk, want soos u self aanhaal in u rubriek "Uit en oor die Pers" in verband met die kritiek van dr. de Moor oor die nuwe sangwysies wat die Ned. Geref. Kerk uitgegee het, noem die N.G.K. die wysies van Psalms 62, 63, 69, 106, 130, 131, 139 onbekend. (Kerkblad, 16 Junie 1925). Die ervaring het my geleer dat selfs 'n bekende psalm soos Ps. 73 met moeite gesing word in gemeentes van die N.G.K.

Ek sê hierdie dinge nie uit 'n gees van vyandskap nie. Wat ek op wil wys is dit: ek het gepraat van ons Gereformeerde gemeentes i n a l g e m e e n, en dan sê ek dat daar 'n 26, uiters 30 psalms is wat m e t s t i g t i n g gesing word. Daaronder reken ek dan al ons konsulentgemeentes ook, waar maar ongereëld dienste gehou word. Wil ek by ons gemeentes en pastorieë u i t s o e k, dan kan ek ds. Murray verseker dat daar pastorieë is waar die 150 psalms van voor tot agter deurgesing word, en dat daar gemeentes is wat m e t s t i g t i n g wel 'n 100 psalms sal sing.

Waar egter die groot verskil lê tussen ds. Murray en myself is, dat ds. Murray skynbaar tevrede is met die toestand, dat in sy eie geval en dié van 'n genoemde gemeente 'n 40 a 44 tal Psalms kan gesing word, terwyl ek ontevrede is dat op enkele plekke en in enkele huise die toestand taamlik bevredigend is maar oor die algemeen maar, sê 'n 30-tal Psalms—ek bedoel eintlik psalmwysies—behoorlik kan gesing word.

As 'n lid van my huisgesin net 'n betreklik kleine deel van die kos op die tafel kan geniet, dan weet ek dat daar 'n fout met hom is, en as onse gemeentes net 'n deel van die 150 ge-inspireerde Psalms kan sing, dan weet ek dat hulle geestelik skade ly.

Ons behoort in onse huise en waar ook al die 150 psalms te oefen, sodat ons God kan verheerlik, as die gemeente samekom, met die volheid van wat Hy ons gegee het.

Laat elke kerk maar toesien dat sy jongmense oefen wat by die openbare erediens gebruik word, en ons kerksang sal ongetwyfeld beter word, as wat dit nou is. Maar waar ons reeds so min doen aan die sangkuns, moet ons so min as moontlik is tyd verkwis aan liedere wat vir ons minder bruikbaar is en minder dien tot versterking van die geloofslewe en verheerliking van God.

Dankie vir plaasruimte,

C. W. M. DU TOIT.

Bloemfontein,
18 Junie 1925.

## AFRIKAANSE BYBELVERTALING FONDS.

Aan die Redaksie, "Ons Kerkblad."

Waarde Redaksie,—Die kerklike, sowel as gewone pers in Suid-Afrika, het reeds veel gedoen om belangstelling op te wek vir die Afrikaanse Bybelvertaling. Dit is dus met te meer vrymoedigheid dat die ondergetekendes, as Kommissie van Beheer van die A. B. Fonds, andermaal u medewerking vra.

Ons sal baie bly wees as u hierdie oproep wil plaas,

en miskien in u inleidingskolomme 'n woordjie van aanbeveling wil wy aan die saak.

Die finansies in verband met hierdie noodsaaklike en belangrike werk is van so 'n aard dat ons nie verder as die end van September kan aangaan nie, as daar nie gou verdere steun kom nie. Daar is op die oomblik drie vertalers wat gereëld moet gesalarieer word behalwe ander onkoste in verband met die werk. Daar is geen Staatshulp nie, soos daar was in die geval van die State Vertaling van ons Hollandse Bybel nie. Die werk moet gedoen word deur middel van vrywillige gawes uit die Kerk en publiek. Ons kan vir g'n oomblik dink dat die Hollandse Kerke in Suid-Afrika, en die Afrikaanse publiek in algemeen, die grote saak sal laat skipbreuk ly, deur gebrek aan fondse nie. Ons wil dan ook nie 'n alarmkreet laat hoor nie; ons bedoeling is alleen om die nodige samewerking te kry, en te vra dat elke persoon en elke gemeente, wat hierdie jaar nog nie hulle bydrae gegee het nie, dit asseblief **so spoedig moontlik** sal doen.

Daar is seker in ons land bemiddelde persone wat £25, £50 of meer oor het vir hierdie goeie saak. Sal hulle nie hulle bydraes dadelik wil stuur nie aan onse penningmeester, die derde ondergetekende?

Daar byna al die Sinodes van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika reeds ten gunste van die beginsel van die Afrikaanse Bybelvertaling besluit het, en die Fonds aanbeveel het aan die verskillende gemeentes, wil ons hoop dat **al** die gemeentes spoedig hulle kollektes sal opstuur.

Ons mag seker ook verder nog vertrou op die samewerking van verskillende publieke liggame wat reeds hulle welwillendheid getoon het. Laat veral die belangstelling by die jeug gaande gehou word, en gee hulle die geleentheid om hulle kleine gawes te bring.

Dank by voorbaat vir u welwillende hulp.

Dienswillig u broeders in Kristus,

P. J. BOSHOFF,
C. W. M. DU TOIT,
H. J. OTTO,
Penningmeester.

Bus 267, Bloemfontein,
15 Junie 1925.

---

### ONDERSTANDSNEDERSETTINGS-WETSONTWERP

van die kantoor van die Minister van Lande, om voorsiening te maak vir die stigting van en kontrole oor neersettings vir die onderstand van behoeftige persone.

'n Stigter van neersettings is: "een persoon of lichaam die wettiglik een kerk, godsdienstig genootschap of organisatie of van een afdeling van zulk kerk, genootschap of organisatie vertegenwoordigt die ingevolge de bepalingen van deze Wet een onderstandsnederzetting organiseert en instand houdt."

Minister Grobler is hard besig om die maklikste fasiliteite te skep om ons mense op die platteland in die boerdery te kry.

ADVERTEER IN DIE
„KERKBLAD"

# VIR DIE KINDERS.

### DIE BYBEL.

Behalwe die Hebreeuse Ou Testament het ons ook nog 'n vertaling van die Ou Testament in Grieks wat baie oud is. Hierdie Griekse Ou Testament word genoem die Septuagint, wat beteken sewentig.

'n Sekere Aristeas het vertel dat in die tyd van Ptolemeus Filadelfus, die koning, sy Bibliotekaris gelas het om Jode te kry om die Ou Testament te vertaal.

Twee en sewentig geleerde Jode, ses uit elke stam, is toe naar Alexandrië gestuur en daar het hulle in 285 Voor Kristus die vertaalwerk in 72 dae gedoen. Maar dit is seker maar 'n storie.

Naar hierdie 72 Jodegetal is die vertaling genoem die Septuagint.

Behalwe die boeke van die Ou Testament, die Kanoniese boeke, so genoem, omdat die Bybel 'n Kanon, of maatstok, is vir ons geloof en lewe, sal ons in party ou Bybels nog ander boeke kry, wat genoem word Apokriefe boeke. Ons kan ook die Apokriefe boeke afsonderlik kry.

Die woord Apokrief beteken in die eerste plek iets wat v e r b o r g e is en later het dit ook die betekenis van v a l s gekry.

In Artiekel 6 van die Geloofsbelydenis word hulle genoem en word ook gesê wat hulle waarde is.

Ons mag hulle dus ook lees, en dit is goed om hulle te lees, maar ons mag hulle nie gebruik om een of ander leer of waarheid mee te bewys nie.

Die boeke van die Bybel noem ons g e ï n s p i r e e r d e boeke. Daaronder verstaan ons dat hulle inhoud deur die Heilige Gees ingegee is en dat die skrywers op onfeilbare wyse deur die Gees gelei is om hulle te skrywe. Hulle word daarom genoem Goddelike boeke en self is hulle Gods Woord.

Alle andere boeke, ook die Apokriefe, is menslike geskrifte.

In Artiekel 3 van die Geloofsbelydenis word die inspirasie of Goddelike ingewing van Gods Woord deur ons bely.

Dit is een van die redes, waarom ons ook net Psalms sing in die Gereformeerde Kerk, en 'n paar gesange, waarvan die teks in Gods Woord staan. Alle ander gesange en liedere deur mense gemaak is nie ge-inspireer nie.

Sulke liedere mag wel mooi wees en die digters daarvan mag ook vroom mense gewees het, maar hulle werk is feilbaar omdat dit net menslike werk is.

Gods Woord het dus vir ons Goddelike inhoud en waarde, en daarom moet ons dit hoog ag en met eerbied lees.

Dit moet vir ons die dierbaarste boek op aarde wees, wat ons gedurig moet lees om daardeur gelei te word in die waarheid en om raad en troos daarin te soek.

Het julle gelees wat in "Die Kerkblad" gestaan het van Dr. Kelly, 'n baie geleerde man, wat elke dag van een tot vier uur die Bybel bestudeer het?

So moet julle ook getrou elke dag 'n gedeelte van die Bybel lees en vir Pa vra om elke dag aan die tafel 'n stuk uit die Bybel te lees en vir julle te verklaar.

Maar dan moet hy nie bont lees nie. Nee, hy moet die Bybelboeke lees. Hy kan altyd afwissel, sê, in die more of middag uit die Ou Testament en in die aand uit die Nuwe Testament. En dan moet julle ook Psalms sing.

J. A. DU TOIT.

---

Hierdie keer is daar nie vrae nie. Die antwoorde op die vorige vrae is:—

(1) Die geloof van die Jode dat hulle deur die Wet kan geregvaardig word.

(2) As hulle in Kristus geloof en hulle tot Hom bekeer.

(3) (a) Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri Deutronomium.
 (b) Josua, Rigtere-Ruth, Samuel, Koninge, die 4 groot Profete, en die 12 kleinere profete.
 (c) Kronieke, Esra, Nehemia, Ester, Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied.

(4) In Gen. 14. Amrafel, koning van Sincar, met drie ander konings het in 'n geveg teen vyf ander konings ook Sodom en Gomorra ingeneem en Lot weggevoer. Abram met sy bondgenote het hom en die drie egter verslaan en Lot verlos.

(5) (a) 929 hoofstukke in Ou Testament.
 (b) 260 hoofstukke in Nuwe Testament.
 Almal sal wel fout hê met Ruth. Wie se skuld is dit?
 Later word die name van die insenders gepubliseer.

J. A. DU TOIT.

---

## DRIE MISTIEKE.

(Dr. Tauler gaan weer preek).

Op laas sê die dokter: My geliefde kinders, ek kan nou nie preek nie. Bid God dat Hy my wil help. Op 'n ander dag sal ek dit weer beproef. So laat dr. Tauler toe die mense die kerk uitgaan, en algar stem daarin ooreen, dat die prediker van sy verstand af is. Sy medebroeders verbied hom nou om weer 'n voet op die preekstoel te sit, omdat hy hulle dan almal in die skande sou steek.

Ons kan lig verstaan, dat Tauler die beroemde prediker vreeslik aangedaan gewees het oor hierdie groot mislukking op die preekstoel, waar die hele stad oor praat en oor lag. Hy gaan daarom sy nood kla by sy ou vriend Nikolaas. Die sê toe aan hom: Meester u moet nie ontmoedig word nie, want die hemelse Bruidegom maak soms so met sy vriende. Die Here sien altemit nog 'n vlek van hoogmoed in u, wat u self nie opgemerk het nie. Wag maar met kristelike lydsaamheid, God sal sig spoedig aan u openbaar. Vra oor 5 dae die hoof van die klooster, of u 'n woord mag spreek tot die broeders monnike en dan sal u wel sien. Tauler maak toe so en oor 5 dae hou hy nou 'n toespraak tot sy medebroedrs en hul was almal verbaas. Só ernstig, só diep en só gesalf het hulle nog nooit iemand oor die geestelike dinge hoor spreek nie.

Hy kry nou verlof om weer in sy ou kerk, dat is die kerk van die nonneklooster te preek, en hy doen dit ook op 'n manier wat algar met bewondering vervul. Hy vermaan die nonne oor hul ydele taal, hul duur en opsigtige klederdrag en hul onsedelike lewe en oor die hoogmoed, wat al te veel in hul omgang openbaar geword het. Sy teks was: **Sie die Bruidegom kom.**

Sy woorde was ernstig en vol liefde, en met vuur teken by die gehoor die groot liefde van die hemelse Bruidegom Jesus Kristus vir die Kerk, sy Bruid. Een van die gehoor val onder die preek neer en roep: Dit is waar! en dit lyk toe of die persoon dood is. By die verlaat van die kerk was daar nog 12 andere, wat ook so aangegryp was, en gelyk het of hul nie meer leef nie. Nikolaas, wat ook in die kerk was, sê, dat dit nou 'n bewys is, dat die Meester met sy preke die regte toon getref het. Hierdie mense het later weer bygekom en Tauler verkry nou verlof, om weer soos voorheen in die publiek te preek, en daar ontstaan weldra 'n opgewekte geestelike lewe in die stad Straatsburg. Die ellende van hierdie groot stad, waar ek vroeër al iets van gesê het, het nog toegeneem. Daar was aardbewings, tempeeste (groot onwere) en honger. In 1348 en 49 kom die vreeslike siekte wat toe in Europa gewoed het en miljoene van mense weggeneem het en onder die naam van die swart dood bekend was, ook in Straatsburg en het 16,000 van sy inwoners weggeraap. Die vloek interdik van die pous oor die stad en distrik en die vreeslike siekte het Tauler nie laat skrik nie, en op die vlug gedryf nie, nee hy het getrou op sy pos gebly. Hy besoek die siekes en staan die sterwendes in die laaste ure by. Hy vermaan, vertroos en bid vir die mense, en bemoedig hul in die benoude tye.

Sy predikasies hou hy in Duits, dat is in die taal van die volk, wat toe maar selde gedoen is, en waardeur hy tot 'n grote seën geword het, want iedereen kon sy woorde verstaan. Daar is van dr. Tauler enkele preke bewaar gebly So is daar één oor Joh. 5:1—11, waarin hy spreek oor die slang wat in die woestyn opgerig is. Die strome van Jesus bloed, sê hy, moet ons van ons sonde was en reinig. Jesus ly as 'n sondaar vir sondare. Hierdie Evangeliese waarhede, deur hom verkondig, het die gees van Rome teen die dokter wakker geroep. Hy dring in sy preke veral daarop aan dat die H. Gees in ons harte moet werk, en dat Die alleen ons die heerlikheid kan laat smaak van Gods grote genade. Hy waarsku ook kragtig teen geestlike hoogmoed. Daar is mense, sê hy, wat baie groot geskenke aan die kerke gee soos kosbare goue of silwere sierade en dan graag sien, dat algar daarvan weet en daaroor praat. Dit is veel beter, sê hy, en Gode meer gevallig, as iemand in stilte gee, al is dit ook maar weinig, en dit dan doen met 'n hart vervul van liefde tot God. Dr. Tauler was darem nie 'n dromer nie, wat nie 'n oog vir die praktiese lewe gehad het nie. Dit blyk uit die volgende. Hy sê: Ieder mens het sy plaas en werk in die kerk, so as ook elke lid aan ons liggaam sy besondere diens moet doen. Daar is mense wat kla dat hul nederige, alledaagse werk hul hinder in die geestelike lewe. Hoe moet ons dit nou verstaan? God het u die werk van skoenmaker of van wasvrou gegee. Sou God u iets kan gee, wat u vir u siel tot 'n las en belemmering is? Nee, my vriende, dis nie die werk wat u hinder nie, maar dit is u ontevredenheid met die werk, wat u pla en u in die weg staan. As u u eenvoudige werk vir die Heere doen en nie vir u self nie, dan sal dit beter gaan. Daar is baie, wat graag die oë in die liggaam sou wil wees net alleen, om na hoë dinge te kan kyk, en hul wil nie die hand of die voet wees nie, om nederige dienste te verrig nie. Dit kom, liewe kinders, van luiheid. Ek ken 'n man, die dierbaarste onder die vriende van God. Hy het al veertig jare op die land ge-

werk en doen dit nog. Een keer vra hy die Heere, of hy nie liewer die werk sal opgee, en gaan bid en sing in die kerk, maar die Heere het vir hom geantwoord: Nee, u moet u brood in die sweet van u aanskyn eet, en u moet dit as 'n eer beskou. . . . Wie sig in tevredenheid aan God oorgee, aan die openbaar God sig elke oomblik.

Is, wat ek hier laat volg, ook nie gesond en volgens wat die Skrif ons leer.

In die stilte van die aand, so sê Tauler, vermaak die siel van die vrome sig soms in God, en hy werp sy sorge, en sy sonde en sy kommer in die onpeilbare dieptes van God en vra niks anders nie, as om te rus, en sig te verbly in Gods liefde. Maar nou gebeur dit dat die Heer sulk 'n vrome op daardie oomblik roep, om 'n sieke buurman te gaan verpleeg en oppas, en dan sal die ware vrome sy stille vreug gaan verlaat, en gaan help, en nog bly wees, om dit te mag doen. En die Heere sal dan sy kind meer in die uitwendige liefdediens gee, as Hy die kind van te vore in die stilte en die soete rus laat geniet het.

Dr. Tauler word nou gaande weg deur die priesters van sy eie kerk verdenk van kettery, want hy is te Bybels in sy leer en prediking.

Hy druk te veel daarop, dat dit nie help nie as 'n mens 'n skuldige konsjensie het, om sig dan self te pynig en te geesel nie, soos baie persone in die kerk gedoen het. Hy sê, dat daar nie liefde tot God uit spreek nie, maar dat mens so iets alleen doen uit vrees vir die hel. So 'n benoude en deur onweder voortgedrewene moet tot God vlug, en sy sonde bely en voor God neerval en uitroep: My sondes is meer dan die sand aan die oewer van die see. Die Heere neem 'n verbroken hart aan en die so tot God vlug, ontvang genade.

Tauler was 'n gesonde mistieke. Hy spreek veel van die omgang met God, maar nie soos die dwalende mistieke dit gedoen het. Hy ken die gevare wat die mistieke omring. In sy dae was daar juis die Broeders en Susters van die Vrye Gees. Hierdie mense het beweer dat aardse besigheid en hande arbeid 'n belemmering is, om een noue omgang met God te hê. Hul het geleer, dat die hoogste, wat die mens op aarde kan bereik, is, dat sy siel dood is vir sy natuurlike gevoelens. Diegene nou onder die Broeders en Susters van die Vrye Gees, wat gemeen het, dat hul die volmaaktheid bereik het, het gereken, dat hul nou nie langer gebind was aan enige wet, en dat hul in 'n staat verkeer het, dat hul nie meer sondig of kon sondig nie. En op die manier het hul juis tot die grofste sondes verval. Vir hul was niks meer sonde nie, en daarom het hul hul self oorgegee aan die grofste oortredings, soos hoogmoed, bedrog, onsedelikheid en hoerery. Hul was, so sê hul, met God verenig en wie met God een is, sondig nie, al doen hy ook wat.

Ons verstaan, dat dit 'n vreeslike redenering is, en die deur oop sit vir al wat laag en gemeen is, en dit word dan bedryf onder die dekmantel van egte godsvrug.

Op hierdie punt wil ek die aandag vestig. Dit is baie kere in die geskiedenis van die kerk gesien, dat daar mense gewees het, wat op hierdie wyse geredeneer het, en so gedoen het. Vandaar kom die spreekwoord: Hy begin met die gees, en eindig met die vlees. Eers oordrewe vroom, en dan op grond van die vroomheid, sondig, en leef in growwe wellus.

En dit is nog nie die wereld uit nie. Nou hoor mens ook nog wel van sulkes. Party het in die dae gemeen, dat Tauler ook tot hierdie sekte behoor het, maar dit was nie so nie. Hy het hul juis hard bestry.

'n Harde slag vir Tauler was dat die kerkelike oorheid sy boeke en geskrifte laat verbrand het. Hy is ook uit sy geliefde stad Straatsburg verban geword, en het van 1350—60 in Keulen vertoef en daar gewerk, dog van sy verblyf aldaar is weinig bekend.

In 1361 is hy weer te Straatsburg, oud en afgeleef, want hy was ook al 70 jare. Hy is baie swak en word in die klooster deur sy suster opgepas, waar party groot aanmerkings op gemaak het.

Nikolaas, die Man, besoek nou vir sy ou vriend en troos hom.

My tyd is naby, sê Tauler. Daar lê my boeke met aantekenings. Maak daar maar 'n boek van.

Ja, antwoord Nikolaas, en dan sal ek daar 'n paar preke van jou by voeg. O nee, sê Tauler, maak 'n boek, en noem nie my naam nog jou naam daar in. Gee dit die tietel: Die Meester en die Man. Hul bly nog 11 dae bymekaar, en toe sterf Tauler, salig en vol vertroue in sy Heer en Heiland.

Ag jare daarna kom toe die boek van die Man van die Oberland uit met die opskrif: Die Meester en die Man.

In 1576, dus 'n hele tyd daarna, is die boeke van Tauler, Ruysbroek en Hendrik Suso deur die kerk verbied, om gelees te word.

In 1590 kom die preke van Tauler op die indeks, dat is op die lys van veroordeelde boeke, wat deur die Roomse Kerk uitgegee word.

Luther was groteliks met die geskrifte van Tauler ingeneem. Hy sê, dat hy daar meer van die suiwere leer na Gods Woord in vind, as in al die godgeleerde werke van daardie tyd tesame. Dis die gesonde leer van die Evangelie, sê die groot Hervormer.

Die mense in Straatsburg het nog jare na sy dood oor Tauler gepraat as oor die Dokter, wat deur God verlig was, en hom genoem die Meester van die Heilige Skrifte.

Ons kan hom met reg beskou as een van die voorlopers van die Hervorming.

T. H.

C. 11 Mei, 1925

## BOND VAN JONGELIEDE VERENIGINGS.

(Oorgeneem uit Amsterdamse Kerkbode).

Van die Sekretaris van die Bond van Jongeliede Verenigings of Gereformeerde Genootskap, H. van Dulsen, Pretoria, het ons 'n brief ontvang, waarin hy die dank uitspreek aan die Professore vir hulle advies oor die Bondskonstitusie—Red.

Het is niet van belang ontbloot het wenschlijke van de Jongelings-Vereenigingen naar voren te brengen. Het doel is dan:

„Onze jongelingen zóó te vormen, dat zij in hun leven in staat zijn te beantwoorden aan de grootte levenseisch die aan den mensch gesteld wordt, en die eisch is de verheerlijking van Gods naam op het terrein der menschelijke samenleving".

Voor die vorming is in de allereerste plaats noodig, dat de Gereformeerde beginselen gekend worden.

De Jongelings Vereeniging geeft hierin leiding en

systeem; door onderlinge bespreking en opbouwende critiek, waarby het inzicht wordt verhelderd, worden de beginselen ons eigendom, leeren wij er naar handelen en krijgen ze lief.

De geestelijke en zedelijke vorming van den jongeling mag niet verwaarloosd worden, daaraan moet worden gewerkt, evenals aan de maatschappelijke vorming, die toch wel niemand zal nalaten!

De jongelingsleeftyd is een bijzondere leeftijd, en stelt bijzondere eischen; aan die eischen komt de Jongelings Vereeniging tegemoet. Gedurende den jongelingsleftijd ontwaakt de persoonlikhied, krijgt het karakter zijn stempel; de jongeling wil zelf onderzoeken en handelen. Hij neemt niet klakkeloos aan wat gezegd wordt, maar onderwerpt het aan critiek. Dit is belangrijk in verband met het geloof. Aan al deze eigenschappen geeft de Jongelings Vereeniging richting en lijn, de leden zijn elkander tot een hand en voet in den strijd tegen de zonde, die vooral in de jongelingsjaren zooveel vat op ons heeft.

Deze arbeid geschiedt niet willekeurig, maar vindt plaats aan de hand van de werken onzer voormannen, en staat op den grondslag der Gereformeerde wereld- en levensbeschouwing. Alle verschijnselen leert hij bezien bij, en te toetsen aan deze wereldbeschouwing, en hij leert zich door beginselen te laten leiden.

Buiten de Jongelings Vereeniging om komt van het regelmatig kennismaken met de Geref. beginselen menigmaal niets; het karakter wordt wel gevormd, maar de harde kanten en uitwassen worden er buiten de Jongelingsvereeniging om niet afgenomen.

Zonder opleiding kan een soldaat niet aan den strijd deelnemen, en een individueele opleiding mist ook haar doel. Evenmin kan iemand die zich in zijn jongelingsjaren niet heeft geoefend deelnemen aan den grooten levensstrijd. Wanneer de jongelingen, die geen lid zijn wisten wat die „levensstrijd" betekent, zouden zij zich alle als vrijwilligers opgeven om zich voor dien strijd te wapenen. Daarom geen persoonlijke opleiding maar een gemeenschappelijke.

In de jongelingsjaren valt de morgenstond des levens. Zij geeft goud in den mond; gouden idealen voor de toekomst. De jongeling kiest zich een beroep, eveneens valt de beslissende keuze aangaande den godsdienst der vaderen.

Wee den jongeling die zijn jeugdjaren misbruikt of verbeuzelt, het latere leven valt hem des te zwaarder. Dit geldt ook voor zijn geestelijke taak, ja vooral daarvoor, want het geestelijke staat boven het stoffelijke en het hemelse boven het aardsche.

Vergeet daarom o jongeling deze geestelijke taak niet, maar grijpt het middel aan van God gegeven om u daarvoor te bekwamen. Wordt lid der Jongelingsvereeniging.

Het ideaal van "menschen Gods tot alle goed werk volmaaktelijk toegerust" mag, ja moet ons allen wenken.

De tegenstellingen worden scherper; scherpt dan ook uw wapen. Vergeet nooit, dat uw jongelingsleeftijd beslist over uw man zijn.

### KENNISGEWING.

Hiermee word kennis gegee, dat die opening van die eerste vergadering van die Klassis Middelburg, (onder hierdie Klassis sorteer: Middelburg, Erasmus, Belfast, Dullstroom, Roossenekal, Lydenburg, Carolina, Ermelo, Piet Retief, Paul Pietersburg en Vryheid, D.V. sal plaasvind op Ermelo, in die Geref. Kerkgebou, op Dinsdag 8 September 1925, in die namiddag om halfvier.

Geloofsbriewe en Beskrywingspunte moet ondergetekende minstens 10 dae voor die tyd bereik..

E. J. BONESCHANS,
Skriba Kerkraad, Ermelo.

Bus 52, Ermelo,
25 Junie, 1925.

### HUISHOUDSTER BENODIG.

Applikasies word gevra vir 'n huishoudster om te sorg vir bejaarde vrou en 2 mans. Applikant moet van goeie gedrag wees en bereid om dadelik te begin. Inwoning vry. Meld salaris verlang.

Ondergetekende sal bly wees as here leraars hom iemand bevoeg kan aanbeveel.

J. H. COETSEE,
Skrynwerker.

Markplein,
Middelburg, K. P.

### DANKBETUIGING.

Hiermee wens ons as kinders ons hartelike dank toe te bring aan die famieliebetrekkinge en vrinde wat so trou, liefdevol en gewillig gehelp het by die afsterwe van ons dierbare moeder. Besonder wens ons te bedank mevr. J. P. Kruger, Steynsburg, mevr. Labuscagne, Schoonfontein, die famielie Bultfontein, Skaapfontein en Verlatensfontein, vir al hulle troue hulp en simpatie aan ons betoon.

FLORIS P. COETZEE,

Marlborough, O.V.S.
8ste Junie, 1925.

### VERLOWING.

COETZEE—VENTER. Aan Famielie en vriende word die verlowing bekend gemaak van Sarah Johanna, oudste dogter van mnr. C. N. Venter, en wyle mevr. Johanna Alida Venter, (geb. van der Walt)) Bethlehem, met Gert A. Coetzee, oudste seun van mnr. en mevr. G. A. Coetzee, Caledonsdraai, Ficksburg.

### IN MEMORIAM.

In liefdevolle herinnering aan my geliefde eggenoot,

**CHARL JAKOB JOOSTE.**

Ek treur nog maar onderwerp my aan Gods wil.
HESTER en KOOSIE JOOSTE.

Philipstown,
23/6/1925.

**DOODBERIG.**

Bloedverwante en vriende word bekend gemaak dat plotseling van ons weggeneem is deur die dood op 21 Mei 1925 my teergeliefde eggenoot en vader.

**LOUWRENS STEFANUS VAN DER VYFER**

in die ouderdom van 48 jaar 2 maande en 25 dae. Vir twee jaar was hy lydende aan senuwee en hartverlamming.

Sy stiefkind is hom 1 jaar en 8 maande vooruit gegaan, wat hy soos 'n ware vader opgevoed het. Hy was 'n voorbeeldige en sorgdraende vader vir sy huis. O, mog die gevoelige slag ons harte heilig en God ons krag gee om dit te dra onder die vrese van sy naam. Nie alleen vir ons is hy 'n verlies nie maar vir die hele omgewing. Sy omgang was soet en sy vriendelikheid het enige besoeker aangetrek. Hy mog die Heere in die gemeente dien as ouderling vir 7 jaar lank.

Alhoewel die verlies onherstelbaar is treur ons nie as diegene wat nie hoop het nie.

Die diepbedroefde eggenote en kinders:—

Louisa J van der Vyver geb. Labuscagne.
Koot van der Walt.
Anna van der Walt geb. van der Vyver.
Japie van der Vyver.
Louwrens van der Vyver.
Jannie van der Vyver.
Hendrik van der Vyver.
Mathys van der Vyver.
Louisa M. van der Vyver.
Gerrie van der Vyver.
Louisa J. van der Vyver.

Kleinkinders:—

Louisa van der Walt.
Jan van der Walt.

Ons hartelike dank aan familiebetrekkings en vriende vir die getroue besoeke, trooswoorde, briewe en telegramme.

Insonderheid dank ons Ds. Venter en broeder Ouderling J. Kruger vir hulle opofferings.

Eenbult,
Steynsburg.

Op die 5de Julie gedink ons, ons 50 jarige huweliksbevestiging. Ons dank die Heere vir die genade dat ons so lank bymekaar gespaar was, wonderlik was die leiding van die Allerhoogste in die tyd. Swaar moes ons deurgaan Ja, in menige gevalle ondeurgrondelik. Ons is ook rykelik geseën met 8 kinders waarvan 5 nog leef, met 24 kleinkinders en 4 agter-kleinkinders.

Dank sy die Here vir die genade.

Ebenhaezar: Tot hiertoe heeft de Heere ons geholpen.

H. J. M. Van Aswegen.
E. S. Van Aswegen (geb. Viljoen)
(Instuurder) Frans van Aswegen.

**DOODBERIG.**

COETZEE.—Onvergeetlik bly die dag van die 8ste Desember 1924 vir ons, toe skielik na 'n siekbed van twee dae, ons dierbare en onmisbare moeder

**JOHANNA ALIDA COETZEE**

in die ouderdom van 65 jaar 1 maand en enige dae, deur die onverbiddelike dood van ons weggeneem is. Haar heengaan was stil en sag met die woord:—"Veilig in Jesus arme".

Geduldig het sy haar kruis tot op die laaste gedra. Haar lewe was vreedsaam en minlik. Die laaste tyd het sy meesal deurgebring met die lees van die Bybel. Haar lewe was vir meer dan een van ons 'n dierbare voorbeeld om na te volg, om sterk in die geloof te wees en ons vas te klem aan God's voete.

Rus dierbare moeder.
Ons hoop op 'n salige wedersiens.
Wat God doen is welgedaan.

Namens die bedroefde kinders.

FLORIS P. COETZEE.

(Vroeër) Zaaifontein,
Steynsburg.
8ste Junie, 1925.

**DOODBERIG.**

Verhuis na die Hemel ons teer geliefde dogters op 17 Mei, Maria Elisabeth, in die ouderdom van 17 jaar, 2 maande en 24 dae en op 27 Mei, Anna Maria, in die ouderdom van 10 jaar, 6 maande, 21 dae. Die hoop op salige weersiens lenig ons innige smart.

Diep bedroefde ouers,

W. G. PISTORIUS.
A. C. G. PISTORIUS (geb. Hermann).

Rooikoppies, Brits,
10 Junie, 1925.


# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

***Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.***

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.
Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

# DIE CORONA DRAAGBAAR


# SKRYFMASIEN

**Gemaak deur die Wereld se Oudste en Beste Skryfmasien Makers.**

Die „CORONA" is die Eerste Draagbare Model wat met die gewone Standaard Kantoormasien Gelyk Staan.

**Model Three**
**£15 0 0**

**Model New XC.**
**£17 10 0**




**Model Four**
**£21 0 0**

**DIE SKRIF IS SIGBAAR!**

**VRKRYBAAR BY**

## DIE VOLKSBLAD BOEKHANDEL

130 MAITLANDSTRAAT

BUS 325. — BFN. — FOON 849.

**AGENTE IN DIE VRYSTAAT VIR DIE „CORONA.'**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 560 | 21 JULIE 1925 | 26ste JAARGANG

### PREEK.

DIE GENADE VAN GOD IN DIE BEPROEWING.

(Deur Ds. H. J. R. du Plessis).

Sing Ps. 66:8; 31:12, 13; 119:74; 86:6.
Lees II Korinthe 12; teks II Kor. 12:9a.
„Mijne gedachten zijn niet ulieder degachten en uwe wegen zijn niet Mijne wegen, spreekt de Here.
„Want gelijk de hemelen hoger zijn dan de aarde, alzo zijn Mijne wegen hoger dan uwe wegen, en Mijne gedachten dan ulieder gedachten."—Jes. 55:8, 9.

Hoe baie keer word die waarheid van hierdie woorde nie opgemerk en ondervind in die lewe nie.

Hoe dikwels is die weë van die Here vir ons onverstaanbaar.

Ja partykeer skyn die weë—dit word tot onse beskaming gesê—vir ons verkeerd.

Ons het hierdie of daardie voorval so graag anders gewil.

Ons het gedink as dit nou so of so was gebeur, dan sou dit ongetwyfeld tot ons beswil gewees het.

Had die saak nou maar so 'n wending geneem, dan was dit of dat nie voorgeval nie.

Daar is byvoorbeeld iemand siek. Ons roep tot God om genesing.

Ons meen die persoon is nog so jong. Daar is nog soveel vir hom of haar te doen. Na onse gedagte is hy so onmisbaar.

Die Here, egter, dink in Sy wysheid anders. Verhoor ons gebed nie, soas ons gewil het, en eindelik daar sterf die persoon weg.

Hoe onverstaanbaar is dan die weë van God vir ons; hoe ondoorgrondelik Sy gedagtes!

Ons het dit tog so graag anders gewil. En daar God in Sy almag anders kon handel, ons wens kon gee, val dit vir vlees en bloed so swaar om stil te berus in die handelwyse van God.

Waarom tog moes die vader—so onmisbaar vir sy huis—deur die dood weggeneem word; waarom die moeder, die steun van haar man, die sorg van haar kinders; waarom die lief kind—die liefling van die ouers—waarom, waarom, waarom?

Ons is van gister en weet nie.

God is groot en ons begryp Hom nie. Maar dit weet ons, en die kennis is vertroostend, dat, wat God doen, reg is. En al verstaan ons dit in hierdie lewe nie, hiernamaals sal ons dit begryp, so nie, dan sal die vrug daarvan tog nie uitbly nie.

Hiernamaals wanneer die geloof in aanskouing sal oorgegaan het, wanneer ons nie langer deur 'n spieël in 'n duistere rede sal sien nie, maar van aangesig tot aangesig, wanneer ons nie maar ten dele sal ken nie, maar ken soos ons ook geken is. (I Kor. 13:12).

Laat ons nog 'n voorbeeld neem.

Daar is iemand, wat deur God begaaf is met skone en heerlike talente, en wat ook begerig is om die talente te bestee in die diens van die Here.

Die persoon het nou nie alleen die bekwaamheid van God ontvang nie, maar ook die liefde, lus en ywer om veel te doen vir die Here, vir Sy kerk, vir land en volk; maar, hoe jammer, dit word opgemerk dat die liggaam aangetas en die kragte ondermyn word deur 'n slepende siekte.

Daar word tot God gebid, gesmeek, geworstel om verandering.

Helaas! daar kom g'n verandering. Die weë van onse God gaan vir ons hier deur diepe waters, en Sy voetstappe word nie bekend nie.

Die enigste antwoord, wat daar verneem word, is: Mijne genade is u genoeg. Ook die

enigste antwoord, wat Paulus gekry het op Sy ernstig gebed.

*„Mijne genade is u genoeg,"* *II Kor.* 12:9.

Ons sal dan sien hoe hierdie woorde ons predik:

I. Die regvaardigheid van God;

II. Die wysheid van God;

III. Die ontferming van God

**I.**

Paulus, die welbegaafde dienskneg van die Here, deur Hom uitgekies om Sy naam bekend te maak aan en te bely voor die heidene, die koninge, en die kindere van Israel (Hand. 9:15), sê vir ons hier in ons tekshoofstuk dat hom 'n skerpe doorn in die vlees gegee is namelik een engel van Satan om hom te kwel en smaadheid aan te doen———

Wat die doorn in Paulus se vlees was, waarvan hy hier melding maak is nie met sekerheid te sê nie.

Party beweer dat dit 'n voortdurende herinnering sou gewees het aan sy vervolging van die gemeente van Christus voor sy bekering.

Hulle meen grond vir hierdie bewering te vind in Paulus se smartkrete, wat hy telkens laat hoor het oor sy verkeerde ywer teen die saak van die Here en oor sy genadelose vervolgings van die gemeente van Christus, waar hy hom moes verantwoord voor die volk en koning Agrippa, en ook in sy briewe, wat hy aan die gemeentes geskrywe het.

Weer ander meen dat ons hier moet dink aan die beledigings, wat die valse apostels hom aangedoen het en die teenstand, wat hy, in sy dienswerk, van hulle moes ondervind.

Weer ander meen dat ons hier moet dink die waarskynlikste—stel hulle 'n ernstige liggaamskwelling voor, wat Paulus 'n smartelike lyding veroorsaak het, en hom nie alleen gehinder het in sy werk, maar hom ook soms swak gemaak en onbekwaam laat voel het vir sy dagtaak, sodat hy meer dan eens moes klae oor sy swakheid.

Veral Galate 4:13, 14 laat ons hierdie gissing vir die waarskynlikste hou—hoewel nog ver van seker—daar lees ons:

„En gij weet, dat ik u door zwakheid des vleesches het Evangelie eerstmaal verkondigd heb; en mijne verzoeking, die in het vleesch geschiedde, hebt gij niet veracht, noch verfoeid, maar gij naamt mij aan als eenen engel Gods, (ja) als Christus Jezus."

* * * *

Hierin, dat ons nie met sekerheid kan sê nie, wat hierdie skerpe doorn in Paulus se vlees was, sien ons 'n wyse beskikking van God, sodat ander gelowiges, wat ook in een of ander sware beproewing verkeer, nie sou aarsel nie, deur presies te weet, wat Paulus se beproewing hier was, om aan hom—waar hy stil berus het in die wil van God—'n voorbeeld te neem.

Ja ook andere.

Juis hierin merk ons op die regvêrdigheid van God.

Nie alleen had 'n Paulus sy doorn in die vlees nie, maar al die kinders van die Here het hulle beproewings.

Die kruis, egter, word deur God bereken, en opgelê na die kragte van elk. Ook die kragte word deur God geskink, nie alleen kragte, maar wat nog baie meer sê, ook genade.

Wie sou in staat wees om behalwe alle leed en onheile, wat ons uitwendig bedreig, nogal die ellende, wat ons in die stilte verteer, te beskrywe?

Dit kan 'n diepe siele-lyde wees, wat ons in die eensaamheid laat sug en ween. Dit kan 'n diepgaande skuldgevoel wees, wat knaag aan ons liggaam, ons beendere verouder, en ons sap verander in somerdroogte.

Dit kan 'n vurig verlange, een in die diepste van die hart gekoesterde wens wees, wat onvervul bly. Soos byvoorbeeld by Moses, wat so vurig verlang het om ook saam met Israel oor die Jordaan te mag trek, en die goeie land Kanaan te besien, maar die Here het geweier om die wens van Sy kneg te vervul, en toe hy by die Here aangekom het, het die Here vir hom gesê: Het zij u genoeg, spreek niet meer tot Mij van deze zaak. (Deut. 1:37; 3:23—26). Toe Jeremia die aangesig van die Here gesoek het vir die volk van Juda, was die antwoord van die Here aan hom: bid niet voor dit volk, en hef geen geschrei noch gebed voor hen op...... want Ik sal u niet horen." (Jeremia 7:16).

Ongetwyfeld is een van die grootste teleurstellings 'n ootmoedig smeekgebed, wat—na onse mening—g'n verhoring vind nie.

Hoe word die siel dan nie heen en weer geslinger tussen die bare van twyfel en moedeloosheid, voordat hy 'n ankergrond gevind het, 'n punt waar hy weer rus en troos kan geniet. My genade is jou genoeg—daar het ons die ankergrond van Paulus benoude siel, en nie alleen van hom nie, maar ook van al Gods kinders.

En tog hoor ons maar gedurig net klagtes.

Dis maar of baie gelowiges nie tot die uitroep kan kom nie:

,,Voorwaar my siel is in my stil
Weer één met God Se heil'ge wil."

(T. Ps. 131:2).

Hulle klae asof God hulle onregvêrdig behandel waar hulle ook die kruis moet dra, hulle beproewings nie ontgaan nie, hulle smarte ken en gevoel, maar wie tog in vergelyking met Paulus betrekkelik nog maar min ondervind en ly. En tog God is nie onregvêrdig waar Hy een Paulus bo alles, wat hy reeds volgens I Kor. 11:23—28 moet verduur, nog 'n skerpe doorn in die vlees gegee het, een engel van Satan om hom met vuiste te slaan.

Die Here is regvêrdig en altoos reg in al Sy weg en werk.

En hier waar Hy Paulus g'n verhoring geskink het op sy aanhoudend gebed, soos hy dit so graag gewens het, èn daar waar Hy ons nog so baie maal lei langs donkere weë, en skyn die gebed nie te verhoor nie.

* * * *

Was dit dan nie dieselfde Paulus nie, gelei deur Gods Gees, wat die Filippense en al die Christene toegeroep het: Laat uwe begeerten in alles, door bidden en smeken, met dankzegging bekend worden bij God? (4:6).

En het die Here nie beloof nie: Bidt en u sal gegeven worden? (Matth. 7:7).

En hier ontvang Paulus tot antwoord op sy vurig smekend gebed: ,,Mijne genade is u genoeg."

Hierdie woorde predik ons

## II.

Gods wysheid.

God het 'n doel met Sy kinders. En om die doel te bereik lei Hy hulle langs die deur Hom bepaalde weg, en gebruik daartoe die deur Hom uitgedagte middels.

En die weg is soms besaai met doorns, en die middels baie skerp.

G'n wonder dan dat hulle tot God roep om afwending van leed en smart, van dreigende storms en sware beproewings. Dit het ook Paulus gedoen.

En God het hom daaroor nie bestraf nie, maar het hom sy wens nie gegee nie. Paulus het die geopenbaarde weg bewandel tot die troon van genade.

Hy het gebruik gemaak van die voorreg, wat God die mens gegee het om tot Hom te spreek deur middel van die gebed. Hom sy behoeftes te klae en sy node bekend te maak.

Die al of nie verhoring van sy gebed het hy in kinderlik vertroue oorgelaat aan sy God, wat in Sy alwysheid die beste weet.

Solang die gebed gedoen word in kinderlike ootmoed en totale onderwerping aan die wil van die Here, is dit g'n sonde. Dit wil daarom nog nie sê nie dat God altyd so 'n gebed verhoor, ook nie dat die nie verhoor van so 'n gebed 'n afkeuring sou wees van te bid. Ons het nog 'n Meerdere dan Paulus ons tot voorbeeld, namelik Jesus Christus, Wie se gebed ook skynbaar nie verhoor geword is nie in Getsemané.

Waarom verhoor God nie altyd die gebed van Sy kinders nie?

Omdat Hy in Sy oneindige wysheid weet dat nie alles, wat ons van Hom vra, tot ons ewig welsyn sal dien nie. Had Hy Paulus se gebed verhoor dan was die nederige man hoogmoedig geword. Trouens hy verklaar self: ,,Opdat ik mij door de uitnemendheid der openbaringen niet zoude verheffen, zo is mij gegeven een scherpe doorn in het vleesch, een engel des satans, dat hij mij met vuisten slaan zoude, opdat ik mij niet zoude verheffen."

En waar dit die geval sou wees, daar laat Hy Hom nie van ons verbid nie, hoe vurig, aanhoudend en ootmoedig die gebed ook mag wees, want in Sy wysheid en vaderlike sorg oor ons, soek Hy altoos vir ons die goeie.

In Sy wysheid wil Hy deur die beproewing ons die geloof versterk, die hoop verlewendig en die liefde verwarm.

Die geloof versterk, sodat ons nie gaan twyfel aan die liefde en die wysheid van God, maar by alles, wat ons van Hom begeer, te kan sê: Nie soos ek wil nie, maar soos U wil.

Sodat ons altyd ons wil kan ondergeskik stel aan die wil van die Vader.

Waar die geloof 'n vaste grond van die dinge is, wat 'n mens hoop, en 'n bewys van die sake, wat 'n mens nie sien nie, daar is die versterking van die geloof daarin gelê dat die genade van God vir die mens genoeg is.

Net soos die silwer deur die vuur gelouter word, so ook moet ons geloof beproef word. En die louteringsvuur vir die geloof is juis die beproewings, die teleurstellings, die onverstaanbare weë, die onoplosbare raaisels in die gange van God met Sy kinders hier op aarde.

Maar ook die hoop, wat nie beskaam nie, dog soms so flou is, wil Hy in Sy wysheid verlewendig deur Sy genade. En nie minder wil Hy ons die liefde, wat so dikwels verkoel, verwarm,

aanblaas met die adem van Sy liefde. Veral waar Hy ons wil leer dat die nie verhoring van ons gebede 'n bewys is van Sy liefde—,,want dien Hij liefheeft, kastijdt Hij en Hij geselt een iegeliken zoon, dien Hij aanneemt."

En daarom is die kastijding so onmisbaar, en moet die beproewings bly.

* * * *

Dog waar die Here die lyding nie wegneem nie daar stel Hij iets anders daarteenoor. Hier Sy ryke genade.

,,Mijne genade is u genoeg."

Dit predik ons

III.

Gods ontferming.

Hy neem nie alftyd die doorn weg nie, maar Hy gee genade.

En genade is veel meer dan verlossing.

Deur die genade werd 'n Paulus, word nog elk Christen bekwaam gemaak tot elke taak, tot ieder stryd.

Deur die genade kan hy die doorn verdra, die beledigende vuisslae van die Sataniese engel duld.

Deur die genade leef hy, deur die genade sterf hy en deur die genade word hy salig. Ja deur die genade vermag hy alles in Jesus Christus, wat hom krag gee.

Dis soos die vrome ten Kate dit so mooi besing:

Niet door eigen kracht en sterkte,
niet door werken van de wet,
Niet door eigen deugd en wijsheid,
is er ooit een ziel gered.
't Is genade, 't blijft genade,
wat voor eeuwig ons behoudt:
Daarom moet er op genade
enig en alleen gebouwd.
Kent ge u-selv' een armen zondaar?
weet ge u jammerlik en blind?
O, dan zoekt gij die genade,
waar gij 't licht en 't leven vindt!
Gij, o Heiland, Die de bede
der oprechtheid niet versmaadt,
Schenk, vermeerder ons dat geloove,
dat zich gansch op U verlaat!
Wil Gij wassen! doe ons mindren!
tot ons eigen Ik verdwijn'!
Doe Gij onze jongste bede
't éene woord: Genade! zijn.

* * * *

Is dit reeds vir 'n dienaar van 'n aardse koning 'n blydskap des harten, wanneer hy by sy heer in guns staan, hoeveel temeer dan vir 'n kind van God, wanneer hy mag deel in die genade van die Koning van alle Konings!

En wat dink u, broeder, suster, sal nie hulle in die hemel die vurigste dank nie, vir wie die genade van God hier op aarde genoeg was?

Wie sou daar—waar die kruis nie meer druk nie en die doorn nie langer prik nie—die meeste kan praat van die ontferming van God: Hulle, wat Hy oorvloedig geseën het, wie se meeste wense Hy altyd vervul het, wie se meeste gebede Hy nimmer gehoor ontsê het nie, wat hier byna g'n beproewings geken het nie, nog minder 'n doorn in die vlees omgedra het; of hulle, wat reeds in hulle jeug die kruis moes dra, wie se skone verwagtings meesal verydel, wie se innige wense nie altoos vervul, en wie se vurige gebede so telkens afgewys is geword, vir wie eindelik niks anders oorgebly het dan hierdie woord:

,,Mijne genade is u genoeg."

Sou dit nie hier laaste sal wees nie, wat die grootste dankbaarheid in die hemel sal toon nie?

---

Nadat God die antwoord aan Paulus gegee het, was hy nie bedroef of ontevrede nie, maar het blymoedig berus in die wil van die Here, wetende: dat dengenen, die God liefhebben, alle dingen medewerken ten goede. (Rom. 8:28).

Paulus kon dan ook nog in die lyding roem (Rom. 8:18; II Kor. 4:17).

O broeder, suster, hoe swaar ook al u kruis mag wees, hoe skerp die doorn in u vlees, word nie moedeloos nie nog opstandig teen die Beskikker van u lot. Neem aan Paulus se gedrag een voorbeeld van lydsaamheid.

Laat sy roemtaal ook u opwek om met hom te getuig: Zoo zal ik dan veel liever roemen in mijne zwakheden, opdat de kracht van Christus in mij wone. Daarom heb ik een welbehagen in zwakheden, in smaadheden, in nooden, in vervolgingen, in benauwdheden om Christuswille; want als ik swak ben, dan ben ik machtig." (vs. 9b, 10).

Die Here gee ons 'n doorn in die vlees, nie omdat Hy daarin 'n welbehae het nie, maar omdat dit vir ons nodig en nuttig is. Daardeur word ons gevorm en opgevoed op aarde as kinders van God, om op Gods tyd oorgeplaas te word na die huis van die hemelse Vader met sy baie wonings.

Hy, wat die hemel vir sondaars verwerf het, en die sondaars vir die hemel moet voorberei, weet seker die beste wat hulle gegee en wat hulle onthou moet word.

Daarom droog julle trane, swaar beproefde broeder, diep bedroefde suster. Die doorn in ons vlees is versag en geheilig deur die doorns, wat onse Heiland vir ons gedra het.

Die Here roep ook julle toe: Mij genade is vir julle genoeg.

Van Hom, die Bron van alle genade, ontvang ons genade vir genade.

Ja, gelukkig hy, wat deel het aan die genade.

Die genade is hom genoeg in lewe en sterwe, en daarom so onmisbaar.

Deur die genade word God hom alles: sy deel, sy ewig goed. En in sy swakheid roem hy, omdat hy gesterk word deur die krag van sy God. So selfs dat hy in die aangesig van die dood nog blymoedig, onbevrees kan sing:

Deze God is ook onze God;
Hij is ons deel, ons saligst lot,
Door tijd noch eeuwigheid te scheiden:
Ter dood toe sal Hij ons geleiden."

*Amen.*

---

## LEER SING.

Ons het in 'n vorige uitgawe gesê dat ons nou al genoeg gepraat het oor ons treurige Psalmgesang en ook genoeg besluite geneem dat dit moet verander en dat ons nou maar iets prakties moet doen en wel deur 'n man te vind, wat in groter sentrums van ons gemeentes kan rondgaan en ons oefen in die singe.

Broeder H. Visscher, vroeër Inspekteur van Skole, 'n man wat kennis het van musiek en wat met ons jongste Sinode 'n koor van jong mense die Afrikaanse Psalms laat sing het tot genoeë van almal, wat dit gehoor het, sal seker vir dié saak gevind word. Broeder Visscher sal ook bereid wees om die Psalms vierstemmig in heel en halwe note te komponeer.

Laat die saak nou in Transvaal op die aanst. klassikale vergaderings aanhangig gemaak word en laat elke klassis een deputaat benoem om met ander klassikale deputate te konfereer.

---

## DIE HEL.

### VIII.

---

In ons twee vorige artiekels is uiteengesit dat die Hebreeuse woord ,,sjeool" nie altyd een en dieselfde betekenis het nie. Al sou ons dus dié woord met die meeste nuwere godgeleerdes vertaal deur ,,onderwêreld" of ,,doderyk", dan sou ons tog uit die verband moet opmaak wat die presiese betekenis in elke besondere geval is. In hoofsaak leer die Godsopenbaring van die oue Testament ons dat ,,sjeool" die grafwêreld is waar alle mense in afdaal. Maar daarby kan ons nie bly staan nie. Gods volk onder die Oue Verbond het meer geweet as dit aangaande die hiernamaals; daarom mag hulle nie op een lyn met die Heidene gestel word nie.

Vanuit die grafwêreld was daar vir die gelowige bewussyn 'n verdieping en 'n verhoging. Diegene wat op God vertrou word verhoog, hulle word verlos uit ,,sjeool", want die Here neem hulle daaruit op. Daarom het hulle met die gelowige Jakob gewag op die saligheid van die Here.

Daarenteen sou die ongelowige—dit was aan die vaders duidelik gopenbaar—altyd dieper versink. Uit ,,sjeool" sou hulle nie opgeneem word nie, maar altyd dieper afsak, totdat hulle in hul strafplek aanland. Dié plek het selfs die besondere naam van dal van Hinnom gehad—iets wat later in die Joodse letterkunde verder uitgewerk is. En as Christus op aarde verskyn, dan neem Hy die begrip ,,dal van Hinnom" van sy tydgenote oor. Volgens die Evangelies, wat in Grieks geskrywe is, sluit Christus aan by die Oue Testamentiese openbaring dat daar 'n ,,Jehenna" is; dit is die Griekse vorm van ,,dal van Hinnom", 'n term wat algemeen in die moderne tale met die begrip ,,hel" vertolk is.

Soos ons dan ook sal sien, het Christus nie alleen duidelik die bestaan van 'n hel geleer nie, maar sy hele optrede lê getuienis af van dieselfde waarheid.

Gedurende sy omwandeling in die heilige land het die hel homself openbaar gemaak deur middel van die duiwelbesetene, waarvan die Evangelie so baie verhaal.

'n Besonder opmerklike plek in hierdie verband is Mat. 12:22—32, waar ons noodsaaklik enige oomblikke by moet stilstaan.

Christus het 'n duiwelbesetene genees en die skare het hulle daaroor verwonder en uitgeroep: ,,Is hierdie een nie die seun van Dawid nie?"

Maar die Fariseërs het dadelik klaar gestaan met hulle leuen dat Christus die duiwels uitwerp deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels.

Hieruit, en ook uit die antwoord van Christus, moet ons nie opmaak dat Beëlsebul werklik die owerste van die duiwels was nie. Christus haal in sy antwoord net die woorde van sy teenstanders aan.

Die Jode het naamlik in Christus se dae gemeen dat die hel meer as een vors gehad het.

tot diepe smart van elkeen het Dr. Zwemer meegedeel, hoe dat daar aanhoudend in ons eie Suid-Afrika blanke meisies tot die Slamse godsdiens oorgaan. Dit is meestal meisies wat in die sonde van die sewende gebod geval het, en wat dan om hul skande te ontvlug na, sê maar, Kaapstad gaan, en daar met ope arme in die kringe van die Slamse ontvang word. Hul word daar om hul val nie geminag nie, maar inteendeel vriendelik bejeen, en dit is dan die oorsaak, dat hul daar verder bly, en weldra in die huwelik tree met 'n Slamaaier, en daarmee dan oorgaan tot die Mohammedaanse godsdiens.

U sal gelees het, hoe Dr. Zwemer beweer, met nadruk en klem, dat ons op verre na nie besef, watter gevare ons van die Mohammedaanse kant bedreig, en hy is verbaas, dat ons nog steeds so kalm onder alles kan bly, terwyl die gevolge van die voortgang van die leer van Mohammed vir ons so verderfelik sal wees.

Hy gaan so ver, dat hy dit nodig ag, dat ons aanstaande predikante voortaan in plaas van Hebreeus die Arabiese taal moet leer, opdat hul dan die Mohammedanisme beter kan bestry, want die Koran, die boek van Mohammed, is soos u weet in daardie taal geskryf en bodien word daar ook verskeie krante en propaganda-geskrifte in die Arabierse taal versprei. Ons moet keer, so roep die doktor.

Dr. A. Kuyper handel in sy pragtig werk ,,Om die oude Wereldzee" ook uitvoerig oor hierdie onderwerp, en hy spreek daarin eweneens sy vrees uit, dat die talryke kafferstamme van Afrika in die toekoms nie die kristelike godsdiens sal aanneem nie, maar eindelik algar sal oorgaan na die leer van Mohammed. Daar in lê natuurlik 'n groot gevaar vir die blanke bevolking van Suid-Afrika, want as hierdie oorgang eenmaal sy beslag sal gekry het, kan daar so lig 'n fanatieke profeet opstaan, soos die Madhi in die Soudan in 1884, en dan aan al wat kristen is in ons land die heilige oorlog verklaar.

Die gevolge van so iets kan vreeslik wees, so as ons gesien het, juis toe die Madhi die hele Soudan in oproer gebring het, en Khartoum verower het, waar die kristen generaal Gordon die bevel gevoer het, en wat deur die fanatieke Arabiere in 'n bestorming van die stad neergeskiet is.

My vriend Iks, hy skryf sy naam eintlik X, kyk, as hy die krant oopmaak, net na die uitslae van die voetbal en ander klein nuutjies. Die dinge van Marokko, van Sjina en Rusland slaan hy oor, want daar h e t hy geen belang by, sê hy, en bygevolg *stel* hy daar ook nie belang in nie. Ons hier in Suid-Afrika het daar niks mee te doen nie; gelukkig, sê hy, is ons mooi ver van al die woelings verwyder. Laat die Bolsjewiste in Rusland maar bak en brou soos hul wil, so beweer hy laggend, ek het vrede met hul. Wie hom, so sê hy verder, vir die dinge interesseer is seker met sy tyd opgeskeep, maar ek kan my neus nie in al sulke goeters steek nie. Ek is 'n Afrikaner en die sake van my eie land gaan my uitsluitend ter harte. As my vriend Iks oor hierdie punt praat, kan hy vir hom net warm maak, as ek en ander so met belangstelling die politieke nuus van Europa en ander lande volg. Hy wil dan daarmee so effens laat deurskemer, dat ons niks vir Suid-Afrika voel nie, en dat ons meen, dat dit met ons eie land maar kan gaan soos dit wil. My vriend Iks het dit natuurlik heeltemal mis, as hy dink, dat alles wat op ander plekke in die wêreld gebeur vir ons hier in Afrika geen betekenis het nie. As daar 'n groot brand aan die ander end van die dorp is, en ek aan deus kant woon, kan ek daar glad nie onverskillig oor bly nie, want die vuur kan maklik deur die wind na my woning oorwaai, nie waar nie. En al sou dit ook nie gebeur nie, die vuur daar vèr van my af, doen tog skade en bring groot verdriet met hom saam, tenminste as dit nie deur die bewoner opsettelik aangesteek is nie, soos, helaas meer as eens voorkom. Maar in daardie geval is die brand ook nog te betreur, en bly dit 'n ramp, 'n sedelike dan natuurlik.

Deur al ons spoorweë, telegraaflyne, kabels, draadlose installasies en vliegmasiens is teenswoordig die vèr lande van die ou wêreld so na aan mekaar gekom, dat ons gerus kan sê, dat ons algar hier op aarde eintlik maar in één groot dorp samwoon, wat net 'n bietjie wyd uit mekar gebou is.

Nou die dag sê 'n man, 'n kristen, wat baie ontwikkel is, en ook 'n vername posiesie beklee, aan my, dat hy vir hom heeltemal ontuis op die aarde begin gevoel. Die lewe word my te los en te wild, so gaan hy voort. Verbeel jou, laas week sien ek 'n motorkar ry vol met jongmense, en die seuns het so maar hul arm die meisies om die nek. Ek kan my nie begryp nie, dat die jonge dogters dit somaar toelaat. Ek het, so praat hy verder, ook al aan meisies gesê, dat hul op 'n hoë voetstuk staan, maar dat hul daar nie op sal bly nie, as hul sulke dinge opelik op straat toelaat. Nee, in ons jong dae was dit

glad anders. Toe was daar nog skaamtegevoel. En dan die dansery, so sê hy, is by baie onkeerbaar, en dan nog ook by sulkes waar jy dit nie by sou verwag nie. Dit skyn wel of die ouers daar ook niks omgee nie hoe hul seuns en dogters aangaan.

Nee, ek pas nie meer hier. Die gees wat daar nou begin heers, is onkristelik. Nee, ek pas nie meer hier nie, so eindig hy sy klag.

Ek kon nie anders nie as met die vriend saamstem. Maar hy is die enige nie, wat so spreek. Daar kom werkelik 'n vloedgolf van ligsinnigheid en onverskilligheid oor ons dorpe en stede. Mens kan makkelik begryp, dat 'n vrome voel en sê, dat hy hier nie meer tuis is nie en begeer soos Jeremia, 'n stille woning in die woestyn te hê.

Dit reen al weer baie hier. Ons het nou ook hier in die Kolonie die winterweer van die Transvaal.

U vriend,

C., 14 Julie 1925. T. H.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

Op besluit van die Raad der Kerken van die Ned. Geref. Kerk is 'n Kommissie benoem, bestaande uit predikante van die Ned. Geref. Kerk, om te adviseer oor die wyse, waarop Dingaansdag moet gevier word. Hierdie Kommissie het reeds hieroor geadviseer. "Die Burger" het gewys op die noodsaaklikheid om die ander Kerke in die saak ook te ken, omdat die viering van Dinsgaansdag 'n volkssaak is.

Een Kerk, hoe groot hy ook mag wees, het seker nie die reg om die volk hieroor iets voor te skrywe nie. Dit is nie 'n Kerksaak nie.

Ons hoop dan ook dat die manne van die Ned. Geref. Kerk hulle dwaling sal insien.

* * * *

Volgens 'n skrywe van mev. Ds. Steenkamp, wat met haar man in Amerika is, is Henry Ford, die Ford-fabrikant, 'n godsdienstige man.

Hy laat sy treine en skepe nie loop nie, en sy fabrieke nie werk op Sondag nie.

Hy laat ook nie toe dat sigarette op sy fabriekgronde gerook word nie. Hy noem die sigarette 'n spyker op die sedelike doodkis van ons jongmanne. (Uit die "Middellander".)

In hierdie laaste lê 'n groot deel van die waarheid. Die gedurige rook van sigarette verlam baie jong mense, liggaamlik en geestelik.

Die dames het ook al begin om sigarette te rook. Ek het vir 'n tyd gelede so 'n gewesedame in die straat gesien. Haar rokkie sit bokant haar knieë, sy het 'n baatjie aan en rook 'n sigaret.

In een van ons gestigte het ons 'n musikale uitvoering gegee vir die pasiente en ons was nog nie uit die deur nie toe een van die verpleegsters haar sigaret opsteek. Ek hoop dat ons Gereformeerde meisies en vroue nie sigaretrooksters sal wees nie. By 'n man kan dit nog geduld word, maar ek weier om my hoed af te haal vir die rooksters.

Jonkmans word dan ook gewaarsku om nie na sulke meisies te vry nie. Dit is dan ook onvergeeflik as seuns vir die grap meisies sigarette laat rook.

* * * *

Volgens die Star het die Aartsbiskoppe van Canterbury en York 'n Kommissie benoem om 'n rapport op te stel oor die vermindering van die getal jongmense, wat hulle aanbied vir die predikantskap in die Engelse Kerk.

Die Kommissie oordeel dat meer kandidate hulle sal aanmeld as die 39 Artiekels verander word, en hulle adviseer dat die Biskoppe sal aanbeveel dat besware teen of twyfel aan sekere gedeeltes van hierdie geloofsbelydenis van die Engelse Kerk nie as 'n beswaar sal dien vir die 'ordening' van predikante nie. Hieruit blyk weer hoe die Kerke hulle tentpenne wyer wil slaan om die leervryheid 'n kans te gee.

Oral gis dit in die Kerke, ook in Engeland en Amerika. Eensdeels gaan dit terug na Rome, en aan die ander kant is daar 'n beweging om alle Protestantse Kerke te verenig.

In die Presbiteriaanse Kerke van Amerika is daar ook 'n stryd tussen die Liberale en die Konserwatiewe of soos hulle daar genoem word, die Fundamentalists. Op die laaste Sinode van hierdie Kerke is die Liberaal, Dr. Erdman, gekies as Voorsitter teen 'n Konserwatiewe kandidaat.

* * * *

Volgens die krante het 60 Roomse van Kaapstad op 'n pelgrimsreis vertrek naar Lourdes en Rome. Lourdes is 'n dorp in Frankryk. In die nabyheid is 'n grot, waar, volgens Roomse storie, die maagd Maria haar geopenbaar het aan 'n meisie in 1858. Oor die grot het 'n groot Kerkgebou verrys, en die water van die fontein het 'n wonderkrag. Daarheen gaan gedurig duisende Roomse pelgrims en dan koop hulle daar allerlei Roomse heilige snuisterye en fontein-water.

In Rome sal hierdie pelgrim-reisigers deur die Pous ontvang word, en een van hulle woordvoerders, 'n Roomse 'vader', verseker dat hierdie pelgrimasie baie sal bydra om die Roomse geloof hier te verbrei. Alles, wat die Roomse doen, is om hulle Kerk en Kerkgeloof.

## KERK EN SKOOL.

### GEMEENTE BYDRAES.

Vir die Teol. Skool en Em. Pr. ens. Fonds was die opbringste vir 1924 oor die algemeen besonder gunstig, spyt dit die ondergetekende dat 'n groot aantal gemeentes — en daaronder van die getroustes—vir 1925 nog niks gestort het nie.

Is dit die uitwerking van die geseënde reëns en algemene voorspoed?

Gereelde opsending ieder kwartaal is tog so gewens en nodig.

Die gewone opgawes van agterstalliges word nou gestuur aan die korrespondente, met dringend versoek om vereffening .

Wie kan ons die adresse stuur van die konsulent, korrespondent of penningmeester van die gemeentes Vryheid, Paulpietersburg, Bloemhof, Vredefort, Ceres, Kimberley?

J. A. VAN ROOY,
Penningmeester.

Bethulie,
1 Julie, 1925.

---

*Frankfort.*—Weer het die Koning van die Kerk voorsien in die behoefte van 'n herder vir hierdie gemeente, nadat ons geliefde Ds. du Toit na Bloemfontein gegaan het.

Vroeg Vrydag 15 Mei, is twee broeders na Heilbron om Ds. en Mev. J. V. Coetzee af te haal. Die gemeente het intussen omtrent vier myl buitekant die dorp gewag tot ongeveer 12 uur toe die motor karre opdaag. Ds. du Toit, wat vir die bevestiging van Bloemfontein oorgekom het, het 'n kort woord van welkom gespreek en "Dat 's Heeren zegen op u daal" laat sing waarna hy meegedeel het dat die offisiele ontvangs om 2 uur by die pastorie sal wees.

By die geselligheid by die Pastorie was die hele gemeente asook baie van die gemeente van die N. G. Kerk teenwoordig.

Eers is 'n adres van die gemeente deur Ds. du Toit voorgelees, daarna 'n woord van welkom van die Burgemeester, Magistraat, en die Hoof Onderwyser waarop Ds. Coetzee paslik geantwoord het. Hierop het dosyne handdrukke gevolg en is koek en koffie na hartelus geniet.

Die bevestigingsrede is Saterdag n.m. gehou deur Ds. du Toit voor 'n groot gehoor na aanleiding van Gen. 49:1—4.

Na die bevestiging is 'n hartelike woord van welkom uitgespreek deur Ds. van der Walt van die N. G. Gemeente asook van Eerw. Mitchell van die Engelse gemeente. Namens die Alg. Ver. het ouderling du Plessis van Lindley Sy Eerwaarde welkom geheet. Ouderling L. van Rensburg en diaken Pretorius het ook elk n kort woord namens die Gemeente en Diakonie gespreek, waarna Ds. Coetzee op gevoelvolle wyse geantwoord het.

Dieselfde aand het SyEerw. sy intreerede gehou na aanleiding van 2 Kor. 10:4 en 5.

Hoewel die gemeente met smart verneem het dat Ds. du Toit die beroep na Bloemfontein aangeneem het, en ook met opregte droefheid van hom afskeid geneem het, is ons egter weer dankbaar dat die Here so spoedig die leë Kansel opgevul het. Ons gebed is dan ook dat Ds. Coetzee met baie seën mag bou op die fondament wat sy voorganger hier gelê het.

C. J. H. PRETORIUS,
Korrespondent.

(Te laat ontvang vir vorige Kerkblad—Red.)

---

### NAGMAALSVIERING, NYLSTROOM.

Met die winter-nagmaal op die eerste Sondag in Julie moes die gemeente van Nylstroom die aanwesigheid vermis van die ou vader Jan du Plessis de Beer, wat op 15 Junie l.l. oorlede is, in die ouderdom van 77 jaar. By sy lewe was hy o.a. Volksraadslid in die tyd van die Repupliek. Mag die Here sy agtergeblewe vrou en kinders vertroos.

Die opkoms van die gemeente in die wintertyd is maar klein. By hierdie geleentheid is die broeders Corn. Vermaak en Frans Marx en Joost H. van Rooyen as diakens in die amp bevestig en die broeder Ph. T. van Emmenes as ouderling. Op die gemeentelike samekoms is die amp en karakter van die diaken op bekwame wyse behandel Br. J. H. van Rooyen.

Die e.k. Nagmaal is bepaal op 11 Oktober, 1925, ook in verband met die Krugerfees op 10 Oktober, sodat die gemeente ook geleentheid mag hê om die fees te vier.

Met 'n diens in die Bosveld gedurende Juniemaand was die oue Broeder M. P. van Staden reeds as Ouderling bevestig. Tot leedwese van die Kerkraad is hy egter verhinder gewees om die Nagmaalsviering by te woon.

Ph. J. v. d. WALT,
Korr. Gem. Waterberg.

---

*Johannesburg-Noord.*— Hier is beroep as herder en leraar Ds. E. L. J. Venter van Aliwal Noord.—Skriba.

---

### DIE ALGEMENE SENDINGSKONFERENSIE.

Van 1—3 Julie het die Algemene Sendingskonferensie in Johannesburg gesit. Dit, is geloof ek, die sesde Algemene Konferensie. So 'n Konferensie moet sy nut hê. Alle sendingsgenootskappe ontmoet hier mekaar, en manne van outoriteit tree hier op om die moeilike vraagstukke op die gebied van ons sending in Suid-Afrika in te lei. Selfs is hier heelwat naturellepredikante wat ons soms 'n beter insig gee in die siel van die naturel. Dis immers so moeilik vir 'n Europeaan om swart te denk. Dit was

veral 'n voorreg om naar 'n man as Dr. S. M. Zwemer te luister. Dr. Zwemer is seker die grootste outoriteit op die gebied van die Mohammedaanse sending. Hy self het sy verblyf in die hart van die Mohammedane in Cairo in Egipte. Vandaar gaan daar 'n hele georganiseerde propaganda vir ons christelike beginsels uit. Dr. Zwemer is deurkneed in die Arabiese taal en deur sy geskrifte word daar heelwat gedaan om die christelike beginsels ook onder die Mohammedane te laat ingang vind. Ook is hy editeur van die tydskrif, "The Moslem World". Woensdagmiddag, 1 Julie, het Dr. Zwemer gepraat oor "Die Islam ten Suide van die Sambesie". Vele dinge is die middag daar onthul waarop ons ons aandag moet vestig. Saam met Portugees Oos Afrika woon hier ten Suide van die Sambesie reeds al 'n kleine 100,000 in ons midde wat die Islam aanhang. Die propaganda vir die Islam neem steeds toe. As 'n vloedgolf kom die Mohammedane Suidwaarts. Die Soedan sending probeer die aksie stuit in Midde Afrika. Maar in Suid-Afrika sal ons moet ontwaak en 'n sterke teen-aksie bied. Neem maar 'n gewone dorp as Worcester, in 'n paar jaar het daar nie minder as 34 blanke meisies tot die Mohammedanisme oorgegaan. En die toestand in Kaapstad is ver van rooskleurig veral onder die meisies van die Anglikaanse Kerk. In Kaapstad is nie minder as 23 moskees. 'n Ryke literatuur, boeke en pamflette en nuusblaaie word deur die Islam in ons land versprei in Arabies, Engels, Afrikaans en selfs in Kaffertale om die naturel te vang. Tog hou Dr. Zwemer vol: Die Christendom sal en moet die finale godsdiens wees. Daarom gee hy aan die hand dat ons die hand aan die ploeg sal slaan en die oorgang tot die Islam sal stuit. Iemand uit die Konferensie wou nog aantoon dat daar geen godsdienstige propaganda van die Islam is, maar uit hul eie koerante kon Dr. Zwemer die teendeel genoeg bewys. 'n Hele georganiseerde aksie vir hul godsdiens word op tou gesit. Daarom moet ons sorg om literatuur te versprei. Waar kry ons dit vandaan? Ook hier is voorlopig 'n uitweg om dit van die Nyl Drukpers te Cairo te bestel. En dan moet daar direk iemand aangestel word van die Protestantse sending om as sendeling teen die Islam op te tree. Hier het die Konferensie nog nie op die oomblik hul weg oop gesien nie, maar in die rigting sal tog gewerk word. Wie van ons kerk nader wil kennis maak met die Mohammedanisme, skaf hom die nuutste boek daaroor aan: Handboek der Islam Literatuur, deur Prof. Dr. Pfannmüller (1923).

Dog ons doel is hier meer om op die arbeid onder die naturelle in Suid-Afrika te wys. Dr. Henderson het gepraat oor die *Ekonomiese Lewe van die Naturel met betrekking tot die Sending*. Pragtige gesigspunte is hier geopen, maar van soveel daarin moet ons sê: dis nie ons standpunt nie. Vir die Regering se naturelle politiek is hier geen genade nie. Veral was die bespreking interessant oor die separatistiese beweging in die naturelle-kerk. Hier kon mens uit die mond van die naturelle-predikers self verneem wat die rede daarvan is. Ook hier geld dit weer: Die gees van separatisme is daar in die blanke kerke, en waarom sal dit dan ook nie indring in die naturelle kerke nie! Verder het Dr. Loram 'n interessante lesing gehad oor die *Waarde van die Studie van Bantu Psiegologie*, om also die naturel beter te verstaan.

Tog, na alles, moet ons eerlik erken dat ons teleurgestel was met die Konferensie. Die sendingsmetode wat daar verkondig is, is nog teveel die oue verbroederingsmetode. Ook die resolusies wat daar geneem is, is sommige volgens ons insig verregaande. Dis dan ook te verwonder dat niemand die sedelike moed gehad het om soms sy stem daarteen te verhef. Die ons-wil-nie-obstruksie-maak-nie gees het te sterk daar geheers, anders sou onse medebroeders van ons Susterkerk tog seker hul stem verhef het. Daar is geprotesteer teen die onderdrukkingspolitiek (repressive policy) van die Regering. En dan het 'n naturelleprediker nogal die moed om te beweer dat hulle die Regering wil bekeer, tot vermaak van onse Engelse vriende! Vir die Segregasie of Differensiasie politiek was daar maar min genade. Die standpunt van die Anglikaanse Kerk was die toonaangewende. Die atmosfeer het nog nie veel verander sinds die *Kerklike Naturelle-Konferense* van 1923. Die maatskaplike en geestelike eenheid van wit en swart word hier verwar. Goddank, in Christus is geen rasseverskil! het een van die Engelse afgevaardigdes uitgeroep. Hoe naief! En dan nogal Bybels! Ek wil hier slegs naar my Proefskrif, bl. 168 en vv. verwys. Daar is aangetoon dat ons selfs nie in Gal. 3:28 grond vir hierdie verbroederingspolitiek kry nie. Lees maar onse ou Statebybel hierop na. Poulus wou geen verbroederingsutopieë najaag nie, hy wou die rasseonderskeid nie uitwis nie. Daar is wel 'n hoëre geestelike eenheid in Christus, maar dit wil nog nie sê in die sosiale lewe nie. En wie eenmaal sosiale gelykheid toelaat, hy moet konsekwent wees om ook naas die naturel in die kerk op die banke te sit. Een spreker het dan ook in sy toespraak naar die oomblik uitgesien. Valse ywer! Christus het tog nooit gewil dat ons die rasseverskil sal uitwis nie. Nee, dis 'n goddelike ordinansie dat elke volk sy eienaardige karakter sal behou, en sy *eie* godsdiens en *eie* beskawing sal kry op sy *eie* terrein. Gelykstelling van 'n hoë kultuurras met 'n lae natuurras lei vanself tot demoralisering van beide. Daarom het ons Sinode in 1873 al uitgespreek dat gelykstelling *ongepas* en *ondoenlik is*. En hierdie standpunt handhaaf ons vandag nog. En die grootste gros van outoriteite stem saam met ons. Ons verwys in ons land naar manne soos Kidd en Evans en Brookes, in Duitsland naar professore

soos Mirbt, en selfs naar uitsprake van die Wereld Sendingskonferensie van 1910. Verder kan ons op hierdie punt hier nie ingaan nie Ons hoop net dat die volgende Algemene Sendingskonferensie dit sal insien dat die skeiding van wit en swart nog nie noodsaaklik meebring onderdrukking van die swarte nie. Nee, dit bedoel juis sy behoud, hy moet leer om homself te wees en te bly, anders word hy verwaand. Dis jammer dat hierdie verbroederingspolitiek ook selfs deur die naturelle predikante geopenbaar is. En lees maar "*The South African Outlook*," dieselfde gees! Dis natuurlik van Lovedale afkomstig!

Dis daarom soveel te meer rede dat ons met meer ywer ons sending volgens ons metode sal aanpak. Wil u die proef daarvan hê, besoek maar ons sendingsveld. Daar sal u sien dat die naturel die idee van sosiale en kerklike gelykheid vir hom hou. Hy wil homself bly, alleen hy wil verlos wees van die bande van die duisternis.

P. J. S. d. K.

## NUWE BOEKE.

Die Profeet Jeremia. Opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard, door Dr. G. Ch. Aalders.— IIe Deel. — J. H. Kok, Kampen.

Dit is die twede deel van Dr. Aalders se verklaring en vertaling van die profeet Jeremia, en een van die dele uit die serie "Korte Verklaring der H. Schrift" wat by die uitgewer Kok van Kampen verskyn.

Met groot genoeë kondig ons die verskyning aan van hierdie boek, temeer omdat ondergetekende by die vertaling van die boek Jeremia in Afrikaans geleentheid gehad het om die vertaling van Dr. Aalders van vers tot vers met die Hebreeuse teks te vergelyk. Dat so 'n vertaling en verklaring van regsinnige kant groot dienste bewys by die vertaling van die H. Skrif in Afrikaans, hoef ons nouliks te vermeld. Ondergetekende is dan ook dankbaar vir die steun wat Dr. Aalders se arbeid hom gebied het. Al was dit weens die metode wat by die Bybelvertaling in Afrikaans gevolg word, nie molik om teveel van Dr. Aalders se werk gebruik te maak nie, tog is deurgaans kennis geneem van wat hy gepresteer het. Ons kan Dr. Aalders nie die lof onthou dat hy 'n keurige vertaling en verklaring gelewer het nie.

Een opmerking moet die skrywer ons egter ten goede hou. Ons meen dat hy by die vertaling teveel afwyk van die Massoretiese teks. Nie net hier en daar nie, maar in 'n groot aantal gevalle verkies Dr. Aalders lesinge wat steun op ou vertalings of om ander redes, volgens hom, voorkeur verdien bo die oorgelewerde teks.

Nou meen ons dat dit 'n deugdeliker standpunt is, en wetenskaplik goed verdedigbaar, om by die oorgelewerde teks te bly solank as dit enigsins 'n goeie sin oplewer, en daar nie van af te wyk nie al bied ou vertalings 'n lesing wat gladder loop.

Ons het dan ook by die vertaling van Jeremia gemerk dat von Orelli en Driver dikwels aan die gangbare teks 'n goeie sin ontleen, soms sonder selfs van enige moeilikheid melding te maak, terwyl Dr. Aalders afwyk en meen dat die Massoretiese teks absoluut onvertaalbaar is.

Verder kan ons op hierdie saak in 'n blad soos die "Kerkblad" nie ingaan nie. Die uiteensetting van ons standpunt in hierdie saak sou teveel ruimte in beslag neem en vir die gewone leser van belang ontbloot wees.

Ons eindig met die wens dat die arbeid van die broeders in Nederland voorspoedig mag voortgaan, sodat by die vertaling van Gods Woord in Afrikaans daarvan gebruik kan gemaak word. Teenoor soveel vertalings wat van moderne standpunt verskyn, voel ons groot behoefte aan die werk van manne wat Gods Woord lief het.

J. D. DU TOIT.

## KORRESPONDENSIE.

### DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

#### 'N KORREKSIE.

Waarde Redaksie:—

In u uitgawe van 7 Julie verskyn die verslag van die vergadering van die gesamentlike Kommissies vir die Afrikaanse Bybelvertaling, wat gehou is in Bloemfontein op 16 Junie l.l. Vergun my asseblief 'n korreksie te maak in die verslag soos dit in die Kerkblad verskyn het. Daar het n.l. iets uitgeval, wat die verslag heeltemal verkeerd laat lees onder die opskrif: „Wat reeds klaar is".

Daar staan:

> „Prof. dr. du Toit deel mee dat hy nie soos die ander twee vertalers sy werk nou finaal klaar maak nie, maar eers vinnig vertaal, en die moeilike plekke uitlaat, om later weer alles oor te werk. Hy het nou sy eerste vertaling klaar van Josua, Rigtere, 1 en 2 Samuel en helfte van 1 Koninge."

Hierdie gedeelte moet lees:

> „Prof. dr. du Toit deel mee dat hy behalwe die Psalms en die vyf boeke van Moses, 37 hoofstukke van Jeremia klaar het.
>
> Dr. Fourie deel mee dat hy nie soos die ander twee vertalers sy werk nou finaal klaar maak nie, maar eers vinnig vertaal". . . . . . en soos dit verder volg tot by die woorde . . . . „helfte van 1 Koninge".

Dankie vir die geleentheid om hierdie korreksie te maak.

C. W. M. DU TOIT,

63 Zastronstraat,
Bloemfontein,
14 Julie, 1925.

# VIR DIE KINDERS.

Ds. Kruger het weer 'n stukkie vir die kinders geskrywe, maar ongelukkig is dit verlê.

In plaas daarvan word die stuk van ds. Hamersma oor die Drie Mistieke geplaas. In die volgende Kerkblad plaas ons die name van die kinders, wat die vrae beantwoord het.—J. A. du P., Colesberg, 15/7/25.

## GASVRYHEID.

„Vergeet de herbergzaamheid niet".
Hebr. 13:2.

Die Afrikaanse volk was nog altyd bekend as 'n gasvrye volk. Reisigers en skrywers, wat anders nie 'n goeie woord vir ons volk het nie, moes darem nog altyd erken dat die Afrikaanse volk tog een deug het en dit is gasvryheid.

Dit kom deurdat die Afrikaanse volk nog altyd 'n godvresende volk was, wat die insettings van die Bybel geëer en hooggehou het — en die hele Bybel is vol van spesiale voorskrifte vir die behandeling van vreemdelinge. God het Sy volk Israël gedurig herinner dat dit hulle plig was om vreemdelinge in hulle midde goed te behandel — "want het land is het Myne — dewyl gy vreemdelingen en bywoners by My zyt" Lev. 25:23.

As ons die Bybel bietjie naslaan is dit baie mooi om al die verskillende tekste op te kyk, waar God Sy voorskrifte gee vir die beskerming van vreemdelinge, en veral, om op te let die simpatieke bewoording waarin die bevele uitgedruk is . . . „Gy zult ook de vreemdeling niet onderdrukken, want gy kent het gemoed des vreemdelings, dewyl gy zelf vreemdelingen geweest zyt in Egypteland": Ex. 23:9. In vers 12, waar die Here bevel gee dat niemand in Israël op die sewende dag sal werk nie, word die vreemdeling nie vergeet nie,—hy moet ook rus „opdat de vreemdeling adem scheppe".

So is daar nog baie meer pragtige tekste, teveel om hier op te noem, waaruit ons al dadelik besef waarom die digter van Israël in Psalm 146 so lieflik en vertrouwend sing: „De Heere bewaart de vreemdeling."

Van die Bybel is ook ontleen ons Afrikaanse uitdrukking „die profete kamertjie" of vrykamer, wat vir die vreemdeling gehou word. In 2 Kon. 4:10 word ons so mooi beskrywe die klein opperkamer, wat die vrou van Sunem vir die profeet Eliza tot sy beskikking gestel het — „Met die bed, die stoel en kandelaar", alles tot sy gerief.

Maar dit is nie net in die Ou Testament, waar ons die besondere sorg vir die vreemdeling vind nie. In 1 Petrus 4:9 en Romeine 12:13 lees ons ook opwekkings tot herbergsaamheid.

Die mooi woorde hierbo aangehaal is ook uit die Nuwe Testament. Die Apostel Paulus herinner hoe dat die gasvrye Lot „onwetend Engele geherberg het, onder die skadewee van sy dak". („Skadewee" in die skroeiende, warm Land het meesal die betekenis van „beskerming", soos ons sien uit Ps. 91:1 „. . . . . die zal vernachten in de schaduw des Almachtigen"— die „skaduwee van sy dak" is dus ook die „beskerming" van sy dak, en sien op die veiligheid wat die gas daar geniet.)

Gasvryheid is dan ook een van die vernaamste deugde in die oë van die Oosterling.

„De vreemdeling vernachtte niet op de straat, myne deuren opende ik naar den weg", sê Job, as hy hom teenoor sy „moeilike vertroosters" verontskuldig.

Die Oosterling noem 'n vreemdeling „Gods Gas", en wat God aan die Oosterling gegee het, moet hy ook met „Gods Gas" deel, anders sal dit hom nie goed gaan nie, as hy Hem weerhou, wat Syne is.

„Is ons nie almal Gaste van Allah onder die groot tent van Sy ster verligte hemel", sê die swerwende woestynbewoners — (Ons dink dadelik aan die woorde van die Apostel wat dieselfde gedagte uitdruk, waar hy van Abraham, Izak en Jakob sê „Deze allen hebben geloofd . . . . en beleden dat zy gasten en vreemdelingen op aarde waren". (Hebr. 11:13).

Die vreemdeling in die Ooste is heilig solang hy onder die „skadewee van sy gasheer se tent" verkeer. Selfs die ruwste woestyn-bewoners, die Seuns van Ismaël, wie se hand altyd teen almal is, sou dit as 'n onuitwisbare skande reken om die vreemdeling wat met hom „brood en sout" geniet het, enige leed te doen.

Die vreemdeling by sy aankoms word genooi om plek te neem tussen hulle in die tent, en as hy sit swyg almal stil — geen vraag word hom gevra totdat hy geeet en gedrink het en deur „die brood en die sout" is daar vrede tussen hulle, tenminste vir 2 nagte en 'n dag, volgens die wet van die woestyn.

Die uitdrukking, „brood en sout" word simbolies gebruik vir gasvryheid. „Om brood te breek" met iemand is 'n ander Oosterse uitdrukking wat dieselfde beteken. Die gasheer breek die brood en bied sy gas 'n stukkie met sy hand aan. Brood word in die Ooste nooit gesny nie, maar altyd gebreek. Dit word beskou as 'n growwe oortreding van die welvoeglikheid om brood met 'n mes aan te raak.

Daar is 'n gesegde „Gasvryheid is die sout van die lewe" — maar in die Ooste speel sout 'n baie groot rol in die betoon van gasvryheid. Sout is die uitsuiwering van kwaad, en om sout saam te gebruik beteken 'n vriendskaps band te lê.

„Daar is nie een van ons hier, wat jou nie sou aangeval het en van jou kameel beroof het, as ons jou daarbuite in die woestyn ontmoet het," sê 'n paar Arabiere vir 'n reisiger wat, in hulle tent verblyf en voedsel gesoek het, „maar nou, terwille van die ‚brood en die sout' mag jy jou gerus en veilig onder ons vertrou."

Oosterlinge het nog baie ander eigenaardige maniere om gasvryheid aan 'n vreemdeling te betoon en reisigers sê dat in die Onveranderlike Ooste is die gewoontes nog presies dieselfde as in Bybelse dae, en elke maal, by die aanskou en ondervinding daarvan word mens in gedagte teruggevoer, as 't ware tot in die tente van die Aartsvaders en menige duistere sin in die Skrif word vir ons opgeklaar.

So vertel 'n sendeling, wat lang in die Ooste gewoon het, dat dit die Oosterse manier is om, as hulle 'n gas biesondere eer wil bewys, hom baie meer voedsel voor te sit, as wat hy moontlik kan eet. So het hulle hom baie keer, as eerbewys, omtrent 'n halfdosyn „brode" (groot plat koeke, soos onse roosterkoeke) voorgesit, en dit het hom altyd laat dink aan die voorval van Josef en Benjamin 3,000 jaar gelede, toe Josef sy liefling broer biesondere eer wou aandoen, en by die maaltyd, wat hy vir sy broers be-

rei het, „langde hy hun van de gerechten, die voor hem waren; maar Benjamin's gerecht was vyfmaal grooter dan de gerechten van hen allen." Gen. 43:34.

Vandag nog in die warm, stofferige Ooste waar meeste te voet reis, sonder kouse of skoene en net met 'n sandaal geskoei, word die voete van die gaste altyd deur 'n bediende afgespoel en met 'n geborduurde handdoek droog gemaak. Ook word die gas met laventelwater besprinkel.

„Water hebt gy my niet tot myne voeten gegeven . . gy hebt My geen kus gegeven en met olie hebt gy Myn hoofd niet gezalfd", verwyt die Here vir Simon die Fariseer, sy trotse gasheer, wat Hom in sy huis nooi en dan in minagting van sy nederige gas, die drie vernaamste Oosterse eerbewyse aan 'n gas nalaat.

Dat onse Here Jesus in sy omwandeling hier op die aarde, nie eers as 'n vreemdeling deur Sy volk ontvang is sien ons hieruit, en ook uit die woorde, waar so 'n diepe eensaamheid uit spreek: „De vossen hebben holen en die vogelen des Hemels nesten, maar de Zoon des Menschen heeft niet waar Hy het hoofd nederlegge..' Al wat die Here aangebied is vir 'n rusplek hier op aarde was 'n geleende graf.

Die Jode, wat die Here Jesus verwerp het en nog vandag die koms van die Messias verwag, voorafgegaan deur Sy voorloper Elia, het 'n eigenaardige gewoonte. Met die viering van hulle Pascha hou hulle 'n orige drinkbeker met wyn gereed vir enige vreemdeling, wat mag opdaag.

Dit word genoem „die beker van Elia", omdat die so lang verwagte Elia die mees gewenste gas sou wees.

Onder sommige Kristen volke is 'n ou gewoonte ook om 'n orige plek by die aandete vir 'n vreemdeling, wat mag opdaag, te berei.

Hierdie gewoonte word onderhou ter herinnering aan die aand toe die Here Jesus, na Sy opstanding, so onverwags die Gas van die Emmaus-gangers was op hulle dringende uitnodiging:

„Blyf met ons; want het is by den avond en de dag is gedaald."

RIKIE POSTMA,

Bloemfontein.

## DIE DRIE MISTIEKE.

### NIKOLAAS VAN BASEL.

Nou ons die geskiedenis van die Meester meegedeel het, sal ons in kort iets vertel van die geheimsinnige man Nikolaas van Basel, deur wie dr. Tauler, die Meester, as 't ware tot die Here gebring is.

In 'n ou geskrif, wat oor Dr .Tauler handel, word hy genoem "die Man", en daarom is daar 'n weinig twyfel of die geheimsinnige persoon wel Nikolaas van Basel gewees het. Die meeste neem dit aan, en daarom sal ons dit ook doen. Hy het vir hamself altyd genoem "die Vriend van God van die Oberland."

In die jaar 1308 is daar aan die ryk koopman Nikolaas van die Goue Ring te Basel 'n seuntjie gebore, wat by die doop die naam van sy pa ontvang het, en dus ook Nikolaas genoem is. Sy suster was 'n non en was beskou as 'n spesiale Vriend van God. Die hele huisgesin van hierdie ryk koopman was baie opgeneem met die geloof en die werke van die "Vriende". Toe die klein Nikolaas 13 jaar oud was, het sy pa vir hom een dag met die Paasfees saamgeneem kerk-toe, waar toe baie oor die lye en sterwe van die Heiland gespreek is. Dit maak op die klein seun sulk 'n indruk, dat hy in stilte 'n krusifiks koop, dit is 'n klein beeldjie vertonende die Here Jesus aan die kruis, en wat nou nog baie by die Roomse in hulle huise gesien word. Die beeldjie hang hy op in sy kamertjie, en saans kniel hy daarvoor neer en bid dan, dat hy deur die dood van die Heiland die wil van God mag leer ken en krag ontvang, om dié dan ook te doen. In hierdie tyd lees hy ook in die Bybel, maar of hy self 'n Bybel gehad het of dat hy een geleen het, weet ons nie.

Toe Nikolaas ouer word, gee hy vir hom oor aan 'n ligsinnige lewe, en vergeet hy sy Bybel, maar saans bly hy daarom gereeld kniel voor die krusifiks, want hy voel 'n onbegrepe verlange na die Here, ofskoon hy nie vir Hom ken nie. Op 15 jarige leeftyd neem sy vader vir hom saam op reis met die doel, dat hy die handel en besigheid mog leer. Nikolaas het nou in daardie dae 'n troue en dierbare vriend gehad wat die seun van 'n baron was. Hierdie vriend het juis in die tyd met sy eie pa ook 'n reis onderneem, dog hy doen dit met die doel om die wapenspele en tournamente van die ridders en edelliede b yte woon, en die hoë maniere van die vername mense op die kastele te leer ken. By hul terugkoms was die twee jongelinge nog ewe groot vriende as voorheen, hoewel hul stand in die maatskappy baie verskil het.

Nie lang daarna sterf die ouers van Nikolaas, en hy erf nou vir hom skatryk. Sy hoë vriend raai daarom vir hom aan, om die besigheid en die beslommering van die handel maar vaarwel te sê, en om net so as hy as 'n baron te gaan leef, en van die een fees en tournament na die ander te reis, en dus vir die plesier en die vermaak van die wêreld te gaan leef. Nikolaas was 'n vrolike seun, en dit was glad nie moeilik vir sy vriend nie, om hom tot hierdie ydele lewe oor te haal. Hy en sy vername vriend ry nou voortaan van die ene kasteel na die ander, en woon 'n menigte vrolike en uitbundige vermake by, en hul soek dan graag daarby die geselskap van die jonge meisies, met wie hul dan wandel by die "fonteine en in die pragtige tuine", en watter jonge dogters hul dan besig hou en vermaak met hul liedere en verhale van hul reise en ontmoetings. Dit het nie lang geduur nie, of hulle was albei verloof met adelike jong dogters. Die jong adelike vriend van Nikolaas was slegs kort verloof, of hy trou al, maar met homself wou dit nie so vlot gaan nie. Die familie van sy bruid was daar glad nie mee tevrede nie, dat sy in die huwelik wou tree met 'n koopman, wat nie adelike bloed in sy are gehad het nie. Hy was dus verplig en wag, en dit het so vier jaar aangehou. Nikolaas wil toe vir 'n lang tyd op reis gaan, maar die jonge dogter smeek vir hom, om tog tuis te bly, en hy hoor na haar en op die wyse verloop daar weer twee jaar. Die moeder van die meisie gee nou haar toestemming tot die huwelik mits Nikolaas 6,000 floryne (£600) aan sy aanstaande vrou bemaak. Hy doen dit, en die dag van die troue word spoedig daarna bepaal, en 'n pragtige fees vir die plegtigheid bereid, waar 'n groot aantal gaste by genooi word. Op laas is die groot dag aanstaande. More sal die huwelik gesluit word, maar wat gebeur? Dis Nikolaas, wat dit self uitvoerig beskryf het. Met 'n paar woorde vertel ek dit hier. Ek sit, so skryf hy, die aand voor die troudag soos my gewoonte was voor die krusifiks, waar 'n paar kêrse by staan en brand. Ek dink oor die ydelheid en die bedrieglikheid van die wereld na en sê by myself: Jy dwase en arme, ongelukkige man,

dat jy die vergankelike dinge bo die ewige kies. Met angs vervul val ek toe op my knieë, en vra vir God om genade. Ek besluit na 'n lange worsteling, om alles ter wille van die Here te verlaat, en sê: "Here U is nou die geliefde van my hart. Daarop sweer ek 'n eed, dat ek die Here alleen sal dien, en net alleen vir Hom. Die liefhebbende genade van die Here val nou op my, en 'n heerlike lig skyn in die kamer en ek raak versonke in vreugde en verwondering, en dit alles was so onuitspreeklik aangenaam, dat ek ... nou nie kan beskryf nie, en ook selfs toe nie ten volle met die hart kon verstaan nie. Plotseling kom daar 'n stem tot my: Gy geliefde van my siel, weet, dat Hy wat tot u spreek, die Here der Heren is. Op die stem antwoord ek: O, hoe gaarne wil ek gehoorsaam wees.

En toe, so verhaal Nikolaas verder, het ek vir die orige van die nag my liggaam gegesel, omdat ek die wêreld so lang lief gehad het en so baie sonde gedoen het. Dit was vir my, of die Heiland aan die kleine kruis Hom voor oor buig en aan my sê. Staan op, neem u kruis op en volg my.

Eindelik breek die more aan. Die bruid en die gaste kom bymekaar, en wag op laas al vir my, en daar tree ek toe eindelik die vertrek binne, ernstig en bleek. Ek vertel hul nou, dat daar van die huwelik niks meer kan kom nie. Ek is, so sê ek aan hul, vir ewig aan die Here verbind.

Soas ons lig kan begryp, het verbasing en verontwaardiging al die aanwesiges vervul. Die bruid is buite haarself, en word wenend huis-toe gelei. 'n Paar dae daarna vra sy vir Nikolaas, wat sy dan gesondig het, dat hy haar so sleg behandel.. Nikolaas vertel haar nou, wat met hom gebeur het, en dat hy voortaan die Here alleen toebehoor. Oplaas erken sy, dat hy die beste deel gekies het, en sy besluit ook, om die wêreld op te gee. Sy skink al haar juwele en sierade vir hom, om die in Gods werk en vir Gods saak te gebruik. Daarop sê hul mekaar vaarwel, en het mekaar nooit weer gesien nie.

Na hierdie gebeurtenis word Nikolaas die voorwerp van algemene spot en skimp van die edele en die burgers van Basel. Hul skeld hom uit vir 'n dwaas en 'n ketter. Hy verhuur sy mooi groot woning in die stad en gaan in 'n arm buitewyk in 'n klein huisie sy intrek neem, waar hy al spoedig weens sy sagheid en liefde deur al die arm mense bemind word.

Hy leef daar heeltemal afgesonder, en bring sy tyd deur met bid en peins. Hy skaf hom 'n harig kleed aan, en werk daar 'n aantal skerp yster naëls in vas, en gaan dit oor sy naakte lyf dra. Hy gesel ook gedurig vir homself so hewig dat die bloed van sy rug afloop. Deur sy baie vaste en die aanhoudende kastydings raak hy erg uitgeput en in die toestand het hy voortdurend drome en sien hy gesigte. Dit is nie 'n wonder nie, dat die jonge baron, die vriend van voorheen, stadigaan heeltemal oortuig raak, dat Nikolaas kranksinnig is. Al te veel moet ons ons nou nie oor die vreemde handelwyse van Nikolaas verwonder nie, want hy het nie die kennis van die Bybel gehad wat ons besit, en daar was ook niemand wat hom as 'n geestelike leidsman by die hand kon vat, en vir hom op die weg na die Here lei. Hy vertel, dat hy vier jare so geleef het, en een daarvan noem hy die jaar van sy bekering. Dit was, so as hy sê, 'n jaar van donkerheid, en hy het gedurende die jaar sonder afbreke as in 'n duistere nag gewandel. Hy het toe eindelik 'n gesprek met God gehad, en Die sê daarby vir hom, dat Nikolaas volkome gehoorsaam aan Hom moet wees en sy selfkastyding moet staak. En dan ook, dat Nikolaas sy geliefde relieke (voorwerpe wat hy as heilig beskou) moet verbrand. Nikolaas gooi hierop sy harige kleed met die yster penne daarin, en 'n goue ring, waar hy besonder baie van gedink het, en nog ander dinge in die vuur. Na hy dit gedoen het, en verwag het, dat hy nou vrede sal hê, gevoel hy, dat hy nog vol sonde is, ja, een stuk sonde aanmekaar, en dat hy die hel daarvoor verdien het. 'n Bange stryd volg nog, maar oplaas het die Here in al Sy liefde tot Nikolaas gekom en vir hom gesê, dat hy Gods kind is, ja een van die wat aan God "verloof" is. U sonde is almal vergewe en daar is ook nie 'n vagevuur vir u nie, maar u sal net soos die martelare na die dood dadelik by My in die hemel opgeneem word. U moet die selfkastyding laat staan. Wees gehoorsaam aan die gebode van Kristus. Wandel in kinderlike liefde en geloof. Op die wyse, so vertel Nikolaas, het dadelik die hemelse vreugde en die vrede in sy hart gekom. My hart was oorvloeiende van 'n salig geluk:

C. 14 Julie, 1925. T. H.

---


# TE KOOP

'n Pragtige HUIS-ORREL, Duitse fabrikaat (Muller), DRIE EN 'N HALF SPEL; 15 stoppe, o.m. duidelike Klarinet, heldere FLUIT, suiwere VIOLA en welluidende HARP; twee knieswelle. In fraaie donker-eikehout-kas, en in absoluut eersteklas kondiesie.

Uitmuntend geskik vir ruime HUISKAMER of kleine KERK.

**Prys £35 kontant of £40 op terme.**

Te sien of te bevra op 164 St. Johnstraat, Bloemfontein by H. H. VAN ROOYEN.


---


# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.


---

### VERLOWING.

Die verlowing word bekend gemaak aan familie en vriende, van Jannie de Klerk, oudste seun van Mnr. en Mev. A. C. de Klerk, Broadbottom, P.K. Theunissen, met Anna du Toit, dogter van Mnr .en Mevr. Andries du Toit, Theunissen.

---

### VERLOWING.

HENNING—STEYN.—Hiermee word bekend gemaak die verlowing van Mej. Johanna Henning, „Vleiland", distrik Tarkastad, aan Mnr. Nic. Steyn, Elandsfontein, Venterstad.

**DOODBERIG.**

Die plotselinge afsterwe op sy plaas van wyle onse broeder ouderling

**LOURENS STEPHANUS v. d. VYVER**

op die 21ste Mei, 1925, was vir Kerkraad en Gemeente 'n skok. So was die wil van die Almagtige. Ons buig daarvoor en bring Hom nederig onse dank vir wat Hy ons in die ontslape broeder gegee het sowel in die Gemeente as in die Kerkraad.

Mog die Here die weduwe en kinders, met wie ons innig simpatiseer, troos met die vertroosting van die H. Gees.

Namens die Kerkraad, Geref. Kerk.

D. G. VENTER (Voorsitter).

Steynsburg, K.P. J. KRUGER (Skriba).

**DOODBERIG.**

Sag ontslape in die vroeë môre van die 18de Junie ons geliefde dogter

**LOUISA JACOBA,**

in die ouderdom van 23 jaar.

Sy het 'n sware lyding van 'n maand en 'n half geduldig gedra. Die famielie bedank algar hartlik wat hulp verleen het en ook Ds. Venter vir sy getroue besoeke en woorde van troos.

Die bedroefde ouers,

LOUIS VAN DER WALT,
LOUISA VAN DER WALT.

Steynsburg,
16 Julie, 1925.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

**Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.**

**Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.**

***Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.***

**Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.**

**Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.**

**2/- Posvry.**

**KATKISASIE-HANDBOEKIE**

DEUR

**DS. W. POSTMA,**

**Nou weer verkrybaar**

**by**

**VOLKSBLAD BOEKHANDEL**

**BUS 325,**

BLOEMFONTEIN.

**2/- Posvry.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 561 | 4 AUGUSTUS 1925 | 26ste JAARGANG

### PREEK.

EEN VEERKRACHTIG GELOOFSLEVEN.

Lezen: Ps. 54:1; 27:1; 62:1; 57:5; Ezra 8:1—3; en 15—17 en 21—23 31—32.

Tekst 21—23, 31, 32a.

(Deur Ds. H. Pasch).

Niet in deze bedeling is het mogelik dat het persoonlik- en gemeenteleven de volheid openbaart van het waarachtig geloofsleven in God door Christus Jezus. Al schijnt het ware leven in den Heere door den korenmaat heen, toch dringt het nachtelik duister der wereld in op dat uitstralend levenslicht des geloofs.

En naarmate dat levenslicht uitstraalt uit het ware, uit God geboren, leven, naar die mate dringt de duisternis aan, of wordt teruggedreven door dat levenslicht. De Heilige Geest noemt door de Apostel Jacobus 1:3, 4, 12 deze wisselwerking—de beproeving des geloofs waarop een kroon of diepsmartelike nederlaag volgt. En Petrus leert door den H. Geest I Pet. 1:7 dat die beproeving kosteliker is, dan gezuiverd goud en dient tot lof, eer, en heerlikheid in de toekomst van den Heere Jezus Christus. Wij wensen uw aandacht te bepalen bij de, voor ons overgeleverde worstelstrijd des geloofs van den getrouwen Ezra in de Babeloniese gevangenschap.

Naar de profetie des Heeren, gaf de Medo-Persiese koning Kores een proclamatie uit ten vrye uitgang van al de gevangene Israelieten om naar Jeruzalem te gaan. Na vele jaren strijd is dan ook de tempel, stad en muur herbouwd onder de kragtige Godspraken van de profeten Haggaï en Zachariah.

De eerste uittogt was onder de leiding van Zerubabel en Josua. Later, door de genadige voorzienigheid Gods gaf de koning Arthasatha weder, een edict uit om een nalezing te houden op de akker van het babelonies volksleven, door de hand van Ezra, de hogepriester.

Al de gewillige gevangen Israelieten konden vry uitgaan en terugkeren naar het land hunner vaderen onder de leiding van de godvrezende Ezra. De tweede trek, met al de persoonlike have, met al de teruggegeven gouden gereedschappen des tempels, met nog rijke offergave van de koning en zijn raadsheren, werd aan Ezra, door den koning opgedragen. Zwaar drukte de verantwoordelikheid van de trek op de schouders van de moedige leider. De welgezindheid en grootmoedigheid des konings en het hof te Babel is zeker te zoeken en te vinden, naast God, in de kragtige persoonlikheid van Ezra. Hij is de geloofsheld aan het hof. Hij heeft zijn Heere en God beleden voor vele getuigen in al Zijn Majesteit en Heerlikheid, zeggende—de hand onzes Gods is ten goede over allen, die Hem zoeken, maar Zijn sterkte en Zijn toorn over allen die Hem verlaten. Die belijdenis, dat levenslicht van Ezra heeft ingestraald in het hart des konings en zijn groten, zodat zij hem als priester Gods beleden om voor hen te offeren in de tempel. Zoo een leider is wel het volk toevertrouwd, om het te brengen door de lageleggende roversbenden, roofzuchtige nomadenstammen en gevaarlike rondzwervende bedoeïenen. Nog heden is de weg van Babel naar Jeruzalem zeer onveilig.

Zekerlik heeft Ezra het niet vermoed toen hij zijn belijdenis uitsprak dat hij de geroepene zou wezen om zijn volk uit Babel naar Jeruzalem te leiden.

Zijn getuigenis van zijn God, keerde terug naar zijn eigen boezem om de beproeving zijns geloofs te doorstaan.

Het is dan goed, om u een leiddraad te geven bij het overdenken van de volheid van de invloed onzer tekstoverdenking, dat gij uw aandagt vestigt op:—

I. De heerlikheid van dat veerkrachtig geloofsleven in het belijden van den Heere.

II. De sterking van dat geloofsleven door zware beproeving.

III. De volle uitzetting van dat leven des geloofs tot overwinning.

I. Ezra geloofde in zijn God. Zijn leven is met Christus verborgen in God. Het: Gij in Mij en Ik in u is in zijn ziel waarheid. Zijn geloofsleven kan niet besloten worden. Het dringt meer door dan de x-stralen. Geen swaard, vuur, gevangenis, voor- of tegenspoed, leven of dood kan dat leven beschadigen of aanraken. Dat wondere eeuwig onvergankelik leven Gods door Christus Jezus aan de gemeente gegeven door het geloof leeft, al sterft de mens. Dat leven straalt zijn licht uit in woorden, daden en gedagten ook voor koningen en raadsheren. Dat levenslicht dringt door door de samenvoegselen van het hart van de mens.

En temeer de nagtelike donkerheid, de wereld, de ijdelheid en goddeloosheid er is, naar die mate straalt ook het licht des levens in en door tot de duisternis. Wordt die belijdenis gehoord door een gelovige, die in het licht wandelt, dan is er omarming, ineenvloeiing van dat leven. De getuigenis van beiden wordt dan in de ziel vernomen. In uw licht zie ik het Licht—God in Christus. De inwerking van de getuigenis van Ezra op het hart des Konings is onbeschrijflik. Zelfs als de wereld belijdt—er is een zilveren rand aan de donkerste wolk dan geeft het vertroosting en kragt. Hij eet wel aan des konings tafel, maar de koning dient hem. Maar dat liefelike van zijn woorden en de inhoud zijner getuigenis keert terug naar zijn ziel. Heeft Ezra gesproken tot een ander, nu heeft hij te fluisteren tot zijn eigen ziel—de hand onzes Gods is ten goede over allen, die Hem zoeken. Hij wordt nu geroepen om zijn eigen belijdenis in te drinken toen het bevel des Konings kwam tot Ezra—leid uw volk uit Babel naar Jeruzalem.

II. Het geloofsleven werd uitgedrukt door zware beproeving.

Het is maar een beginsel der beproeving als de verzoeking is—deze of gene zonde; bid het gouden beeld aan; dans om 't gouden kalf. Ezra zou kaal voorbij zijn gegaan. Geen beproevingsstrijd zou ontwikkeld zijn. Maar nu komt de verzoeking tot hem van een diep ingrijpende aard. De beproeving des geloofs gaat om de keuze tussen het van God verordeneerd recht der samenleving en het recht van de persoonlike verhouding tussen de Heere en den belijder. Zijne vrienden zeiden: Het is immers zonde om een ongewapende schare, met zoveel goud en zilver, met brieven des konings zonder militaire begeleiding op de gevaarlike weg te begeven.

Gij doet een misdaad aan uw volk en beveiligt niet den zwakken aan uw zorg toebetrouwd. Zelfs de militaire hoofden te Babel hebben hunne diensten aangeboden. God heeft het zwaard de overheid gegeven om de zwakken te beschermen. Waarom bezondigt gij u, o Ezra!

Doe het tot eere Zijns Naams alleen en vraag een heir en ruiters, boogschutters. De militaire dienst is van den Heere.

Met mokers wordt de wig, tussen hem, belijdende zijn God, en hem, herroepende zijn belijdenis, ingedreven, om de volheid en eenheid zijns harten te splijten. O Ezra, gij hebt geen recht om het algemene recht van zovelen op te offeren aan het recht van uw persoon alleen! De wig dringt dieper in de ziel. Zijn hart schudt en schokt in zijn binnenste.

De strijd wordt hevig. Het recht Gods om de zwakken tegen misdadigers te beveiligen dringt sterk in zijn ziel en het persoonlik recht der gemeenschap met God wordt verdonkerd. Heilige schaamte overdekt zijn ziel voor God. O God verlaat niet wat Uw hand begon. Hij grijpt, in zijn zieleworsteling, het van God gegevene wapen aan, n.l. de hulp inroepende van de gehele vergadering, om tot vasten en bidden den God des levens aan te grijpen.

De uitzetting van het teruggeperst geloofsleven van Ezra begint.

En leidt

III. tot volle uitzetting van het geloofsleven tot overwinning. O dat geloofsleven is zoo intensief, zo diep gevoelig, zo fijn besnaard. Een zacht suisen van de wind wordt er vernomen. Ieder woord, gedagten, daad, werkt in tot verbreking of tot handhaving van de belijdenis. Het heilig recht der persoonlike verhouding met God breekt door. Bij de rivier Akava vast, verootmoedigt, bidt en smeekt de gehele trek voor God. Het hongeren verhoogt de zielegestaltenis om tot God te roepen. God liet Zich verbidden. De gehele vergadering is het recht van de persoonlike verhouding met God toegedaan. Het geloofsleven der schare zet zich uit naar God alleen. Het nachtelik duister vliedt voor dat licht des levens. De ziel der vergadering wordt stil in God. De strijd is gestreden. Het geloof is behouden. Voorts de kroon, niet alleen in de toekomst maar reeds nu, wordt op de slapen der ziele gedrukt. Het feestuur is geboren. Het aangezicht wordt gewassen. Spijzen genoten. Het loflied rijst ten

hemel. De vergadering leeft in haar God en Heere door de Heilige Geest.

De uitstraling van de majesteit in heerlikheid van het geloofsleven wordt gezien. De roversbenden zien het. Geen hond opent zijn mond. De vergadering verrijsde van de rivier Ahavah als onder de vuur- en wolkkolom en kwam te Jeruzalem. Geen beschaming in der eeuwigheid voor het volk van God.

Zonder hulp der wereld, zonder hulp van den Staat, ongewapend, met schatten beladen werd de naderende menigte tegemoet gegaan door een feesthoudende schare uit Jeruzalem, uitgetogen om al juigend in den Heere, als één stoet in te gaan in de poort van Jeruzalem. De God der genade door den Heilige Geest in Christus Jezus heft Ps. 89 vers 1 aan, en de vergadering zingt.

Alleen het recht der persoonlike verhouding is de maatstaf van de gemeente. Zou Ezra een heir van boogschutters gevraagd hebben ter begeleiding, gewisselik de gemeente zou ook te Jeruzalem gekomen zijn. Maar de eere Gods, het geloofsleven der gemeente, het geloofsleven van den koning van Babel en anderen zou geschonden zijn. Het ware en heerlik geloofsleven in God had de vergadering nooit gesmaakt.

Het is absoluut recht, naar de van God verordineerde samenleving om een bazaar te houden—handel te drijven met het werk der handen. Maar is het recht naar het recht der persoonlike en gemeenteverhouding tussen God in Christus en zijn dierbare gemeente, zijn Bruid, de vrouw des Lams?

Nogmaals, het is absoluut recht naar het recht der samenleving dat ieder zijn eigen kopje of glas gebruikt bij het drinken, maar is het recht naar de dierbare verhouding tussen Christus en Zijn gemeente de Beker in 't Heilig Avondmaal weg te nemen?

Zonder tegenspreken, het is recht naar de van God verordeneerde gang van het maatschappelik en staatkundig leven bescherming te vragen en te ontvangen, maar niet ten koste van de ware belijdenis van de gemeente voor God. Het is recht naar het leven der wereld dat er echtscheiding zal zijn om allerlei oorzaken. Dat de vrouw stemrecht zal hebben. Dat de vrouw zich zal kleden in een oneerbaar gewaad, dat de wet van geheel onthouding zal algemeen worden.

Maar weet gij Geliefden! dat dat recht onder het rechtvaardig oordeel Gods besloten is voor de wereld?

Weet gij, Gemeente van Christus, dat dat recht des oordeels over de wereld hemelsbreed verschilt van het recht Zijns welbehagens naar de dierbare verhouding tussen Christus en Zijn gemeente? De ware Kerk van Christus mag zich niet voegen naar 't recht des Staats of samenleven als het in het minst de belijdenis der gemeente aantast. Als zij het doet, er is geen belofte dat zij in het hemels Jeruzalem zal aankomen.

De zonde van Gods Kerk op aarde is, dat zij zich meer voegt naar 't recht des Staats en van het sociale samenleven dan naar het verordeneerd recht der persoonlike verhouding tussen God in Christus door de Heilige Geest en Zijn dierbare gemeente.

De heilige schaamte der gemeente is dan ook weg. De eere is weggevoerd. Het is nu een schamen voor de ware belijdenis dat God uw God in Christus is. God schaamt zich niet ulieder God genaamd te worden, maar de Kerk schaamt zich voor haar God. Zeg nu niet, o zo erg is het niet. Lees Mat. 10, 37, 38. Er is toch geen heerliker van God gegeven recht dan tussen vader en zoon of moeder en dogter. En dat recht eist de Heere op krachtens het van God verordeneerd recht tussen Christus en Zijn gemeente. Ook dat de jongeling zijn belijdenis getrouw bleve, de doopouders de hunne bij de Heilige Doop, de ouderlingen, leeraars en diakenen weten mogen hun eedzwering voor God en gemeente niet te schenden. Op. 2, 10c.

O God geef ons grensscheiding!—Amen.

## DIE KERKBLAD.

Ons verwys die lesers na die stuk oor *Die Kerkblad* uit Postmasburg. Mag die voorbeelde van Postmasburg en Delportshoop navolging vind! In elke huisgesin moet *Die Kerkblad* kom. Daar moet meer gewerk word vir *Die Kerkblad*. Stel u voor dat *Die Kerkblad* dood is! Ons was vir 'n tyd gelede tuis by 'n famielie in een van die gemeentes van Johannesburg, op ons vraag of die broeder *Die Kerkblad* kry was die antwoord ontkennend. Wel wou die broeder al ingeteken het, maar......... Hy is toe intekenaar geword.

## KLASSIKALE VERGADERING.

Nou dat in die Transvaal Klassikale Vergaderings ingestel is, wat eersdaags vergader, hoop ons dat dit nie ondienstig sal wees om iets oor hierdie vergaderings te sê nie.

Op Artiekel III van ons Kerkorde het die Si-

node van 1873 bepaal dat ons Algemene Vergaderings in elke land vooralsnog in hulle verenig die werksaamhede van die Klassikale en Prowinsiale Vergaderings, waarvan ons Kerkorde spreek. Hierdie besluit van dié Sinode was noodsaaklik omdat daar toe nog nie 'n genoegsaam getal van gemeentes was om klassikale vergaderings te institueer nie.

So het dit gebly tot op die Sinode van 1924 toe voorstelle ingedien is (Art. 142) om

(a) Volgens Art. 41 D.K.O. Klassikale Vergaderings te institueer.

(b) Volgens Art. 36 D.K.O. Prowinsiale Sinodes te hou in plaas van Algemene Vergaderings.

Die Sinode het besluit op (a) om die beginsel goed te keur en die praktiese uitvoering daarvan aan die verskillende Algemene Vergaderings oor te laat, en op (b) om 'n kommissie te benoem om die volgende Sinode te adviseer.

Op hierdie verklaring het die Algemene Vergadering van Transvaal besluit om Klassikale Vergaderings te institueer, terwyl die Algemene Vergaderings van die O.V.S. en die Kaap Prow. dit nog nie gedoen het nie.

In Augustus vergader dan in Transvaal vier Klassikale Vergaderings.

Ons sal nou nagaan wat Klassikale Vergaderings is en wat hulle werksaamhede is.

Die woord Klassis kom van 'n Griekse woord, Kalein, wat beteken ,,saamroep". Op kerklik gebied beteken dit 'n saamgeroepe vergadering van 'n groep van Kerke.

Art. 29 van ons Kerkeorde begin met te handel oor die kerklike samekomste en noem vier, nl. die Kerkraad, die Klassikale Vergaderings, die Partikuliere Sinode, en die Generale of Nasionale Sinode.

'n Klassikale Vergadering is 'n meerdere vergadering ten opsigte van die Kerkraad, en 'n mindere vergadering ten opsigte van die Partikuliere Sinode, wat beteken dat 'n Kerkraad net één kerk (gemeente) verteenwoordig en 'n Klassis meer kerke.

In art. 30 word bepaal dat in 'n meerdere vergadering alleen behandel sal word sake, wat in minder vergaderings nie kan afgehandel word nie of wat tot die meerdere vergaderings behoor. Art. 31 bepaal dat daar beroep is op 'n meerdere vergadering. Dus op die Klassis word alleen gehandel oor sake wat 'n Kerkraad nie kon afhandel nie of wat tot die bevoegdheid van die meerdere vergadering behoor uit die aard van hulle klassikaal verband.

Dus nie sake wat tot die Sinodes behoor nie. Dan is daar beroep van die Kerkraad op die Klassis.

Art. 36 han[illegible]

oor die Kerkraad. Oor hierdie gesag kan ons nou nie uitwei nie. Artiekels 41 tot 45 handel nader oor die Klassikale Vergaderings. In verband met Art. 41 het ons 'n bepaling, wat lui: ,,Ingevolge Art. 41 onzer Kerkorde en in stede van Kerkvisitatie zullen in de Algemene Vergaderingen door de Voorzitter telken jare de navolgende vragen voorgelegd worden, schriftelik door elke Kerkeraad te beantwoorden.

Dan volg die bekende 11 vrae. Benevens hierdie vrae het ons Algemene Vergaderings ook soms nog aan Kerkvisitasie gedoen.

Art. 41 nou bepaal wat die Praeses aan die Deputate moet afvra, terwyl Art. 44 bepaal dat die Klassis Kerkvisitasie sal instel. Hoe die Sinodale bepaling op Art. 41 nou sal uitgevoer word sal die Klasses in oorleg met die Algemene Vergaderings op 'n nadere verklaring moet wag, tensy dit duidelik is dat die Klasses hulle hou aan die Kerkorde.

As ons die artiekels van die Kerkorde, een vir een, nagaan, sal ons nader sien wat die werksaamhede van die Klasses is. Om hieroor egter verder te handel word bemoeilik deur die onbesliste vraag oor die instelling van die Prowinsiale Sinodes, waaroor die aangewese kommies die volgende Sinode moet adviseer. Sodanig advies sal moet insluit wysiging van Sinodale bybepalings oor die Algemene Vergaderings.

Intussen sal die Klassikale Vergaderings hulle weg moet voel en rekening hou met die feit dat die Agemene Vergadering nog bestaan.

Kyk, bevoorbeeld, die Sinodale besluite op Art. 4 D.K.O. op Art. 10, op Art. 38, op Art. 41, op artiekels 76 en 77.

## DIE HEL.

### IX.

Toe Christus op aarde gekom het, het die hel sy mond wyd oopgemaak en menigtes van bose geeste het die land van Sy omwandeling bestorm, om Hom op Sy lydenspad te bestry tot die end toe. Die Bose het geweet dat Christus sou kom om die ,,sterke" (Mat. 12:29), dit is Satan self, te bind; daarom het hy hom geweer met sy leërs van slegte engele. Van die begin af het hy Christus beveg, en tot die einde toe het hy Hom nie losgelaat nie. Dán het hy verskyn deur middel van besetene en dán weer het hy in eie per-

soon gekom. Leersaam is wat Openb. 12 ons hieromtrent in voëlvlug laat sien. Daar is Satan, die groot rooi draak, wat klaar staan om die Kind van „die vrou" (van die Kerk onder die Oue Verbond) te verslind. Maar die Kind word weggeruk na God en na sy troon toe, en die Satan word uit die hemel neergewerp. So is Christus se stryd en oorwinningstog die opgaande vuurlyn wat eindig by die troon van God; en Satan se stryd en neerlaag is die dalende vuurlyn wat eindig in die hel.

Waar dus Christus se *weg* op aarde omring was deur magte uit die hel, kon dit nie anders of sy *woorde* moes nadruklik melding maak van die werklikheid wat so kras teenoor Hom gestaan het. Christus se *lewe* op aarde was een groot oorlog teen die Bose; daarom kon sy *leer* op hierdie punt nie onduidelik wees nie. Vir Christus was die hel geen droombeeld nie; daarom het sy prediking ten opsigte daarvan so ontsettend ernstig gewees; ontsettender en snydender as wat menigeen dit graag sou wil hê.

In hierdie artiekel wil ons dan by dié prediking met kort woorde stilstaan.

Dis nie so gemaklik om in kort bestek weer te gee die inhoud van Christus se woorde aangaande die ontsaglike onderwerp van die hel nie. Miskien doen ons beste om die leser te wys op die grootse *teëstelling* wat in Christus se beeldspraak (want Sy woorde was beelde!) vervat is.

Daar is 'n reeks van uitsprake wat meld van 'n *duisternis.*

In die gelykenis van die bruilof kom 'n man voor wat geen bruilofskleed aangehad het nie. Van hom sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom uit in die *buitenste duisternis;* daar sal wees wening en knersing van die tande (Mat. 22:13).

Eweso lees ons in die gelykenis van die talente: Werp die onnutte dienskneg uit in die *buitenste duisternis;* daar sal wening wees en knersing van die tande (Mat. 25:30).

Regstreeks, nie in die taal van gelykenisse nie, sê Christus op 'n ander plek: En die kinders van die koninkryk sal uitgewerp word in die *buitenste duisternis;* daar sal wening wees en knersing van die tande (Mat. 8:12).

Dié buitenste duisternis moet wel 'n verskriklike donkerheid wees, erger as dié van Egipte en dié waar die profesie melding van maak in verband met die laaste Godsoordeel (Joël 2:2, Sef. 1:15 e.a. pl.).

Teenoor hierdie reeks van uitsprake staan 'n ander reeks wat 'n *vuur* voor ons gees laat oprys.

In Mark. 9:43 sê Christus: As jou hand jou laat struikel, kap dit af: dit is vir jou beter om vermink in die lewe in te gaan, as om die twee hande te hê en weg te gaan in die hel, in die *onuitbluslike vuur*—'n uitdrukking wat dan dadelik nog twee keer herhaal word (vs. 45 en 47).

In Mat. 13:42 is ook sprake van dié vuur. Daar word gesê dat dié wat die ongeregtigheid doen, gewerp sal word in die *vurige oond;* daar sal wening wees en knersing van die tande. In vers 50 kom dieselfde uitdrukking dan weer voor.

Opmerklik dat Christus, wat ons hoogste Profeet en Leraar is, twee woorde gebruik om die hel te beskrywe wat blykbaar met mekaar in teëspraak is: *duisternis* en *vuur.* Die twee tog sluit mekaar uit. Waar vuur is, kan geen duisternis wees nie, en omgekeerd!

Hoe hierdie diepe, goddelike wysheid verstaan moet word, hoop ons later aan te wys as ons kom by die meer dogmatiese gedeelte van ons uiteensetting. Ons is nou besig om die gang van die Godsopenbaring na te speur en ons het gemeen om die inhoud van Christus se woorde saam te vat deur die aandag te vestig op die *teëstelling* wat daarin opgesluit lê. Die tekste wat ons aangehaal het, is baie goed bekend, maar hulle word gewoonlik broksgewyse gelees, sonder om te let op die twee groot begrippe van „duisternis" en „vuur" wat ons daarin tegemoet tree.

Ons moet die leser nou nog daar attent op maak dat dié twee uitdrukkings „buitenste duisternis" en „onuitbluslike vuur" die siel moet deurhuiwer met sidderende erns. Hulle gee te kenne wat die „skrik van die Here" is, temeer omdat hulle kom uit die mond van Hom wat die vleesgeworde openbaring is van die ewige liefde van God!

Waarom het, in die weg van Gods openbaring, die leer aangaande die hel so'n ongekende hoogte van erns en skerpte bereik *in die mond van Christus?* Daarvoor moet daar tog wel 'n oorsaak bestaan.

Om dié oorsaak op te speur, moet ons bedink dat Christus ons wil leer *tot watter prys ons verlos is.* Hy wat meen dat Christus net gekom het om hom van 'n blote swakheid of menslike ondeugie te bevry, het die lyde van Christus nie gepeil nie.

O, as Christus net gesterf het om mense wat effens afgedwaal het, op die regte spoor terug te bring, dan het Christus met Sy lyde op Golgota *te duur betaal!*

Nee, Hy het gekom om ons te red van die ewige dood, *van die hel!*

Vroeër het ons reeds die aandag daarop geves-

tig dat die ,,dal van Hinnom" (in die N. Testament ,,Gehenna") 'n teëstelling vorm met die pragtige stad Jerusalem wat daar naas-aan lê, dié Jerusalem wat 'n tiepe is van geluksaligheid, van ons almal se moeder wat Bowe is.

Maar die teëstelling word nog skerper as ons ons nou weer verplaas na die terrein van die heilige stad. Aan die suidekant het gelê die ,,dal van Hinnom", die tiepe van Gehenna (hel), en aan die noordekant Golgota, die strydtoneel van die Middelaar.

Die twee mag nie van mekaar geskei word nie. Eers as ons pad geloop het langs die ,,dal van Hinnom" met al sy verskrikkinge, sal ons kan verstaan die rus en verlossing wat Golgota ons bring. Hy wat iets gesmaak het van die ,,angst der hel", sal ook iets kan besef van die verskrikkinge van Golgota.

Dit is omdat dikwels sowel prediker as hoorder die hel in sy werklikheid, as buitenste duisternis en onuitbluslike vuur, nie deurvoel nie, dat die prediking so dof is en op sulke dowwe ore val.

Uit die swart dieptes van Gehenna moet opgeworstel word na die hoogte van Golgota se heuwel. *Plaatselik*, dáár by Jerusalem, het dié twee so bymekaar gelé, dat ons hulle in ons *gedagte* nie sou skei nie. Hy wat op die kruisheuwel eindelik aangekom het, moet daarvandaan nog kan sien die onheilspellende rokie wat bo die dal van Hinnom draai, waar die vuur nie uitgeblus word en waar die wurm nie sterwe nie (Mark. 9:42-50).

Gebeur dit nie, dan gly ons te maklik oor die lyde van Christus heen. Dan is Golgota nie vir ons 'n ware rusplek soos die profeet dit gesien het nie (Jes. 11:10); maar dan word daar 'n rusbank vir die vlees opgerig. Dan vier ons Avondmaal, maar ons voel nie diep die ,,angst der hel" waaruit ons verlos is nie. Dan kry ons met die mond deel aan die liggaam en bloed van Christus, maar ons hart en ons lewe *verander* nie. Ons bly dan maar net wat ons gewees het—na die Avondmaal net dieselfde as daarvoor.

Ons vaders het die saak reg gevoel. Daarom is daar in die Avondmaalsformulier so nadruklik sprake van ,,vervloeking", ,,ewige dood", ,,toorn van God" en ,,angst van die hel."

Ja, daar is 'n ,,singende hemel", want die liefde van God is tot verlossing in Christus openbaar geword. Maar daar is ook 'n ,,wenende hel", want die liefde van God is met die voete vertrap deur diegene wat verlore gaan.

Hy wat die heilgeheim van God só verstaan, sal seker nie meer die vraag opwerp of daar dan werklik 'n hel is nie. Inteendeel, hy sal stry om oor Golgota, àl met die lydenspad, in te gaan deur die enge poort in die ewige stad.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

My hart kry seer, as ek so nou en dan moet sien, hoe verskillende jong kêreltjies en jong meisies, maar veral die eerste, by die aanvang van hul tog op die levenssee reeds spoedig op 'n groot rots te lande kom, en dan die moed opgee, om weer opnuut koers te vat op die groot water. Hul bly dan vir die verder deel van hul lewe by die wal rond dobber, en mis eindelik heeltemaal hul bestemming in die lewe.

Met party wat vir studie ingaan, begin dit eers mooi, en skyn die toekoms veel belowend. Hul gaan skool toe, hul leer tamelik en loop mooi gekleed. Pa en ma doen hul bes, en offer op wat hul kan, om die kind vorentoe te help. Hul doen in meer as een geval hul self daarby te kort, om tog seunie of sussie aan te help. Die seun of dogter gaan dan op laas kosskool toe en kom met vakansie tuis, en dit is dan 'n groot vreugde vir die ouers en die vriende. Opgeruimd, met hom self tevrede en bly stap die kêreltjie in die dorp rond en kuier by, en gesels met die vriende. Hy neem ook later 'n maat saam en dit is mooi, want dit is 'n blyk, dat hy daar vèr op skool al vriende gemaak het. So hoor dit te wees. Maar naderhand sien jy weer die seun, en dan stap hy met die hande in die sak in sy ou dorpie rond. Van die meisies praat ek nie verder nie, want van hul het ek nie veel sulke voorbeelde gesien nie. Jy verneem dan na die saak, omdat jy belang in die opkomende geslag stel, en dan moet jy tot jou spyt hoor, dat die jong seun nie lus gehad het, om te leer en sy bes nie gedoen het nie, en die meester niks met hom kon aanvang nie. Hy het in sleg geselskap verval en sy tyd vir leer gaan verkwis, en toe die eksamen kom, was hy nie daar klaar voor. Later het hy weer beproef, maar daar was niks aan te doen nie; seunie wou nie. Of ook daar het 'n ander teenspoed gekom, wat oorsaak was, dat die jong kêreltjie nie deur sy eksamen kon kom nie, maar hoe dit ook al mag wees, die jong seun stap nou rond en doen niks nie. Die leerdery is vergoed opgegee, en hy het nou nie werk nie. Hy soek altemit hier en daar wel 'n possie, maar die werk wat daar is, is te hoog vir hom, en anders is dit weer benede hom en nie, soos hy dit uitdruk, in sy lyn nie. Die armoed is aan die een kant ook soms daar,

en so word die seun nou 'n las vir sy ouers; hy staan daeliks vir meer as een vlytige in die pad; in enkele gevalle word hy 'n oorlas en 'n voorwerp van beklag van die welgesindes, en vir die ligsinniges word hy 'n spot in die dorp.

Dit is baie treurig, en ek is daar seker van, dat dit u ook al diep getref het, en die angstige vraag al by u laat opkom het, wat die toekoms nou van die kind, waar eers soveel van verwag is, op laas sal wees.

Wat is nou die oorsaak van sulke gevalle?

Nie altyd, dit is wel seker, maar tog baie keer, lê die fout by die ouers. Van die begin af aan was daar nie tug en geen vaste order nie. Die seun kon gewoonlik maar doen, wat vir hom lekker was. By godsdienstige ouers mog 'n mens verwag het, dat die kind in sy jong dae trou na die kategisasie en die kerk moes gaan, en tog het hy dit nie gedoen nie. Hy het nie lus gehad nie, en mens moet, so het pa en ma gedink, sulke kinders, wat so baie leste op skool het, tog nie forseer nie. Natuurlik voel so 'n seun al gou, dat die leisels slap gehou word, en so steur hy hom nie aan die al te sagte vermanings, wat pa en ma altemit soms om die gewete te stil nog laat hoor. Die kind voel somaar, dat die ouers dit tog nie eintlik meen nie.

Een dag sê 'n vader, wat ook so'n onwillige seun gehad het, wat net gedoen het wat hy wou, aan my, toe ek met hom oor die saak praat: Meneer, ons leef nou in die verligte twintigste eeu; 'n mens tug nie meer sy kinders nie, soos ons ouers dit aan ons gedoen het. Mens moet so 'n kind nie pla nie, so sê hy.

Ek wil hier darem byvoeg, dat dit nie *altyd* die skuld van die ouers is nie, as die kind op 'n mislukking uitdraai. Dit sou onregvêrdig wees, om dit te beweer. Party keer gaan die kind goed van huis, met die vaste voorneme om op die kosskool te leer, en daar kom hy dan in aanraking met verkeerde maters. Of hy juis nou daar die maters soek, omdat daar van hul foute ook al iets in hom is, weet mens nie. Party keer wil 'n kind nie leer nie, as hy 'n sekere ouderdom bereik het. Wat bose gees in hom gevaar is, kan mens nie sê nie. Jy staan verstom daaroor, dat daardie kind, wat jy so goed geken het, so sleg uitdraai.

Hoe dit nou ook al is, die uitkoms is amper by algar dieselfde, en so só droewig, dat mens daaroor kan huil.

Ook is al die seuns nie ewe skuldig aan hul eie mislukking nie. Al die jong seuns, wat teenswoordig studeer, mag wel ernstig gewaarsku word. Daar is van hul, wat die lewe nie ernstig opvat nie. Hul reken, dat die meeste tyd maar kan bestee word aan uitgaan na die bioskoop, die keffie en verder dat die sport vernamer is as die leer. Daar moet gewerk word. Die kennis waai 'n mens nie aan nie. Op die kosskool moet net so hard gestudeerd word as op die klein dorpskool, wat party so geneig was om te verag.

Natuurlik maak ook baie 'n groot fout as hul dink, dat as hul maar deur die matriekeksame is, hul al ver genoeg is, om 'n goeie betrekking te beklee, en hul al vir die verdere lewe in hul behoeftes kan voorsien. Soos u weet, was vroeër in ons jong dae die sertifikaat van matrikulasie van baie groot betekenis, en ons het net baie gedink van 'n seun, wat met die sertifikaat in sy sak tuis gekom het.

Nou is dit glad anders.

Daar word teenswoordig baie meer gevra.

Ek sou darem so graag die jong seuns, wat so met die hande in die sak rondstap, wil toeroep, dat hul tog moed vir die lewe moet skep en iets aanvang. Ons land is 'n nuwe land, en oral is werk. Die land skree om ontwikkeling. En as iemand dan nie „kopwerk" kan kry nie, dan moet hy maar die hande-arbeid, wat daar te krye is, aanpak. 'n Ou vriend van my sê my eendag, dat as die Heere vir hom al sy besitting sou ontneem en hy alleen sy gesondheid dan mog oorhou, hy nie honger sou ly met sy huisgesin. Meneer, sê hy, as ek geen ander werk sou kan kry, dan sou ek gaan potteskuur, of houtkap, of vloerwas, of stene maak, of waterlei, of handlanger word van 'n metselaar, of gaan draadheinings maak. Maar werk sou ek, want ek sou my skaam, om my vrou, waar ek met ons troue mee voor die preekstoel gestaan het, laat honger ly en met flenters van klere laat loop, en om die kinders, wat ek het, ook laat omkom van ellend. As mens gesond is, kan jy werk genoeg kry. Maar dan moet mens nie só werk asof jy die baas vir wie jy werk, wil laat verstaan, dat dit 'n guns is, dat jy die werk vir hom wil doen, nee, jy moet juis die arbeid so verrig, dat jy daarmee wil sê, dat jy bly is, dat jy dit mag doen. Dan sal hy jou later weer werk gee. 'n Parlementslid sê eendag teen my: „My vriend H. dit moet jy weet, as ek 'n werk doen, dan doen ek hom goed. As ek 'n stal moet skoonmaak (hy het eintlik iets anders gesê, maar daardie woord wil ek hier nie gebruik nie), dan doen ek dit so, dat jy daar na kan kom kyk. As ek klaar is met my werk, dan is die stal rêrig skoon.

O, moedeloosheid is tog so 'n treurige saak, en wie daar hom aan oorgee is 'n verloren man. Ek sou wens, dat daar wat meer moed by party van ons jong mense was, en hul by teleurstelling nie die hande laat slap hang nie.

Nou die dag lees ek van 'n man, wat 'n groot naam in die wêreld gemaak het as 'n musiekkunstenaar. Sy vader, so vertel hy self, was baie arm en wou graag vir hom help, maar kon nie. Die ou vader koop toe eendag vir hom 'n mondfluitjie, en daar het hy hom eers op bekwaam. Later kom daar 'n ou piano op 'n vendusie, en die word toe vir 'n paar pond gekoop. Die ding was so sleg, dat hy 'n plek op die solder gekry het. Die seun het ewenwel gespeel en al meer en meer vordering gemaak. Eindelik het hy dan van 'n meester les gekry en stadigaan opgeklim, maar toe het die teleurstellings ook gedurig toegeneem, dog, so sê hy, ek het my in daardie voorgeneem, om my nie deur 'n teleurstelling te laat oorwin nie. Ek het my kop daarop gesit, dat nie 'n teleurstelling my sal breek nie. Ek sal vir hom breek, sê ek, en ek het dit gewin. Sie, my vriend, dit is mannetaal, en wie so praat het kans om bô te kom met die hulp van die Heere.

Dit is 'n onderwerp, waar ek nog langer oor sou wens om te skryf, maar ek is bang dat ek u sal verveel. Vergeef my dit, dat ek reeds so lang aangehou het met dieselfde onderwerp, maar ek het my daartoe gedring gevoel, want werkelik, dit gaan met party van ons jongmense glad nie goed nie. Mog tog maar 'n enkel notiesie neem van my woorde.

Met die beste groete, is ek u vriend,

T. H.

C., 28 Julie 1925.

---

## KERK EN SKOOL.

---

MIDDELBURG EN COLESBERG.—'n Besoek aan hierdie gemeentes was 'n welkome vakansieverandering van uit die Transvaal. In beide gemeentes was dit Nagmaal, en die opkoms was vir die wintermaande heetemal bevredigend, sodat dit moontlik was om na jare weer kennis te maak met die toestande van hierdie gemeentes. Vir geruime tyd is hierdie geweste geteister gewees deur sware droogtes, wat oorsaak was dat finansiële skade gely is, en in baie gevalle van so 'n aard dat plase moes verkoop word, waardeur 'n verhuising ontstaan het na die dorpe of na ander dele van die land. Veral Middelburg skyn daar baie aan gely te hê. Daarby het gekom die verval van die Karroo Trust, waarin verskeie lede van ons gemeente aandele gehad het, wat die laaste strooi was, wat die kameel se rug gebreek het. Intussen mag opgemerk word dat die aandelehandel baie gevaarlik is, en dat dit onverantwoordelik is om soveel aandele in enige saak te neem, wat as 'n skadepos ruïnasie kan beteken. Hierdie finansiële skadeposte het gelei tot verswakking van die gemeentes in ledetal, en dit is opmerklik dat veral ons gemeente so gely het. Daar is seker ook ander oorsake voor, waaroor dit onnodig is om hier te handel.

Dit blyk dat vir 'n groot gedeelte die verlore plase in hande gaan van Engelse boere, en, so word gesê, as 'n Engelsman 'n plaas het, dan kry 'n Afrikaner dit nie weer in hande nie. Wie Middelburg en Colesberg in vroeër jare geken het, merk dit al te duidelik dat, die eerste meer en die twede minder, altwee gemeentes gely het, ook kerklik gely het.

Mag diè gemeentes weer toeneem in welvaart en uitgroei ook deur die vermeerdering van die Saad van die Kerk!

Daar is hoop dat die krisis, ontstaan sedert die Engels-Boere oorlog, sy hoogtepunt bereik het en dat meer soliede toestande sal terugkeer.

Die wereld is daar weer ryk aan water en weiding na die geseende reens van hierdie jaar. Maar dan moet met alle mag elkeen, wat grondbesitter is, hou wat hy het en hom aanpas by die ontwikkeling van die boerdery. Ook daar is belewe 'n oorgang van die ou dae met hulle metodes en die nuwe tyd met sy vereistes. Ook hierdie oorgang het skadelik gewerk.

Dat baie gemeentelede op die dorpe woon word ook veroorsaak deur die feit dat buiteskole in die Kaap Prowinsie nie so talryk is as in die Transvaal nie. En die ontwikkeling vereis ook meer verstandelike kennis. Maar die vraag kom tog op of 'n vermeerdering van kennis, wat gepaard gaan met verlies van plaasgrond, opweeg teen die berokkende skade. Kennis is soms mag, maar armoede is onmag. In baie gevalle is kennis 'n verlies vir die Kerk. Of kan ons nie ook al onder ons tel die jongmanne en vroue wat verlore geraak is vir die Kerk, nadat hulle 'n seker mate van kennis opgedoen het nie? Ek spreek van 'n kennis van wereldbeskouing en wereldlewe wat vreemd is aan ons Belydenis en Lewe.

Naas hierdie gewenste vermeerdering van tydelike welvaart moet oor al ons geledere 'n meerdere ontwaking plaas vind in die geestelike lewe. In ons kerklike lewe word gemis die entoesiasme van die geloofslewe, wat uitslaan as brandende

vuur bo die offisiële lewe van die kerklike roetiene.

Entoesiasme beteken letterlik ,,in God''. Is daar entoesiasme in die wereld, en ontwaak ook onder ons 'n entoesiasme om met die wereldlewe vlam te vat, dan verloor ons die werklike entoesiasme, die ywer in God. Gepaard met hierdie opwaking van die geestelike lewe moet 'n sterke liefde aangekweek word vir die stoere, strenge en tog ruime Kalvinisme, en moet herlewe die hoogskatting van alles wat suiwer Gereformeerd is.

Ons jongmense moet nie trots word op die danssaal nie, nie op 'n motor nie, nie op die sogenoemde ,,broadmindedness'' nie, maar op hulle lidmaatskap van 'n kring van Gereformeerde belyders. Vir ons opkomend geslag is nodig 'n deeglike kategeties onderwys nie alleen in die leer en tradiesie van die Kerk nie, maar ook sal dit nodig blyk om hulle grondiger onderrig te gee in die Gereformeerde Etiek.

Afdwalinge moet nie toegeskrywe word aan 'n verbasterde jong geslag, wat slegter is as ouere geslagte nie, maar ons jongmense lewe werklik in 'n ander wereld, kom in aanraking met meer vreemde denkbeelde en ongereformeerde lewenspraktyke. As teenwig moet dien 'n simpatieke behandeling en 'n grondige onderrig na die eise van die tyd van wat nou as Gereformeerde leer en lewe op die voorgrond gestel moet word.

Aangename herinnerings en ontmoetings nie alleen in die gasvrye pastorieë van Middelburg en Colesberg nie, maar ook in vriendekringe, sal lang in die geheuenis bly.

Veral was dit aangenaam om die ywerige medewerker van *Die Kerkblad*, T. H., pastor loci van die Colesbergse gemeente, in 'n gesellige stemming te ontmoet na die sware beproewing oor huis en persoon in die laaste tyd.—J. P.

---

PETRUSBURG.—Op Sondag, die 19de Julie, het die gemeente alhier weer die Heilig Avondmaal gevier. Die opkoms was hierdie keer swak, omdat baie boere by hulle vee moes bly van weë die koue. By geleentheid van die gemeentevergadering, wat Saterdagmiddag na die Voorbereidingsdiens gehou is, is br. J. J. v. d. Walt as ouderling, en br. Andries Venter as diaken gekies. Hulle sal D.V. op die laaste Sondag in Augustus bevestig word.

Sondagaand was die gewone gemeentelike samekoms, by welke geleentheid br. C. J. v. d. Walt die gemeente toegelig het oor die onderwerp ,,Attestasies.''

Reeds sedert die 15de Junie is ons herder en leraar weer in ons midde. Deur Gods genade is sy gesondheid nou heelwat beter.—Korrespondent.

(Ons is bly om te hoor dat die predikant weer beter is en wens S.Eerw. toe 'n algehele herstel. Ook van Ds. D. P. du Plessis, wat nou in die Berea Gesondheids Instituut, Durban is, het ons berig. En dit is ook verblydend om te verneem dat hierdie broeder daar baat vind. Mag die Here spoedig die verlore kragte herstel!—Red.)

---

JOHANNESBURG.—Die gemeente van Johannesburg het die voorreg gehad om op die 11de en 12de Julie Ds. D. Postma B.A., van Burgersdorp in sy midde te hê. Ds. Postma het oorgekom om sy vader, Ds. M. Postma, M.A., met die Nagmaalsbediening behulpsaam te wees, ook met die doel om op 14 Julie die gedenkwaardige feesdag van die ou geliefde leraar te vier. Die gemeente was deur die degelike en ernstige prediking van Ds. D. Postma, baie gestig. Driemaal mog hy optree. By die Voorbereidingsdiens het hy die gemeente bepaal by Deut. 11:21. Hemelse dae op aarde, onder die volgende hoofde: (1) beteken tydperk van bestendigheid; (2) bevat hoogste mate van geluk; (3) vereis getroue betragting van Gods gebooie in liefde; (4) versekerd deur die verdienste van die Middelaar.

Sondagmôre met Nagmaal voor 'n groot skare het hy die gemeente geboei deur die uiteensetting van I Petr. 2:2: ,,Die waaragtige geestelike lewe'', (1) die ware lewensbeginsel; (2) die ryke lewensmiddele; (3) die suiwere lewensopenbaring; (4) die kragtige lewensbloei. By die Nabetragtingsdiens het hy op troostryke wyse gespreek oor Gen. 22:14 ,,die Here sal dit voorsien'': (1) die eis wat God vir Abraham en vir ons stel; (2) die gehoorsaamheid wat hy betoon; (3) die seën wat God aan hom en ons gee; (4) die bevestiging daarvan in Christus.

Sy besoek aan die gemeente word baie gewaardeer.

---

KOSTER.—Alhier is beroep as herder en leraar Ds. B. J. de Klerk van Zwartruggens. As die Here wil sal die bevestiging plaas vind die derde Sondag van Oktober.—A. M. v. d. Walt, Korrespondent.

---

KENNISGEWING.—Ds. N. H. v. d. Walt sal D.V. op Saterdag, 15 Augustus e.k. in die namiddag as herder en leraar van die Geref. Gemeente Heidelberg, Tvl., bevestig word deur Sy Wel-Eerw. Ds. M. Postma, M.A.

B.B. Predikante en Kerkraadslede word vriendelik uitgenooi die plegtigheid by te woon.

Gee a.u.b. vroegtydig kennis van u koms aan ouderling P. Schuurman, Bus 1, Heidelberg, Tvl., sodat vir die nodige losies voorsiening gemaak kan word.—J. H. Kruger, Korrespondent K.B., P.K. Roodekop Stasie, 21 Julie 1925.

(Waarom het die korrespondent ons niks berig van die beroeping nie?—Red.)

---

THEUNISSEN:—Ds. T. N. Venter het met tussen kerk, die 5de Julie, afskeid geneem van die gemeente wat hy byna 18 jaar bedien het in vrede en liefde. Syeerw. het Sondagmore die kansel beklim en neem tot Teks Ps. 39:13, wat die gemeente beweeg het en harte in treurigheid gebring het. Sondagmiddag het S.E. tot afskeid geneem, Galate 6:2: Draagt elkanders lasten, en vervult also de wet van Kristus, en die gem. gewys hoe dat die gelowiges mekaar se laste kan dra, en hoe hulle moet gedra word; om elkanders laste te dra moet daar liefde wees, liefde tot God en liefde tot die naaste, en hoe S.E. die gemeente gedien het met liefde en in liefde, maar die Here het dit anders gewil en hy berus in die wil des Heren met biddende opsien om uitkoms en vra die gemeente hulle voorbede.

Na die preek versoek Ouderling de Klerk Syeerwaaarde voor die kansel te kom, en spreek hom toe uit naam van die kerkraad en gemeente en verseker hom dat sy woord wat hy verkondig het sy vrug sal dra en gedra het. Deur ouderling A. de Klerk word 'n geskenk van die susters oorhandig aan Syeerw. vir Mev. Venter as liefdeblyk. Dit spyt die susters dat Mev. Venter nie self hier is. Broeder Hans Kotze verseker Syeerw. dat die liefde bande waarmee Syeerw. ons bedien het nie vergeet sal word, sy preke was hom tot opbeuring en versterking.

Syeerw. het toe op alles geantwoord met passende woorde en wens die gemeente dat sy bly in die liefde van Kristus en dat die gemeente mag uitgebrei word. Met trane is afskeid geneem. Toe het ouderling A. de Klerk hom staande laat toesing Ps. 134:2, 3, waarna Syeerw. die seën uitspreek.—Korrespondent.

---

POSTMASBURG.—Die eerste Sondag in Julie was hier Nagmaal. In die plek van die helfte van die Kerkraad wat in Aug. aftree is gekies vir ouderlings: N. v.d. Walt, J. L. van Vuren, A. Venter, I. Viljoen; vir diakens: L. van Vuren, P. Venter, Ph. Venter en W. Venter.

Van belang was die kerkraadsverslag oor die Kerkblad. Die Kerkraad het dit einde laaste jaar op hom geneem om in te teken op die Kerkblad vir elke huisgesin sodat hy in elke huis kan gelees word.

Begin van hierdie jaar het die ouderlings elk sy lys van intekenare ingelewer, waaruit geblyk het dat die getal intekenare 2/5 van die getal lidmate was as al die huisgesinne en hier en daar 'n enkele persoon die Kerkblad moet kry. Hierdie lys het ouderl. J. J. Viljoen, die agent, aan die drukkers gestuur met die belofte dat ons begin van Julie die hele som geld sal stuur. Die drukkers was toe gewillig om op elke intekenaar 3s. afslag te gee. Hy het nou nie meer nodig om rekenings uit te stuur nie, wat ook onkoste is, en sy geld is seker. Van die ou en nuwe intekenare het die drukkers toe 'n lys gemaak en aan die agent hier gestuur met die som geld wat moet betaal word tot op 31 Des. agter elke intekenaar se naam. Van hierdie lys het die agent vir elke ouderling 'n lys vir sy wyk gemaak met intekeningsgeld agter elke naam. Elke ouderling moet nou die Kerkblad se geld in sy wyk insamel gedurende die jaar en dit met stukkies en brokkies soos hy dit kry aan die agent afgee. Wat dan aan die end van die jaar kort is, ly die Kerkraad skade.

Nou met Nagmaal het die ouderlings verslag gegee van die Kerkblad gelde in elke wyk: daar was intekenare wat nie kan betaal nie weens armoede; daar was wat net gedeeltelik kon betaal; daar was wat onwillig is, wat niks wou betaal nie. Uit die hele verslag het geblyk dat vir genoemde persone die Kerkraad £8 moet bysit. Hierdie som wat moet bygevoeg word het die Kerkraad baie bevredigend beskou. Die waarde van die Kerkblad, die seën wat dit vir die hele gemeente is, is meer as daardie geld wêrd. Die Kerkblad is die middel om lidmate geestelik te bearbei en op te bou, waar hulle deur die prediking nie kan bereik word nie; hy is die orgaan om belangstelling in kerk en skool te wek, om die eenheid van ons ganse kerk te versterk en bewaar; hy is die wapen om ons te verdedig teen alle aanval en bedreiging van ketters en vyande.

Ons arbeiders in die myne en op die spoorweë kan nie elke Sondag in die kerk kom nie, en in die konsulentsgemeentes is maar eenmaal in drie maande kerk—kan die Kerkblad tot vergoeding van hierdie verlies nie baie doen nie? Is dit nie meer as dringend noodsaaklik dat in die konsulentsgemeentes veral in elke huis die Kerkblad om die 14 dae sy verskyning moet maak nie? Sal hy baie wat wil doodgaan nie lewendig maak nie?

Ons boere op die plase kom maandeliks, driemaandeliks, soms eenmaal in die jaar of nog langer in die kerk, omdat perty so ver woon, perty te arm en perty te traag is. Wat kan ons daaraan doen? Is die Kerkblad nie hier die middel om in die behoefte te help nie?

Ons arm en veragterde mense veral dreig om agter te bly—perty is ook al hopeloos agter; hulle dwing om te verval; enkeldes het ook al verval; perty is moedeloos en steur hulle byna nie meer aan kerk of godsdiens nie; perty het onverskillig geword, en ander deur armoede en swaar neergedruk is heeltemal belangeloos; perty is so onkundig aangaande die kerk en sy leer dat hulle die geeste nie meer kan beproef nie.

van die bestaan en lewe van die kerk weet hulle haas niks nie. In hierdie gevalle doen die ouderling wel sy bes, so nou en dan as die predikant huisbesoek doen word die koletjies lewendig geblaas om dalkies weer te veras—en die lewetjie word al kleiner. Maar as die Kerkblad elke 14 dae daardie huise besoek, sal dit nie anders word nie? Daardie moedverlore mense—hulle het tydelik agteruit gegaan, hulle het kerkelik lindelam geword. Eers het hulle nog bietjie moed gehad en gespartel; maar daardie ou moedjie het gedaan geraak en nou sink hulle gedwee af, af, af. As een van hulle die Kerkblad van 7 Julie in die hande gekry het en die uitnemend geskrywe brief van T. H. daarin gelees het, dan het die man seker opnuut weer moedgevat. Maar dis bitter jammer dat die Kerkblad nie elke huis besoek nie en veral daardie huise oorslaan waar hy die nodigste is. Brood gee ons wel vir daardie mense, dis barmhartigheid; vir hulle siel gee ons nie, dis niks nie.

Waarom moet net die lidmate wat dit kan bekostig die Kerkblad kry en die armes wat dit nie kan betaal dit nie lees nie—hulle het dit tog werklik meer nodig? Is dit reg dat ons die man se liggaam kleed en voed en sy siel bloot en hongerig laat? Is dit reg nou dat hy vir die kerk nie meer kan bydra nie, om hom te laat verval, om die kerklike lewe in hom te laat uitdroë? Daar is baie van hulle wie se vader of grootvader 'n geldelike steunpilaar en geestelike vader was vir die gemeente.

Waarom moet die man wat onwillig is om in te teken en betaal die Kerkblad nie verniet gegee word nie? Moet sy onwilligheid ons afskrik of verhinder? (Jak. 5:19, 20). Ons moet hom mos tot ander gedagtes bring, met sy onwilligheid en al is hy mos net so 'n voorwerp van redding as die ander. Het die onwillige omdat hy onwillig is, die Kerkblad dan nie darem nodig, sal dit hom nie ook goed doen nie?

Daar is nog die man se vrou ook. Die susters wat gewoonlik nie soveel en in baie gevalle glad geen koerante lees nie, hulle sien altyd met verlange uit na die koms van die Kerkblad. Sal dit so 'n suster nie help met haar steeks man nie? Hy is steeks omdat hy sy eie belang nie raak sien en ook nie die van sy huisgesin nie; maar die kerkraad weet wel van beter.

Daar is ook nog die kinders van daardie man. Die ouderlings het verklaar dat dit opmerklik is hoe graag die jongmense en kinders die Kerkblad lees. Wat is die Kerkblad vir ons opkomende geslag nou nie wèrd nie! Daardie taferele uit die kerkgeskiedenis van Ds. T. H. is so mooi, so leersaam, veral vir ons kinders en jongmense so nuttig; naas die Bybelgeskiedenis staan vir ons die kerkgeskiedenis. As ons meer kerkgeskiedenis ken dan sal ons ook beter kerkmense wees. Dit maak mens se hart seer as jy dink dat maar net 'n klein klompie van ons kerk se jongmense en kinders daardie en ander so interessante stukke lees. Ek sê 'n klein klompie omdat ek met die Kerkbladverslag op die laaste Algem. Vergadering van die K.P. gehoor het, dit is rêrig maar net 'n klein klompie wat die voorreg het.

Die Kerkraad hier is vandag oortuig dat hy die regte koers ingeslaan het. Dit kos wel £8 in die jaar; maar ons verwag dat die Kerkblad in die gemeente dit sal vergoed. Alle goeie dinge is selfbetalend.

Die saak werk so maklik dat as dit eers gereël is, dit nie meer moeilikheid gee nie. Die onkoste daaraan verbonde is ook so gering, dat dit waarlik geen beswaar behoef te wees nie. Die Kerkraad van Delportshoop het dit eerste aangepak en dit gaan goed, en Delportshoop is tog seker een van ons armste gemeentetjies in die K.P.

Al wat ons nodig het is net: 'n druppeltjie wil in 'n teelepeltjie moeite. Dis genoeg. Dis al!

As op hierdie stelsel gewerk word dan moet die getal intekenare in die K.P. 1,850 wees en van ons hele kerk 8,000. Die Kerkblad met so 'n getal intekenare! Sal dit nie die moeite wêrd wees nie?

Die Kerkraad en gemeente is baie dank verskuldig aan oud. J. J. Viljoen, ons agent; ons is gelukkig dat ons so 'n bekwaam agent het, wat alles so goed reël en soveel opoffer.—J.H.K.

---

KOUTSA.—Hierdie plek lê op die pad wat deur Gansiesland na die meer Ngami loop. Dit is vandaar na die meer omtrent 80 of 90 myl 'n afstand wat in daardie wêreld van uitgestrektheid en distansies nie tel nie. Van Koutsa Junie 24, 1925, skrywe ouderling T. N. Kotze:

Met die gesondheid nog wel. Ons het hierdie jaar goed reen gehad. Die sprinkane het gekom, maar nie baie skade gedoen nie; hulle het ook spoedig self doodgegaan. Die Oekoewangorivier is hede vreeslik vol (hierdie rivier kom uit Portugeeswes, Angola, en het vroeër in die meer Ngami geloop; later het hy van loop, deur toespoeling, verander en sy water in die Sambesie gestort. Dis hierdie rivier wat Prof. Schwarz wil hê dat hy weer moet in die Ngami gekeer word).

Verder skryf ouderling Kotze: Ek was vir 12 dae gelede daar, maar dis 'n see van water. Die water het in die ou droë meer (die meer Ngami) ingestoot tot oor die helfte (toe ek enige jare gelede daar was het hulle in die meer se blad putte van 20 voet gegrawe vir water). Dit is slegs die reën water; nou kom die water van die rivier en is reeds al kort by die meer. 'n Heelparty kaffers en lande en tuine is al reeds weg. Mau ('n groot kafferstad aan die meer) is al omsingel met water. Ek het die massa van water met 'n diep gevoel in gedagte aangesien. O, die werke van so 'n magtige God is groot!

Verder ek het vanhier weer 'n kollekte vir die Bybelvertaling weggestuur. (Onse broeders en susters in die verstrooiing is glad nie dood vir kerk en volk nie. Ons moet hulle help).

Verder b.v. ek het gemeen om met die r...

van 'n leraar te wag tot die trein nader kom; maar dit sal te lank duur. Die geestelike werk van die kant van die kerk is nou al weer te hoog nodig, ons kan geen uitstel meer gebruik nie. Skryf my spoedig na beraad met u kerkraad of u gewillig is om ons, asublief, weer te kom bedien. Ek hoop dit sal met die bediening alhier nou beter gaan as voorheen: Ons is nou meer eensgesind (Geref. en Ned. Geref.). Met die vriende in Gobabis (in Duitswes waar mens van die motor afklim om vervoer te word na Gansies) is ons nou ook beter bekend. Hier was en sal ook binnekort meer van hulle wees; ek hoop alles sal nou beter gaan. Ag, hoe groot sal ons blydskap, ja, die blydskap van almal wees om u weer hier te sien. Doop en aanneme is weersyds (altwee die kerke) noodsakelik.

Uit hierdie brief is dit duidelik dat ons ons mense in die verstrooiing nie mag vergeet of laat los nie. Dit is wel vandag baie moeilik vir die kerk om te help waar elke predikant sy hande meer as vol het. Maar, hoe sal ons maak? Waar ons tekort skiet sal die Koning van die kerk uit genade help.—J. H. K.

## VEESVIERING IN GEREF. GEMEENTE, FORDSBURG, JOHANNESBURG.

By geleentheid van die 35-jarige ambsbediening en 70ste jaardag van Ds. M. Postma, M.A.—

Die 14de Julie was 'n ware feesdag vir die Geref. gemeente te Fordsburg, Johannesburg, en vir die kinders en kleinkinders van Ds. M. Postma, M.A. Op die dag is herdenk die 35-jarige ampsdiening en die 70ste jaardag van die jubelaris. Die volgende dag was ook die 67ste jaardag van Mevr. M. Postma, sodat terselfdertyd ook die dag gevier is.

In die môre om 10 uur is in beslote kring 'n familiediens in die pastorie te Fordsburg gehou. By die geleentheid is aan altwee ouers namens die kinders en kleinkinders geskenke aangebied, deur die kleinkinders Martinus Coetsee van Mnr. J. J. A. Coetsee, Martinus Postma van Mevr. R. S. Postma, Eunice Venter en Mnr. P. Venter.

Die oudste seun van die jubilaris, Ds. D. Postma B.A., het die diens gelei en gespreek na die singe van Ps. 68:10 oor Ps. 16:9, ,,daarom is mijn hart verblijd en mijn eer verheugt zich". Op treffende en boeiende wyse het hy in verband met die lewe van altwee ouers aangetoon,

a) die *lewe onder Gods beskerming*, onder die drievoudige beeld van 'n *erfenis*, 'n *beker*, en 'n *waarborg*. So was die lewe van die ouers, en so het hulle hul kinders opgevoed en hierby word ook gedink aan die opvoeding van wyle Ds. C. J. A. Vorster en wyle Mevr. M. Postma; God, Sy Woord, Sy Dag, Sy diens is altyd voorgehou as die hoogste goed, die heerlikste besitting. Nie alleen is Hy die Beskikker van ons lot nie, maar ook die Skenker van wat ons nodig het; die deel van onse beker. Van dit alles is Hy die waarborg, want, sê David, ,,Gij onderhoudt ons Lot";

b) *die ruime mate van Gods seëninge*. ,,De snoeren", sê David, ,,zijn mij in liefelijke plaatsen gevallen". Dit is die taal, wat ons vandag mag gebruik met diepe erkentelikheid tot God. Hy het ons ouers rykelik en oorvloedig geseën, en hulle is ook die eerste om dit te getuig, as hulle terugsien op die weg, waarlangs God hulle gelei het; deur vele dieptes is die weg gegaan maar ook is hulle deur Gods hand op vele hoogtes gelei. Vir die seëninge is ons vandag saam met ons ouers dankbaar;

c) *'n navolging van Gods Raad*. David laat aan sy jubeltoon voorafgaan: ,,Ik zal den Heere loven, die mij Raad heeft gegeven, zelfs bij nacht onderwijzen mij mijne nieren. Ik stel den Heere geduriglijk voor mij; omdat Hij aan mijne rechterhand is, zal ik niet wankelen." So was ook die taal van die apostel Petrus bij die Pinksterrede om aan te toon hoe Christus die wil van Sy Vader gevolg en daardeur die groot versoeningswerk tot stand gebring het." Dit is



Ds. M. POSTMA, M.A.

die geheim van die lewe van ons ouers, hulle gehoorsaamheid en volgsaamheid met opsig tot die Raad en Wil van God. Hierom kan daar blydskap en vreugde wees sowel by die ouers as by die kinders.

Hierna het Ds. L. P. Vorster op gepaste wyse die ouers toegespreek en daaraan herinner watter offers deur hulle gebring is gedurende hulle lewe; en tog is hulle ryk, nie ryk aan wereldse goedere nie, maar ryk in hulle geestelike en gemoedslewe. Dit is 'n voorbeeld wat kinders en kleinkinders altyd voor oë moet hou. Die twee ou mense is lewende voorbeelde van die rykdom van Gods genade.

Na die slotgebed deur Ds. L. P. Vorster is die ouers staande toegesing Ps. 134:3. Ds. Postma het daarna met 'n paar woorde die dank van hulle as ouers uitgespreek vir die genade wat God hulle betoon het, vir die eensgesindheid onder die familie-betrekkinge en die liefde met eerbied wat hulle deel is van die kant van die kinders en kleinkinders.

In die namiddag is in 'n skoolgebou, naby die pastorie, 'n resepsie georganiseer deur die susters van die gemeente Fordsburg met behulp van die susters van die twee ander gemeentes Melville en Jeppe om aan die vele belangstellen-

de die geleentheid te gee om die jubilarisse geluk te wens. Vir verversinge is daar ruimskoots gesorg. Om 2.30 n.m. was reeds 'n groot skare aanwesig en dit was 'n oomblik van aandoenlike stilte toe Ds. en Mevr. Postma die patform bestyg en hulle plaatse ingeneem het.

Ouderling P. G. L. Buys het namens die Kerkraad die leiding van die resepsie geneem. Na 'n kort woord van welkom aan die aanwesiges het hy uit naam van die susters Prof. Dr. F. Postma versoek om die woord te voer. Professor Postma het daarna herinner hoe by 'n paar vorige geleenthede smartelike gebeurtenisse aan die pastorie en in die famielie groot skares saamgekom het om hulle deelneming te betoon in die uur van beproewing en lyding. Toe is deur die ouers en deur die kinders ondervind die waarheid van die spreekwoord: ,,Gedeelde smart is halwe smart:" Vandag word deur Gods genade ook ondervind die waarheid van die keersyde: ,,Gedeelde vreuge is dubbel vreugde". Vir ouers en kinders is die groot belangstelling van alle kante 'n oorsaak van groot vreugde. Hiervoor dan die allerhartelikste dank. Verder wys hy korteliks op die lewe, wat deur die ouers gelei is; met een woord: dit was 'n *lewe van diens*, wat ryke vrugte gegee het. Mag hulle lewe ons almal, en in sonderheid ons kinders en kleinkinders altyd tot 'n voorbeeld wees. So 'n lewe van diens word vandag gewaardeer, nie alleen deur die wat vandag aanwesig is nie, maar deur vele byna uit al die dele van die Unie. Tot stawing hiervan word deur Prof. Postma byna 80 telegramme van gelukwensing voorgelees.

Namens die Kerkraad en gemeente van Pretoria, by hierdie geleentheid verteenwoordig deur Ds. D. Rumpff en Ouderl. A. K. Bot, is toe die woord geneem deur Ds. Rumpff. ,,Veel" sê hy, ,,is hy verskuldig aan wyle Ds. P. Postma en Ds. M. Postma; hulle het op waardige wyse die werk voortgesit, wat hier in Afrika begint is deur wyle Prof. Dirk Postma; aan die Postma famielie is die Geref. Kerk veel verskuldig. Die wapenspreuk van die koninklike huis van Engeland is: *ich dien* (Ek dien); as Ds. M. Postma 'n wapen sou geskink word, is daar geen geskikter spreuk as die genoemde. Hy is altyd aanwesig en gereed om te dien, nie om gedien te word nie. Een saak betreur hy dat Ds. M. Postma met sy talente nie meer tyd aan die studie kan gee nie, en nie werksaam gebly het as Professor aan die Teol. Skool nie; maar die wil van God was kennelik anders en die talente is op 'n ander wyse op voorbeeldige manier in die diens van die kerk gegee. Die Geref. Kerk is hiervoor dankbaar en ook die gemeente van Pretoria wil op hierdie gedenkwaardige dag sy gelukwensinge voeg by die van sovele ander.

Ouderl. H. B. Coetsee het enkele mededelings gedoen en aangetoon hoe die ou dominee by sy arbeid en werk geen tyd ken nie en homself nie spaar nie, sodat ons ouderlinge dit partykeer maar baie moeilik gehad het en nog ,,kry".

Ouderl. P. G. L. B. Buys wil namens die susters 'n woord van hulde en dank toebring aan Mevr. Postma. Al te dikwels word by sulke geleenthede vergeet wat deur die vrou in stilheid gedoen word; sy is die een wat die man versorg en agter die huishouding kyk en so die man in staat stel om sy werk te kan verrig. Johannesburg is veeleisend en voortdurend word Ds. Postma uitgeroep: dan hier, dan daar. Mevr. Postma dra met geduld die veelvuldige afwesigheid van die dominee; ons is haar daarvoor dankbaar, en daar is 'n behoefte om haar hier vandag die dank toe te bring. Insonderheid is die gemeente verblyd dat na die ernstige krankheid Mevr. Postma weer deur Gods genade sover hersteld is. Mag sy nog lang gespaar bly.

Ds. L. P. Vorster wil ook hierdie geleentheid nie laat verbygaan om hulde toe te bring aan Vader Postma nie. In aansluiting by wat Ds. Rumpff gesê het, is hy van gevoele dat Ds. Postma indertyd die roeping van die Geref. Kerk moes opgevolg het om aan die Teol. Skool te dien as Professor in die Teologie. Vader Postma het egter onder die leiding van God anders besluit, en ons moet daarin berus. Sy invloed is verbasend sterk; niemand kom met die man in aanraking of hy ontvang iets ten goede; sy teenwoordigheid wek edel motiewe op." Vir my is hy die lewende verkondiging van die Evangelie; Sy gesig en sy loop is die egte Evangelie." Ryk in die gewone sin en die woord is Vader Postma nie, maar hy het betere rykdom: 'n geestelike rykdom. Dit is die rykdom, waarna ons almal moet streef.

Mnr. J. van Brugge, lidmaat van die Neder. Geref. Kerk en een van die ou voortrekkers op die gebied van Krist. Nasionale Onderwys in die Transvaal is dankbaar vir die kans, wat hom gegee word om hier 'n paar woorde te spreek. In die grote Johannesburg dwing Ds. Postma almal tot eer en respek deur sy optrede as mens, as Kristen, as Evangeliedienaar. Sy sterkte is in God en sy lewenswandel is 'n bevestiging van die krag wat daar is in die Kalvinistiese beginsels. Dit is die platform, waarop die ou dominee staan. Hy kan hom verstaan omdat hy van ganser harte die beginsels toegedaan is. Die kinderlike geloof en onderworpenheid is die geheim van die edelmoedigheid en die vergenoegdheid wat sy hele lewe deurstraal. ,,De godzaligheid is 'n groot gewin met vergenoeging".

Ds. Postma het hierna al die aanwesiges bedank vir die grote blyke van liefde en waarderinge vir die geringe, wat hy en Mevr. Postma mog doen. Enkele mededelinge word deur hom gedoen o.a. hoe hy as kind, 'n jong Hollandertjie, deur Afrikaanse seuns geleer is om kalwers te ry en een dag tamelik hard met die grond moes kennis maak, waar hy dadelik al knielende 'n skietgebed laat hoor het; van sy ervaringe op die veelvuldige reise van wyle sy vader; hoe wyle Prof. Cachet, wat altyd vir die ete op die reis moes sorg, soms moes les opsê vir die ou Prof.

Postma omdat die ete nie goed voorberei was nie; van sy arbeid in Johannesburg, hoe van sy kerkraadslede partykeer stokkies gedraai het om nie Katkesasie te hou of kerkraadsvergadering by te woon nie.

Op baie gesellige manier is die middag deurgebring en teen sononder is almal huistoe met die doel om die aand weer saam te kom in die kerkgebou te Fordsburg.

By hierdie geleentheid het Ds. Postma die kansel beklim om sy gedagtenisrede uit te spreek. Die ruime kerkgebou was goed gevul; uit al die dele van Johannesburg het die vrinde toegestroom.

Plegtige stilte het daar geheers toe die gryse dienskneg die kansel beklim, en die ganse skare het diep onder die indruk gekom toe hy die gemeente versoek om staande Ps. 103:1 te sing.

Gelees is Ps. 71, waarna gesing is Ps. 71:12, 13.

Na die gebed het die leraar sy gemeente geboei deur sy leerryke en heldere rede oor Ps. 71:17, 18: ,,O God, Gy hebt my geleerd van myne jeugd aan, en tot nog toe verkondig ik uwe wonderen. Daarom ook, terwyl de ouderdom en grysheid daar is, verlaat my niet O, God! totdat ek *desen* geslachte verkondige Uwen arm, allen nakomelinge Uwe macht."

Die eerste gedeelte van die rede was 'n uiteensetting van die tekswoorde onder die volgende vier hoofde:

(1) *,,Een heerlike voorrecht";* ,,O God Gij hebt mij geleerd van mijne jeugd aan". Met ootmoedige dankbaarheid word daar melding gemaak van sy opvoeding deur sy vrome ouers; later die voorreg gehad om degelike kristelike onderwys te ontvang van wyle Prof. Cachet, Ds. Swart en in Somerset Oos aan die Gill College van die strenge Skotse Kalvinis, wyle Dr. Brebner. Op latere leeftyd is hy in die teologiese studies ingelei en onderwys deur Vader Postma, 'n ervare leermeester met 'n ernstige, godvrugtige gemoed.

(2) *,,Eene dierbare levenstaak betracht".* ,,En tot nog toe verkondig ik Uwe wonderen." Op roerende wyse word die arbeid in sy eerste gemeente Middelburg, K.P., in herinnering gebring. Die spreker spreek onder kennelike ontroering hierdie woorde uit: ,,Indien ek U vergeet, O Middelburg, so vergete mijne rechterhand zichzelve." Dan volg die werk as Evangelie-dienaar te Johannesburg met Krugersdorp en Germiston, daarna Pretoria, Nylstroom en weer Johannesburg.

(III) *Eene ootmoedige smeekbede.* ,,Daarom ook terwyl de ouderdom en de grysheid daar is, verlaat my niet, O God!" Hierdie gebed is in die afgelope jare by toenemende ouderdom en krankheid dikwels geslaak; heerlik is tot dusver die verhoring; twee keer was die einde, as dit ware, in gesig, en O, wonder van genade bowe die verwagting van homself en geneeshere is hy weer opgerig en op wonderbaarlike wyse weer gesterk om sy werk te verrig. Ook die toekoms word tegemoet gegaan met die bede, waarin ook deelneem sowel Kerkraad as gemeente: ,,Ontvang geliefde broeders en susters my innige dank".

(IV) *,,Een lieflijk voornemen".* ,,Totdat ik dezen geslachte verkondig Uwen arm, allen nakomelinge Uwe macht". Geen begeerte is daar om die dae van ouderdom en grysheid in niksdoen deur te bring nie; die wens van sy hart is om ook nog die opkomende geslag te verkondig die mag en krag van God, dat ook hulle mag staande bly deur dieselfde mag teenoor die verleidinge wat meer en meer toeneem.

Voordat tot die twede gedeelte van die rede oorgegaan is, het die gemeente eers gesing Ps. 66:10. In die twede gedeelte word 'n skets gegee van die ontstaan en uitbreiding van die Geref. Gemeente te Johannesburg. In die eerste dae by die ontdekking van die goud was alhier werksaam wyle Ds. P. Postma, destyds predikant van Pretoria. Die gedagte van die leraar en Kerkraad van Pretoria was dat die enkele broeders in Johannesburg net 'n korte tyd sou bly; klein was die getal, net 22 lidmate. Een ouderling en een diaken is gekies, wat om die drie maande per koets na Pretoria gereis het om daar die Kerkraadsvergadering by te woon. In die tyd van 'n paar jaar is die getal lidmate aangegroei tot 300. Saam met Krugersdorp is toe beroep, en die roeping het tot hom gekom, waaraan, hy oortuig was dat hy gevolg moes gee. Uit die een gemeente is in die loop van jare afgestig Germiston, later Melville, en onlangs Jeppe, nou bekend onder die naam Johannesburg-Noord en Johannesburg-Oos. Die 22 lidmate het vermeerder tot ver oor die 2000. Nog altyd gevoel hy hom verbind aan al die gemeentes, en sonder om in die diens van ander broeders-lerare te wil tree is hy gewillig om te help waar hy kan, want dierbare bande bind hom aan die broeders en susters.

Hoewel die feesredenaar nog plan had om in verband met sy 70ste verjaardag as slotgedeelte enkele besonderhede te gee van sy lewensloop en die van sy gesin het tyd ontbreek.

Onder die singe van Ps. 116:7 het hy van die preekstoel afgekom.

Ouderling P. G. L. Buys gee toe die geleentheid aan Ds. D. Postma om die ou vader namens die famielie toe te spreek. Met klankvolle stem en sigbare ontroering het die oudste seun in herinnering gebring die seën deur die sterwende vader Jakob uitgespreek oor sy kinders, met aanhaling veral van Gen. 49 vers 26. Die roep is opgevang deur Jesaja in die kostelike woorde ,,hef uwe oogen rondom op, en zie, die allen zijn vergaderd; zij komen tot U uwe zonen

---

(i) Die gedagtenisrede sal binnekort volledig in druk verskyn, daarom word hier net die hoofpunte korteliks aangestip. Aankondiging hiervan sal later in die Kerkblad geskied.

zullen van verre komen, uwe dochters zullen aan uwe zijde gevoedsterd worden" (Jes. 60:4). Op hartelike wyse is toe Kerkraad en gemeente bedank vir wat gedaan is.

Ds. L. P. Vorster spreek namens die kerkrade en gemeentes van Krugersdorp, die Moot en Lichtenburg. Die voorbeeld deur die dienskneg gegee is die van nederigheid, sagmoedigheid en ootmoedigheid. Sy arbeid word nog in die gemeentes, vroeër onder sy bearbeiding, gewaardeer. Ou vader Fanie Potgieter in die Moot getuig nog altyd van die lig, wat hy ontvang het deur die bearbeiding van Vader Postma. Gelyk aan 'n twede Petrus, wat in die diens oud en swak word; 'n kers wat uitbrand om ander lig te verskaf.

Hierop lees Ouderl. P. G. L. Buys namens die kerkraad en gemeente van Johannesburg (Fordsburg) die ou leraar 'n hartelike en kragtige adres voor waarna diaken H. v.d. Walt hom 'n geskenk in die vorm van 'n beurs oorhandig. Weëns vermoeienis kon Mevr. Postma die verrigtinge in die aand nie bywoon nie. Sy is egter nie vergeet nie. Ouderl. Buys maak melding van haar arbeid en vaardig Ouderl. H. B. Coetsee met diak. H. v.d. Walt af na die pastorie om Mev. Postma namens die kerkraad en gemeente toe te spreek, en tewens 'n blyk van waardering te gee. Staande sing die gemeente Ds. Postma Ps. 134:3 toe. Uit naam van die Kerkraad en gemeente van Johannesburg-Noord (Melville) word deur Ouderl. J. de Vries op kalme en ernstige toon 'n gevoelvolle adres voorgelees:

Hierna tree Ds. F. Spoelstra op namens die Kerkraad en gemeente van Johannesburg-Oos. Hy gevoel hom klein teenoor die ou leraar; nog maar so pas deur hom bevestig; hy die jongste predikant van die jongste gemeente tog 'n groot voorreg om by hierdie geleentheid die opregte gelukwense en heilwense van sy gemeente uit te spreek.

Ds. H. Pasch is die mondstuk van kerkraad en gemeente van Pietersburg: ,,Vader in Christus, dit is moeilik om te sê wat my gemeente gevoel het, toe dit kennis neem van die uitnodiging. Daar het u gearbei en met groot liefde en agting word nog steeds aan u arbeid gedink. Ontvang die hartelike en broedergroete en heilwense van die broeders en susters. Ek wens u verder 'n persoonlike woord toe te voeg. U lewe is die lewe van 'n wedergeborene in Christus Jesus. Alleen so kan ons verstaan hoe u die smartelike lydingsweg kon bewandel; nooit het u geopenbaar nog in brief nog in woord hoe diep, hoe intens u lyde was—maar ons weet, tot Wie u die toevlug geneem het. Wees dus versterk, broeder in Christus Jesus, God sal u bede verhoor: Hy sal u in u ouderdom en grysheid nie verlaat nie.

Ds. J. V. Coetsee tree op namens die kerkraad en gemeente van Frankfort, O.V.S. en bring die heilwense van die ,,geestelike maagskap" aldaar oor. Nie veel kon die geagte leraar daar arbei nie, maar in 'n tyd van nood was hy die eerste Gereformeerde leraar wat daar opgetree het. Die voorarbeid is verrig deur wyle Ds. S. J. du Toit. Na sy dood was daar 'n ernstige Krisis; dit was veral deur die bemoeienis van Ds. Postma dat die broeders en susters toe deur die Geref. Kerk opgeneem is. Waar ander deur oorerving bekend raak met die Geref. waarhede, is die kennis daar verkry deur harde stryd. Des te meer word dus gewaardeer die arbeid aldaar deur Ds. Postma verrig. Onse bede is dat die Here hom mag spaar tot die leeftyd van die ,,seer sterke" om so nog 'n tiental van jare werksaam te kan bly in die diens van sy Sender.

Dr. P. J. S. de Klerk spreek uit naam van die kerkraad en gemeente van Germiston, bring in herinnering wat hyself aan die voete van Vader Postma in Potchefstroom mog leer aan die begin van sy studie loopbaan, maak melding van die eerste arbeid te Germiston, hoe sy werk aldaar geseën is, sodat voortgebou kan word. By die uitbreiding en vermeerdering van die werksaamhede is hy bly dat hy saam met die broeder—leraar van Johannesburg-Oos (Jeppe) op die Rand kan arbei onder die voorligting van die twee oudste leraars van die Geref. Kerk, Vader Postma en Ds. L. P. Vorster. Mag hy die voorreg nog lang geniet.

Ouderl. J. Henning, afgevaardig deur die Kerkraad en gemeente van Burgersdorp, K.P., ag dit 'n voorreg om hier te wees en die heilwense oor te bring. Die gemeente van Burgersdorp beskou Vader Postma as sy seun; daar was hy as kind en as jongeling; daar het hy gearbei as Professor; nog altyd word daaraan gedink. Die gemeente van Burgersdorp het met Vader Postma gely in die dae van sy beproewing, maar die gemeente verheug hom nou saam met hom op hierdie gedenkwaardige dag. Mog die Here sy weg verder voorspoedig maak.

Diaken G. v.d. Walt, afgevaardig deur die kerkraad en gemeente van Krugersdorp, spreek nog 'n enkele woord in aansluiting by wat die leraar van die gemeente gesê is.

Aan Ouderl. Klopper van die Verenigde Kerk te Fordsburg word nog die geleentheid gegee om mee te deel hoeseer die arbeid en optrede van Ds. Postma in alle kringe gewaardeer word. Sy lewe en arbeid is soos 'n lig wat in ons midde brand.

Ds. M. Postma beklim nou weer die preekstoel en na 'n hartelike woord van dank aan die broeders leraars, en kerkraadslede en ander gemeentes, aan die van Fordsburg, aan al die brs. en susters, aan sy kinders en kleinkinders versoek hy Ds. L. P. Vorster om die verrigtinge met 'n dankgebed af te sluit.

Op die spesiale versoek van die leraar word 'n insameling van gifte gehou vir die arme.

Staande word ten slotte gesing Ps. 72:11. waarna hy die seenbede uitspreek. Diep onder die indruk, maar met 'n loflied in die hart is die skare uiteen.—F. Postma.

## SENDINGVERSLAG VAN DR. P. J. S. DE KLERK EN DR. R. HOGEWIND VAN ONS SENDING TE UNIONDALE, VAN 18—21 JUNIE, 1925.

### I.

Op versoek van die Sendingskommissie van Pretoria het ondergetekendes ons sendingveld te Uniondale besoek om daar Woord en Sakramente te bedien. Op Mara het twee van die lede van die sendingsgemeente ons afgehaal Woensdagmiddag, 17 Junie, 1925. Vandaar was die reis met kar en osse die hoogtes uit naar Uniondale. Heel hartlik was die ontvangs aldaar, en die verblyf aldaar die paar dae was veraangenaam deur die liefderike sorg van Mevr. Bos. Donderdagmore kon ons kennis maak met die gemeentelede en met die voorganger Jesaja, wat deur sy nederigheid en diepe godsvrug 'n verrassende indruk gemaak het. Elke more gaan Jesaja voor in die moregodsdiens in die kerk. Ook Donderdagmore



Uniondale, waar Ds. BOS gewoon het

het ons hom laat voorgaan om onsself te oortuie van sy gawe om die diens te lei. Sy teks was Luk. 15:3—10, oor die verlore skaap en verlore penning. Heel indrukwekkend het hy die liefde van Jesus tot verlore sondaars voorgestel, sodat aandagtig die hele gemeente geluister het. Dan is die goeie gewoonte ingevoer om na die diens aan al die lede van die gemeente te vra wat hulle onthou het. Hieruit kan mens die kennis en begripsvermoë van die lede tamelik goed leer ken. Na die diens het Jesaja die Moruti (leraar) versoek om ook hulle toe te spreek. Hulle was verbly dat hulle geen wese gelaat is nie, maar dat ons die plantjie wat hul „vader" geplant het, wil aankweek Jesaja is dan ook besig, sê hy, om die vuurtjie van die nuwe lewe daar aan te blaas en lewendig te hou, tot daar weer 'n leraar kom. Hy is vas daarvan oortuig dat die Here die werke van Sy hand nooit laat vaar nie, die Here sal dus op Sy tyd weer voorsiening maak. Na die morediens het ons nog dieselfde more 'n onderhoud gehad met Jesaja en die Kaptein oor die onderwys. Die behoefte aan 'n onderwyser word algemeen gevoel. Die Kaptein beloof aan sy kant om sy volk daartoe aan te spoor as ons daar 'n skool oprig. Sy eie kinders sal hy aanstuur. Die vraag is net waar kry ons 'n onderwyser. Op navraag blyk dit dat dit vir ons onmoontlik is om nog 'n naburige sendingstasie te bereik om daar te verneem naar 'n onderwyser. Jesaja meen dat ons sy seun daarvoor kan kry, hy woon op die oomblik op die Rand, maar hy sal skrywe. Ook die aand het ons 'n diens gehou.

So ook Vrydagmore en Vrydagaand. Vrydag na die morediens is ons saam met Jesaja naar die plaas van Br. Jan Venter. Die Broeder sou Kaptein Lesheba daarheen ontbied, dan kan ons met hom praat om kerktoe te kom en om self hom in die Evangelie te laat onderwys.

Aan hierdie Kaptein en sy volk het wyle Ds. Bos veel gearbei, maar blykbaar met geen besondere resultaat. Die bande van die duisternis hou hulle nog so vas. Ongelukkig kon die Kapt. nie self verskyn nie, maar het sy hoofinduna gestuur. Die induna was 'n verharde heiden. Op ons vraag waarom hulle nie kerk-toe kom was sy antwoord; ons kruip maar liewers weg. Op ons vraag wat hulle dan eendag sal doen as Christus tot die oordeel kom was sy antwoord kortaf: Ons sal dan wel sien. Deur niks kan hierdie verharde heiden bewoë word, en helaas sonder resultaat moes ons vertrek. Hier kan ons onsself daarvan oortuie wat 'n harde werk Ds. Bos moes verrig het. En tog hy het volgehou. Selfs van kerklike weë het hy nie altyd die nodige steun gekry nie. Dit alles moes hom soms neergedruk het, maar hy het volgehou. Dit kos immers moed en volharding om 'n heidendom wat so gekluister lê in die bande van die duisternis, terug te bring tot die lig van die Evangelie. Dieselfde Vrydagaand het Ouderl. Sileas met 'n paar lede aangekom van Molietsiekop. Hy sê dis te ver en trekgoed is skaars, daarom kon daar nie meer lede van sy wyk opkom nie. Saterdagmore na die morediens het ons 'n kerkraadsvergadering gehou saam met Ouderl. Jesaja en Sileas. Die eerste punt van bespreking op die Vergadering was die plek waar ons volgende Nagmaalsviering sal wees. Oud. Sileas wil hê dat dit op Molietsiekop sal wees, maar die moeilikheid is daar is geen tuisgaanplek vir die Moruti, en bowedien is die kerkie daar ingestort. Daarom is besluit na breedvoerige bespreking dat die volgende Nagmaalsviering in Okt. a.s. ook nog te Uniondale sal wees. Verder is Jesaja afgevaardig naar Molietsiekop om met Ouderl. Sileas die toestand van die gemeente aldaar te ondersoek, en om een Sondag daar diens te hou.

Ook is aan die twee ouderlinge opgedra om van die gemeente aldaar te verneem of hulle nie wil verhuis naar Uniondale nie, sodat ons één stasie op Uniondale kan oprig. Sileas meen dat dit nie sal gebeur nie, want die volk sal nie hier naar die berge wil trek nie. Ook sal die twee ouderlinge die saak van die onderwys voor die gemeente te Molietsiekop lê, om te verneem of hulle kinders nie miskien kan opgestuur word naar

die op te rigte skool op Uniondale. Volgende Kerkraadsvergadering sal rapport gedoen word. Ingeval die gemeente van Molietsiekop nie wil verhuis nie, dan sal die Sendingkommissie van Pretoria daartoe moet oorgaan om weer 'n kerkie aldaar te bou. Die gedagte is dan dat ons te Uniondale 'n sendingsstasie moet oprig, met Molietsiekop as buitepos. Vanuit Molietsiekop is daar ook nog kans vir uitbreiding, veral onder die volk van Rapiri. Hierdie Kaptein het reeds al by wyle Ds. Bos aanvraag gedoen vir 'n onderwyser onder sy volk.

Hierna doen die twee ouderlinge verslag van hul wyke. Oud. Sileas rapporteer dat alles in orde is by hom, hy het huisbesoek by sy lede



Ouderling Jesaja en Kaptein Masesebe.

gedoen. Ook Sondae hou hy godsdiensoefening met hulle. Hy verlang dat daar tog 'n Moruti weer sal kom want hyself wil o, so graag nog dieper onderwys word uit die waarhede van Gods Woord.

Ook te Uniondale, so rapporteer Oud. Jesaja, het niemand oor die tou getrap. Oud. Hosea van Molietsiekop is afwesig sonder kennisgewing, ook hom sal die afgevaardigde kommissie gaan sien. Hierna is op die Kerkraad behandel die aansoeke vir doop en belydenis. Samuel bied hom aan vir die doop, en sy vrou vir belydenis van geloof. Hulle verskyn voor die kerkraad en word ondersoek. Hulle is altwee nog onderwys deur wyle Ds. Bos. Hoewel die kennis nog nie diep is nie kan die Kerkraad op die hoofpunte van ons leer darem bevrediging kry. Ook doen hulle twee aansoek om hul huwelik wat reeds bevestig is voor die Kommissaris, kerklik te laat inseën. Saterdagaand met die voorbereidingsdiens is Samuel gedoop en het sy vrou belydenis afgelê, en na die diens is hul huwelik ingeseën.

Saterdagmiddag na die kerkraadsvergadering het ons saam met die twee ouderlinge 'n besoek gebring aan die Kafferstad van die gedoopte Kaptein Masesebe. Die Kaptein het ons heel vriendelik ontvang, sy vrou was 'n weinig opstandig en het haar teruggetrek in haar hut. Op ons vraag of sy ook nie soos haar man uit die duisternis van die heidendom wil uitkom en onderwys word om later gedoop te word, was haar antwoord: Nee, ek gevoel my tuis in die duisternis.

Vandaar is ons toe naar die stad, waar Jesaja onse tolk die kaffers toegespreek het. Hier hou Jesaja sommige Sondae ook diens, terwyl Mev. Bos ook aanwesig is. Die Kaptein het ons verder aangemoedig om sy invloed te gebruik om sy volk by die kerk te kry. Aan die godsvrug van die Kaptein twyfel ons nie, hy meen dit ernstig. Geen diens was hy afwesig nie. Ook het ons 'n samespraak met hom gehad om te verneem of hy al sy afgode vaarwel gesê het. Dit doen hom seer, sê hy, dat ons nog twyfel aan die waaragtigheid van sy bekering. Sy afgode, die bul en beeldjies, het hy aan sy broer gegee. Hierop het Jesaja hom ernstig berispe of hy dan sy broer met die afgode naar die hel wil stuur. Ons besoek was nie vrugteloos nie. Nadat ons Sondagmore eers 'n diens in die woning van Mevr. Bos vir die blanke bewoners daar in die omtrek gehou het, is ons naar die sendingkerk. Daar vind ons tot ons verheuging dat die Kaptein se vrou met heelwat van die wilde volk daar aanwesig was. Ook van die ander stad van Moskape was daar 'n klompie. Die neiging was sterk die more om meer te evangeliseer as om voor te berei vir die Nagmaal. Stil en aandagtig het almal geluister naar die klanke van vrede van die Evangelie van Christus. In die middagdiens was almal weer aanwesig, toe is ook twee kinders van die gemeente gedoop, een van die Kaptein.

Sondagaand het ons nog 'n gemeentelike samekoms gehad, 'n samespreking met die gemeente, waar hulle die geleentheid gehad het om self vrae te stel.

Die Kaptein en 'n paar lede het van die geleentheid gebruik gemaak om vrae te stel. Die behoefte word veral gevoel aan 'n onderwyser, hierin moet so gou moontlik voorsiening gemaak word. Ook het ons met die voorsinger Jojakim 'n samespreking gehad. Jesaja se kragte gee in, hy is oud en kannie meer so ver die buitestede besoek nie. Dit blyk dat Jojakim deur wyle Ds. Bos reeds onderwys is om eendag as opvolger van Jesaja te kan dien. Hiertoe het ons hom voorlopig as helper van Jesaja aangestel, om ook dienste te hou in die buite-lokasies. Jesaja sal toesig hou en hom help in die maak van sy preke. Ook sal 'n paar boeke aan hom gestuur word, want hy kan ook Hollands lees.

Also maak die Here weer voorsiening waar die onmisbare kragte van Jesaja afgaan. Maandagmore het die gemeente ons 'n afskeidslied gesing voor ons op reis gegaan het.—P. J. S. de Klerk, R. Hogewind, Sek.

* * * *

## GEVOLGTREKKINGE UIT ONS BESOEK AAN DIE SENDINGVELD.

Die eerste punt waarop ons hier die aandag wil vestig is die vrug van ons Geref. metode van sending. Daar word vandag beweer dat sending die Kaffers brutaal en lui maak. Wie 'n besoek aan ons sendingveld bring sal hom van die teendeel hiervan oortuie. Hy sal wel geen grote getal „bekeerlinge" kry nie, maar hulle wat hy as gedoopte en belydende lede sal aantref sal hom oortuig van die hartveranderende werking van die Evangelie. Wyle Ds. Bos het nie uitgesien naar 'n massale bekering nie, hy wou geen grote gemeente maar 'n deeglike gemeente om ons te toon wat die Evangelie van 'n nuwe barbaar maak as dit op die regte metode gebring word en aansluit aan die sedes en gewoontes van die barbaar. Wat 'n diepe godvrugtige indruk kry mens nie van die gryse oue Jesaja! O hoe bejammer hy sy volk dat hulle hulle so verhard om in die duisternis te bly! Hoe weet hy met sy gemeente in nederige onderdanigheid hulle op hul plek te hou. Ja hier tref mens 'n christelike beskawing aan wat nie van buite aangeplak is soos dit veelal met die Engelse sending gebeur, maar hier is 'n beskawing wat in die loop van jare van binne uit sy werking begin het, sodat die sedes en gewoontes van die naturel langsamerhand heeltemal vervang is deur die van die Christendom. Die bekering van die stokbewaarder wys ons op hierdie onoorwinlike krag van die Evangelie.

Die twede punt van ons opmerkings is dat ons so 'n werk nooit kan prys gee nie. Hier is 'n fondament gelê, hier is 'n boompie geplant in die Soutpansberge wat sy takke kan uitbrei oor heel die Soutpansberge. Hoevele honderdduisende kaffers is hier nie wat nog in die duisternis sit! Daarom moet ons hierdie fondament handhaaf. Mag ons kerk vir die erns van hierdie heilige roeping meer bewus word. Deurdat hierdie saak ons nie na aan die hart genoeg gelê het nie, is die gemeente van Middelbult byna heeltemal verloop, waar daar ongeveer 75 lidmate gewees het. En selfs Molietsiekop is in 'n staat van verval. Die lede wanhoop al party daaraan of daar ooit weer 'n Moruti (leraar) sal kom om hulle te bearbei. Ons gevoele is dus dat daar te Uniondale 'n sendingstasie moet kom. Kan Molietsiekop nie daarheen verplaas word nie, dan sal dit as 'n buitepos van die stasie te Uniondale beskou word. Wel besit ons geen grond te Uniondale, maar Mevr. Bos sal altyd daartoe bereid wees om vir hierdie doel ons tegemoet te kom.

Tog, en dis ons laaste punt, meen ons dat ons sendingsaksie nie te Uniondale moet gekonsentreer word nie. Hier is wel kaffers genoeg om 'n vrugbare arbeidsterrein te hê, maar 'n grote toekoms vir ons sending is hier nie. Ons moet ons sending sentraliseer. Daartoe moet ons meer naar die ooste of noord-ooste van Louis Trichardt 'n nuwe terrein soek. Die sendingsdeputate is reeds besig in oorleg met die sendingskommissie van Pretoria om naar so 'n terrein uit te sien. Ons moet sien om grond te kry in die Soutpansberge. Miskien kan ons van die Regering hier op goedkope terme grond kry, die Minister van Lande sal ons hierin wel behulpsaam wees. As dit nie kan dan sal ons deur rentelose lenings so gou moontlik 'n plaas moet koop. Reeds is die Deputate hiermee in onderhandeling. As ons bv. 'n duisend morge het, dan sal binne twee jaar hierdie grond sy winste oplewer. Alle kaffers daarop is immers verplig om minstens drie maande per jaar vir die eienaar van 'n plaas te werk. Vanuit hierdie nuwe sentrum kan ons dan uitwerk tussen die omliggende kafferstede en daar buiteposte oprig. Die Sinodale Sendingdeputate sal dus spoedig moet uitgaan om 'n terrein te soek waar ons vaste eiendom kan kry. Met blydskap verneem ons dat oor 2½ jaar onse eerste sendingsleraar met die graad van B.A. en volle 4 jarige teologiese opleiding sal klaar wees. En meer sal hom volg. Daar is dus hoop vir die toekoms. Die veld moet dus toeberei word solang sodat straks die arbeiders daarin kan uitgestoot word. Intussen sal die Deputate moet uitsien naar 'n helper om die bestaande poste te bedien en om ook solang die nuwe terrein te verken.

Hiermee meen ondergetekendes aan hul opdrag voldaan te hê.

P. J. S. DE KLERK,
R. HOGEWIND, Sek.

---

## BESKRYWINGSPUNTE VIR DIE KLASSIKALE VERG. TE PRETORIA VAN DIE GEMEENTE JOHANNESBURG-NOORD.

(1) Die klassis omskrywe die werksaamhede van die smalle kerkraad of ouderlinge-vergadering en die van die breë kerkraad of ouderlinge en diakene.

(2) Die klassikale verg. beveel aan by die vergaderinge om voorsiening in die D.K.O. aan te bring, wat aan indiwiduele kerkrade magtiging vir die besit, aankoop, verkoop of transport van eiendomme verleen.

T. T. SPOELSTRA, Praeses.
J. VAN TONDER, Skriba.

---

KERKRAAD, GERMISTON.—Bekendmaking.—Broeders afgevaardigdes na die klassikale vergadering te Pretoria, op Dinsdag, 11 Aug., a.s., om 8 uur in die aand word vriendelik versoek om na die kerkgebou te gaan, Kerkstraat Wes, waar

hul hulle gasthere sal ontmoet. Op las, Ds. D. Rumpff, 174, Troyestraat, Pretoria, 24/7/25.

BESKRYWINGSPUNT KLASSIKALE VERG. PRETORIA:

Die klassis oorweeg die wenslikheid om dadelik daar toe oor te gaan om 'n kerklike weekblad vir ons klassis op te rig.

## KORRESPONDENSIE.

Van **Alpha,** Natal, 'n brief teen Ds. Kruger oor SyEerw. se disputasie met die Wederdopers. Die skrywer, net soos die Wederdopers, verstaan Ds. Kruger nie.

Van oudl. **P. J. Louw,** Hoopstad, 'n brief teen Eerw. Cook. Die van Ds. du Toit sal die skrywer tevrede stel.

Van **A. den Heyer** 'n brief gerig aan die Redaksie getietel "Opvoering van Saul," toneelstuk. Ons verstaan die brief nie. Is miskien 'n vergete stuk nie ingesluit nie?

Br. J. Lugtenburg is ontevrede dat ons sy brief oor die ampsklere nie geplaas het nie. Die brief egter het nie iets nuuts bo die antwoord van die Redakteur op die vraag van 'n broeder bevat nie. Dit spyt ons dat deur 'n drukfout in die korte opsomming in 'n vorige "Kerkblad" daar gestaan het '**n "wit** burgerpak." Br. Lugtenburg het geskrywe 'n **"net** burgerpak."—Red.

### EERW. COOK EN AFSKAFFING.

Waarde Redaksie,—Ek is baie bly dat u die brief van Eerw. Cook nie geweer het uit "Die Kerkblad" nie, al kon u nie die hele epistel opneem nie.

'n Lange diskussie oor die saak wens ek nie; vir algemene informasie moet ek darem 'n paar kort antwoorde gee op my geagte teëstander se vrae:

(1) Dat die "grote en bekwame Amerikaanse nasie" vir 5½ jaar die prohibiesie-toets volgehou het, sê baie min. Ons sal sien hoe lyk dit in Amerika oor nog 5½ jaar! Dit lyk al nou reeds nie te mooi nie. Die syfers vir alkoholisme, arrestasies vir dronkenskap en misdaad in algemeen styg jaarliks. Die koste vir handhawing van die Volstead-wet beloop vanjaar al 30,000,000 dollars, of ongeveer 'n ruime £6,000,000. Ons sal sien waar die syfer oor 5½ jaar staan, as hy nog voorkom op die begroting dan!

(2) As Eerw. Cook beweer dat die presidentsverkiesing gegaan het meer bepaald oor handhawing van die prohibiesie-wet; dat dit dus 'n stryd was tussen "nat" en "droë" stemme, en nié tussen Demokrate, Republikeine en Progressiewe nie, dan sê hy meer as hy kan bewys; en praat hy teen die feite in. Die stryd is gevoer langs partylyne in die eerste plek, en die drank-kwessie was sydelings daarin betrek. Coolidge, of enige president, is eenvoudig geroep om die landswette te handhaaf.

(3) Dat die Kongres in Amerika droër word in die praktyk van die lewe is 'n ope kwessie. Hoe dit sy, as die afskaffers in Suid-Afrika net so **aktief is, en net** soveel geld het as hulle geesverwante in Amerika, en veral as hulle die I.O.G.T. kan versterk, dan sal ons spoedig in die Suid-Afrikaanse Parlement ook 'n meerderheid hê van lede vir afskaffing, hoewel die meerderheid van die volk daarteen is. Ons weet welke geheime (?) pressie hulle uitoefen, en hoe aktief hulle kan wees **agter die skerms.**

(4) Dat so baie kerke en kerkmanne saamgaan met prohibiesie is vir my geen argument nie. Toe Agab wou optrek teen Sierië was die profete so te sê almal aan sy kant. Miega het alleen gestaan.

Waar het die offisiële "kerk" gestaan toe die Woord Gods vlees geword het? Waar staan die kerk in sy groot range by die wederkoms van Kristus? Wie vorm die meerderheid: Laodisea of Filadelfia?

Vir 'n gelowige is die saak: **wat sê Gods Woord?** nié: wat sê die meerderheid nie. In die koninkryk Gods word geweeg, nie getel nie.

Ek sal dus baie bly wees as die redaksie Eerw. Cook 'n kans wil gee om te bewys dat prohibiesie Bybels is. Ek weet in hoofsaak wat sy argumente is, maar terwille van die "Kerkblad"-lesers sal ek al te bly wees as hy op hierdie spesiale punt die pen wil opneem. 'n Getwis oor die uitwerking van prohibiesie in Amerika gee nie veel nie. Sukses is nie die hoogste maatstaf wat 'n gelowige aanlê nie (o.a. Ps. 73),—die optree van die Anti-kris is aanvanklik ook 'n groot sukses. Laat ons liewer praat oor die beginsels, en die dan toets aan Gods Woord. Daar is ek ten volle voor bereid.

Egter net dit: as Eerw. Cook meen om my of enige verstandige leser oploop te jaag met sy opmerking dat "The Minute Man" feitlik die orgaan is van 'n drankhandelaars-organisasie, dan het hy dit mis. Hy moet verder en beter ondersoek voor hy weer praat. Boëndien is dit nie net "The Interpreter" wat die waarheid praat of kan reproduseer nie. Al sou die "Minute Man" en die "Periscope" altwee deur drankhandel-organisasies—snaaks dat sulke goed nog bestaan in Amerika!—uitgegee word, dan het poliesiesyfers, en koerant-artiekels of uitsprake van professore en andere hooggeplaaste persone, nog nie juis minder waarde omdat hulle in daardie blaaie gereproduseer word nie. Op die oomblik reproduseer "The Licensed Victuallers' Gazette" van Johannesburg, enkele lesings wat op die Pêrelse Kongres gehou is, o.a. ook die van dr. Van Broeckhuizen en Rev. Harrington Johnson. Het daardie lesings minder waarde, en is hulle minder waar, bloot omdat hulle ook in die "Victuallers' Gazette" staan?

Maar dit sal seker die "Kerkblad"-lesers interesseer om te hoor dat prohibiesie skriftuurlik is, en dat onse Sinode gedwaal het met sy besluit:

> "Die Sinode ag dat afskaffing 'n verkeerde metode is om dronkenskap te bestry, daar wyn 'n gawe van God is, wat ons nie mag gemeen ag nie. Die Skrif ken wel persoonlike onthouding, soos dit voorgekom het by die Regabiete, die Nasireërs, en in Rom. 14 en I Kor. 8, **maar ken afskaffing as sodanig nie.**

Ons wag dus belangstellend na Eerw. Cook se pleidooi oor hierdie punt.

Met hoogagting,

C. W. M. DU TOIT.

63, Zastronstraat, Bloemfontein,
15 Julie 1925.

## BOND VAN JONGELIEDE VERENIGINGS OP GEREF. GRONDSLAG.


Aan die Redakteur van "Die Kerkblad."

Weledele Heer,—Tot nog toe kon daar nie 'n ver gadering van die bestuur van die Bond van K.J.V.'s belê word nie, deurdat die afstande tussen die verskillende lede so groot is. Die bewering van so baie belangstellende persone, dat ons organisasiewerk aan die afstande van ons land tenonder sal moet gaan, sou *amper bewaarheid word, as daar nie ander maatreëls* geneem was nie. Die daelikse bestuur het naamlik vergader en dit noodsaaklik bevind om die hef in hande te neem, sodat 'n begin kon gemaak word om lewe in die Bond te kry en daar krag van te laat uitgaan. Een en ander van die besluite van hierdie vergadering sou ek deur middel van u blad graag aan die belangstellendes wil meedeel, om hulle te laat sien, dat die Bond waarlik bedoel om die verenigings, wat aansluit ten nutte te kom en die jong lede van ons kerke op te bou.

I.—Ten eerste is daar 'n plan beraam om die kwaliteit van die stof behandel op die verenigings en die werk daar gelewer, soveel moontlik op 'n hoër peil te bring 'n Paar van ons verenigings is begiftig met 'n boekery en met bestudeerde lede, wat hulle kan gebruik. Ander verenigings wat dit nie besit nie, moet darem kan deel in dié voordele en daarom is verenigings gevra om die mooi lesings, wat op hulle vergaderings voorgedra word, oor te dra aan die sekretaris, wat dan aan alle verenigings 'n lys uitstuur van die lesings, wat hy so in hande gekry het. Almal kan dan na behoefte uitsoek en twee name aan die sekretaris opstuur, waarvan een word uitgestuur. So 'n lesing kan dan gebruik word as handleiding by die opstelling van 'n lesing oor dieselfde onderwerp, wat seker wel die beste plan is, omdat daar dan 'n beter bespreking verseker word; of dit kan, soos dit is, voorgelees word en daarna bespreek word, waarby daarvan egter minder vrug te wagte is. Dit word gehoop dat almal hartlik sal saamwerk om lesings oor te gee aan en te vra van die sekretaris.

Tegelykertyd word van alle verenigings gevra om soveel moontlik te probeer om lesings van vooraanstaande persone oor allerlei onderwerpe, wat vir ons van belang kan wees, in hande te kry. Die bedoeling is dat sulke lesings deur bevoegde verenigings sal omgewerk word tot 'n eenvoudiger vorm om dan onder alle verenigings te sirkuleer, om daardeur die nut van sulke lesings so ver moontlik te verbrei.

II.—Hoewel u steeds bereidwillig is om stukkies oor die K.J.V. in u blad op te neem en ons hierdeur ook baie aan u verplig is, voel ons tog sterk die gemis aan 'n eie blaadjie waardeur ons mekaar kan bereik. Die daelikse bestuur meen egter 'n uitstekende middel teen hierdie gemis aan kontak tussen de verenigings gevind te het, nl. deur 'n sisteem van korrespondensie *aan die gang te sit, volgens onderstaande skema:—*




Die bedoeling is, dat elke vereniging nou sal begin te skryf aan die vereniging op die skema aangedui. Die korrespondensie sal gevoer word oor allerlei sake wat die vereniging en die Bond aanbetref. Die spesiale voordele en moeilikhede van elke vereniging word genoem, informasie en raad gevra, ens. Dié briewe word almal binne twee maande beantwoord en daarin word informasie verskaf oor die beantwoordende vereniging, vrae word beantwoord en gestel, raad gegee en gevra, ens. Die berigte van 'n ander vereniging gekry word in so 'n skrywe verder gedra en, as dit belangrik genoeg is, deur die volgende vereniging weer verder, ens. As daar deur al die sekretarisse hartlik saamgewerk word, dan sal daar binnekort 'n intieme verband tussen al die verenigings kom en dit ly geen twyfel nie, of hulle sal mekaar kan help en bemoedig.

'n Vername punt van korrespondensie sal ook wees, hoe elke vereniging trag om uit te brei en takke te stig en hierdeur kan 'n gesonde wedywer ontstaan. U sien, geagte heer, daar word ernstig geprobeer om die "Dient Elkander"-gedagte, waaroor die professore in hulle advies spreek, ten nutte te maak.

III.—Elke vereniging word verwag om minstens *eenmaal per jaar* 'n Bondsgeselligheidsaand te hou, waarop ook die idee en die vordering van die Bond uiteengesit sal word. Sulke aande moet daar g'n lesings gehou word nie, maar voordragte, sangstukke, ens., moet deel van die programma uitmaak. As elke vereniging hiervoor sy bes doen, sal dit ongetwyfeld baie help om die vergadering en tegelykertyd die Bond te propagandeer en die voordele van die vereniging wyer te verbrei.

Daar is ook nog baie ander planne gemaak om die organisasiewerk verder uit te brei en om meer nuwe verenigings gestig te kry. Op die vergadering is ook die statute van een vereniging, nl. die K.J.V. "Opbou," in Rustenburg-distrik, in behandeling geneem vir aansluiting en op ander plekke is daar hoopvolle uitsigte. Ons vorder langsaam, maar as almal hartlik saamwerk, is daar, onder Gods seën, goeie vooruitsigte. Mag almal, by wie om medewerking sal aangeklop word, bereidwillig gevind word!

*Met hartlike dank vir plaasruimte,*

Hoogagtend,

H. VAN DALSEN,

Sekr. van die Bond van K.J.V.'s op Geref. Grondslag.

So Presidentstraat,
Pretoria.

## VRAE.

Br. S. P. van Vuuren, Elandsfontein, vra:

(1) Wie is "Gods Zonen" in Gen. 6:2.

(2) Wie is die kreature waarvan die Here Jesus sê:— Predik het Evangelie aan alle kreaturen, Markus 16:15

Die eerste vraag sal 'n lang antwoord vereis as ons daar breedvoerig op moet ingaan, want verse 1—4 lewer seker baie moeilikhede op. Die verklaring dat die "Gods Zonen" engele is, hoewel dit byna algemeen deur Duitse godgeleerde volgehou word, moet ons verwerp. In die eerste plek omdat dit dan 'n fabel is, of ons moet aanneem dat God aan die engele menslike liggame gegee het, waardeur alleen 'n huweliks unie maklik was, iets, wat ons tog nie kan aanneem nie.

Ons verenig ons dus met die gevoele van Gereformeerdes soos Kalvyn en ook Dr. Kuyper in sy werk "De Engelen Gods," dat onder "Zonen Gods" ons moet verstaan die gelowige geslag van Set, en onder "dochteren der mensen" die geslag van Kain. Deur hierdie vermenging het 'n geslag ontstaan wat genoem

word reuse. Van sulke reuse lees ons ook in Numeri 13:33.

By die twede vraag teken die broeder aan: "Ek dink dit is alle skepsel wat God geskape het, wat glad van haar is, nie die kaffer met sy kort gedraaide haar nie. Dit is die heiden, hy mag niks weet nie."

Ja, dit is alle skepsel, want dit beteken die woord. Maar ook die "glad hare" was heidene. Ons voorouers in Europa was ook heidene. In die Skrif word onderskeid gemaak tussen gelowiges en heidene. En daar is ongelukkig nou nog miljoene "glad-haar" heidene, ook wat vroeër Kristene was. Die Evangelie moet verkondig word aan "glad-haar" en "gedraaide-haar" heidene.

Die voorwaarde om salig te word lê nie in die hare nie, maar in die geloof. Kyk vers 16.

Laat ons tog nie uitvlugte soek teen die bevel van ons Here nie!

Broeder M. J. Bester, Matsap, wil 'n verklaring hê van I Kor. 11:20—22 en 30—34, veral vers 34.

Die Apostel vermaan die Korintiërs teen die misbruik van die H. Avondmaal. Hulle het in verband met die H. Avondmaal die sogenoemde liefde-maaltye ingevoer, waar almal saam eet, arm en ryk. Maar dit het ontaard, so, dat sommige hulle maaltye van die huis saambring en daar dan eet en drink tot oorversadigings toe. Die een eet en drink te veel en die ander kry niks. Waarom, sê Poulus, eet julle nie by julle huise nie. Voor of na hierdie maaltye, wat van liefde-maaltye verlaag het tot eet- en drinkpartye, het hulle die H. Avondmaal gebruik. En dit, sê Poulus, is in stryd met die instelling en geestelike betekenis van die Avondmaal, wat so ontheilig geword is, en hieraan skrywe Poulus toe 'n besoeking van die Here, dat "velen zijn krank en velen slapen," of is gestorwe. In vers 34 sê Poulus nou, dat as hulle hul honger wil versadig, dan moet hulle tuis eet. Die toestand was dus baie ergerlik, en ons kan goed verstaan dat daar ook geen selfbeproewing was voor die H. Avondmaal nie, waardeur hulle geëet en gedrink het tot hulle veroordeling.

J.P.

# VIR DIE KINDERS.

Hier volg die name van die kinders, wat antwoorde gestuur het op die vorige vrae. Die syfer agter die naam dui aan hoeveel antwoorde elkeen reg gehad het.

J. A. du P.

Maggie Hechter, 14 jaar, Prospect, Barkly-Oost (3½). Annie Venter, Modderfontein, Rustenburg (1). Hester van Rooyen, Wysfontein, P.K. Millvale (1). Pieter Erasmus, Elandskraal, P.K. Mooinooi (3). Maria Jordaan, 16 jaar, Mooifontein, Theunissen (4). Maria du Preez, 13 jaar, Steenbokfontein, Koster (4). Klasina du Preez, Steenbokfontein, Koster (4). Katriena van der Walt, Leeuwfontein, Koster (4). Johanna Smith, Klein Sonderhout, Rayton, Pretoria (2). (Johanna doen aan my vier vrae. Vra die predikant). B. G. Smit, P.K. Strydpan, 15 jaar (3). Katriena de Bruyn, 16 jaar, Klippan, P.K. Deelpan (4). Teunie Pelser, Hamelfontein, Middelburg, Tvl. (3). Wynand du Plessis, Driehoek, Clanwilliam (4). Hester van der Linde, 12 jaar, Vaalbank, Colesberg (4). Lida van der Linde, 10 jaar, Vaalbank, Colesberg (4). Johanna de Klerk, Sarelstad, De Aar (2). Anna de Klerk, Sarelstad, De Aar (2). Sannie Mulder, Oshoek, P.K. Slabberts (2). Hettie Snyman, Roodestraat, Middelburg, K.P. (4). Bettie Viljoen, Ploegfontein, Postmasburg (5). Martie Viljoen, Soetfontein, Postmasburg (3) Hester Schutte, Klippan, P.K. Deelpan (3). J. F. Janeke, Petrus Steyn (4). Adriana Pretorius, 11 jaar, Goedgedacht, P.K. Oranjeville (5). Heiletjie Minnaar, Modderfontein, Kroondal (3). Wynand F. Boshoff, P.K. Warrenton (4). (Ek is bly Wynand dat jy so goed die "Kerkblad" lees.) Huitrecht Schutte, Uitschot, Lichtenburg (2). Dienie van der Schyf, 14 jaar, Sterkstroom-Wes, P.K. Westerdam (3). Pieter van der Linde, Rooipoort (1). Maria Minnaar, Modderfontein, Kroondal (3). Lucia Minnaar, Modderfontein, Kroondal (4). Linus Coetsee, 14 jaar, Dassiespoort, Venterstad (3). Jakobus Venter, Kwaggashoek, P.K. Mabaalstad (4). Johanna Heuseveldt, Kestell Road (3). Annie du Plessis, Bethulie (2). Janetta Venter, Mooivlei, Bloemfontein (3). Maria van der Walt, Bosfontein, Ficksburg (4). Jannie en Klasie Venter, 11 en 9 jaar, Koffiefontein, De Lagersdrift, Middelburg (4). Johanna M. Venter, 12 jaar, Masham Siding (2). Andries Kruger, 16 jaar, Damplaas, Knapdaar (3). Bennie Vorster, Brandewynsfontein, Colesberg (3). Laurika du Plessis, Potchefstroom (3). Johanna de Kock, Klipkuil, Burgersdorp (4).

## DIE BYBEL IV.

Ons het laas gehandel oor die verdeling van die Ou Testament volgens hulle inhoud en in boeke, hoofstukke en verse. Ons moet nou oor die boeke praat.

Ons begin dan met die eerste vyf boeke, genoem die Torah of Wet. Hierdie vyf boeke het ook 'n Griekse naam, naamlik Pentateuch, wat beteken "bestaan uit vyf." Hierdie vyf boeke is in hulle inhoud duidelik onderskeie van die ander boeke.

Die skrywer van die Pentateuch is Moses. Kyk, bevoorbeeld, Esra 3:2, Johs. 1:17. Daar is egter een hoofstuk in Deuteronomium, wat Moses nie geskrywe het nie.

Nou is daar wel mense, wat beweer dat die boeke deur meer mense geskrywe is, en selfs dat Genesis geskrywe is deur minstens twee mense, maar hierop kan ons nou nie ingaan nie, omdat dit ons te lang sal ophou. Die eerste van die vyf boeke is Genesis.

Dit is 'n Griekse woord, en beteken "begin" of "oorsprong," soos die eerste Hebreeuse woord in die boek, "Bereschith." Dit is dus die boek van die "oorspronge," omdat in die eerste hoofstukke die oorsprong van alles geteken is. Ons kan Genesis eers verdeel in twee groot dele: (1) van die skepping tot op Abraham, hoofstukke 1—11; (2) die Aartsvaders. Ons kry natuurlik die sondvloed in die eerste deel, en ons kan met die oog op die Verbondsgeskiedenis ook so verdeel: Adam tot Noag, Noag tot Abraham, Abraham tot Israël (in Egipte).

As ons nou die Bybel, en so ook Genesis, lees, dan moet ons nie net dink aan geskiedenis nie, maar ons moet ons afvra wat bedoel die Here deur die geskiedenis vir Sy openbaring. Die geskiedenis word dan vir ons openbarings-geskiedenis, omdat die Here aan die mens sekere sake wil **openbaar.** So openbaar die Here aan ons in die begin van Genesis die oorsprong van

alles, en insonderheid die oorsprong en bestemming van die mens.

Verder word aan ons geopenbaar hoe die sonde in die wêreld gekom het, dus ook die oorsprong van die sonde in die mens en sy gevolge. In die Paradys kry ons die **Werkverbond** met Adam, wat verbreek is, daarna die belofte van die genade, genoem die Moederbelofte, Gen. 3:65.

Dan volg die geskiedenis van die twee geslagte van Set en Kain. Hulle vermenging en die Sondvloed.

Na die Sondvloed die Verbond met Noag, Gen. 9, genoem die Natuur-verbond, met sy teken die reënboog.

Dan die Torenbou en die verspreiding van die volke. Dit is 'n geskiedenis van baie jare. Dan kry ons 'n keerpunt in die geskiedenis, waardeur God Sy verbond in die Paradys wil verwesenlik. Dit is die roeping van Abraham. Die Verbond met Abraham en sy saad met die belofte dat alle volke in hom sal geseën word, Gen. 12, 15. Weer 'n skeiding, Ismael, die stamvader van die Arabiere, en Isaak.

Ons is nou in die Patriargale (aartsvaderlike) Tydperk. Weer 'n skeiding, Esou en die Edomiete, Jakob. Dan die volk uit Jakob, uit wie die beloofde saad sou gebore word Jakob gee die Verbonds-seën aan Juda, Gen. 49.

Vrae:—(1) Wat het Moses nie geskrywe in Deuteronomium nie?

(2) Wat sê baie geleerdes oor die oorsprong van die mens, wat nie ooreenkom met Genesis nie?

(3) Watter onderskeid sien jy in die gebruik van die naam van die Here in die eerste en twede hoofstukke van Genesis?

(4) Wat beteken die Werkverbond, die Natuurverbond en die Genadeverbond?

(5) Wat lees ons van Abraham in die Nuwe Testament?

Die antwoorde moet hier wees voor 15 Augustus.

J. A. du P.

Potchefstroom.

## PERSOONLIKHEID EN KARAKTER VOLGENS DE HEILIGE SCHRIFT.

(Door Dr. S. O. Los, M.A., v.d.m. te 's Gravenhage). Uitgave van J. H. Kok te Kampen. (Nederland) 1925.

Die werk met die bostaande tietel van ons vroeëre Prof. Los handel oor David en Saul; Hosea en Gomer en oor Daniël en Antiochus Epiphanes.

Om die leser 'n idee te gee, hoe die geagte skrywer sy onderwerpe behandel, gee ons hier die punte, waar hy oor spreek in sy beskrywing van die persoonlikheid van David en Saul.

I.—Het karakter van David.

1. De lagere karaktereigenschappen.

(a) Zijn belangstelling; (b) zijn emoties; (c) de erflikheid, in verband met het milieu en het temperament bij David.

2. De intermediaire karaktereigenschappen.

(a) Het verstandelik inzicht; (b) het zielsbegeren; (c) het sentiment der zangkunst; (d) de arbeid.

3. Davids hogere karaktereigenschappen.

(a) Het waarheidsgevoel; (b) het schoonheidsgevoel; (c) het gevoel voor het goede; (d) het gevoel voor het heilige.

4. Davids persoonlikheid.

(a) Als mens; (b) als koning van Israël.

II.—Het karakter van Saul.

1. De lagere karaktereigenschappen.

(a) De belangstelling; (b) de emoties; (c) het milieu.

2. De intermediaire karaktereigenschappen.

(a) Het verstandelik inzicht; (b) het zielsbegeren; (c) het sentiment der eerzucht; (d) het lijden als bezetene; (e) de zelfmoord.

3. De hogere karaktereigenschappen.

(a) De beginselen van het handelen; (b) het gemis van persoonlikheid

Dit alles oor David en Saul word in 75 bladsydes beskryf, en die orige deel van die boek tel ook 75 paginas, dus kan die leser self uitreken, hoe groot die hele werkie is.

Vir diegene, wat belang in sielkunde stel, sal die boek seker baie interessant wees. Ek het dit vir 'n groot deel deurgelees en met belangstelling van die inhoud kennis geneem. Die skrywer het soos mens kan begryp die geskiedenis van die persone, wat hy behandel, met sorg in die H. Skrit nagegaan, en daar dan sy gevolgtrekkings uitgemaak vir die beskrywing van hul karakters. Dit is, soos ons dit van 'n man as Dr. Los kan begryp, uitstekend gedoen, hoewel ek dit nie met die geleerde skrywer oral eens is nie. Die stuk oor David en Saul is vir my die belangrykste uit die boek. Met die gewone daelikse lees van die Bybel het hierdie persone van altyd af al my aandag getrek. David, die seun van Isaï, is in my opienie 'n waar genie, 'n man van God met unieke gawes toegerus. Dr. Los sê nou onder andere van David, dat hy "bepaald vreesagtig van aanleg was." Na my beskeie mening is dit nie so nie. David het weleens gevrees, dit is waar, en van watter held kan dit nie gesê word nie, maar dit is nie 'n teken van vreesagtige aanleg nie. David was, volgens wat ek van hom in die Bybel lees, juis omgekeerd 'n man van onverskrokke aanleg. Jesus Sirach gee ook 'n beskrywing van David, en hy sê van hom: Hij ging met leeuwen om alsof hij met bokjes speelde, en met beren als met lammeren. Jes. Sir. 47:3.

Sprekende oor die droefheid van David, sê die skrywer, dat David sig dikwels daarby skuldig gemaak het aan oordrywing, en hy haal dan onder andere aan, hoe David geween het oor die dood van Absalom, en toe maar al geroep het: Absalom, my seun! Absalom, my seun! Ek kan nie sien, dat daar enige oordrywing in hierdie ontsettende sielangs van Israëls koning was nie.

David het hierdie seun van hom, soos ons lees, onbeskryflik liefgehad. Hy was aan die ene kant trots op die pragtige jong kêrel met sy mooie hare en sy edele gestalte, en aan die ander kant het die aangename humeur en die innemende maniere van die seun hom bowe mate bekoor. Hierdie seun was seker die mooiste en beminnelikste man in heel Israël. Toe hy koning wou word, het dit vir hom min moeite gekos, om die hele volk spoedig vir hom te win met sy onweerstaanbare vleiery.

Selfs 'n man met die skerpsinnigheid en deursig as Achitofel, die boesemvriend van David, het hy na sy kant weet oor te haal.

Dat 'n man as David en 'n digter soos hy sig besonder aan hierdie seun verbind gevoel het, kan ons verstaan, en ons lees dit trouens ook in die Bybel. Toe die seun nou teen David opstaan, was dit vir hom ontsettend. Hy het daar al oor geween, toe hy deur die opgang van die Olywe vlug. Daar het David dan ook nie so die vrye teugel aan sy droefheid gegee, omdat, soos Dr. Los sê, hy vir burgeroorlog gevrees het,

maar omdat sy vaderhart diep gegrief was. By die dood van Absalom het David dan ook nie geoordryf met sy gekerm, toe hy die trap van die oppersaal opgeklim het, na hy die vreeslike tyding van die seun se dood ontvang het. Wat 'n ontsettende tragedie was dit nie.

Die geliefde seun dood. Dood in 'n opstand teen sy eie pa. Dood, nie as 'n held in die stryd geval, maar toe hy lafhartig gevlug het. Wreed dood gesteek deur Davids eie generaal, die ruwe Joab, wat geen hart in sy bors gehad het nie. Absalom gedood deur die ruwe hand van Joab, aan wie hy nog kort tevore so ernstig gesê had, dat hy tog nie wreed met die jongeling moes werk nie. Die pragtige, die beminde seun dood, en as 'n hond in 'n kuil gesmyt en onder klippe begrawe.

As dit nie die hart van 'n vader verbrysel, en vir hom laat skree van smart, weet ek nie wat dit wel kan doen.

Verder word 'n hele bladsyde aan die vraag gewy, of David ook nuusgierig was, en die vraag word bevestigend beantwoord. Hier twyfel ek ook, of die geagte skrywer reg is. As eerste bewys word aangehaal, dat David in die laër gekom het, waar Goliath God so gelaster het, en dat hy toe allerhande vrae gedoen het.

Ek sien hier meer 'n teken in van Davids belangstelling in die wèl en die wee van sy nasie, as 'n blyk van blote nuusgierigheid.

Verder word daarvoor aangevoer, dat David te Hachila in stilte 'n besoek gebring het aan die kamp van Saul. In my oog was dit slegs 'n verkenningstog, en ook wilde David daardeur aan Saul wys, dat hy dit nie toegelê het op die lewe van die gesalfde van die Here. As derde bewys word dan eindelik genoem die telling van die volk deur David. Maar dit was weer niks anders nie as sondige hoogmoed. David wou gaan spog met sy groot leër, en daarvoor was nodig, dat hy die juiste getal van sy soldate sou weet. Om daardie rede was ook Joab daar nie voor nie.

Die beskrywing van die karakter van David en Saul is darem baie interessant, al is daar nog baie ander plekke, waar mens geneig is 'n vraagteken agter die gevolgtrekking van die geleerde skrywer te plaas.

Veral is dit ook die geval in die boek, waar oor Hosea en Gomer gehandel word. Ek meen tog, dat die karakter van Hosea nie kan beskryf word nie, on grond van die onsekere onderstelling van Hosea's huwelik met Gomer. Volgens die kanttekening en die geleerde Delitzsch is die profeet nie werklik met 'n vrou, wat die naam van Gomer gedra het, gehuud gewees. Waarom nou ook juis die karakter van Antiochus Epiphanes moes behandel word, is nie heel duidelik nie, want die Bybellesers ken hierdie tiran tog nie. Hoe weinige weet iets van die Apokriefe boeke, waar sy geskiedenis in voorkom.

Ek beveel die boek van Dr. Los ewenwel ter lesing aan, veral by ons jong mense. Teenswoordig word daar baie aan sielkunde en sedekunde gedoen, twee vakke wat in nou verband met elkaar staan, en dit is goed, dat ons studerende jeug, ons onderwysers en predikante kennis neem, hoe vakmanne te werk gaan, as hul karakters en persoonlikhede gaan beskryf.

T.H.

C., 28 Julie 1925.

**"DIE GEREFORMEERDE KERK EN KERKREGERING GEHANDHAAF TEEN PROF. DR. J. DU PLESSIS VAN STELLENBOSCH."**

Bostaande is die tietel van die stukke wat in die afgelope maande in "Die Kerkblad" verskyn het van die hand van prof. J. A. du Plessis, B.A., van Potchefstroom. Die stukke is nou deur die Kalvyn Jubileum Boekefonds in boekvorm uitgegee. Ondergetekende sal bestellings ontvang van 10 of meer eksemplare. Enkele eksemplare kan bestel word van die Volksblad-Boekwinkel, Maitlandstraat, Bloemfontein. Die prys is 1/- stuk, per pos 1/2.

Bestellings wat op die Algemene Vergaderings van onse gemeentes gemaak is, is direk gestuur aan die verskillende Kerkrade in die K.P. en O.V.S. Die stukke is bietjie omgewerk en anders gerangskik en beslaan nou 135 bladsye.

C. W. M. DU TOIT.

63, Zastronstraat, Bloemfontein.

**DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGFONDS.**

Reeds erken in "Kerkblad" van 7 Julie 1925, £628 19s. 11d. Verder met dank ontvang van: Gemeente Postmasburg, £23 8s. 6d.; van gemeente Venterstad; £6 8s.; van br. D. J. J. Viljoen, Ficksburg, £1; br. M. J. Viljoen, £1; suster Dora Viljoen, 5/-; wed. D. J. L. Viljoen, 2/6, almal van Ficksburg; eerste bydraag van gemeente Philipstown, £10; br. J. Anderson, Philipstown, £1; gemeente Krokodilrivier, Tvl., £20; gemeente Lichtenburg, £5 8s. 3d.; gemeente Nylstroom, £5; tesame £73 12s. 3d. Groot totaal, £702 12s. 2d.

Dit is baie duidelik, ook uit bostaande verslag, dat in sommige gemeentes **gewerk** word vir hierdie saak. Laat ons probeer om in ál ons gemeentes 'n sukses te maak van hierdie groot werk, deur behoorlik te organiseer en die saak degelik onder die aandag te bring van al ons lede.

C. W. M. DU TOIT.

63 Zastronstraat, Bloemfontein,
31 Julie 1925.

**HUISHOUDSTER BENODIG.**

Applikasies word gevra vir 'n huishoudster om te sorg vir bejaarde vrou en twee mans. Applikant moet van goeie gedrag wees en bereid om dadelik te begin. Inwoning vry. Meld salaris verlang.

Ondergetekende sal bly wees as here leraars hom iemand bevoeg kan aanbeveel.

J. H. COETSEE,
Skrynwerker.

Markplein,
Middelburg, K.P.

**GEBOORTE.**

NIENABER.—Fris en gesond, met 'n gewig van 8 lbs. 5 oz., het ons seun, Johannes, sy loopbaan begin op 16 Julie 1925.

GERT NIENABER.
JOHANNA NIENABER (Venter)

Waterwerke.

**VERLOWING.**

VAN DER MERWE—DU PLESSIS.—Aan familie en vriende word bekend gemaak die verlowing van Lily van der Merwe, dogter van die heer en mevr. Gert Ysel van der Merwe, van Elandskuil, en L. J. du Plessis, seun van Prof. en mevr. J. A. du Plessis van Potchefstroom.

Potchefstroom, 28/7/1925.

**DOODBERIG.**

DE VILLIERS.—Oorlede te Ventersburg op 27 Junie l.l. ons teergeliefde eggenote en moeder,

**Wilhelmina Katerina Francina de Villiers (geb. Venter)**

in die ouderdom van 70 jaar en 1 maand.

Die hoop op salige weersiens lenig ons innig smart.

Diepbedroefde eggenoot, kinders en kleinkinders.

**DOODBERIG.**

REYNECKE.—Dit was die Here van hemel en aarde welbehaaglik om ons teergeliefde dogtertjie,

**Jacoba Johanna,**

van ons weg te neem op die 19de Junie na 'n smartvolle lyding van twee dae.

Ons berus in die wil van die Here.

Die bedroefde ouers,

K. DE VRIES REYNECKE,
A. E. REYNECKE (Coetzee).

Susters A. E. REYNECKE.
M. C. REYNECKE.
A. G. REYNECKE.
H. M. REYNECKE.

Broertjie J. J. REYNECKE.

Nooitverwacht,
Pos Kuruman.

**DOODBERIG.**

MALAN.—Onvergeetlik is ons die dag van 14 Julie 1925 deur die afsterwe van my dierbare eggenote,

**Wilhelmina Susanna Malan (gebore Jordaan).**

Na 'n smartlike lyding van vier maande is sy Dinsdagaand om 11 uur sag en kalm in haar Here en Heiland ontslape. Nadat sy ons almal vermaan het, was haar laaste woorde: Kom Here Jesus, kom.

Die bedroefde eggenoot en seun:

J. C. MALAN,
E. E. MALAN.

Hartebeestfontein, dist. Pretoria,
Julie 1925.

**DOODBERICHT.**

MEYER.—Diep schokkend was de droeve morgen op de 18e Junie voor de gemeente van het plotseling overlijden aan hartverlamming van onze dierbare broeder en ambtsgenoot, ouderling

**Antonius Philippus Meyer,**

ruim 53 jaar. Hij heeft de gemeente lang trouw gediend in de geest der liefde en toewijding. Hij was een broeder in Christus in de volle zin des woords. Hij rust zijn eeuwige Sabbatsrust in zijn Heere en God.

De Almachtige God vertrooste de bedroefde familie met de vertroostingen die er zijn in Christus Jezus door de Heilige Geest.

Namens de Kerkeraad, Matlabas,

W. A. DU P. ERASMUS, Scriba.

**DOODBERIG.**

VERSLUIS.—Oorlede te Longlands op die 23ste Julie, aan bekome brandwonde, ons lief jongste kind,

**Gerrit Buddingh,**

oud 2½ jaar.

"Gods wil geskiede."

J. J. en J. M. VERSLUIS.

**DOODBERIG.**

MALAN.—Op 11 Junie 1925 is van ons weggeneem deur die dood ons dierbare moeder,

**Johanna Catarina Malan (geb. de Lange),**

in die ouderdom van 77 jaar 3 maande en 14 dae. Ons dank die Here dat Hy haar so lang vir ons gespaar het en betuig met Job: "De Heere heeft gegeven, de Heere heeft genomen, de naam des Heeren zij geloofd."

Namens die treurende kinders,

J. C. MALAN.

Hartbeestfontein, Dist. Pretoria,
Julie 1925.

**DOODBERIG.**

BOOYSEN.—Plotseling verhuis na sy ewige woning op 23 Junie 1925, onse dierbare vader,

**Jan Jonathan Booysen,**

in die ouderdom van 48 jaar 6 maande en 26 dae.

"Ons berus in die wil van die Here, wat Hy doen is welgedaan."

Die bedroefde weduwee en kinders:

MARIA E BOOYSEN (geb. Maritz),
LETTIE, KORNEELS, PIETA,
KORRIE EN DANIE.

Kroikoppies 132,
P.K. Brits.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

*Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.*

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.
Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

**DAMES UITRUSTING.**

Mev. E. J. van der Walt, 103 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 562 | 18 AUGUSTUS 1925 | 26ste JAARGANG


### HEMELVAART DER ZIEL.

(Uit Amsterdamsche Kerkbode).

*Mijn ziel kleeft aan het stof; maak mij levend naar Uw Woord.*

*Ik heb U mijne wegen verteld, en Gij hebt mij verhoord; leer mij Uwe inzettingen.*

*Geef mij den weg Uwer bevelen te verstaan, opdat ik Uwe wonderen betrachte.*

*Psalm* 119 : 25—27.

Er is—o, veel minder dan er over gesproken wordt—ook in dit leven een hemelvaart der ziel. Een komen tot de aanschouwing der geestelik-hemelsche dingen.

Trouwens iets daarvan moeten allen kennen, die tot het eeuwige leven ingaan zullen. Want de ziel, die de hemelvreugde kent, wordt straks ook van de aarde en den dood niet gehouden, maar vaart ten hemel op.

In deze verzen uit Psalm 119 is de beschrijving van zulk een opvaart tot het aanschouwen der geestelik-hemelsche dingen.

,,Mijn ziel kleeft aan het stof; maak mij levend naar Uw Woord"—daarin is het bekennen van den afstand tusschen de aarde en den hemel. Die afstand moet eerst gekend worden. Immers slechts hij vaart op, die eerst is nedergedaald tot de benedenste delen der aarde.

,,Ik heb U mijne wegen verteld, en Gij hebt mij verhoord; leer mij Uwe inzettingen"—zoo bereidt de ziel zich voor op de ontmoeting van God, raapt ze zich tezamen.

En in het laatste vers: ,,Geef mij den weg Uwer bevelen te verstaan, opdat ik Uwe wonderen betrachte," is iets van de vreugde van het geestelik aanschouwen.

Het moet uit onze gedachte gebannen worden, dat in de woorden: ,,Mijn ziel kleeft aan het stof" de belijdenis zou liggen van het gehecht zijn aan het goud en alle aardsche bezitting. Een uitspraak in Psalm 44 verklaart hier veel, nl. deze: ,,Onze ziel is in het stof nedergebogen, onze buik kleeft aan de aarde". In het licht van deze uitspraak blijkt de uitdrukking ,,Mijn ziel kleeft aan het stof" te betekenen het neergedrukt zijn in de droefheid, de zielsbenauwdheid in de ellende. En dan blijkens het ,,*kleeft* aan het stof" de zieleonmacht om zich op te heffen.

Hierin is nu niet alleen de beschrijving van de ervaring van dezen dichter, maar daar hij waarlik dichter is, zingt hij hier van de zieleonmacht van al Gods volk in de verdrukking. En dan ook de zieledroefheid en den ondergang in den dood van Hem, die in Zijn dorsten en in het feit, dat men Hem het hoofd in het stof heeft doen bukken, deze profetische uitspraak in dezen Psalm heeft vervuld. Als ons lijden geestelik verlicht wordt, is het altijd lijden in gemeenschap aan al Gods volk en aan den Christus.

Wij moeten ons eerst deze zieleonmacht bewust worden, het onvermogen om op te staan, en God in vreugde te aanschouwen. Wij moeten de bittere ervaring opdoen van de machteloosheid der ziel, van haar krachteloos zijn door de zonde. En vooral wie weet, de hemelsche afkomst der ziel, en dat ze op het aanschouwen der hemelsche dingen aangelegd is, bekent in haar gezonken zijn in het stof den afstand tusschen den hemel en de aarde, gelijk die nu door de zonde is.

En dan hebben we eigenlik geen zieleleven meer, dat dien naam waard is. Immers wie ,,ziel" zegt, die zegt ,,hemel", die zegt ,,eeuwige vreugde". En als het aanschouwen der hemelsche gunst er niet meer is, is er eigenlik geen zieleleven meer. Dan is de ziel dood. En dan weten we eigenlik niet meer, of we nog wel een ziel hebben. ,,'t Is of ik geen ziel meer heb", klagen we dan. Daarom volgt hier ook: ,,Maak mij levend naar Uw Woord". Dat is het bekennen van den dood der ziel.

Wil de Geest des Heeren ons brengen tot het weer aanschouwen van God, dan moet eerst de ziel zich samenrapen, en zich zoo voorbereiden op die ontmoeting. ,,Ik heb U mijn wegen verteld en Gij hebt mij verhoord; leer mij Uwe inzettingen."

Ik heb U mijn wegen verteld, mijn zielewegen. Want mijn ziel is maar niet alleen een *zijn*, maar ze heeft haar *wegen*, en ze gaat haar eigen, verdraaide wegen. En ze is in haar gaan langs haar eigen wegen verantwoordelik.—O, dit is ons vrij-worden, als we zien, dat onze ziel haar eigen wegen heeft, en voor die wegen verantwoordelik is, en als we dan die zondewegen aan God vertellen. Hoe meer wij komen tot onze verantwoordelikheid, des te meer worden we vrij. Hoe meer we onze schuld verstaan, des te meer worden we zelfstandig. Als we niet anders weten te zeggen dan: ,,Ik ben nu eenmaal zoo", en als we dus onze verantwoordelikheid voor onze zielewegen niet kennen, worden we nooit los. Wij moeten onze wegen den Heere vertellen.

Dan antwoordt Hij: ,,En Gij hebt mij verhoord", volgt hier. Zonder dat er bij gezegd wordt, wat God als verhoring geschonken heeft. En dat moeten we er dan niet bij-fantaseren. De eerste verhoring bij de schuldbelijdenis bestaat daarin, dat God ons onze wegen *laat* vertellen, dat Hij onze schuldbekentenis aanvaardt. Ge kunt soms uw zonden niet op haar plaats brengen, niet voor God brengen. Als ge ze daar eerst maar brengen kunt, dan ligt daarin al verhoring. En dan ligt daar al weer in het leven uwer ziel.

Daarom begeren we dan het licht van Gods inzettingen te meer over de wegen onzer ziel. ,,Leer mij Uwe inzettingen." De ontdekking der ellende is zoo tegelijk bevrijdend.

En die is toch voorwaarde voor de hemelvaart. We moeten eerst leven en onze verantwoordelikheid en schuld kennen en die belijden, vóór ons de vleugels worden aangebonden. Al wat men anders over de hemelvaart der ziel mediteert, is een droom.

Maar zoo volgt ook de hemelvaart: ,,Geef mij den weg Uwer bevelen te verstaan, opdat ik Uwe wonderen betrachte."

Den weg, den éénen weg van 't recht, waarlangs alleen 't schepsel tot U kan gaan. Den weg, en 't recht, waarlangs Christus tot u gegaan is, en wij in Hem.

Geef mij te verstaan, dat er maar één weg tot U was, den weg van 't recht, opdat ik zoo Uw wonderen betrachte, de wonderen van Uw wet. De wonderen Uwer gerechtigheid. De harmonie en samenstemming aller dingen in Uw recht. Dat zijn ook de wonderen van het heelal, dat in 't recht is gegrond. Dat zijn ook de wonderen van mijn leven, waarin alles Uw gerechtigheid verheerliken moet.

Zoo zien we de glanzen van den hemel. Want in den hemel is de openbaring dier gerechtigheid, dier harmonie en samenstemming aller dingen tot Gods eer.

Daarom dit te beleven, dat we den eenen weg van Gods bevelen verstaan, en daarin aanschouwen Gods wonderen—dat is losgemaakt worden van het stof, dat is vleugelen ontvangen, dat is hemelvaart.

## GROEI.

*Maar wast op in de genade en kennis van onze Heere en Zaligmaker Jezus Christus.*—2 Petr. 3:18.

,,Was" beteken groei. Die Apostel vermaan die gelowiges in die 17de vers om nie uit te val van hulle vastigheid nie, maar om inteendeel (vs. 18) te *groei* in die genade en kennis van die Here Jesus. Oral in die Skrif word die groei veronderstel as onafskeidelik van die lewe.

In die gelykenisse van die Here Jesus, soos die van die saad, koring en mosterdsaad, van die suurdeeg, is die groei 'n wesenlike bestanddeel van die Koningryk van God. Neem die gelykenis van die saad, gewoonlik genoem van die Saadsaaier. Op een plek *groei* die saad nie, op 'n ander *groei* dit net vir 'n tyd, op die derde word die *groei* belemmer deur die *groei* van onkruid, en op die vierde *groei* dit *uit* en dra vrug.

Groei veronderstel lewe, en waar dit is moet ook die groei openbaar word. As 'n kind gebore is met die lewe, dan weet ons dat die groei nou ook sal volg.

Die Apostel Petrus veronderstel dus lewe by sy lesers. So moet die siel eers lewe voor hy kan groei.

Dit word somer. Ons voel dit aan die lug, en as straks daar geen bloeisels en blare te voorskyn tree nie, dan weet ons die hele plantewereld is dood. Ons verwag die groei-tekens van die lewe. Daarom het ons in die laaste maande skynbaar dooie bome geplant.

Kyk, hoe lyk daardie druiwe-stok! Maar ons weet daar is 'n verborge groeikrag in hom. As

ons nie groei nie, laat ons ons afvra of die *lewe* in ons is.

Waar daar sprake van groei sal wees, moet daar eers lewe wees. Maar ook, waar *lewe* is, moet daar ook *groei* wees. So nie, dan gaan die lewe dood. 'n Organisme moet groei of sterwe. Niks staan stil nie. Lewe of sterwe.

Die bekering is daarom lewe en sterwe. 'n Werking na twee kante toe. Vir alles geld hierdie wet.

'n Besigheid groei of gaan dood. Hy staan nie stil nie.

'n Volk groei of sterwe. 'n Kerk groei of sterwe.

Die Evangelie laat lewe of sterwe, dit is 'n reuk van die dood tot die dood, of 'n reuk van lewe tot die lewe.

Daarom is daar noodwendig 'n ewige dood en 'n ewige lewe. Jesus Kristus is die Lewe. En waar hierdie Lewe is, moet daar ook groei wees in die genade en die kennis van die Here Jesus. Groei ons ook? Elkeen persoonlik? Ondersoek u ook uself, elke dag, of u ook groei? Laat elkeen maar die kentekens van die groei nagaan en homself beproef. Vir die natuurlike groei is nodig die natuurwette. So is daar wette vir die geestelike groei. Lewe in stryd met hierdie wette belemmer die groei. Twee dinge is nodig. Om ingeënt te wees in die Wynstok, Jesus Kristus, en om te gehoorsaam aan Sy lewenswette. Dan moet en sal daar groei wees.

Groei in die geloof en in die liefde tot God en ons naaste.

Ja, waar *lewe* is, moet ook *groei* wees. Ook in die gemeentes. In hulle arbeid. In hulle gawes vir die diens van die Here. As 'n gemeente die volgende jaar minder vrugbaar is in geloof en in werke, is daar dan groei? Ons hoor so dikwels dat daar besuinig moet word. Afkap, liefs vir die Sending en ander geestelike arbeid! Is daar dan groei? En ons gemeentes, almal saam? Die Kerk? Groei ons? Hierdie vraag moet ons besonder aandag vereis. Elkeen vir sy eie geestelike lewe. Die predikant en die ouderling vir die geestelike lewe van die gemeente. Die diaken vir die diens van die barmhartigheid. Swartgallig mag niemand wees nie. Pessimisme is sonde. As ons pessimisties is, laat ons in die binnekamer gaan. Maar in die lewe moet ons gelowig, optimisties wees.

Of ons moet *weet* ons besit nie die groeikrag van die *lewe* nie. Maar as ons die geestelike Lewe het, as ons beginsels in hulle dra die kieme van die lewe, en daar word geen groei geopenbaar nie, dan moet ons met des te meer ywer die kwale opsoek, die hindernisse wegruim, en die genademiddels aanwend.

Laat ons dan ook maar broederlik aan elkeen wat vuilgoed saai in die gemeente, of wat klippe gooi op die ontkiemende saad, laat verstaan dat hy die geestelike wasdom met sondige hand verhinder!

Ons vergeet daarby nie, dat God die wasdom gee. Ja, maar dit mag ons nie laat stil sit nie. Dit moet ons uitdrywe tot die gebed, en die antwoord sal wees: ,,Was op in die genade en die kennis van die Here Jesus!"

J. P.

## DIE HULP VAN ONS PREDIKANTE.

Vir die preke, wat deur ons predikante van tyd tot tyd geskrywe is vir *Die Kerkblad*, is ons besonder dankbaar. Soms egter het ons moeite om 'n preek in tyds te kry. Na ons versoek aan vier predikante vir hierdie uitgawe is ons op die laaste oomblik weer aangewys op twee meditasies, een van onsself en een uit 'n ander blad. In die reël volg ons die volgorde van die predikante-lys in die Almanak, en soms gebeur dit dat as 'n predikant aan die orde is, dat hy deur een of ander verhinder word om dan vir ons 'n preek te stuur. Daarom versoek ons vriendelik die broeders om nie te wag tot ons vra nie. As ons nou 14 dae voor die verskyning van *Die Kerkblad* die verwagte preek het, dan kan ons gerus wees. Die beste is om maar bytyds te begin. Die laaste aan die beurt was Ds. Pasch, en as die broeders nou net die Almanak naslaan, dan sien hulle hul beurt. Dan wil ons ook die broeders predikante vra om ons te help met die vrae vir die kinders. Ons handel nou oor Die Bybel, en die doel is om vir ons kinders 'n soort van Inleiding te gee op Die Bybel. In verband daarmee kom dan een of ander vraag. Op versoek van die Kuratore word vrae vir die kinders gestel. Ons versoek aan predikante en ander persone, wat belas is met onderwys op die Katkisasies, is om die kinders altyd te vra of hulle al die stukkies in die Kinder-rubriek gelees het, om weer bietjie terug te kom daarop met die kinders, en, waar ons nie breedvoerig die antwoorde op die vrae kan gee nie, om hulle met die kinders te bespreek. Dan sal ons bly wees as elke predikant die beantwoording deur die kinders wil organiseer, sodat daar meer algemene belangstelling kom en dat ons nie te veel beswaar

word om al die briewe van die kinders na te gaan nie.

Ons sal bly wees om van predikante wenke te ontvang oor die beste manier om dit te reel. Dan sal ons volgende uitgawe 'n paar voorbeelde gee van beantwoording deur die kinders, waaruit sal blyk hoe noodsaaklik dit is om nader op die vrae in te gaan. Laat ons nie vergeet nie dat daar baie kinders is wat nie gereeld kategeties onderwys ontvang nie en dat deur die vrae sulke kinders tot belangstelling geprikkel word en begin nadink, en dat ook so *Die Kerkblad* in hulle lewe ingeweef word.

Sal ons predikante nie ook die voorbeeld van Postmasburg voor die Kerkrade lê nie? Potchefstroom het die voorbeeld gevolg. Die ouderlings sal moeite doen om *Die Kerkblad* in elke huisgesin te kry. Wat ontbreek aan intekeningsgelde deur armoede of onwilligheid, sal aangevul word uit die kerkkas.

## FLITSE.

(1) Dit is al treurig genoeg as iemand sê: „Ek doen *net* my gewone pligte." Dit hang daarvan af of daar besieling is, of die pligsvervulling ook ander inspireer.

Iemand, wat *net* sy pligte doen, sonder lewe en besieling, moet hom of bekeer of pad gee.

(2) 'n Predikant kan nie goed preek as hy nie eers vir homself gepreek het nie.

(3) Handelinge 18:9, 10, 11. Ons roeping is onder meer om ook oor ons beginsels nie te swyg nie, maar te getuig.

Ons *moet* praat. Die, wat swyg, is nie getrou nie. Ons doel is nie om propaganda te maak vir kerklede nie, maar vir die Gereformeerde beginsels.

Dit is nie alleen die *woord* nie, maar ook die *woord* wat 'n krag was in die wereld. Dink aan Paulus, Luther, Kalvyn.

## KERKGAAN.

Uit het *Geref. Kerkblad voor Dr. en Ov.* knippen we dit stukske:

Spurgeon verhaalt ergens: „Ik heb een van mijn beste gemeenteleden verloren." In vroeger jaren maakte zij zich aan dronkenschap schuldig, maar door Gods genade bekeerd en op den goeden weg ten leven geleid zijnde, werd zij als een nieuw schepsel. Van dien tijd af was ze altijd trouw ter Kerk.

Er was nooit een kerkbeurt, of zij was tegenwoordig. In de eerste 6 maanden miste ik haar eens en toen ik haar de volgende keer vraagde, waar zij geweest was, antwoordde zij: Ik ben er geweest, heb de boeken overal klaar gelegd, maar ik was te ongesteld om te blijven en ben daarom naar huis gegaan." Dat was de eenige keer, dat zij van een godsdienstoefening weg bleef, tot op verleden Zondag, toen ik haar weder miste.

Ik vraagde mijn diakenen, of zij iets van haar hadden gehoord of gezien, waarop er een antwoordde, dat zij zeker dood was, omdat zij niet ter kerk was, en wij gaven hem gelijk dat zij dood of zeer ziek zou zijn, omdat zij niet ter kerk was gekomen.

Iemand van ons ging naar haar huis, om het te onderzoeken. De deur gesloten vindende, brak hij die open, want zij woonde alleen, en vond haar even zooals hij haar verwachtte, dood op haar knieën liggende.

Zij was een vrouw van opmerkelijk karakter. Zij deelde overal waar zij maar kon tractaatjes uit, en had er zeer veel slag van om met het geringste en het slechtste volk om te gaan. Dan vertelde zij, dat zij ook zoo in zonde had geleefd, maar dat de genade Gods haar had veranderd, en dat diezelfde God nog leefde, die dat ook bij hen kon doen.

Een jongeman wilde haar in haar eenzame woning eens verschrikken. Hij verkleedde zich, zooals hij meende, dat de duivel er uit zag, en toen klopte hij aan de deur. Zij deed open: waarop hij binnentrad en schreeuwde: „Ik ben de duivel!" Zonder in het minst voor deze gestalte bevreesd te zijn, zette zij dood bedaard haar bril op, bekeek hem van boven tot beneden en zeide: „Neen, gij zijt de duivel niet, maar wel een van zijn kinderen!"

Beschaamd ging de spotter weg.

„Ik hoop," zei Spurgeon verder, „dat al mijn hoorders zulke getrouwe kerkgangers mogen zijn, dat als ge tweemaal achtereen wegblijft, ik van U zeggen kan: „Zeker is onze vriend of vriendin gestorven, want ik zie hem of haar niet in de kerk!"

G. D.

(Uit *De Wachter*).

## DIE HEL.

X.

Die leer van Christus aangaande die hel het sy Apostels oorgeneem en in die wêreld verkondig.

Enersyds was daar 'n ,,ewige lewe" vir die wat die Woord van God gelowig aanneem, maar andersyds 'n ,,ewige verderf" vir hulle wat volhard in die ongeregtigheid. Die leser kan self aangaande die leer van die Apostels die volgende plekke naslaan: Rom. 2:5—9, 9:22, Gal. 6:8, Fil. 1:28, 3:19, 1 Tess. 1:10, 5:3, 2 Tess. 1:9, Hebr. 10:31, 2 Petr. 3:7.

Ons sal dié tekste nie afsonderlik bespreek nie, maar liewers stilstaan by die slot-akte van die geskiedenis van die hel. In die Openbaring word ons uitvoerig meegedeel wat die einde en voleinding van alle aardse dinge sal wees. In vlammende skrif word vir ons geteken dat die mens nie altyd beter sal word nie, maar dat hy altyd meer sal kom onder invloed van die bose geeste wat uit die hel opstyg. Die wêreldgeskiedenis wat so diep treurig begint het met die oopgaan van die hel, sal rampsalig eindig deurdat die ,,put van die afgrond" 'n besondere bedrywigheid aan die dag sal lê.

Voordat ons dit verder ontwikkel, moet aangestip word dat die hel vóór die wederkoms van Christus die naam dra van *afgrond* (abissus), soos blyk uit Luk. 8:31, Openb. 9:2, 11, 11:17, 17:8, 20:1. 3; of *gevangenis*: 1 Petr. 3:19, Openb. 20:7. Maar ná die wederkoms word die hel genoem *gehenna*: Mat. 18:8, 9, Mark. 9:43 tot 48; of *poel van die vuur*: Openb. 19:20, 20:10, 14, 15, 21:8; of *vurige oond*: Mat. 13:42, 50. Hierdie naamsverandering wys daarop dat die toestand van die duiwels nou 'n voorlopige is en dat dit eers sy ewige beslag kry deur die verskyning van Christus.

In Openbaring 9 word ons dan die donker tafereel geskilder van 'n oopgaande hel, of korrekter: van 'n opwalmende afgrondsput.

Aan 'n ster, dit is Satan, word 'n sleutel gegee om die ,,put van die afgrond" oop te sluit. Daar kom rook uit op wat son en lug verduister. Uit die rook kom sprinkane voort wat die mag van skerpioene het, nl. om te steek. Die sprinkane kry bevel om geen boom of gras te beskadig nie, maar net die mense wat die seël van God op hulle voorhoofde nie het nie. Die beskadiging duur vyf maande lank—dus net so lank as wat die sprinkaanplaag in die Ooste woed. In dié dae soek die mense hulle dood, maar die dood vlug van hulle af weg.

Van gedaante is die sprinkane soos oorlogsperde; op hulle hoofde is krone soos goud en hulle aangesigte is soos dié van mense; hulle hare soos die van vroue en hulle tande soos die van leeus. Hulle het borswapens van yster en die gedruis van hulle vlerke is soos 'n gedruis van waens, terwyl die angels in hulle sterte soos dié van skerpioene steek. Hulle aanvoerder is Abaddon (verderf) of Apollion (verderwer)—waarskynlik dieselfde persoon wat in vers 1 van die hoofstuk genoem is.

Wat dit alles moet beteken?

Seldsaam is die ooreenstemming tussen die verklaarders van Openbaring. By die afgrondsput moet ons dink aan die woonplek van die duiwels of bose geeste. Soos rookwolke styg hulle daaruit op om hul verwoestingswerk te onderneem.

Hierdie vyfde basuin kom dus ooreen met die vyfde seël, en wel hierin dat aan ons die *agtergrond* van die wêreldgebeurtenisse geopenbaar word.

Om nog toepasliker te spreek, haal ons hier die treffende woorde van Rinck aan. Hy sê: Dink aan 'n vreeslike *rewolusie leër* wat tegelykertyd 'n wegslepende betowering versprei, waarop die vrouehare van vs. 8 wys. Wanneer die afgrond oopgemaak word, dan word meteens vir die Vors van die afgrond baie kinders gebore; dan ontstaan 'n afgronds-atmosfeer op aarde, 'n demoniese tyd en wêreldgees—die tot sover verkristelikte wêreld is nou gedemoniseer—; dan groei die verderwers soos onkruid op aarde; onopgemerk en skielik staan 'n groot leër daar soos 'n sprinkaanswerm. Wie dink hier nie aan die Sosiaal-Demokratiese-Internasionale Verenigings wat altyd duideliker van onder aangeblaas word nie?"

Wat Rinck 'n halwe eeu gelede gesien en gesê het, is maar 'n swak beginsel van wat nou aan ons bekend is onder die term Bolsjewisme. En nou weet ons wel dat nie *al* die werk van rewolusiedrywers as ondergronds, as afkomstig uit die afgrondsput kan bestempel word nie; daar is hier ook graankorrels in die kaf, en goudstippels in die kwarts; maar ons moet let op die wese en diepste strekking van die saak. En dan is Rinck en ander Skrifverklaarders seker reg as hulle by die opening van die afgrondsput aan rewolusietoestande dink.

Dit is dan ook vir ons as gelowige die ernstige vraag of ons nie al in die tyd lewe dat die hel naderkom aan die end van sy bedrywigheid op aarde en nou besonder sy rook orals laat uitborrel, omdat hy weet dat ,,sy tyd kort is"!

Die woord Bolsjewisme was vóór 1917 in die wêreld buitekant Rusland so goed as onbekend, terwyl dit vandag orals gehoor word, ook uit die mond van die eenvoudigste man. Maar dié

woord het nie net sy *klank* verbrei nie—die *beginsels* van die Bolsjewisme word orals met sukses verkondig. Nog nooit het seker 'n dwaalleer so gou vir hom 'n pad deur die wêreld gebaan as die Bolsjewisme nie. Dis dan ook duidelik dat daaragter 'n dryfkrag sit wat die natuurlike verstand van die mens nie ken nie, maar wat Gods Woord ons openbaar as die drywing van die afgrondsput.

Laat ons die toestand van die volke bietjie nader bekyk.

Oor die rug van Rusland en oor die brug van die Bolsjewisme is Asië besig om Europa in te trek. Die Heidendom gord hom aan teen die Kristendom.

Op twee punte dreig nou die gevaar. Die een punt is die Balkanstaate waar die Bolsjewiste pragtige aansluitingspunte vind. Die Sowjet regering stuur dan ook maandeliks ongeveer £200,000 om propaganda in die Balkan te maak vir die kommunistiese beginsels.

'n Ander punt van gevaar is in Duitsland. In November 1923 het die Kommunistiese Party daar 'n swaar neerlaag gely, soos dit gelyk het; maar inderdaad het hulle net hulle party gesuiwer. In Mei 1924 kon hulle alweer vier miljoen stemme uitbring, en dit is seker dat die Kommuniste in Duitsland, deur die leiding wat uit Moskou uitgaan, altyd geweldiger sal word.

In Holland steek die rewolusie gedurig sy kop op en nou weer was dit by die algemene verkiesing 'n swaar stryd om die magte van ongeloof in bedwang te hou.

Engeland verkeer ook gedurig in 'n toestand van beroering. Nog pas het ons gelees van dreigende stakings, en 'n bekende staatsman het verklaar dat in die volgende nege maande moet blyk of Engeland voortaan geregeer sal word deur 'n Kabinet en 'n Parlement, of deur 'n onstuimige mensemassa.

Werp ons 'n blik op Asië dan tref ons allereers die beroeringe in China. Daar bestry groot volksgroepe nog mekaar, maar een ding blyk duidelik uit al die verwarring, soos die Londense *Times* opmerk, naamlik dat China klaargemaak word vir die Bolsjewistiese agitator. Hoe sal die Kristelike wêreld nie moet sidder as daardie 400 miljoen Chinese eenmaal georganiseer is nie!

Ook op ander punte ontwaak die Asiaat en die Bolsjewisme dring deur in Indië, Japan en Midde Asië.

Selfs word in Afrika die barbaar opgestook en dit skyn of hy ook klaar is om die Bolsjewistiese gedagte te vat en te verwesenlik.

En wat is Bolsjewisme anders as vernietiging, verbreking, ontwrigting van alle verhoudinge, van alle bande, van alle sement wat die mensdom nog aanmekaar hou. Bolsjewisme is die rewolusie in sy laaste konsekwensie. Bolsjewisme is 'n kwelling en vermoording van die mens, en 'n verwerping en opsetlike lastering van God, wat regstreeks van die Satan en die afgrondsput uitgaan.

Jammer dat so baie gelowige ongevoelig is vir die ontsaglike tekens van die tyd waar ons in lewe! Gedurig moet dan ook gewaarsku word, sodat ons nie in slaap val nie. Gedurig moet die wekstem van Gods Woord weerklink, want dis al wat ons kan wakker hou in die jammernag wat oor die wêreld sal aanbreek.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

As iemand verre rezen doet,
Dan kan hy wat verhalen,
Daarom nam ik myn stok en hoed,
En ging terstond aan 't dwalen.

Met hierdie rympie het ons meester op skool gewoonlik begin, as hy ons aardrykskunde onderwys het. Ons gaan dan op die landkaart op reis en van elke dorp en stad, waar ons kom, vertel hy ons dan, wat daar merkwaardigs van te vermelde is.

As mens lang en ook kort reise maak, kan jy dinge sien en hoor, wat jou nou verbly en dan weer diep bedroef. Thomas à Kempis sê in sy Navolging van Christus, dat hy maar die liefste tuis bly, want sy ondervinding was meestal, dat, wanneer hy uit gewees was, hy dinge gehoor het, wat sy siel besoedel, en dat hy dan ook eenmaal baie keer self woorde gespreek het, waaroor hy hom later skaam. Nou die dag was ek na 'n plek, waar sulke lelike goed gebeur het, dat ek dit nie eens kan oorvertel nie. Ek het wel van baie sonde gehoor, en van growwe oortredings ook, maar ek het nie gedink nie, dat daar onder ons mense is, wat al so diep in die modderpoel van ongeregtigheid versink was, as ek daar moes verneem. Dit het my werkelik geskok. By my tuiskoms vertel 'n vriend my, wat ook juis vir 'n paar dae op reis gewees was, dat hy iewers op 'n dorp 'n nag in die hotel moes oorbly, en dat daar toe juis 'n hele paar voetbalwedstryde in daardie dorp gespeel was, en die spelers daarvan, jongkêrels dus, wat van andere dorpe gekom het, in dieselfde hotel tuis was. Dit was wel in die der-

tig, en tot sy spyt moes hy sê, dat die meeste van hul daar onder die invloed van sterke drank was. Die nag om een uur het hy wakker geword, omdat in 'n aangrensende kamer een van die jongelinge siek was van sy drinkery. Wat moet 'n ouer nie skrik nie, as hy van sulke dinge hoor, en self seuns het, wat party ook na 'n ander dorp gaan, om te speel.

Og, die ellendige drank tog!

En dan is daar, wat daar amper 'n vermaak in skep, as hul 'n bewys in hande kan kry, om aan te toon, dat die prohibisie, die algemene afskaffing van die drank, in Amerika lang nie 'n sukses is nie. Daar is, wat nou eenmaal die kant teen die prohibisie gekies het, en nou sien hul graag, tenminste die indruk kry 'n mens, dat die groot beweging van die magtige Verenigde State teen die sterke drank op niks uitloop nie. 'n Jonge man, Dr. K., wat alhier gevestig is, het verlede jaar uit Amerika gekom, en ek het hom gevra, hoe dit daar lyk met die prohibisie, en die antwoord was, dat die baie ryke wel drank kan kry, maar die gewone burger en die werkman nie. Hy self het, soos die gewoonte onder die Amerikaanse studente is, in die vakansies op 'n fabriek gaan werk, en daar het hy onder die groot aantal werksmense nooit een onder die invloed van die drank gesien nie. Hy het voetbalwedstryde besoek, waar wel 'n veertig, vyftig duisend mense was, en daar sien jy nie dronk mense nie. Dit kom ooreen met wat advokaat Swart, die lid van die Volksraad in die Huis verklaar het. Hy meen ook, dat die prohibisie goed werk en daarom het hy voor plaaslike keuse gestem.

Dit spreek wel van self, dat 'n wet soos daar nou in Amerika is, nie dadelik die drankeuwel sal laat ophou nie. 'n Kwaad wat vir eeue die kans gehad het, om hom in 'n volk vas te wortel, sal nie met 'n paar jaar kan uitgeroei word nie. Dit neem miskien wel 50 of nog meer jare. Ons as witmense hier in Suid Afrika is nie gewend nie aan die gebruik van opium nes die Sjinese, en so heers die kwaad van opium rook gelukkig nie onder ons nie, maar probeer daardie verderfelike gewoonte in Sjina uit te roei. Dit sal seker 'n eeu neem, so nie langer nie.

Ek dink, dat ons met die teenstand teen die prohibisie versigtig moet wees, anders kan ons so lig die skyn op ons laai, asof ons die drinkers water op hul meul gee. Mens kom met die bestryding van die prohibisie in so 'n ongewoon geselskap, en van jou woorde word so makkelik misbruik gemaak, gelyk dan ook gedurig geskied. As mens 'n predikasie teen onmatigheid en dronkenskap hou, sal jou rede nooit deur die drankhandelaars in hul krant afgedruk word nie, en nie versprei word nie. Omgekeerd word 'n predikasie teen die afskaffing gretig deur hul gebruik met die doel, om die mense te laat verstaan, dat hul maar kan kom drink, want predikant So en So ag afskaffing verkeerd en in stryd met die Bybel. Of afskaffing wel so antiskriftuurlik is, soos daar wel beweer word, bly ook altyd nog 'n ope vraag. Daar is dan van ons Gereformeerde leraars in Nederland en daaronder doktore in die teologie, wat afskaffers is en selfs leiers in die afskaffingsbeweging, en van hul sal tog beswaarlik kan gesê word, dat hul nie die Bybel ken nie en met hul optrede anti-Bybels is. Die Gereformeerde Kerk vat dit dan ook nie so op nie, want anders sou genoemde predikante onder sensuur moet geplaas word, en by volharding moet afgeset word.

Met betrekking tot die drank, kan mens die woorde van die Heiland in toepassing bring: En indien u rechterhand u ergert, houwt ze af, en werpt ze van u; want het is u nut, dat een uwer leden verga, en niet uw gehele lichaam in de hel geworpen worde. Matth. 5:30

Ek wil nou die drank weer 'n bietjie laat rus. Later sal daar wel weer 'n kans voorkom.

Die draadlose telefoon is darem 'n wonder. Kort gelede was daar 'n ou vriend by my, wat my vertel, dat hy nie lang gelede te Frasersburg 'n predikasie van Ds. Joubert te Kaapstad aangehoor het. Die rede is daar in die stad in die Grote Kerk uitgespreek, en dit was so duidelik, sê hy, dat mens die predikant amper kon hoor asemhaal. Die gelui van die klokkie van die trem, wat die kerk voorbygery het, was ook hoorbaar, asook die geskuif van die voete oor die harde vloer by die uitgaan van die kerk. Die sing van die gemeente was aangrypend, en het vir my verteller heeltemaal onder die indruk gebring.

Soos u weet, is daar onlangs 'n parlementêre verkiesing in Holland gehou, en minister Colyn, 'n Kristus-belyder, het toe op 'n sekere aand 'n toespraak vir al die kiesers van sy party oor die hele land gehou met behulp van die draadlose. Aan die slot van sy rede het hy sy hoorders en partygenote, wat hy natuurlik vir die grootste deel nie kon sien nie, omdat hul op honderde myle oor die hele land versprei was, uitgenodig om te sing Ps. 89:8.

Gy toch, Gy zyt hun roem, de kracht van hunne kracht.

Die Gereformeerde predikant van Zwolle, wat ook met 'n party vriende die rede aangehoor het, vertel daarvan, dat hul toe onder die sing geween het. Die gevoel het hul glad oormeester. Hul was hul bewus, dat hul op die oomblik nie alleen sing nie, maar duisende geesverwante oor die lengte en breedte van die land saam die geloofslied aanhef, en dit vlak voor die groot dag waarop dit beslis sou word, of die kristelike partye of die sosialis die land sou regeer. Soos ons nou weet, het die kristelike partye die stryd gelukkig gewin, en is Colyn deur die Koningin geroep, om as eerste minister op te tree. Colyn is 'n held, 'n man van onbegrensde moed, onwankelbaar geloof, en 'n kristen, wat nie van wyke weet nie.

Toe ek in die laaste *Kerkblad* die verslag sien van die jubileum van ons geagte en geliefde Ds. M. Postma, en daarin lees, dat Ds. L. P. Vorster gesè het, dat die gesig en die loop van ons geagte broeder Ds. Postma die egte Evangelie is, het ek so effens geglimlag. Ons geagte broeder van Krugersdorp sê gewoonlik 'n ding anders as andere, wat in my oog 'n deugd is. Toe ek so lees van die loop van die jubilaris, kom my dadelik vir die gees, hoe en waar ek ons geliefde leraar, Ds. Postma, voor die eerste maal gesien het. U sal dit nooit kan raai nie. Laat ek dit dan maar dadelik sê. Dit was op 'n hardloopbaan, waar S.E.W. met kollegas van ons Kerk en die N.G. Kerk gehardloop het, maar of dit vir 'n prys of medalje was, weet ek nie.

Kan dit waar wees? Seker. Vra ons broeder self maar. Dit was met die onthulling van die taalmonument te Burgersdorp in 1892, waar toe ook 'n groot wapenskouing gehou is en baie sports en ook die wedstryd in hardloop deur predikante op die lys was. Dit was toe baie mooi vir my, hoewel eers ongelooflik. In Holland was die leraars in die tyd ver te styf, om aan sulk 'n onskuldig vermaak deel te neem.

Te styf, natuurlik nie in knieë en bene nie, maar in maniere. Al sou hul self wel eens lus gehad het, om so te hardloop, dan sou seker die gemeentelede dit nie wil toegelaat het nie. Hul reken, dat dit aan die waardigheid van die leraar kwaad sal doen. Ek vermeld maar hier die feit, om u te laat sien, dat ons oudste leraar, ernstig as hy is, nooit 'n ongenietbaar mens was, en nou nog nie is nie. 'n Gepast vermaak en 'n grap kon hy altyd geniet, en ook anderen laat geniet.

Dis darem waar, dat ons geliefde broeder van Fordsburg in alles die Evangelie preek. Daarin is hy nes die veel gesmade en tog so innig godvrugtige kerkvader Origenes van Alexandrië. As die heidense vyande vir hierdie man met sy kale mantel en sy van studeer en bidde bleek gelaat oor die straat gesien loop het, dan moes hul, sê Eusebius, uitroep, of hul wou of nie: So die man sy leer is, so is sy lewe!

Sulk 'n getuienis sê so baie, en dit is so jammer, dat „wy", andere predikante, so dikwels aan die ideaal ontsink, soos Prof. Geesink dit gewoon was op die kollege uit te druk. Ontsink aan die ideaal! wie doen dit nie? Ons ou mense druk dit in die gebed gewoonlik so uit, as hul ook die ding gevoel, dat ons tog so baie „tekortkomendhede" het. Ja, ons kom kort, om die ideaal te gryp. Ek het al meermale gedink, dat Ds. M. Postma vir ons Kerk so min of meer ons Andrew Murray is. In ywer en in godsaligheid, in opoffering en in die soek, om die sondaar en die dwalende te behou, het die twee vrome manne baie groot ooreenkoms. Daar is natuurlik wel verskil in beginsel tusse die twee, maar altwee is altyd en Ds. Postma word nog gedryf deur dieselfde hoë beginsel, namelik die liefde van Kristus.

Wyle Ds. A. Murray was 'n ere vir die N. G. Kerk, niemand, wat dit sal durf ontken, en Ds. M. Postma is 'n sieraad van die Gereformeerde Kerk. Niemand, ook nie die lede van ander kerke, sal dit betwis nie. Ons hoop, dat hy nog lang vir ons gespaar bly. Sy vriendelik gesig is die „egte Evangelie", want sy tevrede glimlag bring jou altyd 'n „blye boodskap" van kristelike sympatie, en die mond het altyd 'n woord van hartelik welkom of van troos, as mens in verdriet verkeer.

Die regvèrdige sal deur geloof leef. Die woord is hier van toepassing.

U Vriend,

C., 7 Aug. 1925. T. H.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

Die Parlement is verdaag. Belangrike wette kom op die wetboek. Deur die Opposiesie van die Senaat is die kleurslagboom- en die kieswetsontwerpe van die baan. Tenminste voorlopig. Dit sal waarskynlik lei tot 'n rekonstitusie van die Senaat. Vir die volgende sitting wag weer die vroue-stemreg- en die Plaaslike Keuse wetsontwerp. Die Ned. Geref. Kerk sal die laaste forseer. Hulle kerklede, wat teen ge-

stem het, sal intussen tot verantwoording geroep word en die afskaffers sal bystaan. Al drie Sinodes het ten gunste besluit, en die ,,Raad der Kerken" lê die seël daarop.

Dat die Afskaffers die ,,swakke broeders" is, waarvan Paulus skrywe in I Korinthe, sal hulle wel nie wil weet nie.

Dr. H. H. Kuyper het al 'n reeks artiekels in *De Heraut* geskrywe oor hierdie onderwerp. In die jongste Heraut sê hy: ,,Geheelonthouding van het wyngebruik heeft de Apostel echter nergens aanbevolen met het oog op de zonde van de dronkenschap, en ook in Romeinen 14, hoe vaak men zich ook op dit hoofdstuk beroepen heeft, doet de Apostel dit *niet*. In heel dit hoofdstuk is nergens van dronkaards sprake, met het oog waarop het beter zou zijn voor de sterke christenen om zich van wijn te onthouden. De ,,zwak gelovigen" zijn juist omgekeerd de negetariërs en de *geheelonthouders van wyn*. Met het oog op deze zwakke broeders, deze geheelonthuders, geeft Paulus nu den raad aan de sterkgelovigen, wanneer die zwakgelovigen daaraan aanstoot nemen of zich ergeren, liever van vlees- en wijngebruik zich te onthouden. Dat is de bedoeling van den Apostel geweest, en men doet beter ook van de zijde der broeders, die voor de geheel-onthouding ijveren, dit rondweg en eerlik te erkennen.

* * * *

Die ,,Raad der Kerken" van die Ned. Geref. Kerk het afgestap van die besluit van die Kaapse Sinode om te oorweeg samewerking en verbroedering met die ander Hollandse kerke.

Die verteenwoordigers op die Raad uit Transvaal het besware gehad. Wie sou hier gesondig het? *Afstap* is 'n egte Afrikaanse uitdrukking, wat ook al baie op ons kerklike vergaderings voorgekom het. Dit is so iets as ja—nee.

* * * *

In een van die State van Amerika is 'n proses gewees teen 'n ewolusie-onderwyser. Op die hof was die Bybel 'n getuienis teen die ewolusie. Bryan, die wakkere ,,fundamentalis", wat later plotseling oorlede is, was die verdediger van die Skrif.

Sommige van ons koerante het daarmee gespot en dit honend genoem die ,,bobbejaanhof".

Hulle beskou dit natuurlik 'n middeleeuse onverdraagsaamheid. Net so onverdraagsaam as ons wetsbepalings, wat alle dogma verbied? Kan ons vra.

Hier kan miskien ook nog eendag 'n hofsaak ontstaan teen 'n onderwyser, wat dogma leer.

* * * *

Na aanleiding van die kwessie oor die hoëre gesag van meerdere vergaderings het *De Kerkbode* 'n stuk gehad getietel: ,,'n Onverwachte steun voor ons". Dié onverwagte steun kom van die kant van Prof. Heyns van die Kr. Geref. Kerk van Amerika. Die steun bestaan dan daarin dat, in die verskil tussen *De Kerkbode* en Dr. P. J. S. de Klerk in SyEerw. se proefskrif oor die vraag of 'n plaaslike kerk alleen sending kan doen. Prof. Heyns beweer dat Klassis of Sinode dieselfde reg het. Natuurlik is Dr. de Klerk vry om *De Kerkbode* te dien van 'n antwoord, maar ons vrees hy sal dit nie opneem nie.

*Die Kerkblad* sal bereid wees om die hele stuk van *De Kerkbode* te plaas onder voorwaarde dat *De Kerkbode* so ruiterlik sal wees om die beskouings van *Die Kerkblad* daaroor op te neem Ons vrees egter dat *De Kerkbode* hierdie broederlike aanbod nie sal aanneem nie. Dit kan miskien net verwarring veroorsaak by die lesers van *De Kerkbode*. Hulle sal nou wel in die hande kan vrywe oor die ,,onverwagte steun", en dit nog wel uit die kring van die gereformeerdes, al is hulle in hierdie opsig Amerikaans plus A-rigting.

Wat 'n konsessie! *De Kerkbode* gesteun deur 'n Amerikaanse *Dopper*-professor.

* * * *

Ek beveel aan dat elke diakonie inteken op die ,,Diaconaal Correspondentieblad voor de Gereformeerde Kerken in Nederland", en die ouderlinge op die ,,Ouderlingenblad". In die jongste Diaconaal Correspondentieblad kom voor 'n leersame referaat van Mr. (Advokaat) A. J. L. van Beeck Calkoen oor ,,De Sociale Oorzaken en de Sociale Betekenis van het Pauperisme".

Pauperisme is die uiterste toestand van armoede. Hy maak onderskeiding tussen ,,minvermogende", ,,arme" en ,,pauper" en sê dan: ,,,De minvermogende leeft *aan de bovenkant* van de armoede-grens.

De arme leeft *op* de armoede-grens.

De pauper leeft *beneden* de armoede grens.'

* * * *

Ons het die Editeur van *Het Zoeklicht* uitgedaag om sy bewering, dat die onverdraagsaamheid van die Gereformeerdes in die noordelike dele aan die Ned. Geref. Kerk suur dae besorg en die samewerking onmoontlik maak, te bewys. Maar S. H. Gel. swyg tjoep-stil.

* * * *

In *De Kerkbode* word 'n lang korrespondensie gevoer vir en teen die Vrymesselary. *Die Kerkbode* self werp geen lig op die saak nie. Dit is nou duidelik dat baie lede, en selfs ampsdraers in dié kerk lede is van die Vrymesselary.

Weer het Dr. Snyman van Woodstock 'n manlik woord gespreek teen die Vrymesselary se gewaande godsdiens. Hulle bely 'n Alvaderskap van God en 'n Albroederskap van die mense.

Daar is nie so iets nie, sê Dr. Snyman. God is alleen Vader van die *gelowiges in Kristus*, en Kristus word nie bely deur die Vrymesselaars nie.

Die Ned. Geref. Kerk is 'n magtige organisasie in ons land. *De Kerkbode* roep die organisasie op nie alleen vir Plaaslike Keuse nie, maar om ook in die Kaap Provinsie die lede van die Prowinsiale Raad te dwing om die £5 vir private skole te weier, omdat die Roomse daarvan profyt sal trek. Dus die een Kerk bestry die ander deur die politieke magte. Sal hulle swig vir die kerklike oormag?

Ons het *De Kerkbode* gewaarsku teen die misplaatse ywer teen die Roomse en die verkeer de metode om hulle te bestry.

Nog volhard *De Kerkbode* en roep weer sy magte op om die £5 nie aan private skole te gee nie omdat dit die Roomse sal bevoordeel en die Staatsskool sal benadeel. En die heil van die Protestantse Kerk lê in die Staatsskool? Maar, natuurlik, *De Kerkbode* sal van ons nie notiesie neem nie. Ons dwarsboom maar net en wil nie saamwerk nie!?

Ek plaas hier, oorgeneem uit *De Amsterdamse Kerkbode*, 'n stukkie geskrywe deur Dr. van Osterbosch van die Hervormde Kerk in Nederland. Hy vertel wat hy op sy Evangelisasie-reis ontmoet het en sê:

,,Ik kwam op een plaats, en daar werd zo vreselik op onze roomse broeders gescholden. Daar heette het: die kopen alle grondstukken voor de neus weg, die bouwen kerken en kloosters, en waar die roomsen allemaal vandaan komen is een raadsel. Als het zo verder gaat, wordt Noord-Holland beslist rooms, enz., enz.

Ik zei: ja, lieve vrienden, dat heb ik 24 jaar geleden al gezegd. Men heeft me toen uitgelachen. Maar we mogen niet op onze R.-K. broeders schelden, want we kunnen toch zoveel van hen leren. Ziet eens hun ijver voor godsdienst en kerk. Ziet eens hun eerbied voor alles. Als ze een kerk voorbijgaan nemen ze even hun pet af of neigen even met het hoofd. Hoe ze dat klaar spelen om hun gelovigen dat te leren en te doen, is voor menig Protestant een raadsel (voor mij niet). Ziet eens hun eenheid. 't Is maar klatergoud, 't is maar schijn, maar toch als het gaat om hun kerk, dan zijn ze wel degelik één en eenig. Ziet eens de zware offers die de leken en ook de geesteliken zich getroosten om hun doel te bereiken.

Uren ver lopen ze om naar de kerk te gaan, te middernacht gaat de priester, vaak door weer en wind, naar verafgelegen huizen, om den zieke te troosten en het H. Avondmaal te brengen. Op zeer afgelegen dorpjes, eenzaam en van alles afgesneden slijt de priesters een leven vol ontbering, ja, zelfs armoede. Ik ken er genoeg.

En wat doen wij? Wij die er trotsch op mogen gaan, in het licht van het Evangelie te wandelen? Wat hebben wij voor onze godsdienst en ons gemeenschapsleven over? Geen stenen gooien, lieve vrienden, maar leren. Geen uitgezochte hoogdravende rede houden tegen Rome, dat helpt toch niet. Iemand, die de roomse kerk door en door kent (en dat zijn toch alleen zij die daarin zijn opgevoed en vooral de ex-priesters), och, zij halen de schouders er voor op en onze roomse broeders zelf, wel ze lachen er eens om, want men slaat toch zoo dikwels mis.

Om de roomse kerk te bestrijden, moet men het zuivere Woord Gods prediken en de Christus brengen. Dat zijn de middelen om Rome te bestrijden. En wie zijn het, die Rome zo fel bestrijden? Zijn het niet meestal onze moderne predikanten? Gaat ze maar eens na.

Ons voeg daarby: ,,Om Rome te bestry is nodig skole en uniwersiteite en normaal skole, waar Gods Woord suiwer gebring word en die Kristus as die Koning van die wetenskap geken word, nie die neutrale en dikwels ongelowige, met Ewolusie bevlekte skole nie".

* * * *

Ek verwelkom ,,Ons Gereformeerde Gemeenteblaadjie", Redaksie: Ds. I. D. Kruger; Administrasie: Diaken H. A. Steyn, M.A., van die Geref. Gemeente, Potchefstroom. Sy naam is lang, anders as die van Piet Heyn, maar sy inhoud is kort en tog goed. Ons hoop dat sy dade nog groot sal word, en dat hierdie ,,proefnommertjie" nie die laaste sal wees nie.

## KERK EN SKOOL.

JUB. FONDS.—Verder ontvang van Gemeente Rustenburg, £11 7s.; Gemeente Johannesburg, £3 15s. 3d.; Reeds erken, £9,999 5s. 9d.—Totaal, £10,014 8s. Met dank, J. A. van Rooy, Penningmeester, Bethulie, 7 Aug. 1925.

FONDS VIR BLINDES EN DOWES.—In dank ontvang tot datum: Reeds erken £68 16s. 4d.; W. C. M., £1 0s. 6d.; Geref. Gemeente, Barkly-Oos, £1 11s. 2d.; Geref. Gemeente, Olifantshoek, £1 5s.; Geref. Gemeente, Kuruman, £2 1s. 9d.; H. C. van Rooy, £5; Dorkas Ver., Petrusburg, £2; Ger. Gemeente, Lichtenburg, £1 17s.; E Venter, £2 10s.—Totaal, £86 1s. 9d. —J. G. H. van der Walt, Penningmeester, Pastorie, Middelburg, K.P., 5 Aug. 1925.

EVANGELISASIE.—Reeds erken £2/8/8. Met hartelike dank aan die gewers word verder erken die ontvangs van: H. J. Kroep (Nylstroom), £1; Gem., Krugersdorp, £1 1s. 10d.; P. Stoker (Johannesburg), £2; Johannesburg-Noord, £1 10s.; Johannesburg 18s.; Krugersdorp £1; Johannesburg Noord £1 10s.—Totaal £11 8s. 6d. —Uitgawe £10 7s. 6d.—T. Spoelstra, 75, Clacton-weg, Kensington, 28/7/1925.

KRISTELIKE NASIONALE ONDERWYS — STEYNSBURG, K.P.—Dit is vir my baie aangenaam om hierdie paar reeltjies te skrywe.—My is opgedra van die Kerkraad en die gemeente

hier onse innige dank en waardering te bring aan almal, wat hier in die loop van jare aan die K.N.O. Skool gehelp het.

Van al die K.N.O. Skole het onse skool dit die langste uitgehou. Daarvoor wil ons bo alles die Here onse God dank dat Hy so veel harte in en buite die gemeente oop en gewillig gemaak het. Dit is vir ons aangenaam om te weet dat manne en vroue wat hier eenvoudig moes opoffer, vandag selfs baie vooraanstaande posiesies inneem. Hulle het dit verdien, en niks is vir ons genoegliker om hulle daar te sien.

Dan, hoewel die K.N.O. Skool, die *laere* afdeling, laastelik genoem ,,Gymnasium", vir goed onder die Departement van Onderwys is, ons het tog die top van die K.N.O. Skool behou —die het uitgegroei in onse Opleiding Skool. Die staan hier nog net soos dit opgerig is, en het nog as oefenskool die Gymnasium. Dit het ons nog en sonder dat ons kan sê dat die liefde verflou het, so by die gemeente as by die Eerw. Alg. Vergadering van die K.P.

Die Opleidingskool is nog die *kerk se skool*, en die Gymnasium het nog sy eie karakter as oefenskool.

Die Opleidingskool is nog die enigste Gereformeerde Kerkskool, enigste Gereformeerde Opleidingskool in die suide.

En dit nie maar in naam nie.

Onse skool leef nog, groei nog, lewer nog resultaat. Dit blyk genoegsaam uit die uitbreidingsplanne waartoe die jongste Alg. Verg. van die K.P. besluit het Maart, l.l.

Daarom, daar is nie vergeefs gewerk, opgeoffer, nie vergeefs gebid en geworstel in die verlede nie. Ons het dus stof om te dank, maar ons kan dit nie doen nie sonder die bede: Laat ons onse Gereformeerde Opleidingskool in die suide steun, hartelik steun, in die gebed gedink, en nie die werk van die verlede verwaarloos nie. Dit is nie verdien nie.

Die skenking van wyle ou vader Faan van Wyk, juis op hierdie tydstip, het geinspireer. Gode die dank daarvoor.

Gereformeerde vaders en moeders, julle het 'n dure belofte om te volbring. U kinders is verbondskinders. Kan u hulle dan maar stuur, waar dit wel die voordeligste is vir die tydelike, sonder om aan hulle geestelike en ewige belange te dink? Hier is 'n Opleidingskool, onder behoorlike toesig, waar u weet wat u kind kry. Dit is u kerkskool, soos dit vroeër altyd gewees het.—D. G. Venter, Steynsburg, K.P., 28/7/25.

---

KLASSIS RUSTENBURG.—Die opening van die vergadering van hierdie Klassis, waarvan vroeër reeds kennis gegee is, vind D.V. plaas op 15 September om 3 uur n.m. in die kerkgebou alhier. Beskrywingspunte en geloofsbriewe moet aan ondergetekende gestuur word.

Namens die Kerkraad, D. N. Kotze, Voors., Rustenburg, 31 Julie, 1925.

PORT ELIZABETH.—Met die toestand van ons lede hier gaan dit in die algemeen goed en om te kla sonder reg, sal nie gaan nie. Tog is daar die woord van ,,begeerte", alhoewel nie 'n klagte op homself nie, maar 'n gevoel van byna onweerstaanbare lus om deel te kan neem in 'n voorreg wat aan ons ontsê is. Ons begeer dan bediening, nie om 'n gewoonte daarvan te maak nie, wat blykbaar 'n groot rol speel in die teenwoordige kristenheid, maar as 'n noodkreet om hulp vir die behou van kennis omtrent ons Ger. leer en beginsels. Dis maklik en dit klink mooi ook om te sê, ,,Ek is gereformeerd", maar as gevra word ,,waarom?", dan is dit nie genoeg om net instaat te kan wees om te sê, ,,omdat ons teen die sing van gesange is". Nee, die kennis behoort dieper waarhede te bevat, onomstootlik vir ongegronde aantygings.

Ons lewe hier taamlik rustig, maar soms onverwags en gewoonlik by geleentheid van 'n publieke verrigting kom bedekte gevoelens jeëns ons kerk in die lig. Nog net laaste Saterdagaand is so 'n verskynsel weer geopenbaar. Een van die plaaslike Ned. Geref. predikante vertrek op 'n beroep na Steynsburg, en 'n afskeidsgeselligheid is hom toe gegee. 'n Geagte spreker, 'n man van groot kennis en uitgebreide invloed, meen toe dat as 'n laaste woord aan die dominee niks meer voeglik sal wees dan hom te vermaan teen die *doppers* wat hy daar sal ontmoet, en wat die samewerking van die kerke moeilik maak.—Ongelukkig, en dis baie jammer, was daar nie een van ons verantwoordelike lede teenwoordig nie, want dis tog die beste om sulke ligsinnige beskuldigings sommer dadelik met die voorval 'n ander kleur te gee. Laat my dadelik sê dat 'n afskeidswoord van daardie gehalte by die gewone man hier, waar ons kerk so te sê onbekend is, 'n voorgevoel aankweek wat met die loop van jare onvatbaar is vir oortuiging. Maar ek is seker daarvan dat Ds. Viljoen so 'n vaarwel as oorbodig en kerkhaterig sal beskou. Sonder twyfel sal sy aanraking met die *doppers* daar die bewys lewer dat die waarskuwing aan hom gegee 'n onkundige gissing is, en dat die bede ,,Vader, vergeef dit hom want hy weet nie wat hy gesê het nie" hier van toepassing is. Dat daar tye van wrywing tussen die kerke kom is nie te betwis nie, maar dit gaan oor die beginsels en word nie met opset van ons kant gevoer nie.

Die bedoeling van die aanhaling is om Geref. ouers van die binneland onrustig te laat gevoel tot tyd en wyl hulle seuns en dogters wat in die groot sentrums woon, grondige kennis besit van ons geskiedenis en leer.—P. J. van der Walt, Jnr.

---

MACLEAR (Pitsing).—Op 1 en 2 Aug. het ons aangenaam kerk gehad. Ds. G. H. J. Kruger van Barkly Oos, wat vir jare al hier arbei, was

weer hier. Boeiend was al die preke. 'n Paar van ons predikante weet hoe dit hier lyk. Die meeste het nie 'n begrip van 'n reis om hier te kom preek nie. Ds. Venter van Aliwal weet wat dit is om in Lusiepoort, tussen die Kaffers by die hoofweg te wag vir 'n motor wat twee uur die dag moes kom, en toe eers die anderdag om nege uur opgedaag het. Koud en honger, op possakke in 'n klipskeur moes deurbring. Sake verander stadig. Die telefoon sal in die maand klaar wees tot op Kerkplaas, waar ons dienste gehou word. 'n Nuwe pad word deur Lusiepoort gekap. Die riviere word oorbrug. Ons is 'n sieletal van 75 buiten die van Ugie. Die Kerkraad is besig om te organiseer om naderhand al die dienste te Maclear te hou. Ons paartjies het ook al ons suur gehad.—Die Here het egter altyd vir ons gesorg. Stoffelik gaan die paartjies ook stadig vooruit. Op Ugie word vir twintig van ons kerk se kinders katkisasie gehou deur Br. Pretorius, die prinsipaal aldaar; en te Maclear (negentien) deur Br. Louis v.d. Walt. Ons kom dus langsamerhand tot meer vastigheid. Wat ons naderhand sal nodig hê is 'n eie kerkgebou. Ons is besig met 'n verkoping te organiseer daarvoor, wat in November gehou sal word, D.V.

Sodra ons tot die plan oorgaan sal ons 'n beroep doen op ons broeders en susters in die Unie om ons te help.—J. J. Alberts.

---

DIE MOOT (Remhoogte, 26 Julie).—Laas Sondag het ons hier weer Nagmaal gevier. Daar dit winter is het die mense nie baie met die ossewaens kerk-toe gekom nie. Tog was die kerk Sondag vol.

Ons leraar, ds. L. P. Vorster, het reeds Vrydag al hier aangekom. Saterdagmiddag was sy voorbereidingspreek uit Ps. 1:1 en 2 waarin hy daarop gewys het hoe die regvaardige sy lus het in die wet van die Here, en die jongmense veral gewarsku het om nie te wandel in die weg van die goddelose of te staan op die pad van die sondare of te sit in die gestoelte van die spotters nie. —

Die nagmaalspreek van Sondagmore was eintlik 'n voortsetting van die voorbereidingspreek. Daarin het SyEerw. gewys op die bron en die vrug van die godsaligheid en hoe dat Kristus deur Sy lyding en sterwe die geluksaligheid vir die gelowige verwerf het. Die nabetragtingspreek was oor Sondag, 15 en 16 van die Kategismus, waar die vernedering en lyding van Kristus beskryf word. By die namiddagdiens is ook die sakrament van die heilige Doop bedien aan ses kindertjies.

In die aand was daar 'n samekoms van die plaaslike Jongeliede Vereniging, waar Syeerw. ons ook nuttige en belangrike inligtings gegee het. Ook het die Remhoogte Sangkoor 'n paar Psalms gesing.

Mog die Here ons geagte leraar, wat reeds hoog bejaard is, nog lang spaar en die nodige kragte gee om sy werk te verrig.—F. J. Potgieter, Korrespondent.

---

AAN DIE LEDE VAN DIE SINODALE KOMM. Vir toepassing van Artiekels D.K.O. wat betrekking het op afvaardiging naar die meerdere vergaderinge.

In April l.l. het ek as Konvenor 'n omsendbrief aan die lede van bogemelde kommissie gestuur met versoek dat elk daarop sy aantekeninge maak en dat dit dan weer aan my teruggestuur moet word. Tot nog toe het ek dit egter nie terug ontvang nie. Dit moes sirkuleer as volg: Di. A. S. E. Yssel, D. Postma, ouderle. J. J. Henning, P. A. Venter en twee Teol., Proff. en dan terug aan my. Een van die brs. was nalatig om dit aan te stuur. Ek versoek dié br. by wie die brief bly hang het om dit aan te stuur.—Louis P. Vorster, Krugersdorp, 6 Aug. 1925. —

---

KLASSIS, POTCHEFSTROOM. — Hierdie Klassis het sy eerste vergadering begin Dinsdag die 11de in die Teol. Skoolsaal in die teenwoordigheid van 'n tal belangstellende gemeentelede. Ds. Kruger het die vergadering geopen, gelees Matth. 16 en daarna 'n kort woord gespreek oor die noodsaaklikheid om te let op die tekens van die koms van Kristus. Hierdie Klassis bestaan uit 8 gemeentes.

By die opening was teenwoordig Di. L. P. Vorster, D. de Klerk en I. D. Kruger en 8 ouderlings. Later word nog ander afgevaardigdes verwag.

Mnr. H. Visscher, oud-Inspek., het ook die vergadering toegespreek oor die Psalmgesang en meegedeel dat hy besig is met die uitgawe van 'n boekie oor Psalmgesang. Op 'n vraag van Ds. Vorster het mnr. Visscher geantwoord dat hy berid is om onder die gemeentes werksaam te wees tot bevordering van die Psalmgesang. Later sal die Klassis hieroor handel. Onder leiding van Mev. Steyn het 'n koor enige Psalms gesing en ook 'n lied, wat baie gewaardeer is.

Die vergadering besluit dat die predikant, volgens Art. 41 K.O. om die beurt sal presideer, te begin met die oudste. Ds. Vorster kan egter nou nie presideer nie weens 'n gewonde oog. Ds. Kruger is voorsitter, Ds. de Klerk, vise-voorsitter en ouderl. H. C. van Rooy, skriba.

---

MIDDELBURG. — Weled. Heer,—Wees o goed asb. en plaas 'n kennisgewing in u blad, dat vanaf half Augustus alle korrespondensie wat betrekking het tot Middelburg Geref. Gemeente, gerig moet word aan ouderl. J. T. Kruger, Mooistraat, Middelburg, Tvl., hy is die korrespondent. By voorbaat ons dank, J. Ligthelm, Skriba.

## NUWE BOEKE.

Van die uitgewer J. H. Kok, Kampen:

1) *Christus is Alles*, door Ds. J. H. Landmeter, nou emeritus predikant, bekende skrywer o.a. van die Kerkgeskiedenis.

Ds. Landmeter het hierdie „Schriftoverdenkingen", nou dat hy uit die aktiewe diens getree het, op versoek van broeders en susters in die gemeente Rotterdam, uitgegee.

Ons het hier 12 kostelike skrifoordenkings van 'n ervare dienskneg van Kristus. Die eerste oordenking is getietel „Als de Kinderkens", Matth. 18:3. Mooi gedagtes vind ons daar in. Die Katekismus gee 'n definiesie van geloof.

Vir die praktyk van die godsaligheid, sê die skrywer, „Is geloven ophouden met werken" en dan sê die gelowiges weer: „Heere, wij hebben niets......wij geven het op, om te werken! Heere, onze handen zijn slap! Wij zijn krachteloos en machteloos, maar, Heere, wij begeren te rusten in Jezus' werk."

So eindig ook die laaste oordenking oor „Mijn Heere en mijn God" van Thomas, met die geloofsrus „Jeruzalem, stad des groten Konings, wij zien u niet; maar uit de verte groeten wij u door het geloof. Straks zullen wij uwe straten betreden. Dan zullen wij altoos bij den Heere zijn".

2) *Palestina*, het heilige land, door Dr. A. Kuyper.

Hierdie boek van 168 bladsye is 'n oordruk van 'n stuk uit die groot werk van wyle Dr. A. Kuyper, getietel „Om die oude Wereldzee". In 1905 en 1906 het Dr. K. 'n reis gemaak na die Levant en toe sy indrukke en gedagtes oor die werelddele om die Middellandse See in druk laat uitgee.

Dr. K. het ook persoonlik Palestina besoek. In hierdie beskrywing van die heilige land, wat nou met sy moderne lewe die reisiger teleurstel, het Dr. K. soos hy dit uitdruk, sy geloofsoog sy soeklig laat speel en daarby gepaar 'n lewendige verbeelding. 'n Boek van Dr. Kuyper het nie aanbeveling nodig nie. Die, wat wil geniet nie alleen nie, maar wil leer, want Dr. K. is altyd ook leermeester, moet maar hierdie boek aanskaf.

*Een Brandende Fakkel*, door J. J. Knap C.zn.—uitgawe van J. H. Kok, Kampen.

In die Kerkblad van 4 Nov. 1924 het ons 'n resensie gegee van Bybellesings deur Ds. Knap oor Elisa. Hierdie boek bevat Bybellesings oor Elia. Elia is altyd 'n figuur, wat ons bewondering afdwing. Ds. Knap begin dan ook met te sê: „Elia staat als een monumentale figuur in de gewyde geschiedenis".

En meer: „Elia is in waarheid een bundel kracht". Maar van Elia moet ons opsien na die Bron van sy krag. En dit doen Ds. Knap in hierdie Bybellesings.

Met die volgende sitaat beveel ons hierdie boek by die lesers aan. So sê die skrywer en prediker: „Wij hebben in onze dagen profeten als Elia nodig, mannen met een ijzeren wil, met den bliksem in hun oog, den donder in hun mond, en daarbij met een hart, dat bewogen is over arme weduw-vrouwen, gelijk Elia dit was. Kracht en liefde met elkander in een mensch gehuwd. Ogendienaars op den kansel, die meer naar de smaak der menschen dan naar de wil des Heren vragen—wat hebt gij er aan? Pluimstrijkende preken, die de lieve Christenen onder de preekstoel strelen en liefkozen, in plaats van hen als een zwaard te wonden, en hen als verloren zondaren in 't stof te werpen.—wat nut zouden zij doen? Wij hebben behoefte aan Elia's, die hun woord als een brandende fakkel onder de menigte slingeren, zodat zij uiteenstuift en haar valsche rust prijs geeft".

Hierdie drie uitgawes van J. H. Kok getuig ook weer van die deeglikheid en aantreklikheid van alle boeke, wat deur die uitgewer se hand aan die kristelike publiek aangebied word.

*Konstitusie, Statute en Algemeen Reglement* van die Afrikaanse Studentebond.

Naas die C.S.V. het die studente ook 'n ander Vereniging, die Afrikaanse Studentebond. Waar die C.S.V. 'n kosmopolitaanse karakter, sowel godsdienstig as nasionaal, dra, vertoon die A. S.B. 'n eie Suidafrikaanse stempel.

Hierdie boekie laat dit sien. In die Inleiding, geskrywe deur Prof. J. C. van Rooy, een van die oprigters van die A.S.B., sê die skrywer: „Die stigters van die Studentebond het getrag om 'n organisasie in die lewe te roep, wat gegrondves staan op die Kalvinisties—kristelike beginsels, en 'n ander stigter, lektor L. J. du Plessis, sê in sy „Verklaring van die Statute" op Art. II: „Die Bond erken die Ordinansies van God op die gebied van die wetenskap, soos op elke ander terrein van die lewe", die volgende: „Hiermee bely die Bond en elkeen van sy lede, dat die menslike lewe in sy oorweldigende veelvoudigheid sy wese het uit die Raad en wil van God".

Behalwe hierdie stukke bevat die boekie nog 'n referaat van N. Diedericks en 'n Handleiding deur Prof. van Rooy, en menere A. G. Roodt en H. du Plessis.

Hier is nou 'n gesonde kristelik-nasionale studente vereniging en ons hoop dat altyd meer lede hulle daarby sal voeg. Die boekie is 'n leersame gids vir elkeen wat wil inlewe in ons studente-wereld. Daar is takke aan die Normaalskole van Pretoria, Bloemfontein, Potchefstroom en Heidelberg, aan die T.U.K., die G.U.

K., die P.U.K., en Teol. Skool. Ons hoop die Bond sal vertak in Natal en Kaapprovinsie.

---

*Geref. Kerk en Kerkregering* gehandhaaf teen Prof. Dr. J. du Plessis deur Prof. J. A. du Plessis.

Uitgawe ,,Kalvyn Jubileum Fonds", deur Nasionale Pers Bepk., Bus 267, Bloemfontein. 135 Bladsye, 1/2 per pos.

---

*Zuid-Afrika.* Reisindrukken door Dr. H. H. Kuyper. Uitgave N. V. De Heraut, Amsterdam.

—Dr. H. H. Kuyper, wat die kerke hier as deputaat van die Geref. Kerke van Nederland besoek het, en ook dele van ons land deurreis en in aanraking gekom het ook met vooraanstaande persone in ons samelewing, gee in hierdie boek van 190 bladsye sy reisindrukke. Ons vind hier die indrukke wat ons land, die kerk, die politieke en maatskaplike toestande op 'n bekwame beoordelaar en 'n ervarende reisiger gemaak het. Dr. K. noem die inhoud van sy boek op beskeie wyse ,,indrukken". As sodanig het ons dan ook met belangstelling hierdie boek gelees en ons mag sê dat die indrukke oor algemeen getuig van 'n goeie insig in sake. Dit is seker moeilik om na n besoek van 'n paar maande aan 'n land en volk 'n finale oordeel te vorm oor toestande van ingrypende aard.

Die inhoud van hierdie boek het reeds gedeeltelik verskyn in die kolomme van De Heraut. Die eerste indrukke van Dr. K. kry ons in die reis van Kaapstad, oor die Karroo, naar Burgersdorp. Dan neem Rustenburg 'n hoofstuk in beslag, wat aan Dr. K. aanleiding gee om mededelinge te doen van die ontstaan en wording van die kerke in Suid-Afrika. Die historiese feite vir die ontstaan van die Geref. Kerk ontleen Dr. K. aan die Jubileum uitgawe van die Kerkgeskiedenis en die Gedenkboek. In 'n noot sê Dr. K.: ,,Van de uitvoerige critiek door Prof. J. du Plessis van Stellenbosch in *Kerkbode* van 12 Maart 1924 en v.v. op beide geschriften gegeven, heb ik evenzeer kennis genomen, maar deze critiek heeft me niet overtuigd, dat de historische *feiten door* Dr. du Toit onjuist zijn voorgesteld. Zijn appreciatie van deze feiten en de conclusies, die hij daaruit trekt ten opzichte van het karakter der Ned. Geref. Kerk, laat ik natuurlik geheel voor zijn rekening".

Intussen maak ons die opmerking dat die Geref. Kerk destyds nie 79 predikante getel het nie, maar wel 34.

Waar Dr. K. gas was van die Geref. Kerk en ons Sinode besoek het nie alleen nie, maar ook as adviserende lid gedien het, spreek dit vanself dat die Geref. Kerk telkens voor die aandag kom. So word 'n hoofstuk gewy aan ons Sinode (die plaat teenoor p. 52 is nie die Sinode nie, alleen maar die predikante op die Sinode).

Die volgende hoofstukke is gewy aan Pretoria, Johannesburg, Bloemfontein en Colesberg. Dan kry ons Potchefstroom en Stellenbosch in een hoofstuk. In hierdie hoofstuk word waardevolle opmerkings gemaak oor ons Laer en Hoër onderwys. Oor ons Uniwersiteite maak Dr. K. die opmerking: ,,Maar hoeveel uitnemends de inrichting dezer Universiteiten in Z. Afrika ook bezitten, een *Christelik* karakter hebben ze niet." Dit word volgens Dr. K. belet deur die sogenaamde ,,gewetensklousule", waarteen nou gepetisioneer word. Dr. K. oordeel dat dit bedenklik is dat op Potchefstroom en op Stellenbosch die kweekskole naas die uniwersiteit staan, waardeur die organiese samehang van die wetenskappe verbreek word. Of Dr. K. hom vergis, weet ons nie, maar dit is juis op Potchefstroom dat die Professors aan die Teol. Skool ,,in het raden der universiteit zijn opgenomen, met toevoeging van twee professoren, die philosophie en grieksch onderwijzen". Ook was daar tydens die besoek van Dr. K. nie vier maar sewe studente in die Teologie, en ons mag daar byvoeg dat in die Kollege daar 23 aanstaande teologe is. In 'n volgende hoofstuk behandel die skrywer die Afrikaanse volkskarakter. As Dr. K. die lof vir sy vryheidsliefde, gasvryheid, sedelikheid, humor, eerbied ens. aan die Afrikaner nie onthou nie, word sy foute egter nie verby gesien nie. Dat die boer egter in algemeen aan spoke glo en dat ,,elke boerdery" sy spook het, is te betwyfel.

Die Afrikaner herinner Dr. K. meer aan die Franse as aan die ,phlegmatische Nederlander'. Volgende hoofstukke behandel die Taalstryd en die Naturellevraagstuk.

As Dr. K. sê: ,,Praten doet een Boer met zijn Kafferbedienden niet, zelfs al vergezelt deze hem op zijn lange tochten; hij ,ordert' hen alleen. d.w.z. geeft hen bevelen',, dan kan dit nie as 'n algemene stelsel dien nie.

Ook moet i.p.v. ,,Basoetoekaffers" op p. 142 gelees word ,,Bantoekaffers". In die laaste hoofstuk, waar Dr. K. handel oor die Afskeid van die Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk in die Kaapprov., laat die geleerde skrywer sy verhouding tot die Ned. Geref. Kerk sien. en gee hy enige wenke aan die adres van die Ned. Geref. en Geref. Kerke oor hulle verhouding en samewerking. Hier is dit, dat Dr. Kuyper die persverslag van ons Sinode oor wat S. H. G. gesê het op die Sinode en onder die seringboom, as 'n ,,onjuiste" bestempel.

Sover ons egter weet is die enige onjuistheid dat die woordjie *herstig* deur Dr. K. gebruik nie in ons persverslag tussen aanhalingstekens geplaas was nie.

Dr. K. waarsku die Gereformeerdes om af te sien van die gebruik van ,,zekere termen, in de doleantieperiode gebruikelik" en om nie te vergeet nie ,,dat de toestanden niet gelijk zijn en de Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika niet op één

lijn te stellen is met de Nederlandsche Herv. Kerk." Dit gaan hier oor die vraag of ons die reg het om teenoor die Ned. Geref. Kerk Gereformeerde gemeentes te stig, 'n vraagstuk, waaroor Dr. K. hom nie uitlaat nie. Dit kan ook moeilik, omdat sedert 1860 dit gedaan is. Dan mag ons die Ned. Geref. Kerk ook nie bestempel as 'n *valse kerk* nie, anders kan ons die kerk tog nie erken as 'n *susterkerk* nie en kan ons ook nie, soos ons doen, die attestasies en die tug van hierdie kerk erken nie, en ,,zelfs de leden zijner kerk, die verhuizen naar een plaats, waar geen gereformeerde gemeente is, aan de hoede van den kerkeraad der Ned. Geref. Kerk" toebetrou nie. Oor hierdie vraagstuk laat ons ons nou nie uit nie, ons merk alleen op dat die attestasies en die tug van die Ned. Geref. Kerk nie erken word nie, en dat die verhouding nie van die aard is nie dat van weë ons kerkrade gemeentelede van die Geref. Kerk aan die hoede van die Ned. Geref. Kerk toebetrou word nie.

Vriendskaplik mag die laaste wel gebeur, soos dit miskien ook in die geval met die Hervormde Kerk kan gebeur, maar offisieel, sover ons weet, nie.

Ons waardeer seker die pogings, wat Dr. K. aangewend het, om die kerke nader bymekaar te bring.

Dit spyt ons alleen dat hierdie welgemeende pogings tot nog toe nie die gewenste uitwerking gehad het nie.

Die laaste hoofstukke bevat die preek van Dr. Kuyper oor die Urim en Thummim en 'n lesing oor Kalvyn, wat ons as aangename herinneringe van die besoek van ons hooggeskatte gas sal waardeer.

Dat Dr. Kuyper in die meeste gevalle ons toestande so juis kon beoordeel is bewys van 'n ope oog en oor van die besoeker. Hy het dikwels baie raak gesien.

By die lese van sy boek het voor ons weer lewendig kom te staan die beeld van die skrywer, en ons mag die wens nie onderdruk nie, dat die mooi gestileerde boek met sy leersame beskouings in die harte van die Afrikaners meer sal laat ontvlam die liefde van die skrywer vir die Gereformeerde beginsels, ook omdat die liefde van Dr. K., in die Afrikaners so duidelik spreek uit sy boek.

Die boek is mooi geillustreer met plate en die uitgewers het vir 'n mooi band gesorg. Hiermee beveel ons hierdie belangrike boek by al ons lesers aan. Dit is verkrybaar by J. L. van Schaik Bepk., Bus 724, en kos 11/6 per pos.—J.P.

## VRAE-BUS.

Br. J. van Dyk vra of 'n ouderling of diaken, wat bankrotspeel, in die amp kan bly.

Die broeder sê, as 'n predikant bankrot speel, dan word hy geskors. Moet dieselfde reel nie toegepas word op ouderlings en diakens nie?

In die eerste plek moet ons onthou, dat 'n predikant nie mag ingewikkel word in die dinge van die leeftog nie. Hy moet met sy huis deur die Kerkraad versorg word, omdat hy vir sy lewe gebonde is aan die diens en van die ,,Evangelie moet lewe".

'n Ouderling of diaken vervul die amp, maar lewe nie daarvan nie. Hulle het hul beroep, waarvan hulle moet lewe. As so 'n ouderling of diaken gedwing word om bankrot te gaan, dan hang dit alles van die omstandighede af. Iemand kan bevoorbeeld sy krediteure nie betaal nie, omdat hy 'n onverwagte groot skade gely het, of deur 'n langdurige siekte. As hy opgedruk word om in sy onmag te betaal dan word hy gedwing tot sy bankrotskap.

Iemand mag nie bankrot gaan om sy krediteure te ontwyk nie. Hy mag ook nie roekeloos of weelderig lewe en bankrot gaan nie. Hy mag hom ook nie in gevaarlike spekulasies begewe nie, wat deur mislukking hom tot bankrotskap sal dwing nie. Die kerkraad moet die oorsake van die bankrotskap beoordeel.

Dit is 'n ander vraag of 'n broeder, wat noodgedwonge bankrot moet gaan, nie beter sal doen om sy amp neer te lê nie, totdat hy weer gerehabiliteer is.

So lig kan dit gebruik word om sy amp in minagting te bring. In algemeen moet geld as reel dat 'n gelowige, of hy in die amp staan of nie, nie moet bankrot gaan nie. Ook nier kan die diakonie tot groot seen werk.

Dr. Kuyper toon so mooi aan in sy ,,Encyclopedie" dat die roeping van die diakonie ook is om armoede te *voorkom*, en as 'n broeder bedreig word deur bankrotskap dan moet hy sy toevlug ook soek by die diakonie, wat hom met raad en daad moet help.—J. P.

## KORRESPONDENSIE.

### PERIODIEKE AFTREDING.

Geagte Redakteur,—

Vergun my vir bowestaande onderwerp opname in "Die Kerkblad." Periodieke aftreding is 'n teer onderwerp wat al baie onaangename wrywing veroorsaak het. Om dan ook niemand in sy gevoel seer te maak nie wil ek probeer om die goeie uitwerking van die saak enkel maar aan te toon en nie oor die nadelige gevolge te praat nie, wat ons kry as 'n kerkraadslid 'n seer geruime tyd diens doen van 10, 20, 30, ja selfs 40 jaar of meer. Wat byna in elke gemeente opgemerk word is die grote kritiek wat uitgebring word deur lidmate oor die manier waarop die ouderlings- en diakens-amp word uitgevoer, die besluite wat deur die Kerkraad geneem word en hul lange dienstyd. Die kritiek is nie altyd ongegrond nie. Die ouderlings of diakens is ook maar mense met miskien baie tekortkomings. Maklik kan hy met huisbesoek of met in-

sameling van kerklike bydrae deur sy ontakvol optree aanstoot gee of kry. Maar wat is daarvan baie maal die oorsaak? Is dit nie soms die geval dat in 'n Kerkraadslid alleen die persoon in aanmerking geneem word en nie die amp wat hy beklee nie; en na die agting wat die lidmaat so 'n ouderling of diaken toedra word hy ontvang en word die huisbesoek vir die ouderling moeilik gemaak om te praat oor hoër dinge as net gesondheid, oes en weer. Word in hom wel gesien die amp wat hy beklee, en dat hy kom in die naam van Sy Grote Sender? Jammer genoeg is dit nie altyd die geval nie. Deur heeltemal onbekend te wees met wat die amp inhou, wat 'n groot verantwoording rus op die skouers van 'n Kerkraadslid word nie besef deur een wat self nooit die amp beklee het hoe hy baie maal deur onnodige en ongegronde kritiek homself besondig en die werk van die Kerkraad moeilik en moedeloos maak. Dat die wantoestand byna oral gekry word kan ek so goed verstaan omdat dit in die reël voorkom uit onkunde. Die onkunde kan weggeneem word deur vas te stel 'n seker aantal jare, sê drie, wat 'n Kerkraadslid mag dien. Baie besware word hierteen ingebring maar daaroor sal ek nie nou uitwy nie. Die beklee van die amp met die erns wat daarvoor geëis word het meer dan eenmaal heilsaam gewerk op die siel van die betrokke persoon. Het hy nie voor hy van huis gegaan het, om huisbesoek te doen, sy knie gebuig, sy swakheid en onwaardigheid bely en van God krag en voorligting gevra? Het hy nie baie maal bang en moedeloos sy wyk ingegaan en bly tuisgekom en moet opmerk dat Hy die roep ook bekwaam maak? Menig Kerkraadslid is deur die roeping ook nader aan sy God gebring, het ope oë gekry hoe die sondaar steeds dieper val as hy sy God verlaat, en was dikwels getuie dat die besoldiging van die sonde die dood is. Daardeur word hy meer en meer opgewek om die stryd aan te bind teen Satan. En daar dit dan die geval is, moet ons dan nie wens dat soveel as moontlik al die lidmate van die Gemeente dit mag ondervind? Dit is my opienie dat as elke manlike lid van die gemeente wat daarvoor geskik is en wat eenmaal in sy lewe Kerkraadslid was voordeel sou wees voor die Geref. Kerk in sy geheel en vir die lidmaat in die besonder. Dan sou hy kennis kry van sake waarvan hy vroeër nooit 'n besef gehad het nie. Sy gedagtegang sou uit die daelikse sleur geruk word, wat baie maal so geesdodend is, sy belangstelling sou opgewek word en daarvan sou meer krag kan uitgaan in die kring waarin hy leef. En die belangstelling in kerkelike sake is in die reël blywend. Ja selfs jare nadat hy uit die amp is sal hy nog met welgevalle terug dink aan die oomblikke van genot wat hy gehad het en sou moes gemis het as hy nooit in dit amp was gewees. Sy medewerking om sy Gemeente uit finansiële nood te help is soveel groter, en as hy ligsinnige kritiek hoor kan hy die persoon beter vermaan. Ja het selfs rede te meer om sy lewenspad suiwer te bewandel naar Gods gebod, omdat hy weet dat die wereldling sy oog op hom het; opdat Gods Naam nie gelaster mag word deur sy Ouderling of Diaken amp. Ek het gesê as 'n lidmaat vir die amp geskik is. Niemand is onmisbaar, selfs die beste kragte in die Kerkraadslid nie en daar is meer persone geskik vir Kerkraadslid as ons wel dink. Sit hulle eers aan die werk dan kom baie maal die slapende talente voor die dag. Ek stem toe dat 'n persoon aan sekere eise moet voldoen voor hy as kandidaat gestel word maar dis onnodig die eise hoog te stel, 'n mens is nooit te oud om te leer nie. Meer voordele sou ek u kan noem maar dis eers genoeg. Ek hoop dat die broeders in die gemeentes waar periodieke aftreding deur hulle besware nog nie ingevoer is nie, tot ernstig nadenke gebring mag word. Dat hulle hulle self nie sal beskou as die enigste geskikte persoon in hulle wyk maar dat hulle deur die vervulling van die amp vreugde in hulle siel gesmaak het, deur hulle aftreding andere broeders ook die kans gee! A. d. J.

---

## BEDIENING VAN WOORD EN SAKRAMENT

### GEVRA OP HOPETOWN.

Waarde Redaksie, — Vergun my asseblief net die paar woorde in die Kerkblad, om my behoefte aan ons Lerare mee te deel. Ek is 'n verstrooide skaap met gesin van die Geref. Kerk; vroeër van Bethulie en later van die Gemeente Kaapstad — waar ons attestasie nog is; en, nou is ek woonagtig op Hopetown, K.P., as amptenaar in die Gevangenis Departement. Gelukkig het 'n twede amptenaar in dieselfde Departement, 'n mnr. F. Venter, en gesin, van Pretoria Geref. Gemeente, hom hier by my gevoeg anders was ek die enigste lid van die Geref. Kerk hier; sover as ek weet; behalwe 'n paar wat vroeër aan ons Kerk behoor het.

Nou is ons behoefte dit: ons wens en versoek dat enige Leraar van ons Kerk, wat per trein of andersins tussen Kimberley en De Aar reis, so goed wil wees om ons hier 'n besoek te bring, en ons te kom voed met geestelike voedsel en, dan is my gesin geseën met die geboorte van 'n dogtertjie, wat ons in ons Kerk wens gedoop te sien.

Hulle kan maar net aan die ondergetekende skrywe wanneer hulle te ontmoet; ek sal sorg vir vry moter vervoer heen en weer en vir losies.

Ek wil van harte vertrou dat een of ander Leraar ons nie sal vergeet nie.

By voorbaat baie dankie.

Met agting die uwe,

P. J. FOURIE,
Gevangenis Departement.

Hope Town, K.P.

('n Reisende predikant kan nie maar oorgaan na Hopetown om daar woord en sakramente te bedien nie. Ons ken ook nie so iets as 'n algemene lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk nie. Wat moet die broeders en susters nou daar in Hopetown? Hulle moet skrywe aan die naaste Gereformeerde Kerk met die versoek om daarby ingelyf te word.

Die Kerkraad sal seker die versoek nie van die hand wys nie, en dan sal die predikant opdrag kry om vir die broeders en susters Woord en Sakrament te bedien. Ons dink Philipstown of De Aar is die naaste. As dit die geval is, skrywe dan aan Ds. van Jaarsveld, Philipstown. Red.)

# VIR DIE KINDERS.

Die antwoorde op die vrae van die Kerkblad 4 Augustus is:—

(1) Die laaste hoofstuk waar gehandel word oor sy dood.

(2) Dat die mens ontwikkel het uit 'n soort aapdier, wat verwantskap het met die soort aap-diere wat nou die meeste op 'n mens lyk, en dat die mens en die diere uit 'n oorspronkelike sel ontstaan het.

(3) In die eerste hoofstuk, God, in die twede, Here God.

(4) (a) Werkverbond is die verbond, wat die Here met Adam opgerig het en word so genoem omdat die mens deur sy **werke** op die weg van gehoorsaamheid die ewige lewe sou verkry.

(b) Natuurverbond is die verbond, wat die Here met Noag opgerig het en word so genoem omdat God daardeur verseker dat Hy deur sy algemene genade die natuurlike lewe op aarde sal behou en beskerm.

(c) Genadeverbond is die verbond, wat voorberei is in die geskiedenis van Adam, maar gemaak is met Abraham, en word so genoem omdat die mens deur genade salig word deur die geloof in Kristus Jesus.

(5) Dat God die God van Abraham is. Luk. 20: 37, dat God met hom 'n verbond opgerig het Hand. 3: 25, dat hy deur die geloof geregverdig is Rom. 4:3, dat die gelowiges kinders van Abraham is Gal. 3: 6, 7, dat die belofte van die Evangelie aan hom gegee is, Gal. 3:8

Die laaste vraag was onduidelik. So 'n Professor, dat hy nie eers duidelik kan vra nie, want die N. Testament praat so baie van Abraham! Die vraag moes gelui het:—wat lees ons in die Nuwe Testament oor die Verbond met Abraham, sy voorwaarde en belofte in die Nuwe Testament? Nou ja, ons sal dit in aanmerking neem J. A. du P.

---

**1825—1925.**

Is dit nie opmerklik nie dat ons vanjaar vir die eerste maal 'n lugposdiens gehad het — net 100 jaar nadat die eerste stoom-lokomotief gebruik is?

Dit was op die 27ste September van die jaar 1825 dat passasiers vir die heel eerste maal in die geskiedenis van die wereld met 'n stoom-masjien vervoer is.

En dink net aan die wonderlike vooruitgang wat in die honderd jaar plaasgevind het — spoorweë deurkruis die wereld en die rook van die enjins vervul die lug, stoom-gedrewe skepe seil oor al die oseane, en die wereld se fabrieke dreun en stamp met die werking van stoom-gedrewe masjienerie.

So gewoon is ons aan al die dinge, dat ons byna vergeet dat daar ooit 'n tyd was toe daar niks vinniger as 'n kar en perde was om oor die weg te kom, selfs in baie streke van ons land net 'n wa en osse!

As mens van die klein en bespotte begin van die stoom-enjin lees en dan sy wonderlike ontwikkeling nagaan en sien wat 'n omwenteling die uitvindsel in die wereld te weeg gebring het, kan mens nie help om aan die woorde "Wie veracht de dag der kleine dingen"? te dink.

Die man, wat byna die stoom-lokomotief uitgevind het, was James Watt. Ons sê byna, want die stoom-masjien wat Watt gemaak het, het goeie werk gedoen deur water uit myne te pomp, maar dit het een groot gebrek gehad, dit kon nie loop nie.

Die man wat eintlik die eerste bruikbare lokomotief gemaak het was George Stephenson. Hy was die kind van 'n brandarm mynwerker en moes dag en nag swoeg en spartel om iets te verdien, sodat hy 4 pennies in die week kon oorhou, om in die aand les te kan neem om te leer lees en skrywe. Sy groot begeerte en strewe was om so ver te kom, dat hy boeke kon lees oor stoom en die beste manier om dit te gebruik, (die bietjie wat toe daarvan bekend was, ten minste). Selfs jare later, toe hy reeds getroud was, en dubbel hard gewerk het om sy seuntjie Robert skool toe te stuur, moes Robert elke aand vir sy pa kom leer, wat hy die dag in die skool geleer het.

George Stephenson het toe nog in 'n steenkool myn gewerk. Eendag, toe die stoommasjien, wat die water moes uitpomp, gebreek het, het Stephenson dit so knap reggemaak, dat hulle hom van toe gebruik het om 'n masjien te maak, wat op spore sou kon loop. So is, wonderlik genoeg, die eerste spoorweg onder in 'n myn gelê.

Behalwe hierdie werk het Stephenson nog 'n veilige lamp uitgevind vir gebruik onder in die koolmyne. Hiervoor het vrinde en bewonderaars £1,000 bymekaar gemaak en vir hom persent gegee.

Tot dusver het hulle nog altyd perde gebruik om treine te trek, maar Stephenson het aangebied om 'n stoom-masjien vir die doel te maak. Hy het sy £1000 gebruik om te help enjins bou daarvoor. Die mense het hom uitgelag en teegewerk, "Waar het 'n mens ooit van soiets gehoor?" het hulle spottend gevra.

Maar Stephenson het hom nie laat afhaal nie. Hy het maar stil deurgewerk, sy stoom-masjien en waens gebou — natuurlik baie klein en primitief in vergelyking met die lokomotiewe, wat ons vandag aan gewoon is. Eindelik, op die 27ste September 1825, het hy self sy eerste stoom-enjin en trein gedrywe — daar was ses waens met koring en steenkool gelaai en een wa met passasiers. 'n Man met 'n vlag het te perd voorgery!

Daar was duisende toeskouers, wat gekom het om die mislukking van George Stephenson se uitvindsel te aanskou en te geniet. Maar, wat sien hulle, die lokomotief werk pragtig! Stephenson roep die perderuiter om uit die pad te gaan, en daar gaan die treintjie in volle vaart, en lê veilig die entjie pad af. Met die terugkoms het 600 passasiers die treintjie toegepak en aangehang! Stephenson se uitvindsel was 'n sukses! Maar tog was die mense nog glad nie oortuig van die nut of die moontlikheid van stoom-vervoer.

Toe die plan ontstaan het om 'n spoorweg tussen twee stede te bou, waarvoor die toestemming van die Parlement moes verkry word, was daar 'n geweldige teestand van alle kante, selfs ook van die Pers en die wonderlikste besware is ingebring. Die rook van die trein sou die lug vergiftig, het sommige beweer. Die diere wat langs die spoorlyn weie sou ook vergiftig word. Mense kon liewer vir hulle op [illegible]

pyle laat afskiet, as om op so 'n gevaarlike ding as 'n trein, wat met stoom gaan, te waag.

"Sê nou 'n koei kom op die spoorlyn te lande", vra hulle vir Stephenson, "Sou dit nie 'n baie moeilike posiesie veroorsaak nie "

"Ja", antwoord Stephenson droog weg, "'n baie moeilike posiesie — vir die koei!"

Stephenson en sy werksmense moes selfs met lewensgevaar werk, want die grondeienaars het hulle met hooivorke van die grond afgeja en selfs hulle instrumente is stukkend gebreek. Om sy bespotters te herinner aan al die hoon en teenstand, wat hy moes verduur het hy die lokomotief, waarmee hy 'n prys van £500 gewen het, (deur 'n kompanie uitgeloof vir die beste masjien) genoem "Rocket" (vuurpyl.)

Verlede maand met die Spoorweg Eeufees wat in Engeland gevier is, was daar 'n optog van stoomenjins uit alle tye — ook 'n model van Stephenson se "Rocket" met persone daarop gekleed in die drag van sy tyd.

Ons, wat so gewend is aan wonderlike uitvindsels soos motors, elektriese trems en treine, vliegtuie en duikbote, ons kan byna nie glo nie dat net 'n korte 100 jare gelede die mense met vrees en ongeloof geluister het na die planne van manne soos Watt en Stephenson.

Selfs die Koning van Engeland, George III, het min tyd gehad vir die planne van Watt, en het hom dan ook voorgeneem om die astrante kereltjie met sy nuwe idees bietjie op sy plek te sit. Toe Watt aan hom voorgestel word, vra hy hom op 'n spotterige, vernederende manier:

"Wel, kerel, en wat het jy om te verkoop?"

Waardig en beslis antwoord Watt: "Wat Konings en Vorste begeer, U Majesteit, — **Mag**!" ("What Kings and Princes covet, may it please Your Majesty — **Power!"**) bedoelende die stoomkrag, waarvan hy die geheim had en wat so 'n wonderlike mag in die wereld sou uitoefen.

Arme, onnosele George III het seker nooit gedroom dat die eenvoudige, nederige kerel voor hom meer mag besit as hy, die regeerder van 'n ryk! Nog minder het hy kon dink dat die wereld manne soos James Watt en George Stephenson in dankbare herinnering sou hou, as hy lankal vergeet was.

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

---

## HUISHOUDSTER BENODIG.

Applikasies word gevra vir 'n huishoudster om te sorg vir bejaarde vrou en twee mans. Applikant moet van goeie gedrag wees en bereid om dadelik te begin. Inwoning vry. Meld salaris verlang.

Ondergetekende sal bly wees as here leraars hom iemand bevoeg kan aanbeveel.

J. H. COETSEE,
Skrynwerker.

Markplein,
Middelburg, K.P.

---

## VERLOWING.

Die verlowing word aan familie en vriende bekend gemaak van Louisa Snyman, Vlakfontein, Koster, en Eric van Eck, Dundee, Natal.

## SILWER BRUILOF.

COOKS—COETZEE.—Op die 13e Augustus 1900 by die Magistraat te Molteno, Samuel Cooks en Maria Coetzee, teenwoordige adres, 112 Northstraat, Durban.

---

## DOODBERIG.

Aan familie en vriende word bekend gemaak dat die Here deur die dood van my weggeneem het my dierbare Eggenoot en Vader

**ABRAHAM PRETORIUS KRUGER.**

in die geseënde ouderdom van 75 jaar, 7 maande en 18 dae op 21 Julie 1925.

Die lyding was die laaste 10 maande baie smartelik, wat hy gedra het, met geduld en lydsaamheid en kinderlik geloof op sy Here en Heiland.

Veel rampe en beproewings het hy in sy lewe gehad, maar deur dit alles heen het hy altyd die vaandel van geloof omhoog gehou.

Hy was 'n troue lidmaat van sy Kerk. In sy vroeër leeftyd het hy die Kerk as Kerkraadslid gedien.

Van sy 13 kinders is nog 7 in lewe (almal getroud) dan is nog in lewe 22 kleinkinders 2 agter kleinkinders en 2 stief kinders (getroud) en 6 stief kleinkinders.

Ons hartelike dank aan al die vriende wat hulp verleen het, besonder dank ek Ds. en Mevr. Postma vir hulle troue besoek gedurende die siekte asook nog Ds. van Rooy en Ds. Viljoen van die Ned. Geref. Kerk, Venterstad, vir hulle oorkoms vir die begrafnis.

Die bedroefde weduwee en kinders,

J. C. S. KRUGER (geb. Lessing).

Witpoort,
Burghersdorp,
4 Augustus, 1925.

---

## DOODBERIG.

VAN DER WALT.—Op die 12de Junie 1925, is van ons weggeneem deur die dood ons dierbare moeder

**CATHARINA JOACAMINA ELISABETH VAN DER WALT**

(geb. Reinecke)

in die ouderdom van 74 jaar, 5 maande en 24 dae. Ons dank die Here dat hy haar so lang vir ons gespaar het en betuig met Job: "De Heere heeft gegeven, de Heere heeft genomen, de Naam des Heeren zy geloofd."

Namens die treurende kinders, ,

J. J. VAN DER WALT.

Ongelukskop,
Dist. Fauresmith.

**DOODBERIG.**

Dit het die Here van lewe en dood behaag om van my weg te neem my dierbare eggenoot

**STEPHANUS JOHANNES VAN WYK**

in die ouderdom van 80 jaar, 2 maande en 20 dae. Ons kan hom noem die stille in die land; soos sy lewe was, so was sy afsterwe. Ons vertrou dat hy ingegaan het in die Rus van Gods Volk. Sondag die 5de het hy nog vir die laaste maal hier op aarde heilbegerig Avondmaal gevier met die Gemeente van die Heer. In dieselfde nag half één is hy verhuis na sy Vader se Ewige Woning. Sy laaste woorde was: Uw Koninkryk kome. Ons samelewe was 54 jaar, 'n lieflike samelewing. Uit die huwelik is 13 kinders gebore, waarvan nog vier in lewe is en een van die eerste huwelik, waarmee hy een jaar en 8 maande geleef het. Ons swyg stil in die Here en troos ons met die woorde van Psalm 43 vers 5: "Myn ziel, hoe treurt gy dus verslagen. Wat zyt gy onrustig in uw lot. Berust in des Heeren welbehagen."

Die bedroefde eggenote en kinders.

JOHANNA FRANCINA VAN WYK,
(geb. Pelzer).
FRANSINA JACOBA COETZEE,
(geb. van Wyk.)
S. J. VAN WYK,
F. J. VAN WYK, (geb. Pelzer)
W. H. VAN WYK,
LENIE VAN WYK (geb. Louis).
H. MYNHARDT,
H. M. MYNHARDT, (geb. van Wyk).
F. P. VAN WYK,
H. L. VAN WYK, (geb. Coetzee),
en 33 Kleinkinders.

**DOODBERIG.**

Dit het die Here van lewe en dood behaag om van ons weg te neem op 31 Julie 1925, ons teergeliefde dogter,

**SUSANA MARIA VAN DER WALT**

in die ouderdom van 16 jaar, 3 maande en 11 dae. Sy het 'n swaar lyding gehad van sewe dae aan inflammasie. Met geduld het sy haar lyding gedra, en het baie verlangend uitgesien na haar Heiland en Saligmaker. Haar laaste woorde was, met uitsteek van haar hande: "Kom Here Jesus kom!" Ons hoop op 'n blye wedersien, hoe swaar die verlies ook vir ons is, ons berus ten volle in die wil van die Here. Wat Hy doen is wys en goed. Ons bedank al die familie en vriende wat ons so getrou bygestaan het met haar siekte. Ook Ds. A. Duvenage word hartlik bedank vir sy troue besoeke en woorde van troos.

Namens die bedroefde ouers en kinders.

J. S. VAN DER WALT,
H. S. VAN DER WALT.

Middelfontein,
Petrusburg,
4 Augustus, 1925.

**DOODBERIG.**

Ontslape in haar Heiland, ons innig geliefde eggenote, moeder en grootmoeder

**JOHANNA MARIA PETRONELLA SNYMAN**
(geb. Venter).

te Bethulie op 3 Augustus 1925, in die ouderdom van 69 jaar, na 'n lieflike egverbintenis van 52 jaar.

Onse hartelike dank aan Ds. van Rooy en ander vrinde vir getroue besoek en hulp gedurende haar smartelike lyding.

Mede uit naam van die kinders en kindskinders.

P. J. SNYMAN,

**DOODBERIG.**

Op die 27ste Julie 1925 is oorlede in die hoop op die ewige lewe onse dierbare moeder,

**SUSANNA CATHARINA MARIA MALAN,**
(geb. Schutte).

in die ouderdom van 64 jaar, 5 maande en 18 dae.

Namens die kinders.

P. MALAN.

Vergenoeg,
Parys

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

**Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.**

**Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.**

***Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.***

**Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.**
**Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.**

**DAMES UITRUSTING.**

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

# DIE CORONA DRAAGBAAR


# SKRYFMASIEN

**Gemaak deur die Wereld se Oudste en Beste Skryfmasien Makers.**

Die „CORONA" is die Eerste Draagbare Model wat met die gewone Standaard Kantoormasien Gelyk Staan.

**Model Three**
**£15 0 0**

**Model New XC.**
**£17 10 0**




**Model Four**
**£21 0 0**

**DIE SKRIF IS SIGBAAR!**

**VRKRYBAAR BY**

## DIE VOLKSBLAD BOEKHANDEL

130 MAITLANDSTRAAT

BUS 325. — BFN. — FOON 849.

**AGENTE IN DIE VRYSTAAT VIR DIE „CORONA.'**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 563 | 1 SEPTEMBER 1925 | 26ste JAARGANG


### STAANDE BY DIE KRUIS VAN JESUS.

(Deur Ds. J. G. H. van der Walt).

*Lees*: Johannes 19:17—37.
*Teks*: Johannes 19:25, 26—,,*En by het kruis van Jezus stonden Zijn moeder en Zijner moeders zuster, Maria, de vrouw van Klopas, en Maria Magdalena......, en den discipel dien Hij liefhad daarbij staande.*"

Die kruis van onse Here Jesus is, vir die wat 'n oog ontvang het om hom te sien in sy ware betekenis, 'n ligpunt in die donkere geskiedenis van die wereld. Het u al ooit 'n poging gemaak, leser, om die diepte van 'n enkele woord, soos die van Paulus te deurgrond: as ek roem, dan sal ek alleenlik roem *in die kruis van Kristus*? Wie het ooit daarin geslaag om die betekenis van die kruis volledig te beskryf? Geen wonder dat die Roomse kerk van die vroegste dae af, die kruis in sy stoffelike vorm afgodies vereer het nie. Dit is sonde, maar die drang, wat daartoe oorspronklik aanleiding gegee het, was edel: 'n poging om die innerlike eerbied en hoogagting, ook uiterlik te laat blyk.

Daardie kruis, waaraan die Romeine, op aandrang van die Jode, onse Saligmaker vasgenael het, het 'n diepere betekenis, as 'n blote stuk hout, wat gebruik is om Jesus mee dood te martel. Laat ons dit onthou.

Die stoffelike kruis is 'n sinnebeeld van die geestelike. Daardie kruis is 'n ligpunt in die omringende duisternis. Het u ooit by 'n ligtoring gestaan in die donkere nag? Dan het u ook gemerk hoe die lig wat daar uitstraal, die verskillende voorwerpe aan u oog ontdek. So is dit ook met die kruis van die Heiland.

Verplaas u vir 'n oomblik in die gees op Golgotha. Die onbarmhartige werk van die kuisiging was 'n voldonge feit. Die kruis, met Jesus daaraan vasgeheg, was opgerig en in die aarde vasgeplant. Hoeveel kan ons daar op en rondom sien in die lig van die kruis!

Ons wend ons oog van alles af en kyk daar op die plekkie, waar die sterwende oog van die Middellaar vir die oomblik val. Dis 'n groepie van vier; drie vroue en een man. Die man is die apostel der liefde: Johannes. Die name van die drie vroue is: Maria, die moeder van die Heiland, haar suster Maria, die vrou van Klopas en Maria Magdalena. En wat sê die man, wat self een van die groepie was, toe hy sy Evangelie skryf, aangaande hulle? Niks anders as *dat hulle daar gestaan het nie.* Waar het hulle gestaan? By die kruis van Jesus. U besef tog, Broeder en Suster, dat daar vir ons nog diepere lesse hier te lese val, as die enkele geskiedkundige mededeling dat hulle daar op die gewigtige plek en oomblik teenwoordig was? Was daar niks anders nie dan bly die kruis ook maar vir ons 'n stoffelike marteling waaraan Jesus ter dood gebring is. Wat sien ons hier in die lig van die kruis? *Ons sien hoe die ware vervolger van Jesus, ook wanneer hy uiterlik volslae onmagtig is, heerlike dienste aan Jesus kan bewys.*

Simon van Cyrene het so 'n diens aan Jesus bewys, deur die kruis tot op Golgotha te dra; hierdie vroue en Johannes, het dit gedoen, deur eenvoudig teenwoordig te wees daar by die kruis.

O, mog hierdie lydensweke vir ons dae wees, waar ons *staan by die kruis*! Ja, mog ons hele lewe, waar die tyd en geleentheid daartoe aanleiding gee, ons nooit afwesig vind nie, maar mog ons gevind word, staande by die kruis.

I. *Daardie staan by die kruis was 'n diene van die Here Christus onder persoonlike gevaar.* Nee. Hulle het nie *gemeen* om goeie werke te doen nie, Broeder en Suster. Dat hulle daar gestaan het, was deur die drang van liefde en belangstelling. Maar dit is die beginsel van die ware godsdiens. Hierdie eenvoudige manier, waarop dit vir ons moontlik is, om die Here te dien is vir baie mense te eenvoudig. Hulle wil

juis opgang maak in die wereld. Die wereld moet daarvan hoor, en hulle moet kan sê: die en die gebod het ek nou weer vervul. Wat is ek tog braaf! Dit is beter as om goddeloos te wees, maar die egte is dit nie. Die drie Marias was te diep bedroef om ooit daaraan te dink, maar wat hulle hier gedoen het, was die vervulling van die grootste gebod: die Here u God moet u liefhê bo alles. Daardie staan by die kruis, het nie plaas gevind omdat daar vir hulle geen ander mogelikheid was nie.

Hulle was daar onder persoonlike leed en opoffering, ja lewensgevaar. Jesus was as Hoof van 'n godsdienstige beweging gevang en terdood gebring. Die vervolging van sy volgelinge kon elke oomblik verwag word. Ja, ons sien dat Petrus reeds in gevaar was, die vorige aand, in die saal van die Hoë Priester, toe hy Jesus verloën het. Elke oomblik kan die wrede Romeine dus hulle hande aan die wat daar, in medelyde met Jesus teenwoordig was, slaan. Waar was van die ander elf apostels? Waar was die skare, wat nog so onlangs uitgeroep het: Hosanna vir die Soon van Dawid, Hosanna in die hoogste hemele! Hulle almal het Jesus in die steek gelaat in hierdie haglike ure.

U sien hier die teenoorgestelde van wat Petrus gedoen het: getrouheid. Hy het Jesus verloën. Hierdie groepe vereenselwig hulle met Jesus, deur hulle teenwoordigheid daar by die kruis.

Nog meer. Was dit maar net om daar te staan. Maar hulle het gehoor en gesien. Die spot en die marteling. Hoe het dit hulle deur die siel gesny! Staan by Jesus. Staan by die kruis. Is dit dan net nodig op Golgotha? Nee. Die kruis van Jesus gaan deur die eeue. En die skare rondom die kruis ook. Elke dag rondom ons heen. Plaas in die plek van die kruis die Kerk van Kristus en sy behoeftes en u sal sien dat hierdie toneel nie op Golgotha geëindig het nie. O, hoe dikwels is daar oomblikke van nood, waarin die skare van vereerders weg is! Hoe dikwels tye van veragting en spot, waarin maar alleen 'n heel kleine groepie die lotgevalle van Jesus deel! Sommige is dan wel afwesig en dit smart hulle, soos die meerderheid van die apostels, maar daar is ook afwesig, helaas, wat liewer is vir huis van maaltye as die klaaghuis. Tot welke pynlike werkelikheid dit soms in vervulling gaan, kan gesien word, uit die voorbeeld van 'n lidmaat wat sy lidmaatskap van 'n gemeente van Kristus opgesê het met die opmerking: „Julle is vir my al 'n bietjie te eenvoudig en te agterlik geword." Die *kruis*, ja by die kruis wil hy nie wees nie. Om te staan by die kruis, daartoe is heldemoed nodig.

Gelukkige volger van Jesus, wat uit genade daartoe krag ontvang het. Bly getrou tot die dood!

II. *Daardie staan by die kruis, was 'n diene van die Heiland, onder grote selfverlogening.*

Kyk nog 'n keer na daardie groepie van vier. Die eerste val ons oog op die bejaarde vrou, van seker nie minder as 60 jaar nie. Sy is krom gebuig nie soseer onder die las van haar jare nie, as onder die gewig van haar smart. Aan die kruis daar voor haar, hang haar Soon en Verlosser. Die oomblik, wat aan haar voorspel was, dertig jaar vroeër is aangebreek: 'n swaard gaan deur haar hart. Wie kan sien sterf, selfs 'n dier, sonder medelye? Hier word doodgemartel haar *Kind* en haar Redder. Sou sy die skouspel nie ontvlug nie? Was dit nie vir haar beter om tuis te bly nie? As sy aan *haarself* gedink het: *seker*. Maar hier was die ure van selfverlogening. Nie vir haarself nie, maar om Jesus ontwil, was sy daar?

En die andere wat daar was? Maria, haar suster, die vrou van Klopas? Ons weet van haar nie veel nie, maar dat Jesus aan haar man op die pad na Emmaus verskyn het, is 'n bewys dat dit nie nuuskierigheid maar belangstelling was, wat haar hier gebring het. So ook Maria Magdalena. Sy wat Jesus so innig bemin het, sy wat nie net hier by die kruis, maar straks ook by die begrafnis teenwoordig was, en aan wie Jesus die allereerste verskyn het—sou iets anders as waaragtige liefde en belangstelling haar hier by die vloekhout van Golgota teenwoordig gehou het?

En dan Johannes, die apostel wat Jesus lief gehad het. Die man aan wie Jesus sy moeder toevertrou het, by sy heengaan. O, wat het hy sy magteloosheid diep gevoel. Wat was dit vir hom 'n ondraaglike smart, die leed wat Jesus daar aangedaan werd. Tog hy het nie gevlug nie. Sy liefde was sterker as die natuurlike drang van sy hart. Daardie staan by die kruis van Jesus was selfverlogening. Nie wat hulle self graag sou wou hê nie, maar wat in belang van Jesus was. Hoe diep moes hulle daar hulle magteloosheid gevoel het! Wat moes daar die begeerte om weg te vlug van die marteling dikwels in die hart opgekom het. Tog daar by die kruis het hulle bly staan.

Hier is ook weer die toets, leser. Wat kos ons diene van God ons persoonlik? Is 'n onweersbuitjie nie dikwels genoeg om ons van die kerk af weg te hou nie? Ons dierbare eie ek sal daardeur 'n bietjie ongerief moet ly. En so meer...... Kom na onse nagmaalsvierings toe. Daar staan

ons by die sigbare voorstelling wat op Golgotha plaas gevind het. Hoe baie van ons is dan in Jerusalem, of op 'n ander skuilplek. Nie by die kruis nie. En wat is die verskonings?

,,Ek kan my met daardie lyde nog nie vereenselwig nie." ,,Ek is nie klaar nie. Ek het nog onvrede." ,,Ek is nie heilbegerig genoeg nie."

Weet u wat? Die ware antwoord is: ,,Ek het Jesus nie lief nie." Die wat Jesus lief het, verloën homself, neem sy eie kruis op en volg Jesus na. Hy staan by die kruis, al gaan daar ook 'n swaard deur sy hart. Hy *kan* Jesus nie verlaat nie.

III. *Daardie staan by die kruis, was vir die lydende Heiland 'n diens, waardeur 'n soete druppel in Sy bittere lydensbeker gedoen is.*

Dink aan Jesus vir 'n oomblik, nie as God nie, maar as *mens*. Wat het daar dan in Sy menselike siel omgegaan? Is dit nodig om dit te beskryf?

Laat die ondervinding van 'n vreemdeling, eensaam, verlate en in krankheid spreek. O, die behoefte aan *medelyde*! Al kan 'n vriend ons dan nie sy hand reik nie, as ons tog net sy stem kan hoor, sy aangesig kan sien!

Jesus het geklaag oor verlatenheid. Waarom het U my verlaat, Vader? Hoeveel van Sy vrinde het Hom verlaat? Ons het geag dat hy van God geplaag, geslaan en verdruk was. So het Jesaja dit voorspel. Hoe diep het Jesus daardie ontrou gevoel!

Wat 'n soete druppel! Hy doen die matte oog ope. Daar staan die dierbare moeder: 'n troue hart. Daar staan die twee Maria's. Daar is Johannes.

Maar hulle is nie alleen 'n vertroosting in sy sterwenssmarte nie. Dis nie Hy nie, maar hulle, wat moet gered word.

Vanwaar het hulle die krag gekry om daar te staan? Nie uit hulle self nie. Nee. Dit was die eerstelinge van sy Middelaars-arbeid. Later het die sterwende kruiseling Jesus, deur sy smeekgeroep herinner aan die noodsakelikheid van sy borgtogtelike dood. Hier was dit sy dierbaarste vrinde, ja sy eie moeder, wat Hom aangemoedig het om sy lewe vir hulle te gee. Hulle het dit nie besef nie, maar wat 'n kosbare diens het hulle Jesus hier bewys. Wat 'n heerlike aanmoediging om die lydensbeker tot die bodem te ledig!

Mag ek, eer ek eindig, u herinner aan 'n woord van die Heiland, vroeër uitgespreek? Al wat u aan een van die minste van my dissiepels gedoen het, het u aan My gedoen. Ken u die smarte van sy ellendiges? Besoek u hulle in die dae van hulle krankheid en hulle ontbering? Ken u hulle versugtinge in hulle Gethsemane? Staan u daar by die kruis? al kan u ook niks anders doen nie?

Golgotha staan vandag nog. Sorg dat u nie afwesig is nie. Vereenselwig u met Jesus en Sy saak. Giet olie in die wonde. Die wat met Jesus ly, sal ook met Jesus verheerlik word!—Amen.

(Hierdie Oordenking het ons nog altyd in bewaring gehad en dit kom goed te pas, nou dat ons ook weer nie die verwagte preek gekry het nie.—Red.)

## AAN OUERS.

Ons het laas 'n oproep om hulp aan ons predikante gerig. Hierdie keer rig ons 'n woord aan die ouers.

Dit sal wel gebeur dat *Die Kerkblad* in 'n huis kom en dat die ouers dit lees, maar die kinders nie.

Ouers mag nou miskien veronderstel dat die kinders dit gelees het. Ons versoek egter die ouers om die kinders aan te spoor om *Die Kerkblad* te lees en ook vir hulle te vra of hulle dit gelees het.

En as die beantwoording van vrae goed gereel is deur ons predikante om ook die kinders aan te spoor om die vrae te beantwoord. Miskien is dit die beste dat ons predikante dit so reël dat al die kinders van een huis saam die vrae nagaan en beantwoord, sodat ons antwoorde kry van die huis se kind of kinders.

Dan is daar kinders wat nie in die ouerlike huis meer is nie en nie *Die Kerkblad* lees nie.

Daarom vra ons ook die ouers om vir sulke kinders op *Die Kerkblad* in te teken of hulle kerkblaaie aan die kinders te stuur. In die poskantoor kry mens omslae vir die doel met 'n halfpennie seël daar op, wat genoeg is vir *Die Kerkblad*.

Vra maar krant-omslae.

## OP DIE RAND.

In hierdie uitgawe word twee beroepe op ons gemeentes en gemeentelede gedoen vir geldelike steun op die Rand, die een is vir 'n kerkgebou op Germiston en die ander vir Evangelisasie arbeid.

Ons steun van harte hierdie oproepe. Ons gemeentes op die Rand brei uit. Germiston wil 'n kerk bou nie uit weelde nie, maar uit nood, en dit nog wel 'n beskeie gebou vir £4000. Dan is

daar die oproep vir die Evangelisasie arbeid. Hierdie belangrike werk is nog in die eerste trappe van sy ontwikkeling, en dit moet op- en uitgroei. Ons het al lang lyste van geldelike ondersteuning verwag, maar die uitkoms van die eerste oproep was teleurstellend.

As gemeentelede die moeite ontsien om self hulle bydraes te stuur, gee dan maar aan die predikant of die korrespondent, en hulle sal wel sorg dat die gelde hulle bestemming bereik.

## ORGANISASIE VAN DIAKONALE ARBEID.

In November word, volgens 'n kennisgewing in *Die Kerkblad*, 2 Junie, 'n Diakonale Konferensie op Johannesburg opgeroep.

*De Hervormer* het verklaar dat in die Gereformeerde Kerk die diakonale arbeid die beste georganiseer is, en tog is daar nog baie gebrekkigs in ons diakonale werk, en daar is soveel nog om te doen. Die vraag kom op of ons tevrede mag wees met die feit dat ons verwaarloosde kinders, dat ons swaksinnige kinders, dat ons oue van dae, dat ons wese, gestuur moet word na inrigtings, waaroor ons niks te sê het nie, of waar 'n onkristelike gees heers.

Dan dink ons ook aan meisies uit verarmde huisgesinne, wat in huishouskole geplaas word, waaroor ons ook niks te sê het nie. Hierdie sake is die aandag van ons diakonie werd, en ook die suster-organisasies kan hulle met vrug in bespreking neem. Ons weet nou al van jong susters van ons gemeentes, wat werksaam is in dergelike inrigtings, wat later met vrug onder ons kan werk. Daar is vir ons so verbasend baie om te doen.

Ons Sending moet op goeie voet gebring word, daarnaas het enkele gemeentes begin met Evangelisasie.

Die Kristelike Unie moet aan die werk gaan. In hierie uitgawe blyk uit Kerk en Skool, Burgersdorp, dat die gedagte pos vat dat *Die Kerkblad* wekeliks moet verskyn. Hieroor is ook 'n kommissie benoem deur die Klassis, Pretoria, wat in onderhandeling moet tree met die Redaksie. Daar is so baie werk.

Maar in alles blyk dat die Here vir ons werk het. En dit is nog so 'n groot genade. As ons maar aan die werk gaan, en daar lewe geopenbaar word. Waar lewe is kan en sal ook gewerk word. Ons Kerk mag nie tot 'n toestand van stilstand kom nie.

As ons maar net ons eenheid besef, en ons gemeentes nie met 'n eie, afgesonderde bestaan tevrede is nie.

Ons is wel klein, en ons mag ook gevoelig wees vir die waarskuwing om nie te veel kaf op ons gaffel te neem nie, maar laat dit ons nie afskrik nie, want solang as ons bly by 'n *organiese ontwikkeling* kan uit die aard van die saak hierdie ontwikkeling ons kragte nie te bo gaan nie.

## DIE HEL.

### XI.

Openbaring 9 is die hoofstuk in die Boek van Godsgerigte wat ons 'n kyk gee in die afgrond van die hel.

Die vorige keer het ons gesien dat die Vors van die hel verlaas sy bendes sal uitstuur oor die aarde om 'n ontsaglike rewolusie te verwek. Soos sprinkane kom die bose geeste uit die afgrondsrook te voorskyn. Hulle kwel die mense, maar maak hulle nie dood nie; sodat ons tot die gevolgtrekking gekom het dat dié profesie sy vervulling vind in die rewolusietoestande van ons dae. Al leef ons nog maar in die begin van die komende dinge, dit kan nie betwyfel word dat ons in die verskynsels van Kommunisme en Bolsjewisme die eerste openbarings sien van wat Johannes se adelaarsoog alreeds op Patmos aanskou het nie.

Spreek die eerste gedeelte van Openbaring 9 aangaande *omwentelinge* wat die hele aarde sal teister—dit is duidelik dat ons in die twede gedeelte daarvan (vs. 12—21) 'n verder stadium in die wêreldgebeurtenisse bereik het en dat *oorlogstoestande* voor ons oog ontrol word. En hierin is vervat 'n twede openbaarwording van die magte wat opsweef uit die hel.

As die vier engele by die Eufraat nie meer teëhou nie, dan verskyn daar perde. Dadelik is dit duidelik dat ons nou met *oorlog* te doen het, want 'n perd was vir die Israeliet 'n simbool van stryd en nie van vrede nie. Israel moes dan ook die perde nie vermenigvuldig, omdat dit volgens die bestemming van God geen militêre nasie moes wees nie.

Maar net soos by die vyfde basuingeklank van buitengewone sprinkane sprake is, so is ook hier perde te sien wat aan iets buitengewoons laat dink. Die koppe van die perde wat uit die afgrond verskyn, was soos koppe van leeus (vs. 17). Hier kom by dat hulle mag ook was in hulle sterte, want hulle sterte was soos die slange—dit het koppe en hulle beskadig daarmee (vs. 19). Net soos by die vyfde basuin die *geestelike agtergrond* van die komende rewolusie gesien word,

so word nou (by die sesde basuin) in ontsagwekkende visioen die *geestelike agtergrond* geskilder van 'n wêreldoorlog wat nog aanstaande is.

,,Oorlog is hel!"—dit het die soldate gedurende die jongste Europese worsteling baie keer uitgeroep. Maar dit sal eers in alle werklikheid besef word as die ruitery aanstorm waarvan Openb. 9 vir ons die skildering bied.

Opmerklik in verband met die helruiters is twee dinge.

Ten eerste is daar die getal van 200 miljoen (vs. 16). Weens die grootheid van die getal het 'n enkele profesieverklaarder gemeen dat ons nie aan oorlog moet dink nie. Die gesamentlike getal van Europese leërs tog was in 1889 net 8,266,000. Hoe sal ons dan ooit die getal van 200 miljoen kan bereik!

Maar die jongste wêreldoorlog het ons iets geleer wat genoemde profesieverklaarder in sy dae nog nie waargeneem het nie. Die oorlog in Europa het naamlik ontaard in 'n reuseworsteling, nie van *leërs* nie, maar van *nasies*! Elkeen moes sy ,,bietjie" doen, ook al het hy of sy nie daadwerklik aan die stryd deelgeneem nie.

En hoe het toe die getal van die *vegsmanne* gegroei! In die oorlogvoerende lande is tot eensewende van die bevolking onder die wapens geroep. Deel ons nou 1600 miljoen—die bevolkingsyfer van ons hele aarde—met sewe, dan is dit al meer as 200 miljoen!

Dit skyn dus of ons eenmaal in werklike slagordening die teëhanger sal sien van die 200 miljoen duiwels wat die mensheid sal opstook om oorlog te maak.

Die ontsaglike miljoene uit die diepte sal voorafgegaan word deur miljoene werklike soldate, en Satan wat 'n mensemoorder is (Joh. 8 : 44), sal vir 'n kort tyd feeshou.

Maar daar is nog iets wat die siener van Patmos ons voor oë stel. Uit die perdemonde gaan vuur, rook en swawel, en daardeur word eenderde van die mense doodgemaak.

Met ander woorde, hier is 'n afskildering van ons *vuurwapens*, iets wat so treffend is omdat sulke oorlogsgereedskap in die dae van Johannes heeltemal onbekend was.

In die ou tyd is daar geveg met pyl en boog, met swaard en skild; ons vuurwapens egter dagteken eers uit 'n baie later eeu, en teenswoordig is daar nie net gewere en kanonne wat vuur uitbraak nie, maar daar word geveg met ,,vlamwerpers" wat die menslike liggaam verbrand en ,,gasse" wat in hulle rookwolke die stryders verstik.

Maar ons moet die leser by nog 'n belangrike punt bepaal. Die vier engele wat van God bevel ontvang, tref ons aan *by die Eufraat* (vs. 14). Dienaangaande sê Ds. S. J. du Toit in sy verklaring van Openbaring: ,,Dat die beteuelende engele wat hierdie woedende uitbarsting van afgrondsmagte van die aarde af teëhou, by die Eufraat ontbind en losgelaat word, toon ons die verplaatsing van die wêreldgeskiedenis se swaartepunt vir hierdie laaste ontknoping *van die Weste af na die Ooste toe*."

Inderdaad is dit so in ons tyd.

Die Oosterse nasies word wakker—dit het ons reeds in die vorige artiekel gesien en ons moet nou daarop terugkom, spesiaal in verband met wat in Noord-Afrika gebeur.

Die geel rasse word wakker; 'n gevaarlike eenheid kom meer en meer tot stand. Van China af tot in Klein-Asië toe is daar 'n roering wat niks as ellende vir die wêreld voorspel.

Maar nog meer. Die gekleurde rasse van Afrika word in die maalstroom ingetrek. Die oorlog wat Abd-el-Krim met sy Kabiele teen die Franse voer, wys duidelik in dié rigting. Ook in Noord-Afrika word 'n magtige vyand van die Europese beskawing wakker.

In die Buitenlandse Oorsig van die ,,Burger" lees ons:—

,,Die vernaamste bewoners van Marokko is Berbers.

In die oudheid, baie jare voor die geboorte van Christus, het daardie Berbers die hele noordkus van Afrika in hulle besit gehad, van Egipte tot Gibraltar. Ja, hulle het selfs deurgedring tot in Spanje, Portugal, Italië, Frankryk en Engeland. Die groot steenklompe in die suide van Engeland, wat eers as van Keltiese oorsprong beskou is, word vandag meer algemeen as van Berberiese oorsprong gehou. Die vernaamste van hulle is die klipkring van Stonehenge in die vlakte van Salisbury. Dergelike puinhope vind 'n mens ook in Bretagne, in Spanje, in die Rifgebied, in Tripolis, en selfs in Syrië.

Hierdie puinhope stam uit die tyd van 2000 jaar voor Christus.

In die Spaanse volk is baie Berberiese bloed, en waarskynlik is die Baske regstreekse afstammelinge van die Iberiërs (Berbers).

Daar is seker Arabiese bloed in Marokko, maar die grootste deel van die inwoners—vernaam die gedeelte wat in die berge bly woon het—is nog suiwer Berberies."

En dan besluit die Oorsig-skrywer sy belangrike artiekel met die betekenisvolle woorde ,,dat daar al 'n ernstige Europese kriesis oor die Marokkaanse vraagstuk in Europa ontstaan het, wat

gelei het tot die Konferensie van Algeciras, toe Duitsland 'n betekenisvolle diplomatieke nederlaag gely het, en Engeland vir die eerste maal 'n politiek van intervensie in die Vastelandstaatkunde getoon het. *Daar in Algeciras is die eerste rommeling van die Europese Oorlog van* 1914 *gehoor*."

Frankryk speel dus 'n gevaarlike spel, des te meer omdat maar al te droef weer blyk dat ook hierdie oorlog sy vertakkinge ver en wyd het.

'n Vraagstuk wat o.m. die Franse besig hou, is: Waar kry Abd-el-Krim sy geld en sy ammuniesie vandaan? En wat is die antwoord tot dusver? Die Russiese pers het verklaar dat daar weë is wat van Moskou na Marokko toe gaan! Dit bewys alweer wat ons die vorige keer betoog het, dat die Kommunisme van Rusland 'n gevaar vir die hele wêreld word.

Maar die volgende Reuterberig, onder datum 18 Augustus l.l., is nie minder onheilspellend nie:—

,,Die beriggewer van Le Matin op Taza sê dat dit vasstaan dat Abd-el-Krim onlangs ondanks die blokkade wapens en ammuniesie ontvang het, alhoewel dit nie bekend is hoe die blokkade deurbreek is nie. Die opperhoof van die Riffi het ook geen gebrek aan geld nie. Die skrywer sê dat 'n duikboot aan die begin van die vyandelikhede 28 miljoen pesetas vir Abd-el-Krim gebring het, terwyl die Egiptiese Mohammedane hom daarna geweldige somme gestuur het. Ook het hy verskeie male somme van die Indiese Mohammedane ontvang, wat 'n hele fortuin bedra."

Dit lyk dus of nou in vervulling gaan wat die Rus Trojanowski in 'n vlugskrif geskrywe het, jare gelede al: ,,Die Tartare vorm die voorhoede van die Oosterse rewolusie; die Russiese Tartare is dit wat die rewolusionêre beweging moet lei na Persië, die land wat die poort is na Egipte en Indië toe... Ons eerste doel moet wees om 'n rewolusie te verwek in Persië en só die weg te baan *na die Ooste*, na Indië en na China toe, na die bolwerk van die imperialisme van Engeland, na Amerika en Japan toe."

Waarlik, die vier engele wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat, word losgemaak! Dit is soos Dr. Greydanus in sy verklaring sê: ,,En dus word hier voorspel dat die heidense volke sal aankom teen die christenvolke om dié te oorstroom en te verswelg."

En wat sal van Afrika word met sy hordes van heidense volke? Wat sal die lot van Suid-Afrika wees?

Die wêreldmagte maak klaar vir hulle Armageddon, en agter hulle blaas die hel rook en vuur en swawel uit!

J. D. DU TOIT.

---

## BRIEF.

---

Waarde Vriend,

Ja dis waar, ons *Kerkblad* moet meer versprei word. Die plan, wat Postmasburg en Delporthope het is uitstekend. En hul laat dit nie by woorde nie, maar hul het al oorgegaan tot dade en sorg dat *Die Kerkblad* in elke huisgesin kom. Dis is volkome reg, wat Ds. Kruger sê, dat party keer die man onverskillig is en nie die 10/- per jaar wil betaal en sy arme vrou ly daar onder. Sy het nie so groot geword nie, om sonder aanraking met die lewe van haar kerk te bly. In die huis van haar ouers was daar belangstelling in die kerk en die kerkelike lewe, en nou sy met 'n onverskillige man getroud is, moet sy amper so wegkwyn en sy hoor van niks nie. Dis net werk en brood bak en vir die kinders sorg en sy het nooit die kans, om eens haar siel en haar gees op te fris en te verkwik deur te lees, wat daar in haar kerk voorval, en die woorde wat ook tot stigting van haar geskryf word, kom nie onder haar oë nie. En wat sy so graag sou wil doen om namelik ook haar kinders iets van die Gereformeerde Kerk te vertel, en watter predikante daar is, en wat hierdie leraar nou weer geskryf het, en wat daardie predikant dan weer aan die lesers vertel, sy kan dit nie doen nie, want sy weet dit self nie en staan heeltemaal buite die lewe van die kerk, waar sy in groot geword het, waar sy in gedoop is, en belydenis in afgelê het. Die vader is onverskillig. Die swaar van die wereld en die teenspoed het vir hom sy moed ontneem, en hy gee nie meer om nie, en so sink hul weg. Daar is altemet ook nie 'n kerk in die nabyheid nie en op die manier is daar ook nie 'n woord van opwekking en van bemoediging en daar is nie 'n predikasie, wat die siel hemelwaarts wil voer, nee, dit alles ontbreek, en daarom moet die *Kerkblad* daar kom in die leë en die verlate en eensame huisgesin. Die leraar van Postmasburg het dit helder ingesien. Hy woon ver daar in Grikwaland en die gemeente is werksaam en daar is fluks ouderlinge, soos broeder Jan Viljoen, wat maar van altyd af wakker en dapper was, om vir die geestelike welsyn van die gemeente te sorg, dog daar is ook mense daar van die gemeente, wat ver weggetrek het. Wat amper nie kan besoek word nie, en wat as het ware van die gemeenskap van die kerk deur grote

distansies afgesny is. Hul moet en mag nie vergeet word nie. Maar laat ek nou ook iets van ons meer bewoonde streke sê.

'n Mens kan soms so moedeloos word, as jy die onbekendheid van ons lidmate met hul eie kerk agterkom. Een dag vra 'n suster my, dis al lang gelede, of dit met Prof. Cachet nog goed gaan te Burgersdorp, en toe was die skool al vier jaar te Potchefstroom en Prof. Cachet ook. Die suster en haar man het niks van die hele ding af geweet nie.

Op 'n ander dag kry ek weer 'n man uit 'n gemeente van ons in die Kaapprovinsie, wat my vra, op watter dorp ek predikant is, en toe was ek seker al 15 of meer jare te Philipstown gewees, en ek had toe ook reeds meermale by hul op die dorp gepreek. Ek vra toe vir hom, of hy dan nooit nie in die almanak van ons kerk kyk nie, en sy floue ekskuus was, dat hul ou predikant nooit vir hom 'n almanak laat kry het nie. Ek het daar niks van geglo nie. Dit was skoon nalatigheid, en dit spreek wel van self, dat daardie man, wat glad nie arm was nie, ook nie *Die Kerkblad* gelees het nie. Die grootste onkunde tref mens party keer aan. Natuurlik kan iemand wel 'n deugdelike lidmaat van die Gereformeerde Kerk wees, al weet hy nie, dat Ds. T. H. te C. is, of dat Prof. du Pl. aan die teologiese skool arbeid, maar dit is seker nie 'n teken van belangstelling in die lewe van die kerk, as iemand dinge van die aard nie weet nie,. en as sulk 'n belangstelling ontbreek, is dit gewoonlik maar 'n verskynsel, wat nie alleen staan nie. Daar is dan meestal ook gebrek aan meelewe met die kerk in haar moeilikhede, haar arbeid en haar stryd. Daarom, ons moet voorwaarts met ons kerkelike krant, en ons moet dit daarop aanstuur, dat dit elke week verskyn, en dan moet dit ook dikker word. Daar moet meer leesstof in kom. Eers moet die sirkulasie groter word, voor ons daarmee kan begin. Dan moet daar kom 'n redakteur, wat al sy tyd aan *Die Kerkblad* wy. Mens sien nou gedurig in die krante, dat die goewernement daarop uit is, om ons kinders te leer spaar. Daar gaan al reeds 'n predikant voor die doel die land deur, om daar toesprake oor te hou, en ook is daar spaarwedstryde. Hoe die laaste eintlik in mekaar gesit is, weet ek nie. Ek kan nie verstaan, hoe daar 'n wedstryd kan wees in so 'n saak. Maar dit kom daar minder op aan; daar is wel meer dinge, wat ek nie kan vat nie, en wat tog seker goed werk.

Dit is darem mooi, dat daar nou 'n spaarsin by die kinders aangekweek word, maar al diegene, wat vir spaar ingaan, moet nie dink nie, dat dit 'n makkelike ding is, om te leer, veral nie as mens eers gewend is, om te spandeer wat jy ontvang en maar elke dag van ,,die hand in die tand" geleef het, soos die spreekwoord sê. Om te spaar, kos opoffering en selfverlogening, en dis wat baie mense nie verstaan nie, en ook nie in beoefening kan bring nie.

Mens kan nie 'n pond wegsit nie, en dan ook die pond tegelykertyd wil gebruik, om 'n mooi hoed te koop. Dit help ook nie, om die pond net 'n maand te spaar en gedurende die maand gedurig daar aan te dink, wat jy straks vir daardie pond sal koop. Nee, dis nie spaar nie, en tog is daar party mense, wat dit meen. 'n Jong boertjie kan nie £300 op sy verband wil afbetaal nie, en dan ook meteen vir die £300 'n spoggerige motor wil koop, en daar mee wil rondry. Dis die simpelste ding van die wêreld, en tog sien mens dageliks mense wat hierdie kunsstuk perbeer uit te voer. Om te spaar, te spaar nie vir 'n paar maande nie, maar vir jare, om dan op die manier 'n kapitaaltjie by mekaar te maak, is nie somar 'n ding nie. Daarvoor is nodig selfbeheersing en selfverlogening. Dit lyk vir my, dat dit veral baie swaar moet wees, as jy al 'n sommetjie, sê nou maar £1000, met spaar by mekaar gemaak het, om dan jou buurman of jou vriend te sien spog en boonop te bemerk, dat hy met 'n veragtelike oog op jou neersien, omdat jou pak klere nie so fyn is as syne nie, en omdat jou vrou haar rok agter die mode is.

Party mense, so kom my dit voor, weet nie wat spare beteken nie, en hul verstaan nie, dat dit veel swaarder is as om van 'n klein verdienste of inkomste te leef. As die verdienste gering is, dan is mens verplig daarmee uit te kom en dan leer of dwing die omstandighede jou, om jou in jou behoefte en uitgawes te beperk, maar as daar wel geld is en jou dan self dwing om met 'n seker deel klaar te kom en die ander ongebruik te laat en weg te sit, nee, dat kan baie min. Daar is ook mense, wat onmoontlik die kuns van spaar kan leer, sonder om gierig te word. En gierigheid is 'n groot sonde. Al wie wil bespaar op die gawes aan die arme broeder of suster of op die ondersteuning van Gods saak, raak verward in die strikke van gierigheid en word op laas met veel smarte deursteek. Daar is ook weer anderes wat nie alleen nie kan spaar nie, maar nie eens behou en oppas, wat hul van hul ouers of van die familie ge-erf het nie. Dit gaan heeltemaal bo hul vermoë en hul begrip. Hul het mos die goed en hoekom sal hul dit dan nie gebruik nie. Dit is mos 'n regte dwaas, wat hom skraps behelp as hy 'n plaas het of daar 'n klomp geld aan hom

bemaak is, hetsy dit van sy eie kant of van die kant van sy vrou kom. 'n Mens het mos nie nodig nie, om vir homself swaar aan te doen, veral nie as die tyd moeilik is en daar teenspoed kom. Geniet dan van wat jy het. Dit is die redenering, wat ek al baie gehoor het. Hul vergeet, dat in sulke swaar tye mens juis moet vastrap, en die wa nie moet laat agteruit ry die afdraand af.

Wyle Ds. Snyman, vroeër van Heidelberg, vertel my eendag van 'n egpaar wat besluit het, om te spaar, en dan later grond te koop. Die man het klipmure gestapel en sy vrou het vir hom daarby gehelp, waar sy kon. Hul was altwee jong en gesond. Hul spaar hard en het op laas £80 by mekaar gemaak, en hierdie geld is in 'n velsakkie geberg. Toe kry die man 'n ongeluk. 'n Swaar klip val op sy voet, en hy kon toe amper nie werk nie. Sy vrou praat hom moed in, en hul spreek af, dat hul sal niks van die geld, wat in die sakkie is, vat nie. Hy gaan smôrens na die klipmuur en perbeer die werk vort te sit en sy vrou gee hom 'n hand daarby, en hoewel dit stadig gaan, kry hul tog elke dag soveel gedaan, dat dit genoeg is, om kos vir te koop. Op laas is die voet weer gesond, en toe begin die werk weer met volle krag, en die velsakkie het gedurig dikker geword en eindelik, na 'n lang tyd van worstel en spaarsaamheid, was daar genoeg om 'n boerdery te begin. Naderhand het die egpaar 'n plaas gekoop en toe Broeder Snyman my van die man vertel, het hy twee uitstekende plase gehad, en was hy 'n vóór-boer.

Hul wou hul wa, wat met moeite die opdraand al 'n endjie opgesleep was, nie laat agteruit ry nie. Dit sou dubbel moeite afgee. Daarom het hul gou gou 'n flukse klip agter die wiel geset. Toe hul weer, tenminste die man, gesond was, het hul die wa bo gebring. Ek wil hier bysê, dat daardie man 'n vooruitstrewende boer was. Hy was glad nie bevrees nie, om geld uit te gee vir verbeterings en hy was die eerste in sy buurt, wat ingegaan het vir masiens om lusern en gras af te sny.

Hierdie mense het die kuns verstaan en ook in beoefening gebring, om te spaar. Later het ek self ook al van hierdie soort mense op my pad ontmoet. Die mense waar ek van sou kan vertel, is sulkes, wat eers in die harde skool van armoed aan die lyf ondervind het, hoe bitter dit is, om gebrek te ly en om niks te hê nie.

Neef Piet en nig Barbara sou ook spaar en hul het mooi aangegaan. Piet het 'n mooi salaris getrek en daar was kans, om sukses met die spaardery te behaal. Piet was eers by 'n patroon of baas, wat baie duur seroete gerook het, en Piet het daar ook smaak in gekry, maar toe hy en sy vrou begin spaar, laat hy die seroete staan. Party keer val die spaar die ou neef 'n bietjie moeilik, en wil hy uit die band spring. Eendag word daar 'n pragtig mooi rypêrd verkoop op 'n vendusie en Piet sê vir Barbie: Kyk vrou, ek dink, dat ek die pêrd gaan koop. Ek rook nie, ek drink nie wyn nie en dra my klere langer as dit eintlik wel pas, ek reken, dat ek my die uitgaaf kan veroorloof. Sy vrou sê toe: Maar ek spaar net so hard as jy, en as jy die pêrd koop, gebruik jy dit alleen, en waar kom ek in? Ja, dis waar, sê Piet, en hy laat die pêrd bly. 'n Hele ruk later kan Piet, wat vreeslik lief is vir skiet, 'n pragtig roer te koop kry vir £15. Hy sê Barbie: Kyk ek rook mos nie meer nie, en ek gaan nooit hotel toe nie, en hoe lang het ek hierdie skoene al nie. Ek dink, dat ek die roer neem; dis 'n dubbel loop. Woensdagsmiddags gaan ek dan met die magistraat haasjies skiet in die vlei. Ja Piet, sê Barbie, dis goed, maar *ek* spaar ook, en *ek* gaan ook nie na die hotel en rook ook nie, en *my* rok is ook al nie meer van die beste nie.

Ja vrou, dis waar; jy is werkelik my tot 'n voorbeeld. En Piet laat staan die roer.

Toe kom Piet later by die prokureur, en die man bied vir hom 'n mooi skryfburo aan, een wat so'n klap het, wat mens op en af kan skuif, en die prys was baie billik. Piet reken, nou is dit 'n kans en hy vertel Barbie daarvan, en sê, dat die buro so 'n mooi vertoning in sy skryfkamer sou maak, en hoe gerieflik daardie ding nie sou wees, en so sê hy: My vrou, jy is ook lief vir skrywe en dan kan jy jou rekenings en jou skryfgoed daar ook in berg. Sien jy, so gaan hy aan, ek rook nooit meer nie, en wanneer het ek laas iets oor my lippe gehad in die lyn van drank, en kyk hoe kaal is my oorjas.

Wel, antwoord Barbie: Jy kan maar jou papiere in die tafellaai berg, en ek set myne altyd weg in die leë skoenboks en skrywe doen ek nooit in jou kamer nie; ek sit en skryf in die spens, terwyl daar altemet 'n koek in die oont staan. Maar weet jy Piet, jy praat aldeur van jou nie rook nie, jou nie drink nie, en jou kaal baatjie. Dit sou, so lyk dit vir my, amper voordeliger uitkom, as jy maar sou gaan rook, en so nou en dan 'n glaasie wyn drink en 'n nuwe pak klere eenmaal in die jaar laat maak, want as ek nie jou keer nie, sal jy driemaal so veel geld uitgee, as wat jy met jou spaar uitwin.

Piet kry lag en sê maar weer: Ja dis waar. Hy stap weg en dink by hom self: As ek daardie Barbara nie gehad het nie, sou ons nie die huisie kan gekoop het nie, waar ons nou in woon. Sy is

darem reg. U sien, my waarde vriend, die vrou moet die man help, en reg hou, anders kom daar niks van die spaar nie.

Beste groete,

U Vriend,

C., 25 Aug. 1925. T. H.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

,,Die Burger" bly maar hardnekkig eensydig met sy kerknuus. Ons sal daar vrede mee hê as ,,Die Burger" se Kerknuus-klerk net ,,De Kerkbode" ken, maar dan moet hy a.u.b. nie ,,Die Kerkblad"-nuus onder sy kolom ,,Uit De Kerkbode" plaas nie, soos in sy uitgawe van 13 Augustus.

* * * *

Volgens ,,Die Burger" is die kabel-adres van die Afrikaanse Studente-Unie in New York, Amerika, ,,Dopperiet".

Die sekretaris is mnr. Eugène van Wyk, 148 Senator Str., Brooklyn, N. York.

Dat sulke studente nou ook weer die Doppers in N. York rugbaar maak!

Of beteken Dopperiet iemand wat nie 'n ,,Dopper" is nie, maar op die grense van die Dopperdom lewe?

*So* is daar in S. Afrika baie Dopperiete wat nie Doppers is nie. Ek ken sulke Dopperiete in ander kerke in S.-Afrika, wat sterk voel vir die beginsels van die ,,Doppers", maar wat nie ,,Doppers" is nie.

In Holland word die Gereformeerde mense in die Hervormde Kerk genoem die ,,Konfessionele", omdat hulle wil vas hou aan die Gereformeerde Konfessie of Belydenis. Ek stel voor dat al die mense in die Ned. Geref. en Hervormde Kerke in S.-Afrika, wat voel vir die Gereformeerde beginsels, genoem word Dopperiete, in onderskeiding van die egte ,,Doppers".

Ons word dikwels beskuldig dat ons propaganda wil maak vir ons Kerk, in ander woorde, dat ons van ander Kerke se mense ,,Doppers" wil maak. En vir hierdie vreeslike woord ,,propaganda" skrik ons ons boeglam.

Die Transvaalse Korrespondent van ,,De Kerkbode" het dit in verband met ons teenwoordigheid op die Pêrlse Kongres van wynboere genoem ,,visse vang in troebel water." Maar S.E.W. verstaan ons nie. Ds. du Toit sal beweer dat hulle die troebel water wou helder maak, en dit het ten dele geluk, sodat die wynboer-visse die afskaffer-visvangers kon sien. Maar nou in verband met die woord ,,Dopperiet", stel ek voor dat ons hierdie woord ook in die twede sin aanneem, en wel so, dat ons verklaar dat ons met die verbreiding van die Gereformeerde beginsels nie ,,Doppers" wil maak nie, maar wel *Dopperiete*. Dan verval die hele beswaar van ,,propaganda maak" en ,,visse vang in troebel water."

Ek glo nie dat die Hervormdes so 'n woord kan ,,coin" as Hervormderiete en die Nederduitsers so een as Nederduitseriete nie. Ons het dus hier ook weer die voorsprong. In alle geval, dit sal baie lyk op wat die geleerdes noem ,,plagiaat", as hulle ons wil na-aap.

* * * *

Die enige beswaar teen my voorstel is dat ons dan die naam ,,Dopper" aanvaar, wat aan ons gegee is uit minder edel motiewe. Ds. K. Schilder skrywe in verband met die naam ,,Fariseër" in sy pas verskene werk ,,Gereformeerd Farizeisme", met 'n vraagteken daaragter, waarin hy die vraag behandel of die Gereformeerdes die Fariseërs van hierdie tyd is, as volg: ,,Wie een scheldnaam accepteert en straks er mee pronkt, loopt gevaar, de scherpe punt van die aanklacht, die de naamgeving beheerschte, af te stompen en het waarheidselement er in te verdoezelen. Het debat met den tegenstander snijdt hij af, door diens scheldwoorden kalm over te nemen. Zoo levert hij in berusting den vijand over aan zijn dwaling en zichzelf aan zijn zelfgenoegzaamheid. En vooral in de sfeer van het heilige is de omzetting van scheld- in ere-namen altijd een verlies; want een naam is een sociaal verschijnsel; en wie den naam laat vormen door het toeval of door den tegenstander, die doet geen moeite meer, het werk van God, zooals hij het ziet, te belichten op zuivere wijze."

* * * *

In ,,Die Burger" van 14 Augustus skrywe Linde Groenewald van Riversdal teen Adv. Langenhoven se Gemaliel-advies om in sake die Ewolusie nie met dwangmiddels te werk nie, maar om die leer sy gang te laat gaan, omdat, as hy vals is, hy vanself sy valsheid sal bewys. Dan sê die skrywer: ,,In ,Die Burger' van 12 Junie verskyn 'n artiekel uit ,Die Kerkblad', wat elke Christenburger behoort te lees en besef, uit die pen van prof. L. J. du Plessis, van die Potchefstroomse Uniw. kollege, handelende oor die nuwe Art. 1 van ons Grondwet." Die woorde van Lektor du Plessis word dan aangehaal. In dieselfde ,,Burger" skrywe iemand onder die skuilnaam ,,Streng Gereformeerd" uit Wellington teen die beweging in die Ned. Geref. Kerk om prohibiesie in te voer. Hy sê o.a.: ,,Men gelooft meer aan Amerika dan aan het ,,Grote Boek" en juist daarom al die veroordeling in onze gemeenten. Onze Kaapse, Vrystaatse en Transvaalse Synoden zijn ook ten gunste van de Amerikaanse dwaling en zelfs de Raad der Kerken."

Is hier nou *Dopperiete* aan die woord?

Die laaste het uit die helder water die afskaffer-visvangers gesien, hoewel sy taal nog meer gesuiwer moet word van Wellingtonse invloed om die egte stempel te verkry.

* * * *

In ,,Die Heraut" word daarop gewys hoe die Roomse die Vlaamse beweging vir hulle taal en nasionaliteit nie gunstig gesind is nie, en veral hulle kant teen die *Hollandse taal* in Vlamingen.

Waarom? Omdat, so sê 'n Roomse geleerde, die Hollandse taal deurspek is met kettery.

„De Heraut" merk op: „Een taal is nooit neutraal, maar op het allernauwst vergroeid met de ideeën, waarvan zij de draagster is."

Is dit die oplossing van die vraag waarom sommige Afrikaners so teen die Afrikaanse taal is, omdat hy die draer is van ideeë, wat nou saamgeweef is met 'n eie ontwikkeling, en dat sommige predikante teen die Afrikaanse taal is, omdat hy die draer is van 'n eie Godsdiens, wat met die geïmporteerde Engelse en Amerikaanse Godsdiens nie te verenig is nie?

Wyle Dr. A. Murray het, volgens die lewensbeskrywing van Prof. du Plessis, gesê dat die „Doppers" in 1859 nie sy *taal* verstaan het nie, en hy het tog Hollands gepreek.

Ja, daar is 'n Roomse taal, 'n Kalvinistiese taal, en ook 'n Metodistiese taal.

In Suid-Afrika het die Kerktaal onder verskillende invloede gekom. Gedeeltelik onder die Gereformeerde invloede van die 17de eeu, gedeeltelik onder die Hervormde invloede van die 19e eeu, en gedeeltelik onder Metodistiese invloede uit Engeland en Skotland. Die laaste was 'n vertaalde Hollands.

Die taal is nie altyd die siel van 'n volk in sy onbedorwe toestand nie. Nee, die taal het ook 'n vormende invloed op die siel van 'n volk, juis omdat 'n taal die draer is van ideeë. Daarom kan 'n mens hoor as 'n Gereformeerde, ek bedoel 'n egte, praat, en so ook as 'n Metodis praat. 'n Egte Metodis sal daarom 'n Gereformeerde preek nie verstaan nie, en 'n egte Gereformeerde sal dadelik voel as 'n preek nie Gereformeerd is nie.

So is daar ook onderskeid tussen 'n Gereformeerde en 'n Metodistiese gebed. Uit die taal spreek die gedagtes en die gedagtes kom uit die hart.

* * * *

In Amerika het die Kristelik Geref. Kerk 'n paar gemeentes en 'n paar predikante verloor tengevolge van die stryd oor die Algemene Genade. Die, wat uitgegaan het, was teenstanders van hierdie leer.

In Holland dreig 'n kerklike beroering omdat Dr. Geelkerken sekere uitdrukkings in 'n Kategismuspreek oor Sondag 3 hom laat ontval het, waaroor die Klassis vir hom sekere vrae vir skriftelike beantwoording voorgelê het.

Die antwoorde het blykbaar nie bevredig nie. Dr. Geelkerken het nou, hangende die Klassikale aksie, 'n brosjure uitgegee, waarteen in die kerklike blaaie besware gemaak word.

* * * *

Op die vergaderinge van die Presbiteriaanse Alliansie, waarby die hele Ned. Geref. Kerk nou weer aangesluit het, en wat ook bygewoon is deur die Moderator van die Ned. Geref. Kerk van die Kaap Pr., Ds. Botha van Stellenbosch, was verteenwoordigers van allerlei Presbiteriaanse rigtings. Daar is onder die Presbiteriane vandag verskillende rigtings, en dan is daar ook konserwatiewe en liberale. In Amerika en in Skotland vind ons ook hierdie twee kampe. So het Dr. MacCartney van Amerika die outoriteit van die H. Skrif bepleit, terwyl 'n Skot, Ds. Lamont, die outoriteit van Kristus *in* die Skrif bepleit het, wat blykbaar in verset gekom het teen Dr. MacCartney, wat gesê het, volgens „De Wachter" (Kampen), „dat men hoopte in Amerika gespaard te blijven voor wat de Engelsche Presbyteriaansche Kerk was overkomen. Hij doelde op het loslaten van de autoriteit der Schrift."

Die Gereformeerde Kerke van Nederland was nie verteenwoordig op die Alliansie nie en op die vraag, waarom nie, antwoord „De Wachter":—„Kunnen, mogen, onze kerken, uit kracht van haar Gereformeerd standpunt, deelnemen aan een Alliantie van Kerken, die wel met haar het Presbyteriaansch systeem huldigen, maar niet één zijn in belijdenis, van wie niet weinigen de Gereformeerde Belijdenis verloochenen? Waren die samenkomsten alleen bedoeld en ingericht als „spreekplaats" voor gedachtenwisseling over theologische en kerkrechtelike zaken en vragen, dan zou ieder, die er aan wilde deelnemen, kunnen komen onder eigen banier, zonder de minste schijn van onware synthese (vereniging) te zoeken. Maar ook dan zouden onze *Kerken* geen afgevaardigden kunnen zenden. Kerken zijn immers geen dispuutgezelschappen." Dat die Ned. Geref. Kerk hier sonder beswaar, behalwe dat die Engelse en Skotse predikante saamgewerk het om in 1899—1902 ons vryheid te beroof, wat die Ned. Geref. Kerk hulle egter nou vergewe het, aangesluit het by die Alliansie, en tot die Hollandse Kerke nie kan toenader nie, is 'n bedenklike teken.

* * * *

Lightfoot sê in 'n lesing oor die Kristendom in die eerste eeue: „Godsdienstige ideeë, soos wetenskaplike, is in hulle wese aggressief. Hulle aggressiewe (aanvallende) houding wek op teenstand en nodig uit onderdrukking. Waar daar nie 'n vereniging tussen die twee is nie, moet 'n botsing volg. Onverskilligheid is onmolik; en sonder onverskilligheid kan daar geen strikte neutraliteit wees nie."

Ons voeg daarby dat alle neutraliteit bereken is om onverskilligheid te veroorsaak. Dit sal die uitwerking wees van die neutrale skool. Maar as onverskilligheid onmoontlik is, dan kan hy tot niks anders lei as ongeloof nie. Die neutrale skool, laer en hoër, sal ons volk vir 'n groot gedeelte ongelowig maak.

* * * *

v. d. M. in P. skrywe altyd briewe uit S. Afrika in „De Bazuin". Het daar nou onder die briewe gestaan *V.D.M.*, dan sou ons suspiesie gekry het op die dominee van Pretoria. O.a. het v. d. M. in die jongste uitgawe van „De Bazuin" daarop gewys dat op die laaste Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in Pretoria geen melding gemaak was van die besoek van Dr. Kuyper nie. Dr. K. het tog die Sinodale Kommissie ontmoet.

## KERK EN SKOOL.

JUBILEUM FONDS.—Reeds erken £10,014 8s. Teol. Sk. dag Reddersburg £25. Totaal £10,039 8s.—Met dank, J. A. van Rooy, Penningmeester.

KAAPSTAD KERKBOU FONDS.—Alreeds erken £420 15s. 10d.; Philippolis, £8 17s.; Erasmus, £5; Ventersburg. £12 1s. 3d.; Posmasburg, £22 14s.; Venterstad, 1ste bydrae, £21 4s.; Geref. Susterskring, Venterstad, £10; Reddersburg, £21 14s. 3d; Susters-werk Vereniging, Steynsburg, £2; Kaapstad, 3de, £2 14s.; Rente, £3 13s. 7d. Totaal £530 13s. 11d.—N. v. d. Walt, Kassier.

KENNISGEVING.—(1) De Kerkeraad van de Gereformeerde Gemeente, Pretoria, maakt bekend, dat D.V. de e.k. Provinciale Synode van de Geref. Kerken in Transvaal zal geopend worden op Zaterdag. 16 Januarie 1926, 's avonds om 8 uur, in 't Kerkgebouw.

Beschrijvingspunten worden zo spoedig mogelik ingewacht.

(2) Aan de Gereformeerde Gemeenten in Transvaal—uitgezonderd Pretoria—wordt verzocht de gelden voor de Zending voortaan te zenden aan Dr. P. J. S. de Klerk. 8 Scottstraat, Germiston, Provinciale Zendings-deputaat. — Hoogachtend, M. Vaandrager, Skriba Geref. Gem., Pretoria.

KENNISGEVING.—Namens die Klassis Pretoria word die volgende besluit onder die aandag van die gemeentes van die Klassis gebring:—

Die eerwaarde Klassikale Vergadering betreur die toestand van ons armeversorging, nl. dat ons diakonale sake nog nie tot hulle regte gekom het nie, en wek al die gemeentes onder haar ressort op, om met raad en daad die e.k. Diakonale vergadering wat te Johannesburg Noord sal sitting hou (19 Nov. e.v. dae) te steun, teneinde ons diakonale sake tot betere ontwikkeling te bring."

*Kennisgewing aan al die gemeentes.*—Uit die rapport van die Kerkeraad van Pretoria oor die dienste in en bearbeiding van die polisiedepot, Robbertshoogte, die gevangenis, ens., het geblyk dat dit besonder moeilik is om uit te vind wie almal Gereformeerde lidmate is.

Daarom word hiermede 'n beleefde dog dringende beroep gedoen op al die gemeentes en kerkerade, om die adresse van persone wat daarheen gaan, of in een of ander gestig te Pretoria verpleeg word aan die kerkeraad van Pretoria te stuur om so die bearbeiding molik te maak.—Namens die Klassis Pretoria, T. Spoelstra, Voorsitter Korresp. Kerkeraad.

KENNISGEWING van Bevestiging.—Hiermee word kennis gegee dat die Weleerwaarde heer Ds. N. H. v.d. Walt, op die 15de Augustus te Heidelberg, behoorlik bevestig is in teenwoordigheid van die deputate van die Klassis volgens die artiekels D.K.O. daarop van toepassing.

Die Klassis wens en bid dat die Drieënige Verbonds God genoemde broeder mag stel tot 'n uitgebreide seen in die werkkring waarin Hy hom gestel het.—Namens die Klassis Pretoria, T. Spoelstra, Voors. Korresp. Kerkeraad. 75 Claetonweg, Kensington, Johannesburg. 17/8/25.

KENNISGEWING.—Geliewe kennis te neem dat i.p.v. Oudl. J. D. J. Uys, wat vertrek het na Makwassie, gekies is as korrespondent van die Gereformeerde Gemeente Hoopstad, Diaken G. F. van Rensburg, Witpan, P.K. Oranjekuil, via Hoopstad, O.V.S.—P. J. Louw, Waarn. Korrespondent.

DANKBETUIGING.—Aan al die Brs. en Susters, wat deur middel van telegramme en briewe ons geluk en seënwense toegestuur het, by ons intrek en bevestiging op Heidelberg, word hiermee hartelik dank betuig deur N. en B. van der Walt, Pastorie, Heidelberg, Tvl., 19 Augustus 1925.

DRINGENDE OPROEP.—Die Kerkraad van die Geref. Gemeente van Germiston het aan ondergetekende opgedra om tog 'n dringende oproep in *Die Kerkblad* te doen aan alle lede van ons Geref. Gemeentes en ook van ander kerke wat gewillig is, om ons gemeente te steun in onse worsteling. Menigeen sal miskien denk dat so 'n groot gemeente tog homself moet help. Die omstandighede egter dwing ons om hulp te vra. Die feit is dat ons gemeente nou oor die 600 belydende lede tel en geen lokale het waarin ons kan vergader om God te dien. Sedert verlede jaar het ons getal belydende lede met 119 toegeneem. Drie nuwe wyke het bygekom. Die kerkie is hopeloos te klein, dit kan nog geen kwart van ons getal belydende en doop-lede bevat nie. Met Nagmaalsgeleenthede gee dit 'n wanordelikheid af, die kerkraad probeer wel ekstra voorsiening te maak. Maar die feit is dat vele al van die Nagmaal af wegbly omrede daar vir hulle geen plek in die kerk is.

Die kerkie wat hier staan is van sink en steen van binne, maar is ook nie meer van duursame aard nie, van binne begin dit al te bars. Die uitbreiding van die gemeente het te snel gegaan, sodat ons vandag voor 'n onbeholpe toestand te staan kom.

Met 'n sieletal van 1248 en dan 'n kerkie van ongeveer 250 sitplekke, gaan dit nie. Reeds was daar al planne beraam vóór die staking van 1922 om fondse vir kerkbou te kry, maar toe breek die noodlottige staking uit en verydel alle planne. En wat meer is, die staking het die skuld van die gemeente tot by die £1000 laat oploop, omdat byna almal uit hul werk was. Dit was 'n worstelperiode vir ons gemeente. Vele het al daaraan gewanhoop of die gemeente ooit weer sal koers vat. Dit was selfs 'n waagstuk om onder sulke omstandighede 'n beroep uit te breng.

Die feit is dat deur Gods genade die gemeente weer begin saamstaan. Die skuld van oor die £700 wat nog hier was is in één jaar se tyd afbetaal. Daar is opgeoffer, gewone lidmate het tot £20 per jaar vir die instandhouding van die gemeen-

te bygedra. Nou is dit die moeilikheid dat dit nog wel 'n paar jaar sal neem om 'n fonds vir kerkbou te kry. Nou, waarom dan nog nie eers gewag nie? Dit kan en durf ons nie, dit is noodlottig vir die gemeente self. Lokale! lokale! het ons tog maar lokale! Wat 'n gesukkel om vir ons katkisasie lokale in die Oos-Rand te kry! Daar word gereeld kerk gehou te Alberton, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en soms te Edenvale. En ons het geen lokale. In die meeste wyke word die Ned. Geref. Kerkgeboue gekry, maar dit gebeur in ander wyke ook wel dat ons ons toevlug tot die kerkie van die Wederdopers of Sabattariërs moet neem. En hoe beknop, daar moet werklik party weer omdraai!

Op die Oos-Rand is veral ook 'n kerkgebou nodig. Ons kan konsentreer te Brakpan en daar 'n gebou optrek, dan kan daar ook meer bediening kom, wat o so nodig is vir die uitbreiding en instandhouding van ons gemeente daar. Ook daar is dit geen kwessie om nog 'n paar jaar te wag.

Mag die Brs. en Susters van ander gemeentes ons toestand tog insien. Ons verlang geen vrye gifte nie, as die ontvang word sal dit welkom wees. Maar die dringende versoek is dat onse gemeentes en ander wat dit besef ons sal steun deur ons aan te stuur *rentelose lenings*, rentelose aandele te neem van £1 elk. Laat elkeen tog soveel aandele neem as hy kan, al is dit 25 of 50 aandele. Elkeen sal vir sy aandele wat hy geneem het die nodige skuldbrief ontvang, en geleidelik sal al die aandele jaarliks terugbetaal word. Die waarborg dat die aandele sal terugbetaal word is daar tog seker genoeg. Die gemeente is sterk genoeg en uit die offervaardigheid vir die skulddelging blyk dit dat die gewilligheid ook genoeg is. Was daar tyd vir uitstel met ons kerkbou dan sou ons seker niemand lastig geval het. Die werk van die Evangelisasie op die Rand breng ook nog verwaarloosde lede in die kerk terug. Van ander kerke en sektes het in die afgelope jaar in die 30 aangesluit. Die toekoms vir uitbreiding is groot, maar ons is onmagtig om die gemeente te huisves. Ons wil geen grote en sierlike kerkgebou alhier op die grootste spoorwegsentrum in ons land oprig nie, maar alleen 'n ruime gebou waarin met stigting Woord en Sakrament kan bedien word. 'n Gebou van 'n £4000 sal hier genoeg wees. As die gemeente deur rentelose aandele gehelp word, dan sal sy self opoffer om 'n gebou te kry in die Oos-Rand. Mag ons nog net daaraan herinner dat ons feitelik hier lede van alle gemeentes van ons Kerk in Suid-Afrika het. En dis nie die rykere lede wat hier intrek nie, maar dis gewoonlik lede wat hier hul uitkoms soek. Ons Diakonie het dan ook dit druk met die versorging van die arme, daarvoor alleen offer die gemeente oor die £200 per jaar op. Wie enige inligting nodig het, en wie wil steun, rig hom tot en stuur sy aandele aan

Dr. P. J. S. DE KLERK.

8 Scottstraat, Germiston, 10 Aug. 1925.

VREDEFORT.—Ds. G. H. J. Kruger van Barkly Oos is beroep op Vredefort.

---

VENTERSTAD SE 50-JARIGE JUBILEUM.—Met ootmoedige dank aan die Here, onse God, mag daar melding gemaak word van die 50-jarige bestaan van die Gereformeerde Gemeente Venterstad. Op die 26ste Junie laas sou die gemeente haar jubileum gevier het, omdat dit haar verjaardag is, maar met die oog op die ongeskikte winterweer is hierdie feesviering uitgestel, en nou bepaal, D.V., op 31 Oktober en 1 November a.s. 'n Program van die verrigtinge sal later nog gepubliseer word.

Brs. Lerare en Kerkraadslede word hartelik uitgenodig hierdie feesviering by te woon, en van hulle oorkoms kennis te gee aan die ondergetekende nie later dan die twede week van Oktober, sodat tydig voorsiening gemaak kan word vir losies.—Namens die Kerkraad, J. H. Boneschans, Voors., Venterstad, K.P., 20 Aug. 1925.

---

VENTERSBURG.—Dit is met leedwese dat ek hierdie keer moet melding maak van die afsterwe van 'n ou moeder van onse gemeente, alom bekend as Tante Mienie de Villiers. Sy was vir 'n lange tyd reeds sukkelende met haar gesondheid, maar dit is veral verlede maand dat sy baie gely het en haar toestand groot besorgheid veroorsaak het. Al wat moontlik is gedaan deur haar man en kinders om haar lyding te versag. Maar die Here het dit anders gewil en op die 27ste l.l. het die einde gekom en is sy sag en kalm ontslaap in die ouderdom van 70 jaar 1 maand. Die oorledene was 'n dogter van wyle ou vader B. J. Venter, een van die stigters van die gemeente Ventersburg. Daarom was sy dan ook 'n steunpilaar vir onse gemeente.

Die begrafnis het plaas gevind onder groot belangstelling. Ds. Pienaar van die plaaslike Ned. Geref. Gemeente het die begrafnisdiens gehou en met lof tot nagedagtenis van die oorledene gepraat. Gedurende haar siekte het Ds. Pienaar haar ook getrou besoek, waarvoor ons S.E.W. ook hartelik dank verskuldig is. Op versoek van die leraar van die plaaslike Sending gemeente van die Ned. Geref. Gemeente is hulle ook toegelaat om die lykstoet te volg, 'n paar liedere is deur hulle gesing by die graf en toe het hulle leraar ook 'n paar woorde gepraat en daar op gewys dat die oorlede ou moeder ook aan hulle baie goed gedoen het.

Laaste week is ook nog 'n jonge broeder van ons gemeente deur die dood weggeneem, nl. br. H. du Plessis, in die ouderdom van 36 jaar; die br. het 8 maande gely aan nierkwaal; hy laat 'n vrou met 'n paar klein kindertjies na.

---

HOOPSTAD.—Andermaal het ook weer Hoopstad die voorreg gehad om in kerklike feestelikheid te verkeer. Vrydagaand, die 7de Augustus, het die dorp reeds gewemel(?) van die sewe huisgesinne wat nog die Ger. Gemeente van Hoopstad uitmaak. Vroeg Saterdagmôre kon jy orals

groepies mense sien staan en gesels oor die koms van ons leraar. Toe die laaste slag van die groot klok in die Ned. Geref. Kerk slaan, hou die predikant se kar net stil voor die hotel se deur en werd ons aangenaam verras deur die koms van Ds. T. N. Venter van Kroonstad. Dat Ds. Venter algemeen bemind is deur die gemeente van Hoopstad hoef ek nouliks te sê. Saterdagnamiddag het ons voorbereidingsdiens en in 'n boeiende rede tree Ds. T. N. Venter voor die gemeente op. Saterdagaand het die kerkraad in oorleg met Ds. Venter die saak bespreek, wat Hoopstad kon doen vir die P.U.K. en Bybelvertalingfondse. Besluit werd die saak voor die gemeente te bring. Die gemeente stem toe om soveel moontlik ons te hou aan die Transvaalse Algemene Vergaderingsbesluit, nl. om 1/20 af te gee van die mielie-oes vir die fondse van die P.U.K. en Bybelvertaling Fonds. Ds. Venter spreek sy waardering uit dat Hoopstad wat vandag die kleinste gemeentetjie is in die O.V.S., ook sy standpunt wil handhaaf. Daarna doen oudl. J. D. J. Uys verslag van die gemeente van die finansiële sake, waaruit blyk dat ons nou al die geld reeds het om al ons agterstallige fondse te dek en die mielieopbrings dus vry het vir die P.U.K. en Bybel Ver. fondse. Oudl. J. D. J. Uys wat nou byna 20 jaar die Ger. Gem. van Hoopstad gedien het eers as diaken en later as ouderling, neem afskeid van die gemeente daar hy vertrek het na Makwassie. Ons voel dat ons 'n steunpilaar van Hoopstad verloor in br. Uys, en mog die Here die twee jongere brs. sterk om sy voetstappe te volg. In plek van br. Uys werd nie weer 'n ouderling gekies, daar die gemeente nou so klein is. As korrespondent, penningmeester en skriba werd diaken G. F. van Rensburg gekies.

Die aand werd ook nog ondersoek die twee jongedogters Magretha van Jaarsveld en Elizabeth Coetzee en die jonge broeder Maarten van Jaarsveld, wat ook Sondagmôre Belydenis afgelê het. Op voorstel oudl. P. J. Louw werd nog £10 ingesamel en as 'n blyk van dankbaarheid aan Ds. Venter gegee.

Sondagmôre het ons Nagmaalsviering gehad wat ook baie indrukwekkend was en die middag was die Nabetragtingsdiens. S.E.W. se verblyf was baie kort, maar dit was baie hartlik.—Ingestuur deur Lidmaat.

---

BURGERSDORP, K.P.—Laaste week mog ons weer Nagmaal vier en was die opkoms besonder goed. Ds. E. Venter van Aliwal Noord was hier en het die Gemeente geboei en getroos. Saterdagmiddag was die prediking oor Lukas 22:43. S.Eerw. het, na aanleiding van die engel wat gestuur was om Jesus in Getsemané te versterk, op duidelike wyse aangetoon, dat die gebede van 'n gelowige nooit onbeantwoord bly nie—hoewel die Here dit dikwels beantwoord op 'n andere wyse dan ons meen. Sondagmôre het die plaaslike leraar die Gemeente bepaal by Lukas 23:31: „Indien zy dit doen aan 't groene hout, wat zal aan 't dorre geschieden" en aangetoon 1) die lyding van die groen hout onder strafvorderende geregtigheid en 2) 'n liefderyke waarskuing vir die komende oordeel vir die dorre hout. Sondagmiddag het Ds. Venter weer gepreek oor Hebr. 11:24—26 en aangetoon hoe Moses: 1) sy geloof beoefen; 2) die offers van sy geloof bring, en 3) geleef het met die oog op die ryke beloning in Christus.

Sondagaand was die samekoms van die Jongeliede Vereniging toe Mattheus 28 behandel is en ook 'n lesing van Br. J. J. Kruger, Wasbank, oor „Die Stigting van die Geref. Kerk in S. Afrika" —asook beantwoording van partikuliere vrae. Ook is toe 'n twintigtal jonge broeders en susters benoem om te kollekteer vir ons Afrikaanse Bybelvertaling.

Dié Nagmaalsgeleentheid was vir ons van besonder betekenis. 'n Paar van ons grootste famielies is in sware rou. Twee van die vaders van die Gemeente is kort gelede heengegaan, nl. ou vader Abram Kruger, Witpoort, en ou vader Jasper Venter, Boterfontein—laasgenoemde in die geseende ouderdom van 83 jaar. Ons sal hulle mis, want nie alleen was hulle getroue kerkgangers, maar daarby ook ware steunpilare. In verband met die heengaan van sulke waardige ou vaders en moeders dink ons aan Ps. 12:2— „Behoud, o Here! want de goedertierene ontbreekt; want de getrouwen zijn weinig geworden". Dan betreur die famielie J. A. Coetsee (Oufontein), ook die dood van die jong, voorbeeldige skoonseun Stefanus Venter. Waar die groot famielies also in droefheid verkeer, was die prediking van Ds. Venter Saterdagmiddag veral 'n lieflike vertroosting.

Maar ook die gesprekke met die versoekende leraar was opbouend. S.Eerw. is hard besig met sy proefskrif oor die onderwys. Ons wil van harte hoop dat hy met Gods seen binnekort sal klaar wees daarmee, omdat die onderwerp vir ons van so groot betekenis is. In die gesprekke het ons veral twee sake ontwikkel.

Die een is dat ons Kerkrade hulle Predikante 'n jaarlikse toelaag van £15 tot £30 sal gee om boeke aan te skaf, wat hulle op hoogte kan hou van al die geestesrigtinge van ons tyd. Dit is tog so nodig dat ons Leraars die Gemeentes sal voorlig, en dit kan des te beter geskied as hulle daartoe in staat gestel word op bogemelde wyse. Die boeke bly dan die eiendom van die kerkrade. Ons sal die saak D.V. op ons e.k. Alg. Vergadering bespreek.

Die twede punt wat ons ernstig bespreek het was „Die Kerkblad". Die plan van Postmasburg om „Die Kerkblad" in elke huis te kry moet uitgevoer word. Maar ons moet nog meer doen. Ons Sinode moet besluit dat een van die ervarendste Professore of Predikante 'n voltydse Redakteur daarvan moet word, met 'n behoorlike salaris. Ons bewonder die ywer en volharding van ons teenwoordige Redakteurs—ja ons kan ook nie dankbaar genoeg wees nie vir wat hulle doen. Maar ons verg te veel van hulle. Vroeër kon ons mense met 'n *Maand*bode klaarkom, en

later met 'n Kerkblad al om die *twee weke*. Maar nou lees ons mense *dag*blaaie, en, tog o, so jammer die meeste van die krante en tydskrifte wat ons mense nou lees bevredig nie. Die dierbare Gereformeerde beginsel en die lieflike waarhede van Gods Woord word daarin of verswyg of verkeerd voorgestel. Om die verderflike mag van die pers te bestry moet ons ywer om Die Kerkblad uit te brei, en een van die middels daartoe meen ons, sal 'n voltydse Redakteur wees.

Natuurlik moet ons dan ook sorg om ons intekenare by die duisende te vermeerder—intekenare, wat dan ook hulle intekeningsgelde gereeld betaal.

Die Kerk van Christus het 'n dure roeping om te vervul, en ons mag nie toelaat nie dat die ongelowige of onverskillige pers langer so 'n verderflike invloed sal uitoefen. As dit ons waarlik erns is, moet en sal ons met Gods hulp daarin slaag.

D. POSTMA.

Burgersdorp, 21 Aug. 25

---

LESBLAAIE VIR 1926.—Ondergetekende vra hiermee aan die Kerkrade in die verskillende Provinsies spoedige opgawe van die *getal lesblaaie*, wat elkeen vir 1926 nodig het teen 1½d. stuk.

*Opgawes nà* 31 *Oktober word nie uitgevoer nie.*

Ek stuur ook rekenings uit vir die lesblaaie, wat in 1925 reeds afgelewer is. Betaal asseblief. Perty gemeentes het selfs vir 1924 die paar pennies nog nie betaal nie!

I. D. KRüGER,
Penningmeester.

Potchefstroom, Aug.

---

KOSTER.—Berig is ontvang dat Ds. B. J. de Klerk bedank het vir die beroep na die Geref. Gemeente, Koster. So bly die gemeente nog sonder 'n vaste leraar. Ook is ernstig siek die ou broeder, alom bekend as 'n waardige en voorbeeldige in die kerk, K. P. v.d. Walt, 75 jaar oud. Daar is geen hoop meer vir herstelling nie.

A. M. v.d. WALT, Kor.

---

## SENDING EN EVANGELISASIE.

## BRING HULLE IN.

(Luk. 14:21).

Dis my deur die Randse *Evangelisasie* Vereniging van ons kerk opgedra om tog weer die saak van ons Evangelisasie onder die aandag van die lesers van *Die Kerkblad* te bring. Dis seker vir my nie nodig om hier 'n lang vertoog oor die noodsaaklikheid van Evangelisasiewerk onder die verwaarloosdes van ons volk te hou nie.

,,Evangelisasie is 'n eis van ons tyd" het iemand onlangs nog geskrywe. Naas die opbou van die gemeente kom die uitwerping van die net om die verwaarloosdes en die van die Kerk vervreemdes te vang. As die mense nie meer naar die kerk wil kom nie, moet die kerk naar die mense gaan. En dis veral so nodig in ons tyd van afval, van godsdiensloosheid en sedelike verwildering. Dis wel heel vroom om te sè dat die kerk se deure oopstaan. Ja seker, die deure staan oop, maar sovele loop verhard verby die ope deure, hulle het afgereken met die godsdiens. Vanself kom hulle nie in nie. Nee, Christus het Self gesê: ,,Gaan uit in die strate en wyke van die stad en bring die arme en verminktes en kreupeles en blindes hier in". (Luk. 14:21). *Bring* hulle in, *dwing* hulle in te gaan, is die goddelike bevel. Wie eenmaal die Evangelie van Christus verwerp het kannie maar aan sy eie lot oorgelaat word nie. Nee, gaan uit! is die roeping van die kerk. Dis helaas die kerk se skuld dat vele vandag van haar vervreemd is, hulle is miskien uit die kerk gepreek of kerkelik verwaarloos. Aan die ander kant is dit die onverskilligheid wat almeer toeneem, sodat vloekwoorde selfs naar die kerk geslinger word. En veral ons arm mense hier op die Rand word so gou 'n prooi van die sedebederwende en ongodsdienstige gees wat hier heers. O sovele het met die kerk afgereken, hulle het die gif van een of ander sekte wat teen die kerk is, ingekry! En van hierdie klas het ons hier op die Rand uit feitlik al onse gemeentes in Suid-Afrika. Wat is ons roeping teenoor hulle? Moet ons hulle maar in hul ellende laat om so voort te lewe? Kan ons as Evangelie-dienaars self uitgaan om hulle in te bring? O, so graag sou ons dit hier wil doen, maar tyd! die tyd is so skaars vir 'n Bedienaar van die Woord alhier! En eie gemeentelike werk gaan voor. Ja, maar wie sal sulke afvallige lede weer in die kerk terugkry? so vra menigeen miskien. As daar gewerk word en sulke persone uit Gods Woord oortuig word, dan is ons seker dat hulle sal terugkom. Vir die waarheid van Gods Woord moet geswig word. Ons het vir onsself eens probeer en met Gods genade het ons drie huisgesinne in één aand kan oortuie en in die kerk terugbring.

Nee, Broeders en Susters, dit gaan nie aan om hier uitweë te soek nie. Dit gaan nie aan om alleen van die brood van die lewe te eet nie, en om ander van geestelike honger te laat omkom. Ons moet uitgaan soos Christus Self gedaan het en met innerlike ontferming bewoë word oor die ellende. Hoevele van ons besef vandag nie dat rondom ons hier al 'n christelike heidendom in die nag van geestelike ellende begin wegsink. Voorwaar as ons nie begin met onse geestelike bearbeiding, dan sal ons welhaas die toestand van Europa tegemoet gaan. Die stroom van onverskilligheid word al sterker, en ruk so menigeen uit die kerk uit. Ons moet diesulkes terugbring. En hoe? Wel, hier is 'n heerlike werk van organisasie, waarvan ons in Europa self getuie gewees het. Verskillende vertakkinge kan hierdie werk aanneem. So noem ons eers die werk onder die verwaarloosde kinders wie se ouers sonder kerk is. *Sondagskole* moet opgerig word waar die kinders ingelei word in die beginsels van Gods Woord. Vele ouers gee nie veel

om waar hul kinders Sondae gaan as hulle maar net van huis is. Deur middel van die Sondagskool, deur middel van die kind word die verharde ouer eindelik gewin. Dan moet *huisbesoek* aan die huise van sulke afgedwaaldes gedoen word. Hier in die huise sal die Evangelis wel nie altyd so vriendelik ontvang word nie, maar as hy more weer kom dan is die toon al heelwat laer en eindelik word so iemand gewin. Moed en taaie volharding is hier nodig. Dan moet die Evangelis as *kolporteur* optree, hy moet Bybels goedkoop verkoop of weggee waar armoede is. Hy moet geestelike lektuur meeneem en dit aan die mense gee om te lees. Daar moet *samekomste* gehou word waar daar oor geestelike onderwerpe uit die Bybel gepraat word. Die teensprekers moet 'n kans kry om vrae te stel en te argumenteer. Ook hier is verstand en wysheid nodig. Hierdie samekomste moet as doel hê om die nie-kerkgangers te bereik. Veral Sondagaande kan hier veel gedoen word, 'n saal kan verkry word, dit kan goed bekend gestel word dat oor die of die onderwerp 'n diens sal gehou word. Menigeen kom uit nuusgierigheid, maar word tog getref.

U sien dus, geagte lesers, dat hier 'n wye veld van arbeid op die uitgestrekte Rand lê. Die oes is ryp en arbeiders is nodig. Reeds is die heerlike werk begin, en reeds is daar al seën op die werk gesien. U steun het ons nodig. Ons hoor soveel die klag: vir die Kaffers gee ek niks! Maar vir ons arme verwaarloosde mense sal ek gee. Ons vrees dat dit by vele van ons slegs 'n voorwendsel is om nie te gee nie, want reeds 'n tyd gelede is 'n oproep gedoen om te steun, maar veel gevolg is daaraan nie gegee nie.

Verstaan ons kerk haar heilige roeping van christelike offervaardigheid vir so 'n heilige en belangrike saak dan nie? Ons vertrou dat vele ons nie alleen stoflik hierin sal steun nie, maar ons arbeid ook in hul gebede sal gedenk. Die aangestelde Evangelis moet 'n vaste maandelikse vergoeding kry, Bybels moet gekoop word, traktate moet gedruk word. En vir alles is geld nodig. Mag ons op u ondersteuning reken? Stuur alle bydrae aan ons Penningmeester, Ds. T. Spoelstra, 75, Clactonweg, Kensington, Johannesburg. Alle bydrae sal in *Die Kerkblad* verantwoord word. Wie neem die voortou?

P. J. S. d. K.

## KENNISGEWING.

Binnekort sal by die Nasionale Pers, Bus 267, Bloemfontein, 'n preekbundel oor **Die Koninkryk van die Hemele** verskyn deur Dr. P. J. S. de Klerk. Dit sal oor die 200 bladsye beslaan en slegs 5/6 kos. Bestel direk van die Nasionale Pers.

## KORRESPONDENSIE.

Broeder P. W. J. het beswaar teen naturelle-portrette in "Die Kerkblad" en ook teen die bediening van die Woord en Sakramente aan naturelle deur ons predikante.

In die brief word ook persoonlike aanmerkings gemaak op een van ons predikante, waarom die brief nie kan geplaas word nie. Die betrokke predikant is nie verantwoordelik vir die plaatsing van die portrette nie.

Ons dra die volle verantwoordelikheid en in die onderhawige geval meen ons dat 'n ruim gemoed, wat hom kan verheug in die beskerming van sondare, nie gekwes sal wees deur die gesigte van 'n paar bekeerde naturelle nie. Dit is nie gelykstelling nie. Gelykstelling? Nee, daar is waarlik werk genoeg om te voorkom dat 'n deel van ons volk nie noodgedwonge of deur verpligting tot 'n toestand van **daadwerklike** gelykstelling kom nie. Ons hoop die broeder en ander lesers sal van ons ander gedagtes koester, as dat ons gelykstelling in die hand wil werk. Mag dit ons geluk het om meer harte oop te maak vir die groot roeping, wat die Koning van die Kerk aan Sy Kerk gegee het!

In hierdie sin wil ons ook **Kerkblad** wees.

J.N., Alpha, Natal, het dit weer oor Ds. Kruger en sy disputasie met die Wederdopers. Die skrywer moet hom maar rig naar Ds. J. D. Kruger, Potchefstroom, wat verantwoordelik is vir sy onrus, en ook die boekie van Van Zyl lees: "Waarom ek die Wederdopers verlaat het."

Red.

## GODSDIENSEKSAME.

Waarde Redakteur,—Dit was al meer as tyd om weer 'n woord in verband met bogenoemde onderwerp in die Kerkblad te skrywe. Ongelukkig het daar vertraging gekom met die **korreksies** van die eksamepapiere, waarop ek nie graag verder wil ingaan nie.

Ek koester die hoop dat dit nie weer sal gebeur nie. Dit beteken **skade** vir die goeie saak.

Maar die vraag is: hoe staan sake? Allereers kan ek meedeel, dat 17 jong broeders en susters hulle name aan my vir die eksamen opgestuur het. Daarvan het egter net drie deurgetas en eksamen geskrywe in die Aprilvakansie laaslede. Dit was teleurstellend, dat so 'n groot aantal in hul voorneme nie volhard het nie. Ieder het natuurlik sy besonder rede daarvoor gehad. Volgende jaar sal die getalle seker groter wees. Alle begin is moeilik.

Ons wil hoop, dat ons predikante die saak in die verskillende gemeentes sal bevorder. Dit hang soveel van propaganda af. En ons het skreiende behoefte aan **bevoegde kragte** in die gemeentes vir die belangrike katkisasiearbeid. En nie net dit nie, maar dis 'n uitstekende middel vir selfontwikkeling in die kennis van die kristelike waarhede.

Ons wil die drie kandidate, nl.: Tjaart N. van der Walt, Driefontein, Potchefstroom, Adrianus Plomp, jr., Kralingen, Nylstroom, en Martha du Plessis, Waterval, Steynsrust, allereers van harte gelukwens, dat hulle volhard het, en **baanbrekers** op hierdie gebied genoem kan word. Mag hulle voorbeeld deur baie ander nagevolg word in April, 1926, wanneer die volgende eksamen weer gehou word.

In die twede plek dat hulle **ook geslaag** het in die eksamen vir die eerste jaar kursus, wat die vakke: Bybelgeskiedenis, Bybelse aardrykskunde en Algemene Kerkgeskiedenis omhels. Dit is 'n spoorslag om vir

die twede jaar kursus te werk, wat uit die volgende vakke bestaan:—

(1) Kerkleer (3 formuliere van Eenheid).
(2) Kristelike Sedeleer.
(3) Vaderlandse Kerkgeskiedenis.

Vir besonderhede verwys ek na vorige kerkblaaie, veral na dié van 16 Desember, 1924. Die bepalings daar gegee, is nog geldig vir 1926. Ons motto is: aanhouer wen!

Mag die Here ons die **drang tot kennis** van Sy geopenbaarde waarhede rykelik skink, om ons te wapen teen die dwalings van ons tyd nie alleen, maar ook te bekwaam vir arbeid in die gemeente en meer en meer deelagtig te word die **Vrede van Jesus.**

Heilbiddend,

I. D. KRUGER,
Skriba.

Potchefstroom,
Augustus, 1925.

---

### OPVOERING VAN "SAUL."

Waarde Redaksie,—Dit is omdat ek nie die stukke "Opvoering van Saul" toneelstuk self gelees het, dat ek my vandag moet laat lei deur dat wat ek in "Ons Vaderland" van 3 Julie, 1925, omtrent die bogenoemde toneel opvoering gelees het. Besoeker skryf uitvoeriger:

"1. Ons kry langsamerhand genoeg van die gewone toneelstukkies wat net daar op uit is om vir 'n paar uur die spanning en die laglus van die gehoor te prikkel. In hierdie opsig is die stuk van Mnr. P. beslis 'n groot verbetering.

2. Saul wek innige simpatie.

3. Alles werk saam om Samuel tot sy volle reg te laat kom.

4. 'n Beskrywing van Samuel se dogter en Jonathan.

5. 'n Skerp en sonnig kontras met hierdie toneeltjie vorm die oorwinningsdans van die jong meisies. Hulle het daar so lief en grasieus uitgesien in hul mooi, wit tabbertjies dat seker meer as een van die jongmense lus gevoel het om effentjies saam te draai."

Met die lees van die hele stuk moet ek sê dat dit my alles behalwe "Geestelik" voorkom, waar die punte hierbo aangegee so as (2) God sou beskuldig word van onreg deur die simpatie van 'n mens, (3) mense verering, (4) 'n vry verhaal, en wat er nie al meer in staan.

In dieselfde koerant verskyn ook 'n stuk van P. J. S. de Klerk, Germiston, een van ons leiers wat skrywe "Ons het geniet."

Slotsom: Gods Woord gee my te verstaan dat ons geen beeldediens mag invoer nie, en wat my nou voorkom is dat die opdrag van Christus "predik het Evangelie" algemeen vergeet word. Die WOORD het 'n wêreld-oorwinnende krag gehad, en wanneer dit so moet voortgaan, vra ek wat is die oorsaak; een van die twee volgende, of miskien beide:

1. Dat God Sy Gees soas in die dae van Noag terugtrek, sodat Hy nie meer met die mense twis nie, of

2. is dit omdat die boodskapper van die Evangelie hulle boodskap nie meer oorbring soas hulle Sender dit gelas.

Ek sal daar nie op antwoord nie, maar noem dit diep treurig dat van ons voorgangers die genoemde saak uit die oog verlies en nou na kunsmiddels gaan gryp, maar die treurigste van alles is dat die gepredikte Woord die siele nie meer kan versadig nie. Toneelspel word oor die algemeen te veel verheerlik, maar waar nie aan gedink word nie "soiets het ook sy skadu-kant."

Dank vir opname. Hoogagtend

A. DEN MEIJER.

Pretoria.

---

### O2-KLAS AAN DIE OPLEIDINGSKOOL, STEYNSBURG.

Aan die Redakteur van "Die Kerkblad," Potchefstroom.

WelEerwaarde Heer,—Op die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie (gehou in Maart l.l.) is besluit om 'n ernstige poging aan te wend om ook 'n O2 (Hoër Primêre) kursus aan die Opleidingskool van ons kerk in te voer.

Om aan die besluit uitvoering te gee het die Kommissie aan my opgedra om deur middel van "Die Kerkblad" aan alle jongmense, wat wil vir onderwyser(es) leer en hulle ouers 'n oproep vir ondersteuning te doen.

Die instelling van so 'n kursus is van baie groot belang vir ons kerk, want tot sover het ons net vir O3 (Laer Primêre) opgelei en dit beteken dat daar maar baie min van onse onderwysers(esse) in die dorpskole gekom het. Met die instelling van O2 sal die dorpskole egter ook vir ons as 'n arbeidsveld oopgaan.

Vir studente uit die ander Provinsies was dit nog altyd 'n moeilikheid om na ons skool te kom, daar die toelatingseksamen vir O3 die Junior Sertifikaat is, en die word nie altyd in die ander Provinsies afgelê nie; maar om vir O2 toegelaat te word is die nodige vereistes as volg:—

(1) Almal wat Matriek of Senior Sertifikaat het word toegelaat tot die kursus.

(2) Almal wat O3 in die eersteklas gedoen het word ook toegelaat om dadelik oor te gaan na O2.

(3) Almal wat in besit van O3 is en minstens twee jaar skool gehou het word ook toegelaat.

Die kursus duur twee jaar.

Om van die Departement van Onderwys goedkeuring vir die instelling van die O2-klas te verkry is dit nodig om 'n voorlopige lys van die aantal studente wat ons vir aanstaande jaar verwag in te dien, dus sal ek baie bly wees as almal wat van plan is om aanstaande jaar die kursus by te woon, my voor die end van hierdie kwartaal daarvan in kennis wil stel.

Met hartlike dank vir opname,

Hoogagtend,

J. HEND. AUCAMP, B.A.,
Hoofonderwyser.

Opleidingskool, Steynsburg, K.P.,
17 Augustus 1925.

---

### GIMNASIUM—POTCHEFSTROOM.

Die Redakteur, "Die Kerkblad."

Eerw. Heer,—Veroorloof my een en ander omtrent die Gimnasium-skool te Potchefstroom onder die aandag van u lesers te bring.

Soos miskien bekend, het genoemde skool sy ontstaan te dank aan die Teologiese Skool, wat in 1905 van Burgersdorp na Potchefstroom verplaas is.

Toelating tot die Litterariese Afdeling van die Teologiese Skool was destyds die Skoolhoër-eksamen van die Uniwersiteit van die Kaap die Goede Hoop; maar

aangesien daar ouers was, wat hulle kinders al eerder hierheen wou stuur, het die Bestuur van die Teologiese Skool die noodsaaklikheid van 'n Middelbare Skool heel gou ingesien, en het daartoe oorgegaan om so 'n skooltjie met ongeveer 'n tiental leerlinge te stig—'n stap wat gepaar gegaan het met groot opofferings. Hierdie skooltjie, wat uit private fondse moes onderhou word, het gegroei tot 'n groot Middelbare Skool, sodat die Bestuur naderhand nie meer in sy behoeftes kon voorsien nie, en in 1915 genoodsaak was een van twee dinge te doen: die skool te sluit of aan die Goewerment oor te maak. Tot die laaste stap is besluit.

Die stigters van die skool in 1907 was die Proff. J. Lion-Cachet, J. D. du Toit, F. Postma, J. Kamp en A. P. C. Duvenage, waarvan nog net twee in lewe is, nl. Drs. du Toit en Postma.

Dit was 'n Kristelik Nasionale Skool, wat die stigters in die geloof opgerig het; en ofskoon dit nou 'n Goewermentskool is, wat weer in twee afdelings opgelos het—'n Laer en Middelbare—staan hy nog op dieselfde grondslag, en kan ons met vrymoedigheid ouers, wat nog enige gevoel vir kristelik nasionaal onderwys het, aanbeveel om hulle kinders hierheen te stuur.

Die hoof van die Hoër Skool is mnr. J. J. A. Coetsee en van die Laer mnr. S. G. Yssel, wat albei lidmate van die Gereformeerde Kerk is.

Die Bestuur van die skool bestaan uit: Prof. Dr. F. Postma (voorsitter), Ds. I. D. Kruger (vise-voorsitter), Proff. J. A. du Plessis, C. G. H. de Wet, J. C. Coetzee, D. J. van Rooy, mnre. H. C. van Rooy, J. C. Geertsema en J. P. Nel.

Die Laer Skool neem leerlinge aan tot en met Std. V, en die Hoër van Std. VI tot Matrikulasie.

In die volgende vakke word onderwys gegee: Bybel en Kerkgeskiedenis, Afrikaans, Engels, Duits, Latyn, Algemene Geskiedenis, Wiskunde, Skeikunde, Plantkunde, Houtwerk en Singe.

Aan die skool is verbonde 'n Koshuis vir Seuns en Meisies, waarvan mnr. J. V. Coetzee, onderwyser aan die Hoër Skool, Huisvader is. Hy word bygestaan deur twee ander onderwysers van die skool. Goeie toesig word oor die studie en gedrag van die kosgangers gehou. Losiesgelde is £9 10s. per kwartaal, alles inbegrepe, as dit binne die eerste veertien dae van die kwartaal betaal word; anders is dit £10. Vir twee of meer leerlinge uit dieselfde huisgesin is daar 'n afslag van 10/- per leerling.

Daar is geen skoolgeld nie, alleenlik word daar 'n kleine fooi van £1 per jaar gevra vir die Biblioteek en Sports.

Ouers, wat graag hulle kinders hierheen wil stuur, word gevra dit soveel moontlik by die begin van die jaar te doen, en as dit enigsins kan ook liewers by die begin van die kursus, d.i. na Std. V of VI.

Vir verdere besonderhede skryf aan die Prinsipaal van die Gimnasium Hoër Skool, P.K. Noordbrug, Potchefstroom.

J. J. A. COETSEE.

Potchefstroom, 25/8/25.

### KRUGER EEUFEES.

Van die Burgemeesters kantoor, Pretoria, het ons 'n lys ontvang van gifte vir die Kruger Eeufees. Die totale som reeds ontvang is £5,818 13s. 2d. Die Sekretaris skrywe dat dié som nog nie toereikend is nie en versoek ons om die saak onder die aandag van ons lesers te bring.

Bydraes kan gestuur word naar die Ere-Tesourier van die Kruger-Komitee, mnr. J. W. Robertson, Pretoria.

## VIR DIE KINDERS.

Die volgende kinders het antwoorde ingestuur en die syfer agter hulle name toon aan hoeveel vrae hulle reg geantwoord het:— Lida v.d. Linde, 10 jaar, Vaalbank, Colesberg, 4. Hester v.d. Linde, 12 jaar, 4. Adriani Pretorius, 11 jaar, Goedgedacht, P.K. Oranjeville, 4½. Johanna Riekert, 13 jaar, Rooikoppies, P.K. Brits, 4½. Frans v.d. Linde, 11 jaar, Colesberg, 4. Sonder naam, Kleinsonderhout, 4. Maria Minnaar, Modderfontein, Kroondal 4½. Maria v. d. Walt 14 jaar, 42-9 str. Vrededorp 4. Hester van Rooyen 11 jaar, Wysfontein P.K. Millvale 3. Renier van Rooyen, 15 jaar 3. Johanna de Kock 15 Jaar, Klipkuil, Bdorp 4½. Pierre de Klerk 13 jaar, Broadbottom, Theunissen 4. (Ons weet nie seker nie, miskien Josua). Renske Ackermann, Shannon 2. Maria v. d. Walt, Ficksburg 2½. Jannie en Klasie Venter, P.K. de Lagersdrift 2½. Wynand du Plessis 16 jaar, Driehoek, Clanwilliam 4½. Andries Kruger 16 jaar, Knapdaar 5. Liniss Coetzee 15 jaar, Dassiespoort, Venterstad 3½. Janitta Venter, Mooivlei, P.K. Bloemfontein 2½. Klasina du Preez, Skenbakfontein, Koster 3. Maria du Preez 3. Joachim Jancke, Petrus Steyn 4. Lucia Minnaar, Kroonstad 4. Idelette du Plessis 16 jaar, Potchefstroom 4½. Katriena v. d. Walt 15 jaar, Leeufontein, Koster 4. (Frans v. d. Linde! Ek weet nie, ou seun, wat van jou antwoorde laas geword het nie—Party van julle sê, die vrae is nie altyd duidelik nie, en ander, die vrae is bietjie moeilik—Nouja, ek erken vrae 1 en 5 is nie so duidelik nie. Dit lyk vir my dit is partykeer net so moeilik om vrae te stel as om antwoord te gee. Julle moet vir julle predikant of onderwyser vra om vir julle mooi duidelik te maak wat die verskillende verbonde is.

### DIE BYBEL VI.

Die twede boek van Moses word met 'n Griekse naam genoem, Eksodus, wat beteken "uittog," omdat vir ons hierin beskrywe word die openbarings-geskiedenis, wat gelei het tot die Uittog van die Israeliete uit Egipte en die gebeurtenisse daarna tot by Sinai, waar die Wet gegee is.

Ons kan hierdie boek verdeel in drie dele: (1) Die Verdrukking; (2) Die Verlossing; (3) Die Wetgewing.

Genesis sluit af met die dood van Josef.

Die patriargale geslag is nou uitgesterwe en die Israeliete het uitgegroei tot 'n volk in Egipte.

"Daarna," so lees ons in 1:8, "het 'n nuwe koning opgestaan oor Egipte, wat Josef nie geken het nie." Hoe lang die tydperk tussen Josef se dood en hierdie nuwe koning was, kan nie met sekerheid bereken word nie. Ons moet dan ook nie net dink aan 'n nuwe koning nie, maar aan 'n nuwe konings-huis.

Die Egiptenaars het, waarskynlik in die tyd tussen 2098 en 1587 voor Kristus, onder die heerskappy gekom van 'n Asiatiese koningshuis, genoem die Hyksos.

Onder 'n Hyksos Farao is Josef gevange gewees. Maar in die tyd van die verdrukking het die Egiptiese

koningshuis weer geregeer. Dit word genoem die 18de Dienastie of Regering.

Nou is die geleerdes daaroor nie eens, wie die Farao van die Verdrukking en dié van die Uittog was nie.

Dit is egter duidelik dat in die tyd van die verdrukking en van die Uittog **Egiptiese** Faraos geregeer het, wat Josef in die ou tyd nie geken het nie. Farao is nie 'n tietel of 'n naam nie, so sê Dr. Noordtzz. Die woord kom van pero, wat beteken "groot huis," "paleis," "koning se huis." Later het dit soveel beteken as "koning." Die Bybel praat net van Farao, sonder sy naam te noem, behalwe in 'n paar gevalle.

Ook in Eksodus kry ons **Openbarings**-geskiedenis. God het Hom eers geopenbaar aan **persone,** aan die aartsvaders, nou sal Hy Hom openbaar aan 'n **volk.** Eksodus 3:14—17 en 6:1—7. En die Verbond met Abraham word die Verbond met Israel. Aan die Egiptenaars **openbaar** die Here Hom in Sy mag en gerig (Die tien plae).

Die **Verlossing** uit die ellende begin met die Pasga.

As God se eersgeborene, Israel, Paasfees vier, dan sterf die eersgeborenes van die Egiptenaars en na 430 jaar verblyf trek Israel uit Egipte—4:40, 41. Volg nou die reis van Israel volgens die Bybel.

Hulle is by Sinai, 'n verloste volk. Hier word die Wet van die Tien Woorde gegee. Dan volg enige burgerlike wette.

Ook die Wet is genade, omdat die Wet 'n skoolmeester is, wat die kinders van God na Kristus moet lei.

By Sinai word 'n **volk** van die Here gevorm, wat afgeskei word eers van Egipte, en later in Kanaan van al die volke van die wêreld, soos daar 'n skeidingsproses was in die aartsvaderlike geskiedenis. Vir hierdie vorming gee die Here 'n Jehowah-godsdiens, verbind aan die Tabernakel, en wette vir hulle afsonderings lewe en vir hulle lewe met mekaar. Hierdie lewe, so georganiseer by Sinai, dra 'n skaduwee-agtige betekenis.

**Vrae.**

(1) Waar lees ons van en wat is die paar Faraoname wat genoem is in die Bybel?

(2) Wat sê die Here Jesus en Poulus van die Pasga?

(3) Waar en wat lees ons van die Wet as skoolmeester (tugmeester) in die Nuwe Testament? Verklaar dit in 'n paar woorde.

(4) Wys met 'n lyn (wat 'n pad moet voorstel) hoe Israel getrek het uit Egipte na Sinai, en merk op die pad die verskillende plekke, waar hulle gekom het.

(5) Waar en wat lees ons in Eksodus van die Boek van die Verbond, en wat is dit?

Die antwoorde moet hier wees voor die 22ste September.

J. A. du P.

## DIE DRIE MISTIEKE.
## NIKOLAAS VAN BASEL.

(2)

In die beskrywing van sy eie bekering met al die sielsangste, die gesigte, die selfkwelling en die lewe in afsondering en die selfpyniging, die vurige begeerte om die natuurlike lewe met sy eise terug te dring, om op die wys die geestelike lewe so op te voer, dat hy as 't ware die Heere kan aanskou, gee Nikolaas van Basel ons nou 'n blik in die strewe en die gedagtegang van die egte mistieke.

Dit is wel mooi soos dit gebeur het, en seker was sy bekering ook eg en waar, dog ons moet darem nie meen nie, dat al die gelowiges langs sulk 'n moeilike weg tot die lig moet kom. As dit beslis nodig sou wees, dat al die ware kinders van God sulke bange sielsworstelinge moet hê, dan is die getal van die lewende stene in die tempel des Heeren ongetwyfel uiters klein. Dit val nie te ontken nie, dat die ene erfgenaam van die ewige lewe 'n ander weg het te bewandel, om tot sekerheid van sy staat te kom, as die ander, maar nergens word ons dit in die Bybel geleer en ewenmin leer die praktyk van die lewe dit, dat algar as deur die angste van hel moet heen worstel, om die ware sielsrus te vind. Daar is kinders van die Heere, wat vir Hom dien van hul jeug af en sulkes kan nie sê nie, wanneer hul juis tot deurbreking gekom het nie en op watter dag en op watter plek hul die Heere gevind het. Dis met hul geestelik gesig so as met hul natuurlik gesig. Van dat hul hul verstand het, kan hul sien. Daar het vir hul nie 'n tyd bestaan nie, waarin hul blind was nie. Wie egter eers in die sonde geleef het, en dus in die duisternis gewandel het, moes op 'n sekere tyd van die duisternis oorgaan tot die wonderbare lig van God. Sulk een moet dan met die blindgeborene kan sê: Dit weet ek, dat ek blind was en nou kan sien. Dit ,,siende-word" gaan by die een ook weer gouer toe as by die ander. Dit kos die een ook baie meer stryd om tot rus te kom as die ander, dog ongemerk en sonder worsteling gaan dit darem nie. Daar moet beslis 'n ontwaking kom en 'n besef van sonde en daar moet wees 'n ernstige belydenis van die sonde voor die aangesig van God. En daarop moet dan ook noodwendig volg 'n tyd, waarop die vrede in die siel neerdaal soos 'n sagte reen op die verlepte blombed.

Die mistieke het dit alles te ver gedryf. Hul strewe was, om reeds in die aardse lewe geheel met God een te word. Hul wou met hul siel in die ewige dieptes van Gods liefde en genade wegsink, en deur die vlees te kasty en honger en dors te ly, moet vir die sonde geboet word, en die vergiffenis van die Heere verwerf word. So het Nikolaas ook gedink, en tog moes hy met sy kennis geweet het, dat Kristus aan die kruis alles vir hom betaal het en die bloed van Kristus die vrede alleen kan bring, en die vrede nie deur die bloed, wat weens harde geeseling van ons rug

afloop, te verkry is nie. Daardie bloed reinig ons nie van ons sonde nie. Toe Nikolaas dan eindelik tot volle vrede met die Heere gekom het gaan hy, so as hy self vertel, besonder baie die Heilige Skrif lees.

Eers het ek te veel aan drome en gesigte geglo, so sê hy, maar nou ek met erns en met innig gebed die Woord van die Heere lees, verstaan ek alles veel duideliker, maar by die lees moet darem die H. Gees saamwerk, want die regte begrip van die Bybelse sake kan alleen diegene hê, wat met die lig van Bo bestraal word.

Deur sy opregte vroomheid, sy heilige wandel en sy diepe kennis van die Heilige Skrif het Nikolaas 'n verbasende invloed gekry, en dit sowel onder die troue lede van die Roomse Kerk as onder die ,,Vriende van God."

Hoewel hy 'n lewe in grote afsondering lei, is hy tog oral bekend geword, selfs ver buite die grense van sy eie land. Die ene vriend het natuurlik van hierdie Godsman aan die ander vertel, en so het dit gekom, dat hy in Holland ook nie vreemdeling was nie. So nou en dan verskyn hy in die openbaar, en hy noem hom dan self ,,die man van die Oberland".

Dit was 12 jaar na sy bekering, dat hy vir Dr. Tauler besoek het, en ons het reeds gehoor met watter uitwerking. 'n Paar jaar daarna spreek hy sy ou vriend uit sy jeug, die baron, aan, van wie hom ter ore gekom het, dat hy tot bitter smart en verdriet van sy vrou, in grote ligsinnigheid en losbandigheid leef. Die baron wou eers niks van Nikolaas weet nie, en hy slaan sy ernstige vermanings spottend in die wind, dog die liefderyke woorde en smekings van Nikolaas het dit oplaas gewin, en die onverskillige en bandelose man het tot inkeer gekom en 'n sedig en eerbaar lewe met sy vrou gaan lei, en hy word nou 'n vriend en 'n toevlug van die arme en die verdrukte en 'n vredestigter onder sy bure.

As 'n egte Vriend van God is Nikolaas nou oral bekend en erkend. Sy invloed is veral onder die priesters en monniken groot. Gedurende die pes (die Swarte Dood) in 1350 neem hy nie 'n oomblikkie rus nie, maar soek ryk en arm op; troos en vermaan die mense en wys hul op hul sonde. Met die dag gevoel hy meer die sonde en die diep verval van die verdorwe Roomse Kerk, en hy besluit oplaas om sig in die eensame berge terug te trek, en so gaan hy na die Oberland van Bern. Dit is omstreeks die jaar 1374 gewees. Slegs aan vier vriende was sy verblyfplaas daar bekend, en hul het dit ook met hom gedeel. Dit was 'n wonderlik geselskap. Die eerste was 'n baron, wat voorheen baie met Nikolaas gespot het, maar toe later 'n hevige inwendige selfstryd gekry het. Hy leef lang in 'n vreeslik bedrukte gemoedstemming, en dink daaroor om sy vrou en twee kinders te verlaat. Hy soek raad by Nikolaas, die vroeër so deur hom veragte kluisenaar, en die sê vir hom, dat hy by sy vrou moet bly, en dat dit sy dure plig is, om sy troubelofte te hou. Die man maak toe so, maar kry dit baie swaar, want sy vrou skel gedurig vir hom uit vir 'n simpele dwaas en 'n volslae gek. Naderhand is sy gesterf, en toe wou die baron sy twee kinders by die familie gee, en homself by Nikolaas voeg, maar ook hierteen het Nikolaas beswaar gemaak, want hy het dit die roeping van die vader geag, om self na sy kinders te kyk en hul op te voed. Deur 'n ongeluk is die kinders later van die lewe beroof en toe eers het Nikolaas daarin toegestem, dat die edelman by hom kom bly.

Die twede man, wat die geselskap van Nikolaas gesoek het, was iemand wat vir 18 jare lang in sware boetedoenings en bittere kwellings verkeer het, en toe deur die genade van die Heere tot lig gekom het.

Die derde was 'n wetgeleerde, wat ook 'n soort pos by die kerk beklee, en wat met die doel, om die Heere volkome te dien, heeltemal sy praktyk opgegee het. Hy het gemeen, dat mens om waarlik vroom te wees, die wereld vergoed moet vaarwel sê. Hy het hom, nes die pasgenoemde baron, eers tot priester laat wy, voor hy hom by Nikolaas aangesluit het.

Die vierde en laaste was 'n ryk en geleerde Jood. Na 'n lang stryd het hierdie man tot die oortuiging gekom, dat die Heere Jesus die ware Messias is. Soos onder die mistieke maar gedurig die geval was, het die Jood baie drome en gesigte gehad en op laas is Nikolaas, ook alweer deur 'n droom daartoe aangespoor, die swaar bestrede man gaan opsoek, en het hom tot die Heere gebring, waarop hy toe gedoop is.

Ons klein geselskap het eers in Basel gewoon, en was deur innige liefde aan mekaar verbind. Hul was almal welgestelde manne en hul het ooreen gekom, om hul aardse goed tot ondersteuning en hulp van die arme aan te wend en verder om op hul eie koste reise te maak teneinde hul geestelike vriende en heilbegeriges, waar die ook al mog woon, op te soek, te troos en te sterk.

T. H

C. 8 Aug. 1925.

## WAAR TE WOON.

SEA VIEW LOSIESHUIS, naby trems en badplekke. Doen aansoek by mnr en mev. Willie v. d. Walt, Bus 402, Oos-Londen.

## INSTITUSIE VAN KALVYN.

Te koop vir diegene, wat die meeste bied, die Institusie van Kalvyn, vertaling van Ds. Landwehr; pragtig gebind en so goed as nuut. 'n Kans vir algar, wat die Gereformeerde leer grondig wens te ken. Offers moet gestuur word aan die drukkers van „Die Kerkblad," Nasionale Pers, Bus 267, Bloemfontein.

## VERLOWING.

PLESSIS—OLIVIER.—Aan familie, vriende en vriendinne word bekendgemaak die verlowing van Lenie Olivier, oudste dogter van die heer en mevr. I. W. Olivier, van Op-den-Tyd, Steynsrust, en A. P. du Plessis, oudste seun van die heer en mevr. C. J. J. du Plessis, van Waterval, Steynsrust.
Steynsrust, 22 Augustus, 1925.

## VERLOWING.

NEL—KRUGER.—Aan familie en vrinde word die verlowing bekendgemaak van mej. Sinnie Nel, oudste dogter van mnr. en mev. Jacobus Nel, van Hadden, distrik Thaba'Nchu, met die jong heer H. B. Kruger, Excelsior, 15e Augustus, 1925.

## GEBOORTEBERIG.

DE KLERK.—Aan dr. en mevr. P. J. S. de Klerk, Germiston is op 23 Augustus, 'n flinke dogter gebore. Moeder en dogter is wel.

## GEBOORTEBERIG.

Op die 12de Julie skenk die Here aan ons 'n fris dogtertjie. Op die 7de Augustus neem die Here van ons ons seergeliefde oudste dogter, Susanna Magdalena, in die ouderdom van byna 14 jaar. Ons kus die hand wat gee en neem.

S. G. NIENABER,
A. C. NIENABER v. HEERDEN.

Helvetië, Barkly Wes.


# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.


## HUISHOUDSTER BENODIG.

Applikasies word gevra vir 'n huishoudster om te sorg vir bejaarde vrou en twee mans. Applikant moet van goeie gedrag wees en bereid om dadelik te begin. Inwoning vry. Meld salaris verlang.

Ondergetekende sal bly wees as here leraars hom iemand bevoeg kan aanbeveel.

J. H. COETSEE,
Skrynwerker.

Markplein,
Middelburg, K.P.

## DOODBERIG.

Bloedverwante en vriende word bekendgemaak dat plotseling van ons weggeneem is deur die dood op 10 Augustus om vyf-uur namiddag ons teergeliefde moeder:

### HEILA MAGARITHA GREYLING,

gebore Kruger, in die geseënde ouderdom van 90 jaar 8 maande en 2 dae aan Brongietis.

Haar dogter is haar 11 maande vooruitgegaan. Sy was 'n voorbeeldige en sorgdragende moeder vir haar huis.

O! mog die gevoelige slag ons harte heilig en God ons krag gee om dit te dra onder die vrese van Sy naam. Nie alleen vir ons is sy 'n verlies nie, maar vir die hele omgewing. Haar omgang was soet en haar vriendelikheid het enige besoeker aangetrek.

Alhoewel die verlies onherstelbaar is, treur ons nie as diegene wat nie hoop het nie.

Die more voor haar dood het sy psalm 118 vers 3 en psalm 6 vers 1 en 2 van haar kinders laat sing.

Die diepbedroefde kinders:

J. J. GREYLING,
W. J. H. GREYLING,
J. C. GREYLING,
I. S. GREYLING,
A. KRUGER, (Geb. Greyling)
JOHANNA MYBURGH, (Geb. Greyling)

Ons hartlike dank aan familiebetrekkings en vriende vir die getroue bsoeke en trooswoorde.

Insonderheid dank ons Ds. du Toit, en broeder ouderling J. J. Malan vir hulle opofferings.

Samenkomst, Bloemfontein.

## VERLOWING.

DU PLESSIS—VAN DER LINDE. Ons maak aan familie en vrinde bekend dat ons verloof is. Willie die eniste seun van mnr. en mev. A. du Plessis, Kafferfontein, Philippolis en Dolly twede jongste dogter van mnr. en mev. J. A. v. d. Linde, 96 St. Johnstraat, Bloemfontein


DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

*Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.*

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.
Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 564 | 15 SEPTEMBER 1925 | 26ste JAARGANG

### DIE GOUE SEPTER WORD AAN ESTHER TOEGEREIK.

(Deur Ds. N. H. van der Walt).

*Teks, Esther* 5 :2.
*Sing Ps.* 81 :12; 119 :3; 105 :5; 145 :6.

---

Esther is 'n wonderlike boek. Die skrywer en tyd van opstel is onbekend. Dit vorm egter een geheel met Ezra en Nehemia. Die naam van God word nie in die boek genoem nie, maar in die hele gees en strekking daarvan vind ons Gods bestel, Gods bestier.

Ter verduideliking gee ons korteliks aan die vooruitstaande trekke in die karakters van die drie hoofpersone.

*Ahasveros*, die koning, is 'n weelderige, grillige, wellustige, gruwelike en wrede tiran. Sy naam beteken 'n magtige alleenheerser, leeuekoning, koning der koninge.

*Esther*, sonder vader of moeder, deur Mordechai opgevoed, later tot koningin gekies, als die skoonste van die jongedogters, is die sagte en tog besliste, die beminlike en haar volk-beminnende.

*Haman*, is die hatelike, hatende, wraaksugtige, eergierige, die harde en trotse begunstigdehoveling van die koning.

Esther se volk was in gevaar. Haman het reeds van die koning volmag ontvang om hulle uit te roei.

Esther word koningin. Haar eerste stap was om haar volk te red. Daarvoor kom Mordechai by haar pleit: Beeld u nie in in u siel, dat u sal vrykom in die huis van die koning meer dan al die ander Jode nie. Want als u swyg, sal die Jode op 'n ander manier verlos word, maar u en u vader se huis sal omkom.

Esther het eers geaarsel, om by Ahasveros te gaan pleit vir die lewe van haar volk.

Want, sê sy, almal weet dit, dat elkeen, man of vrou, wat na die koning toe gaan in die binneste voorhof, en nie geroep is nie, se vonnis is die doodstraf, tensy die koning aan so een sy goue septer toereik, dan word hy in die lewe behou, en *ek* is in die laaste dertig dae nie na die koning toe geroep gewees nie.

Later het Mordechai haar oorgehaal om na die koning te gaan, en was sy vas besluit om dit te doen. Sy wil haar lewe waag, om haar volk in die lewe te behou, en haar vaste voorneming het sy bekend gemaak in hierdie woorde, wat baie weinig, selfs liefhebbers van kerk en staat, haar kan nasê: *Kom ek om, dan kom ek om.*

Sy het egter ook 'n voorwaarde aan haar volk gestel, en dit is, dat hulle drie dae vir haar moet vas, geen dag of nag moet hulle iets eet of drink nie; en sy en haar jonge dogters sou dit ook doen.

Hierna was sy besluit om te gaan, sy wil dit waag, sy gaan trek 'n koninklike kleed aan, en nou wil sy gaan na die binneste voorhof, waar die koning op sy troon sit.

Wat 'n wilskrag openbaar die vrou hier! Haar liefde vir haar volk *dring* haar. Haar eenmaal genome besluit *bind* haar. Die vaste en bidde van haar volk *sterk* haar.

Sy gaan dus nie in eie krag nie, maar in die krag en moendheid des Heren. Misskien het sy in haar eienaardige omstandighede, waarin sy opgegroei het, al meer maal die waarheid ondervind: „Die U aanroep in die nood, vind U guns oneindig groot," en —„'n kragtig gebed van 'n regvaardige vermag veel."

Die ganse volk wat die swaard bo die hoof hang, het hulle nood aan hulle God gekla, hulle saak bepleit, die koningin aan die Here opgedra, en God gevra om tog die hart van die wrede koning te neig als waterbeke. Esther en haar jonge dogters het dieselfde gedoen, misskien in die geheim.

Wat sal dit menige volk weldadig aandoen als hulle weet, dat hulle koning en koningin ook begaan is om hulle lot en lewe. Wat sal dit heerlik wees als ons weer sal sien, dat die grotes

van die aarde nie *te* groot is, om ook te bid nie, als die knieë nie te styf is om die te buig voor God nie!

Aldus gesterk in die Here, haar God, maak Esther haar verder persoonlik gereed, om voor die koning te verskyn.

Dit moet in die Persiese hof deftig toegaan. Sy kleed haar als koningin, met 'n kroon en 'n vorstelike gewaad, om aangenaam te verskyn in die oog van die koning.

Laat ons hieruit leer, dat *bid en werk* saam gaan. Al het ons gebid, ons moet nog die middele gebruik wat deur God ingestel is. Want God werk middellik.

Die laaste sorg is nou bestee.

Dit was 'n allergewigtigste oomblik vir Esther. Haar lewe, en die van haar volk hang daaraan, of die koning haar die septer sal toereik. Dit is 'n oomblik wat oor ontsaglik veel sal beslis.

Esther gaan, met 'n kloppende hart, maar met stil, onwrikbaar vertroue op God. Hier in die paleis word 'n dapper daad gedaan maar daar buite word sy gedra op die vleuels van die gebede van haar volk. Wie sidder en beef nie?

Esther is nou verby die lushof, by die binneste voorhof.

Van die binneste voorhof kon sy die koning sien sit op sy troon.

En terwyl hy net voor die deur op sy troon sit kon hy haar ook sien.

Snellik gaan sy van die een vertrek na die ander. Sy is nou in haas. Kom ek om, dan kom ek om. Almal is nou in 'n spanning. Die oomblik is nou daar, waarop haar lewe sal geneem word of haar wens vervul.

Sy kom nader en nader, sy sidder. Eindelik merk die koning haar. Hoe sou hy nou voel? Hoe sou hy haar nou bejeen? Hy kan soms so hard en wreed wees.

Tog hier word die *kleingeloof* en die *vrees* van die mens beskaamd gemaak, en 'n ,,loof God" op sy lippe gelê. God laat Hom nie tevergeefs aanbid nie. Hy is altyd die Hoorder van die gebede. Sy belofte bly alle eeue deur van krag: ,,Roep my aan in die dag van benoudheid, Ek sal jou daar uit help, en jy sal my eer."

Daarom lees ons ook: En dit geskied toe die koning vir Esther sien staan in die voorhof, verkry sy genade in sy oë, en hy reik vir Esther toe die goue septer, wat in sy hand was.

Dit kon net anders uitgeval het, dit het net geskeel, dat die koning kwaad geword het omdat sy ongeroep kom.

Alles, lewe en dood het gehang aan sy gril en wil. Maar die vaste en gebede! God het dit so bewerk.

Hy het die hart van die koning geneig.

Op hoe 'n tiranníeke wyse het hy vir Vasthi verstoot, net omdat sy op sy gesaghebbende gebod nie wou verskyn nie! En op hoe 'n simpatieke wyse ontvang hy hier vir Esther, wat *teen sy gebod* na hom toe kom.

Maar—dit is Gods werk. Die hart van die koning was deur Esther se God reg gestem, sodat hy met welgevalle vir Esther aansien.

Esther kan dit lees in sy oog. Haar vrees wyk, sy nader, want die toereik van die goue septer beteken toelating, gunsbetoning.

Sy raak die spits van die septer aan.

Wat 'n uitkoms! Wat 'n blydskap in haar hart te bemerk, dat die koning gunstig gestem is en sy genade gevind het in sy oë.

Al het sy deur haar vaste besluit gesê: ,,Kom ek om dan kom ek om," tog is dit eg menslik om in die lewe gespaar te wil bly; en daarom is daar uit die diepte van haar siel 'n stil dankgebed opgestuur tot God.

Want wat sou die gevolge gewees het, had sy geen genade gevind nie?

Die uitroeiing van haar geslag. Die verdelging van al die Jode in Persië.

Deur die toereiking van die goue septer en die genade wat Esther ontvang het, is dus 'n ganse volk in die 127 landskappe van die koning Ahasveros, wat gehou word vir Xerxes, in die lewe behou. En die vervulling van die beloftenisse mpontlik gemaak.

Van groter betekenis is dit om genade te vind in die oë van die ,,Koning der koninge." Geen genade hier, is nie alleen die dood nie, maar die ewige dood.

Daarom kan elkeen uit hierdie geskiedenis leer om hom te ondersoek of die genade van God in Kristus sy deel is. Of hy dit al ooit gewaag het om voor die grote God te verskyn, met 'n hart roepende om ontferming en 'n siel smekende om redding.

Die, wat genade gevind het in Gods oog, is in die ruimte gestel, by die is die vrees vir die dood weg, omdat die geestelike septer van behoudenis hom toegereik is in die verdienste van Kristus.

Sulk een se hart is so bly. Hy juig en jubel. Hy dank God vir die genade. Hy roep sy siel toe: Jy *is* verlos. God *het* aan jou welgedaan.

Esther kon toe al die Here loof, want die Here doet geregtigheid en gerigte aan al diegene wat onderdruk word.

Sy begin al smaak dat die Here barmhartig en genadig is.

Hoe verheug sou haar volk, wat daar op Susan met soveel spanning die uitslag afwag van Esther se pleit vir hulle, die Here nie geloof en gedank het nie, vir die gebedsverhoring!

Die toereiking van die septer was die eerste stap van verhoring, maar God voleindig 'n saak, wat Hy begin het. Die koning se hart was nou so gewillig gemaak, dat hy vir Esther sê: Wat is u koningin Esther? Of wat is u versoek? Dit sal u gegee word tot die helfte van die koninkryk.

Die koning kon verwag het, dat sy koningin iets seer gewigtig voor hom te bring het, ja, 'n versoek, wat nie *kan* uitgestel word nie. Anders sou sy nie haar lewe gewaag het nie. En so geneë is hy haar, en so gewillig is hy om aan haar wens te voldoen, dat hy haar van te vore reeds die versekering gee, dat haar versoek nie sal afgeslaan word nie, al begeer sy ook die *helfte* van sy koninkryk. Met hierdie woorde sien die sagte, beminlike Esther die morester van hoop vir redding van haar volk opkom. Die bose, wraaksugtige Haman wou Mordechai en al die Jode in die landskappe uitroei, maar God verydel sy planne, en gebruik daarvoor 'n swakke vrou Esther.

Als God aan 'n volk wil weldoen, dan gee God aan so 'n volk iemand, deur wie hy groot dinge tot stand kan bring. Maar God wil erken wees. Hy moet daarom gevra word.

,,Die helfte van sy koninkryk." So het Herodes ook beloof aan die dogtertjie van Herodias.

Dit was 'n gewone uitdrukking van oosterse vorste, wanneer hulle hul besonder vrygewig wil betoon.

Nou, al was die grote vors Ahasveros besonder vrygewig vir die vrou, wat hy lief het (want hy verloor hierdeur omtrent £4,000,000 vir die skatkis, wat Haman hom sou besorg), tog is die Here onse God nog baie vrygewiger teenoor die volk, wat Hy lief het, wat genade in sy oë ontvang het, wat biddende hande en harte omhoog hef naar Sy troon.

Nie 'n *halwe*, maar 'n *hele* koninkryk wil Hy gee. 'n Koninkryk waarby die van Ahasveros maar 'n kleinheid is.

Jesus het self gesê: Dit is die Vader se welbehae gewees u die koninkryk te gee.

En eenmaal sal al Gods begenadigde kindere dit hoor: Beërf die koninkryk wat vir u weggelê is van voor die grondlegging van die wêreld.

Waar die koning gewillig was om aan te hoor die bede van sy vrou, so sal God, die Here nog veel meer luister na die gebede van sy uitverkorene wat dag en nag tot Hom roep.

*Esther* het gekom na 'n norse, heersugtige man, 'n mens vol wreedheid en grille, maar *ons* kom tot 'n God vol liefde en genade, wat ons gaarne alles gee, wat goed vir ons is, en kan strek tot ons tydelike en ewige behoud.

Sy het ongevra gekom.

Ons is uitgenooi. Die Gees sê: ,,Kom." Jesus self sê: ,,Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is.

Sy het *teen* die wet van die koninkryk gekom. Ons nie. Die wet sê: Bid en u sal gegee word, klop en u sal oopgedaan word.

*Sy* had geen vriend, geen voorspraak, om haar by die koning in te lei nie, inteendeel was die gunsteling van die koning haar vyand, wat loer op wraak. Maar *ons* het 'n Voorspraak by die Vader, n.l. die Soon van God, in wie die Vader al Sy welbehae het, en wie die Vader altyd hoor. Daarom mag ons so doen als Paulus aan die Hebreën die raad gee: Laat ons dan met vrymoedigheid toegaan tot die troon der genade, opdat ons barmhartigheid mag verkry en genade vind, om gehelp te word, op die bekwame tyd.

Van die vriendelike aanbod van die Koning maak Esther graag gebruik. Nadat sy die koning, naar 'n vantevore weldeurdagte plan, uitgenooi het, om met Haman na 'n maaltyd te kom, maak sy toe haar bede en versoek aan die koning bekend: Indien ek, o koning, genade gevind het in u oë, en indien die koning dit goed dink, *gee dan my lewe* om myner bede wil, *en gee my my volk*, om my versoeks wil, want ons moet verdelg word, en gedood en omgebring word.

Op die vraag van die koning wie die man is en waar hy is, wat dit in sy hart bedink, antwoord sy: Die man, die onderdrukker en vyand is hierdie bose Haman.

Nou die verder verloop van die geskiedenis is ons bekend. Hoe dat Haman verneder is en eindelik aan sy eie galg gehang is, hoe Mordechai verhoog is, en Esther en haar ganse volk gered is en in die lewe gespaar.

Esther rig haar versoek nederig en onderdanig tot die koning: Indien ek genade gevind net in u oë, en indien die koning dit goedvind.

So wil God ook deur sy kind aangeroep wees, kinderlik, ootmoedig, onderworpe aan die wil van God. So leer Jesus in Gethsemane ons ook: Vader laat die drinkbeker verbygaan maar nie my wil nie, U wil moet geskied.

Indien ons genade gevind het in die oë des

Heren, indien die Here dit goed dink, gee dan aan U kind wat hy begeer. Daarom was die gebedes van onse oue vaders so skriftuurlik, want hulle het altyd gevra: Here als dit met U wil kan bestaan, als dit vollens U raad is, skink dan my begeerte, vervul dan my behoefte. Dit is of ons teenswoordig in ons gebed die Here so wil dwing en verplig om ons te hoor. Dit is of ons so Gods wil wil onderwerp aan ons wil. Hierdie hele voorval is 'n skoon bewys, dat God sorg vir die bestaan van Sy volk. Hy waak oor Sy volk, bestuur hulle gang en red hulle uit nood en van ondergang.

Dit was hier dan ook eientlik 'n stryd tussen Esau en Jakob.

Haman was 'n Agagiet, d.w.s. 'n Amalekiet, en Amalek het van Esau afgestam.

Toe Israel uit Egypte opgetrek het om Kanaan in besit te gaan neem, het die Amalekiete, Esau se geslagte, hulle op verraderlike wyse aangeval en perbeer uitroei. Maar Amalek is toe verslaan.

En die Here het gesê, dat Hy die gedagtenis van Amalek sou uitdelg van onder die hemel. Van die tyd af was daar 'n gedurige, eeuelange stryd, van geslag tot geslag, tussen die twee.

Eers deur Saul, toe Dawid, eindelik het Hiskia Amalek uitgeroei. Maar nog enkeldes het oorgebly. Een daarvan is hierdie Haman, die Agagiet, wat so 'n invloedryke posiesie by die Persiese hof verwerf het. Daar kom die Jood Mordechai op sy weg. En die oue haat begin weer op te vlam. Nou perbeer die Amalekieter met een slag Gods volk te vernietig, en Gods beloftes aan hulle te verydel.

Satan had natuurlik hierin die hand. Want was dit geluk, dan was daar geen saad Abrahams gekom nie. Dan was daar vir verlorene sondaars geen redding nie; dan was die hele menslike geslag onder die doemvonnis weggesink.

Maar daar kom God tussenbeie. Hy neem dit op vir Sy benarde volk. Hy gebruik daarvoor als instrument Esther. En die uitkoms is, dat nie Satan maar God, nie Amalek maar Israel triumfeer. Hier word die profesie van Bileam vervul: „Amalek is die eersteling uit die Heidene, maar sy uiterste is ten verderwe."

So volvoer God, die Here, Sy raad. So red Hy Sy volk, en in die volk red Hy die wêreld. Want straks sou die Soon van Maria kom, in Wie die hele wêreld sou geseen word.

So is elke keer in die geskiedenis uit die vrou die heil vir die wêreld gekom.

So is die geskiedenis van die optreding van Esther 'n sterk bewys, dat God die oog hou op die loop van sy kerk hier op aarde.

Die waarheid van die Skrifwoord is hier heerlik bevestig: Die poorte van die hel sal die kerk nie oorweldig nie. Trots al die teenkanting van die wêreld, ten spyte van die poginge van die helse magte, om Gods volk, en in die volk die kerk uit te roei, berei God altyd so stadig aan die tyd van die wederkoms van Kristus tot wedervergelding.

O, mag God ons tog die genade skink, wanneer ons tot God wil gaan om behoudenis en redding, dit sy vir onse siel, of vir ons volk, of vir onse kerk dat ons tog ook so mag bid als Esther en haar volk, met vaste voornemings, altyd onderworpe aan Gods wil. Dat ons tog so mag gaan tot in die binneste voorhof van die hemel, waar God op Sy troon sit, om ons *daar* voor Gods aangesig te stel met ons versoek, met ons gebede, gekleed met die kleed der geregtigheid.

En mag Jesus dan tog onse Begeleider, onse Voorspraak wees, opdat die Vader ons die septer van behoudenis en toenadering mag toereik, deur die dierbaar gestorte bloed des Lams, opdat ons nie gedood word nie, maar vir ewig behoue en gered. Amen.

## DIE VOORGEVEGTE.

Voordat dit in 'n oorlog tot werklike slag kom vind daar dikwels eers voorgevegte plaas deur 'n deel van die oorlogvoerende partye.

Vyande staan dan teenoor mekaar, om straks te kom tot 'n bloedige worsteling.

In die H. Skrif word baie gespreek van vyande. Ons tyd van pasifikasie, teoreties opgestel, van vereniging, wat bestaan in vermenging selfs van die kostelikste waarhede, van liberalisme, wat kamastig so 'n breë staanplek bied vir allerlei gevoelens, van 'n algemene broederskap, wat net nou sal eindig in 'n vreeslike broeder-twis, is nie so vredeliewend as wat hy skyn nie.

Nee, agter die masker van sy vriendelikheid is 'n vyand. Nie, in die eerste plek 'n persoonlike vyand nie. Nie 'n hatelike vyand miskien nie. Nee, die haat, die opelike haat, is in die ewolusie van die vyandskap onverstandig. Hy sal nog probeer om oor te haal, om te oortuig. Ons, wat verblind is deur sy vriendelikheid, deur sy al-broederskap, wat nog wil skerp luister na sy *redelike* woorde, na die gloed van sy oortuiging, sien hom nie in sy ware gedaante nie.

En dit is ons sonde. Omdat ons oë verduister

is, omdat ons die eer van God nie ken nie. Omdat ons hart so pap is, dat ons nie meer met 'n heilige haat kan haat nie. Die Skrif ken haat, sowel as liefde. En die haat word ook verheerlik. Sê Dawid nie in Ps. 139: ,,Sou ek nie haat, Here, wat U haat nie." Dit is Ou Testament, sê u. So? Spreek die Here Jesus nie salig, die wat om Sy naam ontwil *gehaat* word nie? Sê Hy nie: ,,As iemand na my kom, en nie sy vader en moeder, en vrou en kinders, en broers en susters, ja ook selfs sy eie lewe *haat* nie, die kan my dissiepel nie wees nie."

Die agtergrond en motief vir hierdie haat is die Liefde, en in die stryd teen alle vyande van God is dit die Liefde tot God. Om hulle liefde vir vaderland en regering neem die burgers die wapens op in die stryd. Ons sien die aankoms van 'n stryd ook in ons land. Ja, ons is al besig met die voorgevegte. Gods Woord, Sy Openbaring, en daardeur God self, word altyd met meer vrymoedigheid deur die ongeloof aangeval.

Al driester word Sy woord bestry. Soms nog bedek deur die skaap-wolf, die Ewolusie, wat straks sy skaapvel sal afgooi. Op ons Uniwersiteite, op ons Normaalskole word die geledere van die vyand versterk. Ons mag hulle noem slagoffers, in werklikheid word hulle vyande.

Hulle ontken die wonder, hulle loën die eerste wonder van die Skepping, en vandaar uit sal hulle Gods hele Woord aanval. Miskien dra hulle nog 'n masker van vroomheid terwille van die gesag of van die tradiesie, miskien omdat hulle nog nie oortuigde vyande is nie.

Maar hulle kom aan. Daarom roep ons almal toe: Berei u voor vir die stryd!

Ons is reeds besig met die voorgevegte.

Dit begin roer op ons Afrikaanse bodem onder Afrikaners, wat ingesweer het in die laer van die vyande. Jammer, dat dit so is. Ons dra self die skuld daarvan. Ons wou, en ons parlement en Prowinsiale Rade wil die Neutrale Skool. Ons wil 'n gewetensklousule hê in die diens van die ongeloof. Ons volk, en ook die kerk gedeeltelik van Suid-Afrika, is verantwoordelik vir die slang in hulle eie boesem. Ons sal die vyand nou in die eerste plek moet beveg om hom uit ons Gereformeerde voorposte uit te hou.

Die oë oop! Die wapens in orde!

## WATTER STANDPUNT MOET 'N GEREFORMEERDE INNEEM TEEN DIE DANS?

Dat die vraag aktueel geword het ook onder sommige Gereformeerdes of hulle aan danspartye mag deelneem is 'n bedenklike teken. Dit blyk nie meer 'n vraag in sommige kringe te wees om dit afwerend te beantwoord nie, maar wel om aan die dans 'n plek te gee in die gereformeerde eties-kulturele wêreld.

As dit 'n eis word vir die nuwe ontwikkeling dan ag ons dat hierdie eis afgewys moet word. Op die gronde daarvoor wil ons nie nou ingaan nie. Ons wil liewer aan ons *jongmense* die bostaande vraag vir beantwoording voorhou, en wag daarop in voor die 30ste Oktober 'n beskouing wat nie meer as 12 bladsye blokskrif sal bevat nie, om op skriftuurlike, prinsipiële en historiese gronde 'n antwoord daarop te gee.

Ons sal aan ons die reg van beoordeling en publikasie voorbehou en 'n prys uitloof vir die bekroonde opstel.

Wat die praktyk betref wys ons met dankbaarheid op die voorbeeld van S. H. Ed. die Minister van Lande, die heer P. Grobler, wat as beginsel aangeneem het om afwysend te beskik oor alle uitnodigings na bals in offisiële kringe.

Dit is 'n ope geheim dat selfs met die besoek van die Prins Minister Grobler en sy eggenote met verlof van die Goewerneur alleen die ontvangs voor die Bal bygewoon het, en toe die dans begin het, die saal verlaat het.

Minister Grobler gaan volkome saam met die standpunt wat sy kerk ingeneem het en handel volgens die lewensreel, dat wat 'n mens se posiesie ook mag wees, jy nie van 'n beginsel kan afwyk sonder aan jou eie gevoel geweld aan te doen nie.

En niemand sal waag om S. Ed. van bekrompenheid te beskou nie, gesien die groot respek wat hy by die hele Huis van die Parlement afgedwing het. Dit is vir ons besonder aangenaam om hierdie voorbeeld van ons Minister aan almal voor te hou, wat meen dat 'n mens alleen respek afdwing, as jy maar saamgaan, afgesien van die beginsels van jou kring en van jou opvoeding.

## DIE HEL.

### XII.

Ons het dan nou die gang van die Godsopenbaring aangaande die hel gevolg tot die end toe. In Openbaring 19, 20, en 21 lei die Skrif ons verlaas na 'n ,,poel" toe wat brand van ,,vuur en swawel" (19: 20; 20: 10, 14; 21: 8). Tot vier keer toe kom dieselfde uitdrukking voor. Bowendien word vir ons gesê wie daarin ,,gewerp" word: 1) die bees of Antigris, 2) die valse profeet wat as raadgewer saam met die Antigris die

laaste opstand teen God bewerk het (19:20), 3) die Satanas, by wie gereken moet word al die duiwels wat al die eeue deur met hom in verbond die verleidingswerk verrig het (20:10), 4) die dood, as laaste vyand wat tot niet gemaak word, saam met die hel of liewers sjeool, die hele ryk van die dood—'n term wat ons alreeds verduidelik het (20:14) en 5) almal wat nie geskrywe is in die boek van die lewe nie (20:15, 21:8).

Wat 'n poel!

En wat 'n versameling van lewende wesens daarin!

As ons nou daartoe oorgaan om 'n aantal vraagpunte in verband met ons onderwerp meer sistematies te bespreek, dan moet ons die leser ten eerste daarop wys dat dit 'n fout is om alle hellelyde absoluut na die oorkant van die graf te verplaas, soos dikwels gedoen word. Daardeur word die regte verstand van die saak vertroebel, en ook daaruit kom dit voort dat menigeen in onverstand verklaar: Ek glo nie aan 'n hel nie.

Laat ons begin met 'n aanhaling uit 'n drama van August Strindberg wat in Duits vertaal is onder die titel „Totentanz" en baie in Europa gelees word. Daarin kom voor 'n gesprek tussen 'n kaptein en sy vrind Kurt:

Die kaptein: Geloof jy dat ek gaan sterwe?

Kurt: Jy net so goed as elke mens. Vir jou word geen uitsondering gemaak nie.

Die kaptein: Is jy miskien bitter?

Kurt: Ja!...Is jy bang vir die dood?

Die kaptein: Bedink dit tog: as dit dan nie eenmaal *uit* is nie!

Kurt: Meer as een dink daar so oor.

Die kaptein: En dan vervolgens?

Kurt: Ek vermoed, dan net verrassings.

Die kaptein: Maar weet ons dan niks bepaalds nie?

Kurt: Nee, so is dit juis. Daarom moet 'n mens op alles voorbereid wees.

Die kaptein: *Jy is tog nie so kinderagtig om te glo aan die hel nie?*

Kurt: *Glo jy nie dááraan waar jy binne-in sit nie?*

Die kaptein: Dit is maar so by manier van spreek.

Kurt: Jy het dié een van jou so duidelik geskilder, dat elke gedagte aan beeldspraak uitgesluit is.

Tot sover die gesprek, waarin die merkwaardige woorde voorkom wat in kursief is: Glo jy nie aan 'n hel waar jy tog binne-in sit nie?

Die leser voel waar ons na toe wil.

Daar is vereers in die persoonlike lewe die innerlike verskeurdheid wat 'n mens baie ver laat dink, wat soms so erg kan word dat geen mens daar raad mee weet nie en waarvan Christus betuig het: Hierdie geslag (die duiwelegeslag) vaar nie uit as deur vaste en bidde nie. Ons voel dan saam met die apostel dat ons die stryd nie het teen vleis en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die geweldhebbers van die wêreld, van die duisternis van hierdie eeu, *teen die geestelike booshede in die lug*. (Ef. 6:12).

Hierby kom in die twede plek dat in die lewe van die mensheid as geheel hellekragte openbaar word wat ons laat sidder. Dis in ons tyd oorlog, rewolusie, geweldpleging, moord, regsverkragting, hongersnood, pes en wat nie al nie!

Ja, dit gaan met die ewige smart soos met die ewige vreugde. Volgens ons Kategismus begin die ewige vreugde al in hierdie lewe (Sondag 38). En so is dit ook met die ewige smart.

Wat die ewige vreugde aangaan—hoe maklik gly die Godsmanne van die ou dag uit die tydelike lewe in die ewige oor! Neem as voorbeeld die pragtige Psalm 16. Dawid betuig daarin dat God sy hoogste goed is, dat hy daarom niks of niemand wil vereer of liefhê wat nie uit God is nie. Bowendien het die Here dit vir hom goed gemaak op aarde: Hy het 'n besitting verkry in 'n lieflike omgewing. Verder stel hy die Here gedurig voor hom, want dan kan hy nie wankel nie; sy hart is bly en sy siel is verheug, selfs (en hiermee gaan hy meteens na die hiernamaals oor) sal sy vlees in veiligheid woon. Die Here sal hom nie oorgee aan die mag van graf of dood nie. Die Here maak hom die pad van die lewe bekend, versadiging van vreugde is by sy aangesig, lieflikhede in sy regterhand vir ewig.

Wat 'n innige verband word hier gelê tussen die hier en die hiernamaals, tussen die goeie wat God hier gee en wat hierná die gelowige se deel sal word, tussen die vreugde hier en die versadiging van vreugde hierná—'n verband so innig, 'n oorgang so geleidelik dat ongelowige skrywers (soos ons gesien het) selfs betoog dat Dawid sy hemel in die teenswoordige tyd gesoek en niks van 'n ewige lewe af geweet het nie!

Wat egter van die hemelse vreugde waar is, geld ook in hierdie opsig van die helse smart: Dat dit reeds in beginsel op aarde aanwesig is.

Laat ons 'n ander voorbeeld uit Gods Woord neem, nou uit die magtige profesieë van Jesaja.

In die 33ste hoofstuk skets hy die ondergang

van Sanherib se trotse leër. Dis net vuurvlamme wat ons sien. Julle gaan met strooi swanger (sê hy vir die Assiriërs), julle sal stoppels baar; julle geblaas is 'n vuur wat julle sal verteer. Die volke, so gaan hy voort, sal 'n kalkbranding wees, afgekapte dorings wat met vuur verbrand word (vs. 11, 12).

Hierdie daad van God aanskou die sondaars *in Sion* ook en hulle kom met skrik tot die oortuiging dat die vlam van Gods geregtigheid nie net brand vir die Assiriërs nie, maar vir *al die sondaars*, of hulle al buite of binne die mure van Jerusalem is. Hulle roep uit: Wie is daar onder ons wat by 'n verterende vuur kan woon? Wie is daar onder ons wat by 'n ewige gloed kan woon? (vs. 14).

o, Die vuur van Gods geregtigheid in die teenswoordige lewe! Helaas! dat ons dit nie meer opmerk nie.

Om die traagheid van ons hart en die dofheid van ons oog te karakteriseer, het iemand die volgende treffende beeld gebruik. Die wêreld is soos 'n huis wat aan brand is, maar ons bekyk die skouspel deur 'n berookte glas. As iemand 'n huis wat aan brand is deur 'n berookte glas waarneem, dan sien hy geen vlamme nie; hy sien net hoe alles wat vuur vat, verteer word en inmekaar sak, totdat van die huis net 'n puinhoop oorbly.

So aanskou elkeen in die mensewêreld 'n proses van vertering en verwording, en uiteindelik staan ons voor die puinhoop menselewens en lewens van volke. Maar wie sien daarin die vlam van Gods geregtigheid?

Die profeet wil die berookte glas voor ons oë wegruk en ons laat opmerk wat *agter* dié verwording en vertering gaande is. Daar is 'n verterende vuur en 'n ewige gloed!

God-met-ons was jarelank die inhoud van Jesaja se prediking om Israel te vertroos en te bemoedig in dae van nood, as die vyande van God aandring op Jerusalem (hd. 7). Maar dié waarheid van God-met-ons is nie net 'n vertroosting en redding nie; dit is vir die *sondaar* 'n skriklike iets. God-met-ons beteken ook: straf-met-ons, vuur-met-ons!

God *sal* nie net 'n verterende vuur wees nie, maar God *is* 'n verterende vuur, so waarsku die briefskrywer aan die Hebreërs sy lesers.

Die wêreld is vol van die as van Gods geregtigheid en menige een sit neer by die uitgebrande vuurherd van sy aardse bestaan. Maar hoeveel is daar wat besef dat dit 'n regvaardige God was wat getoorn het teen die ongeregtigheid.

Ons ou skrywers het in vlammende kleure die hel afgeskilder, nie om met verslete dogma's die mense bang te maak nie, maar omdat hulle deurdring was van die waarheid wat Jesaja gepredik het. Hulle het met *feite* rekening gehou. Die vlamme van die ewigheid het hulle reeds in die tyd sien uitslaan. God *sal* vir ewig 'n verterende vuur wees vir die sondaar, want Hy *is* dit nou al.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Dit is seker nie 'n verblydend teken nie, dat mens teenswoordig van alle kante hoor, dat die stemmigheid en die eenvoud van sede onder ons hard aan verminder is. Oral is daar klagte oor ydelheid en ligsinnigheid. Voorheen was dit in ons kerk nie so erg nie, maar die vloedgolf van wêreldgesindheid kom nou ook vinnig oor ons kringe. Onlangs het ek ook al daar iets van aan u geskryf, en vandag kan ek my nie weerhou nie, om andermaal my klag daar oor uit te spreek. Dit lyk wel, dat daar teenswoordig oral 'n sekere danswoede ontstaan het. Mense, waar jy dit glad nie van sou verwag het nie, gaan openlik of heel skelmpies na die danssaal. Mens hoor, dat dit nie in één, maar in verskillende gemeentes van ons kerk so gesteld is. Eers 'n groot voetbalspel en dan gewoonlik 'n geweldige dans agterna.

Wat moet daar nou aan gedoen word? vra meer as een. Daar is natuurlik slegs een middel, en dit is die kerkelike tug ter hand te neem. Eers in alle liefde vermaan en ernstig waarsku, en die jongmense op die sondige van die saak wys, en as dit nie baat nie dan die sensuur toepas.

Maar, so sal meer as een antwoord, dan gaan party van die jongmense die kerk bedank. Hierdie beswaar het ek al baie gehoor, maar dit het nie veel vat op my nie. Ek glo, dat u wel my opienie aangaande hierdie teenwerping sal ken. As ons 'n heimelike vrees in die hart het, dat met die toepassing van die tug die lidmate die kerk gaan bedank, en die kerk daardeur verswak sal word, dan, so meen ek, is die kerk reeds verswak, want as daar sulk 'n angs in die hart van die ampsdragers en die voormanne van die kerk is, dan knaag die wurm alreeds aan die wortel van die boom, en is die blare al aan geel word.

As mens moet glo, wat jy af en toe hoor, dan word die danse altyd nog ydeler en ligsinniger, Onlangs vertel iemand my, wat noodgedwonge

ewe deur 'n danssaal moes gaan, dat hy daar 'n dame gesien het, so buitengewoon onbetamelik gekleed, dat, soos hy later gehoor het, die vóórdansers nie eens met haar wou dans nie. Dit was vir hul selfs te erg. En dit was nog wel 'n getroude vrou van posiesie.

Ek meen, dat ons Gereformeerde Kerk in hierdie saak uit een mond moet spreek, en dat ons die ou puriteinse karakter van ons kerk moet handhaaf. Dit doen my werkelik leed, dat ek vandag oor hierdie saak moet skryf, maar mens word op laas gedwing, om beslis op te tree. Om met loose kalk te pleister, help hier niks nie. Dans moet toegelaat word of dit moet nie toegelaat word nie. 'n Tussenweg is daar nie. Indien dans toegelaat moet word, wel dan mag geen predikant of ouderling meer daaroor praat nie met huisbesoek of andersins. Dan mag daar ook nie langer aanmerkings oor gemaak word nie van die preekstoel. Is dans ewenwel volgens die Skrif verbode, en dit is ons standpunt, dan moet daar nou ander maatreels geneem word, en kan dit nie langer by vermanings bly nie. Dit kan elkeen wel verstaan. Daar moet kragtig opgetree word.

Dit is 'n feit, dat die kerk gedurig met vele moeilikhede in haar boesem te kampe het, dog dit is altyd so met haar gewees. Sy is geroepe, om voortdurend teen die stroom op te worstel, en daar is in die Skrif geen gegewens aanwesig nie, wat ons hoop gee, dat dit in hierdie bedéling ooit anders sal word. Party jong mense beweer, dat die lewe in die kerk vir hul te eng en te nou word, en dat dit vir hul 'n opoffering word, om nog langer lid van die kerk te bly, as die kerk so nousienend is.

Hierdie taal is nie, en kan nie wees nie, die taal van 'n ware kristen. Vra die kristelike lewe dan nie altyd selfverlogening, en word ons nie gedurig voor die keus gestel: Kristus of die wêreld? Moet die kristen dan nie homself afsterf nie, om die ware lewe in Kristus te kan geniet?

Het die Heiland dan self nie gesê nie: So iemand agter My wil kom, die moet homself verlogen en moet sy kruis daeliks opneem, en vir My volg. Luk. 9:23.

Dit kos moeite en stryd, om deur die enge poort in te gaan, niemand kan dit teenspreek nie. Die Heiland wys daar self uitdrukkelik op. Maar nou mag ons ook nie vergeet nie, dat die enge poort die enigste poort is, wat na die ewige saligheid voer. Wie vir hom mis, mis dus alles.

Maar ek het nie nodig hierdie woorde in u herinnering op te roep nie, want u ken hul net so goed as ek self. Dit skyn my toe, dat dit vir die gemeente van die Heere beter is, dat daar openlike vervolging en druk is, dan dat die wêreld met 'n laggend gesig kom, en aan die kerk die hand van vriendskap toereik. Dan word dit vir haar gevaarlik. Dit val vir baie lidmate so uiters swaar, om dan die hand te weier, want daar volg mos gewoonlik spot en skimp op, en die is vir party mense veel moeiliker te verdra as 'n pyniging van die liggaam.

Daar is soorte van moed. Daar is die moed van die kanonier, wat onder die hewigste vuur sy kanon aanhou bedien en kalm op sy pos bly, terwyl die bomme van die vyand om hom heen bars, en reeds verskeidene van sy medestryders dood of gekwets daar by hom lê. Dit is fysieke, natuurlike moed. Dan is daar aan die ander kant weer die moed van 'n apostel Paulus, wat te Cesarea met die boeie aan die hande en temidde van 'n hom vyandige omgewing sonder vrees of skroom met vuur die Kristus predik, en Felix, die stadhouder en die voorsitter van die vergadering, op sy onmatige en sondige lewe en sy onregverdigheid wys. Paulus is daar alleen vóór Kristus, en die ander spot met die Evangelie en die kruis van Kristus. Dit vra 'n onbegrypelike sedelike moed, om dit te kan doen. Paulus was ook nimmer bang, om in sy liggaam vir die Heere te ly. Ons kan daarvan lees in die Skrif, en soos die geskiedenis ons meedeel het die apostel op laas ook blymoedig te Rome sy lewe afgelê vir sy Heiland en Verlosser.

Sedelike moed staan hoër as fysieke of natuurlike moed. Om nou geduldig en blymoedig te verdra, dat party vriende jou, 't sy jongetjie of meisie, uitlag en bespot, omdat jy nie met hul gaan saam dans nie, dit vra sedelike moed. Agter hierdie moed moet geloof en liefde vir jou belydenis sit, en dus vir die saak van die Heere. Het ons jong mense nou die laaste nie? Ek kan dit nie dink nie. Of is hul werkelik wêreldsgesind en wil die hart maar by die dans wees?

Dit gaan ook in ander opsig met ons ou wêreld 'n verkeerde koers uit. Oral begin die gees van ontevredenheid en verset hom in die wêreld, en veral onder die werkliede, te openbaar, en dit neem daeliks 'n dreiender houding aan. Voor so ver ek dit kon doen, het ek dit altyd vir die werkman opgeneem. Ja, ek kan u selfs vertel, dat ek en nog twee andere op my vroeër dorp vir ,,laborite" en ,,staker" uitgemaak is, omdat ek in daardie tyd in party punte die arbeiders gelyk gegee het. Waar hul reg-

matige griewe gehad het, het ek dit vir hul opgeneem. Maar verder ook nie. Verstaan my wel.

As die werkliede te min loon kry, 'n hongerloon soos dit genoem word, of dat hul te lang moet werk, en hul liggaam dit nie kan uithou nie, of dat die kondiesies, waaronder hul hul werk moet verrig heeltemaal skadelik vir die gesondheid is, sodat hul daar siek van word en totaal onbekwaam, om langer hul kos te verdien, *dan* ag ek, dat hul reg het, om te kla en op te tree op wettige wyse en dan sal elkeen, wat gevoel van reg het, met hul sympatiseer. As 'n meisie in 'n winkel slegs £2 vir 'n hele maand se werk ontvang, of as vrouens en meisies 'n dosyn hemde en ander klere vir 'n daalder of iets meer moet omsoom en knoopsgate daarin maak, en verder daaraan moet doen, wat nodig is, kan mens tog nie sê nie, dat dit 'n loon is, waar hul van kan leef, en sulke laë lone word daar deur sommige tans in ons land betaal.

As daar nou gestreef word, om aan hierdie onhoubare toestande 'n eind te maak, kan elke reggeskape man dit steun, dog nou kom daar uit Rusland 'n beweging, wat ten doel het, om die ganse maatskappy om te keer. Ons hele maatskappelike verhouding en al die bestaande is verkeerd sê hul. Die godsdiens en die Bybel moet afgeskaf en verban word. Die leerstelling van 'n regvêrdige God, wat die sonde hier en hiernamaals straf, is, so as hul van die dakke af verkondig alleen uitgevind, om die mense bang te maak, om op die manier oor hul te kan heers, en hul tot slawe te kan verneder. Daarom is dit noodsaaklik, sê hul, dat die godsdiens uitgeroei word. En soos u weet, word hierdie leer vinnig en met krag versprei, en skiet dit al dieper en dieper wortel in baie kringe, veral in Engeland. Vandaar die stakings oral en die gevaarlike woelings, wat daarmee in die nouste verband staan. Hierdie woelings slaan die handel lam, laat die fabrieke stil staan, en belet die stoombote om te vaar en also veroorsaak hul ook ons duisende ponde skade deurdat, om maar iets te noem, ons vrugte nie op tyd kan vervoer word nie.

Engeland is die land, wat op die oomblik die meeste onder die stakings te ly het, en die gevolge kan vir die grote Britse ryk allertreurigs word, as dit 'n jaar sou aanhou. Gister het daar reeds in die krant gestaan, dat die heftigste drywers onder die arbeiders al praat van te skiet en van die parlement uit mekaar te ja. Dit sal wel nie dadelik gebeur nie, maar sulke taal wys mens, hoe die gedagtes loop en waaroor al gedink word.

In my kindse dae was daar eenmaal 'n kerkelike konferensie by ons op die dorp, en daar het toe 'n hele party predikante van ander plekke na ons dorp toe gekom. Ek had nog nooit so baie van hul by mekaar gesien nie.

Ons leraar hou die dag 'n lang redevoering, waaroor weet ek nie meer nie, en ek het seker daar ook nie veel van verstaan nie, want hy was meestal vir ons kinders 'n bietjie te hoog.

Ek herinner my ewenwel nog goed, dat hy by die geleentheid baie ernstig was, en gesê het, dat „ons op 'n vulkaan woon en dat 'n oplettend man partykeer al die grond onder sy voete kan voel beef."

Dit het my as kind toe baie getref, en ook effens laat skrik, want in die skool had ek al gehoor, dat 'n vulkaan 'n vuurspuende berg is, en as mens daarop woon, jy dus gedurig in 'n groot gevaar verkeer. Ek maak nou dit so uit, dat ons leraar die dag op die woelings van die Nihiliste in Rusland gesinspeel het, en hy het dit met sy profesie van die vulkaan nie mis gehad nie. Die Nihiliste van daardie dae, was die voorlopers van die Bolsjewiste van hede, en die vulkaan het reeds in die land gewerk en al vreeslike verwoestings aangerig. En ek is seker dat alles, wat in die laaste jare voorgeval het, slegs 'n beginsel van die smarte is. Donderwolke kom partykeer op, en sak dan weer weg, dog met 'n paar dae maak hul weer hul verskyning, en op laas hoor mens die dreunings al uit die verte, totdat eindelik die onweer bo ons woning losbars en ons met skrik vervul. Ons het ook al in die verlede allerhande ontsettende dinge in ons land beleef, dink maar aan die oproer in Johannesburg 'n paar jaar gelede, en vandag voel ons deur die stakings ook iets van wat in Engeland aan die gang is, en die toestand daar kom hoofsaaklik weer deur die invloed van Rusland. Die dreunings van die groot onweer kom nader. Die vulkaan laat die grond al so nou en dan beef, en ons kan ons gereed hou, binne 'n 25 jare, vir 'n geweldige uitbarsting. Dan sal dit gesien word, of die Kerk van Kristus die vuurproef kan deurstaan.

Ons woon op 'n vulkaan, wat hier en daar al sy lawa uitspu.

Veilig is ewenwel hy, wat in die skuilplaats van die Allerhoogste sit. Hy is veilig vir tyd en ewigheid.

Beste groete.

T.H.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

Vir 'n tyd gelede was te Kaapstad 'n kandidaat in die Teologie, die heer De Boer, van die Vrye Uniwersiteit, Amsterdam.

Hierdie kandidaat het, op advies van wie, ja, dit weet ek nie so presies nie, hom aangemeld by die Ned. Geref. Kerk. Daar het hy dan ,,calloquium doctum," so 'n kerkelike onderhoud oor kennis ens., gedoen en is toe toegelaat om predikant te word by die N.G. Kerk.

Hy het toe afgesit na Kroonstad, om daar in die hulpdiens te staan, maar het daar kort omgespring en is toe terug na Holland. In De Bazuin, 31 Julie, lees ons dat 'n beroepe predikant, in een van die gemeentes in Holland, peremptoir eksame sou doen by die Klassis. Die Klassis en Sinodale deputate was op tyd daar, maar die kandidaat het nie opgedaag nie. Die korrespondent van die Klassis deel toe mee dat die kandidaat getelegrafeer het dat hy nie sou kom nie. Die kandidaat het dan ook aan die korrespondent geskrywe dat hy van oordeel was dat hy vrygestel moet word van die eksame omdat "hy voor enigen tijd te Kaapstad in Z.-Afrika een ,,calloquium doctum," een geleerd gesprek had gehouden en daar toegelaten was om te staan naar het ambt van prediker in een der Kerken die met de Geref. Kerken in Nederland in correspondentie staan." Die betrokke beroepe kandidaat het hom beroep op 'n besluit van die Sinode in Nederland, waarin bepaal was, dat 'n predikant van die Ned. Herv. Kerk, na 'n calloquium doctum in die Geref. Kerke as predikant kon toegelaat word. Die eenparige gevoele van die Klassis wat ,,dat de betrokken broeder geen uitzonderingsgeval maakte en vóór zijn toelating wel degelik nog examen moest doen."

Of die beroepe predikant in Nederland ons kandidaat de Boer is word nie gesê nie.

* * * *

Ek het laas melding gemaak van die saak Dr. Geelkerken in Holland. Uit die volgende vrae, wat deur die Klassis van Amsterdam aan Dr. G. voorgelê is, blyk hoe die Klassis 'n letterlike opvatting van Genesis 1, 2, 3 huldig. Die vrae lui:

1. Verwerpt Gij elke voorstelling, waarin alles wat in Gen. 1, 2 en 3 ons betreffende de schepping en den zondeval is medegedeeld, niet als zuivere historische werkelikheid wordt opgevat?

2. Gelooft Gij, dat God aan Adam werkelik het proefgebod gaf, zoals Gen. 2:16 en 17 ons dit als historisch feit mededeelt?

3. Gelooft Gij, dat de boom der kennis des goeds en des kwaads een werkelike, door God Zelf aangeduide boom is geweest?

4. Gelooft Gij, dat de slang, waarvan Gen. 3 ons spreekt, een werkelike slang is geweest; dat zij werkelik tot de vrouw heeft gesproken, en dat eerst de vrouw en daarna Adam werkelik van de vrucht van den boom der kennis des goeds en des kwaads hebben gegeten?

5. Gelooft Gij, dat de boom des levens eveneens een werkelike, door God zelf aangeduide boom is geweest?

* * * *

*Een goed antwoord.*

Een landman ging naar de kerk. Een heer uit de stad kwam hem achterop en vroeg hem: "Wel vriend, waar gaat ge naar toe?"

"Naar de kerk, mijnheer," was het antwoord.

De heer, die niet van kerkgaan scheen te houden, vroeg weder: "Wat gaat ge daar doen?"

"Wel," antwoordde de landman, "dat is toch bekend: godsdienstoefening houden, God bidden en......"

"Is uw God groot of klein?"

"Beide."

"Dat is onmogelijk."

"Toch niet, mijnheer; God is zóó groot, dat de hemel der hemelen Hem niet omvatten kan, en zóó klein, dat Hij in mijn hart kan wonen."

* * * *

*Het laatste woord.*

Een professor in Bonn had een boerenzoon, die kanker aan zijn tong had, te opereren.

Er stonden een groot getal studenten om den jongen man heen. De grote geleerde deelde de boerenzoon mede, dat hij in het beste geval zich er op voorbereiden moest, zijn spraak te verliezen.

Nu zou hij voor de laatste maal kunnen spreken, en hij moest zich wel bedenken, wat hij ten laatste nog te zeggen of te begeren had.

De jonge man verzonk een ogenblik in diep gepeins; dan richtte hij zich op en zeide met diepen ernst en luide stem: ,,Geloofd zij Jezus Christus!"

De omstanders waren diep geroerd, de tranen sprongen in de ogen van de professor.

De operatie gelukte, doch de patiënt bleef stom. Zijn laatste woord echter was een heerlike belijdenis geweest.

(Uit Amsterdamsche Kerkbode)

## KERK EN SKOOL.

*Aanstaande alumni van die Kas van Behoeftige studente.* — Studente, wat verlang om opgelei te word as Bedienare van die Woord in die Geref. Kerk of as Sending-bedienare van die Woord van die Geref. Kerk en ondersteuning wil geniet uit die Kas van Behoeftige Studente, moet binne die volgende twee maande, maar nie later as 15 November nie, voldoen aan die volgende vereistes van die reglement:

(1). Bewys indien dat hulle die Matrikulasie eksame afgelê het.

(2). Van hulle *Kerkraad* indien, 'n verklaring van hulle lidmaatskap, 'n aanprysing oor hul persoon en geskiktheid vir die amp, 'n verklaring oor hulle behoefte aan ondersteuning.

(3). Indien 'n mediese sertifikaat.

(4). Voor die Kuratore Vergadering teen die einde van November hulle aanmelde by 'n Kurator van hulle Provinsie vir ondersoek.

J. A. DU PLESSIS,
Rektor Teol. Skool.

Potchefstroom, 8 September, 1925.

---

*Kuratore Vergadering*: — Kennis geskied hiermee dat die aanstaande Vergadering van die Kuratore, Teologiese Skool, op Potchefstroom, D.V. sal begin op Woensdag, 25 November, a.s. om 9 uur v.m. in die Saal van bogemelde skool. —D. Postma, Voorsitter, Burgersdorp, K.P., 3 Sept. 1925.

---

*Dankbetuiging*:—Ds. M. Postma van Johannesburg betuig hiermee sy hartelike en innige dank aan ons geagte B.B. Professore, Predikante van onse en ander Kerke, Kerkrade en gemeentes, als ook aan sy familie betrekkinge, vriende en vriendinne, vir hulle hartelike telegramme en briewe van gelukwensing by geleentheid van sy jubileum, wat deur hom hoog op prys word gestel.

Die vele goeie wense is vir hom 'n bemoediging om, in die heerlike Evangelie bediening, nog voort te gaan so lang als dt die Here mag behaag.

---

*Kuruman.*—Br. A. J. Viljoen, Korrespondent, skrywe van die dood van 'n ou moeder in die gemeente, Sofia Katariena v. d. Walt in die ouderdom van 83 jaar.

Sy was gebore in 1842 en is die 16de Augustus oorlede. Op 15 jarige leeftyd is sy getroud met haar eerste man, wat na drie jaar gestorwe is en haar agtergelaat het met 2 kinders. Sy is viermaal getroud gewees en het behalwe 14 stiefkinders, 16 van haar eie gehad.

In haar laaste weduweeskap is sy getrou versorg gewees by haar seun S. Kruger, wat ook nog voor haar gestorwe is. Sy was 'n waardige ou moeder, en onder al haar beproewings standvastig in haar geloof. S[illegible] 'n dogter, wat gekrenk was in haar verstand, 48 jaar lang oppas.

Toe die Gereformeerde Kerk in die Kaap Kolonie gestig is, was sy een van die eerste lidmate, wat nog die eerste stryd deurgemaak het.

---

*Middelburg, Tvl*: — Op die 2de Augustus sou ons geliefde leraar, Ds. N. H. v. d. Walt en sy beminnelike eggenote van ons gemeente afskeid neem, omdat hy die beroep na Heidelberg aangeneem het. Die gemeente het met angstvallige en „seer" harte die dag, wat *te* gou gekom het, ingewag.

Waar ons anders in die winter maar weinig mense by die Nagmaal het, was die opkoms hierdie keer besonder goed. Geen moeite en opoffering werd ontsien, om ons Ds. en Mevr. 'n laaste handdruk te gee, en 'n *onwillige* vaarwel toe te roep nie.

Nadat die losmaking Saterdag deur die Kerkraad, in bysyn van die deputate van Erasmus en Bethal, gegee, en die akte van losmaking behoorlik in orde gebring en getekend was, het die dienste 'n aanvang geneem.

Saterdagmiddag het die jongste predikant van Transvaal, Ds. Spoelstra, wat ook vir die geleentheid oorgekom het, die diens waargeneem.

Saterdagaand het Ds. du Plessis van Erasmus, die oudste en enigste predikant van die oostelike klassis voor die gemeente opgetree.

Sondagmore is die Woord bedien deur ons vertrekkende leraar, en het hy nog vir laas aan ons die Nagmaal uitgereik, toe hier en daar al trane in die oë opgemerk was.

Sondagmiddag was die afskeidsdiens. Ds. van der Walt het vir die geleentheid tot teks gekies: 2 Petr. 5:7. „Werp al u bekommernis op Hem, want Hy sorg vir u."

Dit was 'n diens, wat nooit kan en sal deur die gemeente vergeet word nie. So 'n doodse stilte, so met ontroerde gemoedere, was die diens plegtig, indrukwekkend, die prediking vermanend en vertroostend. Nog nooit was in so 'n stemming, met soveel aandag, in so 'n heilige oomblik na ons geliefde leraar geluister nie. Toe hy op die end met 'n persoonlike woord tot die gemeente kom, en 'n blik werp op die afgelêde loopbaan en so alle lief en leed, 17 jaar saam geniet en deurgemaak, in herinnering roep, ens., toe was sy eie gemoed so ontroer, dat hy byna geen woord meer kon spreek nie, en die hele gemeente was kennelik bedroef. Na die diens is deur die Kerkraad en gemeente deur ouderling Zuidervaart 'n adres voorgelees aan Ds. en ook aan Mevr., waarin die dank en waardering van die Kerkraad en gemeente uitgespreek word. By elke adres het gepaard gegaan 'n tasbare bewys van die liefde en hoogagting en waardering, wat die gemeente hulle geliefde leraar en vriendelike gade toedra. Nadat Ds. van der Walt toe in gevoelvolle woorde

die bande van vriendskap so vasgeknoop was, en die wortels van die samewerking so diep ingegroei het nie, en betuig het, hoe swaar dit val vir hulle beide om los te kom, is deur die gemeente in dowwe, gedempte stem hulle toegesing Ps. 121 :4.

Daarna is die onvergetelike oomblik geëindig, maar was Ds. en Mevr. nog lang vas gehou voor die preekstoel deur die handdrukke van 'n hele paar ou vaders en moeders, wat nog 'n persoonlike seënwensie kom aanbied het.

In die aand is die diens waargeneem deur Ds. du Plessis. So gevoel die gemeente hulle nou soos wese, soos skape sonder herder. Ons gee ons Ds. en sy gade met droewige harte af.— J. T. Kruger, Korrespondent.

(Dit spyt ons dat hierdie verslag deur verlegging so laat gepubliseer word.—Red.)

---

*Heidelberg, Tvl.*: — Die dae van 14 tot 16 Augustus sal ongetwyfeld vir die Geref. gemeente, Heidelberg 'n lange en dankbare herinnering bly.

Die gemeente het die aangename voorreg gehad om Ds. en Mevr. van der Walt op Vrydag 14 Augustus om 3 uur n.m. feestelik te verwelkom in 'n groot tent vir die doel ingerig naby die kerkgebou.

Op kerklik, onderwys en maatskaplik gebied was die publiek van Heidelberg baie goed verteenwoordig.

Eers het Dr. P. J. S. de Klerk, Konsulent van die gemeente, Ds. en Mevr. van der Walt aan die belangstellendes voorgestel en hulle hartelik welkom geheet. Hy is baie bly dat hierdie klassis weer deur 'n ervare predikant versterk is en hoop dat hy en sy ,,buurman" aangenaam sal saamwerk.

Ds. Spoelstra, deputaat vir die bevestiging van Jeppe oorgekom, heet Ds. v. d. Walt toe welkom en sê dat hy baie bly is dat hy vandag in 'n ander posiesie Ds. van der Walt kan aanspreek en nie soos sewe maande gelede toe hy deur Ds. van der Walt geëksamineer werd te Middelburg in Kerkreg. Hy is verseker dat hierdie klassis 'n sterke krag ryker geword het in Ds. van der Walt.

Daarna het ouderling Schuurman, Ds. en Mevr. van der Walt 'n welkomsadres voorgelees namens Kerkraad en gemeente. Daarin word die grote blydskap en dankbaarheid uitgedruk dat die gemeente, wat dit al so hoog nodig had, tog nou weer haar eie herder en leraar het en die belofte uitgespreek van alle steun en broederlike samewerking.

Die volgende here het Ds. en Mev. v. d. Walt toe welkom geheet en die hoop uitgespreek dat die ,,nuwe" predikant en sy famielie hulle gou sal tuis voel op die ,,ou plek" en dat daar 'n hartelike samewerking op kerkelik, onderwys en maatskaplik gebied sal wees:

Ds. A . J. Louw namens die Ned. Geref. of Herv. Kerk, Ds. van Belkum namens die Herv. Kerk, Ds. Cools namens die Engelse Kerk, Ds. Weakley, wat al goed Afrikaans praat, namens die Wesleyaanse Kerk, Mnr. Bonsma namens onderwys, Mnr. Jordaan namens die Stadsraad en Mnr. C. de Wet, L.V., namens die kiesafdeling Heidelberg en eindelik nog ou oom Albert Smit oud ouderling en oudste lidmaat in die gemeente. Hy is tog so dankbaar dat die Here weer gesorg het vir die geestelike versorger van die gemeente.

Koek en koffie werd toe rondgebring en baie gesellig werd 'n paar oomblikke met mekaar deurgebring. Kort, maar gepas het Ds. van der Walt namens sy famielie al die gaste hartelik bedank vir die vriendelike ontvangs en hartelike woorde. Hy glo aan die ou spreekwoord: ,,Stadig begin, aanhou win" en daarom moes die gaste nie 'n lang spiets van hom verwag nie. Hy hoop dat die liefde- en vriendskapsbande wat hier so naby die kerkgebou gelê is, duursaam sal wees en dat die lente wat nou net intree 'n simbool mag wees van vrugte en goeie werke van onse saamverblyf en samewerking. Daarna is almal huistoe, baie tevrede oor die goeie afloop van die eerste kennismaking.

Saterdagmiddag om halfdrie het Ds. Postma van Johannesburg, vir die doel oorgekom, die kansel beklim om Ds. van der Walt in sy nuwe gemeente te bevestig. Dit was vir die gemeente 'n tere herinnering aan haar leraar, wyle Ds. P. Postma toe sy broer se stem weer van die kansel gehoor word.

Na aanleiding van Ezechiël 3:17-21 het Sy-Eerw. die te bevestigde leraar gewys dat die werk van die predikant dieselfde is as wat die van die profeet was. ,,Ik heb u tot 'n wagter Israels gesteld." Die roeping is nog net so gewigtig en deur die Koning van die Kerk word Ueerw. ook vandag weer geroep tot 'n wagter van die gemeente Heidelberg. Waak dan as 'n getroue wagter Israels oor Gods gemeente hier, waarsku haar en handel volgens Gods Woord. Syeerw. wys op die heerlikheid van die taak en die geseënde vrugte wanneer aan die waarskuwinge van die wagter gehoor gegee word.

Na die bevestiging het die gemeente haar predikant staande en biddend Ps. 134:3 toegesing. Ds. Postma het Ds. van der Walt toe gelukgewens en die broederhand gedruk. Daarna ouderling Schuurman namens Kerkraad en gemeente, Dr. P. J. S. de Klerk, Ds. van Belkum namens die Herv. Kerk en Ds. Pauw, hulpprediker by die Ned. Geref Kerk.

Ds. van der Walt het ou vader Postma met 'n geroerde gemoed bedank vir die aangename woorde. Hy beskou Syeerw. as sy geestelike vader. Die lesse wat hy as kind van Syeerw. in die katigesasie ontvang het is oorsaak dat hy vandag hier as predikant staan. Syeerw. het hom in sy amp ingeseën te Middelburg en nou weer hier bevestig. Mog die Here die ou vader dan nog vele jare spaar en die nodige kragte verleen om met seën verder te arbei.

Hiermee was die plegtighede afgeloop .

Saterdagaand het Ds. van der Walt sy in-

tree preek gehou na aanleiding van II Kor. 5:19 en 20. Syeerw. het die gemeente daarop gewys hoe Paulus in Korinthe die grootste handelstad van sy tyd, Gods Woord moes bring. 'n Moeilike werk onder moeilike omstandighede. Die Here het Paulus se werk geseën sodat Korinthe die vernaamste gemeente geword het. Mog die Here ook Syeerw. se arbeid seën sodat dit ook Heidelberg se gemeente as die van Korinthe kan word. As gesant van God bid ook hy die gemeente: ,,Laat u met God versoen". Die Here wil Syeerw. hier as middel gebruik tot opbou van Sy Kerk. Mog die Here hom dan die nodige genade gee om sy werk getrou te doen.

Sondagmore het die plaaslike leraar weer voor die gemeente opgetree en na aanleiding van Hebr. 4:16 'n boeiende predikasie gehou. Syeerw. het die gemeente vermaan om haar vrymoedigheid nie weg te werp, maar deur Jesus Kristus onse toegang tot Gods genade te soek terwyl dit nog tyd daarvoor is. Die gemeente het die dood van haar Heiland weer heerlik kon gedink.

Saterdagmiddag het Dr. de Klerk as konsulent afskeid van die gemeente geneem. Syeerw. het tot teks gehad Hebr. 12: 1 ,,Laat ons met lydsaamheid loop die loopbaan wat ons voorgestel is. Tot lydsaamheid en volharding het sy eerw. die gemeente aangemoedig. Syeerw. het die gemeente hoofsaaklik bepaal by (1) hoe ons ons lewensroeping moet vervul en (2) die motief wat ons daartoe moet aanspoor.

Twee Brs. diakene Samuel Kampfer en Dolf van der Merwe werd as sulks in hulle ampte bevestig. Vier jonge kinders werd gedoop. Na afloop van die diens werd by monde van ouderling J. H. Kruger aan Dr. de Klerk 'n afskeidsadres voorgelees en 'n kleine gif namens die gemeente aan hom oorhandig. Hiervoor bedank Dr. de Klerk op 'n hartelike wyse en sê dat hy jammer was dat hy so min in die gemeente kon doen.

Sondagaand het Ds. Postma nog 'n maal voor die gemeente opgetree en gepreek oor Matth. 26:41, met nadruk op die woorde ,,Waak en bid". Nadat die oue vader in 'n ernstige gebed, waarvoor hy so 'n groot gawe van die Here ontvang het, leraar, kerkraad en gemeente aan die Here opgedra het, het hy 'n ernstige preek gehou oor bogenoemde teks.

Hiermee is die drie aangenaamste en gelukkigste dae vir die Gemeente Heidelberg, geëindig.—J. H. Kruger, Korrespondent van die Kerkblad.

---

*Eerste Classicale Vergadering ,,Classis Pretoria, gehouden op 11de Augustus, 's avonds 8 uur en volgende dagen te Pretoria.* — Ds. Rumpff opent deze eerste classicale vergadering met te laten zingen Ps. 25:1 en gebed en leest Hand. 15:1-4 en 22-31.

Alle gemeenten van deze classis wettig vertegenwoordigd behalve Heidelberg.

Ds. Rumpff als waarnemende voorzitter, spreekt de vergadering toe, Z.E.W. wijst op de bindende besluiten van meerdere vergaderingen, en dat, wat besloten wordt niet adviezen zijn die naar willekeur kunnen uitgevoerd worden. Door het houden van Classicale Vergaderingen zal het raderwerk van ons kerkelijk leven beter en vlugger lopen. Nadat spreker nog enige waarderende woorden gesproken heeft over het werk van wijlen Prof. D. Postma en Ds. P. Postma heet Z.E.W. de Classis hartelijk welkom in Pretoria.

Besloten wordt geen bureau te kiezen maar bij toerbeurt de functies waar te nemen.

Als oudste predikant neemt Ds. M. Postma de voorzitterstoel in met Ds. Rumpff als vice voorzitter. Dr. de Klerck scriba en Ds. Spoelstra vice-scriba.

2de Sitting.—De voorzitter opent, leest Fil. 2:1-11 en de vice-voorzitter laat zingen Ps. 42: 1 en gaat voor in gebed.

In behandeling komen Gemeente verslagen:

't Blijkt dat de diensten geregeld gehouden worden, maar dat de leesdiensten over het algemeen slecht worden bijgewoond.

De Catichismus wordt geregeld gepredikt in alle gemeenten waar een plaatselike leraar is, en in konsulent gemeenten niet. Deze worden geadviseerd ook Catechismus preken te lezen.

De Catechisatiën zijn over het algemeen onbevredigend en de Bijbelkennis bij het opkomend geslacht meestal zeer gering.

In verband met de diakonale verslagen wordt breedvoerig gesproken, en er wordt door verschillende deputaten op gewezen dat de inzameling voor de armen nog lang niet is wat het behoort te zijn. Een der grootste oorzaken is dat het ambt van de diaken wordt verdrongen door zijn werk van collecteeren voor de stoffelijke gemeente belangen, daardoor wordt de diaken verhindert ten volle zijn tijd en krachten te geven in zijn ambt. Daarna wordt met algemene stemmen een voorstel aangenomen van de volgende inhoud: ,,Die Eerw. Clas. Verg. betreur die toestand van ons arme sake dat ons diakonale sake nog nie tot hulle reg kom nie en wek al die gemeentes onder haar resort op om met raad en daad die e.k. Diak. Konf. te Johannesburg-Noord by te woon om saam te werk dat ons diakonale arbeid tot meerdere ontwikkeling kom."

In verband met onderwijs en opvoeding word erop gewezen dat alle onderwijs op Staatscholen gegeven wordt en daardoor het christelik onderwys zeer gering is, dat dientengevolge de verplichting van de ouders dubbel zwaar moet gevoeld worden, willen zij voldoen aan de doopsbelofte. en zo wordt aangedrongen dat de ouders vooral in hun huis godsdienst niet moeten verslappen, maar trouw moeten zijn in hun priesterlijk ambt.

Daarna komt het zendings rapport in bespreking. Alle gemeenten worden opgewekt om met ijver in deze zaak te werken, en gere-

geld de daartoe aangewezen collecte te houden en op te zenden.

Johannesburg-Noord vraagt kerk visitatoren aan en als zodanig worden benoemd Ds. Rumpff en Ds. N. H. van der Walt.

Heidelberg en Standerton vragen advies omtrent kombinatie. Aangezien de kombinatiën door de Algemene Vergadering zijn ingedeeld worden betrokken kerkeraden naar de Provinciale Sinode verwezen voor advies.

Johannesburg vraagt advies in een plaatselik geval hetwelk verstrekt wordt.

Als korresponderende kerkeraad wordt aangewezen Johannesburg Oost.

De commissie voor de raming der onkosten der klassis geeft verslag en iedere gemeente wordt aangeslagen volgens het aantal lidmaten.

Beschrijvingspunt Germiston. Een kerkelik weekblad in onze klassis uit te geven. De afgevaardigden lichten dit punt toe en uit de bespreking blijkt dat dit een noodzakelike zaak is. Aangezien er ook over dit punt een schrijven is ingekomen van de Redactie van Die Kerkblad wordt een commissie benoemd (Dr. de Klerck en Ds. Rumpff) om op de eerstvolgende Classicale Vergadering hierover meer uitgebreid verslag te doen.

Beschrijvingspunt Johannesburg Oost, om inlichtingen over dooplidmaten wordt bij de bespreking gelaten.

Beschrijvingspunt, Bethal. ,,Die klassis dring aan op 'n meer breedvoerig verslag van die Kas van Hulpbehoewende studente Teologiese Skool en Jubileum Fonds Kas, en bespreek die moontlikheid om meer fasiliteite te gee aan studente in die teologie." In verband hiermede wordt ook besproken een beschrijvingspunt van Heidelberg. ,,Dat studenten in de Teol. wanneer zij predikant zijn de helft terug betalen van de ondersteuning door hen ontvangen. Aan de Kerkeraden van Bethal en Johannesburg Oost wordt opgedragen in deze zaken nauwkeurig onderzoek te doen en op de e.k. Classis rapport uit te brengen.

Johannesburg Oost vraagt de hulp der Classis om bij de bevoegde autoriteiten aan te dringen op aparte afdelingen in de Hospitalen voor lidmaten van de drie Hollandse Kerken. Dit punt wordt verwezen na de e.k. diakonale konferentie, om te trachten te komen tot het oprichten van 'n eigen hospitaal.

Johannesburg Oost vraagt om in de Geref. Kerken geen bewijzen van lidmaatschap maar alleen attestatie af te geven naar de gemeenten in ons kerkverband. Die klassis dring daarop aan dat die Kerkeraad as 'n bewys van lidmaatskap gegee word 'n begeleidende skrywe wat die rede sal gee waarom geen attest gestuur word nie.

Beschrijvingspunt, Heidelberg. ,,Dat geen gemeente een leeraar zal beroepen tenzij hij minstens drie jaar in zijn gemeente gearbeid heeft." Dit wordt bij bespreking gelaten.

Beschrijvingspunt Johannesburg inhoudende vermindering in bijdragen Teologische School. Wordt bij bespreking gelaten.

Daarna wordt rapport uitgebracht over de arbeid door Pretoria te Robertshoogte, Poliesie Depot, Gevangenis, Reddingshuis en Hospitaal gedaan. De klassis neemt met dank dit rapport aan erkennende de veelomvattende arbeid aan dit werk verbonden, en doet een beroep op alle gemeenten om indien eenig lidmaat naar een dezer inrichtingen gezonden wordt daarvan dadelik kennis te geven aan de Kerkeraad, Pretoria.

Verslag Hulpbehoevende Kerken. De gemeenten die achter zijn worden verzocht de achterstallige gelden te zenden, en een voorstel aangenomen, welk door gestuur wordt naar de Provinciale Sinode. ,,Elke Classis zal zijn eigen kas voor dit fonds houden

Een verschil over grenslidmaten tussen Heidelberg en Erasmus wordt naar de respektieve Kerkeraden teruggezonden om daarin te handelen.

Door de indeeling des Classis vervallen er verschillende besluiten der Algemene Vergadering hetwelk onder de aandacht der e.k. Provinciale Sinode zal gebracht worden, om de besluiten formeel te herroepen.

Afgevaardigd worden naar de Provinsiale Sinode de predikanten Di. Postma, Rumpff, De Klerck, Spoelstra en van der Walt. verder zal Volksrust, Standerton, Bethal, Johannesburg Noord en Pretoria elk een ouderling afvaardigen.

Besloten wordt twee maal per jaar classis te houden, n.l. in Mei en September.

Eerstvolgende classis D.V. in Johannesburg. September classis: Johannesburg Oos.

Hierna notulen gelezen en goedgekeurd. Nadat de voorzitter in gevoelvolle woorden het sluitingswoord gesproken heeft, en de dank der Classis aan plaatselike leeraar en gemeente overgebracht heeft, gaat de voorzitter over tot sluiting, laat zingen Ps. 90 vs. 9 en gaat voor in dankzegging.—Namens de Pers Comitee, Dep. Johannesburg Oost.

---

*Postmasburg: — Die Armkoshuis as Voedings- en Opvoedings Inrigting.*

I Voeding.

Die koshuise vir behoeftige leerlinge in die Kaapprovinsie is die monument van Sir Frederik de Waal. 8,000 kinders getuig daarvan. Die koshuise staan onder beheer van die Kerkrade van die verskillende dorpe. Die kerklike owerheid of ander betrokke liggaam benoem 'n komitee van bestuur om die sake van die inrigting te kontroleer. Die finansiële verantwoordelikheid en die verskaf van alle benodighede rus op die bestuur. Daar word ook gewoonlik 'n besoek komitee, bestaande uit drie dames, aangestel, om inspeksiewerk te doen in die koshuis en om die huismoeder met raad en daad by te staan wat die huishoudelike sake betref.

Die Komitee van Bestuur stel 'n Bestuurder of Superintendent, Huisvader of Huismoeder aan of 'n huisvader en 'n huismoeder tesame. In gemengde koshuise, dit is waar jongetjies en meisies saam in een inrigting opgeneem word, kom dit my voor of 'n huisvader en 'n huismoeder die wenslikste is, natuurlik 'n gehuude paar, nieteenstaande die Inspekteur van Koshuise beweer dat 'n huisvader nog nooit 'n sukses was nie. Hy beveel ook aan, dat selfs in inrigtings waar alleen seuns opgeneem word slegs 'n huismoeder sal aangestel word. Maar met die oog op landbou-aangeleenthede en handearbeid vir die seuns is 'n geskikte huisvader seker onmisbaar.

Alles sal afhang van die persoon wat aangestel word; 'n onopgeleide onontwikkelde man deug nie en die mislukking van die aanstelling van huisvaders in die verlede is in die meeste gevalle tewyte aan die gehalte van persoon wat aangestel was. Aan die anderkant is 'n te hoog-beskaafde man, wat graag wil slaap tot 9 of 10 uur beter tuis in 'n hotel. In die toekoms sal die Onderwys Departement met die grootste versigtigheid die aanstelling van huisvaders goedkeur of anders glad geen huisvaders laat aanstel nie. Miskien het hulle gegronde redes daarvoor. M.i. behoort die koshuis as opvoedingsinrigting onder een of ander onderwyser(es) van die staf van die skool waaraan dit verbonde is, te staan.

Ek wil nie verder hieroor iets sê nie. Ek wil liewers eers na die kos gaan kyk.

Voeding en opvoeding is onafskeidelik aanmekaar verbonde. Sonder voeding geen opvoeding! Honger ken geen wet nie. Ondervoeding krenk die liggaam en lei tot geestelike agterlikheid, wat 'n kind ongeskik maak om behoorlik opgevoed te word. Die nadelige gevolge van oorvoeding bly ook nie uit nie. Ek het al gevalle gehad, dat ek 'n kind of twee opsy moet roep om vir hulle duidelik te maak, dat daar 'n groot verskil is tussen *eet* en *vreet*. (As u die laaste woord te lelik vind, sê dan maar ooreet, die woord wat ek gebruik het in teenwoordigheid van die kinders).

Die kwessie van behoorlike voeding is baie belangrik wanneer 'n mens te doen kry met soveel verskillende soorte kinders. Party ken hulself aan die tafel. Hulle kom uit goeie huise. Ander kom uit minder gegoede huise en dis juis hulle, wat jou aandag die nodigste het. Honger behoort hulle nie te ly nie en daarvoor sal hulle self sorg solank as daar maar kos op die tafel is. Die gevaar lê dan ook nie hierin nie, maar daarin, dat hulle hulle kan seermaak. Dis wonderlik om te sien die hoeveelheid, wat party van die bloedjies kan na binne werk blykbaar sonder om enige nadelige gevolge te ly. Die verstandige huismoeder weet dan ook, dat hulle weldra sal deurgeëet wees soos dit genoem word, en sy bekommer haar nie te veel daaroor nie maar sy hou hulle goed dop. As dit so aanhou en die kind begin naderhand lomerig en traag te word en hy leer nie vanself matigheid nie dan kan jy met 'n geruste gewete begin torring aan die hoeveelheid van sy voedsel mits jy sorg dra vir al die elemente, wat hy nodig het.

Ek wil hier net 'n gedeelte aanhaal van die rapport vir die jaar 1924, van Dr. Elsie Chubb en Dr. H. Maughan Brown, mediese inspekteurs van skole en koshuise in die Kaapprovinsie om aan te toon, dat nie alleen die hoeveelheid van die kos tel nie maar dat die hoedanigheid ook 'n belangrike rol speel. Hier volg dit:

„Die voedsel is gewoonlik voldoende van hoeveelheid, maar bevat nie altyd al die elemente, wat nodig is vir vlug opgroeiende kinders. Die vernaamste moeilikheid is in die verskaf van vet en vars voedsel soos groente en vrugte. In streke soos Namakwaland en Betsjoeanaland is hierdie moeilikheid baie groot en die gesondheid van die kinders word belemmer deur die beperkte diëet. Maar selfs in streke in in die provinsie waar groente en melk verkrybaar is, bestaan daar 'n neiging om hulle te beskou as onnodige weeldes en bestaan die diëet hoofsaaklik uit brood, artappels, rys en vleis

Geagte leser, u voel al dadelik die verantwoordelikheid, wat daar rus op die skouers van die betrokke outoriteit wat belas is met die verskaf van voedsel aan so 'n inrigting. Die komitee verskaf dit. Die huismoeder sorg vir die voorbereiding en opdiening daarvan. Daarom is dit vir die huismoeder van die uiterste belang 'n studie te maak van voedsel, nie net wat die reinheid en smaaklikheid daarvan betref nie, maar ook van die voedingswaarde van die verskillende soorte kos, wat op die tafel kom, sodat sy deur behoorlike afwisseling kan sorg vir al die elemente waarvan daar volgens Dr. Rossiter vyf of ses is maar een of meer van die elemente kan in 'n byna oneindige verskeidenheid van samestellinge aanwesig wees. Die gesondheid en groei van die kind is grootliks afhanklik van die samestelling van voedsel.

As jy musiek wil speel moet jy jou instrument bestudeer. Die harmoniese samestelling van musikale klanke het 'n aangename uitwerking op die gehoororgane van die persoon wat daarna luister. Die een wat die klanke so strelend kan laat saamvloei heet 'n kunstenaar. Maar wie se lewe is nou afhanklik van klanke, behalwe miskien die lewe van die kunstenaar? Die kunstenaar wat 'n diep studie gemaak het trakteer ons op klanke waarvan ons lewe nie juis afhanklik is nie. Maar ons daelikse brood die staf van onse lewe kan ons eet sonder om 'n ernstige studie daarvan te maak. Die natuur sal wel sorg daarvoor. Gelukkig ook! U sê, ek eet net wat ek lus voor het. Dis reg, maar hoeveel verdraaide luste en verkeerde neiginge het ons nou nie. Hoe dikwels ly ons nie onder die gevolge van onkunde nie? Selfs die kinders behoort nie onkundig gehou te word aangaande die voedingswaarde van groente, vrugte en ander soorte kos nie. Inligting daaroor behoort

'n deel uit te maak van die opvoeding, wat hulle in die inrigting geniet.

Die klaarmaak van kos vir vyftig of sestig of meer groeiende mense is nie maar 'n prul nie. Die liggaamlike welvaart van 'n aansienlike deel van die toekomstige geslag is daarmee gemoeid. Die verstandelike en sedelike ontwikkeling rus daarop. Die ou Romeine het gesê: ,,Mens sana in corpore sano" ('n gesonde gees woon in 'n gesonde liggaam).

Die volgende keer iets oor die opvoeding in die koshuis.—Huismoeder, Postmasburg, 29 Augustus, 1925.

---

*Korrespondent* van die gemeente van Pietermaritzburg is: Oud. J. P. Aucamp, Winterskloof, P.K. Boshoff Road, Natal.

---

## VRAEBUS.

---

Br. M. J. Bester, Matsap, vra:

(a) Of Mattheus 16:19, 18:18 en Johs. 20:23 nog van krag is in ons tyd vir Kerkrade.

Hierdie verse handel oor die sleutel-mag: Kyk 'n nadere verklaring daarvan in Sondag 31 van die Katigismus. In Matth. 16:19 gee die Here Jesus hierdie mag aan *Petrus*, in Johs. 20:23 aan al die *Apostels* en in Matth. 18:18 aan die *gemeente*, soos blyk uit die verband vanaf vers 15.

Hierdie gesag om 'n hardnekkige sondaar uit die gemeente te sluit berus dus by die kerk of gemeente, en die Kerkraad is die organe, waardeur hierdie mag uitgeoefen word. Die hele kerklike tug berus op hierdie en ander plekke in die H. Skrif.

Die uitsluiting en die sondevergewing berus egter alleen in die gemeente, insover die Kerkraad handel in die Naam van Kristus en deur Sy Woord en Gees. Of iemand uit die hemel uitgesluit is sal God, wat alleen die harte ken, oordeel, maar seker is dat as 'n *onboetvaardige* sondaar om sy sonde uitgesluit is, dan geld vir hom die uitspraak van Gods Woord in die prediking en die tug.

(b) Verder vra die broeder wat die toestand van iemand moet wees as op hom van toepassing kan wees die welbekende woorde in Jesaja 42:3 van die ,,gekrookte riet" en die ,,rokende vlaswiek".

'n Gekrookte riet is 'n riet wat gebreek is, maar nie afgebreek is nie, en 'n ,,rokende vlaswiek" is 'n lamp-pit, wat wil uitgaan en daarom rook.

Hierdie woorde bevat 'n profesie van Kristus, om aan te toon hoe Hy sal handel met die swakkes.

As iemand verslae is om sy sonde en sy geestelike swakheid ken, ootmoedig is voor die Here, dan verkeer hy in die toestand van so 'n riet en so 'n lamp-pit, en dan sal die Here hom nie verbreek nie en sy liggie nie laat uitgaan nie.

Op die vrae van Br. Fourie, van Hope Town die volgende:

(1) ,,Wat is ons dan anders as lede van die Geref. Kerk?"

Die broeder is nog lidmaat van die Geref. Kerk of gemeente van Kaapstad, as sy attestasie daar ingedien was en dit nog nie aangevra is nie. Ons is lidmate in die eerste plek van 'n plaaslike kerk, wat die vergadering van gelowiges is, waarvan in Art. 28 van ons Geloofsbelydenis gehandel word.

Kerk in daardie artiekel beteken *plaaslike* gemeente. In ons Kerkorde word ook altyd gepraat van die *plaaslike* kerk.

As lidmaat van die Geref. Kerk van Kaapstad wat in kerkverband staan met die ander Geref. Kerke, behoor die broeder nog tot die Geref. kerkverband, en daarom kan hy hom op die kerkverband beroep. Maar hy kan nie meer die kerkverband met Kaapstad onderhou nie, en so word sy toestand moeilik. Daarom, wil hy nog in die Gereformeerde kerkverband bly, dan moet hy dit *plaaslik soek*. Hy kan dit nie plaaslik kry nie. Die enigste uitweg is dat hy die naaste kerkverband soek. Word hy nie gehelp nie, dan kan hy hom beroep op die groter kerkverband, en in sy geval is dit die Algemene Vergadering.

Iemand word nie lidmaat van 'n plaaslike kerk op grond dat hy lidmaat is van die Geref. Kerk nie, maar omdat hy sy attestasie indien, wat aan hom gegee is deur sy plaaslike kerk.

Sê bevoorbeeld dat iemand hom wil aansluit by 'n Gereformeerde gemeente, en hy sou wil eis dat hy opgeneem word omdat hy 'n lidmaat is van die Algemene Geref. Kerk, dan sal die Kerkraad vir hom sê:—,,Ons ken nie soiets nie. Waar is jou attestasie van die Algemene Geref. Kerk?"

Soiets is alleen molik in die Roomse Kerk, of in 'n Volkskerk, of in 'n Genootskapskerk.

Kristus se Koningskap word in die eerste plek uitgeoefen in die plaaslike Kerk. By ons word lidmate, wat nie 'n plaaslike kerkverband kan bekom nie, in die praktyk genoem ,,verstrooide lidmate", en dit lê op die weg van die Algemene Vergaderings om in hulle behoeftes te voorsien.

(2) Waarom kan reisende predikante nie somaar die broeders en susters daar bedien nie?

Omdat 'n predikant alleen Woord en Sakramente bedien op las van sy Kerkraad, of in geval van noodsaaklikheid vereis deur die kerkverband op aanwysing en nadere lasgewing van sy Kerkraad en van die kerkverband. Hy moet daarvoor verlof kry van die Kerkraad en as hy Woord en Sakramente wil bedien in 'n ander plaaslike gemeente, dan ook op verlof en onder toesig van die Kerkraad.

Gereformeerde predikante kan nie Woord en Sakramente bedien waar hulle wil, asof die amp aan hulle persoon klewe nie. Prof. du Plessis van Stellenbosch sal dit miskien goed-

keur omdat hy sê dat 'n predikant 'n ,,character indelibilis" het.

Het ons nou 'n algemene Geref. Kerk en 'n algemene predikantskap dan was dit molik, maar ons het dit nie.

Daarom is hier die eerste uitweg dat die broeder die naaste Kerkraad vra om aan sy predikant las te gee om hulle te bedien, of as dit misluk, kan hy hom wende na die Algemene Vergadering. Ons hoop dat die saak nou duideliker is, en dat die broeder gehelp sal word deur die Kerkraad, aan wie hy geskrywe het. Verder moet verstrooide broeders en susters *gereeld bymekaar kom* om saam godsdiens te hou. Ons hoop dat dit gedoen word, ook in gemeentes, soos Kaapstad, waar nie 'n vaste predikant is nie.

Waar ,,twee of drie" vergader is in die naam van die Koning van die Kerk, sal hulle ook deur Hom geseën word.

In die tyd van die eerste lewe van die Kerk, ook van ons Kerk, en van die Kerk van die Afskeiding en Doleansie in Holland, het die gelowiges saam vergader, baie keer sonder predikant, en sy is die Kerk gebou, en toe het hulle ook gepraat en getuig nie alleen van die voorwerpelike waarheid nie, maar ook van wat die Here aan hulle siele gedoen het. So moet oral die broeders en susters bymekaar kom, en daar moet vreugde wees in die diens van die Here.

Daarvoor is nodig ook meer studie van Gods Woord en die lees van Gereformeerde boeke.

Br. I. J. van der Walt, Bethal:—

(1). Ons moet die getal van die Kerkblad intekenaars eers verhoog voordat die Teol. Skool daarvan kan profiteer.

(2). Dan wil die broeder weet of ons volgens Gods Woord ons baard kan skeer soos ons wil.

Daar is niks om dit te belet nie. Die voorskrifte vir Israel gegee oor die baard, soos bev. Lev. 19:27, het gedien om hulle te onderskei veral van die afgodiese volke, soos die ou Arabiere waarskynlik, wat die hoeke, dit is die baard op die wange, afgeskeer het ter ere van hulle afgod. J. A. du P.

## NUWE BOEKE.

*Gereformeerd Farizeisme?* Zyn de Gereformeerden de Farizeërs van dezen tyd? Door Ds. K. Schilder. — Uitgave W. D. Meinema, Delft.

"De aanklacht is er," so begin die skrywer om die aanklag te ondersoek, selfs hulle naam van "Afgeskeidene" lewer die bewys, want ook Fariseër beteken 'n "Afgeskeie".

Eers word dan ondersoek die afkoms van die Fariseërs. Self het hulle hul genoem "chasidim", die vromes, maar hulle teenstanders het hulle genoem "separatiste". In ses teëwerpings weerlê Ds. Schilder, op satieries-humoristiese wyse die aanklagtes.

Punte van vergelyking word behandel, soos bev. Skrif en oorlewering, verhouding tot die Wet, verheerliking van die offisiële gesag, in verband met die verhouding van die Fariseërs tot die "gemene volk" word behandel die Gereformeerde houding teenoor die vreemde.

In sy 'Besluit" wys Ds. Schilder die aanklag af, met 'n enkele waarskuwing aan dissenters en Gereformeerdes:— "Onze afzondering zy niet als die der Farizeërs, doch als van het Israel Gods, dat naar Gods eigen bedoeling uit alle volkeren werd afgezonderd om zoo den stroom der genade zuiver te houden en een zegen te zyn voor alle volkeren."

Ook in Suid-Afrika kan ons hierdie brosjure, so lewendig en "puntig" geskrywe, met vrug lees. Prys in Holland is 90 cts.

*Das Gewissen*, deur H. G. Stoker.—Verlag von Fr. Cohen in Bonn. XV—280 bladsye. (Resensie volg).

*De Doleantie*—door Ds. J. C. Rullman, Utrecht. Uitgave J. B. van den Brink en Co. Zutphen.

'n Serie 5, No. 1-2 van "Ons Arsenaal."

Van die hand van die Kerkhistorikus, Ds. Rullman, is hierdie brosjure, waarin op duidelike wyse geskets is die aanleidende oorsake en die beginsels van die Doleansie in Nederland, waardeur ontstaan het in vereniging met die Christelike Geref. Kerk, die Gereformeerde Kerke van Nederland.

Ons beveel die lesing aan en ook die intekening op "Ons Arsenaal".

*Evangelisasie Biblioteek*, J. N. Voorhoeve, Den Haag.

Twee mooi boekies, Moeder Eva, deur Mej. Kuyper.

Een Padvinder, van Pierre Schüle, altwee uit die werklike lewe, een tekskaart, en 40 Evangelisasie pamflette. Ons het al van tevore gewys op die nuttige werk van die heer Voorhoeve in die verspreiding van hierdie nuttige lektuur. Nie alleen vir Evangelisasie werk nie, maar ook vir eie onderhoud en stigting kan hulle aanbeveel word.

Ook die Skeurkalender van Voorhoeve vir 1926 kan nou bestel word.

## KORRESPONDENSIE.

### GEREFORMEERDE BEGINSELS EN GEREFORMEERDE ROEPING.

WelEerw. Redakteur,—Dit was vir my 'n plesier om die vorige uitgawe van "Die Kerkblad" te lees, omdat vir my daarin duideliker as dikwels tevore voelbaar was die beurkrag van lewe en groei.

Die besef van ons groot taak, in verbreiding van die ware wysheid onder blank en gekleurd en in die toepassing daarvan binne ons eie kring, straal duideiik

deur in verskillende opmerkinge van die Redaksie en medewerkers.

Wat nog beter is, die bewyse van belangstelling en geesdrif vir dié taak ontbreek nie. En die beste van alles, die uitbou van ons organisasie vir behoorlike vervulling van dié taak begin al vaste vorm aan te neem.

Al dié dinge het ek opgemerk in u vorige uitgawe, en dit was 'n aangename ervaring. Graag voeg ek dan ook hierby 'n klein bydrae vir die verskillende fondse, na vermoë, in die hoop dat dié vermoë later meer sal toelaat.

Mag ek nog net 'n paar opmerkinge byvoeg oor een belangrike afdeling van ons taak — ek bedoel dié van verbreiding van ons beginsels?

Dat dit gedoen word deur Sending en Evangelisasie en die prediking van die Woord van God in die algemeen, of liewer dat dit baie beter gedoen moet word, is duidelik. Veral vir die sending en evangelisasie moet ons harte baie warmer word en ons verstande nog baie meer verlig, sodat ons daad ook meer sal wees as net 'n graad bokant niksdoen. Selfs ons prediking straal maar weinig vuur uit vir die verkondiging van die Evangelie onder die wat dit nog nie ken of nie meer ken nie. Dis al of ons die talent maar begrawe wil hou in 'n doek, asof dit die sonlig en aanraking met 'n swart vel nie kan verdra nie.

Maar ek wou eintlik weer effe herinner aan 'n ander afdeling van hierdie taak, nl. die verbreiding van die Skrifbeginsels insake die maatskaplike lewe in al sy menigvuldige vertakkings, die taak wat die Kristelike Unie op hom geneem het en, so vinnig as die tyd dit toelaat, ook probeer aanvoor vir uitvoering.

Hierdie deel van die taak is van die grootste betekenis vir ons volkslewe en daarom ook vir ons kerklike lewe. Die tyd is ryp vir die kragtige aanpakking daarvan — jammer, dat die kragte so gering is.

Die tyd is ryp, sê ek; want eensdeels vorder die afglyding van die oorgelewerde geloof in die Skrif baie vinnig nie alleen buiten die kerklike erf nie, maar ook in die kerke self. Die Skrif is vir weinig ontwikkelde mense nog werklik 'n leidraad vir die lewe en die leer. Aan die ander kant egter is die behoefte aan gesonde leiding, aan 'n vaste koers en 'n vaste grondslag vir die lewe sterker as ooit. Daarom sê ek, die tyd is ryp vir die werk. En ons is die mense vir die werk, al het ons nie veel geld nie, ook nie groot getalle of baie skitterende talente nie; miskien ook nie veel ywer nie. Die laaste is sonde in ons; die ander kan ons voorlopig nie verander nie. Maar een ding het ons en dit is die kennis van die waarheid; daarin lê ons krag.

Ons kan nie ontken dat ander groepe harder ywer en meer doen, ja, magtige werke verrig, waarby ons beskaam moet staan nie, maar hulle bou vir 'n groot deel op sandfondamente. Ons kan 'n beter fondament aanwys en wee ons, as ons dit nie doen nie! Maar daarvoor moet ons meer ywer betoon en meer offervaardigheid en daarvoor moet ons ook meer leer om **in die taal te praat van ons tyd.**

Dis waar dat die teenwoordige eeu die taal van Kanaän nie verstaan nie, maar is dit vir 'n groot deel nie dié Kanaän se eie skuld nie. Ons mag nie versteen in ons begrippe en ons taaluitdrukking daarvan nie. Die Skrif, ja God self en Kristus leer ons anders. Hoe wysig die Skrif nie sy begrippe en sy uitdrukkingsmiddels na die bevattingsvermoë en dinkgewoontes van sy hoorders nie!

Die groot behoefte van ons tyd is om te leer dat die Woord van God ook vir hom nog is die Gids, en Kristus die Weg, na Waarheid en Lewe. Maar om ons eeu dit te laat verstaan, moet ons die Skrif laat praat in die eeu se taal. Ons tyd dink en praat in terme van ko-operasie, van organiese verband, van onbewuste of onderbewuste lewenskrag, van groei en ontwikkeling, van „efficiency" en spesialisasie, van beskaafde lewensstandaard, van ervaringsfeite en effektiewe liefde. Ons tyd toets die leer aan die lewe en nie omgekeerd nie. Laat ons aantoon dat die Openbaring ook hierdie taal kan praat, dat God ook die God is van hierdie tyd, dat by Kristus en die Woord nog altyd te vinde is die **weg,** die **waarheid** en die **lewe,** d.i. metode, feite en ontwikkeling.

Mog die Kristelike Unie so sy taak aanpak, sy groot taak om ook vir ons tyd aanneemlik te maak, wat so weinig volkome meer aanvaar word, dat die Woord van God nog steeds is en altyd sal wees die enigste rotsgrond om karakter, lewe en lewenswysheid op te bou.

Hoogagtend,

t.t.

L. J. DU PLESSIS.

Potchefstroom, 5/9/25.

(Ons sal die bydrae, soos versoek, besorg.—Red.)

---

## DIE KERKBLAD EN DIE KERK.

Geagte Redaksie!

In „Die Kerkblad" No. 562, sien ek 'n stuk onder die hoof „Groei".

Dis baie opbeurend om te sien wat groei alles vir ons beteken. As mens baie maal sien hoe min groei daar in ons Gemeentes is dan moet 'n mens jou daaroor verwonder. Verenigings word gestig met die beste vermoedings, maar ag! die bittere teleurstellings deur die teëwerking wat die hande van die persone afkort wat met gewilligheid die werk wil voortsit. Sou dit nie kan verhelp word deur die persone meer kennis van die Kerk se inwendige lewe te laat kry nie, want die meeste van die persone is die wat nooit 'n Kerkblad of enige soort lektuur van die Gereformeerde leer in hande kry nie en wat hulle altyd net verbeel dat alles nuwigheid is. Of miskien ook in baie opsigte te suinig is om die beursie 'n bietjie wyd oop te maak. Volgens my opienie is die beste metode om die persone van die „Kerkblad" gratis te voorsien, soos dit al in sommige van ons gemeentes gebeur. Dan kan die mense tog sien wat groei en vooruitgang beteken van 'n Kerk. „Die Kerkblad" is seker die vernaamste orgaan om 'n mens nader te trek na die Kerk en kerklewe. Ek weet b.v. van 'n ou moeder in ons gemeente wat baie oud en stokdoof is, wat Sondae net na die kerk kom om die seën (soos sy self sê) te ontvang, en wat „Die Kerkblad" kry, wat vir haar seker die grootste seën op aarde is, om in te lewe in die warmte van die kerklewe.

Kyk bev. die preek, wat elke maal voor in „Die Kerkblad" verskyn, kan 'n groot heil wees vir baie arme wat miskien te arm is om nuwe predikasieboeke te koop. Dan het hulle elke Sondag 'n nuwe preek, wat juis gebaseer is op die hedendaagse lewe, en nuwe bestryding teen die sondes van ons moderne tyd.

Nou ja, geagte leser, ek het aangehaal dat „Die Kerkblad" gratis aan die gemeentelede moet besorg word, wat hom nie kry nie deur armoede, of ook die wat nie graag wil inteken nie.

U sal miskien sê, hoe? Die kerkraad moet besluit

dat die ouderling by elke huisbesoek moet gelese Kerkblaaie vra aan die gemeentelede wat dit kry, en hulle dan weer uitdeel aan die arme in die gemeente, wat dit nie kan besoldig nie. As die predikant dit net eenmaal sal vra aan die gemeente van die kansel af, dan sal elkeen weet om sy Kerkblad te bêre as die ouderling kom, om dit aan hom te oorhandig, want 'n Kerkblad is nie 'n koerant wat te oud word om te lees nie. Die meeste stukke bly van krag.

DüM SPIRO, SPERO.

---

**HOE NOU?**

Waarde Redaksie,—

In verband met my laaste brief omtrent „die bediening van Woord en Sakrament gevra," wil ek u graag vra om my te sê, hoe ek u antwoord op my versoek moet verstaan, nl. waar u sê: „Ons ken ook nie soiets as 'n algemene lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk nie." Wat is ons dan anders as lede van die Geref. Kerk? of is en word lede van ons Kerk werklik verlore skape, as hulle uit 'n gemeente vertrek, na 'n plek waar geen Geref. Gemeente bestaan nie? of word ons vreemdelinge, die moet uitsien na een of ander barmhartige beskermende Samaritaan? (ander kerkgenootskappe) en waarom kan lede van ons Kerk nie deur reisende predikante bedien word nie? Is Kristus dan nie die Hoof van ons Kerk nie? So ja, wat dan van Sy woorde, „Waar twee of drie in My naam vergader," daar is Ek (Kristus) in hulle midde? Dus, geagte Redaksie, gee my bietjie meer inligting asseblief; want ek was en is nog van mening, dat ek die reg het om reisende predikante te vra om ons te kom bedien, en, dat hulle ook die reg het om ons te kom bedien.

Ek wil graag my standpunt verduidelik; ek was vanaf 1913 tot 1923 onder bediening van die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad en omgewinge; en na die stigting van die Geref. daar het ons weer die voorreg gehad om onder ons eie mense te verkeer, en presies 'n jaar gelede is ek hierheen verplaas; ek sou lankal om bediening gevra het, maar, daar ek intussen sowat ses maande op ander plekke was, het ek dit nou eers kon doen.

Wel, hier is nou nie 'n Geref. Kerk nie, wat staan ons nou eintlik te doen? Moet ons nou maar weer oorgaan na die Ned. Geref. Kerk? Of moet ons geheel sonder kerklike bediening bly? Ek het aan Ds. van Jaarsveld geskrywe, maar al sal die Kerkraad van Philipstown of De Aar ook toestemming gee om ons hier gereeld te laat bedien, dan sal die koste vir ons gereelde bediening hier so hoog wees, dat enige kerkraad daarvoor sal trug deins; en ons twee Geref. huisgesinne kan moeilik die koste vergoed; dus wat staan ons nou as Geref. lidmate te doen?

Sal u asseblief die brief opneem, en my op die gevraagde inligting gee?

By voorbaat baie dankie,

Met agting die uwe,

P. J. FOURIE,
Gevangenis Departement.

Hope Town, 29/8/25.

(Kyk Vraebus.—Red.)

**DIE HOFSAAK IN TENNESSEE OOR EWOLUSIE.**

Waarde Red.!

Omdat ons Kerk nog altyd finansiële steun gee aan die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege, en ons inrigting daar steeds gestaan het vir die Kristelike beginsel in ons wetenskaplike ontwikkeling teenoor die ongeloofsrigting, soos dié meer spesiaal uitkom in die ewolusie-teorie, het ek goed gevind om een en ander aan ons lesers mee te deel oor die hofsaak wat in Dayton, Tennessee, V.S.A., plaasgevind het sedert 10 Julie l.l.

Die saak het gegaan oor 'n aanklag teen 'n jonge onderwyser, John Scopes, wat wederregterlik in die Dayton Hoër Skool die „ewolusie-teorie" verkondig het. Sedert 21 Maart l.l. is daar n.l. 'n wet in die Staat van Tennessee met die volgende bepaling:—

> „Dit word bepaal—dat dit vir enige onderwyser onwettig sal wees in enige uniwersiteit, normaal of publieke skool van die Staat, wat geheel of gedeeltelik ondersteuning ontvang uit die publieke skoolfonds van die Staat, om enige teorie te verkondig wat die verhaal van die Goddelike Skepping van die mens, soos die Bybel dit leer, verloën, en in die plek daarvan voorstel dat die mens afstam van 'n laere geslag van diere."

Die saak het plaaslik in Dayton en die hele Tennessee baie groot belangstelling gewek. Oor die hele Amerika is die saak met spanning gevolg.

Van die vernaamste advokate is bygehaal. Dudley Field Malone moes kom uit New York, en Clarence Darrow uit Chicago as hoofverdedigers van Scopes. Die „American Civil Liberties Union" het agter Scopes gestaan en hom die nodige geld verleen om die saak te dryf.

Die „World's Christian Fundamental Association" het gehelp om die saak teen Scopes te dryf. Hulle het die nou vermaarde en ook reeds oorlede William Jennings Bryan gekry as vernaamste advokaat teen Scopes. Ons weet reeds uit die koerante hoe hoog die gevoelens daar geloop het tydens die verhoor.

Dit blyk nou dat die beroering van die waters nie was net in Amerika nie, maar ook in Engeland het die pers losgetrek oor en teen die Tennessee-saak. Baie Engelse koerante het gespot met die verhoor. Ook in S.A. het ons verslae gehad van die saak, en selfs inleidingsartiekels daaroor. So het die „Friend" van Bloemfontein op 21 Augustus l.l. ook 'n hoofartiekel gewy daaraan. In daardie artiekel word die ewolusieteorie verdedig as Kristelik! Persoonlik het ek my geroepe gevoel om teen daardie gevoele van die „Friend" op te trek. Dit het ek gedoen in die „Volksblad" van 27 Augustus, deur 'n stuk te skrywe oor die Bybel en Ewolusie. Ek het veral gewys op die feit dat die Skrif sê **„door het geloof** verstaan wy, dat de wêreld door het Woord Gods is toebereid, alzo dat de dingen, die men ziet, niet geworden zyn uit dingen die gezien worden." Op die punt van die skepping blyk dus juis of iemand gelowig is of ongelowig in Skriftuurlike sin. Maar ek kry nou agterna in hande die „Literary Digest" van 25 Julie, waar interessante besonderhede van die saak in voorkom.

Dit blyk op bls. 20 van gemelde tydskrif dat geleerde manne oor die hele Europa hulle uitgelaat het oor Tennessee. In Engeland het manne soos Bernard Shaw en Lloyd George gepraat. Die professore het van hulle laat hoor, en die dagblaaie het hulle spot ge-

slinger na die Verenigde State, en spotprent tekenaars het hulle pensele laat roer.

Uit alles kan 'n mens sien dat Bryan nie ver uit was nie toe hy verklaar het dat dit 'n „verhoor is wat die begin aankondig van 'n worsteling op lewe en dood tusse rewolusie en Kristendom." Want hoewel Bernard Shaw en Sir Arthur Shipley van Cambridge met 'n groot deel van die pers Amerika „kinderagtig" noem om iemand voor die hof te bring oor die ewolusie-teorie, tog kan 'n mens merk uit die bytende skerts en die hooghartige verontwaardiging oor die veroordeling van Scopes, dat 'n magtige teenstand uitgelok is deur die wetgewing teen ewolusie in die Staat van Tennessee.

Die wetgewing teen ewolusie is in die Staat van Tennesse ingevoer deur 'n boer, wat op hulle wetgewende liggaam sit, n.l. John W. Butler. In die „Literary Digest" verskyn 'n portret van hom. Die portret kan ek nie weergee nie, maar ek wil die „Kerkblad" lesers enkele van sy woorde laat lees. Hoor die taal van hierdie boer:—

> „Die Bybel is die grondslag waar ons Amerikaanse Regering op gebou is, en die verkondiging van enige leer wat die Bybel verloën, sal die beginsels vernietig, glo ek, wat ons volk gemaak het wat hy is.
>
> **Die onderwys van hierdie ewolusie-teorie breek die harte van vaders en moeders wat hulle kinders die voordele gee van hoëre ontwikkeling, waardeur hulle hul respek verloor vir die Kristendom en ongelowig word.**
>
> Die ewolusioniste teen wie die wet gerig is verloën die onsterflikheid van die siel, die geboorte van Kristus uit 'n maagd, die opstanding van die liggaam, en dat die Bybel die ge-inspireerde Woord van God is. As ons as 'n nasie moet bestaan, moet die beginsels waar ons Regering op gebaseer is nie verwoes word nie. En dit sal seker gebeur as ons 'n nasie van ongelowiges word. **En dit is wat ons gaan word, 'n nasie van ongelowiges, as ons die Bybel opsy sit en ewolusie in sy plek skuif.**"

Ek dink ons voel baie duidelik uit hierdie woorde, dat daardie man in sy siel oortuig was van die onwaarheid wat die „Friend" hier in Bloemfontein aan sy lesers wou laat verstaan, n.l. dat ewolusie 'n kristelike teorie is, of dan wel ten volle in ooreenstemming is met die kristelike lewensbeskouing.

Hoor wat het Bryan gesê oor die saak:—

> „Wat is die geheim van die wêreldwye belangstelling in hierdie klein sakie? Dit lê in die feit dat hierdie verhoor aan die lig bring 'n aanslag wat vir 'n mensegeslag reeds besig is om meer of min op geheime wyse die geopenbaarde godsdiens te ondermyn, n.l. die Kristelike godsdiens.
>
> **As ewolusie wen dan is dit uit met die Kristendom.** Nie eensklaps nie, maar geleidelik, want die twee kan nie saam stoel nie. Hulle is so vyandig soos lig en duisternis; so teenoorgesteld soos goed en sleg."

Klink dit nie soos die taal wat manne van ons kant gedurig laat hoor het in S.A. nie? Sal ons nie gesterk word in ons stryd vir 'n Kristelike wetenskap in ons eie dierbare vaderland as ons sulke taal hoor nie?

Daar is manne in Amerika wat, net soos ons, sien dat ewolusie ons jong manne vervoer na ongelowigheid, en ons moet ons daaroor verbly.

So hopeloos is van onse S. Afrikaanse studente reeds in die war deur verkeerde voorligting wat hier gegee word in die pers van die kateder en van die kansels—ja van die kansel, soos ek dit met my eie ore gehoor het—dat 'n M.A. student my verlede week vra, in teenwoordigheid van 'n klompie ander studente wat ek gaan toespreek het: „maar meneer, kan daar nie 'n kristelike ewolusie wees nie?"—en dan bedoel hy 'n ooreenstemming van Darwinisme en Kristendom.

Daardie teorie wat in Tennessee veroordeel is het reeds dieper ingevreet in S.A. en die merendeel van onse Hoë Skole as wat die arme argelose ouer dink. Daarom dat die „Friend" sy artiekel kon eindig met die woorde: „So is dan sowel Protestant as Katoliek ten gunste van die leer wat onwettig verklaar is in die Staat van Tennessee. Buite daardie Staat is daar 'n konsensus van opienie dat Tennessee verkeerd is."

Hoeveel „vaders en moeders se harte" in S.A. word nog gebreek deur hierdie leer wat stadig maar seker ons jong geslag vervreem van die geloof wat eenmaal aan die heilige oorgelewer is?

Kerklike leiers het in my teenwoordigheid hulle instemming betuig met daardie „Friend"-artiekel. Ek kon my ore byna nie glo nie, tog was dit maar té waar. In S.A. is ons geleerde manne meesal aanhangers van Darwin se leer, en die onontwikkelde mense steur hulle baie min aan wat hulle kinders leer. Maar ondertussen word ons volk onkerks, en die ongeloof stelselmatig gepropageer.

Mag hierdie Dayton-saak ons weer bietjie laat wakker skrik, om wakker te bly vir die gevaar in ons eie volkslewe.

C. W. M. DU TOIT.

63 Zastronstraat,
Bloemfontein, 5 September 1925.

# VIR DIE KINDERS.

Liewe Kinders,—

Ons was laas nog besig met die Tug, waarvan ons lees in Spreuken 1:8. Ek wil, voor ons verder gaan, net weer herinner aan wat vroeër reeds gesê is. Dan verstaan julle, wat volg, beter.

Ons het in die heel eerste stukkie oor Koning Salomo en sy Spreuke geskrywe. Ons het gesien, dat hy baie **wys,** dit is, **verstandig** was. Daardie wysheid het hy van God ontvang. God die Here is Self die hoogste wysheid. Dit skink die Here ook aan mense. Aan Salomo het die Here **groot** wysheid meegedeel. Daarom het hy dinge so **reg gesien en gesê.**

Sy Spreukeboek is vol van daardie wysheid en verstand. Daarin spreek hy ook baie oor **kinders** en hulle **opvoeding.** Hy het die **kinderwereld** liefgehad, want kinders is die grootste skat, wat die Here aan ouers skink. Daarom moet hulle goed versorg en opgevoed word na liggaam en siel. Hulle dra God se beeld.

Dit is in die eerste plek die ouers se werk. As die ouers dit **goed doen,** dan belewe hulle vreugde van hulle kinders. En as die **kinders** mooi hoor na hulle ouers se tug en vermaning, dan word die ouervreugde nog groter, en die kinders groei self ook op as **eerbare** en **gelukkige** mense.

**Maar** verwaarloos ouers hulle plig, en is die kinders **daarby** ook nog ongehoorsaam—dán is daar vir

hulle almal net **droefheid** en **ellende** in die toekoms weggelê.

Verder het ons toe ook gewys op die **middels,** die medisyne, wat ouers by die opvoedingswerk **moet** gebruik.

Die **eerste** middel, sê Salomo, is die **Tug.** Daaroor het ons in „Die Kerkblad" van 16 Junie 1925 uitgewy. Die Tug, wat met die **mond,** maar in party gevalle ook met die **lat** moet geskied,—as kinders stout is en nie wil hoor nie. Vir elke kind roep die wys Koning so mooi toe: „Mijn zoon, **hoor** de tucht uws vaders, en verlaat de leer uwer moeder niet...... Spreuke 1.8.

Die 5e Gebod eis dieselfde van elke kind.

Wil hy nie hoor nie, dan **moet** die ouer tug. Nie in boosaardigheid nie, maar in **Liefde.** Nie om sy kind dood te slaan nie, maar juis om hom van die sonde en die dood te red.

Deur die regte, liefdevolle tug trek die ouer die sonde-onkruid uit, uit sy kind se hart en berei hy die akker van die hart vir die goeie saad.

Vir watter saad? Vir die saad van **Onderwys** 'n **Voorbeeld.** Want op die Tug moet hulle twee volg.

Probeer hierdie drie goed onthou. Julle ouers sal dit ook doen:—

**TUG—ONDERWYS—VOORBEELD!**

Die **éérste** kan ons vergelyk by die uittrek van **onkruid** uit die vuil beddinkie van die hart.

Die **twede** (onderwys) by die saai van goeie, verstandige **woorde** in die skoongemaakte bedding.

En die **derde** by die **goeie vrugte**, wat die vrome ouer se wandel afwerp, waardeur by die kind 'n begeerte ontstaan om sy ouer na te volg en gelykvormig te word.

Die **TUG** neem dus eers die **slegte soveel molik weg uit die hart,** terwyl die **ONDERWYS** die goeie daarin aanbring.

Onder die goeie verstaan Salomo: „die vrese van die Here, wat die beginsel van alle Wysheid is.

Die vrese van die Here is die **beginsel,** die **suurdeeg,** wat alle **onderwys** moet deurtrek.

As julle ouers jul dus leer om God lief te hê, die sonde te haat, gehoorsaam, opreg, ywerig, getrou te wees in alles—ook in die gedurige lees van die Bybel en in die gebed, dan moet daarna **geluister** word.

Ons mag dit nie ligsinnig of traakmy-nie-agtig aanhoor nie. Ons mag nie, soos wereldlinge, daaroor lag en daarmee spot nie. Ons mag nie dink of sê: „My pa en ma sê dit maar weëns hulle **eenvoudigheid.**"

Want hulle onderwys kom uit die Bybel en berus op die bevel van die Here.

In Spreuke 4:4—8 vertel Salomo, dat sy vader, Dawid dit eenmaal vir hom gesê het: „Jou hart moet my woorde vashou; onderhou my gebooie, en leef. Verkry wysheid, verkry verstand; vergeet nie, en wyk nie af van die redene van my mond nie.

Verlaat hulle nie, en hulle (my verstandige woorde) sal jou behoed; het hulle lief en hulle sal jou bewaar. Die **wysheid** is die vernaamste; verkry dus wysheid, en verkry verstand met al jou besitting. Verhef hulle (nl. daardie wysheid en verstand) en hulle sal **jou** verhoog; hulle sal jou vereer, as jy hulle sal omhels of liefhê."

So moet kinders die goeie onderwys van hulle godvresende ouers liefhê en hoog hou.

Dan word hulle **opgevoed** in die regte sin van die woord. Nie net na hulle **verstand** nie, maar bo al na hulle hart. Julle moet weet, ons **hart** het die eerste aanspraak op 'n goeie opvoeding, en nie ons **verstand** nie.

'n Man met 'n goed opgevoede **hart** maar 'n minder ontwikkelde verstand, staan baie hoër voor die Here, as 'n **slim** man met 'n hart, wat die Here nie vrees nie. Dis nie die gedresseerde verstand, maar die **godvresende hart,** wat ons **karakter** veredel en verlief. Natuurlik is ons ouers se begeerte om sowel die **verstand** as die **hart** van hulle kinders op te voed in die vrese van die Here. Dit is soveel beter om die **hele** kind tot 'n **mens Gods** op te voed, as net één deel van sy kragte en talente. Oor die onderwys, wat die **skool** moet verskaf sal ons nou nie skrywe nie. Maar julle weet, 'n groot deel van die opvoeding en onderwys word in die skool verder waargeneem. Daarom wil die ouers hê, dat hulle kinders in **Kristelike Skole** verder geleer sal word.

Maar nou, nog 'n kort woordjie oor die 3de opvoedingsmiddel, namelik die **goeie Voorbeeld** van die ouers. Dit is net so gewigtig soos die Tug en die Onderwys.

Want deur sy goeie voorbeeld laat die ouer die goeie saad, wat hy deur **onderwys** uitgestrooi het, **wortel skiet** in sy kind se hart.

Die ouer het hier 'n groot verpligting voor God. Hy mag sy kinders nie mooi **leer met die mond, maar lelik voorgaan met die daad nie.**

Ouers moet onthou, dat 'n goeie **voorbeeld** baie beter is as 'n goeie **voorskrif.** Ons Heiland het **altwee** in Sy aardse lewe getrou behartig. Hy het mooi **gespreek** en mooi **gedoen.** Dis nie maklik nie. Vir sondaars is dit selfs onmolik. Daarom behoor ouers die groot werk altyd biddende te doen.

Dis vir kinders baie beter om ware **erfgename** te wees van die goeie en godvrugtige **voorbeeld** van die oorlede ouers as net van hulle goed en geld.

Sulke kinders is ryk, mits hulle die **voorbeeld** van vader en moeder in die vrese van die Here navolg. Maar julle is nou seker al 'n bietjie moeg gelees. Onthou net, dat ons hierdie **verstandige** voorligting oor die baie gewigtige saak van julle opvoeding en onderwys van die groot koning Salomo, in Gods naam, ontvang het.

Uit **onsself** besit ons die wysheid nie. Daarom moet sowel ouers as kinders dankbaar wees, dat ons dit mag leer uit die Bybel. En die beste bewys van ons dankbaarheid moet daarin uitkom, dat ons hierdie voorskrifte getrou nastrewe en probeer uitvoer in ons hele lewe.

I. D. K.

---

(Ons sal die mooi stukkie van Mej. R. Postma oor Pres. Kruger bewaar vir die eerste uitgawe in Oktober.—**Red.**)

---

**ORRELIS BENODIG GEREF. KERK,**

**BURGERSDORP, K.P.**

Applikasies vir bogemelde betrekking moet ondergetekende bereik voor 10 Oktober e.k. Applikante moet behoorlik gesertifiseer wees en goeie getuigskrifte van hulle Kerkrade inlewer. Salaris vereis moet gemeld word—hier bestaan vooruitsigte vir musiekleerlinge as ekstra. Die orrel is 'n Walcker, groot formaat. Werksaamhede begin waarskynlik Desember of Januarie e.k.

Ds. D. POSTMA.

Burgersdorp, K.P.,
3 September, 1925.

**BENODIG.**

Onderwyseres vir die Normaal Skool Steynsburg, moet gekwalifiseer en ervare wees. Werk: Engels, Naaldwerk, Sang, Elokusie en ander klaswerk. Werksaamhede te begin Januarie 1926 kwartaal.

Applikasies moet die ondergetekende bereik nie later as 15de Oktober, 1925.

J. P. KRUGER.

Bus 19, Steynsburg,
8 September, 1925.

**TABAK.**

EERSTEKLAS KWALITEIT.

10 pond 12s. 6d.; 20 pond 22s. 6d.; 30 pond 31s.; 50 pond of meer 1s. per pond. Kontant of K.O.A. gelewer op my stasie.

Skryf aan J. M. ROETS,
P.K. Boschhoek, Rustenburg, Tvl.

# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**VERLOWING.**

VAN JAARSVELD — VAN DER WALT.—Aan familie en vriende word die verlowing bekend gemaak van mej. Drienie van der Walt, oudste dogter van die heer Izak van der Walt, Steynsburg, met die jonge heer Jacobus van Jaarsveld, Steynsburg, op 10 Augustus, 1925.

**VERLOWING.**

KRUGER—KRUGER.

Aan familie, vriende en vriendinne word bekend gemaak dat ons verloof is, Johanna Kruger, jongste dogter van mnr. en mev. Tjaart Kruger, Buldfontein, met mnr. Petrus Kruger, seun van Abram Kruger, Remhoogte op 13 September, 1925.

**DOODBERIG.**

Onvergetelik sal vir my bly die 5de Julie, 1925, toe my dierbare eggenoot

**STEFANUS JOHANNES VAN WYK**

so spoedig deur die dood van my weggeneem is; maar vertrouende in die geloof op 'n salige weersiens. Ek bring ook my hartelike dank aan onse leraar ds. S. W. Snyman en Ds. D. Venter, Steynsburg en ouderl. C. J. du Plessis en A. R. Klopper en al die andere vriende en vriendinne, ook van die Ned. Ger. Kerk vir alle briewe en deelneming in my swaar verlies en ook aan my kinders.

Namens die bedroefde weduwee en kinders,
J. F. VAN WYK.

Kruitfontein, Steynsrust.
5 September, 1925.

**DOODBERIG.**

Na 'n gelukkige egverbintenis van 53 jaar en 6 maande het die Heere van my weg geneem my geliefde eggenote.

**ELIZABETH HENDRINA MARIA WILEMINA DE KLERK.** (Geb. Henning),

op die 30ste Junie, 1925, in die ouderdom van 71 jaar 6 maande 27 dae.

Bedroefde eggenoot en kinders,
J. C. DE KLERK,
Bethulie.

**DOODBERIG.**

SNYMAN.—Dit het die Here van hemel en aarde behaag om van ons weg te neem op 28 Augustus, ons teergeliefde seuntjie

**HENDRIK JEREMIAS,**

in die ouderdom van slegs 8 maande en 12 dae, na 'n smartvolle lyding van 42 dae.

Hy is nie dood nie, maar is oorgegaan tot die ewige lewe, so berus ons in die wil en welbehae van die Here. Vriende en bloedverwante word hartelik bedank vir hulle troue hulp.

Die bedroefde ouers,
L. J. SNYMAN.
L. C. SNYMAN (geb. Naudé)

Delport's Hoop.

**IN MEMORIAM.**

In liefdevolle herinnering aan ons geliefde moeder

**JOHANNA ALIDA KOTZé (geb. Coetzee)**

wat op 11 September, 1924 te Aliwal Noord na 'n swaar siekbed oorlede is—oorlede na die stryd volstry was.

Heerlike herinneringe kleef aan haar gedagtenis en afsterwe, maar weemoedige droefheid aan haar verlies.

Namens die Kinders,
TJAART v. d. WALT.

P.K. Noordbrug, Potchefstroom.
6 September, 1925.

**IN MEMORIAM.**

Die 2de Sept. is dit reeds 'n jaar, dat van ons weggeneem is deur die onverbiddelike dood, onse innig geliefde suster

**LOURIKA MARTHINA MALAN( geb. Snyman)**

in die jeugdige ouderdom van 24 jaar en 9 maande, na 'n siekbed van 6 dae aan griep. Die diepe wond aan onse harte voel so onherstelbaar, dog ons lewe in die vaste hoop op 'n salige wedersien.

Die bedroefde broer en suster,
STEFANUS SCHUTTE en
EMMARENTIA SCHUTTE,
(Geb. Snyman).

Uitschot,
2 September, 1925.

**DOODBERIG.**

VAN DER WALT.—Op die 11de Augustus 1925 is van ons weggeneem deur die dood, te Steynsburg, ons dierbaar vader

**GERRET LOUIS VAN DER WALT, Snr.**

in die ouderdom van 64 jaar 10 maande en 5 dae, ons dank die Here dat Hy hom solang vir ons gespaar het.

12 dae na sy dood op die 23ste is van ons weggeneem deur die dood te Vrededorp, Johannesburg in die ouderdom van 7 maande en 20 dae, na 'n smartlik lyding van slegs 12 ure ons seer bemind en geliefd kindjie

**ALIDA BARENDINA (LIDA)**

Ons berus in die wil van God en verwag van Hem ook ons heilryk lot.

G. L. v. d. WALT, Jr.,
A. B. v. d. WALT, (Vorster).

Kinders: MARIA, GERRIT, CASPER EN LOUIS.
42, 9e Straat,
Vrededorp.

---

**AFRIKAANSE BYBELVERTALING FONDS.**

Verantwoord in Kerkblad 4 Aug., 1925, £702 12s. 2d. Verder met dank ontvang van mejj. Hilda en Stella Postma, Bloemfontein £1; mnr. E. Venter, Ventersdorp £2 10s.; per ds. D. N. Kotzé vrinde en besighede, Rustenburg, Tvl. £19 18s. 6d.; gemeente Ficksburg £2 4s. 6d.; Ventersburg £3 12s. 7d.; mnr. A. de Villiers, Ventersburg £1; gemeente Jamestown £2 3s. 2d.; mnr. A. J. Neethling, Delmas £3 19s.; gemeente Frankfort £12 9s. 1d.; br. W. van Rooy, Vrede 10/-; Geref. gemeente Pretoria £5 0s. 5d.; mnr. A. J. Viljoen, Kuruman 5/-.—Tesame £54 12s. 3d. Totaal £757 4s. 5d.

C. W. M. DU TOIT.

63 Zastronstraat,
Bloemfontein,
12 September, 1925.

---

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

*Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.*

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.
Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

**2/- Posvry.**

**KATKISASIE-HANDBOEKIE**

DEUR

**DS. W. POSTMA,**

**Nou weer verkrybaar**

**by**

**VOLKSBLAD BOEKHANDEL**

**BUS 325,**

BLOEMFONTEIN.

**2/- Posvry.**

BESTEL NOU

**36 PSALME**

in Afrikaans

Berym deur

TOTIUS

Musiek bewerk deur

F. W. JANNASCH.

PRYS **6/-** POSVRY.

Stuur kontant met bestelling aan

**Die Volksblad Boekhandel,**

**Maitlandstraat,**

**BLOEMFONTEIN.**

# PAS VERSKYN

Die Grey-Hersiening van die Binet-Terman INTELLIGENSIETOETSE, geadapteer en voorlopig gestandardiseer vir die Suid-Afrikaanse Kind.

The Grey Revision of the Binet-Terman INTELLIGENCE TESTS, by Dr. E. Eybers, Prof of Education, Grey University College, with a Foreword by Sir John Adamson, M.A., D.Lit.

Die Volksblad Boekhandel, Bloemfontein. .. .. .. .. .. .. Prys 2/6 posvry.

Dr. E. het ons 'n instrument in hande gegee waardeur ons nie alleen op kort en saaklike wyse met die onderwerp kennis maak nie, maar waardeur ons ook uitgenooi en in staat gestel word om as medewerkers op te tree. *Die Skoolblod.*

....Van die grootste belang vir alle opvoedkundiges en onderwysmanne. *Die Burger.*

The introduction, historical and explanatory is simple and easily understood....The scale itself is based on scales applied and standardised overseas and it omits some tests in these latter scales which do not suit South African conditions. This is a distinct improvement. Moreover it adds tests from other sources....which are of value and are not included in the Stanford Revision. *The Educatonal News of South Africa.*

A valuable and succinct statement of the foundation of the process of intelligence testing. *The Friend.*

Die eerste inheemse indiwiduele toets....'n Baanbrekende stuk werk....Die Grey-Hersiening is....ongetwyfeld beter as die uitlandse toetse wat vandag gebruik word in Suid-Afrika. Dit is fietelik al wat Dr. E. op aanspraak maak en, ons insiens, is hy daarop geregtig. *Die Unie.*

An interesting pamphlet, which contains an introduction dealing concisely but clearly with the subject of Intelligence Testing, and also a complete scale of tests proposed tentatively for South African children. *Cape Times.*

Of Part I of the book we cannot speak too highly. It gives a clear concise and most interesting account of the problem of testing. *Transvaal Educational News.*

In die klein omvang van nog geen vyftig bladsye kry ons hier meer as wat ons in tien keer die grootte sou verwag. Die inleiding is 'n waardevolle oriëntering met die onderwerp....In die toetse self skyn Dr. E. sy doel grotendeels te bereik....enige onderwyser wat die volgende paar jare nog met sy tyd gelyk wil bly sal goed doen om hom so gou moontlik met hierdie werk vertroud te maak. *Kwartaalblad vir Middelbare Skole.*

VERKRYBAAR BY

# Die Volksblad Boekhandel.

BUS 325. BLOEMFONTEIN. FOON 849.

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 565 6 OKTOBER 1925 26ste JAARGANG

### DAVID EN SAUL—KRUGER EN JAMESON.

(door ds. D. Rumpff).

Enige van de moeilikste uren in zijn leven heeft president Kruger doorgebracht in de nacht van 5 op 6 Januarie, 1896.

Jameson, in bond met de Reformers van Johannesburg was het land ingestormd, maar de verdedigers der Republiek levend in handen gevallen.

Wat moest met hem gedaan worden?

Naar recht en wet hem terechtstellen?

En de haat opwekken van de machtigen achter hem?

En martelaars maken voor een wereld-rijk?

Wat te doen?

Een besluit moet genomen worden. Die nacht van 5 op 6 Januarie is de president niet gaan slapen. Omtrent 2 uur door zijn huis lopend, zag hij een jong officier op wacht staan.

Tot hem zei de president: "Ek het lig gekry."

En hij had licht en zag zijn pad duidelik voor hem. De volgende morgen had de president een vinnige strijd met de Uitvoerende Raad; en die namiddag met tientallen kommandanten en veldkornetten. Maar hij won.

Wat zijn besluit was, weet ge. Hij heeft zijn vijand niet gedood.

Deze daad van de president deed mij denken aan 1e Samuel 26, het 8e vers, waar Gods Woord aldus luidt:

> "Toen zeide Abisai tot David: God heeft heden uwen vijand in uwe hand besloten, laat mij hem nu toch met de spies op éénmaal ter aarde slaan, en ik zal het hem niet ten tweeden male doen."

Het was de donkerste tijd uit het leven van Koning Saul. De afgunst was in zijn leven gekomen en verstikte alle betere neigingen in hem.

In de eerste tijden van zijn koningschap had hij met dapperheid zijn volk verdedigd.

Hij werd door ieder geliefd. In zijn jeugdig koningsleven ondervond hij de steun van de Almachtige.

En zie, op eenmaal komt David naar voren. Een herderszoon, meer niet. Maar wat het geweldige was van David, dat was dit éne, dat hij in zijn kleinheid zulk een vast vertrouwen had op God. Heel alleen deed hij wonderen des geloofs.

En omdat in zijn zonnige ziel altijd zo uitkwam dat de Heere het deed, ontving hij eer, die aan Saul onthouden werd. Beiden waren het grote mannen, helden. Beiden bogen hunne knieën voor God.

En toch tegenover David voelde Saul zich Gods stiefkind op aarde.

Niemand wist hoe, niemand wist waarom!

En zo wordt de jonge David tegen zijn wil, oorzaak dat de koning al somberder wordt, en al donkerder voor zich uit gaat zien.

Zo was de afgunst in het leven van Saul gekomen. Niet de afgunst om wat David bezat, maar om wat hij was, om de zegen Gods, die op hem rustte. Dat verbitterde hem en dreef de vreze des Heren weg uit zijn hart. Hier ziet ge, hoe de afgunst een mensen-ziel verstrikken kan en hem Satan overleveren.

En wonderlik . . . . hij hield toch van David. Daarom die grillige wisselingen tussen Saul en David. Hij laat hem aan zijn hof komen. Maakt hem zijn schoonzoon.

En dan haat hij hem weer.

David is de enige die zijn hart kan week maken en toch probeert hij hem telkens te doden. En het slot is, dat David als een banneling vlucht naar het zuiden.

Eerst is hij alleen in de woestijn Zif. Dan komen anderen zich bij hem aansluiten. Maar ze worden overal vervolgd en nagezet.

De troepen des konings volgen hun spoor. Wee, als zij gevangen worden. Terwijl David en de zijnen daar rondzwerven door de woestijn van Zif gebeurt het dat zij op een avond komen bij een berg waar een kloof was.

Daar rusten zij, om een nieuwe dag van zorgen tegemoet te gaan. Maar daar komen de wachten hen waarschuwen. Saul is nabij gelegerd op de heuvel van Hachila.

Nooit was het gevaar zo groot geweest. Morgen vroeg zal het te laat wezen. Dadelik vluchten.

Maar David doet het niet, integendeel. Hij neemt met zich één van zijn getrouwen, Abisai, en hij gaat niet vluchten, maar naar des konings leger toe.

Is het niet roekeloos? Wij weten dat hij het alleen durfde, omdat hij wist dat er Eén was, die niet slaapt of sluimert.

Sluipend, kruipend, gaan die beiden in die nacht. Dan komen zij nabij Sauls leger. Nu opgepast!

Zijn er wachten? Ja, maar ze zijn in diepe rust na de vermoeiende dag.

David en Abisai sluipen tussen hen door. Dan komen ze bij de tenten. Niet één waakt.

Daar binnen moet des konings tent wezen. Alles blijft doodstil.

Nog verder David. Nog enen en daar ligt hij voor u, uw doodsvijand. God geeft hem in uwe hand.

Hebt gij een wapen bij u?

Het is wel niet mooi, iemand zo te vermoorden. Maar God geeft hem aan u. Dan kunt gij rustig zijn en naar de uwen terugkeren. Zo fluistert Abisai: "God heeft heden uwen vijand in uwe hand besloten," en wijzende naar het hoofdeinde van Saul: "laat mij hem nu toch met de spies op eenmaal ter aarde slaan, niet ten tweeden male.

O, Abisai is een vroom man, een die leeft uit de voorzienigheid. Tegen zijn redenering is niets in te brengen.

God heeft Saul aan David gegeven. Waarom anders die diepe slaap?

En toch . . . . David doet het niet. Hij moest het wel begeerd hebben in zijn hart. Hij verlangde naar rust; maar hij doet het niet.

"Ik zal hem niet neervellen. Laten wij dat aan God overlaten. Ook de dag van deze vervolger zal komen. Hij is door God tot koning gemaakt.

"God zal mij verder bewaren." Zo denkt David.

Ze gaan weer terug.

Niemand heeft het gezien. Maar God heeft het gezien.

En de Heere spreekt: die zo de zalving eerbiedigt, die is zelf waard Mijn gezalfde te zijn.

• • • •

Toegestemd, president Kruger had geen zonde gedaan wanneer hij Jameson ter dood had laten brengen. Maar ook hij, evenals David moest bedwingen het gevoel van wraak.

Zeker, andere overwegingen zijn er bij gekomen, maar de president kreeg kracht zijn vijand aan het Engelse volk over te leveren. En zo heeft hij getoond een volgeling van Jezus Christus te wezen.

De president is gehoond en gesmaad als bijna geen staatshoofd in de vorige eeuw. Zijne mensen werden uitgekreten voor ruw en onbeschaafd.

En Kruger toonde wie hij en zijne mensen waren toen de rover Jameson uitgeleverd werd aan het Engelse volk.

• • • •

Om nog even tot onze tekst terug te keren.

Niet Abisai, die wilde doden, werd door God waardig gekeurd Zijne gezalfde te wezen.

Niet Abisai, maar David wordt koning.

En zijn weg blijft een kruisweg, maar zijn eer is de koningskroon. Voorganger van zijn volk.

Nog meer—niet Abisai maar David is de voorvader van onze Heere Jezus Christus.

Jezus, die gescholden werd, maar niet weder schold; die gevloekt werd, maar niet dreigde.

Die geslagen, die gekruisigd werd, maar in dit alles getrouw deed, zoals gezegd was: Zie, Ik kom om Uwe wil te doen.

Jezus Christus, die Zichzelven offerde om de Zijnen te redden.

## 1825—1925.

Honderd jaar! Die Eeufees van Pres. Kruger herinner ons nie net aan sy persoon nie, maar voer ons gedagtes honderd jaar terug om vandaar die gebeure in ons vaderland voor ons aandag die revue te laat passeer tot op vandag. Dan is die oordinkings-stof so geweldig dat ons die gedagtes moet bedwing om hulle te konsentreer op uitstaande gebeurtenisse. Eers dan staan ons in die eerste kwart van die negentiende eeu.

Op kerklik gebied was ons toe nog almal een.

In die Kaap Kolonie tog, wat die grense van die Kerk beperk het, het die Kerk beurtelings die naam gedra van Hervormd en Gereformeerd. Op die 2de November 1824 roep die Kerkraad van Kaapstad die eerste Sinode bymekaar "ter bevordering van de belangen der gezamentlike Nederduitsche Christelijke Hervormde gemeenten."

Die naaste gemeente aan die geboorteplek van Pres. Kruger was Graaff-Reinet, waar ds. A. Murray predikant was van 1822—1866.

Toe Pres. Kruger 11 jaar oud was, het hy met die eerste trekkers in Vrystaatse gebied gekom, en

in 1836 verenig hierdie trekkers hulle met Hendrik Potgieter.

In 1837 word Eerw. Erasmus Smit deur Retief aangestel as leraar van "de tijgende gemeente der Gereformeerde Kerk naar Port Natal."

Intussen is Paul veewagter en maak hy kennis met die aanvallende kaffers onder Moselikatse. Sy vader laat hom egter Bybelgeskiedenis leer en dan "Bovendien kreeg ik onderwijs van zekeren Tielman Roos" (Paul Kruger-gedenkschriften), wat in die geheel maar drie maande duur.

In 1842 is hy getroud met Maria du Plessis.

In hierdie selfde jaar vergader in Kaapstad 'n ander belangrike Sinode, waar "De oude naam van "Gereformeerde Kerken," in 1804 vervangen door "Hervormd Kerkgenootschap" veranderd werd in "Nederduitsch Gereformeerd Kerkgenootschap." (Dreyer-Eeuwfeest-Album).

In 1852 bestaan in die Transvaal drie gemeentes, Potchefstroom, Magaliesberg (Rustenburg) en Lydenburg.

Onder die twede sorteer Veldkornet Paul Kruger.

In dieselfde jaar kom ds. Dirk van der Hoff van die Hervormde Kerk van Nederland hier aan, en sedert 1853 ontstaan in Transvaal die Hervormde Kerk, waarvan Paul Kruger lidmaat was.

In 1858 kom ds. D. Postma van die Christelik Geref. Kerk in Holland in Kaapstad aan, en in Januarie 1859 is Paul Kruger een van die 15 man, wat op Pretoria die kerkverband met die Herv. Kerk opsê, om hom 10 Februarie 1859 op Rustenburg saam met 300 ander te voeg by die gestigte Gereformeerde Kerk, waarvan hy lidmaat gebly het tot op 1904, die jaar van sy dood. Wat 'n worsteling op kerklik gebied in al die jare!

As die jong Paul met sy ouers die Kaap Kolonie verlaat dan lê voor hulle 'n wêreid van barbaarse kaffers, waaronder hier en daar die Evangelie 'n lig gooi oor donker Afrika. Met hierdie kaffers is hy en ander later in 'n worsteling op lewe en dood gewikkel, om teen magtige kaffer-heersers sowel blank as swart te beskerm.

Na honderd jaar is die kaffer vir die grootste gedeelte onder die beskawende invloed van die blanke gekom tot 'n toestand, wat vir ons geskep het die probleem van die naturel. In hierdie honderd jare is die lig van die Evangelie deur die Voortrekkers en die Kerk gedra binne die kafferheidendom. Was die naturel in die dae van Pres. Kruger 'n konkurrent met die assegaai, nou word hy, beskaaf deur die witman, 'n konkurrent op kultureel gebied. Op tegnies gebied het ons in honderd jaar 'n omkering gesien, wat die ossewa en die ou sanna, wat pionierswerk gedoen het in ons land, ver in die skaduwee gelaat het.

Ons lewe ook nie meer in die tyd van die stoom nie, maar van die elektrisiteit en die eter.

Ons sal nog kan wys op die veranderinge op onderwys gebied, op die invloede van vreemde kultuur op ons maatskaplik en sedelike lewe.

Maar die ruimte sal ons ontbreek. Watter geweldige veranderinge het daar plaasgevind op staatkundig gebied! Ons noem dit alleen om ons lesers te help om stil te staan en te dink.

En nou kom die vraag op, "waar gaan ons heen?" Wat verby is, is verby. Nooit kom dit weer terug nie.

Vir 'n groot gedeelte het ons 'n jong geslag, wat hulle lewensjare maar dateer van die laaste groot worsteling in 1900-1902, wat 'n keerpunt was in ons geskiedenis op alle gebied. Die verlede ken hulle alleen uit tradiesie en boeke. Hulle gedagte-wêreld kan hom nie so lewendig skakel aan die verlede nie. Ons kan van hulle 'n terugkeer tot die ou usansies en vorms nie verwag nie.

Maar by wat wissel is daar dinge wat bly. Ons noem vaderlandsliefde, piëteit, wat ons kan omskrywe as 'n vroom eerbied vir ons voorgeslag, en godsdiens.

Wat relatief is, wissel, wat noodsaaklik moet verander in vorm deur die wet van ontwikkeling, kan nie angsvallig bewaar word nie, en tog is die vorm nie waardeloos nie, nee, vorm en inhoud staan in nouste verband met mekaar. Alle radikalisme is veroordeel deur die Skrif en die wet van die kontinuiteit. Daar *is* dinge wat bly. Ons noem Gods Woord. Ons noem die Beginsel. Hierdie twee moet ons behou. „Alle vlees is soos gras, en alle heerlikheid van die mens is soos 'n blom van die gras. Die gras is verdor, en sy blom het afgeval, maar die Woord van die Here bly in der ewigheid". 1 Petr. 1:24, 25.

So mag ook vir ons bly die Woord van die Here! In die honderd jaar het ook verander, altyd verander, die wapens en die vegmetode teen Gods Woord, en nog bly hy.

Paul Kruger en die manne en vroue van sy tyd het hierdie Woord laat spreek en beslis oor hulle kerklik, maatskaplik en staatkundig lewe. Hulle gebruik-metode sal wel anders gewees het as wat vereis word vir ons tyd. Hulle het ook in 'n ander taal gepraat. Ja, ook dit kan wissel, maar nie deur 'n sondige radikalisme in die ban gedoen word nie.

Maar, wat vir hulle gebly het, en vir ons moet bly is die

WOORD VAN ONSE HERE!

J.P.

# PRESIDENT KRUGER.

President Kruger was ongetwyfeld 'n persoonlikheid, dit wil sê, dat hy 'n man was van karakter, wat onder die invloed van sy beginsel 'n vaste koers gevolg het en ook 'n sterke wilsgawe van God ontvang het om ander te lei met 'n vaste hand, waardeur hy groot dinge tot stand gebring het in ons vaderland. Ons kan Pres. Kruger die eer van 'n vader van die vaderland nie onthou nie.

Dit egter staan vas dat die worstelstryd van die Transvaal ondinkbaar is sonder die figuur van Poul Kruger.

In hierdie stryd is hy 'n onmisbare persoonlikheid. Net soos in sy lewe met hom moes gereken word, so ook in die historiese herinnering aan die gebeurtenisse, wat afgespeel het rondom sy persoon.

'n Man, wat van veewagter opgeklim het tot 'n vierkerige Presidentskap in die Transvaal, wie se hand van af die dae van die Sandrivier Konven sie tot op 1899 nie alleen gesien was nie, maar ook gevoel is, kan nie anders as ons bewondering afdwing nie. Hy was eers 'n held, toe 'n krygsman, en later 'n staatsman, aan wie God nie die geleerdheid van die wêreld gegee het nie (hy het maar drie maande skoolonderwys gehad), maar aan wie die Here gegee het 'n hart van staal gepaar met 'n instinkmatige wysheid, en om hom



En as ons in Die Kerkblad sy gedagtenis in herinnering bring, dan doen ons dit in die eerste plek in dankbaarheid aan God, wat ons *manne* gegee het in ons volksgeskiedenis, van wie Pres. Kruger een was. Oor indiwiduele dade van sulke manne mag ons verskil, hulle foute behoef ons nie te verbloem nie. Dit lê egter nie binne ons bestek om hier sy deugde en sy foute teenmekaar te weeg nie. Miskien is ons nog te na aan die gebeurtenisse, waarmee hulle lewe ingevleg was.

te bewaar vir pessimisme 'n onwankelbare geloof en 'n vaste vertroue in die God van sy geloof. Sy laaste snik is nog die van die man van geloof gewees. Ons wil dikwels vra na die vir ons redelike grond van die geloof van die wat op hoop teen hoop geloof het. Baie spot daarmee.

En van ons ook? Maar is ons nie nog te jong om die uitkoms van hulle wandeling te sien nie?

Moet die geloof geweeg word in die weegskaal van die moontlikhede? Of is die waarmerk van die geloof nie die onberekenbare bewys van die dinge wat nie gesien word nie? Daarom is die geloof altyd kinderlik.

En Pres. Kruger het vir ons dikwels voorgekom as 'n groot kind. Maar dit is juis 'n groot man, wat ook 'n kind kan wees.

* * * *

Met die lewe van die Gereformeerde Kerk was die van Pres. Kruger nou saamgeweef.

Hy was een van die 15 man wat op Pretoria op 11 Jan. 1859 die band met die Herv. Kerk gebreek het.

Maar sy lewensroeping het nie gelê op die terrein van die kerk nie. In die kerklike lewe tree sy figuur vir ons op die agtergrond. Eers word hy gewikkel in die burger-oorlog, wat dreig om 'n kerklik karakter aan te neem, maar as die Schoeman-party hom verwyt dat hy daarop uit is om sy kerk die staatskerk te maak, dan wys hy dit met veragting van hom af, en is hy self bereid om te verklaar dat sy kerk die verdagte eer nie sal aanvaar nie, omdat ,,Kristus die enige Hoof is van sy kerk." En as hom die reg ontsê word om hom te laat gelde omdat hy nie tot die staatskerk behoor nie, dan tree hy terug, totdat die weg vir sy onmisbare persoonlikheid geopen is. En dan dien hy nie sy kerk nie, maar sy vaderland. Later hoor ons Pres. Kruger in die kerk so nou en dan 'n "stigtelik woord" spreek, en weet hy ook die gewig van sy persoonlikheid te lê aan die kant van die uitbreiding van Gods Koninkryk, ook onder die blinde heidene van sy vaderland, maar aktief in besondere sin word hy in die kerklike lewe nie.

Hy is krygsman en staatsman. Die eerste laat hy weer sien in die worstelstryd van sy volk van 1880-81, en dan weet ons nie of ons hier meer met die staatsman as met die krygsman te doen het nie.

As lid van die Driemanskap tog tree hy op as Vise-President, 'n man van 56 jaar in die krag van sy lewe, en viermaal agtereenvolgens van 1882 tot 1902 word hy geroep om die Presidents-setel in te neem.

As diplomatikus het Bismarck hom gereken as een van die eerste van die 19de eeu.

Sy staatsmansbeleid word gekenmerk deur sy gehegtheid aan Gods Woord, wat vir hom die Bron van wysheid was.

Hoewel hy nie, wat ons sou noem 'n belynde wetenskaplike program van kristelike beginsels vir die staatkunde gehad het nie, het hy egter geweet wat kristelike staatkunde was en het hy altyd deur 'n beroep op Gods Woord sy beleid geregverdig.

Vir hom was die staat die vader van die volk, en het hy gekonsentreer op die staat dan was 'n Sosialistiese staat vir hom egter 'n onbekende iets.

Van die staat verwag hy beskerming vir die kerk, hoewel sy uitgesproke beginsel was dat die staat hom buite die mure van die kerk moet hou, en so ook die kerk buite die mure van die staat. In sy Presidentiële toespraak van 1898 sê hy vir die predikante:—"Indien gij tast buiten het Lichaam, dat gezegd heeft: "Weidt mijne lammeren en hoedt mijne schapen," dan tast gij in het politieke lichaam en zijt bezeten met den geest van de lucht en dan is uwe prediking niet eene lieflike prediking van het Evangelie." 'n Vermaning, wat die kerke ook in ons tyd, wel mag inag neem.

As kristelike staatsman het hy gesorg vir kristelik onderwys op die skole. As hy die onderwysers toespreek, dan sê hy:—"Maar wanneer gij, meesters en meesteressen, het geloof niet kent, hoe zult gij dan de kinderen door het geloof tot Christus brengen?

Blijft vast staan bij den Bijbel, en onderwijst de kinderen, die daartoe aan u zijn toevertrouwd."

Oor die naturelle-vraagstuk het Pres. Kruger o.a. die volgende gesê met sy eerste Presidentsverkiesing en later ook as President gesê:—"Men spreekt veel over een algemene inboorlingen-politiek in de verschillende staten van Zuid-Afrika. Ieder, die de moeilikheden van dit vraagstuk kent, zal zekerlik met mij samenstemmen, wanneer ik hèm voor den grootsten weldoener van Zuid-Afrika verklaar, die een volkomen bevredigende oplossing van die vraagstuk kan geven. Zulk een man zal waarschijnlik eerst nog geboren moeten worden. Wat intusschen onze Republiek betreft, zo is de plicht of de taak der Republiek duidelik en eenvoudig: iedere kafferstam binnen onze landgrenzen moet het gezag van onze Regering leren eerbiedigen, de wet, die ook hem ten goede komt, nakomen, zijn aandeel in de algemene lasten dragen. Wanneer de heil-

loze invloed van vreemden en vijanden der Republiek, die thans deze ongelukkige kaffers zo vaak voorpraten, dat zij zich niet behoeven te beschouwen als onderdanen van de Republiek, eenmaal uit de wereld zal zijn, dan is de tijd gekomen, waarin de naturellenstammen de zegenrijke vruchten zullen plukken van het oude grondbeginsel der Republiek, volgens welk beginselk elken stam van beduidenis onder de bescherming der Reg. een zeker gebied zal worden aangewezen. Voor de toekomst hoop ik, dat h t nog eenmaal door Gods zegen zo ver zal komen, dat orde, arbeidzaamheid en godsvrucht ook den kaffer tot een gelukkig en tevreden onderdaan der Zuid-Afrikaanse Republiek zullen maken." (Uit Paul Kruger-Gedenkschriften).

Ons wys nog op 'n enkel trek in die karakter van Pres. Kruger se politieke beleid, en dit is sy simpatie vir die armes. En ook hier, so toon sy toesprake aan, waarsku hy teen onderdrukking van die armes op grond van Gods Woord. En ons behoef ons nie te verbaas nie as die arbeiders van Johannesburg 'n kransie lê op sy graf met die opskrif:—"Ons mis u."

Uit sy laaste woord lui sy vermaning:—Soek in die verlede wat die beste was, en bou daarop in die toekoms."

Mag die Here gee dat ons voormanne en volk die beste van ons tradiesie mag sien in die erkenning van Gods Woord as die Bron van Wysheid en daarop bou 'n welbewuste kristelike staatkunde!

J.P.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Vandag sal ek vir u maar 'n kort briefie skryf, want daar sal in die Kerkblad nie plek wees vir 'n lange nie. In die aanstaande maand is dit mos 100 jare gelede, dat wylen president Kruger hier in ons distrik gebore is. Wat is daar sedert dat die merkwaardige man sy oë hier oop gemaak het, nie al baie met hom self en met ons land gebeur. Paul Kruger het 'n veel bewoge lewe gehad, en is hoog bejaard hier van dit aardse toneel weggeroep, nadat hy ook baie lang teuge uit die beker van lyde en verdriet gedrink het.

My ou oom Gert het 'n spreekwoord, wat hy baie gebruik, en waar ek eers meer as een keer om geglimlag het, maar wat my later deur sy waarheid getref het, en toe dáár in al sy erns voor my bly staan het. My oom pas sy gesegde toe op al die bly en vrolike gebeurtenisse van die lewe, en ook op die meer donkere en die treurige.

Laas kom iemand oom sê: Oom, het oom gehoor, klein Zagrys gaan ook trou? en toe antwoord oompie laggend: Is dit dan so'n wonder? Dis mos maar die loop van die ou wêreld.

'n Paar dae later kom weer iemand vertel: Oom, het oom die treurige tyding gehoor? Tante Krissie is oorlede. Sy is nog maar 35 jare oud en laat vier kindertjies na. Og oom, ek is so bedroef, die liewe tante.

Ja my kind, sê oom, en hy vee 'n traan uit sy oë, dis al te jammer. Ek het tog so baie van die opgeruimde en vriendelike niggie gehou, maar my kind, dit is mos maar die beloop van die ou wêreld. Die oues moet sterf en die jonges kan sterf.

Laas kuier ek vir oompie. Hy vra my al gou watter nuus ek hom kan vertel. Ek het eintlik nie nuus gehad nie, maar om oom tog nie geheel teleur te stel, sê ek: Klein Frikkie het ook oupa geword. Sy dogter Koba, wat met oom Frikkie se Jannie getroud is, het 'n seun. Frikkie stap nou net groots oor die straat.

Ja, antwoord oom, dit kan ek glo, die klein windmaker, maar dis darem nie snaaks vir my nie; dis mos maar die beloop van die ou wêreld.

So hou dit maar aan by oom, dis maar elkers weer die ou spreekwoordjie, en dit is treffend, hoe dit gedurig so pas. Die dae vlie voorby en die jare wentel daarheen, en die een gebeurtenis volg die ander op en volg die na. Dis 'n aanhoudende wisseling, en tog ook altyd weer 'n terugkeer van wat al voorheen gebeur het. So is mos die beloop van die ou wêreld.

Kort gelede kom iemand my vertel, dat 'n bekende jonge man onverwags oorlede is, en kort daarop hoor ek weer, dat 'n moeder gesterf het, en ek dink so in alle erns: Ja, so gaan dit in ons ou wêreld. Net nou is dit ook my beurt, en o, hoe dan? Is ek al gereed?

"En hij stierf," so lui die woorde van die Skrif in die ou Testament as die geskiedenis van 'n koning, 'n profeet of 'n bekend man verhaal en afgesluit word. O, die beloop van die ou wêreld is darem vreeslik, van dat die sonde in die wêreld gekom het. Sy beloop met ons as mense is nou altyd, hoe dit ook al mag wend en draai, na die kerkhof toe. Daar eindig dit altyd. Dit is die loop van die ou wêreld, sê oom, en hy onderwerp vir hom met hierdie gesegde aan alles wat mag kom, maar ag wat is dit 'n klein trosie. Seker, 'n kristen kan hierdie woord ook wel gebruik, maar dan in die sin, dat seker dinge in

die lewe gereeld gebeur en sig herhaal, maar natuurlik nie somar van self nie, dog onder die heilig en wys bestuur van God Almagtig.

Ons het in ons lewe seker gebruike soos b.v. die huwelik, wat nooit uitgedien raak nie. In die lewe is daar "die kom en die gaan van die mens," daar is 'n tyd, om gebore te word en om te sterf; daar is die jonkheid en die oud word, alles het sy loop, maar dit gaan darem nie na 'n vaste noodlot nie. Jammer, dat party dit wel skyn te dink, maar dit is 'n troostelose gedagte.

'n Kristen mag nie so dink nie. Al het alles wel 'n seker loop in die wêreld, die Heere regeer ewewel. Hy sal ons gelei tot die dood toe. So het Hy ook die lewe van president Kruger gelei, en so het hy ook die geskiedenis van ons land na Sy wys beleid gereël en geskik.

Dit is waaraan ek gedink het, toe ek so sit en peins oor wat ook al in my lewe voorgeval het. President Kruger het ek persoonlik geken, en vir hom enkele male ontmoet. Ook nog kort voor die Boere-oorlog en toe het hy al gevoel wat sou kom. Hoe is dat alles toe as in 'n korte tyd gebeur, en voorby gegaan. Tenminste van agter beskou.

Die loop van die ou wêreld is wonderlik. Wonderlik veral, omdat God die Heere die grote Bestuurder is.

Beste groete, U Vriend,

C., 22 Sept., 1925. T.H.

---

## KERK EN SKOOL.

*Jub. Fonds van die Teol. Skool.*—Met dank verder ontvangste erken van Ger. Gem. Barkly Oos, kollekte £1 19s.; van Ger. Gem. Barkly Oos, Susters Hulp £2; van Ger. Gem. Vredefort £1 5s.. Reeds erken £10,039 8s.—Totaal £10,044 12s.

---

*Beleefd en Dringend* word al die kerkrade versoek om kennis te neem van die Verslag van Teol. Skool en Emer. Pred. ens. Fonds Bydraes uitgemaak tot die end van die 3de kwartaal 1925. wat nou gestuur word aan die korrespondente.

Ondergetekende moet vroegtydig sorg vir 'n volledig verslag aan die Kuratore voor die sitting in November en die aantal gemeentes wat nog groot somme agter is gee rede tot besorgdheid.—J. A. van Rooy. Penn., Bethulie, 21 Sept., 1925.

---

*'n Wapen en spreuk vir die Teol. Skool.*—Tot nou toe was die wapen (seël) van die Teol. Skool die welbekende kerkie op 'n rots, met die woorde:—"De poorten der hel zullen dezelve niet overweldigen." Die Kuratore het besluit om 'n eie wapen vir die Teol. Skool te kry.

Die ou wapen pas meer vir die kerk, waartoe dit dan ook eientlik behoor. Die P.U.K. se wapen is 'n sewevoudige kandelaar, met die onderskrif "In U lig."

Hiermee word suggesties en indien moontlik tekeninge gevra vir 'n geskikte wapen vir 'n moontlike keuse deur die Senaat en Kuratore. Moet in wees voor 20 November.—J. A. du Plessis, Rektor Teol. Skool, Potchefstroom, 8/9/25.

---

*Evangelisasie.*—In hartlike dank verder ontvang: Germiston £1 10s., C. Breyer £1, D. Venter, Venterstad 2/-; De Aar (gekollekteer deur jonge suster Cicilia du Plessis £6 7s. 6d.; Johannesburg £1 3s.; Krugersdorp £1; Kollekte Geref. Gem. Middelburg (Tvl.) £4 0s. 10d.; Kollekte Geref. Gem. Heidelberg £1 10s.; Germiston £1 10s. Kollekte, Standerton 12/-; Johannesburg Oos £1; J. G. F. van Achterberg (J.O.) £2 2s.; Susters Fonds, Petrusburg £2.

Ons waardeer baie die offers van die verskillende gemeentes en broeders. Insonderheid 'n woord van dank aan suster Cicilia du Plessis. Dit is 'n navolgenswaardige voorbeeld. Wie volg dit?—T. Spoelstra, 10/9/25, 75 Claetonweg, Kensington, Johannesburg.

---

*Biblioteek Teol. Skool.*—In dank ontvang van br. Bonsma, Heidelberg, deur dr. P. J. S. de Klerk, 94 boeke en brosjures, almal werke van Groen van Prinsterer. Wie volg hierdie goeie voorbeeld?

Kyk tog in nagelate boekerye en stuur veral ou werke. Wie kan ou almanakke vanaf 1873 stuur? Ook in dank ontvang van dr. H. Stoker "Das Gewissen."—(Prof.) J. A. du Plessis, Bibliotekaris, Potchefstroom, 20/9/25.

---

*Kuratore Vergadering.*—Die Kuratore vergader nie Woensdag, die 25ste nie, maar Donderdag die 26ste November, om 9 uur.—D. Postma, Voorsitter.

---

*Kennisgewing.*—Die Kommissie, wat van die jongste Sinode opdrag in verband met die opstel van 'n katkisasieboek ontvang het, word vriendelik gevra om bymekaar te kom op Potchefstroom met die kuratorevergadering, Woensdagmore, die 25ste November, om 9 uur in die Teologiese Skool.—D. G. Venter, Konwener, Steynsburg, 17/9/25.

---

*Kennisgewing.*—Kennis word hiermee gegee aan die Sinodale Deputate vir toepassing van Artiekels D.K.O. wat betrekking het op afvaardiging na meerdere vergaderinge, dat 'n vergadering van deputate D.V. sal gehou word in die kerkgebou op Potchefstroom, Dinsdagaand 24 November e.k. om 7.30. Vir losies sal gesorg word mits vroegtydig kennis gegee word aan ds. I. D. Kruger, Kerkstraat, Potchefstroom.—Louis P. Vorster, Konwener, Krugersdorp, 22/9/25.

---

*Kennisgewing.*—Kennis word hiermee gegee

aan die Sinodale Deputate vir omskrywing van die Diakonale Amp dat 'n vergadering van deputate D.V. gehou sal word in die kerk gebou, Johannesburg Noord (Melville) op Donderdagaand, 19 Nov. e.k. om 6 uur. Vir losies sal gesorg word mits vroegtydig kennis gegee word aan G. S. Kruger, No. 36, 8ste Laan, Melville, Johannesburg.—Louis P. Vorster, Konwener, Krugersdorp, 22/9/25.

---

*Kennisgewing.*—In verband met die Diakonale Konferensie wat deur die Diakonie van die Geref. Gem. van Johannesburg Noord opgeroep is vir die 19de November a.s., word hiernewens tot die Konferensie, deur die kerkraad van genoemde gemeente ook uitgenooi die Eerw. here lede van die Sinodale Kommissie van Advies in sake Diadonale aangeleenthede—asmede die Eerw. here Professore in die Teologie.

Die Eerw. brs. word versoek asseblief vroegtydig aan ondergetekende van hulle oorkoms kennis te gee, sodat vir losies gesorg kan word.—J. J. van Tonder, Skriba van die kerkraad met die Diakene, Bus 1581, Johannesburg, 16/9/25.

---

*Ficksburg.*—Met leed moet ek meedeel dat Sy Eerw. ds. du Plessis nog maar altyd sukkelend is met sy eerwaardes gesondheid. Volgens laaste berig het die behandeling in Durban baie goed gedaan maar tog nog nie die gewenste gesondheid terug gegee nie. Die kerkraad het dan ook besluit om die sesweekse kerk af te skaf deur gebrek aan predikante. Die maatreel is maar net tydelik. Die nagmaalsdienste sal nog as gewoonlik gehou word. Ds. Snyman van Steynsrust was baie goed om die dienste hier sover waar te neem. Ons is hom baie dank verskuldig. In vervolg sal ds. Coetzee van Frankfort gevra word ons behulpsaam te wees daar ds. Snyman ook self oorhoop is met al sy werk. Dat die Here ons predikant, ds. du Plessis, in Sy goedheid mag gedenk en Sy dienskneg weer aan ons sal terug gee is die bede van die ganse gemeente.

Sy Eerwaarde kan verseker wees dat die hele gemeente simpatiseer met sy beproewing en voel ook hierin die hand van die Here oor hierdie gemeente. Het die Here wat die tydelike aanbetref ons ryklik geseën in die afgelope jaar met milde reëns en 'n baie groot oes, tog is menig huisgesin in rou, daar die dood onmisbare lewens opgeëis het.

Ons dink maar aan een geval waar uit één huis beide vader en moeder weggeruk is, n.l. br. en suster Erasmus. Wat die geval nog treuriger maak, is dat net 'n paar maande gelede ook 'n skoonseun van die oorlede br. en suster dood is en die weduwe dogter die intrek geneem het in haar ouerhuis. Weinig kon sy dink dat ook hier die dood so naby is. Onse innige simpatie ook met hulle.

Die Ficksburg skool het sy naam gemaak in die Vrystaat deur goeie resultate, ook vanjaar verwag ons die beste.

Dit sal u seker saam met ons verbly, dat die paar gereformeerde kinders deur hulle vlyt hoog aangeskrywe staan in hulle klasse. Genoeg vir hierdie keer, met die beste hoop dat u korrespondent volgende keer die blye tyding aan u sal meedeel dat die Here ons genadig was en onse leraar aan ons in gesondheid teruggegee het.—Korrespondent, Aug., 1925.

---

*Vryburg.*—Dit is die kerkraad van die Geref. Gemeente te Vryburg 'n groot genoeë om namens die gemeente alle broeders kerkrade en predikante hartelik uit te nooi vir die plegtige hoeksteenlegging van die Geref. Kerk te Vryburg, wat sal plaasvind op 31ste Okt., 1925 D.V. Geliewe vroegtydig kennis te gee van oorkoms aan br. oudl. M. J. de Beer, Middelrand, P.K. De Beers Halt, Bechuanaland, sodat vir losies kan gesorg word. Namens voornoemde kerkraad.—B. J. de Klerk, Kons. Voors., Bus 6, Zwartruggens, 10/9/25.

---

*Delportshoop.*—6 Sept. het ons nagmaal gehad. In die afgelope drie maande het die doodsengel verskyn in die huise van br. J. A. Kruger waaruit hulle liewe Japie vertrek het en in die huis van br. J. Versluis waaruit Budding, hulle seuntjie heengegaan het. Mag in albei hierdie huise die roepstem verstaan word en lei tot saligheid en verheerliking van onse Vader wat kasty wie Hy lief het. Die toestand van die ou weduwe Levina Snyman is sorgwekkend en ons simpatiseer met ouderl. Hanekom in die langdurige siekte van sy eggenote.

Die gemeente sien met verlange uit na die koms van prof. dr. Postma in Oktobermaand. Sy besoek sal gewaardeer word en baie bydra tot sterking van die gemeente in sy strewe om in lewendige verband met ons kerk en skool te verkeer.

Vir ons lidmate op die delwerye kos dit stryd om standvastig te bly en kristelik te lewe in 'n omgewing van alle soorte mense van alle oorde. Die verleiding is groot tot dronkenskap, onverskilligheid en sedelike verval.

Sektes vind onder die verwaarloosdes 'n vrugbare veld. Alle kerke en sektes kan mens byna sê is daar te vinde.

Onlangs het daar weer twee prediksters dienste gehou. Die een dame hoort aan die N.G. Kerk en die ander een, 'n engelse dame, weet hulle nie of sy aan 'n kerk behoort nie. Die dienste was in die N.G. Kerk. Sover ek kon uitvind, word hulle deur 'n seker "Society" rondgestuur. Hulle is na Barkly Wes ook uitgenooi deur die leraar van die N.G. Kerk. In Delportshoop is hulle aangeprys by lidmate van ons kerk deur die Wesleyaanse predikant. Hierdie twee dames word ondersteun deur die N.G. Kerk en die Wesleyaanse Kerk. Op die oomblik hou die Wesleyaanse predikant sy dienste in die Geref. kerkgebou. Vroeër was dit in die N.G. Kerk, maar die

is hom later geweier omdat, so word beweer, die mense hom teveel aanhang.

So kom daar van tyd tot tyd sulke rondgaande predikers op die delwerye, soms met groot opspraak en met die gedruis gaan die ligsinnige lossinnige mense saam, wat min van die Skrif ken en verstaan en van die belydenis van die kerk nie meer hoor of weet nie. Hierdie dinge is vir ons waarskuwings om toe te sien dat lidmate van die Geref. Kerk op hoogte gehou word van die leer van ons kerk en hulle belydenisskrifte moet ken. Anders sal dit met ons ook so gaan: ons is gereformeerd omdat ons aan die Geref. Kerk behoort. Die Skrif wys ons met so baie nadruk op die noodsaaklikheid van die kennis. Hoe sal ons dan ook die dwaalgeeste beproef? (1 Joh. 4:1). Hoe sal dit gaan as die swaar wolwe kom om die kudde van die Here te verwoes? (Hand. 20:29). Word die valse profete in skaapsklere, wat van binne grypende wolwe is, (Mat. 7:15) nie te maklik gevolg nie? Hoeveel mense word deur die mooi en skoonklinkende taal nie gevang nie? (Rom. 16:18).

'n Broeder het my vertel dat die rede van die een spreekster dieselfde was as wat hy gewoon is om van die apostoliese broeders te hoor.

Na die diens het die wat geestelike raad of hulp nodig het, agtergebly. In 'n gesprek met 'n broeder en suster van ons gemeente het die Wesleyaanse predikant hierdie bieg wou verdedig. Op die vraag van onse suster: Is dit nie beter dat die mense met hulle geestelike nood die toevlug tot hulle predikante neem nie? het hy geantwoord: die mense kan nie altyd die predikant te sien kry nie.

Ons ou mense het hulle troos in die Bybel gesoek. Deur geestelike gesprekke het hulle mekaar in die geloof opgebou. Waarom word die Bybel nie meer ondersoek, waarom ontbreek dit so baie aan geestelike gesprekke? Verder het ons ou mense hulle toevlug geneem na predikasieboeke (outeure) en ander godsdienstige goeie boeke soos A. Brakel. In ons tyd verkoop sulke boeke sleg en word min gelees terwyl die dienste van rondloper-predikante druk besoek word.

Gesê word, dat hierdie mense darem ook goeie dinge doen: meer as een slapende word deur hulle wakker gemaak; hulle gaan dan ook rond om siele te vang. Die Roomse Kerk doen ook nog goeie dinge; maar ons gaan darem nie met hom saam nie. Van elke ketterse sekte kan mens 'n goeie ding sê; maar dit bedek nog glad nie hulle dwalings nie. Hier en daar tel hulle 'n vervallene op; maar stuit hulle die algemene afval van die kerk en geloof van ons dae of werk hulle bemoeiings dit juis in die hand?

Na my beskouing is hierdie rondloper-predikers 'n groot gevaar: hulle ondermyn die kerk.

Ek glo net aan 'n lidmaat, wat weet, wat sy enige troos is; wat weet wat in sy kerk geleer word; wat sy belydenis ken. Oor 'n lidmaat wat aan die kerk hoort omdat dit sy kerk is of gereformeerd is omdat hy aan die Geref. Kerk hoort, is mens se siel maar altyd in twyfel. In die Heid. Kateg. staan oor die verklaring van die Heilige Algemene Kristelike Kerk: waarvan ek 'n *lewendige* lidmaat is en ewig sal bly.

Mens hoor in ons tyd so baie praat van dooie lidmate. 'n Dooie lidmaat . . . . Dooie mense kan ons begrawe; dooie diere sleep ons weg; droë takke verbrand ons; maar 'n dooie lidmaat . . . . mens kan hom mos nie gaan begrawe nie. Die swartspan moet hom sleep, want hy kan dalk nog lewendig word. Maar daardie gesleep: dit grief so; dis so pynlik; dis tog so swaar; dit maak so tam, en as die kerkraad nie deur genade gesterk word nie, dan sal hy moedeloos word na miskien al jare van vrugtelose arbeid. As daar dan 'n grys broeder in die kerkraad opstaan en protesteer om die las verder te sleep, dan moet ons nie dink dat hy al moeg en moedeloos is nie; nee, dit het by hom 'n gewetesaak geword. As die sondaar nie wil gehoor gee nie dan moet die oomblik kom van wanneer af hy vir ons is as die heiden en tollenaar. (Mat. 18:17). Ons kan sulke mense tog nie aanhou sleep nie; dit gaan hard om hulle by die kerk te kry en as dit nogal geluk, dan sleep die duiwel hulle gou weer weg en baiemaal nog verder weg as wat hulle was. Dooie lidmate is die sleep-las van elke kerkraad. Die verskonings is altyd baie en gewigtig: hy het 'n akker of 'n os gekoop, hy het 'n vrou getrou; as hy 'n broek het dan het hy nie skoene om kerk-toe te gaan nie; as hy skoene het dan het hy weer nie 'n baatjie nie. Aan beloftes ontbreek dit ook nooit nie; hy is altyd gewillig . . . . om gesleep te word.—J.H.K.

---

*Kuruman.*—Hiermee word kennis gegee van die inwyding van die nuwe Geref. Kerk op Kuruman om 10 uur voormiddag, Saterdag, 7 Nov. a.s.. Predikante, kerkrade, gemeentelede en vriende word uitgenooi. Gee asb. intyds kennis aan ondergetekende.

Vir informasie van Predikante wat van elders kom, word meegedeel dat van Douglasstasie na Postmasburg Dinsdag, Donderdag en Saterdag mores 'n S.A. Spoorweg motorbus vertrek wat reisigers teen treintarief vervoer. Van Postmasburg hierheen sal ander voorsiening gemaak word.—A. J. Viljoen, Kuruman.

---

*Kennisgewing.*—Die rede onlangs deur ds. M. Postma, M.A. by die feesviering uitgespreek, word in brosjurevorm uitgegee, met 'n aantal portrette o.a. van die jubilaris, kerkrade van die verskillende gemeentes in Johannesburg ens. Bestellinge kan gedoen word by die ondergetekende, prys 1/6 per eks. Bestel spoedig, aantal is beperk. Sou br. skribas van kerkrade op hulle wil neem om te bestel wat deur elke kerkraad of gemeente verlang word? Dit sal die koste, veral posgeld verminder.—J. J. van Tonder, Bus 1581, Johannesburg.

## SIEKVERLOF HERINNERINGE

Deur D. du PLESSIS.

Terwyl die tyd en geleentheid daar is met die nodige aandrang daarby wens ek hiermee die een en ander mee te deel van wat ek opgemerk het tydens my krankheid en siekverlof. Ek doen dit beskeidenlik met die hoop, dat dit nuttig mag wees in algemeen, maar meer besonder vir alle broeders en susters wat ook in lyding verkeer.

Ek wil so min moontlik oor myself en eie ervaring, maar meer opmerkinge en beskouinge gee oor mense en dinge, wat mens ontmoet in so 'n tyd, en ook hier en daar leersame gevolgtrekkings maak. Dis enkele soutkorreltjies vir die gesondheid.—Vooraf net 'n klein ontboeseming.

Gods Woord boekstaaf vir ons nie alleen 'n stuk leer maar ook en eintlik 'n stuk lewe, 'n kosbare skat van lewenservaringe. Die lewensgeskiedenis van die heilige met al hulle lief en leed, met al hulle sondes en stryd, met hulle afdaling in die dieptes van ellende en opstyging tot die hoogtes van danksegging en aanbidding, met al hulle smarte en vertroostinge is daar opgeteken, en daaruit moet ons ook wys word tot saligheid. En nog is die kerk besig om geskiedenis te maak en ook elke gelowige.

Die godgesindes van vroeër het mekaar soms in onderlinge geselskap gestig deur mee te deel die vrugte van hulle geloof uit die geestelike ondervindinge. Daardie gesonde mistiek van die vrome kringe was 'n steunsel vir die geloof en 'n lieflike band van samebinding van al die heilige.

Hoe jammer dat ons in onse dae daardie deel van die kristelike lewe moet mis en also die lig verborge hou onder die koornmaat.

Uit vrees vir die mense of ook vir onsself is dit duisternis in ons lewe en word die kristen nie meer gesien van hierdie kant van sy lewe. Ons vertel nie meer wat God aan onse siel gedaan het. (Ps. 66:16). Waaraan lê dit? Wat is tog die vrug van al ons lyding?

As ons soveel lyding aantref in en rondom ons kom die vraag op: Maar as dit "kastyding" is, wat het u daarby deelagtig geword, en watter nut of bevinding het u gekry? Is daar 'n "nuwe gehoorsaamheid" uit gebore? sie Hebr. 12:12—14. Gewoonlik word as genademiddels genoem Gods Woord en die heilige sakramente, maar wat omtrent tug, kastyding, waardeur ons Gods heiligheid moet deelagtig word en 'n vreedsame vrug van geregtigheid afwerp? Is die besoeking nie dikwels onse vindenstyd en die krankh[illegible] onse genesing?

Die oorgeestelikheid van godsdiensdwepers is ongetwyfeld ook oorsaak dat menig tere kristen bang is vir die werping van die paarle vir swyne of vir die dolle advertensie van jou private lewe, maar daardie misbruik mag ons nie laat oorslaan in 'n vreesagtigheid, wat tekort doen aan Gods eer en die heil van ons naaste.

Natuurlik is daar gevaar aan verbonde, want wat soms gehou word vir 'n openbaring is niks anders by nader ondersoek as 'n spel van die krankheid waaronder mens ly.

Veral senulyers, wat soms kom onder onverklaarbare vlae van geestelike depressie, moet versigtig wees deur die ware van die valse te sif.

Daar is seker geen ander krankheid wat so nou raak aan mens se sielelewe. Die senugestel is die telefoniese verbinding tussen onse sinlike en geestelike wêreld—miskien die plek waar Gods Woord as 'n swaard deurdring tot die merg van ons bestaan.—As die senuwees uitgeput is dan is die batterye van ons elektriese kragstasie ontledig.

Ek herinner my dat een van onse ontslape broeders predikante eendag die opmerking gemaak het dat hy nie glo nie dat daar 'n kind van God is wat nie op een of ander tyd die taal van die senuwees moet hoor nie.

Die senulyer is meestal ook 'n onbegrepe pasiënt, en dikwels word sy of haar smart daardeur verswaar. Watter stryd en bekommernis, watter onbekende en ongelyke storme en wisselwerkinge in die bewuste en onderbewuste gemoedslewe gaat daar nie soms aan in so'n arme siel. Suggestie en outosuggestie speel 'n groot rol. Die verbeelding is abnormaal sterk en so iemand is aantreklik en prikkelbaar buite die maat. En as dan die enersjie uitgeput is en weerstandsvermoë swak, dan neem die vyand ook sy kans waar om te terg en te pynig—en het hy nie genoegsame stof om dit te doen nie?

Dat krankheid en aanvegting meestal gepaard gaan het onse vaders goed begryp, vandaar ook agter die psalmboek die gebed vir "kranke en aangevochtene menschen" en ook die behoefte aan die "Ziekentroost" ens. Ook die lydenspsalme, insonderheid die van Dawid onder krankheid, gee ons 'n blik in die siekekamer, waar die sielesmarte in lydingsnag gehoor word. Sie bv. Ps. 6, 38, 39 e.d.g.

Hoe uitermate swak het hy geword, die gebroke man, wat daar so pla en bid en brul en sug en ook skreiend kerm: "Mijn hart keert om en om: mijne kracht heeft mij verlaten." Ps. 38:11.

Dit is egter Gods wonderweg en werk om "'n afgesnedene saak" te doen op aarde. Eers as ons kragteloos is en teer, word Sy krag in onse swakheid volbreng. Eers as ons "verlore" is word ons gevind—eers as dit onmoontlik is by mense is Hy die God van onse saligheid.

Eers in die dag van benoudheid word die magtelose gesterk deur op te sien na die Koning wat sê: My is gegee alle mag in hemel en op aarde. "Heere der heirscharen! welgelukzalig is de mensch, die op *U vertrouwt.*" Ps. 84:13.

Heil ons as ons die woord van die "prediker" mag verstaan: "Het is beter te gaan in het klaaghuis dan te gaan in het huis des maltyds; want

in hetzelve is het einde aller menschen en de levende legt het in zijn hart."

In die lydingskool kom die vraag van "waarom" en "waartoe" die helderste voor die gees, en dan is dit nodig vir die siel om fyn te luister watter antwoord God haar gee.

Krankheid, voorloper van die dood! wat verkondig u aan ons? Is die wereldsmart nie gevolg van die wereldskuld? Is die sondegeskiedenis nie 'n lydingsgeskiedenis? Is krankheid nie die ongestadige dood van hierdie lewe?

Ja, wie daar ly, al is hy ook so regvaardig as 'n Job—en hy het God gesien, moet uitroep: "Ik verfoei my en heb berouw in stof en asch"—en wie daartoe nie kom nie die verlei homself en die waarheid is nie in so 'n mens.

Al was Job se vriende moeilike vertroosters, omdat hulle verkeerd geoordeel het en hom onregvaardig veroordeel asof hy skuldig was aan sekere sondes, tog was hy veroordeel in sy hele bestaan toe God op die toneel verskyn en hom ondervraag en ondersoek—toe sy heimelike sondes gestel werd in die lig van Gods aanskyn.

Wie gaan vry uit voor die Oppermajesteit wat ons deurgrond?

O hoe diep deursoek die H. Gees ons en hoe lees Hy ons lewensboek en ons skepselbestaan voor ons bewussyn af! Hy oortuig ons van sonde, geregtigheid en oordeel, maar Hy verbind ook ons smarte en spreek tot ons van vrede en troos.

Krankheid! wat 'n heir van smarte omvat die woord! Die gesondheidsinstituut waar ek was gee al genoeg te aanskou en te oordink. Ek wil dan hiermee begin met wat ek ook daar opgemerk het. Weemoedig was die eerste indruk toe ek die eerste aand ingestap het by die voordeur. Na 'n lange afmattende reis daarheen met kommervolle gedagtes vervul stap ek self as invaliede daarin, kamer na kamer verby met die oog op die een kranke na die ander. 'n Inmekaargetrekte oue dame met witwollige haar, die nek gekrom tot aan die skouer, die lê my aan te kyk met skuinse oë. Sy en meer andere hier word verpleeg so te sê as suigelinge; rondgedra, gevoer, ensovoort.

Uit sy kamerdeur loer 'n ander een, 'n wrak van 'n man, met 'n dik rooie neus en oë. So voel-voel, voetjie vir voetjie, loop hy langs die muur. Voorheen 'n sterk man wat homself omgord het en gewandel waar hy wou—tans nog 'n ryk man, eienaar van 'n groot hotel alhier en ook befaamd as 'n behendige " bookkeeper " op die reisiesbaan. Daar had hy die bynaam—so word my vertel—van die " Silver King " weens sy winste en waagstukke met weddenskappe en spekulasies. Hy is tans slagoffer van sy bedryf (vuilgewin) en van sterke drank 'n gebroke man met 'n benewelde verstand en wankelende gang.

Dan weer onder die agterdak 'n jong seun—mooi ronde gesig en lewendig blink oë—maar lam in die onderlyf—en in 'n ander buitekamer 'n jonkman tussen 30 en 40, gans hopeloos van rumatiek. Reeds vier jaar lê hy in bed en kan homself nie verroer nie. Voor my kamer op die stoep 'n bejaarde man reeds drie jaar in bed inmekaargetrek van rumatiek.

By die bed van sulke gevalle kon ek nie anders dan dankbaar voel vir die voorreg om nog in vryheid te kan rondwandel en myself te kan help. Bedink—leser—hoe lang is drie, vier jaar gekluister in 'n krankbed van dié aard—vier jaar beteken 1460 dae of 35,040 ure of 2,102,400 minute.

Wat is die lot en die drinkbeker van party mense tog swaar, en wie en wat is ons dat ons nog soveel mag geniet!

Met my in kamer was gewees 'n man van oor die middelbare leeftyd, 'n vriendelike kristen. Hy is 'n pastoor of "brother" van die Adventiste (Sabbatariërs). Hy ly swaar aan 'n kankeragtige sweer in die ingewande en die dokters het reeds die woord laat val: "Geen kans, geen hoop."

Hier, tussen hakies, wil ek net opmerk, dat ek taamlik geleentheid had om insig te kry in die lewe en strewe van hierdie sekte se mense; want druk besoek hulle die inrigting: miskien ook omdat die eienaar een van hulle is.

Ek kan slegs meedeel dat, hoe hoog die kerkelike verskille ook mag rys, as in tyd van nood soos hier die mense bymekaar gebring word, dan word op aangename, soms ongesogte wyse die diepste saamhorigheid van kristen by kristen gevoel en geopenbaar. Ons het hier soveel moontlik probeer die verskilpunte te laat staan en die punte van ooreenkoms opgesoek. Nietemin het ons ook vrymoedigheid gehad om in goeie gees aan mekaar die stelsel en standpunt van mekaar se kerkinrigtinge te vertel, en dit was leersaam. Wanneer ek later iets oor die sektebedryf in Durban skryf wil ek graag ook oor hierdie sekte enige opmerkinge maak. Om die lys van pasiënte nou maar te bekort noem ek nog net die gevalle van kinderverlamming en allerlei senukwale en die in- en eksterne besoekers wat iets makeer aan hoof of hart of hand, ens.

Heel interessant sou dit seker wees om die geskiedenis van elke pasiënt te hoor, die direkte oorsake en gevolge, die openbaring van die kwaal, die lyding en stryd wat elkeen dag vir dag en ook soms in slapelose nagte in eensaamheid moet verduur.

Elkeen het sy lewensbeskouing, en probeer om sy lot daarna te dra. Die ou Engelse vader hier voor my ag dit gelukkig vir ons, dat daar één groot *Verantwoordelike Wese* is bo ons almal, want as ons mense vir mekaar moes instaan—sê hy—sou die bestaan maar jammerlik en onmoontlik wees. In goeie sin opgevat is dit reg, want God die Here is ons Borg—Hy is die Eerste en Laaste. In Hom leef ons, beweeg

ons en is ons. " Uit Hem en door Hem en tot Hem zijn alle dingen."

'n Ander, 'n dame, geprikkel deur haar smartlik en eensaam lot, hou weer die " blessed " dokter verantwoordelik vir haar hopelose toestand. 'n Ander ou kêrel vind dit vreeslik vervelend in hierdie strafkolonie sonder "whisky" en " business " en " sweepstakes." Hoe verkwikkend om egter ook die taal van 'n geloofsgenoot te hoor soos ek ook hier aangetref het in 'n broeder van die N.G. Kerk. "Ps. 68:10 was vir my 'n troos, dominie, in die dae van 1914—15 en ek sal die woorde: Die God is ons een God van heil—ook nie vergeet nie in my lewe," so het hy eenmaal sy binneste gedagte voor my uitgestort. Aangenaam was steeds die geselskap van hierdie vriend. Eienaardig is egter die volgende staaltjie van skrifverklaring wat ek so opgetel het in ons gesprekke.

Dit was o.a. oor die vraag: in hoever die Skrif ook iets openbaar van die moderne rytuig, die moter, waarvan hier in Durban alleen oor die 4.000 geregistreer is by die Stadsraad.

Br. C. vind die voorspelling van die moter in Nahum 2:4. " De wagens razen door de wijken, zij loopen ginds en weder op de straten," en . . . word naief bygevoeg: " zij zullen struikelen in hunne tochten." dit, meneer, is mos die " punktjur," nie waar nie?

Die waarde en betekenis van die draadlose telefoon is my ook duidelik geword tydens my verblyf alhier.

In drie kamers het ek opgemerk die draadlose toestel vlak voor die bed van die kranke. Dis 'n heel eenvoudige apparaat vir 'n paar pond verkrybaar—die " Crystal " set wat berigte opvang binne 'n omtrek van 30 myl vanaf die Uitsaaistasie. Vanuit die studio in die monumentale Durbanse Stadsaal word dag vir dag (Dinsdag uitgesonder) 'n program van musiek en advertensies en nuus en toesprake ensovoort uitgesaai en op die golwe van die lug word dit uitgedra heinde en ver. Duisende mense sit daeliks in hul huise of in publieke sale by die " luidspreker " of klein ontvanger om die " windberigte " op te vang met die oor.

Om die mense besig te hou en te plesier word selfs, terwille van die wat die dinge nie kan bywoon nie, die perdehoefslae vanuit die reisiesbaan opgevang, en ook die getrappel en musiek van dansers, ens. Die "draadloos" word gebruik haas vir alles. Dis 'n spreekbuis, 'n musiekinstrument, 'n koerant, 'n advertensieburo, 'n speurdersdepartement, 'n informasiekantoor, 'n kerk, 'n tydverskaffer (horlosie). Om maar iets te noem—'n man, mnr. v. Blerk, het per skip daar aangekom in Durban en het gehoor dat daar 'n seker vriend van hom woonagtig is in die stad, maar hy het hoegenaamd geen adres of idee, waar die man te vinde is. Hy wend hom na die bestuurder van die uitsaaistasie met die versoek om bietjie uit te vind waar die vriend is. Dit word in die hele stad in 'n paar sekondes bekend dat gesoek word na mnr. So-en-So en beleef word die publiek versoek om informasie te verskaf aan die studio waar hy is. 'n Tremkondukteur het ook die berig opgevang en die vriend geken en ook ontmoet in die trem en hom meegedeel dat mnr. v. Blerk na hom soek. So het draadloos vir verre vriende bymekaar gebring. Maar ook word die Evangelie uitgesaai deur die mikrofone wat in die kerke alles opvang en uitsaai in die oneindige ruimte.

Ek het daar gesit by die krankbed van die jonge Skotsman en met sy een " receiver " geluister op 'n Sondagaand na 'n kerkdiens van die Engelse Kerk. Die prediker was 'n Roomse dokter in teologie—Rev. Sormany. Die openingsgebed (die Onse Vader), die kerkkoor, die Skriflesing en die preek was so duidelik asof mens in die onmiddellike teenwoordigheid sit.

Wat 'n wonderbare ontdekkng is die draadlose toestelle!

Ons huiwer egter by die gedagte as dit die bose instrument gaan word van die Antikrist, as die wysheid van die bees die hoogty gaan vier. (Openb. 13:13—18.)

Maar ook hierdie wysheid sal dwaasheid wees by God. Satan en sy instrument moet ook God dien en kan hulle nie verroer nie sonder Sy wil. Die einde kan en sal nie kom nie aleer ook die Evangelie van Gods Koninkryk gepredik is in die gehele wêreld tot 'n getuienis vir alle volke; en ook die draadlose spreker sal daartoe diensbaar wees.

(Word vervolg).

## MY REIS NA RHODESIë.

" Ek sou graag net wil weet wat die afstand daarheen is?" Dit is een van die eerste vrae, wat by mens opkom as jy ver moet reis. Ek kyk in my spoorwegtydtafel en vind dit as volg: Van Pretoria na Boelawayo 726 myl en vandaar na Lusaka in Noord-Rhodesië is dit nog 578 myl. Dit bring mens dadelik onder die indruk, dat Rhodesië 'n wêreld is met verbasende afstande.

In die opskrif staan " *My* Reis." Hier moet ek eers nader toelig: Die Eerw. Alg. Verg. van Transvaal het my benoem om vanjaar die twee Geref. Gemeentes, Lusaka en Enkeldoorn in Rhodesië te gaan bedien. Maar ek het darem nie alleen gereis nie. Veral omdat haar gesondheid so swak was het ons gemeen, dat dit vir my eggenote baie goed sou wees om saam te gaan. En hoewel ons dit nie sonder enige besorgdheid gedoen het nie, het ons tog so besluit.

Lusaka is die plek waar die eerste kerk bepaal was, en wel op die twede Sondag van Augustus.

Daar is 'n bloeiende klein gemeente, nog maar baie klein. Die jongste statistieke wys aan 45 belydende lede. Maar daar is lewe in dié Gemeente. En besonder goed was die opkoms. Met uitsondering van 'n paar was al die huis-

gesinne daar. Ook finansieel gaan dit met ons mense daar nou goed, veel beter dan vier jaar gelede, toe ek ook daar was. Toe het dit daar uiters moeilik gegaan. Ek herinner my die volgende gebeurtenis van vier jaar gelede: Op straat in Lusaka sien ek 'n man loop, 'n broeder, wat ek ken en al agter hom aan ag of tien kaffers, wat hom op sy voetspore volg. "Wat beteken dit?" is my vraag. 'n Vriend antwoord, dat die man 'n goeie mielieoes het en die kaffers, wat hom gehelp het wil nou betaling hê, maar ongelukkig kan hy nie betaal nie, want sy mielies kan hy nie verkoop nie. Nou is dit dan gelukkig anders.

Wat my nou daar besonder getref het, is, dat die jongmense soveel belangstelling toon vir hul kerk en in ander goeie sake. Hulle het daar 'n bloeiende Kristelike Jongeliede Vereniging. Veel word opgeoffer om die vergaderings by te woon. En mens sal jou verwonder om te sien hoeveel kennis party van ons jong mense daar het van die Gereformeerde beginsels.

Bly is ek om te kan sê dat die gesindheid tussen die Nederduits Ger. Kerk en die Geref. Kerk daar goed is. Met baie groot vriendelikheid gee die kerkraad van die Nederduits Geref. Kerk in die laaste tyd elke keer met Nagmaal hul gebou aan ons mense vir gebruik af. En presies net so is dit hier in Suid-Rhodesië op Enkeldoorn.

'n Saak van beproewing vir die hele gemeente was die ernstige siekte van diaken Van Staden, wat toe al vir drie maande in die hospitaal was.

Die volgende kerk was bepaal op 'n plaas by diaken D. Erasmus in die distrik van Kalomo, omtrent 12 uur met die trein van Lusaka af terug. Die afstand van Lusaka na Kalomo is wel groot, maar tog vorm Kalomo 'n wyk van Lusaka-Gemeente. Dit word egter groter en daar kon nou al 'n ouderling en 'n diaken in die amp bevestig word. Hierdie wyk se mense kan daar glad nie aan dink nie om na Lusaka te gaan met kerkgeleenthede. En tog het hulle besluit om te help met die oprigting van 'n kerksaal te Lusaka, waarvoor daar nou fondse ingesamel word. Dit is mooi as daar goed saamgewerk word vir 'n goeie saak en veral as dit so sonder selfsug gebeur.

In Kalomo, 'n distrik, wat nog nie so dig bewoon word nie, is daar nog baie wild. En daar word nog baie van leeus vertel. Daar word ook nog baie leeus geskiet. Een broeder het my vertel, dat hy al 'n hele klompie se oë daar "toegedruk" het. Dit is baie interessant om die kindertjies te sien luister as hulle hoor van hierdie "koning van die woud." Maar baie grootmense, veral van die besoekers, luister nog 'n bietjie aandagtiger. As een vertel hoe hy 'n leeu geskiet het, is daar van die hoorders wat met al die spanning van die siel die gebeurtenis opnuut deurlewe. En dit gee die spreker dan inspirasie om nog weer nuwe kleure en tinte by te sit.

Van Kalomo is ons eers na die Viktoria Watervalle, waar ons twee dae oorgebly het. Dit is 'n natuurstuk so pragtig, dat mens dit elke keer wat jy daar kom weer opnuut bewonder. Die gewone voorstelling, wat mense hiervan het, is verkeerd. Die valle is op plekke 400 en op ander plekke meer dan 400 voet hoog. Maar dit wil nie sê, dat mens by die valle uit hoër veld direk afdaal na veld, wat ongeveer 400 voet laer lê nie. Inteendeel, die grond buitekant die rivier daal daar maar geleidelik. Maar in die aarde is daar om een of ander oorsaak 'n skeur ingeruk 400 en meer dan 400 voet diep. En opmerklik by die valle is die bo-ent van die skeur. Soos 'n winkelhaak min of meer swaai die bo-ent hom dwars voor die rivier en vang dan al die water op, wat hier instort met 'n gedruis, dat mens dit enige myle ver kan hoor. By die hoek kom al die water dus bymekaar en vloei dan in die skeur verder weg min of meer in dieselfde rigting wat die rivier bokant die valle het. Die valle is ongeveer een en 'n half myl breed. Die skeur waar die water instort, skat ek 100 voet, op plekke nouer en ander plekke wyer. Verderaf word die kloof veel wyer.

Hiervandaan is ons weer oor Boelawayo na Enkeldoorn in Suid-Rhodesië. Volgens die laaste statistiek tel hierdie klein Gemeente maar 34 belydende lede. Ook hier moes op twee plekke bediening van Woord en Sakramente wees, eers op Enkeldoorn en die volgende Sondag naby Chatsworth Siding. Die verblyf in hierdie gemeente die kort tydjie was ook baie aangenaam. Dit is jammer, dat dit met ons mense in Suid-Rhodesië nou finansieel nie so goed gaan as in die Noorde nie. Eers was daar sprinkane en daarna die oorstallige reëns van die vorige seisoen. Hier kom nog by ander faktore, waardeur baie mense wat daar woon agteruit geraak het. Dis te hope, dat daar spoedig verandering kom.

Van Chatsworth af kon ons ook na die Zimbabwe ruine gaan. Br. Jan du Plessis was so vriendelik om sy motor vir ons te leen. En die nuwe Ford het die endjie heen en terug saam iets oor die 100 myl, maklik afgeloop sonder moeite.

Daar is baie klein murasies, wat niemand se aandag sal trek nie. Maar dan is daar twee groot bouvalle. Die eerste een wat die besoeker aantref lê op die vlakte. Dit word nou die tempel genoem. Noukeurig kan ek dit nie beskrywe nie. Dit sou teveel ruimte opneem. Net dit: Die muur van die tempel, kan mens maar sê, is 'n ringmuur, bietjie ovaal. Hierdie ringmuur is van 22 tot 32 voet hoog. Die dikte van die muur is onder 15 voet en minder en bo 10 voet en minder. Die ringmuur is buite om 830 voet en van binne is hy 770 voet. Al die mure is gestawel, baie kunstig, met mooi reggekapte klippe so groot soos gewone kraalmuur klippe, alles graniet. Daar is drie ingange, één Noord, één Noordwes en één Wes. 'n Uitstaande ken-

merk van die geboue is, dat byna alle mure rond eindig en nie hoekig nie. In die tempel tref mens aan baie gange, almal saam 360 voet lank, verder vertrekke en onder baie ander dinge iets, wat dadelik mens se aandag trek, nl. 'n kegelvormige toring, 31 voet hoog en by die voet 57 voet 6 ruim in omtrek. Ek glo nie dat die gebou ooit 'n dak op gehad het nie.

Die twede gebou word genoem die bo-stad. Dit lê 'n paar honderd tree van die tempel af op 'n koppie van 200 na 250 voet hoër dan die vlakte. Die koppie is met die rotse en kranse by sy kruin vanself al 'n goeie verskansing. Maar hy is nog verder ontoeganklik gemaak in 'n vyand deur die massiewe mure wat daar by die rotse en kranse gestawel is. Dit lyk of die bouvalle op die koppie oorspronkelik uit twee forte of tempels bestaan het, 'n oostelike en 'n westelike. Binne in kry mens kronkelende gangetjies, skuiwergate, klipskeure wat toegestawel is. Mens is daar amper in 'n soort van doolhoffie. En dit gaan altyd op en neer na die helling van die bodem.

Oor die ontstaan van die geboue is daar 'n menigte van opienies. Party meen dis 'n beskaafde volk, wat daar gewoon het; ander dat goudsoekers van buite af die geboue opgetrek het in skanse. Dit bly egter na alles 'n raaisel. Ek moet egter sê, as dit 'n volk is, wat daar gewoon het, dan kry ek nie die indruk dat dit 'n baie hoogstaande kultuurvolk was nie. Met groot nougesetheid, baie moeite en veel arbeid is die mure gebou, en kuns sit daar seker in maar dit lyk nie vir my soos kuns soos mens dit by gesiwiliseerde volke aantref nie.

Tussen drie en vier myl van die bouvalle af is Morgenster, 'n Sendingstasie van die Nederd. Geref. Kerk. Meer dan 30 jaar gelede is daar met die sendingwerk 'n aanvang gemaak deur Ds. A. A. Louw. Aangenaam was dit vir ons om by SyEerw. tuis te wees van die namiddag tot die volgende more. Op die sendingstasie is op die oomblik werksaam drie predikante, drie sendelinge en enige jong dames. Daar staan 'n goeie kerkie, skoolgeboue en ander geboue. Hulle het daar 'n ambagskool, 'n hospitaal en selfs 'n drukpers. Ek het daar ook bygewoon 'n begrafnisdiens en 'n vroeë morediens. Die opkoms na die morediens was goed en met forse stem het die volk die versies, wat opgegee is, gesing.

Eienaardig is die bygelowe onder die kaffers. Iemand vertel my daar, dat die heidene vas glo, dat tweeling kinders en kinders, wat die botande eerste kry, moet doodgemaak word. In Noord-Rhodesië vertel iemand my, dat hulle die gebruik het om 'n klip in die mik van 'n boom te lê (waarskynlik om die son vas te lê) as die dag te vinnig verby snel. Dit laat my dink aan 'n dergelike gebruik hier in Transvaal. As mens na aan 'n kafferstad kom, sien jy dikwels in meer dan één boom 'n klip in die mik. Dit is veewagtertjies, wat dit doen. As dit laat word en die kaffertjie is bang die kos sal opgeëet word dan plaas hy die klip in die mik om sy kos vas te lê.

Ds. Louw vertel ons, dat SyEerw. se eggenote, 'n suster van Dr. Malan, Minister van Onderwys, hom gehelp het met die vertaling van die O. Testament in Kaffertaal. SyEerw. het kort gelede 'n ernstige operasie ondergaan en is nog nie weer heeltemal gesond nie. 'n Goeie herstel word hom toegewens.

Verder was ons reis terug voorspoedig. My eggenote is tans veel sterker dan met die vertrek. Dit is vir ons 'n saak van innige dankbaarheid.

Baie aangenaam was vir ons die verblyf by die broeders, susters, vriende en vriendinne oral waar ons tuis was.

D. N. KOTZE.

Rustenburg, 10.9.25.

---

## DIE EERSTE VERGADERING.

*van die "Klassis Rustenburg" gehou te Rustenburg, Dinsdagaand, 15 September, 1925, en volgende dag.*

Die plaaslike leraar, Voors. van die roepende Gemeente, open die Vergadering, laat sing Ps. 121:1, lees I Kor. 3:9—4:4. 'n Kort toespraak word gehou oor Hoofst. 4:1—4, die deputate word hartlik verwelkom en nadruk word veral gelê op die feit, dat ons met dankbaarheid kan sê, dat die instelling van Klassikale Vergaderings in Transvaal 'n bewys is, dat ons gemeentes in getalsterkte gegroei het, waarna SyEerw. voorgaan in gebed.

Ook Br. H. Visscher is teenwoordig en spreek die vergadering toe oor die verbetering van ons kerkgesang. Deur die sangkoor onder sy leiding word enige verse gesing.

Dit blyk, dat al die gemeentes afgevaardigdes gestuur het. Net één van die deputate van "Die Moot" is afwesig. Dit word algemeen goedgevind, dat ons die gebruik sal volg, dat die predikante by toerbeurt, van die oudste af, sal presideer. Vir hierdie keer is Ds. H. Pasch voors., Ds. D. N. Kotze, vise-voors., en Ds. H. Venter word gekies as Skrieba.

*Woensdagmore*: Die Vergadering word geopen. Dit word besluit, dat die kworum vir hierdie Klassis sal wees die helfte plus één, en verder, dat die Klassis éénmaal per jaar gehou word en wel in die maand Augustus. Na die Klassis moet elke Kerkraad twee afgevaardigdes stuur.

Die voorsitter van die laaste vergadering sal in vervolg die volgende een open.

In behandeling kom die gemeenteverslae. Die Prov. Sinode het nog nie bepaal onder watter Klassis die gemeentes van Rhodesië moet sorteer nie. En hoewel die verslae daarheen sal moet deurgestuur word, word besluit dit hier ook te hoor.

Op vrae één en twee onder Art. 41 D.K.O. word bevredigend geantwoord.

Vraag 3: "Of er Zondags en in de week ook met de jeugd gekatechiseerd wordt?"

Na aanleiding hiervan word behandel die volgende beskrywingspunte:

(1) Die Klassis bespreek die wenslikheid om vir die gemeentes, wat onder dieselfde Klassis sorteer een lesblad te kry.—Kerkraad Waterberg.

(2) Die Klassis probeer om meer eenstemmigheid te verkry in die leerboekies in die Katkisasies.—Kerkraad "Die Moot".

Die Vergadering besluit hierdie beskrywingspunte deur te stuur na die Prov. Sinode met die doel om 'n meer doelmatige rooster te verkry en wel so, dat daar eenheid in die leerboeke in Katkisasie sal kom en tog verskeidenheid in die Rooster met die oog op die verskillende eise in die gemeentes. Verder word nog besluit, dat die Klassis met die oog op die toenemende afval van ons tyd 'n skrywe rig aan die Kerkrade waarin sterk daarop aangedring word om toe te sien, dat die kinders behoorlik gekatkiseer word en dat die Klassis die aandag van kerkrade vestig op die besluit van die Sinode in sake die skema en opleiding van Katkiseermeesters wat sterk aanbeveel word.

Vrae 4—8 word bevredigend beantwoord.

Vraag 9. Al die kerkrade gevoel die leemte wat daar is in ons onderwys. Wat diep gevoel word is dat dit in Rhodesië met Afrikaans so gebrekkig gaan op die skole. Daar is maar 'n paar skole waar dit geleer word.

Na aanleiding van Vraag 10 word ook gelees die halfjaarlikse verslag van die Sending Kommissie van Pretoria.

In behandeling kom die volgende beskrywingspunt van die Kerkraad van Rustenburg:

"Daar die Algemene Vergadering reeds besluit het om Art. 44 D.K.O. in werking te bring en kerkvisitasie in vervolg by die Klassis tuis hoort, besluit die Klassis soveel as die omstandighede dit toelaat te handel ooreenkomstig hierdie Art. Die Vergadering besluit hieraan gevolg te gee en die twee oudste predikante word benoem om vir kerkvisitasie te gaan na Waterberg en Koster. Die reiskoste van visitatore sal vergoed word uit die Kas van die Klassis. Vir hierdie kas sal elke gemeente aangeslaan word volgens die aantal lidmate.

As korresponderende Kerkraad word benoem Rustenburg.

Deputering na die Prov. Sinode: Rustenburg, Waterberg en Koster sal hierdie keer elk twee deputate afvaardig en die ander gemeentes elk één.

'n Verslag van die Penningmeester van die Kas in hulpbehoewende gemeentes word met dank gehoor en die deputate versoek die Kerkrade op te wek die agterstallige op te stuur.

Waterberg vra die Klassis volgende keer daar te vergader, wat met dank aangeneem word.

In 'n aandsitting, waarop br. H. Visscher ook weer teenwoordig is, word verder gespreek oor die punt, wat die vorige aand ingelei is. Die br. is van plan 'n boekie uit te gee, wat veel sal kos. Verskillende afgevaardigdes spreek oor hierdie saak. Dit sou goed wees, meen die broeders, as ons gemeentes van die dienste van br. Visscher kon gebruik maak. Dit is egter jammer, dat die Vergadering daar nie 'n besluit oor kan neem nie. Die afgevaardigde sê egter die broeder hulle steun toe met die verkoop van die boekie.

Nadat die notule gelees is word die dank van die Klassis aan die plaaslike Kerkraad oorgebring. Ook die buro word bedank.

Hierna sluit die voors. die Vergadering en in die sluitingstoespraak spreek SyEerw. in gevoelvolle taal oor Ex. 19:1—19.

D. N. K.

Rustenburg, 21.9.1925.

---

## VRAEBUS.

---

Op die vrae van broeder W. P. du Plessis (kyk korrespondensie) is dit moeilik om in 'n kort bestek 'n antwoord te gee. Ons moet al dadelik toegee aan broeder du Plessis dat daar "menslike planne kan insluip", wat die Here kan verydel deur die bedanking van 'n predikant, dan moet ons ook nie vergeet dat 'n predikant reeds in die diens staan. Aanname van 'n beroep beteken alleen verwisseling van standplaas. Iets anders is die geval as 'n proponent beroep word. Aan die aanwysing deur die lot moet ons ook nie meer waarde heg as aan die uitbrenging van stemme nie. Daarom moet die lot alleen in baie buitegewone gevalle gebruik word.

Dit wil nog nie sê as die stemme staak dat die lot moet beslis nie. Die beroeping kan uitgestel word, of die Kerkraad kan ander weë ook inslaan.

Hierdie skynbare teenstrydighede kan ons op alle gebied ontmoet. Twee volke kan miskien in oorlog wees, en altwee kan die Here ernstig aanroep, en dan kan dit gebeur dat die een se gebed verhoor word en die van die ander nie. Dit kan selfs gebeur dat die Here 'n gemeente se gebed nie verhoor nie en wel die van die predikant, dit wil sê dat hy tot die oortuiging kom dat die Here wil hê dat hy moet bedank, omdat dit so die beste sal wees vir albei, vir redes wat ons nie kan voorsien nie. Laat ons nie vergeet dat ons wik en die Here beskik.

Daarby kom nog dat, as 'n predikant beroep word, hy nie so maar kan bedank nie.

Ons noem dit nou wel bedanking. Maar eintlik vra hy die Kerkraad van die roepende gemeente om hom te *onthef* van die beroeping.

So kan hy ook nie maar *aanneem* nie, maar hy moet sy Kerkraad vra om losmaking.

Die gedagte, dat 'n predikant kan maak soos hy wil, leef baie sterk. Kyk Art. 10 D.K.O.

'n Predikant kan nie, as hy 'n beroep wil aanneem, die ding stil hou en Kerkraad en gemeente in spanning hou, totdat hy een goeie more aan die gemeente afkondig dat hy die beroep aangeneem het. Blydskap of droefheid!—
J. P.

## NUWE BOEKE.

*Paul Kruger*, die Volksman, deur J. P. La Grange Lombard. Uitgewers: J. L. van Schaik, Bepk., Pretoria. 241 bladsye, prys 5/6 posvry.

Hierdie boek oor Pres. Kruger, voorsien met 'n inleiding van Gustaf Preller, en geskrywe deur 'n ou mede-redakteur van die *Volkstem*, wat later gewerk het as editeur aan verskillende krante, kom te pas nou dat die Eeufees van Pres. Kruger gevier word.

Op lewendige wyse teken die skrywer vir ons die gebeurtenisse, wat die agtergrond vorm, waaruit die beeld van Pres. Kruger verrys.

Om Pres. Kruger goed te beoordeel sal egter nodig wees dat iemand gevind sal word wat deur Bronne-studie vir ons die man laat sien in die raam van sy tyd. Ons kan goed verstaan dat die kritiese element in die boek op die agtergrond tree.

Hier en daar kon die skrywer meer sy woorde geweeg het. 'n Oordeel, soos op bladsy 186, oor die kerklike toestande en die geval van die Hugenote en Richelieu is gewaag. Laat elkeen maar sy boekerak ook verryk met hierdie jongste oor Pres. Kruger! Veral nou.—J. P.

## VERANDERING VAN ADRES.

Hiermee wens die ondergetekende kennis te gee dat sy permanente adres in Bloemfontein voortaan sal wees 1a Waverleyweg, Bloemfontein —alle gelde vir die Afrikaanse Bybelvertaling, of korrespondensie vir die Gereformeerde gemeente alhier word dus voortaan gestuur na hierdie adres.

C. W. M. DU TOIT.

(Korrespondent van die Kerkraad).

2 Oktober, 1925.

## KENNISGEWING.

*Attestasies en Kennisgewing van Pasiënte in Bloemfontein.*

Die Kerkraad van die Gereformeerde gemeente van Bloemfontein versoek dat lede van ons kerk wat hierheen kom hulle attestasies sal *saambring*, en aan die wyksouderling afgee. As dit nie saamgebring word nie, moet die lede dit kry per brief van hulle Kerkraad waaronder hulle sorteer het, en dit dan afgee aan die wyksouderling hier. Dit is al manier om hier verwarring te voorkom. Dan weet die lid dat hy dit afgegee het, die wyksouderling weet dat hy dit ontvang het, en ook waar die betrokke lid woon. Anders gebeur dit dat die attestasie direk aan die korrespondent gestuur word, en die Kerkraad weet nie waar die persoon woon nie.

Die Kerkraad wil ook versoek dat as hier pasiënte kom na die hospitaal of na die kranksinnige gestig dat die ondergetekende daar kennis van sal kry, anders kan daar geen voorsiening gemaak word vir besoek nie.

Namens die Kerkraad,

C. W. M. DU TOIT (Korrespondent).

1a Waverleyweg, Bloemfontein,
2 Oktober, 1925.

## KORRESPONDENSIE.

### AAN KORRESPONDENTE EN SKRYWERS.

Verslae van klassikale vergaderings en ander stukke moet oorstaan. Aan Oudl. Stevens, korrespondent, Lydenburg, wat aan ons die verslag stuur van die Klassis Middelburg, ons hartelike simpatie weens die onverwagte dood van sy eggenote in Johannesburg Hospitaal.

Op versoek word die tyd vir inlewering van antwoorde op die vraag: **Watter standpunt moet 'n Gereformeerde inneem teenoor die dans?** verleng tot 30 Desember.

Ons verheug ons daarin dat Ds. du Plessis van Ladybrand in sover aan die beterhand is, dat S.Eerw. vir Die Kerkblad iets kon skrywe.—Red.

Geagte Redaksie,—

Sal u a.u.b. vir my inligting gee oor iets wat vir my al lang 'n onverstaanbare iets is en waar ek baie graag 'n regte verklaring oor wil hê? Dankie by voorbaat.

So as u weet word daar by die beroeping van 'n predikant 'n gebed gedaan en die Here gevra om die regte een aan te wys. Ons as gelowiges geloof dat tensy daar menslike planne ingesluip het die roeping van die Here is op daardie gebed.

By staking van stemme word deur die lot beslis nie waar? Daar kan tog geen sprake van menslikheid by die beslissing van die lot wees nie. U weet self dat daar al honderde beroepe deur predikante bedank is, nog meer, ek het al self gehoor dat die bedankbrief o.a. lui: Na b i d d e n d e en ernstige oorweging, ens.

Nou, geagte Redaksie! hoe moet ek die gebede van die Roepende Gemeente en die beroepende predikant verstaan? Altwee het tog ernstig gebid om die leiding van die Heilige Gees, en tog is die antwoorde op die twee gebede in stryd met mekaar. Ons sal tog nie durf beweer dat in al die beroepings waar predikante al voor bedank het, die gebed menselik was nie.

Vir my is dit 'n baie ernstige kwessie hierdie, en sal ek baie bly wees om inligting te ontvang.

Nogmaals dankie,

U Br. in Kristus,

W. P. DU PLESSIS.

Uitkyk, Fouriesburg.

(Kyk onder Vraebus.—Red.).

### DIE ALMANAK STATISTIEK EN RONDTREKKENDE LIDMATE.

Geagte Red.,—

Watter waarde het die statistiek van die Almanak wat betref die aantal lidmate van die Ger. Gemeente in S.A.?

In ons gemeente, en waarskynlik ook in ander gemeentes word deur die wyksouderling die aantal lidmate in Augustus opgeneem en die gesamentlike opgawes, bymekaar getel, word na die redaksie vir die Almanak gestuur.

In ons gemeente is hierdie getal lidmate en die getal wat die boeke vermeld nogal verskillend. Daar is 'n fout van pl.m. 5 persent. Lidmate, wat weggetrek het, maar geen attestaat opgevra het, word deur die wyksouderling nie getel nie. Nuwe intrekkers, wat hulle attestaat nog nie laat kom het, word ook nie getel nie.

Ons gemeente is nog jong, maar die verskil sal seker elk jaar groter word. By ouere gemeentes is die verskil dus seker groter dan 5 persent.

Kan ons dit nie verbeter nie? Dit behoor tog nie so te wees nie.

As die kerkerade algemeen die kaartstelsel invoer sal dit, dink ek, 'n baie noukeuriger administrasie afgee.

En wat word van die lidmate, wat nie hulle attestaat opvra nie? Raak hulle nie verloor vir ons kerk nie? Aan die Heilig Avondmaal kan hulle nie deelneem nie. Bydrae vir die kerk gee hulle nooit nie. Watter band bestaat daar dan nog tussen hulle en die Kerk? Watter toesig word oor hulle uitgeoefen? Is dit reg dat hulle somar losgelaat word? Gewoonlik is dergelike lidmate arm en minder ontwikkeld en trek hulle baie rond. Maar is dit dan nie te meer die plig van die Kerk om oor hulle te waak nie?

Die kaartstelsel sal ook hierin kan verbetering bring.

Die skriba sal hulle kaart na die gemeente waar hulle heentrek kan agterna stuur, sodat die kerkeraad daar hulle kan opsoek en onder hulle opsig neem.

Wat dink u?

A. B.

---

## „DE KERKBODE" EN VRYMESSELARY.

Waarde Redaksie,—

In u kolomme „Uit en Oor die Pers" het u reeds gewys op die korrespondensie wat daar in „De Kerkbode" gevoer is oor die kwessie van vrymesselary. In die „Kerkbode" van eergister sluit die redakteur die saak nou af deur self 'n inleidingsartiekel te skrywe, en sy kolomme te sluit vir verdere korrespondensie.

Ek is bly dat daar manne was soos o.a. dr. Dwight Snyman, wat geen onsuiwere geluid laat hoor het nie teen die s.g. „broederskap". Wat ek egter betreur is die pap houding wat die offisiële orgaan van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nou aanneem.

Hy wys daarop dat die Roomse Kerk vrymesselary veroordeel, veral omdat dit in botsing kom met hulle oorbieg. Verder verklaar hy dat „de Gereformeerde Kerk heeft in sommige delen daarvan, menen wy, ook alle geheime genootschappen veroordeeld en leden daarvan buiten de Kerk gesloten."

Wat die Ned. Geref. Kerk in S.A. betref sê die redakteur oor die Transvaalse Sinode: „De Synode heeft geen helder besluit daaromtrent genomen, waarschynlik omdat men geen genoegzaam licht over de zaak had." En van die Kaapse Sinode sê hy: „De Kaapse Synode heeft eveneens verscheidene malen dergelyke vraag voor zich gehad (n.l. of vrymesselaars lede van 'n kerkraad mag wees), maar ook zy heeft telkens ontwykend daarop geantwoord."

Wat is die slotsom van die redakteur? Die Roomse en die Gereformeerde Kerke neem 'n „u i t e r s t e" standpunt in. En wat die Nederduitse Geref. Kerk betref met sy „geen helder" en sy „telkens ontwykende" standpunt, daarvan sê die redakteur: „Wy hebben geen genoegzame reden om alles te onderschryven wat tegen vrymetselaars en vrymetselary gezegd en geschreven wordt, en daarom menen wy dat onze Kerk wyselik gehandeld heeft door in deze geen uiterst standpunt in te nemen." Daar is dus geen bepaling dat 'n vrymesselaar nie mag kerkraadslid wees nie, dus kan hy dit wèl wees in die Neder. Geref. Kerk, en i s hulle dit ook. Ek meen dat hiermee in die Ned. Geref. Kerk opening gegee word aan mense wat hulle assosieer met 'n growwe dwaling. Dr. Dwight Snyman het volkome tereg reeds aangetoon dat die idee van vrymesselary, soos 'n vrymesselaar, lid van die Ned. Geref. Kerk dit self in die „Kerkbode" beskrywe het, n.l. dat dit 'n algemene broederskap preek, in verband met 'n algemene Vaderskap van God, heeltemaal onbybels en onwaar is.

Maar wat veel erger is. Vrymesselary het volgens sy eie skrywers sy grondslag in die oue heidense godsdienste, en veral in die oue Baalsdiens.

Edmond Ronayne, van Keystons Lodge, no. 639, Chicago, Noord Amerika, wat die graad van „past master" behaal het, maar later hom afgeskeie het van die lòsie, en teen vrymesselary begin skrywe het, het o.a. 'n boek geskrywe van 406 bladsye, met die volgende veelseggende tietel: „Master's Carpet, or Masonry and Baal-Worship Identical," d.i. Vrymesselary en Baalsdiens Dieselfde.

Nou mag ons miskien nog twyfel of Ronayne wel 'n ware voorstelling gee van die saak. Laat my dan net twee aanhalings doen uit 'n vrymesselaarsboek wat ek in my besit het, n.l. Mackey's Masonic Ritualist. Dit is nie geskrywe teen vrymesselary nie, maar verklaar vir die vrymesselaar sy eie seremonies. Mackey is, meen ek, 'n goed erkende vrymesselaar-skrywer en outoriteit. Mackey sê op bls. 41:—

„Learned masons have been always disposed to go „beyond the mere Technicalities and stereotyped „phrases of the lectures, and to look in the history „and the philosophy of the ancient religions, and the „organizations of the ancient mysteries for a true ex„planation of most of the symbols of masonry, and „there they have always been able to find this true „interpretation." Die werklike verklaring dus van baie simbole van vrymesselary moet ons soek in die ou heidense godsdienste. Maar op bls. 112, waar hy praat oor die getal 12, sê hy:—

„The number 12 was celebrated as a mystical „number in the ancient systems of s u n-w o r s h i p, „o f w h i c h i t h a s a l r e a d y b e e n s a i d „**t h a t M a s o n r y i s a p h i l o s o p h i c a l d e v e l o p m e n t.**" (Ek spasiëer). Vertaal lui die sin: „Die getal 12 is beroemd as 'n geheimsinnige getal in die oue stelsels van sonnediens, waarvan ek reeds gesê het dat vrymesselary 'n wysgerige ontwikkeling is."

Hier word dus vir ons kaal en nakend gesê dat vrymesselary voortbou op die oue Baalsdiens. En hier het ons die getuienis van 'n vrymesselaar self oor die saak.

Ek sal nie hier verder uitwei nie. Ek skryf 'n stuk in ons Kerk Almanak vir 1926 oor die onderwerp, en wil weer aanraai dat belangstellendes die boekie „'n Drievoudige Aanklag teen Geheime Genootskappe"

koop by die Volksblad, Bloemfontein. Dit kos maar 6d. As kerkrade die boekie wil versprei kan hulle dit van my bestel, en hulle kry dit teen 4d. stuk, mits dat hulle 50 of meer tegelyk bestel.

Dit word waarlik tyd dat ons meer weet van hierdie geheime broederskap, as kerke nou al „geen helder" en 'n „telkens ontwykende" standpunt inneem uit gebrek aan „genoegzaam licht over de zaak." Want ondertussen neem hierdie genootskap, wat in die duisternis werk, altyd meer ons volkslewe in.

C. W. M. DU TOIT.

## GROEN VAN PRINSTERER EN VRYE SKOLE.

Geagte Red.,—

Ek stuur aan u 'n versameling van boeke van Groen van Prinsterer, waaronder sommige nogal van waarde is. Die boeke is goedgunstig geskenk aan ons Teologiese Skool Biblioteek deur Br. K. Bonsma van Heidelberg. Ek mog dit vireers bewaar en deursien om dit dan aan die Biblioteek deur te stuur. Dit was nie alleen vir my 'n genot om in die spaartydjies daarin te lees, maar dit sal seker deur ons teologe aldaar met veel vrug gebruik word. Veral op die christelike staatkunde en die christelike skoolstryd is hulle van veel belang.

Naar aanleiding van 'n artiekel in „De Kerkbode" van 16 September 1925 oor „Vrye Skole" is dit van veel belang om die boeke oor: „Studiën en Schetsen ter Schoolwetherziening," en „Over het Ontwerp van Wet op het Lager Onderwys", eens in te kyk. Ek meen dat ons Ned. Geref. Broeders seker wat ernstiger in verband met die s.g. christelike staatsonderwys sal opkyk as hulle insage hierin kan kry. Soos ons in genoemde artiekel in „De Kerkbode" lees, is die Ned. Geref. Kerk nog altyd teen vrye christelike skole en ywer hulle vir betere doelmatige staatsskole.

'n Staatsskool moet christelik wees en moet hom doelmatig aanpas aan die volksbehoeftes, waar vind ons 'n groter ondoelmatigheid? Wat is groter onsin as 'n christelike staatsskool! Bestaan onse Staat dan alleen uitsluitend uit lede v n die Ned. Geref. Kerk? Of moet nie alle seksies van die maatskappy hul reg hê om hul kinders op te voed volgens hul heilige oortuiging nie?

Ook Groen was vir die staatsskool. Lees maar wat hy skrywe: „Niemand is meer dan ik voorstander van het openbaar onderwys geweest, op voorwaarde dat het met de behoefte eener godsdienstige bevolking in overeenstemming zou worden gebracht. Maar nu het tegendeel geschied is, nu de godsdienst van de staatsschool geweerd wordt, nu moet begunstiging ophouden. Nu geen voorrang, geen uitbreiding der staatsschool." En waarom wil hy geen uitbreiding meer van die staatsskool hê nie? Lees maar: „Deze staatsschool, aan het volk in den regel opgelegd, in beginsel g o d s d i e n s t l o o s, wordt erger dan godsdienstloos in de praktyk. Erger! want eene wet die uitsluit al wat met leerstellig en histories christendom in verband is, maakt even hierdoor het weren onmogelijk van een ander Christendom, van een Christendom waarmee het Evangelie wegvalt."

Verder wys hy daarop dat die staatsskool „erger dan godsdienstloos" word, „zodat zielevoedsel ontbreekt en zielegif insluipt."

Daarom kan „een staatsschool niet...... ten regel voor de Natie worden gesteld." Die staatsskool is ongenoegsaam en onbruikbaar, so wys hierdie groot christelike staatsman ons verder daarop in sy „Studiën en Schetsen", bl. 82: „De school met gelijke regte voor allen, al wil men het niet, wordt erger dan n e u t r a a l. Bovendien aan n e u t r a l i t e i t heeft de christen niet genoeg." Dan haal hy aan uit 'n toespraak van Gunning: „Een Woord aan de Christelijke gemeente over Schoolonderwijs, 1863", nl. „Gemeente des Heeren! gij zijt geroepen om het b i j z o n d e r c h r i s t e l i j k (ons spasiëer) onderwijs, waaruit Gods Woord niet geweerd is, ter harte te nemen en met alle kracht te bevorderen." In sy „Ontwerp op de Wet van Lager Onderwijs (1857)", word daarop gewys, bl. 127, dat die skool met geen dogma lei tot die leer van die rasionaliste.

Genoeg om ons die opkoms van die christelike skoolstryd in Nederland te doen sien, die stryd wat so heftig teen die neutrale staatskool gestry is, en deur die sterke aksie van Dr. A. Kuyper bekroon is. Ook in ons land gaan die stryd weer kom, en hoe eerder ons daarmee begin, hoe beter. Want wat is die geval? Ons kinders word godsdiensloos op ons skole. Ons beginsel tog is dat die skool aan die ouers hoort, dat die skool voortbou op die fondament wat in die huislike opvoeding gelê word. En wat is nou die geval? Die skool breek af wat die ouers opbou. „Sielevoedsel ontbreek en sielegif sluip in." Die sielegif sluip reeds al by die ondogmaties neutrale laer onderwys in en word straks openbaar in ons middelbaar en hoër onderwys. Geen wonder dat die verheerlikte staatsskool in ons tyd nie meer sy vat op die volkssiel kan hou nie. Vandaar dat daar na die oorlog selfs in Duitsland 'n oplewing gekom het vir vrye christelike skole. Tydens my verblyf in Holland was daar 'n hele paar Duitse outoriteite op opvoedingsgebied om die beginsel van die vrye christelike skool te bestudeer. Is ons in ons land dan nog so agter ons tyd om nog die staatsskool wat noodwendig op neutraliteit moet uitloop, te verheerlik? Hoe skoon en mooi ons ons staatsonderwys ook wil uitbrei, nooit sal dit die gewenste doel bereik nie. Nee, laat ons nie op die Roomse neersien nie, waar hulle ons in hierdie opsig reeds voor is. Wat 'n mooie navolgenswaardige beginsel om Roomse Kerk, pastorie en skole bymekaar te sien! Die tyd is miskien nog nie daar nie, maar dit staan vas, hy s a l aanbreek dat ons die onhoudbaarheid van die staatsskool sal m o e t insien, en dan sal dit 'n soveel heter stryd kos om die beginsel van vrye skole te laat seëvier.

Dankie vir opname,

P. J. S. d. K.

# VIR DIE KINDERS.

## SY LAASTE TREK.

(PAUL KRUGER).

(Vry bewerk na die Engels, deur Hilda Postma).

Hy rus nou sag: In uitlands plek
Deed hy sy laaste ewig trek.
Verjaag uit land met swerflingslot
Waar sou hy trek dan na sy God?

Uit vreemd'lings land moes hy verreis,
Die Boere President so grys;
'n Ed'ler volk in Vryer Staat
Met vreug groet hom, op aard gehaat.

Rus sag, O held in Vryheids Oord
Waar oorlogs sug nie word gehoor;
Waar wreed barbaar, nog wilddier spoor
U soete drome ooit kan stoor.

Transvaal se sterre skyn so kalm,
As hoor hul nog U trekkers psalm;
Maar nou sê hul: „Lê neer die staf;
Die trek is oor, rus sag in die graf."

O soms wanneer uit Vryheid hoog
O Kruger held, u profete oog
In liefde waak oor eie land,
Vergeef dan smaad van 's vyands hand.

Op die 10de van hierdie maand word op Pretoria die Paul Kruger Eeufees gevier. Op die datum herdink ons die geboortedag, 100 jaar gelede, van een van Suid-Afrika se merkwaardigste manne, en mense van oral sal bymekaar kom om sy nagedagtenis hulde te bring.

Baie moeite word gedoen om die historiese dag op waardige wyse te vier.

Groot optogte word georganiseer en onder ander sal daar deur honderde jong meisies in feesdrag 'n voorstelling wees van die geliefde Vierkleur van Transvaal.

Op die plein naby die stasie word die groot Kruger standbeeld opgesit en die figure van die voetstuk wat gedurende die oorlog na Engeland weggevoer was, sal eintlik hulle bestemde plek inneem aan die voete van die forse figuur van die ou President.

Selfs in Holland sal die dag nie ongemerk verby gaan nie en die plan is om 'n standbeeld van die President op te rig in Utrecht, waar hy as banneling 'n tydlang gewoon het.

Op so'n tyd gaan mens se gedagtes terug in die verlede en staan stil by die wonderlike gebeurtenisse wat President Kruger in sy lang en veelbewoë lewe deurgemaak het.

As seun het hy met sy ouers uit die ou Kolonie weggetrek van sy geboorteplaas Bulhoek in die distrik Colesberg.

Met die lewe op trek en later in die wilde veld, waar hy sy vader se vee gehelp oppas het, het hy baie avonture deurgemaak—gevegte met wilde diere, waarby sy moed en dapperheid gedurig op die proef gestel is.

President Kurger is een van die eenvoudige manne, wat hulle opleiding gehad het in die skool van die Natuur en in die Uniwersiteit van die Veld.

Die geskiedenis van die wereld toon aan dat die eensame veld en die wilde woestyn baie van die grootste en edelste karakters voortgebring het.

Vandaar het God geroep om Sy volk te lei, 'n Mozes, 'n Elia, 'n David, en ons kan byvoeg, in onse dae 'n Paul Kruger.

Ons merk 'n wonderlike ooreenkoms tussen die lewe van David, die herder-koning van Israël, en Paul Kruger.

David—wat meer as eens sy lewe moes waag in geveg met wilde diere—David, wat uit die veld geroep is om oor Sy volk te regeer—soos David het hy ook 'n Goliath gehad om te bestry in die magtige vyand, wat sy land aangeval het. Soos David was sy steun ook altyd alleen op sy God.

Dit is dan ook baie natuurlik dat die woorde van David so gedurig op die lippe van die ou President was—die taal van David, geuiter in die worsteling van die lewe, was ook die hartetaal van die ou President, as die vyande vermenigvuldig en dit so donker en so eng word. As ons sy "Gedenkschriften" lees sal ons dadelik opmerk hoe elke toespraak en elke boodskap aan sy volk deurwewe is met woorde en gedagtes uit die Psalms, waaruit hy krag geput het in die ongelyke stryd. Die woorde van Ps. 89, 108, 25, 92 word gedurig aangehaal.

Sy vaste vertroue op sy God het hom ondersteun tot in sy sterwensuur, daar ver in die vreemde land, waar hy as banneling verkeer het.

Onder die Ierse volk, wat ook jare, ja, eeue van verdrukking en ballingskap ken, is daar 'n vaste geloof dat dit die siel van 'n getroue vaderlander, wat in ballingskap sterwe, vergun word om vir 'n oomblik na die geliefde vaderland terug te keer en daar oor elke geliefkoosde plekkie heen te swewe, voordat dit die lang vlug na die Hemelse oorde aanvaar.

Ons Afrikaanse digter, Jan Cilliers, wat teenwoordig was in die sterfnag van die ou President, daar in die veraf Switserland, het vir ons so pragtig die terugblik in die verlede van die Sterwende President geskilder in sy gedig "In Ballingskap," wat in sy bundel "Die Vlakte" voorkom:—

Beelde uit die verlede rys voor die sterwende op:—

"En in sy oë lê die verre lig
wat berge boor,
en seë oor
herin'rings weg na Suider Kuste rig."

Daar, in die verre Suide terug, gaan een vir een tafereel uit sy lewe voor die brekende oë verby—hy sien homself weer in die saël, met roer in die hand, op die wilddierspoor:—

hy sien hom weer op die slagveld, waar die krygsgeskree van die wilde barbaar die lug vervul—hy is weer in die Raadsaal, waar hy met wys beleid en stil vertroue "die grondslag lê van die Suidervaderland."

Maar, dis verby—die aardse tonele word dof en vaal, en

"Sy sieners-oë glimlag hemelwaart."

---

Vir ons is dit nie verby nie—vir ons bly die inspirerende voorbeeld van 'n groot man, 'n groot vaderlandsliefde, 'n groot geloof.

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

---

## HUWELIK.

DU PLESSIS—STOKER.—Getroud in die Gereformeerde Kerk te Pretoria op Maandag, 28ste September 1925, Miriam, dogter van mnr. en mevr. D. J. du Plessis, van Pretoria (vroeër van Middelburg, Kaap), met Dr. H. G. Stoker, seun van mnr. en mevr. P. Stoker van Johannesburg.

## GEBOORTEBERIG.

KOTZé.—Aan mnr. en mevr. J. A. Kotzé, Klipfontein, Aliwal-Noord, is op 31 Augustus 'n flinke dogter gebore. Moeder en dogter wel.

## VERLOWING.

KOTZE—STEYN.—Johanna Steyn, Meerwater, Aliwal-Noord, en Johannes Kotzé, Bultfontein, Lady Grey, stel hiermee aan familie en vriende bekend, dat hulle verloof is.

## VERLOWING.

KOTZE—SWANEPOEL.—Aan familie, vriende en vriendinne word bekend gemaak die verlowing van Wilhelmina (Baby) Kotze, jongste dogter van mnr. en mevr. G. Kotze, Klipplaatfontein, Aliwal-Noord, en Pieter Swanepoel, oudste seun van mnr. en mevr. H. J. Swanepoel, Klipfontein, Aliwal-Noord.
26 September 1925.

## DOODBERIG.

PRETORIUS.—Dit het die Here behaag van my sy weg te neem deur die onverbiddelike dood my geliefde eggenote,

**Helena Hendriena Pretorius, (geb. Du Plooy),**

op die 11de September 1925, in die ouderdom van 76 jaar 10 maande en 18 dae na 'n siekbed van 1 maand en 6 dae aan beroerte. Sy was geheel spraakloos en verstandeloos. Dit was 'n harde lyding. Die uitgang was sag. Ek hoop volkome dat sy na die harde lyding die ruste is ingegaan wat daar oorbly vir die volk van God. Dit, liewe vriende, is my troos. Ons het 30 jaar en 2 maande saamgeleef. Dit is die twede maal dat ek so 'n swaar verlies ondergaan. Met my eerste oorlede vrou het ek ook 30 jaar en 10 dae saamgeleef. Ons was geseën met 9 kinders uit die huwelik. Van die 9 leef nog vyf, vier is ook al ter siele. Dit alles is verbygegaan as 'n gedagte of droom. Hier sluit ek met onderworpenheid aan die wil van God met die ou aartsvader.

"Op Uwe saligheid wag ek, o Here."

Dankbetuiging aan vriende en kinders wat my so trou bygestaan het nag en dag gedurende die siekte.

P. J. PRETORIUS.

Dist. Philippolis, O.V.S.,
16 September 1925.

## DOODBERIG.

VORSTER.—Op die 10de September 1925 is oorlede in die hoop op die ewige lewe ons dierbare vader,

**Pieter Willem Vorster,**

in die ouderdom van 72 jaar en 8 dae. Ons moeder is ons vader voorgegaan 3 jaar 5 maande en 6 dae gelede. Altwee ons dierbare ouers is begrawe in Postmasburg se kerkhof.

T. J. VORSTER.

Boschpoort,
Postmasburg.

## DOODBERIG.

PRINSLOO.—Aan vriende en bloedverwante word hierby bekend gemaak dat dit ons liefdevolle Vader in die Hemel behaag het tot Sig te neem my dierbare eggenoot en ons geliefde vader,

**Willem Jacobus Prinsloo,**

op die 23ste Maart, in die ouderdom van 67 jaar 1 maand en 16 dae, na 'n gelukkige egverbintenis van 45 jaar, my nalatende met 8 gehuude kinders, om sy heengaan te betreur. Sy afsterwe was sag en kalm.

Die bedroefde weduwe,
SUSANNA C. PRINSLOO (geb. Labuscagné).
en kinders:
IZAK GROBLER
CHRISTINA GROBLER (geb. Prinsloo)
GEORGE PRINSLOO
FRANCINA PRINSLOO (geb. Robberts)
CHRISTIAN DU PREEZ
MARTHA DU PREEZ (geb. Prinsloo)
IGNATIUS PRINSLOO
MAGDALENA PRINSLOO (geb. Swarts)
FRANS ROBBERTS
SUSANNA ROBBERTS (geb. Prinsloo)
WILLEM PRINSLOO
ABERTINA PRINSLOO (geb. Prinsloo).
PETRUS ALBERTS
ALBERTINA ALBERTS (geb. Prinsloo)
CORNELIS PRINSLOO
HELENA PRINSLOO (geb. Alberts).

Qué, Angola,
21 Augustus 1925.

## DOODBERIG.

VENTER.—Aan bloedverwante en vriende word bekend gemaak dat deur die onverbiddelike dood op die 8ste Augustus 1925 uit ons midde weggeneem is, aan die water, ons onvergeetlike en geliefde vader,

**Jasper Maartin Venter,**

die laaste een van die stam, in die geseënde ouderdom van 83 jaar 1 maand en 27 dae, waarin ons berus met 'n gevoel van dankbaarheid. Die ou vader was viermaal getroud, had nege (9) kinders, waarvan nog ses lewe.

De Heere heeft gegeven,
De Heere heeft genomen.
De naam des Heeren zij geloofd.

Die bedroefde weduwe en kinders:
HESTER H. VENTER (geb. Steyn)
J. M. VENTER
C. J. HENNING (geb. Venter)
M. J. COETSEE (geb. Venter)
C. J. KRUGER (geb. Venter)
A. J. VENTER
P. S. VENTER.

Ons is ook dankbaarheid verskuldig aan belangstellendes vir hulp gedurende die siekte; en veral aan Ds. D. Postma en eggenote vir getroue besoek.

Boterfontein,
Dist. Burgersdorp, K.P.

**DOODBERIG.**

KRUGER.—Oorlede in die hospitaal, Bethulie, op Woensdag, 13de Augustus, 1925, aan inflamasie, ons geliefde

**Nicolina Kruger,**

in die ouderdom van 16 jaar 11 maande en 22 dae na 'n siekbed van drie weke, nadat sy 'n smartvolle lyding met kalmte en tevredenheid gedra het, is sy sag en lieflik heengegaan.

Namens die treurende ouers en kinders,

MNR. EN MEVR. NICOLAAS KRUGER.

Bethulie.

**DOODBERIG.**

VAN DER WALT.—Oorlede te Steynsburg op 11 Augustus ons teergeliefde eggenoot en vader,

**Gerrit Louis van der Walt,**

na 'n smartlike lyding, in die ouderdom van 64 jaar 10 maande en 5 dae. Sy heengaan was in vrede, die hoop op 'n salige weersien lenig ons innig smart.

Ons bedank al die belangstellende en ook Ds. Venter vir sy troosvolle besoekings.

Die bedroefde weduwe, kinders en kleinkinders.

HENDRINA v.d. WALT (geb. Coetzee).

Steynsburg,
7de September 1925.

**DOODBERIG.**

OPPERMAN.—In die Middelburg-hospitaal is in die vroeë môre van 17 September oorlede ons innig-geliefde dogter en suster,

**Johanna Catharina Cornelia Jakoba Opperman,**

in die nog jeugdige leeftyd van 21 jaar 11 maande.

Die sekerheid, wat sy ons voor haar sterwe gegee het, dat die dood vir haar geen verskrikking had nie, is ons groot troos.

Uit naam van die hele familie,

J. J. H. OPPERMAN,
die bedroefde vader.

Welverdiend, Middelburg, Tvl.,
17 September 1925.

**IN MEMORIAM.**

**Harm Gert Jacobus Kruger.**

Nog dink ons met diepgewonde harte aan die vroeë môre van 29ste September 1924 toe die Here van ons harte afgeskeur het ons dierbare seun, 16 jaar en 6 dae oud.

IGNATIUS EN MARTHA KRUGER.

Parys,
14 September 1925.


**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

*Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.*

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.
Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

**DAMES UITRUSTING.**

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**2/- Posvry.**

**KATKISASIE-HANDBOEKIE**

DEUR

**DS. W. POSTMA,**

**Nou weer verkrybaar**

**by**

**VOLKSBLAD BOEKHANDEL**

**BUS 325,**

**BLOEMFONTEIN.**

**2/- Posvry.**

# PAS VERSKYN

Die Grey-Hersiening van die Binet-Terman INTELLIGENSIETOETSE, geadapteer en voorlopig gestandardiseer vir die Suid-Afrikaanse Kind.

The Grey Revision of the Binet-Terman INTELLIGENCE TESTS, by Dr. E. Eybers, Prof of Education, Grey University College, with a Foreword by Sir John Adamson, M.A., D.Lit.

Die Volksblad Boekhandel, Bloemfontein. . . . . . . . . . . . . Prys 2/6 posvry.

Dr. E. het ons 'n instrument in hande gegee waardeur ons nie alleen op kort en saaklike wyse met die onderwerp kennis maak nie, maar waardeur ons ook uitgenooi en in staat gestel word om as medewerkers op te tree. *Die Skoolblad.*

....Van die grootste belang vir alle opvoedkundiges en onderwysmanne. *Die Burger.*

The introduction, historical and explanatory is simple and easily understood....The scale itself is based on scales applied and standardised overseas and it omits some tests in these latter scales which do not suit South African conditions. This is a distinct improvement. Moreover it adds tests from other sources....which are of value and are not included in the Stanford Revision. *The Educatonal News of South Africa.*

A valuable and succinct statement of the foundation of the process of intelligence testing. *The Friend.*

Die eerste inheemse indiwiduele toets....'n Baanbrekende stuk werk....Die Grey-Hersiening is....ongetwyfeld beter as die uitlandse toetse wat vandag gebruik word in Suid-Afrika. Dit is fietelik al wat Dr. E. op aanspraak maak en, ons insiens, is hy daarop geregtig. *Die Unie.*

An interesting pamphlet, which contains an introduction dealing concisely but clearly with the subject of Intelligence Testing, and also a complete scale of tests proposed tentatively for South African children. *Cape Times.*

Of Part I of the book we cannot speak too highly. It gives a clear concise and most interesting account of the problem of testing. *Transvaal Educational News.*

In die klein omvang van nog geen vyftig bladsye kry ons hier meer as wat ons in tien keer die grootte sou verwag. Die inleiding is 'n waardevolle oriëntering met die onderwerp....In die toetse self skyn Dr. E. sy doel grotendeels te bereik....enige onderwyser wat die volgende paar jare nog met sy tyd gelyk wil bly sal goed doen om hom so gou moontlik met hierdie werk vertroud te maak. *Kwartaalblad vir Middelbare Skole.*

VERKRYBAAR BY

# Die Volksblad Boekhandel.

BUS 325. BLOEMFONTEIN. FOON 849.

# DIE CORONA DRAAGBAAR


# SKRYFMASIEN

**Gemaak deur die Wereld se Oudste en Beste Skryfmasien Makers.**

Die „CORONA" is die Eerste Draagbare Model wat met die gewone Standaard Kantoormasien Gelyk Staan.

**Model Three**
**£15 0 0**

**Model New XC.**
**£17 10 0**




**Model Four**
**£21 0 0**

**DIE SKRIF IS SIGBAAR!**

VERKRYBAAR BY


## DIE VOLKSBLAD BOEKHANDEL

130 MAITLANDSTRAAT

BUS 325. BFN. FOON 849.

**AGENTE IN DIE VRYSTAAT VIR DIE „CORONA."**

# Klaviere! Klaviere!



*ONS IS AGENTE VIR :-*

**DIE WERELDBEROEMDE**

# "Schiedmayer & Seuns"

# KLAVIERE

**Asook vir verskillende ander makers.**

**Besoek ons Winkel as u in die Stad kom, en skryf aan ons vir Besonderhede, Prys en Terme.**

## „Die Volksblad" -Boekhandel,

**Maitlandstraat, -:- BLOEMFONTEIN.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 566 | 20 OKTOBER 1925 | 26ste JAARGANG

### GODGELEERDES.

deur Ds. D. P. du Plessis.

Sing—Ps. 25:6; Ps. 25:4, 7; Ps. 119:17; Ps. 73:13.

Lees—Johannes 6 vs. 22 tot einde.

Teks—Johannes 6 vs. 45.—Er is geschreven in de Profeten: "En zij zullen allen van God geleerd zijn. Een iegelijk dan, die het van den Vader gehoord en geleerd heeft, die komt tot Mij."

Dit was weer 'n beslissende oomblik in die lewe van onse Heiland, 'n hewige krisis wat Hy moes deurworstel.

In hierdie hoofstuk word verhaal die ernstige breuk, wat daar gekom het tussen Jesus en die grote menigte. En ons weet hoever dit eindelik gegaan het; hoe die skeiding altyd groter en groter geword het totdat daar eindelik rewolusie was in die Godstad en verwerping van die gesalfde Messias.

Eers het dit alles na vrede gelyk solang dit aangenaam was om vir Jesus te volg en Hy hom net bepaal het om goed te doen aan die mense. Jesus het toe ook in korte tyd verbasende opgang gemaak onder die volk. Die skares, wat Hom gevolg het, het vinnig aangegroei tot in die duisendes. Sy wonderwerke—veral die kranke genesinge—het die noodlydende mensdom aangetrek. Sy barmhartigheid het die liefde en agting gewen van 'n wêreld, wat soiets nie meer geken het. En nou, waar Hy die broodkwessie so maklik oplos deur die wonder, en opeens duisendes voed, kon die, wat hierdie teken gesien het, nie anders dan getuig: ,,Hierdie is waarlik die Profeet, wat in die wêreld sou kom"; en die plan om Hom koning te maak het so diep wortel geskiet in die menigte se hart dat hulle dit met geweld wou doen. En Hy moes vlug en Hom versteek om die gevaar te ontkom. En hulle het hom weer opgesoek en gevind in Kapernaum, en vol verwondering gevra, hoe Hy dit regkry om so te verdwyn en te verskyn in die wêreld.

Daar was dus algemene belangstelling in die Profeet.

Wie oppervlakkig oor dit alles nadink sal dit heerlik vind, dat sovele soekende siele vir Jesus gevolg het en Hom as die grote Profeet geëer en selfs koning wou maak het.

En tog was die Here nie daarmee opgenome. Sy hart was verdrietig, want Hy wat niere en harte ondersoek, het geweet wat in die mense omgegaan het.

Hy kon dit ook nie langer uithou nie, maar moes eindelik die vrede breek en reguit spreek tot die volk.

Al die soeke en volge van Jesus, al die verering van Hom, al die belangstelling in Hom—waarom was dit? wat was die doel daarvan? Was dit uit liefde vir Hom en Sy Vader en omdat hulle in Hom geloof het as die Gesondene van die Vader?

Nee—helaas! dit was alles net om hulle selfs ontwil—pure selfsug en hebsug. Vreeslik om te dink dat die meerderheid bestaan uit sulke disiepels.

En dit het Jesus hulle laat verstaan. En sy woorde het feitelik die afval bewerk; die afval wat wel pynlik maar tog noodsaaklik was. Daar moes eenmaal 'n toets kom en 'n uitsuiwering. Jesus tog het nie gekom om populêr te wees of om Sy aanhangers te tel nie maar om hulle eers te weeg. Hy ondersoek die geeste en kyk of hulle uit God is. Daarom liewer 'n kleine maar 'n reine kerk, en daarom stel Hy hier die eise en kenmerke van die ware kristendom voor sy gehoor. In ons teks teken hy die opregte volgelinge in teenstelling met die afvallige. In korte trekke gee Hy hier 'n beeld van wat die ware godsdiens is. Dit is (1) die ware leer en (2) 'n lewe daarna. Die leer is van God en die lewe is gehoorsaamheid daaraan. Er is geschreven in de Profeten, sê Hy: zij zullen allen *van God geleerd* zijn. Een iegelik dan die het van

den Vader gehoord en geleerd heeft die komt tot Mij."

• • • •

Die skeiding tussen Jesus en die skares het gekom oor Sy woord. Sy leer wat Hy verkondig het; en daardie leer kon die ongelowige nie verdra nie. Deze rede is hard, wie kan ze hooren? so roep die vele uit wat Hom verlaat het. Dis alleen diegene wat in ons teks opgenoem word wat die leer van Kristus dierbaar ag. Dis die uitverkore skare van ware Godgeleerdes, die disiepelkring wat in die geestelike leerskool van die Vader is wat dit hoor en aanneem. Maar hierdie groot getal van disiepels is van 'n ander skool en 'n ander leer toegedaan. Jesus het hier te doen met die vleeslike en eiegeregtige Jodendom wat 'n beeld is van die onbekeerde skynkristendom.

Hulle had wel ook die Wet en die Profete, maar tog was daar so'n onoorkomelike kloof tussen hulle en Jesus! so 'n hemelsbreed verskil. Waarom? Hulle is van twee skole. Jesus is uit die leerskool van die hemelse Vader. Wat Hy daar gesien en gehoor het dit verkondig Hy. Hulle is van die aarde aards met al hulle Skrifgeleerdheid. Hulle leer is die geregtigheid van die Skrifgeleerdes en Fariseën. Hulle godsdiens was selfsug. Dit was almal verrigtinge wat behagelik en moontlik was in die mens, namelik die reiniging van die buitekant van die drinkbeker—en die "loon" van die godsdiens was om van die mense gesien en geëer te word. Dit was wel 'n roep van Here! Here, maar met die hart en wandel ver van God. Iets wat ook moontlik is vir elke onbekeerde.

Die woord bekering het net beteken nalating van sekere kwaad en betragting van 'n reeks kerklike voorgeskrewe deugde. In die diepte van die hart het die Fariseisme nie gepeil nie. Die tollenaarsgebed was uitgeban en die eiegeregtigheid het gestyg tot selfverheerliking. Ek dank God dat ek nie is soos die ander mense. Vir tollenaars en sondaars en heidene was daar geen genade nie. Hoog het die haat van Israel se leidsmanne opgeklim teen Jesus omdat Hy opgesoek het die verlorene onder Israel—en toe Hy hulle geveinsdheid ontdek deur te bewys dat hulle Godsdiens ook Mammondiens was het hulle op die tande gekners.

Ook die volk het vir Jesus gevolg terwille van die voordeel. Jesus sê hier reguit vir die menigte wat in daardie skool opgevoed is: Julle soek My om die brood wat Ek julle gegee het. Dit was die doel van hulle lewe en die doel van alle arbeid—selfs die ewige lewe het hulle begeer met daardie doel. Die ideaal van Israel was 'n sinnelik aards hemelryk op aarde.

Vandaar dat toe Jesus praat van sy vlees en bloed wat moet geëet word hulle dit letterlik opvat en toe die geestelike betekenis nie kon deurdring nie. Teen hierdie leer het hulle dan ook gestoot en hulle daaraan geërger. Teen die Kruis het hulle te pletter geloop en oor die gekruisigde het hulle geval weens ongeloof.

Daarom kon hulle nie tot Kristus kom nie as die Saligmaker wat die ewige lewe gee. Dit was teen hulle leer en opvoeding en dit kon vlees en bloed hulle ook nie openbaar nie.

Dit, sê Jesus, is alleen die voorreg volgens die Profete—van die wat deur die Vader geleer word en die Goddelike genade deelagtig is. Die ware Godgeleerdheid is 'n onderwysing in Gods woord deur Sy Gees. Dis 'n heilgeheim wat God aan sy vrinde toon. Gods woord is vir ons 'n dooie letter, 'n gewone boek, solang daar geen lewe in ons binneste is. Wanneer die Gees ons egter lewend maak is die woorde van Jesus vir ons vol gees en lewe. Dan verstaan ons die mening van die Gees daarin. Daar is sekere dinge wat geen mens ons kan leer nie. Al het ons die beste skole in die wêreld—al was ons ook taalgeleerdes wat die tale van mense en engele kan spreek—al was ons profete wat al die verborgenhede en wetenskap wis—al had ons ook 'n wondergeloof om berge te verset en al was ons grote helpers van die arme en martelaars vir ons geloof. Dit alles is nog moontlik vir mense, maar die saligheid en die saligmakend geloof, die liefde tot God, wie gee ons dit?

Natuurlike kennis en liefde is die hoogste waartoe ons gevalle sondaars van nature kan kom maar die geestelike kennis en liefde is die deel van die heilige. Skrifgeleerdheid en Godsdiens, hoe nodig en nuttig ook, maar sonder liefde is nie alleen tevergeefs maar selfs 'n ramp.

Die natuurlike mens verstaat nie die dinge van die Gees nie. Hy skryf alles toe aan die natuur en hy sien nie die geestelike agtergrond van alle dinge, hy sien nie die *tekens* raak in die dinge en gebeurtenisse om en in hom. Hoeveel het die onbekeerde Jodendom vir Jesus gehoor en hulle het nooit geleer en verstaan. Hoe lang het hulle hom gesien maar nooit die Soon in Sy heerlikheid *aanskou* nie! Inteendeel hoe meer Hy homself openbaar hoe meer het die duisternis hulle oë bedek. En veral die leer van Sy offerdood was 'n struikelblok om tot Hom te kom. Dat Sy geofferde vlees en bloed aan die

wêreld die lewe sal gee het hulle van ongeloof laat uitroep: Hoe kan Hy dit doen?

En dit is juis wat die begenadigde geleer word. Die Vader verlig die oë van die siel om die gekruisigde en verheerlikte Lam van God te aanskou soos Sy skone beeld oprys uit die gebou van die heilige Skrifte. Hy laat ons in die teken van die kruis onse enige redding aanskou en vir Sy roepstem maak Hy ons gewillig om ten slotte alles te verlaat om Hom te dien. Dis Sy genade wat ons die vleselike struikelblokke laat oorwin om tot Jesus te kom. In die leerskool van genade leer ons om die dinge te skat na hulle ewige waarde. Daarom kon die bekeerde Paulus, met die oog op sy verlede toe hy nog geestelik blind was, uitroep dat hy nou alle dinge vir skade reken en dit selfs ag vir drek om Kristus te gewin en om die uitnemendheid van die kennis van Kristus sy Here.

Om tot die ondervinding te geraak kos wel harde slae, want die leerskool van die Vader is 'n lydingskool op aarde.

Deur teleurstellinge en swakhede word ons oortuig dat ons verlore is wanneer ons vertroue stel op vlees en bloed, en meen dat aardse skatte ons in die lewe kan behou.

Op die weegskaal van die Goddelike geregtigheid word ons geleer dat onse beste werke geweeg is en te lig bevonde en dat onse geregtigheid nooit voor God kan bestaan nie. Deur al die bittere ondervindinge, deur al die Goddelike tugmeesters, word ons gedryf tot die ewige Rotssteen, die dierbare bloed van die Heiland wat Sy lewe gegee het vir die wêreld.

Ware godsdiens is iets wat moet geleer word deur oefening en stryd. Dit is 'n gedurige aflegging van belydenis—dit is 'n gedurige wake en bidde. En die volharding daarin is die vrug van onse uitverkiesing in Kristus Jesus. Sy Vader leer ons dan om te ly en te stry en te oorwin. Hy leer ons die ware kuns om te lewe en sal eenmaal die nodige genade verleen om ook te sterwe.

Die Here Jesus spreek dit hier uit as 'n sekerheid dat almal wat van God geleerd is tot Hom *sal* kom. Nie een sal verlore gaan nie—kan ook nie. Dit is geskrewe in die Profete deur die H. Gees as 'n onfeilbare belofte vir al Gods volk.

Die "trekking" van die Vader kan ons nie weerstaan nie. Daar is w l veel wat ons gedurig wil aftrek maar dit skyn juis 'n wet te wees in die leerskool van genade dat hoe sterker die suigkrag van die Godevyandige skepsel op ons wil werk die aantrekkingskrag van die hemel die siel temeer in haar bange stryd bekoor.

En al val ook die grote menigte af omdat hulle die leer van die kruis te hard vind en die ete van die Gekruisigde te vernederend en afstootlik, en die drage van die kruis te pynlik, en al val die brooddienaars en ryke jongelinge af omdat hulle glo in die mag van die stoflike; en as die afval nog swaarder word dat selfs in die kerk onder die naaste volgelinge daar ook Judasse is wat hulle erger en Demasse wat die teenwoordige wêreld lief kry, die ware disiepel moet selfs in al sy benoudheid antwoord met Petrus, wat deur God geleerd is: Here tot Wie ander sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe—Here! U weet alle dinge, U weet dat ek u lief het.

Geliefde broeder en suster! Bedink wat u sou wees sonder Kristus en ver van hom. U sou sonder hoop wees, verlore en vir ewig dood.

Watter voorreg om tot die Heiland te kan kom soos u is met al u sondes en ellendes, met al die bange node van u hart, wenend en dankend soos die sondares wat sy geseënde voete gekus en gesalf het—genade is dit om te kom soos die Kananese vrou nieteenstaande harde slae en teleurstellinge op die weg, en tog aan te hou en met die worstelende Jakob te sê: Here, ek laat u nie gaan nie tensy u my seën nie. Het u al gekom soos Mattheus wat alles verlaat en Zacheus wat wil terugbetaal en regmaak wat binne sy bereik val of soos Asaf, wat in stryd was oor die goddelose se voorspoed en nogtans uitroep: Wien heb ik nevens U in den hemel, nevens U lust mij ook niets op de aarde? So ja—wees dankbaar en versekerd dat dit nie die werk is van die mens maar iets wat die hemelse Vader u openbaar het. Dit tog is die ewige lewe om God te ken en Jesus Kristus wat Hy gestuur het.

Mag die kennis meer en meer toeneem sodat niks ons skei van die liefde van Kristus. Dis die kennis wat eenmaal in salig aanskoue verwissel sal word.

AMEN.

---

## DIE KERKBLAD.

---

Dit blyk dat die getal intekenare op Die Kerkblad, waar daar gewerk word, altyd toeneem. Potchefstroom sal plan maak dat elke huisgesin die blad kry.

Ds. Boneschans, Venterstad, stuur 'n lys van 12 nuwe intekenare, en beloof nog meer. Ons is dankbaar vir die tekens van nuwe lewe. Laat ons maar net werk!

## ONS BELANGE BY DIE OWERHEID EN DIE KORRESPONDERENDE KERKRAAD.

Dit blyk dikwels dat by die behandeling van belangrike sake, waarby die kerke op direkte of indirekte wyse betrokke is, ons kerk oor die hoof gesien word deur die Owerheid. Waaraan dit te wyte is, is moeilik om te verklaar. Sou die Owerheid, hetsy die Uniale of Prowinsiale, alleen weet van een Kerk?

Nou gaan hier in Transvaal weer 'n Kommissie rond, wat die kwessie van toekenning van beurse vir kinders aan Middelbare skole ondersoek. Hierdie Kommissie, waarop sitting het twee predikante van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, is benoem deur die Prowinsiale Owerheid.

Waarom is daar nie ook 'n predikant van die Geref. Kerk of van die Herv. Kerk op die Kommissie nie as predikante daarop moet dien?

Ons bring hierdie saak voor die aandag van die Kerkraad van Pretoria, wat korrespondensie moet hou met die Owerheid, en ons wil verder aanbeveel dat klagtes oor dergelike sake maar gedurig voor hierdie kerkraad sal gelê word.

In al dergelike sake moet ons wakker wees en van ons gedurig la:t hoor.

## DIE HEL.

### XIII.

In ons vorige artiekel het ons betoog dat geen absolute skeiding moet gemaak word tussen die straflyde van die teenswoordige tyd en die hellelyde wat hierná sal volg nie. Die Skrif sê dan ook duidelik dat die toorn van God geopenbaar *word* van die hemel. af oor alle goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense (Rom. 1:18).

Van hierdie waarheid is somtyds misbruik gemaak. So het 'n Duitse wysgeer die leer verkondig en die stelling verdedig *dat die wêreldgeskiedenis is die wêreldgerig;* wat wil sê dat ons in die geskiedenis sowel van persone as van volke kan sien hoedat die sonde gevonnis en in hierdie lewe klaar sy straf ontvang.

'n Groot element van waarheid lê in die spreuk opgesluit, maar as die bedoeling daarvan is om die eindgerig voor Gods troon en die daarop volgende hellestraf uit te sluit, dan is die stelling vals.

Ons wou dan ook in ons vorige stuk net betoog het dat die wêreldgeskiedenis alreeds *'n* wêreldgerig is (nie *die* wêreldgerig nie). Ons doel was om die opmerksaamheid te vestig op die verwaarloosde feit dat nóu al die as van die vuur van Gods geregtigheid ('n beeld wat aan die profeet Jesaja ontleen is) in die wêreld rondwaai. Die vlam van Gods toorn word deur die meeste mense nie gesien nie, maar hulle kan nie ontken dat die verbranding daar is en, tengevolge daarvan, die rondwarrellende as van wat eenmaal die mens se heerlikheid was.

In verband met bowestaande moet ons nou 'n stap verder gaan: daar moet 'n *oorsaaklike verband* gelê word tussen wat hier in die tyd gebeur én wat hierna in die ewigheid die mens se deel sal wees.

Sowel ons vorige stuk as hierdie een wil dan ook die dwaasheid ten toon stel van hulle wat kortaf sê: Ons glo nie aan 'n hel nie! Die vorige stuk het aangetoon dat die gloed van Gods toorn al duisende jare besig is om die heerlikheid van die natuurlike mens tot as te verteer. Hoe kan die mens dan nog sê: Ek glo nie aan 'n hel nie?

En hierdie stuk wil die voorstelling wraak asof die hel, volgens die leer van die Christelike kerk, 'n soort noodlot sou wees wat die mens by die end van sy lewe skielik, sonder verband met wat voorafgaan, oorval; en dat dáárom die leerstuk aangaande 'n ewige straf 'n aanplaksel is wat geen geloof verdien nie.

Om hierdie valse voorstelling te bestry, moet ons die verband van oorsaak en gevolg lê tussen wat nou plaas vind én wat die mens ná sy dood moet verwag. Ons begin weer met 'n aanhaling uit die ryke boek van Jesaja se profesieë.

Aan die end van die 30ste hoofstuk skilder die profeet met 'n krag van kleure wat ons verbaas, die ondergang van Assur wat, na die aard van die profesie, 'n tiepe is van die ondergang van die hele Godevyandige wêreld. Hy sê:

"En die Here sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels. Want vir die stem van die *Here* sal Assur verskrik wees; met die stok sal Hy (n.l. God) slaan en elke slag van die roede wat (vir hom) beskik is, wat die Here op hom laat val, sal wees by die geluid van handtamboer en sietermusiek, en met gevegte van (arm)geswaai sal Hy teen hulle veg."

En nou volg die slotdrama van Assur se bestaan in Tofet—'n plek waarvan die betekenis uit vroeër artiekels as bekend mag onderstel word: „Want Tofet is van gister af klaargemaak, ook is dit vir die koning (van Assur) klaargemaak; Hy (n.l. God) het dit diep en wyd gemaak; die houtstapel daarvan het vuur en hout in menigte; die asem van die Here, soos 'n stroom van swawel, steek dit aan brand."

Wat blyk nou uit die woorde van die siener?

Is daardie storm wat Assur oorval, wat voorgestel word as 'n groot orkes, waarby God as die geweldige orkesmeester optree,—is daardie storm iets wat vir Assur bywyse van 'n noodlot onverwags verskrik? En het die Skrif behae in so'n „noodlottige" einde, deur dit te laat plaasvind by die geluid van handtamboer en sietermusiek? Só dink die wêreldse mens daaroor, maar elke Bybelleser weet dat dit nie so is nie.

Die vonnis wat vir Assur tref, staan in nou verband met sy optrede as Godevyandige wêreldmag. En spesiaal Nebukadnesar, die magtige koning en generaal van Assur, word ons deur dieselfde profeet in dié se hooghartigheid gebrandmerk. In hoofst. 37 staan dit aangaande Nebukadnesar geskrywe: „Vir wie het jy gesmaad en gelaster? en teen wie het jy die stem verhef en jou oë in die hoogte opgeslaan? *Teen die Heilige van Israel!* . . . Maar Ek ken jou sit en jou uitgaan en jou ingaan *en hoe jy raas teen My* (n.l. teen die Here). Omdat jy teen My raas en jou hooghartigheid voor my ore opgekom het, sal Ek my ring in jou neus sit en my toom in jou lippe."

Maar die woord wat ons uit hoofst. 30 aangehaal het, sê dieselfde maar al te duidelik en opmerklik. Let daarop dat die "houtstapel" daar in vs. 33 *Tofet syne* genoem word. Dáár het die mens eers sy houtstapel, die resultaat van al sy sondige dade, opgegaar; en daarna word dan, as aparte element, genoem die asem van die Here wat daardie hout soos met 'n swawelstroom aan brand steek. Inderdaad 'n duidelike voorstelling onder beeldspraak (waarvan Jesaja die geheim besit het) hoe die daad van die mens in rekening kom wanneer God sy vonnis stryk.

Nog 'n voorbeeld, miskien nóg duideliker, wens ons uit die Jesaja-boek by te bring.

In hoofst. 50:11 word aangaande die sondaars dit gesê: "Kyk, julle almal wat 'n vuur aansteek, wat julle met vonke (of vuurpyle) omgord! wandel in die vlam van julle vuur en in die vonke (of vuurpyle) wat julle aan brand gesteek het. Dit oorkom julle uit my hand; in smart sal julle lê."

Sonde-doen is vuur aan brand steek. Dit lyk so lekker om soos die eensame reisiger in die veld, as die aandskaduwees val en netnou die nag se swart vlerk die aarde oordek, dan 'n vuurtjie aan brand te steek. Want ook in geestelike sin is die lewe dikwels so eensaam, so donker en word die mens oorskadu deur gevoel van verlatenheid en donker verwagting. 'n Sondevuurtjie lyk dan die beste middel om 'n bietjie lig, 'n bietjie warmte, 'n bietjie vrolikheid te verskaf.

By dié vuurtjie raak die reisiger op die vlakte eindelik aan slaap. Die volgende dag trek hy verder, in die mening dat hy net 'n hopie as agtergelaat het. Maar hy bedrieg hom: daar het vonke agtergebly! Dié vonke word wakker as die windjie opkom en kruip in die hoë gras. Vlamme spring op soos wilde bokke en hulle jaag die reisiger agterna! Dan skrik die man vir wat skynbaar onverwags op hom aanstorm. Maar hy besin hom en moet dan uitkerm: Dis die vuur wat ekself aan brand gesteek het!

Wandel in die vlam van *julle* vuur—so klink die ontsettende Godswoord. Wandel daarin nóu en vir ewig, totdat julle sal lê in die poel van vuur. En eers as hierdie waarheid erken is, dan voeg die profeet daarby wat nie agterweë kan bly nie: Dit oorkom julle uit my (n.l. Gods) hand.

Sonde is sonde *teen die Allerhoogste God.* Daarom is straf ook in laaste en hoogste instansie straf *uit Gods hand.* Maar dan sal ons ook nie vergeet dat die mens wandel in die vlam van sy eie vuur, omring deur die vuurpyle waar hy self mee geskiet het nie.

Wat 'n hartaangrypende tragiek, wat 'n treurspel! Tragies omdat die mens dan voel dat hy homself uit sy straflyde nie kan uitsluit en geen oomblik die skuld op God kan werp nie!

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Dit is nou Dinsdagmore en oor 'n week moet ons Kerkblad alweer verskyn, dus sal ek maar gou my briefie aan u skryf. Dit is my altyd 'n groot plesier, om vir 'n krant te werk. Party dae het ek wel eens die editeurs en werkers aan groot krante beny, en dan gewens, dat ek tog ook eens die kans mog kry, om al was dit dan maar vir 'n kort tydjie, in 'n redaksie kantoor te mag werk. Toe ek verlede jaar te Kaapstad was, kom ek eendag in die kantoor van 'n besige krateman, en ek begin al spoedig daaroor uit te wei, hoe 'n aangename arbeid hy tog het.

Aangenaam! roep hy, U sê aangenaam! Og meneer u weet nie, wat u daar praat. Dit is die verveligste, eentonigste en afmattendste werk, wat daar bestaan. Maar, so antwoord ek, U het tog altyd die laaste nuus, en is op hoogte van die interessantste dinge van die politiek. U weet natuurlik altyd baie meer as ons.

Hy skud sy hoof, en antwoord: Meneer van al die nuus en van die politiek word 'n mens hier heeltemaal sat. Oor 'n paar dae begin my vakansie, en dan gaan ek iewers in die Karoo na 'n plaas, waar nie 'n telegraaf is nie, en nog minder 'n telefoon en waar mens nooit 'n pos kry nie. Ek wil dan van niks in die ou wêreld weet nie, en van niks hoor nie. Ek gaan dan in die veld die bossies loop beskou, en kyk, hoe die eensame skilpad oor die droë aarde vortsukkel. Dan, ja dan, sal ek rus. Hier lui die ellendige foon alweer, sê hy, daar is seker weer een, wat oor 'n beuselagtigheid my wil sien. Hy praat nou effens met die persoon oor die foon, en terwyl hy die gehoorpyp weer aan sy haakie hang, sê hy: Meneer, so gaan dit hier van die liewe more tot saans tien, elf uur. Daar is nooit rus, en nimmer het jy 'n oomblikkie vir jou self. Ek het hier my vriend maar gegroet, want ek sien somar, dat daar nie kans vir 'n geselsie is nie. Die briewe lê in 'n groot stapel langs hom, en 'n half vol geskrywe vel papier daar voor hom wag ook op voltooiing.

'n Engelse vriend hier op die dorp gee my gereeld die Engelse krant "The British Weekly" om te lees. Dit is 'n kristelik blad, waar altyd uitnemende artiekels en interessante mededelinge in staan. Ek ag dit seer nuttig, om ook steeds kennis te neem van die lewe en arbeid in kerke, wat 'n ander taal spreek as ons en ook nog in ander opsigte van ons verskil. Dit doen mens werkelik goed aan sy hart en dit is verkwikkend vir jou siel en gemoed, om op 'n oortuiende wys te merk, dat in hierdie tyd van afval daar in ander lande en onder verre nasies nog duisende is, wat ook die Heiland van harte dien, en dat hul ewe as ons met ywer worstel en stry vir die groot saak van ons ewige Koning. Dis sterkend vir die geloof, om te weet, dat daar oral warme verdedigers is van die kristelike waarhede, manne en vroue, wat die saak van die Heere waarlik lief het.

Soos ek reeds gesê het, kom daar in genoemd blad gedurig belangryke stukke voor, en onlangs was ek van plan daar so hier en daar 'n stukkie uit oor te neem. Wat ek geskik geag het, streep ek aan met 'n blou potlood, maar toe ek daarmee klaar was, sien ek, dat ek die krant amper heeltemaal blou gekrap het. Die ene stuk was al mooier vir my as die ander.

By die geleentheid lees ek daar ook iets in oor die lewe van wyle Lord Leverhulme, die oprigter van die Sunlight-seep fabrieke. Hy was volgens die krant 'n waar kristen, wat altyd die kerk trou bly besoek het, hoewel hy in die laaste van sy lewe stokdoof was. Hy word verder ook geteken, as 'n man wat vir die saak van die Heere gedurig mildelik by gedra het. Dat hy 'n mooi ruim dorp vir sy werksmense gebou het met wonings, voorsien van allerhande geriewe, is 'n feit van algemene bekendheid. Na aanleiding van hierdie industrieel het die redaksie van genoemde krant 'n vraag uitgeskryf, wat tog wel die vereistes vir 'n man moet wees, om soos Lord Leverhulme, wat met niks begin het, 'n groot sukses in die lewe te hê.

Die antwoorde, wat daarop ingekom het, is baie leersaam en gedeeltelik ook vermakelik.

Een man, wat van klerk in 'n winkel die eienaar van 'n groot besigheid geword het, skryf, dat hy van die begin af in die nederige posiesie, wat hy beklee het, dag vir dag gesorg het, om op tyd te wees. Laat was hy nimmer. Dan het hy nie omgegee nie, om as dit nodig was en sy patroon dit graag wou hê, 'n halfuurtjie oor die tyd te bly vort werk. Nooit het hy ook gesê, as hom gevra geword het, om iets te doen, wat nie in sy lyn was nie: Vir hierdie werk is ek nie gehuur nie, en daarom wil ek dit nie doen nie. Dan was ek strik eerlik vir my patroon en vir die klante, sê hy, en vriendelik vir algar. My smile for all (My glimlaggie vir almal), natuurlik vir ryk en arm, het die orige gedoen. So het ek van kneg baas geword, en van arm welgesteld.

'n Ander vertel weer, dat hy baie hard gewerk het, en ook buitengewoon spaarsaam was, met die doel, om 'n kapitaaltjie te versamel, wat hom geluk het. Ek het nooit moeg geword nie, sê hy, om teen 'n teleurstelling te veg nie. Die ligkant van 'n saak het ek steeds probeer te ontdek, en nie altyd, soos andere wel doen, oor die donker kant en die moeilikheid van 'n saak sit en sug. Eenmaal, so vertel hy, ontmoet ek 'n rondloper-bedelaar langs die pad, wat baie kere snags in 'n hoop hooi in die land, of onder 'n heg langs die pad geslaap het. Ek vra aan hom, watter pad hy smorens neem, as hy van sy slaapplek onder die blote hemel opstaan. Die antwoord was kortaf: Ek gaan altyd dan windaf. Wel, so gaan die skrywer aan, dit was vir my die geheim van daardie man sy mislukking in die lewe. Wie altyd die pad vat, wat windaf gaan, sal nimmer voorspoed in sy lewe hê. Ek self het vooruit gegaan in die lewe, sê hy, maar ek het nooit geskroom nie, om teen die wind in te gaan, al was hy nog so koud.

Hierdie dingetjie is baie leersaam. Ai, hoe

baie mense het ek al nie ontmoet op my pad wat maar altyd koers hou "windaf." Self het ek dit ook al soms effens gedoen, veral as die wind koud en skraal was, en die pad nog opdraand daarby, maar gelukkig het ek dan altyd 'n maat, 'n vriend, 'n broeder gehad, wat my deur 'n bemoedigend woord laat omdraai het, en die bors teen die wind laat set het. Altyd windaf! Hoe baie mense, wat 'n sondig lewe lei, gaan ook nie maar altyd daardie koers, wat vir die vlees aangenaam is en waar die verleiding heenlok. Windaf! Dan sny die wind mens nie in die gesig nie, maar stoot jou liewerster nog onder die loope sterk aan. Ah, my vriend, ek hou van mense, wat teen die wind op durf stap dat die broekspype so flapper, en nooit moed op gee nie.

In die kerk des Heeren is daar ten alle tyd van hierdie dapper geslag gewees, en in die politiek en die maatskappelike lewe ewenso. "For me not the lowered banner" (Vir my nie neergehaalde vaandel) het Shackleton, die Noordpool man gesê. Hy het sy vaandel hoog gehou, al het dit ook nog so moeilik gegaan. 'n Mens voel, nie waar nie, dat dit die regte is vir jong en vir oud, maar dit gaan daarmee net as, wanneer jy in die kerk sit en die leraar pragtig oor die liefde preek, en mens hom op alle punte skuldig vind. By jou self, in jou hart, sê jy dan: Van nou aan, more, ja altyd sal ek die liefde betrag! En ag wat kom daar dan van.

Ongemerk is ek nou op die gebied van die kerk gekom, en praat ek oor preke. Weet u, dat ek in die latere tyd meer as een klag gehoor het, dat ons predikante nie "geestelik" genoeg preek nie. Die leraars gee nie, soos meer as een dit uitdruk, die regte sielevoedsel nie. As die klag gegrond is, is die 'n ernstige saak en nie 'n gunstig teken nie. Dit sal u ook wel voel.

Die bisskop van Canterbury (Engeland) het kort gelede in 'n toespraak met klem die predikante op die hart gedruk, dat hul beter moet gaan preek. Die lede van die kerk gaan, so sê hy, al te baie na ydele plekke toe, en dit kom ook, soos die vername kerkman beweer, omdat die preke in die kerk nie goed is nie. Hoe die hoë bisskop wil hê, dat daar gepreek moet word, het daar nie bygestaan nie, maar by ons is die klag meermale, dat die predikant te verstandelik is, en nie die geestelike behoeftes van hart en gemoed, nie die node van die siel bevredig nie. Ek gevoel, wat die klagers daarmee bedoel, en ek glo, dat hul besware party male nie heeltemaal ongegrond is nie.

Ons as strenge Gereformeerde is teen alle valse gemoedelikheid en teen wekelike aandoenlikheid. Ons predikante lê hul daar nie op toe nie, om die mense aan huile te maak, waar ander soms hul krag in soek. Hoewel Prof. van Oosterzee nie juis tot ons rigting behoor het nie, is ons dit darem met hom eens, waar hy sê, dat daar nie trane is nie, wat so gou opdroë, as wat in die kerk geskrei word. Prof. Cachet het meer as eens beweer, as daar oor hierdie onderwerp gepraat is, dat dit vir hom nie 'n kuns sou wees nie, om 'n ganse gemeente met tien minute in die kerk te laat huil. Maar al is ons nou vyande, en op goede gronde, van die sakdoek in die oë, nou moet ons nie in die teenoorgestelde dwaling verval deur hart, gemoed en siel in ons predikasie te vergeet, en doen asof hul nie bestaan nie. Die gemeente kom immers vir geestelike spyse na die kerk, en die leraar moet sorg deur nouwe omgang met God en in die krag van die grote Sieleherder, dat hy die hemelse manna uitdeel. Ons moet nie bang wees nie, om soms wat mistiek, wat bevindelik of gemoedelik, of selfs wat metodisties te wees. Die vrees hiervoor jaag menigeen soms die woestyn van dorre, nugtere verstandsredenering in. 'n Warm woord van troos vir die bedroefde, en 'n opwekking vir die tedere en wankelende word nie gehoor nie. Dit is dan 'n groot fout, 'n werkelik gebrek, 'n sondig gemis.

Beste groete,

U Vriend,

C., 13 Okt., 1925. T. H.

---

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

---

In *De Kerkbode* van 9 Sept. kom 'n resensie voor van die boek van Dr. Kuyper deur Ds. Joubert van Kaapstad.

Dr. Kuyper swaai die Ned. Geref. Kerk lof toe vir sy Sendingarbeid en sê dat die Geref. Kerk nog nie veel aan die Sending kon doen weens die swakke finansiële kragte nie. Nou sê Ds. Joubert:—"Dit heeft ons enigszins doen glimlachen. Hier hebben wij nu een Kerk, die meer dan vijftig jaren bestaat, lang reeds haar eigen Theologiese Kweekschool bezit, in Afrika met zijn millioen-tallen van heidenen zich heeft gevestigd, mannen bezit, bijname in de persoon van Dr. P. J. de Klerk, die wonderlik over de *theorie* van de zending kunnen schrijven, en andere kerken, die zendingwerk doen, scherp kunnen kritiseren. Zou dit nu werklik *alleen* finansiële druk wezen, die deze kerk verhindert

om het Brood des levens aan verhongerde heidenzielen uit te delen?"

Ons hoop dat ons lesers nut sal trek uit hierdie snydende kritiek. Dit mag nou wel wees om ons belaglik voor te stel, want daarom het hierdie Ds. seker *geglimlag,* wat nou nie al te broederlik is nie, veral nie as 'n mens so 'n studeerkamer-glimlag in die openbaar laat sien nie.

'n Beter en meer kristelike gees spreek uit De Koningsbode, die Sendingblad van die Ned. Geref. Kerk, van September. Enkele dele uit die sendingsverslag gepubliseer in een van die jongste uitgawes van Die Kerkblad word aangehaal deur die blad en dan sê die Redakteur, Ds. A. C. Murray, na aanleiding daarvan:—"Mag die Heer die Gereformeerde Kerk met 'n grote ywer besiel vir die saligheid van die heidene in ons land en haar grootliks daartoe gebruik!"

* * * *

Voor my lê 'n modeboek, wat ook uit die Pers kom, waardeur dit binne my bereik kom. My leser(s)(esse) sal wel kennis het van die modeboek. Veral die leseresse, want dit is die eienaardige van so 'n modeboek, dat dit byna uitsluitend spreek tot die vrouelike geslag.

Dit is hulle bo- en onderklere, wat daarin uitgestal word. Dit is hulle hoede en kouse.

Wat 'n wonderlike spul is dit! Maar ook, hoe roekeloos is die modeuitstalling tog nie!

En hoe getuig dit van ydelheid, wat nooit vastigheid het nie, maar altyd wissel, elke "season", dit wil sê, somer en winter. Sou 'n vrou se duurte net vir 'n 'season' wees? Ek durf dit nie glo nie. Nee dit is van ons goeie vrouens nie waar nie. Gelukkig dat ons ernstig gesinde Afrikaner vroue ander vroueharte het as die modevrou, wat altyd uiterlik wissel met die 'season', en daardeur 'n onberekenbare en 'n nie-te-reken hart van binne dra nie? Wat 'n boel ydelheid!

Wat 'n massa geld word deur sommige vrouens geoffer op die altaar van die afgod MODE!

Hoede teen £2, £4 of £5 party! Rokke, elke ,season'! wel ek sal hulle waarde nie bereken nie!

Kouse, sye, vir elke 'season'. En al die ander nonsens *goeters*! Kyk die lavendel, so 'n botteltjie 12/- of £1, die poeierdosies met spieltjies, en jou werklik, 'n duur uitset vir die naels!

En vir al die ellendige snuisterye moet sommige mans hulle sweetgeld betaal.

O! hoeveel kry Satan in klinkende munt, en wat kry die Here?

Mag die Here ons Kerk se vrouens bewaar teen die modegod!

* * * *

Dr. H. Beets van Amerika skrywe aan De Kerkbode oor die uitsending van 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk na Argentinië en wys op wat die Kerkblad daaroor gesê het.

Dr. Beets vra dan waarom 'n predikant gestuur word? of daar nie 'kerkisme' in die spel is nie? Hy wys daarop dat die Geref. Kerke in Nederland en die Kr. Geref. Kerk van Amerika daar werk en hoop dat die Ned. Geref. Kerk nie nodeloos daar sal ingryp nie. Die Editeur van De Kerkbode sê in 'n noot, dat Ds. Luckhoff al weg is, dat vir die prediking daar vir geruime tyd geen voorsiening gemaak is nie en besluit deur te sê:—,,Er bestaat, zover wij weten, vooreerst geen voornemen om 'n leraar onzer Kerk permanent naar Argentinië te zenden. De behoefte om 'n eigen gemeente daar te stichten zal zeer beslist moeten blijken, eer de Synode tot zoiets zal besluiten. Er is dus zeker geen kerkisties streven hier in het spel."

Ons sal afwag, en my lesers sal meer oor hierdie sakie hoor.

'n Suster van die Ned. Geref. Kerk skrywe uit Boksburg aan De Kerkbode:—"Waarom het onse predikante nie elkeen sy eie bende van voorbidders nie, tot wie hy hom kan wend in tyd van spesiale behoefte? B.v. met aanneming en voorstelling." "Dit kan net 'n paar wees," sê sy, "maar hulle moet invloed kan uitoefen by God." Sy weet nie of 'n gewone biduur in so 'n behoefte kan voorsiening maak nie. ,,Baie van die Here se uitgesoekte voorbidders" sê sy, "lê in siekkamers en kom nooit in 'n biduur nie."

De Kerkbode publiseer hierdie Rooms-pelagiaans-Metodistiese uitstalling met blykbare instemming.

Verbeel jou, so 'n klomp susters, voorbidders, 'n bende om die predikant by ,,aanneme en voorstelling", wat invloed het by die 'Heer'. Sulke "uitgesoekte voorbidders" wat hulle self nie eers kan gesond bid nie!

Dis 'n naarheid! Die Ned. Geref. Kerk het allerlei soort van bidkringe, behalwe die gewone manne en vrouebidure. So is daar die Andrew Murray Gebeds Unie, en De Koningsbode het gereeld so 'n kolom, getitel "voorbidding gevraagd." Dit lyk of veral die vrouelike geslag baie aktief is daarin. Die een vrou vra voorbidding vir haar man wat aan die drank verslaaf is en 'n slegte humeur het, 'n ander vra om die bekering van haar man. Strewer wil gesondheid hê en vrede en liefde in die ouderlike huis, 'n ander dat haar man vervul mag word met die H. Gees en dat die huisgodsdiens getrou mag gehou word, 'n suster vir haar broer in sy eksamens, 'n ander vir 'n Roomse suster en vir haar twee stiefsusters, wat baie moeite veroorsaak, 'n ander dat 'n jong suster mag verlos word van lieg en steel, dat 'n suster tot bekering mag kom, van 'n moeder vir haar dansende dogter, van 'n vrou dat haar man mag gesond word, 'n moeder vir haar seun wat vir haar baie trane kos.

## KERK EN SKOOL.

*Kristelike Unie.*—'n Algemene vergadering van die Kristelike Unie sal D.V. op Woensdag,

25 November, a.s. om 3 uur n.m. in die Teol. Skoolsaal in Potchefstroom gehou word. In behandeling kom o.a. (a) die konsep-statute (vgl. Kerkblad 2 Junie 1925); (b) rapport van die Kommissie vir Krist. Hoër Onderwys; (c) rapport van die publisiteitskommissie. Lede, vrinde en belangstellendes is almal welkom. Vir losies sal gesorg word mits vroegtydig aan die ondergetekende kennis gegee word.—F. Postma, Sekr.. Molenstraat, Potchefstroom, 9 Okt., 1925.

---

*Kennisweging*.—Daar die kennisgewing van die datum van die Kuratore Vergadering in Die Kerkblad van 15 Sept. foutief was en die vergadering volgens kennisgewing in die Kerkblad van 6 deser nie op die 25ste maar wel op die 26 November sal wees, wens ondergetekende hiermee ook nou die datum van samekoms van die Sinodale Deputate vir afvaardiging naar meerdere vergaderinge te verander. Die samekoms sal nou nie wees Dinsdagaand nie, soos bekend gestel in Die Kerkblad van 6 Okt., maar Woensdagaand 25 November, om 7.30 in die kerkgebou, Potchefstroom.—Louis P. Vorster, Konwener, Krugersdorp, 8 Okt., 1925.

---

*Johannesburg-Noord*.—Hier is beroep Ds. F. P. J. Snyman van Molteno.—J. de Vries, Skriba.

---

*Oproep vir 'n Evangelis*.—Op die laasgehoue Evangelisasie samekoms te Fordsburg is besluit om ons Evangelisasie hier beter te organiseer. Daartoe is 'n kommissie benoem om die nuwe organisasie in al sy vertakkinge uit te werk. Plaaslike komitees sal in elk van die 5 Randse gemeentes aktief optree met traktaatverspreiding, huis- en krankebesoek, Sondagskool ens. Maar die samekoms het gevoel dat ons 'n organisator nodig het, 'n wakkere Evangelis wat organiserend kan optree. Die plaaslike komitees sal hom steun, maar hy moet leiding gee, die inisiatief moet van hom uitgaan.

Aan ondergetekendes is toe die opdrag gegee om uit te sien naar sodanige persoon. Daarom doen ons hier namens ons Evangelisasievereniging 'n beroep op al ons jonge en ouere kragte in ons gemeentes wat begeerte vir die werk het, om hulle direk in verbinding te stel met ondergetekendes. Ook oor vergoeding, ens. kan informasie gegee word. Wie wil sy kragte gee aan hierdie heerlike arbeid tot opbouing van ons volk en kerk? Alle nodige informasie sal deur ondergetekendes verskaf word. As daar susters is wat meen om later vir die afdeling: verwaarloosde vrouens en meisies, hulle op te offer, dan sal dit goed wees om hulle direk aan te meld, hoewel hierdie afdeling van werk eers later kan georganiseer word.

P. J. S. DE KLERK,
8 Scottstr., Germiston.
T. SPOELSTRA,
75 Claetonweg, Kensington, Joh'burg.
12/10/25.

*Evangelisasie*.—In hartlike dank nog verder ontvang: Geref. Kerk, Johannesburg, £1 9s.; Oue suster, Rustenburg, 5/-; oue broeder, Rustenburg, 5/-; Prof. J. A. du Plessis, Potchefstroom, 10/-; Lektor L. J. du Plessis, Potchefstroom, 5/-; Geref. Gem. Johannesburg-Noord. £3; Mevr. de Bruyn (Trichards), 2/6; Mej. Clara van Rooy, Bethulie, 10/-; Geref. Gemeente, Krugersdorp, £2. Alle gelde vir hierdie noodsaaklike werk moet gestuur word aan, en sal erken word deur T. Spoelstra, 75 Claetonweg, Kensington, Johannesburg, 12/10/25.

---

*Germiston*.—Die gemeente het weer Nagmaal gevier, maar hoe bedruk en beknop was dit alles! stoele moes ons leen om elke plekkie te beset. Dis onwaardig om so Nagmaal te vier, daarom het die gemeente alhier besluit om weer lyste in die gemeente uit te stuur om te kollekteer vir 'n fonds vir kerkbou. Sedert ons oproep aan onse ander gemeentes om ons met rentelose aandele te steun, het ons ontvang 'n gif van 12/- uit die Kolonie ,van 10/- uit die Vrystaat. Verder het Ds. M. Postma seker vir vele 'n beskamende voorbeeld gegee deur £5 te skenk vir ons kerkbou. Wie volg hierdie voorbeeld, al is dit maar rentelose aandele? Hoeveel geld word soms onnodig uitgegee, en van hoeveel waarde vir Gods Koninkryk kan dit nie hier op die Rand wees nie? Nog steeds vloei die stroom toe van broeders en susters van ander gemeentes wat hier hul lewensbestaan kom soek. Watter vooruitsigte het ons kerk nie in die Oos-Rand, as ons slegs lokale het! Hoe sou dit ook vir ons Evangelisasie te pas kom, vir ons Katkisasies, vir ons wykdienste, vir christelike jongeliede-verenigings wat in die buitewyke dan kan opgerig word! Nou is ons hande vas, ons het geen lokale. Dit sou nog alles enigsins gaan as die sentrum van die gemeente hier te Germiston slegs 'n gebou kon kry wat ons kan huisves met ons groot kerkdienste. Wie gou help, help hier dubbel, wagtyd is hier nie.

Verder het Ouderling P. J. v.d. Berg sy eervol ontslag gekry na 'n dienstyd van ruim 15 jaar. Ook oud. S. Lessing het sy losmaking gekry. In hul plekke is brs. G. J. Oosthuizen en A. J. Buys bevestig. Verder is die wyk van Springs verdeel in twee, br. C. van Vuuren het die roeping as ouderling vir die nuwe wyk aangeneem. Verder is die oue broeder Gawie Venter so skielik en plotseling oorlede. Toe die famielie hom gaan soek kry hulle hom dood in die stal. Die broeder se hart het skielik ingegee. Van die hele grote huisgesin lewe nou nog slegs die moeder en twee seuns.—P. J. S. d. K., 8 Scottstr., Germiston.

---

*Kennisgewing*.—Alle gemeentes van Transvaal, behalwe Pretoria, word nogmaals daaraan herinner dat hulle voortaan al hul sending-

bydrae aan Dr. P. J. S. de Klerk, 8 Scottstraat, Germiston sal stuur, waar die Prowinsiale Sendingkas nou is. Die gemeentes word tog dringend versoek om alle agterstallige sendingsbydrae aan te suiwer, volgens die raming van die Alg. Verg., en om ook te gedenk aan die Pinksterkollektes.—P. J. S. d. K.

---

*Angola, Hoëveld.*—Br. H. J. W. Grobler skrywe onder datum 14 Aug. aan Ds. Kruger, Barkly Oos:—Ds. Biewenga was nou hier by ons en het die 10de vertrek na sy woning, Mombollo, en terwyl sy Eerwaarde op reis was hierheen is sy eerwaarde se eggenote oorlede. Hoe treurig moet sy Eerw. nou hierdie keer op sy plaas en woning aankom.

(Ons bied, seker ook namens al ons lesers, aan Ds. Biewenga, daar in die verte ons hartlike deelneming en bid hom toe die nodige krag van die Here onder hierdie beproewing. Mag die Here Sy dienskneg naby wees ook in sy opofferende arbeid daar! Graag sou ons van Angola ook nou en dan kerknuus ontvang. Is daar dan nie 'n korrespondent nie? Ook 'n Skrifoordenking van die hand van Ds. Biewenga sal welkom wees.—Red.).

---

*Koster.*—Die Geref. Gemeente het die voorreg gehad om 57 jonge broeders en susters te sien belydenis van geloof aflê, by welke geleentheid Ds. de Klerk 'n ernstige woord gespreek het na aanleiding van die woorde van Jesus: "Simon, die Satan het u seer begeer te sif, maar ek het vir u gebid," en wys toe daarop hoe ook Satan die jonge broeders en susters sal soek te sif en rond te skommel deur al die versoekings. Dit was dae van vreugde en blydskap om die gemeente in so 'n groot getal te sien met waens en tente op die kerkplein. Ons eerskomende avondmaal is bepaal op die 3de Sondag van Oktober, by welke geleentheid die gemeente weer sal oorgaan tot die beroep van 'n leraar. Die gemeente betreur die dood van die ou vader K. P. v.d. Walt op die 23ste Sep., toe hy nog laat sing het uit Psalm 42 en die more, 5 uur voor sy dood, ps. 116 verse 1 en 11. "Ik zal met vreugd in 't huis des Heeren gaan, ens." Ruim 18 jaar het hy die gemeente gedien, eers as diaken en ouderling tot 1904 toe ons nog een gemeente was met Rustenburg. Byna nooit was sy sitplek leeg in die kerk tot vir die laaste jaar hy al minder en minder in die kerk opgemerk werd weëns die siekte.—Korrespondent.

---

*Postmasburg.—Die Armkoshuis as Voedings- en Opvoedings Inrigting.—II. Opvoeding.* — Strengheid en behoorlike organisasie is baie noodsaaklik by die opvoeding van so'n groot aantal kinders. As jy eers begin toelaat, dat elkeen maak soos hy wil dan is dit uit en gedaan met orde en gesag.

Maar wat dan van die vryheid in die opvoeding? 'n Seker mate van vryheid, ja, maar nie losbandigheid nie. Ook geen slaafse onderdanigheid aan die wette van die Mede en Perse nie.

As elke kind definitief weet, wat hy moet doen en as hy daarby weet, dat hy sal moet verbykom as hy sy pligte versuim, is dit opmerklik hoe gesteld hy is op die werkies wat hy moet verrig.

Elke Maandagaand stel ek werkers aan vir die week en ek hou boek van die werkers, sodat as daar byvoorbeeld nie water in die kombuis is nie, ek nie nodig het om oorhoop te val om uit te vind wie daarvoor verantwoordelik is nie. Die boek sal my wys, en juis omdat elkeen weet dat ek noukeurig is op hierdie punt sowel as op enigiets anders ondervind ek baie selde moeilikheid daarmee. Hulle doen hulle werk so goed as kan verlang word van kinders want hulle doen dit onder toesig. Slordigheid en nalatigheid mag onder geen omstandighede gedoog word nie.

Dit is Dinsdagmore. Alles is gisteraand behoorlik gereël en bespreek en genotuleer. Die agterlose en nalatige is op die vingers getik. Die vlytige en sorgsame het 'n woordjie van aanmoediging en waardering gekry. Dit moet geskied sonder om onaangename verwyte te maak of te skerp lyne van kontras te trek, sodat die swakke nie daardeur ontmoedig word maar veeleer aangespoor word om die goeie voorbeelde van die vlytige na te volg.

Die klokkie lui op 'n vasgestelde uur, nie een maal uitermate vroeg nie en die volgende keer weer baie later nie, nee, sulke wispelturighede merk die kleinspan baie gou en kom tot verkeerde gevolgtrekkinge wat hulle eie pligte betref. Wel, die klokkie lui op die tyd en—daar rol die miniatuur staatsmasienerie van 'n staat in wording, met die komitee van bestuur as ministerie, die huismoeder as eerste minister (nie soos sommige dink: as huurling nie) die huisvader as minister sonder portefeuljie?

Die bedde word opgemaak, die tafels word gedek, die kamers word gevee, vir hout en water word gesorg, met een woord: die kinders hou huis; die huismoeder hou toesig. Est modus in rebus (daar is 'n maat in alle dinge, as die ou Romeinse skrywer nie bedoel het, dat sy woorde op armkoshuise moet toegepas word nie, vergeef my dit dan maar, dat ek dit so uit verband gebruik).

Aan elke kind is iets opgedra waarvoor hy verantwoordelik is en waarvan hy 'n sukses moet maak. Op hierdie manier word dan verantwoordelikheidsgevoel en pligsbesef aangekweek en hier is dit nou 'n mooi kans om op te let wie in die praktiese lewe 'n sukses sal wees. Jy kan byna daar seker van wees, die wat nie hulle huiswerk behoorlik doen nie, oor hulle word ook gewoonlik in die skool geklae. Dit is darem nie altyd so nie. Daar is mos verskil van aanleg. Onder die sestigtal, wat ek tans onder my het in die koshuis, is daar 'n baie geringe persentasie aan wie ek twyfel of hulle 'n behoorlike plek in die samelewing sal kan inneem. Die mat, suf uitdrukking van moedeloosheid op die ge-

laat van die armblanke, is nie onder hulle te bespeur nie, want hulle is nog te jong en het nog geen lewenservaring. Mislukking en teleurstelling het nog nie diep spore op die gemoed gemaak om uitdrukking te vind in die gelaatstrekke nie. Die ogies tintel van lewe en lewenslus. Maar ek huiwer om daaraan te dink, wat moet van hulle word wanneer hulle uitgestoot word in die wye wêreld om hulle weg self te vind, ontoegerus soos hulle is wanneer hulle die inrigting moet verlaat. Dit kom my voor of die plantjie te jonk en teer is om die wrede wêreldelemente daar buite te trotseer. Die saadjies van deug is nog maar pas aan die ontkiem en kry nie 'n kans om wortel te skiet nie voordat die plantjies blootgestel word aan die dorre winde en verskroeiende sonstrale van somerdroogte. Daar sal mislukking wees. Maar net hier en daar sal enetjie wat op 'n beskutte plekkie te lande kom tot volle wasdom opskiet en die volle ontplooiing van geestesgawe bereik.

Verkeerde neigings sit tog diep gewortel in die mens se siel. Die neiging van party mense om van 'n ander iets te neem, wat nie jou eiendom is nie en wat so maklik kan ontaard in diewery is ook onder die jong volkie aanwesig.

Ek herinner my goed hoe 'n seun een more toe ek maar net my rug draai 'n stuk deeg—hy was besig om te knie—geneem het en onder die stoof in die asbak geplak het om daar 'n askoek van te maak, nie omdat hy honger ly nie, dit het hyself getuig, maar omdat hy so 'n mooi geleentheid gehad het om gevolg te gee aan sy verkeerde neiging. Hoe ek hom behandel het? Sy askoek het ek vir hom mooi gaar gebak sonder dat hy dit geweet het. Hy was danig fluks die more en baie beleef en het altyd die stoof dopgehou maar ek het hom nie die kans laat kry om alleen daar te kom om sy buit te bemagtig nie. Nadat dit mooi gaar was het ek dit weggeneem en opgesluit. Op die ontbyttafel staan op sy plek 'n bordjie met 'n hoë ronde voorwerp daarop onder sy servet toegemaak. Na die gebed oor tafel trek hy die servet daaraf en daar staar sy askoek hom wreed in die aangesig. Erg verleë en aangedaan sit hy daar. Sonder om iets te nuttig het hy weer opgestaan. Te hard gestraf om hom so bloot te stel aan die roekelose spot van sy maats? Wel, ek het my klant geken. Dit was nie die eerste maal, dat hy 'n langvinger getoon het nie. Dit was die laaste maal. Hy het om verskoning kom vra en belowe om nie weer iets wat hom nie toekom in te palm nie. Hy het woord gehou tot sover. Mog die askoekles hom op sy hele lewenspad vergesel!

Om 'n karakterstudie te maak van elkeen van vyftig of sestig kinders is 'n moeilike taak en seker nie een of twee dae se werk nie.

Jy meen soms dat jy 'n kind deur en deur ken en dan vind jy uit, dat hy nie meer so is soos jy meen om hom te ken nie. 'n Sekere seun was altyd 'n ywerige en oplettende kind in die skool, stil en gehoorsaam tuis. Hy was nooit nukkerig of knorrig nie. Maar op 'n goeie dag kom hy huilende of sal ek liewer sê brullende die huis ingestorm, vaar geweldig uit teen die ander kinders, is parmantig met die huismoeder, wil nie was en skoon aantrek nie, kom nie aan die tafel eet nie ens. Wat nou aangevang? Hom vastrap, reg sit? Hoe? Hier moet die huisouers maar liewer eers geduld gebruik want die register toon sy ouderdom aan: gebore 17.4.1911. Hy word dus vyftien jaar. Hy staan op die vooraand van 'n tydperk wanneer jy hom baie versigtig moet behandel, probeer om hom 'n pakslae te gee en jy sal miskien spyt hê daarvan, want dalk daag hy jou uit tot 'n tweegeveg. Alle moontlike en byna onmoontlike dinge kan voorval. Hy ondergaan groot fiesiese en verstandelike veranderinge. By die een is dit miskien 'n losbarsting; by die ander gaan dit meer geleidelik, maar by elkeen is daar in sekere jare 'n soort van storm en drang periode. My bedoeling is nie om op die verskillende ontwikkelingsstadiums van die kind in te gaan nie. Ek haal dit maar terloops aan omdat die huisouers van die armkoshuis, waar die kinders toegelaat word tot hulle sestiende jaar of totdat hulle standerd ses gepasseer het, moet rekening hou met die ontwikkeling van die kind.

Die bekwaamheid van die huisouers is nie net afhanklik van studie en kennis nie. Toegewydheid en liefde vir die kinders is noodsaaklik. Verstand en hart gaan hier hand aan hand. Bring die deugde wat jy wil aankweek self in beoefening. Woorde wek, voorbeelde trek.

Nog net 'n paar woorde oor siekte in die koshuis; dit is, soos in enige huis die moeilikste tyd. As daar maar een van die kinders in die bed bly dan moet daar 'n hele reorganisasie plaasvind, maar praat nou wanneer daar 'n dertig of veertig siek lê. Solank as daar hospitaal akkomodasie is word siek kinders afgesonder. (Elke koshuis behoort, volgens regulasie, 'n paar hospitaal kamers te hê wat net vir dié doel gebruik word). Maar in gevalle van aansteeklike siektes gaan dit soms baie moeilik.

Skoolsiekte kom ook voor. Die hospitaal kamer en sprake van die dokter inroep is gewoonlik 'n afdoende geneesmiddel vir die soort siekte.

Die kinders moet ook godsdienstig gevorm word. Dit lewer soms 'n moeilikheid, waar daar kinders van verskillende kerkgenootskappe is maar met goeie oorleg is dit nie 'n onoorkoomlike moeilikheid nie. Spottery en skeldname moet nie toegelaat word nie.

Ek kan baie meer skrywe maar dit sal te veel ruimte opneem.

HUISMOEDER.

Postmasburg, 26/9/25.

---

*Potchefstroom.*—Ons het van twee broeders verslae gekry van die verrigtings met nagmaal op die 4de Oktober en omdat ons nie weet watter

een ons moet plaas nie, word hier 'n verkorte inhoud gegee van besonderhede. Dit blyk dat die kerkgebou heeltemal te klein is en die leraar het dan ook afgekondig dat later gehandel sal word oor verandering van die bestaande gebou. Behalwe die gewone nagmaalsdienste, waargeneem deur die leraar en Sondagmiddag deur Ds. de Klerk, was daar 'n gemeente vergadering Saterdagaand, toe verslag gedoen is van klassikale vergadering deur Ds. Kruger en oudl. H. van Rooy. As oudl. is gekies br. Harm Steyn en as diakens brs. F. Venter, N. Venter en J. V. Coetsee.

Sondag het die leraar afgekondig dat die dankoffers, wat bestaan uit die 1/20ste deur die gemeente gegee, so goed ingekom het dat die kerkskuld afbetaal is en dat 'n saldo in kas is. Die twintigste is nog nie volledig ingekom nie.

Sondagaand was gemeentelike samekoms, toe br. Andries Schutte op bekwame wyse die onderwerp "Huiselike Opvoeding" ingelei het. Die belangrike onderwerp het heelwat bespreking uitgelok. Prof. Coetsee het aan die hand gegee dat by 'n volgende geleentheid behandel moet word die resultate van die moderne opvoeding.—Red.

---

*Venterstad Jubileum.*—Van Ds. Boneschans bietjie te laat ontvang verslag van voorbereidsels vir die Venterstad Jubileum. Ruimte is ook beperk. Op Hervormingsdag word fees gevier 31 Okt. Vrydagaand begin die feesviering. Saterdagmore Hervormingsdiens. Saterdagmiddag kykies in die geskiedenis. Saterdagaand geselligheid. Die susters is hard besig met voorbereidsels. Sondagmore die feesrede, Sondagmiddag voorstelling, Sondagaand afsluiting. Verskillende predikante en ou gemeentelede tree op as sprekers. Feesgangers moet hulle dadelik aanmeld by Ds. Boneschans vir losies.

---

## EERSTE KLASSIKALE VERGADERING, KLASSIS MIDDELBURG, GEHOU OP ERMELO, 8 SEPT. 1925 EN VOLGENDE DAE.

---

SyEerw. Dr. P. J. S. de Klerk van Germiston en konsulent van Ermelo, open die verg. met te laat sing Ps. 89 :7 en gebed. Vervolgens word gelees Hand. 15 :22-34. Al die gemeentes is verteenwoordig, behalwe Roossenekal, Dullstroom, Vryheid en Paul-Pietersburg. Daar is net 1 leraar as afgevaardigde nl. Ds. H. J. R. du Plessis van Erasmus. SyEerw. stel voor, oor te gaan tot die kiese van die Buro en aan Dr. de Klerk adviserende stem te gee. Die stemming het tot uitslag:

Ds. H. J. R. du Plessis, Voors.
Dr. P. J. S. de Klerk, Vise-Voors.
Oudl. E. J. Boneschans, Skrieba.
Oudl. G. Stevens, Vise-Skrieba.

Enige belangstellendes is teenwoordig. Die aandsitting word gesluit met die singe van Ps. 84 :5 en dankgebed deur die Voors.

Woensdagmore lees die Voors. Ps. 125 en oudl. Boneschans gaat voor in gebed, nadat gesing is Ps. 119 :3.

Aan die orde is "Gemeenteverslae". Dit blyk, dat die dienste gereeld gehou word; met leesdienste is daar wel wat slapheid.

Uit die kategismus word gepreek. Die wenselikheid word aangetoon, om ook Kategismuspreke te lees.

Kategisasies word gehou, maar ook daar is behoefte aan meer Onderwyskragte en meer leerlus. Uit die kinders word die gemeentes gebou, en uit hulle word die toekomstige opsieners en diakens gekies; uit hulle spruit die vaders en moeders. Uit die Diakonale verslae blyk, dat ook daar nog veel te doen en te wense oorbly. Die gem. Ermelo munt in dese nogal 'n bietjie uit.

Die Onderwys en opvoeding.—Die kinders gaan op Goewermentskole. Algemeen word besef, dat die ouers daar nie tevrede mee kan wees, maar meer en ernstiger hulle pligte, deur die Doopsbelofte geaanvaar, moet betrag; die tye eis dit ook.

Die moresitting word gesluit deur Oudl. G. Stevens met die singe van Ps. 25 :4 en dankgebed.

Die middagsitting word geopen met die singe van Ps. 119 :45 en gebed deur Oudl. P. J. J. Potgieter. Daar word voorgelees die Sendingsverslag van die Gem. Pretoria. SyEerw. Dr. de Klerk beveel die saak warm aan, en wys daarop, dat ons nie mag verslap, maar inteendeel meer lus en liefde vir die saak moet opwek. Ook die ondersteuning van hulpbehoewende gemeentes is nie wat dit moet wees nie.

As Korresponderende Gem. van hierdie Klassis word aangewys Middelburg, wat ook die Kas sal beheer. Vir hierdie Kas sal elke Gem. 3/- stort per 100 lidmate. Die vise-voors. lees voor 'n brief van br. J. C. v.d. Walt (vroeër leraar van die Gem. Ermelo) waarin die br. aansoek doen by die Klassis Pretoria om weer herstel te word in sy amp. Hierdie saak word breedvoerig bespreek, die aansoek warm aanbeveel deur sommige, maar ook ewe warm bestry deur andere. Die meerderheidsbesluit hieroor lui:

"De Klassikale vergadering, zitting houdende te Ermelo verklaart, alsnog geen vrijmoedigheid te hebben, br. v.d. Walt onder bestaande omstandigheden aan te bevelen, tot herstelling in het ambt van herder en leeraar van de Geref. Kerk. (Oudl. G. Stevens—E. J. Boneschans). In verband met dieselfde saak, besluit die verg. nog: "Deze verg. geeft opdracht aan de kerkeraden van de gemeenten Middelburg en Ermelo om gesamenlik een volledig verslag gereed te hebben voor de e.k. Algem. Verg. met betrekking tot de zaak van br. J. C. v.d. Walt in verhouding tot de Gem. Ermelo, zoals hier op deze verg. besproken en behandeld is.

Voorstel oudl. G. Stevens—J. Opperman: Van

die Gem. Belfast is 'n brief ingekom, waarin die kerkraad vra, dat die Klassis voorsiening moet maak, vir die verstrooide lidmate. Die verg. versoek aan die kerkraad van Belfast om vereers nog die werk voort te set tot e.k. Klassis verg.

Daar het ook 'n brief ingekom van die Sekr. van „die Bond van Kristelike Jongeliede Vereniginge op Gereformeerde grondslag". Na enige bespreking word die volgende besluit aangeneem: "Deze verg. adviseer dat elke kerkeraad daarna zal streven, dat zo mogenlik Christelike Jongelieden verenigingen opgericht en voortgeholpen worden.—Voorstel Oudll. G. Stevens—M. W. Haman.

De verg. neem kennis van de Akte van Losmaking van Ds. N. H. v.d. Walt van Middelburg.

Deur 'n afgevaardigde van Swasieland word namens die deel van die Geref. Kerk afstigting gevra. Die afstigting kan plaas hê in goeie ooreenkoms met die gem. Piet Retief, so word besluit. Die gemeentes Ermelo, Carolina, Piet Retief en Swasieland sal 'n kombinasie vorm. Dit blyk nou, dat die werksaamhede van hierdie verg. afgelope is. Die voors. bedank die afgevaardigdes vir die goeie gees, wat by die besprekinge opgemerk is. Ook die roepende kerkraad en dr. de Klerk as Konsulent van hierdie gem. vir die goeie reëling en ontvangs.

Die vise-voors, bedank die Voors., Skrieba en vise-skrieba vir gedane werk.

Oudl. G. Stevens sê namens die vergadering hartelik dank aan susters van die gem. vir hulle gulle ontvangs en onthaal. Die sluitingswoord word uitgespreek deur die Voors. na aanleiding en na die lese van Ef. 6:10-18. SyEerw. laat sing Ps. 89:8 en dank.

Vir persverslag,
G. STEVENS,

Lydenburg. 21/9/25.

---

## SIEKVERLOF HERINNERINGE

Deur Ds. D. du Plessis.

(Vervolg).

As mens in die kusstad van die tuinkolonie verkeer, dan is daar één kwessie, wat gedurig sig opdring aan die opmerker. Dis die Asiatiese of liewer koelie vraagstuk.

Natal het eerste die poorte wyd geopen, en die probleem binne geloods in onse Suid-Afrikaanse wêreld. Ek wil nou nie hier ingaan op die politieke kant van hierdie saak nie om na te spoor. wie moet verantwoordelik gehou word vir hierdie netelige ding vir die Unie bevolking—ook nie waarom en waartoe die Asiaat hier is. Ons moet maar net rekening hou met die feit, dat hy nou eenmaal hier binne is, en oplet, wat is sy lewe en strewe en watter lesse ons uit die verskyning kan leer.

In die stad en omgewing moet hulle getalle tot in die tienduisende beloop. Die offisiële syfers het ek nie voor my nie. Wie byv. hier op die Indian mark was of by so'n Mohamedaanse fees dit kan sien, hoe dit krioel; en dan dink ons somaar aan die woord van die Engel aan Hagar. wat ook volkome bevestig is; dat haar saad, (die Arabiere, en nogmeer die Mohamedane (Oosterlinge?) sal groteliks vermenigvuldig word, sodat dit vanweë die menigte nie sal getel word nie. Die Asiaat aard na die kaffer wat kindervrugbaarheid en veelwywery betref; en dis ook 'n gevaar wat die almeer kinderloos wordende blanke bedreig.—Hier sien mens die koelie met sy famielie van 'n heel paar vrouens plus 'n aansienlik getal kinders, almal besig vir die grote doel waarvoor hulle hier is.

Die Ismaeliet is 'n „woudesel van 'n mens"—sê die Bybel. Hy werk soos 'n esel, en sy hand is teen almal. 'n Heftige en slimme konkurrent, 'n besigheidsman, vir wie sy broer, die Jood, byna geen kers kan vashou nie. Die koelie met sy fyn gevormde kop en neus wys dat hy afstam van die uitverkore ras op aarde. Hulle het 'n groot deel van die mark en handel onder ons verower. Hulle is vroeg op en dadelik besig in hulle beroep. 'Smorens twee-drie uur hoor ek hulle soms hier in die straat verby gaan met allerlei rytuie en ook te voet op weg na die mark met hulle produkte; en voor 9 uur kom die klein vrugte- en groentehandelaars met mandjies vrugte en groente terug, en lewer dit in die "yards" by die huise.

Dit word my vertel, dat een van die rykste koelies alhier besitter is van 800 huise in Durban. wat hy uitverhuur onder witmense veral. Hierdie bedoelde Mohamedaan is getroud met 'n blanke meisie, en uit vertroubare bron verneem ek, dat dit nie die enige geval van die aard is nie. Dis bekend, dat blanke meisies—ook Afrikaanse—in huweliksgemeenskap lewe met daardie gekleurde nasie, en sommige hulle verbind het met geloof en al aan die Mohamedaan. Mens tref dan ook aan blanke bediendes in diens van die Asiatiese handelaar hier. Geen wonder as ons bedenk die sterke ekonomiese posiesie, wat hulle het in die sosiale lewe, en hulle woning tussen in die blanke gemeenskap en soms in één huis met ander blanke famielies. Dis byv. geen ongewoonheid dat in een huis blankes woon en daarnaas of bowe aan koelies. Ek glo, dat hierdie gevaar ook in Kaapstad aanwesig is sodat vele optel kinders (vondelinge) en gevalle meisies verlore is vir ons volk omdat hulle tereg gekom is in die arme van Slamaaiers. Terwille van die behoud van ons witmens-bestaan in S. Afrika dien dus 'n kragtige aksie te kom om die Asiatiese gevaar te keer, en die vernaamste redmiddel is die Bybel te stel teenoor die Koran. Evangelisasie word almeer 'n behoefte.

Terwyl ek die Koran (die koeliebybel) noem wil ek hier meteen ook vertel van wat ek opgemerk het van die godsdienstige openbaring van die Indiërs hier.

Onder hulle is ook die geskeidenheid by alle eenheid. Sektes en kastes van verskeie rigting.

Ek noem hier net die Fakirs en Tygers van wie ek enkele dinge óf gehoor óf gesien het.

Jaarliks hou elke kaste sy fees en meer of min al wat koelie is stel daar belang in en gaan mee.

Hier is onlangs in publiek, met die koelie-krismis soos die mense dit gewoonweg noem, weer so'n spektakel van godsdienstigheid gewees. Die Fakir kaste het die gewoonte om hulle toewyding aan Allah en Mohamet te openbaar deur wat hulle noem „deur die vuur te loop". Ook as iemand as priester wil gekeur en georden word moet hy die toets deurstaan om *deur die vuur te gaan*.

'n Voor van omtrent 4 voet breed, 12 vt. lang, 2vt. diep word gegrawe en in die voor hout opgepak tot 'n aansienlike hoogte bokant die grond. Dit word dan uitgebrand totdat net een hoop gloeiende kole in die voor oorbly. Die gewyde persone moet dan na vele selfkastyding eindelik kaalvoet sonder woord of kreun stadig daardeur loop. Dan sien mens so'n koelie met 'n kaal bebloede rug, wat vol vishoeke ingery is in die vlys en spelde in die arms, en 'n houtpriem dwarsdeur die tong as 'n sprakelose offer homself wye aan die hoogste van sy geloofsoortuiging en die ideaal van sy lewe en met die hake en spelde en priem loop hy deur die vuurkool massa nadat hy nog 'n tydlang gevas het en met 'n prosessie deur die straat geloop het. As ons hoor onder die heidene of halfheidene van sulke voorbeelde van selfofferande en toewyding dan vra ons: hoe gedra ons onsself as ons die ware God moet dien en Hy Sy offers van ons eis? Hoe onvoorbeeldig dra ons soms ons kruis, en waar ons as kinders en knegte van God deur die vuur van beproewing moet gaan, wat behoor nie onse wandel te wees nie voor die oog van die wêreld! O dat ons meer mag sien op die "wolk van getuie" die kristen geloofshelde wat ook deur die vuur gegaan het "de kracht des vuurs hebben uitgebluscht, de muilen der leeuwen toegestopt, uitgerekt geworden, bespot, gegeeseld, gestenigd, in stukken gezaagd, verlaten verdrukt kwalik gehandeld zijnde, ens." en veral op onse Overste Leidsman en Voleinder van die geloof, en met lydsaamheid loop die loopbaan wat ons voorgestel is, en te stry teen die sonde tot die bloede toe.

Die "Tiger" of Tier seksie se simbool van krag is die tier, die koninklike dier van Indië. Jaarliks omtrent Augustus hou hulle fees om te gedink die heldedade van twee gode seuns, wat dan deur hulle onverwinlike tierkrag die wêreld sou oorwin het, en eindelik op hulle bede(?) met opgestoke hand ter hemel is gevaar en gesete aan die regterhand van Allah. Hulle vertel nl. dat Josef en Maria behalwe Jezus nog twee seuns had, nl. Assan en Hoosan, en dis die twee broers aan wie die gedinkfees gewy word.

Die spektakel, wat hulle op straat aanrig, herinner baie aan die "Guy-Fawkes" gedoente in sommige van onse dorpe. Aaklig betakelde klein koelies met tiervelle en tier geverfde liggame gaan rond onder begeleiding van die tromslag van die oueres van huis tot huis om dansuitvoeringe te gee en kollekte te hou, soos gesê word, vir die arme. Op die laaste—10de dag—gaan prosessies waens deur die strate met miniatuur afbeeldinge van hulle tempels, pragtig opgemaak met blinkpapier en sierade, en op die laaste dag is die koelie publiek aan die Umgeni rivier, waar die laaste seremonie plaasvind en die "bagodas" (die offers) in die water gegooi word as 'n eer aan die twee broers. Ek het self by 'n Indier informasie gekry van die fees en deel dit mee sonder verder ondersoek. Hierdie Indiër gaat uit van die gedagte, dat ons kristene en hulle Mohamedane eintlik maar broers is, want ons is van één vader en onse oudste broeder, Kristus is ook uit die lende van Abraham. Op my vraag: waarom ons dan so geskeie moet lewe het hy glimlaggend radeloos die skouers opgetrek.

Dis darem 'n verkwikking om te weet, dat daar ook uitverkorene is onder hierdie magtige miljoene, wie se godsdiens 'n verbastering is van die waarheid, 'n strydvoering met vleselike wapens, en ten slotte in sinnelikheid opgaan.

Die „halwe maan" is seker naas Jodendom die gevaarlikste en venynigste konkurrent van die Kruis, en vir die Evangeliese sendeling is dit 'n reuse taak om bekeerlinge te kry onder aanbidders van Allah en Mohamet.

In die inrigting, waar ek was, het ek één bekeerde koelie aangetref, 'n beleefde en voorbeeldige skepsel, alhoewel 'n Sabbatarier.

Sprekende van die Sabbatariers, hierdie sekte is een van die sterkste in die wêreld. Die hoofkwartier is in Amerika. Daar is hulle Uniwersiteite en Traktaatgenootskappe met ryke kapitaal. Hulle het baie geld en ryke ondersteuners. Dis ook 'n instelling by hulle, dat elk lid één tiende van sy inkomste moet afsonder vir die uitbreiding van die grote saak. Hulle het 'n grote sendingswerksaamheid deur die hele wêreld. In die vaste lande van Europa en Afrika het hulle ook vaste voet geset. Ook hier in Natal is hulle sterk. Te Spioenkop naby Ladismith is hulle opleidingskool waar sendelinge en bybelwerkers klaar gemaak word. Hulle spandeer één miljoen pond jaarliks vir Sending en arbei in 120 tale. Hulle missionêre is ook besig onder die Mohamedane. Ook hier in Durban sit hulle nie stil nie. Hulle mediese manne doen ook baie om hulle werk te bevorder. Die vegetariese gesondheidsinrigtinge in die wêreld gaan meestal van hulle uit, ook omdat dit 'n deel van hulle geloof is om geen vlees te eet nie, veral geen varkvlees. Dis seker dat hulle 'n vat het op die noodlydende mens deur hulle toegewydheid aan hulle barmhartigheidswerk. Hulle maak propaganda ook deur die inrigtinge deur boekies en pamflette van hulle kant behalwe hulle tentsending. So het ek hier in hande gekry 'n boekie oor Spiritisme en Kristendom, geskrywe deur Haynes.

Op wegslepende manier en met sterke feite en argumente bestry hy die Spiritisme ook van Bybelse kant, maar in die agterdeel kom die Sabbatarier uit met sy leer omtrent die afgestorwene dodes waar ons nie mee kan saam gaan nie. Dis

immers hulle geloof dat 'n mens geen onsterflike siel het nie. Jy is morsdood en onbewus na jou afsterwe. Daar is geen kommunikasie van die dode hierna, geen gemeenskap met God of andere. So kom hulle ook tot die verlogening van die ewige straf omdat die goddelose nie meer bestaan nie hiernamaals. Verder weet ons, hoe hulle nog vaskleef aan die Joodse Sabbat, die 7de dag, en 'n wettiese opvatting het van die gebod. ,,Die tekens van die tye en die toekoms van Kristus" is ook 'n vername punt in hulle geloofsaksie. Hulle hou nog sterk vas daaraan, dat die Pous is die Antikrist, en hulle profetiese skrifuitlegging is oor algemeen nie aannemelik vir ons, wat lewe by die kalvinistiese skrifidee.

Onse mense moet gewaarsku wees teen die sekte se kolporteurs, wat op behendige manier soms boeke verkoop of binneloods in onse huise. Ek het b.v. op verskeie plekke hier en ook in Vrystaat en Transvaal in onse Geref. mense se huise sulke boeke gekry, hetsy dit gekoop is of as s.g. persent ontvang. Sulke Sabbatariese boeke soos ,,De Komende Koning", ,,Daniel en de Openbaring", ,,Bybellezing voor 't huisgezin" word soms gekoop teen die sware som van £1 en meer, en as mens 'n predikasie of ander boekie van ons eie kring soms wil afset moet mens soebat en jou amper skuldig maak aan afpersing, of partykeer verkoop op skuld, wat nooit betaal word nie.

Die Russelietiese agente met hulle rooi boek ,,Het goddelijk plan der eeuwen" is seker ook al tamelik bekend onder ons, en hulle boodskap van ,,millioene wat (in 1925) nooit sal sterf nie." Hulle gaan ook onder die deknaam van ,,Kristen Bybel studente." Hulle is onder die grootste haters van die kerk. Ons kry telkens voor onse deur daardie pamflet "Ultimatum," waarin hulle die kerk en predikante uitdaag met banvloeke. Ook hulle is hier druk besig en vind heelwat gehoor. Ook hulle boeke word soms in onse huise gekry as 'n geskink van een of ander belangstellende vriend(?) of vriendin(?).

Dan nog het ons ook die Apostoliese hier gehad in die winterseisoen met 'n groot tent en die volgende groot letters vooraan: "Kom kyk hier elke aand hoe die Heilige Gees van die laaste dae uitgestort word. *Almal welkom*". Dis so diep treurig om te hoor, dat ,,blote nuusgierigheid" byna elke aand die tent vol gepak het. Dis 'n swakheid, wat ons nog moet oorwin, wil ons die sektes met krag en sukses bestry.

Hoe aangenaam was dit my om hier onder sulke omstandighede en met sulke omgewing die Gereformeerde broeders en susters te ontmoet, wat nog pal staan, en, alhoewel klein en swak, tog 'n voortreffelike beginselvastheid en vasberadenheid openbaar. Hoe dierbaar is die suiwere leer wat ons ken! Selfs in die leeskerk was dit my 'n genot Sondags om onder die diens van onse ouderlinge saam te vergader, saam te aanbid, saam die onoortreflike psalme te sing— en toe ek weer 'n preek uit die Kategismus, ,,onse Geref. Skatboek", gehoor het soos nader toegelig deur die konsulent, was daar net één antwoord in my siel op die vraag: ,,waarom is ons gereformeerd?" en dit is: ,,omdat ons die dierbare Kategismus het". Dis die Kategismus, wat die sektes (of insektes) uithou uit die Geref. Kerk, en *spierkrag* gee in die stryd en vaste voedsel vir die hongerige siel.

(Word vervolg).

## AFRIKAANSE BYBELVERTALINGFONDS.

## ONGELYKE METODE VAN WERK.

Waar ondergetekende weer verslag wil doen van die finansies vir die groot werk van die Afrikaanse Bybelvertaling, kan hy nie nalaat nie om namens die Daaglikse Bestuur 'n woord van hartlike dank te rig aan die gemeentes wat so bereid was om te help. Daar is gemeentes wat buite hulle pad gegaan het om 'n sukses van die bydrae te maak. Daar is gemeentes soos Reddersburg, Krokodilrivier, Postmasburg, Frankfort, Philipstown en, veral ook die Aar wat moeite gedoen het vir die saak. Dan is daar van ons predikante wat hulle besonder beywer. Ek wil hoop dat hul voorbeeld die ander gemeentes en predikante ook sal inspireer.

As 'n mens nou na die verslae van die jongste verlede kyk, en jy sien dat 'n kleine gemeente soos die Aar met 125 lidmate, alles te same £20-19-2d. opbring, dus byna £21, en daarteenoor 'n ander gemeente in die K.P. met 'n ledetal van byna 500 die geringe sommetjie van £2 10s. 5d., dan is dit duidelik dat die organisasiewerk by die insameling groteliks verskil. Dit kan onmoontlik nie wees dat die lede van die verskillende gemeentes soveel meer of soveel minder vir die saak oor het nie. Die geval is dat een gemeente spesiaal vir die saak laat kollekteer en daartoe ook die susters gebruik, en die ander gemeente word eenvoudig op 'n goeie dag van die kansel versoek om nou by die deur iets af te sonder. By die een is die Afrikaanse Bybelvertaling 'n hoofsaak en by die ander 'n bysaak. Daar moet meer moeite oor die algemeen gedoen, en met ons groot mense en die kinders oor die betekenis van die werk gesels word. Ons sal die werk nooit bekostig net met gewone deurkollektes by die kerk nie wat dikwels, soos een broeder gesê het, as 'n ,,after-thought" by die kerkraad in die konsistorie kom, en gevolglik ook by die gemeente wat by die deur uitgaan.

Verantwoord in die Kerkblad van 15 Sept., l.l. £757-4-5.

Verder met dank ontvang van br. G. Steyn, Bethlehem 10s.; Geref. Vroue Ver. Philipstown, £10; Vrybure, £1 15s. 6d.; M. en K. Venter, Bloemhof 10s.; De Aar £10 16s. 7d.; Suster Ver. de Aar £5 10s.; Heidelberg £1 18s. 6d.; Middelburg, K.P. £2 10s. 5d.; Vryheid £1 5s.; per br. J. L. du Plooy Zastron 8s. 6d.; Zwartruggens £1 17s.; Makwassie £5 12s.; Boshof £2 13s.; verdere bydraag de Aar £3 18s. 6d. en Susters Ver. de

Aar 14s. Tesame £49 19s. Totaal tot datum £807 3s. 5d.

C. W. M. DU TOIT,

1a Waverleyweg,
Bloemfontein,
14 Okt., 1925.

## KENNISGEWING.

### Skorsing van Ds. T. N. Venter.

Hiermee is dit die plig van ondergetekende om namens die Korresponderende Gemeente van die O.V.S. openlik kennis te gee van die feit dat die Korresponderende Gemeente alhier kennis ontvang het dat ds. T. N. Venter, tans woonagtig te Kroonstad, en volgens art. 11 K.O. losgemaakte predikant van aktiewe diens van Ventersburg, O.V.S., gister, die 15de Okt., 1925 geskors is in sy diens as predikant tot die e.v. sitting van die Alg. Vergadering van die O.V.S.

C. W. M. DU TOIT,
(Voors. Kor. Gem.).

1a Waverleyweg,
Bloemfontein,
16 Okt., 1925.

## KORRESPONDENSIE.

**Geref. Lidmaat** skrywe oor ons antwoord aan Br. Fourie van Hope Town. Hierdie broeder woon ook in 'n uithoek in die Kaapprovinsie en is in Goewermentsdiens, dus een van die verspreid-wonende lidmate.

Seker kan so 'n lidmaat aanvraag doen om besoek en met sy famielie bedien te word. Die broeder wil hom ook beroep om 'n algemene lidmaatskap, en meen dat op grond daarvan so 'n lidmaat enige predikant kan vra om hom te bedien.

As dit nie so is nie, waarom, so vra die broeder, word daar dan nie voorsiening gemaak vir die bediening van verspreide lidmate nie? Daar is geld gevra, sê die broeder, vir 'n reisende predikant.

Die Algemene Vergadering van Transvaal het voor die Sinode van 1924 die volgende punt gelê: "Die Sinode oorweeg die wenslikheid om 'n reisende predikant te kry vir die verspreid-wonende lidmate van die Gereformeerde K e r k e."

Let nou daarop. Hier staan nie K e r k nie, maar K e r k e. Die besluit van die Sinode was: "Hierdie saak word verwys na die verskillende Algemene Vergaderings om self voorsiening te maak vir die bearbeiding van die verspreid-wonende lidmate." Verspreide lidmate van die Geref. Kerke moet hulle dus wend na die Korresponderende Kerke van die Algemene Vergaderings. Vir die Kaapprovinsie, meen ons, is dit die kerk van Burgersdorp. So 'n verspreid-wonende lidmaat stel die Korresponderende Kerk dan in kennis nie dat hy lidmaat is van die Geref. Kerk nie, maar van die Geref. Kerk van die of daardie plek. Is hy na aan 'n gemeente wat 'n predikant het, dan kan hy ook aan die Kerkraad skrywe.

**Droewige** vry na 'n meisie, en eers was sy ouers tevrede met haar, maar nou is hulle teen haar op ongegronde redes. Sy is van dieselfde stand as hy en net so goed opgevoed. Hy het haar lief en wil hom nou verloof. Mag hy dit doen sonder hulle toestemming, vra hy. Ds. Hamersma het vir 'n tydjie gelede breedvoerig oor hierdie saak geskrywe. Ons kan nie sulke gevalle beoordeel nie, omdat ons nie weet op watter gronde die teenstand van die ouers berus nie. Ouers moet reguit vir kinders sê wat hulle redes is. Die beste raad wat ons vir "Droewige" kan gee, is, om met sy predikant te praat of met sy ouderling.

Br. S. J. v.d. Walt, Bethal.—Intekenaars op Die Kerkblad kan gerus die kwessie van profyte van die blad aan die Kuratore van die Teologiese Skool, wat alle drie jaar 'n kontrak met die drukkers maak, oorlaat. Ons kan niks verder oor die baard-drag na aanleiding van Levietikus sê nie. Die hele redaksie sou volgens die broeder in oortreding wees, as ons moet beskou dat ook vir ons Kristene geld 'n bepaling wat spesifiek Joods was. Ons sal daardeur in allerlei moeilikhede verval, soos bevoorbeeld, as ons twee soorte saad saai op 'n land, of as ons klere dra van twee soorte stof. Lev. 19:19.

H. C. A .Venter, De Aar. Ja, stukke word gratis geplaas. Maar as hulle inhoud nie goed is nie, dan gaan hulle mandjie toe. Alle stukke moet na die Redakteur gestuur word. Kyk omslag Die Kerkblad.

### DIE STRYD MET DIE WEDERDOPERS.

Waarde Redaksie,—Die stryd hier in ons omgewing is swaar. Ruim twee jaar gelede het hier twee persone, lidmate van die Hervormde Kerk, afvallig geword en Wederdopers geword. Hulle is albei vaders van huisgesinne. Die onmiddellike gevolg was dat die vrouens en kinders hulle ook laat doop het. Nou, twee jaar daarna tel hulle hier op die plaas sewe huisgesinne. Dis treurig om die gees onder die mense te sien, baie van die jongmense sluip Sondae-aande weg uit die huise en gaan na die Wederdoperdienste, daar gebruik hulle same Nagmaal, ens. Die mense self is asof hulle nie die gevaar ten volle besef nie—ons het hier 'n Katkisasie en 'n Sangvereniging gestig, dog die is ook nie genoegsaam om hulle te keer van die verleiding.

Die Wederdopers is baie listig. Persoonlike gesprekke knoop hulle nie aan nie, maar briewe skrywe, ja, dit pas. Ek, persoonlik, het 'n teks van een van hulle gekry, gestuur met sy kind na my skool, nl. Matt. 23:13. Ek skrywe hom toe wat ek van die sekte dink en belet hom om weer aan my te skrywe. Die volgende oggend kry ek 'n dik brief van hom, ek stuur dit aan hom ongeopend terug, hy stuur dit terug en vra ek moet dit asseblief lees. Ek neem dit en skeur dit in stukkies, die stuur ek toe terug. Wat nou? Nou word gesê, ek vertrap die woord van die Here onder my voete. Gelukkig is ek enigste Gereformeerde lidmaat hier en is die afvallige persone lede van die Hervormde en Ned. Geref. Gemeentes.

Ek skryf die afval toe aan onkunde.

Die toestand hier is sorgwekkend en sal dit goed wees as die oë van die Kerkrade van genoemde kerke vir die saak 'n bietjie vlugger wil oopgaan, anders sien ek 'n gevaar dat baie meer onkundige persone na die afgrond gesleep word, hier is enige wat op die rand

daarvan staan. Ek het met sommige gepraat en vandaar die teks Matt. 23:13.

Die lis is selfs so dat die Wederdoper kinders by die skool besig is om bekeerlinge te maak. Ek het al so ver gegaan as om die kind wat dit gedoen het te straf. Hy doen dit natuurlik op inisiatief van die ouer.

Ek wil u net vertel wat die Pastoor L. Robbertze sê omtrent die Heilige Doop, nl. dit, dat as sy vrou 'n meid huur om haar wasgoed te was, en die meid dit natsprinkel dan jaag sy die meid weg, nee die wasgoed moet onder die water gedruk word dan is dit skoon. Dus volgens hulle, deurgedompel word deur die Groot Marico gee 'n skoon siel en 'n ewige heerlikheid anderkant. Is dit 'n wonder dat die onkundiges die maklike (deur hulle self gesê) pad neem hemel toe, in plaas van die pad waar 'n stryd is om in te gaan, want die pad is nou en die weg is smal wat tot die lewe lei.

A. J. KRüGER.

Straatsdrift, Marico,
23 September 1925.

# VIR DIE KINDERS.

Die uitslag van die antwoorde van die kinders op die vorige vrae kom volgende Kerkblad in.

J. A. du P.

---

Liewe Kinders,

Ons het nou vyf stukkies geskrywe, wat in verband staan met Spreuke 1:8. Party van julle onthou seker nog, wat daaroor gesê is. Party het dit miskien al weer vergeet. Daarom wil ek julle net weer effentjies daaraan herinner.

Ons het gesien wie Salomo is. Die seun van Dawid.

Dat hy 'n baie wys (slim) koning was.

Dat hy baie Spreuke of gelykenisse nagelaat het. Dat hulle vol verstandige lesse is. Tot vandag toe leer ons baie daaruit.

Dat hy baie oor julle, kinders gespreek het, omdat hy julle so lief gehad het.

Baie ook oor julle opvoeding in die vrese van die Here. Hy kom so mooi, en sê: My seun, hoor vir jou vader; my dogter, luister na jou moeder.

Hy het ook vir julle ouers gesê, watter middels hulle by die opvoeding moet gebruik, naamlik die Tug, die Onderwys en die Voorbeeld. Sover was ons laas.

Dink weer mooi na oor al die dinge en hulle betekenis. Ons mag hulle nie net lees en . . . . dan sommer weer vergeet nie. Ons moet hulle leer onthou. Want julle moet daarmee werk in die lewe.

As vader of moeder tug, dan moet die kind daaroor ernstig nadink, en vir homself sê: Ja, ek was stout. As die ouer vir Piet reghelp en leer, dan moet hy bly wees, mooi luister, en sê: Ai, my pappie en mammie het my lief! Kyk, hoe mooi help hulle my reg; hulle wil van my 'n goeie seun, 'n man maak.

En as ons ouers reg lewe en goed doen voor God en mens,—as hulle voorbeeldige mense is, dan moet Piet en Sannie rêrig dankbaar wees, dat die Here hulle sulke verstandige, godvresende ouers geskink het. Want "woorde wek, maar voorbeelde trek," sê die ou spreekwoord.

As 'n kind net altyd bedink: my ouers het my lief, dan sal gehoorsaamheid nie swaar wees nie.

Gehoorsaamheid is dié groot ding, wat die verstandige Koning Salomo, vir ons kinderwêreld wou inprent.

"My seun! hoor die tug van jou vader, en verlaat die leer van jou moeder nie . . . ."

Dis tog baie duidelike taal. Dis pure hemelse wysheid. Dis reg; dis mooi! Dis werd om te doen. Die ou Duiwel buite en in ons sê net andersom: "Moenie hoor nie; moenie luister nie!" Maar, hy is nie julle vrind nie. Hy het julle ook nie lief nie. Hy wil ons altyd van die wal in die sloot lei. Hy wil ons nie beter, maar slegter maak. Hy is 'n Verleier. Hy was die eerste ongehoorsaam skepsel. Daardeur het hy vir ewig ongelukkig geword. Nou soek hy maats. Hy wil ander ook ongehoorsaam en ongelukkig maak.

Liewe kinders, hoor liewers, duisendmaal liewers vir Salomo as vir Satan.

Wees maar gehoorsaam. Dis die gebod van God, die Opperste Wysheid. Dit het die Here Jesus self gedoen. Toe Hy klein was, en ook toe Hy groot was. Hy was gehoorsaam aan Sy ouers, Josef en Maria. ALTYD gehoorsaam aan Sy hemelse Vader. Dit was selfs Sy kos, het Hy gesê. Sonder gehoorsaamheid kon Hy nie lewe nie.

Ons Heiland was gehoorsaam tot in die dood toe. Wie van ons sal dit ook doen?

Sonder Gods genade kan niemand van julle dit sover bring nie. Maar met Sy genade het baie gelowiges gehoorsaam en getrou gebly tot die laaste toe. Maar almal wat so hoog klim, het op die onderste sport begin, dit wil sê, in die ouerlike huis.

Daar is 'n spreekwoord: "Charity begins at home,"—so is dit ook met die gehoorsaamheid. Elke kind moet Tuis daarmee begin. Nie eers later of eendag nie. Want hoe sal julle aan vreemdes waarlik gehoorsaam kan wees, as julle dit vir eie ouers nie gewees het nie? Hoe is dit molik om 'n vreemdeling lief te hê maar die eie ouers nie? Dis tog onnatuurlik. Net so onnatuurlik is dit ook om wel vir ander mense te gehoorsaam, maar nie vir pa en ma nie. Daarom moet ons die saak goed verstaan, anders kan meer as een naderhand vir hom verbeel, dat hy die deug van gehoorsaamheid besit, terwyl dit tog nie so is nie. Want daar is ook 'n nagemaakte gehoorsaamheid. Dit wil sê, mens is gehoorsaam nie uit liefde nie, maar uit pure plig. Of, omdat mens bang is vir straf. En dan is gehoorsaamheid net 'n las in pleks van 'n lus. Daarom, liewe kinders, begin hierdie deug vroegtydig aanleer. Terwyl julle nog onder julle ouers se dak lewe. Dan leer julle dit die maklikste en suiwerste. Dan val dit julle later ook nie swaar om aan dié mense, wat God oor julle stel, in die samelewe, gehoorsaam te wees. Ek bedoel, gehoorsaam in die goeie sin van die woord.

Dan sal dit wees asof julle nog altyd die naklanke van Salomo se mooi woord sal hoor deurklink:

"My seun! hoor die tug van jou vader, en ver-

laat die leer van jou moeder nie."

Of, met ander woorde: "Eer jou vader en moeder, opdat jou dae verleng word in die land, wat die Here jou God jou gee."

Laat ons ook in die opsig opregte Kristene wees, en navolgers van ons Heiland, wat gehoorsaam was tot in die vloekdood aan die kruis.

I.D.K.

## HISTORIESE BOME.

Daar ruis 'n lied van lang verlee
en stemme singend kom van ver
en immer ruis my siele mee
met stemmelied uit lang verlee
uit die eeue her.

Daar ruis 'n lied van lang verlee
Wanneer die wind so sag verrys
en immer buigend naar benee
die bometop sing klaaglik mee
eenselfde wys.

As ek hier in die Laan in Kaapstad in die skadewee van die historiese eikebome van Simon v.d. Stel stilsit en rus na die gewoel van die dag, dan kom die woorde van onse digter Totius hierbo aangehaal, in my gedagte op.

Dis of die aandwindjie wat deur die toppe van die bome ruis stemme meebring uit die "lang verlee," en as die laaste klanke van die voetstappe van die verbygangers lang weggesterwe het, dan weer klink daar nog in my oor voetstappe—voetstappe uit die "eeue her." Want dit is asof die Laan en die Tuin van die ou Kompagnie weer lewe en gevul is met figure uit die verlede. Hulle skadewees val tussen die skadewee van die ou bome—die skadewee van Jan v. Riebeek, die stigter van Suid-Afrika, wie se standbeeld, bietjie verder af, hom vertoon met blik gerig op die Land van die Toekoms. En dan is daar Simon v.d. Stel, die goeie ou Goewerneur, wie se nagedagtenis voortgeplant is in Suid-Afrika deur die pragtige eike, wat hy met soveel toewyding orals geplant en sorgvuldig beskerm het.

Hierdie eike-laan was in Simon v.d. Stel se tyd die middelste wandelpad van die groot Tuin van die Kompagnie, waar oor die 100 slawe gedurig in gewerk het onder toesig van die Hooftuinier Hendrik Bernard Oldenland en sy assistent Jan Hertog.

Dit was die gewoonte van die deftige burgers van Kaapstad om 'n middagwandeling deur die Laan te doen. Ons lees in Lady Anne Barnard se briewe hoe verontwaardig die Hollandse inwoners was toe die Engelse Goewerneur eenmaal so onverstandig was om toegang tot die Tuin te beperk of te belet.

As mens so onder die skadewee van die historiese ou bome sit leef die geskiedenis van ons land weer op en dan val dit op hoeveel merkwaardige gebeurtenisse daar onder die skadewee van 'n boom plaasgevind het, heerlike gebeurtenisse, maar treurige dinge ook.

Nie ver van die eike van Simon v.d. Stel staan nog die stomp van die Slaweboom. Dit staan net op die hoek van Kerkplein en op die koperplaat daarop, is gegraveer die woorde:

Ter Herinnering
aan de
Oude Denneboom

(waarvan dit alles is wat overblijft) is deze plaat door A. Hilliard aangebracht. De oude Denneboom was een echt historiesvoorwerp, daterend van de dagen van Van Riebeek (door wie de boom waarschijnlik geplant werd) en was de oorspronkelike Slaven-boom, waaronder slaven gekocht en verkocht werden. Zij werden gebracht van het Oude Hooggerechtshof gebouw aan de overzijde en werden op tafels onder deze boom geplaatst voor vertoon en verkoop. Slavernij werd eindelik afgeschaft in 1838 en de Slaven-boom werd, wegens zijn hoogen ouderdom door de Stadsraad verwijderd op de 9de November 1916, na de stormen van meer dan 250 jaren doorstaan te hebben, en dus is hij met ere heengegaan."

En terwyl ons aan slawe dink, herinner dit aan 'n ander historiese boom in verband daarmee, nie in ons eie land nie, maar in Engeland. Nie ver van Londen staan daar in 'n park 'n ou eikeboom waarna reisigers altyd gaan kyk. Dit is 'n ou boom, baie beskadig, maar word met veel sorg in die lewe gehou. En dit is die moeite werd, want dit is 'n merkwaardige boom.

Onder sy skadewee het William Wilberforce, die groot kampvegter vir die vrystelling van slawe, met William Pitt, die latere Eerste Minister van Engeland, sy planne bespreek en Pitt oortuig van die verkeerdheid en onmenslikheid van die slawehandel. Die uitslag van hierdie historiese gesprek met Pitt, onder die ou eikeboom, is aangeteken in Wilberforce se dagboek en is gegraveer op die klip-sitbank onder die boom. Dit eindig met die woorde: "Na die gesprek met mnr. Pitt onder die ou boom, het ek besluit om met die eerste geleentheid in die Parlement die afskaffing van slawerny voor te stel."

Wilberforce het aan hierdie ideaal sy lewe gewy en het drie dae voor sy dood die heerlike tyding gekry dat die Parlement 'n wet gemaak het om slawerny af te skaf. Belangstellendes, wat die grafte van Pitt en Wilberforce opsoek, bring altyd 'n besoek aan die historiese ou eikeboom, waar die planne vir die vrystelling van duisende ongelukkige skepsels bespreek is.

'n Ander historiese boom in onse geskiedenis vermeld is die vyeboom in die stad van Dingaan. In die lewensbeskrywing van Piet Retief deur mnr. Preller lees ons 'n beskrywing van Dingaan se stad Oemkoengoenhlowo, waar Retief en sy manne so wreed vermoor is. In die ope middel-ruimte van die Zulu-koning se stad het 'n groot wilde-vyeboom gestaan. "In die koelte van die vyeboom was sy gewone sitplek, en hiervandaan kon hy, weens die skuine terrein, nie alleen oor die stad sien nie, maar had Dingaan ook 'n uitsig op sy moordplek."

Maar daar is ook aangename herinnerings aan bome verbind. Ons dink aan die groot seringboom in Rustenburg, waaronder onse Kerk gestig is op die 11de Februarie in die jaar 1859. Die ou boom staan vandag nog en ons laaste Sinode is in die skadewee van sy takke afgeneem. 'n Mooi portret van die ou boom vind ons op bl. 39 van die "Gedinkboek" uitgegee met die 50-jarige bestaan van die Kerk in Suid-Afrika.

Ons het op die 14de Augustus van hierdie jaar Taaldag gevier ter herinnering aan die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners, die voorvegters vir die gebruik van Afrikaans in 'n tyd toe Afrikaans 'n onbeminde, onbekende taal was in die skole, Geregshowe en Parlement van ons land. Hier, vind ons, is dit weer in die skadewee van 'n boom, waar die

eerste lede byeengekom het om hulle planne te bespreek.

In "Die Huisgenoot" en "Die Burger" van 14 Augustus het 'n portret verskyn van die "gedenkboom" op die plaas Kleinbosch, Daljosafat. Die ou boom is die enigste van die ou reuse-eikebome, wat nog oorbly, en wat geplant is deur die Hugenoot-stigter van die plaas, Francois du Toit. Onder daardie boom het wyle Ds. S. J. en mnr. D. F. du Toit as kinders gespeel en later met hulle vrinde hulle planne bespreek in verband met die groot werk, wat hulle voorgeië het, nl. om Afrikaans sy regte plek te laat inneem in die lewe van die Afrikaners.

Naby Bloemfontein, op "Onze Rust," die plaas van wyle Pres. Steyn, is daar ook 'n historiese boom—die "Boom van Sameswering" word dit genoem in die lewensbeskrywing van Pres. Steyn deur Dr. N. J. v.d. Merwe. Daar lees ons dit is "'n sterk, lommerryke, simmetries gevormde olievenhoutboom. Hier was 'n ander stil en vreedsame rusplek, wat die President dikwels in sy wandelinge besoek het. Meer as een gewigtige beraadslaging het aan die voet van hierdie boom plaasgevind. As daar vrinde kom om die President oor belangrike sake te raadpleeg, dan neem hy hulle dikwels na die bank onder die olievenhoutboom—vandaar die benaming "Boom van Sameswering." Die bewering is dikwels gemaak dat niemand tot die vertroude kring van vrinde kon toetree nie, sonder 'n sitting onder daardie boom nie. Daar kom hy onder kruisverhoor. Daar word sy siel ontbloot onder die krag van 'n sterke persoonlikheid. Dit was waarlik 'n "boom der kennis des goeds en des kwaads."

Al die historiese bome behoort deur ons bewaar en versorg te word. Dit sou goed wees as 'n koperplaatjie aan elk aangeset kon word, met die geskiedenis van die boom daarop gegraveer, sodat vreemdelinge en die, wat na ons kom, kan besef wat die bome in die geskiedenis van die land beteken.

Vir ons is die historiese bome in sekere sin heilig, want hulle herinner ons aan die hoë en suiwere ideale, die stryd en die strewe van die wat vooruitgegaan het.

As ons onder die takke van die verweerde ou reuse vertoef gaan daar 'n wonderlike invloed van hulle uit en ons word vervul met die vreedsaamheid en rus van hulle koele skadewee, met die sterkte van hulle standvastigheid en met die fierheid van hulle hoë kruine en ons vind

". . . . hulle fluister
Als ons luister
Ons die vrindskap en nabyheid
Van die Ongesiene in."

RIKIE POSTMA.

Kaapstad.

---

**GRAMAFOON-PLATE TE KOOP.**

Is daar iemand wat ou gramafoon-plate wil koop? Skryf direk aan mevr. H. du Plessis, Henopskraal, Houtkraal. Prys 1/- stuk.

---

**VERLOWING.**

VAN DER WALT—JUYN.—Die verlowing word bekendgemaak van Miemie, dogter van mnr. en mevr. J. C. v.d. Walt, van Potchefstroom, met Adriaan, seun van mnr. en mevr. N. Juyn, van Potchefstroom.

**GEBOORTEBERIG**

OOSTHUIZEN.—Op die 27ste September het ons van die Here ontvang 'n frisse tweeling, altwee dogtertjies. Mog Hy hulle dan spaar en vir ons die krag gee om hul op te voed tot ere van Sy Naam.—Die dankbare ouers J. B. en J. C. J. Oosthuizen, Osspruit, Lindley.

---

**VERLOWING.**

VAN NIEKERK—LION-CACHET—Aan familie en vriende word die verlowing bekend gemaak van mej. Anna van Niekerk, dogter van mnr. en mevr. P. van Niekerk, Vyfhoek, Potchefstroom, met mnr. Frans Lion-Cachet, seun van mnr. en mevr. H. C. van Rooy, Noordbrug, Potchefstroom.

---

**VERLOWING.**

COETZER—DE KLERK.—Aan familie en vriende word bekend gemaak die verlowing van Corrie, dogter van mnr. en mevr. F. W. Coetzer, Bougain Villea, Reddersburg, en Jan, twede seun van Ds. en mevr. W. J. de Klerk, Potchefstroom.

---

**VERLOWING.**

Aan familie en vriende word bekend gemaak dat ons verloof is. Matty Kruger, oudste dogter van mnr. en mev. J. J. Kruger, Schweizer-Reneke met mnr. Jack Olewage van Fraserburg. Ons bedank ook van harte mnr. en mev. Boshof van Brakkpan vir die geselligheid.—3/10/25.

---

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

**Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.**

**Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.**

***Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.***

**Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.**

**Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.**

---

**DAMES UITRUSTING.**

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster. Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

# DIE CORONA DRAAGBAAR


# SKRYFMASIEN

**Gemaak deur die Wereld se Oudste en Beste Skryfmasien Makers.**

Die „CORONA" is die Eerste Draagbare Model wat met die gewone Standaard Kantoormasien Gelyk Staan.

**Model Three**
**£15 0 0**

**Model New XC.**
**£17 10 0**




**Model Four**
**£21 0 0**

## DIE SKRIF IS SIGBAAR!

**VERKRYBAAR BY**

## DIE VOLKSBLAD BOEKHANDEL

**130 MAITLANDSTRAAT**

**BUS 325. — BFN. — FOON 849.**

**AGENTE IN DIE VRYSTAAT VIR DIE „CORONA."**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 567 | 3 NOVEMBER 1925 | 26ste JAARGANG

### DIE REFORMASIE.

Op 31 Oktober is ons weer bepaal geword by die Reformasie.

In verband daarmee word die lesers verwys na die 'Oordenking' van Ds. Kruger, waar hy veral ons jongmense wys op die betekenis van Gods Woord.

Die Reformasie van die 16de eeu het vir die Kerk weer die heerlike skat van Gods Woord, wat deur die Roomse Kerk onthou is aan die gemeente en wat kragteloos gemaak word deur sy tradiesies en Pouslike heerskappy, terug gegee.

Vir ons gereformeerdes is in besondere sin Gods Woord die reel van ons Belydenis en Lewe. Ons sê, wat Gods Woord vir ons leer, is gereformeerd, en as ons Belydenis en Wandel nie in ooreenstemming is met die H. Skrif nie, dan moet ons hulle in hersiening neem.

Met die woord 'gereformeerd' word soms bedektelik en soms opelik die spot gedryf ook deur vooraanstaande persone in ons kerklike wêreld. Ook die Gereformeerde Kerk ontkom hierdie spot nie. Laat ons dit hier egter weer duidelik uitspreek dat vir ons gereformeerd 'n intensiewe betekenis het, en dat ons ons nie bevredig met die ekstensiewe beginsels van die Reformasie nie. Met die Protestantse Kristenheid dank ook ons die Here vir wat Hy aan Sy Kerk in Luther geskink het. maar ons vind ons wel by die gereformeerde Reformasie van Kalvyn. Daarom is ons Belydenis nie Luters nie, ook nie 'n algemeen Kristelike nie, maar *gereformeerd*.

*Gereformeerd* wil ons die prediking hê, *gereformeerd* wil ons die kerkregering hê, *gereformeerd* moet ons Erediens wees, en *gereformeerd* moet ons lewe wees.

Ons het nie 'n mengsel van Metodisme of enig afwykende isme nodig vir ons geestelike lewe nie. Vir ons *verstand* en vir ons *hart of gemoed* bied ons gereformeerde Belydenis alles wat ons nodig het, as ons maar weet wat gereformeerd is en hoe ons die gereformeerde waarhede moet verkondig en belewe.

Dit is nie by Luther of by Wesley waar ons moet leer om die hart te laat spreek nie. As ons Kalvyn ken en ons Kategismus ken, dan kan ons genoegsaam leer, wat harte-taal is en wat ons kan troos in die diepste van ons gemoedslewe.

Dit is ons roeping om in S.-Afrika *gereformeerd* te wees en deur woord en daad vir ons gemeentes en ons volk die lig van die gereformeerde waarhede hoog te plaas.

Dit is veral die roeping van ons predikante, en as ons gemeentes nie gereformeerd dink en voel en lewe nie, dan gevoel hulle seker die verantwoordelikheid in die eerste plek.

Hoe meer die spot gedrywe word met wat iereformeerd is, hoe meer dit ons moet prikkel om te verkondig wat gereformeerd is, en om te getuig teen wat ongereformeerd is.

Dit is tyd dat elkeen hom en haar meer toelê om 'n antwoord te vind op die vraag, wat *gereformeerd* is in al die vertakkinge van die lewe. Ons moet seker in die eerste plek vra, wat Gods Woord sê. Maar die Roomse sê, sò sê Gods Woord, die Metodis sê, sò sê Gods Woord, die Apostoliese sê, sò sê Gods Woord.

Daarom moet ons gereformeerdes sê, sò sê Gods Woord. Dit wil sê, ons moet nie net vra wat sê Gods Woord nie, maar ook wat is die *gereformeerde* belydenis van die waarhede van Gods Woord.

Mag die Here ons bewaar by die suiwerheid van Sy Woord en in ons harte meer en meer wek die liefde vir die gereformeerde beginsels van die Reformasie!

## SKRIF-OORDENKING.

### DIE JEUG EN GODS WOORD.

(Deur Ds. I. D. Kruger.)

Ps. 119:1; 105:5; 119:53; 119:5.
Lees: Ps. 119:1—40.
Teks: Ps. 119:9.

Ons 20e eeu, word genoem, die eeu van die kind en van die jeug. Dit wil sê, daar word in ons tyd meer as voorheen belang gestel in, notisie geneem en studie gemaak van die kinderwêreld.

Sowel van die kind se natuurlike as van sy sedelik-geestelike node en behoeftes.

Sinds die laaste 20 tot 30 jaar is daar baie gesê en geskrywe oor die kind,—oor kindergeboorte en kindersterfte, kindergesondheid, opvoeding en onderwys, oor kindersielkunde algemeen en bysonder,—ja oor kinderkunde in die ruimste sin.

Wat is die oorsaak hiervan?

Het ons voorouers, die geslagte van die middeleeue of van die heel ou tyd hulle kinders dan nie ook liefgehad en versorg nie? Of het hulle die waarde en betekenis van die kinder- en jeugwêreld onderskat? Of was hulle waarderingsoordeel nog te min ontwikkel en gewapen vir juiste en suiwer waardebepalings?

Baie vrae kan hier wel gestel word, waarby allerlei faktore in rekening kan gebring word,—maar kinderliefde het by die voorgeslagte nie ontbreek nie. Veral nie in die ooste nie. Want die oosterling was van ouds en is nou nog 'n *hartstogtelike liefhebber* van kinders en van die familielewe in die algemeen.

*Israel* was hierop geen uitsondering nie. Ragel spreek as moeder van haar volk in die uitroep: Gee my kinders of ek sterf. Gen. 30:1.

Kinders werd beskou as 'n erfdeel van die Here. Dankbaarheid jeens God werd in baie kindername vasgelê. By die Arabiere was dit nie anders nie. Kinderloosheid werd as 'n skande, soms as 'n vloek beskou.

As daar dan *nou* meer van die kind gemaak en vir hom gedaan word, as in die vervloge eeue, dan mag die grondoorsaak daarvan seker nie allereers gesoek word in die teenswoordige meerder mate van kinderliefde en beskawing nie. Maar wel in die feit, dat ons kinderlewe en opvoeding in ons *verligte tyd* baie meer as voorheen in die *gedrang en gevaar* gekom het.

Eienaardig, ja onheilspellend, nie waar, dat ons beskaafde lewe, ons hoog opgeskroefde kultuur *meer* gevare vir huisgesin, kind en jeug oplewer en daardie naïewe ou tye, waarop ons dikwels so meewarig neersien!

*Nou* meer gevare as voorheen!?

Dis tog 'n innerlike teenstrydigheid! 'n Hoër kultuurlewe gevaarliker as 'n laer staat van ontwikkeling. En dit nog wel vir ons dierbaarste,—ons kinders!

Dis iets ongehoords. Ja,—die verminderde geboortes, die hoë persentasie van kindersterfte, die baie beskermende verenigings vir kindersorg, kinderwelvaart, jeugverenigings, studente- en kristen studente verenigings,—hulle almal *is* daar om die *bestaan* van daardie velerlei gevare te bevestig.

Daarom dank ons die Here, dat Hy 'n verbond gesluit het met Abraham *en sy saad*. Met Abraham en sy kinders,—'n verbond van genade. Hy is die God, wat oor en vir Sy volk met hulle kinders waak, bid en stry in Kristus Jesus.

Teen Satan, die mense-, kinder- en jeug-moordenaar! Hy is ons Verbondsgod, wat ons *en* ons kroos liefhet, éérs liefgehad het. Wat ons Sy Woord en Gees geskink het. Wat ons daarin Sy weg leer. Wat ons kinders toeroep: Gedink aan u Skepper in die dae van u jongelingskap . . En ook hier in ons teks weer die vraag laat voorlê: "Waarmede zal de *jongeling* zijn pad zuiver houden?"

Ons het hier te doen

I. met die jeug of die *beste skat* deur God aan ouers geskink.

II. met die lewenspad, of die *beste weg*, en

III. met Gods Woord of die *beste Gids*.

I. *Die beste skat*. Waarmee sal die jongeling, die jeug, die ryper jeug sy pad suiwer hou,, rein bewaar? Die agtergrond van die vraag is aandag, belangstelling in, *liefde* tot die jeug, die verbondsjeug. God die Here is die kinder- en jeugvriend by uitnemendheid. Want hulle dra Sy beeld. Hy het hulle lief as beelddraers. Die godvresende ouer net so. In sy kind sien hy sy ewebeeld, sy skat, sy vreugde. Hy sien niks liewers as die voorspoed en welvaart van sy seun en dogter nie; as die onafgebroke voortplanting van 'n gesonde, godvresende nageslag, wat die plek van die voorgeslagte met God en met eer inneem. Elke regskape ouer is dus begaan met sy kind en sy kind se toekoms. Mag die Here gee, dat dit altyd in die *regte sin* sal wees, en dat dit op die *regte tyd* begin. Reeds wanneer sy kind nog klein is.

En ook, dat daardie geheiligde belangstelling

en liefde by die ouer mag voortduur tot by en oor sy kind se jeugjare.

Waarmee sal *my* seun en dogter hulle pad suiwer hou?

Skande oor elke ouer, wat die vraag klakkeloos oorlaat aan vereniging of skool, aan kerk of staat! Dit word helaas reeds veels te veel deur ons, ouers gedaan.

Skande, as die ouer nie meer goed besef, dat *sy* skat ook *sy* hart en hand se gloed en sorg opeis voor God in belang van sy kroos.

II. Dis daarom in die 2e plek saak van die ouer, in die heel eerste instansie, om die Beste Pad vir sy kind te kies. Sy kind só optevoed, dat hy later by selfstandige lewenskeuse óók die beste pad sal kies.

Vader en moeder,—bedink voor God, die kind, *u* kind kom in die wêreld om *hier te bly;* vir 'n tyd; korter of langer,—miskien 60 of 70 jaar. En hier sy lewensreis te aanvaar.

En bedink, *u* as ouer is mede verantwoordelik voor God, watter pad u kind kies en wáár hy aanland. Watter lewenspad!

Paaie is daar o soveel en verskillend van rigting. En dit kom daarop aan vir die vreemdeling om,—op die stasie van 'n groot wêreldstad aangekom, waar hy die lokstemme van 101 sjaffeurs verneem,—om dàn nie in 'n verkeerde rytuig te klim nie! U kind kom op later leeftyd ook voor so 'n keuse tussen die wêreldpaaie te staan. Paaie, wat skynbaar saam, op één punt begin; wat een tyd lang ewewydig naas mekaar loop, maar later baie ver uitmekaar draai.

Soos b.v. die pad van *eer* en van *jaloersheid*. In die begin vlak by mekaar, soos die wisselpunte van die treinspoor, maar aan die ent verweg uitmekaar. Of die pad van *ambiesie* en *geluk;* van *spaarsaamheid* en *gierigheid*. Verder, die pad van hoogmoed, bedrog of waarheid en geregtigheid.

O dit hang daar vir die keuse van u kind soveel van af, vader en moeder, watter pad *u* bewandel het *voor* en *vir* u kind. Weet één ding seker, hy *het* dit reeds opgemerk, gesien!

Was dit die beste pad?

III. U vra miskien, watter is dan die beste? Ag nee, dit mag ons, as gelowiges tog nie *nou* nog vra nie! Ons *besit* tog die *beste Gids* om die alleen regte weg aan te wys in "Gods Woord, nie waar?

Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? As hy dit hou na u Woord! *Gods Woord!* Die is 'n lamp voor ons voet en 'n lig op ons pad . . . Hierdie gids is die beste gids; die allerbeste; die alleen goeie; betroubaar; altyd onfeilbaar; in die moeilikste omstandighede selfs; oral en altyd ook tot u diens! Vader en moeder, het u kind, u seun en dogter gesien, dat u die gids gebruik elke dag; liefhet, hartelik lief? Of sal u *eie bloed* u eendag voor God moet beskuldig as 'n veragter van God en Sy Woord?

Die Een is 'n *verterende vuur;* die ander is 'n *tweesnydende swaard.*

Weet u, daardie *Woord* spreek in die moederbelofte al van *vyandskap*, van *vermorsel* en *verbrysel?* Weet u, hy *kon* daar nie gewees het nie, as *Kristus*, die *vleesgeworde* Woord daar nie was nie? Die Bybel rus dus *op* en *in* Kristus, wat sy *bloed* gestort het vir u en my. Die Bybel dank sy *ontstaan* en *bestaan* aan *die bloed* van Kristus, anders was hy daar nie. Kon die sondemag Kristus in sy middelaarskap weer uit die weg ruim, sou dit meteens óók beteken het *wegruiming* van die Bybel.

Maar dit het hy nie vermog nie.

In die middeleeue, is die Bybel deur roomse heerskappy aan die volk ontneem. Die leke mog hom nie lees nie. Die geskiedenis van daardie tyd is taamlik bekend. Die resultate van daardie één daad, dat die Bybel nie meer persoonlik gelees mog word nie, was fataal. 'n Donker tydperk het aangebreek. En wat het dit gekos om *Gods Woord* weer op die kandelaar en in die huisgesin terug te plaas? Bloed, bloed, bloed! Selfs vóór en nog meer *gedurende* die Hervormingstyd.

En dáárdie woord, met *Kristus se bloed gedrenk* en ook met die *bloed van martelare* en Hervormers, Geuse en Hugenote, nou nie eers lees, studeer, bemin, liefhê nie? Vader en moeder,—u weet dit alles. Maar wees opnuut gewaarsku. *Hervormingsdag* was pas weer gewees. Sy geluid deurklink die eeue. En moet steeds nuwe weerklank vind in elke oor en hart. Dank God, dat die Woord *u vrymaak*. Maar omgekeer, dat die Hervormingstryd *hom* van mensebande en Satanstoue ook weer vrygemaak het vir gesin, kerk en staat.

En ons bid u, kristenouer, doen wins daarmee in u huis.

Maar nou, liewe kinders, seuns en dogters, jong broeders en susters in die Here, u ouers se verantwoordelikheid is groot om u, hulle *skat* te lei in die *beste pad* nl. in die vrees van die Here, deur middel van die *beste Gids*, Gods Woord.

Ewenwel, dis nog net die één kant van die saak. Die ander kant daarvan kom regstreeks vir julle rekening. Vir jul self moet julle die vraag stel: Waarmee sal ek *my* pad suiwer hou, rein bewaar, sodat ek teen God en my naaste

nie sondig nie? En *persoonlik* moet julle ook die antwoord aanvaar: "As ek dit hou na *Gods Woord*"!

(1). Dank die Here vir godvrugtige ouers, as julle die het. Dank Hom vir hulle goeie opvoeding, vir die *begin* daarvan in Gods vrese. Let daarop. Sien dit raak!

Maar maak self ook 'n *goeie begin* met julle lewe. Sit daardie goeie aanvang voort! Van 'n *lewensbegin* in die vrees en diens van God hang soveel af vir julle eie toekoms.

Maar *volhard* ook daarin. Baie kinders en jongmense vang die lewe goed aan, soos meer as een koning van Israël en Juda, maar *volhard* nie op die goeie pad nie. Hy begin met *eer* maar skei in oneer uit. Begin met hard werk, maar eindig met dobbelary. Begin spaarsaam en matig, maar eindig as 'n gierigaard of verkwister en brasser. Begin rein en kuis, maar eindig as 'n hoereerder. Begin in waarheid en reg, maar eindig met leuen en bedrog. Begin met God en die Kerk, maar eindig met Satan en die wêreld.

Ons roep julle toe: begin goed en *volhard* in die goeie! Só het elke jeugdige, volwasse en ou belyder tog eenmaal openlik verklaar, dat dit sy voorneme is om by die suiwer leer deur Gods genade *tot die ent van sy lewe* te volhard en in godsaligheid te wandel . . . .

(2). En dit kom daarop aan om so te volhard! Want die pad van die jeug is gevaarlik, soos ons in die begin gesê het. Is in die gedrang. Ten eerste, omdat 'n seun of dogter as 'n betreklike *vreemdeling* voor die baie kruispaaie van die lewe te staan kom. Ten twede, omdat daar baie lokstemme is waaraan die onervare jeugdige reisiger graag gehoor wil verleen, net soos op die stasie van 'n wêreldstad, waar elke beampte sy Hotel aanprys.

Ten derde, omdat in die jong hart magtige drifte en hartstogte woel en kook, en—daarbuite skriklike *versoekings* heers. En, om nie meer te noem nie, omdat òns in sonde ontvang en gebore word, en die hele wêreld tewens in die bose lê. Soort soek soort! Die bose *in* ons trek die bose *buite* ons aan. Die aaneensluiting en suiging lê voor die hand. Daarom is dit vir julle, jong br. en suster, *dubbel* moeilik om julle pad suiwer te hou; rein te bewaar; julle nie met allerlei sonde te besmet nie, reeds by die aanvang van 'n selfstandige loopbaan.

'n Fris, jong, gesonde lewe, wat by die begin al sy *koers* verloor het, of al besmet en bedorwe is . . . in die geheim—

hoe jammer!
hoe tragies!

Dis, om die hare uit die kop te trek!
Dis 'n smart vir goeie ouers.
Dis 'n verlies vir Kerk en Staat.
Dis 'n skande vir die persoon self.
Dis skade vir sy siel en liggaam.
Dis 'n moontlike verlies van die ewige lewe bo-op.

Dis 'n smaad vir die bloed van Kristus!

Is dit dan nie die moeite werd, jong br. en suster, waar u ouers u liefhet, jy jouself liefhet, God die Here jou bo-al liefhet as Sy beelddraer en jou duurgekoop het—is dit dan nie die moeite werd om die *beste pad* te kies en daarop in reine wandel te volhard,—om die beste gids aan te gryp met jou hele hart en verstand?

Ons bid julle, skink aandag aan die "Woord van God." Merk op *wàt die Bybel sê*, ook vir jùlle in die jeugjare. Hy sê veel meer as ons wel weet. Merk daarop! Opmerksaamheid sal belangstelling wek in die Woord. En belangstelling sal *begeerte* wek vir Gods Woord, diep in die hart, om dit ook in die *lewe* toetepas. So sal leer en lewe, teorie en praktyk mekaar die hand bied in julle gedagte en wandel.

Die "Woord van God," waarvan die hele lang psalm 119 sing, en wat die digter so hartstogtelik liefhet, word veels te veel verwaarloos, afgeskeep, aan die oppervlakte gelees.

Die woord wil vir ons àlles wees, maar dan moet ons hom *bely*, daarop *hoop* en hom *liefhê*! Liefhê bo alle ander rykdom. Hom oordink, bestudeer en gehoorsaam. Dan moet hy ons vermaak wees. Ons mag hom nie vergeet nie: vs. 16. Sò, so alléén kan en sal die jongeling sy lewenspad "door ijdelheên *omsingeld*" rein bewaar, sonder skaamte voor God en mens. Daartoe kan *Gods Woord* die jeug net alleen instaat stel, omdat hy *wesenlik* anders is as alle ander wegwysers of gidse. Want hy wys die sondaar, die jongeling *opwaarts*, na God geopenbaar in die vlees. Na God, wat u en my alleen kan *wederbaar* deur Sy Woord en Gees, waardeur ons verstand verlig en ons hart vernuut word, en ons 'n vermaak begin skep in sy heilige wet en woord. Mag hierdie aanprysing van Gods dierbaar Woord, as die *enigste gids*, ouer en kind, seun en dogter tot 'n ryk seen verstrek om Jesus wil.

AMEN.

## DIE HEL.

XIV.

Ons laaste twee artiekels het gedien om te verduidelik (1) dat die straffende geregtigheid van God nou al in die lewe openbaar word, en (2) dat daar oorsaaklike verband bestaan tussen wat nou gedoen word en wat hierna as straf daarop sal volg.

By die bespreking van ons onderwerp kon ons hierdie punte nie oorslaan nie. Veral die vraagstuk van die verwerping moes hier onder die oë gesien word, want daarop rig die teenstanders hulle aanval.

Nou het ons al op skriftuurlike gronde aangewys hoe die ewige straf die mens nie eenmaal as noodlot sal oorval nie, maar verband hou met wat die mens in die liggaam gedoen het. Die verdere uitwerking van hierdie punt laat ons aan Dr. Bavinck oor wat op duidelike manier die dogmatiese kant van die saak aan ons voorstel.

Dr. Bavinck spreek eers oor die predestinasie in algemeen en kom dan tot die gevolgtrekking dat enersyds die *raad van God* (waarvan die predestinasie 'n deel is) en andersyds die *wêreldgeskiedenis* wat aan dié raad beantwoord, *een geheel* is waarin die dinge *naas* mekaar en *met* mekaar saamwerk.

In hierdie verband begin hy dan te spreek oor die verwerping. Om nie onduidelik te wees en vir Dr. Bavinck geen onreg aan te doen nie, sal ons uitvoerig moet aanhaal. Ons gee die aanhaling in Afrikaans, in die hoop dat die leser dan des te beter die redenéring van die professor sal kan volg.

Ook die sonde, die ongeloof, die dood en die ewige straf, sê Bavinck, staan onder die bestuur van God. Dit is wel waar dat die Skrif van die verwerping as ewige *besluit* weinig melding maak. Des te meer egter laat die Skrif die verwerping as *daad* van God optree in die geskiedenis. God verwerp Kaïn, vervloek vir Kanaän, drywe vir Ismael uit, haat vir Esou, laat die Heidene wandel op hulle eie weë ens. Gods bestuur gaan oor alle dinge en ook in die sondes van die mense het Hy sy hand. Hy stuur 'n leuengees (1 Kor. 22:23), por deur Satan vir Dawid aan en beproef vir Job ens.

Seker mag in al hierdie werke van God die eie sonde van die mens nie verbygesien word nie. In die verharding van God tog verhard die mens homself (Eks. 7:13, 22; 8:15 e.a. pl.); Jesus spreek in gelykenisse nie alleen *sodat*, maar ook *omdat* die ongelowiges nie sien en hoor nie (Mat. 13:13), en dit is eers *van agter* dat die gelowiges in die ongeregtighede van die vyande die bestuur van die Here sien (2 Sam. 16:10). Maar desnietemin word in dit alles ook die wil en die moondheid van God openbaar. Hy betoon in dit alles sy vrymagtige soewereiniteit. Hy skep wat goed en wat kwaad is, die lig en die duisternis en doen alles wat Hom behaag. Hy ontferm Hom oor wie Hy wil en verhard wie Hy wil (Rom. 9:18).

Die Pelagianisme of leer van die uiterste wilsvryheid wil dié ernstige uitsprake van Gods Woord nie aanvaar nie en strooi daarom blomme op die graftes, sien in die sonde 'n swakheid en ag hierdie wêreld die beste wat moontlik is.

Maar die Kalvinisme is van so'n oppervlakkige gepraat afkerig. Dit ruk die blinddoek van die oë en aanvaar die erns van die lewe in sy volle diepte, dit kom op vir die regte van die Here, Here en buig in ootmoed en aanbidding neer voor die onbegrepe, soewereine wil van God almagtig. En daardeur blyk dit in die grond baie barmhartiger te wees as die Pelagianisme. Hoe diep Kalvyn die erns gevoel het van wat hy gesê het, blyk uit sy benaming vir die besluit van die verwerping, naamlik "verskriklike besluit." Die werklikheid is verskriklik wat van dié besluit van God die openbaring is. En in die verskriklike werklikheid bring die Kalvinisme nie hierdie oplossing nie, maar wel hierdie troos dat dit in alles wat gebeur die wil en die hand erken van 'n almagtige God wat tewens 'n barmhartige Vader is.

Nadat hierdie kant van die Skrifwaarheid nadruklik deur Dr. Bavinck erken en verduidelik is, gaan hy daartoe oor om die ander kant ons voor te hou. Hy sê:

Hoeseer egter die verwerping enersyds met volle reg by die predestinasie gereken mag word, tog is dit nie in dieselfde sin en op dieselfde manier inhoud van God se besluit soos die uitverkiesing nie. As dit gaan om die soewereiniteit van God, om die feite van die geskiedenis wat nie weggesyfer kan word nie, dan was die voorstanders van die verwerpingsleer net so onverbiddelik as die apostel Poulus; dan het hulle somtyds tot harde uitsprake gekom wat die pelagiaans-gesinde hart van die mens kan hinder.

Maar al kan 'n oomblik so gespreek word teenoor iemand wat meen om God van onreg aan te klaag, amper alle Gereformeerdes het tog ten slotte 'n *absolute* heerskappy, volgens die gewone valse voorstelling van teenstanders, verwerp.

Die oorsaak waarom God die een ding of die ander gewil het, die een mens uitgekies en die ander verwerp het, mag vir ons geheelenal onbekend wees. Sy wil is altyd wys en heilig en goed en het vir alle dinge sy regverdige redene gehad. Sy mag kan nie geskei word van sy geregtigheid nie. As maar eers die reg en die eer van God erken was, dan het al die Gereformeerdes die versigtigste en tederste behandeling van die predestinasieleer aangeraai, en hulle het gewaarsku teen ydele en nuuskierige ondersoekinge.

En dan kom Dr. Bavinck by die eintlike punt waar ons wil wees en waar ons die leser laaste keer laat staan het.

Verder, sê hy, het alle Gereformeerdes staande gehou dat die sonde, hoewel nie buitekant Gods wil bestaande, tog terdeë *teen* die wil van God was. Wel kon die sonde nie die uiteindelike oorsaak van die besluit van die verwerping wees nie, want die sonde self het in die tyd gevolg op die ewige besluit en sou dus, as dit die oorsaak self was, alle mense moet laat verwerp het.

Maar die sonde was tog die *genoegsame* oorsaak, en van die ewige straf was dit bepaald die verdienende oorsaak. Immers, daar is onderskeid tussen die *besluit* van die verwerping en die verwerping *self*. Die eerste het sy laaste en diepste oorsaak alleen in die wil van God; maar die verwerping self *hou met die sonde rekening*. Die besluit van die verwerping verwerklik homself deur die eie skuld van die mens. *Daarom is hierdie besluit ook geen noodlot wat die mens teen sy wil voortdrywe nie*. Dit is niks anders as die goddelike gedagte aangaande die werklikheid self . . . .

Heeltemal onjuis is dus die voorstelling asof die raad van God in die algemeen en die besluit van die verwerping in besonder 'n enkele, naakte wilsbeskikking was aangaande iemand se ewige lot. Die besluit omvat in 'n enkele konsepsie die einde mét die weë, die doel mét die middele. Dit is geen mag daarbo wat van bo af na willekeur, nou en dan 'n keer in die werklikheid ingryp en dit heendrywe na die einde toe nie. Dit is die goddelike aanwesige, ewige idee wat sy volheid ten toon sprei in die vorme van ruimte en tyd; en wat by God een is, agtereenvolgens in lengte en breedte voor ons beperkte blik ontvou.

Meer sal ons nie aanhaal nie. Ons wou net, in verband met die ewige straf, daardie belangrike woord van Bavinck in die regte omlysting gesit het, naamlik: "Daarom is hierdie besluit van die verwerping ook geen noodlot wat die mens teen sy wil voortdrywe nie." Teenoor diegene wat vir hulle 'n oordeel aanmatig oor die Gereformeerde waarheid, was dit nodig om bowestaande uiteensetting te gee.

Was die sitaat miskien vir enkele lesers 'n bietjie swaar kos, ons wil besluit met twee aanhalings uit die Skrif wat albei betrekking het op die laaste oordeel.

In Mat. 25:34 sê Jesus vir die wat aan sy regterhand staan: Beërf daardie koninkryk *wat vir julle klaargemaak* is van die grondlegging van die wêreld af." Die koninkryk van die hemele is dus vir die gelowiges klaargemaak van ewigheid af. Maar sit nou hiernaas die woord van Jesus in vers 41. Daar sê Hy vir die wat aan sy linkerhand is: Gaan weg van My af, julle vervloektes! in die ewige vuur wat *vir die duiwel en sy engele klaargemaak is.* Ons sou verwag het dat daar sou staan: wat *vir julle* klaargemaak is. Maar nee, die hel is vir die duiwel en sy engele klaargemaak. Wat 'n lig werp daardie woord op die saak van die ewige straf wat ons nou besighou!

Openb. 20:12, die ander Skrifwoord waarop ons gesinspeel het, laat ons ook die laaste oordeel sien en sê dieselfde as Mat. 25.

Die dooie staan voor God en die boeke word oopgemaak; en daar is 'n ander boek wat die boek van die lewe is, en die dooie word geoordeel uit wat in die boeke geskrywe is, volgens hulle werke.

Let op, daar is nadruklik sprake van 'n "boek van die lewe", maar daar word met geen woord melding gemaak van 'n "boek van die dood of die verdoemenis" nie! Nee, die dooie word geoordeel uit die gedenkboeke wat voor God is, volgens hulle werke. Wat 'n lig val daar alweer van die kandelaar van die ewige Woord af op die geheimsinnige duister van die ewige straf!

As ons maar daardie twee Skrifwoorde gedurig in ons siel omdra, sal ons wel nie die vraagstuk van die ewige straf oplos nie, maar ons sal tevrede en getroos wees en net maar stry om in te gaan deur die enge poort.

J. D. DU TOIT.

## NABETRAGTING.

Nou dat die Pres. Kruger Eeufees verby is, wil ons met 'n enkel woord daarop wys hoe oral in ons land vanaf Kaapstad tot in die Noorde, en ook in Nederland, getuienis afgelê is van die grootheid van sy persoonlikheid, van die adel

van sy karakter, van die vastheid van sy oortuiging en van die beslistheid van sy wil.

En, wat die godsdienssin van die President betref, is by niemand die twyfel gerys nie dat hy opreg was in sy godsdienstige oortuigings, en dat hy Gods Woord as die onfeilbare leidraad van al sy handelinge beskou het.

Hy was een van die manne, wat op 11 Jan. 1859 die volgende stuk, gerig aan die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek onderteken het. By sy naam staan "Kommandant". Die stuk lui as volg:—

Hoog Eerw. Vergadering!

Ondergetekenden zich bezwaard gevoelende over uw genomen besluit van heden morgen, omtrent de aangeboden hulp uit Neerlands Kerk, wenschen zij evenwel van die hulp gebruik te maken, zooals die door die Kerk wordt aangeboden, verklaarden (verklaren?) door dezen vrijwillig, dat zij van nu af treden uit uwe *kerkelike* gemeenschap en wenschen te bestaan als eene *Vrije Gereformeerde Kerk* overeenkomstig de *leer, tucht* en *dienst* der vaderen, zooals die zich te Dordrecht, in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne Nationale Synode, de Kerkorde gewijzigd naar dat onze tegenwoordige omstandigheden het verorderen (vorderen?). Zij betuigen de vergadering echter, dat, hoe bedroevend zij dezen stap ook achten, zij echter hopen en bidden, dat de broederliefde tussen wederzijdsche gemeenten niet verflauwe maar steeds meer en meer aangekweekt worden, verdragende elkander in liefde omtrent het bestaande verschil. En God geve, dat wij nog eens allen één worden, zoowel in diens als in leer.

Tevens betuigen zij hunnen welgemeenden dank voor de moeite die de Algemene Vergadering heeft willen nemen in de zaak, welke eene Commissie, mede-ondertekenaren dezes, door den Kerkeraad van Rustenburg had verzocht om eenen Leeraar uit bedoelde Kerk, en verzoeken vriendelik de daarover ingediende memories terug, met een afschrift van het besluit der Algemene Kerkvergadering omtrent die zaak. Met heilbede en ware broederliefde noemen wij ons, Hoog Eerw. Vergadering

Uwe Dw. Dienaren en u liefh. broeders in Christus.

Hierdie verklaring getuig nie alleen van opregte beslistheid en van die besef van verantwoordelikheid nie, maar ook van 'n egte Kristelike sin. Hy is 'n getuienis wat spreek uit die verlede tot almal, wat saam gedoen het om President Kruger se gedagtenis eer aan te doen. Maar veral laat hy die ernstige vraag oprys of die wat die graftes van die profete bou nie teen hulle self getuig nie.

Dr. Waterink sê in Geref. Teol. Tydskrif:—"Wanneer naast of zelfs gedeeltelik tegenover dat leven *in* de historie niet staat een leven *uit* de historie naar de toekomst, dan schijnt maar al te dikwels het vieren van jubilea een middel te zijn om de armoede aan toekomst-idealen, het gebrek aan levenskracht voor het *heden* te verbergen.

Het is steeds een kenmerk van arme tijden geweest, dat men door het verleden groot wilde zijn. De meeste standbeelden werden te Rome opgericht in de eeuwen na Caesar, toen de groei van het rijk tot staan was gekomen. Historiestudie is steeds 't meest "in trek" geweest, wanneer er weinig historie "gemaakt" werd. Niet de veertigste of vijftigste, maar de zeventigste verjaardag van een grote pleegt men luisterrijk te vieren. Jubilea gaan dikwerf samen met cultuur-ouderdom."

Ons het met die Jubileum van Pres. Kruger geleef *in* die historie (geskiedenis). Vir ons mag dit geen bewys wees van geestelike armoede nie. Nee, die verlede moet vir ons 'n inspirasie wees vir die toekoms. Veral vir ons jong geslag.

Maar in besonder vir ons Gereformeerdes, wat besiel moet wees, waar ons waarde heg aan die tradiesie, om in die toekoms met meer krag ons toe te lê op die nalewing van ons beginsels. Op die ou *spoor* moet ons bly en verder wandel. Op die ou lewenswortel moet ons *groei* deur die geestelike wet van die *ontwikkeling*.

J. P.

## DIE PRIVATE WETSONTWERP VAN DIE P. U. KOLLEGE.

Ons verwys die lesers na die oproep van Ds. de Klerk, Registrateur van die P.U.K., onder "Kerk en Skool" en die Private Wetsontwerp, wat voor die volgende Parlement sal dien, om die Potchefstroomse Kollege te verklaar as 'n *Kristelike* Inrigting vir Hoër Onderwys, en ons hoop dat die bydraes sal instroom.

Ons het vir 'n tydjie gelede geskrywe dat ons in die stadium van die voorgevegte verkeer. Die eientlike stryd kom nog, en hierdie Private Wetsontwerp is 'n bewys dat hierdie inrigting *eerlik* wil veg. Nie onder 'n valse vlag nie. Bring hom

onder die aandag van ons parlementêre verteenwoordigers.

£500 of £600 sal dit kos! Is dit nie treurig dat hier in ons land, onder ons volk, so hard geveg moet word vir Kristelik Onderwys, en dat die Afrikaner Kristen honderde ponde moet betaal om die reg te kry om Kristelik Onderwys te gee nie?

En as ons dink, dit gaan hier nie om *ons* nie, maar om Gods Woord en die Naam van die Here!

J. P.

---

## BRIEF.

---

Waarde Vriend,

Een ding, waaroor ons ons hier in Suid-Afrika nooit genoeg kan verheug nie is dit, dat ons hier die gevreesde en vreeslike siekte die longtering amper nie ken nie. Hierdie siekte is die besoeking en die skrik van die meeste Noordelike lande van Europa so as Engeland, Holland en Duitsland. Elkers sien ek in die Nederlandse krante, wat ek wekeliks kry, ook die doodsberigte na, en dan lees ek gedurig maar van die doodstyding van jong mense, van vaders en moeders, wat algar in die fleur van hul lewe weggeneem is. Gewoonlik lees die advertensie dan as volg: Na 'n lang maar geduldig gedragen lyden overleden in de hope des eeuwigen levens onze geliefde zoon of dochter in de bloeiende leeftyd van 24 jaren of daar omtrent, of van 'n jonge vader of moeder van so in die dertig of iets in die veertig. Ek weet dan somar, dat dit weer 'n slagoffer was van die vreeslike siekte die tering, wat die mense daar in aansienlike getalle met onweerstaanbare krag na die graf sleep.

In die laaste tyd sien ek, dat hul die siekte nie meer soos vroeër met die naam van "tering" aandui nie, maar dat hul nou net daarvoor die enkel letters t.b.c. gebruik. Onlangs skryf 'n vriend my, dat sy geliefde vrou, wat ek ook geken het, oorlede was aan die t.b.c. Eers wis ek nie, wat hy daarmee meen nie, maar dit het my al spoedig duidelik geword, dat hierdie letters staan vir die vreeslike woord tuberkulose, wat, soos u weet, die naam van die dokters vir "tering" is. Net nou lees ek in die Standaard, van Hooglaren, waar 'n hospitaal is vir t.b.c. lyders, en in die stukkie word vertel, hoe aangenaam die pasiente daar verpleeg word, en hoe die bedlegerige siekes elkeen 'n apparaat of instrument by hul bed het, wat hul voor die oor kan hou, om so per draadlose of radio baie konserte, toesprake, preke ens., wat op grote afstand gehou word, te kan hoor. Vir ander pasiente, wat heeltemal gesond is, behalwe "die klein plekkie" in die long, word weer geleentheid verskaf, om deur middel van luidsprekers in die tuin genoemde konserte en toesprake te hoor. Die laaste is so goed, word daar vermeld, omdat die pasiente anders so graag met mekaar oor allerhande punte van verskil, soos aangelegenhede van godsdiens en politiek ens. redetwis, en hul dan sodanig kan opwind, wat vir hul gesondheid lang nie goed is nie. Luister hul nou na die konserte en dergelike dinge, dan is hul tog rustig en kalm.

Ek het amper koud geword, toe ek so lees van pasiente, wat heeltemal gesond is, behalwe "die klein plekkie" in die long. O, die klein plekkie in die long! Hoe dikwels het ek vroeër daar nie van gehoor nie. O, dit is dan maar 'n klein plekkie, wat pla, maar 'n klein plekkie, wat baie keer nie wil weggaan nie, dog altyd stadig aan groter word, sig langsaam uitbrei, en oplaas die pasient al af en toe begin meer koorsig maak. En die klein plekkie word dan later die oorsaak, dat die kleur van die wange begin weggaan en ook weer by tye, as die koors opkom, dat dieselfde bleke wange so fyn, rooi word.

Die pasient gaan sanatorium toe; hy gaan van die ene spesialis na die ander, maar die "klein plekkie" in die long word maar groter, en sleep die kranke langsaam na die graf.

O gelukkig ons land wat nie die t.b.c. ken nie soos b.v. Nederland. 'n Jong seun of dogter voel eers nie so lekker nie, en sy of haar kleur kan soms so baie mooi word. Anders is die kind so bleek en wit daar om die neus. Die dokter word geraadpleeg, en hy beklop noukeurig die ontblote bors en rug, en hy druk die koue gehoorpyp op die ribbes en agter op die rug tusse die blaaie. Daar op die bors, hoog, amper by die skouer luister die geneesheer langer as op die ander plekke. Hy klop en klop, maar gaan weer verder ondersoek, maar weldra is hy weer daar hoog op dieselfde plek by die linker skouer by die punt van die long. Die pasient moet sy asem diep trek. So ja; nog 'n slag, baie diep. Ja, so is dit goed. Die pasient mag sy klere nou weer aantrek, en angsvallig vra hy: Hoe is dit dokter? Is my longe reg?

En dan kom dit, baie voorsigtig, maar tog vreeslik vir hom, wat weet wat tering is. Ja, so sê die dokter, daar bo aan die long is dit nie heeltemal reg nie. Daar is die ene longvleugel 'n bietjie aangetas. Nie erg nie, o, nee, maar

u moet darem maar wat voorsigtig wees. Pas op vir die koue wind, en moet saans nie lang opbly nie, en meer van sulke raadgewings. As u ouers bemiddeld was, sou dit goed wees, as u vir 'n tyd na die berge van Zwitserland kon gaan. Moet ook baie versterkende voedsel gebruik. Ons hoop, ons sal dit wel gou weer reg kry. Honderde het al baie erger gewees as u, en is vandag perdfris. Pa of ma was altemet saam met die seun of dogter, en aan die word nou ook deur die dokter alles vertel en duidelik gemaak, en voorgeskryf, hoe hul met die "kind" moet maak. Hul moet hul nou nie tuis oorstuur (ongerus) maak nie, want rêrig ernstig is dit nog nie. Dit sal wel gou weer reg wees, want die seun is tog so mooi sterk gebou, of die dogter sien daar origens so gesond uit, en die medelydende man stryk nog die pasient sag met sy hand oor die hare, en sê vriendelik, moet nou mooi onthou, wat ek gesê het, en neem die medisyne gereeld in. Dan hoop ons, dat dit wel sal reg kom. Nou word die reis na huis aanvaar. Tuis verlang hul al, om te weet wat dokter gesê het. Hul kom by die huis en nou word baie uitvoerig verhaal, wat die spesialis sy opinie is. Die seun of dogter het "'n klein plekkie" in die long. Dis wel heel klein, maar dit is darem dáár. Meteens trek 'n donker wolk oor die huisgesin. Die seun sou aan die end van die kursus eksamen doen, hy is eerste in die klas, of die dogter sou binne 'n jaar in die huwelik tree, en nou het die geliefde "'n klein plekkie" aan die long. En daardeur word alles omver gegooi. Die pasient voel tevrede en is opgeruimd, soos die lyders aan hierdie kwaal gewoonlik is, maar in die huis word deur andere in stilte trane geskrei.

Nou begin die lydensgeskiedenis. Eers gaan die sieke saans nie uit nie, en pas op die koue wind, maar is origens baie in die buitelug. Dis mos gesond, dokter het so gesê. Later bly hy al enkele dae heeltemal in die huis. Naderhand is dit so verander, dat hy byna pal binne bly, en slegs op bysonder mooi dae kom hy met dik, wol slippers aan sy voete, en toegepak met 'n groot jas, nog 'n bietjie buite, en loop in die sonnetjie, en is baie vriendelik teen ieder een, wat 'n woordjie met hom praat, bly as hy is, dat hy ook weer buite rondstap en dit beter gaan.

Nog weer later loop hy nooit meer buite, dog op 'n baie stil en heerlike dag mag hy effens op die stoep sit in 'n gemakkelike stoel. Maar dit hou ook al spoedig op. Nou sien die bure die lyder voortaan bleek en swak met 'n vriendelike groetlaggie voor die venster van die voorkamer sit. Daar sien mens hom party keer vir 'n lang tyd, daeliks, soms wel vir enige maande, maar dan verdwyn hy ook daar. Die kranke bly nou maar mees in die bed, of sit af en toe vir 'n kort rukkie daar voor. Heeltemal verswak is hy, en lyk as 'n geraamte, en eindelik kom dan die advertensie in die krant, soos ek sê: Na 'n geduldig gedragen lyden overleden So en So.

Dit is dan die end van "die klein plekkie" in die long, wat maar nie wou gesond word nie.

En nou is die huis so leeg, want die geliefde was miskien wel twee jare siek en was gedurende die tyd 'n aangename geselskap vir ma en die susters, wat algar al die moontlike gedoen het, om die beminde kranke die lewe te veraangenaam. Daar is vir hom uit mooi boeke voorgelees. Hy moes mooi prente (illustrasies) kyk. Hy of sy was so gesellig, so opgeruimd en so vol moed vir die toekoms, en "die lang lyding" is baie male werkelik "geduldig" soos die advertensie sê, "gedragen". Vol geloof en vol vertroue op die Heere. By tye met 'n sterk verlange na die hemel, die plek waar geen rou en gekryt is, en waar die dood ook geen skeiding maak nie.

Dit is waar, nie alle begin van tering, nie alle "klein plekkies" in die long is ongeneeslik, maar tog daar is nog geen middel teen hierdie vreeslike kwaal uitgevind. O ons het ook al baie swaar tye in ons land deurgemaak. Party keer, veral in tye van droogte en veesiekte kasty die Here ons swaar, dog die vreeslike tering ken ons in vele dele van ons land heeltemal nie. Daar bestaan 'n sanatorium vir t.b.c. lyers ook in ons land, daar in die Karoo by Beaufort Wes, maar daar is mees lyers in uit stede, ens, soos my vertel is, heel party wat nie hier gebore is nie.

Ons ken hier weer meer die kanker, as in Nederland, wat ook 'n vreeslike kwaal is. Ek het u hierdie treurige brief geskryf, opdat u sou weet, dat ons hier in ons land darem nog rede tot dankbaarheid het. Al die lande in die wêreld het hul vreug en hul smart. Dis nie so nie, dat party lande al die lekker het nie, en die ander al die swaar. Nee, die Heere verdeel dit na sy wysheid. Laat ons dankbaar wees, en geniet wat die Heere ons skink.

Uw Vriend,
T. H.

C., 27 Oktober, 1925.

---

## DIE PLAASLIKE-KEUSE KONGRES OP BLOEMFONTEIN.

Op Bloemfontein vergader 'n Kerklike Kongres, opgeroep deur die Ned. Geref. Kerk, om te handel oor Plaaslike Keuse.

Die bedoeling van die Kongres is om die stem te laat hoor van die Kerke oor hierdie saak, en om daardeur 'n kompakte pressie uit te oefen op die Regering, veral op Minister Roos, en op die Parlementslede ten gunste van Plaaslike Keuse. Watter Kerke daar verteenwoordig sal wees, weet ons nie. Ons het niks gehoor van 'n uitnodiging aan die Gereformeerde Kerke nie.

Wat die saak self betref het die Sinode van die Geref. Kerk, wat alle provinsies verteenwoordig, hom uitgespreek, en wel in 1924 op Rustenburg.

Ons laat hier volg die besluit van ons Sinode. Eers het die Sinode die standpunt oor Afskaffing gehandhaaf van die Sinode van 1876. In 1876 het ons Sinode besluit: „De Synode verheugt zich in elke geoorloofde poging tot matigheid, maar gelooft in het Evangelie 'n volmaakt voorschrift van zedeleer te vinden (zie slechts Titus 2 : 11—15) en houdt het lidmaatschap bij de Christelike Kerk de beste verbintenis tot matigheid en alle christelike deugden, en acht dus een biezonder genootschap daarvoor buiten Gods verordening en alligt aanleiding gevende tot onverschilligheid omtrent den waren godsdienst. Ook oordeelt zij het onbetamelik voor een christen zich bij eede te verbinden tot onthouding van hetgeen hij, door Christus geheiligd, met dankzegging matig en godzalig mag gebruiken."

Dan volgt verder die Sinode besluit van 1924, wat lui:—

„Die Sinode ag die regte en kragtigste middele vir die bestryding van dronkenskap te wees: Die suiwere prediking van die Evangelie, die suiwere bediening van die sakramente en die uitoefening van die tug.

Die Sinode ag dat Afskaffing 'n verkeerde metode is om dronkenskap te bestry, daar wyn 'n gawe van God is, wat ons nie gemeen mag ag nie. Die Skrif ken wel persoonlike onthouding, soos dit voorgekom het by die Rechabiete, die Nasireërs en in Rom. 14 en 1 Kor. 8, maar ken Afskaffing as sodanig nie.

Insover as Plaaslike Keuse bedoel om Afskaffing in die hand te werk, spreek die Sinode hom daarteen uit, maar ag dat dit nie op die weg lê van 'n kerklike vergadering om hom verder oor hierdie maatreël van politieke aard uit te spreek nie."

Wat die beginsel dus betref het die Sinode hom uitgespreek. Hier staan twee *beginsels* teenoor mekaar.

Die *beginsel* van die Geref. Kerk is uitgespreek op die Sinode van 1876. Insover hierdie beginsel in botsing kom met plaaslike keuse gaan die besluit ook hierteen.

Verder verklaar die Sinode dat die Kerk dronkenskap moet bestry deur die middels wat Gods Woord voorskrywe teen alle sonde. Die kerklike middel is nie Afskaffing nie. In die twede plek dus 'n verskil in die middel-bepaling of die metode.

Wat die saak self betref, oordeel die Sinode dat nie die Kerk maar wel die Staat oor ander middels kan beskik. Dit lê dus nie op die weg van die Kerk om hom voor of teen plaaslike keuse uit te spreek of daarvoor te agiteer nie. En dit wil ander kerke in Suid-Afrika doen, en ook nou in Bloemfontein.

Bespreek ons hierdie saak van 'n staatkundige of maatskaplike standpunt, dan kom allerlei vrae in bedenking, soos bev. of dit die roeping van die Staat is om 'n handeling as sonde te verklaar, of die Staat geroepe is om sonde te bestry en uit te roei, of die Staat die vryheid van die indiwidu mag beperk en dergelike. Ons kan daarop nie ingaan nie.

Ons herinner daaraan dat op die onlangse Kerklike Kongres op Stokholm ook die drankbestryding aan die orde gekom het. Ds. Botha, moderator van die Ned. Geref. Kerk, Kaap Pr., rapporteer daaroor in *De Kerkbode* van 7 Oktober as volg:—

„Over de drankhandel en het drankgebruik werden degelike opstellen geleverd en ernstige toespraken gehouden. Allen waren diep overtuigd van het feit dat het misbruik van drank ontzettende verwoestingen aanrichtte en veel ellende veroorzaakte, en van de verplichting welke er op de Kerk rustte om tegen dat misbruik te getuigen, dat misbruik te bestrijden en voorlichting te geven over hetgeen de Staat en de samenleving behoren te doen om dat misbruik tegen te gaan. Maar er was verschil van gevoelen over de vraag of de Kerk ijveren moest voor prohibitie of voor betere wetgeving en beter beheer van de drankhandel. De kommissie, die informatie over de zaak heeft ingewonnen, heeft in haar rapport gezegd, dat het uit de leer en het voorbeeld van Jezus blijkt, dat de Kerk het *gebruik* van drank niet veroordelen mag, dat elke christen de vrijheid heeft om zich ter wille van de naaste van het gebruik van drank te onthouden, dat zulke onthouding, om enige waarde te hebben, vrijwillig en niet gedwongen moet zijn, dat de Kerk in huis, op school, in de openbare prediking en door de drukpers vooral aan de jeugd onderwijs geven moet over het gevaar van misbruik van drank, en dat zij op alle mogelike wijze aandringen moet op wetgeving, waardoor de drankhandel onder behoorlik beheer zal zijn. De kommissie meende niet genoeg informatie te hebben om te kunnen aanbevelen aan welke maatregel voorkeur te geven: Prohibitie of het Bratt-systeem van Zweden. Twee leden der kommissie konden zich niet verenigen met wat in het rapport omtrent de leer en het voorbeeld van Jezus in zake drankgebruik gezegd wordt.

## KERK EN SKOOL.

*Algemene Veregadering van die Kaap Prov.*— Die kerkrade word herinner aan die besluit van ons laaste Algemene Vergadering dat hierdie jaar *twee keer* vir die kas van onse Blinde en Dowe kinders, wat in die Inrigting te Worcester op skool is, sal gekollekteer word. En die Trans-

vaalse en Vrystaatse kerke word ook gevra om mee te doen, daar ook uit die provinsies kinders op skool is. Hier is 'n opgawe van die stortinge tot sover:—

Middelburg, K.P., £2:4:3; Kuruman £1:3:0: Lichtenburg (wyk diaken F. Schutte), £2:10:6; Ermelo £1:17:0; Vredefort £2:8:0; Fauresmith £1:16:0; L. J. du Plessis 5/-, tesame £12:4:7. Reeds erken £86:1:9, totaal £98:6:4.

Verder word herinner aan die kollektes vir Sending en Sust. Fonds, waarvoor van verskillende gemeentes die bydrae nie ingekom het nie.

Vir die *Reiskoste* van 'n predikant, wat vroeg in a.s. jaar onse gemeentes in Angola sal besoek, is ingekom:—

Belfast £1:1:0:; Fauresmith £1:12:0; Philippolis £1:3:11; Rustenburg £5:5:8; Christiana 8/-; Middelburg, K.P., £2:3:11; Postmasburg £3:16:4. Totaal £15:11:8.

J. G. H. v. d. WALT.
Penningmeester.

Pastorie, Middelburg, K.P.,
20 Oktober 1925.

---

*Teol. Skool.*—Vakke vir Eksegese vir Semikandidaats-eksame in die Teologie Nov. 1925:—

O. Test. Genesis 1—10, Jona, Hosea 11 en 12.
N. Test. Markus (Lukas), Efese.

J. A. DU PLESSIS, Rektor.

---

*Nylstroom.*—Die Korresp. het aan die Nas. Pers sy kerknuus gestuur. Hy maak melding van die Nagmaal op 11 Oktober. Saterdag was die predikant en 'n gedeelte van die Kerkraad na Pretoria vir die Eeufees, toe dienste waargeneem is deur ouderlings. Sondag was die leraar weer tuis. E.k. Avondmaal is bepaal 2de Sondag in Jan., 1926.

(In vervolg stukke na die Editeur a.u.b.! Red.)

---

*Beskrywingspunte* vir die eerste Diakonale Konferensie van die Provinsie Transvaal, wat sitting sal hou in die Kerkgebou van die Gemeente Johannesburg Noord op Donderdag, die 19de November, a.s. en volgende dae:—

1. Dat ons Konferensie genoem sal word die Algemene Diakonale Vergadering van die Provinsie Transvaal.
2. Dat 'n algemene Diakonale Vergadering van al die Provinsies om die 5 jaar gehou sal word, o.a. vir die oprigting van 'n fonds vir Doofstomme en Blindes en sake van algemene belang.
3. Dat een Nagmaalskollekte deur elke Diakonie in die Provinsie Transvaal vir 'n algemene hulpfonds word afgesonder.
4. Dat van die Provinsiale Sinode van Transvaal toestemming verkry word om al die deurkollektes alleen vir die doel van barmhartigheid te gebruik.
5. Die Konferensie spreek sig uit oor die eigenlike werk van 'n diaken.
6. Bespreking van die wenslikheid van die oprigting van 'n Weeshuisfonds.
7. Bespreking van die wenslikheid van ondersteuning aan die tans bestaande Weesinrigting te Langlaagte, tot tyd en wyl 'n eie weesinrigting tot stand gebring kan word.—Diakonie Johannesburg Noord.
8. Die oprigting van 'n eie Hospitaal.—Klassis van Pretoria.
9. Weeshuis.—Diakonie van Rustenburg.
10. Watter middels kan die Konferensie aan die hand gee om armoede te voorkom?
11. Wat moet gedaan word om betere verpleging van onse krankes in Hospitale en gestigte te kry?
12. Die Konferensie oorweeg die vraag of die tyd nie aangebreek het nie dat onse diakens vrygestel moet word van die las om kerklike bydrae in te samel, en dat hierdie taak aan kerklike kollektante, onder toesig van die Kerkraad, sal opgedra word.—Diakonie van Germiston.

---

*Kennisgewing.*—Alle ou-studente en belangstellendes geliewe kennis te neem dat ons e.v. kongres van die Ou-studente Re-unie, van die Opleidingskool, Steynsburg, op Steynsburg sal gehou word in die opleidingskool op Maandag en Dinsdag 14 en 15 Desember, 1925. Vir losies sal gesorg word mits vroegtydig aan ondergetekende kennis gegee word.—B. J. v.d. Walt, Sekretaris, O.S.R.U., Primêre Skool, Thebus, K.P.

(In 'n ander stuk getietel "Baie Belangrik" wek die Sekretaris alle Ou-studente op om op te kom en hulle subskripsiegelde te betaal. Beskrywingspunte moet in wees voor 17 Nov.).

---

*Petrusburg.*—Op Sondag die 11de deser het die gemeente alhier weer nagmaal gevier. Die opkoms was bevredigend. Op Saterdagaand het prof. J. C. v. Rooy van die P.U.K. 'n belangrike lesing gegee oor Kristelike Nasionale Hoër Onderwys. Die prof. het gewys op die baie moeilikhede wat die inrigting vir Hoër Onderwys op Potchefstroom al moes trotseer, op die vordering wat die P.U.K. gemaak het in die afgelope jare, en veral op die noodsaaklikheid dat dit sal ondersteun word deur al die gemeeentes van ons Kerk.

Sondag het prof. v. Rooy die dienste alhier waargeneem. Sondagmore het hy gewys op die betekenis van die lydensweg van Kristus op aarde, wat gelei het na die ballingskap van Godverlatenheid. Sondagmiddag het hy na aanleiding van Josua 24 'n boeiende preek gelewer. Hy het as uitgangspunt geneem die 15de vers, en het daarop gewys hoe die woorde van Jozua aan Israel: "Kiest u heden wien gij dienen zult," ook telkens deur Pres. Kruger aan sy volk gesê is. Die Pres. het ook deur sy handel en wandel getoon, hoewel hy dit nie in soveel woorde gesê het: Aangaande mij, en mijn huis, wij zullen den Heere dienen!"

Ons geagte herder en leraar is met sy gesin

vir 'n twee weke na Hagenstad se bad, dist. Brandfort. Ons hoop dat hy baie baat daarby sal vind!—Korrespondent.

---

*Sannieshof*, 12 Okt., 1925.—Die laaste paar dae was vir ons dae van blydskap en vreugde en sal vir ons en vir onse kinders dae van dankbare herinnering bly. Reeds enkele jare terug het by verskillende lede van ons Kerk in hierdie omgewing die gedagte pos gevat, dat die snel veranderende lewens- en tydsomstandighede dit noodsaaklik maak om af te stig van die gemeente Lichtenburg. Vir die mense wat sestig myl of nog meer van die vergaderplek van die gemeente verwyder gewoon het, was die kanse om by die bediening van sakrament en Woord teenwoordig te wees so gering, dat hulle op sy mees een keer per jaar die reis kon aanvaar. Na lang wik en weeg, na verskillende voorbereidende vergaderinge en besprekinge het een en ander 'n meer vaste vorm aangeneem toe op die klassikale vergadering die offisiële aanvraag vir afstigting ingekom, behandel en toegestaan is. Saterdag 10 Okt. was aangewys as dag vir die uitvoering van die besluit. Ds. Vorster as konsulent van die gemeente Lichtenburg, Ds. Kruger as deputaat van die klassis en afgevaardigdes van die gemeente Sweizer Reineke het oorgekom om te help en om getuie te wees van die verrigtinge wat moes plaasvind. Die eienaardige was nou, dat die Kruger-eeufees op die geboortedag van die nuwe gemeente geval het en besluit is dat die honderdjarige geboortedag se herdinking sou voorafgaan aan die stig van die nuwe gemeente. Om tien uur het die groot menigte mense bymekaar gekom in die skoolgebou, waar Ds. Vorster die leiding in hande geneem het om eers die woord te verleen aan Ds. Kruger, wat ons na aanleiding van President Kruger se lewe daarop gewys het, hoe "de gedagtenis des rechtvaardigen tot zegening zal zijn." Ds. Vorster is maar 'n kwaai voorsitter en hy het strenge bepalinge gemaak, dat iemand nie langer as 30 minute mag praat nie en by oortreding van sy bepaling al was dit maar een minuut sou afgehamer word. Ds. Kruger het homself vas voorgeneem om geen afstraffing oor die tyd van die president te wil ontvang, het homself in sy toespraak bekort en 'n pragtige afgerond geheel gelewer, wat met stille aandag deur die opeengehoopte menigte geniet is.

Na Ds. Kruger het die hoof van die skool van Sannieshof aan die woord gekom om 'n beknopte oorsig te gee oor die lewe van die president. Deur nie baie stadig te lees het hy dit reg gekry om ook op tyd klaar te wees. Hierna het Oom Andries van der Walt, wat in vroeër dae in Rustenburg se wêreld dig by die president se plase gebly het aan die woord gekom om sy persoonlike herinneringe van die president mee te deel, waardeur verskillende interessante gebeurtenisse by die gehoor bekend geword het. Ds. Vorster het toe self nog enkele persoonlike ontmoetinge met die president meegedeel, waaruit die krag van die president as karaktervolle persoonlikheid en veral as gelowige aan die lig gekom het.

Om drie uur Saterdag het die afstigting sy beslag gekry, is nuwe ampsdraers gekies en is deur een van die oudste lede van die gemeente daarop gewys hoe die gemeente Lichtenburg in 18... afgesny is van die gemeente Potchefstroom met feitlik 'n paar huisgesinne (dit was 13) en die Here die gemeente so uitgebrei het, dat nou 'n gemeente met meer as twee honderd lede afstig. Aan die teenwoordige skare is nog meegedeel, dat D.V. in April deur die drie gemeentes in die distrik n.l. Lichtenburg, Schweizer Reineke en Sannieshof gesamelik 'n predikant sal beroep word. Saterdag na afloop van die afstigtingsvergadering is 'n voorbereidingsdiens gehou deur Ds. Kruger, Sondagmore is nagmaal gevier onder leiding van Ds. Vorster bygestaan deur Ds. Kruger. Sondagmiddag is die dankdiens gelei deur Ds. Kruger en Sondagaand het Ds. Vorster nog een diens gehou oor die betekenis van die gebod "Gij zult niet doodslaan" soos dit verklaar word in die Heidelberger. So was die aangename tyd weer om, deurgebring onder die grootste eenstemmigheid met die hoop en vertroue, dat die Here sy seën in ruime mate ook aan die nuwe gemeente sal skink en die stig van die nuwe gemeente die bloei en welvaart van die Kerk mag bevorder, maar bo alles dat die Here daardeur meer verheerlik mag word en die koms van Sy Koninkryk daardeur bevorder mag word.—'n Lid.

---

*Voor de Melaatsen.*—In hartelike dank ontvang: 'n Suster, Geref. Gem. Bethulie 5/-; N.N., Houtkraal 5/-; Dorkasverg., Petrusburg £2.

Wie wordt niet bij de gedachte aan deze afgezonderde mensen met medelijden vervuld! Als men al eens een of meermalen deze plaats heeft bezocht verstaat men beter wat het betekent met deze krankheid geslagen te zijn. De regering voorziet op deze plaats in voedsel en kleding, maar natuurlik kan men geen versnaperingen enz. van de Overheid verwachten. In de Geref. Gemeente, Pretoria, bestaat reeds jaren, zoals broeders en zusters zeker weten, een zusters-komitee ter inzameling van geld, om inzonderheid op Kerstfeest deze bezochten en vooral de kinderen onder hen, te verblijden door kleine verrassingen. En als nu degenen die hun gaven daarvoor offeren eens konden zien, die blijde gezichten, die stralende kinderogen, niet alleen om het gekregene, maar ook om de gedachte dat er nog broeders en zusters zijn, die hen gedenken en met hen meeleven, dan zouden de gaven zeker meer zijn, als in de vorige jaren.

Willen broeders en zusters, als voorheen, wederom de harten verblijden en het zusters-komitee in staat stellen om kleinen en groten op deze feestdag aangenaam te verrassen? Namens het zusters-komitee.—M. van Dalsen, Penningmeesteresse, 80 Presidentstr., Pretoria.

*Potchefstroom.*—Hier is berig ontvang dat Ds. G. H. J. Kruger die beroep na Vredefort aangeneem het. Die bevestiging is die 17de Jan., a.s. Deur die arbeid van die kerkraad is weer 70 nuwe intekenare op Die Kerkblad verkry.

---

*Koster.*—Die dae van 16, 17 en 18 deser, was weer vir die gemeente van Koster dae van vreugde gewees. Vrydag het die kerkraad sitting gehou en kon ons ook die Weleerw. lerare ds. Kotzé en ds. Pasch, wat gedien het as 'n kommissie van die klassikale vergadering, Rustenburg, in ons midde hê.

Die gemeente het die voorreg gehad, om Vrydagaand al te luister na 'n boeiende preek van ds. Kotzé na aanleiding van die verraad van Judas. Saterdag had ons voorbereidings preek deur ds. Pasch na aanleiding van "Paulus opgetrek in die derde hemel, maar dan ook weer die doren in die vlees."

Saterdagmiddag was aan die orde, die beroeping deur die gemeente van 'n leraar en werd ds. T. Spoelstra met 'n grote meerderheid van stemme beroep. Mog die Here sy Eerw. die vrymoedigheid gee om die roepstem te gehoorsaam en oor te kom om ons te help, aangesien die gemeente al 'n geruime tyd sonder 'n eie leraar is.

Saterdagaand het die gemeente saam met die twee leraars deputate allerlei sake van groot belang bespreek.

Sondag bediening van die H. Avondmaal en doopsbediening aan vyftien kinders. Ds. de Klerk lewer 'n boeiende preek waarvan die tekswoorde was, "Dood waar is u prikkel, hel waar is u oorwinning?" Sondagaand kon die gemeente weer met genot luister na ds. Pasch oor geestelike en liggaamlike melaatsheid.

Die bevestiging van die beroepe leraar sal later, so die Here wil, vasgestel word. Ons e.k. nagmaal sal D.V. die 13de Desember plaasvind —A. M. v.d. Walt, Korrespondent.

---

*Verwydering van die s.g. gewetensklousule uit die P.U.K. Wet.*—Met dank aan die Here is ons nou sover gevorder met die verwydering van die s.g. gewetensklousule uit die P.U.K. wet, dat 'n gewysigde wet gepubliseer en geadverteer word om gedurende die Volksraadsitting in 1926 ingedien te word. Ons laat die wysigingswet in sy geheel hier volg. Daar dit 'n private wetsontwerp is moet alle koste gedra word deur die Raad van die P.U.K. Die koste word bereken op tussen £500 en £600. Die Raad het ondergetekende opgedra om almal, wat die kristelike wetenskap lief het, te vra iets by te dra om die koste te dek. Alle gifte moet gestuur word aan die ondergetekende so spoedig moontlik, waarvan die ontvangs sal erken word in die Kerkblad.—W. J. de Klerk, Registrateur, Posbus 291, Potchefstroom. 26 Oktober, 1925.

Ontvang vir koste van Wetsontwerp: Prof. Dr. F. Postma, £1; Ds. W. J. de Klerk, £1.

## PRIVATE WETSONTWERP

om die "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" te wysig.

*Aanhef.*

Nademaal daar op Potchefstroom in die Provinsie Transvaal 'n instelling is vir hoër onderwys in lettere en wetenskap, welke instelling van die jaar 1869 tot einde Maart 1919 bestaan het as letterkundige en wetenskaplike afdeling van die inrigting bekend as "De Theologiese School van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika", gestig en in stand gehou deur die Kuratore van genoemde Kerk, en op 1 April 1919 onder die naam "Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwijs" 'n afsonderlike instelling geword het onder beheer van 'n eie raad, gesubsidieer deur die voornoemde Kuratore en deur die Regering:

En nademaal die "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" gemelde instelling onder die naam "Het Potchefstroom Universiteitskollege" ingelyf het en dit verhef het tot 'n kollege bevoeg om as 'n samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geproklameer te word en vir die bestuur en beheer van die sake van gemelde instelling, die reëling van die werksaamhede daarvan en ander sake wat daarmee in verband staan voorsiening gemaak het;

En nademaal gesegde Wet bepaal het dat wanneer gemelde instelling aldus geproklameer word artiekel *vyftien* (onder ander) van die "Wet tot Additionele Regeling van het Hoger Onderwijs 1917" op gemelde instelling van toepassing sou wees;

En nademaal gemelde instelling by Proklamasie No. 102 van 1921 uitgevaardig in die Staatskoerant van 15 Julie 1921 toegevoeg is aan die twede bylaag van die "Universiteit van Zuid-Afrika Wet 1916" en tot 'n samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geproklameer is;

En nademaal gemelde instelling sedert sy ontstaan 'n Kristelike karakter gedra het en nog dra, en gemelde instelling opgerig en tot 31 Maart, 1919 in stand gehou is uitsluitlik met fondse bygedra met die doel en in die mening dat dit sodanige Kristelike karakter sou behou en vanaf 1 April 1919 in groot mate gesteun is en nog gesteun word uit fondse met sodanige doel en mening bygedra, en dit derhalwe wenslik is om die behoud van sodanige Kristelike karakter te verseker;

En nademaal dit vir die versekering van die behoud van sodanige Kristelike karakter wenslik is om die naam "Het Potchefstroom Universiteitskollege" te verander tot "Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys";

En nademaal dit vir sodanige versekering verder wenslik is dat artiekel 15 van die "Wet tot Additionele Regeling van het Hoger Onderwijs

1917" nie op gemelde instelling van toepassing sal wees nie;

En nademaal dit vir sodanige versekering verder wenslik is dat die raad van gemelde instelling verplig sal wees om by die aanstelling, skorsing, bedanking of ontslag van professore, lektore en ander lede van die onderwyspersoneel sowel as van die registrateur en ander amptenare en bediendes sorg te dra vir die handhawing van die Kristelike karakter van gemelde instelling sonder aanwending van 'n denominasionele toets;

En nademaal daar twyfel bestaan of en in hoeverre die oplegging van 'n sodanige verpligting op die raad in stryd sal wees met die bepalinge van artiekel *vyf-en-twintig* van die "Universiteit van Zuid-Afrika Wet 1916" en dit derhalwe wenslik is om te bepaal dat sodanige verpligting sal bestaan nieteenstaande die bepalinge van genoemde artiekel;

*En nademaal tydens die passering van gemelde "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" die Regering sy jaarlikse bydraag tot ondersteuning van gemelde instelling voorlopig wou beperk en gemelde Wet derhalwe vir sodanige beperking voorsiening gemaak het;*

*En nademaal die Regering nie meer sodanige beperking begeer nie en dit derhalwe wenslik is om die voorsiening vir sodanige beperking te herroep;*

En nademaal dit wenslik is om gemelde "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" te wysig in die opsigte hierbo aangedui;

Word dit derhalwe bepaal deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

*Wysiging van Artiekel e e n van Wet No. 25 van* 1921.

1. In artiekel *een* van De Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921 (hierna genoem die hoofwet) word die woorde "Het Potchefstroom Universiteitskollege" in die woordbepaling van "Het Kollege" vervang deur die woorde "Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys."

*Wysiging van artiekel t w e e van Wet No. 25 van* 1921.

2. In artiekel *twee* van die hoofwet word die woorde—(a) "tot *zeventien* inklusief" in subartiekel (1) vervang deur die woorde "*veertien, zestien* en *zeventien*," en (b) "Het Potchefstroom Universiteitskollege" in subartiekel (2) vervang deur die woorde "Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys."

*Wysiging van artiekel neentien van Wet No. 25 van* 1921.

3. *Artiekel neentien van die hoofwet word vervang deur* die volgende nuwe artiekel:—

*Christelik karakter van het Kollege.*

"19. Niettegenstaande de bepalingen van artikel *vijf-en-twintig* van de Universiteit van Zuid-Afrika Wet 1916 of een andere wet draagt de raad bij het aanstellen, schorsen, bedanken of ontslaan van professoren, lektoren en andere leden van het onderwijspersoneel en van de registrateur en andere ambtenaren en bedienden van het Kollege zorg voor de handhaving van het Christelik karakter van het Kollege zonder aanwending van een denominationele toets."

*Korte Tietel.*

4. Hierdie Wet kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys (Private) Wet 1926.

---

*Zastron.*—Op die 17de en 18de van Oktober, 1925, het die gemeente weer die voorreg gehad om in hulle midde te hê Ds. Venter van Aliwal-Noord, om Woord en Sakramente te bedien. Vertroostend en boeiend was die preke van S.Eerw. uit die heilige Woord. Mog ons hemelse Vader deur Sy genade en Gees Sy Woord heilig aan elke hart, nie alleen hier, maar oral, waar Sy woord gebring word deur die mond van sy diensknegte. Met die geleentheid het die gemeente ook besluit om 'n kerkgebou hier op te trek, na so vele jare van moeite en druk. Sal dit nie 'n groot vreugde vir kerkraad en gemeente wees om ons eie gebou te hê, waar ons vry kan saamkom om die Here te dien? Mog ons ook die krag ontvang waar ons so 'n groot taak aangevang het.—Oudl. J. C. de Wet, Humanskroon, Zastron.

(Het die bedanking van Ds. Venter dan nie 'n beroering veroorsaak nie? Die korrespondent meld daar niks van nie. Ds. Venter stuur aan De Kerkbode 'n roerende brief van die kerkraad van Zastron aan hom gerig en gedateer 18 Okt. en wil te kenne gee dat die kerkraad bewus was van sy bedanking as *predikant.*—Red.).

---

*Kennisgewing.*—Ondergetekende gee hiermee kennis van die afstigting op 10 Okt., 1925, van 'n deel van Lichtenburg tot die nuwe gemeente "Sannieshof", nadat behoorlik voldaan is aan art. 38 K.O. Tot korrespondent van Sannieshof is benoem br. S. C. W. Buys, Tweebosch, P.K. Sannieshof, Tvl. Die Klassis Potchefstroom bid die jongste gemeente toe Gods seën.—Heilbiddend u d.w.dr., I. D. Kruger, Voors. Korresp. Gemeente, Okt., 1925, Potshefstroom.

---

## NUWE BOEKE.

---

Van J. N. Voorhoeve, Den Haag, Halland.—
1 Christelık Scheurkalender;
2 Premie-boeken.

Ons het met genoeë kennis geneem van hierdie Kristelike Scheurkalender en die twee boeke, wat goedkoop verkrybaar gestel word, nl. *Voor de Leeuwen* deur C. Z. J. Schaum, 'n boeiende boek, wat 'n verhaal bevat van die Kristene uit die tyd van Keiser Vespasianus, en *De Halfbroeder,* deur

W. Schippers, net so boeiend en leersaam. Ons beveel hierdie uitgawes van Voorhoeve van harte aan en hoop dat ons lesers meer gebruik sal maak ook vir hulle kinders van hierdie mooi kalender en die kristelike boeke. Ons verenig ons met die Akademie dat Hollandse boeke as leesboeke moet gebruik word in die skole, en veral kristelike leesboeke. Hier is nou sulke geskikte boeke.—J.P.

*Vyf Vaderlandsliedjies* (Solfa daarby) uitgawe R. Müller, 91—93, Waterkantstraat. Kaapstad, 2/6.

Hierdie musiek-bundeltjie bevat, *Die slag by Bloedrivier* (Th. Wassenaar). *Die lied van die Ossewa* (Totius). *Die Afrikanervrou* (Hugenoot). *Ons Voorgeslag* en *Dingaansdag*, 'n Feeslied (M. L. de Villiers). Al vyf op musiek gesit deur M L. de Villiers.

Ons jongmense moet meer sing en hier is nou weer vyf mooi liedjies, in ons eie taal, en gekomponeer deur 'n Afrikaner. Vir Dingaansviering is hulle baie geskik.—J. P

## SIEKVERLOF HERINNERINGE

(Deur Ds. D. du Plessis)

(Slot).

Voor ek die artiekels beëindig het ek nog 'n paar punte op my "Memoranda", waaroor ek enkele gedagtes ten beste wil openbaar. Die een is oor "die lewe hier aan die strand"; die ander is oor "vakansie vir predikante" en ,,dan nog 'n betogie oor die beste geneeswyse".

Die lewe en besoek aan die strand by onse grote kusstede word bepaald 'n gewetenskwessie vir opregte kristene. Of die Kaap of Oos-Londen of Durban is die uitgelatenheid is eners. Op twee plekke aan see tydens my siekverlof het ek gestuit teen die gemengde baaiery van mans en vrouens. Ek het selfs te Oos-Londen my besware gelug in die plaaslike pers oor die euwel. Selfs mense van die binneland—ook kristene van bekende naam—wat na die strand kom vir vakansie, is hulle gewone opvatting van skaamte kwyt by die soutwater. Die mense word bepaald "beestelik," veral jongmense, aan die strand—en die publiek, wat in digte dromme toeskouers is van die onbeskoftheid, het daar klaarblyklik 'n welbehae in. Wat mense nie op helder dag op straat sal doen word daeliks in die water en op die sand as 'n spulletjie reggekry. En die skandaal word vir 'n grap bestendig in portrette van mans en vrouens in baaiklere, wat niks anders is as grille naaktheid sogenaamd bedek.

Die pretmakery van die "verligte eeu" verloop almeer in sensualisme. Net die advertensies van die dinge is al 'n wêreld van wellustigheid. Behalwe die dans manie, wat Sodomieties word by die dag, het die "Carnival" gees ook vrye teuel gevier in die stad alhier. Dis 'n gemaskerde publiek, wat dol is van pret, en agter die masker sig baie dinge veroorloof, wat die soeklig nie kan verduur nie. Wat Paulus beskryf van die Godverlate heidens in Rom. 2, dat hulle ook "vinders is van kwade dinge", geld ook van die teenwoordige beskaafde heidendom, wat volgens die profetiese woord in die laaste dae sal wees "onheilig . . . liefhebbers der wellusten" (2 Tim. 3). Dis die uitsinnige mensdom met 'n gedaante van godsaligheid sonder die krag daarvan. Mag ons behoed word vir die gevaar saam met onse kinders! Dis 'n skriklike verleiding waarteen "gewaak en gebid" moet word met al die erns van onse siel. Met die oog op die ,,strandellende" word die wêreld naderhand te klein vir die wat gaan om te rus by die see. Kristenfamielies sal moet uitkamp in rustiger en reiner oorde.

Wie geestelik en liggaamlik wil uitrus moet wegbly van die malle-meul aan die strand.

Vir die predikant, wat op vakansie is en met rus wil gelaat wees, word ook die vraag na 'n rusplek altyd moeiliker in onse dae. Gelukkig dat die nodige verlof in die reel nie geweier word wanneer daarom gevra word, en dis seker goed dat dit met dank erken en gewaardeer word, maar die vraag is of die kerkrade nie alleen *gesette* vakansietye (desnoods meer dan eenmaal per jaar), maar ook *verpligte* vakansie vir die predikante moet oorweeg. Ek wil nie al te veel op hierdie punt uitwei nie, en ook nie kla nie met die oog op myself nie, want ek het in die opsig nog altoos die hartlikste goedwilligheid geniet van die kerkrade en gemeentes aan wie ek gebonde is, en was—maar dit help nie om die oog te sluit vir 'n gevaar wat die kerk in onse dae blykbaar nog nie ernstig opgemerk het nie. Nie alleen die feit van gebrek aan predikante moet ons laat oppas om die weinige te ooreis nie maar ook andere redene. Onse teenwoordige beskawing lewer maar 'n liggaamlik swak geslag en die wetenskaplike eise om predikante klaar te kry gaan onse kragte te bowe. Menig jonge broeder is kapot die dag as hy proponent is, en dan moet hy sonder rus al dadelik in die veeleisende predikantswerk spring, en in die reel spaar so 'n jong perd hom nie. Hy word ook nie gespaar nie—so'n jong dominee. En dan loop dit vir die eerste jare maar hard op draaf voordat dit uitgespan word. Die gevolg is 'n afgewerkte krag en 'n geknakte gesondheid soms vir die lewe lang. Dit betaal die gemeentes om te sorg vir die goeie gesondheid van hulle predikante. Redelikerwyse verkry hulle dan die profyt in groter mate en vir langer termyn terug. As ons die lys van afgestorwe predikante in onse kerk nagaan dan sien ons dat die grote persentasie nie oud geword is en ook nie lang gewerk het nie. Dit is feite en syfers wat nader ondersoek vereis. Natuurlik is daar ook 'n keersyde aan die saak, en dit is of ons predikante, wat driekwart van ons lewe 'n sittende lewe moet lei, nie ook moet waak nie. Sekerlik dink ek, behoor ons meer respek te hê vir die eise van ons liggaam, en verwaarlosing daarvan laat sig geld vroeër of later. Ons is teveel vliegende en te weinig voetganger predikante.

Vir die broeders, wat nog goeie gesondheid geniet, is daar net één raad: hou wat julle het en bewaar die kosbare skat wat julle toevertrou is. "Voorkomen is beter dan genezen."

Wat die regte geneeswyse is vir die wat sukkel met hulle gesondheid? Ek kan nie aanspraak maak op die kennis van 'n deskundige; dus bly my beskouing 'n saak net van persoonlike opienie, wat gegroei is uit die ervaring.

Ek glo nie aan die dokter of geneesmetode, wat meen dat hulle weg die enige weg is, en dat hulle alle wysheid in pag het. Dit erger my as die allopaat smaal op die homoepaat of die neus optrek vir sogenaamde kwaksalwers en boererate. Eensydigheid is altyd verkeerd. Die waarheid is, dat alles onder ons mense onvolmaak is. Die menslike wetenskap, wat roem op perfeksie en onfeilbaarheid, is die gevaarlikste. Daarom is daar 'n kant van waarheid in al die geneesstelsels—selfs het die geloofsgenesers 'n groot deel van die waarheid aan hulle kant. In algemeen egter spandeer ons teveel vir medisyne in die vorm soos die allopate voorskryf—ons moet bietjie meer medisyne gebruik soos die natuur dit aan ons wil gee. Die Bybel praat baie min van die botteltjies en flessies wat ons adverteer, en wys meer op die natuur self, soos water, lug, son, aarde, vrugte, ens. Meeste mense eet hulle dood, en die grondreel van goeie ete is nie soseer wat ons eet, maar *hoe* ons eet. Bowealles moet ons meer gebruik maak van die geestelike kragte wat die Skepper in ons gelê het om te stry teen die krankheid. Die beste medisyne en dokters sonder moed en geloof in die kranke kan nie baat nie. Die wyse Spreukedigter sê: "de geest eens mans zal zijne krankheid ondersteunen, maar een verslagenen geest wie zal dien opheffen?" Spr. 18:14.

Maar in alles weet ons dat genesing sonder gebed 'n vloek is vir die mensdom net soos alle wetenskap en menslike arbeid sonder God ydel en tevergeefs is.

Ook die krankheid moet uitvaar deur „vaste en bidde." Let ook op die vaste—die middel—daarby. Wat onder vaste in algemeen moet verstaan word? daarvoor verwys ek die leser na die beskouing van Dr. Kuyper in sy boekie "Uit het Woord" Deel VI waar hy oor die praktyk der Godzaligheid artiekels skrywe oor die "practijk in de oefening." Dis nuttig en leersaam vir onse tyd. En nou wil ek hiermee eindig met in die eerste plaas die redaksie te bedank vir die geleentheid om die herinneringe te publiseer—Voorts wil ek hier ook my innige dank uitspreek aan die kerkrade en gemeentes van Ladybrand en Ficksburg, aan wie ek meer dan tevore my verbonde gevoel vir die meelewe en meestryde met my en my huis in hierdie jaar van onvergetelike beproewing.—Hulle gebede en offers is ons dierbaar gewees. Offers? ja nie alleen tasbaar maar ook deur met lydsaamheid te wag en geduldig te wees in die tyd dat hulle so te sê herderloos was.

Mag die dag weer aanbreek dat die Here ons verbly na die dae waarin Hy ons gedruk het en ons kan sien ook op 'n geestelike wins vir die ewigheid.

Alhoewel nog nie herstel nie tog is daar beterskap en hoop dat al onse gebede sal verhoor word. Ondertussen doen ons wat onse hand vind om te doen en wag op die Here soos wagters op die more.

En eindelik nog 'n woord van dank aan al die broeders en susters en gemeentes wat skriftelik of andersins hulle hulp en liefde met medelyde laat blyk het.

D. du P.

Ladybrand,
Sept., 1925.

## VRAEBUS.

'n Suster uit Kaapstad se wêreld vra of dit sonde is dat 'n vrou of meisie haar hare afsny. Sy het 1 Kor. 11 gelees maar wil graag verder inligting hê. Poulus handel in hierdie hoofstuk oor 'n verkeerde gewoonte, wat ingesluip het in die gemeente van Korinte. Die vrouens het 'n posiesie ingeneem, wat die gelykstelling van man en vrou bedoel het. Hy handel hier nie oor die vraag of vrouens mag deelneem in die gemeentelike samekomste nie. Hieroor handel hy in Hoofs. 14.

Die vrouens het ongedek deelgeneem in die verrigtings. Dit sê P. mag nie. 'n Vrou moet iets op haar hoof hê, as 'n bewys dat sy haar hoof, haar man, erken.

Emansipasie bedoel haar gelykstelling, en sy wil die man nie erken as hoof nie. Dan sê P., kan die vrou ook maar haar hare afsny as sy ongedek in die gemeente wil verskyn. Dit is dieselfde. Maar dit pas 'n vrou nie, om haar hare af te sny nie. In die 6de vers staan "Dit is lelik vir 'n vrou om haar hare af te sny". Die griekse woord beteken 'lelik' of 'skandelik.' In die 14de vers sê hy dat dit teen die natuur is dat 'n man lang hare het, maar vir die vrou is lang hare vir haar 'n eer. Lang hare behoor dus by 'n vrou, en kort hare by 'n man.

Waarom sny vrouens en meisies *nóu* hulle hare af? Daar is verskillende redes voor. Die een sny hulle af, omdat sy nie mooi hare het nie, die ander omdat haar hare uitval, die derde omdat die hoede nie wil pas as die hare nie afgesny is nie, 'n vierde omdat sy gelyk wil staan met die man, en 'n vyfde omdat dit nou die mode is.

Elkeen het 'n rede. Is dit nou sonde om die hare af te sny?

Laat elke gereformeerde vrou en meisie ook in hierdie saak haar afvra voor die Here! Modesug en wereldsgesindheid is sonde, die gelykstelling van die vrou met die man is teen die ordinansie van God. Wat ons ontbreek is dikwels *staan-* en *weerstands*krag, en dit blyk so baie met die altyd wisselende modes van die wêreld.

As ons, gereformeerdes, nou met al die grille van die wêreld saamgaan, dan is ons nie meer gereformeerd nie, en dan is ons ook verlore. Die gelowige se roeping is om te *staan*, waar hy ook moet *gaan*, en om hom nie te laat sleep of self af te drywe met die stroom nie.

---

Br. S. P. van Vuuren, Elandsfontein, wil van Ds. Kruger weet of Abraham 'n leun vertel het in Gen. 12 en of Esra in Nehemia 8 die Bybel of 'n wetboek voorgelees het.

---

Br. P. J. Coetzer, Germiston, vra of dit 'regsinnig' is om Koorsange in die Geref. Kerk te oefen. Hy praat van Koorsang-boeke van H. A. Marais. Hy beroep hom op die Sinode besluit 1907 Art. 100; wat lui: „De Synode heeft aanbevolen dat de kerkeraden zoveel mogelik ijveren, dat het Psalmgezang door het opkomende geslacht beoefend worde, en heeft gewaarschuwd tegen 't gebruik van Methodistiese liederen, als er zijn van Sankey en Kinderharp."

Ons beantwoord liewer nie vrae, wat 'n plaaslik kerklike karakter dra nie. Die broeder moet die vraag voor sy kerkraad lê.

---

*J. H. M. K.* Vr. 1. Ons moet liewer ons eie mense in besigheid ondersteun as hulle die ondersteuning waardig is.

Vr. 2. Elkeen, wat Gods Woord verag, is 'n swyn wat die pêrel vertrap.

Vr. 3. Nee, ons mag nie 'n broeder of suster, wat onder sensuur is, verag nie. Ons moet hulle opsoek, vermaan, en hulle saligheid soek.

Vr. 4. As 'n Gereformeerde onverwags op 'n dansparty afkom moet hy nie hooghartig veroordeel nie, maar in liefde vermaan en dan weggaan.

Vr. 5. Ons mag deelneem in alle spele, wat beoefen word deur kuns en behendigheid. Nie in lot- of kansspele nie. 'n Gereformeerde mag deelneem in spelletjies (vermake), wat 'n *eerbare* karakter dra, en wat nie in hulle *oorsprong* sondig is en na hulle *aard* tot sonde kan lei nie. Dan moet alles met *matigheid* geskied. Vermake moet in hulle *aard* en *maat* so wees, dat ons oortuig is dat ons nie daardeur sondig nie.

Vr. 6. Dit pas 'n Gereformeerde nie om Saterdagaand 3/6 vir 'n sondige Bioskoopvertoning uit te gee en Sondag 'n 3d. vir die armes te gee nie.

J. P.

---

## KORTE OPSOMMING

van die inhoud van 'n Handleiding tot Beoefening van ons Kerkgesang.

In hierdie boekie word op beknopte manier die biesonder toonstelsel van ons psalmboeke uiteengesit. Nie alleen wat in die psalmboek B-mol en B-duur genoem word nie, maar ook die verskillende kerktoonaarde word korteliks verklaar en deur gepaste oefeninge gedemonstreer. Wetenskaplike terme word soveel moontlik vermy, sodat aan die hand van die Oefeninge en die psalmboek self, die singlustige beoefenaars van ons kerkliedere goeie praktiese vorderinge kan maak.

Die groot gebrek in ons gemeentes is, dat die ou note in die psalmboek nie meer geken en beoefen word nie. Dit is amper 'n treurige refleksie op ons huisgesinne, waar die psalmgesang ontbreek. Om die gebrek te gemoet te kom, is 'n aantal oefeninge gegee in B-mol en B-duur, in die majeur- en mineurtoonskale, saam met 'n eenvoudige en elementêre inleiding in die mees voorkomende harmonieë.

Die ore van ons mense is deur ons hedendaagse moderne musiek 'n bietjie bederwe en die ou kerktoonaarde klink vreemd en ongewoon, tot 'n mens daaraan gewend raak. Ook die harmonie, die akkoorde wat in mineur-psalme gebruik word, klink so heeltemal anders as die harmonie van majeur-psalme. *Hierdie moeilikheid kan alleen deur volhardende oefening oorwen word.* Die skoonheid en lieflikheid van die soort psalmwyse sal altyd meer in die lig tree.

En dan, beoefen die psalmgesang met kort en lang note. Dit sal vir baie singers 'n aangename verrassing wees om te hoor, hoe anders 'n psalm klink as hy so gesing word. Die wat die voorreg had om bv die onthulling van die Kruger-standbeeld op 10 Oktober te luister na die 124ste psalm, sal my verstaan. Een van my vrinde vra my, of dit 'n nuwe wysie is. Ek sê toe vir hom: nee, dis maar dieselfde ou wysie, maar nou word hy gesing, soos hy *moet* gesing word.

Ek het my beskikbaar gestel om die Kerk in hierdie saak te dien. Sal daar in die Kerkblad plek wees om vrae te stel en te beantwoord?

H. VISSCHER.

Rustenburg,
14/10/1925.

(Ons publiseer bostaande stuk om weer die belangrike vraag oor die sing van ons Psalms voor die aandag van die gemeentes te bring. Hierdie Handleiding kan alleen uitgegee word as daar genoegsame aanvraag daarvoor is. Sal ons kerkrade nie die saak bespreek nie? Br. Visscher is bereid om vrae daaroor te beantwoord.—Red.).

---

**KENNISGEWING.**

---

Kuratore en lede van kommissies gaan tuis by die volgende:—

Ds. H. J. R. du Plessis by N. G. Venter, Molenstraat. Ds. N. H. v.d. Walt by Prof. Postma. Ds. J. A. van Rooy by H. C. van Rooy. Ds. D. P. du Plessis by H. Schulze, Hoffmanstraat. Ds. W. du Toit by Ds. I. D. Kruger. Ds. J. G. H. v.d. Walt by Prof. J. Chris. Coetsee. Ds. D. Postma by W. J. Pretorius. Ds. G. H. J. Kruger by Prof. du Plessis. Ds. D. G. Venter by Dr. de Wet. Ds. J. H. Kruger by H. A. Steyn, Molenstraat. Oud. H. H. van Rooyen by mevr. Kitty Coetsee. Ds. L. P. Vorster by Oud. P. Venter. Ds. A. S. E. Yssel by D. van Rooy. Oud. J. J. Henning by D. J. Lessing, Auretstraat. Oud. P.

A. Venter by J. J. A. Coetsee, Koning Edwardstraat.
H. VAN ROOY, Oud.

Potchefstroom,
26 Oktober 1925.

## KORRESPONDENSIE.

Van Ds. T. N. Venter het ons twee briewe ontvang, gerig aan De Kerkbode, met versoek om dit te publiseer, waarin hy beswaar maak teen sy skorsing op grond van sy bedanking.

Ons wil aan die skrywer nie die geleentheid ontneem om iets te verduidelik in verband met sy saak nie. Maar as hy enige mededeling het vir die lesers van Die Kerkblad dan moet hy aan ons skrywe. Hieronder plaas ons 'n later brief gerig aan Die Kerkblad. In een brief aan De Kerkbode gee Ds. Venter 'n baie simpatieke brief geskrywe deur die Kerkraad van Zastron.

W. A. Venter, Slagkraal, Philipstown.—Dankie vir u moeite oor die boeke, wat u wil gee vir die Teol. Skool. Die Almanak is nie van ons Kerk nie. Die ander boeke is hier.

J. A. du P.

Aan die Redaksie van Die Kerkblad.

Waarde Redaksie,—In verband met korrespondensie oor skorsing, wens ek nog die volgende op te merk:—

By herlesing van 'n brief van Ds. C. W. M. du Toit, d.d. 10 Okt. l.l., waarin hy o.a. opmerk: "Ek wil u net daarop wys, dat u asseblief aan Ventersburg se Kerkraad moet kennis gee, as u enige stap neem, wat u status raak. Daar is 'n kommissie van die Algemene Vergadering, wat Ventersburg moet daarin adviseer," merk ek op, dat die datum, waarop hierdie brief gepos werd, op Bloemfontein, is 15 Okt. l.l.

Ek het voor 3 Oktober 1925 aan Ds. du Toit geskrywe oor die aansoek, om "Colloquium Doctum" af te lê by die Ned. Herv. of Geref. Kerk, en ook gemeld, dat ek nie langer sou voortgaan met die bediening des Woords, en dat ek my bedanking sou indien by die Kerkraad van Kroonstad, wat dit dan kan indien by die Kerkraad van Ventersburg, hierop sinspeel Ds. du Toit, as sy skrywe: "Ek wil u net daarop wys, dat u asseblief aan Ventersburg se Kerkraad moet kennis gee, as u enige stap neem, wat u status raak."

Gevolgtrekkings, waarom hierdie brief van Ds. du Toit reeds die 10de Okt. geskrywe is, maar eers die 15de Okt. op die pos gedoen werd, op Bloemfontein, die dag, waarop die Kommissie van die Algemene Vergadering 'n gekombineerde sitting met die Kerkraad van Ventersburg, op Ventersburg, gehad het, en besluit werd tot skorsing, kan elkeen vir homself maak—die lede van hierdie Kommissie, uit die Kerkraad van Bloemfontein, is Ds. C. W. M. du Toit en oudl. H. H. van Rooyen. Of Ds. du Toit op Ventersburg was, weet ons nie—in die brief, waarin die skorsing aan ons gemeld word, d.d. 16 Oktober l.l., lees ons o.a.:

"Die Kerkraad van die Geref. Gemeente, Ventersburg, O.V.S., saam vergader te Ventersburg, op Donderdag, 15 Oktober 1925, met 'n deputasie van drie Kerkraadslede van die Geref. Gemeentes, Bloemfontein en Reddersburg, ens."

Die brief van Ds. du Toit d.d. 10 Oktober het ons ontvang, na ons terugkoms van Johannesburg, waar ons die Kommissie van Eksaminatore, op 16 Oktober l.l. ontmoet het.

Dan nog dit: Ons verneem gister, dat die Kerkraad van Kroonstad na die samekoms van 3 Oktober, op Kroonstad, Ventersburg mededeling gedoen het, dat ons onse bedanking by die Kerkraad van Ventersburg sou indien—soos reeds gemeld, aan De Kerkbode-redaksie, wou die vier lede, op 3 Oktober geen vergadering hou, waarop ons nogtans gesê het: ons bedank, en sal die Kerkraad van Ventersburg ook daarvan mededeling doen.

Ons vra: As Ds. du Toit op Ventersburg was die 15de Oktober, wat min twyfel laat, moes dit hom, met die gegewens, wat hy toe gehad het, nie duidelik gewees het, dat onse brief aan die Kerkraad van Ventersburg, d.d. 5 Oktober, 'n bedanking was en niks minder?

Was dit dan billik van hom, as hy teenwoordig was op die gekombineerde vergadering op Ventersburg, op 15 Oktober, om toe te laat, of mee te help, om die besluit van skorsing te passeer? Ons was die 15de Oktober nog op Kroonstad, waarom werd ons nie per telefoon-gesprek geraadpleeg oor die inhoud van die brief d.d. 5 Oktober, maar nee, tot geluk van die Kommissie en Kerkraad staan in die brief nie met sovele woorde: "ek stel bekend, dat ek bedank."

Vraag is hier, wat is reg en billik?

U dankende vir opname,
Hoogagtend,
U dw. dnr. en Broeder in Kristus,
T. N. VENTER.

8 Gibbonstraat, Kroonstad,
23 Oktober 1925.

(Die lesers sal wel verstaan dat ons Ds. Venter is.—Red.)

(Ek het insage gehad van bo-staande brief, en wil alleen meedeel dat op 15 Oktober, toe die Kerkraad van Ventersburg met die betrokke deputate ds. T. N. Venter geskors het, daar geen bedanking van Syeerw. as lid of as predikant van die Geref. gemeente van Ventersburg, in hande was van die Kerkraad aldaar nie, wèl 'n kennisgewing van wat Syeerw. mee besig was by die "Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal."—C. W. M. Du Toit, Voors. Kor. Kerkraad.)

## ONS KERKBLAD EN ONS AFRIKAANSE TAAL.

Geagte Editeur! Vergun my 'n weinig plaasruimte in u blad oor bostaande twee sake.

Ons Kerkblad.

Waarom gaan die geestelikheid so agteruit in ons kerk se lidmate? Waarom volg ons so maklik die stroom van die wêreld? Is een van die grootste oorsake nie, omdat ons lidmate nie almal Die Kerkblad lees nie? Kan ons dit nie opmerk as 'n mens by 'n huisgesin kom, wie lees Die Kerkblad en wie lees hom nie? Ek dink elkeen kan dit opmerk as hy net wil. Die een gesels van sy kerk en die ander van die wêreld. Dis treurig om te sien hoe min Die Kerkblad gelees word onder ons mense, nog treuriger om te sien dat daar selfs Kerkraadslede is, wat ook nie Die Kerk-

blad lees nie. Watter voorbeeld kan sulke Kerkraadslede die gemeente gee? Moet nie elke predikant of Kerkraadslid elke lidmaat aanspoor, veral ouers van huisgesinne, om in te teken vir Die Kerkblad nie? Sal dit nie goed wees as ons Kerk 'n man afsonder om na elke dorp te gaan met groot kerkgeleenthede om die gemeentes daarvoor aan te spoor en aan te moedig? Ek dink ons Kerk moet hom bietjie meer vir die saak uitsit en nie net by praat of skryf laat nie, want die grootste meerderheid lees niks en leef in die duisternis omtrent ons Kerk.

As die ouers nie Die Kerkblad lees nie, hoe kan hulle verwag dat die kinders dit sal lees? Waar is die voorbeeld, wat die ouers die kind moet gee? Wat is 10/- in 'n jaar om die geestelike lewe op te bou?

Vat Die Kerkblad vir 'n wapen in u hand om die stroom van die wêreld te bestry en hou vas aan die ou sedes en gewoontes. Leser, laat u Bybel en Kerkblad op u tafel gesien word sonder stof, en hou vas aan ons voorouers se gewoontes. Hoe kan ons ons Gereformeerd noem as ons nie ons Gereformeerde Kerkblad lees nie? Hoe baie is daar wat nie eers 'n sjieling het vir 'n Kerkalmanak in 'n jaar nie? Hulle koop liewer die Vriend-Almanak as om die Kerk te steun.

J. KOTZEE.

Pelgrimsrus, Bethulie.

(In sy brief oor die Afrikaanse taal spoor die skrywer die lesers aan om die hande te steun van die Bybelvertalers, en roep hy die Gerefomeerdes toe: "Laat ons wys dat ons ons nasie en taal lief het!" Br. Kotzee moet maar roer in Bethulie, sodat al die huisgesinne Die Kerkblad kry.—Red.)

## IN MEMORIAM.

Ons het van Ceres 'n lang In Memoriam ontvang tot herinnering aan die dood van Gerrit Wilhelm Francois Snyman, geb. 6 Maart 1903, oorlede 2 Oktober 1924.

Hy was altyd lydende aan vallende siekte en sy ouma, mevr. J. W. du Plessis, stuur hierdie In Memoriam.

Dit spyt ons dat ons die stuk in sy geheel nie kan plaas nie.—Red.

# VIR DIE KINDERS.

Antwoorde op vrae in Die Kerkblad 1 September:

(1) Farao Necho 2 Kon. 23:29, Jerem. 46:2 en Farao Hofra Jerem. 44:30.

(2) "Ik heb groteliks begeerd, dit Pascha met u te eten, eer dat ik lijde" Luk. 22:15. Want ook ons Pascha is voor ons geslacht, namelik Christus, 1 Kor 5:7.

(3) Gal. 3:23 "Zo dan, de Wet is onze tuchtmeester geweest tot Christus." Net soos 'n meester (onderwyser) in die ou tyd die kinders na die skool gebring het, so lei die Wet ons na Kristus toe. Tugmeester beteken onderwyser.

(4) (Ons kan nie die pad laat druk nie.)

(5) In Eks. 24:7 "En hij nam het Boek des Verbonds, en las het voor de oren des volks." Die Boek van die Verbond is Eksodus 20:22 tot 23:19.

Die syfers agter die name dui aan regte antwoorde: Maria Jordaan, Mooifontein, Theunissen, 3½. Iemand van Broad Bottom, Theunissen, 3. F. Coetsee, Brandspruit, Venterstad, 3½. Johanna Rickert, Rooikoppies-Wes, 3½. Sannie Coetsee, Kommissierus, P.K. Kingswood, 3. Hester Schutte, Lichtenburg, 3. Barend van Dyk, Humanskraal, 3. M. Basson, Waterkloof, Marico, 4½. Kath. de Bruyn, Lichtenburg, 3. Eva van Dyk, Hammanskraal, 3. C. J. Pistorius, Brits, 1. Kat. v.d. Walt, Leeufontein, Koster, 4. A H. v.d. Walt, Leeudorings, P.K. Roelofskamp, B.B.L., 3. (Ek is bly dat jy, Andries of Annie, wat 75 myl ver woon in die woestyn van die naaste spoor jou antwoorde ingestuur het. Wie is julle predikant?) Sofia Lessing, Middelburg, Tvl., 3. Andries Kruger, Damplaas, Knapdaar, 3. (A, nee, Andries, jy kan nie wil hê ek moet in die Kategismus kyk nie.) Fourie Kinders, Oaks, Postmasburg, 4. Ludia Greyling, Mooivlei, Bloemfontein, 4. Janetta Venter, Mooivlei, Bloemfontein, 4. Tina Coetsee, Jakhalsfontein, P.K. Soutpan, 3. Joh. Venter, Masham, 3. Gert v.d. Walt, Vrededorp, 1½. Sofia Kruger, Vrede, Middelburg, K.P., 3. Sondernaam, Modderfontein, Kroondal, 2½. H. Schulte, Uitskop, Lichtenburg, 3. Frans v.d. Linde, Colesberg, 4. Hester van der Linde, 4. Lida van der Linde, 4.

Voor ek weer vrae stel, wil ek eers met die Kuratore van die Teol. Skool daaroor praat. Julle moet dus wag. Party kinders skrywe "Grustus." Dit is tog al te lelik.

Een van die kinders doen 'n paar vrae en sê sy kan nie die predikant vra nie, omdat hy te ver is, en die onderwyser weet minder as die kinders van die Bybel. Die laaste kan ek tog nie glo nie. Dit sou al te treurig wees. 'n Paar kinders het op vraag 1 ook So en Sisak genoem. Ek het dit nie verkeerd gereken nie. Maar in die Hebreeuse taal word hulle genoem Koning met 'n ander woord, en nie Farao nie

J. A. DU P

## DIE DRIE MISTIEKE.

NIKOLAAS VAN BASEL

III.

In my laaste stuk het ek vertel, hoe die Godsvriend Nikolaas van Basel met vier van sy vriende heel afgesonder in die berge 'n stille woning as hul verblyf gehad het.

Dit is ook al weer baie vreemd, hoe hul die plek vir daardie huis uitgekies het. Hul wou nie self die plek opsoek en dit na hul eie smaak bepaal nie. Nee, dit moes ook van die Heere hul gewys word.

Hul gaan daarvoor 'n hond volg, wat hul by hul het. Waar die hond heenloop, stap hul ook, en waar die hond oplaas sal gaan rus, sal hul woning moet kom. Die dier het hul eers deur slote en hegge gelei, en toe die hond op laas bly stil staan nie ver van 'n groot stad, was hul baie ontsteld, want hul wou juis nie graag by so baie mense wees nie. Gelukkig het die dier spoedig sy loop hervat en hul na 'n stil plek op 'n hoë berg gelei, vanwaar hul onder in die dal 'n stroom van helder water kon sien loop. Al gou het hul daar nou 'n groot huis gaan optrek, waar baie

loseer kamers in was vir verre vriende, wat hul daar af en toe mog kom besoek, teneinde 'n kort rukkie vir gebed en oordinking in die afsondering te vertoef. 'n Klein kerkie of kapel is daar ook bygebou, om in te kan bid.

Hul kok—Coenraad, en Rupert, die man wat al die ander werkies moes doen, behoor ook tot die Vriende van God. Coenraad het party keer gesigte gesien, en dit gebeur wel eens juis as hy besig was, om die maaltyd te kook. Een dag sit hy stokstyf met 'n groot lepel in sy hand voor die vuur. Die klein joggie, wat daar by hom was, het gemeen dat hy dood was, en hy roep in alle haas die vier vriende, wat in die kapel was om te bid. Hul dra vir Coenraad na buite, waar hy al gou bygekom het. Rupert het onder die wyl na die kos gekyk. Nikolaas vertel in sy boek, dat hul party keer aan Rupert gevra het, waarom hy nie so 'n heilige man is as Coenraad nie, en ook nie gesigte sien nie. Hy antwoord dan heel onskuldig, dat as hy ook so heilig sou wees, wie dan die kos sou kook, en die ander werk sou doen.

Maar Rupert, sê hul dan, Coenraad het tog nes Maria die beste deel gekies. Dan word hy nie verleë nie, dog antwoord blymoedig: As Martha ook aan die voete van die Heiland gaan sit het, sou daar in Bethanie nie kos op tafel gekom het nie, of die Heere moes 'n wonder gedoen het.

So gesels ons dan met Rupert, vertel Nikolaas, en hy is ook 'n dierbare vriend van God, want hy is baie vriendelik en sorg altyd meer vir andere as vir homself.

Die lewe van die vyf vriende hier in die afsondering was baie eienaardig, en mens kan daaruit hul heel godsdienstige beskouing leer ken. Hul het nie nes monnikke in 'n klooster na vaste reels geleef nie, maar hul het gebid en gevas, wanneer hul gevoel hul daartoe gedryf het. Hul neem wandelinge in die groot en eensame bos, om sig aan stille oorpeinsing oor te gee. Dan ook gaan hul so nou en dan op reis met die doel, om veraf wonende Godsvriende te besoek.

In hierdie tyd bou Rulman Merswin, ook 'n bekende mystikus uit die dae, op 'n eilandjie in die Ryn 'n huis uit die bouvalle van 'n oud-klooster, en noem dit 'n Godshuis. Dis gemeen as 'n rushuis vir priesters en leke, vir edele en vir werksmense, vir algar wat deur die Gees van die Heere gelei, rus vir hul siele soek. Diegene wat daar vir 'n tyd intrek, kry allenig losies, lig en vuur, maar hul moet vir hul eie kos sorg. So nou en dan besoek Nikolaas vir Rulman, maar nie een van die bewoners van die Godshuis sien dan vir hom. Hoogstens word die skaduwee van die twee, as hul deur die gang loop, deur 'n enkele broeder opgemerk. Niemand van die inwonende het selfs die naam van Nikolaas geken, hoewel hul algar wis, dat hul staan onder die Vriend van die Oberland. Later sou in die kapel van hierdie Godshuis 'n pragtige koor gebou word, maar Nikolaas het dit gekeer, want volgens sy opienie, was dit net uit ydelheid en om daarmee te pronk, dat die plan ontstaan was, en nie om die Heere daarmee te verheerlik.

In die jaar 1377 weeg die treurige toestand van die Kerk Nikolaas swaar op die hart. Hy besluit daarom 'n reis na Rome te maak, en die pous as die hoof van die Kerk self te gaan sien en aan te spreek. Die geld was skaars en die tye swaar, maar die Jood, een van die vriende, het vir Nikolaas en die wetgeleerde daarmee te hulp gekom. Te Rome ontmoet Nikolaas 'n vriend, wat hom spoedig by die pous geintroduseer het. Sonder skroom en vleiery vertel nou Nikolaas aan die geestelike bestuurder van die kerk, die diep verval van die geestelikheid en van die gemeentes, en met die grootste vrymoedigheid wys hy ook die pous op sy eie sonde, en hy sê, dat as hy nie vir hom verbeter, die pous binne 'n jaar sal sterf. Die pous word hierop baie kwaad. Nikolaas antwoord daarop alleen, dat as die tekens, wat hy sal gee, om aan te bewys, dat die Heere hul gestuur het, nie vir die pous voldoende mag wees, hy gewillig is, om die doodstraf te ondergaan.

"Watter tekens dit is, sou ek wel wil weet," sê die pous. Nikolaas vertel nou, wat die Heere aan hom bekend gemaak het, en die pous was daardeur so diep getref, dat hy 'n lange tyd as verstom daar neer sit. Die pous wou daarop die twee vreemde vriende met eer en geskenke oorlaai, dog hul het dit beslis geweier. Die hoof van die kerk het ewenwel sy lewe nie verbeter nie, en hy is werklik binne 'n jaar gesterf, soos Nikolaas hom voorspel het.

Nikolaas en sy vriend keer nou terug na hul land met 'n geskrif van die pous in hul besit, wat aan die geestelikheid gerig is, dat hul nie vir Nikolaas en sy vriende moes hinder nie. Daar het egter swaar beproewing vir ons vriende aangebreek, weens die moeilike tye, waarin hul geleef het. Hul wag in hul druk alleen op die stem van die Heere. Dit mag wel gebeur, sê Nikolaas, dat die Heere wil hê, dat ons uit mekaar gaan na die verskillende streke van die wêreld vir Sy heilige diens. Hier laat ek nou 'n vers volg, waarin Nikolaas sy sielstoestand uitgedruk word. Die mistieke gees straal daar oral in deur. Ek gee die vertaling uit die Engels. Die gedig was natuurlik oorspronklik in Duits. Ek sit dit so letterlik moontlik oor. Reg opgevat is dit baie mooi. Uit sy soete afsondering en stille omgang met God moet hy die wêreld in om te preek en wel die ware Evangelie. Dit is die Evangelie, om één met God te wees. Nie naas Kristus staan en op die wyse van God bemin te word, maar in Kristus te wees en so die geliefdes te wees van die heilige en heerlike God.

Let op die twee laaste reëls van die gedig

Uit die glorie, uit die blydskap,
Weg uit Sy verborge tent,
En uit Sy verruklik bysyn,
Uit die glans van Sy gesig
Stuur my Kristus, God se Soon,
Deur die swarte donkre lande.
Myne is die magtig ordning
Van die eens deurboorde Hande,
Myne boodskap, groot en heerlik,
Bring die vreemd en nuut verrassing.
Dat die doel is: "Gods Beminde.
Kristus in die Paradys."
Hoor my, moede manne, vroue,
Sondaars, alle dood in sonde.
Ek kom uit die reine hemel
U te predik van die liefde daar omhoog;
Nie slegs van die smalle pad nie,
Wat U sal ten hemel voer;
Nie slegs, hoe U daar mag ingaan,
Onbevlek en begenadig;
Nie slegs van die rus en vreugde,
Vry van sugte en geween;
Nie alleen van ewig lewe,
Wat die dode sal ontvang,

Maar van Gods geliefde Sone,
Wat ek met my oog gesien het;
Uit Sy mond kry 'k die geheimnis,
Dat Hy en Sy kind is één.
Dáár as met Hom saamgevleg,
Elke lid en elke been,
Is ons Sy versoende kinders,
Heeltemal met Hom vereen.
Almal is in wondre volheid
Saamgevoeg met onse Heer,
En te wees Sy eer en glorie
Is die allerhoogste loon.
Wondre Prys van ons hoog roeping!
Laat ons strewe na dit doel,
En verby die stad der Engle,
Verder klim in hemelvreug.
Voorwaarts! na die ewige dieptes
Van die liefd, en die gesang,
Waar nou in die glans des Vaders
Kristus ons reeds wag,
Om te leer, dat niemand naas Hom
Ooit die vreug van God kan wees;
EN NIE NAAS HOM, NEE, MAAR IN HOM
IS ONS ALMAL, O, GELIEFDES.
(NOT BESIDE HIM, NAY, BUT IN HIM.
O BELOVED, ARE WE.)

Uit hierdie gediggie leer ons iets van die bedoeling van die mistieke ken. Hul soek vir die siel die ware lewende gemeenskap met God.

Ek skryf oor hierdie onderwerp, omdat oral die mistieke rigting aan opkomme is. Calvyn spreek ook oor die mistieke unie van die gelowige met Kristus. Al die ware gelowige helde was mistieke. Cromwell het die stem van die Heere in sy skuur gehoor en President Kruger was ook 'n mistikus het generaal Smuts gesê, en dit is volkome waar. As ons die ware, gesonde mistiek uitban, gaan ons verlore. Die menslike siel het dit nodig.

Later sal ek meer versies gee.

13 Oktober 1925. T.H.

---

## DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGFONDS.
## 'N MOOI VOORBEELD!

Waar ondergetekende weer 'n paar bydrae kan voeg by wat reeds verantwoord is, kan hy nie nalaat nie, om die aandag te vestig op die pragtige vrug, wat die arbeid van Burgersdorp se Jongeliede Vereniging opgelewer het. Sal die goeie voorbeeld nie aanspoor tot navolging nie? Daar is mos meer dergelike verenigings in ons gemeenskap.

Die bydrae van Kaalplaas Skool is deur die kinders by wyse van pennies versamel. Met goeie organisasie kan selfs die armste help om Gods Woord in ons moedertaal te kry.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Verantwoord in Die Kerkblad van 20/10/25 | £807 | 3 | 5 |
| Verder met dank ontvang: | | | |
| Mej. H. v.d. Walt, Makwassie ... ... ... ... ... | 0 | 5 | 0 |
| Gem. Ventersburg ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 | 15 | 3 |
| Lusaka, per ds. D. N. Kotzé ... ... ... ... ... | 5 | 19 | 3 |
| Geref. Jong. Ver., Burgersdorp ... ... ... ... | 47 | 14 | 8 |
| Sannieshof ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 1 | 17 | 2 |
| Kaalplaas Skool ... ... ... ... ... ... ... ... | 1 | 0 | 0 |
| Potchefstroom, twee wyke ... ... ... ... ... ... | 2 | 6 | 4 |
| Totaal tot op datum ... ... ... ... ... ... ... | £869 | 1 | 1 |

C. W. M. DU TOIT.

1a Waverleyweg, Bloemfontein, 31 Oktober 1925.

---

## DOODBERIG.

VENTER.—Aan famielie en vriende word bekend gemaak, dat dit die Here behaag het om

**Anna Maria Cornelia Venter**

deur die dood tot Sig te neem op 28 September 1925, in die ouderdom van 69 jaar 5 maande en 21dae.

Sy is uit ons midde heengegaan, na 'n smartlike lyding van sewe dae, as die laaste telg uit die huisgesin van ou vader Pieter Venter. Hoewel altyd alleen, —sy was nooit getroud,—tog was sy nimmer verlate, want haar lewe was Kristus. Ps. 77:8 (berym) was die pelgrimslied op die ent van haar loopbaan. 'n Moeder in Israel is heengegaan, aan wie se voete so menigeen ryke lewenslesse ontvang het.

Namens die famielie,
J. C. LESSING

Badsfontein, Venterstad, K.P.,
15 Oktober 1925.

---

## DOODBERIG.

VAN DER WALT.—Aan bloedverwante en vriende word hiermee bekend gemaak, dat die Here van lewe en dood goedgedink het om uit ons midde weg te neem, op 11 Oktober 1925, ons geliefde eggenoot en vader,

**Tjaart Johannes van der Walt,**

in die ouderdom van 36 jaar 8 maande, na 'n siekbed van elf dae aan nierkwaal. Sy lyding was die laaste paar dae smartlik, tog het hy dit met geduld gedra.

Ons treur in die diepste van ons harte, maar nie as die wat nie hoop nie. Ons berus in die wil van die Here, want wat Hy doen is welgedaan.

Die bedroefde eggenote en kinders,
Wed. L. v.d. WALT (geb. Kruger).
ANDRIES v.d. WALT.
JOHANNES v.d. WALT.
TJAART v.d. WALT

Elandsfontein, Steynsburg,
23 Oktober 1925.

---

## DOODBERIG.

VENTER.—Op 8 Augustus 1925 is sag en kalm in die Here ontslaap ons beminde vader,

**Jasper Maartin Venter,**

in die geseënde ouderdom van 83 jaar 1 maand en 27 dae.

Met die afsterwe van ons vader is daar nie alleen 'n ledige plek in die groot famieliekring, maar ook in die Geref. Kerk van Burgersdorp, wat die oorledene verskeie maal gedien het as ouderling. Selfs in die hoë ouderdom was die oorledene vir sy Kerk 'n finansiële steun.

Ons troos is Ps. 116:15: "Kostelik is in de oogen des Heren, de dood Zijner gunstgenooten."

Namens die ganse famielie, die bedroefde seun
J. M. VENTER.

Vlakfontein, Burgersdorp, K.P.,
September 1925.

(Ons vra verskoning vir die versuim van hierdie advertensie.—Red.)

**DOODBERIG.**

VAN DER WALT.—Dit het die Here behaag van my weg te neem op 11 Otober 1925 my teerbeminde eggenoot,

**Barend Johannes van der Walt,**

in die ouderdom van 58 jaar 2 maande en 11 dae, na 'n siekbed van vyf maande en 3 dae aan myntering.

Hoe bitter die lyding ook was, sy heengaan was sag uitsiende na die Ewige Rus wat daar wag vir die kind van die Here. Hy was 'n groot troos in ons samelewe, en hy was ook vol van liefde vir die saak van die Here. Dit is my 'n groot troos, hy is sag in die Here ontslape. Openb. 14:13.

Namens die bedroefde eggenote en kinders,
JOHANNA v.d. WALT (geb. Nienaber).
ANNA en SOPHIE.

Parys, O.V.S.

Al die vriende en familie word hartlik bedank vir die troue hulp bewys gedurende die siekte en ook vir die deeineming.

**DOODBERIG.**

FOURIE.—Plotseling is heengegaan ons geliefde seun,

**Hendrik Johannes Fourie,**

in die ouderdom van 21 jaar. Hy het verongeluk deur instorting van grond.

Hard is die slag; maar ons troos is: hy het sy Heiland geken en liefgehad.

O. J. FOURIE EN FAMIELIE.

Oaks, Grikwastad.

**DOODBERIG.**

STEENEKAMP.—Na 'n soete samelewing van 46 jaar het die Almagtige van my weggeroep op 20 September na 'n smartlike lyding van 1 maand en 13 dae aan water, my dierbare eggenoot,

**Jan Harm Steenekamp,**

in die ouderdom van 69 jaar 1 maand 13 dae. Hy het sonder vrees die dood tegemoet gegaan met die woorde: "Nu laat Gij, Heer, Uw dienstknecht henen gaan in vrede."

Ons enige troos is op 'n gelukkige weersiens.
Die diepbedroefde eggenote en kinders,

CHRISTINA JAKOBA STEENEKAMP (geb. Roets).
GERT STEENEKAMP.
WILLEM MARITZ.
HEILIE MARITZ (Steenekamp).
NETTIE MINNAAR (Steenekamp).
HANS MINNAAR.
HENDRIK DU PLESSIS.

Beestekraal, Rustenburg,
27 Oktober 1925.

**VERLOWING.**

VAN DER WALT—COETZEE.—Aan familie, vriende en vriendinne word die verlowing bekend gemaak van Annie, twede oudste dogter van mnr. en mev. J. L. van der Walt, Steynsburg, met Maarten, oudste seun van Wed. mevr. J. C. Coetzee, Blesbok, Steynsburg. 24/10/1925.

**APPLIKASIES.**

Benodig Onderwyseres vir die Opleiding Skool, Steynsburg, moet gegradueer wees en Onderwys-sertifikaat besit.

Applikasies ingestuur te word aan—J. P. KRUGER, Bus 19, Steynsburg, nie later as 11 Desember 1925.

**BENODIG.**

Hulponderwyseres vir die Gimnasium Primêre Skool, Steynsburg, vir 1926, hoofsaaklik vir Std. II. Sang, Tekene, Naaldwerk noodsaaklik. Salaris £120 p.a. Die pos word ondersteun uit private bron, dit is moontlik dat dit deur die Departement kan oorgeneem word. Doen aansoek met afskrifte van getuigskrifte ens. voor die 20ste Nov. by die ondergetekende.

M. J. L. PRÆTORIUS.

Bus 23, Steynsburg, K.P.

**HAGESPAN SOUT.**

Vir onmiddelike aflewering. Vry op Trok, Bloemfontein of Brandfort. Spesiaal A1 6/6. No. 1 wit 5/6. No. 2 Veesout, effens gekleur 4/6. Terme kontant of K.O.A. Probeer ons en julle kry waarde vir julle geld.

VENTER EN VENTER.

Rustplaas, P.K. Florisbad,
via Brandfort, O.V.S.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

**Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.**

**Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.**

***Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.***

**Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.**
**Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.**

**DAMES UITRUSTING.**

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

# DIE CORONA DRAAGBAAR


# SKRYFMASIEN

**Gemaak deur die Wereld se Oudste en Beste Skryfmasien Makers.**

Die „CORONA" is die Eerste Draagbare Model wat met die gewone Standaard Kantoormasien Gelyk Staan.

**Model Three**
**£15 0 0**

**Model New XC.**
**£17 10 0**




**Model Four**
**£21 0 0**

## DIE SKRIF IS SIGBAAR!

VERKRYBAAR BY

## DIE VOLKSBLAD BOEKHANDEL

130 MAITLANDSTRAAT

BUS 325. BFN. FOON 849.

**AGENTE IN DIE VRYSTAAT VIR DIE „CORONA.'**

ONS BEVEEL STERK AAN

die ou Duits-Afrikaanse Firma

# R. MÜLLER,

91-93, Waterkantstraat, KAAPSTAD.

VIR

1. PIANOS, HUIS- en KERKORRELS.
2. Alle soorte ander Musiekinstrumente.
3. KERKORRELS te lewer, op te rig, te repareer en te stem.
4. Stem en Reparasie van alle ander Musiekinstrumente.
5. Musiekbenodighede.
6. Gedrukte Musiekboeke en stukke.
7. Publikasie van Musiek.
8. Duitse GEWERE en PATRONE.
9. Reparasie van Wapens.

## R. MÜLLER,

Posbus 133, Tel. Adr. „Rellum.

91-93, Waterkantstr., KAAPSTAD.

## VOLK, WAAR IS U GOD?

(NIE DEïSME MAAR TEïSME)

'n Kanselrede deur

Ds. I. D. KRUGER,

(Teol. Docts.,)

PRYS 6D. POSVRY.

'N BEPERKTE GETAL IS NOG VERKRYBAAR BY

**Die Volksblad Boekhandel,**

Maitlandstraat,

BLOEMFONTEIN.

# ADVERTEER

## IN DIE

# KERKBLAD

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 568 | 17 NOVEMBER 1925 | 26ste JAARGANG

### GEREFORMEERDE KERKVERBAND.

(I).

In sy resensie van die Boek van Dr. Kuyper "Zuid-Afrika-Reisindrukken" sê Ds. Joubert van Kaapstad in De Kerkbode van 9 Sept. :—"Als de leiders van de Gereformeerde Kerk hier te lande zich even ruim van blik en hart wilden betonen, als Dr. Kuyper, die de Ned. Geref. Kerk als rechtzinnig, gereformeerd en een Zuster-Kerk beschouwt, dan zal er een beter dag voor de samenwerking van de Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika zijn aangebroken."

Prof. du Plessis van Stellenbosch in sy resensie van die boek van Prof. du Plessis van Potchefstroom "Die Geref. Kerk en Kerkregering gehandhaaf" lei 'n vraag, gerig aan Professore du Toit en du Plessis, in met die volgende woorde: "Prof. H. H. Kuyper, "Kerkhistorikus, man van die Geref. Kerkreg" en wat niet al (zoals Prof. J. A. du Plessis met diepe eerbied hem noemt) heeft uitdrukkelik verklaard dat de Ned. Geref. Kerk wel "gereformeerd" en een "zusterkerk" is. Dus geen "valse kerk," noch minder 'n "dode kerk." (Zoeklicht—Sept., 1925).

Nou kom nog Ds. T. N. Venter, wat die Geref. Kerk verlaat het in 'n verklaring, gerig aan De Kerkbode (28 Okt.) met die volgende redes vir hierdie verlating nl. (1) Lang wagte op beroep; (2) Die versorging en onderhoud van my huisgesin; (3) Nie heeltemal billike behandeling deur die Geref. Kerk; (4) Begeerte naar hereniging van kerke. "Vroeër," sê Ds. Venter, „is reeds deur my publiek geskrywe oor die wenslikheid van hereniging, en waar Dr. H. H. Kuyper die Ned. Geref. Kerk verklaar het vir 'n Geref. Kerk, het ek geen beswaar om in haar kerkverband opgeneem te word as evangeliedienaar."

Oor die redes onder 1—4 genoem swyg ons in hierdie verband. Die erg negatiewe oorgawe, uitgedruk in die woorde "het ek geen beswaar om in haar kerkverband opgeneem te word," word gemotiveer deur die begeerte na hereniging en die verklaring van Dr. Kuyper dat die Ned. Geref. Kerk 'n Gereformeerde Kerk is.

Oor die begeerde 'hereniging,' wat in Ds. Venter se geval 'n blote kapitulasie (oorgawe) is, is dit ons ook nie te doen nie, maar wel op die beroep van al drie here op Dr. Kuyper se verklaring dat die Ned. Geref. Kerk gereformeerd is. 'n Drievoudige appèl dus van 'n Professor, 'n Ds. en 'n aspirant-Ds. van die Ned. Geref. Kerk op die verklaring van Dr. Kuyper. Dit is duidelik dat hierdie beroep op die verklaring van Dr. Kuyper berus op 'n verwarring van begrippe, en 'n misleidende verklaring van die woorde en bedoeling van Dr. Kuyper is.

Dr. Kuyper se woorde tog is alleen vatbaar vir 'n *interkerklike* interpretasie van die verhouding tussen kerke wat een en dieselfde Belydenis het, wat moet verduidelik waarom hy, as deputaat in opdrag van die Gereformeerde Kerke in Nederland, altwee kerke in ons land moes ontmoet.

Die gereformeerde kerkverband het 'n beperkte en 'n rekbare betekenis al na gelang die meerdere of mindere gehegtheid aan die Gereformeerde Belydenis.

Kerkverband tussen Gereformeerde Kerke kan berus op eenheid in Belydenis, Diens, Tug en Kerkregering. Op die grondslag van hierdie eenheid staan al die gereformeerde gemeentes in S. Afrika in kerkverband met mekaar en staan hierdie kerkverband weer in verband met die Gereformeerde Kerke in Nederland en die Kristelik Gereformeerde Kerk in Amerika.

Nou kan ons egter ook Gereformeerde Kerke het wat nog hou aan die Belydenis en een of ander van die oorblywende kentekens, bevoorbeeld kerke wat nog in hulle kerkregering presbiteriaal is of nog in die diens gereformeerd blyk, maar die tug verwaarloos, en so kan daar ook kerke wees wat nog die Gereformeerde Belydenis het, maar in Diens, Tug en Kerkregering afgewyk het van die Belydenis, en daarom tereg die kenteken van gereformeerd verbeur het, omdat

die Gereformeerde Diens, Tug en Kerkregering op die Gereformeerde Belydenis as grondslag rus, of daaruit voortvloei. So kan daar 'n breër kerkverband wees op die grondslag van die Eenheid in Belydenis, al word een of meer van die orige kentekens gemis. Die gehegtheid aan al hierdie kentekens of aan sommige daarvan sal beslis oor die kerkverband en die aard daarvan.

Ons het reeds aangetoon wat die grondslag vir die kerkverband van die gereformeerde gemeentes in ons land is en hoe ons in kerkverband staan met kerke buite ons land, die een is beperk tot die kerke (gemeentes) in ons land en die ander tot sekere kerke buite ons land. Die laaste kan ons voorlopig noem 'n Interkerklik Gereformeerde Verband in engere sin. Die woord Interkerklik beteken "tussen kerke", en dui aan die verhouding tussen kerke van verskillende lande, of ook die verhouding tussen verskillende kerkformasies in dieselfde land buite die grense van die eie kerk.

So is daar ook 'n dergelike verhouding tussen nasies en volke, die verhouding in die eie land word genoem Nasionaal en die verhouding tussen volke of regeringe van verskillende lande word genoem Internasionaal, vandaar dat ons spreek van Nasionale of Internasionale staatkunde of reg.

Om nader te verduidelik wat die betekenis is van Interkerklik, herinner ons aan die pas gehoue Interkerklike Kongres, opgeroep op Bloemfontein deur die Ned. Geref. Kerk. Hierdie Interkerklike Kongres het ook 'n eenheid veronderstel, maar nie van Belydenis nie, dog van 'n maatskaplike doel nl. Plaaslike Keuse. Daarom was waarskynlik die Geref. Kerk in hierdie eienaardige kerkverband nie begryp nie.

* * *

Bepaal ons nou ons eers by die Gereformeerde Kerke wat Gereformeerd is in Belydenis, Diens, Tug en Kerkregering, dan is dit duidelik dat al die kerke in dieselfde land wat in hierdie sin gereformeerd is in dieselfde kerkverband *moet* lewe. Doen hulle dit nie dan sondig hulle teen die eenheid van die kerkverband.

Dan mag, om ons te bepaal by ons land, hier nie drie gereformeerde kerkgroepe wees wat buite die engere kerkverband voort lewe nie. Blyk die geval egter anders te wees dan bestaan nog die moontlikheid dat hierdie kerke hoewel geskeie van mekaar, tog nog verband met mekaar kan soek op grond van die Belydenis, al is daar afwyking in die ander kentekens. Sodanig kerkverband in dieselfde land kan dan genoem word 'n Interkerklike in enger sin omdat dit kerkformasies geld in dieselfde land.

Blyk dit egter dat een of ander van die kerke in Diens, Tug en Kerkregering geheel afwyk van die Belydenis, dan is daar geen sprake van 'n Interkerklike verband op die grondslag van die Gereformeerde Belydenis nie, omdat sodanige Belydenis dan net *formeel* nog geboekstaaf is. Ons het dus hier ook te let op 'n *formele* en 'n *materiële* eenheid, en op die grade van verskil al na gelang die materiële inhoud van die Belydenis gehandhaaf word in Diens, Tug en Kerkregering.

Was nou die oordeel van die Gereformeerde Kerke in Nederland dat hier sodanige materiële eenheid is, of in ander woorde dat hier twee gereformeerde kerkgroepe is, wat in die engere sin gereformeerd is, dan is dit moeilik verklaarbaar hoe hulle 'n deputaat kon stuur na twee gereformeerde kerkgroepe, sonder dat die sending veronderstel het 'n onderskeid tussen Gereformeerd in enger sin en Interkerklik Gereformeerd in breër sin.

(Word vervolg).

J. P.

## PREDIKASIE.

Lezen: Habakuk 2.
Zingen: Ps. 40:1; 40:2; 86:1. Of 38:21; 72:7; 77:5.
Tekst: Habakuk 2:3b.—Zo Hij vertoeft, verbeid Hem, want Hij zal gewisselik komen.

De tekst, die we hier afschrijven, is 'n troostwoord en ons voornemen is, om ook de verklaring en toepassing ervan tot vertroosting te doen zijn. Drie punten wensen we korteliks hier voor u te ontwikkelen.

Het zijn de drie volgende:

(1) Het Goddelik vertoeven.
(2) Het gelovig wachten.
(3) Het heerlik komen.

I.—*Het Goddelik vertoeven.*

Dan is het kind van God alleen gelukkig, als het weet, dat zijn God bij en met hem is. Volgens zijn heilige belofte is de Heere altijd met zijn volk en verlaat Hij zijn kind nimmer. Elke gelovige weet dit, maar niet altijd beseft hij dit, en ervaart het niet voortdurend aan zijn ziel. In bijzondere omstandigheden, als wij de hulp en bijstand van onze God meer dan anders nodig hebben, schijnt het wel eens, of de Heere ver van ons verwijderd is. Vooral als er buitengewone zorg en nood naar de ziel is, is het meermalen voor ons gevoel, alsof de Heere ons zijn

bijstand voor goed onttrokken heeft. Deze waarheid is zo algemeen en wordt zo herhaaldelik ondervonden, dat het zeker niet nodig is er verder over te spreken.

Wanneer we nu de Heere in zeer bijzondere omstandigheden nodig hebben en het beslist voor onze ziel 'n behoefte is te gevoelen, dat Hij aan onze rechterhand is, en Hij ons met zijn liefde omringt, en met zijn licht beschijnt, dan is Hij meer dan eens zeer ver van ons verwijderd. Hy laat ons in de eenzaamheid nederzitten; wij wandelen geheel alleen door donkere wouden van dreigende zorgen, en we moeten alleen met onze zwakke krachten tegen allerlei boosaardige vijanden kampen. Vermoeid, uitgeput en met wonden bedekt gaan we dan met lome schreden op onze weg voort; we houden slechts met 'n verzwakte hand het wapen omkneld, om het fort, dat ons is toevertrouwd te verdedigen, of om de vijand weg te houden van de nauwe pas over de berg, waar de Grote Meester ons als 'n wacht geplaatst heeft. De Heere heeft ons misschien 'n groot werk opgedragen, en met vreugde zijn we begonnen er onze krachten aan te besteden, maar de tegenstand van valse vrienden of openlike vijanden wordt ons te sterk, en we zien uit naar de komst en de hulp van onze God. En dan roepen we in onze benauwdheid dikwels hard, en ons vurig gebed klimt aanhoudend op tot de Heere. Het schijnt dan weleens, alsof de hemel voor ons gesloten is, en er geen gebed door kan. De christen bidt en roept niet slechts voor zijn eigen zielsbehoeften, maar als 'n kind van God gevoelt hij zich ook één met de ganse kerk van de Heere, met de heilige kudde van Jezus Christus, de goede Herder. De kerk waar de christen toe behoort, of de gemeente, waar hij lid van is, hebben ook hun benauwdheden en voor die zijn er ook meer dan eens tijden, dat de lucht betrokken is en het onweder in de verte dreunt. Dan is de christen bezorgd en zijn dringend gebed is: Heere bewaar en vermeerder Uw kerk.

De christen is tevens 'n staatsburger en als 'n persoon, die zijn land en volk bemint, is hij meermalen zeer bekommerd, vooral als er allerlei boze invloeden werken, welke de goede zeden en de eerbaarheid, het recht en de gerechtigheid in het land bedreigen. Dan, als het land geschud en geschokt wordt, zoals Ps. 60 ons dit beschrijft. De ware christen leeft 'n rijk leven, en het is hem 'n behoefte des harten zijn God ten allen tijde voor zijn talrijke noden als de grote Helper in te roepen.

Dat doet hij dan met gebeden, met smekingen en zuchtingen. En het wordt hem daar dikwels bang en benauwd bij, want God stelt dan "zijn komst" vele malen uit. Hij vertoeft dan, zoals de tekst het noemt. Dat vertoeven is dan zo raadselachtig voor ons. We kunnen het niet verstaan. De nood blijft. Het water klimt tot de lippen en de Heere grijpt niet in. Het is dan echter nog niet voor de Heere de tijd, om met de gevraagde hulpe te verschijnen.

Een van de kenmerken van de ware wijsheid is, dat zij voor alles de rechte tijd kent. Als we iets willen verrichten dat van groot belang is, moeten we het niet alleen op de rechte wijze doen, maar ook de bekwame tijd er voor uitkiezen. De wijze weet tijd en wijze, zegt dan ook de Schrift. Spreuk. 8:5. Er is 'n tijd van zaaien en 'n tijd van oogsten, en zo is er voor God 'n tijd, om zijn kind soms lang te laten roepen, en dan weer is het de tijd, om aan dat geroep te voldoen. De dokter weet, wanneer hij de wond moet openen. De meester weet, wanneer de leerling zijn eksamen kan do n. Maar dokter en meester vergissen zich dikwels, en wij zelf hebben het ook al ervaren, dat we vele mislukkingen in ons leven daaraan moeten wijten, dat we onze voornemens niet op de rechte tijd uitvoerden, doch God vergist zich nooit, Broeders en Zusters.

Die God, welke machtig is om te helpen, is ook de wijze God, welke weet, wanneer het tijdstip daar is, dat Hij helpen moet. God heeft in zijn wijsheid veel meer redenen, waarom Hij ons soms laat wachten, dan wij ooit met ons beperkt verstand kunnen vermoeden. Enkele daarvan kunnen we echter wel verstaan, en ze worden ons ook in de Schrift aangegeven. Zo vertoeft God meer dan eens, omdat Hij ons wil oefenen in het wachten en ons daardoor kleiner maken bij ons zelf. We kunnen het maar vrijmoedig voor elkander belijden, dat we in ons bidden en roepen, hoe dringend het ook al zij, toch ook nog wel soms hulp van mensen verwachten, en ons oog op "prinsen" gericht is. Dan is het gebed nog niet vurig genoeg. In geval van 'n zeer ernstige ziekte, is er wel 'n gedurig gebed tot God, maar er is ook nog 'n heimelike verwachting, dat de nieuwe dokter, die van elders ingeroepen is, misschien hulp brengen zal. In zielesmart en bezwaardheid van het gemoed wordt er naast het gebed, maar geheel afgezonderd daarvan, uitgezien naar de komst van 'n beproefde en beminde vriend, op wiens raad we voor 'n groot deel onze hope dan bouwen.

We verwachten op andere tijden weer veel van de raad, die we kregen, om voor rust naar het strand te gaan, of om door 'n langdurig bezoek aan geliefde vrienden bevrijd te raken van het net van zorgen, dat onze ziele omslingerd heeft. Al die genoemde dingen zijn wel goed, en aan te prijzen, maar het gelovig kind Gods mag er niet op vertrouwen en dat wordt te veel gedaan. Van daar dan dat vertoeven van de grote Geneesmeester. In zulke gevallen houden we Hem zelf terug. Dit is zeer te betreuren tot eigen smart, maar wie is er, die niet hier schuld belijden moet, en wie is er, die niet moet zeggen: Ja Heere, ik was nog niet gereed voor Uw komst. Mijn verlangen ging nog niet uitsluitend naar de hemelse Helper uit. Ik verwachtte nog te veel van mensen, van geld, van eigen plannen en daarom moest Gij vertoeven.

II.—*Het gelovig wachten.*

Een van de moeilikste dingen, die we soms moeten doen, is wachten. Van onze geboorte af worden we er al in geoefend, en we leren het toch eigenlik nimmer. Als 'n kleine zuigeling hebben we al moeten wachten, dat onze moeder ons liet drinken, en we waren dan ongeduldig. Als we ziek zijn, liggen we dikwels uren te wachten op de komst van de dokter. De zon gaat onder, en hij treedt niet over onze drempel, voordat er weer 'n andere dag begonnen is.

Met veel moeite is onze akker beploegd en bezaaid; bewerkt en in orde gehouden, en het koren belooft veel, maar de regen komt niet. We moeten wachten. Wie kent niet dit afmattend wachten in ons land. Het wachten put uit. Het verzwakt ons. Het laat meer dan één hete tranen schreien. Het leven van sommige mensen is niets dan 'n langdurig, 'n smartelik en 'n pijnlik wachten, en tot het zestigste, het tagtigste jaar wordt er nog gewacht en uitgezien naar hetgeen, waarop al in de jeugd gehoopt is, en het komt nimmer.

De christen moet nu ook in zijn leven in sommige tijden op zijn God wachten en dat moet 'n gelovig wachten zijn. Dat wachten heeft voor hem, die er in geoefend is, ook zijn schone vruchten. We moeten, in het koninkrijk der hemelen ingaan door velerlei beproevingen, en een van die beproevingen is het leren wachten. Wachten met gebed, wachten met gedurige teleurstelling, en dan daarbij leren te zeggen: Heere, het is wél. Wachtte Paulus ook niet op de verhoring van zijn gebed, toen hij gefolterd werd met de doorn in het vlees, en de engel van de Satan hem met vuisten kastijdde.

Als we na 'n vreeslike nacht aan de wachter op de toren vragen: Wachter, wat is er van de nacht, en hij dan zegt: Ja, de morgenure is reeds aangebroken, maar het morgenlicht is nog niet gedaagd. Het blijft nog nacht." Dan is er diepe teleurstelling, en verslagen zitten we met gebogen hoofd zuchtend in de duisternis neer; en we moeten blijven wachten.

En dit is nodig voor ons. Daar worden we door geheiligd. Voor het aangezicht van de Heere moeten we er niets, geheel niets door worden. Dat wachten laat ons onze onmacht zo uiterst pijnlik gevoelen. En dat maakt ons klein. Dat biddend verbeiden en wachten op de komst en de hulp van de Heere God, onze Vader in Jezus Christus, het brengt ons juist menigmaal zo na bij Hem. Dit schijnt vreemd en toch is het zo. We worden er door geheiligd, zeg ik. Wij leren er door ons zelf af te sterven, en de Heere maakt er ons onderworpen en ontvankelik door, om aanstonds zijn zegeningen met des te groter vreugde en dankbaarheid te ontvangen.

O, leert de Heere verbeiden, leert Hem verwachten. En zorgt toch, dat gij niet soms in dat wachten en uitzien zondigt. Laat geen murmurering over uwe lippen komen, en luistert niet naar de stem van de boze en van de lasteraar, die zeggen, dat de Heere u verlaten heeft. Zo heeft Job in zijn lijden gezondigt. Hij heeft ook de hulpe van God verwacht, en hij werd nog dieper in de jammer en het wee gestoten door zijn ongeduld.

'n Gelovig en vertrouwend wachten, heeft ook zijn schone kant. Wij kennen dit wachten in ons dageliks leven en uit de liefderijke omgang met ons huisgezin en onze vrienden. Als we weten, dat 'n dierbare betrekking, of 'n zeer geliefde vriend ons zal komen bezoeken, is het stille uitzien en het geduldig wachten zo aangenaam en zoet. We stellen ons reeds voor hoe het zijn zal, als aanstonds, of morgen, of wellicht de volgende maand de lang verwachte ons komt begroeten. Als er maar zekerheid is, dat de geliefde komen zal, dan is het wachten niet moeilik. Als we maar weten, dat aan het eind van zekere tijd, onze wens zal vervuld worden en onze begeerte wordt bevredigd, dan heeft het wachten iets aangenaams in zich. Zo wachtte Jacob op het einde van zijn zeven dienstjaren voor zijn beminde vrouw Rachel en zij waren hem zeer kort.

Maar het spreekt wel vanzelf, dat het wachten dan moet zijn in geloof, en met 'n liefdevol vertrouwen moet verbonden zijn, en daardoor moet

worden gesteund. Dit wachten kent de geoefende christen. Het leert ons reeds genieten voor we nog hebben ontvangen, wat de Heere beloofd heeft.

Om maar iets te noemen, hetwelk iedereen zal kunnen verstaan. Hoe menig onherstelbare kranke wacht niet op de ure der verlossing uit lijden. Dan zal op die ure de Heere hem in de heerlikheid opnemen, dan zal de hemelse rust aanvangen. En dat gelovig en vertrouwend wachten, laat reeds 'n zoete druppel in de bittere beker vallen, en neemt de pijn weg en spreidt 'n tevreden trek over 't gelaat.

Oefen U in het wachten; in het biddend, het gelovig wachten, Broeder en Zuster, dan zult gij straks kunnen zingen Psalm 40:1 en 2:

'k Heb lang den Heer in mijnen druk verwacht
En Hij heeft zich tot mij geneigd.

en dan vers 2:

Hij geeft opnieuw 'n danklied tot Zijn eer,
Een lofzang. Velen zullen 't zien.

III.—*Het heerlik komen van de Heere.*

De belofte luidt, dat God gewisselik komen zal. Het is zonde aan Gods beloften te twijfelen. Al schijnen ze ook niet voor vervulling vatbaar volgens ons menselik verstand, dan mogen we nog niet met 'n hooghartig en eigenwijs ongeloof die beloften verwerpen of doen alsof ze niet bestaan. Gods beloften en getrouwigheid feilen niet. Ps. 89:34. De beloften van de Heere zijn zo vast als 'n berg, en ze zijn onwankelbaar als de heuvelen.

Als Hij, de getrouwe God, ons belooft, dat hij zeker en gewis ons zal komen bezoeken, moeten we dit aannemen. Gij ook kranke op uw leger; gij ook huisvader, die met veel zorgen en tegenspoeden te strijden hebt. Elkeen moet weten dat, als de Heere zijn God en Helper is, het licht eenmaal zekerlik zal dagen. God zal u komen bezoeken. En dat bezoek zal zijn, zoals wanneer 'n vriend 'n heerlike frisse dronk water brengt aan een die versmacht van dorst.

Zijn komst brengt vreugde aan het bedroefde en matte hart. Als de Heere komt, wordt de zwakke omgord als met kracht. De rouwdragende krijgt licht op zijn pad en zijn wond wordt gebalsemd bij het bezoek van de grote Geneesmeester. De Heere komt op meer dan een manier ons bezoeken. We verwachten Hem ook niet alleen in gelijke omstandigheden, want de weg van de een is immers helemaal anders dan die van de ander. Er is zo ontzettend veel verschil van beproeving, verschil in kracht om te dragen, en ook verschil van moed en geestelike bekwaamheid, om gelovig de Heere te verbeiden. De een heeft ook Gods hulp anders nodig dan de ander. Als Hij komt, moet Hij voor de een iets anders brengen dan voor de ander. De verscheidenheid is immers groot onder ons. De Heere komt gewisselik zijn kind bezoeken, en voor de een, die met armoede te kampen had, brengt Hij dan meer welvaart. In plaats van ziekte en krankheid brengt Hij gezondheid.

Voor 'n alles verschroeiende droogte laat hij de regen in milde stromen nederdalen.

Voor doodschheid in de kerk komt er 'n heerlik opbloeien van geestelik leven.

Of als Hij dit niet doet, dan komt Hij onze ziel bezoeken met 'n aangename vertroosting. Door onze geestelike ogen te verlichten zien we onze weg niet meer zo duister in, als we dit eerst deden. Waar het hoofd gebogen was, richt Hij dit op door inwendige vreugde aan ons te schenken.

De Heere komt dan meestal, om te blijven.

Dan is de smartelike tijd van wachten voorbij, het gelovig en geduldig verbeiden is met 'n heerlike zegen bekroond. De eenzaamheid van de verlatene is gebroken; de honger der ziel is verzadigd; in de verleiding en bestrijding is hulp geboden, en na de aanhoudende droefenis wordt nu de traan uit het oog geveegd. De vermoeide kan rusten in Gods armen. Hij mag zich vleien aan de borst van de Vader.

Hij komt gewisselik, ook voor degene die bekommerd is van wege zijn zonden. De Heere treedt zijne ziel binnen en de zonde last valt weg. De angsten van de hel wijken, en de banden des doods worden gebroken. Ps. 116. De afgedwaalde zag uit en de Herder hoorde hem en legde de verlorene op zijn schouder; Hij komt, om de wees te troosten en de weduwe tot 'n Beschermer te zijn. Hij treedt bij Zacheus binnen, en maakt hem tot 'n echt kind van Abraham, en brengt zaligheid in zijn huis.

O, dat komen van de Heere tot de ziel, niemand kan het beschrijven. Dat komen in zijn heerlikheid tot zijn uitverkoren kind, niemand kan het tekenen.

Simeon wachtte op de komst van de Messias. Zijn krachten gingen al heen, en het oog verdonkerde reeds, en nog was de Zaligmaker niet verschenen. Maar hij wachtte. En toen zag hij het kind Jezus in de tempel, en nam het in zijn armen en zeide: Heere, laat nu uw knecht gaan in vrede, want ik heb de belofte verkregen en uw zaligheid gezien.

Meer dan een vrome heeft al iets dergelijks ondervonden, al had hij dan niet juist zulk 'n grote verwachting als Simeon.

Mozes wenste het beloofde land in te gaan, maar hij mocht niet, en toch kwam de Heere hem nog aangenaam verrassen aan het einde van zijn leven. Hij zag het land in zijn schoonheid, al zette hij er dan ook niet 'n voet in. Hij stierf daarbij nog aan de mond des Heeren, zalig en gerust.

God komt gewisselik. En dan worden vele vragen opgelost. Als we alles van achteren beschouwen, is het soms alsof we de wegen des Heeren, die ons eerst zo donker waren, kunnen begrijpen. Wij zien en verstaan dan, dat het wachten nodig was. Ja, zelfs 'n grote zegen medebracht. Welaan dan Broeders en Zusters, Zo Hij vertoeft, verbeid Hem, want Hij zal gewisselik komen.

AMEN.

## DIE HEL.

XV.

Die hel is nie klaargemaak (so getuig die Here Jesus in Mat. 25) vir die mense nie, maar vir die duiwels. Nogtans zal eenmaal, vanweë die moedswillige ongehoorsaamheid van die goddelose, die hel hulle woonplek wees.

Dit bring ons by die dubbele vraag of die hel 'n *bepaalde plek* is en *waar* ons dié moet soek.

Dat die buitenste duisternis 'n bepaalde plek is, daaromtrent kan geen twyfel bestaan nie. 'n Groot aantal van die tekste wat ons reeds uit die Oue en Nuwe Testament behandel het, bewys dit duidelik. Ons hoef die leser net te herinner aan wat beskryf is in Openb. 20:11—15.

Hierby kom nog 'n ander oorweging wat nie op 'n bepaalde teks gegrond is nie, maar voortvloei uit die hele Skrifopenbaring. 'n Duiwel is 'n gees, maar 'n gees is nie alomteenwoordig nie. Dit is 'n eienskap wat aan God alleen toekom. 'n Gees kan dus nie deur die ganse heelal versprei wees nie, maar moet sy bestaan altyd op 'n bepaalde plek hê.

Wel is dit vir ons moeilik om duidelik die bestaanswyse van geeste te omskrywe—hulle behoort by die geestelike wêreld, by die onsienlike dinge, sodat ons taal, wat aan die aanskouingswêreld ontleen is, dom word as ons dié onderwerp aanvaar en nie by magte is om uit te beeld wat aan die geloof alleen geopenbaar is nie.

Een ding staan egter vas, naamlik dat 'n gees net op een punt in die skepping kan bestaan en nie orals aanwesig is nie. 'n Gees is 'n beperkte wese; hy is hiér, en hy is nie dáár nie.

Dienooreenkomstig ken dan ook die Skrif 'n bepaalde woonplek sowel vir engele as vir duiwels. Wel moet hulle baie vinnig kan beweeg en ver in die ruimte kan uitsweef; maar hulle bly, volgens die ordinansie van God, altyd vas aan 'n punt van uitgang en ingang. Die engele is in die hemel, rondom Gods troon; die duiwels is daar ver vandaan, in die buitenste duisternis.

'n Ander vraag is of die plek *waar* die duiwels woon, met enige moontlikheid nader aangewys kan word?

Dante, die Italiaanse digter uit die Middeleeue, wêreldvermaard vanweë sy groot digwerk die "Divina Commedia", het vir hom daaromtrent 'n voorstelling gevorm ooreenkomstig die Ptolemeïese wêreldbeskouing van sy dae.

Soos bekend, het Ptoleméus, wat in die twede eeu ná Christus geleef het, vir hom die heelalbeeld só uitgedink dat die aarde die middelpunt van die geskape dinge is, waaromheen die sterre in konsentriese sfere (dat is, in verskillende kringe met die aarde as gemeenskaplike middelpunt) beweeg. In populêre taal uitgedruk is die Ptolemeïese stelsel die wêreldbeeld wat die aarde laat stilstaan en son, maan en sterre daaromheen laat draai.

Is die hemel, in sterrekundige sin geneem, reg-bo, dan is volgens Middeleeuse beskouing die hel reg-onder die aarde.

Dit is ook die voorstelling van Dante wat die teologiese denkbeelde van sy tyd, veral dié van Thomas van Aquino, gees en lewe ingeblaas het deur sy heerlike uitbeeldingsvermoë. In sy Divina Commedia is daar drie wêrelde wat hy besing: die hel (inferno), die louteringsberg (purgatorio, vagevuur) en hemel (paradiso).

Toe Satan uit die hemel geval het—dit is die voorstelling van Dante—het die land wat reg onderkant ons lê, voor hom pad gegee, en het hy self in die middelpunt van die aardbol tereggekom. Die land wat pad gegee het vir die vallende Satan het verplaas geword na die ander halfrond, waarvan Jerusalem en die heuwel Golgota die sentrale punt was. Daaronder is dan 'n wye tregter waarvan die toppunt juis saamval met die middelpunt van die aarde. In hierdie tregtervormige diepte vind Dante sy inferno of hel, met sy verskillende afdelings. En vlak teenoor die plek waar die heuwel Golgota oprys, is 'n groot eensame berg wat opklim uit die golwe

van 'n wye see; dit is die louteringsberg of purgatorio. Sy hoë top dra die aardse paradys; en as die siele op die louteringsberg gesuiwer is, styg hulle daarvandaan deur nege hemelsfere wat om die aarde as middelpunt beweeg, op na die hemel, die paradiso toe.

Nou spreek dit vanself dat hier die digterlike voorstelling aan die woord is, maar Dante het ook gemeen dat hy telkens sy uitgangspunt in die werklikheid neem, volgens die wêreldbeskouing van sy dae.

Wat ons hiervan moet dink?

Vanself is hierdie hele voorstelling prysgegee, ook al omdat die Kopernikaanse wêreldbeeld ons nie aanleiding gee om te dink aan 'n hel wat presies onder ons voete is nie. Kopernikus tog het in die 16e eeu geleer dat die aarde nie die middelpunt van die heelal is nie, maar dat hy self om die son draai en maar 'n baie klein plekkie in die onmeetlike ruimtes inneem.

Uit dit alles moet ons tot die gevolgtrekking kom dat van elke poging moet afgesien word om die presiese plek van die hel in die heelal te bepaal.

Ten eerste moet dit die leser duidelik wees dat die Skrifwaarhede nie telkens gewysig kan word na die sterrekundige voorstellings wat dan in swang is nie. Ook die gangbare Kopernikaanse sisteem is ten slotte 'n *wyse van voorstelling* waarop deur menslike vorsingsvermoë weer inbreuk kan gemaak word. Wel verklaar dit op treffende manier die verskynsels wat ons oog in die ontsaglike ruimtes waarneem, maar alle mensewerk bly onvolkome. Einstein, die groot wiskunstenaar, het dan ook al in ons dae teorieë verkondig wat, as ons die saak reg verstaan, langs 'n ander lyn van gedagtes loop as die Kopernikaanse sisteem.

Ons, mense, is so klein en ons is, saam met die klein aarde, in 'n ontsaglike wenteling ingesluit waarvan ons die omgange en die eindes nie deurskou nie. Net die Here, by wie geen verandering of skaduwee van omkering is nie, weet hoe die groot gebou van die heelal saamgestel is en hoe Hy die ontsaglike draaiverhoudinge gereël het.

Ten twede is dit duidelik dat hemel en hel behoort by die onsienlike wêreld; daarvoor het ons nou geen oog nie. Ja, ook die sterkste teleskope kan nooit ontdek wat voorwerp van geloof en nie van aanskouing is nie.

Aangaande die ligging van die hel in die heelal het Gods Woord ons niks geopenbaar nie; ook al omdat ons dit tog nou nie kan verstaan nie. Poulus was in die Paradys opgetrek, maar het tog sprakeloos gestaan en bly staan teenoor die dinge wat hy gesien het. Ons wag dus gelowig op die tyd dat ons sal sien en 'n taal sal hê om te kan sê wat ons sien!

J. D. DU TOIT.

## DIE KERKBLAD.

Met die oog op die Kuratore Vergadering in November en die einde van die jaar sal Die Kerkblad in Desember op die *twede* en *vierde* Dinsdag van Desember verskyn.

In Januarie 1926 verskyn Die Kerkblad alleen op die *derde* Dinsdag. Reken a.u.b. daarmee vir kerklike berigte en kennisgewings.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Vandag gaan ek u weer 'n rêrig vervelerige brief skryf. As u u skuldig gevoel aan datgene, waaroor ek skryf, dan hoop ek dat u Die Kerkblad op die grond smyt en dit van nukkerigheid vertrap en dan wegstap en 'n hele tyd nie praat nie en dan begin . . . . beter doen. Dan het ek iets gewin met my prekery, soos u dit sal noem.

Party van die mense, wat die heel dag met handel en bedryf besig is en ook stukke daaroor skryf en redevoerings daaroor hou, sê gedurig, dat ons in Suid-Afrika te hoog leef. Die lewe is bo ons inkomste, en ek sien dit self ook daeliks. En ek vrees, dat as daar straks weer droogtes kom of ander plae, daar sal gesug word, en party ook hul grond sal moet "los". Gedurig kry ek mense by my, wat my daar attent op wil maak, dat daar van ons lidmate so baie in die loop van die tyd uitgeboer is. Hul gaan dan opnoem, watter plase voorheen aan lidmate van ons kerk behoor het in Philipstown en Colesberg en Middelburg en Venterstad en dan kry my hart seer, dit moet ek sê. Ek wil nie hê nie, dat "ons" mense by ander agter staan. Ek het hulle te lief daarvoor. Nou die dag kry ek weer iemand, wat weer oor dieselfde ding praat, en toe ek vir hom vra, wat die oorsaak dan wel van die genoemde toestand is, antwoord hy my, dat baie van ons boere wel eerlik en trou en godvrugtig en werksaam is, dus so wat alles wat goed is, maar nie vooruitstrewend nie. Hul sit te vas aan ou beskouings en die ou gewoontes van boerdery, en die tyd daarvoor is voorby. Nou ek is dit eens met hierdie vriende, wat so praat, en ek hoop, dat ons sal ontwaak. Tenminste diegene, wat nog slaap en sluimer. Ek wil nie hê nie, dat ons lidmate sal agter staan by die van ander

kerke. Die gevoel kom by my voort deels ook uit my liefde vir die Gereformeerde belydenis. Die ou Gereformeerdes van voor 400 jare was nie slapers nie en nie bang, om iets nuuts aan te pak nie, nee hul was op die voorpunt met alles. Die Hollandse skepe het die seë deur gekruis en hul het hul handel opgebou, waar ander nog nie gekom het nie.

As mens reg Gereformeerd wil wees, is jy nie teen alles, wat na verbetering gelyk nie, maar dan is jy daar juis voor. God die Heere gee ons mos die verstand, om dit ter dege te gebruik, dit is een van die groot punte van ons geloof. Bid en werk is Gereformeerd. Eers bid en dan werk, maar langer werk as bid. Die hande uit die mou steek, soos die spreekwoord sê. As die sprinkhane ons veld kaal eet of ons gesaaide ver teer, moet ons hul dood maak, net so wel as die jakhalse en die brandsiekte-luis en ander goggas. Natuurlik nie in oormoed, maar as 'n kristen, aan wie dit ook opgelê is, om in die sweet van sy aangesig sy brood te eet. En om die sprinkhane te spuit en dood te maak, laat vir 'n mens sweet. Vra dit maar aan die boere, wat daar vlytig in is. Ek wil ook nie hê nie, dat die lede van ander kerke agteruit gaan en arm word nie. Nee die Hollandse Afrikaner moet hom handhaaf teen die Engelse boer. Dit doen my nasionale gevoel, my nasionale trots seer, as ons Afrikaner mense moet agterbly by die Engelse boer. Ek wil nie hê nie, dat hy sy plaas verkoop, die plaas wat lang in sy familie was, aan die Engelse boere. Dis seker rassehaat, sal u sê. Nee, aan daardie haat is ek vreemd, meen ek, maar dis *rasse-liefde*. My ras moet, en mag nie agter staan by 'n ander ras nie. Die Engelse vriende sal sleg voel, en dit sal hul grief, as hul mense nie in besigheid of boerdery teen ons sou kan opdraai nie. Dit sou hul regmatige gevoel van eer te na kom, en dit neem ek hul nie kwalik nie. Dit is nou dieselfde met my. Ek verdra dit nie, dat ons Afrikaanse boer by die Engelse boer agterstaan en agterbly nie. En onder die Afrikaner boere moet nou weer nie die Gereformeerde in die agterhoede kom aansukkel nie.

Daaroor skryf ek nou, en as daar trage en slapers is, wat dit lees, hoop ek, dat hul die Kerkblad van kwaaiigheid stukkend skeur, fyn en flenters, as hul wil, as hul maar net wil wakker word, en wil gaan nadink en fluks word. Hul moet net nie Die Kerkblad bedank nie. Dit sou my spyt, want ek wil later nog ander goed ook sê. Om weer goed te word moet hul maar lees Spreuken 24 van vers 30 tot die end.

Ek is heeltemaal afgedwaal. Ons leef te hoog. Ons het nou teenswoordig voorspoed maar dit sal nie altyd, misskien nie eens lang so duur nie. Dan kom weer die droogte en dan gaan ons weer bidstonde hou, en die Heere smeek, om ons te help, maar ek weet waarlik nie, hoe ons dan met 'n opreg hart voor die Almagtige kan verskyn, as ons die voorspoed misbruik het, en toe maar onbesorg het aangegaan. Ek wil ons mense vorentoe hê. U weet dit. Bo het ek dit ook reeds gesê.

Ek gaan nou weer u 'n mooi klein verhaaltjie gee. Lees dit maar voor aan die seun of dogter, wat op troue staan.

Oom Piet sê onlangs vir neef Gert: maar neefie, jy is vir my in die laaste tyd baie spaarsaam, amper wou ek sê gierig, dog daardie woord is wat te skerp na my sin. Hoe kom is jy dan so, ou neefie? Neef Gert kry 'n glimlag en antwoord: Wag dit sal ek vir oompie vertel. Kort gelede was daar 'n mooi kans, om 'n klein plasie te koop. Die eienaar sê vir my, dat as ek vir hom dadelik kon £1500 pond uit tel, hy die grond aan my sou verkoop. Dadelik meen hier met drie maande op sy langste. Hy het die geld nodig gehad vir spekulasie. Ek kon nie koop nie, want ek het nie geld gehad nie. Misskien so £100. Neef Sarel koop daarop die plasie, verstaan oom, neef Sarel, waar ek so baie oor gelag het en waar ek mee gespot het, omdat hy vir hom so skraps behelp het, en die neef van my is nou bo op die klip. Ek praat eendag met Sarel oor sy voorspoed en welvaart, want ons is groot maats, en hy sê: Neef Gert, as jy agter jou self gekyk had, sou jy die grond kan gekoop het, maar jy was altyd te spandabel. Jy wou met die ryk mense saam doen, en daarom het jy gebly waar jy was. Ek hou, so gaan hy aan, ook van 'n aangename lewe, maar ek het gesien, dat as mens nie eers 'n kapitaaltjie agter jou rug het as 'n steunsel, is jy niks nie, en in jou jong dae as die kindertjies klein is, het jy die kans om dit te versamel. Ou meneer Gustaaf, die Duitser, het my dit eendag onder die oog gebring. Hy vertel my, dat hy eers ook arm was en 'n tamaai sukkelaar, en hy toe begin verstaan, dat as mens nie 'n klein kapitaaltjie agter jou rug het nie, jy verniet op die groot mark van die lewe kom, waar die besigheid gedoen word. Een dag kom daar 'n winkel in die mark, sê hy, en ek wou dit graag koop, maar 'n ryk winkelier was my voor, omdat hy kon betaal en ek nie. Ek sê toe vir my self: Gustaaf, jy sal arm bly as jy altyd soos tot nou toe met 'n leë sak op die mark staan, en ek het gaan spaar en geld by

mekaar gaan maak. Dit gaan hard, kan ek vir jou vertel, om die eerste duisend in hande te kry. Maar dit het my geluk met sorg en eerlikheid. Al gou het ek daarop hierdie winkel gekoop, en nou is ek onafhankelik. In die swaar depressie van onlangs het ek bly staan, en van my vriende het opgegee, omdat hul te veel op ander moes steun. Toe het ek gesê, so vertel Sarel, as Gustaaf dit kon klaar kry, dan kan ek dit ook, want waar is ek minder in as hy. Kan hy spaar, ek kan dit ook. Kan hy uithou, ek verstaan dit ook. Is hy taai, om die steilte uit te klim, ek het ook asem, en ek het daarop begin spaar. Gert, jy het toe, sê hy vir my, al gespog met 'n mooi motorkar, en vir my uitgelag, maar vandag het ek my plasie en ek lag vir jou. Jy moet nog altyd huur, en word van die een plek na die ander rondgejaag. Sien oom Piet nou, so sê neef Gert, waarom ek so spaarsaam is. Ek is nie gierig nie, want waar ek moet gee, doen ek dit. Sien maar op die lys van die diaken. Ek spaar, want ek sien, dat anders, as ek oud word, my kinders my sal moet onderhoud, en dit lyk my 'n bitter ding. Ek het dit aan oom Gys gesien. Sy kinders is tamelik welaf, maar die spreekwoord sê mos: Een ouder kan makkeliker tien kinders kos gee, as tien kinders één ouder.

Met die seen van Bo wil ek nou ook sien 'n kapitaaltjie in hande te kry vir 'n steunsel agter in die rug. As daar weer 'n kansie kom, net so as laas met die plasie van £1500, dan hoop ek om klaar te wees. My roer is dan gelaai en op skoot, hoop ek, en die bok sal nie verby gaan, omdat ek nie 'n patroon klaar het nie.

Moet nou nie hierdie les in die wind slaan nie. Waarde Vriend, luister 'n bietjie na die raad van 'n vriend, wat dit altyd wel met u gemeen het. Ons moet algar ons bes doen, want daar is baie geld nodig vir ons self, en ook om ons beginsel op te hou. Nou moet ons Kerkie al weer £600 by mekaar maak vir die spesiale wet in die parlement. Dit kos geld, om vir 'n beginsel te staan, maar 'n man waar pit in sit is daar nie bang voor nie. 'n Beginsel wat nie offers vra, is nie eintlik die moeite werd om te hê. 'n Spaarsame lewe te lei, en 'n duur beginsel te hê, wat offers vra, dit is gewoonlik die deel van die man, wat die wêreld dra. Lees hierdie brief, en gee dit ook vir die buurman om te lees. Dit kan, mits goed opgevat, baie goed doen.

Beste groete, Uw Vriend,

T. H.

C., 9 Nov., 1925.

## DIAKONALE KONFERENSIES.

Nou dat 'n Diakonale Konferensie weer sal gehou word op Johannesburg is dit wenselik om 'n woord daaraan in Die Kerkblad te wei, enersyds om die kerkregtelike beginsel suiwer te bewaar en twedens om die belangrikheid van sulke konferensies onder die aandag te bring.

Vir die kerkregtelike beginsel is dit nodig om die status van sulke konferensies te bepaal en vandaar uit die betekenis van hulle handelinge te verduidelik.

Wat die *status* aangaan kan ons veilig neerlê dat sulke konferensies geen kerklike status het nie.

Ons Kerkorde ken alleen vier kerklike vergaderings, nl. die Kerkraad, die Klassis, die Prowinsiale Sinode en die Algemene Sinode. Die gedagte moet dadelik afgesny word dat 'n diakonale konferensie 'n soort meerdere vergadering is, soos 'n klassis of 'n prowinsiale sinode.

Sulke konferensies kan alleen die karakter dra van 'n broederlike onderhoud, waarop gespreek word oor beginsels en sake betreffende die armversorging.

Hieruit volg dat 'n diakonale konferensie geen *besluite* kan neem nie. *Besluite* kan alleen kerkrade en meerdere vergaderings neem. 'n Besluit tog moet bindend geag word. Vir wie? Vir die diakens?

Maar die diakens staan onder die Kerkraad.

Vir die kerke is dergelike besluite ook nie bindend nie.

Alle resultate van besprekings op sulke konferensies het 'n bloot *adviserende* karakter. Advies word egter hier nie in die sin gebruik soos dit in die Kerkeordening voorkom nie. Dit beteken hier net *raad* of opinie.

So kan 'n Diakonale Konferensie nie *besluit* om 'n fonds vir een of ander doel op te rig nie, hy kan nie *besluit* om 'n weeshuis te stig, waarvoor die Kerke verantwoordelik is nie.

Wel kan so 'n konferensie die noodsaaklikheid bespreek en 'n adviserende oordeel uitbring, maar die uitvoering van enig adviserende oordeel kan nie ten laste van die plaaslike kerke gelê word nie, tensy die kerkrade die laste aanvaar.

Op grond van hierdie beginsels kan, soos punt 1 oëskynlik bedoel, nie 'n "Algemene Diakonale *Vergadering* van die Provinsie Transvaal" in die lewe geroep word nie.

Die diakens kan alleen in konferensies vergader.

Dit doen ook vreemd aan dat 'n Klassis 'n "Beskrywingspunt", wat by ons 'n geykte kerklike betekenis het, na 'n diakonale konferensie stuur.

Ons wys hierop om die kerkregtelike beginsel suiwer te bewaar, sodat ons nie gevaar loop om nog 'n kerklike samekoms, wat 'n amptelik karakter dra, in die lewe te roep nie. Ons het geen beswaar teen diakonale konferensies, of teen ouderlinge of predikante konferensies nie, maar hulle mag nie die karakter aanneem van vergaderings nie. Ons besef ten volle die noodsaaklikheid dat die diakens op konferensies mekaar ontmoet om met mekaar, onder leiding van bekwame persone uit hulle midde of andersins, die beginsels en die inhoud van hulle ampswerk te bespreek, en om hulle oordeel uit te spreek oor nuwe vraagstukke wat ook nou onder ons gemeentes opkom, en om desnoods voorbereidende stappe te neem om tot gesamentlike aksie te kom in een of ander saak van algemeen belang, maar ons moet in die eerste plek nie vergeet nie dat *die* werk van die diakonieë is die versorging van die armes in die plaaslike kerke en in die twede plek dat besluite wat die plaaslike kerk direk of indirek bind alleen kan geneem word deur kerkrade.

J. P.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

Prof. du Plessis van Stellenbosch het 'n resensie in Het Zoeklicht van "Geref. Kerk en Kerkregering," waarin die Prof. volhou dat Ds. Postma 'onopreg en slinks' gehandel het. Hy sê dan "zijn schoonzoon, de Professor van Potchefstroom, tracht niet de inkriminerende woorden en houding van Postma weg te redeneren of te vergoeliken ens. Wij billiken zijn pieteit, en blijven bij onze overtuiging."

Dat sy so! Maar dit is tog klein van my kollega om my persoonlike verhouding te betrek in hierdie saak. Dan stel die Prof. aan Dr. du Toit en my aan die ent 'n paar vrae, bev. in watter kerk is Paul Kruger gedoop, en of hy weer oorgedoop is in die Geref. Kerk? Kyk, ons is daarom nie Wederdopers nie, al mag die Prof. ons Rooms beskou.

My kollega, wat besig is met Bybelvertaling, sê, hy het nie tyd nie.

Ek sal die vrae ook maar nie beantwoord nie, en my lesers is seker ook al moeg vir hierdie kwessie.

Dit is vreemd dat aan Die Kerkblad die boekie van Prof. du Plessis nie gestuur is nie.

* * *

"Die predikant is daar in die eerste plek vir sy amp, vir sy gemeente, en dan eers vir sy vrou. Die predikantsvrou egter is eers vir haar man daar, en dan vir die gemeente." (Pastor Freblin aangehaal uit Geref. Theol. Tyds.).

* * *

Op die onlangse kongres van die Nas. Party in die O.V.S. het Heilbron by monde van mnr. van der Merwe 'n mosie ingedien om te protesteer teen die onderwys van die Ewolusieleer op skole en uniwersiteite. Mnr. Brink het Ewolusie genoem die 'dun kant van die wig' om die Afrikaners in die Kerk te verdeel. Mnr. Booysen het gesê dat in die skole die kinders geleer word dat ons van ape afstam.

Dr. van Rhyn van Die Volksblad en mnr. Werth het volgens die Rand Daily Mail verslag, water in die wyn gegooi. Die eerste het beweer dat godsalige predikers ewolusie voorstel as die hoogste ideaal van die Kristendom.

Die Kongres het die mosie gewysig deur hom te verklaar teen teorieë van 'n ateistiese aard of wat in stryd is met die Bybel. Dit is jammer van die water in die wyn en die bangmakery met die saak in Amerika. Ons mag egter bly wees dat die voorgevegte ook in die Vrystaat begin.

* * *

"Het einde komt niet door evolutie en niet door normale doorvoering van den socialen arbeid. Het komt er alleen door het *wonder*. De ontknoping van den socialen wereldkamp wordt niet langs den weg van rustige ontwikkeling verkregen, maar alleen door een gewelddadig ingrijpen van God."—(Uit Ds. Schelder—De Openb. van Johs. en het Sociale Leven).

* * *

Hoe die Ewolusie ons wetenskaplike wêreld deurdring en op allerlei wyse vir ons volk opgedis word blyk ook uit 'n verhandeling in *Die Huisgenoot* van 6 Nov. deur die heer Eugène N. Marais oor 'Die Taal in die Insektewêreld.' Hy sê o.a. dat "geur en kleur by blomme 'n seksuele verskynsel is. Die ape en mense het lang reeds altwee *verloor*. Die enigste *diere* van wie seksuele sentrums gevoelig kan word sonder enige uitwendige stimulasie, is die *hoër ape* en die *mens*. As jy by die hoër ape en die mens kom, dan word die aanwending van kleur en geur boeiend en misterieus."

Een uit die duisend van ons meisie-geslag, sê die skrywer, het nog so 'n geuroorblyfsel van die dierewêreld behou."

Verder sê hy:—"Soos die geval is met al sulke oorblyfsels uit ons rasgeskiedenis, kom die muskus-afsondering veel meer dikwels voor by individu's van die bobbejane en hoër ape—vandaar die "sehnsuchtvalle" misterieuse oreksis wat parfumerie by die mens veroorsaak."

Waarom hou 'n vrou so baie van parfumerie (laventel)?

Mnr. Marais sê:—"Sy weet die oorsaak nie, maar dit is 'n aandrang wat opdoem uit die donkerste kamers van haar siel—'n rudimentêre en vergete ding uit die oergeskiedenis van haar

ras." Waarom hierdie geleerdes nou nie net die resultate van hulle ondersoek gee nie, hoe twyfelagtig ook sommige mag wees, gedagtig aan die woord van Leonardo Da Vinci:—"Die eksperiment dwaal nie, maar jou oordeel," sonder om hulle geliefkoosde filosofie, Freudse, of enig andere daarmee te meng? Filosofie, wat ons volk afkerig moet maak van die uitspraak van Gods Woord, dat God die mens geskape het na Sy beeld en gelykenis, en elke dier en ding na sy aard!

* * *

'n Seksuele filosofie, wat dien om te prikkel, en alle verskynsels in terme van die seksuele liefde wil verklaar, en daarby vergeet dat daar 'n liefde is tot God, wat nie dierlik is nie, wat nie uit die mens kom nie, maar uit God. Hierdie ewolusie lei in al sy vertakkinge alleen tot *verdierliking* van die mens

* * *

In Het Zoeklicht van Oktober kom twee mooi stukke voor, een van Dr. Weich oor "Het Calvinisme als 'n leerstellig begrip" en een van Dr. Gerdener oor "Die boodskap van Kalvyns prediking vir onse tyd." Dit spyt my dat ruimte ontbreek om van die inhoud mee te deel. Ek wil net die hoop uitspreek dat hierdie waardering van Kalvyn en die Kalvinisme sy vrug mag afwerp. Dat Het Zoeklicht vir almal iets het blyk uit 'n ander stuk geskrywe deur Nico Hofmeyr, wat die vrysinnigheid bepleit en wil hê dat, soos hy sê, "voormanne op geestelik gebied onder ons, wat verskil van die oorgelewerde, gykte, eerwaardige, maar in sommige opsigte ongetwyfeld uitgediende en afgeleefde oortuigings —veral van die bewoording en inkleding van die oortuigings" dit opelik moet erken. Jesus moet meer as ideale mens verkondig word.

Kalvyn word geroem omdat? . . . . hy nie so streng was op die Sabbatskwessie nie. Hy wil dan ook meer sulke 'manlike' stukke hê soos die van die Redakteur oor "Jona en die Walvis."

* * *

Die kabel berig dat Prof. Grimme. Duitse Egiptoloog, Hebreeuse tablette, gevind by Sinai, ontsyfer het, een waarvan Moses bedank vir die redding van Israel uit die hande van Farao Jat Shep Shut. Hulle ontdek nou snaakse dinge.

* * *

De Koningsbode, die Sendingsblad van die Ned. Geref. Kerk in die Kaap Prov., vertel in sy uitgawe van Oktober van 'n vrou wat in 'n spesiale diens uitgeroep het dat haar seun, vir wie sy dertig jaar gebid het, nou bekeer is.

Na aanleiding daarvan vra De Koningsbode of God nie voor die tyd die seun kon bekeer het nie. Hy sê dan verder:—

"Laat ons nooit vergeten dat de Heer niet de mens tegen zijn wil verandert. *Hij moet eerst toestemmen*, soms is daar net 'n flauwe gewilligheid bij de ziel, en dan kan het licht beginnen in te stralen en Gods werk vat post.

Wat de Heer wel doet is, om de onbekeerde, onverschillige en verharde zondaar *met geestelike invloeden te omringen. Door de Heilige Geest gebruikt de Heer ook pressie op het hart*, om het te bewegen. Zo gebruikt Hij Zijn Woord, en krankheid en vele andere middelen. *Maar de mens heeft een vrije wil en kan "neen" zeggen, zelfs aan de Almachtige.*"

Ek het 'n paar sinne onderstreep. Ek weet nie hoe ek dit moet rym met Hoofstukke III en IV van die Dortse Leerreëls en veral met Artiekels 7, 8 en 9 van die Verwerping van die dwalinge nie. Kan iemand my help? Ek dink bevoorbeeld aan die Wedergeboorte en aan die onweerstandelike werking van die H. Gees in die hart van 'n sondaar. Ek vra my af of die werk van die H. Gees dan net *pressie* is, en of die Here 'n sondaar net met "geestelike invloede omring."

* * *

De Bazuin van 4 Sept. het 'n stuk oor die Afrikaanse Bybelvertaling, oorgeneem uit 'n ander blad "Zuid-Afrika".

De Bazuin sê daaroor dit:—

"Nu de Afrikaansche taal in Zuid-Afrika de taal van Jong-Afrika geworden is, was het nodig geworden den Bijbel in deze taal te vertalen. Langzamerhand kwam de taal, waarin men tot nog toe den Bijbel gelezen had, namelik de oude Nederlandsche Statenvertaling, al te ver van de huidige wijze van spreken af te staan. Daarom werd de vraag naar een nieuwe Bijbelvertaling actueel en dringend.

Met belangstelling wachten wij de voltooiïng van dit grote werk af; en hopen dat het tot een zegen voor het Afrikaansche volk worde."

## KERK EN SKOOL.

*Bemaking Teologiese Skool.*—van die Prokureurs van oorlede Mej. Anna M. C. Venter, Geref. Gemeente Venterstad, het ondergetekende berig ontvang dat sy omtrent £50 aan ons Teologiese Skool bemaak het. Wat 'n mooi voorbeeld van die oorledene Suster! In haar lewe was sy ywerig vir haar Kerk, maar sy het aan die Skool van haar Kerk ook gedink. Dis werklik 'n navolgenswaardige voorbeeld, veral van 'n Suster. Ons is dankbaar vir sulke liefde vir ons Skool.—D. Postma, Voors. Kuratore, Burgersdorp, K.P., 4 Nov., 1925.

*Melville, Johannesburg Noord*:—Ds. Snyman van Molteno het die beroep aangeneem.—J. de Vries.

*Diakonale Konferensie.*—Punte van bespreking ingestuur deur die diakonie van Fordsburg:—

(1) Die konferensie bespreek die noodsaaklikheid van die aanstelling van 'n Geref. onderwyser in die Blinde en Doofstomme Skool van Worcester en die vervulling van finansiële steun aan gemelde skool.

(2) Of ouderlinge ook moet help in die insameling van kerklike bydrae.

(3) Die diakonie vra die steun van ander diakonieë vir die armes. Wat is in die verlede gedoen met die geld?

(4) Of die kranksinnig gestigte gereeld deur die diakens besoek word.

(5) Die diakonieë van O.V.S. en Kaap Prov. deur 'n kommissie te vra vir samewerking en volgende konferensie te rapporteer.

H. v. d. WALT,
G. L. KRUGER.

---

*Algemene Vergadering, O.V.S.*—Kennis word hiermee gegee dat die e.k. Algemene Vergadering van die Geref. Kerke van die O.V.S. D.V. sal 'n aanvang neem te Ventersburg in die Geref. Kerk-gebou, die eerste Saterdag in Maart, 1926, die aand om sewe uur. Beskrywingspunte en ander stukke vir publikasie moet by die ondergetekende in wees voor 10 Feb., 1926.—B. G. Venter, P.seun, Skrieba, Rodekop, P.K. Ventersburg, O.V.S.

---

*Vredefort.*—Namens die kerkraad van die Geref. Kerk van Vredefort wil ons net ons vreugde uitspreek, dat die leraar wat alhier beroep is gevolg gegee het aan die roeping, namelik Ds. G. H. J. Kruger van Barkly Oos. Die bevestiging sal plaasvind op 17 Jan. aanstaande. Mog die Here ons toekomstige leraar seen in die gemeente om die gemeente wat so lang herderloos was, op te bou tot eer van Gods Naam!—M. J. de Kock, Skrieba, Kerkraad Geref. Gemeente, Vredefort.

---

*Oos Londen.*—Hoewel die laaste verslag wat ek gestuur het in verband met die afstigting van die gemeente en beroeping van 'n konsulent vir die gemeente nie gepubliseer is nie voel ek tog geneë om weer mee te deel, dat Saterdag, 18 en Sondag 19 Oktober vir die gemeente van Oos Londen weer dae van geestelike verkwikking was. Sondag sou die gemeente die Heilige Nagmaal vier. Vir die doel was ons geagte konsulent en Ds. D. Postma van Burgersdorp na ons oorgekom. SyEerw. het die keer reeds Donderdagmore hier aangekom, dus het ons die voorreg gehad om hom van Donderdag tot Maandag in ons midde te hê.

Saterdagaand, by geleentheid van die voorbereidingsdiens het SyEerw. 'n baie ernstige woord gerig tot die gemeente, na aanleiding van die woorde van die Heiland in Lukas 23—31: Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal aan die dorre geskied." Ernstig en baie passend vir die geleentheid was hierdie rede onder die besondere omstandighede waarin die gemeente verkeer. Na afloop van die diens is daar gemeente vergadering gehou om een ouderling te kies in plek van br. W. N. v.d. Walt wat ontslag gevra het en gekry het; die uitslag van die stemme was die herkiesing van Br. v.d. Walt en sal die br. dus nog dien tot die einde van die jaar 1925.

Sondag oggend by geleentheid van die Heilige Nagmaal kon die gemeente andermaal luister na 'n wel deurdagte preek na aanleiding van Joh. 15: 12 en Sondagaand het SyEerw. boeiend leersaam en onderwysend gepreek na aanleiding van 23ste Sondag van die Heidelbergse Kategismus. Aan die einde van die jaar is die Susters van die gemeente voornemens om 'n verkoping te hou ter vermindering van ons kerkskuld. Met die hulp en seen van die Here en onderlinge samewerking van al die susters meen die kerkraad dat dit nie teveel sal wees nie om te hoop om instaat gestel te word om £200 af te betaal op ons kerkskuld. Ons doen hier onder moeilike stedelike omstandighede 'n groot werk en reken derhalwe ook met vertroue op die steun van ons meer bevoorregte geloofsgenote.—Korrespondent, Ger. Gem., Bus 402, Oos Londen.

---

*Lichtenburg.*—Br. F. J. P. Schutte stuur 'n verslag oor die afstigting van Sannieshof. Ons het reeds 'n verslag daaroor gehad.

---

*Die Moot, Remhoogte,* 26 Okt.—Hierdie gemeente het weer gister Nagmaal gevier. Ons geagte leraar het reeds Donderdag more hier aangekom en is tesame met die ouderling die wyk deur vir huisbesoek. Die weer was baie mooi en gunstig vir die geleentheid, en tog was die opkoms hoogs onbevredigend. Daar dit nou nie so'n druk tyd is nie, aangesien die gesaaides nog nie ryp is om geoes te word nie, en alle omstandighede in aanmerking geneem, dit 'n baie gunstige tyd is, is dit vir ons onverklaarbaar, waarom hier so min mense by die kerk was. Die gesaaides is pragtig en as dit behoue bly, sal dit seker 'n rekord oes wees vir die laaste jare. Die gemeente het dus ryke stof tot dankbaarheid. Dit is maar te hope dat die seëninge nie die mense onverskillig sal maak nie. Waar ons in die afgelope jare van teëspoede en plae tot die Here geroep het om hulp, het Hy ons genadiglik verhoor en uitkoms gegee. Mog die Here ons dan bewaar om nie nou weer in onverskilligheid of louheid te verval nie!

Die feesviering was werklik aangenaam en 'n mens kon dit aan die gemeente sien dat die kernagtige preke van ons leraar indruk op hulle gemaak het.

By die gemeentevergadering, Saterdagmiddag, is gekies as ouderlinge brs. C. Lourens en S. Potgieter in die plek van brs. S. Kruger en F. Potgieter wat eervol ontslag gekry het en as diaken br. P. Bredenhann in die plek van br. C. Lourens wat tot ouderling gekies is.

In die aand het die plaaslike Jongeliede Vereniging bymekaar gekom, waar daar 'n lesing gehou is deur br. A. Bosua oor "Ons Standpunt." —F. J. Potgieter (Korresp.).

---

*Koffiefontein.*—Wat verander die tyd tog verbasend gou! Geslagte kom en gaan om vir andere plek te maak wat groot word en in ruime mate uitbrei. So gebeur dit dat Koffiefontein,

wat pas as 'n wyksgemeente van die Gereformeerde Gemeente Fauresmith gestig is, op die 24ste Oktober, 1925 as 'n selfstandige gemeente gestig is. Wat 'n gewigtige onderneming vir 'n gemeente van slegs 51 lidmate. Dis vir die wêreld om mee te spot en tog kan die wêreld ons nie beskadig nie, want selfs die poorte van die hel kan die kerk van Kristus nie oorweldig nie. Die kommissie vir die afstigting was Ds. A. Yssel en ouderling A. Henning vir Fauresmith en Ds. A. Duvenhage en ouderling J. Yssel vir Petrusburg. Saterdag middag het die gemeente vergader in die kerksaal en nadat Ds. Yssel die gemeente ernstig toegespreek het en geleentheid gegee het om vrae te stel is die gemeente behoorlik gestig geword.

Na gebruik het die ou Kerkraad afgetree en is almal weer herkies geword behalwe een br. ouderling wat in die minderheid geval het. Dit het die kerkraad verbaas, want mensliker wyse gesproke is die broeder onmisbaar vir die gemeente; daarom voel ons dit so baie, want die Here het al baiemaal sy diensknegte teruggetrek om een of ander sonde; miskien het ons gesondig.

By die Voorbereiding, Saterdag, het ds. Duvenhage aan die beurt geval. SyEerw. het 'n ernstige rede gehou oor Jeremia 1:11—13. Hy het daarop gewys hoe die Here die Profeet daar gestel het om te getuig. Die amandel roede het voorgestel hoe die Here attyd vroeg op is om oor sy kerk te waak. Selfs na die oordele, wat die kokende pot voorstel, waak die Here nog oor sy kerk. Dit was 'n vertroostende rede vir die pasgestigte gemeente.

Sondagmore by die Nagmaal het ds. Yssel voorgegaan. SyEerw. het tot teks geneem Joh. 19:19: Die opskrif van Pilatus bo die kruis van Kristus. Roerend het die dominee daarop gewys hoe Pilatus deur daardie opskrif met die Here gespot het en tog was daardie opskrif sy veroordeling. So het die dominee duidelik gemaak dat elke mens se sonde geboek word en dit bly geboek om teen die mens te getuig, van wie die sonde nie afgewas is deur die soenbloed van Kristus nie.

'n Goeie gehoor het die dominee Sondagmore gehad, 'n teken dat daar lewe en belangstelling by die gemeente is—en selfs nog Sondagmiddag het ds. Yssel weer 'n groot aantal toehoorders voorgegaan uit Richteren 16:38, die bede van Simson. Baie ernstig het hy daarop gewys hoe Simson met die sonde en die genade van God gespot het. So speel ons ook met die sonde en word meer as eenkeer diep verneder. Eindelik het die dominee nadruk gelê op die bede van Simson; hoe ernstig hy gebid het en hoe die Here hom verhoor het en krag gegee het om in een oomblik meer van Gods en sy vyande te dood dan hy in sy lewe gedood het.

Sondagaand het ds. Duvenhage op versoek van die Ned. Ger. Gemeente gepreek oor Jer. 7:4. Hier ook het die dominee nie gespaar nie maar elke sondeswond diep getref. Die dominee het ons volkskarakter so wesenlik afgeskilder asof hy persoonlik in die harte van ons volk gewandel het, en gesien het wat daar in die verborgenheid aangaan. Die rede het 'n verbasende uitwerking gehad want Maandag kon 'n mens klompies mense aantref wat op hulle lippe dra die treffende preek van Sondagaand.

So het die heerlike dae geëindig en was die geboortedag van die gemeente Koffiefontein spoedig in die verlede. Wat het ons harte nie gebrand van al die waarhede wat ons gehoor het nie. Mag die gemeente spoedig uitbrei en 'n sieraad word van die kerk van die Here. Dit is die ernstige bede van—A. S. Smit, Ouderling.

---

*Opleidingskool, Steynsburg.*— Laaste Maart, toe die Alg. Vergadering van die Kaap Provinsie met algemene stemme besluit het om vir uitbreiding van bogenoemde skool te werk en sy kommissie opgedra het om planne te beraam, het hulle maar bangerig begin. Die pad het maar moeilik en lang gelyk.

Hulle het maar begin, eers voel-voel. Gelukkig inspekteurs en ander outoriteite het die plan so gunstig ontvang, en die kommissie soveel aanmoediging gegee, dat hulle spoedig met moed en lus gewerk het.

Die oproep vir studente vir die O2 kursus per omsendbrief en Die Kerkblad het bo ons almal se verwagting geslaag. Ook die Departement van Onderwys het nou, ek kan maar sê, met vrymoedigheid toestemming gegee vir die uitbreiding.

Ons is vir dit alles die Here onse God dankbaar. Mog Hy ons ook maar seën as ons aanstaande jaar begin.

Al wat nou nog onseker is, so ver ons kan sien, is of ons die regte persoon vir die kursus op onse staf gaan kry. Onse gegradueerde O2's en O1's moet nou maar Steynsburg nie oor die kop sien nie, maar ons kom help, soos gevra in onse advertensie van die pos.

Laat ons werk vir die groot beginsels, wat ons bely. Dit te meer, waar ons van buite af so gunstig beoordeel word, en die werk van die skool so deeglik is. Laaste September het die skool 'n tentoonstelling gehou, en heelparty van die goed gaan nou op vir die algemene eksebiesie. Ons kan waarlik hierdie werk nie laat vaar nie. Daarvoor is te veel al opgeoffer, en die seen van die Here is te onmiskenbaar daarop rustend. —D.G.V., Steynsburg, 21/10/1925.

---

*Kristelike Unie.*—Nogmaals word alle lede herinner aan die vergadering van die Kristelike Unie op Potchefstroom, Woensdagmiddag, die 25ste Nov., om 3 uur in die Teol. Skoolsaal. Gee a.u.b. kennis van oorkoms aan Prof. F. Postma.

---

*Teol. Skool.*—Die Kuratore vergader op Potchefstroom, die 26ste van hierdie maand. Saterdagaand, die 28ste word in die Teol. Skool die verjaardag van die Teol. Skool en P.U.K. gevier,

en Sondagaand hou die aftredende Rektor, Prof. J. A. du Plessis, in die kerkgebou 'n rede.

*Potchefstroom.*—Ondergetekende gee hiermee aan al *òns gemeente se Kerkblad* intekenare kennis, dat hulle die Kerkblad van begin Jan. 1926 teen 7/- per jaar sal kry, as hulle àlle agterstallige subskripsiegelde van 1924 en 1925 vóór die end van 1925 by die Volksblad Drukkery vereffen. Alle *nuwe* intekenare in ons gemeente sal die voorreg van begin 1926 ook geniet. Ons hoop van harte, dat die ou intekenare hulle agterstalliges sal aansuiwer, en ondergetekende of hulle wyksouderling dan daarvan in kennis sal stel. Dan maak ons die saak verder in orde.—I. D. Kruger.

## NUWE BOEKE.

*Rede* uitgesproken door Ds. M. Postma, M. A. bij de herdenking van zijn 35 jarige ambtsbediening op Johannesburg. Verkrijgbaar bij J. J. van Tonder, 6 Napierweg Richmond, Johannesburg, 1/6—48 bladsye.

Wie nie alleen kennis wil maak van die rede van hierdie gryse dienskneg van die Here nie, maar ook die interessante mededelings wil lees van die ontstaan en die ontwikkeling van die Geref. gemeentes op die Rand moet hierdie boekie, geillustreer met foto's, lees.

Wat is daar al gearbeid en geworstel in die kerklike wêreld deur die wat nie meer is nie, en deur manne soos ds. Postma, geestelike ouers van die gemeentes, wat nie deur die jong geslag vergeet mag word nie, en om die arbeid te sien moet ons die geskiedenis, soos in hierdie boekie verhaal, lees.

*Kerkelik Besef* door ds. S. G. de Graaf—Serie "Ons Arsenaal" 5 No. 3—4. Uitgave J. B. van den Brink en Co., Zutphen, Holland.

Ook in Suid-Afrika is dit nodig dat vir ons die kerklik *besef* weer lewe en dat 'n helder kerklik *begrip* gevorm word. Dit wil hierdie brosjure doen. Besef en Begrip is twee kante van die sielelewe. Die eerste is 'n gewaarwording, sê die skrywer, 'n gevoel, en as die besef 'n bewuste voorstelling word dan kom ons tot 'n begrip.

Die oorsake van die verswakking van die kerklik besef is subjektiwisme en individualisme, waaraan twee paragrawe gewy word. Volgende paragrawe handel oor "Middelen tot versterking van het Kerkelik Besef", oor "Van Kerkbesef tot Kerkbegrip", oor ,,Moeder der gelovigen of vergadering der gelovigen," oor "Eenheid en Pluriformiteit," oor "Volkskerk en Labadisme," oor "Catholicisme en Sectarisme", oor ,,Clericalisme en Independentisme." Ons het al meermaal op die belangrikheid van die serie "Ons Arsenaal" gewys en raai intelligente lesers ernstig aan om daarop in te teken. Hierdie brosjure is 'n belangrike bydrae in die serie.

J. P.

## LEES! LEES!

Lees nie bog goed nie! Maar lees, wat verstand en hart voed! Lees, wat nodig is vir die uitoefening van 'n beroep! Moenie dink, "ek weet alles" nie! Lees 'n goeie krant vir die uitoefening van u burgerlike pligte! Lees "Die Kerkblad" om in te lewe in u kerklike wêreld om u roeping te verstaan as gereformeerde lidmaat! En lees boeke vir u algemene ontwikkeling en vir die voeding van u geestelike lewe!

Wil ons as Kalvinistiese burgers en as gereformeerde lidmate ontwikkel, dan moet daar *gelees* word. Baie van ons mense is te traag en te suinig om te lees.

Om te kan kompeteer in die wêreld van ontwikkeling, wat sy invloed ontleen aan *dinkkrag*, moet ons gereformeerdes lees. Ons het 'n naturelle-vraagstuk. Die tyd is verby om te dink dat ons die kaffer kan en moet dom hou.

Die kaffer *lees* en *leer*. Om nie sy mindere te word nie, moet ons lees en leer. Ouers, sorg dus dat u kinders nie net skoolgaan nie, maar sorg vir gereformeerde leesstof en vir die algemene ontwikkeling van u kinders deur 'n klein Biblioteek, wat gedurig aangevul moet word.

'n Switser, wat Holland besoek het, skrywe volgens die "Amsterdamsche Kerkbode" van die Hollanders:—"Misschien nog meer karakteristiek voor de levende godsvrucht in de gereformeerde gemeenten is, dat het volk leest, met slechts den Bijbel, maar godsdienstige literatuur van verschillende aard. Ook de boerenhuizen hebben hun bibliotheek, ook de eenvoudige koopt en leest meer boeken."

## VRAEBUS.

J. S. v.d. Merwe, Boshof.—U bydrae vir Afr. Bybelvertaling, Blindes en Dowes, Sending ontvang.

Ons sal begin volgende jaar 'n lys van boeke publiseer, vir studie van die Kalvinistiese beginsels soos deur u verlang, sodat meer daarvan kan profiteer.—J.P.

## WEELDE EN GIERIGHEID.

Met die oog op ons Diakonale Konferensie wil ons hierdie twee euwels: weelde en gierigheid, wat soveel vandag onder ons arme klasse aangetref word, onder die aandag bring. Die eerste euwel wat ons bespeur, nie alleen in ons grote stede, maar selfs op die platteland is die *weelde* of oormate van genot wat menige huisgesin hulle veroorloof. Ons praat hier nie van die rykere stande wat swelg in oordaad vandag en vrekgie-

rig is aan die ander kant teenoor kerk en arme. Ons wil slegs op die euwel in ons arme stande wys, 'n euwel wat deur ons diakonieë moet aangepak word. Gebrek aan spaarsaamheid heers daar oral. Wie een maand hoër lone kry, weet geen uitweg met die ekstra beloning, en dis soms verbasend hoe dit dan verkwis word. Wat is weelde? Wat vir die een weelde is, is dit nog gladnie vir die ander nie. Dis geen weelde b.v. dat iemand wat 'n goeie inkomste het, so nou en dan 'n vakansiereis neem. Maar dis wel weelde dat iemand wat 'n skraal inkomste het, hom dieselfde plesier laat welgeval. Die Here het tog op aarde verskillende stande geskep. Elke stand het sy eienaardige behoeftes. Dis sonde om behoeftes te bevredig wat bo iemand se stand en inkomste strek. As rentmeesters van God oor die goed wat die Here ons toevertrou, moet ons weet ons goed in die diens van God te bestee, en nie vir ons eie plesier alleen nie. Nooit mag mens behoeftes bevredig wat bo jou stand of inkomste gaan, en daardeur die heil van jou naaste en van die kerk uit die oog verloor. Dan besondig die mens hom.

Ons kan ons wel soms iets ekstra veroorloof, alleen, dit moet geskied sonder dat ons in ons verpligtings teenoor God en ons medemens te kort skiet. Het God ons in die maatskappy 'n sport laer as ander gestel, dan moet ons Sy soewereine wil eerbiedig en ook eenvoudiger lewe, anders besondig ons onsself aan Sy ordinansies. Hoevele is daar in ons tyd wat weet om heel eenvoudig te lewe, maar gebeur dit dat die inkomste skielik vermeerder, dan word in plaas van te bespaar vir die kwade dag, alles verkwis. Of hy £30 of £60 per maand kry, hy kom net uit. Sy huis word blinker binne, hoewel dit maar 'n huurhuis bly.

Wat dit geen oordeel van God, dat hier op die Rand vòòr die staking sommige huisgesinne tot £120 per maand gekry het, en vandag nog in 'n huurhuisie sit? En is dit geen sonde dat die kerk nooit iets ekstra ontvang van die hoëre lone? Skenk God dit ons nie as 'n beproewing om te sien hoe ons as rentmeesters dit bestee?

Sien vele nie daarteen op om 'n halfkroon vir die arme te gee, terwyl hulle dit so maklik vir allerlei genot uitgee? Hiermee kom ons vanself tot die twede euwel wat bestry moet word, en dis die *gierigheid*. Gierigheid is afgodediens, sê die Apostel Poulus. Hoevele sluit hul harte vandag vir die arme? As die diaken met diakonaal huisbesoek om 'n vrye gif vir die arme vra lui soms die antwoord: ek is self arm. Treurige verskynsel voorwaar! Selfs in ons plattelandse gemeentes stap vele lede die kerk uit sonder ooit die diaken by die deur raak te sien. En dis nie altyd arm mense nie, nee, sommige is nogal tamelik vermoënd. Hul hart is vir hul medemens gesluit.

Hier lê vandag die grootste roeping van ons diakonieë om die mense te leer gee. Ons haal hier enige woorde aan van Prof. Fabius in sy *Sosiale Vraagstukken*: „Het is niet het minst de taak der Kerk om daaraan te arbeiden, dat de mensen leren hun geld te besteden naar Gods wil, en daarvan ook mede te delen aan de behoeftige; dat zij niet van hunne aardse bezitting zich eene afgod maken; dat de gierigaard nog worde losgemaakt uit de zondige banden der vrekheid waarin hij gevangen ligt". Dis tevergeefs om hulp van ons arme vandag van die Staat te verwag, die Staat kan die Kerk nie vervang nie. Die kerk moet met haar heerlike amp van barmhartigheid hierdie afgodediens van ons tyd teengaan. Ons Diakonieë moet met die arme spreek oor die oorsake van hul gebrek. Waarom tog is daar sovele huisgesinne wat gedurig weer in armoede versink? Lê die fout nie in die huishouding nie? Word daar in die dag van voorspoed altyd spaarsaam genoeg gelewe? Word die inkomste in sulke dae altyd op die regte wyse bestee? Word in sulke dae ook daaraan gedenk dat die eerstelinge van ons inkomste aan God en Sy diens toekom, en aan die arme? God beproef ons wel deeglik met ons inkomste, en as Hy nie daarin erken word nie, dan word Sy seën tot 'n vloek in ons huislike lewe. As beter vooruitsigte daar is, dan word die huis van die Here vergeet, dan kan die arme maar heenskeer, ons was tog self arm! En kyk, daar gryp die Here in, die volgende dag loop so iemand op straat rond, uit werk! Die Koninkryk van die Hemele staan nie meer op die voorgrond in die lewe nie, maar is bysaak. Die kerk moet van ons oorskot lewe, en die arme moet self klaarkom. Dr. W. van den Bergh het dan ook altyd sy Diakens geleer om hierop te let of die arme in betere dae ook aan die Here en Sy diens gedenk het, en aan hul medemens, want sê hy, die Here kasty Sy kinders met gebrek en armoede as hulle in betere dae nie geweet het nie om Hom daarin te erken. Hierop moet ons ag gee. Is dit nie die oorsaak waarom sovele huisgesinne telkens weer in armoede verval? As God in die dag van voorspoed nie erken word nie, hoe kan ons op die duur dan Sy seën verwag? En sonder die seën van die Here gedye daar tog niks. Is dit nie die oorsaak waarom sovele swoeg van die vroeë more tot die late aand, maar nooit verder in hul lewe kom. Dis maar altyd siekte en ellende in die huis. Laat ons nie altyd op tydelike omstandighede die oorsaak skuiwe nie, maar laat ons deurdring tot die wortel van die saak. Erken God tenvolle in u lewe, in al u geld en goed, bring Hom die eerstelinge, versorg die tiendes in Sy huis, en beproef Hom hierin of Hy u Sy seën sal onthou. Vervloek is u, sê die profeet Maleagi, omdat u My huis beroof. "As u broeder sal verarm wees, en sy hand by u sal wankel, so sal u hom vashou, . . . . . u sal vrees vir u God opdat u broeder by u lewe." (Lev. 25:35, 36). Die vrese van die Here is hier ook die beginsel van offervaardigheid teenoor kerk en arme.

P. J. S. d. K.

## KORRESPONDENSIE.

### DIE KAARTSTELSEL NOG 'N MAAL.

Geagte Redakteur,

Persoonlik is my gevra 'n uitleg te gee omtrent die kaartstelsel.

Almal wat met kerkelike administrasie te doen het is seker wel oortuig dat die manier om die name van die lidmate in te skryf in 'n boek volgens die datum wat hulle in die gemeente opgeneem word baiemaal groot moeilikhede veroorsaak. 'n Alfabetiese volgorde gee net so baie moeilikhede.

Al die moeilikhede word weggeneem as die kaartstelsel ingevoer word.

Vir elke lidmaat word 'n kaart geneem en daarop word vermeld:

(a) Naam van Gemeente.

(b) Naam van Lidmaat (voluit) eers van, dan voorname.

(c) Datum van belydenis.

(e) Datum van inskrywing (oorkoms met attestasie, aansluit, ens.).

(f) Wanneer getrek na ander gemeente.

(g) Waarheen getrek (plaas, dorp en distrik) ens.

[Dis maar 'n voorbeeld en ek dink die beste is dat die Provinsiale Sinode 'n kommissie benoem om die kaarte op te stel.]

Is daar nou vir elke lidmaat 'n kaart dan word die kaarte in alfabetiese volgorde in 'n kassie geset. By oorlyde van 'n lidmaat word sy kaart uit die kassie geneem.

Vertrek 'n lidmaat uit die gemeente na 'n ander gemeente dan doen die wyksouderling daarvan verslag in die kerkeraad en die skriba vat die kaart van die lidmaat en stuur dit na die kerkeraad van die gemeente waar die persoon heengetrek het.

Die laaste kerkeraad stel nou ondersoek in, besoek die nuwe intrekker, vermaan hom om sy attestaat op te vra (of te laat opvra) en in te lewer by die kerkeraad. Dan word 'n nuwe kaart van hom aangelê en die oue kan weggedaan word.

Op hierdie wyse sal daar heelwat minder moeilikhede wees en rondtrekkende lidmate sal nie so maklik sonder kerkelik toesig bly nie. Ook sal ons 'n juister opgawe kan gee van die aantal belydende en dooplede wat aan die Gereformeerde Kerke in S.A. behoor.

Die invoering van die kaartstelsel berus natuurlik by die Kerkeraad, maar dis wenselik dat die Provinsiale Sinode die invoering daarvan algemeen aanbeveel en daarom is die e.k. Provinsiale Sinode gevra dit te bespreek

Met agting,

A. B.

[Hierdie kaartstelsel meen ons, word ook in Nederland gebruik. Dit lyk vir ons alle aandag werd te wees.—Red.]

---

Waarde Redaksie,—Daar is reeds baie geskryf, en tereg ook, omtrent die dans-euwel, wat langsamerhand ook veld win in ons Gereformeerde Kerk. Dat daar noemlose onheil veroorsaak word deur die moderne dans is onbetwisbaar, en dat jong lidmate van ons Kerk al meer en meer met die stroom meegesleur word bly 'n feit, wat veral in ons tyd skrikbarend toeneem. Soos onlangs gesê, sal ons Kerk sy regte laat geld, en kras optree teenoor dansende lidmate. Dit is ten enemale teen ons Dopper-beginsels en tradiesies, en as berisping en bestraffing nie meer baat nie, sal die kerkrade verplig wees om die sensuur toe te pas. Dus sien u, waarde Redaksie, dat dans gaan stop geset word „te vuur en te swaard"—altans in die Gereformeerde Kerk.

Ons wil dus 'n suiwer Gereformeerde Kerk hê. Suiwer? Maar, soos 'n Rip van Winkel is ek van my bekende omgewing vervreemd. Weëns verbastering is die Gereformeerde Kerk haas onkenbaar geword. Op beuselagtige puntjies word op dweepagtige wyse aangedring, vir die mees onsinnige redes word gedreig om die Kerk te verlaat

Waarom? Deurdat ons alle aandag wy aan sulke reusagtige faktors soos s t a a n e n s i n g, wat vir sommige „eg Gereformeerdes" letterlik 'n misdaad beteken

Nou ja, hoe kan dit ook anders as ons al ons tyd bestee aan dergelike gewigtige „nuwighede"?

Daardeur kry ons geen tyd, of wil ons geen tyd kry nie, om ons deel by te dra by die kristelike opvoeding van die kinders van die gelowiges. Dat daar 'n algemene laksheid en papheid bestaan vir die beywering onder Gereformeerde kinders bly 'n feit. Dit geld hier nl. die kwessie van ons Kategisasie.

'n Aloue instelling, wat deur soveel jare heen goedgehou het, en tog moet ons vandag hoor en sien dat dit die ouers se plig is om die kinders in Gods Woord te onderrig.

Sinds wanneer is dit die Gereformeerde opvatting? Praat van 'n „nuwigheid," hier het jy 'n splinternuwe!

Ek wil net hier byvoeg, dat ons streef om onse ou Gereformeerde tradiesies hoog te hou, en stry teën die „nuwighede"—tog kan of wil ons nie die „ouighede" behartig nie.

Eén ding is seker, dat solank as daar nie 'n deeglike en gesonde organisasie in ons Kategisasies kom nie, ons meer onkundige lidmate kweek vir die toekoms.

Die woorde van Christus behoort alle kwasie-besware uit die weg te ruim, diè aan Petrus: „Wyd Myne lammeren."

Met Hoogagting,

G. BORSTLAP.

Bloemfontein,
28 Oktober 1925.

[Ons het 'n gedeelte van hierdie brief weggelaat. Die skrywer is te emosioneel. Waarom sulke uitdrukkings soos „te vuur en te swaard" en dergelike? Dit is nie kerktaal nie. Ons glo niks van die algemene en onverantwoordelike stelling nie, dat „weëns verbastering is die Gereformeerde Kerk haas onkenbaar geword." Ons stem in met die gedagte van die skrywer dat die Katkisasie-arbeid een van die gewigtigste werksaamhede in die gemeente is. Onderwysers doen net aanvullende hulpwerk. Die Katkisasie is amptelik werk, en vul die huislike onderrig amptelik aan.

Dat dit die ouers se plig is om hulle kinders te onderrig in Gods Woord is nie 'n nuwigheid nie. Dit is baie ouer as die skrywer. So oud soos Gods Woord. Maar dit kan nie in die plek kom van die amptelike Katkisasie nie, wat deur die predikant moet gegee word.—Red.]

---

H. Venter, De Aar—skrywe teen die Afrikaanse Bybelvertaling en Psalmberyming en teen die kort gesing in die kerk. Die skrywer voer geen argumente wat

enige bewyskrag het, aan nie. Hy laat sy gemoed net praat.

Die ou mense, vir wie hy pleit, behoef nie te vrees vir 'n gewelddadige invoering van die Afrikaanse Psalms nie. Die jong geslag sal dit miskien later in die kerk sing. Hy sê "Borstius" is ook al verwerp. Miskien is dit goed, dat ons ander in die plek gekry het.—Red.

## VIR DIE KINDERS.

Liewe Kinders,—

Nog één stukkie, wat ook in verband staan met Spreuke 1 : 8. Dus, in verband met die onderwerp: „Gehoorsaamheid aan vader en moeder." Maar ek wil die slag meer bepaald julie aandag op „moeder" vestig.

Julle praat gewoonlik van „ma, mammie, moeder, m y moeder," nie waar? En dis so mooi. Watter kind het nie 'n moeder nie? Daar is ook maar min kinders, wat hulle mammie nie ken nie, of geken het nie. Die vader is meermale onbekend, maar nie die „mammie" nie.

Een kind is met niemand anders só nou, as met sy moeder verbind nie. Sy moeder, wat haar kind dra onder haar hart, in haar hart; wat dag en nag met haar kind omgaan; wat die kind voed en opvoed; wat die eerste glimlaggies en woordjies van haar liefling sien en hoor. En...... wie was en is daardie liewe kleinding van moeder? Dis julle self!

Ag, watter voorreg is dit om 'n moeder te hê, liewe kinders! Ons vergeet baie keer ons grootste voorregte, nie waar? Die son, wat oor ons skyn; die nag, waarin ons mag rus en slaap; die gesondheid wat ons geniet; die moeder, wat ons druk aan haar hart; die God en Vader, wat ons alles...... ook ons moeder skink. Ons vergeet dit so gedurig, totdat die Here eendag ook ons moeder van ons wegneem. Dan skrik ons. Dan huil en treur ons soos weeskindertjies. Dan begin ons insien watter groot voorreg ons gehad het in die moeder, wat daar nou nie meer is nie. O dan begin daar allerlei gedagtes in Jannie en Sannie se hartjies opkom. Hulle begin nadink oor hulle liewe moeder, wat die Here weggeneem het. En, in baie gevalle is dit selfverwytende gedagtes. Jannie wil sy hare uit die kop trek van spyt, dat hy tog altyd so stout en ongehoorsaam was. Ongehoorsaam? Vir wie? Nie vir sy pappie, maar vir sy mammie. Vir sy vader was hy altyd tamelik gehoorsaam. Sy vader kon hom tug. Dit het Jannie goed geweet. Vir sy vader kon hy nie weghardloop nie. Die kon hom maklik vang. Maar sy moeder kon dit nie doen nie. En...... dit het Jannie goed geweet. Daarom het hy nie omgegee om sy moeder se hart baie keer seer te maak nie deur ongehoorsaamheid. Eendag het sy hom weer gestuur om iets te doen, en toe sê hy sommer skaamteloos: „Ek sallie, ek sallie!" En daarop hardloop hy die huis uit. Dit het die moederhart tog so vreeslik gewond, dat sy lang daaroor getreur het in die stilte. Maar Jannie het daar niks van gedink nie. 'n Tyd daarna is sy moeder toe oorlede. En toe, toe het al daardie dinge hom begin kwel. Hy het homself vreeslik verwyt oor sy ongehoorsaamheid jeens sy goeie moeder. Maar...... dit was t e l a a t. Hy kon haar nie weer om vergewenis van sy sonde vra nie. Hy het tog so bittter berou gehad, dat hy nie ook maar gehoorsaam was soos sy sussie nie.

Liewe kinders, sulke feite moet ons nooit vergeet nie. Julle moet dit raak sien en julle voorneem: "Só wil ek tog nooit maak soos Jannie nie." Wees liewers gehoorsaam solank as moeder nog lewe, dan sal berou oor ongehoorsaamheid julle hartjies nie verskeur nie, as moeder eendag nie meer daar is nie.

Salomo het hierdie sonde by kinders goed raak gesien. Hy het baie daarteen gewaarsku. Watter sonde? Dat kinders namelik vir moeder ongehoorsaam is. Nie so seer vir vader, maar juis vir moeder.

Hoekom? Omdat moeder hulle nie soos vader kan tug nie. Omdat moeder nie so slim is nie. Omdat moeder heeldag met hulle omgaan, waardeur die kind begin dink, dat moeder sy maat is. En so begin die kinders naderhand kans sien oor hulle moeder. En as moeder dan oud en afgeleef is, dan neem die ongehoorsaamheid soms nog meer toe by die kinders. As moeder één woord het, dan het hulle tien daarteen, en so word die nodige eer en respek aan ons liewe moeder onthou. Aan h a a r, wat ons, kinders so lief het, soveel vir ons verduur het. En nog alles vir ons oor het.

Laat ons onthou, **dat ongehoorsaamheid jeens ons moeder nie anders as 'n gruwel kan wees in die oë van die Here nie.**

Die oudste kinders se verantwoordelikheid is hier veral groot. As hùlle goed voorgaan dan sal die jonger kinders hulle goeie voorbeeld volg. Maar so nie, dan sal die kleintjies die slegte voorbeeld van boet en sus nog gretiger navolg. Tot dit ook eendag t e l a a t is.

Voor ek die stukkie afsluit, moet ons nog eers hoor wat die wys Koning in die verband gesê het.

In Spreuke 23 : 22: „...... verag u moeder nie, as sy oud geword het." In hoofstuk 30 : 17: „Die oog, wat die vader bespot, of die gehoorsaamheid van die moeder verag, sal die kraaie...... uitpik, en die arend se jongens sal dit eet." In hoofstuk 20 : 20: „Wie sy vader of sy moeder vloek, die se lamp (lewe en geluk) sal uitgeblus word in swart duisternis." „My seun, hoor die tug van jou vader, en verlaat die leer van jou moeder nie." 1 :8.

Ons sien uit al die tekste, dat Salomo nooit vergeet het om ook die moeder te noem nie. Ons moet ons dierbaar moeder net so eer en gehoorsaam soos ons vader. As daar van julle is, wat soos Jannie gemaak het met sy ma,—doen dit dan tog nooit meer nie. Want die wil van die Here is, dat kinders vader e n m o e d e r moet eer, dan sal dit hulle welgaan.

I. D. K.

### DIE BOME VAN DIE BYBEL.

Van die vroegste tye het groot bome 'n diep indruk op die mens gemaak.

Ons vind dat selfs die mees onbeskaafde volke die statigheid en majesteit van 'n groot boom gevoel het en dat hulle met eerbied, selfs met vrees daarvoor vervul is.

Dit is dan ook maklik te verstaan dat primitiewe volke hulle grootste en plegtigste seremonies altyd onder die skadewee van 'n boom verrig het.

Verder die boom was die sitplek van die koning, daar het die kroning plaasgevind, daar was die eerste geregshof, daar is die godsdiens gehou en die altaar gebou, daar is gasvryheid aan hoë gaste betoon.

En dit was die gewoonte nie alleen van heidense volke nie, om onder 'n boom te vergader vir belangrike

sake, maar ons vind dit ook onder Israel, en dit is baie interessant om ons Bybelse geskiedenis na te gaan en op te merk hoeveel verskillende en plegtige gebeurtenisse daar onder die skadewee van 'n boom plaasgevind het.

Die geskiedenis van ons menslike geslag begin onder 'n boom. Daar in die Hof van Eden onder die skadewee van die Boom der Kennis des Goeds en des Kwaads het die eerste ongehoorsaamheid plaasgevind.

En weer is dit onder 'n boom, ,,die eikebosschen van Mamre", dat God vir Abraham, die vader van die gelowiges, die belofte gee van die geboorte van Izak, uit wie se saad al die volke van die aarde geseën sal wees en met wie God weer Sy verbond sou oprig (Gen. 18:1).

In die laaste hoofstuk sluit ons Bybel met die beskrywing van die nuwe Jeruzalem, waarin sal wees die ,,boom des levens en hare bladeren waren tot genezing der Heidenen."

En so, deur die hele Bybel heen vind ons betekenisvolle gebeurtenisse vermeld, wat onder die skadewee van 'n boom plaasgevind het.

'n Boom is meesal gekies vir vergaderplek, nie alleen vir die beskutting van sy takke, maar om sy simboliese betekenis ook. Soos die boom magtig is om te beskerm en te beskut, so strek ook die mag en beskerming van die koning of heerser oor die volk uit. Vandaar dat die setel van die koning onder 'n boom was en selfs die kroning daar plaasgevind het, soos ons sien uit Rigteren 8:6 "Zoo vergaderden zich allen burgers van Sichem en gingen heen en maakten Abimelech ten koning bij den hoogen eik die te Sichem is."

Die eerste geregshof was ook onder 'n boom. Daar het die koning as regter gesit en die volk opgekom om sy uitspraak te hoor. In later tye toe die konings binne in 'n saal op 'n troon gesit het om gehoor te verleen en regsake te beslis, het hulle nog die simboliese idee van 'n boom behou, deur die troon te laat versier met 'n oorhangende boom, kunstig uitgewerk in goud of ivoor. Die trone van Indiese en Persiese vorste was nog lang so versier.

Onder Heidense volke was dit ook die gewoonte om hulle afgodsdienste onder 'n boom te hou, "onder de eik, de populier en iepeboom, omdat hunne schaduw goed is," soos die profeet Hosea klae.

Reeds voordat Israel die land Kanaan binnegetrek het, het die Here hulle bevel gegee om die land skoon te maak van die afgode en gebied hulle: "Gij zult ganschelik vernielen al de plaatsen, waar de volken, die gij zult erven, hunne goden gediend hebben op de bergen, en op de heuvelen en onder allen groenen boom." Deut. 12:2.
boom." Deut 12:2.

Daar is meer as een geval in die Bybel genoem van die plegtige sluiting van 'n verbond en dit is opmerklik dat dit meesal onder 'n boom gebeur het.

So lees ons dat Jozhua sy laaste verbond met Israel maak en "hij nam een grooten steen en hij richtte die daar op onder den eik die bij de heiligdom des Heeren was, en zeide: "Deze steen zal ons tot een getuigenis zijn" Jozhua 24:26.

Voorheen, sien ons ook, vernuw Jakob sy verbond met God deur sy huis te suiwer van al die vreemde gode en hy begrawe die afgodsbeeldjies en die oorsiersele "onder den eikenboom die bij Sichem is." Gen. 35:4.

Die laaste rusplek van hulle dierbares was ook in die skadewee van 'n boom. So werd Deborah, die voedster van Rebekka, begrawe "onder den eik welks naam hij noemde Allon-Bachuth" So ook word die liggame van Saul en sy seuns, na die geveg, begrawe onder die eikeboom van Jabes. 1 Kron. 10:12.

Wonderlike en heerlike ontmoetings het ook onder die skadewee van 'n boom plaasgevind.

Daar by die eikeboom van Ofra het die Engel des Heeren vir Gideon ontmoet en hom sy roeping as redder van sy volk bekend gemaak. (Richteren 6:11).

Onder die jenever-boom, waar Elia, na sy vlug voor die wraak van Jezebel, moedeloos neergesink het, verskyn die Here om hom te troos en te bemoedig.

Vir die ontevrede en opstandige Jona laat God 'n wonderboom opkom en verdor om hom met die gelykenis sy onbillike toorn teen Nineve onder die oë te bring.

In die Nuwe Testament lees ons van die roeping van Nathaniël uit die vyeboom, en die Here sê aan hom: "Omdat Ik gezegd heb, Ik zag u onder den vijgenboom, zoo gelooft gij, gij zult grooter dingen zien dan deze."

Maar die aangrypendste gedagte van alles is dat die Here Jesus Sy laaste nag op aarde onder die skadewee van 'n boom deurgebring het. Alleen, want Sy disiepels was "slapende van droefheid," het Hy die lang nag in gebed deurworstel onder die digte bome van die hof van Gethsemane.

As ons so nagaan en oplet hoeveel merkwaardige gebeurtenisse daar, deur die eeue heen, onder die skadewee van 'n boom plaasgevind het, dan kan ons nie help nie om te dink aan wat 'n skrywer onlangs so mooi uitgedruk het: "Dit is asof die aarde oorskaduw is deur die groot boom, wat Nebukadnezar in sy droom gesien het—"welks hoogte reikte tot aan den hemel en hij werd gezien tot aan het einde der aarde."

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

---

**WYSIGINGSWET P.U.K.**—In dank ontvang vir dekking van koste van:

| | |
|---|---|
| Geref. Gemeente Kuruman ... ... | £3 18 1 |
| W. Bartels, Kaapstad ... ... ... | £5 0 0 |
| Reeds erken ... ... ... ... ... | £2 0 0 |
| Totaal ... ... ... ... | £9 18 1 |

Beloof vir dieselfde doel:

| | |
|---|---|
| Prof. J. A. du Plessis ... ... ... | £1 0 0 |
| Prof. Dr. C. de Wet ... ... ... ... | £1 0 0 |
| Ds. I. D. Kruger ... ... ... ... ... | £1 0 0 |
| H. C. van Rooy ... ... ... ... ... | £1 0 0 |
| Mevr. H. C. van Rooy ... ... ... | 10 0 |
| Totaal ... ... ... | £4 10 0 |

W. J. DE KLERK,
Registrateur.

Potchefstroom,
13 November, 1925.

---

**HAGESPAN SOUT.**

Vir onmiddelike aflewering. Vry op Trok, Bloemfontein of Brandfort. Spesiaal A1 6/6. No. 1 wit 5/6. No. 2 Veesout, effens gekleur 4/6. Terme kontant of K.O.A. Probeer ons en julle kry waarde vir julle geld.

VENTER EN VENTER.

Rustplaas, P.K. Florisbad,
via Brandfort, O.V.S.

## VERLOWING.

v.d. MERWE—VAN WYK.—Aan famielie en vriende word die verlowing bekend gemaak van Bessie, jongste dogter van mnr. en mev. George v.d. Merwe, Inzicht, Dist. Smithfield, met Douw van Wyk. seun van mnr. en wyle mev. J. H. van Wyk, Seekoegat, Venterstad.

## HUWELIK.

DE VRIES—ROSSOUW.—In die Ned. Geref. Kerk te Melville-Johannesburg, sal D.V. op Vrydag, 27 November, 1925, om 3 uur n.m. Lena, dogter van die wedewee mevr. E. J. Rossouw van Melville, met Gerrit, seun van mnr. en mevr. J. de Vries van Melville in die huwelik bevestig word.

Gelukwense: 125, 1ste Laan, Melville, Johannesburg.

## SILWER BRUILOF.

So die Here wil en hulle lewe, hoop onse geliefde ouers Jan de Vries en Lysje Pet, die 28ste November, 1925, hulle 25 jarige egverbintenis te herdink. Dat hulle nog lang vir ons gespaar mag bly, is die wens van hulle dankbare kinders.

GERRIT en Verloofde
WILLEM,
CORRIE en
SOPHIA.

Gelukwense: Saterdag, 28 November, 1925, 125, 1ste Laan, Melville, Johannesburg.

## IN HERINNERING.

In liefdevole aandenking aan ons geliefde moeder,

**CATARIENA JOHANNES JACOBA PETRONELLA SWANEPOEL (Geb. Smit),**

oorlede op 12 November, 1924.

Moeder, ons verlang baie, maar ons gun u die salige rus in die Vader se huis daarbo.

U verlangende kinders,
HENDRIK EN ANNIE.

Doorndraai 1011,
P.K. Nylstroom, 12 Nov. 1925.

## DOODBERIG.

Op 7 Oktober, l.l. is kalm in die geloof heengegaan,

**LOUIS JOHANNES BUYS,**

in die ouderdom van 77 jaar en 5 maande. Sy lewe was 'n stryd op aarde, maar in Christus het hy sy Saligmaker geken.

Hiermee bedank ons vriendelik ouderling P. S. Venter, br. G. Bester en vrou vir hulle hulp aan ons betoon gedurende die siekte van die oorledene.

J. J. A. STEENEKAMP en Eggenote.

Moreson,
Burgersdorp, 29 Okt., 1925.

## DOODBERIG.

Weer het die dood in die kring van ons kerkraad binnegetree, en is op 13 Okt., 1925 uit ons midde weggeneem

**Ouderling JACOBUS MAARTIN COETZEE,**

in die ouderdom van 71 jaar, 1 maand en 22 dae, na 'n smartlike siekbed van 'n maand aan longontsteking.

Dit was die oorlede broeder vergun slegs 'n 2 jaar in die gemeente as ouderling te werk, maar hoewel kort, was hy besonder trou in sy werk, en ons moet die Here dank vir wat die ontslape broeder in ons midde kon doen.

Mag die Here die weduwe en famielie, met wie ons innig simpatiseer, troos met die vertroostinge van die H. Gees.

Mag Hy die roepstem aan onse harte seën. Die gedagtenis van die regverdige sal tot seën wees.

Namens die kerkraad, Geref. Kerk,

M. POSTMA, (Praeses).
H. v.d. WALT, (Skriba).

Johannesburg,
4 November, 1925.

## DOODBERICHT.

Heden in Jezus ontslapen ons geliefde dochtertje,

**HESTER MARIA,**

in de ouderdom van 9 maanden en 5 dagen.

"U w w i l g e s c h i e d e!"
Ps. 105 vs. 5 (berijmd).

J. H. BONESCHANS, V.D.M.
G. M. BONESCHANS—
LUITINGH.

Pastorie-Venterstad,
31 Oktober, 1925.

## DANKBETUIGING.

Aan kerkraad en gemeente, brs. leraren, vrienden en belangstellenden, onze hartelike dank voor hunne deelneming met ons in de krankheid, dood en begrafenis van ons jongste dochtertje. Gestorven en begraven tijdens ons kerkelik jubileum, 'n wonderlike samenloop van omstandigheden, de Here leerde ons hierdoor Hem te aanbidden en te verheerliken in Zijn goddelike vrymacht, om te doen al wat Hem behaagt.

De voorbiddingen en vertroostingen, naar het Woord van onzen God, versterkten ons 't geloof in de beloften van 't Genadeverbond. Voor al de hulp en steun, ons verleend en aangeboden, ook onze hartelike dank.

Wij zwijgen Gode, en aanbidden Hem.

De dankbare ouders,
(Ds.) J. H. BONESCHANS,
G. M. BONESCHANS—
LUITINGH.

Pastorie—Venterstad;
2 November, 1925.

**TABAK.**

EERSTEKLAS KWALITEIT.

10 pond 12s. 6d.; 20 pond 22s. 6d.; 30 pond 31s.; 50 pond of meer 1s. per pond. Kontant of K.O.A. gelewer op my stasie.

Skryf aan J. M. ROETS,
P.K. Boschhoek, Rustenburg, Tvl.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

# F. W. GRAY,

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

*Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.*

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.
Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

# ADVERTEER

## IN DIE

# KERKBLAD

**BENODIG.**

Hulponderwyseres vir die Gimnasium Primêre Skool, Steynsburg, vir 1926, hoofsaaklik vir Std. II. Sang, Tekene, Naaldwerk noodsaaklik. Salaris £120 p.a. Die pos word ondersteun uit private bron, dit is moontlik dat dit deur die Departement kan oorgeneem word. Doen aansoek met afskrifte van getuigskrifte ens. voor die 29ste Nov. by die ondergetekende.

M. J. L. PRETORIUS.

Bus 23, Steynsburg, K.P.

# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitrusster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

BESTEL NOU

# 36 PSALME

in Afrikaans

Berym deur

TOTIUS

Musiek bewerk deur

F. W. JANNASCH.

PRYS 6/- POSVRY.

Stuur kontant met bestelling aan

**Die Volksblad Boekhandel,**

**Maitlandstraat,**

**BLOEMFONTEIN.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 569 | 8 DESEMBER 1925 | 26ste JAARGANG

### GEREFORMEERDE KERKVERBAND.

### II.

Ons het laas gesien dat die Gereformeerde Kerkverband of in enger of in breër sin kan geneem word.

Dit het hierop neergekom :—

(1). 'n Geref. Kerkverband binnenslands.

(2). 'n Geref. Kerkverband buitenslands.

Altwee kan dan in enger of in breër sin beskou word. Binnenslands is in die enger Geref. Kerkverband al die kerke betrokke wat hou aan die Geref. Belydenis, Diens, Tug en Kerkregering, en in breër sin kan daar kerkverband wees met kerke wat minder of meer suiwer gereformeerd is. As voorbeelde het gedien die Geref. Kerkverband tussen Geref. Kerke (gemeentes) in ons land as die enger kerkverband en 'n moontlike kerkverband met ander kerke binnenslands, wat ons Interkerklik by wyse van illustrasie kan noem, hoewel die begrip Interkerklik gewoonlik toegepas word op die verband tussen kerke van verskillende lande.

Vir die Geref. Kerkverband buitenslands het ons ook 'n engere en 'n breëre bepaling gestel, en as 'n voorbeeld van die engere het ons genoem die kerkverband tussen die Geref. Kerk van S.-Afrika, die Geref. Kerke van Nederland en die Krist. Geref. Kerk van Amerika. Enger is hierdie verband omdat al hierdie kerkgroepe hulle hou aan die Geref. Belydenis, Diens, Tug en Kerkregering.

Een van hierdie Geref. Kerke kan egter ook kerkverband het met buitenlandse kerke, 'n Interkerklike verband, al wyk die laaste af in meer of mindere mate in Diens, Tug of Kerkregering.

Ons het verder wou duidelik maak dat Dr. H. H. Kuyper deur sy besoeke aan die Gereformeerde Kerk en aan die Ned. Geref. Kerk in tweeërlei sin hierdie kerkverband in toepassing kon gebring het, die eerste in enger sin met sy besoek aan die Geref. Kerk en die twede in breër sin aan die Ned. Geref. Kerk. Dat ons hierin nie mistas nie moet blyk uit die wyse waarop Dr. Kuyper as adviserend lid van die Sinode van die Gereformeerde Kerk opgetree het op Rustenburg, en uit S.H.Gel. se erkenning dat wat Ulrum (1834) en Amsterdam (1886) vir die Gereformeerde Kerke in Nederland was, Rustenburg vir die Geref. Kerk in S.-Afrika is. (Kyk bladsy 57-Reisindrukken).

Op bladsy 114 van sy boek sê Dr. K. :—"In de *Gereformeerde Kerk* in Zuid-Afrika is dit Calvinistisch karakter wel het zuiverst bewaard. Ze staat niet alleen op den grondslag der gereformeerde belijdenis, maar wil dien ook beslist handhaven. En al heeft ze, wat haar kerkinrichting betreft, nog misschien niet den laatsten korrel van den collegialistischen zuurdezem uitgezuiverd, in hoofdzaak is ze toch aan de Dortsche Kerkorde getrouw gebleven."

Toe dit later geblyk het dat sekere woorde, deur Prof. Dr. Kuyper op ons Sinode gebruik, die voormanne van die Ned. Geref. Kerk tot gevoeligheid geprikkel het, het S.H.Gel. 'n verklaring gemaak voor die Sinodale Kommissie van die N.G. Kerk, waarin o.a. die volgende woorde voorkom :—"Ik wensch ten slotte hieraan nog toe te voegen, dat de Gereformeerde Kerk in Nederland beide kerken in Zuid-Afrika, zoowel de Ned. Geref. Kerk als de Geref. Kerk, als *Gereformeerde Kerken* beschouwt, waarin de aloude Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika gesticht, zich voortzet en die daarom door ons als zuster-kerken worden erkend, met wie wij niet alleen door den band van bloed en taalverwantschap, maar ook door *eenheid van geloofsbelijdenis* zijn verbonden, en met wie wij daarom in hartelike gemeenschap willen leven. En we doen dit, omdat, al is er tusschen ons en uw kerk (Ned. Geref. Kerk) eenig verschil van kerkinrichting, de eenheid van belijdenis voor ons de hoofdzaak is. Daarop hebben de Gereformeerden steeds den hoofdnadruk laten vallen. Op de groote Synode van

Dordt in 1618 en 19, waar alle Gereformeerde Kerken waren vertegenwoordigd, was ook de Engelsche Episcopaalsch Kerk uitgenodigd en is een harer bisschoppen met groote eer ontvangen, al waren onze Nederlandsche Kerken zeker geeen voorstanders van het episkopaat.

De eenheid in geloofsbelijdenis maakte echter, dat men de Engelsche Episkopale Kerk als Gereformeerde Kerk erkende, evenzeer als de Presbyteriale Kerken. En zoo hebben ook onze kerken op haar jongste Synode met hartelike sympathie de komst begroet van een bisschop der Hongaarsche Gereformeerde Kerk, omdat ook deze Kerk met ons één is in belijdenis. En waar het verschil van kerkinrichting tusschen uw Kerk (Ned. Geref. Kerk) en onze Kerk zeker niet zoo groot is als met deze Episkopale Kerken, is er geen reden, waarom wij uw Kerk niet als Gereformeerde Kerk erkennen zouden, waar we dezelfde belijdenis en dezelfde liturgie hebben, die het kostelik erfdeel onzer oude Nederlandsche Gereformeerde Kerk is." (Reisindrukken 147).

Tot sover Dr. Kuyper. Waarom het Dr. Kuyper hierdie verklaring afgelê? Op bladsy 146 van 'Reisindrukken" gee Dr. K. self die rede, en dit is omdat wat S.H.Gel. gesê het op Rustenburg onder die seringboom "den indruk had gewekt, alsof ik de Gereformeerde Kerk als de *eenige wettige voortzetting der aloude Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika* beschouwde."

Deur aanhaling van al bostaande woorde van Dr. Kuyper wil ons nog nie te kenne gee dat ons hulle vir ons rekening neem nie.

Dr. Kuyper beskou dus dat daar twee Gereformeerde Kerke in S.-Afrika is, en hy motiveer sy waardering van die Ned. Geref. Kerk as 'n Gereformeerde Kerk op grond van die eenheid van belydenis en liturgie en van die presedent van die Dortse Sinode, waar 'n Engelse biskop teenwoordig was. Die eenheid in belydenis tussen die kerke in Nederland en die Engelse Episkopale Kerk was rede waarom laasgenoemde kerk as Gereformeerde Kerk erken was.

'n Ander motief is die erkenning deur die Nederlandse Kerke van die Hongaarse Biskoplik Geref. Kerk as 'n Gereformeerde Kerk.

Dit is dan die ruime standpunt van Dr. Kuyper, 'n Interkerklik Gereformeerde standpunt, wat met sy breë arms omvat die Episkopale Kerk van Engeland, die biskoplik Geref. Kerk van Hongarye, die Ned. Geref. Kerk en die Geref. Kerk van S.-Afrika, omdat hierdie kerke een is in belydenis en gedeeltelik ook een in liturgie. Waarom Dr. Kuyper ook nie hieronder begryp het die Hervormde Kerk van Transvaal nie, kan ons alleen hieruit verklaar dat S.H.Gel. nie na die Herv. Kerk afgevaardig was nie. Kyk "Reisindrukken" p. 119. Die Herv. Kerk tog het ook die Gereformeerde belydenis en liturgie. Die waarskynlike rede vir die nie-afvaardiging na hierdie kerk sal wel wees, omdat die Herv. Kerk so nou verbind is met die Hervormde Kerk in Nederland. Ons sou graag gesien het dat die ruime standpunt ook die Herv. Kerk ingesluit het.

J. P.

(Word vervolg).

## SKRIFOORDENKING.

### EEN WEKSTEM OM DE KOMST VAN IMMANUEL.

(Deur Ds. J. Boneschans).

Lees: Jesaja 60:1—11.

Zingen: Ps. 97:1,7; Ps. 116:5; Ps. 118:13; Lofzang van Sim. vs. 2.

Tekst: Jes. 60:1:—"Maak u op, wordt verlicht, want uw Licht komt, en de heerlikheid des Heren gaat over u op!"

't Is profetie, dat opwekkend woord hier; profetie met 't oog op *Juda's verlossing uit Babel.* Maar ook, dit niet alleen; er ligt ook in: de losmaking en vrijmaking van het *geestelik* Israel uit de knellende banden van het *wereld*-Babylon. Met de terugkeer van de Joden uit Babel is nog Jesaja's profetie *niet ten volle* vervuld. De profeet ziet dwars door de eeuwen heen tot dáár waar zijn oog blijft rusten op de wederoprichting aller dingen in de voleinding der eeuwen. *Juda's* verlossing onder *Kores* tekent en boodschapt de uitredding en zaliging, van *heel Gods Bondsvolk* onder *Kristus*! Is daarom, met de komst van Kores, 't blijde uur geslagen voor Juda's terugkeer uit Babel,—met *Kristus'* komst gaat 't licht op voor allen, die gezeten zijn in het land van de schaduw des doods. Om de komst van Immanuel doet dan ook de profeet zijn *wekstem* horen: "*Maak u op, wordt verlicht!*" En *de drangreden* is: "Uw Licht komt, en de heerlikheid des Heren gaat over u op!" Bij onze overdenking dan nu:—

(1) Een verblijdend verschijnsel; en
(2) Een ernstige roepstem.

(1). "Uw Licht komt, en de heerlikheid des Heren gaat over u op!" Wat 'n verblijdend verschijnsel voor 't oog van de ziener Jesaja. Juda is gezeten in de ballingschap in Babel. Jeruzalem

ligt in puin, de tempel is niet meer! Aan de rivieren van Babel zijn de harpen aan de wilgen gehangen. In het midden van 't duistere heidendom is 't land van Israël stil als de dood. Maar: "het volk, dat in duisternis wandelt zal 'n groot licht zien; degenen die wonen in het land van de schaduw des doods, over dezelve zal 'n licht schijnen!"

Blij vooruitzicht voor de gevangenen Zions! Jesaja ziet daar lichtstralen opschieten uit het oosten, die hem de dag verkondigen van Juda's verlossing en Jehova's glorie! Kores, dat is: Cyrus wordt van de Here verwekt om zijn volk uit hunne ketenen, waarin ze gebonden liggen, te redden; om ze terug te brengen tot de heilige stad. Zo ziet de profeet het *licht* over Israël komen en de heerlikheid des Heren over hetzelve opgaan. Maar is dat verlaten en vertreden Zion in de Heilige Schrift niet *beeld* van Gods Kerk uit alle geslacht en taal, en volk en natie?

O, Jesaja's zienersoog ziet in dat *beeld* van oud-Israël, dat is hier Juda in Babel, het ganse volk des Heren in de banden. Duisternis bedekt de aarde en donkerheid de volken! Maar ook ziet hij in Kores' komst ter verlossing van Juda niet minder de komst van de Messias tot redding van het ganse Zion Gods!

*"Uw Licht komt*, en *de heerlikheid des Heren* gaat over u op!" Heerlik, verrukkend schoon moogt ge, belijder van Kristus Jezus, deze goddelike waarheid verwerkelikt zien in *de komst van de "Immanuel"—"God met ons."* Met Immanuëls komst is *het Licht der wereld* gekomen, om wie de oude Simeon zong:—

"Een Licht, zo groot, zo schoon,
Gedaald van 's Hemels troon,
Straalt volk bij volk in d'ogen.
Terwijl het 't blind gezicht
Van 't heidendom verlicht,
En Israël zal verhogen!

Met Immanuël's komst is *'s Heren heerlikheid* doorgebroken onder 'n volk van zondaren, uit wier mond maar steeds weer deze belijdenis voortkomt: "Wij *derven* de heerlikheid Gods." Wie genade hebben mag om met Jesaja op het Licht der wereld te zien, de heerlikheid des Heren, over Zijn Bondsvolk opgegaan, die zal zich ook niet erover verwonderen, dat Jesaja de roepstem deed horen: "Maak u op, wordt verlicht!" Immers *dat* verblijdend verschijnsel van die schemerende morgen, die lichtende dag over Juda in de banden, 's Heren kerk in de dood, *moet* wel drangreden wezen voor die ernstige roepstem, die we hier horen. Komt daar Kores niet aan met zijn reddende hand? Een geroepene Gods, die Juda's gevangenen wederbrengen zal! Wat blijdschap voor hem, die genade mag hebben ontvangen om zich op te maken en te wandelen in 't licht van de verlossing, die Kores brengen zal.

Een roepstem, een wekstem tot Juda in Babel, *om de komst van Kores!*

Maar hij is beeld van *de Kristus*, die Kores. Kristus, die Gods uitverkoornen wederbrengen zal, uit de macht der Duisternis, tot Gods Huis. Jesaja ziet Hem komen in 't jaar van het welbehagen der Heren en de dag van de wrake onzes Gods. *Komen* doet Jezus, om zalig te maken dat verloren was, en terug te brengen de balling uit Eden. *Komen* doet Hij, om Jeruzalem te herbouwen, Sion te bevrijden van de ketenen der Hel. Zalig die mens, aan wie genade verleend is, om op te staan; die de loopbaan mag lopen, die hem voorgesteld wordt, ziende op Jezus Christus, zijn overste Leidsman. Zalig alwie zich opmaken mag, en wandelen mag in 't vrolik levenslicht, dat van de Heiland der wereld zondaren tegenstraalt. Een roepstem, een wekstem tot Gods volk in de banden, de banden van zonde en dood!

(2). "Maak u op, wordt verlicht!" Een ernstige roepstem voorwaar! Of is het leven onder de macht van zonde en dood niet oorzaak dat gij naar *licht* dorst, dat uw ziel hongert naar de *heerlikheid*, die des mensen genieting was vóór de zonde? Denk aan het Paradijs leven terug! Wat was het dáár? Alles licht en leven niet waar, in de zalige gemeenschap met God. En Satan heeft, toen hij de mens verstrikte, dat licht in duisternis veranderd, en 't leven is 'n gestadige dood geworden. 't Sterven is gewis en 't graf is zeker! Wat mens leeft er, die de dood niet zien zal? Aan de heerlikheid van het waarachtige leven heeft de duivel u ontrukt. *Valse* lichtspiegeling is 't geweest, toen hij zeide: "Gij zult als God wezen, kennende het goed en het kwaad." *Bedriegelike* heerlikheid heeft hij de mens voor ogen gesteld!

Zult ge dan voortgaan, o mens? Voortgaan op die bedriegelike en valse weg, die afvoert naar dood, graf en hel? O, 't licht dat Satan en de wereld op 't leven u werpen kan u geen zegen brengen! Of is de wijsheid van beneden niet dwaasheid bij God? Grijpen naar aanzien en macht, naar goud en naar purper, naar eer en naam, naar kransen en kronen—is dat niet een jagen naar *wereldse* heerlikheid? De Joden, die in Babel zijn achter gebleven, die niet opgestaan zijn op de wekstem van Jesaja, die deden het

ook, maar hoe dwaas! Het valse licht van Babel's grootheid, die valse heerlikheid van dat rijk is spoedig ondergegaan, en *leugen* bevonden! Doet dan gij toch niet als die Joden! Wat dan? Uw ogen opslaan en zien! Zien dat het leven *Kristus* is; het sterven in Hem gewin! Met Hem lijden en met Hem sterven is met Hem ook verheerlikt worden! Over het duistere leven is het licht in Hem opgegaan, de heerlikheid over 'n donkere aarde!

Geef dus prijs die bedriegelike heerlikheid van deze wereld! Acht alle dingen schade en drek te wezen om de uitnemendheid van Jezus Christus, onze Here! In *Zijn* licht zien wij *het* licht. Ontwaak toch gij, die slaapt, en sta op uit de doden, en Kristus *zal* over u lichten!

De wijsheid van deze *wereld*, hoe hoog ook geschat en gerekend, blijft steeds weer het antwoord u schuldig op die allerdiepste levensvragen, die uw bange ziel benauwen. Ze kan u de troost niet geven, die ge in uw sterven behoeft!

In het aangezicht van *Hem* alleen, Die het Licht des Levens is, worden voor u al uwe levensraadselen opgelost!

Vraagt ge naar *God*, om Hem te mogen kennen, gelijk Hij Zich aan ons heeft geopenbaard? "Wie *mij* gezien heeft," sprak eenmaal de Heiland, "die heeft de *Vader* gezien, want Ik en de Vader zijn één!" En *Hij* is gezien, de Here Jezus, en men heeft Zijne heerlikheid aanschouwd, ene heerlikheid als van de eniggeboorne des Vaders, vol van genade en waarheid. In *Kristus* de kennisse Gods! Schreit uw ziel om *verlossing* en zoekt ge ernaar? Zie het Lam Gods, dat de zonde der wereld wegdraagt, de doden het leven geeft. Hij is de weg, de waarheid en het leven; niemand komt tot de Vader dan door Hem!

Vraagt ge naar de *hemel*, en zoekt ge de weg daarheen? Uw Kristus laat u niet 'n 't duister hierover: "In 't Huis Mijns Vaders zijn vele woningen; Ik ga heen om u plaats te bereiden. En zo wanneer Ik heen zal gegaan zijn, en u plaats zal bereid hebben, zo kom Ik weder tot u, en zal u tot Mij nemen, opdat gij ook zijn moogt waar Ik ben."

In *Kristus* verlossing en leven!

Slapend omdwalen dan, in 'n wereld van zonde? Rondtasten in 't donker, waar 't licht in Kristus voor u is opgegaan? Hoe onzinnig, hoe dwaas! Wie immers het licht der genade niet heeft gerekend, dat in de Immanuël is verschenen, die zal het *leven*, aanstonds de *dood*, dat is de eeuwige dood, de *dag* eeuwige *nacht* zijn! Zoek niet uw troost en uw leven bij de verlichting der wereld, die, hoe hoog ook gerekend, enkel dwaasheid is bij God. Neen, de Here geve genade te allen tijd, dat ge u moogt kunnen verblijden in dat Licht uit den Hemel, dat daar uitstraalt van Kristus over alle raadselen van ons leven. Treft dan droefheid en smart u, en wordt u het harte doorwond, ge zingt nog met Paulus, uw Koning ter ere,—"het lijden van deze tegenwoordige tijd is niet te waarderen tegen de heerlikheid, die aan ons geopenbaard zal worden." En biddend vraagt ge uw God, dat het alles mag medewerken ten goede! En komt eindelik de dood—om de komst van Immanuël mag dan ook de genade gaan roemen tegen het oordeel: "Ik zal geen kwaad vrezen, want Gij zijt met mij!"

AMEN.

---

## DIE HEL.

### XVI.

In ons vorige artiekel het dit vir die leser seker duidelik geword dat die hel 'n bepaalde *plek* is, al kan ons met geen moontlikheid bepaal waar die plek in die heelal moet gesoek word nie.

Nou moet 'n ondersoek ingestel word aangaande die *tyd* van die hellestraf en, met die Skrif in die hand, kan ook daaromtrent geen sweem van twyfel bestaan nie.

Sowel in die Oue as in die Nuwe Testament word die *ewigheid* van die straf geleer. Die woord van Jesus wat aan die end van Markus 9 tot driemaal toe soos 'n geweldige oordeelsklok lui, die woord aangaande 'n wurm wat nie sterwe en 'n vuur wat nie uitgeblus word nie, is ontleen aan die laaste vers van die profeet Jesaja.

In gehenna (of die hel)—'n woord waar ons alreeds uitvoerig oor gehandel het—brand 'n ewige vuur (Mat. 18:8); daar is 'n ewige pyniging (Mat. 25:46), 'n ewige verderf van die aangesig van die Here af (2 Tess. 1:9) en daarvandaan gaan die rook van pyniging op in alle ewigheid (Openb. 14:11).

Hoe kan dit anders of op grond van hierdie en ander tekste moes die Christelike Kerk leer die ewigheid van die straf.

Tog was daar altyd manne, en onder hulle Skrifgelowiges, wat hierdie waarheid, so duidelik geboekstaaf, in sagter of skerper vorm geloën het.

Ons sal nou aan dié manne die woord gee, en versoek die leser van hierdie en die volgende artiekels om in gedagte te hou dat dit nie óns is wat spreek nie, maar manne wie se dwaalgevoelens ons later opsetlik sal bestry. Dán sal

daar meteens geleentheid wees om by verskillenke Skrifuitsprake langer stil te staan.

Eers kom aan die orde die skrywers wat geleer het dat daar ook in die ewigheid 'n moontlikheid van bekering bly bestaan. Of daar dus 'n hel of 'n ewige straf is, hang heeltemal van die mens en van sy vrye wil af—so konkludeer hierdie groep van leraars.

Ons sou kon aanhaal uit die werke van Sterry en Taylor, manne wat in die 18e eeu in Engeland geleef het, om die wortels na te speur van die sogenaamde leer aangaande die "wider hope." Maar eersgenoemde is te mistiek en laasgenoemde te inkonsekwent; sodat ons hulle sal laat rus.

Ons begin met aanhalings uit 'n preek van Thomas Newton (1702-1783) wat nie alleen terwille van die inhoud belangrik is nie, maar ook terwille van die feit dat hy, sover ons weet, om sy dwaalgevoele nooit aangeval is nie.

Hy sê o.m. dat die groot moeilikheid aangaande die hellestraf is sy duur: "Dit is een van die neteligste punte van die godgeleerdheid en die swaarste om met ons verstand ooreen te bring." Sommige, sê hy, beweer dat die straf sonder end is, ander ontken dit. Die waarheid lê, volgens hom, waarskynlik in die middel, tussen dié twee in.

Dan gaan hy verder: "Die ewige straf het betrekking op die goddelose, en die goddelose kan berou hê en verander . . . Om te dink dat 'n mens se geluk of rampsaligheid tot in ewigheid toe absoluut en onveranderlik vasgestel en bepaal word deur die onsekere afloop van 'n paar jaar in hierdie lewe, is 'n onderstelling wat selfs meer ongerymd is as dat 'n mens se verstand en gedrag geheelenal gevorm sou word in sy wieg, en dat sy hele toekomstige lot en toestand sou afhang van sy kindsheid.

"Hier word ons sedelike wesens genoem, sê Newton verder, en ons voel en geniet ons vryheid; sal hierdie voorreg ons dan hiernamaals ontroof word en sal ons dan gebind wees in die kettings van 'n yster-noodsaaklikheid? Berou is daarom nie onmoontlik selfs in die hel nie. Uiteindelik moet almal onderwerp word, sodat hulle straf liewers onbepaald as oneindig kan genoem word . . . Dit is nie bestaanbaar met die barmhartigheid of die goedheid of wysheid of selfs die regvaardigheid van die Opperwese om enigeen van sy skepsels te straf sonder doel of oogmerk nie, nòg vir hulle eie verbetering, nòg vir die waarskuwing van ander."

Die Engelse biskop deins selfs nie terug vir hierdie konklusie nie: "Tyd en kwellings, hoeveel temeer dan 'n ewigheid van kwellings, moet die hoogmoedigste gees oorwen, en die duiwel self moet oplaas onderwerp word en ingee."

Voorlopig net 'n paar vrae: (1) Waar lees die biskop in die Skrif dat diegene wat verlore gegaan het, berou sal hê? (2) Waar kry ons in die Skrif die reg om "ongerymd" te noem wat ons met *ons* verstand nie kan rym nie? (3) Waar het die skrywer in die Skrif gelees (of deur ervaring gesien) dat tyd en kwellings, sonder die genade van die Here, 'n mens onderworpe maak? (4) Waar sê die Skrif dat die duiwel onderwerp sal word en sal ingee?

Heeltemal anders as Newton skrywe Elhanan Winchester in sy boek "Dialogues on Universal Restoration." Daar was 'n tydstip in sy lewe, sê hy, dat hy daartoe gekom het om hom oor te gee aan die liefde en regvaardigheid van God. Hy gaan dan voort: "Dadelik het toe hierdie woorde in my gedagte gekom met groot krag en soetheid: "In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor en in die dag van heil het Ek jou gehelp" (Jes. 49:8). En ek het toe so'n kyk op Christus gekry dat ek moes uitroep: "Eer aan God in die hoogte! Dit is saligheid! Ek weet dit is saligheid! . . . Ek het die volheid, genoegsaamheid en gewilligheid van Christus om my en alle mense te red op so'n manier gesien dat ek genoodsaak was om my in sy arms te werp en al sou ek tienduisend siele gehad het, dan sou ek hulle almal aan sy hande toevertrou het. En o, hoe het ek verlang dat elke siel van Adam se geslag mag kom om die liefde van God in Christus Jesus te ken!"

Hierdie oorwegings het Winchester gelei tot die gevolgtrekking dat God eindelik alles in almal sal wees en dat al die "geeste van alle vlees" deelgenote sal wees van die voorreg om Hom te ken soos Hy is.

Nou is dit seker treffend om 'n ontboeseming soos dié van Winchester te lees; en wie sou daar geen simpatie voor voel nie? Maar ons gevoel mag in hierdie saak nie beslis nie. Dit is soos Dr. Bavinck sê: "As by die leer van die ewige straf die menslike gevoel moes beslis sou dit seker moeilik te handhaaf wees en teenswoordig maar min verdedigers vind."

Selfs 'n man soos Dr. Plumptre wat 'n voorstander is van die leer dat daar ook ná die dood nog 'n moontlikheid vir bekering bly bestaan, sê in sy boek "The Spirits in Prison" ('n werk waar ons bogemelde sitate aan ontleen het) dat 'n "oortuiging wat rus op 'n subjektiewe gevoelsbeweging maar 'n swak fondament het."

Op oorwegings soos dié waar die leser nou

mee kennisgemaak het, rus die leer aangaande 'n "wider" of "larger hope", d.w.s. die leer wat 'n ruimer of groter verwagting koester as die Christelike Kerk met betrekking tot die verlorenes.

Manne van naam het gedurende die 19e eeu in Engeland die "wider hope" verdedig, manne soos Maurice, Kingsley, Tennyson en Farrar, om nie meer te noem nie; en hulle argumente was min of meer dieselfde as die wat Newton aangevoer het, sodat dit nie nodig is om meer aan te haal nie. Wat byv. Maurice geleer het, word deur Dr. Yelf onder drie hoofpunte opgesom: (1) Maurice het beweer dat Christus die "idee van voortduur" uit die woord "ewig" uitgesluit het (hieroor later meer); (2) hy het beweer dat die sewentig jaar van 'n mens se lewe nie die medelyde van die Vader van die geeste absoluut kon beperk nie. (3) dat "ons nodig het daardie duidelike, breë opvatting van die liefde van God wat die Bybel ken en wat ons onmeetlik ver wegvoer buite alles wat ons kan vra of dink."

Vaagheid, onbestemdheid is die kenmerk van Maurice en sy medestanders, 'n vaagheid wat ons ook aantref in die groot digstuk van Tennyson, getitel "In Memoriam," as hy die punt van die "wider hope" aanroer. Laat ons toe om 'n paar verse aan te haal wat as digterlike uiting wel pragtig is, maar ons origens geen grond of vastigheid aanwys vir hierdie nuwe rigting in die Engelse godgeleerdheid nie. Die versies moet ons in Engels gee omdat ons geen kans sien om hulle te vertaal nie:

> Oh yet we trust that somehow good
> will be the final goal of ill,
> to pangs of nature, sins of will,
> defects of doubt and taints of blood.
>
> Behold, we know not anything;
> I can but trust that good shall fall
> at last—far off—at last, to all,
> and every winter change to spring.

J. D. DU TOIT.

---

## DINGAANSDAG.

Op 16 Des. kom die volk weer bymekaar om aan die volksgeskiedenis te dink. Gebrek aan plaasruimte verhinder ons om hierop in te gaan. Hierdie gedenkdag moet vir ons duidelik op die voorgrond laat tree dat ons histories 'n Kristenvolk is. Vanself sal dan die vraag opkom of hierdie karakter nog aan ons eie is. Een van die toetsvrae sal wees of ons onderwys, sowel Laer as Hoër nog Kristelik is. Ons herinner aan Jeremia 6:16.

---

## DIE KRIESIS EN DIE VOORTEKENS.

Ons verwys die lesers na die twee belangrike bydraes van Professore Dr. du Toit en de Wet in die Korrespondensie kolom

---

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Weet u, die vrou van die ernstige predikant, wat teen die swierige modes en die poeier van die gesig preek, sal, as sy ydel gekleed gaan en die poeierkwas nie spaar nie, in eens daarmee 'n streep trek deur die predikasie van haar man. Deur haar modes sal sy die krag en invloed van sy preke oor hierdie onderwerp en baie keer ook van die oor ander onderwerpe minder as niks maak nie. Ek reken, dat as 'n jong meisie van die modes hou en met haar hart daaraan vas sit, sy liewer nooit met 'n predikant moet gaan trou nie. Doen sy dit wel, dan sal dit vir haar self 'n voortdurende straf wees, en vir die leraar sal dit later 'n kruis word. Dit is nou eenmaal 'n vaste wet, dat 'n leraar 'n voorbeeld van sedigheid en ingetogenheid in sy gemeente en daar buite moet wees. Daarom is elke jongeling ook nie geskik vir predikant nie, al is hy ook nog so knap om te praat, en al het hy nodien nog baie ander, selfs skitterende, talente. Die regte geskikheid vir leraar moet in die eerste plaas beslis aanwesig wees. En dit is nie alleen die kerk, wat dit eis en graag sien, maar die wêreld wil dit ook hê. Van mense, waar ons dit nooit van sou verwag nie, hoor mens soms van 'n onernstige (ek wil dit so sag uitdruk as moontlik) leraar sê: Daardie man moes nooit predikant geword het nie. Hy is heeltemal te ligsinnig of te ydel. Dit is nie teen te spreek nie, dat as die wêreld 'n predikant ontmoet of sien, dit 'n egte moet wees. Een, wat dit ernstig met sy arbeid meen. Die wêreldling is anders ook nie tevrede nie. 'n Ydel leraar is 'n anomalie, dit is iemand wat met homself in stryd is, en van so'n persoon het die wêreld ook 'n afkeer veral op hierdie gebied.

Dieselfde geld in hoofsaak van die vrou van een leraar. Kan sy sig nie skik in die ingetoge lewe van die pastorie nie, dan behoor sy daar nooit as vrou in te gaan nie.

As 'n meisie deur 'n huweliksaansoek die vrou

van 'n predikant kan word, is dit seker 'n eer vir haar, en sy kan daardeur in 'n skone lewensposiesie kom, en die weg staan dan vir haar oop, om 'n geseend en gelukkig lewe te lei, maar op één kondiesie, namelik dat sy vir die stille eenvoudige lewe van die pastorie pas. As die jonge dogter die pastorie as 'n sombere en doodse woning beskou, waar dit naar haar sin altyd te ernstig moet toegaan, is dit veel beter vir haar, om daar nimmer as die vrou van die leraar in te tree. Baie ellend sal sy daardeur aan haar man, wat sy sal neem, bespaar, en self sal sy ook elders gelukkiger wees. Op hierdie gebied is daar al baie lewensmislukkings gesien, wat van ons menselike kant beskou, heeltemal onnodig was gewees.

Net nou sien ek 'n non met haar swarte kleed om, deur die straat loop, wat van huis tot huis gaan om te kollekteer. Ek dink toe so, wat het dié maagd of dame deur haar drievoudige belofte van kuisheid (ingesluit die belofte van nooit te sal trou nie), van armoede en van gehoorsaamheid aan haar geestelike hoofde nie ontsaglik veel opgeoffer vir die diens van die Heere. Ek neem aan, dat sy dit opreg meen, want ek het nie die reg anders oor haar te dink nie. Wat 'n ontsaglike daad is dit nie, as 'n meisie sulk 'n gewigvolle stap neem. 'n Jonge dogter, wat met 'n leraar trou is nie 'n non nie. Juis die omgekeerde, sou ek haas sê, want sy trou immers, wat 'n non nooit mag doen nie, uit krag van haar afgelegde belofte, wat vir haar ganse lewe geld. Ek wil met die aanhaling van die non in dit verband sê, dat as sulk 'n jonge dogter so baie kan vaarwel sê vir haar godsdiens, so baie, wat vir die mens in die algemeen uiters aangenaam is, hoe sou die vrou van 'n leraar sig dan nie 'n weinig in kleding en uitwendige versiering kan beperk. Ek kan my nie voorstel nie, dat dit sulk 'n opoffering kan wees. Dat dit deur haar as sulk 'n onoverkomelike selfverloogening kan beskou word. En tog het ek al bemerk, dat dit vir sommige 'n as 't ware onmoontlik is.

By sulkes skyn dit met hul hele vrouelike aard te stry, om as hul wil uitgaan op besoek of as hul 'n partytjie wil bywoon, of selfs kerk toe gaan, dan in 'n eenvoudig kleed en sonder opskik, oor die drempel van die pastorie na buite te stap.

As sulke predikantsvroue sou weet, wat 'n skade hul hulself daarmee doen, en hoe hul vir hul man 'n belemmering in die amp is, en sy arbeid met onvrugbaarheid slaan, dan sou hul, glo ek stellig, met blymoedigheid en uit liefde die grootste eenvoud betrag.

Mens sou ook nog die vraag kan doen, of 'n leraar en sy vrou wel die sedelike reg het, om in kleredrag en leefwys te doen, wat hul self goed vind, sonder sig te stoor aan die min of meer vaste tradisie, wat daar in die kerk heers, en om welbewus teen die gevoelens van die gemeente in te gaan, van wie die leraar tog sy lewensonderhoud ontvang.

Dit meen natuurlik nie, dat die predikant na elke ou praatjie in die gemeente oor klere moet luister, maar ek is van oordeel dat die doorsnee opinie van die gemeente wel behoor in aanmerking geneem te word, al sou dit dan ook slegs alleen daarom wees, om also die woorde van die leraar beter ingang te laat vind.

Oor die geestelike kant van die modevraagstuk vir die leraar se vrou wens ek nou niks te sê nie. Ek beskou die saak tans alleen van die praktiese syde, en die het ook sy groot waarde en betekenis.

Die Gereformeerde Kerk het ook hier 'n stryd en 'n roeping en ons moet nie 'n onseker geluid laat hoor nie. Daar werk groot geestelike magte onder ons volk en ons as Gereformeerdes ontkom daar ook nie aan nie. Hierdie jaar is amper voorby, en was ons Gereformeerde Kerk in die laaste tyd voorspoedig?

Twee broeders leraars het hul amp onder ons neergelê, en een van hul het vir hom feitelik by die N.G. Kerk aangesluit.

Ek hoor al die antwoord hierop fluister, dat dit nie die skuld van die Gereformeerde Kerk is nie, maar dat die oorsaak by die broeders leraars self te soek is, en dat onvermydelike omstandighede hul tot die stap gedwing het. Ek sal dit in die midde laat, omdat dit nie in verband staan met die vraag wat ek nou wens te doen, namelik of dit nie 'n ernstige saak is vir ons kerk? Is dit 'n bewys van geestelike bloei en van werkelike krag onder ons, as twee leraars kort na mekaar nie 'n ander weg oop sien, dan om hul amp neer te lê? Dit behoor ons as leraars al eers tot nadenke te stem, en dan lê daar seker ook 'n waarskuwing in vir ons huisgesinne. 'n Sterfgeval in die pastorie is seker nie so diep te betreur nie, as wanneer die hoof van die pastorie, dit is die persoon, wat die pastorie tot pastorie maak, sy amp moet neerlê. Wat 'n lyde en stryd moet daar nie by die leraar vooraf gaan, voordat hy sulk 'n stap neem. Dit moet 'n ware lydensgeskiedenis wees, 'n tragedie. Wat is dan verder die gevolg van sulk 'n stap vir die huisgesin? Meestal dadelik gebrek aan die nodigste,

want die inkomste hou gewoonlik met die uit-die-diens-tree geheel of gedeeltelik op. Vervolgens, wat 'n beroering en onaangenaamheid in die gemeente, en eindelik kom die ganse kerk ook min of meer in opspraak. Die saak van alle kante beskouwende, voel ek, dat daar aan die einde van die jaar 'n ernstige stem tot ons kom. As 'n leraar reeds oor die dertig jare welbewus gedien het, sal sy lange dienstyd hom nie geleer het, om uit die hoogte te spreek, maar dan sal hy juis omgekeer sy stem met vrees en bewing laat hoor, omdat hy by ervaring sy eie swakhede en die gevare van die pad en die werk ken. My raad is dan, dat ons ons algar ondersoek, of daar miskien ook 'n skadelike weg by ons is en dat ons algar ons uiterste krag mag inspan, om in alles getrou te wees in ons amp en om ootmoedig ons grote Sender te dien.

Baie keer gaan ek in my skrywe van die onderstelling uit, dat 'n goeie verstaander maar 'n halwe woord nodig het, en so sinspeel ek dan wel eens op gewigtige dinge, wat ek nie direk noem nie. Later hoor ek dan, dat ek te vaag was. Om vandag nie vaag te wees nie, neem ek in alle beskeidenheid en liefde die vrymoedigheid, om ronduit te sê, dat ek my nou rig tot die broeders predikante en ek wil die vraag neerlê, of ons wel altyd in hierdie tye van insinking getrou is, as goeie voorgangers in ons geliefde Gereformeerde Kerk, en of ons wel voortdurend 'n goed voorbeeld aan die kudde gee?

En dan hoop ek, dat die susters leraarsvroue altyd besef, dat op hul as staande aan die syde van die herder, en as moeder in die pastorie, altyd die oë van die gemeente gerig is. Laat dit hul tog nie swaar val nie terwille van die groot sake Gods, om hul in party dinge self te beperk.

Laat die vrouens hul mans, en die seuns en dogters in die pastorie, hul vaders in hul werk steun, veral ook deur na te laat en afstand te doen, van wat deur die christelike kerk van alle tye tot die ongeoorloofde gereken is, en wat aan vele regmatige aanstoot gee, so as swierige klederdrag en blanketsel en wat daarmee in verband staan.

Laat ons almal met erns ons lewensroeping vervul. Hopende. dat u my verstaan, is ek,

met groete,

Uw vriend,

C., 17 Nov., 1925. T. H.

## DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

Aan die Redaksie,
Die Kerkblad,

Waarde Redaksie,

As Daaglikse Bestuur van die Kommissie vir vertaling van die Bybel in Afrikaans wil ons deur middel van u geëerde blad graag onder die aandag van u lesers en die kerklike publiek in algemeen bring die volgende mededeling.

In opdrag van die breë Kommissie van die drie Hollandse kerke moes ons by die Regering aanklop om finansiële steun vir die werk van die Afrikaanse Bybelvertaling.

Hoewel ons eers antwoord gehad het van die betrokke minister dat hy bereid is 'n deputasie te ontvang oor die saak, het ons later offisiëel verneem dat dit nodeloos is om 'n deputasie te stuur.

Die saak van die Afr. Bybelvertaling het n.l. voorgekom op die Kongres van die Nasionale Party in die O.V.S., en dààr het die minister van finansies hom sò sterk uitgedruk teen enige Regerings steun, dat die minister van Binnelandse Sake ons laat verstaan het, dat dit hopeloos is om 'n poging te waag vir subsidie.

Ook in die publieke pers is verder geskryf dat dit 'n *kerksaak* is in die eerste plek. Waar nou die weg finaal afgesny is om Regeringssteun te kry, wil ons hoop dat die kerke en die volk in algemeen sal toon dat hulle tòg die Bybel wil hê in hulle moedertaal.

Ons hoop dat die kerklike bydraes baie sal verbeter. Daar is enkele gemeentes wat 'n goeie voorbeeld gegee het, maar in baie gevalle is die kollektes teleurstellend. Dan is daar in die drie Hollandse kerke baie gemeentes wat nog agterstallig is met hulle bydrae.

Sal sulke gemeentes nie asb. so spoedig moontlik aansuiwer nie?

Dan hierdie wenk. Sal die gemeentes nie werk deur middel van daartoe aangestelde kollektante nie? 'n Blote deur-kollekte gee nie die gewenste resultaat nie. Daar behoort huiskollektes te wees.

In sommige gemeentes is die ouderlinge gevra om met huisbesoek in hulle wyke te kollekteer, omdat dan die ouderling ook die geleentheid kry om oor die saak te praat, en die gemeentelede in te lig.

Dan is daar susterverenigings wat die saak aangepak het, en wat pragtige resultate gelewer het.

Laat elke gemeente sy bydraag stuur aan die kerkekantoor of persoon wat in sy eie Provinsie

aangestel is van kerkweë om die geld te ontvang. By die Ned. Geref. gemeentes gaan die gelde aan die verskillende saakgelastigdes, so ook by die Ned. Herv. kerk, en in geval van die Geref. Kerk na ds. du Toit, Bloemfontein. Daardie persone besorg dit dan aan die algemene penningmeester van die Fonds, n.l. mnr. H. J. Otto.

Ons verwys ook na 'n oproep in die gewone pers, vir 'n doeltreffende skema, waardeur die hele volk kan help om die nodige koste te beloop wat die Kommissie nog sal hê.

Laat die verskillende predikante en kerkrade tog die saak die nodige aandag gee, in hulle gemeentes. As ons by mekaar staan is daar geen nood nie, maar die nodige samewerking ontbreek nog in baie gevalle.

Daar is noodsaaklike onkostes wat moet gemaak word om die nodige samewerking te hê, ook van die taal-adviseurs en die aangestelde rewiseurs, maar die fondse vertraag die werk.

Geeneen hoef wonders te doen nie, laat elkeen net sy plig doen en alles sal regkom.

Laat ons ook in die geloof die aangesig van die Here soek vir die manne wat belas is met die vertaling self. Hy kan hulle gesondheid bestendig, hulle kragte vermenigvuldig en die nodige wysheid verleen.

Die Here kan ook die harte van ons volk en ons kerklede in besonder bewerk, om die nodige fondse te stort vir die onmisbare werk.

Met die beste verwagting,

Die Daaglikse Bestuur,

P. BOSHOFF,
C. W. M. DU TOIT,
H. J. OTTO.

Bloemfontein,
24 November, 1925.

## KERK EN SKOOL.

*Op reis na Koeroeman.*—Wanneer 'n mens jou begeef uit die sentrums van ons beskawing na die voorposte, dan kom jy sommer in heel ander lewenslug, soms ook in ander natuurlug. Dis hier soms so slaafs en onnatuurlik, daar is dit meer vry en natuurlik.

Van Kimberley het die reis gegaan via Delportshoop—hier het ek die voorreg gehad om met 'n vriend die "delwerye" te gaan besoek. Die eerste wat ek aan my vriend moes sê was: is dit nie snaaks dat 'n mens so baie "robbies" moet wegwerk om 'n klein diamant-steentjie te kry. Toe het ons die vraagstuk bespreek hoe die diamante in ons ou land so verstrooi lê en soms ook so snaaks lê. Die enigste oplossing waartoe ons gekom het was dat dit met die sondvloed so rondgesmyt was. Dit lyk my die enigste troos wat 'n "digger" het is dat goeie goed skaars is en dat optel-goed niks wêrd is nie. En die goeie uitwerking van "delf" op 'n mens is seker dat jy *konsentrasie van aandag* sterk beoefen.

Van Delportshoop was die reis via Danielskuil na Koeroeman. Dis opmerklik hoeveel egte Afrikaanse plekname 'n mens hier nog aantref. In ons beskawingswêreld word mos selfs die plekname ook al verander, selfs die arme aarde moet ook al onafrikaans gemaak word. In daardie "goeie wêreld" is dit nog anders; daar het elke naam nog sy historiese waarde. Ek staan nie in vir my *verklaring* van al die name, maar dis seker darem *naasteby* reg. Jy kry *Koopmansfontein*, waar seker vroeër die versamelplek was van veral Joodse smouse, dan *Bakkiesdraai*, waar seker vroeër 'n historiese bakkiespomp gestaan het, of dit ook miskien 'n verbastering is van *tiekiedraai* weet ek nie. Dan kry jy *Vaalhuis*, wat seker wys op nie juis 'n "grand" huis nie, maar waar tog gasvrye en selfstandige mense gewoon het, vandaar seker die ou rympie:

Al woon ek ook in 'n vaalhuisie,
Ek is darem 'n man,
Ek drink ook my sopie,
En ek skink uit my kan.

Ek het selfs van "Inkruip" gehoor, maar die is heeltemaal in die Kalahari woestyn en so kon ek nie die historiese afkoms naspeur.

Histories interessant is die naam *Danielskuil*, 'n plek aan die voet van die Rooiberg. Hulle sê die waterkuil wat nou nog daar is was die tronk of liewer die galg van die Grikwa-hoof Waterboer, waar hy sy ongehoorsame en opstandige Grikwa-onderdane in gedompel het. Die kuil het toe die naam gekry van "Danielskuil", omdat, na ek vermoed, Daniel van die Bybel ook in 'n kuil gegooi was. Die vergelyking gaan natuurlik nie orals deur nie, maar tog is daar ooreenkoms by die verskil: Darius, die Medies-Persiese koning was 'n oosterse despoot, Waterboer was 'n westerse (in Suid-Afrika) despoot; maar waar Darius blykbaar meer van leeus gehou het, het *Water*boer *water* verkies as strafmiddel; die bytendste teenstelling kom egter uit tussen die voorwerpe wat in die twee kuile moes in: Daniel wat *onskuldig* was het niks oorgekom van die leeus, die arme Grikwas wat seker *skuldig* was het geen beskerming gevind in en teen die water! So is Grikwaland Wes se Danielskuil tog maar 'n karikatuurbeeld van die bybelse Danielskuil!

Verder langs die Rooi Berg kry jy dan nog die "wonder-gat"—'n groot gat in die voet van die berg, wat waarskynlik deur vulkaniese aksie veroorsaak is—die baas van die plek gebruik dit nou vir 'n skaapkraal, waenhuis ens. By Koeroeman is die "Wonder-oog"—twee strome helder water wat onder 'n rots uitkom en wat in daardie streek 'n ware oasis geskep het.

Ek sou nog meer kan vertel van die wonderlike land "waar de Natuur haar wondren wrocht,"

maar ek is bang as die inwoners van daardie streek die Kerkblad lees, sal hul sê: ja, jy kan sien dis maar 'n *besoeker* wat hier aan die woord is.

Nog net iets oor die Kerk daar: ons gemeente daar het 'n mooi kerkgebou laat optrek wat "ingewy" was; ons broeder Ds. J. H. Kruger werk daar ywerig en met vrug in die uitgestrekte wêreld; en ek dink die werkers wat daar so op die voorposte staan verdien miskien meer ons belangstelling en ondersteuning; dit het my dan ook gespyt dat nie één van ons brs. predikante van die U.P. daar was met die Kerk-inwyding. Die samewerking tussen die twee Hollandse kerke is daar voorbeeldig, en Ds. P. Eksteen van die N.G.K. verdien met sy eggenote alle lof vir die gulle onthaal wat ons aan sy pastorie mog geniet het. Die kerke doen daar in menig opsig pioneerswerk en ek dink daar is 'n groot toekoms vir ons volk in daardie streke.—C.

---

*Kuruman.*—Saterdag, 7 Nov., is die nuwe kerk hier ingewy. Die opkoms was groot sowel van die Geref. as van die Ned. Geref. Kerk. Van Olifantshoek was daar oud. J. S. Kruger; van Postmasburg oud. P. J. Venter, diak. S. N. Venter en C. J. v.d. Merwe, en van Delportshoop, diak. J. J. Naudé. Onder die aanwesiges was Ds. Eksteen van die Ned. Geref. Kerk; Rev. Mogg van die Engelse Kerk, die Magistraat, mnr. C. E. Viljoen; die burgemeester, munisipaliteit en boumeesters. Voor die kerkdeur is gesing Ps. 146:1; toe is die voordeur oopgesluit en die aanwesiges versoek om in te gaan. Na almal plek geneem het, het Prof. Dr. de Wet 'n rede gehou oor die roeping van die Kerk. Hierdie rede asook die voorbereidings- en nabetragtingsdiens het die hoorders gestig en almal was baie voldaan. Ons is prof. de Wet besonder dankbaar, dat hy oorgekom het. Die gemeente Kuruman het 'n groot saak onderneem om so'n mooi Kerk te bou, een van die mooiste in die Kaapprovinsie, en verdien daarom alle lof. Binne sien mens dadelik die preekstoel en veral die mooi lampe waarvoor die susters gesorg het. Telegramme van gelukwensing het ons ontvang van Ds. Dreyer N.G.K., Olifantshoek; Rev. Jennings, Seodin; Ds. D. Postma, Burgersdorp. Die aangename dae bly ons lank by.—J.H.K.

---

*Hospitaal, Pretoria.*—In aansluiting aan mijn verzoek reeds vroeger gedaan, zij het mij vergund de lezers van Die Kerkblad nogmaals op te wekken tot het zenden van lektuur voor de patienten van onze kerk. Ik ontving een tweetal bezendingen, één uit het Distr. Bethal van onbekend adres, en één uit Johannesburg. Voor beide betuig ik bij deze mijn hartelike dank. Christelike lektuur in de vorm van tijdschriften, kranten, kleine boekjes, zijn welkom en worden door de patienten zeer gewaardeerd. Natuurlik is de bedoeling in 't Afrikaans of Hollands.

En laat mij tevens van deze gelegenheid gebruik mogen maken, eventuele patienten toch te verzoeken, bij het inkomen in het Hospitaal de naam van onze kerk *korrekt* op te geven nl. "Gereformeerd" of desnoods "enkel Gereformeerd" en niet "Dutch reformed" of Ned. Ger. of wat dan ook. Een onjuiste opgaaf kan tengevolge hebben, dat de patient niet bezocht wordt.—C. van der Mark, Sr., 393 De Kockstr., Pretoria, 16 November, 1925.

---

*Aliwal Noord.*—Sondag, die 8ste, het die gemeente weer die voorreg gehad om Nagmaal te vier. Die opkoms was buitengewoon goed. Ds. Venter, die plaaslike predikant, het al die dienste waargeneem. Opbouend en leersaam was die preke, veral Saterdagaand met die voorbereidingsdiens. SyEerw. het gespreek na aanleiding van Matt. 23 vs. 37 en 38.

Die gemeente van Aliwal sien ook met verlange uit na die sitting van die Algemene Vergadering hier a.s. jaar. Op die 10de van laaste maand het die Vroue Dorkas Vereniging 'n tussenverkoping gehou, wat die aansienlike sommetjie van £60 opgebring het. Daarvan is £10 gestuur vir die Bybelvertaling, £3 na die Melaatse gestig en £3 na die Kranksinnige gestig te Grahamstad. Die Kerkraad het Ds. Venter 'n drie weke verlof toegestaan in Desember. Ons vertrou dat Ds. en mev. Venter 'n aangename rus sal hê, sodat hulle a.s. jaar weer met nuwe moed en krag kan arbei. Ons eerskomende nagmaal is bepaal D.V. op die laaste Sondag in Januarie. —P.V.

---

*Maclear (Pitsing).*—Saterdag, 14 Nov. het die susters 'n verkoping gehou wat 'n groot sukses was. Die doel van die insameling van fondse is om te Maclear later D.V. 'n kerk te bou. Die opbrings was £94. Elke November sal in die toekoms 'n verkoping vir die doel gehou word. Met die middagdiens was daar 'n gevoel van ontroering, omdat vooraf afgekondig geword is dat Sondagmiddag die afskeidspreek sal wees van ons seergeliefde leraar en vriend, Ds. G. H. J. Kruger, wat ons ruim 18 jaar Woord en Sakrament bedien het, onder baie moeilike omstandighede. In die begin, 'n klein klompie, maar altyd het hy vir ons toegedra 'n hart vol liefde. In reën, wind, en kapok het hy gekom, trou in sy diens. Hoe seer het ons dit gewaardeer! Hoe lief het ons hom gekry! Sy preke was van Saterdagmiddag so boeiend, so besielend, so vertroostend! Stille trane het gevloei Sondagmiddag.

Op die dag is oorlede een van ons oudste lidmate, die egte, tiepiese (dopper) Oom Casper Peker, 63 jaar oud. Terwyl SyEerw. die dag van die Gemeente afskeid neem, het hy van die aarde afskeid geneem. en van ons as Gemeente. Na die preek het oud-oudl. J. J. Alberts, SyEerw. 'n adres en 'n beurs aangebied namens Kerkraad en gemeente. Mevr. H. B. Coetzee, 'n adres en beurs aan mev. Kruger namens die susters van die Gemeente. Hoeveel moes sy ook offer om

ons te laat bedien. Oudl. N. F. Maartens het namens die Ned. Ger. Kerk, Ds. G. H. J. Kruger, 'n woord van lof en dank toegespreek en Gods seën toegewens. SyEerw. het vol ontroering almal geantwoord, ook namens sy vrou. Waarop die Gemeente Psalm 134:3 SyEerw. biddend toegesing het. Ons is besig om voorsorg te maak vir bediening. Die Oostelike deel het nou geen predikant as Ds. Snyman ook weg is. Die Here wat ons 'n man gegee het vol liefde vir sy werk, sal ook weer vir ons sorg.—J. J. Alberts, Skriba, Kerkplaats, Pitsing, 18/11/25.

---

*Melville.*—De Eerw. Kerkeraad van Johannesburg-Noord geeft kennis dat de bevestiging van Zijn Eerw. Ds. F. P. J. Snyman, zal plaats vinden, zoo de Heere wil, op Vrijdag, 1 Januarie, in de avond om 7 uur en op Zaterdag avond om 7 uur hoopt Zijn Eerw. zijn intrede te doen. H.H. Professoren, Predikanten en Kerkeraden worden uitgenodigd. Gelieve a.u.b. zoo vroeg mogelik kennis te geven van uw overkomst aan ondergetekende opdat voor logies kan gezorgd worden.—Oudl. J. de Vries, Scriba, 1ste Laan 125, Melville.

---

*Algemene Vergadering, Gereformeerde Gemeentes, Kaap Provinsie.*—Hiermee word namens die roepende kerkraad kennis gegee, dat die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes, van die provinsie Kaap die Goeie Hoop, D.V. bepaal is op Donderdag, 4 Maart, 1926, en volgende dae. Beskrywingspunte moet ondergetekende bereik nie later as 25 Januarie, 1926.—B. R. Buys, Skrieba, Roepende Kerkraad, Posbus 28, Aliwal Noord, 23/11/25.

---

*Postmasburg.*—Sondag die 15de November, 1925, sal lank in die geheue van die Postmasburgse gemeente bly sit. Slegs die morediens kon deur ons plaaslike leraar, Ds. J. H. Kruger waargeneem word, of dit kon ook nie, maar dit moes, omdat daar Kerkraadslede moes voorgestel word. By die geleentheid is daar ook twee kinders gedoop. Ds. Kruger is siek. Hy was verplig om ons te verlaat. Toe Ds. Kruger van die kansel afkondig dat hy verlof van die Kerkraad gekry het om vir 'n tyd weg te gaan, het elkeen die erns van die saak besef. Na die diens het die gemeente stilswyend en diep nadenkend die kerk verlaat, om daarna hulle herder en leraar by die pastorie 'n hartelike handdruk te gee en Gods beste seën toe te wens. Hy is deur omstandighede genoodsaak gewees om nog dieselfde dag om een uur te vertrek na Kimberley. Na verneem word verkeer die dominee tans te Vishoek, Kaapstad. Mog hy deur Gods genade en seen spoedig herstel om in sy gemeente terug te keer. Elkeen gun hom die rus. Hy het vir vyftien jaar onafgebroke hier in Grikwalandwes gearbeid onder die gemeentes Postmasburg, Kuruman, Oliphant's Hoek en Delportshoop.

*Wysigingswet P.U.K.*—In dank ontvang vir dekking van koste, van: Geref. Susters Vereniging, Burgersdorp, £10; Wed. H. S. Coetzee, Middelburg, K.P., £1; Ds. en mev. D. P. du Plessis, Ladybrand, 10/6; Prof. Dr. J. D. du Toit, Potchefstroom, £1; Mnr. J. Anderson, Philipstown, £1; Prof. G. van Wageningen, Potchefstroom, £1; Mnr. J. L. Aucamp, Kimberley, £2; Mnr. S. G. Wiechers, Maroelasfontein, Rustenburg, £1; Geref. Gemeente, Bethal, £2 2s. 1d.; Mnr. en mev. S. J. v.d. Walt, Topfontein, Bethal, £1; Mnr. H. du Plessis, Klipkraal, Bethal 7/-; Mnr. en mev. J. M. Opperman, Onverwag, Bethal, £1; Mnr. en mev. S. J. v.d. Walt, Tweefontein, Bethal, £1; Mnr. en mev. J. Haman, Kortlaagte, Bethal, £1; Ds. C. W. M. du Toit, Bloemfontein, £1; Kristelike Unie, £25; Reeds erken £10 18s. 1d.—Totaal £60 17s. 8d.

N.B.—Reeds moes £150 betaal word vir die eerste koste.—W. J. de Klerk, Registrateur, Potchefstroom, 26 Nov., 1925.

---

*Koster.*—Berig is ontvang dat ds. T. T. Spoelstra bedank het vir die beroep na die Koster gemeente. So sal die gemeente met ons eerskomende Avondmaal, wat bepaal is op die 13de Desember, vir die derde maal weer oorgaan tot 'n beroep, indien die Eerwaarde Kerkraad so besluit.—A. M. v.d. Walt, Korrespondent.

---

*Ficksburg.*—Weer moet ek my skrywe begin om met droefheid melding te maak dat die Here hierdie gemeente ernstig besoek het gedurende die laaste maand, deur weg te neem deur die dood een van ons oudste en geëerdste lidmate n.l. ou broeder Nicolaas Breed van Boschfontein, dist. Ficksburg. Oom Nieklaas wat met sy ouers saam uit die K.P. die Vrystaat binne getrek het, is gebore 10 Junie 1854. Met die stigting van die Ger. Kerk van Reddersburg is sy ouers lidmate geword van die ou moeder gemeente en gevolgelik oom Nieklaas ook. Vanaf 1878 woon Oom Nieklaas op Boschfontein en is 'n baie bekende figuur in die kerklike sowel as maatskaplike lewe van Ladybrand en Ficksburg gewees. Eers as diaken en later as ouderling het hy die Ger. gemeentes van Ficksburg en Ladybrand gedien. Met die bou van die Ger. Kerk te Ficksburg was oom Nieklaas een van die Bou-kommissielede en word vandag nog gepraat van sy ywer en belangstelling in die werk. Nog lang sal die naam van Oom Nieklaas verbonde bly aan hierdie gemeente, want die gemeente van Ficksburg het nie alleen 'n raadsman verloor nie, maar 'n man van die daad. 'n Besigheidsman getuig dat die woord van Oom Nieklaas meer werd was as baie van vandag se jongmense se bewyse. Op die 1ste Nov. is oom Nieklaas oorlede, nadat hy nog 'n ernstig gebed gedaan het met die syne, en hulle aan die sorg van die Here opgedra het. Die begrafnisdiens werd Maandag gelei deur br. Andries v. Jaarsveld onder groot

belangstelling van 'n groot skare. Dat die Here die bedroefde weduwe en kinders die vertroostinge van Sy Heilige Gees mag skenk is onse bede. Met die gesondheid van die leraar, Ds. D. P. du Plessis, wil dit nog nie reg kom nie. Die toestand word maar met kommer aangesien, maar tog die Here kan weer volle gesondheid terug gee.

'n Kindjie van twee jaar oud van een van ons lidmate n.l. 'n broeder Schutte, stiefseun van Ds. Pasch, is so ernstig deur 'n perd geskop dat sy toestand bedenkelik is. Ook hulle geniet onse simpatie. Sal prof. du Plessis of een van die ander Professore dan nie eendag Ficksburg bietjie kom besoek nie met 'n groot kerkgeleentheid, sodat hierdie gemeente ook op hoogte kan kom met die toestande aan ons Theol. Skool te Potchefstroom? Ons sal dit seker baie waardeer. —Korrespondent, November, 1925.

---

*Kroonstad.*—Ons het 'n mededeling ontvang oor die handelinge tussen Ds. Venter en die Kerkraad op Kroonstad. Ons dink egter dat dit beter is om dit nie te publiseer nie.—Red.

---

*Vir die Melaatse.*—In hartelike dank ontvang: Geref. Gem., Ermelo, £2 3s. 7d.; Oudl. C. J. J. du Plessis, Waterval, Steynsrust, 14/-; Mnr. J. Wiechers, Krugersdorp, 10/-; Kategisasieklas, Geref. Gem., Philippolis, £1 1s.; 'n Suster, Geref. Gem., Potchefstroom, 5/-; 'n Suster, Geref. Gem., Middelburg, K.P., 10/-; Wyk Uitschot, Geref. Gem., Lichtenburg, £2 10s. 6d.; J. M. Strauss, Kuruman, Holne, 2/6; Kategisasieklas, Geref. Gem., Steynsburg, 13/-; Vroue-Dorkasverg., Geref. Gem., Aliwal Noord, £3; S.W., P.K. Maroelasfontein, via Rustenburg, 5/-; Fam. du Plessis, Kalkfontein, De Aar, 10/-; Mevr. W. v. Schaik, Pretoria, 10/-. Die laaste oproep in "Die Kerkblad" het dus ruim vrug opgelewer. Ons is dankbaar daarvoor. Alle verdere bydraes sal met blydskap ontvang word deur M. van Dalsen, Penningmeesteresse van die Komitee, 80, Presidentstraat, Pretoria.

---

*Angola.*—Ds. G. H. J. Kruger stuur die volgende:—"Ouderling H. Grobler skryf van die Hoëveld, Caconda, Angola, dat sy skoonvader, ouderling Johannes van der Merwe (Miranda deur die Portugese genoemd) op 29 Sept. l.l. oorlede is in die ouderdom van 69 jaar en 9 maande onder treurige omstandighede. Hy was op reis na sy skoonseun, Jan Pretorius, om beeste te haal. By sy vertrek was hy helemal gesond. Maar 4 dae daarna het sy maag ontsteld geraak. Geen medisyne had hy by hom. Twee dae na sy ontsteltenis het hy by 'n Portugees gekom, maar die had ook geen middel nie. Die dag daarop het hy toe beswyk. Die sorg was sleg, want hy was alleen met 'n kar en 'n paar kaffers. Toe die Portugees verneem, dat hy oorlede was, het hy die kaffers gelas, om hul ou baas op die kar te sit en huistoe te vervoer in die warm September-son van Angola. Die derde dag aand het hul toe met die lyk by die huis gekom. Nou kan veronderstel word hoe onsigbaar en afskuwelik dit daar uitgesien het. Br. Grobler skrywe: "O, die vreeslike afsterwe van ons vader daar ver in die woestyn is vir ons bitter swaar. Die kaffer sê pa het nooit iets gepraat nie. So is ons vader sag en stil ontslaap. So is die leiding Gods met die mens op aarde." Die ou broeder het 'n veelbewoë lewe gehad in daardie wêreld. Verbasend baie ervarings. O.a. moes hy eens in gevaar van eie lewe 'n leeumannetjie op sy skoonvader doodskiet. Op 'n ander keer moes hy met 2 kaffers omgewe van seekoeie en krokodille 24 uur op 'n met waterbedekte eiland staan. Wie hom ontmoet het kon nie anders as om hom as 'n waardige ou kristenvader te respekteer."

---

*Kuratore Vergadering, Potchefstroom.* — Die H.Eerw. here Kuratore het hier vergader vanaf die 26ste Nov. In die volgende uitgawe verskyn 'n kort verslag van die verrigtings.

---

*Swasiland.*—Op die 20ste l.l. het ons hier Nagmaal gehad. Ds. H. J. R. du Plessis was hier. Ons is met die geleentheid ook afgestig as 'n afsonderlike gemeente. Vroeër was ons 'n deel van die gemeente Piet Retief, maar deur omstandighede moes ons hier in Swasiland, dist. Hlatikulu, afstig. Ons sal nie lig die boeiende preke van Ds. du Plessis met die geleentheid vergeet nie. Met die stigting van die gemeente is as ouderlinge gekies die broeders M. J. van Stade, Piet Potgieter, S. Maritz en F. I. Maritz en as diakens, J. C. Potgieter, B. Fourie, A. J. J. Potgieter en C. J. Vermaak. Mag die Here ons jong gemeente seën en dat die kerkraad en gemeente mag saamwerk tot eer van God en tot uitbreiding van die Gereformeerde Leer. Hoewel ons hier in die uithoek van die beskawing is, is die gemeente gestig met 156 lidmate. Ons bedank hartlik ds. du Plessis vir sy moeite en opoffering gedurende die laaste tyd, en ons hoop dat hy ook in die toekoms ryke seën van God daarvoor mag ontvang. Ook die afgevaardigdes van Paul-Pietersburg, en die van Piet-Retief, ons moeder gemeente, word hartlik bedank vir hulle belangstelling.—F. J. Maritz, Sweethome, Korrespondent.

---

## NUWE BOEKE.

---

*Das Gewissen* (die Gewete):—

Dr. H. G. Stoker, senior lektor aan die P.U.K. is op 'n proefskrif oor "die gewete" gepromoveer in Duitsland.

Die werk is 'n byna lywige boek van 277 bladsye in tamelik fyne druk, en bevat 'n veelsydige behandeling oor die gewete. Dit bevat vier hoofafdelings. In die eerste afdeling word gehandel oor die verskillende beskouings oor die gewete en word die oorsake vir die "vieldertigkeit" opge-

spoor. Die etimologiese afleiding van conscientia, waarvan Dr. Stoker nie veel hulp verwag, wys aan dat die begrip eers algemene bewussyn, later morele bewussyn en eindelik 'n biesondere funksie in die menslike siel bedui het. Die gewete was by die heidense volke nie so diep opgevat—meer 'n "nachfolgende Gewissen," terwyl die christendom die gewete verdiep het ook tot 'n "gesetzgebeude Gewissen."

Om die gewete te verstaan moet gevra word: wat *is* die gewete, hoe het hy *ontstaan* en is sy uitspraak *absoluut geldend* en betroubaar. In die twede afdeling behandel Dr. Stoker nou die vraag na die *wese* van die gewete, meer bepaald die *bose* gewete, en wel sy verhouding tot die verstand, wil en gevoel. Die intellektualisme beskou die gewete meer as 'n aksie van die verstand (intellectus practicus), terwyl die voluntarisme dit beskou as 'n werking van die wil n.l. 'n geestelike drang tot die goeie en 'n afwering van die kwaad. Dr. Stoker verkies om die gewete te laat setel in die gevoel, hoewel hy ook 'n betreklike reg van die ander twee beskouings erken; hy beskou "emotionelle Regungsmomente" alleen as "echte Gewissensphanomene',, terwyl die intellektualisme die *selfbeskuldiging* nie tot sy reg laat kom, en die drang van die voluntarisme veelal *blind* en momentaan is; die gewete is egter ook skerpsinnig. Dr. Stoker verwys ook na Kalvyn om sy beskouing te staaf, maar ons meen dat Kalvyn die gevoel aan die verstand gesubsimeer het. Verder is dit ons ook nie duidelik waarom die element van selfbeskuldiging nie ook in die beskouing van die intellektualisme kan ingesluit word. *Skuldgevoel* word seker tereg deur Dr. Stoker aanvaar as die hoofbewys van die gewete, maar die *belewe* van skuld is alleen seker nie genoeg, dis te vaag, dit moet ook kom tot 'n *besef* daarvan. M.a.w. die gewete mag begin met 'n skuldgevoel maar eindig seker tog in 'n *bewuste* uitspraak (oordeel) oor die skuld. Dit skyn ons asof Dr. Stoker miskien die *belewe* en die *besef* teveel skei. Ons erken dat die intellektualistiese standpunt seker te eensydig is, maar so is die gevoels-beskouing seker ook. Dit lyk ons dat die gewete veeleer 'n aksie is van die hele hart of beter miskien van die hele siel onder leiding van die verstand.

In die derde afdeling wys Dr. Stoker seker tereg daarop dat die gewete in sy diepste wese nie produk van ontwikkeling is maar iets spontaan.

Eindelik behandel Dr. Stoker nog die kwessie van die geldigheid van die gewetenswerking, wat hy as absoluut beskou wanneer die gewete beskou word as "emotionelle Regung"; dan kan die gewete nie *dwaal* nie. Ons meen egter dat volgens die H. S. daar soiets is as 'n dwalende gewete en dat die gewete nooit die finale uitspraak kan gee, seker nie vir die kristen, want hy moet ook sy gewete toets aan 'n hoër vorm nl. Gods Woord. Dat dit egter 'n moeilike kwessie is sal elkeen wat nadink seker erken, en dat die laaste woord ook hier nog nie gesê is bly 'n feit. Daarom moet daar ruimte wees vir verskil van beskouing; maar ook by verskil moet ons tog ons hoë waardering uitspreek vir die werk van Dr. Stoker; dit getuig nie alleen van breër studie, maar ook van ernstige lewensopvatting. En ver al in ons tyd waarin geweteloosheid by die dag toeneem moet sulk 'n studiewerk ook uit hierdie oogpunt gewaardeer word, dit lê biesonder nadruk op die groot betekenis wat 'n rein gewete het vir die mens; en dis 'n verkwikking om in ons tyd van materialisme en ewolusie 'n werk van beslis kristelike standpunt geskryf te lees. Ons kon natuurlik weens gebrek aan ruimte alleen op enkele punte wys.

En waar ons Dr. Stoker gelukwens met sy studiewerk wil ons die hoop uitspreek dat hy in die rigting sal bly voortwerk aan ons P.U.K., en as dit enigssins moontlik is hierdie werk sal omwerk in populêr-wetenskaplike vorm en dit in Afrikaans sal uitgee.—C.

## EVANGELISASIE.

SKEMA VAN ORGANISASIE VAN DIE EVANGELISASIE VAN DIE RANDSE GEREF. KERKE.

(Soos goedgekeur deur die Sentrale Bestuur).

Art. 1. *Naam.*—Evangelisasie van die Randse Geref. Kerke.

2. *Doel en Grondslag.*—Die Evangelisasie-arbeid van die Geref. Kerke van Johannesburg, Johannesburg-Noord, Johannesburg-Oos, Krugersdorp en Germiston het tot *doel* om die afgedwaaldes en van die diens van God vervreemdes, wat uit alle dele van ons land na die Rand toevloei, terug te bring tot die diens van die Here en tot die Kerk.

Die *voorwerp* waarop die Evangelisasie hom rig is dus alle blanke Afrikaners wat lewe buite die kring van ons geinstitueerde kerklike lewe, wat vervreemd is van die Evangelie van Christus en kerklik verwaarloos is en aan eie lot oorgelaat is.

3. *Subjek* van die Evangelisasie is nie alleen die kerkrade nie, maar ook heel die gemeentes in die amp van die gelowiges. Die kerkrade gee slegs steun en leiding, terwyl elk belydende lid van God geroep is aktief op te tree. Dus geen vrye organisasie van gelowiges (soos deur Wichern in Duitsland georganiseer), maar 'n organisasie waarin ampsdraers en gelowiges harmonies saamwerk.

4. *Metode.*—Uit hierdie grondslag volg nou die regte metode. Hierdie metode is as volg:—

(1). Elke kerkraad van die vyf Randse Geref. gemeentes neem sy eie organisasie ter hand. Elke kerkraad benoem uit sy midde sy eie *Evangelisasie-Kommissie* met sy predikant as Voorsitter. Hierdie vyf Evangelisasie-Kommissies word volgens art. 3 aangevul met 'n aantal belydende broeders en susters uit elke gemeente. Elke kerkraad laat aan sy Evangelisasie-Kommissie

soveel moontlik vryheid om handelend op te tree in die verskillende vertakkinge van arbeid. Hierdie Evangelisasie-Kommissies vergaar in elke gemeente indien moontlik eenmaal per maand, en doen verslag aan die kerkrade.

(2). Elke Evangelisasie-Kommissie benoem uit sy midde twee lede om 'n *Sentrale Bestuur* te vorm vir die vyf Geref. gemeentes. Die Sentrale Bestuur vergaar om die drie maande, kies hulle eie Voorsitter en Sekretaris. Die Sentrale Bestuur tree op as 'n Sentrale Kommissie van toesig of as Waaksaamheids-Kommissie. Hulle kies hul eie kassier. Verder sorg hulle vir die uitgawe van brosjures, traktate en Bybels wat vir kolportage aan die verskillende Evangelisasie-Kommissies sal uitgedeel word.

Die Sentrale Bestuur sorg vir 'n *Evangelis* wat as organisator sal optree in die vyf gemeentes en die terrein sal verken. Die Evangelis sal ook geestelike toesprake hou en samekomste organiseer. Verder sal hy stuur en rigting gee aan die verskillende vertakkinge van arbeid in elke gemeente, en sal hy verslag doen op die vergaderings van die Sentrale Bestuur.

5. *Vertakkinge van Arbeid*:

(a). *Lesings en Toesprake.*—Die Sentrale Bestuur sal trag om hiervoor iemand te kry wat daartoe bekwaam is. Die Evangelis sal dus waar nodig optree in drukke buurte om daar geestelike toesprake te hou, en lesings oor Bybelse onderwerpe. Die Evangelis sal vir hierdie doel altyd die Evangelisasie-Kommissie van die gemeente raadpleeg, waarin hy optree. Hoe dikwels hy in elk van die vyf gemeentes sal optree, is die werk van die Sentrale Bestuur om dit te reël.

(b). *Huisbesoek.*—Hierin tree die Evangelis op in oorleg met die plaaslike Evangelisasie-Kommissie. Die Evangelisasie-Kommissies tree self aktief op in die huisbesoek, en benoem indien moontlik besoekbroeders en besoeksusters wat in oorleg met die Evangelis moet werk en wederkerig die aandag sal bepaal op verwaarloosde huisgesinne. Ook oueraande sal georganiseer word.

(c). *Sondagskool.*—Die Sondagskool is seker die vernaamste en kragtigste middel tot die arbeid van Evangelisasie. Die Sondagskool moet onderskeie word van die Katkisasie, wat uitsluitend is vir kinders van die gemeente. Die Sondagskool is 'n Evangelisasie-middel vir kinders wat sonder kerk opgroei, en stuur aan op die Katkisasie. Deur die kinders van die Sondagskool word op die ouers ingewerk, en sodra die ouers in die boesem van die kerk opgeneem is gaan die kinders vanself oor tot die aangewese katkisasie-klas.

(d). *Traktaatsverspreiding.*—Vir die uitgawe van traktate sorg die Sentrale Bestuur (kyk art. 4(2) ). Ook hier moet die Evangelis stuur en rigting in elke gemeente gee, en moet self as kolporteur met traktate en Bybels optree. Verder sal die Evangelisasie-Kommissies in elke gemeente kolporteurs aanstel om in eie gemeentelike kring op te tree. Die besoekbroeders en -susters kan self hierin aktief optree. Ideaal bly 'n eie Evangelisasie-maandblad.

(e). *Afdeling verwaarloosde vrouens en meisies.*—Hiervoor sal, sodra dit moontlik is, die Sentrale Bestuur 'n suster van die Geref. Kerk as organisator aanstel. Sy sal optree in samewerking met die aangestelde Evangelis.

(f). *Krankebesoek.*—Hospitale en siekehuise moet getrou besoek word, en met stigtelike lektuur voorsien word, sowel deur die Evangelis as deur die besoekbroeders en -susters van die verskillende Evangelisasie-Kommissies. Ook gevangenisse moet besoek word.

6. *Arbeiders.*—Bekwame en geoefende manne is nodig vir Evangeliste. Daartoe is nodig dat persone wat hulle wil aanmeld vir Evangeliste 'n kort kursus moet deurmaak onder leiding van een van die Dienaars van die Woord. Besoekbroeders en -susters en Sondagskool-onderwysers word deur die Evangelisasie-Kommissies op eie diskresie benoem.

7. *Finansies.*—Elke Evangelisasie-Kommissie stuur maandeliks aan die Sentrale Kas kontribusies, vrye gifte en gemeentelike kollektes, soos deur elke plaaslike Evangelisasie-Kommissie goedgevind is en aan die Sentrale Bestuur voorgelê word. Van tyd tot tyd sal die Sentrale Bestuur ons Evangelisasiewerk onder die aandag van ons plattelandse gemeentes bring en om bydraes versoek, en waar moontlik ook vaste bydraes.

8. *Vergaderings en Verslae.*—Vir vergaderings van die Evangelisasie-Kommissies en van die Sentrale Bestuur, kyk art. 4 (1), (2). Jaarliks kan die Sentrale Bestuur 'n *gekombineerde vergadering* hou met al die vyf Evangelisasie-Kommissies saam, waar dan 'n jaarverslag deur die Sentrale Bestuur sal voorgelê word. Hierdie jaarverslag sal aan die verskillende kerkrade gestuur word met die versoek om dit deur middel van gemeentevergaderings onder die aandag van die gemeentes te bring. Die oudste kerkraad sal die verslag jaarliks deurstuur naar die Prowinsiale Sinode.

9. Hierdie skema van organisasie kan deur die Sentrale Bestuur gewysig word behalwe artiekels 2 en 3.

Elke plaaslike Evangelisasie-Kommissie stel sy eie reglement van werksaamhede op.

Aldus vasgestel en goedgekeur op die Vergadering van 17 November, 1925.

Namens Sentrale Bestuur,

P. J. S. DE KLERK (Sekr.).

*Vir Evangelisasie ontvang.*—Geref. gemeente Postmasburg, £3 3s. 9d.; Geref. Gem., Rustenburg £10; Geref. Gem., Lydenburg, £1 7s. 3d.; Johannesburg-Noord, £1 5s.; Geref. Gem., Potchefstroom, £10; J. C. van Rooy (Steynsburg), £10; Geref. Gem. Maquassi, £10; Geref. Gem., Fordsburg, 9/-; 'n Vriend, Hobhouse, £1 0s. 6d.;

Geref. Gem., Dulstroom, 10/6; Geref. Gem., Bethal, £3 1s. 9d. Dit is met grote erkentlikheid en diepe dankbaarheid wat ons die ontvangste erken. Dit is so aanmoedigend, die belangstelling en ook geldelike steun van die broeders en susters te ontvang vir ons lands- en vroeëre geloofsgenote. Dit sterk ons hande en harte om ons uiterste bes te doen. Mag u bydrae dan ook ryke vrugte afwerp. Maar tegelyk is die voorbeelde van Rustenburg, Potchefstroom en selfs die kleine gemeentetjie van Maquassi bewonderingswaardig, en navolgenswaardig.

Ons was bly om selfs van een gemeente te hoor dat dit die 1ste maar nie laaste bydrae is nie! Is daar miskien gemeentes wat vaste bydrae wil gee, en so ook deel wil neem in die werk?—T. Spoelstra, 75 Clacton Weg, Kensington, Johannesburg, 20/11/25.

## KORRESPONDENSIE.

Verskillende stukke moet oorstaan. Ons verwys na die brief van Ds. Spoelstra onder die hoof ,,Wie en Waar?". Die inhoud verraai seker 'n treurige toestand. Die kwessie van attestasies m o e t in orde kom, en ook hierin moet ons op die Gereformeerde spoor kom.

Die ongereformeerde gebruik om Bewyse van Lidmaatskap te gee moet ook afgeskaf word. Ons hoop om later hierop weer terug te kom.—Red.

## DIE KRIESIS IS DAAR.

Geagte Red.,

Die ewolusie-dogma het soos 'n onskuldige slang in skool en kerk ingesluip, die mensdom is verlei, daar is geëet van die kennisboom en die gevolge kan nie meer uitbly nie.

Opmerklik, baie opmerklik dat die stryd op die plekke tegelykertyd ontbrand het. **Eers** die regsgeding in die Verenigde State van Amerika waar die koerante van vol was; die proses waarby Bryan alle Skrifgelowiges gemonster het teen die gevaarlike ewolusie-vyand. **Toe** die kwessie - Geelkerken in Nederland waarby alweer die historiese karakter van Genesis 1 tot 3 in geding gekom het; 'n kwessie wat die Gereformeerde Kerke van Nederland só ernstig in beroering gebring het dat die uitspraak insake die eer van daardie predikant nie (soos gewoonlik) in hande van klassis en partikuliere sinode sal gelaat word nie—nee, 'n generale sinode sal opgeroep word om uitspraak te gee. **Eindelik** het ook in Suid-Afrika die Skrifgelowiges wakker geskrik. Die redakteur van die ,,Kerkbode" het in sy nummer van 11 November j.l. die signaal op ,,onveilig" geruk en die rooi lig laat sien. Ons lees:

,,Geoordeeld naar de stemmen die overal in 't land gehoord worden, is er 'n ernstig gevoel van onrust in vele harten ten opzichte van meer dan een inrigting van hoger onderwijs, die zijn ontstaan aan onze Kerk te danken heeft gehad. In de vergadering van de Kaapstadse Ring heeft 'n predikant openlik 'n zekere universiteit genoemd en gezegd, dat hij gemeend had zijn zoon daarheen te zenden, maar dat hij dat nu nooit zou doen . . . . . Uit 't Rings ressort van Swellendam schrijft ons 'n broeder leraar: ,Die volgende is tekenend. Een van die Ringspredikante het, toe die saak (van onderwys) ter sprake was, vertel van 'n man in sy gemeente wat 'n seun na een van ons uniwersiteite gestuur het. Hy het teruggekom 'n volslae ongelowige, en die vader het besluit teen die hoëre opleiding van sy ander kinders. Hy sal hul maar liewer leer om die pik en die graaf te hanteer. Iemand het op die vergadering van die Ring beweer dat maar ongeveer een-tiende van die studente op ons uniwersiteite terugkeer met dieselfde geloof as waarmee hul daarheen gegaan het'."

Dit is ernstige woorde en bewys duidelik dat die kriesis daar is. Die Ring van Swellendam het dit dan ook nie by sugte en klagtes gelaat nie, maar het hierdie besluit geneem:

,,Met die oog op die groot aantal onder ons studerende jeug wat deur ongewenste invloede weggelei word van die geloof van hul ouers, wil ons hiermee die Hoogedele Minister van Onderwys beleefdelik nader met die dringende versoek dat Sy Hoogedele so spoedig moontlik deur middel van wetgewing die bevoegde outoriteite by ons Uniwersiteite, kolleges en opleidingskole sal magtig om met die benoeming van professore en dosente, ondersoek te doen na die godsdienstige oortuiging van die betrokke applikante ten opsigte van die kristelike godsdiens. Ook wil ons hiermee in alle erns die ouers en voogde in die gemeentes onder ons Ringsressort, wat op die punt staan om hul kinders te stuur na 'n inrigting vir verdere studies, dringend versoek om tog behoorlik ag te gee op die godsdienstige strekking van die professore, dosente en ander verantwoordelike persone by sodanige inrigting, alvorens hul daartoe oorgaan om hul kinders daarheen te stuur."

'n Baie belangrike besluit wat in sy hoofsaak en strekking wel deur alle Skrifgelowiges in Suid-Afrika mag ondersteun word!

Wat die twede deel van die besluit betref—dié is vir ons minder goed, omdat dit te negatief is. Ons as Christen-ouers is nie net geroep om ondersoek in te stel na die feitlike toestand van die hoë skole nie. Want wat vang ons aan as dit blyk dat **al** die hoë skole die Skrif verwerp het en nou sweer by die resultate van 'n ewolusie-wetenskap?

Die eerste punt van die besluit wys egter in die regte rigting. Ons moenie langer om die eintlike punt ronddraai nie; ons moet besef dat daar net een redmiddel is: By wetgewing moet aan ons uniwersiteits- en kollegerade wat dit verlang, die reg gegee word om publiek (nie privaat en agteraf nie) ondersoek in te stel na die beginsels van persone wat vir benoemings in aanmerking wil kom; sodat geen lektor of professor 'n Christelike Hoëskool kan binnestap nie tensy dat daar eers 'n behoorlike toetsing plaasgevind het. Laat dié hoë skole wat so'n toetsreg nie begeer nie, wat sogenaamd ,,vry" wil wees (alhoewel daar nie so iets is nie)—laat hulle ongehinder voortgaan. Maar laat die Christene hulle reg behou om te sorg vir 'n eie wetenskaplike kweekplek vir hulle kinders.

Helaas! die onderwys is in Suid-Afrika sogenaamd ,,vrygemaak", vrygemaak van Kerk en dogma; vandaar al die vandalisme en ellende. Mag ons oë nou eindelik oopgaan, nou dat die kriesis daar is! En mag die P. U. Kollege algemene ondersteuning erlang by sy poging om as C h r i s t e l i k e Hoëskool erken te word!

## GUNSTIGE VOORTEKENS.

Geagte Redakteur,—Dis seker 'n verblydende teken, dat die N. G. Kerk ook eindelik begin wakker word.

(Kyk artiekel in „De Kerkbode" van 11 November onder opskrif: Bezwaren tegen Evolutie en kontra-bezwaren) vir die gevaar van die ongeloof aan die inrigtings vir Hoër Onderwys in ons land

Die Geref. Kerk het jarelank gewaarsku teen daardie gevaar, maar hy was 'n roepende in die woestyn. Ek wil egter nie verwyt nie, maar inteendeel die hand uitsteek vir samewerking. Ek meen dan ook dat die tyd nou aangebreek het dat die Hollandse kerke in Suid-Afrika 'n kongres moet hou oor hierdie saak en teen die toestand moet protesteer.

As ons volk nog enige waarde heg aan sy naam as c h r i s t e n v o l k, dan behoort hy nie langer te duld, dat in die wet vir Hoër Onderwys 'n artiekel staan wat 'n christelik-godsdienstige toets by die aanstelling van leermeesters belet. Die gevaar lê nie allereers by die student nie maar by die meesters, dit help nie om aan die vrug te dokter as die boom sieklik is.

Dit sal ook nie help om jou kind na dié of daardie inrigting te stuur, want hul is maar voëls van enerse vere.

Geagte Redakteur, vergun my om verder nog 'n paar opmerkings te maak in verband met bogenoemde artiekel in „De Kerkbode." Ek kry die indruk dat die skrywer van die artiekel die n a t u u r w e t e n s k a p beskou as die e n i g s t e wat die naam „wetenskap" kan dra. Dis egter seer eensydig; daar is tog ook g e e s t e s w e t e n s k a p p e wat net so goed „wetenskap" is. Ons leef tog seker nie meer onder die bekoring van die Engelse indeling van „Science" en „Literature"; die eensydigheid hoort seker tuis by die vergoding van die natuurwetenskap in die 19de eeu.

Verder beweer die artiekel dat 'n teoloog die ewolusie nie op natuurwetenskaplik terrein moet bestry maar alleen op teologies-filosofies gebied. Ek stem toe, dat 'n teoloog nie oor ewolusie moet skryf as hy nie op hoogte van sake is, maar waarom kan hy nie op hoogte kom deur 'n degelike studie daarvan? en dit sal baie meer effektief wees as jy jou vyand bestry op sy eie terrein, want jou teologies-filosofiese argumente tel nie vir die ongelowige natuurwetenskaplike-man of liewer ewolusieman.

Niemand sal seker beweer, dat die ewolusie nie op ons uniwersiteite kan doseer word nie, maar die fout lê m.i. hierin, dat die ewolusie nie as 'n b l o t e h i p o t e s e (soos daar baie ander is), wat sy pro en kontra het, doseer word, maar wel as die **enigste en ewige waarheid en wysheid** wat op die aarde te vind is; en dit kom daarvandaan dat die leermeesters van die vak ook self g l o aan die ewolusie-teorie en dus nie die studente wil (of miskien kan) wys op die christelike standpunt. Dis om hierdie rede wat ons 'n t o e t s nodig het by die aanstelling van leermeesters.

Dienswillig die uwe,
C. J. H. DE WET.

Potchefstroom,
24 November 1925.

## „WIE?" EN „WAAR?"

Geagte Redakteur,—Graag voldoen ek aan die versoek van my Kerkraad, omdat ek self ook die noodsaaklikheid daarvan gevoel, om 'n enkele saak in verband met die Randse gemeentes onder die aandag van die Kerkblad lesers te bring, en so aan die Geref. lidmate oor ons hele land !

Hierbo het ek as opskrif gesit „Wie?" en „Waar?" omdat dit dadelik toon waar dit oor gaan.

Hier staan ons (d.w.s. op die Rand) altyd voor die vraag „wie is ons lidmate? waar woon hulle?"

Nou is dit wel waar dat die lidmate wat hier ingeskryf is na belydenisaflegging, of na oorkoms met attestasie ons bekend is en onder kerklike toesig staan. Maar so baie is onbekend, en vra geen attestasie aan nie, en juis om d i é gaan dit hier in my skrywe.

Om die toestand duidelik onder u aandag te bring, net die volgende paar voorbeelde:—

'n Week of wat gelede is deur een van die Kerkraadslede 'n familie gevind wat 7 jaar gelede van Steynsburg, K.P., kom. Daar, volgens die wat hulle ken, was hulle flukse lidmate, hier nog n o o i t in ons Kerk gewees nie en tot kort gelede by die Kerkraad onbekend!

'n Ander lidmaat is reeds 2 jaar van Potchefstroom hier, en onbekend by die Kerkraad, en sonder attestasie en sonder kerk.

Dan is hier selfs lidmate van Pretoria wat gedurende die week hier is, maar Saterdae na Pretoria vertrek, wat hier onder kerklike toesig moet staan, maar van wie geen attestasies ontvang word nie, en dus onbearbei bly.

Selfs predikantskinders, van wie geen atteste ontvang word nie!

Dit is enkele voorbeelde ! So is hier wel honderde gevalle!

En as die verskillende Kerkrade die feite goed onder die oë wil sien, en selfs die broeders en susters oor ons hele land, as gelowige ook die belang van die medegelowige beoog, kan hulle hierin die Randse Kerkrade so ontsaglik baie help.

Daarom doen ons 'n dringende beroep op almal, en veral op die Kerkrade om waar lidmate hierheen kom, dadelik attestasie oor te stuur aan één van die Kerkrade hier, met die adres waar die persone woon! Dan kan dit hier wel gou by die regte Kerkraad besorg word, en voorkom word, dat elke jaar honderde vermis word uit ons kerkverband, van wie geen rekenskap kan gegee word nie!

By die buite gemeentes kan tog spoedig die adres by familie of vriende gekry word, en so die persone hier onder kerklike toesig gebring word.

Daar is wat die punt betref nog te veel nalatigheid by ons plattelandse gemeentes en Kerkrade!

Die toestande hier is te onbekend! Om hier sulke persone, sonder dat dit bekend is, dat hulle hier is, en waar hulle is, op te soek is 'n hopelose gedagte!

Daarom, broeders en susters, roep ons u toe: voldoen aan u amp as gelowige! Laat ons nie soos Kaïn uitroep: „Ek is nie my broeder se oppasser nie!" Drie briewe oor één persoon is beter as geen brief!

Miskien leef hier van u familie of vriende sonder kerk! En ons en uself weet dit nie.

Help ons daarom, om die persone se adresse te kry, en dan sal die Kerkrade hier die bearbeiding waarneem.

Die draadjie is so dun wat menigeen aan die Kerk bind, en die Godsdiens, en deur die wantoestande genoem, word dit deur geknip!

T SPOELSTRA, V.D.M.
75 Clactonweg, Kensington, Johannesburg.

## VOORUIT—AGTERUIT.

Geagte Redakteur,—Aangenaam is dit om te sien, dat ons Ger. beginsels al meer en meer ontwikkel. Heerlik is dit om te hoor, dat die Randse Gemeentes hul

roeping sien, om die lig van Gods Woord buite die Kerk uit te dra in die maatskappy. Die roeping tog van elke Kerk is, nie alleen om die Gemeentes op te bou nie, maar om die lig van Gods Woord uit te dra in die wêreld. Elke kerk moet dus sy Evangelisasie hê. Elke kind van die Here moet weet, dat hy 'n ligdraer is, en lig moet versprei.

Die Wederdopers gee ons in die opsig 'n goeie voorbeeld van ywer. Ons hou ons beginsels teveel vir ons self en openbaar dit nie aan ander nie.

Die Wederdoper laat sy lig skyn, al is dit dan ook 'n walmende lig van eiedunklike opvatting, waardeur hulle in stryd kom met die Skrif. Sommige tog beweer: die klein kinders het nog nie sonde nie en behoef daarom nie gedoop te word nie. Ander sê weer: Die Here Jesus het ook sonde gehad en daarom moes hy ook gedoop word.

Maar, wat praat, is hulle.

En ons swyg te veel. Ons vergeet: „Met die hart geloof ons tot regvaardigheid en met die mond bely ons tot saligheid."

Gaan ons dus vooruit deur Evangelisasie aan te pak, op ander gebied staan ons stil of gaan ons agteruit. Neem b.v. ons Sending. Nou word die eise vir 'n sendingspredikant so hoog gestel, dat ons op die oomblik niemand kan send nie. As dieselfde eise vir oorlede Br. Bos sou gestel gewees het sou hy nooit sendingspredikant geword het nie.

En sie, wat het die Here deur hom bewerk!

Inplaas van weer 'n broeder te beroep, met liefde vervul vir die Sending, en met geloofsgehoorsaamheid in die hart en oorgegewenheid aan die roeping van die Here, word nou die eise so hoog gestel, dat daar niemand gestuur kan word nie. Die heiden moet maar wag. En die bekeerde heiden word verhinder awendmaal te vier tot gedagtenis aan die lyde en sterwe van sy Here. Die doop aan sy kinders, wat „so haas molik" moet geskied, kan maar wag totdat......... ons 'n man daar eendag vir klaar laat leer het. (Die enkele maal dat één van ons predikante soon-tce gaan, is nie 'n georganiseerde bearbeiding nie.)

So is dit ook met ons verstrooide lidmate. Hulle moet maar wag, ja sommige het gewag en—miskien in geen tien jaar nagmaal gevier nie. Kyk b.v. na Oos-Afrika: Gemeente Eldoret, wat in geen twee jaar doop, belydenis-aflê of nagmaal gehad het nie, totdat ds. Du Toit daar weer gekom het.

En, as 'n klein Gemeente, wat die behoeftes van die verstrooides van naby ken, 'n br. aanbeveel by die Alg. Verg. om volgens Art. 8 in die diens in te tree, dan word dit geweer. Sodoende het die Gemeente die arbeid moet opgee en ongeveer 'n 60 belydende lidmate weer aan die verstrooiing moet oorgee.

Hoe heerlik was dit in Januarie 1925 om te Witrivier by die laaste rondgang van die Konsulent, 10 jongeliede belydenis te hoor doen van hul geloof, waarvan 5 (vyf) uit één gesin (van vyftien tot vyf en twintig jaar). Daardie gesin met sewe belydende lidmate het nou verder getrek na die Lebombo.

Was daar nou iemand beroep, om die verstrooides te behartig, dan kon hulle ook daar bearbei word. Smartelik was dit voor die Ouderling toe hy hulle laas besoek het, om te hoor smeek deur die verstrooides: „U het ons nou weer in gemeenskap met die Kerk gebring, U moet ons nou tog nie weggooi nie." Ook was dit pynlik om 'n paar dae gelede 'n brief te ontvang van 'n br. en suster, waarvan ruim 3 jaar gelede die ouderling nog nooit het kan besoek nie, deur gebrek aan tyd; pynlik was dit om te hoor, dat hulle nou gaan aansluit by die Ned. Herv. of Ger. Kerk.

As Broeders en Susters hulle aan die kerklik verband onttrek uit hulle self, dan gaan die Kerk vry uit, maar as die Broeders en Susters hulle voeg by 'n Kerkgenootskap, omdat hulle jare lang verstote bly van bediening van Woord en Sakramente, dan is dit 'n aanklag teen die Kerk. Op die praktyk van die Kerk „Ben ek die hoeder van my broer!" kan die seën van God nie rus nie. Die Broeders, wat deur hulle beslissing en stemming dit veroorsaak het, is direk daarvoor verantwoordelik.

Volgens die eise, wat ons nou aan ons predikante stel, sou die herstigter van die Ger. Kerk in Suid-Afrika, oorlede Ds. en. Prof. Postma afgewys geword het; en hoe sou ons Ger. Kerk dan ooit tot openbaring gekom het?

Een van die ou-predikante, wat nou al oorlede is, het my persoonlik meegedeel, dat die teenswoordige studie veel hoër is dan in sy tyd. En tog is deur oues die Ger. Kerk onder die seën van die Here gegrondves.

Die gebrekkige bediening voel ons Gemeente nou meer as te vore, want noudat ons vroeëre Konsulent vertrek het, wat ons sewe dienste gegee het en drie onder die verstrooides; nou moet ons hoor, dat ons teenswoordige Konsulent ons maar in die geheel vier dienste kan gee, en maar min huisbesoek. Machadodorp en Waterval Boven moet ons nou ook opgee.

Jammer, dat ons lidmate te min bekend is met die amp van die gelowiges. Was hulle dit goed bekend, dan sou die kwessie van die verstrooides gou opgelos wees.

Ek hoop, dat ons Professore, Doktore of Predikante 'n studie hieroor in „Die Kerkblad" sal plaas, opdat ons verstrooides dan weet, op grond van Gods Woord, wat hulle roeping is.

Dit sal beter wees as hulle (die Professore, Doktore of Predikante) dit doen, as dat 'n lidmaat dit probeer, want vir veel van ons mense geld nie "W a t, wie sê" maar "W i e wat sê."

U Broeder in onse Here,

J. LUGTENBURG.

## JONGMENSE.

### GELEERDE JONG SUID-AFRIKA EN DIE KERK.

Met geleerde Jong Suid-Afrika bedoel ek diegene van onse seuns en dogters wat aan die uniwersiteite en kolleges hier in ons land, maar veral diegene wat in die vreemde lande studeer of gestudeer het. In ons volk vind ons 'n baie groot dors na kennis. As ons onse klein bevolking in aanmerking neem, dan, so het ek gelees, staan ons twede op die lys van die volke, wat die meeste studente het; net Amerika staan bokant ons. Dus is dit soveel te meer die plig van die kerk om belang te stel in geleerde Jong Suid-Afrika. Die Ned Geref. Kerk het die belangrikheid van die saak besef en het 'n paar jaar gelede reeds 'n predikant na Amerika en Europa gestuur om onse studente te gaan besoek.

Dit dien ons wel seker tot eer, dat daar so 'n dors na kennis is in ons klein volkie, maar die geestelike gevare waaraan onse studente blootgestel is in hulle studie-tyd is baie en groot. Onse studie-tyd, veral in Europa, is die beste toets om te sien of ons godsdiens en ons volksideale vas gegrond is in ons, en of

dit net altyd 'n papbroekige saampratery en saamdoenery was met ons mense hier in Suid-Afrika. My doel is nie om oor die lewenswyse van onse studente in die buitelande of die geleerde mense hier in Suid-Afrika te skrywe nie. Die enigste punt wat ek wil aanhaal is hulle verhouding teenoor die kerk. Baie lesers sal wel weet hoe sake staan, veral in verband met die kerk. Iedereen weet dat die verhouding van die geleerde mense tot die kerk oor die gehele wêreld maar baie treurig is, en so is dit tot my spyt ook met ons volk. Wat is nou eigelik die rede dat die meeste geleerde mense so onverskillig is teenoor die kerk? Daar is myns insiens net een rede, en dit is die geestelike swakheid van die mens. As 'n mens in die werklike lewe uitkom, weg van die klein dorpies hier in ons land, waar ons boeremense nog getrou kerk-toe gaan, dan kom jy in aanraking met alles wat sleg en demoraliserend is. En nou is dit die tyd vir ons om te wys wat in ons sit, of ons ons prinsiepes sal behou, en of ons met alles saamgaan en godsdiens en volk vergeet. Die mens is geestelik te swak, veels te swak, om te stry en staande te bly as hy in 'n omgewing kom, waar die mense anders dink en lewe as wat hy gewoon was. Die geestelike swakheid bestaan daarin, eerstens, dat die meeste mense dit te swaar en onaangenaam vind om bekrompe genoem te word, as hulle hulself nie laat beïnvloed in 'n slegte rigting, ten twede, is dit al te lekker om op jou rug met jou arms gevou te gaan lê in die stroom en saam af te drywe. Alleen diegene wat jare lank in vreemde lande was, waar die mense anders dink en lewe, ken die bittere stryd wat jy daar moet voer om nie beïnvloed te word nie. En hier dink ek veral aan die ontsettende onsedelikheid, wat daar in die wêreld heers. Die stryd kan ook alleen gewen word as jy 'n ware Christen is en respek het vir die verlede van ons volk en belangstel in die toekoms van ons volk. Ek sê, belang stel in die toekoms van ons volk, want alleen as 'n volk 'n ware godsdienstige lewe ly kan dit 'n groot en voorspoedige volk word. Hieroor hoef ons nie baie te redeneer nie; die vergelyking van die volkere van Europa met onse voortrekkers spreek vir sigself. Die verskriklike toestande waarin Europa vandag verkeer op geestelik en liggaamlik gebied is 'n gevolg van die sterk ongodsdienstige gees wat daar heers. Dis opvallend hoe min jong mense daar kerk toe gaan. Hulle het alleen tyd om sport te bedrywe en die danssale te besoek.

In ons studie-boeke, veral die van die natuurwetenskappe, vind ons dageliks dinge wat in weerspraak is met die Bybel. Dit laat ons meer en meer nadink oor die lewe en die slot is gewoonlik 'n godloënaar of 'n mens met die wonderlikste opvattings oor die lewe en dood. Een van die onbegryplikste dinge op die aarde is, hoedat 'n mens, wat van die natuur- en die geesteswêreld iets afweet, die bestaan van 'n God kan ontken.

Die grootste struikelblok op ons geloofsweg is die „ontwikkelingsteorie" (of die sogenaamde ewolusieteorie), wat ons mee kennis maak so gou as ons op die uniwersiteite en kolleges kom of miskien nog vroeër. Op die eerste uniwersiteit, waarin ek in Europa was, was die eerste woorde van onse fiesiologiese professor, dat ons maar sy klas kan verlaat as ons aan die Bybel glo, omdat die teorieë alles teen die Bybel is. Dis die manier waarop ons by Europa geïntroduseer word. Die hele wetenskaplike wêreld neem vandag die een of ander ontwikkelingsteorie aan en daarom is dit die plig van die kerk om te sien dat daar klaarheid kom in die saak, anders verloor hy al die geleerde mense. Dis 'n baie ernstige saak en dis die hoogste tyd vir die kerk om stappe te neem, anders sal die kerke later leeg staan, as al ons sogenaamde ongeleerde en eenvoudige boeremense dood is en hulle geleerde kinders hulle plekke moet inneem. Die kerke moet sorg dat hulle die geleerde mense behou, want die kinders neem al te graag 'n voorbeeld aan die geleerde doktors wat uit Europa kom—hulle weet mos baie meer as die eenvoudige boer op sy plaas. Ek gaan selfs so ver om te sê, dat die geleerde mense, nie alleen onverskillig is teenoor die kerk, maar dat hulle die kerk baie benadeel en wel om die pasgenoemde rede.

Ons lewe in die sogenaamde verligte eeu en die geleerde mense wil vir alles 'n rede hê. As die mense met draadlose toestelle duisende myle ver met mekaar praat, dan is dit gladnie snaaks nie, maar as die wondere van God verkondig word, dan kan die geleerde mense dit nie glo nie, dis te bekrompe om te glo, sonder om te vra waarom.

Mog God gee dat die kerke meer en meer die harte van die geleerde jongmense wen, want alleen dan kan ons 'n groot en voorspoedige volk word en dit bly. Sodra 'n volk ongodsdienstig en sedeloos word, is dit hopeloos verlore. Hiervan het ons vandag sprekende bewyse in Europa. My innige wens it dat ek deur hierdie stukkie iets daartoe mag bydra om die verhouding tussen die geleerde jongmense en die kerk te verbeter.

D. G. STEYN.

(Ons is bly dat die jonge broeder, Dr. D. G. Steyn, wat nou pas uit Europa gekom het, op ons versoek iets geskrywe het oor bostaande onderwerp. Hieruit blyk ook weer hoe ons jongmense deur die geleerdheid bedreig word. Dit lyk vir ons egter meer op die weg van die kristelike wetenskap as op die van die kerk te lê om die ongelowige wetenskap te bestry. Daarom raai ons ouers aan om hulle kinders na die P.U.K. te stuur. Wie van ons „geleerde" jongmense wil ook hulle gedagtes uitspreek?—Red.)

---

Weens plaasgebrek moes die artiekel oor „Bond van Kristelike Jongeliede Vereniginge" onder hierdie rubriek oorstaan vir die volgende uitgawe.

---

## DINGAANSDAG.

---

Die mense was baie ontevrede in die ou Kolonie nou amper honderd jare gelede. Veral was dit die geval met hul, wat gewoon het daar in die buurt van Graaff-Reinet en Uitenhage.

Die Hollandse vlag had altyd oor hul gewaai, en nie so danig lang gelede (1806) was die vlag verwissel met die Engelse. Dit was die teken, dat daar nou 'n ander regering oor die land was. En die ander regering het ander wette, ander voorskrifte en ook 'n ander taal gebring. Daar het in daardie tyd ook Engelse gekom, wat die Boere beskuldig het, dat hul wreedaards was, en die gekleurdes en die kaffers, waar daar 'n kans voor was, mishandel het. Die witmense het hier in daardie tyd ook, nes in ander lande, slawe gehad, wat hul, hoewel dit ook mense was met onsterflike siele, kon verkoop en koop soos ons perde en beeste verhandel. So 'n slaaf het baie geld gekos,

veral as hy fluks en sterk was en skrander daarby. Die nuwe regering het in die dae 'n wet gepasseer, dat die base hul slawe moes vry laat, en daardeur het party mense groot verliese gely, want hul het amper niks geen skadevergoeding vir hul duur slawe gekry nie. Hierdie slawe het by ons mense glad nie 'n sware en moeilike lewe gehad nie. Die werk was nie te baie nie, en die kos heeltemal voldoende.

Die aangrensende kafferstamme het ook in daardie tyd troppe vee van die Boere gesteel, en die regering wou daar niks teen doen nie. Oor al die dinge was die mense baie ontevrede. Die lewe was vir hul bitter. As hul by die regering wou kla, moes hul dit nog doen in Engels, wat hul nie geken het nie. 'n Brief in Hollands is nie notisie van geneem nie.

As die mense vir mekaar kom kuier het, het hul net gekla en gesug oor die moeilikhede, wat hul die lewe ondraaglik gemaak het. Eers begin één, en toe nog één en op laas 'n heel klomp daaroor gesels, hoe dit sou wees, as hul hul waens inspan en hul vee aanja en oor Oranjerivier trek die wye, woeste wêreld in.

Kom, sê een vir oom Gert, ons trek. Ons trek weg van onder die Engelse vlag, wat ons so swaar laat kry. En oom Gert lag nie, maar dink ernstig daaroor na, en hy antwoord op laas: Ja, kom vriende ons trek. Trek om vryheid te soek.

So word die praat gedurig meer van die trek. Party lag daaroor en ander wil amper huil, maar 'n heel klomp span op laas hul waens in en laat hul beeste en skaap aanja, en laat vat na die Noorde-toe.

Daar lê 'n wye wêreld, wat gedeeltelik deur kaffers bewoon word en vir 'n groot deel woes en verlate is. Hoe dan so woes en verlate? Was dit dan sulke slegte veld? Nee, seker nie, maar die kaffers het die gewoonte gehad, om altyd maar teen mekaar oorlog te maak en mekaar uit te roei. So het een kafferstam, die Mantatis, wel 28 ander kafferstamme totaal uitgeroei deur die grootste deel om die lewe te bring, en die krummels van angs te laat vlug.

Die kinders het as pa en oom, ma en tante oor die trek praat met oop ore daarna sit en luister. As hul hoor, dat oom Tys ander week weer laat vat, dwing hul hul pa, om ook die nuwe wêreld in te gaan. Onder mekaar gesels die kleinspan daar ook oor, en praat groot, en wys aan mekaar hoe hul 'n leeu, wat hul in die veld kry en die osse vang, gou-gou sal neertrek. Hul sal vir hom die koeël vlak voor die kop gee.

As ek toe 'n kind gewees was en daar in Graaff-Reinet sou geleef het, sou ek net so lang aangehou het, dat my pa ook getrek het. Ek sou vir 'n goeie ryperd gesorg het, 'n rooiskimmel, want dis mos die flukste en die taaiste perd, wat jy kan kry. Natuurlik sou ek ook 'n roer, een van die beste, saamgeneem het.

Die lewe van 'n trekker is gevaarlik en moeilik, maar ook lekker. Dit is avontuurlik. 'n Avontuurlike lewe is so een, dat jy vanmôre nie weet wat jy vanmiddag sal teenkom. Vanaand sit jy by die kampvuur en hoor vertel, watter dapper dade die grootmense gedoen het, en jy weet glad nie, hoeveel leeus en tiers of ander kwaai goed jy more self sal moet beveg. 'n Avontuurlike lewe is 'n lewe met gevare, wat jou soms laat rittel en bewe, maar wat darem lekker is vir iemand waar pit in sit. Daarom het die kinders van die voortrekkers glad nie gehuil nie, wanneer die waens opgelaai was, en hul pa dan roep: Niklaas, draai los die briek! of anders: Jannie, vat die sweep!

By die oppak van die waens het die ouers darem nie versuim nie, om met die Bybel en die psalmboeke ook die vraeboekie vir die kinders saam te neem. Hul wou nie hê nie, dat die kinders daar in die woestyn witkaffertjies sou word nie.

Ek is daar seker van, dat as daar elkers weer 'n klompie waens weggetrek het, dit nie somar stil toegegaan het nie. Die trekkers en die agterblywendes het mekaar dan hartlik gegroet en gesoen. Baie het gehuil of nat oë gehad. Die tantes het die trane met die sakdoek afgedroog, en oom daar voor by die osse het met sy baadjiemou oor sy gesig gestryk, want dit was al vir hom, of dit so deinserig voor sy oë is.

Party het aandoenlik die trekkers gesmeek: Vriende, bly tog maar hier by ons, dit sal later wel beter gaan, en weer ander het geroep: Boeties, voorspoed en seën. As ek my plaas kan verkoop kry, kom ek ook. Hoeveel mense daar af en toe weggetrek het uit die Kolonie, kan ek nie sê nie, maar ek het gelees, dat daar eenmaal in 1838 'n groot klomp van duisend waens by Van Reenens pas oor Drakensberg getrek het na Natal, en dit was maar 'n deel van die geheel. Party wil sê, dat daar wel 10,000 mense die Kolonie verlaat het, en ander praat van 20,000.

x x x x

Natal, ja dis die land, waar ek nou 'n bietjie meer van wil vertel. Hierdie land is van die Drakensberge af tot aan die oseaan 2,402 myle breed, en is vol riviere en lope, wat tussen die berge en heuwels deurkronkel. 'n Pragtige vleiwêreld en bedek met bome en bosse. Van Drakensberg gaan dit in die oostelike rigting met verdrag af see-toe.

Die trekkers het in 1837 in die buurt van Winburg in die Vrystaat voor die groot vraag kom te staan, waarheen hul sou gaan, want hul was ver te veel, om altyd bymekaar te bly. Party sê: Ons moet na die kant van die Noorde en Weste, waar nou Potchefstroom en Bloemhof lê. Dan is ons ver van die Engelse, maar andere was weer daarvoor, dat hul na die Ooste trek, dit is na Natal.

Kort gelede (1837) was daar 'n vername man met 'n nuwe trek uit die ou Kolonie aangekom, wat somar dadelik by al die trekkers 'n groot invloed gekry het, omdat hy in alle sake sulk 'n deeglike deursig gehad het. Sy naam was Piet Retief, en om sy bekwaamheid is hy al heel spoedig deur die trekkers tot hul kommandant-generaal gekies geword. Retief was daar ook baie voor, dat hul na die pragtige wêreld van Natal sou afgaan, en die meerderheid was dit met hom eens. Dadelik gaan Retief nou met 'n paar vername maats 'n tog onderneem, om die nuwe land nader te besien, en om dan meteen ook Dingaan die kafferkaptein van die Soeloes op te soek, en by hom te verneem, of hy dan nie aan hul grond in Natal sou afstaan, want Dingaan was eintlik die enigste wat daaroor kon beskik. Hy was 'n magtig kaptein, maar vreeslik bloeddorstig, wat die hele Natal so goed as uitgemoor had.

Retief kom te Umkungunhlovu die groot kraal van Dingaan aan, en word baie vriendelik deur die Soeloekoning ontvang, en Dingaan sê vir hom, dat die Boere die hele Natal kan kry, maar dan moet Retief en sy mense vir hom die beeste terugbring, wat 'n ander kaptein, wat ver bly, van hom gesteel het. Retief neem dit aan en gaan na sy trekmense terug, wat bly is oor die uitslag van sy reis en dadelik planne maak, om die gesteelde beeste vir Dingaan van die dief af te neem. Dit het vir hul nie baie tyd en moeite gekos

nie, om dit uit te voer nie, en nou besluit Retief, om aan die hoof van 'n klein kommando die beeste self aan Dingaan te bring. Dan kan hy die belangrike kontrak met Dingaan sluit oor die afstand van Natal aan die Boere.

Die mense van die laer wou Retief liewer nie laat gaan nie, want hul was bevrees, dat die wrede kafferkaptein vir Retief om die lewe kon bring, maar Retief wou as 'n dapper man daar nie van hoor nie, dat andere in sy plek die gewigtige werk sou doen. Wat sou Dingaan dan ook wel nie van hom as kommandant dink nie. Nou ja, dan moes hy maar gaan, en 65 van die voormanne van die trekkers is maar al te gereed, om die kommandant-generaal te vergesel op sy gevaarlike tog. Hul wou seker die kafferkaptein ook graag wys, hoe 'n flukse kommando van boere met gawe perde, en goed gewapen wel lyk, opdat hy so 'n bietjie respek vir hul kon kry. 'n Dertigtal hotnots neem hul as agterryers saam. Opgeruimd en vol moed, en ek reken ook taamlik spoggerig, ry die klomp weg, want hul gaan mos nou 'n eie land vir hul kry.

Dingaan ontvang die gesantskap baie vriendelik en hy is bly, dat hy sy beeste terug kry, en die kontrak oor die afstand van die pragtige land van Natal word dadelik met behulp van 'n sendeling in gereedheid gebring. Die Boere word gasvry deur die koning onthaal, en tot hul vermaak laat Dingaan sy kaffers dans en wapenskouings hou, en so is dit op laas al 6 Februarie, die dag waarop Retief met die kontrak in sy lere tas met sy mense sal huis-toe gaan. Dingaan laat hul egter eers nog roep. Hul moet nog afskeid neem, en binne in sy koninklike kraal hier met hom kom drink. Die Boere moet wel aan hierdie versoek voldoen, want Dingaan is mos koning, en hy was dan ook so goed vir hul gewees. Kyk hoe vriendelik is hy nou ook nie weer in sy groot kraal, waar wel 1,700 hutte in 'n kring bymekaar staan en waar oorvloedig ruimte is vir 34,000 soldate. Terwyl Retief en sy manne nou by Dingaan is, staan hy op en skree opeens vreeslik hard tot sy soldate: Slaan dood die towenaars! en van alle kante storm die kaffers met assegaai en knopkieries toe, en steek en slaan die witmense en die volk in 'n paar minute sonder genade dood. Retief en sy manne kon hul nie verdedig nie, want na kaffergewoonte moes hul hul wapens buite die kraal laat staan het. Nie een enkele het kan ontvlug nie. Die lyke van die amper 100 manne is daarop buite die kraal na 'n bultjie gesleep en is aan die aasvoëls en die wildgedierte oorgegee. Dit was nou die droewige einde van die tog van kommandant Retief en sy manskappe. Met hierdie vreeslike moord op die Boere-voormanne was Dingaan volstrek nie tevrede nie. Binne 'n paar uur stuur hy wel 10,000 van sy beste vegkaffers af na die streke van Bloukrans en Boschmansrivier, waar die agtergeblewe trekkers kort gelede hul al met hul laers in Natal neergesit het. Die woeste bendes val hierdie verskillende laers, wat van niks afgeweet het en ook geen kwaad vermoed het nie, onverwags aan, en rig 'n vreeslike bloedbad onder hul aan.

Dit was daar 'n onbeskryflike toneel van wreedheid en onmenslikheid, wat selde elders op aarde aanskou is. By Bloukrans is daar hele laers uitgemoor sonder dat daar een enkele siel ontkom het.

In 'n oogwink is daar 41 mans, 56 vrouens en 135 kinders, asook 150 gekleurde bediendes om die lewe gebring. Die kaffers het die suigelinge somar by die bene gevat en hul se hoof teen die wawiel verpletter.

Van al die verskillende laers sou daar seker nie een oorgebly het nie as 'n jong seun met name Besuidenhout, wat die gruweldade op 'n klein distansie sien, nie op 'n ongesadelde perd gespring het en so die ander laers nie sou gewaarsku het. Hy was 'n held aan wie dit deur Gods genade te danke is gewees, dat nie al die Boere in Natal deur die bloeddorstige bendes van Dingaan voor die voet was gedood, wat natuurlik die bedoeling was. Deur hierdie gruwelike moorde by Bloukrans en Boschmansrivier het daar 'n vreeslike skrik en ontsetting oor al die trekkers in Natal gekom, en party mans begin al praat van terug trek, maar die vrouens wou daar nie van hoor nie. Nee, roep hul wenend uit, hoe sal ons van hier wegtrek, as ons nie eers die bloed van ons mense gewreek het nie, en die barbaar van 'n Dingaan nie streng gestraf het nie. Dit was die moeders van die vrouens, wat in die kampe gely het met die Boereoorlog en wou hê, dat hul mans in die veld sou bly en veg vir die vryheid van die land.

Ons kan ons voorstel, wat 'n geween en geklag daar weens al die ellend in hierdie tyd in die laers aangehef is. Daar was nie een familie, wat nie deur die vreeslike moorde in rou gedompel was nie. Deurdat die kaffers ook baie vee en waens met klere en huisraad verniel het, het daar in die laers groot gebrek aan baie dinge ontstaan, en om die rede het Sarel Cilliers, een van die voormanne, naar die Kolonie gereis, om die treurige toestand van sake aldaar bekend te maak.

Van alle kante is dadelik met groot liefde uit die Kolonie deur vriende en bloedverwante klere, medisyne, kos en al wat daar verder nodig was gestuur. Daar het ook mense gegaan, om die beproefde stamgenote te help, en een van hul was 'n alom bekende en geëerde man, met name Andries Wessel Pretorius van Graaff-Reinet.

Pretorius was werkelik 'n verstandige en moedige man, deur die Here met baie gawes versier. Toe hy by die trek aansluit het hy al dadelik van die meeste die volle vertroue gewin, sodat hy reeds 28 November (1828) die hoë pos van kommandant-generaal ontvang. Kommandant Hendrik Potgieter was nou al weggetrek na die Noorde en Maritz, die laaste kommandant-generaal, was 15 Oktober deur die dood weggeneem.

Sonder verwyl word daar nou deur Pretorius planne beraam, om Dingaan aan te val en hom veral vir die moorde op die onskuldige vrouens en kinders te straf.

In die begin van Desember trek daar 'n kommando onder Pretorius uit, 407 manne sterk; meer kon daar nie van die groot kamp weg nie. Hul trek met 57 waens, waarop hul kos en ammuniesie is. Soos dit skyn was daar nie vrouens by. Die stemming in hierdie kommando is baie ernstig, want die taak wat voor hul lê is groot. Dingaan sy resimente tel wel 12,000 goed geoefende kaffers, wat pragtig gedril is, en wat nie as oorwonnene van die veld mag terugkeer nie. Die Boere voel, dat daar ontsaglik veel sal afhang van die uitslag van hul tog en besef ten volle, dat as die Here nie met hul is, die gevaar vir 'n nederlaag groot is. Hul is vroom manne en elke aand hou die kommando godsdiens, en smeek die Here, om Sy hulp. Hy moet hul die oorwinning gee.

Pretorius spreek die gedagte uit, dat as hul Dingaan oorwin, die dag waarop dit geskied, in die toe-

koms aan die Here as 'n dankdag moet gewy word, van die een geslag tot die ander.

Ja, antwoord die vrome Cilliers, maar dan moet ons dit ook waarlik en in opregtheid hou, as ons dit eenmaal beloof het.

Dit is beter nie 'n gelofte te doen nie, dan een te doen, en dit nie te hou nie.

Op 7 Desember staan Cilliers op 'n kanonwa, en hou op versoek van Pretorius 'n diens, en hy sê daarby, dat as die Here hul help hul die dag van oorwinning vir altyd as 'n dankdag aan die Here moet heilig. Algar moet, so sê hy, met die Here in hierdie verbond tree, en as daar iemand in die laer is, wat dit nie wil doen nie, dan versoek hy, dat die persoon hom verwyder.

Niemand het egter weggegaan. Die Sondag daarop en ook elke aand word hierdie verbond in hul dienste vernuut. Dit laaste vermeld ek opsetlik, want anders kon ons wel meen, dat hul in 'n oomblik van moedeloosheid of van opwinding, slegs eenmaal die groot belofte, wat ons elke jaar nou nog betaal, gedoen het.

Op 11 Desember trek die laer na Buffelsrivier, en die Boere sien aan alles, dat die groot beslissing binnekort sal val. Daar trek rokies van die rantjies op, en dis 'n teken, dat Dingaan se kaffers aan mekaar laat weet, dat die Boere aan komme is. Maar die Boere weet nou self ook, dat hul moet klaar wees. Saterdag, 15 Desember, is die kaffers naby en vertoon hul gedurig in klompies. Cilliers wil met geweld hul aanval en verdryf, maar Pretorius weet, dat die kaffers dan sal maak asof hul vlug en hul so in 'n strik sal lei, soos die slim planne van Dingaan se voormanne van tevore ook was en wat al aan baie van hul mense die lewe gekos het. Die laer word nou op 'n mooi plek getrek by 'n kop, later Vegkop genoem, langs 'n lang seekoegat, net waar 'n diep sloot in die rivier in gaan. Die laer staan dus in 'n hoek. Van twee kante kan die vyand hul nou slegs aanval, want die droë sloot was baie steil en diep, en van die kant kon die kaffer dus nie kom nie, en die diep seekoegat van Buffelsrivier het hul aan die ander kant weer beveilig.

Die waens is in 'n vierkant getrek van 200 voet lang en breed en die openings is met doringtakke toegemaak, en die waens se wiele met rieme aan mekaar vasgebind. Binne die ruimte was die stryders en ook 800 osse en perde. Die kon hul nie buite laat bly nie, want dan sou die kaffers hul wegsteel. Laat ek hier sê, dat Dingaan self nie daar by sy kaffers was nie.

So breek toe Sondag, 16 Desember, aan en vroeg met dagbreek storm die duisende kaffers onder aanhef van 'n woes geskree die laer. Hul gooi met hul kort, skerp assegaaie en skiet ook met 'n weinig roers, maar die geluk was, dat hul te hoog korrel en dus te hoog en te ver skiet. Die geskree was ontsettend, sodat die lug dreun. Hul was 10 of 12 duisend in getal, en die aanval was gedug en verskriklik. Dingaan het sy soldate geleer, dat hul in 'n geveg nie as verslagene mag omdraai nie. Wat van hul aanval, moet oorwin of sterf. Vier male val hul aan en kom by die waens, maar viermaal word hul teruggeskiet. Toe gebeur daar iets, wat die oorsaak van 'n groot ramp kon gewees het. Deur die skiet en die woes geskree van die kaffers het die osse onrustig geword, probeer uit uit die kraal van waens te breek. Was hul dit geluk, dan was die vernietiging van die hele laer so goed as seker gewees. Nou hoor die Boere, hoe die kaffershoofmanne vir die vyfdemaal die resimente aandryf, en hul kom daarop en storm teen die waens op soos die woeste bare van die see op die kliprotse van die strand. Die osse kom tot rus, en die kaffers kan die laer nie inkom nie. Hul weifel; hul kyk rond, hul trek al, en hul neem die vlug.

Nou bars die Boere uit hul waburg uit, en set die kaffers agterna, maar hul vergeet darem nie, dat die sloot langs die waens vol van vyande is, wat daar wag vir 'n kans, om uit te klim vir 'n aanval. 'n Klein kanon word op hul gerig, en die slagting aldaar was so vreeslik, dat mens huiwerig is, om dit te vertel. Die bloed het letterlik in klein stroompies weggeloop in die rivier, vandaar dat die Buffelsrivier van dié dag af die naam gekry het van Bloedrivier. Voor ag uur in die môre was die stryd al beslis, en lê daar rondom die laer 3,000 kaffers. Van die Boere is nie een geval nie. Net Pretorius was lig aan sy hand gewond.

Die dankbaarheid aan die Here was groot. Nie in eie krag, maar deur Gods genade had hul oorwin. O hul voel dit, dat as hul daardie slag verloor had, hulself nie alleen algar sou omgekom het, maar dan was daar dadelik ook 'n aanval gewees op die kamp, waar die ganse trek met vrouens en kinders geleër was. En wat 'n dood sou hul nie gesterf het nie. 'n Martelisasie met ontering aan die liggaam daarby.

Dat daar dus vurige dankgebede tot die Here opgesend is, kan ons verstaan. Die vyand sy mag was, indien nie geheel, dan tog vir 'n goed deel gebreek.

Maar wat het van Dingaan geword? vra die jonge leser. Die kommando van Pretorius het die kaffers dadelik gaan agtervolg en na drie dae het hul by die stad van Dingaan gekom, maar die koning had self reeds sy groot kraal van 1,700 hutte in brand laat steek, en is met sy mense die bosagtige wêreld daar in gevlug. Hartroerend was dit vir die kommando, om die half-vergane lyke van Retief en sy maats op die koppie te vind, blootgestel aan weer en wind. Met stille erns het hul dadelik die oorblyfsels van hul vermoorde broeders so goed hul kon begrawe.

Kort daarna het die Boere nog 'n harde geveg van 7 ure lang met hierdie Soeloes gehad, maar Dingaan kon sy krygsmanne, waar al so baie van geval was, nie meer met die ou moed van voorheen besiel nie. Hul moes die veld aan die Boere laat. In Januarie 1839 is die kommando van Pretorius na die kamp terug, waar hul met 6,000 beeste as buit aangekom het, en hartlik ontvang is deur die wagtende vrouens en kinders en diegene, wat die kamp moes beskerm.

Die 16de Desember 1838 was die groot dag van verlossing vir die trekkers. Die dag waarop die krag van die moordenaar en tiran Dingaan gebreek is, en waarop die Afrikaner voortrekker kon begin vry asem te haal. Dit was die dag, waarop die Here verlossing gegee het, en daarom word die dag nog as 'n dankdag geheilig, om also trou te wees aan die gelofte van die vrome vaders.

T. H.

C., 14 Nov. 1925.

---

**DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGFONDS.**

**WAT ANDER DOEN.**

Verantwoord in Die Kerkblad, 3 Nov. 1925, £869 1s. 1d. Verder met dank ontvang: Van Piet Retief, Tvl., 10/-; gemeente Bethlehem, £2 2s.; gemeente Be-

thulie, £21 15s. 6d.; br. J. Wiechers, 10/-; gemeente Ladybrand, £2 13s. 5d.; Dorkas Ver., Aliwal-Noord, £10; br. J. P. Aucamp, Barkly-Wes, 15/-; br. J. J. Henning en 13 Skoolkinders, £8 0s. 6d.: 'n Vrind, Bloemfontein, 5/-; die Pitsing, £1 2s. 3d.; Geref Vroue Ver., Fauresmith, £2; tesame, £49 13s. 8d. Totaal tot op datum, £918 14s. 9d.

Wie hierdie bostaande syfers nasien sal merk dat daar weer 'n paar baie mooi bydrae is. Dit lyk asof in sommige gevalle gewerk word met lus en ywer. In ander gevalle kry 'n mens die indruk dat die betrekke kerkraad bly is dat die "kerkdeur-kollekte" nou tog weer agter die rug is!

Vir ander onderwysers wil ek net wys op die bydraag van £8 0s. 6d., wat deur 'n plaasonderwyser van ons kerk ingesamel is, met behulp van 13 skoolkinders van tussen die 7 en 13 jaar oud.

Gaan daardie kinders wat gehelp het met die fonds nie l e w e n d i g belangstel in die Afrikaanse Bybel nie? Gaan hulle medewerking nie nog hulle geestelike lewe later verryk nie?

C. W. M. TOIT.

11 Waverley-Weg, Bloemfontein,
24 November 1925.

## GEBOORTEBERIG.

VAN DER WALT.—Aan mnr. en mevr. N. van der Walt, Kaapstad, op die 21ste November, 'n flinke seun. Moeder en seun wel.

## HUWELIK.

VAN DER WALT—SPOELSTRA.—Aan famielie en vriende van wie die adres onseker of onbekend is, word langs hierdie weg die huwelik van Hester v.d. Walt (Uitschot, Vermaas) en ds. T. T. Spoelstra (Johannesburg) bekend gemaak, wat (D.V.) sal plaasvind te Uitschot die 15de Desember om 9.30 v.m.

## DOODBERIG.

BUYS.—Op die 4de Oktober is sag en kalm skielik en onverwags van ons weggeneem deur die dood, ons teergeliefde jongste dogtertjie

**Ester Buys,**

in die ouderdom van 7 maande. Ons treur maar nie as diegene wat geen hoop het nie, ons is verseker dat sy die ewige rus ingegaan is.

Ons berus in die wil van die Here.

Die bedroefde ouers en kinders,
A. J. en I. W. BUYS (Labuscagne).

Plaatfontein, Steynsburg,
24 November 1925.

## DOODBERIG.

SNYMAN.—Op die 9de November te Longlands, sag en kalm ontslape na 'n langdurige lye in die volle hoop van die ewige lewe,

**Levina Chatherina Magdalena Snyman (geb. Vorster),**

weduwee van wyle Jan Hendrik Snyman, in die ouderdom van 73 jaar.

Namens die famielie,
H. J. STRYDOM, JR.

## DOODBERIG.

COETZER.—Dit het die Here van hemel en aarde behaag deur die dood uit ons midde weg te neem, op Sondagaand, die 8ste November 1925, ons teerbeminde oue moeder,

**Maria Magdalena Johanna Coetzer (geb. Vorster),**

in die geseënde ouderdom van ruim 85 jaar, na 'n smartlike lyding van 3 maande, wat sy met die grootste geduld gedra het, nalatende 'n getal van 102 kinders, kleinkinders en agterkleinkinders nog in lewe. Haar lewe was in Kristus, haar sterwe haar gewin. Ek wil ook namens die famielie al die kinders en kleinkinders, waarvan sommige van ver moes kom, en ook al die vriende wat ons so trou bygestaan het gedurende die siekte, van harte dank.

Namens die treurende kinders,
J. A. COETZER.

Morokashoek, Thaba'Nchu,
19 November 1925.

## DOODBERIG.

VAN ZYL.—Die 19de November 1925 is vir ons 'n dag wat ons nie lig sal vergeet nie. Die môre om 3 uur is uit ons midde plotseling deur die dood weggeneem onse dierbare eggenote en moeder,

**Johanna Margaretha van Zyl (geb. v.d. Walt).**

Sy is in haar 63ste jaar heengegaan. Haar lewe was stil en in die vrees van die Here. Ons hoop op 'n salige weersien, vertrouende dat sy die rus is ingegaan, wat daar oorbly vir die volk van God.

Die bedroefde eggenoot:
F. VAN ZYL, Middelburg, K.P.,
Kinders en kleinkinders te Groenkloof, Philippolis:
K. VAN DER MERWE.
C. M. VAN DER MERWE.
J. M. VAN DER MERWE.
A. M. VAN DER MERWE.
C. M. VAN DER MERWE.
K. en A. J. VAN DER MERWE.

## DOODBERIG.

PRINSLOO.—Op 12 November 1925 is sag en kalm in die Here ontslape my teergeliefde eggenoot en die kinders se sorgsame vader,

**Willem Petrus Prinsloo,**

in die geseënde ouderdom van 77 jaar en 10 maande en 15 dae na 'n siekte van meer dan drie jaar, waarvan die laaste 6 dae seer smartlik was. Sy plek is leeg en ons mis hom. Maar ons berus in die wil van die Heilige God, want wat Hy doen is goed en enkel majesteit.

Van harte word bedank ds. H. J. du Plessis en al die vrinde en vrindinne vir die besoek en simpatie in ons verlies.

Bedroefde eggenote en kinders,
CORNELIA PRINSLOO.
JAGUM en MOLLIE PRINSLOO.
LOUW en STIENA PRINSLOO.
LOUW en BELLIE MEYER.

Boschpoort, Argent,
Distrik Pretoria.

**DOODBERIG.**

PELSER.—Aan bloedverwante en vrinde word berig die dood van my onvergeetlike man,

**Casper Jan Hendrik Pelser,**

oud 63 jaar 1 maand 27 dae. Ons het 41 jaar soet saamgelewe. Sy lyde was die laaste dae baie smartlik. Op 15 November om 11.20 v.m. op Sondag het die dood 'n end aan die lyding gemaak. Hy was van die stille in die land. Sy begeerte was om begrawe te word by die kleine Kotzé, seuntjie van mnr. en mev. N. J. Pelser. Ek dank almal wat my gehelp en gesteun het gedurende die siekte. My besondere dank aan mnr. en mevr. N. J. Pelser, veral mevr. Pelser, wat onvermoeid my gehelp en gesteun het. Dit was asof die oorledene op haar 'n besondere keuse gehad het.

Ek berus in die wil van die Here.

Die bedroefde eggenote,
HESTER FRANSINA GERTRUIDA ABRAMA PELSER (geb. Pelser).

Kromdraai, P.K. Lower Pitsing,
Maclear, 18/11/25.

---

**IN MEMORIAM.**

BREED.—Die dood van oom Nicolaas Breed verdien spesiale vermelding, aangesien hy 'n uitstaande figuur was in onse kerklike lewe te Ficksburg. Ook in die moedergemeente Ladybrand, waar oom Nicolaas jarelang bekend was, het sy doodstyding treurnis en weemoed veroorsaak onder die wat die ou vader van naby geken het.

In hierdie oostelike geweste is die Breed-famielie wyd bekend en vorm 'n prominente deel van die gemeente Ficksburg. Van die stambroers Dirk, Nicolaas, David en Jan lewe nog net oom Dawid in Bethulie. Nicolaas en Jan het nou kort gelede die een na die ander binne 'n paar weke gevolg na die ewigheid. Op Sondag, 1 November l.l. is oom Nicolaas Gerhardus Jacobus Breed oorlede op sy plaas Bosfontein in die ouderdom van 71 jaar en enige maande, nalatende die weduwee met twee getroude kinders terwyl hulle altesaam 11 kinders in hulle lewe had. Die dood was dus geen onbekende in daardie huis.

Die ou broeder was 'n man van eienaardige stempel, baie gesellig, en 'n warme voorstander van sy kerk. Hy was "vrymoedig" in opregte sin. Had oom Nicolaas byv. iets op die hart dan sou hy sommer in middernag sy famielie of vriende wakker maak om eers te gesels. Almal het van oom Nicolaas gehou en hy word nou baie gemis in sy huis en kerk hier benede. Mag die jonggeslag veral daarop merk as die ou voorstanders so een na die ander wegval en hulle goeie voorbeeld waardiglik navolg! Mag die Here die weduwee en famielie rykelik vertroos en die slag ook heilig aan die gemeente.

Namens die Kerkraad van Ficksburg,
D. P. DU PLESSIS, Voors.
D. J. J. VILJOEN, Skrieba.

Nov., 1925.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

# F. W. GRAY,

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

**Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.**

**Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.**

***Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.***

**Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.**
**Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.**

**APPLIKASIES.**

Benodig Onderwyseres vir die Opleiding Skool, Steynsburg, moet gegradueer wees en Onderwys-sertifikaat besit.

Applikasies ingestuur te word aan—J. P. KRUGER, Bus 19, Steynsburg, nie later as 11 Desember, 1925.

**MATRONE: MEISIES HOSTEL, PRETORIA AFRIKAANSE HOëR SKOOL.**

Applikasies vir bogenoemde betrekking, met volle besonderhede (ouderdom, ondervinding, ens.) word gevra en moet die ondergetekende op of voor 15 Desember 1925 bereik. Begin salaris £96 per jaar met vrye inwoning. Voorkeur sal gegee word aan 'n ongetroude of weduwee.

Werksaamhede te begin op 15 Januarie, 1926.

A. LORENTZ, Sekretaris

Posbus 532,
Pretoria.

**TABAK.**

EERSTEKLAS KWALITEIT.

10 pond 12s. 6d.; 20 pond 22s. 6d.; 30 pond 31s.; 50 pond of meer 1s. per pond. Kontant of K.O.A. gelewer op my stasie.

Skryf aan J. M. ROETS,
P.K. Boschhoek, Rustenburg, Tvl

# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitruster Damesklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

# DIE CORONA DRAAGBARE


# SKRYFMASIEN

**Gemaak deur die Wereld se Oudste en Beste Skryfmasien Makers.**

Die „CORONA" is die erste Draagbare Model wat met die gewone Standaard Kantoormasien Gelyk Staan.

**Model Three**
**£15 0 0**

**Model New XC.**
**£17 10 0**




**Model Four**
**£21 0 0**

**DIE SKRIF IS SIGBAAR!**

**VERKRYBAAR BY**

## DIE VOLKSBLAD BOEKHANDEL

**130 MAITLANDSTRAAT**

BUS 325. — BFN. — FOON 849.

**AGENTE IN DIE VRYSTAAT VIR DIE „CORONA.'**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 570 | 22 DESEMBER 1925 | 26ste JAARGANG

### GEREFORMEERDE KERKVERBAND.

III.

Die posiesie is dus so dat Dr. Kuyper as deputaat van die Gereformeerde Kerke van Nederland hier eers in noue verbinding was met die Gereformeerde Kerk, waarby die vraag nie geopper is of die Gereformeerde Kerk wel Gereformeerd is nie, en tengevolge van hierdie noue verbinding en die woorde van Dr. K. op ons Sinode en onder die seringboom gespreck, het die voormanne van die Ned. Geref. Kerk daarin die betekenis gelê dat die deputaat van Nederland alleen die Geref. Kerk as die wettige voortsetting van die ou Gereformeerde Kerk en dus as die enige Gereformeerde Kerk erken het.

Daarop het Dr. K. geantwoord :—Nee, die indruk is verkeerd, ek erken julle ook as Gereformeerd, daarom is ek ook na julle afgevaardig, want kyk die Dortse Sinode het ook die Engelse Kerk op grond van sy belydenis in 1618-19 as Gereformeerd erken, en ons in Nederland het ook die Biskoplik Geref. Kerk van Hongarye as Gereformeerd erken. Die Gereformeerde Kerkverband kan dus ruim wees in sy Interkerklike betekenis.

Hoe staan ons Kerk teenoor hierdie Kerkverband? Eers moet ons nagaan ons verhouding tot die Interkerklike Verband buitelands. Ons het reeds verduidelik hoe ons Kerkverband het met die Gereformeerde Kerke in Nederland en met die Kristelik Geref. Kerk in Amerika. Hierdie verband is tot sover uitgeoefen deur korrespondensie, waarvoor ons Sinode sy deputate aangewys het.

Elke drie jaar rapporteer hierdie deputate oor die Kerkverband.

Tengevolge van hierdie Kerkverband het Dr. H. H. Kuyper as deputaat van die Gereformeerde Kerke in Nederland ons Sinode ontmoet en ons Kerke (gemeentes) besoek. Weens finansiële besware kon ons nog nie 'n deputaat stuur na Amerika of Nederland nie. Vir 'n tydjie gelede het Dr. S. O. Los en Dr. C. de Wet, wat toe altwee in Nederland was die Gereformeerde Sinode in Nederland ontmoet namens ons. Of daar 'n verslag van hierdie ontmoeting by ons Sinode ingedien is, weet ons nie.

Kan ons nou ook ander Kerke in hierdie verband insluit? Ja, seker. Die nouste verband bestaan tussen ons en genoemde Kerke, omdat ons een is in Belydenis, Diens, Tug en Kerkregering. Maar in Nederland bestaan ook nog die ou Kristelik Gereformeerde Kerk, van wie ons eientlik 'n dogter is.

Waarom sou ons met hierdie Kerk nie ook in verband staan nie? Behalwe hierdie Kerke is daar die Geref. Kerk in Amerika, die Geref. Kerk in Hongarye, en al wyk hierdie Kerke af van een of ander kenteken van die Gereformeerde beginsels, dan sou ons in die breë interkerklike betekenis ook aan 'n deputaat die opdrag kon gee om in geval van 'n besoek in daardie lande ook daardie Kerke te ontmoet.

Dan kan ons nog verder gaan en rekening hou met die Presbiteriaanse Kerk in Skotland. Dat ons in hierdie opsig nie bekrompe is nie, is reeds bewys in 1876.

In die Handelinge van ons Sinode van daardie jaar lees ons :—

"Art. 36. Ingevolge art. 30 dezer vergadering worden enige punten uit de „Minutes of the Conference of Delegates from Presbyterian Churches in various parts of the world" voorgelezen."

Art. 30 maak melding van 'n uitnodiging aan ons Sinode om verteenwoordig te wees op die Algemene Konsielie van Presbiteriaanse Kerke, wat gehou sou word op Edinburg in Skotland. Die volgende antwoord is deur ons Sinode op hierdie uitnodiging gestuur :—

"Reddersburg, Or. Vrystaat,
den 24sten Mei, 1876.

Aan den WelEerw. zeer gel. Heer,
Dr. W. G. Blaikie, Convenor of the General Presbyterian Council at Edinburgh in Schotland.

WelEerwaarde Heer!

De Synode van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, vergaderd den 8sten Mei 1876 en volgende dagen te Reddersburg Or. Vrijstaat, heeft met belangstelling kennis genomen van uwe uitnodiging tot "The General Presbyterian Council" en zoude ook gaarne eenen afgevaardigde gezonden hebben, maar de meeste stemmen vonden daarin nog bezwaar n.l. slechts in de onkosten. (Wij zijn nog maar eene jeugdige en zwakke kerk). Ter vergoeding dan van de afwezigheid van een afgevaardigde van onzentwege, heeft de Synode het ons opgedragen UEerw. te doen toekomen eene duidelike bekendstelling van onzen kerkeliken toestand met het vriendelik verzoek om ons alzo bij de General Presbyterian Assembly bekend te stellen." (Dan volg enige mededelinge) en die brief vervolg:—"Voor zooverre wij kunnen oordelen, juichen wij het oogmerk van ,,The General Presbyterian Council" toe en hebben onder Gods zegen daarvan grote verwachtingen. Onze Synode wenscht bij dezen ook gaarne hare adhaesie aan de goede bedoeling uit te drukken. En aangenaam zal het haar zijn, kennis van uwe verrichtingen te ontvangen.

Met toebidding van 's Heeren zegen,
Uwe Dw.d.,
Namens de Synode Voorn.

Hieruit blyk dan duidelik dat ons vaders nie bekrompe was nie, maar dat, waar hulle hul afgeskei het van die Kerke hier, hulle laat verstaan het dat die Geref. Kerk nie sektaries is nie, maar dat hulle die Gereformeerde Interkerklike Verband wou bewaar ook in die buiteland.

Hierdie Interkerklike verhouding van ons Kerk blyk ook duidelik uit die opelike verklaring, wat ons vaders opgestel het en wat nou nog op elke Sinode gelees en deur opstaan deur die Sinodale lede aanvaar word.

Daarin lees ons o.a. dit:—(De Synodale Vergadering) wenst met alle Kerken in dit werelddeel en in *andere landen*, die *hetzelfde* met haar belijden en betrachten, de innigste broederlike gemeenschap en korrespondentie te onderhouden."

J. P.

(Word vervolg).

## SKRIFOORDENKING.

### OU- EN NUWEJAAR.

### DIE RUS WAT OORBLY VIR GODS VOLK.

(Deur Ds. D. N. Kotzé.)

Lees:—Hebr. 4.
Teks:—Hebr. 4:9.

Baie gewaarwordings word daar in die arme sondaar wakker geroep as hy hoor van *rus*.

God self het op die sewende dag gerus van al Sy werk, wat Hy gemaak het. Die skeppingswerk was afgedoen, en die *Rusdag* het God geseën en geheilig.

Op die berg Sinaï het God Sy heilige wet aan Moses gegee. Daarin beveel Hy ook Sy volk om te rus op die sewende dag. In die vierde gebod sê Hy: "Gedenkt aan de Sabbatdag dat gy die heiligt . . . ." En onder die Nuwe Bedeling is die dag van die opstanding van ons Here Jesus, die *dag van die Here*, dit is, die eerste dag van die week, ons Rusdag.

Vir Israël was daar egter nog 'n ander *rus*. In Egipte is die volk onderdruk. Hy moes swoeg en sweet onder sy slawejuk. Die volk was daar in diensbaarheid. En vreeslik vermoeiend was die swerftogte in die woestyn veertig jaar lank, totdat Josua (redder, verlosser—hy word hier in vers 8 genoem "Jesus") hulle gebring het in die rus, die land van die belofte, die land vloeiende van melk en heuning.

Maar dit moes vir die volk nie die hoogste rus wees nie. Behalwe die rus op die Rusdag en die rus in die land Kanaan, sê die heilige skrywer aan die Hebreën hier, is daar nog 'n ander rus: "Daar blijft dan 'n rust over voor 't volk Gods." Dit is die ware rus, waarvan die rus op die Rusdag en die rus in Kanaan, net 'n afskaduwing moes wees. Dit is *die rus*, waar Gods volk ingebring word deur ons *Josua*, ons Heiland en Saligmaker, Jesus Kristus.

Vertroostend is hierdie gedagte as ons dink aan al die onrus van ons lewe, wat maar kortstondig is, en haastig verby snel.

'n Jaar is weer verby. Sondag die 27e is die laaste Rusdag van hierdie jaar. Dit was vir ons 'n jaar van seëninge. Maar as ons daarby dink aan al die skommelinge van die wereld, aan die beroering onder die volkere en aan al die gevolge van die sonde in die lewe, dan moet ons sê "dit was ook 'n jaar van *onrus*, en verlangend sien ons uit na die

*Ware Rus,*

waarby u aandag bepaal word.

Twee punte vra u aandag:

I.—*Waar* is die rus?

II.—*Wie* gaan die rus in?

I.—Waar is die rus?

Ons lewe is vol onrus en tereg sê Job: "Die mens, van 'n vrouw geboren, is kort van dagen, en zat van onrust" (14:1).

Hoeveel onrus word daar gely deur allerlei siektes en kwale! Daar is maar min mense, wat gesond is. Baie van die, wat ons so ontmoet en vir ons gesond lyk, het een of ander kwaal. En hoeveel smarte en pyne word daar verder gely deur kranke in siekekamers en hospitale! Baie is hulle hele lewe lank siek, en weet nie wat dit beteken om gesond te wees nie. Sommige het ongeneeslike kwale. Ander weer het vreeslike pyne, wat hulle moet uithou. Voeg hierby die armoede waarin baie van die kranke bowendien nog verkeer. Hoeveel duisende is daar, wat die warm dae in die somer moet deurmaak in 'n benoude kamertjie, en in die winter het hulle weer die bytende koue. Gebrek is daar aan die nodige verwarming, spyse en medisyne.

Daar is verder die onrus van die siel. Daar is 'n menigte wense, wat in 'n mens se siel opkom en mekaar verdring. Onrus is daar in die gemoed by die vele teenhede van die lewe. Daar is skuldbesef en 'n gewete, wat ons wroeg. Dikwels is die arme sondaar beangs en gejaag. Geen wonder is dit, dat Jakob vir Farao sê: "Weinig en kwaad zijn de dagen der jaren mijns levens geweest" (Gen. 47:9) en dat Job uitroep: "Heeft niet de mens 'n strijd op aarde, en zijn zijn dagen niet als de dagen des dagloners?"

Onrus is daar verder in die familielewe. In baie families wil elkeen sy eie wil volg. So'n huis is op sand gebou. Die grondslae staan nie op 'n vaste rots nie. Dit veroorsaak veel kommer en sorg. Rus en vrede is daar in so'n huis nie. Met droefheid is dit wat Jakob so ver kom om te sê: "Jozef is er niet, en Simeon is er niet; nu zult gy Benjamin wegnemen! al deze dingen zijn tegen mij!"

Onrus is daar ook onder die volke, onstuimige gejaagdheid na nuwe wette en verordeninge en na nuwe ontwikkelinge in die kultuurwereld. En dan is daar verder nog die onrus, wat heers deur die ontevredenheid van die onderdane. Pas is daar 'n nuwe regering aan die bewind, dan verneem ons, dat sy val al weer aangekondig word. Daar is verder die naywer tussen die volke onderling en 'n gedurige vyandskap. Die gebou van die volkewereld word geskud sodat hy beef tot sy fondamente toe.

Troosteloos is dit vir die arme sondaar wat lewe hier op aarde. Sonder God, sonder Kristus, sonder 'n hoop op saligheid. In die Paradys was daar ongestoorde geluk. Maar die mens is uit die Paradys verdryf. Sy adel is hy kwyt en hy sit op die puinhope van 'n verlore Paradys. Soos 'n balling swerf en dool hy hier in 'n oord van vervloeking.

En is daar êrens 'n plek om te rus? Daar is duisende, wat nog die rus hier op aarde soek. Van Kaïn lees ons, dat hy vir homself 'n stad, 'n sterkte gebou het. Dit is seker nie sonde om 'n stad te bou nie. Maar dit was dwaasheid en sonde van Kaïn om hom met al sy kragte op die aarde te werp en sy geluksaligheid van die aarde te verwag. Die drie seuns van Kaïn, Jabal, Jubal, en Tubal-Kaïn het hulle verder toegelê op die kultuur om hulle gelukkig te maak. Jabal het tente gemaak om lekker warm te sit as dit daar buite baie koud is en reën, Jubal het musiekinstrumente gemaak om die lewe weer op te vrolik, en Tubal-Kaïn het swaarde gemaak om homself te verdedig.

Baie soek na rykdomme om gelukkig te wees. Die ryk dwaas, sê ons Here Jesus, het baie goed bymekaar gemaak en toe gesê: "Ziel, gij hebt vele goederen, die opgelegd zyn voor vele jaren, neem rust, eet, drink, wees vrolik." Maar God sê vir hom: "Gy dwaas." En daar is nou in ons tyd veral soveel duisende, wat die mammon aanbid om gelukkig te wees.

Op alle maniere word na vrede en rus gesoek. Daar is 'n gejaagdheid na die genietinge van die lewe, na ere, na aansien, en na goud.

En gee dit vrede en rus? Nee, as iemand meen, dat hy die rus gekry het dan is die onrus weer by, 'n uitwendige verstoring. Sy medemense maak in hom die lewe bitter en onaangenaam en sy geluk is weg; of die Here besoek hom met krankte en dood, of daar kom onrus in sy hart of soos 'n droom is sy rus weer verby.

Die aarde kan 'n mens tog nie rus gee nie. As mens 'n kranke op 'n lekker verebed plaas dan is hy daardeur nog nie van sy siekte genees nie

*Is daar dan rus in die graf?*

Dit is seker vertroostend vir die arme pel-

grim, dat hy na 'n vermoeiende tog tot rus kom in die graf, waar dit stil is. As die deur van die graf agter hom gesluit is, dan is hy ook afgesluit van die gewoel van die wêreld met sy sorgvuldighede. En dit is genade wat God aan ons geslag bewys dat ons liggame nie oor die aarde verstrooi word om deur die gediertes van die veld verteer te word nie.

Maar tog is die graf ook nie die ware rusplek nie. Dit bly darem maar 'n vernedering vir die sondaar, dat hy moet begrawe word. "Stof zjit gij en tot stof zult gij wederkeren," sê die Here, en die aarde maak sy mond vir die sondaar oop om hom in sy ingewand op te neem en te verteer. Daar is hy in die gevangenis. Dit is 'n groewe van vertering. Ons begrafenis is vir ons so'n diep vernedering. Die ware rus is dit nie.

Die *ware rus* is by God, en kan alleen verkry word as daar versoening is met Hom.

O, wat kan dit onstuimig word in die gemoed van die arme deur sonde voortgedrewe sondaar! As Gods gees hom aangryp en hy kry 'n blik in sy eie sondige hart dan word hy benoud. Sy gewete wroeg. Hy word gefolter. Sy bedstede word deurnat met trane. Hy wil vlug maar kan nêrens heen ontkom nie. Tot die berge en heuwels roep hy om op hom te val, maar tevergeefs.

Maar daar is skuldvergewing, want Kristus Jesus het al ons krankhede op Hom geneem. Hy was die Man van Smarte. Hy het die smarteweg bewandel. In Getsemane het hy bloeddruppels gesweet. Op Golgota het Hy uitgeroep: "Myn God, Myn God, waarom hebt Gy my verlaten?" Hoor hoe die digter die lyding van hierdie lydende Kneg besing:

"'k Denk aan U, o God, in 't klagen
Uit de landstreek der Jordaan,
Van mijn leed doe ik Hermon wagen
'k Roep van 't klein gebergt' U aan."

Sy lyding was plaasbekledend. "De straf die ons de vrede aanbrengt was op Hem, en door Zijn striemen is ons genezing geworden."

Deur Sy verdienste is daar skuldvergewing. En as die sondaar belydenis doen, dan is hy met sy God versoen. Daar kom vrede in sy binnenste, sabbatstilte in sy gemoed. Hy verkry die vrede waarvan Jesus gespreek het met Sy heengaan: "Vrede laat Ik u, Mijn vrede geef Ik u; niet gelijkerwijs de wereld hem geeft, geef Ik hem u. Uw hart worde niet ontroerd en zijt niet versaagd." Dan weet die sondaar hom veilig in nood en dood. Die verskrikking ook van die graf verdwyn en met die digter kan hy sing:

"In de grooste smarten,
Blijven onze harten,
In de Heer gerust."

Dit is die ewige Sabbat, wat dan in hierdie lewe aanvang. Aanvanklik gaan die met God versoende sondaar dan die rus in. "Komt tot Mij allen die vermoeid en belast zjit en Ik zal u rust geven," sê ons Here Jesus.

Maar hierdie rus is maar net die aanvang en 'n flou voorsmaak van die volle rus, waar die siel van die verloste ingaan na die dood. Die ewige rus in die Paradys, waarvan Jesus spreek. Dit is Abrahams skoot. Dit is die derde hemel waarvan Poulus spreek. Ons Here Jesus noem dit die Vaderhuis.

Dit is saligheid vir die siel, maar nog nie die volle heerlikheid nie. Die volle heerlikheid, die volle rus breek eenmaal aan na die wederkoms. Ons verwag na die belofte van Sy Woord 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. "Die overwint, Ik zal hem geven te eten van de boom des levens, die in het midden van het Paradys Gods is."

II.—Wie gaan die *Rus* in?

Die skrywer sê hier, dat die rus is "voor het volk Gods."

Gods volk.—Wie is dit? Is dit almal vir wie die Here gesê het: "Stof zijt gij en gij zult tot stof wederkeren." Ongetwyfeld nie, want ons Here Jesus sê: "Gaat in door de enge poort, want wyd is de poort en breed is de weg, die tot het verderf leidt, en velen zijn er, die door dezelve ingaan; want de poort is eng, en de weg is nauw, die tot het leven leidt, en weinigen zijn er die dezelve vinden." (Mat. 7:13,14). Nie alle mense word salig nie.

Bedoel die skrywer hier met "het volk Gods" miskien net die Israëliete? Dit kan nie wees nie. Nie alle Israëliete word salig nie en die saligheid is ook nie net vir die Jode nie. Jesus sê: "Doch Ik zeg u, dat velen zullen komen van Oosten en Westen, en zullen met Abraham, en Izak, en Jakob aanzitten in het Koninkrijk der Hemelen; en de kinderen des Koninkryks zullen uitgeworpen worden in de buitenste duisternis." (Matt. 8:11, 12).

*Gods volk* is diegene, wat die Here in Sy Verbond opgeneem het, en almal, wat ware verbondskindere is, gaan eenmaal die rus in.

En vertroostend is die gedagte, dat die Here

ons alleen uit genade trek uit die duisternis tot Sy wonderbaar lig; en as ons waarlik verbondskindere is kan ons nooit verlore gaan nie. Dan weet ons seker, dat die Here ons nie sal verstoot nie. Ons Here Jesus self sê: "Ik geef hun nu het eeuwige leven, en zij zullen niet verloren gaan, en niemand zal dezelve uit mijn hand rukken."

Ons verblyf hier op aarde is dus nie vir ewig nie. Net soos die Israëliete reisigers was deur die woestyn na die rus van die land Kanaan, so is ook ons reisigers na die ewige rus. Ons soek na 'n beter stad, die stad wat fondamente het, waarvan die Kunstenaar en Boumeester onse God is.

En soos daar vir Israël versoekings, vermoeienisse en ontberings was op sy tog na Kanaan, so is ook Gods volk elke dag in gevaar. Dikwels lê daar voor ons 'n Rooisee van moeilikhede en rampe, wat met sy golwe slaan. Ons het ons Maras, die bitterhede van die lewe. Daar is verder die vurige slange van ons sonde.

En laat ons, soos die skrywer sy lesers hier vermaan, ons benaarstig om die rus in te gaan. Baie van die Israëliete, wat uit Egipte getrek het, het nooit Kanaan binne gegaan nie. Dat hulle daar nie ingegaan het nie is alleen om hulle geloof. En laat ons in geloofsgehoorsaamheid ons Josua, ons Heiland en Saligmaker volg. "Want wij die geloofd hebben gaan in de rust." (vs. 3) sê die skrywer.

Laat ons dan deur die genade van die Here die sondes aflê.

As ons dink om die jaar, wat weer verby is, dan moet ons belydenis doen, dat ons ons dikwels besondig het. Daar is die sondes van gedagte, woorde en werke. Wie kan die sondes tel? Ag, ons staan skuldig voor die aangesig van die Here! Laat ons voor die Here ootmoedig belydenis doen van ons sonde. "Heden," sê die skrywer, "indien gij Zijn stem hoort, zo verhardt uw harten niet."

En laat ons, soos Israël deur die woestyn, deur Gods genade toegerus wees vir ons tog. In die eerste plek mag by ons nie ontbreek nie die staf van ons geloof en ons gelowig gebed. Wonderlik word ons op ons weg voortgehelp solank as ons op die Here vertrou en met biddend opsien tot God, Hom om Sy genade aanroep.

Laat ons verder die Here smeek om die Lig van Sy Woord, wat vir ons 'n lamp is voor ons voet en 'n lig op ons pad om op ons tog, die donkere vir ons op te klaar.

En as ons eenmaal op die end van ons reis kom, dan kom ons voor *ons* Jordaan, die dood. As Israël voor die Jordaan kom dan gaan die priesters met die ark die water in. En wonderlik, dit is of selfs die onbesielde skepping eerbied het vir Gods heilige ark! want die water word gekloof, sodat die volk droogvoets deur trek.

En as ons voor ons Jordaan, die dood, kom, hoe vreeslik is dit vir ons om daar in te gaan!

Daar is vir ons egter ook 'n vertroosting. In die Jordaan van die dood staan die Kruispaal van Jesus Kristus. Hy is ons ark, en as ons op hom sien, dan word vir ons die water van die doodsrivier gekloof. Die verskrikking van die dood word vir ons weg geneem en veilig gaan ons deur, die enige rus in.

Daar is nie meer trane nie, gaan rou, geen gekryt, ook nie meer moeite nie. Dit is die ewige vreugde van die Here.

En mog die Here ons bekwaam maak om getrou te wees in ons stryd, sodat ons eenmaal mag verneem die verblydende woord: "Goede en getrouwe dienstknecht, ga in in de vreugde uws Heren."

AMEN.

---

## KERSFEES.

### KRISTUS, ONSE LOSSER EN BLOEDWREKER.

(Deur Ds. J. V. Coetzee).

Ps. 98:2; 72:4; 72:7; Lotsang van Sagarias vs. 1.

Lees:—Joh. 1:1—14.

Teks:—Joh. 1:14a:—En het Woord is vlees geworden.

Wat wil die evangelis hiermee aan ons sê as hy vir ons die evangelie bring:—Die Woord, die ongeskape, ewige Woord van God, Wat in die begin by God en Self God was, het vlees geword?

Is dit nie asof hy vir ons daarmee wil sê:—Kyk, o mens, verlore in sonde en misdade, banneling in Gods skepping, God Self, die ewige God, is u Bloedverwant, u naaste Familielid geword? Hy is geword vlees van u vlees en been van u gebeente. Hy het tot u gekom, o sondaar, en Hy is nie 'n vreemdeling of geweldenaar nie, maar Hy, Wat u kom opsoek het, staan tot u in *bloedbetrekking*. Hy is innig aan u verbonde. Hy is u naaste Bloedverwant.

Die Woord het vlees geword—dis duidelik dat Johannes bedoel om ons daarmee te laat verstaan die innige bloedbetrekking wat daar gekom het tussen die Kristus Gods en die sondaar, verlore in sonde en ellende.

Ons, sondige mense, is gewoon om ons te

skaam vir 'n verarmde, of gesonke en diepvervalle bloedverwant. Ons probeer om dit te laat voorkom of ons hom of haar nie ken nie.

Die Woord het vlees geword—daarmee sê Johannes:—Kyk, o mens, gesonke in skande en versmading, die ewige God Self het tot u in bloedbetrekking getree, en Hy laat u dit verkondig. Hy skaam Homself nie om u naaste Bloedverwant te wees. Ja, Hy skaam Homself nie om u broeder te noem nie.

Kristus, onse naaste Bloedverwant en Familielid—dit is die Evangelie wat Johannes ons bring.

Daarmee het Kristus vir ons 'n drievoudige betekenis:—

1. Hy is die Losser van onse Erfenis;
2. Hy is die Vrymaker van onse persoon;
3. Hy is die Wreker van onse bloed

1. *Hy is die Losser van onse Erfenis.*

Onder Israel het die gebruik bestaan van die Goël—die Losser en Bloedwreker.

'n Israeliet kon sy voorvaderlike erfenis nie virgoed vervreem nie. Onder die Wet van Moses was die land uitgedeel aan die stamme, in sekere geslagte. En van kind tot kind moes die erfenis oorgaan en die eiendom bly van die oorspronklike familie. Dit was, wat ons sou noem, 'n ewigdurende erfpag.

As 'n Israeliet verarm het en daardeur gedwing was om sy erfenis te verkoop, of 'n deel daarvan, dan moes die naaste familielid, wat daartoe instaat is, optree om die erfenis te los uit die hand van die vreemdelinge. Hy is die Goël genoem. En sy plig was om die skuldsom af te doen, sodat die voorvaderlike erfenis nie verval in die hande van vreemdelinge nie. Die Goël het dan die erfenis in besit gehou tot op die Jubeljaar, maar dan, as die geklank van die silwertrompette die koms van die Jubeljaar aankondig, het die erfenis teruggeval op die oorspronklike eienaar of sy erfgename.

Die doel van hierdie verordening van die Mosaiese wet is duidelik. Moses het geweet dat die grondbesitters die ruggraat van die volk is. Daarom het hy daarvoor gewaak dat die grond die eiendom van Israel sou bly. Hy het dit wettelik onmoontlik gemaak vir 'n Israeliet om sy grond self te verkoop. Al wat hy kon verkoop, was die vruggebruik van sy grond vir 'n bepaalde tyd—iets wat seker ook wel in aanmerking geneem is by die vasstelling van die koopprys. In vyftig jaar tyds, op sy meeste, moes die grond terugval aan sy oorspronklike besitters of hulle erfgename. Dog Moses het ook gewaak dat die vruggebruik van die grond soveel moontlik in Israelietiese hande sou bly, om te voorkom dat die vreemdeling onder Israel magtig en sterk sou word en die krag van die volk sou verteer. Vandaar die gebruik van die Goël en die wettelike verordening wat dit vir 'n Israeliet verpligtend gemaak het om die erfenis van 'n verarmde bloedverwant te los, om op die manier die grond weg te hou uit die hande van vreemdelinge. Die Israeliet wat dan ook geweier het om vir sy broer as losser op te tree, is gebrandmerk geword deur hom die skoen uit te trek, hom in die aangesig te spoeg, en voortaan hom en sy huis te noem:—Die huis van die Kaalvoet rondloper, (Deut. 25:5—10).

Hierdie ou Israelietiese gebruik het simbolies-profetiese betekenis.

*Daar het 'n erfenis uit hande geraak*, met die sondeval in die Paradys. Die mens was deur God geskape, goed en opreg, opdat hy heerskappy sou hê oor die werke van Gods hande. God het die mens beklee met heerlikheid en eer en het hom gestel *tot 'n erfgenaam van alle dinge.* God het hom 'n skone erfenis toegewys. Die snoere het hom in lieflike plekke geval en 'n skone erfenis het sy deel geword. God het hom ryk gemaak en het hom met eer en heerlikheid gekroon, en hom beklee met die regering oor Sy ganse skepping.

Deur sy sonde het die mens daardie heerlike erfenis verloor. Hy het verval tot armoede en skande. Hy het die erfenis deur sy sonde vervreem, omdat hy die voorwaardes, waarop God hom tot erfgenaam gemaak het, geskend het. Alles was syne. Maar deur sy sonde het die mens die erfenis in hande gespeel van die groot Vreemdeling en Teëstander, Satan. Die skone erfenis het Satans ryksgebied geword, en die mens het geword 'n slaaf van Satan en die sonde. Deur die sonde van die mens, en om synentwille is die ganse skepping onderworpe aan die vloek en die diensbaarheid van die verderfenis. Ja, die ganse skepsel het tesame gaan sug in die diensbaarheid van die vloek, die sonde en die ydelheid (Rom. 8) toe dit deur die mens in Satans hand oorgedra is en Satan en sy slangesaad daarvan besit gaan neem het.

En as Johannes dit nou aankondig: "Die Woord het vlees geword" dan beteken dit:—Kyk, o mens, onterfde erfgenaam, vervalle tot armoede, slawerny en skande, daar is u naaste Familielid; daar is u naaste Bloedverwant. Daar

het 'n Goël gekom—'n Losser van Adams erfenis. Hy het gekom om Sy lossersreg uit te oefen en u erfenis terug te koop uit die hand van die vreemdeling en indringer. Daar is 'n Goël wat die losprys gee vir u erfgoed—nie goud of silwer, of vergankelike dinge nie, maar sy dierbaar bloed. Hy hou die erfenis vir u in pand en as eenmaal die engelbasuin gehoor sal word, wat die koms aankondig van die groot Jubeljaar van die ewigheid, dan sal gans die skepping, u erfenis, tot u terugkom, vrygemaak uit die diensbaarheid van die verderfenis tot die vryheid van die heerlikheid van die kindere Gods.

Ja, die Woord het vlees geword. En daarin lê die profesie van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, wat deur die sagmoedige Godsvolk geërf sal word.

2. *Hy is die Vrymaker van onse persoon.*

Die Goël, of naaste Bloedverwant onder Israel, had egter nog 'n ander plig wat hy moes vervul. As 'n Israeliet verarm was, of in gebrek, dan kon hy homself verkoop aan sy skuldeiser om sy skuld te betaal of om die hongerdood te voorkom. Die skuldeiser kon 'n volksgenoot of 'n vreemdeling wees. Was die skuldeiser 'n volksgenoot, dan moes hy behandel word, nie as 'n slaaf, maar as 'n gehuurde arbeider—'n dagloner. En selfs van hierdie ligte diensbaarheid het hy losgekom met die groot Jubeljaar.

Maar die saak het anders te staan gekom as die skuldeiser 'n vreemdeling was. Dan het hy 'n slaaf geword, en het hy sy Israelietiese burgerskap verloor. Daarom het die wet van Moses bepaal dat in sodanige geval, om te voorkom dat 'n verarmde Israeliet die slaaf van 'n vreemdeling sou word, die naaste familielid sou optree as Goël van sy broer, om sy bloedverwant te los uit die hand van die vreemdeling. Dan moes die Goël sy lossersreg uitoefen deur die skuldsom as 'n losprys aan die skuldeiser af te doen.

Alleen dus in die geval van 'n Israeliet wat deur skuld die slaaf van 'n vreemdeling sou word, bepaal die wet dat die Goël sy broer sal los.

Die grond van hierdie verordening is duidelik. Solank as wat 'n Israeliet 'n landgenoot dien, het hy sy burgerskap behou en het hy geen regte en voorregte verloor. Hy het nog altyd 'n lid gebly van die Israelietiese staat en gemeente. Dit was dus nie nodig om vir hom bemiddelend op te tree. Maar as 'n vreemdeling die mag oor hom sou kry, dan was dit waarskynlik dat hy sy burgerskap sou verloor en so sy staat as 'n lid van die verkore volk en van die gemeente Gods. En Moses gaan uit van die beginsel dat geen man vir Israels volk en staat verlore moet gaan. Daarom moet sy bloedverwante optree om hom te los.

Ook hierin lê simboliek en profesie.

Nie alleen het die mens sy erfenis versondig en aan die groot Vreemdeling en Teëpartyder verpand, *maar ook hy self is 'n sondaar geword.* Ons is gans en al diensbaar, "verkoop onder die sonde." Onse vryheid is weg. Ons is in diens van die Satan, die sonde en ons eie vlees. Dis 'n smartelike slawerny. Slawebande knel ons, en hou ons gevange. Ons het onder vreemde heerskappy gekom. En die ellendigste van alles is dat ons onmagtig is om die boei te verbreek of self die losprys te gee vir onse vrylating, want —ja—die lossing van die siel uit die geweld van graf en hel is te kostelik en sal in ewigheid ophou (Ps. 49). Ons het onse burgerskap verloor en onse regte en voorregte as burgers van die Koninkryk Gods. Ons word gevange gehou onder die wil van harde meesters, en op onse vervreemde erfenis is ons ellendig—uitlandig—geword, slawe in ballingskap.

Tot ons, slawe, vervreem van die lewe Gods, vreemdelinge van die verbonde van die belofte en van die burgerskap van die koninkryk Gods, kom nou die Evangelie:—Die Woord het vlees geword. Die ewige God Self het vlees geword.

Daar het 'n magtige Familielid gekom. Daar het 'n sterke Bloedverwant gekom om onsentwille.

Hy het aangeneem Adams vlees en bloed. En Hy is die magtige Bloedvriend van Adams geslag. Hy is die Goël van Adams nakomelingskap, wat verkeer in slawerny, gevange gehou deur die Vreemdeling en Teëpartyder.

Die Woord het vlees geword—Hy het gekom, onse Bloedvriend, om Sy lossersreg, as onse Goël, uit te oefen.

Om ons in vryheid te stel. Om die losprys vir liggaam en siel te gee. Om ons te verlos, nie met silwer en goud, maar met Sy dierbaar bloed.

Opdat ons voortaan sou wandel in die vryheid waarmee Kristus ons vrygemaak het.

Opdat ons, verlos uit die hande van onse vyande, Hom sou dien sonder vrese.

'n Losprys vir Sy volksgenote, gevange in die slaafse boei van die sonde.

'n Losprys ook vir wie verkeer in die boei van graf en dood. Hy het gekom, die Goël, om te gee opening van die gevangenis. Om te verbind wat gebroke is van hart.

Om vir die gevangene vryheid uit te roep en vir die gebondene ontbinding van sy bande.

Om vir die treurige van Sion te beskik dat aan

hulle gegee sal word sieraad vir as, vreugdeolie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n benoude gees.

Opdat ons in die lewe en in sterwe deelagtig sal wees die troos dat ons met liggaam en siel eiendom is van onse Goël en Losser, Wat met Sy dierbaar bloed vir al onse sonde betaal en ons van alle geweld van die duiwel verlos het.

Die Woord het vlees geword—wat 'n Evangelie vir die vrymaking van onse persoon laat Johannes ons hier nie hoor nie!

3. *Hy is die Wreker van onse bloed.*

Nie alleen is die geslag van Adam verval van hulle erfenis; nie alleen is hy verkoop onder die sonde en 'n slaaf van Satan; maar hy is ook vermoor, geestelik vermoor deur die Vyand, wat 'n mensemoorder was van die begin af aan. Die mens is "dood" in sonde en misdade.

As daar onder Israel 'n moord plaasgevind het, dan was dit die plig van die naaste bloedverwant om die moordenaar te agtervolg en die gestorte bloed te wreek. Was die bloedverwante van die vermoorde persoon nie in die nabyheid nie, dan het geen vreemdeling die reg gehad om wraak op die moordenaar uit te oefen. Ongehinder kon die moordenaar dan vlug na die naaste vrystad, om daar 'n veilige toevlug te vind totdat hy voor die regter kon gebring word.

Is die bloedverwante egter naby en tyding van die moord bereik hulle, dan was die naaste bloedverwant wettelik verplig om die moordenaar te vervolg en die gestorte bloed te wreek. Haal hy hom in dan is dit hom nie vir bloedskuld gereken as hy die bloed stort van die vlugtende. "Oog om oog en tand om tand" was die wet van vergelding onder Israel, waarna die goël of bloedwreker gehandel het. En wee die moordenaar as hy voortvlugtig, deur die bloedwreker agterhaal word voordat hy nog 'n vrystad kon bereik. Sy misdaad is, sonder barmhartigheid, in bloed uitgewis.

Dit was 'n primitiewe vorm van regspleging, wat egter in daardie tyd noodsaaklik was. Daar was maar min regters. Hulle rondgang was moeilik. Hofsittinge op 'n plek het maar selde plaasgevind. En die sittinge van die gereelde howe is soms deur omstandighede, vir onbepaalde tyd vertraag. Die gebruik van die Goël of bloedwreker is deur die wet van Moses ingestel om te beantwoord aan die eise van daardie tyd. Hierdeur is die reg aan die moordenaar geoefen en is tewens verhinder dat daar 'n bloedtwis tussen families ontstaan. Dit het die wraaksug beperk. Want hoewel die wet bepaal het dat die bloedwreker moes optree, het dit tewens bepaal dat nie somaar iedereen, maar bepaaldelik die naaste bloedverwant, Goël moes wees.

Die Vreemdeling of Teëpartyder, aan wie ons onderworpe geword is, is tewens die groot Moordenaar. Hy was die Mensemoorder van die begin af aan. Hy is dit wat ons geestelik vermoor het. Want deur die sonde is ons "dood" in die sonde en misdade. Hy, die mensemoorder, is dit wat die bloed van onse siel gestort het wat roep om wraak tot God omhoog. Hy is dit wat ons tenslotte na siel en liggaam vermoor, in 'n ewige verderf. Hy is die groot sielsvyand.

En tot ons, vertree in onse bloed, deur Satan geskend en mishandel, kom daar nou die aankondiging:—Die Woord het vlees geword. En hierdie aankondiging sê vir ons:—

Daar is 'n Goël, wat u bloed wreek, o kind van God. Hy is vlees van u vlees en been van u gebeente. Hy is u naaste Bloedverwant.

Hy jaag die groot Sielsvyand agterna, en Hy het die groot Mensemoorder agterhaal om sy misdade en ongeregtighede aan hom te besoek. Hy wreek al die onreg en bitterheid wat Sy volk gely het onder die hande van Satan. Hy is die ware Vrouesaad, Wat slangkop vertree het en sal vertree.

Die Woord het vlees geword—dit is die magtige Evangelie, wat ons teëruis vanaf die heilige Bybelblad.

U het 'n magtige Bloedverwant, 'n Goël, 'n Bloedwreker, Broeder van Adams geslag, o kind van God.

Die handhawer van u reg, die Wreker van u onreg, is die Magtige Jakobs.

Wees nie vervaard en verskrik, o volk van God. Hy, Wat u tersy staan en u help, is die ewige God!

Wees nie versaag, o wormpje Jakobs, die Here is u Helper.

Laat nie moedeloos die hoof hang, o Kerk van Kristus Jesus, U Verlosser is sterk, die Heilige Israels.

Laat u martelaars dan vry val, o lydende en strydende gemeente van Jesus; laat hulle val en hulleself wentel in hulle bloed, getiranniseer en vermoor deur die Mensemoorder—die bloed van u martelaars is dierbaar in Sy oog.

Laat die angs en die benoudheid dan vry klim, o verdrukte en vervolgde Kerk van Kristus—u angs en benoudheid, u worstelinge en stryd, is vir Hom, u Jesus, nie verborge nie.

O, dit kan soms so benoud word, as die Satan ons aanveg! Wat 'n worsteling en stryd, wat 'n

gekerm en geroep met trane en gebede, as die Sielsmoorder in sy grimmigheid op ons aanval en ons kwel in onse verborge sielslewe! Hoe bang klim dan die versugting omhoog:—

Bande van die dood het my omvang, angste van die hel het my getref; ek vind benoudheid en droefenis.

Of ook:—

Uit die diepte roep ek tot U, o Here.
Wat 'n gekerm kan dit soms word:—O Here, gee my tog nie oor in die hand van die vyand. O Here, verlos my van die Bose.
Vrees nie, o strydende en lydende kind van God.
Vrees nie, o aangevogte en swaargeteisterde worstelaar!
U trane en u lyde is dierbaar in Sy oog.
Vrees nie as die Sielsvyand u bespring.
As hy u geloof wil verderf en uitroei!
As hy in sy grimmigheid sy laer opslaan rondom u!

Vrees nie!

Die Woord het vlees geword.

Jesus Kristus is u Goël, die Wreker van u bloed. u trane, u lyde!
Wie Gods volk aanraak, raak God Self aan.
Wie Gods kinders verdruk en benou—laat hom weet die Bloedwreker slaap nie.
Hy sal hulle reg uitvoer en die verdrukker verbrysel.

Die Woord het vlees geword.

AMEN.

## DIE KERKBLAD.

Die W.Ew. here Kuratore het goed gevind dat by die Redaksie sal gevoeg word 'n Administratiewe lid.

Die taak van hierdie lid van die Redaksie in algemeen sal wees om in verbinding te wees met die uitgewers in sake die administrasie van Die Kerkblad en om propaganda te maak vir ons blad. Ons hoop dat hierdeur die toenemende groei van Die Kerkblad nog meer sal bevorder word en dat ook moontlike klagtes oor die ontvangs van Die Kerkblad of oor die vereffening van rekenings bevredigend sal afgehandel word. Dit is vir ons aangenaam om aan die ent van die jaar weer ons erkentlikheid uit te spreek oor die wyse waarop Die Kerkblad gedruk en uitgegee is deur die Uitgewers en ons is seker daarvan dat die medewerking van ons Administratiewe lid hulle sal help om Die Kerkblad nog meer te bevorder.

Vir hierdie kant van ons werksaamheid is aangevra Ds. C. W. M. du Toit, wat op Bloemfontein woon, en ons is dankbaar dat Ds. du Toit hom gewillig verklaar het om die taak te aanvaar, en ons wens S.Ew. sukses toe op sy werk. Die adres van Ds. du Toit vind die lesers op die omslag. Ons wens al ons lesers en die uitgewers met hulle werkers 'n Geseënde Kersfees en Gelukkige Nuwejaar toe!

In besonder wens ons die predikante toe nuwe krag in die veelvuldige werk vir die Nuwejaar en genesing vir die twee broeders, wat krank is. Ds. D. P. du Plessis en Ds. J. H. Kruger.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Dit sal nou my laaste brief wees, wat ek in hierdie jaar aan u rig. Wat is daar nie 'n erns in die snelheid van die tyd geleë. Mens sou party keer wel die wyster van die klok wil vashou, maar ag, dit sou ook nie help nie. In die eensame Kalaharie, waar nie mense woon nie, en nie 'n klok is nie, vlie die dae net so vinnig verby as hierby ons.

Amper is 1925 al weer daarheen, en wat ons in die tydkring gedaan en gesê het, sal eendag verantwoord moet word. En praat nie eens van ons gedagtes nie. Ons Gereformeerde godsdiens met die daarby passende sedeleer is darem nie 'n makkelike saak nie. As ek daar so oor nadink. kan ek wel verstaan. dat daar so baie mense is, wat 'n inwendige hekel het aan al wat Gereformeerd is.

Die Gereformeerde sedewet laat mens nooit eens effens vry nie. Hy laat nie vir jou los nie of dit vakansie is, of as die dagtaak ons roep. As jy tuis is, of op reis is, dis maar net eenders vir die strenge eise van die onverbiddelike sedewet. 'n Mens kry nie 'n minuutjie vry af, en daar is nie 'n plekkie nie, of mens loop weer die bepalings van die onbuigbare wet raak.

Neef Schalk sê eendag: Maar kyk, ek wil darem nou ook eens vir 'n enkele maal 'n bietjie Boland toe gaan vir 'n vakansie. Dit word vir my hier party dae al te nou. Mens sit hier so vas gekeer, en mens is in alle opsigte so gebonde. Mens moet maar elkers sy plig doen; sonder 'n minuutjie versuim, in jou spore trap, en gedurig in jou pasoppings bly. Jy kry nie kans nie vir die geringste "oortredinkie" nie. Ek moet hier tuis maar dag vir dag loop en vermaan, want ek moet nie alleen naar my self kyk, maar ook naar andere, en darem is die oë van algar

deurentyd op my gerig. Mens kan dit nie hou nie, sê Schalkie, terwyl hy skuins na my kyk. 'n Mens, so gaan hy aan, wat gesteld is op 'n ernstige lewe, is net so as iemand wat met 'n masien werk. Sy oog moet maar gedurig oop wees, anders is daar fout, en dit werk op 'n mens. Dit veroorsaak 'n spanning, wat op laas te groot word.

Neef Schalk is 'n baie ernstige man, dit kan ek vir u sê. Ek laat hom maar praat, want ek verstaan vir hom goed. Sy praat was humor met 'n diepe betekenis daarin. Ander, wat niks kan verstaan nie, het gemeen, dat neef Schalk nou werklik lus gehad het, om agter die oë kwaad te doen, en dat hy om die rede op reis wou gaan.

My neef gaan toe, en by sy terugkoms vra ek vir hom, of dit nou lekker was, om eens 'n bietjie "vry" en "los" te wees en of hy nou "geniet" het.

Og, so roep hy, moe nie daaroor praat nie.

Ek het in my onnoselheid gemeen, dat as ek daar aan die Kaap of aan die Strand was, ek die gespers van die pantsier, wat ons dra om teen die duiwel te stry, wat kon losmaak of uittrek. en 'n bietjie asem kon skep, maar moe nie glo nie, dat ek ooit daar kans vir gehad het nie.

As ek soms op 'n plek gekom het, waar dit lekker en ook nogal onskuldig gelyk het, dan het die sedewet, my daar al staan en opwag en my toegefluister: Schalkie, hier moet jy oppas en voorsigtig wees; jy sien mos, nè? en dan het ek ook al klaar gesien, en ek loop somar.

Later kom ek dan altemet deur 'n vriend in 'n ander omgewing, waar dit eers werklik aangenaam en vry gelyk het, maar dan hoor ek al gou 'n stem, wat vir my vra: Schalkie, jy ook hier? Dit is dan genoeg en ek loop.

Ek was ook 'n rukkie aan die strand, waar ek so baie van gehoor het, en waar jy die indruk kry, dat baie mense daar baie dinge vergeet, wat hulle tuis geleer het en ook Sondag vir Sondag in die kerk hoor. Ek het gemeen, om my daar wat vryer te beweeg, en om die gespers van die pantsier hier nou werklik 'n paar gaatjies agteruit te haak. Maar daar was dit ook al weer mis. Dis vir my gewees, of die strenge sedewet my al tegemoet gekom het, en my op die vol trein strand toe al gesê het: Dis goed Schalkie dat jy ook hierheen gekom het. Sulke mense wat dit ernstig met die Woord meen en tuis so goed weet om te sê, hoe dit hoor, is hier nodig, want sulkes kan aan andere 'n pragtige voorbeeld gee.

En jy is mos 'n staatmaker. Tuis is jy dit en natuurlik hier ook. Tuis 'n strenge kristen en hier natuurlik nog beter as tuis. Die erns van hierdie woorde het ek dadelik gevoel en ek het nie die harnas los gegesp nie. Daar was ook hier nie kans vir nie. Ek voel nou vandag daar is nooit en niewers kans op die ou aarde, om die stryd op te gee en die wapens neer te lê. Ons het, so sê Schalkie verder, daagse en sondagse klere. As mens op reis gaan trek jy die nuwe klere aan, om 'n bietjie goed te lyk en jou posiesie op te hou. Wel, daar is nie, tenminste daar mag nie wees nie, 'n daags en 'n sondaags kristendom, maar as dit daar sou wees, dan sou mens natuurlik op reis en aan die Strand die Sondagse Kristendom moet dra, en aldaar mooier en beter lyk in woorde en dade as tuis en op jou eie dorp. Daar op reis moet die uniform van jou koning meer blink as wanneer jy in die leërkamp bly en die gewone daagse werkies verrig. Sien U, waarde vriend, so praat neef Schalk, en ek dink, dat hy volkome reg is.

Maar, so sal U my antwoord, dit is mos nie die sedewet maar die gewete, wat ons gedurig waarsku en sy stem laat hoor. Volkome waar, my vriend, maar dit is weer die sedewet, wat tot die gewete spreek, want die kristelik gewete en nader die Gereformeerde gewete is gevorm en onderwese deur die streng puriteinse sedeleer, en die gewete wat aldus streng opgevoed en gevorm is, is baie gevoelig en teer. Dat die gewete so kan "pla", is vir party mense baie lastig, want dit laat vir hul nie toe nie, om aan dinge, wat ander doen ook deel te neem, en as hul dan al gaan deel neem, bederf die vermanend en protesterend gewete die genieting van dat gene, wat nou baie heerlik en lekker sou wees.

Nou is aanstonds die oue jaar voorby, en dan kom daar 'n groot aantal dinge by 'n mens op, wat jou aankla. Dis dan ook die gewete wat gaan spreek.

Werkelik, die lewe is ernstig en mens voel dit te meer, as die jare al begin tel en die jare, wat nog voor is, lang nie so veel in getal kan wees nie as die wat reeds voorby is. Dan, wanneer die middag van die lewe al gepasseer is en dit al so na drie uur se kant op jou lewensdag begin gaan. Die aand is dan nie ver meer, en die tyd om te ruste te gaan kom vinnig nader.

Ek het 'n ou wyse professor gehad, wat, toe hy al sestig was, gedurig as 'n grap gesê het, maar darem met weemoed in sy stem: O, as ek nou nog eens kon begin, dan sou ek werk. Hy het daarmee gemeen, dat hy sy tyd in sy jong dae wel nie verkwis het nie, maar hul tog baie beter

kon bestee het as hy gedoen het. Wie van ons het ook al nie soms die versugting geslaak: O as ek weer oor kon doen, wat agter is, wat sou ek dit nie beter doen en met meer toewyding.

Maar wat voorby is, kom nie weer terug nie.
Laat ons daarom met ywer doen, wat nog voor is.

Die Heere het ons nog gespaar in die jaar 1925. Daar was in die afgelope jaar voorspoed in ons land. Die reent het die lande en velde vrugbaar gemaak, en daar was seën in die boerdery, en van rampe en teenspoede is ons anders so swaar besogte land verskoon gebly. Was daar, en is daar nou ook dankbaarheid genoeg voor?

Van ons predikante is daar twee op die oomblik siek en kan daarom hul dienswerk nie verrig nie nl. Ds. D. du Plessis van Ladybrand en Ds. H. Kruger van Postmasburg. Ons hoop, dat die broeders spoedig weer hersteld sal wees en 1926 hul weer op die kansel sal sien. Die Kaapprovinsie sien twee van haar predikante vertrek na ander dele van ons land, en so is daar 'n groot streek van die Kaap van af Molteno tot aan die see wat sonder leraars is, en weens die krankheid van Ds. H. Kruger lê die wye wêreld van Griqualand Wes ook sonder bewerking van 'n leraar. In die Transvaal is die toestand ook ernstig weens gebrek aan leraars. Mog die Heere ons genadig wees en spoedig nuwe werkkragte gee.

Hartelike groete,

U Vriend,

C., 15 Des. 1925 T. H.

## DIE P.U.K. WETSONTWERP.

Die wetsontwerp om die Potchefstroomse Kollege te verklaar as 'n kristelike inrigting vir Hoër Onderwys sal, soos ons verneem deur Ds. M. Fick, die plaaslike verteenwoordiger in die Parlement, namens die Raad van die P.U.K. ingedien word. Die lesers word nogmaals ernstig versoek om die Raad te steun met geldelike bydraes, wat moet opgestuur word aan Ds. W. J. de Klerk, Registrateur.

Dit is 'n baie belangrike saak nie alleen vir ons nie maar ook vir die kristelike gedeelte van ons volk, en daarom hoop ons dat nie alleen lede van die Gereformeerde Kerk nie, maar ook ander, wat 'n hart het vir die stryd om die kristelike beginsels, hulle bydraes sal stuur. Ons versoek ons lesers dan ook om met ander persone oor die saak te praat en hulle hulp te vra. Dan is daar nog iets anders, waar ons op moet wys. Miskien is daar nie gevaar vir die wetsontwerp nie, maar daar is alle rede om te vrees dat die Regerings-bydraes sal verminder word as die wetsontwerp deurgaan, wat sal beteken dat die neutrale en ongelowige onderwys begunstig sal word bo kristelik onderwys. As die Raad van die P.U.K. dan sal vra aan 'n man, wat Professor of Lektor wil word, of hy aan God en Sy Woord glo, sal 'n soort 'boete' op sy Kollege gelê word.

Die Raad van die P.U.K. wil nie meer op 'n neutrale basis staan nie, hy wil ook nie op 'n skelmagtige manier agteraf ondersoek of 'n sollisitant 'n gelowige kristen is nie.

Laaste jaar het die Parlement besluit om Gods Naam te erken in ons grondwet. Die aanhef van die wetsontwerp, wat aangeneem is, lees:—"Nademaal het volk van de Unie van Zuid-Afrika, een Godvrezend volk zijnde, steeds de Almachtige God erkend heeft als de Opperste Leidsman door Wie de lotgevallen van de volkeren der aarde bepaald en beheerst worden." Dan volg die eerste Artiekel van die Grondwet:—"Het volk van de Unie erkent de souvereiniteit en leiding van de Almachtige God."

Dit is nie 'n neutrale basis nie, en op grond van ons grondwet wil ons dat 'n kristelike kollege, wat God saam met die volk vrees, nie gestraf sal word deur verminderde toelaes nie. Ons verneem dat die Raad van die P. U. K. besluit het dat die wetsontwerp ingedien moet word sonder enige beperking van regeringstoelae.

Daarom waarsku ons die lesers van Die Kerkblad en ons versoek hulle om hulle Parlementslede op hoogte van sake te bring en hulle te vra

(1) Om die wetsontwerp te steun,
(2) Om nie toe te laat nie dat die Regeringstoelae sal verminder word nie.

Ons hoop dat die betrokke persone gelei sal word deur Gods Gees en dat veral Ds. Fick gesterk sal word om manlik vir die beginsel van die wetsontwerp, wat aan sy sorg toevertrou is, in die bres te staan. Ons oë is ook gevestig op ons regering en ons wil van harte vertrou dat hulle by oorweging van hierdie saak ons vertroue nie sal beskaam maak nie. Laat egter almal, wat 'n hart het vir kristelik onderwys, nou wakker, werksaam, en biddend wees!

Daar is gevaar. Mag die Here dit afwend!

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

Ek het belowe om die uitslag van die Dr. Keet-kwessie aan die lesers bekend te maak. Dr.

Keet, Professor aan die Teol. Skool van Stellenbosch het, soos die lesers weet, 'n lansie gebreek vir die Gereformeerde Kerkregering in 'n rede deur hom gehou, in sy lesse en in De Kerkbode. Dit het ontevredenheid verwek in Nederduitse kringe, en die Professor moes tot verantwoording geroep word.

*De Kerkbode* deel nou mee dat die Kuratore 'n onderhoud met Dr. Keet gehad het. Die Praeses van die Kuratore, Ds. D. J. Pienaar, deel nou o.a. mee:—"Aan 't Curatorium is 't gebleken, dat er geen verschil bestaat tussen de opvatting van Dr. Keet over ons Gereformeerd Kerkrecht en die welke bij ons algemeen gangbaar is, en dat hij 't standpunt in onze kerkelike wetten en bepalingen neergelegd, hartelik onderschrijft."

Hierdie rapport is vaag, omdat dit nie duidelik is wat "algemeen gangbaar" bedoel nie.

In die rede deur Dr. Keet verlede jaar gehou en getietel "Na Honderd Jaar" het S.Gel. die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg verdedig, en daarvoor was ons hom dankbaar. Die eerste punt van verdediging in hierdie rede was die "*zelfstandigheid van de plaatselike gemeente*," die twede was "*De Presbyteriale vorm van Kerkregering*" en die derde "*de noodzaaklikheid van 'n synodaal verband*," en die vierde was "*de verhouding tussen Kerk en Staat*."

Die konklusies op hierdie beginsel-verdediging was dat in die Ned. Geref. Kerk so langsamerhand die Kollegialisties genootskaps-idee, wat ingesluip het sedert 1824, wysiging ondergaan het. "Door de geschiedenis van onze kerk heen vinden wij dus 'n steeds meer zuiver wordende vorm van de kerkelike regering" sê Dr. Keet. Ek het destyds gesê dat oor die beginsel-verdediging ons dit heeltemal eens is, al mag ons verskil oor die toets aangelê op die Ned. Geref. Kerk se Wette en Bepalings.

Die hoofsaak is hier die beginsel. Met hierdie beginsel-uiteensetting het Prof. du Plessis van Stellenbosch en meer andere verskil. Ons vind by hulle 'n duidelike bepleiting van die genootskapsidee. As egter die Kuratore eens is met Dr. Keet se beginsels dan gee dit hoop vir die toekoms. 'n Beginsel tog is sterk en ek is seker daarvan dat deur die arbeid van Dr. Keet die Gereformeerde beginsels van Kerkregering op sy tyd hulle vrugte sal dra, en dat daardeur die "steeds meer zuiver wordende vorm van de kerkelike regering" in die Ned. Geref. Kerk deur reformasie tot die suiwer gereformeerde kerkregering sal lei.

Dit is die gunstige kant van die Kuratore-rapport. Is die bedoeling daarvan egter dat die genootskaps-manne die oorwinning behaal het. dan kan ons alleen die kapitulasie van Dr. Keet betreur.

Ek koester egter die beste verwagting dat die beginsels deur Dr. Keet bepleit in "Na Honderd Jaar" nie deur die "settlement" kragteloos gemaak is nie.

* * *

Dan het ek ook belowe om Ds. Lückoff, wat op verkenning uit is na Argentinie, op sy reis te volg. S.Ew. is nou onder die boere in daardie land.

Hy rapporteer in De Kerkbode dat die posiesie daar baie ingewikkeld is. Die mense is baie bly om hom te sien en te hoor. Die Afrikaans is vir hulle ook so mooi, sê 'n beriggewer, en Ds. Sonneveld, die Gereformeerde predikant, wat daar werk, het ook gepreek, maar hy sal seker verwonder wees om te sien hoe Ds. Lückoff met die kinders omgaan. Ons sal verder sien.

* * *

Ds. P. Boshoff het die Editeur van *De Kerkbode* vermaan om die onverskillige houding van die blad teenoor die Afrikaanse Bybelvertaling. Ook 'n ander skrywer het 'n berisping toegedien, maar die Editeur wou van hom nie notiesie neem nie, omdat hy, volgens die blad, *onbeskeie* was. *De Kerkbode* en *Het Zoeklicht* het so 'n vaderlike manier om sommige mense *onbeskeie* te noem. *De Kerkbode* gee nou 'n paar onskuldige redetjies op, wat sy onsimpatieke houding moet verklaar. Ons sou seker van die blad verwag het dat hy "dat ruime standpunt" van Dr. Kuyper in praktyk gebring het.

Maar nou sê hy dat hy liewer sou gesien het dat die Afrikaanse Bybelvertaling uitgegaan het van die Nederduitse Kerke. Hy lê hom egter nou neer by die loop van sake en sal van nou af 'n ywerige voorstander wees. Ek is bly om die bekering van *De Kerkbode*.

As *De Hervormer* nou ook maar tot bekering wil kom! Die Editeur van hierdie Kerkblad vertaal soms nog Afrikaanse stukkies oorgeneem uit *Die Kerkblad* in Hollands. Of *Het Zoeklicht* ook sal volg, weet ek nie. Ons sal egter, as *De Hervormer* ook lig kry in die saak, 'n mooi trio wees—*De Kerkbode, De Hervormer, Die Kerkblad* in roerende eenheid! Wie is die agteros?

## KERK EN SKOOL.

*Kuratore Vergadering*:—Gehou 26-28 November. Ds. D. P. du Plessis is afwesig weëns krankheid. Die volgende studente het met sukses die semi-kandidaats eksamen afgelê: J. P. Jooste, B.A.; H. du Plessis, B.A.; A. Postma, B.A.; J. van Rooy, B.A. Die eerste en die laaste het ook gedeeltes van die B.D. eksamen gedoen aan die P.U.K.

Die Kuratore neem met genoeë kennis van 'n mededeling van die Senaat dat student H. du Plessis hom voorberei vir die Sending. Aan die student W. Postma word verlof gegee om in die gemeentes te proponeer. Dit blyk dat die volgende jaar ses nuwe studente ingeskrywe sal word. Vyftien studente aan die P. U. K. sal beurse kry vir aanstaande Teologiese studie uit

die kas vir behoeftige studente, terwyl uit die 19 applikante vir beurse uit die Jubileum Fonds vir dieselfde doel aan tien beurse toegeken is. Daar is dus 'n instroming van aanstaande Teol. studente, en die Kuratore gevoel die noodsaaklikheid dat die gemeentes voorberei moet word om hierdie aanstaande predikante te ontvang. Almal moet eers hulle B.A. aan die P.U.K. aflê.

Om die studie vir B.D. en die Kerklike Teologiese kursus te ko-ordineer het die Kuratore 'n skema goedgekeur, sodat dit vir studente gemakliker gemaak is om gedurende die vierjarige Teologiese kursus die B.D. eksamen ook te doen.

Die verslag ingedien deur Prof. du Plessis, oor Die Kerkblad was gunstig. Dit blyk dat die getal intekenaars nog altyd vermeerder, in die jaar 1924-25 einde met meer as duisend.

Die Kuratore het ook besluit op voordrag van die Redaksie om Ds. du Toit van Bloemfontein, as administratieve lid vir die Redaksie te benoem. Deur die werk van die administratiewe lid word gehoop sal Die Kerkblad nog meer uitgroei en versprei word.

Uit die verslae van die Penningmeesters van die Teol. Skool kas en die kas vir behoeftige studente blyk dat heelwat agterstallig is. Vir die laaste moet by Nagmaalsgeleenthede in die middagdiens gekollekteer word, en baie gemeentes se kollektes word nie opgestuur nie, wat ten gevolge het dat aansoeke van studente vir beurse moes geweier word en in ander gevalle hulle moes bekrimp word. Dit is seker nodig dat op hierdie saak nou ernstig gelet word. Aan die Penningmeester van die Teol. Skool is opgedra om nog ernstige pogings aan te wend om die agterstallige gelde in te vorder.

Die Kuratore het met dankbaarheid kennis geneem van die erflatings van br. S. van Wyk, £616, en van Mej. A. Venter, Venterstad, £50. Hierdie gelde word as 'n erflatings-fonds vereers weggelê.

Uit die verslag van die Penn. van die Teol. Skool en van die Em. Pr., ens., Fonds, die volgende :—

A. *Teologiese Skool*:—1 November, 1924—31 Oktober, 1925.—Dat dit 'n geseënde jaar was blyk uit die gemeente opbringste met aanvulling van 'n tamelike som agterstalliges, sodat die inkomstes uit die hoofbron die hoogste was seker in die geskiedenis van die Teol. Skool. Deurdat die lopende uitgawes aan die ander kant weer wat minder was, kon die Kuratore besluit tot afbetaling van £800 skuld. Tog is dit jammer dat enige gemeentes steeds agter bly en selfs een en ander wat altoos gelyk was nou ook vertraag.

Met blydskap is ook kennis geneem van die bydraes op Teol. Skooldag van enige gemeentes vir die Jub. Fonds, met die hoop dat ook andere die goeie voorbeeld sal volg.

B. *Em. Pr. ens., Fonds*:—1 November, 1924—31 Oktober, 1925.—(a) *Die Vaste Fonds.*—Kapitaal is vergroot van £6,394 tot £6,548, deur Predikante Bydraes £75, Belydenisgifte £42, Trougelde £37.

(b) *Die Lopende Fonds.*—Beide gemeente bydrae en rente het in die jaar besonder goed ingekom, nl.:

| | |
|---|---|
| Rente ... ... ... ... | £464 |
| Bydrae ... ... ... ... | 533 |
| Totaal ... ... | £997 |

waarmee die uitgawes kon gedek word. Ongelukkig kon nie besluit word om die verminderde uitbetaling aan die weduwees weer op te bring tot die gewone toelae nie.

Die Kuratore het besluit om nogmaals die gemeentes wat vertraag en predikante wat nie op tyd betaal aan te spoor tot gereelder opbrings.

Die Kuratore het besluit om nou die jaarboek van die Teol. Skool uit te gee, ook sal rektorale en intree-redes van Professore deur die Kuratore in druk besorg word.

Aan 'n paar Kuratore en die Senaat is die uitgifte toevertrou. Kerkrade en persone kan voorlopig bestellings maak by die Rektor van die Teol. Skool.

Prof. J. A. du Plessis, wat drie jaar as Rektor geageer het, het nou afgetree en is die Rektoraat oorgedra aan Prof. Dr. C. J. H. de Wet. In verband met die oordrag het Prof. du Plessis Sondagaand in die Kerk 'n rede gehou oor "Die Misterie in die Religie."

Saterdagaand is onder die leiding van die Rektor Prof. du Plessis, die verjaardag gevier van die Teol. Skool en die P.U.K. in die Teol. Skoolsaal, toe die voorsitter van die Kuratore. Ds. D. Postma, B.A. die P.U.K. en Ds. N. H. van der Walt, voorsitter van die Raad van die P.U.K. die Teol. Skool in 'n paar mooi toesprake geluk gewens het.

Ook het nog Prof. du Toit enige mededelings gedoen van sy plaasverblyf en van die Bybelvertaling, en br. T. Schutte het namens die gemeente gepraat.

Sondag was vir die gemeente Potchefstroom die Teol. Skooldag, en in die môre diens, wat 'n gebedsuur was vir die Teol. Skool en die P.U.K., het Ds. C. W. M. du Toit 'n gepaste woord gespreek na aanleiding van Openb. 15.

---

*Kennisgewing.*—Die bevestiging van Ds. G. H. J. Krüger, beroepe herder en leraar van die Geref. Gemeente Vredefort, O.V.S., sal D.V. aldaar plaas vind op 23 Jan., 1926, om 10 uur v.m. in die Kerk. Dus nie meer op die 17de Januarie nie, maar 'n week later. Brs. predikante en kerkraadslede word hiermee vriendelik uitgenooi. Kennisgewing van oorkoms en aankoms op Parys, moet *voor* 10 *Januarie* geskied aan die adres van br. Gert du Plooy, van Coller Straat, Parys, O.V.S. Vir losies sal gesorg word. Eweneens vir vry vervoer van Parys na Vredefort. Dit sal deur die Kerkraad baie hoog op prys gestel word om

ons Teol. Professore ook daar te hê. Van Dover na Parys bestaan 'n daelikse spoorwegdiens.— I. D. Kruger, Konsulent, h.t. Namens die eerw. Kerkraad, Desember, 1925, Potchefstroom.

---

*Provinsiale Synode van Transvaal.*—Opening D.V. Zaterdag avond 8 uur in het kerkgebouw te Pretoria. Scriba's van de verschillende klassen en kerkeraden worden verzocht hunne stukken of geloofsbrieven te zenden aan — Ds. D. Rumpff, 174, Troyestraat, Pretoria.

---

*Agenda van de Provinciale Synode van Transvaal, die D.V. zal gehouden worden op Zaterdag, 16de Januarie, 1926 en volgende dagen te Pretoria.*—(1). Die Eerw. Prow. Sinode probeer om meer samewerking tussen die verskillende kerke en die Unie te verkry om die groep-stelsel, wat behandel is op die kerklike onderwyskongresse van Bloemfontein en Pretoria, op onderwys gebied ingevoer te kry in ons land.—Kerkraad. Rustenburg.

(2). Verslag van 'n bezoek aan de gemeente Enkeldoorn en Lusaka (Rhodesia) door Ds. D. N. Kotzé van Rustenburg in opdracht van de Algem. Verg. van Transvaal, in Middelburg gehouden Jan., 1925.

(3). Uittreksel uit die notule van die Verg. van die Klassis Rustenburg, gehou te Rustenburg op 15 Sept., 1925 en volgende dag:

(a) Die klassis bespreek die wenslikheid om in die gemeentes wat onder dieselfde klassis sorteer een lesblad te kry.—Kerkraad, Waterberg.

(b) Die klassis probeer om meer eenstemmigheid te verkry in die leerboekies vir die katkisasies.—Kerkraad, Die Moot.

Hierop word besluit: Punte (a) en (b) word verwys na die e.k. Provinsiale Sinode van Transvaal.

---

*Pietermaritzburg.*—Saterdag en Sondag, 21 en 22 November het ons weer die voorreg gehad om ons. konsulent, ds. J. V. Coetzee, van Frankfort, in ons midde te hê. Dis die eerste Nagmaal wat ons gevier het as 'n selfstandige gemeente, want verlede nagmaal in die begin van Augustus, is hierdie gemeente afgestig van Durban.

Onder die omstandighede was die opkomste vir die aanddienste taamlik goed, maar die Nagmaalsdiens was in vergelyking met vorige geleenthede swak bygewoon, wat te wyte is daaraan dat baie van die gemeentelede, wat uit spoorwegmense bestaan, daardie dag op diens was of te laat van die werk gekom het, om die diens by te woon.

Saterdagaand met die voorbereidingsdiens het die Ds. gepreek oor die uitverkiesing en 'n duidelike uiteensetting daarvan gegee; o.a. het ds. Coetzee daarop gewys dat die kerk wat vandag nog die moed het om die Uitverkiesingsleer te verkondig, nie 'n groot aanhang kan verwag nie, want toe Kristus met die Uitverkiesingsleer begin het, het Hy 'n gehoor van vyfduisend mense gehad en toe Hy daarmee geëindig het, was daar nog maar net twaalf by Hom, naamlik sy dissipels, en een daarvan was 'n duiwel. Die ander het Kristus verlaat omdat daardie leer vir hulle te hard en te kras was. Hierdie preek het ons weer opgebeur en moed gegee om te volhard in daardie stryd waartoe ons, as Gereformeerdes, ons geroepe voel.

Sondagaand met die nabetragtingsdiens het ds. Coetzee gepreek oor die drie merktekens van die ware kerk, naamlik die suiwere prediking van Gods Woord, die reine bediening van die Sakramente soos Kristus dit ingestel het en die uitoefening van die kerklike tug om die sondes te straf.

Ons volgende nagmaal is bepaal op die vierde Sondag in Maart (D.V.). As afgevaardigdes tot die Algemene Vergadering is gekies: As Primus: Ouderling J. P. Aucamp en as Sekundus diaken G. van Rooyen. Die volgende beskrywingspunt sal opgestuur word: "Die Algemene Vergadering maak planne vir meer bediening van die Natalse gemeentes, en maak voorsiening vir die meerdere onkoste wat hierdeur veroorsaak sal word."

Die kerkraad het besluit om alle kragte in te span om meer intekenaars op die Kerkblad te kry, sodat die Kerkblad in elke huisgesin gelees kan word. As plaaslike korrespondent van die Kerkblad is aangestel diaken J. P. Malan, Bus 169, Pietermaritzburg.

Gedurende die laaste paar maande het die Gemeente alhier vinnig aangegroei en as dit so aanhou, dan sal ons een van die jare sterk genoeg wees om 'n kerk te kan bou en 'n predikant te beroep, ten minste so hoop ons. Dis te hope dat die jong boompie wat nog maar drie jaar gelede hier in die hoofstad, Pietermaritzburg, geplant is, deur Gods genade al die storms, wat hy hier moet verduur, sal trotseer, en dat dit alles sal dien om daardie boompie stewiger te maak en dieper te laat wortel skiet.—Korrespondent.

---

*Verslag van die Diakonale Konferensie gehou in die Kerkgebou, Melville, 19 en 20 November, 1925.*

1. *Opening, Donderdagaand, 19 November.*— Ds. Spoelstra, konsulent van die plaaslike gemeente open die vergadering deur te laat sing Ps. 146:5; lees Hand. 6, en gaan voor in gebed. Oud J. J. van Tonder van Melville, ageer as skrieba.

2. *Teenwoordig*:—Prof. Dr. de Wet, Di. M. Postma, L. P. Vorster, D. N. Kotze, A. S. E. Yssel, Dr. de Klerk en die volgende afgevaardigdes: Rustenburg, M. T. Loots, I. Vorster; Potchefstroom, D. J. van Rooy; Lydenburg, T. J. du Plessis; Heidelberg, H. J. Wichers; Middelburg, J. Ligthelm; Johannesburg, H. van der

Walt, G. C. Smit; Krugersdorp, G. van der Walt, J. Nagel; Wolmaransstad, S. J. Kruger; Standerton, G. P. van der Linde; Schweizer Reneke, J. D. van der Merwe; Krokodilrivier, J. J. Ras, H. C. du Plessis; Koster, H. C. Havenga; Ermelo, E. G. van Uchelen; Johannesburg Oos, I. van der Walt; Johannesburg Noord, J. G. Pansegrouw, T. P. van Wyk; Die Moot, J. P. Briel; Germiston, P. G. L. Kruger.

Teenwoordig as Sinodale Kommissies:

(i) Oor diakonale sake, Ds. L. P. Vorster, Ds. M. Postma, Dr. de Wet, Oudl. J. J. Henning.

(ii) Oor Weeshuis: Deputate van Burgersdorp, Reddersburg, Rustenburg.

3. *Toesprake.*—Ds. Spoelstra spreek die vergadering toe oor die betekenis van die diaken. Ds. Vorster en Dr. de Wet spreek oor die diakenamp en oor die status van die konferensie. Telegramme van segewens word gelees van Ds. Snyman, van Molteno, en Ds. N. H. van der Walt, van Middelburg, K.P.

4. *Buro.*—Die Buro word as volg saamgestel en neem hulle plekke in: Voorsitter, Ds. L. P. Vorster; Viese-Voorsitter, Ds. D. N. Kotze; Skrieba, Lektor D. J. van Rooy; Adj. Skrieba, Diaken I. Vorster.

Die Voorsitter deel mee dat besprekings beperk sal word tot afgevaardigdes en lede van sinodale kommissies en wys daarop dat die vergadering geen bindende besluite kan neem nie. Die môresitting word bepaal van 8 uur tot 12 uur. Oudl. van Tonder deel mee dat die susters verversings sal verskaf.

Die voorsitter sluit met te laat sing Ps. 34:2 en dankgebed.

5. *Vrydagmôre.* — Die viese-voorsitter open met te lees Ps. 133. Diaken Loots laat sing Ps. 146:5 en doen 'n gebed. Aan die orde kom die status van die vergadering en verteenwoordiging van diakens op meerdere vergaderings in verband met die volgende beskrywingspunte:

I. Dat ons konferensie genoem sal word die Algemene Diakonale Vergadering van die provinsie Transvaal.

II. Dat 'n algemene diakonale vergadering van al die provinsies om die vyf jaar gehou sal word.

Na rype bespreking kom die volgende voorstelle ter tafel en voorstel (a) word met groot meerderheid van stemme aangeneem.

(a) Ons vergadering sal genoem word die algemene diakonale konferensie van Transvaal, en ons beskou dit as 'n broederlike samenkoms sonder enige kerklike status. En ons besluit om dit in vervolg eenmaal per jaar te hou—T. P. van Wyk, H. van der Walt.

(b) Die vergadering beskou dat hulle die kerklike stempel dra wat opgesluit lê in die besluit van die Prowinsiale Sinode van Transvaal en besluit om voort te gaan met die hou van konferensies soos deur die Prow. Sinode bepaal, I. Vorster, M. T. Loots.

(c) Die volgende twee beskrywingspunte word vervolgens behandel:

V. Die konferensie spreek sig uit oor die eintlike werk van 'n diaken.

XII. Die konferensie oorweeg die vraag of die tyd nie aangebreek het nie dat ons diakens vrygestel moet word van die las om kerklike bydrae in te samel, en dat hierdie taak aan kerklike kollektante, onder toesig van die kerkraad, opgedra sal word.

Hieroor bestaan daar nogal verskil van opienie wat lei tot die volgende voorstelle:

(a) Aangesien 'n Sinodale Kommissie op hierdie saak ingaan en rapport sal doen aan die Sinode, berus die konferensie tot tyd en wyl die Sinode rapport doen. P. H. Coetzee—S. J. Kruger.

(b) Die diakonale konferensie dring aan op ons stadsgemeente dat die laste van kerklike bydrae die diakens ontneem sal word, en wat ons plattelandse gemeentes betref, word daarop aangedring dat ons diakens die bydrae sal insamel maar dieper geestelik hulle amp sal opvat. P. Kruger—E. G. van Uchelen.

Voorstel (a) word met groot meerderheid van stemme aangeneem.

7. Om tien uur pouseer die vergadering en is die susters so vriendelik om tee en koek te verskaf.

By hervatting word 'n onbestrede mosie van simpatie met Ds. Kotze en sy familie met die afsterwe van sy vader aangeneem. Ds. Kotze spreek 'n woord van dank.

8. In behandeling kom beskrywingspunte:

VI. Bespreking van die wenslikheid van die oprigting van 'n Weeshuisfonds.

VII. Bespreking van die wenslikheid van ondersteuning aan die tans bestaande Weesinrigting te Langlaagte tot tyd en wyl 'n eie weesinrigting tot stand gebring kan word.

IX. Weeshuis.

Ds. Kotze vertel wat die laaste Sinode in hierdie verband gedoen het, dat hulle nl. die diakonieë van Rustenburg, Reddersburg en Burgersdorp aangewys het om die saak onder behandeling te neem. Met die oog hierop woon deputate van dié diakonieë die konferensie by. Ds. Yssel spreek van wat op Reddersburg gedoen word. Die gemeente sorg vir vyf weeskinders wat hulle diakonieë min of meer £180 per jaar kos. Die regering gee ondersteuning. Hy meen dat ons daarby moet aansluit en hulle steun om so die saak voortgang te laat maak. Ook word gespreek oor ondersteuning aan die Langlaagte Weeshuis waar van ons wese opgeneem is en verder oor die stigting van 'n fonds vir 'n eie weeshuis.

Die volgende voorstel word unaniem aangeneem:

Die konferensie spreek sy dankbaarheid uit dat Reddersburg met hierdie saak 'n begin gemaak het en besluit om die Sinodale Kommissie te vra om 'n beroep te doen op die gemeentes van ons

kerk om Reddersburg hierin te steun. P. H. Coetzee—F. van der Walt.

D. J. VAN ROOY,
(Skrieba).

(Word vervolg).

---

*Kristelike Unie.*—Op 25 November, 1925 is 'n algemene vergadering van die Kristelike Unie gehou. In behandeling het gekom die konsep-statute van die Unie, soos gepubliseer in Die Kerkblad, 2 Junie, 1925.

Die statute is met een klein wysiging aangeneem. Deur die kommissie vir Krist. Hoër Onderwys is verslag gedoen in sake die verwydering van die sg. gewetensklousule. Uit die rapport van die kommissie het geblyk dat die Minister van Onderwys verkies dat die Raad van die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege 'n private wetsontwerp by die e.k. Volksraad sal indien. Gerapporteer word dat die weg gevolg is en dat die wetsontwerp reeds in die nodige blaaie gepubliseer is.

Die vergadering het met dank kennis geneem dat die saak sover gevorder is en het namens die Unie Mnr. P. Hamersma benoem om saam met die deputate van die Raad werksaam te wees om die wetsontwerp by die a.s. Volksraad deur te kry. Verder het die vergadering besluit om £25 by te dra vir die onkoste verbind aan die saak.

Die publisiteits-kommissie van die Unie het gerapporteer dat daar georganiseer word om a.s. jaar in die maand September 'n konferensie saam met die studente op Potchefstroom te hou. By die geleentheid sal daar verskillende referate gelewer word o.a. „Die Skrif en die Ewolusie" deur Dr. H. Stoker en Dr. J. D. du Toit, "Die H. Skrif as bron van gesag" deur Dr. C. de Wet en Prof. J. van Rooy, "Die geosentriese standpunt van die Skrif" deur Prof. van Wageninge en Dr. F. Postma, en nog enkele ander. Die bedoeling is om die referate na die konferensie in druk uit te gee. Met blydskap is deur die vergadering van hierdie planne verneem en die kommissie word opgedra om verder te organiseer. Later sal dan vroegtydig kennis gegee word watter onderwerpe sal behandel word en deur wie.

Eindelik word weer 'n beroep gedoen namens die algemene vergadering van die K.U. op al die lede om indiwidueel ooral werksaam te wees om nuwe lede te werf. Alleen langs die weg kan uitbreiding verwag word.

Die jaarlikse bydrae van £1 per lid sal graag deur die ondergetekende ontvang word. Daar is nog baie lede wat vir hierdie jaar nog nie betaal het nie. 'n Herinnering daaraan langs hierdie weg sal vir die meeste seker voldoende wees. —F. Postma, Sekr., Potchefstroom, 3/12/25.

---

*Wysigingswet, P.U.K.*—In dank ontvang van: Ds. H. J. Venter, Nylstroom £1; Mnr. A. G. Schutte, Buffeldoorns, Potchefstroom, £1; Teol. Skool, Potchefstroom, £25; W. J. Snyman, Witpoort, Ventersdorp, £1; Mnr. en mev. H. C. van Rooy, Potchefstroom, £1 10s.; Reeds erken, £60 17s. 8d.—Totaal, £90 7s. 8d.—W. J. de Klerk, Registrateur, Potchefstroom, 12/12/25.

---

*Kas vir Behoeftige Studente vir Predikante.*—Die Kuratore van die Teol. Skool doen hierby 'n beroep op die Kerkrade van die Geref. gemeentes om gereeld elke kwartaal die kollektes vir die Kas van Behoeftige Studente te stuur aan die Penningmeester van die Kas. Die Kuratore het gelet op die behoefte aan predikante in die Kerk en het steun beloof aan verdienstelike jongelinge op aanbeveling van Kerkrade. Die beloofde steun kan alleen verleen word as die gemeentes mildelik gee vir die Kas. Die Kuratore is dankbaar vir die opbrengste van die gemeentes in die verlede, maar versoek dringend die opbrengste te vermeerder. In 1925 is ontvang £468, vir 1926 is nodig £630.—Namens die Kuratore, D. Postma, Voorsitter; W. J. de Klerk, Penningmeester, Potchefstroom, 30/11/25.

---

## VRAEBUS.

---

Mej. J. Opperman, Middelburg Tvl. vra:—

1. Is dit vir ons wetenskaplik voordeel om te weet hoe die mense en diere vroeër was en of dit nadeel is vir die siel?

Ja, die wetenskap het behoefte aan die kennis van die voorbestaan van mens en dier. Dit kan nie vir die siel nadelig wees nie, solang ons vashou aan die belydenis dat God, die Almagtige, Skepper is van hemel en aarde.

Die gelowige wetenskap moet ook God dien. Ons beswaar is teen die ongelowige wetenskap.

2. Is dit moonlik dat daar vroeër meer boeke dan die Bybel bestaan het en is dit gevaarlik om aan en in so'n boek te glo?

Dit is nie alleen moontlik nie, maar ook seker. Denk bev. aan die N. Testament. Ons kan aan sulke boeke glo, as hulle nie in stryd is met die Bybel of die feite nie, maar hulle kan nie vir ons die reel van ons geloof en lewe wees nie.

Ons glo nie aan die Bybel omdat hy die *oudste* boek is nie, maar omdat hy die *enige* boek is waarin God aan die mens Sy Raad geopenbaar het.

3. Is dit baie gevaarlik om 'n roman te lees en te skrywe. Kan jy iets goeds vir jou siel uit 'n roman haal?

Daar is goeie en slegte romans. Uit goeie, Kristelike romans kan 'n mens ook iets goeds vir jou siel haal. Daarom moet die lesers let op die boeke wat ons in Die Kerkblad behandel.—J.P.

## SENDING.

*Kort Verslag* van 'n Vergadering van die Sinodale Sendingsdeputate, gehou te Potchefstroom op 26 Nov., 1925.

Aanwesig: Ds. J. G. H. v.d. Walt (Voors.), Dr. P. J. S. de Klerk (Sekr.) en Prof. Dr. C. J. H. de Wet as sekundus van Ds. D. P. du Plessis wat weëns siekte verhinder is. Prof. J. A. du Plessis as adviserend.

Nadat die Notule van die vorige vergadering gelees en goedgekeur is kom Art. 6 daarvan in bespreking omtrent die reëling van die *sendingbydrae* van die drie provinsies. Die vorige besluit dat die K.P. ook die sending in Transvaal moet steun, word herroep, en besluit dat die K.P. hul sendingsaksie meer sal bepaal by Angola.

In verband hiermee kom in bespreking die steun van die O.V.S. Dr. de Klerk bring onder die aandag dat die O.V.S. se Alg. Verg. £50 byna twee jaar gelede al beloof het aan die sending in die Soutpansberge en dat daarvan nog niks ontvang is. 'n Brief van Ds. D. P. du Plessis word voorgelees waarin hy op dieselfde punt wys. Ds. Yssel wat ook teenwoordig was, lig die punt toe as Voorsitter van die Korresponderende Kerkraad van die O.V.S., en sê dat die geld sal aangestuur word sodra Pretoria weer 'n sendingsleraar beroep. Besluit word om nie die £50 nou van die O.V.S. te eis nie, maar dat in die tussentyd vóór Pretoria 'n vaste sendingsleraar het die hulp van die O.V.S. sal ingeroep word waar dit nodig is. In bespreking kom verder Art. 7 van die vorige Notule re *sendingsterrein*.

Dr. de Klerk rapporteer dat hy volgens opdrag van die Sinodale Deputate naar die Soutpansberge vertrek het saam met twee lede van die Sendingskommissie van Pretoria en van die Prowinsiale Sendingsdeputate van Transvaal. Die rapport van hierdie kommissie sal later gepubliseer word. Hier kan ons net sê dat die Kommissie in die N.O. van Louis Trichardt die Soutpansberge oor was tot in die voorgestelde naturellegebied om uit te sien naar 'n geskikte plek vir 'n nuwe sendingsterrein. Die Kommissie het die Duitse Sendingstasie Mandale besigtig, en was met die Berlynse Sending in onderhandeling om dit oor te neem, dog dit het misluk. Verder is toe weer in korrespondensie getree met die Dept. van Naturellesake. 'n Brief word voorgelees waarin die Sekretaris van Naturellesake skrywe dat die Minister van Naturellesake bereid is ons 'n perseel te gee op een van die vyf plase wat opgenoem word

Algemeen word besluit om die Regering te nader om prowisioneel aan ons 500 morge grond toe te staan tot die e.k. generale Sinode, begin 1927. 'n Kommissie sal intussen die geskikste plek gaan uitsoek en met die Regering onderhandel wat prys, ens., betref, om also die Sinode meer definitief van advies te dien.

Wat die sendingsterrein van die K.P. betref word na bespreking besluit dat die predikant, wat volgende jaar na Angola vertrek, versoek sal word om aldaar uit te sien naar 'n grotere sendingsterrein vir die K.P.

P. J. S. DE KLERK,
Sekretaris.

## BESKRYWINGSPUNTE VAN KLASSIS PRETORIA.

Die Voorsitter, Roepende Kerkraad, Prov. Sinode.

Waarde Heer,—Die Klassis, Pretoria, byeengekom op die 11de Augustus, 1925 en volgende dae, het besluit die volgende deur te stuur na die Eerwaarde Prow. Sinode, wat sal sitting hou op 16 Januarie, 1926 en volgende dae te Pretoria:—

(1) Artiekel 23.—Ds. Rumpff vra waar hy nou aansoek moet doen by die kas van hulpbehoewende gemeentes. Verwys na e.k. Prow. Sinode.

(2) Artiekel 31.—Beskrywingspunt Johannesburg-Noord, om in die D.K.O. voorsiening te maak vir aankoop van gronde. Na enige bespreking word aan die deputaatskap van Pretoria met oud. J. J. van Tonder as adviserende lid, opgedra verslag deur te stuur na e.k. Prow. Sinode.

(3) Artiekel 32.—Re Sending. Die Klassis vra aan die Eerw. Prow. Sinode om 'n betere en meer doelmatige raming te maak vir die bydrae van onse gemeentes in Transvaal vir die Sending.

(4) Artiekel 33.—Re Kombinasie Standerton-Heidelberg: "Die Klassis sien sy weg nie oop in die werk van die Prowinsiale Sinode in te tree nie en die versoek van Standerton toe te staan nie, en adviseer daarom die Kerkraad van Standerton om tot die e.k. Prow. Sinode hulle vir bediening te wend tot die predikant van Heidelberg."

(5) Re Kas hulpbehoewende gemeentes.— Elke Klassis sal sy eie kas vir hierdie fonds hou, en die Klassis stuur hierdie versoek deur na die Eerw. Prow. Sinode. (Art. 54; Art. 57. 6). Waar daar verskillende besluite van die Algemene Vergadering deur die Klassikale indeling verval, word die Prow. Sinode versoek hierin die nodige verandering te bring, en waar nodig besluite te herroep."

Namens die Korresponderende Kerkraad van die Klassis, Pretoria.

Met die meeste hoogagting,
U broeder in Kristus,
F. SPOELSTRA (Voors.)

75 Clactonweg, Kensington, Johannesburg.
8 September, 1925.

## BESKRYWINGSPUNTE VAN KLASSIS, POTCHEFSTROOM.

(1) "Die Prowinsiale Sinode adviseer hoe te handel met lidmate wat hulle huwelik nie ook kerklik laat inseën nie."

(2) "Wat 'n Gereformeerde ouer moet doen, waar die kinders op die Goewermentskole gedwing word om gesange en Hallelujaliedere te sing? Die Prow. Sinode adviseer wat 'n Kerkraad te doen staan (a) met ouers wat toelaat dat hulle kinders gesange sing in een of ander skool, en daar selfs geen gevaar in wil sien nie, en (b) met onderwysers wat lede is van ons Kerk, en self gesange in die skool laat sing."

(3) "Die Prowinsiale Sinode adviseer, wat kan gedaan word om meer eenvormigheid te kry insake aanvrae en afgee van atteste aan lidmate, wat van die

een na die ander gemeente vertrek, en ook wat betref die finansiële verpligtings van lidmate, wat vertrek in die loop van die finansiële jaar."

### BESKRYWINGSPUNTE VAN KLASSIS, WATERBERG.

Beskrywingspunte vir die Prowinsiale Sinode van die Transvaal wat sitting sal hê op Saterdag 16 Jan. 1926 en volgende dae. Opgestuur deur die Eerw. Kerkraad van die Geref. Gemeente, Waterberg:—

(1) Die Prowinsiale Sinode spreek hom duidelik en beslis uit op grond van Gods Woord, op grond van die belydenisskrifte van die Geref. Kerk en op grond van Gereformeerde outoriteite, tot voorligting van onkundiges en tot 'n getuienis teenoor die wêreld oor die in ons tyd so aktueel geworde punt van dans.

(2) Die Prowinsiale Sinode oorweeg die wenslikheid, die noodsaaklikheid en die uitvoerbaarheid vir die opstel van 'n geskiedenisboek van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ter gebruik vir kategisante en gemeentelede.

Namens die Kerkraad,
H. J. VENTER (Voorsitter).
Ph. J. VAN DER WALT (Skriba).

## KORRESPONDENSIE.

Weens plaasgebrek moes o.a. die verslag van die Afrikaanse Bybelvertalingfonds en die artiekel oor „Die Hel" oorstaan tot volgende uitgawe.

**G.B.** te Bloemfontein.—Kan nie verder hieroor korrespondensie toelaat nie.

**Br. J. W. du Plessis,** Ceres, skrywe om sy waardering uit te spreek oor Die Kerkblad en toon aan hoe hy vir sy kerklike en geestelike lewe daaruit lering en vertroosting kry. Hy sal dan ook begin volgende jaar 'n paar name van intekenaars stuur met die geld.

Verder kom die broeder op teen die bewering van prof. Du Plessis van Stellenbosch uit die boek van dr. Kuyper dat die Ned. Geref. Kerk die suiwere kentekens van 'n Gereformeerde Kerk dra. Hy is nou 67 jaar, was tot sy 42ste jaar lidmaat van die Ned. Ger. Kerk, en het eers van wyle ds. S. J. du Toit geleer wat Gereformeerd is. Hy is toe lidmaat geword van die Geref. Kerke onder die Kruis en later van die Geref. Kerk. Die Ned. Geref. Kerk het die l e t t e r van Gereformeerd. Die broeder het met potlood geskrywe en daarom kan die brief nie na die drukkers gaan nie.

**Danie Smal** stuur 'n brief oor die Woltemade-Fonds, wat hy deur voordragte versterk, om jongelinge te help vir hulle Teologiese studie en waaraan ook die Geref. Kerk kan deel kry bereken op 'n sekere basis volgens die vrywillige bydraes van gemeentelede. By ons word Teologiese studente ondersteun uit 'n Kollektefonds. Ons sal die brief voor die Kuratore lê, omdat hulle alleen daaroor kan besluit.

### AAN VADERS EN MOEDERS.

**Oor die Afskuwelike Kleredragte.**

Geagte Editeur,

Vergun my 'n weinig plaasruimte in die Kerkblad, vir 'n paar opmerkings oor die afskuwelike modes. Daar word veel oor gepreek en gewaarsku, maar ek dink die vinger word nie op die regte sweer gelê. Dit baat niks om die takke te wil genees, daar die boom en stam oorsaak is van die siek takke. Die vader is koning en priester in sy huis, oor vrou en kinders, en as enigiets in die huis gebeur wat nie na sy sin is, tree die man menigmaal bitsig teen die vrou op, met reg of onreg, menig vrou kleed haar so om ook haar man te behaag. Dit gaan aan so lank as die vrou op haar fleur is. Dan kom die agtergrond. O, dan is dit so bitter vir 'n vrou wat nie met al die modes saamgaan. Meer as een kleed hulle so om die oog en hart van ander mans na hulle te trek, en daar is geen twyfel aan dat die dragte meeste mans behaag, anders sal die mans die vrou in liefde daarop wys om haar nie so verspot te kleed nie, tot 'n spot van menig man, en Kaffers.

Wat is dit nie afskuwelik vir 'n groot vrou, die afgesnyde hare, 'n oortreding van die Here se Woord. Hoe word die lief klein dogtertjies nie ook verskinder en verspot gemaak met die afgesnyde hare, waarvoor betaal word by die haarsnyer. Die moeders maak die klere van die kleine en kleed hulle skaamteloos en so roof die moeders alle eer- en skaamtegevoel uit die tere hartjies, waarvoor hulle as moeders nie genoeg kan waak en sorg om skaamte, selfrespek en eer, in die harte van die kleine te prent. Waar is die oog van die vaders as die kleine so nakend gekleed is? Is dit nie die plig van die vader om die moeder in liefde daarop te wys dat dit onbetaamlik is. In ander dinge moet 'n vrou onder die man staan en vir hom buig. Dit is 'n klaar bewys dat al die modes seer behaaglik is in die oog van die mans. O!! die boom is doodsiek, daar moet mis om die bome gelê word. Dit is tevergeefs om aan die takke te dokter; hulle is ongeneesbaar, die kwaad is in die huis, waar die kinders hulle opvoeding en voorbeeld van die ouers kry en sorg te dra dat hulle kroos nie met die stroom weggevoer word nie.

Nog een opmerking oor die Heilig Avondmaal. Die leraars moet die gemeentes opmerksaam maak om behoorlik gekleed te wees as hulle tot die tafel des Heren nader. Vroeër het die voorouers deftig in swart sy gekleed tot die tafel des Heren gegaan. Daar is vandag geen sprake van nie en watter kleure, of hoe 'n gewaad 'n mens tot die tafel des Heren gaan.

U dankende vir opname,

LIDMAAT.

[Ons plaas nou twee briewe, een van 'n suster en een van 'n broeder oor die kleredragte.

Sal dit nou help om net daaroor te skrywe? Ons raai aan dat die susters in die gemeentes bymekaar kom en die saak ernstig met mekaar bespreek en dan 'n besluit neem om daadwerklik die buitensporige modes teen te gaan.—Red.]

### GEREFORMEERDE SEDES.

Geagte Redaksie,

Ons is vir 'n groot deel al glad te ver afgewyk van Gods Woord in ons handel en wandel in die wêreld en ook te ver uit die voetstappe van ouers en voorouers. 'n Mens kry nou al in wonings van Gereformeerdes 'n liederbundel. Dan word gesê: „Ek gebruik dit nie in die kerk." Maar dien ons 'n ander God in huis, 'n ander in die omwandeling en 'n ander in die kerk? Moet nie alles wat ons doen uit die geloof geskied nie, na Gods Wet en tot Gods eer? En

ons offer met Gods vuur aansteek. Eene offerande des lofs welk is de vrucht der lippen. Hebr. 13 : 15. Die gevaar lê nie in die sing van 'n lied, maar in die vreemde leer wat die liedere tot ons bring. Ek geloof nie daar is Gereformeerdes wat beswaar het om 'n volkslied op 'n volksfees te sing nie, maar ons godsdiens moet suiwer gehou word in huis of waar ook. Mens kry in ons tyd dat die man baard dra, sien jy later dieselfde man dan het hy glad geen baard, hy het alles afgeskeer. Dit is nou weer sy drag. Sou die baard nie aan die man gegee wees tot onderskeid tussen man en vrou deur die Here of as 'n stempel op die man? In sommige van ons Geref. gemeentes word nou verkopings of basaars gehou wat nie vroeër in ons kerk gedaan is. Ek neem aan dat uiterstes vandag nog vermy word, maar die vraag is sal dit so bly. Enige saak begin nie by die uiterste, b.v. begin met een konsert en eindig in 'n dans. Ons moet ons van alle skyn des kwaads onthou. Hoe lyk dit by ons met die kleredrag, eers word by die meisiemense die moue 'n bietjie korter, al is dit nog nie so heeltemal kort, dit word gewoonlik wyd gemaak en die hals 'n weinig laer, maar waar hou dit op? So dat as die persoon met haar arms werk of die liggaam in beweging is moet jy jou oë laat weg kyk van skaamte. Elke wêreldling behoor vir homself meer respek te hê, al is dit vir niks anders, wat nog van 'n Christen? Onse ouers het toegesien dat hulle meisiekinders nie sonder kappie en handskoene (handmoffies) in die son loop. Nou loop groot meisies en vrouens met hulle nakend en rooigebrande arms en halse in openbare publiek. Van jongs af al moet die skaamtegevoel al uitgeban word. 'n Jong man kan 'n meisie so op die ontblote lyf aanvat. Kan dit toegelaat word dat mense wat nie behoorlik gekleed is aan die Heilige Avondmaal gaan? Volgens antwoord op vr. 109 van die Heid. Kategismus, die laaste gedeelte, moet ons Kerk net so daarteen optree as teen die dans. Maar bly dit by die kleredrag by so 'n persoon of huisgesin? Die een kwaad roep die ander. Wie neem vuur in sy sak en sal nie brand? Sulke persone sal niks afslaan wat die wêreld aanbied. Dit is bewys deur die praktyk. Gods Woord leer ons die mens kan nie twee here dien nie, God en die Mammon. Wie 'n vriend van die wêreld wil wees word 'n vyand van God gestel. Waar is nou in ons tyd die noue weg vir 'n groot deel van ons wat die naam dra van Christene? Dit lyk of ons almal met die breë weg, wat geen perke of pale ken, kan loop. Daar is nou al 'n dopperdans wat ook tiekiedraai genoem word. Ons sal van elke ydele woord wat ons gepraat het moet rekenskap gee en van die daad des te meer. Alles wat ons doen moet ter ere Gods wees.

F. J. T. SCHUTTE.

Uitschot, P.K. Vermaas.

[Die broeder gee verder 'n hele klomp tekste uit die Bybel, wat nog 'n paar bladsye bevat. Dit spyt ons dat die hele stuk nie kan geplaas word nie.—Red.]

## AFRIKAANSE BYBEL.

Geagte Editeur,

Vergun my asseblief 'n plaasruimte in die Kerkblad om iets te sê omtrent die Afrikaanse Bybelvertaling en ook om tegelykertyd 'n oproep aan ons Gereformeerde onderwysers te doen.

Dit is vir my 'n groot eer en tewens 'n plesier om te meld dat ek, met my skoolkinders die som van £8 aan die Afrikaanse Bybelvertaling kan stuur. (Die geld stuur ek aan ds. C. W. M. du Toit, Bloemfontein).

Ons het die geld gekry deur middel van 'n konsert, wat ek eers op die plaas Sanniesrust opgevoer het, en toe ook weer op die dorp Thaba'Nchu. Met veertien kinders tussen sewe en dertien jaar het dit my geluk om so 'n aansienlike sommetjie bymekaar te kry. Nieteenstaande die kinders nog maar klein was en trots die arme onontwikkelde omgewing waarin hulle verkeer, temidde van die duisende Barolongs, was die konsert 'n groot sukses.

My oortuiging was, omdat dit vir so 'n goeie saak was het God ons ook rykelik geseën om ons in staat te stel om by te dra tot die verspreiding van Sy Woord in ons geliefde Afrikaanse taal.

Laat ons God dien in die taal wat ons eie is. Deur Gods beskikking en Sy toestemming het ons 'n Afrikaanse taal. Laat ons Bybel wat ons grootste skat behoort te wees ook in ons eie taal wees. Laat ons hierdie onderneming ondersteun en dit sal welgeluk.

Nou, onderwysers van die Gereformeerde Kerk, baie hang van u af. U is die opvoeders van die jeug en met hulle hulp kan u baie verrig en baie bydra tot die sukses van die Afrikaanse Bybelvertaling. As ek met dertien kinders onder sulke besondere swak omstandighede en arme omgewing £8 vir die edele onderneming kan stuur, dan kan u almal dit ook doen en nog baie meer, en kan baie bydra tot die fonds.

Moge God elkeen wat in staat is om te help krag en ywer gee, om te werk vir Sy eer en die voouitgang van Sy Woord in ons Afrikaanse taal.

U broeder in Kristus en kollega,

I. J. HENNING.
Prinsipaal, Sanniesrust Skool.

Thaba 'Nchu.

[Die skrywer sal ons nie kwalik neem dat ons 'n gedeelte wat pleit vir die Afrikaanse taal weglaat om ruimte te bespaar.—Red.]

## WAAR MOET 'N GEREFORMEERDE BAAI?

Aan die Redaksie van die Kerkblad.

Waarde Redaksie,

Vergun my asb. ook 'n kleine plaasruimte in die Kerkblad. In die uitgawe van die Kerkblad van 3de November l.l. skryf ds. Du Plessis van Ladybrand onder die tietel van „Siekverlof Herinneringe," o.a. teen die gemengde baaiery in ons kusstede.

Nou wil ek graag onder die aandag van die skrywer een of twee feite bring en ook sy advies sowel as die van die Redaksie vra daaromtrent.

Soos algemeen bekend, is dit hier in Durban gedurende die somermaande soms byna ondraaglik warm, en is dit seer verfrissend, en selfs gesond, om te gaan vir 'n bad in die see, na so 'n warme dag en word dit ook baie gedoen.

Daar hier geen voorsiening gemaak is, vir 'n plek waar mans alleen, en vrouens alleen, kan gaan bad, is jy dus genoodsaak om in die plek afgekamp vir gemengde baaiery in te gaan of om dit heeltemal te laat staan.

Ook besoekers van die binneland hier op vakansie, alhoewel miskien nie tevrede met die gebruik alhier, van gemengde baaiery, is verplig om maar die beste daarvan te maak, want dit sal maar baie onaangenaam

wees om nadat jy miskien 'n afstand gekom het van drie of vier honderd myl hier te moet bly vir 'n maand of wat sonder om in die see te gaan vir 'n bad.

Nie dat ek wil kritiek uitoefen op wat ds. Du Plessis geskryf het nie, maar as 'n inwoner van Durban en 'n lid van die Gereformeerde Kerk vra ek net dat ds. Du Plessis my en alle lesers van die Kerkblad 'n weg moet aanwys waardeur ons in staat sal gestel word om aan die gesonde ontspanning deel te kan neem sonder nadeel vir ons geestelike en morele lewe.

Of is dit essensieel dat ons as Kristene hoegenaamd nie mag deelneem aan soortgelyke ontspanninge?

By voorbaat u dankende vir opname.

Die uwe,

F. H. KUKKUK.

Congella, Durban.

---

## BOND VAN KRISTELIKE JONGELIEDE-VERENIGINGS.

Meer as ooit in die geskiedenis van ons land is dit nodig vir ons jongmense om hulle deeglik voor te berei vir hulle roeping in die lewe. Die voorbereiding dra uit die aard van die saak 'n drieledige karakter, n.l. 'n voorbereiding vir kerk, staat en maatskappy. Vir kerk omdat elke lid van 'n kerk 'n duidelike heldere besef moet hê van 1. die belydenis en ipso facto die basis van die geloof; en 2. die gedrag van elke indiwidu as lid van 'n kerk.

Vir die staat, omdat elke persoon, 'n burger is van die staat en aldus sy pligte jeens die staat moet verstaan. Vir die maatskappy omdat hierin feitelik wel lê die vernaamste roeping in die lewe, n.l. die pligte as burgers teenoor medemense, die roeping as lede van die samelewing en vernaamlik die pligte en verantwoordelikheid as vaders en moeders.

Ongelukkig word die regte verhouding van die drie te veel uit die oog verlies, en bestaan daar helaas by baie die gedagte dat om 'n lid van 'n kerk te wees 'n heel aparte iets is van om 'n stemgeregtigde burger te wees. In ons moderne maatskappy word al, hoe langer hoe meer skeiding gemaak tussen kerk en staat, ja ook al tussen staat en maatskappy. En gevolgelik is daar vir ons jongmense 'n onbetwisbare teenstrydigheid tussen die drie, bestaan die idee van kalwinistiese grondbeginsels op alle terreine van die lewe vir baie slegs in teorie.

Die voorbereiding vir die kerklike roeping vind plaas in die kerk, Sondagskole, katekesasies en die huisgesin. Die laasgenoemde behoort feitelik die vernaamste faktor te wees. Deur ons besondere omstandighede in ons land het die huislike lewe al hoe minder die sentrum geword vir die so nodige voorbereiding en is 'n groot deel van die taak oorgedra aan die kerk en skool. Ons skole is vaak ongodsdienstig en die kerk het die kind nie voortdurend onder haar leiding nie. Gevolgelik word die jongeliede op sigself aangewys vir die voorbereiding en moet dit dan maar doen so goed en kwaad as dit gaan. Dat daar in hierdie opsig 'n dringende behoefte bestaan aan 'n leidende en helpende krag, is duidelik. Van geen predikant mag egter geverg word dat hy geheel en al in die leemte sal voorsien nie. Daar moet dus voorsiening gemaak word. En by gemis aan 'n organisasie in die rigting onder ons Gereformeerdes, spring die Wederdopers, en ander sektes, in die bres en oefen aldus 'n steeds toenemende invloed uit.

Beskou ons nou die voorbereiding vir staat en maatskappy, dan word die posisie nog erger. Die skool behoort hierin, naas die huisgesin, die nodige opleiding te verskaf. In die huisgesin word daar òf glad niks aan gedoen nie, òf te veel in die verkeerde rigting.

Partye bestaan slegs uit volgelinge wat vir die merendeel die naam van 'n leier aanhang of die naam van die party aanneem, maar in maar baie min gevalle is die volgelinge mense van prinsiepes, waarop en waarmee hulle staan en val, en nog minder is die aantal wat juis hier godsdienstige prinsiepes besit. Die skole word al hoe meer kosmopolitaans in karakter en sal dus vir sover as godsdienstige prinsiepes aangaan dit eer teëwerk as bevoordeel.

Die gevolge hiervan doen hulle vandaag reeds gevoel. Baie jongmense is opgevoed in 'n sisteem waarin die sout der aarde ontbreek, hulle het leer ken 'n staatkundige en maatskaplike etiek wat in stryd is met hulle godsdiens, hulle is gevolgelik verdeelde indiwidue n.l. op Sondag Gereformeerd en op Maandag iets wat daarmee in stryd is. Die hegte, suiwere morele basis ontbreek, die karaktervorming was algemeen en geensins deeglik, en die resultaat — let wel ek sê nie in **alle** gevalle nie—mense sonder prinsiepes, sonder inisiatief, geen persoonlikheid, geen opregheid, geen mense uit één stuk nie soos daar wel in ons voorgeslag was, byv. President Kruger, Generaal de Wet. En omdat die jongmense ten opsigte van die voorbereiding vir hulle roeping in kerk, staat en maatskappy op hulle self aangewys was, het hulle in verskeidene gevalle die „Eendrag maak Mag'' toegepas en verenigings gestig om daar deur onderlinge besprekings, lesings, ens. die leemte op te vul, en in die behoefte te voorsien. Die verenigings is dus nie 'n kunsmatige produk of 'n onnatuurlike groei nie, nog minder 'n rewolusionêre beweging nie, maar is slegs 'n realisasie van die soek na 'n bevrediging van 'n behoefte by nadenkende jongmense.

Die doel by die verenigings was duidelik, maar die metode van werk, die stof te behandel, die pad om te volg, onbekend. Daarby het nog gekom dat gebrek aan kragte, aan goeie voorligting en bronne, agteruitgang, ja ondergang van meer as een vereniging veroorsaak het.

En hierdie en ander besware en moeilikhede het oorsaak gewees van die ontstaan van 'n nog groter behoefte n.l. ko-operasie tussen of met ander verenigings. Dit het dan ook in enkele gevalle plaasgevind maar geen volledige satisfaksie gegee nie. En so het ontstaan die idee van 'n groot Saamwerk Unie of Bond van verenigings wat beoog die verskaf van die nodige voorbereiding vir die lewe.

Gaan ons nou die ontstaan van die Bond na dan sien ons dat:

1. die Bond ewolusionêr, natuurlik ontstaan is, en wel op dieselfde manier as die ontstaan van verenigings, en gemeentelike samekomste.

2. die Bond gevolgelik moet beantwoord aan die gestelde eis n.l. die vervul van 'n behoefte soos reeds aangetoon is. Die doel van die Bond word daardeur meteens vasgestel, n.l.:

(a) Om samewerking te kry met alle bestaande Jongelings- en Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag en nuwe verenigings te stig, waar daar nog nie is nie;

(b) om die bloei van die toetredende verenigings te help bevorder en

(c) om ons Kalwinistiese beginsels uit te dra op alle terreine van die lewe.

Die aldus ontstane Bond moet, om enige kans op sukses te hê, van permanente aard wees. Die Bond kan nie anders as Kalvinisties wees nie, daar sy ontstaan is. juis uit die behoefte daaraan!

Maar eweso kan die lede van die Bond slegs gekonstitueerde verenigings wees. „Gekonstitueerd" want die verenigings self kan as lede van die Bond pas aan hulle doel beantwoord as hulle gekonstitueer is! Die konstitusie van 'n vereniging dra 'n tweeledige karakter, n.l.

1. Die basis of grondslag moet onomwonde verklaar wees. Geen andere basis dan Kalvinistiese kan dien. Debatsverenigings sou daar nie in pas nie want hulle beoog slegs vermaak, tydelike afleiding en geen voorbereiding vir die lewensroeping nie! Kan 'n man byv. goed debateer, dan is dit 'n bekwaamheid maar gee dit hom nog geensins 'n besef van sy roeping nie.

Die basis moet Kalvinisties wees omdat dit volkome ooreenstem met die volkskarakter.

2. Die twede karaktertrek is dat die konstitusie van so'n vereniging die vlag is wat waai bo op die versterking en die vyand oop laat sien wie is wie. Die konstitusie is die bewoording van die strewe van die lede.

Deurdat die Bond aldus 'n permanente karakter het en deur die veelvuldigheid van die behoeftes van die lede, het die Bond 'n enorme potensialiteit.

In die organisasie is daar 'n steun vir alle verenigings en tewens 'n redmiddel vir die algemene agteruitgang onder die jongere generasie. Deur ko-operasie onderling, deur welwillende medewerking en hartlike ondersteuning van ons predikante, kan die verenigings daadwerklik gehelp word om die ontwikkeling van die indiwidue te bewerkstellig, en dit nie in algemene trekke nie, maar langs vasgestelde lyne, op 'n onwrikbare fondament.

Word die Bondsidee gangbaar onder ons jongmense, dan bind dit die stryd aan met verkeerde invloede, en sal die gevolg daarvan wees 'n geleidelike ontwikkeling van die standaard van Kalvinistiese lede van ons kerk, staat en maatskappy.

En die Bond wat so broodnodig is, het op 10 April 1925 tot stand gekom, en brei sig daagliks verder uit. Die organisasie is op die oomblik al so ver dat stedelike verenigings met behulp van goeie boeke, lesings maak. Die lesings word dan gratis en posvry uitgeleen aan verenigings wat nie by magte is sulke lesings te maak nie. Nuwe verenigings word deur die Bond gestig en opgerig. Daar 'n minimum van 5 lede voldoende is vir aansluiting, is dit duidelik dat selfs afstande—die groot moeilikheid in ons land—geen afbreuk sal doen nie.

Op die manier word verafgeleë plase voorsien van gedagtes wat in die stede uitgewerk word. Op die manier kry die minder bevoorregte Afrikaner ook 'n kans om met ontwikkeling in aanraking te kom en dit te bewerkstellig. Op die manier ontstaan daar onder die jongmense 'n massiewe front teen vreemde en gevaarlike invloede soos byv. Bolshewisme, Wederdopers, ens. Maar die potensialiteit van die Bond gaan verder. Deur die samewerking, deur die saamleef, ontstaan daar gedagtewisseling, ontstaan ontwikkeling en kom tot stand wat èn baie huisgesinne èn ons skole in die algemeen nie gee nie, n.l. daar ontstaan mense met definitiewe prinsiepes, mense uit één stuk, wat nie bang is om hulle opienies te handhaaf waar dit 'n saak van prinsiepe geld nie. Maar sal die Bond dan nie 'n nuwe party stig of politiek gaan doen nie? Sou die Bond dit doen dan sou hy 'n verraaier word van sy eie beginsels. Voorbereiding vir die lewensroeping is sy strewe, geensins agiteer nie! Die Bond vervul 'n behoefte en het aldus geen moontlikheid vir propaganda of agitasie nie, nog minder vir rewolusie! Daarenteën kan en mag die Bond ook nooit word 'n konfederasie van sondagskole nie! Want dan sou hy eensydig word en beide die staatkundige en maatskaplike roeping verwaarloos!

En in die derde plek sal die Bond ook nooit kan bewerk dat die verenigings vorm "'n Kerk in 'n Kerk" nie.

Verenigingslewe is 'n onmisbare faktor in die samelewing van kristelike jongmense.

Verenigingslewe, soos hierbo aangedui, moet word 'n lewendige saak vir die gereformeerde jongmense.

In 'n vereniging sal wel Bybelse Geskiedenis, Kerkgeskiedenis, Kerkreg, ens. behandel word maar kan daar nooit preke gelewer word nie, omdat die lede reeds in die opsig altyd voorsien was en die vereniging ontstaan het uit 'n behoefte aan wat daar nie was nie.

Die Bond geniet op die oomblik die volle ondersteuning van onderskeidene professore, predikante, kerkraadslede en voorstanders vir die ontwikkeling van die jongmense langs die regte lyne, o.a. nog onlangs het die klassis van Middelburg in haar l.l. sitting te Ermelo die Bond haar ondersteuning toegesê. Die Bond sal die volle ondersteuning kry en behou van almal wat ons volk liefhet en wil saamwerk aan die vooruitgang en ontwikkeling daarvan. En hierin moet elkeen aktief wees. Stig 'n vereniging—5 lede is die minste— en skryf aan ondergetekende. Is daar moeilikhede òf met die stig òf in die bestaan van 'n vereniging, laat die Bond help.

H. DE BRUYN, M.A.,
Organiserende Sekretaris.

Roodekopjes 171,
P.K. Marikana, Transvaal.

## VIR DIE KINDERS.

### DIE LOFSANG IN DIE TEMPELHOF.

Dit was die wet dat elke Joodse moeder haar eersgeborene seun na die Tempel moet neem op die negeen-veertigste dag van sy lewe. Daar was twee redes vir die besoek. Die eerste was dat die moeder 'n offer van danksegging moes offer vir die gawe van 'n seun aan haar gegee.

Die twede, dat sy aan God terug kon gee die kind wat Hy haar geskink het.

'n Lam was die offer wat God voorgeskrywe het vir die wat dit kon bekostig. Maar arme behoeftige moeders, wat nie geld genoeg gehad het om 'n lammetjie te koop kon 'n paar tortelduiwe of 'n paar jong duiwe bring.

Maria, die moeder van onse Here Jesus het seker in haar hart gewens dat sy die geld had om 'n lammetjie vir haar offer te kan bring, wanneer sy met die Kindeke Jesus na die Tempel sou opgaan.

Maar, helaas, Josef was maar 'n arme skrynwerker en daar was nie geld genoeg om 'n lammetjie te koop nie.

Die môre toe hulle na die Tempel moes gaan was Maria en Josef seker met dagbreek op en besig met hulle voorbereidsels, want volgens die Wet moes hulle die Kindjie bring terwyl die môreoffer brand. En

Bethlehem, waar hulle gewoon het, was meer as vyf myl van die Tempel geleë.

Op weg na Jerusalem, in die fris môrelug, kom hulle by die plek verby waar die herders die heerlike Kerslied van die Engele gehoor het. Ook gaan hulle weg langs die plek verby waar Rachel gesterwe het, jare en jare gelede.

Maar dit was nie hieraan wat Maria gedink het toe sy Jerusalem nader met die Kindeke Jesus in haar arms. Dit was seker die woorde wat sy as kind in Nazareth geleer het, uit die ou Skrifrolle: "Juich, gij dochter Jeruzalems. Ziet, Uw Koning zal tot U komen," wat haar gedagtes vervul het.

Sekerlik, Jerusalem sou dit tog weet, sou God nie miskien 'n Engelbode na die Tempel gestuur het met die blye tyding van die aankoms van die Koning, en sal die strate van Jerusalem nie gevul wees met 'n blye skaar, wat sing „Eere zij God," as hulle binnetree?

Maar, helaas, geen Engel het die stad of die Tempel besoek nie. Ongestoord, ongegroet tree Josef en Maria met die Kindeke Jerusalem binne. "Miskien sal die priesters in die Tempel die Kindeke erken en as die beloofde Koning begroet," dink Maria miskien by haarself terwyl haar oë gerig is op die pragtige gebou daar op die Tempelheuwel.

Vir Maria, opgegroei in die eenvoudige Nazareth, moes die Tempel met sy kleurige marmer en skitterende goud seker 'n wonderpaleis van skoonheid gewees het.

Die groot buitenste hof, waar almal mag binnegaan, was alreeds amper vol met aanbidders, mense van alle dele wat gekom het om God te aanbid met die môreoffer. En almal loop die Kindeke verby, niemand bring Hom hulde. Maria begin baie eensaam te voel tussen die gedrang. Nadat sy die paar duifies vir haar offer gekoop het, gaan sy en Josef oor na die ingang van die hof van die vroue. Maria dra haar duifies en Josef die Kindeke Jesus.

Die hof word genoem die hof van die vroue, omdat geen vrou verder mag gaan dan die marmer trappe daarin, wat lei na die binnehof en vertrekke van die Tempel, in een waarvan die groot koper altaar gestaan het; en dieper nog was die heilige Tempel self, waarin niemand behalwe die Priesters mag gaan. Oral was wette en perke om die mense weg te hou.

Heeltemal onopgemerk neem Maria en Josef hulle plek op die marmer trappe terwyl die reukoffer binne in die Heilige geoffer word. Toe dit verby is en die gebruiklike seën uitgespreek, verlaat die skare die Tempel en dit is nou net die groepie uit Bethlehem wat agter bly. Waarskynlik het die priester op diens, wat die offer van Maria moes ontvang, hom nie gehaas nie. Hy sien dis maar 'n vrou uit die arme stand, met die geringe offer van twee duifies. Toe hy eindelik na haar kom en die duifies neem, het Maria seker dadelik gemerk dat hy nie 'n Engelbode gesien het nie, wat hom kon vertel het van die Kindeke.

Die priester neem die duifies na die binnehof en 'n rukkie later verskyn hy weer om die seën oor haar uit te spreek, soos voorgeskrewe in die Wet.

Maria weet dat haar duifies daar binne geoffer is, en sy voel dat dit so 'n nietige, armoedige offer is. As sy nou tog liewer 'n lammetjie kon gebring het!

Hoewel Maria dit nie geweet het nie, h e t sy 'n Lammetjie gebring, "Die Lam Gods." "'n Onbestraffelijk en onbevlekt Lam" (1 Pet. 1 vers 19). Maar Maria het nie verstaan of geweet dat haar Kindjie as 'n offer in die wêreld gekom het, dat Hy Homself sou offer as 'n "rantsoen voor velen." In haar gedagtes was Hy die beloofde Koning vir wie 'n kroon wag, maar nie 'n doringkroon nie.

Dis die stem van die Priester, as hy die laaste seën uitspreek, wat Maria terug bring na die teenwoordige en sy sug as sy dink dat die Koning na Sy Tempel gekom het en niemand Hom assulks begroet het nie. Daarom is dit dat sy teleurgesteld die Priester agterna staar, waar hy, na afloop van die kort seremonie, weer die Tempel binnegaan. Sy draai om om die trappe weer af te gaan, en kyk, daar staan 'n ou man vir hulle en wag. Hy was oud en krom en sy oë dof, daar hy gedurig besig was om die Heilige Skrifte te ondersoek en die beloftes van God na te gaan. Hy was seker 'n bekende figuur in Jerusalem, die ou kromgeboë Simeon, wat so getrou die Tempel besoek het. Maar sy hart was jonk en vol van 'n blye verwagting.

H y het dadelik geweet wie die Kindeke daar in die arms van Maria was. Ons weet nie seker wanneer God hom die geheim openbaar het nie, maar dit was miskien eendag toe hy weer besig was om die Skrifte te ondersoek en die woorde van Jesaja gelees het: "Uwe oogen zullen den Koning zien." Toe het die Gees Gods hom seker die openbaring gedoen dat hy die dood nie sou sien nie eerdat hy die Kristus sou sien

Toe die skare die Tempel verlaat het na die môreoffer het Simeon agtergebly. Iets in sy hart het hom sy tree laat rig na die plek waar Maria en Josef staan. En nog nooit is so 'n lig op iemand se gesig gesien soos Maria met die omdraai daar op die gelaat van die ou Simeon gesien het. Want in dié oomblik het sy oog geval op die Kindeke in haar arms en die Gees fluister in sy hart: 'Daar is die Koning, Uw oogen hebben Mijne zaligheid gezien."

Al Maria se teleurstelling verdwyn toe sy die vreugde op die ou gelaat sien. In 'n oogwenk verstaan sy dat hy weet dat aan hom Gods geheim geopenbaar is. En dit is nie vir haar asof 'n vreemde haar Kindjie neem, as hy sy bewerige ou arms uitsteek om Hom te neem. En hoe het Simeon se oë nie gestaar op die Kindjie, wat hy so lang verwag het. Terwyl hy hom so verkyk en verwonder begin hy God te loof en te dank dat Hy Sy belofte waar gemaak het. Nou kon hy in vrede sterwe.

Die Engel het vir Maria gesê dat haar kind die Seun van God sou wees. Vir Sacharias het Hy bekend gemaak dat Hy Sy volk sou verlos van hulle sonde. Maar aan Simeon het God 'n besondere en wonderlike deel van die Goeie Tyding openbaar. Die Saligmaker, wat hulle verwag, was nie net vir die Jode alleen nie, maar ook vir die Heidene.

Daar op die marmer trappe van die Tempel, in die heerlike môresonneskyn vertel Simeon vir Josef en Maria wat God hom omtrent die Kindeke openbaar het. „Hij zal wezen een Licht tot verlichting der Heidenen en tot heerlikheid van Mijn Volk Israel," sê Simeon, nie in gewone woorde nie, maar in sy vreugde juig hy die profetiese woorde in 'n lofsang uit. Maar Josef en Maria, staande in die Tempelhof waar geen Heiden mag binnetree nie, verstaan sy profesie net gedeeltelik. Hulle verstaan nie as Simeon Hom loof as 'n Licht ter verlichting der Heidenen en "zij verwonderden zich."

Maar die lofsang van Simeon klink deur die eeue heen, en veral vir ons, die afstammelinge van die Heidense volke, wat die Tempelhof nie mag binnetree, het die loflied 'n besondere en heerlike naklank, en ons sing met nuwe dankbaarheid by onse Kersfeesviering:

Een licht zoo groot, zoo schoon,
Gedaald van 's hemels troon,
Straalt volk bij volk in d' oogen
Terwijl 't het blind gezicht,
Van 't Heidendom verlicht,
En Israel zal verhoogen.

(Vry vertel na die Engels van Lettie Bell).

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

## NUWE BOEKE.

*Almanak* van die Geref. Kerk, 1926:—Red. Di. W. J. de Klerk en J. V. Coetsee. Uitgewers Nas. Pers, Bpk., Bloemfontein. 142 bladsye.

Na die gewone maand-almanak volg 58 bladsye mengelwerk oor verskillende belangrike onderwerpe. Dan die kerklike statistiek.

Interessant is so 'n statistiek. Dooie syfers gaan vir ons lewe en vertel vir ons van die lewe van die Kerk. As die nagekome opgawes bygereken word dan is daar opgegee 22,675 belydende lede. En dan die gemeentes! Het hulle gegroei of verklein? Is daar minder kinders gedoop as voorheen? So ja, wat sê dit? Dink bietjie daaroor na! En vergelyk Portugees Wes Afrika se doopopgawe met ons groot en klein beskaafde gemeentes! Is die beskawing 'n seën? Is hier sonde in die spel? Statistieke is harde feite. Ook syfers kan tot bekering roep. Dan kom die predikante- en die doodlys. Daar is nood en hulle sterwe party so jong weg. Wie sal volg?

Vreemd kom nog die ou bepalings voor vanaf bladsy 126. Vir die kas van die Teol. Skool word nog bereken "'n ekstra bydrae"—Onder "Kollekten door de Synode" staan ook "'*n* Kollekte."

In die Almanak word nog altyd gemis 'n statistiek van die Sending.

Ook van hierdie Almanak, wat vir die Redaksie werk besorg het, en wat goed uitgevoer is deur die Uitgewers, kan ons gemeentes baie leer.

Hierdie Almanak is die 52ste jaargang. Kan iemand vir die Teol. Skool ou Almanakke vanaf die jaar 1873 stuur?—J.P.

**TABAK.**

EERSTEKLAS KWALITEIT.

10 pond 12s. 6d.; 20 pond 22s. 6d.; 30 pond 31s.; 50 pond of meer 1s. per pond. Kontant of K.O.A. gelewer op my stasie.

Skryf aan J. M. ROETS,
P.K. Boschhoek, Rustenburg, Tvl.

**HUWELIK.**

HENNING—VAN ROOY.—Aan Familie en Vriende word bekend gemaak die huwelik van "Doris" Henning met I. van Rooy in die Geref. Kerk, Krugersdorp, Maandag, 28 Desember D.V. om 4 n.m. Geen kaartjies, geen resepsie.

**IN MEMORIAM.**

SNYMAN.—Onvergeetlik bly ons die middag van die 31ste Desember 1924, toe van ons weggeneem is, ons geliefde moeder,

**Martha Maria Snyman (Geb. Du Plessis)**

Heengegaan, maar nie vergeet nie.

HAAR LIEFHEBBENDE KINDERS.

Nek. Griekwastad.

**DOODBERIG.**

**OORLYDE VAN OUDERLING BREED, DORDRECHT.**

Hede is ons broeder en medekerkraadslid, Johannes Breed, deur die onverbiddelike dood aan ons ontneem, in die ouderdom van 47 jaar, nadat hy eers as diaken en later as ouderling ons gemeente gedien het. Ons is almal bedroef, maar kus die slaande hand van Hom Wie se weë nie ons weë is nie.

Mog die Heer vir die weduwee en wees opnuut toon dat Hy 'n Regter van weduwees en 'n Vader van wese is.

Namens die Kerkraad van die Geref. Gemeente van Dordrecht.

B. J. v.d. WALT,
(Korrespondent).

Dordrecht, 5 Des. 1925.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

**F. W. GRAY,**

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.

Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.

*Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.*

Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.

Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.

**DAMES UITRUSTING.**

Mev. E. J. van der Walt, 193 Langstraat, Kaapstad, Drapeerster, Kompleet Uitruster Dameklere en Hoede, of enig damesbenodighede. Hoede en Dresmaakster, Troutabberds en Trosseau 'n spesialiteit. Kontant met bestellings. Posvry. Persoonlike toesig.

**OOR DIE VRAAGSTUK VAN DIE DAG:**

**MATIGHEID DIE ENIGSTE OPLOSSING.**

**Prys 6d. Posvry.**

Die Pamflet bevat die volgende:—

**Wat Gods Woord leer oor die Drankvraagstuk.**—Ds. C. W. M. du Toit.

**Opienies van Teologiese Professore en Predikante.**—Prof. Dr. J. D. du Toit, Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, Prof. J. A. du Plessis, Prof. Dr. A. Moorrees, Ds. D. S. Botha, Prof. Dr. E .E. van Rooyen, Ds. D. G. Malan, Ds. W. J. van der Westhuizen, Ds. J. F. Botha

**Die Drankvraagstuk uit Sosiale Standpunt beskou.**—Dr. A. I. Perold.

**Alkohol en die Dokter.**—Dr. C. Louis Leipoldt.

**Wyn en Dronkenskap: Die vraagstuk van die dag.** Referate gelewer op die Pêrelse Kongres van 7 en 8 Mei, 1924. Prys 1/- posvry.

Ook in Engels verkrybaar teen dieselfde prys.

VERKRYBAAR BY:

**DIE VOLKSBLAD-BOEKHANDEL, Maitlandstraat,**

**Foon 849. BLOEMFONTEIN. Bus 325.**

BESTEL NOU

**36 PSALME**

in Afrikaans

Berym deur

TOTIUS

Musiek bewerk deur

F. W. JANNASCH.

**PRYS 6/- POSVRY.**

Stuur kontant met bestelling aan

**Die Volksblad Boekhandel,**

**Maitlandstraat,**

**BLOEMFONTEIN.**

ONS DAGBLAD VAN DIE NOORDE

# DIE VOLKSBLAD.

Is u al intekenaar? Smaak u al die genot van tydig die wêreldnuus in u eie volkstaal te lees?

Ons boere het die markberigte nodig. Ons het almal die inligting nodig oor ons volksbestaan en wat in die volkerewêreld gebeur. Anders is ons baie soos 'n skip sonder kompas. Spurgeon het gesê: "Ek lees my Bybel om daarin te sien wat die Raad van God is, en my koerant om dáárin te sien hóe God Sy Raad uitvoer in die verloop van die wêreldgeskiedenis."

Kennis is mag! Wapen dus uself, en help tegelyk as Afrikaner ons dagblad. Hoe meer intekenaars hoe makliker die advertensies instroom. Moenie 'n ongereëlde posdiens ontsien nie. Die prys is maar £2 5s. per jaar. Stuur u naam aan die Nasionale Pers, Beperk, Bus 267, Bloemfontein. Laat ons skouer aan skouer staan, dorpsbewoner en boer op die platteland. Dit is 'n voorreg en genot om 'n Afrikaanse dagblad te hê. Ek praat van eie ondervinding.

C. W. M. DU TOIT.

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 571 | 19 JANUARIE 1926 | 26ste JAARGANG

### DIE NUWE JAAR.

Dit is ons eerste uitgawe van die Nuwe Jaar. In die verlede jaar het die getal intekenare aanmerklik gegroei.

Hierdie jaar reken ons op 'n nog groter vermeerdering van ons aantal lesers.

Die intekenings-geld op *Die Kerkblad* is so gering dat 'n mens al baie arm moet wees om weëns geldgebrek nie in te teken nie. Die fout van baie mense is dat hulle nie dadelik betaal nie. Skuld maak word so 'n gewoonte. Let op wat ons sê in die korrespondensie kolom. Maar ons wil nie net oor *Die Kerkblad* gesels nie. Ons begin die jaar met 'n swaar droogte. Mog die Here spoedig uitkoms gee!

Verlede jaar was 'n goeie. So gaan dit altyd in ons land. Wat maak sommige mense nou as die jaar goed is? Hulle koop motors en weelde-artiekels en lewe weer breed in plaas van hulle geld produktief te gebruik of hulle skuld af te betaal, en dit het selfs gebeur dat iemand van sy vee en boerderygereedskap verkoop het om 'n motor te koop. Dit is veral die boer wat koning is en baas is van sy tyd. Die meeste ander mense is in diens van ander. Maar daarom is boerdery ook so gevaarlik.

Seker streke van ons land is veral die weiveld van die motor-agente. Treinvragte motors word vervoer vir plase en dorpe, terwyl baie eiendomme swaar belas is met skuld. Om 'n motor te hê is nie sonde nie, maar wel is dit sonde om roekeloos geld te spandeer of skuld te maak vir die weelde. Laat ons lesers hulle tog bedink! En ek, wat nie 'n motor het nie of my onthou van onnodige weelde, moet nie dink dat hierdie stukkie vir my buurman of buurvrou is nie.

Wat is my sonde? Miskien gierigheid? Miskien afguns? Laat in alle geval elkeen hom afvra oor sy rentmeesterskap ook oor die aardse dinge! Ons raad is ,,maak nie weelde-skuld nie, leef na jou inkomste en betaal jou skuld!"

'n Mens word nie geweeg na sy weelde nie. Miskien deur die wêreld, totdat jy niks meer het nie. Maar nie deur die Here nie, ook nie deur mense van wysheid nie. Dit is adel, eerlikheid, reinheid, manlikheid, trou en goedheid wat weegbare eienskappe is.

Oor die geestelike lewe ook 'n woordjie. Ook ons bereik onrusbarende berigte oor geestelike toestande in gemeentes van ons kerk. Ons bedreig nie net geldelike armoede nie, maar ook geestelike. Daar openbaar hom 'n skyn van welvaart en 'n skyn van vroomheid, waarvan in sommige gevalle die masker al afgeruk word. Sondes van onkuisheid, van wêreldsvermaak, van wêreldgelykvormigheid en wêreldsgesindheid word bedrywe. Laat ons tog nie die sondes verblom nie! Verhard u nie teen die vermaning van Gods Woord nie! Bely u sonde voor die Here en voor u kerk en keer terug! Gee nie u liefde en u kragte aan die wêreld nie! U kan van so veel seën en nut wees vir kerk en maatskappy. Moenie die duiwel en die wêreld help nie! Bekeer u en bou die mure van Jerusalem! Laat vaders en moeders beslis met Josua sê:—,,Ek en my huis, ons *sal* die Here dien!"

Daar word ook gekla oor gebrek aan liefde vir mekaar. Daar is nyd en afguns. 'n Geskender oor ander mense maak die omgang onmoontlik. Die kenmerke van die ware Kerk is *Liefde* tot God bo alles en *liefde* vir mekaar. Net waar Liefde is, is seën. Daar is ook blydskap en vrede.

Ons besef hoe die duiwel en die wêreld ook ons kerk bedreig, en ons weet hoe predikant en kerkraad soms radeloos staan. Waar moet dit heen? Mag ons ook hierin die vrymoedigheid neem om 'n woordjie te sê?

Niemand dui ons dit ten kwade. Laat dan die geestelike leidsmanne ook die *leiding* gee! In alles. In die geestelike en in die tydelike.

En wat ons gemeentes aangaan mag ons nie verslap nie. Vir die duiwel mag ons nie wyk nie en vir die wêreld mag ons nie konsessies

doen nie. Die krag van ons kerk sal nie in getalle lê nie. Laat die beeld van Filadelfia (Openbaring 3:7—13) voor ons geestesoog lewe!

Tree op teen die sonde en wyk nie vir die geweld van die wêreld nie!

Wees gestreng met Gods Woord in lankmoedigheid!

Maar vermaan en bestraf en, as die lankmoedige vermaning nie help nie, suiwer die Kerk van die Here!

Die Kerk moet handel met *gesag*, nie soos die Roomse met die gesag van die Kerk nie, maar met die van Gods Woord. Iemand het geskrywe dat die mensdom, wat radeloos sal word na sy verwaande grootheid en kennis-mag, sy toevlug sal soek by die Roomse Kerk, omdat daar nog alleen die outoriteit, die gesag, 'n werkelikheid is, wat die gemoed tot rus bring.

Hierin lê 'n groot element van waarheid. Die Gereformeerde Kerk kom ook met gesag, maar met die van Gods Woord, en wee die Protestantisme as hy wyk vir die ongelowige wetenskap, wat afding op die gesag van Gods Woord. Dan open hy die arms van die Roomse Kerk. Dit is daarom so treurig, dat selfs in ons land, daar Professore en predikante is, wat konsessies doen aan die ongeloof, waardeur hulle die graf bou van hulle Kerk. Laat ons pal staan en die gemeentes roep tot gehoorsaamheid aan Gods Woord, hulle troos met die gesag van Gods Woord, maar hulle ook bestraf en die ongehoorsames bring onder die tug van Gods Woord. Maar laat ook die ampsdraers in die eerste plek hulle self bring onder die *gesag* van Gods Woord.

Mag die H. Gees die Kerke besiel met nuwe lewe van krag en hulle vrugbaar maak in goeie werke!

(Vervolgstuk oor ,,Gereformeerde Kerkverband" moet oorstaan.—Red.)

## SKRIFOORDENKING.

### LIG EN DONKER.

(Deur Ds. J. V. Coetzee.)

Ps. 48:4; 36:3; 51:9; 69:14.
Lees: Jesaja 60.
Teks: Jesaja 60:1—3.

In die profesie van Jesaja kom Sion en Jerusalem geduriglik voor as die vrou van die Here, —die moeder Israels. Sy is die moeder van die kinders van die Verbondsvolk. Sy word egter ontrou, en wandel ander mans agterna (die afgode). Toe het sy 'n geestelike bastergeslag opgekweek.

Oor hierdie ontroue vrou en haar bastergeslag sien Jesaja die besoekinge van die Here kom in verwoesting en ballingskap. Die waarskuwende woord van Jesaja is nie gehoor nie.

En die voorspelde besoeking het gekom. Die stad is verwoes. Die mure is deurgebreek en geskeur. Die altare is omgewerp. Die poorte van Jerusalem is met vuur verbrand. Die kinders van Sion wat hulleself nie deur die vlug kon red nie, en wat nie onder die slag van die swaard geval het nie, is weggevoer in ballingskap. Die swaard van die Noorde—Assur en Babel—het ontsettend onder hulle gewoed. En toe het Sion, die moeder Israels, daar tussen die puinhope van haar vroegere woning, agtergebly, 'n moeder van kinders berowe. Die huilende nagwinde het om haar heen gewaai en het geween: Verlate, verlore, vergete.

Die profeet sien egter verder as die nag van oordeel wat oor Sion kom. Hy sien daaragter ook weer aanbreek 'n morestond van verlossing en bevryding. Daardie morestond daag vir die moeder Israels, as haar kinders uit die ballingskap terugkom. Reeds in kp. 54 hoor die profeet hoe die terugkerende kinders van Sion die moeder Israels van ver af begroet:—Sing vrolik, o onvrugbare, wat nie gebaar het nie. Maak geskal met vrolik gesang. Maak die plek van u tent wyd en dat hulle die gordyne van u wonings uitbrei, en verhinder dit nie; maak u koorde lank en slaan u tentpenne vas in. (Kp. 54:1,2.)

Die toneel in kp. 60 verplaas ons profeties by Jerusalem en Sion. Die stad wat reeds van veraf deur die terugkerendes begroet is, sien nou haar teruggekeerde kinders voor haar en hulle roep haar toe om op te staan en te geniet die heerlikheid van die nuwe dag wat haar tenslotte bereik het na so lange tyd van verwoesting en verlatenheid.

Dis die profesie in sy verband. Maar na die aard van die profesie strek dit homself uit oor die volheid van die tyd heen totdat dit tenslotte sy volkome vervulling kry in die voleinding van alle dinge.

In hierdie profesie hoor ons :

1. Van Sion in duisternis en 'n Evangelie van Lig;
2. Van 'n onmagtige en onwillige natuur en 'n vry en almagtige genade Gods;
3. Van 'n donkere toekoms en 'n komende Heerlikheid Gods.

1. *Sion in duisternis en 'n Evangelie van Lig.*

Gods volk is 'n volk wat uit die duisternis geroep word tot Sy wonderbaar lig.

Oorspronkelik was daar lig. In die begin is alle dinge gemaak deur Gods ewige, ongeskape Woord. In die ewige Woord was die lewe en die lewe was die lig van die mense (Joh. 1:2).

Die Soon Gods was die Lig wat geskyn het beide oor die natuur, waarin Gods heerlikheid gestraal het, en in die oog van die mens om daardie heerlikheid te aanskou en te aanbid.

Toe was daar geestelike lig en geestelike lewe. Spoedig egter het die duisternis gekom. Op die sondeval in die Paradys het die geestelike donkerheid spoedig gevolg. Die mense is verduister geword in die verstand en vervreem van die lewe Gods. (Efese 4:17—19.) Die verdorwenheid van die mense het die lig uitgeblus. En toe die geestelike donker oor die mensdom heengetrek het, toe is dit wel nie prysgegee nie. God, die Here, het van ewigheid besluit na Sy welbehae om uit die ganse gevalle menselike geslag, sommige, met name by Hom bekende persone, wat Hy uitverkore het ten ewigen lewe, op Sy tyd te bring tot die lig van die saligmakende kennisse Gods. Maar daardie uitverkorene is voortaan 'n volk wat uit die duisternis geroep word tot Gods wonderbaar lig. Voortaan sit Gods uitverkore Sion in geestelike donkerheid totdat die reddende Lig van die Verlossingsevangelie oor hulle opgaan.

Deur die sonde het dit geword 'n wereld van geestelike donkerheid. Mense het gaan neerkniel voor die maaksel van hulle vingers en het daarvoor gesê: U is my god. Hulle het goud en silwer verdien en dan 'n smid gehuur om dit vir hulle tot 'n god te smee, wat hulle goddelike hulde betoon het. Vir ons wat grootgeword het onder die lig van die Evangelie, is dit moeilik om ons 'n voorstelling te vorm van die stikdonker geestelike nag waarin die wêreld deur die sonde versonke was. Dink egter vir 'n oomblik daaraan hoe die mense in Egipte gekniel het voor die beelde van kalwers en ramme, katte en gevoelte en kruipende gedierte. Dink aan die Assiriese afgodery verbonde met moord en hoerery. Dink aan die wrede Mologdiens, waar kinderoffers gebring is aan 'n groot afgodsbeeld. Dink aan die afgodery van Griekeland en Rome, waar helde en keisers goddelike hulde ontvang het en die geeste van afgestorwenes en honderde ingebeelde gode vereer is.

Hand aan hand met daardie geestelike duisternis het gegaan die sedelike nag waarin die volke gewandel het. Die mense het gewandel as kinders van die duisternis, want hulle werke was boos. Lees maar Rom. 1:18—32 en sien watter donker beeld die apostel Poulus daar teken van die wandel onder die heidendom. Dink vir 'n oomblik aan die onsedelikheid, die wreedheid en die laagheid wat onder die heidene openbaar geword het onder die naam van godsdiens.

Met die afgodery het gepaar gegaan 'n lewe van duisternis. Verdrukking, vertrapping en onreg was die reel. Medelyde en barmhartigheid was bykans ongekend. Mag was reg en hulpeloosheid en swakheid is verag geword en aan hulleself oorgelaat om te sterwe. Die mense was gekneg onder die septer van tiranne. Die vrou was 'n slaaf, 'n slaaf van mans—die voorwerp van vuil begeertes. Die apostel Poulus teken die lewe in die heidendom aldus: „Dat die mense vervul was met alle ongeregtigheid, hoerery, boosheid, gierigheid, kwaadheid; vol van nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; oorblasers, agterklappers, haters Gods, smaders, hoogmoediges, vinders van kwaaie dinge, ongehoorsaam aan die ouers, onverstandiges, verbondsbrekers, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig.” Orals het die geroep van smart en benoudheid opgestyg, sonder 'n ligstraal om die minste troos te bring. Duisternis het die aarde bedek en donkerheid die volke. Op aarde het geregeer die mag van die hel, die vors van die duisternis.

In so'n wereld is die Sion Gods versprei, die uitverkorenes na Sy ewige Raad en Welbehae, wat tot die Lig moet gebring word.

En oor die Sion Gods, wat so wandel in 'n land van donkerheid en doodsskaduwees sien die profeet van die Here die Lig van die Evangelie opgaan.

Hy het geweet van 'n Kind wat gebore sou word! Hy het in die profesie gehoor van 'n Son van geregtigheid wat sou opgaan om Gods volk in die wereld te bestraal met die lig van verlossing en vrede. Vanaf Sy kruis en uit Sy geopende graf sou na alkante uitstraal die Lig van die Verlossingsevangelie. Voor Sy strale sou die afgodsbeelde val, die heidense tempels verbleek, die gode van die volke tuimel van hulle voetstukke, en lewe en hoop sou weer klop in die are van die mensdom. Soos die ewige Woord gestraal het in en oor die donker van die skepping, so sou nou die Woord vlees word om te straal oor 'n geestelik en sedelik verdonkerde wêreld, en Hy sal sê: Laat daar lig wees.

Ja, dis oor 'n donker wêreld wat die genade Gods opgaan. Die genade Gods wat verlossing bring, wat die vrede gee wat alle verstand te bowe gaan; wat Gods vrede bring oor gedruktes, verlorenes en sterwendes, kom tot uitverkorenes

wat verkeer in donkerheid en in die mag van die duisternis.

So is dit vandag nog. Ons lewe in 'n *verligte, donker* wêreld. Verlig en beskaaf, seker, maar ook donker en onder die mag van die vors van die duisternis. Dis 'n wêreld wat verduister is in die verstand en vervreem van die lewe Gods. Uit so 'n wêreld word nog elke uitverkorene Gods getrek tot die Lig in Kristus.

So het Jesaja dit gesien as Lig wat opgaan oor 'n donker wêreld. Al is dit dat duisende tot die Lig nie kom nie, omdat hulle werke boos is en hulle wandel as kinders van die duisternis. Maar geen teëstand van mense kan die Lig uitblus nie. Ligtend langs die gange van die eeue, indringend in elke land en volk sou die Evangelie kom om die uitverkorenes Gods byeen te vergader tot 'n heilige, algemene, kristelike Kerk en hulle te vervul met blydskap en vrede.

Ō, laat ons die Here God dank dat Hy ons nie regverdiglik gelaat het in die geestelike verduistering en vervreemding van Hom waarin ons van nature verkeer het.

2. *Die natuur onwillig en magteloos, die genade vry- en almagtig.*

Toe die lig weer oor Sion opgaan, was die woord van die profeet: ,,Maak u op, word verlig (skyn), want u lig kom en die heerlikheid van die Here gaan oor u op." Jerusalem moes eers die lig van Gods heerlikheid opvang om dan self te straal en te skitter.

*Ja, Sion moet die lig van die Here opvang.* Gods heerlikheid is Sy lig. Sions verlossing en verligting kom van Bo, van die Here, God almagtig. Die lig wat die wêreld verlig, kom nie van mense nie. Alle mense was onmagtig om hulp en verlossing aan te bring. Assur en Babel, Egipte en Griekeland het hoë beskawings ontwikkel. Kuns en wetenskap is beoefen. Hulle wysgere het nagedink. Maar die toortse, aangesteek deur mensehand, was onmagtig om die duisternis te verdrywe en spoedig het hulle weer uitgegaan. Mense het baie geprobeer om die wêreld te verlig, met wêreldse wysheid en wetenskap. Toe die Reformasie weer die lig van die Verlossingsevangelie op die kandelaar geplaas het het die Humanisme heil gesoek in die herlewing van die wysheid en kuns van die ou wêreld van Griekeland en Rome. Duisende verwag vandag nog heil van kuns en wetenskap, van beskawing en Ewolusie. Sonde is, volgens die beskouing van baie mense, die gevolg van onkunde. Die mens is goed. Verbeter net sy omgewing. Sit hom in die skool, en verlig sy verstand met kennis. Bou skole en uniwersiteite, en daarmee word geld bespaar op poliesie en gevangenisse.

Menselig is egter onmagtig om te red en tot heerlikheid te bring. En hoe goed en prysenswerd kuns en wetenskap en kennis ook mag wees, sonder die verlossingsevangelie van die kruis van Kristus staan hulle magteloos. *Sions lig kom van die Here, onse God.*

Ja, die natuur is onmagtig en onwillig om redding aan te bring. Ons is deur die sonde gans en al verdorwe en onbekwaam tot enig goed. Ons is dood in die sonde en misdade. En uit die wortel van onse verdorwe natuur kan nimmermeer enig geestelike goed opspruit. In Adam het die ganse menselike geslag in onmag gesink. En nimmer, nimmer, kan mense uit hulleself hulp of redding aanbring.

Dit is nie so nie dat die mens uit eie beweging tot die lig van die evangelie gaan. Dit is nie so dat die verdorwe mens verlang om verlig te word. Dit is nie so dat hyself kom tot Kristus, die Lig van die wêreld. Dit is nie so dat daar nog in hom 'n wil ten goeie oorgebly het. Ook onse persoonlike redding is nie uit ons, geheel of gedeeltelik, maar enig en alleen van God, die Here.

Onse natuur is onmagtig en onwillig. Ons haat die lig. En as daar 'n hand tot ons uitgesteek word om ons tot die lig te bring, dan slaan ons dit weg en sê: ,,Bly van my af!" Nee, dit is nie so dat die verdorwe mens wil gered word. Sion kan haarself nie verlig nie. Sy moet verlig *word* en die Heerlikheid *van die Here* moet oor haar opgaan.

,,Maar," sê u, ,,wie kan dan salig word? Wie word dan gered? Wie kan dan tot die Lig kom?"

Sie, die natuur is onmagtig en onwillig. Maar die genade is *Gods* lig en *Sy* heerlikheid. Dis die heerlikheid *van die Here* wat oor Sion opgaan. Sions lig is die genade en die heerlikheid van 'n *vrymagtige en almagtige God.* Dis 'n genade wat gaan waarheen dit wil en en waar dit gaan breek dit vir homself 'n baan. O, nee, dis nie 'n magtige mens met sy vrye wil hierbenede, en 'n onmagtige God daarbo, wat wag op mensewelbehae, maar net omgekeer, dis 'n onmagtige en onwillige mens hierbenede en 'n vrymagtige en almagtige God daarbo. En daarin is onse redding. Anders sou niemand salig word nie.

Die genade, die verlossing uit die doodsnag van die sonde, is *Gods werk.* Die die werk van Herskeppingsalmag wat gebied dat Sy lig sal skyn

in die duisternis. Die woord van die Verlossingsevangelie, wat kom is die Woord van die *Almagtige* God. En die Gees wat die uitwendige roeping van die woord aan die hart beseël en die hart oopmaak, is die Almagtige en vrymagtige God Self. O, al is die natuur onmagtig, en al wil die sondaar tot die lig nie kom nie, die Gees Gods is die Gees van vrymag en Hy gaan waarheen Hy wil, na Gods welbehae. Hy laat die lig inskitter waar Hy wil. Hy oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Hy wederbaar die mens van 'n kind van die duisternis tot 'n kind van die lig. Die Gees maak hom 'n nuwe skepsel, sodat hy, wat eertyds duisternis was, lig word in die Here.

Daarom die bevel Gods aan Sy volk, Sy uitverkorenes, om hulleself op te maak en verlig te word. God is nie 'n harde meester, wat maai waar Hy nie gesaai het nie. Waar Hy vrug eis, daar strooi Hy eers deur Sy Heilige Gees. Hy eis bekering, maar Hy het Kristus ook verhoog tot 'n Vors en Saligmaker *om te gee bekering en vergewing van die sondes.* (Hand. 5:31). Hy eis dat ons tot Jesus sal kom om die ewige lewe te hê, maar Hy trek ons ook tot Kristus deur Sy Heilige Gees. (Joh. 6:44)—En so ook eis Hy hier dat Sion verlig sal word, maar Hy laat vir Sion ook verkondig dat die Heerlikheid van die Here oor haar opgaan.

Dis 'n bevel vir Gods volk van alle eeue. Die heil is van die Here alleen. En die Kerk moet die Lig van God indrink en dit uitstraal tot verligting van ander.

Daarom, sie toe, vaders en moeders, en laat die lig van God skyn in u huisgesinne. Laat die altaarvuur van die huisgebed en die huisgodsdiens nie uitgaan nie. As daardie lig nooit in u huis aangesteek was, ontsteek dit dan nou. As u toegelaat het dat dit uitbrand, steek dit weer aan, en sie toe dat die altaarvuur brandende gehou word.

U wat gedoop is in die naam van Kristus, en wat u belofte afgelê het voor die aangesig van God, sie toe dat die lig wat in u is, nie in duisternis ondergaan nie. As u u eerste liefde verlaat het, kom terug.

Dis die welbehae van God om Sion met Sy heerlikheid te verlig, opdat Sion ook instrument sal wees om die lig van Sy Evangelie te laat uitskitter vir die uitverkorenes, wat nog in die heidendom is. En ook hierin moet die Kerk van die Here getrou wees. En as ons hierin ontrou is en weier om die Lig Gods te laat uitgaan na die uitverkorenes onder die Heidene, dan kan ons eenvoudig vooraf seker wees dat die oordeel Gods ons tref en dat die Koninkryk van ons af sal weggeneem word en gegee aan 'n volk wat sy vrugte voortbring.

3.—*'n Donkere toekoms en 'n komende Heerlikheid Gods.*—Toe Jesaja geprofeteer het, het hy gestaan voor 'n donker toekoms. Die Afval het onder Israel toegeneem. Gods Woord is verlaat. Hulle het die gesonde woorde van die Profesie nie verdra nie. Die Here moes oor hulle klaag: „Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree. 'n Os ken sy besitter en die esel die krib van sy heer. Maar Israel het geen kennis nie; My volk verstaan nie." (Jes. 1: 2, 3.). Daar het geestelike stompsinnigheid gekom. Die hede was al donker en al donkerder sou die toekoms word, totdat die Godsoordele Israel tref, en die nag oor hulle neerdaal.

En dis vandag nie veel anders met die Kristendom. Valse leer en kettery neem hand oor hand toe. Die Profesie gaan in vervulling „dat God vir die mense sal stuur 'n krag van dwaling om die leuen te glo omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om salig te word. (2 Thess. 2:11, 12; 2 Tim. 4:1, 2). Hier en daar word nog vasgehou aan die gesonde leer. Maar die Kristendom oor algemeen in die verskillende lande vertoon 'n droewige beeld. Die groot leerstukke van verlossing deur die Kruis, van geloof, van vrye genade, van uitverkiesing, van die onmag van die mens en Gods vrymag in die genadewerk, word deur baie sogenaamde kristene verwerp. Ongeloof en Kristusverwerping het in die kerke en selfs in sommige kansels ingesluip. Kristusverwerping het sy weg gebaan na onse skole en uniwersiteite. Honderde weet nie meer wat hulle glo nie, en het ook geen begeerte om te weet wat hulle moet glo nie. Ja, honderde meen dat dit 'n deug is om niks te glo nie, en vrydinkers te wees. Vir baie mense is die Evangelie en die Woord Gods verouder en agter die tyd. Dis wel goed vir arme en sieklike, en swakke, maar nie vir wetenskappelike en beskaafde en verligte mense. Die heldemoed en vuur vir die Kruis is weg. Onse tyd kan, lyk dit, geen martelaars vir die kruis meer voortbring nie. By sommige is daar geloof en erns en ywer. Maar die meeste kristene is so dood en so leeg dat die kleinste dingetjies van die tydelike lewe al hulle aandag in beslag neem maar dat die magtige feite van God en die ewigheid hulle eenvoudig koud laat. Die kristelike wêreld is siek en dit verrot in sy weelderigheid, in sy geestelike luiheid, in sy wêreldgelykvormigheid, en sy doodsheid vir alles wat heilig en goddelik

is. Mense het alles oor vir hulleself en vir die wêreld, maar niks vir die saak van Kristus. Daar word geslaaf en geswoeg om skatte te vergader, om fortuine bymekaar te maak en dan word dit nagelaat om deurgebring te word deur die luiaards en die verkwisters, die beginselloses en die vleselikes, terwyl die saak van Kristus daar nie in die minste mee gedien word. Mense, wat daar aanspraak op maak dat hulle dissiepels van Jesus is, en hulleself en hulle besittinge verbind het om Kristus te dien, dink dat God van hulle niks anders eis as om te eet en te drink en vet te word.

Ja, die hede is donker. En die toekoms nog donkerder. Die Afval sal toeneem. Dis dis Profesie. Die koms van die Antikris moet voorberei word. Die mens van die Sonde moet kom. En hy kan nie opkom uit 'n wêreld wat vashou aan God en aan die gesonde leer. Daarom moet die Afval toeneem. En die toekoms sal altyd donkerder word. Die mense sal altyd meer liefhebbers word van hulleself en die welluste. Altyd meer sal hulle die oor afwend van die waarheid. Altyd meer sal hulle die lig verlaat, om hulle te keer na die duisternis. God is magtig om ook in onse tyd 'n Reformasie in die lewe te roep. Maar ons sê eerlik dat ons geen groot reformasie en terugkeer tot die gereformeerde waarheid meer verwag. Ook in Suid-Afrika word dit altyd meer openbaar dat die verlating van die gereformeerde waarheid, wat in die vorige eeu plaasgevind het, die brug is na Modernisme en Ongeloof. Ja, ook in ons land kruip die geestelike donker altyd verder voort. En dis so opmerklik dat met al die sendingwerk wat gedoen word onder Afrika se heidene, die Afval en die Ongeloof, die geestelike donker, altyd verder voortkruip ook oor Blank Suid-Afrika. Vir die heiden mag daar nog wel 'n kristelike skool wees. Maar vir die blanke kristen moet dit 'n ongeloofsskool wees.

Ja, die toekoms is donker.

*Maar Gods Heerlikheid kom.*—Want dit is die woord van die Profesie dat as duisternis die aarde bedek en donkerheid die volke, dan sal die Here oor Sion opgaan en Sy heerlikheid oor Jerusalem.

Seker, die toekoms is donker. Maar die geloof hoef nie te vertwyfel nie. *God, die Here, leef, en Sy saak sal lewe.* Israel word wel geoordeel oor sy afval. Babel moet sterk word om die uitverkore volk te verdruk en die volk te verwoes wat ontrou was aan hulle voorregte en roeping. 'n Lang, droewige nag volg. Maar die profeet van die Here sien lig, wat na die nag uitskitter. Die beloftenisse Gods bly onberouelik staan. Die heilige Saad sal nie uitgeroei word nie. Die goddelose sal die vrugte van sy werke maai, maar daar sal nog vrede wees oor Gods Israel, en die Here laat nie vaar die werke van Sy hande. In die toorn gedink Hy nog aan die ontferminge.

Ja, die toekoms is donker. *Maar Gods heerlikheid kom.* Dis ons sterkte en vertroosting.

Soos dit was oor Israel van Jesaja se dae; soos dit was in die volheid van die tyd, so sal dit ook wees in die Voleinding van die eeue. Donker en altyd donkerder sal dit word. Dik duisternis sal op die wêreld wees, en swart donkerheid oor die volke. Benoudheid en angs sal op aarde kom. Kristus Self spreek van dae wat aanstaande is, só benoud, só donker, dat, as hulle nie verkort word terwille van die uitverkorenes, dan sal daar geen vlees behoue word nie. Daar kom 'n tyd dat die helmag op aarde losgelaat is, as die afgrondsput, volgens die profesie, oopgaan.

Gods volk word dan weer 'n volk wat in duisternis wandel, en sit in 'n land van doodsskaduwees.

Dit word, na die woord van die Hooglied, 'n duif wat wegskuil in die klowe van die steenrots.

Daar bly egter 'n oorblyfsel wat na die verkiesing is.

En dan, as die donker en doodsskaduwee van die laaste groot Afval die aarde bedek, dan word hierdie profesie eers pas ten volle vervul. Want kyk, dan kom uit die hoogte die Lig Gods oor Sion, en oor Sy Jerusalem sal die heerlikheid van die Here opgaan.

Dan kom die Heil. Dan kom die volkome verlossing. En dit breek deur van Bo af. Dis die Heil *van die Here.* As mensehand magteloos is om te help en die wegskuilende Kerke Gods net kan kerm in sy sielsellende

> Geef 't wild gediert dat niets in 't wôen ontziet
> de ziele van Uw tortelduif niet over

dan daag Sions redding van Bo—uit die geopende hemel—met die wederkoms van Kristus.

En dan sal Gods magtige engele die Ecclesia pressa, die bloedkerk van die laaste dae, wat kerm in sy sielsellende, toeroep:—

> ,,Maak u op, word verlig, want u lig kom;
> Die heerlikheid van die Here gaan oor u op."

AMEN.

---

## DIE HEL.

### XVII.

Onder behandeling is nog die teorieë van die manne wat die ewigheid van die straf ontken.

Dat daar 'n moontlikheid van bekering oorbly ná die dood—dit word geleer deur 'n groot aantal Engelse godgeleerde, soos ons laas gesien

het. Onder hulle moet ons besonderlik noem die naam van Dr. Samuel Cox. Hy is 'n Skrifverklaarder van groot oorspronklikheid. Vandaar dat ook deur ortodokse teologe van sy werke baie gebruik gemaak word.

Ongelukkig egter het hy hom vereenselwig met die opvatting wat aangedui word met die breë naam van „wider hope" waar ons in die vorige artiekel mee kennis gemaak het. Tengevolge daarvan het die eienaars van die *Expositor*, 'n deeglike tydskrif wat aan Skrifverklaring gewy word, hom nie langer as hoofredakteur kon duld nie. Daardeur het Cox hom egter nie die swye laat oplê nie. Hy het sy werk as Skrifverklaarder voortgesit in sy vierdelige werk wat hy *Expositions* genoem het.

Ons sal nou aanhaal uit die eerste deel waarvan die vierde druk verskyn het—'n bewys dat Cox nog altyd baie lesers vind in die Engelse wêreld. In dié boekwerk kom voor 'n preek oor 2 Tess. 1:9: „Dewelke zullen tot straf lijden het eeuwig verderf van het aangezicht des Heren en van de heerlikheid zijner sterkte."

Cox stel die vraag (soos al die manne van dieselfde rigting) of dit regverdig is dat die mens vir ewig verlore sal gaan terwille van die sondes wat begaan is in die kort ure van die teenswoordige tyd? Sy antwoord is dat die apostel *nie* die ewigheid van die straf in die aangehaalde teks leer nie.

Wat hy sê aangaande die woord „ewig" om die deugdelikheid van sy stelling te bewys—naamlik dat „ewig" nie beteken eindelose voortduur in die toekoms nie—moet ons onbespreek laat totdat ons ook die ander teorieë aangaande die hellestraf gehoor het. Almal tog kom met dieselfde bewering dat „ewig" in die Skrif nie die betekenis het wat die Christelike Kerk daaraan heg nie. Om nie in herhaling te verval nie sal ons later op dié punt terugkom, om dan te ondersoek of daar enige grond is vir die afwykende mening van Cox en ander manne wat die gedagtelyn van die Kerk verlaat het.

Ons gee nou net Cox se gevoele omtrent die woord „verderf" wat in 2 Tess. 1:9 voorkom.

Hy stem met ons saam dat „dood" in die Skrif nie beteken „ophou om te bestaan" nie. Hierin verskil hy van baie ander wat juis die ewigheid van die straf ontken omdat volgens hulle „dood" sou beteken „vernietiging." Cox se woorde gee ons hier vertaal terug: „Ek dink u sal die gevolgtrekking moet aanvaar dat in die Heilige Skrif „dood" orals voorgestel word as 'n verandering van toestande en verhoudinge, nooit as 'n ophou van bestaan nie." Van die woord „verderf" sê hy egter „dat dit 'n ramp is wat 'n verandering voortbring waaruit nuwe lewe, of 'n nuwe orde van toestande en verhoudinge sal voortkom." „Die eenvoudige feit is—so gaan sy verklaring verder—dat ons inwoners van baie wêrelde is, selfs terwyl ons in hierdie wêreld is: daar is die uitwendige natuurlike wêreld; daar is die teenswoordige *slegte* wêreld, die wêreld van donkerheid en bederf; en daar is die wêreld of koninkryk van lewe en geregtigheid en vrede. En die enigste manier om in hierdie wêrelde te kom is om daarin gebore te word; terwyl die enigste manier om uit hulle uit te kom, is om daaruit dood te gaan. Die dood van die liggaam is die weg uit die natuurlike wêreld. Die afsterwe van die sonde is die weg uit die wêreld van bederf. Die dood van die siel is die weg uit die wêreld van geregtigheid en vrede. En elkeen van hierdie dode word vergesel van of opgevolg deur 'n ooreenstemmende lewe. As ons wegsterf uit die natuurlike wêreld, dan gaan ons oor in die geestelike. As ons dood is vir die Here, dan stort ons in die donker koninkryk van ongeregtigheid. As ons die sonde afsterwe, dan leef ons vir God. En as dit so is...... waarom sal dan wat „die twede dood" genoem word so anderste wees as die eerste, dat dit moet beteken die finale en onherroeplike ophou van bestaan? Die redelike en logiese gevolgtrekking is liewers dat dit afskadu 'n donker en vreeslike verandering in die wyse van bestaan, 'n verandering in die wyse waarop ons sal staan teenoor goed en kwaad."

Dan kom Cox se opsomming: „Vir hulle sondes sal sekere onboetvaardige en onverbeterlike oortreders gedoem word om 'n lang en uitputtende eeu van lyde te ondergaan wat ooreen sal kom met die angste van die natuurlike dood...... Die bedoeling van God met dié eeulange angs kan wees, moet wees, om hulle op te wek, deur middel van die verskrikkinge van die dood, tot 'n nuwe en beter lewe."

Ons lesers sien dat Cox ook weer kom met 'n „redelike en logiese gevolgtrekking," m.a.w. met 'n *redenéring*. Maar wat baat so 'n redenéring, so 'n uitspraak van die menslike verstand, *as Gods Woord anderste sê*?

Maar dié redenéring self, wat hom op Gods Woord wil grond, gaan nie op nie. Geboorte en dood is juis in die natuur en in die Skrif onveranderlike en onherroeplike beginsels. Hy wat eenmaal gebore is in die natuurlike wêreld, bly

lewe, hou nie weer op met bestaan nie. Hy wat gebore is vir die Here, m.a.w. wat wedergebore is deur Gods Gees, kan nie weer in die dood terugval nie, want die „saad van God" bly in hom (1 Joh. 3:9). Dit is die volharding van die heiliges. Hy daarenteen wat *absoluut* dood is vir die Here, wat die Soon van God vertree het en die Gees van genade smaadheid aangedoen het (Hebr. 10:29), wat die sonde teen die H. Gees begaan het, sal geen vergewing ontvang nie, hetsy in hierdie eeu, hetsy in die toekomende (Mat. 12:32).

Wat baat dus so 'n redenéring soos dié van Cox as dit van Gods Woord afbuig?

Dis dan ook opmerklik dat Cox in dieselfde hoek teregkom waar die ryk man in die gelykenis skuiling gesoek het. Hy sê in dieselfde preek: „Wat *hier* onmoontlik is, hoef nie *hiernamaals* onmoontlik te wees nie; wat onmoontlik is omdat die heilige werklikhede van 'n ongesiene wêreld vir die mens verborge is deur die gordyn van die vlees, hoef nie langer onmoontlik te wees as hulle aangesig tot aangesig dié werklikhede sien nie."

Is dit nie of ons die woorde van die ryk man beluister nie? Hy het vyf broers en wil nie hê dat hulle in die plek van pyniging sal kom nie: daarom moet na hulle toe gestuur word, maar Abraham antwoord: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister! Waarop die ryke hervat: Nee, vader Abraham! *maar as iemand van die dode na hulle toe gaan, sal hulle vir hul bekeer.* Maar Abraham het vir hom gesê: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, dan sal hulle ook al was dit dat daar iemand uit die dode opstaan, hulle nie laat gesêg nie (Luk. 16:28—31).

J. D. DU TOIT.

[Die br. J. C. Oosthuizen van Steenkoppies vra met betrekking tot Jes. 66, die laaste verse, hoe hy die profeet moet verstaan as die hel 'n geheel afsonderlike plek is:—Ons begryp die vraag nie goed nie. Ons het uitvoerig dié plek bespreek en aangetoon dat die profeet hier Gehenna, die dal van Hinnom, naby Jerusalem, op die oog het; en dat dié dal vir hom 'n aardse skadubeeld is van wat die hel eenmaal sal wees. As ons antwoord nie afdoende is nie, dan moet die broeder maar weer vra.—J. D. d. T.]

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Ja, kom Meneer, vertel my nou 'n bietjie, wat is nou eintlik die nut van lees. Meneer en baie ander sê maar aanhoudend, dat ons mense moet lees, en dit is seker goed, want ek hou self ook van lees, maar wat is nou vir ons mense die nut, verstaan Meneer wat ek sê, die NUT van lees.

Op hierdie manier begin laas iemand met my praat, en ek moes toe somar dadelik sê, wat die groot nut van lees is.

Ek begin meteens om te sê, dat lees die gedagte ontwikkel en dit 'n mens leer dink en meer sulke goeters, maar daarmee was ek nie van die ding af nie. Moe nie glo nie.

Ja, Meneer, dit is die teoretiese nut van lees, maar sê my 'n bietjie, wat is die tasbare of soos die Engelse sê die „tangible" nut van lees. Ek het my eie gedagte daaroor, dog ek wil nou hoor, wat Meneer wel daarvan sal sê.

Ek antwoord toe: Wel dit is 'n mooi onderwerp, om daar eendag 'n briefie oor te skryf aan my Vriend van Die Kerkblad. Hy sal dit ook interessant vind. Dit sal beter wees, dan om daar nou 'n paar los woordjies oor te sê. So kom ek dan aan my onderwerp van vandag, en ek hoop, dat u dit met smaak sal lees, en ook nut van hierdie lees sal hê. Baie mense meen, dat lees net uitsluitend 'n tydkorting is. Dit is seker wel 'n swak mening. As mens dus met jou tyd aangehaal is, moet jy maar 'n boek neem. Dit sal dan help, om die tyd weg te ja, wat so swaar op jou lede hang. Lees maak seker ook wel die tyd kort net so as enig ander werk, wat aangenaam is, maar mens moet nie juis lees vir tydkorting nie. Ons eet mos ook nie net vir tydkorting.

Luister nou, astublief, wat ek oor hierdie belangryke onderwerp hê te sê. My eerste punt is: Laat die mense lees, om te leer lees. Kan hul dan nie lees nie? Nee, baie mense kan nie lees nie, soos hul dit behoor te kan doen, en soos dit lekker vir 'n mens is. Daarom is dit die beste, dat party mense eers maar eenvoudige goedjies begin lees. Iets, wat na hul smaak is.

Daardie lees sal die leser genot en vermaak verskaf, en vir hom in 'n aangename stemming bring, en dan by gevolg ook die tyd kort maak. Die lees moet vir hom gemakkelik val. 'n Kind begin ook op die manier te lees. Eers kos dit inspanning en dan begin die kind verstaan, dat die boek iets vir hom vertel: iets wat vir hom belang inboesem en vir hom nuusgierig maak, en waar hy graag meer van wil weet, en as dit 'n verhaal is, dan is hy begerig om te sien, wat die end sal wees. Is die boek dan klaar gelees, dan is die leser eintlik spyt, dat die storie, of wat dit ook al was, op 'n end is, en hy gaan dadelik ander leesstof soek. Op die wys word die leeslus opgewek, en word die leser ook vaardig in die hanteer van 'n boek. Hy leer somar.

om te speel met 'n boek, net soos 'n goeie ruiter dood op sy gemak op 'n lewendige perd sit. 'n Swak ruiter klou vir hom vas aan die maanhare, maar die geoefende sit gerus en lekker op die kopspelende en trippelende things. So het ek ook al mense gesien, wat hul ook amper onder die lees aan die boek moes vashou. Die boek wil skoot vir skoot hul afsmyt. Hul kan nie die draad volg nie; hul kan nie met die skrywer saamstap nie, maar word as 't ware ganse ente gesleep. Hul weet nie, waar hul is en voel nie grond onder hul voete nie. Hul begryp niks van wat daar in die boek staan, en wat hul tog met hul oë oor gaan. Dit is natuurlik nie lees nie, want lees is begryp, en is geniet van wat daar met swart hakies en ogies en strepies op die papier staan.

As iemand, soos ek daar sê, nie vat nie, wat die skrywer vertel, is die lees nie 'n plesier nie, en dan lê die leser al by die 3de of 4de bladsyde die boek neer, en sê met 'n sug: Hierdie boek is glad nie mooi nie. Dis gans te droog.

Met lees gaan dit nes met baie werkies, wat jy 'n ander sien doen, en wat so makkelik en eenvoudig lyk, en tog as jy dit self gaan probeer, kan jy daar nie mee vorder nie. So is daar byvoorbeeld soldeer. Ek het al bygestaan en gekyk, hoe 'n handige werkman die moeilikste goedjies aan mekaar soldeer. So maar lag lag haal hy die soldeerbout uit die vuur, en skuur dit effens glad en smeer 'n bietjie suur met 'n veertjie uit 'n stukkend botteltjie aan die koper of blik, en begin dan met die soldeerdery. Die soldeersel klou somar vas aan die gebreekte goed. Die gesmelte tin sy druppeltjies rol nie weg nie, maar kleef vas aan die ketel, as of daar lym aansit. En klaar is die ding. Self het ek dit ook al geprobeer, en ek dink u ook al, want elkeen meen mos, dat hy kan soldeer, en as ek dan 'n hele staafie soldeersel op gesmelt het, is die stukkende voorwerp nog net so as dit in die begin was. Ons is nie handig genoeg vir die werk nie. Ons het nie die slag daarvan nie. En nie anders is dit met lees. Vra maar 'n bietjie aan iemand wat jou vertel, dat hy 'n mooi boek of 'n mooi stuk in die krant gelees het, wat die mening of die inhoud daarvan is, dan sal u uitvind, dat daar in party gevalle gebrekkig en in ander gevalle heeltemaal verkeerd gelees is.

„Die Howenier Het Weggegaan," so lui die tietel van 'n gediggie van Totius in die boekie „By die Monument." Iemand, wat ek reken, dat nog al iets goed kan vat, vertel my by die verskyn van die boekie (dit is al jare gelede) dat hy bogenoemd gedig gelees het, en dat dit so mooi was. Ek vra daarop vir hom, of hy weet wat die gediggie meen, en waar dit op sien. Seker, sê hy, dit is natuurlik die Transvaal, wat daar bedoel word. Ek is toe so vry, om die vriend die gediggie uit te lê en toe raak dit eers sy gemoed. Nou voel hy eers, wat 'n tragiek in die paar versies opgesluit lê. Toe die pas genoemde boekie „By die Monument" uitgekom het, gaan ek 'n klompie daarvan aan ons mense verkoop. Ek kom ook by 'n suster, wat baie belang gestel het, ek lees haar 'n paar versies voor, en lê dit ook so 'n bietjie vir haar uit. Ek vra vir haar, of sy die versies nie mooi vind nie. Baie mooi, Meneer, ek sal een van die boekies neem. Later kom ek weer daar, en vra vir haar of sy die boekie klaar gelees het, en of sy dit nie geniet het nie? En wat was die antwoord? Ek het dit begin lees, maar dit gou weer neer gelê. Dit is lang nie so mooi nie, as toe Meneer dit voorgelees het nie. Tog kon die suster wel lees, maar nie verstaan nie. Daarom beweer ek, dat ons party mense eers baie eenvoudige kos moet gee, opdat hul lief kan word vir lees. Leer hul eers lees; lei hul op. Baie van ons mense het nooit goeie onderwysers gehad, wat hul kon leer lees. Kort gelede lees ek 'n verslag van 'n hoofinspekteur van onderwys in Nederland in die krant en die man kla daar bitterlik oor, dat die meesters nie hul bes doen, om die kinders te leer lees. Hy sê: „De meester neemt het leesuur in de school voor 'n rustuurtje ten eigen behoeve. Niets wordt uitgelegd."

Nou kom ek tot die twede punt. Lees gee letterkundig, literêr genot. Dit is 'n verkwikking vir ons gees. 'n Skone beskrywing of 'n lieflik gedig is voedsel vir die gees. Dan ook open dit ons verstand, want met aandag lees, set die gedagte aan die gang. Dit streel verder die gevoel. Roer jou gemoed. Dit laat jou skoonheid geniet. Hier sou ek baie oor kan sê, maar berg dit vir later.

Ten derde gee ons die stigtelike boeke onderrigting in die kennis van Gods weë en werke. Lees veral die Bybel. En lees dan goed. Met die gedagte daarby. Laat die verbeelding daarby werk. 'n Mens moet ook sien, wat jy lees. Sien, hoe die saaier uitgaan om te saai; sien hoe David in sy droefheid die trap opklim, en hoor vir hom skree van smart, oor die dood van sy geliefde en opstandige seun Absalom. Sien ook by die lees, hoe die Heiland die kindertjies seën en in sy arme neem, en aanskou ook die Heiland

aan die kruis. As mens mooi lees, met die siel daarby, dan sal die prentjies van self vir jou verbeelding oprys.

,,En lees meer dan er staat,
En denck meer dan gy leest"

sê Vader Cats. Lees moet jou mos laat dink, en allerhande gedagtes in jou oproep. Dit moet die wiel van die gedagtes aan draai set. Maar sê een: Ja ons weet dit Meneer, maar wat is die tasbare nut nou b.v. vir 'n boer, om te lees. Hier is my antwoord. Sal die Landbouweekblad die boer dan nie vertel nie, swart op wit, wat hy doen moet, om beter wol te produseer? Is die lees nie 'n middel, om vir hom met honderde dinge, waarvan hy nie veel weet nie, op hoogte te bring nie. Kan hy nie lees nie van ooskuskoors, van die plaag in die sitrusbome en word hom nie duidelik gemaak, wat die voordeel is van die saai van lusern en meer sulke dinge.

Moet die dokter dan nie aanhou met boeke lees oor sy vak, om op hoogte te bly van die geneeskunde, en kan die advokaat die boeke op sy gooi en sê: Ek is klaar geleer? Nee, dan raak hy agter. Die lees en die aanhou met lees, moet vir hom brood en klere gee. So moet die lees die boer beter laat boer, en vir hom meer inkomste gee. Sal die lees elke man van 'n vak of 'n bedryf vir hom nie leer nie, watter foute hy moet vermy. Ongetwyfeld. Is dit nie tasbaar nut. Iets wat jy met jou hande kan voel en tas. Ons mense moet lees. Die Landbouweekblad en ander boeke oor boerdery. Ons mag nie agter bly. Die skone verstand, wat die Heere ons gegee het, moet ons ontwikkel. Dit is ons grootste kapitaal in ons boerdery of besigheid.

Soos u wel sal verstaan, my beste Vriend, is dit maar 'n paar lyntjies oor die heerlike kuns en genot en nut van lees.

Hartelike groete,

U Vriend,

T.H.

G., 29 Des., 1925.

## DIE EERSTE TAAK VAN DIE DIAKONALE KONFERENSIE.

Twee dinge staan vas, die eerste is dat die diakonale amp in die Kerke in ons land nie alleen verwaarloos is nie, maar in oneer gebring is, waardeur die armversorging uit die hande van die Kerk geraak het, en die twede is dat ons politieke lewe neig na die kant van die sosialisme, wat die kerklike armversorging met ondergang bedreig.

Die eerste taak van 'n Diakonale Konferensie is dan o.i. om die diaken-amp weer tot sy eer en sy reg te bring deur alle diakonieë weer wakker te skud. Daarvoor is nodig bestudering van die *beginsels* neergelê in Gods Woord, in ons Belydenis en Kerkeorde.

Eers moet die beginsels weer op pote staan. Die twede is 'n statistieke ondersoek na die verhouding van die ondersteuning gegee deur die Staat, die Maatskappy en die Kerk.

Hierby sal die noodsaaklikheid gevoeg word om studie te maak van die Armversorging-Wette van die Staat. Die terreine moet eers meer ondersoek word. In verband hiermee kom allerlei beginselvraagstukke. Ons noem 'n enkele:—

(1) Mag 'n gereformeerde 'n dubbele armversorging aanneem, een bev. van die Staat of die Maatskappy en een van die Kerk?

(2) So ja, watter invloed sal dit uitoefen op die gemeentelede wat ontvang en wat gee?

(3) Mag 'n Gereformeerde 'n Munisipale Armversorging ondersteun onder voorwaarde dat die arme wat aan sy deur klop na hierdie armversorging gestuur word?

(4) Is dit wenslik en kerkregtelik moontlik dat 'n algemene diakonale versorging in die lewe geroep word, soos bev. 'n algemene versorging van hulpbehoewende gemeentes?

So is daar baie vrae, wat eers moet beantwoord word, voor die diakonieë tot die praktiese uitvoering kom van 'n Skrifmatige en doelmatige Armversorging. Die belangrikste taak van 'n Diakonale Konferensie is dan in die eerste plek *Studie*.

J. P.

## 'N WEESHUIS.

Die Diakonale Konferensie van Johannesburg het besluit dat dit noodsaaklik is om 'n weeshuis op te rig. Om die Kerke te oortuig van die noodsaaklikheid daarvan sal dit egter nodig wees om 'n wese-statistiek voor hulle te lê en dan moet dit duidelik wees dat die wese nie op 'n ander wyse kan versorg word nie. O.i. is 'n weeshuis 'n noodsaaklik kwaad.

In geval so 'n weeshuis tog moet opgerig word is die twede saak van ernstige oorweging die plek. Die doel van 'n weeshuis moet nie alleen wees die tydelike versorging van die wese nie. Hulle moet opgelei word vir 'n beroep. Wat sal dit wees? Met die oog op landbouonderwys bev.

is dit noodsaaklik dat 'n lokaliteit verkry word waar grond en water is. Sal die Diakonieë nie eers hierdie kant van die saak in oorweging neem nie, en desnoods in verbinding tree met die Ministers van Arbeid en Lande?

J. P.

## WATTER STANDPUNT MOET 'N GEREFORMEERDE INNEEM TEENOOR DIE DANS?

Ons het oor bostaande vraag vyf opstelle ontvang, een van Potchefstroom, een van Kimberley, een van Petrusville, een van Lichtenburg en een van Kuruman. Die laaste is van 'n jonge dogter, en die ander is van jongelinge. Vier verklaar dans as sonde en een gee die voor en die teen en neig tot die gevolgtrekking dat dans af te keur is.

Uit die getal opstelle blyk nie dat daar baie belangstelling in die vraag is nie. Ons hoop maar dat dit ook 'n bewys is dat ons jongmense nie baie ge-interesseer is in die dans nie.

Die opstelle, wat ons ontvang het, het een groot gebrek, en dit is, dat die saak van 'n algemeen standpunt beskou is, maar dat die beslis Gereformeerde nie tot sy reg kom nie. Ons het dan ook nie die vrymoedigheid om 'n prys toe te ken nie, maar ons sal aan elkeen tog 'n boekie stuur. Ons wil hoop dat danslustige jongmense sal ophou om onrus in die gemeentes en verdriet aan hulle ouers of predikant en kerkraad te veroorsaak.

Lees wat die dans betref 1 Johs. 2 vs. 15 en 16, wat julle ouers aangaan die vyfde gebod en wat julle predikant en kerkraad aangaan Hebr. 13:17!

J. P.

## UIT EN OOR DIE PERS.

**(Deur Prof. J. A. du Plessis).**

*De Kerkbode* van 16 Des. berig die onthulling van die portret van 'n oorlede predikant in die N.G. Kerk op Barberton. Die plaaslike leraar het gespreek na aanleiding van Mark. 14:3—9. Eerw. Stander het toe oor die oorledene gepraat en hom genoem ,,'n groot man in die oog van God." Mev. Stander het toe die portret onthul en die Gemeente het gesing Gesang 182:4; waarop Eerw. Stander die seen uitgespreek het. Ons lees dikwels van dergelike gebeurtenisse, ook van *inwydings* van kerke, van lampe, van tralies, van galerye, van preekstoele en al dergelike dinge. Loop die kerk nie gevaar om deur al hierdie dinge Rooms te word nie? Ons weet die Roomse Kerk wy alles in, om dit 'n heilig karakter te gee, en sommige hoogstaande persone in die Kerk word ook as heiliges verklaar. As ons die Roomse gevaar wil bestry dan moet die Kerk alles vermy wat 'n Roomse smakie het, hoe onskuldig dit ook mag skyn.

In enige saak, wat 'n godsdienstige karakter kry, moet ons baie versigtig wees. Die godsdiens het ook 'n gevaarlike kant en die mens neig gemaklik na die Roomse kant.

* * *

Belangrike wetgewing wag weer op die volgende Parlement. Wetsontwerpe oor die Naturelle- en Asiatiese kwessie sal op die tafel van die huis gelê word. Daar kom 'n nuwe woekerwet, 'n drankwet en nog meer. Dr. Malan sal ook indien 'n gewetensklousule op die wet van gedwonge inenting. Soos die wet nou is, moet 'n kind voor sy dertiende maand geënt wees. Min. Malan wil ouers die reg gee om voor die tyd 'n gewetensverklaring af te lê.

Hieroor mag ons ons verheug. Hierdie gedwonge inenting gryp diep in op die vryheid van die mens oor sy eie liggaam. Private wetsontwerpe soos oor Plaaslike Keuse en die P.U.K. wag ook op behandeling.

Daar is ook 'n Landneersetting Wetsontwerp wat ingedien sal word deur Min. Grobler, waaronder 'n kerk, of 'n vereniging of 'n persoon onder seker voorwaardes grond en ondersteuning kan kry vir bewoning deur arm mense.

Mag ons Regering en Parlement wysheid van God ontvang om die wette van die land volgens Gods Woord te stel!

* * *

Die kwessie oor Dr. Geelkerken hou nog altyd die kerke en gemoedere gaande in Nederland. Omdat die saak van algemene belang beskou is, is die Algemene Sinode bymekaar geroep op die 26ste Jan. Hierteen gaan ook al stemme op, wat vra ,,Waarom 'n Sinode?"

Dit is moeilik om uit die verte die saak te beoordeel. Maar my eerste indruk was ook een van verbasing oor die saamroeping van 'n Sinode. Gewys word op die saak van die Remonstrante, waaroor in 1618-19 die Dortse Sinode saamgeroep was. Maar dit was toe tog oor 'n algemene beroering in die kerke van langdurige aard.

Aan die Klassis van Amsterdam het m.i. die moed ontbreek om die bul by die horings te pak. Nou word 'n plaaslike kwessie 'n algemene. As Dr. Geelkerken teen die Skrif en die Belydenis geleer het moet hy geskors en afgesit word. Miskien ontbreek ons hier die deeglikheid van die Nederlander en hulle ons praktiese sin.

* * *

Die kwessie *Geelkerken* roep in die Nederlandse kerkblaaie allerlei kerkregtelike kwessies voor die dag, wat nog *kan* opdaag. Bev. kan 'n Sinode 'n predikant afsit? Die Genootskapskerk sal

natuurlik antwoord, Ja! Die Gereformeerde Kerkreg sê, Nee!

* * *

In Nederland is die koaliesie tussen die Roomse en die Protestants Kristelike Party gebreek omdat besluit is om die Afgesantskap by die Pous af te skaf. Nou sal die Roomse met behulp van die sosialiste waarskynlik 'n groep vorm en weer die Afgesantskap herstel. Rome sal enige ding doen om sy mag te verseker en uit te brei. Miskien is dit goed dat die Protestante in Nederland weer ge-isoleer word.

* * *

In Nederland is daar stemplig, d.w.s. dat elke burger verplig is onder straf om te stem. Die vrouens is daar ook stempligtig. *De Wachter* deel mee dat tien vrouens voor die hof verskyn het, verdedig deur 'n predikant, omdat hulle om gewetensbesware gegrond op Gods Woord nie gestem het nie. Hule is beboet.

* * *

Vir 'n paar weke gelede is 'n klompie studente van ons land op reis gegaan na Engeland en Europa. Die pers berig hulle aankoms en ontvangs in Engeland. Een belangrike feit wat Reuter berig is dat die meisies heeltemal volgens die mode gekleed is. Op Dingaansdag het hierdie jongmense van ons land 'n godsdiensoefening, deur 'n Engelse predikant gehou, bygewoon.

In die aand het hulle 'n konsert en 'n dans gehad. Ek hoop net dat die oorsese wêreld, wat nog agting het vir ons volk, nie uit hierdie Dingaansdag-viering van S. Afrikaanse studente 'n algemeen oordeel oor ons studerende jeug sal vel nie. Sal die C.S.V. en die A.S.B. nie op hierdie sakie let nie?

* * *

Hier ly ons aan 'n swaar droogte en in Suid Holland word die land oorstroom deur water met groot gevaar vir lewens en enorme skade van huise en besittings. Ons hartelike simpatie met die Hollanders!

* * *

Regter Curlewis het in 'n egskeidingssaak gesê dat die wet in ons land egskeiding deur kwaadwillige verlating te maklik maak. Een van die partye gaan net weg en dan dagvaar die verlatene die verlater, wat natuurlik nie verskyn nie en 'n egskeiding volg daarop.

Hy het verder opgemerk dat S. Afrika een van die lande is waar egskeiding op die gemaklikste manier verkry word.

Die Romeinse Reg, sê hy, beskou die huwelik nie as 'n kontrak nie, maar 'n verbintenis vir die lewe. Hy gee aan die hand dat wetgewing sal ingedien word om egskeiding alleen toe te laat 18 maande na die verlating. *Die Burger* wil dat ook 'n tyd sal bepaal word van langer duur voor sulke partye weer kan trou. Ander wil die gronde vir Egskeiding vermeerder, soos bev. langdurige en ongeneeslike siekte, soos melaatsheid. Die lesers herinner hulle die wetsontwerp van Adv. van Hees. Die Kerk se standpunt is dat daar net een wettige oorsaak vir egskeiding is. Maar die ou wêreld word by die dag meer sedeloos en roekeloos, nieteenstaande sy verwaande vordering en kennis.

## KERK EN SKOOL.

*Blindes en Doofstomme.*—In hartelike dank sedert laaste opgawe in die Kerkblad, weer ontvang:—Br. A. P. Venter, £1; Kerkraad Molteno, £2; Jamestown, £1 18s. 8d.; Colesberg, £4 11s. 9d:; Steynsburg (kinders), £2 17s. 3d.; Bethulie, £2 13s. 9d.; Prof. v. Wagingen, £3 5s.; Burgersdorp £2 14s.; Hofmeyr, 10/11; Strydenburg, 12/-; Belfast, 14/-; Bethlehem, £1 11s. 6d.—£27 5s. 1d.—J. G. H. v.d. Walt, Penningmeester, Middelburg, K.P., 6 Jan., 1926.

*Kroonstad.*—Van die 19de tot 21ste Desember, 1925 het ons die voorreg gehad om Ds. J. V. Coetzee van Frankfort in ons midde te hê. Saterdag middag was die kerkraadsvergadering waar ook 3 afgevaardigdes van Ventersburg teenwoordig was om Kroonstad te vra om 'n kombinasie te vorm vir gesamentlik beroep. Kroonstad het ingestem omdat sekere voorwaardes. Ds. Coetzee het 3 ernstige preke gelewer veral Sondag-more met die Nagmaalsdiens oor die uitverkiesing en die verwerping. Ons sien al weer uit na die 24ste deser wanneer ons weer sal kerk hê en as daar nie hinder kom nie, sal Ds. Snyman van Steynsrust ons weer kom bedien. Ons is die Here dankbaar dat Hy ons nog so seën om nog altyd Sy dienskneqte krag te gee om die vakante gemeentes te bedien. Die doodsengel het ook weer in die gemeente ingekom en die jongste dogtertjie van broeder Kleinhans weggeneem met wie die kerkraad innig simpatiseer. Namens kerkraad,—Korrespondent.

*Huwelike.*—Ons het van insenders verslae ontvang van die huwelik van Ds. Spoelstra met Mej. v.d. Walt op Uitschot deur Ds. de Klerk op die 15de Desember en die van br. Sarel Lessing van Honingkrans met Mej. Alida v.d. Walt op Middelburg, K.P. deur Ds. van der Walt. Ons wens die getroudes toe Gods seën, maar ons kan nie verslae van huwelike plaas nie weens plaasgebrek.—Red.

*Wysigingswet, P.U.K.*—In dank ontvang van: Ed. Minister P. G. W. Grobler, Pretoria, £10; Ds. I. D. Kruger, Potchefstroom, £1; Ds. D. N. Kotze, Rustenburg, £1; Mnr. A. J. Schutte, Uitschot, Lichtenburg, £1; Mnr. H. Vrugt, Rietvlei, Heidelberg, £1; Mej. Dora Viljoen, Ficksburg, £1; Mnr. L. G. Stroh, Phokeng, Rustenburg, £2; Mnr. en mev. J. B. Pretorius Pretoriusvlei, Grikwastad, £1; Mnr. en mev. H. T. Pretorius, Pretoriusvlei, Grikwastad, 10/-. Reeds erken,

£90 7s. 8d.—Totaal £108 17s. 8d.—W. J. de Klerk, Registrateur, Potchefstroom, 12/1/26.

---

*Pietersburg.*—Vele leeraren onzer en andere kerken zullen zich zeker wel herinneren, het, van na de oorlog, gastvrije huis van zuster Last. Zij wist het voor de vermoeide arbeider des Heeren zo gezellig en huiselik te maken en rust te geven in haar woning. Zij is niet meer. De Heere nam haar weg de 12de December. Terecht zeide een der sprekers bij haar begrafenis—zij was een moeder in het maatschappelik leven, een moeder in haar huis en bovenal een moeder in de gemeente. Zij had een stil vertrouwen in Christus Jezus. Jaren lang was haar lijden en nam steeds toe. Alle mediese hulp gaf geen beterschap. Haar gezichtsenuw-pijnen waren zo plotseling en zo doorsnijdend dat het onmogelik was te dragen. Operatie alleen zou genezing kunnen brengen van de zeldzame kranke. Vol vertrouwen ging zij naar Kaapstad, waar zij na de operatie aan bloedstorting bezweek in bijzijn van twee kinderen. Volgens haar begeerte is zij ter aarde besteld te Pietersburg. Zij was begeerd en bemind. De Heere geve troost door de Heilige Geest aan de zwaar beproefde familie Last en make haar stil in Hem.—Ingezonden.

---

*Koster.*—Op die 13de Desember het ons hier Nagmaal gehad, by die geleentheid is beroep tot herder en leraar Ds. A. Duvenage van Petrusburg. As sy Eerw. die beroep aanneem, sal die bevestiging later bepaal word. Ons eerskomende Nagmaal is bepaal op die derde Sondag in Maart. 1926. Met droefheid moet ek melding maak van die dood van die oue suster Sophia du Plessis, (geb. van Rooyen) op 19 Desember, 1925 in die ouderdom van 62 jaar, 1 maand, 13 dae. Eggenote van Louw du Plessis. Sy was 'n voorbeeld as 'n Godvresende moeder vir haar man en kinders en omgewing. Ons innige simpatie met die oue broeder en kinders, dat hulle getroos en gesterk word in hulle sware beproewing. Die droogte neem hier skrikbarend toe, met 'n ondraaglike hitte, wat alles verteer, die hitte is tot 90 gr. Dit word al twee maande, wat dit laas gereën het, so'n aanhoudende droogte is onbekend. Die mielieoes vir die volgende jaar lyk op 'n mislukking uit te loop. Die koring-oes oor die algemeen is nie van die beste nie. Sal daar nie deur Kerk en Owerheid 'n dag van verootmoediging uitgeroep word nie?—Korrespondent.

---

*Barkly-Oos.*—Sondag, 20 Desember, 1925, het ons geliefde leraar Ds. Kruger van ons afskeid geneem. Hier is liefdebande gelê gedurende die 21 jaar wat Ds. Kruger ons leraar was, en iedereen het gevoel en gesien dat Ds. en Mev. Kruger tot opbou van die gemeente gewerk het.

Vrydagaand het die lede van die A.C.V.V. en die susters van die gemeente 'n geselligheid gegee ter ere van Ds. en Mev. Kruger, toe 'n paar adresse en geskenke aangebied is, en toesprake gehou is; ook musiek en verversings is verskaf. Ds. en Mev. Kruger het in gepaste woorde op alles geantwoord. Reeds daar kon mens voel dat die dag van afskeid aangebreek is. Saterdagmôre het die Kerkraad vergader om die nodige sake te reël. Saterdagnamiddag het student Postma voor die gemeente opgetree en 'n preek gelewer uit Efese 5:15—21. Om twee uur het die kinders van die gemeente bymekaar gekom om die jaarlikse pryse te ontvang en ook om die afskeidswoorde van Ds. Kruger te hoor, en aan Ds. en Mev. Kruger is 'n adres en beurs gegee. Ook Ds. van der Walt het daar 'n toespraak gehou. Sondagmiddag het Ds. van der Walt gepreek oor Mal. 3: 1—3. Sondagaand het Ds. Kruger sy afskeidspreek geneem uit Joh. 13:34-35. Ds. Kruger het (1) gewys op die laaste ure van Jesus wat gekom het. In die verse gee onse Heiland en Saligmaker Sy afskeidsgebod. Na die predikasie is daar 'n paar adresse en beurse gegee, (1) namens Kerkraad en gemeente, en een namens skoolkomitee en een namens skoolraad. Verteenwoordigers van naburige gemeentes het ook gepraat.

Ds. van der Walt het in 'n kort toespraak gewys op die bande wat gelê is deur Ds. en Mev. Kruger en die 21 jaar wat hulle in die gemeente gearbei het. Ds. Kruger het in seer gepaste woorde op al die adresse en toesprake geantwoord. Ds. en Mev. Kruger is toegesing Ps. 121:4—Korrespondent.

---

*Dordrecht.*—Die eerste Sondag van Desember, 1925, het ons weer ons gewone maandelikse dienste gehad. Die gemeente het by die geleentheid fluks opgekom, omdat dit bekend was dat ons herder en leraar, Ds. F. P. J. Snyman, afskeid van ons sou neem, aangesien hy die beroep na Johannesburg-Noord aangeneem het.

Saterdag is 'n negetal jongeliede deur die kerkraad toegelaat en het Sondagmôre belydenis van Geloof afgelê. Sondagaand het Ds. Snyman toe sy afskeidspreek in 'n stampvolle kerk gelewer na aanleiding van Hebr. 10 vers 23: „Laat ons die onwankelbare belydenis van die hoop vashou," en het die gemeente gewys op die heerlike verwagting wat ons het as gemeente van Jesus Kristus. Na afloop van die preek het ouderling J. A. Venter sy eerw. 'n adres en 'n beurs namens kerkraad en gemeente oorhandig. Ouderling Venter het die vertrekkende leraar 'n kort woord toegespreek en gewys op die sterke bande van

liefde wat daar in die afgelope jare ontstaan het, en het sy eerw. verder Gods seën toegewens in sy nuwe werkkring. Ds. Snyman het hierop in gevoelvolle woorde geantwoord, waarna die gemeente sy eerw. staande toegesing het Ps. 134:3.

Ons sal Ds. Snyman baie mis en veral sy preke. As jong lidmate wat by hom belydenis van Geloof afgelê het, het ons enigsins besef die dieptes van ons geloofsleer, en heerlik was dit altyd om die ou Gereformeerde waarhede so suiwer van die preekstoel te hoor verkondig. Ons bede is dan dat die Here Ds. Snyman en sy familie sal vergesel na sy eerw. se nuwe werkkring en hom daar tot 'n groot seën sal maak vir Sy kerk op aarde.

---

*Elliot, K.P.*—Gister het Ds. Snyman kom afskeid neem en is almal weer geestelik versterk deur sy boeiende preke; in die namiddag het hy sy afskeidspreek gelewer in 'n stampvol kerk, waar die Ned. Geref. predikant, Ds. du Plessis en sy kerkraad ook teenwoordig was.

Ds. Snyman was nie alleen ons herder en leraar vir 13 jaar, maar hy was ook ons vriend. Na die môrediens het die katikisante sy eerw. 'n adres en 'n paar geskenke oorhandig en het sy eerw. op baie gevoelvolle wyse geantwoord; die namiddag is hom deur die kerkraad namens die gemeente ook een adres en beurs aangebied, ook is verskeie toesprake gehou, o.a. het Ds. du Plessis sy spyt uitgespreek oor die vertrek van Ds. Snyman; want ook hulle was vriende. Mnr. van Niekerk, oud-ouderling, het ook sy leedwese te kenne gegee dat ons dominee ons nou gaan verlaat. Die nederige en gesellige omgang van Ds. Snyman sal altyd een van ons aangenaamste herinneringe wees.

(Ons plaas hierdie verslag, alhoewel ons nie weet wie die skrywer is nie. Ook die van Dordrecht is van 'n Lidmaat. In vervolg moet korrespondente vir ons verslae stuur. Die een begin: „Ons laat maar min van ons hoor;" en die ander: „Dit is selde of nooit dat van hier, ens." Maak *Die Kerkblad* daar in orde, asb.—Red.)

---

*Johannesburg-Noord.*—Op 31 Desember, 1925, en 1 en 2 Januarie, 1926 kon de gemeente weer haar eigen herder en leraar ontvangen. Ds. Snijman vertrok per motor van Molteno en werd door 5 motors ongeveer 15 mijl buiten Johannesburg ontmoet. In het kerkgebouw sprak Ouderling P. J. Pretorius een woord van welkom namens de kerkeraad. Ouderling van Tonder las een adres namens de gemeente, en Ouderling J. L. Olivier een adres namens de katigisatie kinders. Ds. M. Postma sprak zijn eerw. toe, herinnerende aan de dagen zijner jeugd. Ds. Snijman antwoordde op gepaste wijze. Ouderling P. J. Pretorius liet zingen Ps. 146 vers 1, en Ds. M. Postma eindigde met dankzegging. Ds. Snijman en familie werd toen door de kommissie, broeders en zusters ontvangen in de pastorie en op een reseptie in de tuin van br. en zuster van Tonder. Asaf-zangkoor verraste ons met zijn schone zangkunst. Br. W. de Vries heette zijn eerw. en familie welkom namens het koor en de Chr. Jongeliede Ver. Ds. Snijman bedankte voor de grote ontvangst. Bij afwezigheid van de Konsulent, Ds. Spoelstra, trad oude vader Postma voor 'n volle gemeente op des avonds om 7 uur en bevestigde zijn eerw. met de woorden uit Ex 17, van vers 8 tot 16.

Nadat het formulier gelezen was en Ds. Snijman geantwoord heeft, werd zijn eerw. toegezongen Ps. 134 vers 3. Daarna werd zijn eerw. toegesproken door Ds. M. Postma; Oudl. de Vries namens Kerkeraad en gemeente; Diak. van Wyk namens Diakonie; Dr. de Klerk, Germiston; Oudl. A. K. Bot, Pretoria; Ds. S. W. v. Niekerk, N.H.O.G. Gemeente; Dr. Fourie, Ned. Her. Gem.; Oudl. L. L. Kruger, Johannesburg gemeente; Oudl. Coetzer, Gemeente Johannesburg Oost. Ds. Snijman antwoordde op gepaste wijze. Op 2 Januarie trad Ds. Snijman voor de gemeente op als haar herder en leraar. Tekstwoorden: 1 Petr. 2 vers 5: Opbouwing der gemeente tot een geestelijk huis tot een heilig Priesterdom. Zijn eerw. wees op de betekenis van deze woorden: *Zoo wordt gij ook zelven gebouwd.*

---

Namens de Eerw. Kerkeraad onze hartelike dank aan h.h. Professoren en Leraren die ons gedurende de vakantietijd zoo getrouw hebben geholpen. Uw arbeid onder ons wordt zeer gewaardeerd; in het biezonder onze dank aan Ds. Spoelstra van Johannesburg-Oost, voor al zijn arbeid en liefde aan ons bewezen. Moge zijn arbeid onder ons tot rijke zegen zijn; en ten slotte onze dank aan Oude Vader Postma. De liefdeband tussen ons als oude gemeente kan en zal nooit verbroken worden. Zegene de Here hem, voor al zijn arbeid ook aan ons besteed! Namens de Kerkeraad.—J. de Vries, Scriba.

**Verslag van die Diakonale Konferensie gehou in die Kerkgebou, Melville, 19 en 20 November, 1925.**

(Vervolg).

9. Aan die orde beskrywingspunte:

II. Dat Nagmaalskollekte deur elke diakonie in die Provinsie Transvaal vir 'n algemene hulpfonds afgesonder sal word.

IV. Dat van die Prowinsiale Sinode toestemming verkry sal word om al die deurkollektes alleen vir die doel van barmhartigheid te gebruik,

en 'n voorstel van Krugersdorp dat die algemene diakonale kas in vervolg onder die beheer van 'n kommissie bestaande uit diakens sal staan wat oor die geld kan beskik sonder voorafgaande toestemming van die Prowinsiale Sinode. Die voorsitter reël hierdie voorstel asook punt III. buite die orde. In verband met punt IV. wys hy daarop dat die kollektes wat die Prowinsiale en die Algemene Sinode vra ook gaan vir armoede. Verder word bespreek metodes om meer middels vir die diens van barmhartigheid te verkry en aan die hand word gegee (i) die invoer van bussies vir huisgesinne wat nie gereeld by die kerk kan kom nie. Volgens verskillende afgevaardigdes werk hierdie plan in meeste gevalle uitstekend. (ii) insameling van produkte wat indien nodig by 'n sentrale plek saamgebring kan word en dan volgens behoefte uitgedeel, (iii) spesiale kollektes van huis tot huis vir die arme.

10. Die konferensie verdaag om 12.30 n.m. tot 2 uur n.m.

11. Na hervatting word behandel beskrywingspunte:

VIII. Die oprigting van 'n eie hospitaal.

XI. Wat moet gedoen word om beter verpleging van ons krankes in hospitale en gestigte te kry? 'n Paar van die aanwesige predikante wys daarop hoe moeilik dit is om in die bestaande hospitale ons siekes die nodige troos en geestelike bediening te gee. Die bespreking lei tot die volgende voorstel, wat algemeen aangeneem word: Die konferensie gevoel die behoefte aan 'n eie hospitaal en vra die diakonieë van Johannesburg Noord om verder in die saak te werk in verband met die ander twee Hollandse kerke en die saak op die e.k. Prowinsiale Sinode aanhangig te maak om daar van advies te dien. H. van der Walt—P. Kruger.

12. Beskrywingspunt X.: Watter middels kan die konferensie aan die hand gee om armoede te voorkom?

Voorstel: Na ryp bespreking van hierdie punt besluit die konferensie die Sinodale Kommissie vir die omskrywing van die amp van die diakene te vra hiervan kennis te neem, van die onderwerp studie te maak en hierdie punt in hulle rapport op te neem. Intussen word die diakene opgewek in verband met die wantoestande wat onder ons mense heers waardeur veel armoede veroorsaak word om die kristelike gewete op te wek deur die lig van Gods Woord te laat skyn. D. J. van Rooy—Loots. Algemeen aangeneem.

13. Gedurende die pouse wat nou volg is die susters weer op hulle pos met verversings wat die vergadering met vernude moed en krag na hulle werk terugstuur.

14. Beskrywingspunt XIII.: Aanstelling van 'n Geref. onderwyser aan die Blinde en Doofstomme Instituut te Worcester en die verskaffing van finansiële steun aan gemelde skool. Die voorsitter meen dat die saak beter tuishoort by die plaaslike kerkrade en die Prowinsiale Sinodes. Van die punt word afgestap.

15. Beskrywingspunt XIV.: Die diakonieë van die Vrystaat en Kaap deur 'n kommissie te vra vir samewerking en op die volgende konferensie te rapporteer. Punt II. word hiermee saam behandel. Besluit word: Die diakonale konferensie spreek die wenselikheid uit dat die ander Provinsies ook diakonale konferensies sal hou en dat in die toekoms al die Provinsies also gesamentlik kan konfereer oor ons diakonale sake.

16. Beskrywingspunt XV.: Die konferensie verduidelik die woorde in die bevestigingsformulier: "maar ook met troostrijke reden uit het Woord Gods aan de armen en ellendigen hulp bewijzen" en lê nadruk op die manier hoe dit moet geskied.

Dr. de Wet sê dat ons die diakenswerk nie net stoflik moet opvat nie. Die diaken moet persoonlik die geld aan die arme bring en hom daarop wys hoedat vir die kristen, waar hy in lye en armoede verkeer, dit vir hom iets anders is as vir die heiden. God kan ook die armoede laat gedy tot sielesaligheid vir die kristen. Tog moet ons baie versigtig wees met die troos. Dis 'n teer saak. Die arme moet ook daarop gewys word dat hy ook self verantwoordelik vir die toestand is en moenie tevrede wees om daarin te bly nie. Dr. Kotze wys daarop dat 'n arme nie altyd verantwoordelik is vir sy armoede nie. Ds. Postma spreek oor die onderrigting en vertroosting wat 'n belangrike deel van die werk van die diaken is. Diaken Loots neem deel aan die bespreking.

17. Bepaling van die plek waar die volgende diakonale konferensie sal sit:

Voorstelle: (a) Die diakonie van Johannesburg Oos nooi die diakonieë van Transvaal uit tot die konferensie van volgende jaar; tyd later nader te word bepaal. Voorgestel word hierdie uitnodiging met dank aan te neem.

(b) Die diakonie waar die Prowinsiale Sinode van 1927 sitting sal hou word gevra om die diakonale konferensie op te roep en te ontvang. Hierdie konferensie gee aan die hand dat die konferensie uitgenooi word om sitting te hou 'n dag voor die sitting van die Prowinsiale Sinode.

Voorstel (a) word aangeneem.

18. Ds. Yssel lees die rapport van die Sinodale Kommissie oor die oprigting van 'n Weeshuis

voor. Die Voorsitter bedank die kommissie vir die mededeling en dra aan die vergadering op om hulle kerkrade op te wek om die hande van die kommissie te sterk.

19. Die volgende onbestrede mosie word aangeneem: Hierdie Konferensie spreek sy blydskap uit oor die bekwame wyse waarop ons Hoë Owerheid en in besonder S. Ed. die Minister van Lande tot hiertoe pogings aangewend het om die arm blanke van ons volk te red deur nedersettings, ens., en hoop dat op die weg wat ingeslaan is voortgearbei sal word. I. Vorster—D. J. van Rooy.

20. Die Voorsitter spreek 'n hartelike woordjie ten besluite en spreek sy blydskap uit vir die aangename gees wat geheers het en die goeie werk wat gedoen is. Dr. de Klerk gee aan die hand dat met die volgende konferensie professore of ander persone uitgenooi sal word om lesings te gee.

Die Viese-Voorsitter spreek 'n woord van hartelike dank uit namens die konferensie aan die Kerkraad van Johannesburg Noord en die gemeentelede wat die afgevaardigdes ontvang het. Ook die susters word bedank. Diaken van Wyk bedank Dr. de Wet, die predikante en die afgevaardigde vir hulle aanwesigheid. Ds. Postma spreek 'n woord van dank uit aan die eerw. Voorsitter en die Buro.

21. Die skriebas word gevra om 'n rapport van die konferensie aan die Kerkblad en ook aan die Prowinsiale Sinode te stuur.

22. Die notule word gelees en goedgekeur.

23. Dr. de Wet sluit met te laat sing Ps. 25:6 en gebed.

D. J. VAN ROOY, (Skrieba).

## RAPPORT OMTRENT DIE VERKRYGING VAN 'N NUWE SENDINGSTERREIN.

Die laaste Sinodale Verg. te Rustenburg het in Dl. II van die Sendingsrapport besluit dat „Pretoria haar teenwoordige sendingsposte sal handhaaf, en in oorleg met die Sinodale Deputate sal oorgaan tot vasstelling van 'n grotere sendingsterrein, by of in die omstreke van Noordelik Transvaal." (Handelinge bl. 110).

Om uitvoering aan hierdie besluit te gee, om also 'n grotere sendingsterrein te verkry waarheen die te beroepe sendingsleraar van Pretoria kan uitgestuur word, het die Sendingskommissie van Pretoria saam met die Prowinsiale Sendingsdeputate besluit om br. P. Erasmus namens die Sendingskommissie vir hierdie doel of te vaardig. Die Prowinsiale Sendingsdeputate het besluit om Ds. H. Ph. J. Pasch af te vaardig. Ook is die versoek gerig aan die drie Sinodale Sendingsdeputate om iemand af te vaardig wat saam met genoemde deputate namens die Sinode kan gaan. Die Sinodale Deputate het hierop afgevaardig Dr. P. J. S. de Klerk van Germiston. Die drie afgevaardigdes het hul reis na die Soutpansberge aanvaar op Dinsdag, 22 Sept., 1925.

Op Louis Trichardt het die ondergetekende kommissie hul verrigtings begin. Reeds tevore het die kommissie al onderhandelinge gehad met die Departemente van Naturellesake en Lande omtrent die verkryging van grond in die Soutpansberge. Hieromtrent het die Kommissie toe die Naturelle-kommissaris in Louis Trichardt gaan sien. Alleen die onder-kommissaris kon ons te spreek kry. Sy antwoord was dat daar vier plase van die Regering is wat geskik sal wees vir ons doel. Drie van die plase sal waarskynlik uit die voorgestelde naturellegebied uitgesny word, maar as dit nie gedoen word nie, dan is daar geen beswaar om ook een van hulle aan te koop. Veral die plaas Drylands beveel hy aan, omdat die voorseker binne die naturellegebied sal bly. Vanhier is ons toe na verskillende prokureurs om te verneem omtrent private plase. Alleen die plaas Bergplaas word as geskik vir ons doel ons aanbeveel. Die plaas is omtrent 700 morge groot en sal ongeveer £1000 kos. Na hierdie voorlopige informasie is ons kommissie toe na Pastor Schwellnus, wat digby Louis Trichardt op die Berlynse Sendingstasie woon.

Hierheen was ons reis om nadere informasie te kry omtrent die waarskynlikheid van die verkoop van die Berlynse sendingstasie Mandale. Pastor Schwellnus het ons heel beleefd ontvang en het ons alle nodige informasie verstrek. Die stasie Mandale is te koop omdat die Duitsers kort aan fondse is. En hulle sou graag sien dat 'n binnelandse kerk dit koop, anders kom dit in hande van buitelandse sektes wat ook daar begin sending drywe.

Br. Frans Kruger, Ouderling van ons gemeente, aldaar, was so goed ons met sy kar en vier muile te kom afhaal die volgende more vir die reis oor die berge na die Duitse sendingstasie Mandale. Dis 'n distansie van ongeveer 40 myl, en het ietwat meer as sewe uur geneem met die kar. Die pad gaan deur pragtige berglande met klowe en dale, pragtig begroeid, en orals kan mens die waterstrome in die valleie hoor dreun tussen die groene varings deur. Die eerste plek wat ons besigtig het vir ons doel was Bergplaas, wat van 'n private eienaar te koop is. Dis 'n pragtige plek so tussen die hoë berge in, en orals sien 'n mens kaffer-lokasies. Ook is daar 'n mooi lemoenboord en veel kans vir lande, selfs onder besproeiing. Maar tog het ons gevoel dat hier nie die gewenste sentrum van uitwerking onder die grote lokasies is nie. Dis te ver geleë van die naturellegebied.

Vandaar het die reis gegaan oor die berge tot in die Kroongronde wat nog onopgemeet lê, twee uur van die grens van beskawing. Nie ver van die Duitse Sendingstasie Mandale vloei die N'leléle rivier wat dien as Noord-Westelike grens van Mandale. Bo op die een berg lê die sendingstasie Mandale. Dit lê heel geskik en sentraal.

Veel sendingsaksie is hierlangs nog nie. Ietwat Suidelik lê die Duitse Sendingstasie Tsakoma. Dan is daar ook 'n stasie van die Wesle-

yaanse sending, en één van die Sionistiese sekte van Noord-Amerika. Hierdie laasgenoemde sekte vind die Berlynse Sending nogal lastig wat betref samewerking, aangesien hulle ook na die doop nog veelwywery toelaat. Maar hul aksie is onbeduidend en hulle besit slegs 'n halfmorg grond. Al die sendingsaksies alhier is slegs as 'n druppel in 'n emmer as mens die omvang van die arbeidsveld aanskou. Dit wemel van kaffers. en lokasies is oral te aanskou. Aan die oorkant van die N'leléle rivier het ons teen die hang van die berg nie minder as twintig lokasies getel.

Pragtige natuurtaferele is hierlangs te sien. Orals tussen die klowe hoor mens waters dreun, en sien mens palmbome.

Nadat ons Mandale goed besigtig het, het ons, hoogs tevrede met ons tog, teruggekeer. Verdere informasie het ons nog ingewin omtrent die plaas Beaconsfield wat na aan Mpefu's lokasie lê en heel geskik sal wees vir 'n sendingstasie. Heel waarskynlik sal hierdie plaas uitval uit die voorgestelde naturellegebied, dan sal ons dit nie kan kry vir sendingsdoeleindes nie. As dit egter binne die voorgestelde naturellegebied bly, dan moet ons in onderhandeling tree met die Departement van Lande, en heel waarskynlik sal ons dit dan op heel billike terme kan kry. Die ander drie plase, Stoney Edge en Greystone en Drylands is ongeskik vir ons doeleinde, ook die plaas Studholme wat te koop is.

Sodra ons Kommissie die volgende aand tuis was het ons in kontak getree met Pastor Wederpohl te Pietersburg, Superintendent van die Berlynse Sending vir Noordelik Transvaal. Saterdagaand het hy ons te Pietersburg op die stasie kom afhaal en heel vriendelik ontvang. Hy het ons wel die opsie op Mandale gegee, maar kon geen prys vasstel nie. Eers moet hy in oorleg tree met die andere sendelinge en sal op ons skriftelik versoek om Mandale te koop ons binne 14 dae antwoord gee.

Die antwoord was egter nie gunstig nie. Die Berlynse sending weier om aan ons die stasie Mandale te verkoop. Dis jammer, waar ons die beste verwagtings gehad het.

Nou het die Kommissie weer in korrespondensie met die Departemente van Naturellesake en Lande getree, ten einde grond van die Regering te koop te kry. Van die Sekretaris van Naturelle-Sake is antwoord ontvang dat die Minister bereid is ons 'n perseel te gee op die plaas Beaconsfield of op een van die ander genoemde plase. Hierdie grond mag slegs vir sendingsdoeleindes gebruik word, b.v. industriële en landbou-onderwys. Dan word ons gevra om met minder dan 1000 morge tevrede te wees. Aan die Dept. van Naturellesake is geantwoord dat ons hul voorwaardes aanvaar, en bereid sal wees om 500 morge te kry op die plaas Beaconsfield, maar dan moet die Regering ons vrylaat om die 500 morge uit te kies wat die digste aan Mpefu's lokasie lê, en die geskikste sal wees vir 'n sendingstasie. Hierdie versoek is deur die Sekretaris van Naturelle-Sake nou deurgestuur na die Dept. van Lande. Die koopprys sal betaal word en ons later bekend gemaak word.

Hier is 'n groot arbeidsterrein, daarom moet ons hierdie geleentheid nie laat verbygaan nie. Sodra die Regering ons die grond toeken en die prys bepaal, sal 'n kommissie later moet uitgestuur word om 500 morge (as soveel ons sal toegestaan word) uit te kies waar dit die geskikste plek is. Die kommissie doen hiermee 'n dringende beroep op die Sinodale Sendingsdeputate en op die sendende gemeente van Pretoria om hierdie geleenheid nie te laat verbygaan nie, anders sal die pas ons seker afgesny word om enige grond verder daar te kry. Die Minister van Naturellesake is gedetermineerd om geen grond meer aan blanke persone binne die naturellegebied te verkoop nie.

Die kommissie beveel dus aan dat nogmaals deputate sal uitgestuur word om die betrokke terrein te verken en uit te kies, en voorlopige reëlings vir koop met die Regering te tref, sodat die aanstaande Sinode direk tot koop kan oorgaan.

Kommissie voornoemd :—

Dr. P. J. S. DE KLERK,
P. J. ERASMUS,
H. Ph. J. PASCH.

## VRAEBUS.

*W. K.*—Bonny Burn, wat vermoedelik 'n Potchefstroomse seun is, moet eers vir my kom sien voor ek sy vrae beantwoord.

*Alida.*—Jou vraag openbaar 'n uiters treurige toestand. As jou ouers (stiefouers?) jou uitskel en vir jou vloek moet jy vir hulle bid, as jy self 'n kind van die Here is.

*F. J. Potgieter*, Bemhoogte.—Daar is o.i. nie die minste beswaar daarteen dat jonge dogters gewone lede kan wees van 'n Gereformeerde Jongeliede Vereniging nie. Op sommige plekke soos by Pretoria, is 'n jongedogters-vereniging, en 'n jongelings-vereniging. Maar ons landsomstandighede is nie van die aard dat ons oral sulke indelings kan kry nie. Miskien sou dit goed wees as die jongedogters as 'n tak van die Jongeliede-verenigings ook bymekaar kom om meer in besonder vraagstukke te behandel wat vir *hulle* toekomstige lewe van belang is en ook nuttige werk te doen, handewerk en dergelike wat vir 'n goeie doel kan gebruik word. Die sekretaresse van *Tabitha* op Pretoria sal kan meedeel hoe hulle werk.—J.P.

## KORRESPONDENSIE.

**Iemand** skrywe van Soutpansdrif, P.K. Pansdrif, aan die Nas. Pers, Bepk., oor sy rekening vir die Kerkblad. Die **Nasionale Pers** wil graag weet wie die skrywer is en dan kla die uitgewers dat hulle dikwels ongetekende briewe ontvang en ook posorders in 'n

koevert sonder naam. Sal die skrywer van Soutpansdrif aan die Nas. Pers laat weet wie hy is?

**Lidmaat** skrywe van Middelburg teen die Sending, maar stuur nie sy naam nie.

**Jonge Lidmaat** van Petrusburg skrywe oor die dans en stuur ook nie sy naam nie. Daarom word hierdie twee briewe nie geplaas nie. Die Redaksie moet die name van die skrywers weet as hulle onder 'n skuilnaam wil skrywe.

**Br. S. J. van der Walt,** Bethal, skrywe dat Prof. Postma daar was en die toestand van die Teol. Skool duidelik gemaak, en gesê het dat daar 'n skuld is van £650. Die Prof. het hulp gevra. In **Die Kerkblad** sien die broeder nou hoe weinig daar gegee is en hy wek die lesers op om tog hulle harte en hande nie te sluit nie. Die broeder is bietjie onder 'n misverstand. Die Prof. sal wel bedoel het om ondersteuning te vra vir die Wetsontwerp wat voor die Parlement moet kom om die Potchefstroomse Kollege as 'n Kristelike Inrigting erken te kry.

**Br. D. J. Coetzer,** Rietfontein, skrywe teen die verwilderde kleredrag, en maak die volgende voorstel:—

„Dat elke Kerkraad 'n gemeentevergadering met e.k. Avondmaal belê om die saak te bespreek met die gemeente, die vaders en die moeders." Hy verwag van so'n bespreking meer as van 'n preek.

Die brief is met **potlood** geskrywe en kan daarom nie na die drukkers gaan nie.

---

## WAAR MOET 'N GEREFORMEERDE BAAI?

Waarde Redaksie,—Staan my asb. toe om te antwoord op bowestaande vraag, wat gestel is deur broeder Kukkuk van Durban in Die Kerkblad van 22 Desember, l.l.

Hy vra my advies en verlang dat ek „'n weg moet aanwys waardeur ons in staat sal gestel word om aan die gesonde ontspanning (seebad by die kusstede) deel te kan neem sonder nadeel vir ons geestelike en sedelike lewe."

Dit is my duidelik dat dit 'n gewetensvraag is en dat die broeder en vele andere seker 'n gesonde oplossing sal verwelkom. Die vraag het ontstaan na aanleiding van enige opmerkinge van my oor „gemengde baaiery" in die artiekels „Siekverlof Herinneringe."

Br. K. stem natuurlik in dat gemengde baaiery af te keur is, daarom wil hy ook nie kritiek uitoefen op wat ek geskryf het: Ek stem in met hom dat dit baie onaangenaam sou wees, veral vir besoekers na die kus om terug te keer sonder die verfrissende en gesonde seebad. Ook die plaaslike inwoners aan die strand het daar behoefte aan.

As ons egter eens is oor die kwessie dat gemengde baaiery verkeerd is dan is daar nie so iets nie dat mens verplig word om tog daarvan gebruik te maak, omdat ons graag aan die gesonde ontspanning deel wil neem.

Vir die kristen is daar nie so'n weg ope nie om deel te neem aan 'n ding wat hy in sy gemoed afkeur en wat nadelig is vir die geestelike en morele lewe.

Nou kom die vraag: Wat moet ons doen in hierdie geval? Ek dink: Ons kristene lê soms te gou die wapens af vir die wêreld. Deur allerhande vleeslike oorweginge vermy ons die stryd en kies dan die gemaklikste weg, die weg sonder kruis en selfverlogening; die weg van maar lydelik saamgaan en "laat maar ontwikkel."

Die wêreld sit nie stil nie. Hulle is voorsigtiger (ratser) dan die kindere van die lig. Hulle verower byna alles—ook neem hulle beslag op die dinge wat goed is op sigself en waar ons almal reg op het. Hulle verontreinig dit sodat ons dit nie met 'n goeie konsensie kan gebruik. So is daar vele geoorloofde vermake en ontspannings wat 'n kristen ook sou kan en mag geniet maar omdat die dinge hand oor hand besmet word met die vlees, moet ons ons onthou en selfverlogening en onthouding toepas. Dink om wat die Apostel Judas skryf in sy brief, vr. 23: „En haat ook den rok die van het vlees bevlekt is."

Daar is b.v. die vraag: of dit wenselik is om nog openbare bioskope, konserte, en skouburge by te woon en selfs mee te gaan met sommige publieke sports—veral as ons dink aan die geselskap en toon wat daar heers en ook die nadraai.

Ondervinding leer ons dat baie onskuldige vermake selfs nie meer die naam werd is nie. Dit adem 'n wêreldse gees. Die wêreldlinge gee daar die toon en leiding aan, en dit is 'n saak van die Kerk en kristene om hulle self af te vra in hoever ons aandadig is deur meegaan of stilswye.

Die gemengde baaie is eenvoudig 'n saak waar die groot publiek so langsamerhand mee versoen geraak is.

Is ons vrye burgers in 'n vry land, die gewoonte het ons egter onvry gemaak, en slaafse volgelinge van verderflike praktyke wat so sterk beslag geneem het op die geeste dat losmake van boeie deur sommige geag word 'n onmoontlikheid te wees.

Dis tyd dat die kristendom ontwaak en opstaan uit die dood en laat Kristus oor hulle lig.

Wil ons behoue wees van 'n verkeerd en verdraaid geslag dan moet ons hulle nie meer volg nie op hulle kromme weë.

Nou dink ek moet die kristen publiek deur agitasie en boikot pressie uitoefen om hulle regte te kry, ook in hierdie saak. Die mense aan die strand behoort die saak eerste aan te pak, want die brand is by hulle die naaste. Sterke komitees moet gevorm word om die regering van stad en land te ontmoet en hulle besware te opper teen die gemengde baaie; en die mense in die binneland moet hulle ondersteun deur petiesies te laat teken teen die euwel en al die versoekskrifte moet opgestuur word aan die strand komitees vir inhandiging by die betrokke outoriteite.

Sulke petiesies kan bevoorbeeld by al die pastorieë lê vir ondertekening of ook deur kerkrade rondgeneem word.

Aangedring moet word op badgeleentheid vir mans en vrouens apart aan die see (en ook in die dorpe)—sê b.v. sekere ure vir mans en andere vir vrouens onder behoorlike toesig en beskerming van regeringsweë. Ondertussen moet die beswaardes kennis gee en ook hulle protes laat blyk deur nie deel te neem aan die gemengde seebad solang die misstand bly staan. Dan bly ons maar tevrede met ons private bad, om des gewetens wil.

Met dank,
Die uwe in Kristus,
Ladybrand. D. P. DU PLESSIS.

---

## DINGAANSDAG EN ONS ROEPING.

Weleerwaarde heer Redakteur,—Ons volk het weer Dingaansdag gevier en God gedank vir die verlossing wat Hy ons gegee het. Ons het weer in bewondering die weg van God met ons volk nagegaan. Ja, die weg van God met ons volk was wonderlik, baie wonderlik. Dit het in die afgelope honderd jaar gelyk of die magte van die hel op ons volkie losgelaat is om dit te verdelg.

Die magte van 'n vreemde heerskappy, die magte van die heidense duisternis, van alle kant is ons volk verdruk en met die Boere-oorlog byna uitgeroei.

Dit laat ons dink aan die heidense volke wat Israel wou uitgeroei het.

En Satan het agter die volke gesit om Israel uit te roei. En ons glo nie ons is fout, as ons sê dat dit Satan is wat sy mag gebruik het om ons uit te roei. Solank as wat ons volk godvresend was, was Satan met ons besig om ons te verdelg: noudat ons volk sy godsdiens begin opsy sit, nou lyk dit of Satan tevrede is en hy laat ons volk met rus. Hy het nou ander vegmetodes, en dit is sy ou-ou manier van die Paradys af. Nou vang hy ons met lis, nou werk hy ongemerk voort.

Ons kan nie nalaat om onsself af te vra, waarom al die stryd, waarvoor al die bloed? Waarom is ons onderdruk, waarom het Satan met so 'n groot mag teen ons geveg? Waarom het God ons so wonderlik gered? Is dit nie of ons geskiedenis wil sê, dat die stryd wat hier op aarde gestry is, in die hemel volstry is, of dit 'n stryd was tussen God en Satan?

God het ons volk seker nie op so 'n bonatuurlike wyse in stand gehou om ons voortreflikheid nie. Nee, God moes 'n besonderlike doel met ons volk gehad het en hoe ons ook al dink of peins, ons kan geen ander antwoord op die vraag kry, **as dat God ons volk hier geplaas het, om Sy Koninkryk onder die heidene uit te brei, om die lig wat Hy ons gegee het uit te dra onder die donker heidense volke hier in ons dierbare land, om Sy banier uit te rol oor die swart nasies om Sy Woord te laat seëvier onder die naturelle.** Want die Woord van God saï vervul word, nl., dat aan al die volke die evangelie sal verkondig word.

As ons verder ons geskiedenis by die lig van die Woord van God bestudeer, dan bemerk ons 'n treffende ooreenkoms met die van Israel. Israel se roeping was om dienares te wees van al die volke. Dit is al wat God beoog het met Israel. Israel moes die Woord van God dra en die Christus laat gebore word.

Israël was daar om 'n lig te wees vir al die heidense volke. En die roeping het Israël **nooit** verstaan nie. Is dit nie wonderlik dat die volk van Israël juis dié roeping wat God op hulle gelê het nie verstaan het nie en nie wou aanvaar het nie? Dat daarom ook die oordeel van God hulle getref het en hulle verstrooi is?

En vandag verstaan ons volk ook nie sy roeping nie. Ons beef en sidder as ons daaraan dink. En ons bid dat die Here ons nie mag straf met Sy wraak.

En op ons kerk word met die vinger gewys: julle wat julle so beroem daarop dat julle gereformeerd is, waar is julle werke? Julle wat altyd op ons wys, waar is julle eie getuienis?

Dis treurig dat daar so min aan sending gedoen word, dat daar so weinig harte is wat brand vir die diens van die Here, vir die uitbreiding van Sy Koninkryk.

En dit is vandag die tyd dat die Here na ons toe kom en op ons die liefdesplig lê om ons roeping te vervul. Laat ons alle kleinsielige vooroordele op sy lê, dit help ons nie om daarmee te koop te loop nie. Elke Afrikaner staan saam met hulle wat nie vir gelykstelling is, en baie voer dit beter uit in die praktyk as die wat bevooroordeel is teen die Sending.

Dit help nie om ons blind te hou nie. God se gebod sal teen ons getuig. Die Woord van die Here sal ons veroordeel soos die Fariseërs en Israëliete gedoen het.

Mag ons dan elkeen ons plig begin verstaan!

Uniondale,
6/1/26. H.

## ALGEMENE VERGADERING, KAAPPROVINSIE.

Kennis geskied hiermee:—

(a) dat op 19 Desember l.l. Deputate van die Algemene Vergadering, ingevolge Art. 10, Kerkorde, saam met die Kerkraad van Barkly-Oos aan Ds. G. H. J. Kruger eervolle losmaking van gemelde gemeente gegee is, daar SyEerw. die beroep na Vredefort—Parys aangeneem het en D.V. binnekort daar sal bevestig word;

(b) dat, met die oog op die aanneming van die beroep na en die a.s. bevestiging te Johannesburg-Noord, op 26 Desember l.l., eervolle losmaking van die Gemeente Molteno gegee is aan Ds. F. P. J. Snyman deur Deputate Algemene Vergadering ingevolge Art. 10, Kerkorde, saam met Kerkraad van gemelde Gemeente.

God seën beide Broeders in hul nuwe werkkringe!

Dan word ook hiermee bekend gemaak, dat die Korrespondent van Gemeente Molteno is:—

Diaken W. J. KRUGER,
Sandfontein,
Posbus 9, Molteno, K.P.

Namens Korresponderende Kerkraad,
D. POSTMA.

Burgersdorp, K.P.,
28 Desember 1925.

## VIR DIE KINDERS.

### JANUARIE.

Die naam Januarie, wat ons aan die eerste maand van die jaar gee, het ons van die ou Romeine geërwe, die volk wat oor die Joodse land geheers het toe onse Here Jesus gebore is in Bethlehem.

Die Romeine was 'n volk, wat baie gode aanbid het. Hulle het 'n spesiale god gehad vir byna elke aparte beroep, voorwerp of idee. So was Janus die god van die Begin en van die Ent, die god van Ingang en Uitgang.

Omdat die eerste maand die ingang van die jaar is het hulle dit dan genoem Januarius, ter ere van die god Janus.

As god van die ingang, sowel as van die uitgang, het die Romeine vir Janus voorgestel as siende terug in die verlede en ook vooruit in die toekoms. Hulle het hom dan ook afgebeeld met 'n dubbelhoof—'n gesig na vore en een na agter.

Daar 'n poort of 'n deur ook ingang en uitgang verleen, was Janus ook god van die deure en die poorte—die Latyn vir poort was „Janua"—en het hulle hom afgebeeld met 'n staf in die een hand en 'n sleutel in die ander.

As god van die poorte het Janus al die poorte van die stad Rome onder sy beskerming gehad, en

veral die poort waardeur die Romeinse leër na die oorlog getrek het.

In plaas van die poort het hulle later daar 'n vierkantige tempel gebou met 'n groot poort of deur en drie vensters aan elk van die vier kante. Die vier deure moes die vier jaargetye en die 12 vensters die twaalf maande van die jaar voorstel.

Die Romeinse gewoonte was om in die maand Januarie offers van meel, wierook en wyn, wat heeltemal nuut was, aan die god Janus te offer. In tye van oorlog, wanneer die Romeinse leër deur die poorte ten stryde getrek het, moes die vier tempel-poorte dag en nag ope bly solang as die oorlog duur, sodat die volk gedurig hul offerandes en gebede vir die sukses van die oorlog daar kon gaan offer.

Net so gou as die vrede gesluit word, word die tempelpoorte toegemaak. Ons weet uit die geskiedenis hoeveel oorloë Rome gevoer het totdat sy byna die hele wêreld, wat toe bekend was, onder haar heerskappy gebring het; selfs ook Palestina, die land van die Joodse volk, waar die Here Jesus gebore is.

Dit is dan ook nie te verwonder nie dat die Janustempelpoorte maar baie selde gesluit was. In die tydperk van sewe honderd, wat eindig op die geboorte van die Here Jesus, was die tempel-poorte net vier keer gesluit gewees, waarvan driemaal onder die Keiser Augustus. Hy is die Romeinse Keiser van wie ons in Lukas 2 lees: "En het geschiedde in die zelfde dagen, dat er een gebod uitging van den keizer Augustus dat de gehele wereld beschreven zou worden."

Die "gehele wêreld" was natuurlik die Romeinse ryk, wat deur hul gedurige oorloë so uitgestrek was, dat byna alle lande en volke aan hul heerskappy onderwerp was.

Daar die god Janus, die god van die ingang, van die begin was, was dit ook die Romeinse gewoonte om vir Janus te offer en aan te roep vir hulp en seën met elke nuwe werk of onderneming. Nooit sou die Romeine dit gewaag het om 'n groot saak aan te pak, voordat hul priesters nie eers allerhande tekens waargeneem het, soos die vlug van die heilige voëls te bestudeer, om te wete te kom of die tyd of dag of uur gunstig sou wees vir die sukses van die onderneming. Ook moes die priester-sterrekyker eers die sterre gadeslaan om seker te maak dat daar geen verkeerde invloed hul planne kon laat misluk nie.

As ons so lees van die bygeloof, waarin selfs so 'n magtige en ontwikkelde volk soos die Romeine verstrik was, dan voel ons te meer dankbaar dat ons Kristelike geloof en godsdiens ons verlos en vrygemaak het van die vrees en bygeloof wat ons heidense voorouers geknel en gekwel het. Dan besef ons hoe begenadig ons is dat ons in vaste versekering van die Here se leiding en beskerming die nuwe jaar met sy nuwe ondernemings en pligte kan ingaan, vertrouende op die belofte van die Bybelwoord: "De Heere zal uwe uitgang en uwe ingang bewaren, van nu aan tot in der eeuwigheid."

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

---

**VERLOWING.**

KOTZé—DU PLOOY.—Hiermee maak Ph. Kotzé, Bultfontein, Lady Grey, en mej. Johanna du Plooy, Kraairivierspoort, Aliwal-Noord, aan famielie en vrinde(inne) bekend dat hulle verloof is.

---

**DOODBERIG.**

VENTER.—In Jesus ontslape op Saterdag, 9 Jan., **ons klein Lettietjie,** gebore 11 Augustus 1925.

Die treurende ouers,
H. T. en A. S. VENTER
en Famielie.

P.K. Staf,
Ermelo, Transvaal,
11 Januarie, 1926.

---

**DOODBERICHT.**

SNIJMAN.—Het heeft de God van leven en dood behaagd ons teer geliefde echtgenoot en vader van ons weg te nemen door de onverbiddelike dood in de ouderdom van 87 jaar 10 maanden en 19 dagen na een smartelike lijding van 2 maanden en 13 dagen, na een gelukkige egverbintenis van 18 jaar 3 maande 2 dagen, maar wij berusten ons in des Heren wil.

"Wat de Heere doet is welgedaan."

"De Heere heeft gegeven, de Heere heeft genomen, de naam des Heeren zij geloofd."

Namens de bedroefde echtgenote en kinders:
H. J. C. SNIJMAN (geb. Pienaar).

Kinders:
J. J. SNIJMAN.
M. G. SNIJMAN.
E. F. J. SNIJMAN.
G. C. SNIJMAN.
Dochters: ELSIE DE RIDDER (geb. Snijman).
S. M. FOURIE (geb. Snijman).
Schoonzoon: I. B. FOURIE.
Stiefkinders: J. H. CLAASEN.
H. J. CLAASEN.
E. L. MOLLER.
Kleinkinders: J. P. SNIJMAN.
J. H. SNIJMAN.

---

**DOODBERIG.**

ENSLIN.—Sag in die Heer ontslaap op 10 Desember 1925, my seer geliefde dogter,

**Jacomina Elizabeta Smith (geb. Enslin),**

in die jeugdige ouderdom van 40 jaar en 2 dae, na 'n siekbed van 14 dae aan 'n doringsteek. Nagelaat ses onmondige kinders. My vaste hoop is dat sy die rus ingegaan is soos haar laaste woorde was: "Ek rus in Kristus." Hoe swaar dit ook al is, swyg ons en sê: "Hy is die Heer, Hy doen wat goed is in Sy oë," en my hoop is om haar namaals te ontmoet.

Die bedroefde moeder,
CATHRIENA MARIA ENSLIN.

Rhenosterpoort 78,
Distrik Waterberg.

**DOODBERIG.**

VAN DER WALT.—Aan bloedverwante en vriende word bekend gemaak dat in sy Heiland ontslaap het, verwagtende die toekoms van ons Here Jesus Kristus,

**Gert Hendrikus van der Walt**

op 24 November 1925 in die ouderdom van 65 jaar 9 maande en 17 dae na 'n smartlike lyding aan die gevreesde kanker van byna 'n maand.

In Kristus vind ons krag en troos.

Die bedroefde eggenote,

ADRIANA VAN DER WALT (Botha)
en kinders.

Treurkop, Reddersburg,
22 Desember 1925.

**DOODBERICHT.**

VAN DER WATEREN.—Na een zeer smartelijk lijden van ruim twee maanden is op Zondag, 27 December de eeuwige rust ingegaan onze innig geliefde echtgenoot en vader,

**Jan Floris van der Wateren,**

in de ouderdom van 66 jaar.

Diep betreurd door zijn echtgenoote en kinderen.

J. VAN DER WATEREN (Westra).
G. VAN DER WATEREN.
J. VAN DER WATEREN.
J. F. VAN DER WATEREN.
W. J. VAN DER WATEREN.
A. E. VAN DER WATEREN.
J. C. VAN DER WATEREN.

Teraardebestelling op Woensdagmiddag, 3.30 vanuit het sterfhuis, 500 Mainstraat, Gezina, op de Oude Begraafplaats.

**DOODBERICHT.**

Job. 1 vers 21, laatste gedeelte.

LAST.—Heden overleed in de ouderdom van ruim 61 jaren, mijn geliefde echtgenote en kinderen moeder,

**Johanna Last (geb. de Boo),**

na een operatie aan aangezicht pijnen in een hospitaal te Kaapstad.

Uit aller naam,

J. LAST.

**HOGERE OOSTEIND-SKOOL, PRETORIA.**

**Aangifte van Nuwe Leerlinge.**

Ook geleentheid vir onderrig deur Afrikaans in Vorms I, II en III vanaf die begin van die nuwe kursus in 1926 en dan ieder volgende jaar in 'n hoër Vorm.

Ruim, fris lokale en mooi speelgronde. Losieshuis vir seuns onder persoonlike leiding van die hoof van die skool teen £12 10s. per leerling per skoolkwartaal.

M. VAANDRAGER,
Prinsipaal.

160 Buitenstraat,
Pretoria,
Desember 1925.

**DOODBERIG.**

KOTZé.—Sag en stil verhuis na die ewige rus op Sondagnag, om 11 uur, ons dierbare vader en eggenoot

**Gabriel Kotzé,**

Klipplaatfontein, Aliwal-Noord, in sy 69ste jaar.

**BEDANKING.**

Mev. G. Kotzé en kinders wens alle bloedverwante en vriende hartlik te bedank vir blyke van belangstelling en medelye gedurende die siekte en afsterwe van hul eggenoot en vader.

**GEVRA.**

Onderwyseres vir twee kinders van Std. II en Std. III. Moet getuigskrifte van predikant van goeie gedrag en verlangde salaris aan onderstaande adres stuur. Vry losies.

J. J. KRUGER,
Waschbank,
P. K. Knapdaar-stasie, K.P.

**DIE OUDSTE STEENHOUERS-BESIGHEID OP BLOEMFONTEIN.**

# F. W. GRAY,

**STEEN- EN BEELDHOUER.**

**Maker en Direkte Invoerder van enige beskrywing van Graniet, Marmer en Sandklip Materiaal.**

**Alle werk onder my eie ondervindingryke en praktiese toesig.**

***Billike Pryse, Gemaklike Terme, Betroubare Werkmanskap.***

**Hoek van Fichardt en St. Andrewstrate.**

**Foon 1346. BLOEMFONTEIN. P.K. Bus 669.**

# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 135 Langmarkstraat, Kaapstad (Friedlandsgebou, 1ste vloer), Drapeerster, Kompleet uitruster Dameskiere en -Hoede, of enig Damesbenodighede, Hoede- en Dresmaakster. Aand- en Troutabberds 'n spesialiteit. Persoonlike toesig.

**TABAK.**

EERSTEKLAS KWALITEIT.

10 pond 12s. 6d.; 20 pond 22s. 6d.; 30 pond 31s.; 50 pond of meer 1s. per pond. Kontant of K.O.A. gelewer op my stasie.

**Skryf aan J. M. ROETS,**

**P.K. Boschhoek, Rustenburg, Tvl**

**OOR DIE VRAAGSTUK VAN DIE DAG:**

**MATIGHEID DIE ENIGSTE OPLOSSING.**

**Prys 6d. Posvry.**

Die Pamflet bevat die volgende:—

**Wat Gods Woord leer oor die Drankvraagstuk.**—Ds. C. W. M. du Toit.

**Opienies van Teologiese Professore en Predikante.**—Prof. Dr. J. D. du Toit, Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, Prof. J. A. du Plessis, Prof. Dr. A. Moorrees, Ds. D. S. Botha, Prof. Dr. E .E. van Rooyen, Ds. D. G. Malan, Ds. W. J. van der Westhuizen, Ds. J. F Botha.

**Die Drankvraagstuk uit Sosiale Standpunt beskou.**—Dr. A. I. Perold.

**Alkohol en die Dokter.**—Dr. C. Louis Leipoldt.

**Wyn en Dronkenskap: Die vraagstuk van die dag.** Referate gelewer op die Pêrelse Kongres van 7 en 8 Mei, 1924. Prys 1/- posvry.

Ook in Engels verkrybaar teen dieselfde prys.

VERKRYBAAR BY:

**DIE VOLKSBLAD-BOEKHANDEL, Maitlandstraat,**

**Foon 849. BLOEMFONTEIN. Bus 325.**

BESTEL NOU

**36 PSALME**

**in Afrikaans**

**Berym deur**

**TOTIUS**

**Musiek bewerk deur**

**F. W. JANNASCH.**

**PRYS 6/- POSVRY.**

**Stuur kontant met bestelling aan**

**Die Volksblad Boekhandel,**

**Maitlandstraat,**

**BLOEMFONTEIN.**

ONS DAGBLAD VAN DIE NOORDE

DIE VOLKSBLAD.

**Is u al intekenaar? Smaak u al die genot van tydig die wêreldnuus in u eie volkstaal te lees?**

**Ons boere het die markberigte nodig. Ons het almal die inligting nodig oor ons volksbestaan en wat in die volkerewêreld gebeur. Anders is ons baie soos 'n skip sonder kompas. Spurgeon het gesê: "Ek lees my Bybel om daarin te sien wat die Raad van God is, en my koerant om dáárin te sien hóe God Sy Raad uitvoer in die verloop van die wêreldgeskiedenis."**

**Kennis is mag! Wapen dus uself, en help tegelyk as Afrikaner ons dagblad. Hoe meer intekenaars hoe makliker die advertensies instroom. Moenie 'n ongereëlde posdiens ontsien nie. Die prys is maar £2 5s. per jaar. Stuur u naam aan die Nasionale Pers, Beperk, Bus 267, Bloemfontein. Laat ons skouer aan skouer staan, dorpsbewoner en boer op die platteland. Dit is 'n voorreg en genot om 'n Afrikaanse dagblad te hê. Ek praat van eie ondervinding.**

**C. W. M. DU TOIT.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 572 | 2 FEBRUARIE 1926 | 26ste JAARGANG

**KENNISGEWING.**

**INTEKENINGSGELD OP „DIE KERKBLAD."**

**Die Administrasie wil graag onder die aandag bring van Kerkbladlesers en die Kerkrade dat die intekeningsgeld op „Die Kerkblad" 10/- (Tien Sielings) is per jaar, en nié 7/- nie. Alleen waar Kerkrade 'n spesiale ooreenkoms tref soos in die geval van Potchefstroom, Postmasburg en Olifantshoek, kry lede van so 'n gemeente „Die Kerkblad" vir 7/-, maar dan is die Kerkraad verantwoordelik vir die Subskripsies; in alle andere gevalle bly die subskripsie 10/- per jaar.—Die Administrasie.**

## GEREFORMEERDE KERKVERBAND.

IV.

Deur die erkenning van die noodsaaklikheid van die Kerkverband spreek die Kerke die gedagte uit dat 'n Kerk of 'n groep van Kerke nie afgesonder mag lewe nie, omdat hulle die sigbare openbaring is van die eenheid van die verborge liggaam van Kristus. Hierdie eenheid moet ook in die veelvuldigheid gesoek word van die Protestantse Kerke.

In die Roomse Kerk word bely dat die eenheid in die Roomse instituut, oor die wêreld versprei, gevind word. Die Pous is dan die sigbare beliggaming van hierdie eenheid. Al wat buite die Roomse eenheid staan is sektaries en ketters.

Daarom erken Rome ook geen ander Kerke nie en ag die Roomse Kerk hom verplig om ketters te vervolg.

Luther het gesê dat dit teen die wil van die H. Gees is dat ketters verbrand sal word. en in sy Bul in 1520 uitgevaardig het Leo X o.a. verklaar dat dit te veroordeel is om te verklaar dat dit teen die wil van die H. Gees is dat ketters sal verbrand word.

Ons erken ook die onsigbare eenheid van die Kerk van Kristus, maar, ons vind, helaas, hierdie eenheid nie reflekteer in een kerklik instituut nie. Van hierdie ontredderde toestand is die sonde die oorsaak. Dit neem egter nie weg nie, dat die kerklike instituut moet vra na die suiwere kentekens van die sigbare openbaring van Kristus Kerk, en dat elke gelowige geroepe is om hom te voeg by daardie kerklike instituut. Is daar egter ander kerklike institute, wat, hoewel hulle in middelmatige dinge verskil, nogtans in hoofsake nog vashou aan Gods Woord, dan eis die eenheid van die Kerk van Kristus dat in meer of minder mate verband met sulke Kerke moet geoefen word. Isoleer 'n Kerk hom geheel en al van ander Kerke dan vertoon hy die karakter van 'n sekte, omdat hy daardeur die katolisiteit (algemeenheid) van die Kerk van Kristus loën.

Ds. Schilder sê in sy brosjure „Kerkelik Besef":—„Immers het is de eigenschap van de secte, dat ze zich blindstaart op één waarheid in de Schrift en niet ziet de betekenis van de volle waarheid Gods voor alle kerkelik en burgerlik terrein.

De apostolischen hebben hun apostolaat, de baptisten hun beschouwing van den doop, de adventisten hun verklaring van de profetieën, de Sabbatisten hun opvatting van het vierde gebod, enz. Steeds is het één punt van de waarheid, dat de volle belangstelling heeft, met verwaarlozing van de andere punten. De oogen zijn gesloten voor het catholiek karakter der waarheid, en vandaar dat de secte haar leden niet oproept tot het getuigen van de waarheid op alle terrein, maar afscheiding in dezen of dien vorm als het wachtwoord uitroept.

Hierdie katolisiteit van die Kerk vereis dan ook die uitoefening van die Kerkverband, en in Art. 85 van ons Kerkeorde word daarvoor voorsiening gemaak. Hierdie Artiekel lui:—„In middelmatige dingen zal men de buitenlandse Kerken niet verwerpen, die een ander gebruik hebben dan wij."

Art. 85 is dan ook die enige wat in verband kan gebring word met ons onderwerp, en hier word in die eerste plek alleen gespreek van „bui-

tenlandse kerken," en in die twede plek word neergelê dat sodanige Kerklike verband moet berus op 'n eenheid in die hoofsake, wat insluit Belydenis en Kerkinrigting. Daar is ,,middelmatige dinge," wat geen rede is vir die weiering van die Kerkverband nie. Dr. Rutgers sê in sy verklaring van hierdie artiekel o.a. dit:—,,1e In het algemeen volgt er uit, dat er een band is tusschen de Gereformeerde Kerken in Nederland en de buitenlandsche kerken, en ruimer nog, andere kerken in het algemeen. Altyd natuurlik Christelike Kerken, maar dat ligt al in het woord ,,kerk."

2e. In de tweede plaats kan er uit dit artiekel worden afgeleid en vloeit er rechtstreeks uit voort, dat voor alle Kerkverband en correspondentie van kerken met het buitenland nodig is overeenstemming in belijdenis en in de grondslagen van kerkinrichting, die in de belijdenis zijn uitgedrukt."

3e. In de derde plaats kan uit het beginsel van dit artikel worden afgeleid, dat in verhouding tot andere kerken nooit als ,,adiaphoron" (middelmatig) mag beschouwd wat niet ,,adiaphoron" is; dat in verhouding tot andere kerken men nooit mag handelen, alsof verschillen er niet op aankomen."—(Uitgave Dr. de Jong).

Middelmatige dinge sien, volgens Dr. Rutgers op *gebruike*, soos bevoorbeeld in die bediening van Doop en Avondmaal.

Middelmatig is of die Doop bedien moet word deur eenmaal of driemale te bespreng, of die Avondmaal sittende of staande sal gebruik word. Hoewel hierdie artiekel net spreek van buitenlandse kerke, mag ons tog seker uit die beginsel daarin neergelê ook aflei wat die verhouding moet wees tot kerke binnenslands.

Vir sodanige kerke geld dan

1e. Dat alle kerke, wat een is in Belydenis, Diens, Tug en Kerkregering in dieselfde Kerkverband moet lewe.

2e. Dat sodanige Kerkverband nie kan bestaan met Kerke, wat afwyk in hierdie hoofsake nie.

Die volgende vraag, wat ons moet ondersoek, is hoe ons staan teenoor die binnelandse Kerke, en bepaald die Kerke wat van Hollandse afkoms is.

In Nederland, soos ons gesien het, staan die Gereformeerde Kerke in Kerkverband met mekaar, maar daar is geen verband tussen hulle en die Hervormde Kerk, en sover ons weet, ook nie met die nog bestaande Kristelik Gereformeerde Kerk nie, hoewel hierdie Kerke een is in Belydenis en in Kerkregering. Dat die laaste Kerkverband nog nie bestaan nie, vloei voort uit die weiering van 'n deel van die Kr. Geref. Kerk om in 1892 te verenig met die Dalerendes. Ook het die Kr. Geref. Kerk nog altyd 'n eie Kerkreglement gehad. Hierdie beswaar is egter nou weggeneem deur die aanname van die Dortse Kerkordening.—(Word vervolg).—J. P.

## SKRIFOORDENDING.

(Deur Ds. B. J. de Klerk).

Lees: Matth. 27:32 — Einde.
Sing: Ps. 42:3—4, Ps. 25:8, Ps. 22:1 en 4, Ps. 89:16 en 17.
Teks: Matth. 27:45 en 46: En van de zesde ure aan werd er duisternis over de gehele aarde, tot de negende ure toe.

En omtrent de negende ure riep Jezus met ene grote stem, zeggende Eli, Eli Lama Sabachthani! dat is: Mijn God, Mijn God! waarom hebt Gij mij verlaten!

Wat hier op Golgotha plaasvind tussen twaalf en drie uur in die middag is onbegrypbaar vir die menslike verstand.

Tans word die swaarste smarte deur die Heiland gely, en die woord, wat ons die meeste aangaande hierdie sielesmart sê, is die vierde Kruiswoord.

Hier gaan die Lam Gods, wat die sonde van die wêreld wegneem nie alleen onder die roede Gods deur; maar hier gaan ook u Hoëpriester in die binnenste Heiligdom in om daar met sy eie bloed versoening te doen vir die sonde van die wêreld.

Gelyk daar in die dae van Israël voor die Heilige der Heilige een voorhangsel gehang het, waardeur die versoening van die sonde vir iedereen behalwe vir die Hoëpriester een verborgenheid gebly het, net so is die versoening aan die sonde op Golgotha ook vir ons 'n ondeurdringbare verborgenheid.

Die vlug van onse gedagtes reik nie eens halfpad nie tot die hoogte van die gedagtes van God. Wanneer ons die vierde kruiswoord opvang, wat die diepste kern van Jesus se smarte vertolk; en oor Godverlatenheid kla, dan trek daar 'n wolk oor ons denke en word al ons spreke 'n kinderlike stamele.

Hier vind daar 'n worsteling plaas tussen Lig en duisternis. Hier sal beslis word of God, die Bron van alle lig ewig sal lig oor Sy skep-

ping, en of Satan, die vorst van die duisternis, die skepping in ewige duisternis sal hul.

In die begin skyn die voordeel gemakliker aan die kant van die Lig te wees. In die veld van Efratha het dit tot 'n heerlike ligte dag geword deur die glans van die Engele-heir, wat die lof van Gods ewige welbehae gesing het. In die woestyn moes die duiwel immers van Jesus aflaat, en het die engele gekom om Hom te dien. Dog hier is dit weer vir die Soon des mense 'n ure van duisternis. Die Heiland sê dan ook by Sy gevangeneming: ,,As Ek daagliks met u was in die tempel, so het u nie die hande teen my uitgesteek nie; maar dit is u ure en die van die mag van die duisternis."

Die uitwendige donkerheid tussen 12 en 3 uur sal tans daarvan getuienis aflê, en op nog groter donkerheid voorberei. Die simpatie van die ryk van die natuur openbaar sig hier op Golgotha op sinryke wyse in 'n drie-urige duisternis. Nou dat die Son der Geregtigheid, Wat as die opgang uit die hoogte aangekondig was, in die dood ondergaan, word daar as 't ware 'n roufloers oor die aarde gelê, en gaan daar van die onbesielde skepping 'n simboliese sprake uit om te verkondig, dat, waar die Lig van die wêreld in ongeloof verwerp word, die duisternis, ja die buitenste duisternis dreigend aanskuif om netnou die ganse ongelowige skepping in die ewige nagtelike skaduwee te hul as 'n regverdige oordeel van God.

Gedurende die drie ure van die duisternis het die Here Jesus in stilte met Sy God geworstel. By die akelige van die duisternis word nog gevoeg die ontsettende van die stilswye van die Here Jesus. Hy spreek in die tyd geen enkel woord meer; maar in Sy siel voer Hy 'n kamp, wat nog hoër gegaan het dan by Sy sielestryd in Gethsemané. Elke sekonde word die sielestryd verswaar, omdat Hy alles geweet het, wat oor Hom sou kom. Hy het geweet, dat die Regter van hemel en aarde Hom tans oorlewer aan die Vorst der duisternis, en Sy aangesig vir Hom verberg. Hy weet, dat hierdie benouing nie alleen dien nie, om vir Hom die lyde na Sy mensheid te verswaar nie, dog boweal om Hom in ongekende diepte van geestelike smart te bring. Die nag, wat oor Hom daal, moet Hom verberg vir die oog van die mens op Golgotha; want nou word Hy gestel voor die regterstoel van die Hemelse Regter. En alle kwelling, wat die Bose Hom tans aandoen, is nie te vergelyk nie by die ontsettende en vreeslike gedagte, dat die Vader Hom prysgee, aan die bande van die dood. Hy is gebind onder die mag van die duisternis. Hierdie gebonde wees beteken vir Jesus: Magteloos wees onder die las van die sonde, want die sonde is gebondenheid, onmag, verstorwenheid. In hierdie onmag onder die las van die toorn van God teen die sonde ly Jesus verskriklike smaadhede. Hy word gekleineerd, en verneder deur woord en mishandeling. In die smaad koel satan en die vyandige wêreld hulle woede teen God. In hierdie smaadraserny wat u hoor in die duiwelse uitbarsting van die verwoede volksmassa: Kruis Hom; kruis Hom; verneem u die stem van die ongelowige wêreld ge-inspireer deur Satan, gerig teen die Vorst des lewens.

Die eindpunt van die sonde is dan ook die dood, ewige dood. Dood is die vernielende en verwoestende mag, wat op elke terrein van die lewe deurdring tot in die wortel om daar tot in die diepste en fynste lewensvesele, die deur God gelegde lewenskiem, te smoor. En wat Jesus hier in die duisternis borgtogtelik ly, is die ewige vernieling en verwoesting van die lewnskiem. Dit is die ewige dood, die nederdale ter helle.

Hier voel Jesus, dat Sy menslike siel van God die Vader losskuer, en dat God die Vader die menslike siel loslaat om weg te sink in die ewige duisternis, diep, diep weg van God die Vader, die Bron van alle lig en lewe, en Hy hier voor duiwele en engele moes uitroep: Eli Eli Lama Sabachthani! Vreeslik, dat God self Sy eie Soon kan loslaat. Hier swyg die stem van die mens.

Die mens kan deur aardse rampe so getref word, dat hy mismoedig word, en meen, dat God in die hemel Sig nie meer om hom bekommer nie. Al Sy bare en golwe gaan soms oor ons heen, en die afgrond roep tot die afgrond by die gedruis van Sy watergeute. Slag op slag tref ons en laat ons eindelik alle selfbeheersing verloor. Ons is as 'n skip, wat in die see van ellende vergaan; wat tot 'n speelbal van die woedende skuimende golwe geword het. Tog gee sulk 'n toestand slegs 'n swak denkbeeld van die straf, wat Christus aan die kruis gely het om onse wille.

Die Middelaar, hoewel self volkome regvaardig, klaag God nie aan nie in Sy ,,Waarom!" want Hy erken ten volle die R e g van die Vader. Hy doen ook geen enkel poging om aan hierdie strafreg Sig te onttrek; maar Hy ly onderworpe, in diepe stilte, die helse smart, terwyl Hy weet, dat Sy Vader aan Hom die reg van

die mensheid besoek, en Sy eer handhaaf deur die geskonde geregtigheid te wreek.

So en so alleen word die kruis die graf van die vloek, en die baarmoeder van die seën. Hier blyk die Reg van die Here in sy ontsettende krag; maar ook Gods liefde waarmee Hy die mensheid behou. Van dieselfde kruis, waaraan Jesus hang, verneem u die stem van die Soon, omdat Hy Sig wou gee tot in die allerdiepste versmaadheid en angs aan die hel met liggaam en siel, aan die hout van die kruis: „Mijn God, Mijn God waarom hebt Gij Mij verlaten," opdat ons tot God sou geneem word en nimmermeer van Hom verlaat word. Dit is nie alleen 'n sterwensklag nie; maar is ook 'n triomfgeskal.

Teen die swarte agtergrond van die bittere lyde van onse Here Jesus, word nou die verlossingslig troosryk geteken. Aan dieselfde kruis, waaraan Jesus se heilige liggaam hang, vasgenael as 'n bloeiende trofie van die skynbaar segepralende magte van die hel, hang nou 'n ander oorwinningsteken; die handskrif van u sonde, die lange, bange skuldbrief, waaronder nou as met bloed beskrewe is: vir ewig voldaan.

Van dieselfde kruis, waaraan die Vervloekte Sig krom, daal nou die skat van seëninge, wat in Jesus u tot erfdeel word.

Die vloekboom word 'n lewensboom, waaraan die vrugte groei, wat u met lewe en seën vervul.

Ja, van dieselfde hout, waaraan Jesus Sy „Eli Eli lama Sabachthani" gekerm het, ruis nou die heilwoord: „Ik zal u tot een God zijn, en gij zult Mij tot zonen en dochteren zijn."

Nou is daar geen nood meer vir die, wat in Jesus leef, want hulle is tot God geneem deur die verlatenheid van hulle Heiland, en sal nimmermeer verlaat word nie

Og! Mog ook onse verlatenheid in hierdie vierde kruiswoord van onse Here Jesus opgesluit wees, om also deel te hê aan sy ewige vryheid en lig.—Amen.

---

## DIE HEL.

### XVIII.

Die teorie wat ons in die laaste artiekels bespreek het, naamlik dat daar ook ná die dood 'n moontlikheid van bekering en behoudenis bly bestaan, word met 'n vreemde naam die hipotetiese universalisme genoem. Dit wil sê dat dit onderstel en verwag kan word dat eenmaal alle mense van die hellestraf sal verlos word.

Nou kom ons tot 'n twede teorie aangaande die ewige straf—die leer wat hom nie as onderstelling of vroom wens aandien nie, maar dit as *sekerheid* proklameer dat eenmaal alle skepsele die saligheid deelagtig sal word.

Die geestelike vader van hierdie rigting is die vermaarde Origenes wat geleef het in die derde eeu ná Christus. Hy was 'n man van groot geleerdheid, 'n yweraar soos min en 'n Skrifverklaarder van naam.

Om te verstaan wat hy geleer het op die punt van die ewige straf, moet die leser eers kennis maak met sy leer aangaande 'n absolute wilsvryheid.

Dr. Bavinck sê daarvan dit: „Volgens Origenes is alle geeste oorspronklik deur God gelyk of eners geskep, maar die dade van die vrye wil bring ongelykheid en veroorsaak dat die siele van die mense tot loutering in 'n stoflike wêreld verplaas en aan liggame verbind word. Maar hierdie loutering gaan ook ná die dood en ná die eindgerig voort, totdat uit en deur die groots moontlike verskeidenheid die gelykheid weer te voorskyn kom en alle geeste na God toe terugkeer in dieselfde toestand waarin hulle oorspronklik by Hom verkeer het. Omdat egter die vrye wil altyd dieselfde bly, kan die wil ewegoed as van die kwade na die goeie, so weer van die goeie na die kwade terugkeer, en is daar dus 'n altyddurende wisseling van afval en terugbringing van alle dinge, 'n eindelose skepping en vernietiging van die stoflike wêreld."

Tot sover Bavinch. Laat ons nou hoor wat Origenes oor die ewige straf te sê het. In sy „Peri Archoon," wat as eerste dogmatiek kan aangemerk word, gee hy die breedste uiteensetting van sy gevoele. Hy begin om oor die onderwerp te spreek asof hy vreesagtig is dat hy van kettery sal beskuldig word en sê dat hy versigtigheid in ag neem. Tog verklaar hy duidelik dat die goedheid van God deur Christus elke sondaar, ja die hele skepping, na een end toe sal teruglei. Vir hom skyn dit opgesluit te lê in die belofte dat alle vyande aan die voete van Christus onderwerp sal word (Ps. 110:1; 1 Kor. 15:25). Die einde sal wees soos die begin en alles sal baie goed wees.

In verband met hierdie tekste merk ons op dat hulle verklaar moet word in ooreenstemming met die hele Skrifleer. Dit is die gesonde reël wat die Kerkhervormers by die Skrifverklaring vasgestel het. As dan nou die Skrif deurgaans die ewige straf leer, dan beteken die onderwer-

ping in Ps. 110:1 en Kor. 15:25 niks anders as dat Christus se vyande *as vyande* voor Sy mag sal moet buk. Origenes is dan ook so versigtig om van 'n ,,skyn" te spreek. Maar ook die skyn bestaan nie.

Dan haal hy Fil. 2:10 aan: ,,Sodat in die naam van Jesus hulle sou buig alle knieë van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is." Vir Origenes is dit 'n gewillige onderwerping; daarom sal, volgens hom, eenmaal ophou alle opstand en wederstrewigheid. Selfs die engele wat afvallig geword het (altans sommige uit hulle) kan voordeel trek uit die hulp van hulle broers wat bly staan het.

Hier kan ons al weer met Origenes nie saamgaan nie. Volgens ons Kanttekenaars en ander Skrifverklaarders moet onder ,,die wat onder die aarde is" verstaan word óf alle mense wat gestorwe en in die gràwe is óf alle bose geeste en alle mense wat verlore gegaan het; en dan is die onderwerping by die goeies en gewillige, maar by die slegtes 'n onwillige, soos die kant tekenaars ook opmerk.

Die beroep van Origenes op Joh. 17:21 en Ef. 4:13 kom ons voor so uiters swak te wees dat wederlegging nie nodig is nie. Dit geld ook van die gebruik wat hy maak van tekste soos Ps. 102:27 en 2 Petr. 3:13 waar van die vernuwing van hemel en aarde gespreek word. Dit sluit, volgens hom, meteens alle redelike skepsele in. Maar die gevolgtrekking stem nie oor eens met die Skrifleer nie. Ons hoef maar net die twede brief van Petrus, waaruit hy aanhaal, na te lees om te sien wat die lot van die goddelose is. En ook die Psalmboek waaruit die ander teks geneem is, spreek nie anders nie. Laat ons maar net aanhaal wat vlakby in Ps. 104:35 staan: ,,Die sondaars sal van die aarde af verdoem word en die goddelose sal nie meer wees nie. Loof die Here my siel! Haleluja!" Ook hier weer sê ons dat ons *menslike gevoel* nie mag beslis nie (want dan sou ons almal met Origenes wil saamstem), maar alleen Gods Woord.

In sy ander werke spreek Origenes in dieselfde trant. Hy sê: ,,Hy wat gered word, word gered soos deur vuur; sodat as hy in hom het 'n mengsel van lood, die vuur dit kan uitsmelt om alles skoon goud te laat wees. Hoemeer lood, des te groter die branding. As iemand sover kom dat hy net lood in hom het, dan sal dit wees soos geskrywe staan: ,,Hy sal sink soos lood in die geweldige waters."

Op 'n ander plek sê hy: ,,Die vuur van die laaste dag sal blykbaar meteens 'n straf en 'n redmiddel wees wat die hout, hooi en stoppels sal opbrand (volgens elke mens se verdienste), nogtans sal dit aan werk op die bepaalde doel om die mens te herstel na die beeld van God— hoewel die mense nog as kinders behandel moet word, sodat die verskrikkinge van die oordeel liewers as uit die uiteindelike herstel aan diegene moet voorgehou word wat net bekeer kan word deur skrik en dreiging."

Hier sinspeel Origenes op 1 Kor. 3:12, 13, die plek waarop hy sy leer van die reinigingsvuur bou en waarop Rome hom beroep om sy dwaling van die vagevuur goed te praat. Maar in 1 Kor. 3 is van geeneen van dié twee sprake nie. Daar staan net ,,dat die werk van die dienaars van die gemeente in die dag van Christus se wederkoms die proef sal moet deurstaan; hy wat op die fondament Christus goud, silwer, kostelike stene gebou het, dit is hy wat in sy amp en diens goeie, deugdelike werk verrig het, dié sal wel in sy werk beproef word, maar omdat dié werk bestand blyk teen die vuur van gerig, sal hy loon ontvang; hy wat daarenteen op die fondament hout, strooi, stoppels gebou het wat teen die vuur nie bestand is nie, dié sal gestraf word, sy loon verlies, al is dit ook dat hyself deur die vuur van gerig heen behoue word."

Dis baie duidelik dat in 1 Kor. 3 sprake is van diegene wat behoue word, sodat Origenes hier nie net die deurgaande Skrifleer teen hom het nie, maar die hoofstuk self geweld aandoen en verdraai om in sy kraam te pas te kom.

Ons het dan nou gesien dat Origenes, die Skrifkenner, geen bewys uit die Skrif vir sy teorie kan lewer nie. Volgende keer sal ons nog 'n paar manne uit die oudheid laat spreek.

J. D. du TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Die jaar 1926 het in die gang van die eeue baie lang moet wag, om ook aan die beurt te kom, en nou is dit daar, en dit het somar dadelik met die hoogste versnelling ,,top gear" sy vaart begin, nes 'n motorkar, wat op 'n mooi gelyk pad loop.

Ek hoop, dat ons algar hierdie nuwe tydkring met geloof en moed intree. Die vakansie is verby, en byna alle besigheid is weer in volle gang.

Veral wens ek, met die oog op die kerk, dat ons met moed en krag al die werk, wat op hierdie gebied voor ons lê, sal aan vat, en voor so ver dit in ons vermoë is tot 'n goed eind sal bring.

Die mens is oor die algemeen so geneig, om gou moed op te gee en dan al sugtende sy weg, wat sig daar voor hom uitstrek, te betree Hy loop miskien op die oomblik in die heet son en die pad is vol skerp klippe, en in stee van te hoop dat daar aanstonds by die draai van die weg, wel 'n koel plaasie onder die bome ons rus sal bied, die klippe sal ophou en die grond mooi gelyk vir die voet sal wees, om daar gemakelik oor te gaan, stel ons ons allerhande nare dinge voor. Ons dink, dat die pad net nou onbegaanbaar word en 'n woestyn sal uitloop. Alles op aarde het mos, so word daar dan deur meer as een swartgallige geredeneer, die neiging, om van goed sleg te word en van sleg onbeskryflik ellendig en so sal dit dan ook wel in hierdie jaar wees. Wie so redeneer doen sonde. Dit is die taal van kleingeloof en van ongeloof, en dit spreek van twyfel in die liefderyke leiding van die Heere God.

Og, so het ek al deur hierdie en daardie hoor sug, my kruis is swaar, en ek het nie die minste hoop, dat daar ooit enige verandering in sal kom. Ek kan byna nie meer voortgaan, so swaar word my las en dan begin die klaer, wat so praat, nog meer te sug en doen verder . . . . niks nie. Waarom, so vraag hy, sal hy nog werk; dis mos alles teenspoed wat ek op my weg ontmoet, en as ek dit waag, om ook aan te vat, waar 'n ander sukses mee het, dan staan dit van te vore al vas, dat dit by my op 'n volkomen teleurstelling sal uitloop. Sulk 'n klaende broeder het nie die minste hoop vir die leven nie, en sien nie 'n enkel ligstraaltjie voor sig uit op die pad. Waar is u God dan? mag ons sodanige persoon wel vra.

En as 'n suster, wat ook in 'n wanhoopstoestand verkeer, begin die klaagsange aan te hef, gaan dit nog erger. Sy is, so kla sy, nou eenmaal uitgekies, om „swaar" te kry. Sy is daar alleen voor gebore, sê sy, en wat sy ook al mag aanvat, seën rus daar nimmer op. As mens 'n goeie ding wil laat misluk, so murmureer sy, is dit slegs nodig, om vir my te roep, dat ek ook my hand daaraan sit. Dit is seker, dat my hand die verdorring en die dood vir die saak sal bring. Die suster kla, sit met die arme oormekaar en . . . . doen niks nie. Die ergste van alles is, dat sulke klaërs soms nog meen, dat hul gesug 'n bewys van hul vroomheid is, en dat by hul eintlik die ware gevoel van geringheid, van kleinheid en onwaardigheid aangetref word, wat aan die Heere besonder behaaglik is. En nie selde lê daar dan 'n trek van geestelike hoogmoed onder al die klagte verborge. God het my uitgekies, so is dan die oorlegging van die hart, om my te straf en te kasty, Hy wil nog iets aan my doen, maar diegene wat voorspoed en sogenaamde seën geniet, is eintlik te sleg vir die heilige loutringsvuur van die liewe Heere. U het natuurlik ook al op u weg sulke geestelike siek mense ontmoet. Hoe dit ewenwel ook mag wees, om altyd te kla en nooit hoop vir die toekoms te hê nie, is sonde vir die aangesig van God, wat Sy kinders nie uitverkore het, om hul op aarde voortdurend te pynig en te kasty, maar hul ook wil seën en laat blydskap proef en smaak. Og, so baie vergeet, dat die Skrif so uitdrukkelik sê, dat God leifde is. Wie as kristen nie hoop vir die toekoms het nie, leef nie in die regte staat vir sy Heere en Koning nie.

Met ons kerkelik lewe is dit ook nodig, dat ons ons hoof opsteek; dat ons met moed en hoop arbeid, en alles doen om die mure van Sion op te bou, en die bresse en barste toe te maak. Dit help volstrek nie, om soos enkele doen, die heel dag te kla oor ons kleinheid, want ons weet algar, dat ons kerk klein is. Daar lê ook nie voordeel in nie, om breed uit te meet, dan ons gering van kragt is, en nie soos die groot kerke veel invloed kan laat geld nie, want daar is niemand onder ons, aan wie dit onbekend is, dat ons swak is. Ons kragte sal seker nie deur aanhoudend klae vermeerder word nie, maar wel deur met moed en ywer op te tree. Wie moedig is, kla nie die heel dag. Die regtvaardige is moedig as 'n jonge leeu, sê die Skrif.

Ons Gereformeerde Kerk het 'n roeping in die land, en ons is algar heilig verplig, om ons kragte in te span, om aan ons roeping getrou te wees, en haar uit te voer. Ons moet die ligpunte, wat sig vertoon, opmerk, en ons akker gedurig besproei, sodat die gesaaide kan groei en op sy tyd vrug dra. Elke leraar, ieder kerkraad en al ons lidmate moet in hierdie jaar nog meer hul aandag wy aan die opbou en die bevordering van ons kerkelike sake, as hul dit voorheen gedoen het.

Waar daar 'n kans is, om met ander kerke saam te werk, om die saak Gods te bevorder, moet ons nie bang wees nie, om hulp te verleen. Die gevoel dat as ons ander help, ons dan daardeur die ander vorentoe bring, en onsself also

op die agtergrond raak, mag ons nooit weerhou nie, om 'n goeie saak te bevorder. Daar mag, meen ek, geen geestelike en kerkelike jaloersheid wees nie.

As 'n werker begin oud word, mag hy nie van moedeloosheid die hande laat slap hang. Die werk moet voortgaan, want dit word nie oud nie in die sin, dat dit straks sal ophou en wegsterf of verkwyn. Nee, die werk bly altyd nuut. Daar kom altyd weer „ekstras" by. As u al 'n huis gebou het, sal u die mooi woord van „ekstras" wel ken, en verder is daar ook aanhoudend reparasie nodig. Die ou vaders het mos in die kernagtige Latynse taal gesê: „Ecclesia Reformata semper Reformanda," dat is: Die Gereformeerde Kerk moet altyd besig wees, en vortgaan met sigself te reformeer en dus altyd haar doel nader kom. Wie nie hoop vir die lewe het nie, nog vir homself nog vir die kerk, verwaarloos een van die genadegiftes van die Heere. Geloof, hoop en liefde, hierdie drie is aan die gemeente gegee, en wie die hoop uitlaat en ongebruik laat bly, besondig hom vir die Heere.

Dus, my waarde Vriend, laat ons met moed voorwaarts gaan,

Die uitslae van die eksamens het laaste week begin uit kom, en hoewel 'n groot getal jong mense, met hul ouers daarby ingesluit, verblyd geword het weens die gunstige nuus, wat hul gekry het, is daar ook 'n groot leër van teleurgesteldes, wat diep verslae is. In baie gevalle was daar met ywer en groot toewyding gewerk, en die heerlike hoop het in die hart geleef, dat daar nou vrug op die studie sou gesien word deurdat die naam ook onder die van die gelukkiges in die krant sou pryk. Meer as een jongeling het hom al in stilte voorgestel, hoe heerlik dit sou wees, om, ek spreek nou slegs van die matriekeksame, straks van die dorpskool na die kollege of die universiteit te gaan. In gedagte het hul al hul reiskoffer of die trommel gepak, en al in die trein plaas geneem. Ons weet mos, hoe ons self toekomsbeelde gemaak het in ons jong dae, en van dit alles kom nou niks nie, omdat die vereiste aantal merke by die eksamen nie behaal is nie. Ek het medelyde met sulke jong mense, en ook met die ouers, wat met hul kinders in die teleurstelling saamly. My raad is, dat as daar 'n kans is, en die geld dit toelaat, die teleurgestelde. nie by die pakke of liewer nie by die geslote boeke bly sit nie, dog die boek maar weer oop maak, en die ou vervelige lesse, wat so swaar is, weer oor gaan. Met moed, ywer en geloof kan mens in die krag van die Heere berge verset, en ook deur eksamens kom.

Daar is in verband met hierdie eksamens 'n punt, waar ek so effens U aandag op wil vestig. Hierdie punt sal, nes die meeste goeie dinge in die ou wêreld, op geld uitloop. Dit sê ek vooruit. Daar is so baie jong seuns, en ook wel dogters, wat gelukkig deur hul eksamen gekom het, maar wat nou weens geldgebrek gedwing word, om op te hou met studeer, terwyl hul nog nie aan die end van hul studie is en nog niks kan verdien nie. Hul ouers het hul uiterste krag ingespan, om die seun of dogter so ver te bring as hul nou is, en verder kan hul nie kom nie. Hul arms is te kort. Die geld is skoon op, en nou vraag die jongmense hulp aan hul welgestelde oom, of aan oupa, wat lang nie arm is nie, of die oog word gerig op 'n ryk tante, of op 'n gegoede neef of 'n vriend van pa, wat met die geld gooi, en die antwoord is gewoonlik kort weg „Nee." Nie een van hul het geld nie. Hul kan nie.

Nou is dit, soos u wel weet, gewoonlik maar 'n halwe waarheid. Oupa, oom, tante neef en wie meer gevra is, wil maar net sê, dat hul nie geld het nie vir die doel, om die seun of niggie te help nie. Maar hul het darem wel £300 of meer, om 'n baie mooi motorkar te koop, of om 'n gebruikte kar, wat nie meer blink nie, te verruil vir 'n splinternuwe een. Waarom kan die oom, neef, tante en die vriend van pa nie 'n £100, of wat minder of meer, in 'n veelbelowende seun steek nie. Hy kan mos later weer terug betaal, en as hy nie deur die dood weggeneem word nie, sal hy dit ook seker doen.

„Dis mos nou nie 'n goeie geldbelegging nie; dis mos somar 'n los besigheid," sal u antwoord.

„Ja, dit is waar, tenminste gedeeltelik. Dog is die geld, wat mens in 'n motorkar steek dan, vas? U weet net so goed as ek, dat dit 'n kapitaal is, wat mens nooit weer terug sien nie, en rente gee dit ook nie. Bodien kan sulk 'n studerende jong mens mos in die lewensassuransie gaan, as daar tog 'n soort sekerheid moet wees, en dan kan oom, tante of neef self die premie betaal, solang die student leer, en ingeval sy pa die klein som nie kan betaal nie."

„Dit ook nog betaal! roep u uit. Dit is heeltemaal nie besigheid nie."

„Maar my Vriend, ek praat nou ook nie van besigheid en geldmaak nie dog van om ander te help, en hulp kos mos altoos een of ander opoffering."

„En al sou die £100 ook al weens 'n onvoor-

siene omstandigheid verlore gaan, sou dit dan sulk 'n vreeslike ramp wees? Oom of tante was wel so voorsigtig dat dit nie hul laaste stuiwer was, wat hul aan die arme studentjie geleen het. Dit was eerder 'n orige stuiwer.

Kyk, my goeie Vriend, ons praat so baie van 'n groot volk word, en om tot 'n sterk nasie uit te groei; van platvorms kan daar aandoenlik oor nasionaliteit en tradiesie gepraat word, en ons word so dikwels onthaal op spietse van ,,die skouer aan die wiel set" en dan word ook meermale pragtige beelde en skilderye vir ons opgehang van ons skoon toekoms, en ek vind dit alles heerlik, om aan te hoor, maar laat die welgesteldes onder ons nou ook iets doen. Laat hul vir klein Koos, vir Sareltjie of die slim Sofie, wat algar so skrander is en so arm daarby, vort help met 'n £100 geld. Die Helpmekaar Vereniging doen al baie en set u nou ook 'n handjie by my Vriend, en praat 'n bietjie met ryk oom Izak, met tante Lettie en neef Hans, wat elk twee plase het. Maak hul die ding duidelik, dat wat ek hier sê die beste is, om ons ou nasie vorentoe te help. Tante Trynie het nie kinders van haar eie nie, en nou help sy vir nig, wat 'n groot aantal het, hare groot maak. Is dit nie mooi nie.

Die 'n ander help, doen daarmee 'n goeie werk in die oog van die Heere, en dit sal ook sy loon met sig saam bring, maar natuurlik mag die goeie werk nie gedoen word, om die hemel daarmee te verdien, dog alleen as 'n vrug van ons dankbaarheid jeens die Heere.

Ek is daar seker van, dat u aan my versoek sal voldoen, en hier en daar met 'n ryk oom of tante sal praat, wat die saak nog nie so mooi ingesien het nie.

Beste groetes,
U Vriend,
T. H.

C., 25 Jan., 1926.

## DIE ONSEDELIKE KLEREDRAG.

Ons het oor die onsedelike kleredrag heelwat korrespondensie gepubliseer. Die demoraliserende invloed daarvan word oor die hele wêreld besef. Die Pous van Rome het daarteen verordineer. In Griekeland het die poliesie 'n verordening uitgevaardig dat meisies oor 12 jaar en vrouens hulle klere nie korter as 12 duim bo die grond mag dra nie. In Amerika en in Holland word die kwaad bestry. In ons eie land gaan stemme daarteen op.

In *The Banner* word 'n antwoord van 'n vrou, wat skrywe onder die naam *Ruth*, aan 'n meisie, wat meen dat die seuns opgevoed moet word om na die meisies te kyk sonder onsedelike gedagtes te koester.

Sy dink dat die meisies die reg het om hulle te kleed soos hulle wil. *Ruth* antwoord hierop, ja, maar waarsku die vraagster dat as sy deur haar kleding 'n seun laat sondig, dan kom sy sonde op haar hoof. Sy is ook haar broeder se hoedster. In die wortel van die saak sit ydelheid en selfsug. Dit word tyd, sê sy, dat ons die spotlag van die naakte spotters met ingetoënheid en sedelike deug moet verag. God sal oor 'n volk wat met deug en sedelikheid breek Sy oordeel uitstort. ,,Laat ons," sê sy, ,,minder vertoon het van bene en borste en meer van verstand en hart."

Mag ons vrouelik geslag hierdie ernstige woord van 'n vrou betrag! Ons gee weer aan die hand dat die susters in elke gemeente, waar ook by ons die dinge indring, bymekaar kom, die saak bespreek, en hulle oordeel uitspreek. Hulle kan, sonder om 'n seker kleredrag voor te skrywe, 'n algemeen oordeel uitspreek om te getuig teen die verwildering en onnasionale naapery en om in algemene lyne aan die hand te gee hoe die kleredrag van ons dogters en vrouens moet wees om aan te pas by die eise van Gods Woord oor ingetoënheid en sedelikheid.

Daarby kan hulle 'n waarskuende woord laat uitgaan teen alles wat in ons goeie Afrikaanse sin in stryd is met die vrouelike deugde en gewoontes. Ons dink hier bevoorbeeld ook aan die roke van sigarette, al het hierdie euwels nog nie in ons kringe vat gekry nie.

J. P.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis).

In *Het Zoeklicht* van Januarie kom 'n paar stukke voor waarby ek die aandag van my lesers wil bepaal. Die heer A. V. Krige M. Sc. van Stellenbosch skrywe oor "Die Geologiese Geskiedenis en Bou van Suid-Afrika", waarin die skrywer met die volgende woorde sluit, hy sê:— "Miskien is die hoë ouderdom van ons aardbol nog die swaarste pil om te slik. Hoe dit ook sy, die feite is so onweerstaanbaar, dat mens hul nie opsy kan skuif nie, en tot die gevolgtrekking moet kom, dat die Skepping 'n langsamer maar grootser en heerliker werk moes gewees het as wat mens hom dit gewoonlik voorstel."

Ds. A.M. MiGregor B.D. skrywe oor "De Bybel de Wetenschap", waarin die skrywer die sogenaamde Teistiese Ewolusie voorstaan, wat ge-

steun word deur sy Engelse outoriteite. Ewolusie is volgens hierdie here 'n "uitgerekte skepping" deur die immanensie van God. Die skrywer sê o.a. "Als evolutie Gods manier van werken geweest is, waarlangs Hy al wat bestaat te voorschyn geroepen heeft, blyft het toch waar dat Hy de Schepper en Onderhouder is, de levende God die nog gedurig werkt, de immanente God die in alles woont."

Vir die skrywer is dus die *Voorsienigheid* van God 'n gedurige skeppende ewolusie.

Die skrywer haal met genoeë aan 'n brief uit die *Cape Times*, waarin die volgende woorde voorkom:—"Is it really possible that men can fear that Evolution undermines Christianity? Rather would I see in the upward trend of evolution a proof of the hidden but powerful activity of the Immanent God, ever working in the direction of greater perfection, and a pledge and promise of greater progress yet to come, the "New Heavens and New Earth" of which prophets and apostles dreamed."

Dus die "Nuwe Hemel en Nuwe Aarde" van die Heilige Skrif sal 'n volmakings-proses wees van die ewolusie. Ek vrees dat hierdie teistiese ewolusie uitloop op Panteisme.

'n Ander gees openbaar 'n skrywe van Ds. D. G. Malan, M.A.B.D. onder die tietel: "Waar dryf ons heen?"

Die skrywer sê dat die materialistiese ewolusioniste terug geskrik het vir die konsekwensies van hulle teorieë. "En nou gee hulle wel aan God so 'n soort van plek, by die begin van dinge b.v., en daar, waar hulle met dinge in verleentheid sit, en nie weet, hoe om sonder God daaruit te kom nie."

Hy sê verder: — "Gods Woord verklaar dat die wêreld in die bose lê: en die Christen word vermaan om die wêreld nie lief te hê nie. Maar die moderne beskouing is, dat hierdie wêreld goed is en skoon, en dat die mens hier 'n genoegsame terrein het vir al sy kragte en energie."

Die ewolusie, sê Ds. Malan, beheers nie alleen die eksakte wetenskappe nie, maar het deurgedring tot byna alle gebiede van kennis." Die slot op hierdie stuk sal nog volg.

Dr. H. P. van der Merwe, Moderator van die Ned. Geref. Kerk, Kaap Provinsie, skrywe ook onder die hoof: "De Nieuwe Orientering der Kerk." Onder "nuwe orientering" verstaan hierdie mense dat die Kerk sy belydenis moet hersien veral ten opsigte van die resultate van die wetenskap.

Ds. Malan is bang vir hierdie "orientering" en vrees dat die aanpassing van "die Kristelike by die moderne wetenskap moet lei tot ongeloof of tot verwerping van die bonatuurlike".

Dit spreek Dr. van der Merwe teen. Hierdie Dr. is ook 'n teistiese ewolusionis en 'n voorstander van die Hoëre Kritiek. Ek kan nie die stukke op die voet volg nie, maar dit is duidelik dat in die Ned. Geref. Kerk twee stromings openbaar word, die een 'n konserwatiewe en die ander 'n moderne, wat aanpassing soek by die hedendaagse wetenskap.

Ons sal hierdie stromings volg.

*Het Zoeklicht* dryf op die laaste stroom.

In Suid-Afrika is ook 'n Mediese Genootskap, of liewer gesê die Dokters hier is lede van die Britse Genootskap van Medisi. Nou was Dr. Cox van Engeland hier, omdat hier sprake is van die oprigting van 'n eie genootskap.

Dr. Cox het nou sy bevinding meegedeel van die gees onder die broederskap hier. Hy het o.a. gesê dat hy hartelik ontvang is, sowel deur Engelse as Afrikaanse Dokters en hy kon getuig dat die samewerking hier hartelik was. "Die gees van die *Vrymesselary*", so het hy meegedeel, "onder die Dokters handhaaf die broederskap."

Sou al ons Dokters vrymesselaars wees of moet wees? Hierdie Vrymesselary dring oral in. (Ook in takke van die Staatsdiens?) en dit lewer seker 'n gevaar op vir die wat nie vrymesselaars is nie. Niemand weet wat daar aangaan nie?

Ons Dokters bly nog lede van die Britse Genootskap. Sal 'n Parlementslid nie die vraag wil stel of die Vrymesselary invloed uitoefen op die benoeming van amptenare in die Staatsdiens? Is die hoogste amptenare in die Diens Vrymesselaars? Is die lede van die Staatsdiens Kommissie Vrymesselaars?

Vir allerlei euwels word in die krante geneesmiddels geadverteer. Roke word ook beskou as 'n euwel.

Kwaai rokers is dikwels verslaaf aan die pyp of die sigaret, en ons mag dit seker nie betwyfel nie dat, sodra ons magteloos word teen die gebruik van iets, dit sonde is. Om hierdie sonde te bestry word die gebruiker of verplig om dit na te laat of om hom te matig in die gebruik. Dit is seker moeilik om te bepaal waar die grense is tussen gebruik en misbruik. Dit is bekend dat die nicotien van die tabak 'n stimulus is, net soos alkohol in drank.

Hierdie stimulus is 'n vergif, wat deur oormatig gebruik die hart en die maag aantas en die gesondheid erg benadeel.

Dit is opmerkelik dat predikante van die Ned. Geref. Kerk vir die grootste gedeelte nierokers is nie, terwyl die van die Gereformeerde Kerk byna almal rokers is. Nou mag ons die onthouding van daardie predikante nie maar bestempel as die vrug van 'n asteties-metodistiese rigting nie. Hulle moet eerder vir ons hierin 'n voorbeeld wees.

Dit is seker hinderlik en pas nie by die dekorum van die predikante-amp as 'n predikant op weg na die Kerk met 'n pyp of 'n sigaret in sy mond loop nie.

Dit gebeur soms dat 'n predikant, as hy die Kerk-deur uittrap, 'n sigaret opsteek, wat die indruk wek dat hy nie meer kon uithou nie.

Ons rook heeltemal te veel.

## KERK EN SKOOL.

*Ds. Duvenhage* van Petrusburg het die beroep aangeneem na die Geref. Gemeente van Koster.

*Algemene Vergadering, Gereformeerde Gemeentes, Kaap Provinsie.*—Kerkrade word hier mee herinner aan die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes, Kaap Provinsie, wat sitting sal hou op Aliwal Noord, op Donderdag 4de Maart, 1926, en volgende dae, so die Here wil, en word terselfdertyd kennis gegee dat Lasbriewe en Gemeentelike Verslae ondergetekende moet bereik nie later as Maandag, 22 Februarie, 1926, nie.

B. R. BUYS,
Skriba Roepende Gemeente.
Posbus 28, Aliwal Noord,
21 Jan. 1926.

*Algemene Vergadering, Kaap Provinsie. Beskrywingspunte.*—"(1). Die noodsaaklikheid om ons Provinsie in klassikale vergaderinge in te deel".—Kerkraad Middelburg, K.P.

2. "Die Algemene Vergadering adviseer wat 'n ouderling moet doen, as hy op reis op 'n plek kom waar geen Gereformeerde Kerkraad bestaan nie, en die verstrooide lede rig aan hom die versoek om 'n leesdiens te hou kragtens sy amp as ouderling."—Kerkraad Phillipstown.

3. "Die Algemene Vergadering beraam 'n plan om ons verstrooide lidmate te bearbei."—Kerkraad Die Aar.

*Potchefstroomse Universiteits Kollege.* — Die P.U.K. heropen op Woensdag, 17 Februarie a.s. om 9 uur. Studente word dan verwag vir inskrywing.

W. J. DE KLERK,
Registrateur.
21.1.1926.

(Ons verneem dat sowat 87 persent van die studente geslaag het in die verskillende eksamens. Ons wens die Staf en die studente geluk. Dan verneem ons ook dat prof. van Rooy besig is om sy Doktoraal eksame te doen in Holland aan die Vrye. Lektore D. J. du Plessis en G. Dekker het altwee met lof gepromoveer, die eerste in Duitsland en die laaste in Amsterdam. Hartelik geluk.—Red.)

*Grikwa-, Betsjoeanaland en die Kaliharie.*—Wat het ons groot land tog nie wyd uitgestrekte arbeidsvelde! Kort gelede moes ondergetekende agter in Soutpansberg die Sending Gemeente gaan bedien, daarna weer na Willowmore onder in die Kaap Provinsie in verband met Dingaansdag, en nou weer na bogemelde landstreke om Nagmaalsdienste waar te neem tengevolge van die siekte van ds. J. H. Kruger. Ja, ons mense woon al van Kaapstad tot in Angola en Brits-Oosafrika, en van Oos Londen en Durban tot in Gansiesland en Suidwes-Afrika! Kort kort moet aan ons Predikante dan honderde, ja duisende myle afreis om Gods Woord en Sakramente te bedien. Maar wat 'n bemoedigende gedagte dat ons as Evangeliedienare aan die heilbegerige Broeders en Susters, so ver en verstrooid, Gods Woord en Sy Heilige Sakramente mag bedien om also die koms van Sy Koninkryk voor te berei!

Die twee Broeders Diakens Venter het my op Douglas kom afhaal na Postmasburg.

In bogemelde landstreke arbei Ds. Kruger al vir meer dan veertien jaar, en met my besoek daar kon ek opmerk dat die Here Sy arbeid seën. Jammer dat onse Broeder nou so verswak is, maar Gode sy dank daar is hoop op herstel. Sondag, 10 Januarie was toe Nagmaal op Postmasburg — goeie opkoms en aandagtig gehoor; ook sing die Gemeente mooi. Die dorpie het goed vooruitgegaan. Nie ver van die plek, waar ek as kind gespeel het — in daardie dae was die naam van die dorp Blinkklip — is nou twee diamantmyne. Die naam van die een is nogal Postmas Myn! Die ontginner daarvan, mnr. Schone, skoolkind van my vader, vroeër op Aliwal Noord, het die myn die naam gegee. Diamantmyne mag nou wel goed betaal — ek het daar 'n klompie diamante gesien ter waarde van £7,000 in weinig meer dan twintig dae uitgehaal, en die werk is nog maar in die begin stadium — diamante is dus betaalbaar en skitter mooi, maar o, die mynindustrie verdryf die stil landelike lewe. Die lesers sal wel in die krante gesien het dat onlangs op die stille Postmasburg 'n gruwelike moord plaasgevind het — ja, so treurig: 'n vrou staan beskuldig dat sy haar man met 'n byl doodgekap het. Terwyl ek daar was het die voorlopige gehoor plaasgevind, en die Sondag na die kerk moes ek die vrou besoek. Mog die Here die voorlesing uit 1 Joh. 1 en die gebed seën. Ou Oom Bart Viljoen, een van die stigters van die dorp en gemeente, al meer dan 80 jaar oud, kon met sy vrou, byna van dieselfde ouderdom, al die dienste bywoon. Wat het ons volk tog nie waardige manne en vroue in sulke karakters — egte Kalviniste! Hy met 'n paar ander het die nuwe land nie alleen oopgemaak, maar ook geywer dat die Kerk daar moet staan. En nou weer het die ou vader £1,000 aan die Koshuis Kommissie geleen tot sy dood en dan word dit 'n geskenk. Op die wyse is daar 'n bloeiende Koshuis op Postmasburg waarin 80 kinders van die distrik loseer en onderwys ontvang van 'n staf onderwysers meesal Gereformeerdes.

Na die kerk op Postmasburg is ek toe met Ouddiaken Broeder F. Viljoen na Olifantshoek onder Langberg in Betsjoeanaland. Omdat 'n week tussenin geval het, het Broeder Koot Kruger my na sy plaas geneem, Gamajana, agter Langberg. Ons het toe vandaar na die Kaliharie gery—so 'n paar myl die woestyn in. Wonderlike gewaarwording! As 'n mens op die laaste

rand staan en die wêreld bekyk, dan lê daar voor jou 'n uitgestrektheid—'n gelyke stuk wêreld dat jy meer dan 9 uur te perd ver kan sien. En tog woon daar al verskeie mense, onder andere 'n ou vrind van my van Middelburg K.P. n.l. Broeder Ouderling Louis Steyn. Sy plaas se naam is "Ver-van-hier"! Die groot gebrek in die Kaliharie is natuurlik water, en dan die sand — maar tog met behulp van die Regering word ooral geboor, soms tot 'n diepte van 400 voet, en maak ons mense daar heeltemal 'n goeie lewe. Veral die plase net agter Langberg is goed.

Ook daar is dit bemoedigend om te sien wat ons mense doen vir Kerk en skool. Op die plaas van Oudouderling Koot Kruger staan ook 'n koshuis en skoolgebou, deur homself opgerig en aan die Departement van Onderwys verhuur. Die inrigting bevat 60 kinders Die Kaap Provinsie kan die pas afgetrede Administrateur sir F de Waal, nooit dankbaar genoeg wees vir die skema van koshuise.

Op Olifantshoek, so 'n jong dorpie net onder Langberg, was ek tuis by Br. Oud. Paul Kruger —vir enige jare Prowinsiale Raadslid van daardie streke. Die Gemeente daar, nog nie so lank afgestig van Postmasburg, het 'n mooi kerk, netjies en sterk op 'n groot stuk grond wat hulle moes koop en alles is afbetaal. Weer 'n bewys hoe daar seën is op ywerige samewerking. So lank ons mense nog liefde vir Gods Woord en Sy Kerk het, is daar nog hoop vir ons.

Verder weg lê nog Kuruman. Graag sou ek ook nog daarheen wou gaan om die lidmate wat hiervandaan daarnatoe getrek het te besoek, maar my tyd was op. By 'n volgende geleentheid sien ons dalk weer mekaar — in die tussentyd vergeet ons mekaar nie! Nou ja, Kuruman moet Ds. Kruger ook bedien en so ook Delportshoop met nog ander kleiner afdelings. Gelukkig dat onse Broeder in die laaste jare met 'n motor reis, maar dit bly darem 'n uitgestrekte arbeidswêreld. Die Here het hom met moed geseën, en sy gasvrye vrou staan getrou aan sy sy — ja, daar op die voorposte doen hulle tevrede hulle goeie werk en word hulle ook merkbaar deur die Here geseën.

Van Olifantshoek af het Diaken Frans van der Merwe my met sy motor vervoer na Kimberley, sowat 160 myl en dit op een dag. Ons kon nie te vinnig ry nie, want ons had 'n pasient by ons, Broeder H. Kruger, ook Gereformeerd, Prinsipaal Olifantshoek Skool — hy moes na Kimberley Hospitaal vir operasie. Op Kimberley het ons Diaken daar, Broeder Buys my iets meegedeel wat ons almal bly sal wees om te hoor. Die Edele heer P. Grobler was kort gelede na die Kaliharie as Minister van Lande, en met sy terugreis was die treindiens vir hom so gereel dat hy op Sondag sou moes reis. SyEd. het egter instruksies gegee om die reisplan te verander, omdat hy nie op Sondag reis nie, en in plaas daarvan het hy die Sondag op Kimberley kerktoe gegaan. Ds. A. Duvenage wat ons lidmate daar bedien was met die geleentheid in die stad vir Nagmaal en ons Minister het toe saam met ons klein klompie Gereformeerdes Nagmaal gevier.

D. POSTMA.

Burgersdorp,
22 Januarie, 1926.

---

*Nylstroom.*—Ons Nachtmaal was bepaald op Zondag, 10 Januarie, 1926. Alreeds Donderdag avond was op de kerkplein al vele wagens en tenten te zien. Vrydag morgen moest de leraar al naar de kerk om twee jonge paren in het huwelik te bevestigen en Zaterdag morgen is nog een jonge paar getroud. Drie broeders ouderlingen en twee broeders diakenen hebben ontslag gevraagd en eervol ontslag is aan die broeders gegeven. Met die verandering is drie ouderlings wyken veranderd in twee. Zo is daar weer twee broeders ouderlingen gekies n.l. C. Cloppers en G. Potgieter en een diaken, Z. A. E. v.d. Walt en Zaterdag met de voorbereiding is een broeder diaken in zyn ambt bevestigd, die al de vorige keer beroepen was, nl. broeder Joost Hystek en broeder Arnoldus Eloff is toe afgetreden. De kerkeraad is van plan, om in het bosveld een gemeente af te stigten, om betere bediening te kan hê, die gemeente moet dan gekombineerd bly met Waterberg tot dat Waterberg zonder hom kan klaarkomen. Ons kerkgebou is te klein om al de mensen te bevatten als de gemeente goed opkomt zoals in die geval weer was, maar, deze keer had ons de voorregt om Ds. W. J. de Klerk van Potchefstroom in ons midden te hebben, toen kon de kerkraad dit zo regelen, dat er op twee plaatsen gepreek worden. Een diens was in de Nederd. Hervormde kerkgebou (die goedwillig aan ons afgestaan is) en een diens in ons kerkgebou. Die gemeente is toe gevoed en gesterk, door de preken van de twee broeders predikanten.

De Nachtmaalsbediening was net in ons kerkgebou.

Maandag morgen verweideren de wagens van de kerkplein en elk haast zich nu om weer thuis te kom.

PH. J. v. d. WALT,
Skriba.

Nylstroom,
11/1/1926.

---

*Chubul : Argentinië.*—De Kerkeraad der Gereformeerde Kerk in Chubul (Argentinië) maakt met droefheid bekend, dat het gesin van onzen geliefden broeder, ouderling Andries J. Kruger door een zware beproeving is getroffen. By het vullen van de lamp geraakte het oliekannetje in brand, juist terwyl het gehele gesin, pas hersteld van ziekte, opgeruimd zat te eten. Broeder Kruger greep het brandend oliekannetje, liep ermee naar de kombuis, waar hy het moest laten vallen en met den voet naar buiten moest schoppen. In de kombuis, waar het jongste

zoontje lag te slapen, ontstond brand, en broeder Kruger moest nu door de vlammen heen om het kind te redden. Helaas, wel werd het zoontje gered, doch de schok was te hevig en den volgenden dag nam de Heere het weg. Ook broeder Kruger was aan zyn gelaat, voet, linkerhand en vooral aan zyn rechterhand ernstig verbrand en in allervl werd de geneesheer ontboden. Deze achtte het nodig om hem naar het hospitaal te vervoeren, waar hy een goede behandeling heeft. Was de toestand eerst ernstig, thans is er alle hoop, dat onze broeder weer zal herstellen. Zyn echtgenote is geregeld by hem en de Heere geeft haar kracht om in deze moeilike omstandigheden staande te blyven.

De Kerkeraad betuigt zijn innige deelneming aan broeder en zuster Kruger en bidt het bedroefde en beproefde gezin de ryke vertroosting des Heeren toe.

Namens den Kerkeraad,

Ds. A. C. SONNEVELDT.

---

*Postmasburg*.—Treurig het die ou jaar vir ons gemeente geëindig met siekte en dood.

Ou tant Annie op Bosaar se sitplek is leeg. Sy was 'n moeder in die gemeente; een van die voortrekkers in hierdie wêrelddeel. Dit is met 'n gevoel van leed dat ons opmerk hoe van ons oudste lidmate vertrek. Dis nie net die ou jaar en die opklim van ons eie lewensjare wat ernstige gedagtes in ons wakker maak; ook die wegval van ons ou mense herinner ons dat ons oud word.

Plotseling is ook heengegaan op Postmasburg tant Annie Kruger. Al was sy bejaard, niemand het nog die dood verwag. Vir 9 of 10 jaar gelede het oom Nicolaas en tant Annie hier op Postmasburg aangekom van Venterstad. Oom Nicolas het destyds gesê, hy het deur die geloof getrek, want met geleenthede is hy oor die weg vervoer en sonder 'n pennie in sy sak hier aangekom. Hier het hy lank as ouderling — tot sy dood — gedien en was hy en tant Annie huisvader en huismoeder van die arm koshuis. Nou is hulle altwee die rus ingegaan en laat 'n boedel van £800 ongeveer na, wat bemaak is aan die Gemeente Postmasburg. Later was tant Annie getroud met oom Gert Kruger van Johannesburg, ons bied oom Gert, oud en afgeleef, in sy swaar beproewing ons innige simpatie.

Met beter vooruitsigte tree ons die nuwe jaar in. Ons leeraar, hoewel nog siek, is tuis en hoop om weer geheel te herstel met die seën van die Here. Met 'n gevoel van dank het ons met hom saam aangesit aan die Nagmaalstafel. Ons was baie dankbaar dat Ds. D. Postma oorgekom het om die Nagmaalsdienste waar te neem. Aangenaam was die preke en omgang van die dienskneg van die Here wat met soveel opoffering na ons toe oorgekom het.

Aan Ds. Kruger is vir 'n onbepaalde tyd verlof gegee, omdat volgens die dokters hy nog vier maande vir sy herstelling sal nodig hê. — Korrespondent.

---

*'n Eie Weesinrigting*.—Dit is al lank, wat daar 'n behoefte bestaan om 'n eie inrigting te hê vir die weeskinders van ons Kerk, en in die laaste tyd het die behoefte baie dringend geword. Tot sover het ons nog op 'n manier klaar gekom. Maar deur die verandering van toestande kan dit nou nie meer nie, en dit is glad nie 'n wonder nie, dat hierdie saak al dikwels op meerdere vergaderinge ter sprake gekom het.

Ook op die jongste Sinode is hieroor gehandel. en wel na aanleiding van beskrywingspunte, wat na die Sinode gestuur is, één van die Algemene Vergadering van Transvaal en één van die Algemene Vergadering van die O.V.S. Hierdie beskrywingspunte het die Sinode, saam met een van die Kaap Provinsie oor die oprigting van 'n tehuis vir behoeftige ou mense, verwys na 'n Kommissie oor Sosiale en diakonale sake.

Hierdie Kommissie het as volg op die Sinode gerapporteer:

Die Kommissie . . . . . beveel aan, dat die Sinode geen beslissing sal neem nie oor hierdie beskrywingspunte, aangesien :—

(a) Hierdie sake val buite die terrein van die Sinode, omdat dit sake is, wat prakties die diens van die barmhartigheid raak; (b) Die inisiatief om te kom tot die oprigting van sodanige tehuis of tehuise moet uitgaan van 'n diakonie of diagonieë.

Hierop het die Sinode die volgende besluit geneem: "Met dank aan die Kommissie vir die rapport, besluit die Sinode om uit te spreek die wenslikheid, dat, waar, sodanige behoefte bestaan, gesinsverpleging die mees wenslike is, maar waar dit onmoontlik is, 'n begin met sulke inrigtings gemaak moet word *en beveel aan, dat die Diakonieë van Rustenburg, Reddersburg en Burgersdorp met mekaar hieroor sal onderhandel.*" (Sinod. Handd. pag. 16, Art. 47).

In gevolge hierdie besluit van die Sinode het die drie diakonieë gehandel. Deputate, wat deur hulle benoem is, het bymekaar gekom te Melville (Johannesburg Noord) op 20 November, 1925, gelyktydig met die Diakonale Konferensie van Transvaal, wat toe daar sitting gehou het. Die volgende deputate was daar :—

Van Reddersburg: Diaken Gert Botha en Ds. A. S. E. Yssel.

Van Burgersdorp: Diaken P. F. Coetsee en Oud. J. J. Henning.

Van Rustenburg: Diaken M. T. Loots en Ds. D. N. Kotze.

Dit is baie goed dat hierdie Kommissie kon vergader gelyktydig met die Konferensie. Die oprigting van 'n weeshuis is toe eers op die Konferensie in behandeling gebring. Die Kommissie het die bespreking bygewoon. En met dank aan die broeders diakene moet hier gesê word, dat dit die Kommissie baie gehelp het. Die Kommissie, wat onmiddelik na die bespreking

vergader het, is deur die gedagtes, wat op die Konferensie uitgespreek is gelei, en mens kan maar sê, dat die besluite, wat die Kommissie geneem het 'n beliggaming is van goeie gedagtes, wat op die Konferensie uitgespreek is.

Uit die besprekings het ook geblyk, dat Reddersburg alreeds 'n aanvang gemaak het met 'n weeshuis. Enige kindertjies word daar in 'n woonhuis deur die diakonie versorg. In die algemeen was dit die gedagte op die Konferensie, dat hierby moet aangesluit word. Dit het die Kommissie ook gedoen.

Ek laat hier nou volg 'n gedeelte uit die rapport van die Kommissie:

"Die Kommissie . . . . . . . besluit dat aangesien die diakonie van Reddersburg reeds 'n aanvang gemaak het, met 'n plaaslike weesinrigting of aparte weesversorging, hulle gevra sal word om daarmee voort te gaan; dat verder hierdie Kommissie 'n beroep sal doen op al die gemeentes van ons Kerk, om Reddersburg hierin te steun: (a) deur geld vir die inrigting in te samel, (b) simpatie daarvoor op te wek by die lede van ons Kerk, (c) aansoek te doen by Reddersburg vir opname van wees- en verwaarloosde kinders in genoemde inrigting.

Hierdie Kommissie versoek verder die diakonie van Reddersburg om gelde, wat inkom, na sy beste oortuiging te beheer en, soveel as dit moontlik is, 'n fonds in die lewe te roep.

Verder word die diakonie van Reddersburg gevra om van tyd tot tyd in voorkomende gevalle van moeilikheid hom te wend na die ander twee diakonieë, wat met Reddersburg benoem is om in die saak te handel.

Met nadruk wens die Kommissie daarop te wys, dat, sodra die diakonie van Reddersburg hierdie versoek tot hulle gerig, aanneem, die inrigting daar beskou sal word as 'n inrigting vir wese van die *Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika* en moet hy as sodanig ook ontwikkel word na die behoeftes van die Kerk.

Reddersburg as voog word dan opgedra om elke jaar by die verskillende Algemene Vergaderings en by die Sinode verslag te doen".

Hier het ons dit nou kort en saaklik. Eindelik het ons 'n begin gemaak met 'n eie weesinrigting. Al wat ons nog afwag is die antwoord van die diakonie van Reddersburg. En wie twyfel aan 'n gunstige antwoord?

Wat nou nodig is is ons ondersteuning. Die Kommissie doen 'n beroep op ons gemeentes om steun in drieërlei opsig:—

(a) Deur geld vir die inrigting in te samel. Dit is baie nodig. Sonder geldelike steun kan mens soiets nie aan die gang hou nie. En daar is baie maniere om hiervoor geld in te samel. Om maar iets te noem: Diakonieë kan besluit, dat diakene met hulle rondgaan in die wyke spesiaal vir hierdie goeie saak kollekteer. Deurkollektes kan gegee word. Verkopings kan hiervoor gehou word. Dorkasverenigings kan baie doen. En nie net geld sal welkom wees nie, maar ook goedere, soos klere, eetware, ens. En hoe meer steun ons gee hoe meer steun van die regering kan verwag word. Hierdie steun word gegee, as ek my nie vergis nie, op 'n pond vir pond basis.

(b). Simpatie daarvoor op te wek by die lede van ons Kerk. Onbekend maak onbemind. En laat ons dit voor die ore van almal vertel, dat ons 'n weesinrigting het te Reddersburg. Hier het ons nou 'n klein begin van 'n goeie saak. Wat help dit om altyd besluite te neem en niks uit te voer nie? Hier kan ons nou prakties iets doen. En die inrigting moet by ons mense lewe!

(c). Aansoek te doen by Reddersburg vir opname van wees- en verwaarloosde kinders in die inrigting. Dit volg vanself. Diakene en belangstellende moet toesien, dat dit gebeur. Voorlopig sal die kindertjies van skoolgaande leeftyd die publieke skool daar moet besoek. Dit is nou maar die begin. Later kry ons met die hulp van die Here verdere ontwikkelinge. Spoedig het ons daar miskien 'n goeie nywerheidskool, met 'n afdeling vir jongens en een vir meisies.

Bly kan ons wees dat die diakonie van Reddersburg met hierdie saak begin het. Die plek is vir ons baie sentraal. Stil, en tog naby 'n groot sentrum nl. Bloemfontein. Bethanie, 9 myl van Reddersburg, is die naaste stasie. Hier kan ek nog byvoeg dat die gemeente daar baie sterk is. 'n Saak, wat begin is sal nie maklik skipbreuk ly nie. Geld en ander goed moet tot nader kennisgewing gestuur word aan Ds. A. S. E. Yssel.

Ek mag eindelik nog net sê, dat die Kommissie my gevra het om iets hieroor in "Die Kerkblad" te skrywe. Dit is jammer, dat dit nie eerder kon gebeur nie. Die saak is belangrik genoeg. Maar na ek die rapport ontvang het was ek baie afwesig. Hiermee meen ek is nou egter aan my opdrag voldoen.

Laat ons nou net ywerig vir die opbou van hierdie inrigting werk. Deur die seën van die Here kan ons seker wees dat ons nie sal beskaam word nie.

Namens die Kommissie,

D. N. KOTZE.

Rustenburg.
13 Januarie, 1926.

---

*Besprekingspunt vir Algemene Vergadering O.V.S., 6 Maart, e.v.d.,* 1926:—"Die Algemene Vergadering soek samewerking met die ander Hollandse Kerke om tot gemeenskaplike aksie te kom vir groepskole." — Geref. Gem. Petrusburg.

Die Eerw. Alg. Verg. van die Geref. Gemeentes van die O.V.S. Ventersburg, Maart 1926.

Weleerw. Voors. en Broeders. — Ingevolge opdrag van die Eerw. Alg. Vergadering van Lindley 1925, aan die Eerw. Kerkerade van Reddersburg en Bethulie is ondergetekendes as

gedeputeerdes van gemelde kerkerade tans hier byeengekom om te beraadslaag en adviseer oor 'n mogelike klassikale groepering van die Vrystaatse gemeentes.

(1). Wys ons daarop dat die laasgehoue Sinode van Rustenburg hom ten gunste van klassikale vergaderings verklaar het en gevolgelik die opdrag van onse Algemene Vergadering bedoel om die wens van die Sinode tot uitvoering te bring as dit vir die O.V.S. ook wenslik en doenlik mag blyk.

(2). Die Kommissie meen dat daar op die oomblik vir die O.V.S. nog nie die dringende noodsaaklikheid bestaan vir 'n klassikale indeling nie en dat in verband daarmee heelwat praktiese moeilikhede oprys.

Maar om gevolg te gee aan die wens van die Sinode en in ooreenstemming te kom met die Transvaal, wat reeds in klasse ingedeel is, en met die Kaap Provinsie, wat wellig ook daartoe sal oorgaan; meen die kommissie te moet aanbeveel 'n verdeling in drie klasse. Om in twee te verdeel laat die uitgestrektheid nog te groot en meer klasse sal te veel verbrokkel.

Daarom adviseer ons die volgende indeling:

(a) Klasse Reddersburg: Reddersburg, Bethulie, Fauresmith, Philippolis, Wepener, Thaba 'Nchu, Zastron, Koffiefontein.
(b) Klasse Ventersburg: Ventersburg, Boshof, Vredefort, Petrusburg, Bloemfontein, Hoopstad, Theunissen, Kroonstad.
(c) Klasse Ladybrand: Ladybrand, Lindley, Frankfort, Ficksburg, Bethlehem, Durban, Pietermaritzburg.

3. Die kommissie ag dat dit onuitvoerbaar sal wees om meer as een Klas Vergadering te hou in die jaar en dat dus as in dringende gevalle tussentyds 'n kerkeraad die hulp van die klasse nodig het dieselfde reëling geld as nou in die verhouding van Kerkeraad tot Alg. Verg. Eweso dan ook wat betref die verhouding van Klasse tot Alg. Verg.

4. Elke kerkeraad vaardig af na die Klassis sy leraar en 'n ouderling en wanneer vakant één ouderling.

Die Algemene Vergadering (of Prowinsiale Sinode) word saamgestel uit 8 afgevaardigdes van ieder Klassis insluitende sy leraars, mits hulle getal nie meer is as vier nie.

5. Omtrent verteenwoordiging op die Algemene Sinode deur die Prowinsiale Sinodes moet die volgende Sinode nog handel.

Hopende dat hiermee aan die vererende opdrag van die Eerw. Algemene Vergadering en benoemde Kerkerade voldoen mag wees,

Het ons die eer ons te noem,

UEerwds. dw. dns. en brs.

Namens Kerkeraad Bethulie:—
J. A. van Rooy (Voors.)
S. J. Nortje.

Namens Kerkeraad Reddersburg:—
A. S. E. Yssel.
L. Kruger.

## NUWE BOEKE.

Weer het ons ontvang van J. N. Voorhoeve, Den Haag:—

1. *Christelike Scheurkalender* 1926 en Weekkalender. Verschillende *Traktaatjes* en Tekstkaartjes voor Evangelisatie.

2. *Sanderke's reis naar Gods Heilige Zaal* door F. van Schateveld, 'n beskrywing van 'n Roomse in die uur van die dood. Sanderke kan egter nie met vrede sterf nie, totdat 'n Protestantse hom iets voorlees uit die Heilige Skrif. 'n Traktaatjie teen die Roomse dwaling.

3. *Ik Zocht Hem* door Claren Heitefuss. 'n Mooi boekie veral vir die vrou en die meisie. Predikantsvroue moet hierdie boekie bestel.

4. *Zonden der Toovery* door E. Modersohn. Die skrywer waarsku in hierdie boekie op ernstige wyse teen die sonde van toordery, waarsêery, kaartgooiery, (ons kan byvoeg dolosgooiery), spiritisme, hipnose, ens. Uit sy ervaring toon hy aan hoe persone wat deelneem of deelgeneem het aan hierdie sondes en bygeloof op allerlei wyse gekwel word en nie tot geloof en bekering kan kom nie. Hulle is bewus of onbewus in die mag van die bose geval. Verder word aangetoon wat die Heilige Skrif van hierdie sondes sê, hoe hulle plaasvind, wat hulle gevolge is, en hoe die enige redmiddel is, die Naam van die Here Jesus. Predikante moet seker hierdie boekie bestel en hulle ervarings in geestelike toestande toets by sy lig. Die boekie is 'n ernstige waarskuwing teen alle sonde van die duisternis, waarvoor ook ons mense ernstig moet vrees.

Die heer Voorhoeve doen goeie werk deur die uitgawe van boekies, soos hierbo aangegee en ons beveel hulle van harte aan. Die pryse is laag.

---

*Kuischheid*, door Ds. J. J. Knap. Uitgawe J. D. Kok, Kampen.

Ds. Knap behandel op meesterlike wyse hierdie onderwerp. Ouers vind dit moeilik om met hulle kinders oor hierdie onderwerp te praat. Hierdie boekie sal hulle help. Ook getroudes kan dit met seën lees. Ds. Knap sê tereg: "Wy gaan in moreel opzicht hard achteruit."

"De zedenschandalen zyn geen zeldzaamheid meer".

Die skrywer het ook 'n mooi hoofstuk oor: "De Ledige Wieg", waarin hy handel oor die sonde van die beperking van die huisgesin.

---

*Epheze, Philippenzen* door Dr. S. Greydanns. Uitgawe J. H. Kok. Dit is een van die serie: "Korte Verklaring der Heilige Schrift". Verschillende dele van Gods Woord, in hierdie serie deur Gereformeerde teologe vertaal en verklaar, het nou al die lig gesien.

Eers word behandel in 'n Inleiding die skrywer, die egtheid van die briewe, die persone

aan wie hulle geskrywe is, die plek en tyd, die aanleiding en doel.

Dit is nodig dat in die huise van ons lidmate ook 'n goeie Skrifverklaring sal wees.

Ook onderwysers het dit nodig. Hier vind hulle 'n Gereformeerde verklaring van die Heilige Skrif, en wat hulle nodig het vir 'n goeie behandeling van elke onderdeel, ook 'n Inleiding. So kom hulle heeltemal op hoogte.

Ons hoop dat baie lesers gebruik sal maak van hierdie Skrifverklaring. Hierdie deeltjie bevat 88 bladsye en is mooi ingebind.

Predikante het hier in kort bestek ryk materiaal.

---

*Oude Paden.*—'n Weekblad onder Redaksie van Ds. J. J. Knap. Uitgewer J. H. Kok.

Ons beveel hierdie weekblad van harte aan. Ds. Knap gee op eenvoudige en boeiende wyse in die 11de jaargang ook 'n praktiese verklaring van die boek Daniel.

---

*De Bybel als Boek van Schoonheid* door Dr. B. Wilinga. Uitgawe J. H. Kok, Kampen.

Hier is 'n boek in groot formaat met 367 paginas oor die Bybel as Boek van skoonheid- of mooiheid.

Die Heilige Skrif is ons gegee tot onse saligheid om deur die mag van verlossing weer God te ken en te dien.

Maar die Bybel is ook 'n mooi boek, en hy ontsluit die genade in skone taal en vorm. Om die Heilige Skrif te meer te waardeer is dit nodig dat ons gevoel geoefen sal word ook vir sy skoonheid. Hier word nou die ryke skoonheids-inhoud van die Skrif voor ons gesprei.

Om hulle estetiese sin vir die Heilige Skrif te oefen en om hulle kansel-taal in skoonheid te verryk sal predikante met groot baat hierdie boek bestudeer.

Ook ons Bybelvertalers sal met wins kennis maak van sy inhoud. Tereg, sê Dr. Krelinje, waar hy spreek oor die vertaling van die Bybel, dat die skrywers nie jag gemaak het op estetiese effekte nie, maar tog is hulle taal en vorm ryk aan skoonheid, en ook die vertaling moet rekening hou met die skoonheid. Die inhoud van die boek, 'n praguitgawe, waarvan J. H. Kok alle eer het, is te ryk om dit hier weer te gee.

Hier het die Kerkblad-lesers 'n pragtige verjaarsdag-geskenk. Kry die boek en lees dit self. Ontwikkelde lesers sal daaruit nie alleen leer om Gods Woord meer te waardeer nie, maar hulle sal ook 'n skat van kennis opdoen. Maar veral predikante moet hierdie boek in hulle biblioteek hê.

---

*Landbou Journaal.*—Hierdie Journaal verskyn maandeliks en bevat waardevolle informasie vir die boer. Ons herinner die boere aan die voorgestelde Ko-operatiewe Hulpfonds vir boere van Minister Kemp.

Dit lyk ons die ernstige oorweging van ons boere wêrd. Hiermee help die boer homself, en vir kinders, wat gaan boer, sal dit van onskatbare waarde kan wees in die toekoms. Elke boer behoort hierdie Journaal te kry.

Dit kos maar 5s. in die jaar en is verkrygbaar van die Goewerment's Drukkery op Pretoria.—J.P.

---

*Het Verloren Paradys* door Prof. Dr. Ridderbos. Uitgawe J. H. Kok. 'n Woord op sy tyd.

Prof. Ridderbos van Kampen het by meneer Kok 'n brosjure in die lig gegee wat ook in Suid-Afrika gelees moet word. Dit is getitel *Het Verloren Paradys*, en die inhoud word nader aangedui met die woorde: "Een woord met het oog op de aangaande Genesis 2 en 3 gerezen vragen". Soos ons lesers weet is daar groot beroering in die Geref. Kerke van Nederland deurdat die predikant Dr. Geelkerken hom twyfelagtig uitgelaat het oor die geskiedkundige betekenis van die genoemde hoofstukke. Prof. Ridderbos se brosjure is 'n woord op sy tyd omdat dit voorligting gee ten opsigte van die geskil wat hangende is. Maar gelukkig het hy hom nie bepaal by die kwessie — Geelkerken nie: dit was meer die *aanleiding* dat hy geskrywe het. Sy eintlike oogmerk is om ons in te lig oor die groot vraagstuk of Genesis 2 en 3 as goddelike getuigenis moet aanvaar word ten opsigte van gebeurtenisse wat werklik plaasgevind het. Daardeur is sy brosjure vir ons van waarde; want ook onder ons is die ewolusiedogma oorsaak dat daar twyfel gerys het aangaande die historiese karakter van die Paradysverhaal.

Ons hoef nouliks te sê dat Prof. Ridderbos met klemmende bewyse daardie hoofstukke as historiese getuienis handhaaf.

Graag sou ons baie wil aanhaal, maar dit sou ons te ver weglei. Laat ons volstaan met een enkele sitaat.

Op bladsy 35 sê die skrywer dit: "Allereerst zy erop gewezen dat het Paradysverhaal een innerlike eenheid vormt. Daar is een door God geplante hof, aan de mens ter woonplaats gegeven, daar zyn in die hof bomen, waarvan hy vry mag eten, daar zyn twee bizondere bomen waaraan het proefgebod is verbonden. In die hof leeft de mens, omringd van de dieren, waarover God hem heerschappy heeft gegeven; een uit die dieren is de slang. Begint men nu sommige trekken als onwezenlik of oneigenlik op te vatten, dan kan men beginnen met de slang, vervolgens overgaan tot de twee bizondere bomen, maar men kan moeilik eindigen, voor men heel het Paradys heeft weggeëksegetiseerd. Het is toch duidelik dat zo de twee bomen, waarvan ons zo nadrukkelik gesproken wordt, in werkelikheid niet zouden bestaan hebben, er geen enkele reden zou zyn om aan te nemen dat die andere bomen, in het Schriftverhaal van zoveel minder belang, er wel zouden zyn geweest. Hiermede komt men echter

in tegenspraak met het verhaal, waar zo uitvoerig wordt beschreven de plek op aarde waar het Paradys gelegen was."

In dié trant gaan Prof. Ridderbos voort. Hy wys daarop dat dit baie verleidelik is om hier en daar af te dring van die geskiedkundige karakter van Genesis 2 en 3, om sodoende die "wetenschap" terwille te wees wat die Skrifverhaal so "onmoontlik" vind vir ons, mense van die twintigste eeu. Maar hy betoog dan verder dat dit vir ons, Skrifgelowiges, "onmoontlik" is om op hierdie punt ook maar iets toe te gee.

Ons hoop dat ons geletterde mense en almal wat in die kwessie belangstel, dadelik die brosjure van Prof. Ridderbos sal ontbied. Hier is sobere, eg-wetenskaplike voorligting, wat baie onsin wat onder ons rondvertel word, sal wegveeg.

J. D. DU TOIT.

---

*De Geschiedenis der Nieuwe Testamentische Godsopenbaring*, door Dr. F. W. Grosheide, Hoogleraar aan de Vrye Universiteit te Amsterdam. Uitgawe, J. H. Kok, Kampen.

Prof. Grosheide behandel in hierdie werk 'n baie gewigtige onderwerp nl. die ontwikkeling van die Godsopenbaring in die Nuwe Testament.

Sulke werke is seer nodig omdat viral in die laaste halwe eeu die ongelowige Bybelkritiek die Skrif probeer verklaar uit die algemene godsdienstige ontwikkeling in die mens.

Die sogenaamde Bybelse teologie en ervaringsteologie kan die Heilige Skrif nie tot sy reg laat kom nie, omdat dit sy goddelike oorsprong loën.

Prof. G. gaan uit van die Geref. standpunt en beskou die Nuwe Testament as goddelike openbaring, allereers omdat die Nuwe Testament homself as sulks aandui, die skrywers is hulself bewus as organe van God en van Christus, verder spreek die Nuwe Testament met goddelike gesag. Daarom kan ons die Nuwe Testament as optekening van die goddelike openbaring nie skei van die openbaring self.

Die Heilige Skrif is één goddelike openbaring, maar onderskeie in twee tydperke nl. Oue Testament en Nuwe Testament. In die Oue Testament spreek God tot ons deur profete, in die Nuwe Testament deur Sy Seun (Heb. 1:1—4). Die Nuwe Testament het dus die Christus van die vervulling as inhoud—die die begin van die einde.

Die Nuwe Testament is in die geskiedenis voltooi maar het self ook 'n geskiedenis deurloop.

Die metode wat gevolg moet word is nie die *grondlogiese*, want die tyd van ontstaan van sommige van die Nuwe Testamentiese geskrifte kan nie sekuur vasgestel word, en dan sou die briewe ook vòòr die evangelieë moet behandel word.

Prof. G. volg dus die *sakelike* metode d.i. die feite soas die gebeur het afgesien van die tyd van optekening daarvan.

Daar is drie periodes in die Nuwe Testamentiese Godsopenbaring: 1ste die *heilsfeite* van Christus se geboorte, werk, lyde, dood, opstanding en hemelvaart — hier is die sentrale gedagte die Koninkryk van die Hemele en die eise om daarvan deel te kry (Bergpredikasie); in hierdie periode bly die openbaring beperk tot Israël. 2de Die *verklaring* van die heilsfeite deur die apostele onder inspirasie van die Heilige Gees en die uitbreiding van die Kerk — hier is die hoofelement die apostoliese prediking, en die openbaring word internasionaal. 3de Die *organisme* van die Nuwe Testamentiese Kerk en die skrywe van die Nuwe Testamentiese boeke onder inspirasie van die Heilige Gees.

In hierdie periode kom dwaalleer in die Kerk en daardeur *verdediging* van die waarheid. Dit bring dualisme tussen waarheid en dwaling, wat viral by die apostel Johannes sy hoogtepunt bereik, en so sluit die Nuwe Testamentiese openbaring dan ook met hom af.

Ons kan hierdie werk ten sterkste aanbeveel viral by teologe, dit gee baie nuwe gesigspunte en help ons om die geheel van die Nuwe Testamentiese openbaring beter te verstaan.

---

## DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGFONDS.

## MOOI BYDRAES.—'N REKORD.

Verantwoord in „Die Kerkblad" 8 Desember, 1925, £918 14s. 9d. Verder met dank ontvang: Geref. Gem., Molteno, £2 15s., en verdere bydraag van £2 12s.; Br. Oudl. Schutte, Potchefstroom, £1; J. S. van der Merwe, Boshof, 5/-; per br. J. P. Aucamp, Swartputs, 17/6; Geref. Gem., Rustenburg, £21 12s. 6d; Geref. Gem. Waterberg, £5; Geref. Gem., Petrusburg, £16; Geref, Gem., Carolina, £6; per br. M. J. A. Coetzee, Aliwal Noord, Dingaansfees, £5; per br. Johan Schutte, Dingaansfees, £3 4s.; Geref. Gem., Swart Ruggens, £2 3s. 3d.; per dr. P. J. S de Klerk, Dingaansfees, £3 12s. 8d.; Saamwerk, Bethulie, £1; per ds. Postma, Dingaansfees, £2; Geref. Gem., Philippolis, £6 18s.; mej. Dora Viljoen, Ficksburg, 10s.; De Aar, 6s.; Geref. Gem., Steynsburg (gedeeltelike bydraag), £116 18s. 9d.; Vriend, £5; Oudl. J. Anderson, en I. D. du Plessis, Philipstown, £10; tesame, £212 14s. 8d.; Totaal tot op datum, £1,131 9s. 5d.

Wie hierdie keer ons lys deurkyk sal sien dat daar uit al drie Provinsies, die K.P., O.V.S., en Transvaal, weer mooi bydraes gekom het. Ons het seker 'n rekord bydra ontvang uit die Gemeente Steynsburg, veral as ons in aanmerking neem dat Ds. Venter skrywe: „Daar is nog heelwat uitstaande. Sodra ek die het, stuur ek dit weer aan." Ek mag meld dat daar 14 persone was wat elk £5 gegee het (hulle name sal in „Die Volksblad"-lys voorkom) in Steynsburg, behalwe die Kerkraad wat as 'n liggaam £10 bygedra het.

Sulke resultate is bemoedigend. Laat ons met ywer voortwerk, tot die grote taak voleindig is.

C. W. M. DU TOIT.

1a, Waverleyweg.
Bloemfontein,
25 Januarie, 1926.

### „DIE KERKBLAD" GRATIS AAN HULPBEHOEWENDE LYERS EN LYERESSE.

Ons vestig die aandag by 'n brief wat in hierdie uitgaaf verskyn van mnr. Danie Smal. Ons wil hiermee ons hartelike dank betuig aan mnr. Smal vir sy aanbod, waardeur seker menige arme lidmaat van ons kerk sal gebaat word. Sal kerkrade en predikante asseblief applikasies vir gratis kerkblaaie onder hierdie skema stuur aan Ds. C. W. M. du Toit, 1a, Waverleyweg, Bloemfontein?

### WIE WIL „DIE KERKBLAD" GRATIS ONTVANG?

'n Tyd gelede het ondergetekende 'n beroep gedoen vir bydrae om 'n stootstoel te koop vir ou Tant Annie Zwiegers, wat al oor die twintig jaar ly aan die volgende kwale: olifantkanker, brongietis-asma, 'n breuk, hartkwaal en kanker in die hoof. Ek het maar £25 daarvoor nodig gehad, maar die harte van ons mense blyk nog so gevoelig te wees vir die leed van ander, dat die bydrae, deur „Ons Vaderland" alleen ontvang, oor die £180 was. Omdat 'n oproep in „Die Huisvrou" ook al oor die £50 ingebring het, wat ook alles aan die ou tante sal afgedra word—het sy my versoek, nadat ek haar die stoel en 'n kis en £35 kon tant gegee het, om die res van die bydrae in „Ons Vaderland" aan ander behoeftige lyers(esse) uit te deel. Ek het hieraan gedeeltelik gevolg gegee, maar nou sit ek nog opgeskeep met £63 8s. 9d.—nie omdat ek nie van verdienstelike gevalle weet nie, maar omdat ek van te veel gevalle weet, sodat die moeilikheid is om te weet wie ek moet uitlaat! Ek het lank gedink oor 'n voordelige manier om die geld te bestee, sodat die bydraers—wat tog moeilik kan geraadpleeg word—almal tevrede sal wees. Die geld het ingekom van alle partye en seksies, sodat ek nie aan 'n inrigting kan dink, wat onpartydig genoeg is om daarmee begiftig te word nie. Maar nou weet ek 'n raad: die bydraers sal almal wel kristene wees (of nagenoeg almal) en dus, uit die aard van die saak, ondersteuners van een van die drie Afrikaanse kerkgenootskappe. En kan ons nou 'n kranke vir 'n klein bedraggie 'n beter geskenk gee as die stigtelike leesstof wat sy of haar kerkblad bevat? Ek stel dus voor om die geld gelykop te verdeel tussen die drie kerkblaaie (hierby sluit ek u 'n tjek vir £21 2s. 11d. in) en laat predikante die name opstuur van bedliggende behoeftige gemeentelede, wat begerig is om die blad gratis te ontvang, sê vir 3, 6 of 12 maande, soos u, meneer die Redakteur, self kan besluit. Is daar dan na 'n vasgestelde datum nog van die geld oor, dan kon u dit b.v. uitloof as 'n bonus vir die agent van u, wat binne 'n seker tyd die meeste nuwe intekenare op u blad werf.

Heilbiddend, u dienswillige,
DANIE SMAL.

## KORRESPONDENSIE.

### „GODDELIKE GENESING" EN EWOLUSIE.

In „Ons Vaderland" van 12 Januarie, l.l., verskyn 'n artiekel onder die hoof „Goddelike Genesing" deur ds. Martins, Emeritus-Predikant van die Ned. Ger. of Herf. Kerk, en nie omdat ek my bekwaam ag om teen genoemde seksie uit te trek nie; maar omdat die gebeurtenis so stil swyend oor die hoof gesien word, wil ek die punt aanroer sodat bekwame manne soos ons leraars die bul by die horings kan pak en vir ons hulle waarskuwings kan laat hoor.

Genoemde predikant laat adverteer dat hy rondgaan tot redding van (verlore?) siele, en genesing van liggame. So word bekend gemaak dat deur sy gebed kankers, sinkingskoors, rumatiek, blindes, dowes, vallende siektes, kreupels en verminktes genees geword is; en hy gaan rond om aan die wêreld te toon dat die Here nou nog dieselfde wondere laat doen as toe hy self op aarde was.

Seker ook 'n Hickson missie want dis van dieselfde soort.

Dan lees mens van portrette inwy in die kerk en seën daaroor uitspreek. 'n Mens hoor van die kansel af dat die Here Jesus aan sy hart beswyk het aan die kruis en meer dergelike valshede in die kerk.

Aan die anderkant woed die ewolusie leer wat beweer ons stam van die ape af; andere kondig gedurig aan dat die koms van Kristus dan of dan sal wees.

Die valsheid neem jaar na jaar toe, daarom dring die vraag by my op, wat is tog die grondredes daarvoor? Ongetwyfeld moet die Skrif, wat dit voorspel, vervul word maar daar moet tog 'n ander oorsaak ook wees, en daar kan g'n ander oorsaak gevind word as die wetenskap, die kennis vermeerder en daar is 'n algemene gejaag na wetenskap. So sal vandag minder aan die waarheid geglo word dat Pres. Kruger in al sy moeilike vraagstukke die leiding van die Here afgevra het, en ook verkry het; as wat daar sal getwyfel word dat mnr. Wells of Darwin wat wetenskaplikes is en met hulle wetenskap uitgewerk het dat ons vroeër ape was wat hulle wil bewys met opgegrawe kopbene. Net of God, die Skepper, nie magtig genoeg was om ook sulke diere wat sulke koppe gehad het maar nou nie meer bestaan, te skep nie.

Wat het die sogenaamde beskawing ons verbeter? Is ons nou beter af as 5,000 jaar gelede toe die mense nie wou glo dat die aarde rond is nie, of dat hy draai nie? Sonder elektrisiteit of dradeloos of stoom? Hulle het net so goed daar sonder gelewe en klaar gekom as wat ons nou klaar kom. Sonder vuurwapens het hulle ook goed oorlog gemaak. Maar die vooruitgang was alles vermeerdering van kennis, die mens het slim geword, begin dink dat hy ook al wondere kan doen, nou moet hy nog net met sy kennis kan bewys dat daar nie 'n God is nie.

Dis nou volgens die Skrif die koms van die Antikrist. Ons lees dat die Antikris die koms van Kristus vooraf gaan en dus nou sy tyd, en as dit moontlik is sal hy ook die uitverkorene verlei; en wie is dit nou wat jou gaan verlei, voorwaar nie diegene wat reguit kom en beweer daar is g'n God nie, maar daardie selfde predikant aan wie jy glo hy sal nie iets verkeerds doen nie, wat nou rond gaan en die verlore siele red en krankes genees. Nie hy nie maar sy werk. Want nou kom hy in die vorm van Diens en vertel vooraf dat hy in die naam van die Here genees en wondere doen. Jy laat vir jou bid, en hy doen dit so ernstig dat jy ook waarlik sy ernstige gebed glo: Na 'n tyd vind jy jou nog so as wat jy was en die Ewolusie leer kom jou verkondig daar bestaan geen God nie, en jy begin dit glo en dinge word vir jou duister en duisternis bevang die volke en so word

jy van die lig ontrek en omdat jy nie meer in die lig wandel nie, sien jy g'n lig en die duisternis voer jou mee ten verderwe.

Wat sou nou, volgens die Ewolusie leer die troos wees as daar g'n God bestaan nie, alleenlik dat niemand dan vir roekeloosheid en losbandigheid hoef te verantwoord nie. Jy kan leef in alle welluste nes jy wil en onthou jou van niks want as jy dood is, is jy alles kwyt en dood soos 'n dier.

Maar is hierin nou meer troos as in die troos van die Evangelie dat daar 'n God is en 'n Here, 'n liefhebber van sondare, wat berou oor hulle sonde het. Wanneer sal 'n mens jou gelukkiger voel as jy bedroef, ja, bedroef tot die dood is, as jy glo daar is niemand wat dit weet of wat jou sal help? of wanneer jy kan uitroep:

"Om my was bande en strikke van die dood;
en angste van die hel het my laat bewe;
Ek was benoud, vol droewigheid was my lewe;
Maar ek het die Heer gesmeek in al my nood:
Og, red my Heer, na u beloftenis!"

Toe het God gehoor, Hy is my lofsang waardig. Kan die sondaar wat so'n smaak gevoel het bang wees vir die dood? As hulle sy reddende hand sien om hulle deur die Jordaan des Doods te lei? of sal die „ekstremis" hom gelukkiger voel as hy weet hy gaan nou sterwe en dan is daar niks van hom oor nie?

Daarom sal ek maar by die ou geloof bly en my nie laat op loop ja van toets flessies en gissings van geleerde profesore van Europese beroemdheid nie.

Want, al roep die Kristen uit:
Trane stort ek in my klagte;
Want die spotter vra vir my:
Waar's jou God?
Dan kan hy weer uitroep:
O, my siel, waarom onrustig?
En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig?
As die vyand jou bestry?
Siet die blye morestraal,
Sal weer van sy aangesig daal.
Slaan die oog maar op na bowe
Ek sal God, my God, nog lowe!

Hier, geagte lesers is 'n kort oorsig oor die toestande en daar die tyd so boos word, hoop ek dat ons nou sal waak en bid opdat ons nie in versoeking kom nie.

Ek weet bekwamer skrywers kan daar baie meer oor sê, en ek sou dit ook graag sien.

U br. in Kristus,

D. GROBLER.

Carolina.

(5,000 jaar is baie ver. Die skrywer moet 'n bietjie iets lees oor die Ewolusie, wat nie beweer dat 'n mens van 'n aap kom nie, maar dat ape en mense van gemeenskaplike voorouers ontwikkel het. Dan verwerp ook nie alle ewolusioniste die geloof aan God nie.—Red.)

# VIR DIE KINDERS.

### KAFFERSTORIES EN GODSDIENS.

(H. du Plessis.)

Ek wil die kinders graag iets vertel wat ek van ou Jesaja gehoor het. Ou Jesaja is die ouderling van die swart volk wat aan ons kerk behoort. Die ou werk baie swaar hier onder sy volk in Soutpansberg. Hy is 'n baie ou nederige ou kaffer en 'n opregte kristen. Hier in Soutpansberg werk ons kerk onder die volk. En ons kinders moet altyd daaraan dink dat die volk baie minder voorregte het as hulle. Hulle moet die Here dank dat Hy hulle so 'n groot genade gegee het dat hulle kristenkinders is en die Here bid dat Sy werk onder die heidene mag uitgebrei word.

Ou Jesaja het my die volgende vertel om vir my te wys hoe sy volk in die duisternis verkeer. Hy sê hy hoop die kinders sal altyd aan sy arme volk ook dink in hulle gebed.

Hier volg dan die stories:—

Die volk het gevlug vir 'n vyand en hulle kom by 'n groot rivier. Dit het baie gereën en die rivier het sterk afgekom. 'n Seuntjie gaan toe vorentoe en sing: Sluk in die water, o, parra! En die parra sluk 'n baie, baie groot sluk en 'n klomp water in. Toe was daar 'n pad deur die water. Hulle trek toe almal daardeur. Die vyand is op hul hakskene en hulle is die volk agterna. Toe die volk uit is sien hulle die vyand kom net in. Die seuntjie sing toe weer: Spoeg uit die water, o, parra! Ey hy blaas die water uit en al die vyand kom onder die water en verdrink.

Dit laat ons dink aan die deurtog deur die Nyl, nie waar?

Hier is nog 'n ander storie:—

Daar was eenkeer 'n baie groot stad vol mense. Toe kom daar 'n baie groot slang en hy sluk hulle almal in. Alleen 'n ou aja bly oor. Sy neem toe 'n kalabaspampoen, stamp dit stukkend en sit die pitte op die vuur, uit die pitte kom toe 'n piekanien met skild en assegaai. Hy vra: Ouma ek sien die groot stad, maar waar is dan al die mense? Die ou aja sê toe: Sien jy daardie groot slang daar teen die berg, my kind? Hulle is almal in sy pens Die piekanien spring toe op, gryp sy assegaai en skild en roep: Ek sal hom gaan dood maak. Die piekanien hardloop soheentoe en steek die slang met die assegaai morsdood en toe kom die mense weer uit die pens van die slang. Laat dit julle nie dink aan Genesis 3:15?

Hier is my laaste storie:

Die trapsuutjies het die opdrag van God gekry om aan die mense te sê dat hulle na hulle dood weer op aarde sal terugkeer. Die hakkedissie hoor dit ook. Hy hardloop toe en kom voor die trapsuutjies daar aan. Die ou skelm sê toe aan die mense: Julle sal nie weer terug kom nie, julle sal altyd dood bly. Later kom die trapsuutjies ook daar aan. Hy gee sy boodskap maar hulle wou hom nie glo nie, want, sê hulle, hier was al 'n ander man.

En so het die dood in die wêreld gekom.

Die stories glo die kaffers soos ons in die Bybel. Ons sien dat hulle van hulle ouers en die ouers weer van hulle ouers so tot op Cham, die stout seun van

Noach, nog iets onthou het van die val in die paradys en dat hulle later ook iets gehoor het van die deurtog deur die Nyl. Maar hulle het alles verdraai. So is daar in elke volk nog iets oor van die Bybelwaarhede, maar meesal baie verdraai.

Julle moet maar julle werkvolk vra, hulle sal julle nog baie sulke stories kan vertel.

## DIE DRIE MISTIEKE.

### NIKOLAAS VAN BASEL.

Van die huis wat Nikolaas van Basel en sy vriende in die berge gebou het, gaan wonderlike stories rond. Die middeleeue is vol heilige legendes en wonderlike verhale, wat deur die bygeloof, so nie heeltemal versin, dan tog vir 'n groot deel opgesier is. So is daar 'n verhaal, dat daar meer as eens mense uitgegaan het, om die eienaardige woning van die vyf godsvriende te soek, en kennis met hul leefwyse te maak, maar niemand kon dit ooit vind nie, en tog het een geselskap, so sê die storie, wat daar ook vir uitgegaan het, en teleurgesteld terug gekom het, daar een nag in die huis geslaap, maar sonder dat hul dit geweet het. Hul sinne moet verblind gewees het deur 'n bonatuurlike mag.

Daar bestaan baie geskrifte van Nikolaas, maar hul is so vervals, dat mens onmoontlik kan uitmaak, wat daarin van sy eie hand is, en wat bygevoeg of verander is deur die oorskrywers. In die ou tyd het dit wonderlik toegegaan met die oorskryf van boeke. As die oorskrywer altemit 'n woordjie kry, wat nie na sy sin is nie, dan verander hy dit na eie smaak. Of as hy dink, dat die skrywer, wat in die meeste gevalle baie slimmer was as die oorskrywer, hom nie duidelik uitgedruk het nie of iets nie reg voorstel nie, maak hy dit, sos hy reken, mooier, duideliker en meer ooreenkomstig die leer van die Kerk. Nie selde las dan die oorskrywer ook 'n groot stuk van homselt somar in die boek in, wat hy oorskryf, en dit is dan baie keer net so onbeduidend as kaf, vergeleke by koring, maar dit sien hy dan in sy onkunde nie in nie.

Ons verstaan nou wel, dat dit uiters moeilik is, om ou geskrifte te lees en te verstaan, juis omdat mens nooit nie weet nie, wat nou eintlik van die skrywer self is, en wat ander daarby gevoeg het met allerhande bybedoelings. Alles wat Nikolaas van Basel „geskryf" het, was ook nie van homself nie. Hy het self ook ou geskrifte uitgegee, wat hy na eie insig verander, vermeerder en uitgebrei het. In daardie dae was party manne ook bang om iets te skryf, terwyl dit nie sonder gevaar was nie, want die Roomse kerk het altyd 'n waaksame oog gehou, oor wat die mense lees. So bestaan daar een geskrif, wat ongetwyfeld van die eie hand van Nikolaas van Basel is, waarin staan: Leser, weet dit, as u sou weet wie ek is, wat dit skryf, dan sou nie een van jul hierdie boek lees nie. Nikolaas was dus 'n man, soos ons hieruit sien, wat deur die kerk verdag was, en nie met vrug openlik sy naam kon skryf nie.

Eenmaal was aan Nikolaas, soos hy meedeel 'n belofte van die Heere gedoen, dat wanneer sy siel uit die aardse lewe sou weggaan, dit dan sou wees, om met die Heere saam te woon daar, waar die ou martelare voorheen na toe gegaan het.

Nikolaas het dit as 'n heerlik woord beskou, en toe die eind van die 14de eeu genader het, is hy dan ook in die stad Weenen verbrand.

Hy was toe al 90 jare oud. In geselskap van twee van sy vier vriende, namelik die wetgeleerde en die jood is hy gevange geneem, en toe hy gevra is, om die twee broeders te verlogen en hul as ketters te verklaar, het hy dit beslis geweier. Hy antwoord dat hy alleen deur die dood van hul kan geskei word. Al drie is daarop ter dood veroordeel en aan die vlamme oorgegee.

Die beskuldiging teen Nikolaas was eintlik dat hy aan die sekte van die Begharde behoor het. Verder was die klag, dat hy baie gesigte en drome gehad het, en daar dan van spreek, en boonal, dat hy openlik in sy predikasies verkondig, dat Christus werkelik **in** hom is, en dat hy **in** Christus is. Om hierdie rede is dan Nikolaas van Basel met sy twee vriende tot as verbrand, soos die ou kroniek dit uitdruk. In die dae was daar baie mense van allerlei rang en stand, om die geloof verbrand, waar gewoonlik min van in die kerkgeskiedenis geskryf word. As iemand verdag of beskuldig geword het, dat hy tot die Waldense of die vriende van God behoor, was dit so goed as seker dat sy dae getel was.

In 1395 verklaar Petrus Pilichdorf, die inkwisiteur, dat is die man wat die ketters moet vervolg, dat hy op laas na baie moeite die ketters baas geraak was. Hul is uitgeroei, soos hy beweer. Maar kort daarna begin Johannes Huss, Hieronymus van Praag, in Bohemen, en John Wiclif in Engeland openlik die waarhede na die Skrif te verkondig, en die dwaalleer van Rome te bestry. Dus het Pilichdorf dit mis gehad.

Die laas genoemde persone het die dwaling van die Roomse Kerk aan die dag gestel, en die bestry, maar die Vriende van God, het met hul optree iets anders bedoel.

Waar hul hul so ernstig oor bekommer het was, dat die Heere so weinig bemind geword het, en dat daar so'n klein getal van die kristene in die verborgehede van die Heere in geleef het, om also die groot les van die Vader se hart te leer ken. Nader aan God, daarop het hul aangedring en hul het nie soseer uitgesien na die hemel hier namaals, maar hier in die lewe dieper wil indring in die liefde Gods, wat reeds vir hul die hemel was.

Die volgende keer deel ek iets mede van die derde Vriend van God, namelik Hendrik Suso. Hy was 'n digter ook, en hier gee ek reeds een van sy versies. Hul is diep en vol liefde tot die Heere, hoewel ons ons seker nie met al sy uitdrukkings kan verenig nie.

Die eerste gedig, wat nou volg, is van die Dokter, van Johannes Tauler dus.

### WEES DIT HEER VIR MY.

Wat die bruigom vir sy bruid is,
En die koning vir sy volk,
Wat die wagter vir die fort is,
En die loods is vir die skip,
Wees dit Heer vir my.

Wat die springbron in die tuin is,
En die kêrs is in die nag,
Wat die skat is in die koffer,
En die manna in die ark,
Wees dit Heer vir my.

Wat die lied is by die maaltyd,
En die stempel vir die seël;
Die geneesdrank vir die kranke
En die wynkelk op die dis,
Wees dit Heer vir my.

Wat die roebie in die ring is,
En die heuning in die raat;
Wat die lig is aan die lampie
En die vader vir sy huis,
Wees dit Heer vir my.

Wat die sonskyn aan die lug is,
En die beeld is in die spieël;
Wat die vyg is aan sy takkie,
En die dou is vir die gras
Wees dit Heer vir my.

Soos die lelie in die dal
Wit en rein en soet,
Soos die needrige viooltjie,
Soms vertree word deur die voet,
Soos die roos daar in die struike,
Fris en lieflik staan en groei,
En nie omgee vir die bossie
En die punte van die dorings;
Nes die gele sonneblom
Altyd na die son toe draai,
Met die hulde van sy trou
Altyd één slegs volgende,
Maak my so, o, Heer vir U.

(Johannes Tauler.)

DIE TAFEL VAN WAS.

Die herte hyg na die water,
Die, wat sterf na die lewe, wat volg;
Die Heer dors in Sy glorie na sondaars,
Na die liefd' van weerstrewige harte.
Roep terug al die dae van vervlogene eeue
Al die sneeuvlokkies, wat uit die lug geval het,
Al die blomme van somers, wat verby gegly het,
Maar reken dan nie, dat u nog Sy liefde gemeet het.

Aanskou Hom o, siel, waar Hy u Sy liefde gewys het,
Bleek, bloedend en draënd U skuld,
Hy klop en roep: Maak oop, my geliefde,
Ek bid u, og laat My tog in.
O, sien, hoe u vloek ek gedra het;
U sondes geliefdes is almal vergewe,
Vergete, vergete vir ewig,
God soek hul, maar vind er nie een.

O sien met wat smart Ek u bevry het,
Aanskou in My hande en voete
Die tekens van My grenseloos lyde;
Van liefde, wat smarte maak soet
'n Vlasdraad in 'n oseaan van vuur,
Hoe snel word dit nie verteer,
Nog gouer in 'n oseaan van genade,
Die sondaar, wat na My toe vlug.
(The sinner, that cometh to Me).

Hendrik Suso.

**GEBOORTE BERIG.**

VAN DER MERWE.—Na 'n egverbintenis van vier jaar het die Here ons geseën met 'n welgeskape seuntjie op die sewende Januarie

Die dankbare ouers,
J. D. VAN DER MERWE en
H. M. VAN DER MERWE.

**VERLOWING.**

FANIE—HILDA,—Ons maak ons verlowing bekend aan familie, vriende en vriendinne. S. Kruger, Jnr., Beschuitfontein, Venterstad K.P., en mej. H. M. Buys, Pretoria, Tvl.

**HUWELIK.**

VILJOEN—GROBLER.—Bettie Grobler en Michiel Viljoen. altwee van Ficksburg, wens hulle familie en vriende bekend te maak dat hulle huweliksbevestiging (D.V.) daar op 1 Maart, 1926, sal plaasvind. Enigste bekendmaking.

**DOODBERIG.**

GOUWS.—Na 'n gelukkige egverbintenis van twee jaar en vier maande is in die geloof van my heengegaan op 24 Desember, 1925, my geliefde eggenoot,

**JOHAN GEORG GOUWS,**

in die ouderdom van 25 jaar en een maand. Na 'n krankbed van 14 dae het hy onverwags beswyk aan maagkoors in die Nasionale Hospitaal alhier:

Sy treurende weduwee en seuntjie,
H. C. GOUWS—(geb. Blignaut.
E. P. GOUWS.

34 St. Johnstraat,
Bloemfontein.

**DOODBERIG.**

VAN DER WALT.—Oorlede te Thaba Nchu O.V.S., die 23ste Desember 1925, ons teergeliefde Moeder,

**LUSIA JOHANNA JACOBA VAN DER WALT,**

(geb. Venter) in die ouderdom van 64 jaar 9 maande en enige dae. Haar lewe was vol kommer en smart, haar einde salig met haar Verlosser. Hartelike dank aan die vrinde wat so trou gehelp het.

Namens al die kinders,
N. T. v. d. WALT (Seun).

Elliot, K.F.,
23 Januarie, 1926.

KOTZE.—Hede gedenk ons terug aan die 28ste Januarie 1925 toe ons dogtertjie

**SUSANNA**

van ons ontneem is deur die dood.

Die treurende ouers,
G. D. KOTZE,
J. I. KOTZE.

73 Somerset Straat,
Aliwal Noord.

**DOODBERICHT.**

HUISMAN.—Dit is met droefheid dat ons aan vriende bekend maak, dat die Here op Maandagmore van die 11de Januarie 1926, hoogs onverwags van ons weggeneem het, my geliefde eggenoot en ons geliefde vader,

**JOHANNES HUISMAN Sr.**

in die ouderdom van byna 75 jaar.

Die ontslapene was op besoek by sy seun Jan Huisman op Zastron, en Sondagaand nog vris en gesond. Maandagmore, omtrent agt uur was sy seun nog by hom in sy kamer, toe hy besig was met aantrek, en het hom 'n paar minute daarna, inmekaargesak op die grond gevind.

Die dokter wat onmiddellik ingeroep is, kon nie meer doen nie, dan die ontstelde famieliebetrekkings meedeel, dat hartverlamming die oorsaak was van 'n onmiddellike dood.

Die weë van die Here is wonderlik. Ons kan daar nie by nie.

Die bedroefde weduwee,
J. HUISMAN (geb. Visscher),
Goedemoed.

en kinders,
J. W. BLACQUIéRE,
H. A. BLACQUIéRE, (geb. Huisman),
Drachten, Holland.
J. F. BLACQUIéRE,
S. BLACQUIéRE, (geb. Huisman)
Breda, Holland.
H. HUISMAN,
S. HUISMAN, (geb. Coetsee),
Aliwal Noord.
G. BESSELSEN,
T. J. Besselsen, (geb. Huisman),
Goedemoed.
J. HUISMAN,
J. HUISMAN, (geb. Steyn),
Zastron.
J. RAATH,
L. M. J. RAATH, (geb. Huisman),
P. JOUBERT,
M. J. JOUBERT, (geb. Huisman),
Mafeking.
JOHANNA HUISMAN.
Aliwal Noord.
T. HUISMAN,
F. HUISMAN, (geb. Hattingh).
Zastron.

Aliwal Noord,
15 Januarie, 1926.

**MEMORIAM.**

In liefdevolle herinnering aan my geliefde eggenoot

**NICOLAAS VAN DER WALT**

Oorlede 7 Februarie, 1923.
Wat bly die wond nog bloeiend, Heer.
Sy verlangende eggenote,
J. A. VAN DER WALT.
73, 4de Laan,
Melville, Johannesburg.

**DOODBERIG.**

AUCAMP.—Aan famielie en vriende word hiermee bekend gestel dat dit die Here behaag het tot sig te neem ons geliefde vader

**KAREL DAVID AUCAMP,**

op 4 Januadie, 1926, in die Kranksinnige Gestig op Pretoria, na 'n smartelike lyding van 7 maande in die ouderdom van 74 jaar.

Hoe swaar die slag ook vir ons as kinders en kindskinders is, swyg ons onder die wil van ons Hemelse Vader, en het ons die goeie vertroue dat ons dierbare vader die ewige ruste is ingegaan.

Namens al die kinders en kindskinders,
Die bedroefde seun,
JAN CHR. AUCAMP.
Crown Mines, Fordsburg,
Johannesburg,
7 Januarie, 1926.

**DOODBERICHT.**

HENNING.—Dit het die Here van Hemel en Aarde behaag, om van ons weg te neem, uit die Bethulie Private Hospitaal, op Maandagmore, die 18de Januarie, ons geliefde eggenote en moeder

**CHARLOTTE ELIZABETH HENNING**
(geb. Snyman).

In die ouderdom van 33 jaar, 5 maande en 21 dae is sy sag ontslape na 'n smartelike lyding van 'n maand. Sy was byna heeltemal herstel en gereed om die Hospitaal te verlaat, toe die dood plotseling kom om haar in 15 minute tyds van ons weg te ruk.

Sy laat my na met drie kindertjies, waarvan die oudste vier jaar is en die jongste slegs 'n maand, en ook drie kinders waarvan die moeder aan die Griep in 1918 oorlede is.

Onse troos is: "Salig is die dode wat in die Here sterf ens."

Die bedroefde eggenoot, kinders en stiefkinders,
J. J. HENNING,
JOOSTE,
TINIE,
TRUITJIE. (Kinders van die eerste moeder).
SNYMAN,
JOHANNA,
BENONI. (Kinders van die oorledene).
Oufontein,
Burgersdorp.


# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 135 Langmarkstraat, Kaapstad (Friedlandsgebou, 1ste vloer), Drapeerster, Kompleet uitruster Dameklere en -Hoede, of enig Damesbenodighede, Hoede- en Dresmaakster. Aand- en Troutabberds 'n spesialiteit. Persoonlike toesig.

KRUGER.—Met diepe droefheid geef ons aan familie en vrienden kennis, dat het den Heere heeft behaagd van ons weg te nemen door den dood onze jongste lieveling

**ANDRIES JACOB**

in den aanvalligen leeftyd van byna 4 jaren. De Heere schonk ons hem 30 Januarie 1922 en den 16den November 1925 moesten wy hem afstaan. Een treurig en onverwacht ongeval, nl. een brand, schokte ons zoontje, dat door ziekte al verzwakt was, zo, dat het 24 uren later stierf. We zyn zeer bedroefd, doch ook dankbaar dat die Heere ons dit lieve kind nog zolang schonk. De Heere heilige onze zware beproeving aan onze zielen.

De bedroefde ouders

ANDRIES JACOB KRUGER,
PETRONELLA ELIZABETH KRUGER.
(Geb. Niemann.)

**OOR DIE VRAAGSTUK VAN DIE DAG:**

**MATIGHEID DIE ENIGSTE OPLOSSING.**

**Prys 6d. Posvry.**

Die Pamflet bevat die volgende:—

**Wat Gods Woord leer oor die Drankvraagstuk.**—Ds. C. W. M. du Toit.

**Opienies van Teologiese Professore en Predikante.**—Prof. Dr. J. D. du Toit, Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, Prof. J. A. du Plessis, Prof. Dr. A. Moorrees, Ds. D. S. Botha, Prof. Dr. E .E. van Rooyen, Ds. D. G. Malan, Ds. W. J. van der Westhuizen, Ds. J. F Botha.

**Die Drankvraagstuk uit Sosiale Standpunt beskou.**—Dr. A. I. Perold.

**Alkohol en die Dokter.**—Dr. C. Louis Leipoldt.

**Wyn en Dronkenskap: Die vraagstuk van die dag.** Referate gelewer op die Pêrelse Kongres van 7 en 8 Mei, 1924. Prys 1/- posvry.

Ook in Engels verkrybaar teen dieselfde prys.

VERKRYBAAR BY:

**DIE VOLKSBLAD-BOEKHANDEL, Maitlandstraat,**

**Foon 849. BLOEMFONTEIN. Bus 325.**

**TABAK.**

EERSTEKLAS KWALITEIT.

10 pond 12s. 6d.; 20 pond 22s. 6d.; 30 pond 31s.; 50 pond of meer 1s. per pond. Kontant of K.O.A. gelewer op my stasie.

Skryf aan J. M. ROETS,
P.K. Boschhoek, Rustenburg, Tvl

**HOGERE OOSTEIND-SKOOL, PRETORIA.**

**Aangifte van Nuwe Leerlinge.**

Ook geleentheid vir onderrig deur Afrikaans in Vorms I, II en III vanaf die begin van die nuwe kursus in 1926 en dan ieder volgende jaar in 'n hoër Vorm.

Ruim, fris lokale en mooi speelgronde. Losieshuis vir seuns onder persoonlike leiding van die hoof van die skool teen £12 10s. per leerling per skoolkwartaal.

M. VAANDRAGER,
Prinsipaal.

160 Buitenstraat,
Pretoria,
Desember 1925.

BESTEL NOU

**36 PSALME**

**in Afrikaans**

Berym deur

TOTIUS

Musiek bewerk deur

F. W. JANNASCH.

**PRYS 6/- POSVRY.**

**Stuur kontant met bestelling aan**

**Die Volksblad Boekhandel,**

**Maitlandstraat,**

**BLOEMFONTEIN.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 573 | 16 FEBRUARIE 1926 | 26ste JAARGANG


### GEREFORMEERDE KERKVERBAND.

V.

Wat het Ds. D. Postma in 1858 in Suid-Afrika kom maak? Staan sy koms in enig verband met ons onderwerp? En wat was die uitkoms van sy sending ten opsigte van die Gereformeerde Kerkverband?

As afgevaardigde van die Afgeskeie Kr. Geref. Kerk in Nederland kom hy in die S. Afr. Republiek om die hulp van sy kerk toe te sê aan die gemeentes in Transvaal en broederlike betrekking met hulle aan te knoop. Reeds in 1857 het die Sinodale Kommissie van die Kristelik Geref Kerk in Nederland 'n skrywe gerig aan die Sinode van die Ned. Geref. Kerk waarin meegedeel word dat gemelde Kerk deputate sou stuur. Die plan was om 'n predikant en 'n ouderling te stuur.

O.a. kom dit voor in die brief:—,,Deze afgevaardigden zouden op de plaats zelve den toestand van zaken kunnen opnemen, om, indien zij het noodzakelik en wettig zullen oordelen, zich daar te vestigen als vertegenwoordigers van de Christelike Afgescheidene Gereformeerde Kerk in Nederland, en de gemeenten der Transvaalsche Republiek ten dienste te staan, terwyl *eenmaal de gemeenschap op die wijze aangeknoopt zijnde,* verder, zoo de Heere wil, onze Theologische School alhier bekwame personen zal kunnen opleveren om ginds in des Heren wijngaard te arbeiden." (Kerkbode 1859. Ek onderstreep). Die doel was dus om die Gereformeerde Kerkverband aan te knoop met die Transvaalse gemeentes.

Dat hierdie sending nie ongevraag was nie bewys die geskiedenis. Toe Ds. D. Postma uitgestuur werd was in sy Lasbrief aangeteken o.a.: ,,om zelve onderzoek te doen naar den godsdienstigen toestand van onze stamverwanten en geloofsgenoten aldaar (S. Afr. Republiek), *broederlike betrekkingen met hen aan te knopen,* ens. (Ek onderstreep). Dus ook hier, om die Gereformeerde Kerkverband te soek.

Die Kerk van Transvaal het egter op die 11de Jan 1859 besluit om Hervormd te bly, nie alleen in naam nie, maar in wese. Hierop het die Kerkverband in die engere sin afgespring. Ds. Postma wou terug gaan, maar die Gereformeerde deel het hom versoek om te bly. Die gevolg was die stigting van die Gereformeerde Kerk, wat nou in Kerkverband gaan lewe het met die Gereformeerde Kerk in Nederland.

Dit is in kort die kern van die geskiedenis hier. Die volgende pogings om weer die Kerkverband te herstel het misluk. (Kyk *Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering gehandhaaf*—deur Prof. J. A. du Plessis).

Vir Ds. Postma was Gesange as sodanig nie 'n beletsel vir die Gereformeerde Kerkverband nie. Dit het hy duidelik getoon en uitgespreek. Hulle (n.l. regsinnige gesange) is deur hom beskou geword as diafora (middelmatige dinge). Kyk vorige artiekel.

Of sy gevoele hieroor reg of verkeerd was, wil ons nie nou beoordeel nie. Dit is 'n lang kwessie.

In alle geval hy was ruim van standpunt oor die gesange. Op Gesange assodanig het die Kerkverband nie afgespring nie. Die Gereformeerdes het verklaar dat hulle die Hervormde Kerkverband verlaat omdat die Kerk ,,geweigerd heeft om Gereformeerd te zijn." Wat was die verloop met die Ned. Geref. Kerk van die Kaap Kolonie?

In *De Kerkbode* van 29 Januarie, 1859, dus voor die stigting van die Gereformeerde Kerk in Transvaal, en na die aankoms van Ds. Postma in die Kaap, werd gepubliseer 'n besluit van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van die Kaap Kolonie om 'n brief te rig aan die Hervormde Kerk in Nederland, waarin die volgende voorkom:—,,*Daarom is het ook onze wensch om den band der Christelike Gemeenschap die*

*de Hervormde Kerk in het moederland verenigt op het innigste vastgesnoerd te houden en te versterken.*" (Kyk ,,openbare verklaring van onze Afscheiding van de Ned. Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Nederduitsch-Gereformeerde Kerk in den Oranje Vrijstaat en Kaapkolonie.") ,,Op het innigst" beteken die kerkverband in die mees engere sin. Dus ook die Ned. Geref. Kerk besluit om die Kerkverband te hou met die Hervormde Kerk in Nederland, en op die April vergadering op Potchefstroom, waar gehandel werd oor die Kerk van Ds. Postma was die Kerke saam in broederlike betrekking met die Herv. Kerk in Nederland.

Dit was een van die redes, waarom die pas gestigte Gereformeerde Kerk nie in die Kerkverband met die Ned. Geref. Kerk kon lewe nie. Ds. Postma was dan ook geskok, na die hartelike ontvangs en blykbare instemming met die doel van sy koms van die kant van die voormanne van die Ned. Geref. Kerk. Het die Ned. Geref. Kerk in daardie tyd die Kerkverband gebreek met die Hervormde Kerk in Nederland en dit gesoek by die Kristelik Gereformeerde Kerk aldaar dan was 'n afskeiding uit die Ned. Geref. Kerk verydel. Daar het twee predikante na Suid Afrika gekom met die skip *De Eotafette*, die een was Ds. D. Postma van die Kristelik Gereformeerde Kerk, en die ander Ds. van Heyningen van die Hervormde Kerk in Nederland, en die Ned. Geref. Kerk het Ds. van Heyningen en sy Kerk gekies. Toe hy voet aan wal gesit het in Kaapstad was Ds. Postma in die hartlikste gemeenskap met die predikante van die Kaap. (Kyk ,,Geschiedenis der Gereformeerde Kerk—D. Postma, bladsy 57).

Daar verklaar die predikante (13 Julie, 1858) dat hulle die Kristelik Gereformeerde Kerk beskou as die Historiese Gereformeerde Kerk en, so sê Ds. Postma, ,,in de verbindingsformulier, dat die predikanten moeten ondertekenen met hun homogien." In sy ongepubliseerde dagboek, gehou vanaf sy afskeid in Nederland staan die volgende:—,,Den 16 (Julie, 1858). Vandaag gedineerd bij Dr. Heins in gezelschap met Prof. Hofmeyr en Ds. van Heyningen enz. Nu zag ik eens in twee huizen vuur ontstoken. (Dit was winter). Ds. Faure sprak ik heden nog en gaf zijne voldoening te kennen over de apologie der drie Friesche predikanten. Ja betuigde, zoo hij thans in Nederland was, hij zeker ook Afgescheiden zouden zijn van het Hevr. Kerkgenootschap."

Spoedig egter sou vir Ds. Postma die ontnugtering kom, en op die 23ste Mei, 1859 rig hy 'n brief aan Ds. Faure, Aktuarius Sinodi, met versoek om dit voor te lees in die Sinode van die Ned. Geref. Kerk, om sy verbasing te kenne te gee oor wat hy gelees het in *De Kerkbode* van 29 Jan. waarin hy die uitgesproke Kerkverband met die Herv. Kerk in die volgende skerpe woorde teken ,,een vleyen van de hoere en eene miskenning van het echte kind." Die ,hoere' was die Herv. Kerk en die egte kind die Kristelik Gereformeerde.

Aan die HoogEerw. Heer N. J. Hofmeyr skrywe Ds. D. Postma, 12 Julie, 1859 o.a. :—,,Integendeel, God geve uwe Synode met de Christelike Afgescheidene Gereformeerde Kerk te sympathiseren en niet langer met de Nederduitsch Hervormde Kerk aldaar. Ja, zij breke haastig met die, wil se nog behoed blijven haar gelijk te worden." So het eers die Gereformeerde Kerkverband met die Hervormde Kerk in Transvaal en later met die Ned. Geref. van die Kaap afgespring. J. P.

(Word vervolg).

---

## SKRIFOORDENDING.

(Deur ds. C. W. M. du Toit).

Psalm 130.

Lees hierby Jona 2.

Psalm 130 is een van die 15 ,,liedere Hamaäloth," een van die liedere—Psalm 120-134—wat die vrome Israeliete gesing het met hulle opgaan na Jerusalem. ,,Hamaäloth" wil sê opgange; liedere dus wat hulle sing met die jaarlikse opgaan na die groot feeste van die O. Testament. Liedere wat die Israeliet se hart versterk het, as hy opgaan uit die gewone lewe met sy teleurstellings en droefenisse, om gesterk te word in die salige gemeenskap van God. As die Israeliet, vermoeid en met 'n sware voet, neergebuig deur die sorg van die lewe wegstap, dan slaan hy netnou sy oog op na Jerusalem in die verte. As hy daardie stad sien met sy tempel, en dink aan die versoening wat weer aangekondig word by die altaar, o, dan skep hy moed. As sy gedagtes uitgaan na die waarhede wat weer in Jerusalem sal verkondig word deur die Paas-, deur die Pinkster- of die Loofhuttefees, dan kom daar moed in sy siel en veerkrag in sy voetstap.

Waar die gemeente van die Nuwe Testament hom nou begin opmaak, om te nader na ons Paasfees,—want hierdie week begin die lydensweke—mag daar sielsverkwikking wees ook vir

ons, in die woorde van hierdie lied „hamaäloth."

As ons die psalm nader beskou dan sien ons duidelik,

1. Die psalmis se gevoel van sonde;
2. Sy geloof in die skuldvergewing;
3. Sy hoop wat hom dra deur die lewe.

1. *Die psalmis se gevoel van sonde* (vers. 1—3). Ons lees in vers 1: uit die dieptes roep ek na U, o Here! Daardie dieptes is blykens die verband nie dieptes van uitwendige gevare nie. Die psalmis is nie omring van aardse vyande wat na sy lewe staan nie. Nee, die dieptes vanwaar hy roep, is die dieptes van sonde wat in hom is.

Die Israeliet wat peinsend daar wegstap van sy woning; wat nadink oor sy lewe, voel veral nou, nou dat hy weer sal nader na die gemeenskap van 'n heilige God, hoe sondig, hoe onrein sy lewe is.

As hy nadink oor sy wandel en hy vergelyk dit met die Wet van die Here, wat het hy dan nie te kort geskiet nie. As ons in ons werk staan, en die werk was van so 'n aard dat ons besoedel is, hoe werk, hoe voel ons nie daardie besoedeling, daardie onaansienlike voorkome nie, as plotseling 'n welgeklede vrind opdaag om ons te besoek. Eers as hy voor ons staan in sy deftigheid dring die skerpe kontras hom op aan ons siel.

En so voel, besef en gaan die plasmis gebuig onder sy onreinheid, wanneer hy opgaan na die blinkende tempel, en die heilige erediens van sy God.

En o, dit is nie maar net die uitwendige wandel wat sondig is nie! Seker kleef daar donker herinnerings aan vele dade, en lê daar donker skaduwees oor baie plekke waar die psalmis sy voetstappe neergesit het. Seker het hy 'n weeklag in sy siel oor baie agtelosighede. Hy voel dat hy nalatig was, min noukeurig in die uitvoering van sy pligte. Tog is dit lang nie al wat sy siel kwel nie.

Nee, die kind van God, wat leef by lig van Sy Woord, ontwikkel 'n tere gewete. En daardie gewete bemerk véél meer wat sondig is, as net die uitwendige daad en wandel. Dit kos nie 'n tere gewete om my beangstig te maak, en verdrietig as ek openlik owerspel bedryf het met Batseba, of Uria laat vermoor het nie.

Maar die gewete van 'n vroom Israeliet laat hom beken dat die wandel in sy huis, waar die wêreld hom nie sien nie, sondig is. Ons lyk nog soms vir die wêreld so veel beter, as wat ons eie huismense ons ken.

Maar die diepte wat die psalmis voel, gaan ook dieper as dit. Die lewe in sy binnekamer, ja die lewe van sy siel, is so onrein. Ag, wat moet hy sug oor die besoedeling van sy hart, oor die onreinheid van sy voorstellings, die vuilheid van sy verbeelding. Maar dit gaan nóg dieper, as die onreinheid van ons gemoed. As die psalmis uitroep: „as U, Here, *die* ongeregtighede gadeslaan," dan is die diepte van die „onsalige fontein" in hom ook dit: dat selfs die ander, of onbewuste sielslewe bevlek is. Van daardie lewe kom soos iets te voorskyn in die diepte van die nag, in ons droomlewe. As die oog nie sien nie, en die oor nie hoor nie, as die sintuie nie werk nie, en ons niks opneem van buite nie, dan, ja dan, kan soms so skriklik vir ons self openbaar word wat daar leef in daardie onderbewuste sielsbestaan van ons binneste.

En o, as die Here hom so gadeslaan, hoe sal hy bestaan? (vs. 3).

Hy sug, hy roep uit daardie diepte na God omhoog. Hy roep in sy magteloosheid na God, soos Jona, geroep het uit die donkere diepte, waarin ook sy sonde hom gestort het. Magteloos tot eie redding, waar die siel aan homself ontdek is in die kloue van die dieptes, waarin hy hom gestort het, kan hy roep, roep na sy God omhoog, om redding uit die bodemlose kuil waarin hy dieper sink. Gode sy dank dat die Israeliet wat in gedagte versink, as hy opgaan na Jerusalem, die hand kan uitsteek na God omhoog, en kan roep uit die graf van sy siel: Here, hoor na my stem; laat U ore opmerk die stem van my smeking!

Want ja

2. *Hy geloof in die skuldvergiffenis* (vers. 4). —„By U is vergewing," roep hy uit. Vergewing, verwydering, afsnyding! O, as die psalmis homself omring sien van sonde: sondige dade, 'n sondige bestaan in die publieke en private lewe, 'n sondige wêreld van gedagtes wat uit sy siel oprys, en 'n diepte van „verborge afdwalings," o dan voel hy nie maar dat hy daarin versink nie. Nee dit kom uit hom uit. Dit is één met sy lewe geword. Soos 'n kanker hom vaswortel in ons liggaam, om die skaduwee van die dood oor ons te bring en ons in die graf te laat sink, so sit die sonde onlosmaaklik in hom vas, en sleep hom na die diepte.

Wat 'n weedom, as ons 'n inwendige kanker het, en die geneesheer moet hoofskuddend verklaar: daar is niks aan te doen nie!

En die arme sondaar word ook aan homself ontdek. Hy vind dat hy die sondigheid van sy bestaan, die diep ingewortelde sondige gewoontes, nie kan kwyt raak nie.

Gelukkig dat dan Gods Woord ons leer: ,,by U is vergewing." By U is die af- of uitsnyding van die geestelike kanker. By U is die verwydering wat ek nodig het.

En o, gelukkig! Wat is die psalmis se ervaring? ,,By U is vergewing, *opdat* U gevrees word." God vergewe nie, om ons dan weer te laat word presies wat ons was nie. God betoon 'n gelowige Sy genade nie, om hom dan weer te laat terugsink in die wêreld van sonde nie. Nee hy hef ons op uit die diepte, om ons te verheerlik. Hy maak ons los ván die sonde, opdat ons Hóm eer liefhê en met kinderlike vrese dien. Die heerlike ervaring van 'n gelowige is dat God nie laat vaar die werk van Sy hand nie. Daar is geen afval van die heilige nie. Inteendeel maak God dit altyd moeiliker vir ons om die sonde te dien, en makliker om Hom te vrees, te eer en lief te hê. Hy maak ons los van die wêreld, geleidelik in ons lewe, volkome lik by die dood, om ons 'n inwendige lus te gee in Sy Woord. ,,Gelijk Hij (God) ons uitverkoren heeft in Hem (Christus), voor de grondlegging der wereld, opdat wij zouden heilig en onberispelik zijn voor Hem in de liefde." sê Poulus in Ef. 1:4. Maar daarom

3. *Leef die Hoop in sy siel.* (vers 5—8).—,,Ek verwag die Here, my siel verwag, en ek hoop op Sy Woord." Hoewel ons glo in die vergewing, in die wegneming van die sonde, is dit of die siel so vermoeid word van die lange wagte op 'n volkome verlossing. Die gevare en versoekings keer so gedurig terug. Dit is of ons daar nie mee klaarkry nie. Ons het enkele oorwinnings behaal, maar nog vermenigvuldig die aanvalle, en omring die vyande ons. Ons staan in 'n lewens nag vol gevare, soos die skildwag op sy pos.

Om hom is dit donker. Die vyand kan nader sluip en hom onverwags deurboor met sy pyl. Angsvol staan hy te wag, terwyl alles slaap en sluimer in die kamp agter hom. By elke geritsel skerp hy sy ore, en tuur in die duisternis. Hy wag met verlange na die aanbreke van die lig in die Ooste, dat hy verlos kan word van die lewensgevaar, waar hy in verkeer.

So staan ons ook in die nag van afval. Ook vir ons is daar van buite stryd en van binne vrees. Maar ons hoop op Sy Woord. Soos 'n getroue soldaat sal die gelowige staan op sy wagpos, tot uit die gemeente des Here sal opgaan die blinkende Môrester, en die ewige dag sal aanbreek, as daar geen vyand meer sal wees nie, maar deur die goedertierenheid van die Here, daar 'n matige verlossing sal wees, en sy hele volk sal woon op 'n nuwe aarde, waaroor 'n nuwe hemelboog gespan is. Ondertussen let ons op Sy Woord: die verlewendig die hoop in ons siel, en ons sing die ,,liedere hamaäloth" op weg na ons ewige te-huis, die Nuwe Jerusalem, waarheen ons optrek.

## DIE P.U.K. WETSONTWERP.

Die Wetsontwerp om die P.U.K. te verklaar as 'n Kristelike Inrigting vir Hoër Onderwys sal gedurende hierdie sitting van die Parlement nie ingedien word nie. Soos ons in 'n vorige uitgawe meegedeel het, het die Raad van die P.U.K. besluit dat die Wetsontwerp sonder enige finansiele beperking van die kant van die Regering moet ingedien word, dit wil sê sonder dat die *Kristelike* P.U.K. se regeringstoelae verminder sal word. 'n Deputasie het egter vrugtelose pogings aangewend om die voorgenome beperking te verhinder. Gevolgelik sal die Wetsontwerp nie ingedien word nie. Dit beteken dat die stryd vir Kristelik Onderwys moet voortgesit word. Later sal verdere mededelings seker beskikbaar wees oor die vorm wat die stryd sal aanneem.

Ons het met blydskap kennis geneem van 'n Hoofartiekel in *De Kerkbode* van 3 Febr., wat die beginsel van die Wetsontwerp goedkeur en die voorstanders daaraan steun belowe. *De Kerkbode* wys op die gevaar van die ongelowige wetenskap en meen dat ons op die vooraand staan van 'n heftige stryd van hierdie ongeloof. Die artiekel besluit met hierdie woorde:—,,Wij verstaan dat de Geref. Kerk stappen doen wil om onze Kerk en andere Kerken in de beweging te interesseren om in de verschillende inrichtingen 't christelik karakter gehandhaafd te krijgen. Voor deze beweging bespreken wij de hartelike medewerking onzer lezers." *De Kerkbode* is egter nie heeltemal goed op hoogte nie. Hy sê dat in die Wetsontwerp versoek word om die gewetensklousule te skrap en om verhoging van die Staatsbydrae. Die eerste beweging om die gewetensklousule geskrap te kry het misluk omdat die teenswoordige Minister van Onderwys daarvan nie wou hoor nie. Die Minister was wel geneë om 'n versoek van die Raad van die P.U.K. om vrygestel te word van die gewetensklousule te ondersteun. Hierop is 'n wetsontwerp opgestel, waardeur die P.U.K. verklaar sou word as 'n Kristelike Inrigting vir Hoër Onderwys. In die twede plek is nie versoek om meer geldelike steun nie maar om *behoud* van die teen-

woordige toelae. Hierop het die indiening van die Wetsontwerp misluk, omdat dit alleen kon ingedien word onder voorwaarde dat die toelae verminder word.

Ons is dankbaar vir die beloofde steun van *De Kerkbode* in ons stryd vir Kristelik Hoër Onderwys.

J. P.

## DIE REGERENDE PARTY EN SY ONDERWYS POLITIEK.

'n Politieke Party is gebaseer op beginsels en om sy staatkunde te beoordeel sal elke ondersoeker in die eerste plek vra na sy Program van beginsels en sy konstitusie, en van 'n Regering, op die kussings gebring deur sodanige party, word verwag dat hy die beginsels van sy party in toepassing sal bring.

Vandag regeer in ons land die Nasionale Party in verbinding met die Arbeiders. Die Nasionale Party onderskrywe in Art. 2 van sy Program van Beginsels dat hy ,,de leiding Gods in de lotgevallen ook van landen en volkeren erkent en de ontwikkeling van 't volksleven zoekt langs *Christelik Nationale* weg." Wat sy onderwys Politiek betref lui die Program in Art 10 as volg:—

(a). Doordien zij erkent de plicht van de overheid om over het onderwys toezicht te houden, en te zorgen dat ieder kind naar aanleg en gelegenheid onderwijs onvange, gebaseerd op gegronde zielkundige en nationale beginselen, zodanig, dat het daardoor in staat gesteld worde zijn plaats met ere in te nemen in de maatschappij.

*En dit met erkenning van het recht der ouders om te bepalen in welke richting dit onderwijs moet gegeven worden, wat betreft de zedelike en godsdienstige vorming van het kind. Dit geldt zowel voor Middelbaar en Hoger* als voor Lager en zowel voor professioneel en technies als voor algemeen onderwijs."

Hier is in die eerste plek in Art. 2 'n duidelike erkenning van die rigting van die Staatkunde van die party, wat hier omskrywe word as die Kristelik Nasionale 'weg'.

En in Art 10 word erken die reg van die ouers om vir alle onderwys die rigting te bepaal van die onderwys vir die *sedelike en godsdienstige* vorming van die kind.

Tot watter party 'n kieser ook mag behoor het hy, in geval hy hierdie beginsels wil onderskrywe, die reg om van die Regering, wat die betrokke party verteenwoordig, te eis dat hy hierdie beginsels in toepassing sal bring, en op grond van hierdie beginsels het die belanghebbendes en die Raad van die P.U.K. die reg om te eis dat aan die smeekbede (tot hierdie uiterste het ons al gekom) om die P.U.K. te verklaar as 'n Kristelike Inrigting gehoor sal gegee word sonder die smaad op die Kristelike Onderwys van 'n verminderde subsidie. Mag aan die smeekbede gehoor gegee word voordat hy omgesit word in 'n strydkreet!

J. P.

## ONDERWYS.

Ons verwys na die brief in ons Korrespondensie kolom van Ds. D. P. du Plessis oor die Onderwys.

Die Sinode van Rustenburg het besluit.

(a). Dat die Eerw. Sinode die kerkrade sal opwek om die stelsel van groeponderwys, soos destyds neergelê deur die Kerklike Onderwyskonferensie in Transvaal, in samewerking met ander kerke, weer aan te pak.

(b). Dat daar gearbei sal word om, soveel moontlik, kristelike leerboeke vir laer en middelbaar onderwys voorgeskrywe te kry.

Die Sinode het ook deputate benoem vir die uitvoering van hierdie besluit. Hulle is Ds. C. W. M. du Toit (Konvenor), Ds. J. V. Coetsee en Ds. A. Duvenage.

Die jongste Prowinsiale Sinode van die Transvaal het hierdie kwessie weer so ,,dunnetjies overgedaan," en ook besluit om 'n kommissie te benoem om met die ander kerke saam te werk om die groepstelsel ingevoer te kry en om N.B. die volgende Sinode te vra om dit ook te doen, asof op die laaste Sinode die saak nie ernstig bespreek, daaroor besluit en 'n kommissie benoem was nie. Werklik, ons neem baie besluite, en ons weet dikwels nie meer wat ons besluit het nie.

Ons kerklike vergaderings is deurmekaar.

En nou die Sinodale deputate, bo genoem. Wat het hulle gedoen sedert Maart, 1924? Miskien baie, maar die kerke weet daar niks van nie.

Ons is ook dikwels soos Micawbre van Diakens, wat wag vir "something to turn up," en as die ding daar is, dan protesteer ons dat dit 'n naarheid is en ons *besluit*. Die Prowinsiale Sinode kon bes hulle besluit verwys het na bostaande Deputate. Ons sal later 'n woordjie hê oor Sinodale deputate.

Sal hierdie Deputate ook kennis neem van

die inhoud van die brief van Ds. du Plessis? Graag sal ons van ons onderwysers hulle gevoele verneem.

J. P.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

Nou die dag praat ek met 'n vriend oor die brief, wat ek U geskryf het oor geld leen aan arm studente, en vertel toe vir hom, hoe ek U versoek het om 'n bietjie met ryk oom Izak of tante Lettie en neef Hans te praat, wat elk twee plase het, en pleks, dat hy dit toe mooi vind en my aanmoedig, sê hy: Nee Meneer, ek glo nie, dat dit baie sal help, want as met oom Izak, of tante Lettie of neef Hans gepraat word, sal oom Izak maar antwoord, dat dit nie hy is wat bedoel word, maar die ander Izak, wat daar by die randjie woon en Tante Lettie en neef Hans sal ook maar op dieselfde manier die ding van hul probeer wegpraat.

Ek moet sê, dat dit werkelik as 'n emmer vol koue water op my hoë verwagting geval het. Dit is swaar vir my om te glo, dat ons welgestelde lidmate so vas aan hul geld sal wees, dat hul hierdie onbeduidende en selfsugtige uitvlugte gebruik. Ek wou so graag ons skool 'n paar studente besorg het.

Daar is teenswoordig baie van ons jongmense wat leer, en dit is 'n verblydende teken aan die een kant, maar nou gaan dit reeds al swaar vir party, om 'n pos te kry, en met hul moeilik verkrege kennis in hul onderhoud te voorsien. Al die kantore van die goewernement is vol, die skoolmeesters is ook al so baie, dat dit vir party 'n hele worsteling is, om 'n plekkie te verower. Al twee jaar terug het 'n vader in die Boland my vertel van sy seun, wat medies dokter was, en nie 'n plek kon kry, waar hy seker kon wees van sy toekoms, en sy eksamens was tog uitstekend gewees. By die Vriend het ek toe ook gehoor, hoe sommige jong dokters in ons land ter nouer nood in hul daelikse behoeftes kan voorsien, eenvoudig omdat daar reeds te veel van die professie is. Met ander betrekkings, ampte en professies is dit dieselfde. Dit is werkelik 'n rede van besorgdheid vir 'n aantal ouers, wat seuns het, wat studeer. Advokate lyk my net so volop. Ek het al van 'n enkele van hul gehoor, wat boer en of 'n winkel het. Vroeër, so ruim dertig jaar gelede was dit so gesteld in ons land, dat as 'n jong kêreltjie sy prokureurs eksamen gemaak het, hy die goudrif raak geboor het. Met 'n paar jare van vlytig werk was hy dan 'n onafhankelik man, wat al 'n groot plaas koop. Nou is die room daar ook al lang van die melkskotel af, so as dit in die tekenagtige taal van die daelikse omgang gesê word.

Jare gelede was matriek 'n ,,hoë tietel," maar die M.A.'s en die dokters is nou al ewe volop as die matrieks voor die Boer-oorlog. As ek die ding so beskou, om nou eens die taal van oom P. te gebruik, dan moet ek sê, dat die toekoms van ons land lê in die boerdery. Ons blanke bevolking in die Unie is maar een en 'n half miljoen, en dat is baie min vir sulk 'n uitgestrekte stuk wêreld. Dis in Europa en Amerika nie eens een van die grootste stede, wat aan so 'n getal mense huisvesting bied. As ons jong mense gaan boer, moet hul plant en saai en wol produseer vir die buitenlandse mark. Vroeër is daar nie aan gedink nie, om in ons land suiker en tee te verbou en Natal lewer nou al baie suiker en ook reeds tee. En wie kon gedink het dat ons ook katoen kon lewer en ga nou eens na Rustenburg en sien die katoenfabriek daar. So is daar seker nog wel ander produkte ook, wat uitstekend sal beantwoord in ons klimaat en in ons bodem. Die wol sal seker ook nog kan verbeter word en die beesboerdery het ongetwyfel ook nog nie sy hoogtepunt bereik nie. Hoe dit ook al mag wees, daar moet plek gemaak word vir ons seuns, en saggies voeg ek daar aan toe, ook vir ons dogters.

Hoe kom dan ,,saggies", vra U. Vir hul moet daar mos ewe-eens en ewe kragtig gewerk word as vir die seuns. Ja sien U, ek is nog van die ou skool en ek is nog die ou sienswyse toegedaan, dat ons dogters eintlik vir die huishouding moet opgelei word, en later aan die hoofd van 'n eie huishouding moet staan. Hoewel daar honderde van ons meisies skool hou, en daarmee 'n nuttig werk verrig, en ook die moed besit, om vir hul self te sorg, en hul eie stryd wil stry, is dit tog nie die gewenste toestand onder 'n jong volk so as dit van ons. Temeer is dit te bejammer as mens sien, dat daar is, wat hul heel lewe in die skoolkamer moet slyt en hul kragte daar moet op gebruik, terwyl tog die roeping van 'n vrou in die huis lê. Dit is allerminst my bedoeling, dat ons jonge dogters moet opsy gedruk word. O, nee, as daar vir hul tuis nie werk is nie, en daar ook die aansoek tot 'n huwelik kom nie, is dit prysenswaard, dat 'n jonge dogter nuttige werk soek en haar kennis en talente gebruik, om vir haar self die pad deur die lewe te baan.

Ek meen egter, dat as daar vir die seuns en die jonge manne beter betrekkings en meer lonende arbeid kom, hul ook meer geneig sal wees en 'n beter kans sal hê om 'n lewensgesellin te kies en 'n huishouding op te set.

Dat daar in ons volkslewe in die laaste jare verkeerde verhoudings gekom het en onder die jongere geslag ook 'n ongewenste beskouwing van die lewe heers is nie aan redelike twyfel onderhewig nie, om van dit alles nou die skuld te gee aan 'n heersende gees van ligsinnigheid sal seker nie reg wees nie, en sou meer as een jong mens in 'n verkeerde daglig plaas. Van die wanverhoudings, wat daar bestaan, dra ons ekonomiese toestand vir 'n groot deel die skuld. Daar is jong mense, wat 'n diploma in die sak het, en tog sonder 'n betrekking rondloop. Hoe 'n groot aantal blanke werkelose was daar 'n paar jaar gelede nie, en dit is aan die minister van spoorweë te danke, dat party van hul nou tog hul eie brood kan eet, en 'n fatsoenlik bestaan het. Nou is dit helaas so, dat daar van ons jong boerseuns, wat lang op die dorp skool gaan en daar elke middag tennisspeel en saans baie keer die kans kry na 'n plesiertjie te gaan, so uitermate op die dorpslewe verlekkerd word, dat hul dit op die stil en eentonige plaas nie meer kan uithou nie. Boer word wil hul dan ook nie onder geen omstandigheid, want dit is vir hul te stil en ook te rof, en dit vereis tewens te veel inspanning en bring te groot teleurstellings met hom saam. Dat dit so is, val te betreur en wat die eind daar nog van sal wees, bly 'n raaisel.

Maar U moet weet, dat hier by ons die skaarsheid van grond nog 'n ander groot beswaar oplewer voor hul wat wel wil gaan boer. As 'n jong seun hier 'n 7 of 800 skape het, om mee begin boer, kan hy nie glad nie 'n plasie te huur kry nie, en is hy op laas verplig, om sy vee te verkoop. 'n Man wat kennis van sake het, en met wie ek oor ons toestande 'n gesprek gehad het, sê, dat dit vir hom so uiters pynlik is, om te sien hoe daar fluks kêreltjies is wat hul bes doen om op die klip te kom, en daar weens die skaarsheid van grond nie in kan slaag nie, en ook nie wat dit betref die minste vooruitsigte vir die naaste toekoms het nie.

In my korrespondensie met U my waarde vriend, handel ek by voorkeur oor sake, wat met ons kerkelik lewe in verband staan, maar ek reken dat die onderwerp waar ek tans U aandag vir vra, van die allergrootste belang vir ons maatskappelik en dus sydelings ook vir ons kerkelik lewe is. As ons maatskappelik nie kan vorentoe gaan en daar geen toekoms vir ons seuns is nie, wat sal dan op laas die lot van die kerk wees. Elkeen wat belang in ons toekoms as volk stel mag nie somar onbekommer en gedagteloos daar heen lewe, maar moet ook sy aandag aan hierdie saak wy en deur ons voormanne moet daar studie van gemaak word, hoe daar weë kan geopen word vir die leër van jong mense, wat vir die deur staan en aapklop, om werk, omdat hul voel dat die tyd vir hul gekom het, dat hul vir hul self moet sorg; hul eie brood moet gaan eet en hul eie klere dra. Hul is jong, vol moed, gesond en fris en vol lewenslus en die ouers is lief vir die kroos en die fluks jong seuns en dogters is 'n vermaak vir hul oê, maar ag, hoe betrek die gesigte as daar aan die toekoms gedink word en daar amper nie plek is vir die aankomende dokters, prokureurs, meesters, en die grond vir ons landbouwers en veeboere is nie.

Later wil ek hier iets oor sê, maar het nou nie die kans nie, want die plek my toegestaan is al meer as vol.

Hoe kom staan die resultate van P.U.K. se eksamens nie in die Kerkblad. As daar geld vir P.U.K. moet wees woel ons ons gedaan en daarom wil ons ook wel iets van sy werk sien. Ons moet mos ook adverteer, dan nie.

Met groete, Uw Vr.,

C., 6 Febr., 1926. T. H.

## DIE HEL.

### XIX.

Ons het tot dusver gesien dat daar twee afwykende gevoelens is omtrent die ewige straf: een party mense beweer dat daar nà die dood nog 'n *moontlikheid* van bekering oorbly; die ander party gaan verder en stel vas dat die bekering ná die dood, en wel van alle mense, as 'n *sekerheid* moet beskou word.

Die vader van laasgenoemde dinkrigting is Origenes, wie se gevoele ons laas in breë trekke meegedeel het. Nou moet ons nog luister na 'n ander groot man uit die ou tyd, naamlik Gregorius van Nyssa wat ook die leer verdedig het, dat uiteindelik alle mense tot inkeer sal kom en in die staat van heerlikheid herstel sal word.

Vir hom was die hele lewe 'n oefenskool wat tot deug moet lei. As iemand deur dié skool nie reggemaak is nie, dan gaan, volgens hom, die proses van genesing aan in die toekomstige lewe. Die wat nie gereinig word deur die water

van die doop nie, moet eenmaal deur vuur gereinig word. Die mens is kwaad as daar skerp geneesmiddels gebruik word, maar naderhand, as hy gesond geword het, is hy dankbaar. So sal dit ook hierná wees, sê Gregorius. As die mens eenmaal sien dat die kwaad wat nou in sy natuur ingeplant is, uitgeroei is, sal daar uit almal se mond 'n dankstem opgaan vir verlossing en saligheid.

In 'n ander werk sê hy dit: ,,Die proses van gesondmaking sal rekening hou met die hoeveelheid van ongeregtigheid wat in elkeen aanwesig is, en as die ongeregtigheid uitgeveeg is, sal daarvoor vir elkeen in die plek kom onsterflikheid, lewe en eer. Nou word die mens deur sonde uitgesluit buitekant die goddelike lewe, maar die skeidsmure wat ons weghou van wat binnekant die gordyn is, sal eenmaal afgebreek word; en as ons natuur weer heeltemal herstel is soos in 'n nuwe tabernakel en al die bederf van die sonde uit die heelal uitgeveeg is, dan sal daar 'n groot fees wees wat God sal klaarmaak vir almal wat deur die opstanding as sy gaste bymekaargemaak is. Aan die end sal daar 'n algemene vreugde vir almal wees, en diegene wat nou deur die sonde buitekant die heiligdom van geluksaligheid is, sal dan vasklou aan die horings van die altaar, dat is aan die Boumeester van die wêreld, daarbo."

Gregorius spreek wel van 'n straf deur eeue en eeue heen, waarvan die grens nie vasgstel kan word nie; van 'n straf wat sal voortduur deur 'n ,,ewige tussentyd," maar dit is duidelik, soos die laaste woord aandui, dat hy voorentoe kyk na die uiteindelike vernietiging van die kwaad, na die tyd dat daar geen goddelose meer op aarde sal wees nie, soos hy dit uitdruk. Dan sal die oorlog tussen goed en kwaad ophou, dan sal die ongeregtigheid in nietigheid verdwyn en die goddelike goedheid sal alle skepsele omvat.

Tot sover Gregorius van Nyssa. Dis alles mooi gesê en strelend vir die menslike gevoel, maar soos ons lesers sien ontbreek daaraan die klemmende bewys uit Gods Woord.

Ons sou nog meer manne uit die ou tyd kon oproep; ook manne uit die Middeleeue en uit die Hervormingstyd, maar ons meen dat die leser nou genoegsaam kennis gemaak het met wat dié mense geleer het.

Ten opsigte van die nuwe tyd kan saamvattend die volgende meegedeel word. Nuwere godgeleerdes hink, voorsover hulle nie beslis ortodoks van rigting is nie, op twee gedagtes. Hulle stem toe dat die Bybel wel deeglik aanleiding gee om 'n eindelose rampsaligheid van die goddelose mense te verwag, maar aan die ander kant sê hulle dat die gedagte aan 'n ,,herstelling van alle dinge," waarmee alle disharmonie uit die skepping sal verdwyn, nie uit ons voorstellings aangaande die toekoms kan uitgeskakel word nie.

Sommige van hulle sê met Martensen dat die groot teëspraak (soos húlle meen) as 'n ,,kruis vir ons gedagte" moet bly staan; in die strydende kerk kan en mag dit nie opgehef word nie. Maar ander probeer om op 'n manier te bemiddel. Eienaardig is wat Schumann daaromtrent sê. Hy erken die bestaan van 'n onuitbluslike vuur, maar voeg daarby dit: ,,Dit moet nie vergeet word dat in die uitdrukking ,,onuitbluslik" geensins opgesluit lê dat die vuur altyd met dieselfde sterkte sal voortbrand nie. Dit bly onuitbluslik, al is dit dat dit soms in helder vlamme uitslaan of maar net in glimmerglans voortduur tot in ewigheid toe. Net so staan dit met die uitdrukking: Wurm wat nie sterwe nie. Daaruit volg nie noodwendig dat die wurm altyd met dieselfde krag voortlewe en met dieselfde onafgebroke heftigheid voortknaag nie.

Ons neem nou vereers afskeid van die twee rigtings wat bespreek is. Later moet ons weer daarop terugkom in 'n saamvattende kritiek. Daar is egter nog 'n derde rigting wat teenswoordig baie voorstanders gewerf het en wat daarom ons noulettende oorweging nie mag ontgaan nie; ons bedoel die leer van 'n sogenoemde kondisionele onsterflikheid, d.w.s. 'n onsterflikheid wat op 'n voorwaarde rus. Daaroor 'n volgende keer.

J. D. DU TOIT.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. J. du Plessis).

Iemand skrywe in die *British Weekly* om Amerika se weiering om deel te neem aan die Volke-Bond te verdedig. Amerika se grondwet waarborg die vryheid van godsdiens. Nou was daar 'n voorstel, sê hy, in die Volke-Bond, van die volgende inhoud:—

,,Die hoë kontrakterende partye kom ooreen dat hulle geen wet sal maak nie, wat die vrye uitoefening van die godsdiens sal belet of hinder nie . . . . . en besluit dat hulle nie die uitoefening van enig belydenis, godsdiens of geloof sal toelaat nie, wat in stryd is met die openbare orde of sedes of wat inbreuk maak op die lewe, vryheid en geluk van hulle volke.

Die eerste deel, so sê die skrywer is verwerp deur die Volke-Bond en die skrywer wil beweer

dat dit onder die invloed van die Roomse plaas gevind het. Hy beweer verder dat hierdie feit nie algemeen bekend is nie en kom tot die gevolgtrekking dat die Volkebond die Ethnargie (volkeregering) van die Pous sal verwesenlik en herinner aan die volgende woorde van Kardinaal Ratti, nou Pous Pius XI, gespreek in 1921:—,,Die Vatikaan (Paleis van die Pous) moet beskou word nie as 'n internasionale mag nie maar as 'n supernasionale. Die wereld moet Italië beskou as die twede land van betekenis en Rome die uniwersele hoofstad omdat die Pous daar woon." Dit lyk vir my ook of die wêreld bedreig word van twee kante, sosialisme en Romanisme. Het Mussolini nie ook vir 'n tydjie gelede gesê nie dat die wêreld moet onthou dat hy te enige tyd twee millioen gewapende manne op die veld kan bring?

---

Die Vroue-stemreg en Plaaslike Keuse Wetsontwerp het 'n vroegtydige dood gesterwe in die Parlement. Die indiener van die Plaaslike Keuse Wetsontwerp, Dr. van der Merwe van die Vrystaat, het in die Parlement gesê dat al die kerke vir Plaaslike Keuse is behalwe ,,een klein kerkie." Dit moes dien as 'n argument om te bewys dat die meerderheid vir Plaaslike Keuse is. Hierdie ,,een klein kerkie" is die Gereformeerde, en nou het geblyk dat die ,,een klein kerkie" die meerderheid het in die Parlement, en die meerderheid in die Parlement verteenwoordig tog die meerderheid van die volk, ergo, die ,,een klein kerkie" verteenwoordig die meerderheid van die volk.

Nou staan die Afskaffers op die ,,platte van hulle voete." Die HoogEerw. Moderator van die N.G.K. van die Kaap Prow., Voorsitter van die Afskaffers—alias Matigheidsbond het die geledere opgeroep tot die stryd vir Plaaslike Keuse en teen die Roos-Wetsontwerp. In verband hiermee het *Die Kerkblad* ook 'n brief ontvang van Eerw. Cook en 'n uiteensetting van die besware teen die wetsontwerp, met versoek om die sirkulêre, wat 'n Engels opgestel is, te vertaal.

Al die *HoogEerwaardes* is Presidente of Ere-Vise-Presidente van hierdie Matigheids-bond. Die HoogEerwaardes is die Moderators van die N.G. Kerke en die Biskop van die Engelse Biskoplike Kerk. Die ander Ere-Vise-Presidente is *Eerwaardes* van ander Kerke. Net die ,,een klein kerkie" ontbreek op die lys. Ek sou vir 'n groot gedeelte met die Matigheids-Bond kon saamgaan. Maar die vriende seil onder 'n valse vlag. Hulle is nie Matigheids-voorstanders nie, maar prohibisioniste en afskaffers. Ek het maar min ruimte vir my beskikking en daarom gee ek hier 14 punte teen en voor (moet dit *vir* wees?)

*Teen die Prohibisioniste (Afskaffers).*

1. Hulle werp 'n smet op 'n gawe van God.
2. Hulle wil sonde bestry uit die asketiese beginsel dat die sonde in die materie (die stof) huisves.
3. Hulle verklaar Afskaffing as 'n godsdienstige deug.
4. Hulle beroof die Kristen-mens (soos vader Luther gesê het) van sy vryheid.
5. Hulle sal die land op horings bring.
6. Hulle roep 'n ander sonde in die lewe, spekulasie en smokkelary.
7. Hierdie sonde sal die land millioene van ponde kos.

*Vir die Bestryding van Misbruik.*

1. Dat al die bars afgeskaf word.
2. Dat gelisensieerde bottel-store tot 'n mienimum beperk word en alleen binne die gebied van 'n munisipaliteit mag staan.
3. Dat in hotels alleen by etes drank mag gebruik word en vir publieke funksies alleen ligte drank mag verskaf word.
4. Dat in treine alleen ligte wyn en bier verkrybaar sal wees by etes.
5. Dat gelisensieerde restourants alleen ligte wyn mag bedien (van die soort, waarvan 'n groot klomp 'n mens nie kan dronk maak nie).
6. Dat dronkenskap in die publiek swaar gestraf word.
7. Dat by herhaalde oortredings dronkaards geisoleer word.

Vir die ander sondaars, soos die kleurlinge in die Boland, moet ander mense voorsiening maak. Ek is nie 'n wetgewer nie.

Daar is nog die geelperskie-brandewyn-stokers, die Turksvye-stokers, die Stam-vrugtestokers, en die Moepels en al die sondige goed, wat dwing om te gis.

---

Ek het in 'n vorige Kerkblad meegedeel dat die rapport van die onderhoud met Dr. Keet deur die Kuratore meegedeel het dat ,,er geen verschil bestaat tussen de opvatting van Dr. Keet over ons Gereformeerde Kerkrecht en die welke *bij ons algemeen gangbaar is*." In 'n resensie van die brosjure van Dr. Keet, getietel ,,Na Honderd jaar", het Prof. du Plessis van Stellenbosch gesê:—,,Dat hij hierin *afwijkt van de heersende mening is bekend*."

Wat is wat?

---

In verband met die saak Geelkerken in Nederland is op 'n Kommissie-vergadering gedurende die Sinode Dr. de Moor aan beroerte oorlede, so berig die kabel. Wat 'n tragiese gebeurtenis! Ons voel seker almal vir die Kerke in Nederland, wat so beroer geword is en wat in die beroering so 'n verlies gely het. Dr. de Moor was by ons bekend veral as medewerker van *De Heraut*, waarin hy altyd die belangrike stukke onder verskillende hoofde geskrywe het. Een van sy bekende werke is die verklaring van die Openbaring van Johannes, getietel ,,De Hemel geopend."

---

In *De Heraut* van 3 Jan. publiseer *De Moor*

'n gedeelte van 'n voordrag, gehou deur Prof. Dr. Honig van Kampen, waarin hy handel oor die noodsaaklikheid dat 'n Dosent aan 'n Onderwys Inrigting van Kristelike beginsels vertroud sal wees met die waarhede van die Reformasie, en dat dit daarom nodig is dat Dosente en studente kennis sal dra van die beginsels van die Gereformeerde Dogmatiek. Prof. Woltjis bev., wat oue tale gedoseer het, het na sy benoeming die Gereformeerde Dogmatiek van Hodge bestudeer. Dr. Honig sê :—,,Voor Christelike onderwijs-inrichtingen, die niet beslist op het Gereformeerde standpunt staan is het ook gewenscht, dat door of namens het Bestuur met sollicitanten wordt gesproken over de Christelike beginselen, meer bepaald over hun standpunt ten opzichte van de Heilige Schrift en van de hoofdwaarheden van het Christendom, gelijk ze door de Reformatie weer aan het licht werden gebracht. Christenouders dienen de zekerheid te hebben, dat slechts zulke docenten definitief worden benoemd, die den Bijbel aanvaarden als het Woord van God, die leven uit de beginselen der Reformatie, en die instemmen met, of in elk geval zich van kritiek onthouden op de Gereformeerde zeden, krachtens welke schouwburgbezoek, kaartspel en dans uit onze kringen geweerd moeten blijven."

Hierdie woorde van Dr. Honig verdien die ernstige aandag van almal, ook van Professore en Lektore, wat Kristelik Onderwys voorstaan.

Aan die P.U.K. sal die vraag moet behandel word, wat verstaan word met Kristelik Onderwys en wat elke Professor en Lektor moet ken en bely as hy Kristelik Hoër Onderwys sal gee.

Dan staan seker vas dat, sal hierdie onderwys vrugbaar wees, elke dosent en student tenminste die beginsels moet ken van die dogmas van die Reformasie.

## KERK EN SKOOL.

*Advies van Deputate benoem deur die laaste Sinode in sake Meerdere Vergaderings.*—Aan die Voors. a.s. Sinode Geref. Kerk, D.V. te Reddersburg.

Eerw. Voorsitter, Op 25 Nov. 1925 het te Potchefstroom vergader u Kommissie, n.l. Di. L. P. Vorster, D. Postma, A. Yssel, Oudll. J. J. Henning en P. A. Venter saam met die drie Teologiese Professore om advies uit te bring oor Art. 142, Sinode 1924, n.l. :—

(a). Volgens Art. 36 D.K.O. Prowinsiale Sinodes te hou inplaas van Algemene Vergaderings, en

(b). 'n Skema van kleiner en tog doeltreffende verteenwoordiging van ons Gemeentes in Sinodale Vergadering te verkry.

Na beraadslaging het ons besluit om die Sinode te adviseer :—

*Aangaande punt* (a) dat deur goedkeuring van die beginsel van Klassikale Vergaderings vanself die beginsel van Prowinsiale Sinodes aangeneem is. Die enigste punt, wat in hierdie opsig onbeslis bly, is, of later die instelling van twee of meer Partikuliere Sinodes in een Prowinsie sal wenslik wees. Hieroor moet die toekomstige ontwikkeling van die Kerk beslis. Wat aangaan die praktiese uitvoering van die voorgestelde sisteem van verteenwoordiging meen die Kommissie dat dit noodsaaklik is, dat ook die Kaap Prow. en die O.V. Staat sal kom tot die instelling van Klassikale Vergaderings; en

*Aangaande punt* (b) 1. dat die afvaardiging na die Sinode sal geskied volgens Dordse Kerkorde, n.l. deur Prowinsiale Sinodes of Algemene Vergaderings, en

2. dat die getal afgevaardigdes na die Sinode sal wees 60, n.l. 20 uit Transvaal, 20 uit O.V. Staat, en 20 uit Kaap Prowinsie.

Met alle beskeidenheid beveel ons hiermee bostaande advies vir die gunstige oorweging van die Sinode aan.

Namens bogemelde Kommissie,

U Eerw's d.w. dienare,

LOUIS P. VORSTER, Voors.
D. POSTMA, Skriba.

---

*Oos-Londen.*—Gedurende die Des.-vakansie, toe hier duisende besoekers aan die strand was, het ons die voorreg gehad om Ds. en Mevr. Spoelstra op hulle witbroods-dae in ons midde te hê vir byna drie weke. In die tyd het die susters van ons gemeente 'n klein verkoping gehou in verband met ons Kerkskuld en is die Kerkraad toe deur die susters en die hartlike samewerking van ons geagte Konsulent en sy eggenote, Mev. Postma, instaat gestel om £150 op ons kerkskuld af te betaal. Ds. en Mev. Postma was ook teenwoordig en die verkoping is geopen deur SyEerw. Kersdag-more het Ds. Postma opgetree voor die gemeente en Kersfees-aand Ds. Spoelstra. By altwee die geleenthede was ons kerkie stampvol gewees. Verder was dienste nog Oujaarsdag-aand en twee volgende Sondae deur Ds. Spoelstra waargeneem. Dit was vir die gemeente en ook vir die besoekers 'n groot voorreg om al die dienste by te woon in die dae van grote woeling en vreugde bedryf. Ons het die verblyf van Ds. en Mev. Spoelstra baie gewaardeer en hulle verblyf in ons midde was tot seen vir Kerkraad en gemeente. Ons mag hier nog byvoeg dat Ds. Spoelstra die Kerkraad van Oos-Oonden getrou behulpsaam was met besoek van siekes in die wyke en aan die hospitaal. Op 17 Januarie, het ons die Heilige Nagmaal gevier. Ds. v.d. Walt en familie het per motor van Middelburg, Kaap, oorgekom. Die dienste, deur Ds. v.d. Walt gehou, is baie gewaardeer ook deur die Kerkraad en gemeente. Ons waardeer dit baie dat ons predikante soms grote opofferings maak om ons klein gemeentetjie hier in die Ooste te kom besoek. Deur die goedheid van die Here is die twee susters wat reeds al meer dan een

jaar siek is helemaal beter sodat hulle met ons kon nagmaal vier, ook suster Jooste wat onder operasie was aan die hospitaal is nou weer by haar huis en gaat helemaal goed vooruit. Ons bede is ook dat die Here die oue moeder helemaal sal herstel, ja by tant Annie mag ons sien hoe die ware kind van die Here met geduld en leidsaamheid die kruis wat hom opgelê is dra.—Korrespondent, Bus 402.

---

*Middelburg, Transvaal.*—Op 1, 2 en 3 Januarie het ons weer nagmaal gevier. Die opkoms was goed, selfs van die gemeentes wat met ons in kombinasie is het lidmate opgekom. Ons ou Herder en Leraar, SyEerw. Ds. N. H. v.d. Walt het al die dienste gehou en ook die H. Nagmaal en Doop bedien. Op die Gemeentevergadering is toe as nuwe Herder en Leraar beroep SyEerw. Ds. J. H. Boneschans van Venterstad, K.P. Ons hoop dat as SyEerw. hom die beroep sal laat welgeval, die bevestiging sal plaasvind (D.V.) met ons eerskomende Nagmaalsviering n.l. op 4 April a.s. Deputate van gemeentes waarmee ons in kombinasie is, word verwag dan ook aanwesig te wees.—J. Lugthelm, Skrieba.

---

*Die Moot, Remhoogte,* 25 Jan.—Hierdie gemeente het weer gister die voorreg gehad om Nagmaal te vier. Die opkoms was verbasend groot, miskien die grootste wat hier nog was, sodat die kerkgebou helemaal te klein was. Daar die weer ook baie gunstig was, was dit 'n baie aangename kerk. By die voorbereidingsdiens Saterdagmiddag het neentien jong broeders en susters belydenis van hulle geloof afgelê. By die nagmaalsviering Sondag-more was daar soveel mense, dat die gebou hulle nie almaal kon bevat en baie moes voor die deure staan. Dit is dan ook hoog tyd dat daar voorsiening gemaak word vir 'n groter kerkgebou. Die teenwoordige gebou kan baie maklik vergroot word, deur 'n vlerk aan te sit. By die nabetragtingsdiens is ses kindertjies gedoop. In die aand het die plaaslike Jongeliede Vereniging vergader, waar ook baie persone teenwoordig was. Saterdagmiddag is 'n gemeentevergadering gehou en daar die kerkraad besluit het om Art. 27 van die Kerkorde in werking te stel, n.l. dat om die beurt die helfte van die kerkraad sal aftree, is daar 4 ouderlinge en 3 diakene gekies. Verder is daar verslag gegee deur die afgevaardigdes na die Diakonale Konferensie en die Prowinsiale Sinode. Die finansiële verslag van die afgelope jaar is voorgebring en met dank aan die Skrieba aangeneem. Die gemeente met die kerkraad het vyf pond gegee vir die Bybelvertaling, op die £5 stelsel wat opgerig is deur die Kaapse Helpmekaar en O.V.V. van die Vrystaat. Die gemeente het deur kollekte reeds ook al £5 2s. vir die Bybelvertaling opgestuur.—F. J. Potgieter, Korrespondent.

*Vir die Melaatse.*—In hartelike dank ontvang van: Ger. Dorkasverg., Boshof, £1 0s. 6d.; N.N., Lindley, 3/-; Geref. Sustersverg. Fauresmith, £1; Mevr. J. V. Kruger, Roemryk, Reddersburg, 10/-; Geref. Gem., Ermelo, 15/5; Twee broeders, Postmasburg, 12/-; Buitekerkkollekte te Florisblad, £2 4s.; J. H. en H. C. Boshoff, Malansrust, Postmasburg, 5/-; Sustersfonds, Petrusburg, £1 15s.; Mnr. en Mevr. D. Lessing, Potchefstroom, 10/-; Mnr. H. J. Kroep, Nylstroom, £1 1s.; H. V., P.K. Eikenhof, 10/-; Geref. Susters Hulp Verg., Colesberg, £2 10/-; Dorkasverg. Geref. Gem., Rustenburg, £2; Dorkasverg. Geref. Gem., Johannesburg, £2 15s.; Mevr. S. W. Strauss, Stillewoning, Philippolis, £1; Mnr. W. v. Rooy, Wurtemberg, P.K. Vrede, 10/-; Mnr. J. C. Kruger, Kalkfontein, Postmasburg, 2/6; Geref. Gem. Philipstown, £2 14s.; Sustersverg. Dorkas, Potchefstroom, £5; Prof. van Wageningen, Potchefstroom, £3 5s.; Fam. J. Bot., Pretoria, 5/-; Fam. H. v.d. W., Pretoria, £1; Geref. Gem. Rustenburg, £4 7s.; Geref. Gem., Zeerust, £1 6s. 3d.; Ons hartlike dank aan al die broeders en susters vir die milde bydrae wat hulle ons gestuur het. Ons was hierdeur in staat gestel om aan die kinders 'n heerlike Kersfees te gee. Die komitee voel hulle dankbaar gestem dat die Here hulle werk so geseën het, en hulle hoop ook in die toekoms op die hulp van die broeders en susters, om hulle werk te kan voortset en daardeur die arme besogtes, klein en groot, in hulle afsondering te kan verkwik. Namens die susterkomitee, M. van Dalsen (Penningmeesteresse), 80 Presidentstraat, Pretoria.

---

*Lichtenburg.*—Die Gereformeerde gemeente van Lichtenburg het die voorreg gehad om op die 10de Jan. weer Nagmaal te vier. Die opkoms was besonder goed, nieteenstaande 'n deel afgestig is onder Sannieshof. Uit die opgawe blyk dat ons nog 206 lidmate sterk is. Die gemeente het besluit om 'n ooreenkoms met Sannieshof te bespreek vir die beroeping van 'n predikant in Aprilmaand, in kombinasie met Schweizer Reneke. Ons eerskomende Nagmaal is bepaal op die twede Sondag in April. By die geleentheid sal ook jonge broeders en susters wat begerig is om toe gelaat te word tot die Tafel des Heren belydenis van hulle geloof kan aflê. Die jonge broeders en susters moet reeds Dinsdagaand teenwoordig wees by die kerk vir die Katkisasie.—Korrespondent.

---

*Koster.*—Ds. A. Duwenage het die beroep aangeneem na die Koster-gemeente. Die bevestiging van die beroepe herder en leraar van die Geref. gemeente Koster sal D.V. alhier plaasvind op 20 Maart, 1926 om 3 uur n.m. in die kerk. Broeders predikante en kerkraadslede word hiermee vriendelik uitgenooi. Kennisgewing van oorkoms en aankoms op Koster moet voor 13 Maart geskied aan die adres van ondergete-

kende. Vir losies sal gesorg word en ook vir vervoer van Koster Stasie na die kerkgebou. Afgevaardigdes word verwag Saterdag, 20 Maart om 2 uur n.m.—A. M. v.d. Walt, Witrand, P.K. Koster. Namens die Eerw. Kerkraad, 2 Febr., 1926.

---

*Ermelo.*—Op Vrydag, 1.1. om 2 uur n.m. het ou Br. Piet J. Stoop in die straat inmekaar gesak, in bysyn van ou Br. Casper Kruger, en in 5 minute tyd het die dood ingetree weëns hartverlamming. Die Br. het ingekom vir die kerkraadsvergadering en vir Nagmaal. Hy was van plan om weëns ouderdom en algemene swakheid ontslag te vra, en daar gee sy Koning hom ontslag vir altyd, op so 'n wyse as deur geen een verwag was nie. Die Br. was 74 jaar oud. Hy het sedert 1902, dus 23 jaar byna onafgebroke gedien as ouderling, eers van Volksrus en nou reeds 11 jaar van Ermelo. Hy was een van die stille, wat meer deur sy voorbeeld as deur woord gespreek het. Saterdag middag het die begrafenis plaas gevind na die voorbereidingsdiens in teenwoordigheid van 'n aansienlike skare van famielie, vriende en belangstellendes. Die konsulent, Ds. N. H. van der Walt het die lykrede gehou na aanleiding van Jes. 64:6b, en by die graf ook 'n kort toespraak gehou tot troos vir die eggenote en kinders, wat seer bedroef was, veral omdat daar geen geleentheid was vir afskeid nie. By die graf het oudl. E. J. Boneschans ook 'n woord gespreek namens die Raad van die Kerk. Die gedagtenis van die regvaardige sal tot segening wees. Mag die Here die harte van die oue suster, wat besonder geheg was aan haar man, met wie sy 50 jaar saam geleef het vertroos, en ook die kinders se harte.—Namens die kerkraad van Ermelo, N. H. van der Walt, Voors., E. J. Boneschans, Skrieba, Ermelo, 1 Febr., 1926.

---

Kennisgewing.—Broeders afgevaardigdes vir die Algem. Verg., wat op Ventersburg die 6 de Maart a.s. open, moet van die noordekant met die trein kom wat op Ventersburg Stasie aankom *Saterdagmore om 3 uur*, die 6de Maart, en van die Suide *Saterdag, met die* 11 *uur v.m. trein*. Stuur die beskrywingspunte lasbriewe, ens. in tyd aan ondergetekende a.u.b.—B. G. Venter, (P. seun), Skrieba, Rodekop, P.K. Ventersburg, O.V.S., 6 Febr., 1926.

---

*Fonds vir Blindes en Doofstommes.*—Omdat ek vind dat enkele bydrae vir bogenoemde Fonds nie in die Kerkblad erken is nie, erken ek hiermee in dank, as ontvange sedert 14 Okt. 1925: Fauresmith, £1 16s. 10d.; Br. A. J. du Plessis, 5/-; Ladybrand, £1 11s. 11d.; Philipstown, £3; Jamestown, £2 16s.; Br. J. S. v.d. Merwe, 10/-. Dan verder soos erken in Kerkblad van 19 Jan., 1926. Later weer ontvang: Sterkstroom, 12/8; Reddersburg, £3 5s. 9d.; Aliwal Noord, £3 8s. 8d.; Ventersburg, £2 1d.—J. G. H. v.d. Walt, Penningmeester, Middelburg, 3 Febr., 1926.

---

*Algemene Verg. Kaap Pr.*—(a). Die Algemene Vergadering adviseer dat ook in die Kaap Prowinsie Diakonale konferensies gehou sal word. (b) Die Algemene Vergadering maak voorsiening dat kerkrade sal sorg dat ,,Die Kerkblad" in elke huisgesin gelees word. (c) Is die Diakonie kragtens hulle amp verplig om armoede te voorkom.—Kerkraad van Aliwal Noord.

5. Die Algemene Vergadering gee 'n nadere verklaring van ons biddae.—Kerkraad van Barkly Oost.

6. Is met het oog op de instelling en de betekenis van de Sakramenten de ,,huisdoop" en het ,,huisavondmaal" aan zieken en stervenden goed te keuren.—Kerkraad van Colesberg.

7. Die Algemene Vergadering neem in bespreking die hedendaagse manier van haarsny onder die vroue en meisies in die lig van Gods Woord.—Kerkraad van Venterstad.

B. R. BUYS,
Skrieba, Roepende Kerk, Aliwal Noord.

---

*Humpata, Angola*, 2 Januarie, 1926.— Deur ons stille afgesonderde lewe hier in die eensame uithoek van die wêreld, kom dit dat ons maar min berig kry van wat buite om ons gebeur, en om dieselfde rede is nuus hiervandaan ook maar skaars. Met medewerking van die Ned. Herv. Gemeente hier, het ons 'n aangename Dingaansfees gevier op 15 en 16 Des. l.l. Die 15de het soveel van ons mense as wat hier was op die feesplek gesellig byeen gekom. Die fees werd deur die Voorsitter van die feeskommissie geopen waarna die Transvaalse volkslied deur die jongmense gesing werd. In die namiddag het die 90-jarige ou vader Gert Alberts, die voortrekkersgeskiedenis vertel en ook die Dorsland trek deur mnr. D. Labuscagne. Op die 16de het mnr. Johannes Alberts (oud. Herv. Gem.) die morediens waargeneem. Om 1 uur was daar 'n byeenkoms oor Kristelike Onder wys, waarna die namiddagdiens deur mnr. L. du Plessis (oud. Geref. Gem.) gehou werd. Baie mooi op die fees was die singe van vierstemmige psalm versies deur die jongmense hier. Soos reeds gesê werd op die 16de 'n byeenkoms gehou oor Kristelike Onderwys. Dit was nou miskien nie juis die dag daarvoor nie, maar dit is so selde dat ons mense hier van beide gemeentes so bymekaar kom, dat ons van die geleentheid moes gebruik maak. Ons onderwyssake verkeer in 'n baie donkere toestand, selfs in sover dat daar met rede kan gevrees word vir die toekoms van ons kerke. Vandaar dat so 'n sterke begeerte van die kant van beide gemeentes was om die saak te bespreek en die toestand te probeer verbeter. Die groot hinder by ons om die saak te bevorder, is *geld*. Angola se finansiële posiesie is uiters kritiek en word by die

dag slegter. Die wisselkoers bly maar baie laag, en dan die waardelose geld wat ons mee moet sukkel, word so skaars dat 'n mens amper sou dink hier is geen geld meer in die land nie. Alles moet nou byna op krediet gaan. U begryp dus wat dit ons moet kos om sowat 'n 200 kinders onderwys te gee, waar die meeste mense van ons in armoed verkeer. Hoe dit ook al mag wees, die mense het 'n kommissie gekies om met die saak aan te gaan, en ons hoop wel iets reg te kry met die hulp van die Here. 'n Brief is ook aan die Helpmekaar gestuur om hulp; ons hoop dat die dringende versoek tog nie vergeefs sal wees nie. Die onderwyser (Mnr. Hennie Venter) sal gewillig wees om weer die werk op te neem, al is dit voorlopig teen 'n baie kleiner salaris, as wat ons oorspronklike bedoeling was om te gee. As ons broeders in die Suide dus met 'n klein bietjie weer kan help, sal ons met Gods hulp weer kan aangaan. Op Kersfees was byna ons hele gemeente by die kerk byeen om die geboorte van onse Here Jesus te herdink. Dit was een van die aangenaamste dienste wat ons in lange tyd gehad het. By sulke kerk dienste word die herderloosheid van die gemeente baie diep gevoel.

Op die dag werd ook vir die sending 'n kollekte gehou, en hoewel ons geldelike posiesie baie te wense oorlaat, het die bydrae getoon dat Humpata ook vir die uitbreiding van Gods koninkryk wil iets doen. Namens ons gemeente word die redaksie hierby ook, 'n geseende en voorspoedige nuwejaar toe gewens; ons bede is dat die Here u steeds mag lei en ondersteun in u moeilike werk.

L. M. DU PLESSIS,
Korrespondent Ger. Gem., Humpata.

(Baie dankie vir die goeie wense. Ons is bly om van Humpata te hoor. Mag die broeders en susters daar gesterk word in hulle stryd! *Wie* wil hulle geldelik steun in daardie stryd?—Red.)

---

*Kennisgewing van Bevestiging.* — Hiermee word kennis gegee dat die Wel-Eerw. heer Ds. F. P. J. Snyman (volgens stukke ontvang) op die 1e Jan., 1926 in die Geref. Gemeente Johannesburg-Noord behoorlik bevestig is in teenwoordigheid van die deputate van die Klassis volgens die artiekels D.K.O. daarop van toepassing. Die Klassis wens en bid dat die Drieënige Verbonds God genoemde broeder mag stel tot 'n uitgebreide seen in die werkkring waarin Hy hom gestel het. Namens die Klassis, Pretoria. T. Spoelstra, Voors. Korresp. Kerkraad, 92 Kitchener Laan, Kensington, 8 Februarie, 1926.

---

## VRAEBUS.

*F. H. Kukkuk*, Durban, Vra of, waar die Skrif soms praat van die *siel* van 'n mens, en dan weer van sy *gees*, soos in Matth. 11:29 en Hand. 5:5, 'n mens dan altwee, siel en gees, het.

Sommige mense sê 'n mens bestaan uit liggaam, siel en gees. Ons noem hulle trigotomiste (drie-delers). Ander sê 'n mens bestaan net uit twee dele. Hulle word genoem digotomiste (tweedelers). Die Gereformeerdes is digotomiste. 'n Mens bestaan uit siel en liggaam.

Soms word egter die een deel genoem *siel* en dan weer *gees*. Dr. Bavinck sê in sy „Bybelse Psychologië:—„In de Schrift komt het onderscheid hierop neer, dat geest het beginsel en de kracht, ziel daarentegen den zetel en het subject des levens aanduidt. De mensch *heeft* geest, doch *is* ziel, terwijl de engelen alleen geesten, de dieren alleen (levende) zielen zijn. Als geest is de mensch aan de onzienlike, als ziel aan de zienlike wereld verwant."

En tog is siel en gees nie wesentlik onderskeie nie. Altwee dui die innerlike mens aan, van twee kante besien. Hulle wissel mekaar dan ook af in die Skrif. Kyk 1 Kon. 17:21, 22 en Luk. 8:55.

'n Mens kan ook sê dat die gees die mees innerlike siel is, die hoogste werksaamhede van die siel.

J. L. Pretorius, Bothaville, vra in verband met die noot onder 'n vorige brief oor 'Ewolusie en Goddelike genesing.'

(1) Of die Redakteur self glo dat mense en ape van gemeenskaplike ouers ontwikkel het;

(2) Wat beteken 'gemeenskaplike voorouers?'

Nee die Red. glo nie daaraan nie. „Gemeenskaplike voorouers" beteken van die selfde oorspronklike stam-ouers, waarvan die ontwikkelde aapsoort 'n tak is, wat agtergebly het in die ontwikkeling, en waarvan die mens die hoogste ontwikkeling is. Prof. Dart het nou weer gesê die oorspronklike mens-aap was swart net soos die aap-soorte en deur 'n meerdere ontwikkeling het hy wit geword.

---

Die kennisgewing van Ds. Kruger, Potchefstroom, het skynbaar misverstand veroorsaak, want talle van intekenaars wat direk met ons handel verkeer onder die indruk dat hulle ook nou aanspraak kan maak op die vermindering na 7/- per jaar. Ons wil hiermee vir kennis van die intekenaars weer herhaal dat die tegemoetkoming alleenlik toegeken is aan gemeentes waar die Kerkraad al die intekenare vir sy rekening neem en dan die hele bedrag aan die begin van die jaar aan ons stuur. Dan ook moet daar minstens 50 intekenaars in so 'n gemeente wees. In ander gevalle bly die Intekengeld 10/- per jaar.

DIE ADMINISTRASIE.

---

## KORRESPONDENSIE.

Verskeie stukke moet oorstaan. Ons hoop om later iets te skrywe oor Vakunies en Gereformeerde Lidmaatskap.

**N. J. Coetsee, Edenburg.**—Ons het vroeër al gesê dat vir geplaaste stukke nie betaal word nie. As hulle egter nie goed is nie, dan gaan hulle na die mand-

jie toe. Oor die **toestande** wil ons tog nie meer stukke hê nie. Vir 'n goeie **saak** het ons altyd ruimte. Teen die Sending plaas ons ook nie meer stukke nie. Wel sal ons opening gee vir welgemeende en opbouende kritiek oor die metode van die Sending, maar ons mag nie toelaat dat die Sending afgebreek word nie.—Red.

## 'N GELOWIG GEKNOEI.

I.

Geagte Red.,—Dit skyn asof die stryd tussen geloof en wetenskap wat in Europa in die 19de eeu gestry was hier in Suid-Afrika in die 20ste eeu sal gestry word en wel in die vorm van Bybel en Ewolusie.

In Europa was dit die Duitse teoloog Schleiermacher wat in daardie stryd die „tussenpad" gekies het om geloof en wetenskap te versoen, die sgn. „Versöhnungs theologie" (versoeningsteologie).

Die vrug daarvan was dat nòg die geloof nòg die wetenskap bevredig was, maar die geloof het tog die skade gely, want die rigting van Schleiermacher het geëindig in die modernistiese of ongelowige christendom en teologie van ons tyd. Sy poging was niks anders as 'n geknoei op teologies-kerklik gebied. Ongelukkig het hy die teologie sedert die tyd be-invloed en beheers, met enkele uitsonderings hier en daar. In Suid-Afrika gaan ons dieselfde weg op. Van die hand van vooraanstaande predikante van die Ned. Geref Kerk van die K.P. verskyn daar artiekels in „Het Zoeklicht" van Desember en Januarie wat onomwonde die versoeningsweg inslaan. Hulle wil **gelowige** ewolusioniste wees. En dit vind hulle moontlik omdat die Ewolusie van front verander het: die materialistiese ewolusie van Darwin het God uitgeskakel uit die natuur, maar die nuwe ewolusie aanvaar 'n Skepper, selfs 'n persoonlike God wat agter die ewolusie-proses sit en dit bewerk. As ek die nuwe ewolusie reg verstaan dan moet dit iets wees as volg: God het die „oerkiem" van die dinge geskape, maar daarvandaan af ontwikkel die oer-iets vanself onder inwerking van God, en uit die ontwikkeling is dan die verskillende wesens voortgekom wat vandag daar is, die mens dan as die hoogste ontwikkelingsproduk.

Die eis egter wat die gelowige ewolusioniste stel is dat daar moet kom 'n „nieuwe orientering der kerk" of soos 'n ander dit uitdruk: Men kan zichzelven afvragen of het wel de oude waarheid is die door de nieuwe verdreven wordt, dan of het niet slechts zijn **opvatting** van den waarheid is die wijken moet. Dus: die Kerk moet sy geloofsleer hersien, sodat dit kan strook met die nuwe ewolusie.

En die punt waar dit veral op aankom is die **skeppingsleer.**

Die Kerk bely op grond van Gods Woord dat daar eenmaal 'n **skepping** van alle dinge plaasgevind het deur die magwoord van God, en dat die skepping 'n afgedane saak is wat deur God self beseël was in die woorde: en God zag al wat Hij gemaakt had, en ziet, het was seer goed (Gen. 1:31).

Van toe af is Sy skeppingswerk oorgegaan in 'n voorsieningswerk waardeur Hy al die geskapene onderhou en regeer.

Kan ons nou hieruit aflei dat die Kerk, soos Rudolf Eucken beweer, 'n „Bebarrungslehre" voorstaan, d.w.s. dat die dinge eenmaal geskape is en onveranderlik so bly? Seker nie. Die. H.S. ken ook die **ontwikkeling,** 'n heerlike ontwikkeling van die dinge deur die eeue heen; maar die ontwikkeling is **essensieël** verskillend van wat die nuwe ewolusie leer. God het nie alleen die hemel en die aarde geskape, maar ook die **verskillende soorte** lewende wesens na hulle aard, en op die Skepper se bevel moes die **soorte** ontwikkel of ontplooi deur voortplanting tot 'n rykdom van spesies, sodat ons vandag 'n groot wariasie sien.

Maar die ewolusie ken alleen 'n **ontwikkelingsproses** van alle soorte uit één oerkiem.

Nou sê die gelowige ewolusioniste: Kyk ons **opvatting** van die skepping was verkeerd; God het nie 'n afgedane skeppingsdaad verrig maar Hy skep nog **gedurig deur,** deurdat Hy die ewolusie-proses bestuur en bewerk; Hy bly dus nog Skepper, maar sy „modus openrandi" (skeppingsmetode) is net **anders** as wat ons dit uit Gen. 1 afgelei het; „skepping" en „ontwikkeling" is twee woorde wat dieselfde beteken, ontwikkeling is net voortdurende skepping.

Die beslissende vraag, geagte Red., is dus net: leer Gen. 1 ons so iets? En ek meen dat elke onbevooroordeelde teoloog en selfs elke eenvoudige Skrifleser moet sê: nee! Die beste kuns-geknoei kan nie soiets uit Gen. 1 aflei, sonder eksesetiese verkragting van die Skrif. As die nuwe ewolusie waar is dan moet ons 'n ander Bybel kry van die ewolusie-god, maar die ou openbaringsboek van die historiese Christendom leer ons nie soiets. Hierdie versoeningsweg van die sgn. gelowige ewolusioniste is niks anders as 'n gelowige geknoei met die Skrif, wat sy bittere vrug ook vir die Kerk in S.A. sal afwerp, en dis soveel gevaarliker omdat dit onder die dekmantel van die Skrif kom. Die „God van die nuwe ewolusie" is nie die God van die H.S. nie. Dit hoop ek in 'n volgende artiekel aan te wys.

C. J. N. DE WET.

## OORMATE VAN SENDING EN VERWAARLOSING VAN ONS EIE MENSE.

Geagte Redakteur,—Ek sien dat ons nou so ywerig word vir die sending onder die Kaffers.

'n Skielike inspirasie voorwaar.

Maar nou sou ek graag wil weet of ons volgens Gal. 6:10 met ons eie al so ver gevorder is om na iets meer te soek om te doen of verstaan ek die teks verkeerd. Is ons blanke bevolking al so ver gevorder en versorg dat ons nou aan die sending so'n geweldige aandag kan wy. Vat maar ons armes, is daar ooit van Gereformeerde kant aan gedink om hulle van middele te voorsien, in watter lyn ook al, om mee te begin of aan te gaan.

Nou is daar al 'n gedagte om vir die sending grond te koop by die Regering en waarskynlik het ons nog nie eerste daar 'n gestigte sending gemeente nie.

Dit lyk of ons voormanne ons met te veel laste wil opsaal, hulle is altemit teveel begaan oor die Kaffer se toestand en in dieselfde tyd word daar te min aandag bestee aan ons arme. Want al daardie ondernemings moet deur ons bekostig word terwyl dit aan ons armes kon bestee word. Is so 'n handelwyse Bybels? Ons is nie eers instaat om al ons verpligtings na behore na te kom nie jeëns ons eie behoeftiges nie, en nou word daar al gedagtes gemaak vir uitgawes in die swart lyn. Nee, ek dink as ons wit gemeentelede in die eerste plek en die armes van ons volk in die twede plek eers so versorg is dat ons hulle gereeld kan voorsien en vertroetel na die geestelik in die eerste plek, want die verarmde na die tydelike het vertroeteling no-

dig, dan kon ons planne maak om iets anders aan te vang.

Of is ons gemeentes en ons volk also aangeboer en vooruitgegaan tydelik en geestelik dat ons tevrede op ons verrigte werk kan terugkyk en dan vooruit planne maak om ons gedagtes op iets meer te bepaal.

Dit lyk mooi om groot te doen, maar as ons ons eies nog nie kan behartig nie, wat die geval is sover ek weet, moet ons ons nie met nuwe pligte wat naderhand laste kan word gaan oorlaai nie, en wat meer is, ons sal dit moet bekostig en waar kom dit vandaan. Daar kan gesê word as ons blymoedig gée sal daar oorvloed wees en ons sal altyd he om te gee. Dit is mooi en goed en waar maar dit neem nie weg, ons moet dan eers geleer word viral vir die sending.

In al die rigtings word daar ontfermende pogings aangewend om die Kaffer op te troetel ten koste van ons blankes, waaroor ons altemit sal spyt kry as dit te laat is.

Ek is nie daarop teen om die evangelie te verkondig nie, laat ons vireers 'n reisende sendeling kry en hom laat rondgaan om te sien of hy vorder en of daar gemeentes gestig word dan sal daar nie so 'n groot onkoste aan verbonde wees nie en op die wyse kom ons stadig waar ons wil wees sonder dat ons iets oordryf of die gemeentes te skielike laste oplê.

En wat meer is reken ik as die gemeentes eers klaar gestig is behoor hulle vir selfonderhoud in te staan en behoor tekortkominge deur vrye gifte aangevul te word.

Ek is nie van plan om die groot geleerdes van ons kerk, aan wie daardie taak opgedra is, voor te sê hoe hulle te werk moet gaan nie; ek is maar net begerig om te weet of ons reg is as ons so geweldig aanpak terwyl daar nog so groot behoeftes onder ons blanke gemeentes en bevolking in die algemeen is.

Vra maar aan ons Prowinsiale Raadslede en ons hoor dadelik dat daar soveel en soveel witkinders in die verwaarlosing is weens gebrek aan fondse.

Laat ons dus as ons geld het om te belê, eers voorsiening maak vir daardie kinders al behoor hulle nie aan ons gemeentes nie hulle is tog nader aan ons as die Kaffer en ek glo dit is ook Bybels en dalk ons eerste plig, en dan kan ons vir die sending beleggings in daardie lyn en met meer vrymoedigheid maak.

LIDMAAT.

Middelburg, Transvaal,
30 Desember 1925.

---

### SENDING.

Eerwaarde Red.,—Vergun my ruimte in u blad a.u.b. oor die **Sending.** Ek dink ons moet meer tot 'n eenheid oor die kwessie kom. Ek is nie daar op teë dat die Evangelie aan die heiden gebring word nie, maar wat ek my teen versit is, dit gaan ten koste van ons eie volk. Nou laat ons sien of die Gereformeerde kerk in staat is om die swaard na alkante toe te swaai. Ek sê beslis nee. As ons die saak net Bybels wil behandel dan lyk dit of dit moet, dan moet ons ook ons ander pligte en roeping volgens Bybel opvolg. Wat is dit hier? Laat dr. De Klerk praat: Bring eers in al die arme, kreupele, verminktes en blindes. Is dit gedaan? Hy sê 'n begin is gemaak maar dis tog nog nie klaar daarmee nie. Hoeveel gemeentes is vakant en hoeveel onbearbei, hoeveel arme, oue van dae en kranke dors na die sakramente, verlang na die geklank van Gods Woord, en het stoflike en geestelike ondersteuning nodig, hoeveel ontaard in leer in handel en wandel, verval kerklik en maatskaplik, hoeveel word gedoen om diesulke staande te hou, die kinders vir die heil van die kerk te laat opwas in die suiwer leer? Aan die roeping is nog nie voldoen nie. Ek gaan nie met die brief die sendingkwessie tot die bodem-toe ledig nie, ek wil net my oortuiging hier in 'n beperkte brief bloot lê.

As ek sulke dinge sien onder die Hoof van Sending as b.v. industriële- en landbouonderwys. Is dit skriftuurlik? So ja, is daar al 'n plaas gekoop om die Gereformeerde kinders industriële- en landbouonderwys te gee? So nie, wat is die eerste roeping en plig van ons om die Kaffer No. één te stel en is dit waarvoor Piet Retief en andere 'n beskawing hier te lande kom stig het? Ek maak 'n beroep op al die Geref. gemeentes. Ontwaak, nie om van Suid-Afrika 'n swartmansland te maak nie, maar die blanke beskawing te handhaaf. Dit word gesê die Geref. Kerk gaan nie so waansinnig word nie soos ander kerke nie om die Kaffer in alle rigtinge op te lei nie. Dit het altyd by my vasgestaan, met alle eerbied gesê, dat die Geref. Kerk nog te swak op finansiële gebied was om aan die verderflike beginsels uitvoering te gee. Die slang begin sy kop uit te steek, met industriële- en landbouonderwys. Dis die begin-stadium van wetenskap en tegniese onderwys. Wat is geword van ons Teologiese skool, prys gegee omdat die finansiële posiesie van die kerk nie toereikend genoeg was nie, en 'n gewetens klousule het gevolg—'n stryd om die suiwere leer te bewaar! Ja, as 'n mier begin te vlie is sy einde naby. Mag die Here ons tevrede maak met ons beskeie. Ek aksiteer (?) ten hoogste die brief van dr. De Klerk in die Almanak. Hy sê daarin wat my bietjie met hom laat verskil. Dis verkeerd om net van J,rusalem met die Evangeliste te begin en nooit verder te gaan nie met die Evangelie nie.

Is hy nou konsekwent met industriële- en landbouonderwys? Ek moet sê sy eerwaarde begin nou al dieper in sake te sien as wat hy laat deurskemer het toe hy sy studies voltooi het. So kom dit my voor volgens sy brief wat baie redelik en aanneemlik is. Ek verskil nie met hom nie, behalwe hy meen die tyd is nou daar dat ons as Kerk nou ons vlerke oor die heidene kan gooi, ek sê nee in ons eie huis is nog te veel gebreke, ons moet nie net die saak van 'n Bybelse standpunt beskou nie, maar op die meriete en omstandigheid let, en daarna doen wat die beste is. By my is geen vooroordeel teen dr. De Klerk nie, soos by baie ander nie, omdat hy juis in die rigting wou of moes uitgaan, nee, ons het sy gawe en eienskappe baie nodig in ons geledere.

Onthou die Kaffer het net een ideaal „Suid-Afrika vir die Bantoe en Europa vir die blanke!" My opienie of ondervinding is, jy kan van die Kaffer in die reël net 'n fariseën maak, maar selde 'n kristen. Dit gaan by hom nie die minste oor suiwerheid van leer nie. As die Geref. Kerk onder die Kaffer met 'n oënskynlike sukses wil werk, moet die Kerk 'n metodistiese leer aan hulle bring. Hoe lang het wyle ds. P. Bos gearbei en wat is die getal lidmate? (2) Wie moet die plaas betaal wat moet gekoop word? (3) Gaan die Kaffers betaal vir hulle woning. Hartelik dank by voorbaat vir opname.

M. P. A. ACKERMANN.

Heidelberg.

Ons ontneem aan die skrywers nie die geleentheid om

hulle gevoelens te openbaar nie, maar ons is bly dat ons mag weet dat hierdie gees altyd meer aan uitsterwe is.

Ons het nou 'n naturelle-probleem en as ons let op die uitlatings van verskillende geleerde naturelle teen die blankes dan sou ons, as ons met ons vlees wil terade gaan, wil sê „gee hulle die sambok." Maak ons egter ons oë oop dan sien ons dat hierdie rewolusie gees van die naturel uit ongelowige bron voortvloei en dat dit 'n verset is teen Gods Woord en die Kerk. So het een vir sy hoorders gesê: „Dit is die Bybel en die Kerk wat van julle slawe maak." Dit is 'n gees uit die Bose en nie uit Kristus nie. Wat nou die gevoelens van **Lidmaat** betref wil ons op 'n paar sakies wys.

Ons weet dat Gal. 6:10 van die vroegste tye uitgespeel is teen die Sending. So is ook ons armes, ons eie mense, die „huisgenote van die geloof" as 'n remskoen gebruik in ons Kerk van sy stigting af. Ons wil vra „wanneer sal ons eie mense eers goed versorg wees? Wie bepaal die hoogtepunt? As Paulus ook so gesê het, wat het van die Evangelie geword? Paulus het die hele Griekeland deurreis om te kollekteer vir die „huisgenote van die geloof" in Jerusalem en ook die Evangelie gebring aan die heidene.

Galate 6:10 is hier nie van toepassing nie. Paulus wil dat ons moet goeddoen, (1) aan die verkondigers van die woord (vorige verse), (2) aan almal, (3) aan die „huisgenote van die geloof." Wie is die laaste? Dit is nie 'n **rasse-**onderskeiding wat Paulus maak nie, maar 'n **geloofs-**onderskeiding. Br. Ackerman maak beswaar teen wat gesê is oor industrieël onderwys. Dr. De Klerk is 'n Sending-deputaat vir die Sinode. Die Sinode het opdrag gegee om Sending-terreine uit te kies.

Sending-deputate moet hulle hou aan die Sinode besluite, en so lang hulle dit doen is hulle volkome in hulle reg. Br. Ackerman sê: „Jy kan in die reël van 'n Kaffer net 'n Fariseër maak, maar selde 'n Kristn." Wie is **‚jy'?** Sou Gods genade dit doen? Dit sou tog roekeloos wees om dit te beweer.

Is Br. A. self hier Gereformeerd? Is die Fariseër nie **net** besorg oor ‚suiwerheid van leer' nie? Dan werp die broeder 'n onverdiende klat op die Gereformeerde leer. Kyk, as die Greformeerde leer ongeskik is vir die Sending dan is hy nie volgens Gods Woord nie, en hoe eerder ons dan die Geref. Kerk toesluit hoe beter, want dan het hy geen reg van bestaan nie. Nee, die Gereformeerde leer van die **genade** is die enige suiwere en reddende prediking ook vir die Kaffer-sondaar. Vir die onthouding van hierdie prediking dra ons tot vandag toe nog die verantwoording en is ons skuldig voor God.

Wat die verhouding van ons gifte vir ons ‚eie mense' en die Sending aangaan, gee ons aan die hand dat elke lidmaat in die jaar 1926 na sy vermoë gee £1 vir ons mense en 1s. vir die Sending, of 10s. vir ons mense en 6d. vir die Sending of 5s. vir ons mense en 3d. vir die Sending, en dat almal, wat nie elke Sondag in die Kerk kom nie hulle bydraes in die huisgodsdiens elke Sondag gee vir die armes. So kan ons ook krummels laat val van ons tafels vir die honde.—Red.

## DIE JOHANNESBURGSE DIAKONALE KONFERENSIE.

Eerwaarde Redakteur,—As een van die afgevaardigdes na die Diakonale Konferensie van Johannesburg wil ek graag 'n paar woorde sê oor indrukke daar opgedaan.

Ten eerste moet ek wys op die aangename, vrugbare besprekings wat daar plaasgevind het. Ongelukkig kan 'n verslag maar min van die besprekings weergee en moet dit noodwendig beperk word tot die vernaamste punte en besluite. So 'n verslag moet dan ook deur die afgevaardigdes by hulle terugkeer mondeling aangevul word.

Hierdie eerste Konferensie was inderdaad maar 'n begin, 'n eerste skrede. Besluit is dat daar jaarliks so 'n konferensie gehou sal word. As die saak voortgang moet maak en vrugte afwerp dan is dit sekerlik noodsaaklik dat ons Diakonieë hulle goed rekenskap gee van die taak van so 'n Konferensie. Op hierdie eerste Konfernsie is m.i. te veel gepraat oor die **status** van die vergadering, oor verteenwoordiging van diakonieë op meerdere vergaderings en wat dies meer sy. Deur eerwaarde broeders predikante is aangemaan tot versigtigheid: die diakene moet oppas dat hulle nie 'n kerklike karakter gaan aanneem nie. Alles goed en wel en ons was dankbaar vir die waarskuwing. Maar nou dat ons dit besef en versigtig gaan wees, laat ons vir ons deeglik voorberei vir die volgende konferensie. Hoe beter ons dit doen, hoe minder tyd en lus ons sal hê om enige ongeoorloofde status ons aan te matig.

Met belangstelling het ek die stukkies gevolg wat, in verband met Diakonale konferensies, van die hand van J. P. in die Kerkblad verskyn het. Die laaste stukkie maan aan tot **studie.** Van harte sekondeer ek die voorstel en laat my maar dadelik daarop wys dat wenke van dié aard, ons deur ons teologiese professore en predikante gegee, die ernstige aandag van ons diakene verdien. Mag daar meer studie-stof van die praktiese en aktuele gehalte in Die Kerkblad verskyn.

U sal sien, eerwaarde Redakteur, dat die Konferensie gewigtige sake bespreek het en nog gewigtiger besluite geneem het. In alle beskeidenheid wonder ek of sommige van die sake vir ons nie te gewigtig was nie en sommige van die besluite nie té gewigtig klink nie. Seker is dat 'n besluit alleen dan uitvoerbaar en van waarde kan wees as dit die gevolg is van rype bespreking wat weer as grondslag het deeglike kennis. En seker is ook dat die kennis in baie opsigte gebrekkig was. Ons het besluite geneem oor weeshuise, hospitale, voorkoming van armoede, ens., maar aan bepaalde gegewens, waarop ons kon bou, het dit ontbreek. Natuurlik, hierdie Konferensie was die eerste, maar wat gaan ons maak om met die twede verder te kom?

Geen diakonale Konferensie kan vrugbare werk doen as die Diakonieë nie ywerig en wakker is nie; geen Diakonie kan kragtig optree as die diaken sy amp nie verstaan en getrou vervul nie. Daarom moet elke diaken 'n studie maak van sy amp en 'n studie maak van die toestande en omgewing waarin hy as diaken moet optree. Maar ook die Diakonie as geheel moet 'n lewende liggaam wees, wat steeds opbouend te werk gaan. Soos die diaken sy wyk ken, sy armes en ellendiges ken, moet die Diakonie die toestande van die gemeente ken en haarfyn alle gegewens in besit hê. Dan alleen kan ons ons afgevaardigdes volkome toegerus na die Konferensie stuur om daar raad te gaan vra en gee. Dan sal daar blyk watter kwessies van gesamentlike belang is en gesamentlik aangepak moet word. Dan sal daar ook blyk wat die eienaardige moeilikhede van elke gemeente in sy diens van die barmhartigheid is.

Noodwendig kom dan die punte deur J. P. aangeroer ook in die geding en moet hulle bestudeer en bespreek word. Ons diakene moet hulle probleme eers ken voor hulle hul kan aanpak. Voorwaar, daar is werk genoeg om tot ywer en trou aan te spoor.

Waardevol was die bespreking wat gevolg het op die beskrywingspunt oor die „geestelike" sy van die arbeid van die diaken. As dit 'n aparte sy is van die amp dan tog lê in hierdie sy alles opgesluit. As 'n diaken dan ook hierin sy roeping nie gevoel nie sal geen „stoflike" sy die saak red nie.

Met dank vir opname,

D. J. VAN ROOY.

Potchefstroom,
25 Januarie 1926.

---

## 'N GEREFORMEERDE ONDERWYSERSBOND.

Aan die Redaksie van „Die Kerkblad."

Waarde Redaksie,—Dis al 'n geruime tyd, dat ek gedink en geredeneer het oor die saak, waaroor ek tans wil skrywe; en ek sal bly wees as u enige ruimte daarvoor wil afstaan, ook as daar korrespondensie hieroor in „Die Kerkblad" mag ontstaan.

Daar is veral drie magte wat sterke invloed uitoefen in die openbare menselike lewe. Dis die kerk, die staat en die skool. En as hierdie drie magte mooi saam kon werk en saamstaan en mekaar die hand reik dan het mens 'n drievoudige snoer wat nie maklik kan verbreek word nie, maar wanneer hulle weë uiteenlopend is dan loop dit uit op 'n stryd wat nadelig is vir mekaar en vir die volk in algemeen.

Ek wil nou nie skrywe nie oor die verhouding van kerk en staat, maar wel iets oor van die kerk en skool, en wys op die dringende noodsaaklikheid van samewerking.

Ons merk almeer, hoedat die openbare skool 'n mag is in die lewe, waarmee almal moet rekening hou—ook die kerk. En dis 'n feit dat die kerk vinnig grond onder die voete verloor deur die sterke invloed van die skool op ons geslag. Die skool met sy wetenskap word 'n heftige konkurrent van die kerk.

Waar die kerk vroeër die leiding gegee het daar neem die skool van liewerlee die leisels in hande om die geeste te beheers. Die skool tog staat nie meer onder die kerk of die ouers. Dit is 'n vrye selfstandige mag in die hand van die Staat. Die skool van onse dae is neutraal soos dit heet. En hierdie soort skool het die aksie vir elke andere skool byna doodgemaak; selfs in die Geref. Kerk wat 'n tyd lang so onvermoeid en hopeloos gestry het om die skool vry te maak en terug te gee aan die ouers. En op die laaste Sinode het ons feitlik die hand gegee aan die goewerment skool en besluite geneem om met die goewerment skool te werk en te kyk om enigsins 'n „modus operandi," 'n wyse van saamwerking, te verkry binne die bestaande skool en verbetering aan te bring ook wat leerboeke betref.

Wil ons dan daar binne die skool die stryd aanbind vir onse regte, goed—maar laat ons dan ook alle kragte daarbinne organiseer wat ons kan dien.

En ek dink een van die vernaamste elemente in die stryd, wat ons nog altyd om een of ander rede verby gesien het, is die skare van onderwysers(esse) wat met ons simpatiseer en wat graag sal sien dat die kerk en ouers verkry wat hulle regtens toekom in die skool, en wat self verlang dat die onderwys werklik vry sal wees in ons land—want ook sulke reggeaarde kristen onderwysers sug onder die juk van gewetensdwang.

Dat die kerk en ouers (huisgesin) skade ly en invloed verloor by die volk en opkomend geslag is nie meer 'n oop kwessie nie. Wie se oë ope is en wie weet wat aangaan in huislike en kerklike kringe sal sonder verder redenering erken dat dit gaat vinnig agteruit in die sedelike en godsdienstige lewe. Die lewe en lewensbeskouing het 'n geweldige, onmekeer ondergaan. Natuurlik dra nie alleen die skool die skuld daarvan nie. Ook die kerk en huisgesin het verslap, en het rede om die hand in die boesem te steek.

En hierdie skrywe het allermins die bedoeling om die skool te verklaar as die sondebok van al die euwels van ons tyd. Inteendeel sou daar veel kan gesê word ten gunste van die goeie betekenis en waarde van onse skole. En dit sou ondankbaar wees om veral nie die kragtige steun te erken wat die kristelike en Gereformeerde onderwysers vir ons volk doen. Die feit is egter daar dat, omdat die kerk en skool vervreem en losgeruk is van mekaar, ten slotte albei daaronder moet ly. Hulle het mekaar nodig! Die oog kan nie sê nie vir die hand: Ek het jou nie nodig nie.

Daarom het onse kerkorde ook 'n artiekel wat handel oor die kerk en skool. In art. 21 D.K.O. (oor skoolmeesters) sien ons dat die skool nie net geroep is om die kinders op te voed vir die tydelike maar ook vir die ewige lewe—nie alleen om hulle te leer lees en skryf en te ontwikkel in die kennis van tale en kunste maar ook om te onderwys in die godsaligheid en kerkleer.

En omdat sulke skole vandag ontbreek, ontbreek ook die godsaligheid en die kennis van die kerkleer so verbasend onder ons kinders. Predikante en kerkrade kan maar getuig hoe dit gaan met die jongmense wat belydenis kom aflê.

Die kerk se hande is gebind deur die mag van die skool. Hoor maar die klagtes van ouers en kinders wat almal hierop neerkom dat die skool is No. 1 en die kerk No. 2 in die lewe.

„Matriek" is geword die teëvoeter van die kerklike „aanneming." Maar daar is nog 'n bedenkliker teken, nl. dat tal van Afrikaner onderwysers onverskillig staan teenoor die kerk nieteenstaande hulle nog lidmate is van die kerk.

Veral in die laaste tyd het die nuwe rigting aangewys hoe onkerklik die stroom loop en watter koers sommige van onse hoë skole opgaan.

Onderwyskonferensies is in die laaste tyd aan toeneme, en wie is soms die toongewende woordvoerders?

Ek het een daarvan bygewoon onder 'n talryke gehoor van onderwysers en ouers. Die sprekers was manne met dokters tietels en pedagoge aan die voornaamste Normaal en Uniwersitêre inrigtinge.

Dit was griewend om te hoor hoedat die Afrikaner geleerdes 'n sedeleer verkondig wat nie alleen misdadig maar ook staatsgevaarlik is soos kinderbeperking en vrye liefde.

Die Here was uitgeskakel uit die toesprake en intellektualisme verheerlik.

En hulle het gespreek byna sonder teespraak van die gehoor. Is dit nie nodig nie dat die kristelike onderwysers, wat nie eens is met daardie rigting, hulle standpunt openlik kies en verklaar, en organiseer teen die nuwe rigting in die onderwys wêreld?

Sover ek weet is die onderwysers verenigings meer bedoel om te skerm vir die liggaam van die onderwysers, maar daar is nog geen bond gevorm om die siel van die onderwysers te beskerm teen die verderwende magte van modernisme. Hulle is 'n prooi van die ongeloofsteorieë vandat hulle instap in die kweekskool tot nadat hulle dit verlaat het.

Die meerderheid van hulle hoor nie of weet selfs nie van 'n Kristelike opvoedkunde.

En die behoud van ons kerk en volk lê ten slotte in „**goede** schoolmeesters" soos onse kerkorde dit uitdruk. Manne het ons nodig wat nie alleen onderwese is in al die wysheid van die wêreld nie, maar ook in die wysheid van bowe; manne wat geoefen is in godsaligheid en in die kennis van die waarheid.

Maar waar kry onse onderwysers(esse) die geleentheid om hulle veral in die laaste te oefen? Helaas nie in die skool waar hulle gevorm word. Daarom moet daar plan gemaak word om in die behoefte te voorsien selfs vir die onderwysers wat reeds in die diens is.

Sou dit dan nie tyd wees dat ons as kerk art. 21 D.K.O. enigsins uitvoer en ons bekommer ook oor die geestelike welvaart van onse onderwysers en probeer om toe te sien dat daar „goeie" skoolmeesters is.

Sou dit nie molik wees dat kerk en skool mekaar hieroor ontmoet, dat die professore, predikante en kerkrade met die onderwysers planne beraam om vraagstukke te behandel wat die kerk en skool so nou raak, en konferensies hou om te bespreek wat is die roeping van elkeen, om onderwysvraagstukke uit kristelike of liewer Gereformeerde standpunt te behandel? ook in te gaan op die vraag: wat gedaan kan word om die teenwoordige stelsel te hervorm sodat ook rekening gehou word met die kerklike regte van die ouers en die eis van die verbond waaronder hulle staan? die wenslikheid van 'n Kristelike Gereformeerde Normaalskool, ens.?

Daar moet toenadering kom tussen kerk en skool, en hulle moet mekaar die helpende hand reik.

Ons hou wel kerklike vergaderinge met onse gemeentes, onse kerkrade en onse diakens en ook predikantekonferensies maar ons hou nog nie vergaderings met onse onderwysers nie.

In ons kerkalmanak verskyn jaarliks 'n lys van Gereformeerde onderwysers(esse) se name maar dit is 'n bladsy wat nog nie genoeg die aandag geniet nie waarop dit reg het. Dit verskyn daar meer as 'n aanhangsel aan die end.

En tog watter kragte is nie verteenwoordig in daardie 190 (sê maar 200) geleerde broeders en susters uit onse Geref. Kerk?

Ek dink die kerk moet daardie skare opsoek en oproep om te organiseer.

Watter uitnemende manne en vroue is daar nie onder hulle nie om die voortou te neem! Ek dink maar om onse onderwysvoormanne van Potchefstroom en Pretoria vir die Transvaal en die van Bloemfontein vir O.V.S. en van Steynsburg vir K.P.

Sal die broeders nie vir ons 'n plan kan ontwerp om b.v. eers prowinsiale Geref. onderwysersbonde te stig in samewerking met die Kerk? Dit sal 'n nuwe dag wees as onse onderwysers en kerkmanne mekaar kan ontmoet. Hoe heilsaam sou net die ontmoeting en kennismaking wees. Hoe sou dit die band van saamhorigheid van onderlinge vertroue en goeie verstandhouding bewerk en versterk? Ons sal bly wees as ons onse vernaamste kerk- en skoolmanne, maar veral onse onderwysers kon hoor oor die gedagte wat hier geopper word.

Met dank vir opname,

D. P. DU PLESSIS.

Ladybrand.

---

### GEREFORMEERDE LIDMATE EN VAKUNIES.

Wel eerwaarde Heer,—Wil u so goed wees om in Die Kerkblad 'n artiekel te skryf oor wat die Geref. Kerk se standpunt moet wees teenoor die sogenaamde vakverenigings, wat geheel hulle oorsprong het van die sosialisme en dus 'n onkristelike vereniging is, waarin die gees van die anti-kris openbaar is. Dit is 'n groot beswaar in ons kerke, waar ook lidmate aan sulke Vakunies behoort. Dit beswaar al lidmate om Nagmaal te gebruik.

U br. in Kristus,

H. B. K. HERMANN.

Bus 1049, Pretoria.

---

### KENNISGEWING.

Wie se geld is dit die? Uit Thaba 'Nchu het ons 'n posorder No. 1—70 229,390 vir 10s. ontvang sonder naam of besonderhede.

## VIR DIE KINDERS.

### DIE LEEU VAN LUZERN.

In Luzern, 'n stad in Switserland, is een van die eienaardigste gedenktekens, wat daar nog ooit opgerig is.

Dit bestaan uit die figuur van 'n leeu gebeitel in 'n groot oorhangende rots bokant een van die pragtige, blou mere van Switserland.

Die teken is opgerig deur heel Switserland ter herinnering aan die Switserse garde, wat met die bestorming van die Franse Koning se Paleis, tydens die Rewolusie, trou op hulle pos gebly het, en geveg het tot die bitter einde.

Daar is 'n baie mooi verhaal omtrent die Leeu van Luzern te boek gestel deur mevr. Cather en ek wil dit graag kortliks na vertel.

Die verhaal neem ons na Kopenhagen, die hoofstad van Denemarke, die land wat aan Holland grens.

In Kopenhagen, jare gelede, was daar 'n ou man. Sy naam was Jan. Hy was al baie bejaard, sy gesig vol plooie, en sy rug krom. Sy bene was swak en bewerig, maar hy was die beste storie-verteller in die hele Kopenhagen.

Net waar ou Jan gaan was daar altyd 'n klomp kinders om hom heen.

Al was hy al lank sewentig jaar verby, was hy nie te oud om belang te stel in hulle spele en grappe, en hy was ook nooit te besig om hulle raad of hulp te gee in hulle moeilikhede.

Daarom set hy sy boek neer en gaan uit op die stoep van sy huisie, toe hy die vrolike stemme van die naderende kinders hoor.

Hulle sien hom al van ver en hardloop na hom toe. Met 'n bly glimlag verwelkom hy hulle en neem sy plek in tussen die klompie wat almal tegelyk om 'n storie vra. „'n Sprokie asseblief!" roep

een. „Nee liewer 'n storie van die see" roep 'n ander en so gaan dit aan.

Net een, 'n tengerige seun met blonde hare, sê niks. Hy staan net vir die ou man en kyk met 'n smekende uitdrukking in sy blou oë. Ou Jan merk dit, hy draai na hom en sê:

„En jy, Bertel Thorwaldsen, watter storie wil jy hoor?"

'n Mooi glimlag sprei oor Bertel se gesig en hy sê sag en beslis: „'n Jag verhaal asseblief, een uit die dae toe u nog in Indië was."

Die hele klomp kinders lag hardop.

„O, jy kon geweet het hy sou 'n storie oor diere vra" sê een van die meisies. „Hy bring al sy tyd deur met tekenings te maak van diere. As hy maar net half so veel van sy lesse geweet het as wat hy van diere weet, sou hy nie so baie straf kry in die skool nie."

„Ja," sê 'n ander seun, „hy het glad vergeet om sy Pa se ete weg te bring na die werkplek in die hawe, deurdat hy besig was om 'n tekening te maak van die Koning se perd..............en sy ouers gaan hom uit die skool haal en op die land laat werk, as hy nie beter doen nie..........."

„Ons weet dit almal Hans," antwoord die klein meisie weer, „so hoef jy dit nie weer te vertel nie. My ma sê dit sou baie jammer wees as Bertel uit die skool geneem word, want hy het waarlik talent vir tekenwerk." Bertel gee haar 'n dankbare blik, maar ou Jan maak 'n ent aan die gesprek, en met 'n vriendelike glimlag sê hy:

„Toe maar, ons weet dit alles, en ons weet Bertel is so jammer dat hy sy Pa se ete vergeet het, dat hy dit nooit weer sal doen nie. Sy Pa dink ook so en hy het my nog vandag gesê hy sal vir Bertel toelaat om hom met sy houtsny werk te help wat Bertel baie van sal hou.

Laat ons nou oor iets anders praat."

Die kinders skik hulle om hom heen om na die storie te luister.

Dit was 'n storie van 'n leeu jag in Indië, wat ou Jan in sy jong dae meegemaak het. Die ou man leef so terug in die dae dat hy hulle met sy woorde meevoer na die wilde woud, en dit is asof hulle die tropiese lug voel, die donker bome en bosse sien en die gebrul van die leeus hoor.

Bertel sit al nader en sy oë glinster as die ou man die oomblik beskrywe toe die jagters op die leeu afkom—'n pragtige dier, die koning van die woud.

„'n Werpspies word op die leeu afgeskiet en dit tref die dier vlak in die bors," sê die ou man—„die leeuwin met die twee kleintjies was net 'n entjie verder en toe die spies die leeu tref, spring hy vorentoe, met 'n uitdagende blik in sy oë, asof hy wil sê:

„Julle sal hulle nie seer maak nie, of julle sal my eers moet doodmaak." En van die dag dink ek aan 'n leeu, nie as 'n wilde dier van die woud nie, maar as een wat alles wat hom dierbaar is, met sy lewe beskerm," eindig ou Jan.

Bertel het baie oor die storie nagedink en altyd daarna, as hy manne hoor praat van dapperheid, dan sien hy die Indiese leeu, gewond, met die spies in sy bors, wat nog op die laaste die jagters uitdaag om die leeuwin met die kleintjies aan te raak.

En baie keer as hy by ou Jan kom het hy hom gevra om hom nogeens die storie te vertel.

Eendag het iemand die tekenwerk van Bertel gesien en opgemerk hoeveel talent hy het. Sy vader word toe omgepraat om hom na 'n kunsskool te stuur.

Toe moes hy hard werk en leer en daar was nie meer kans vir besoeke om stories te hoor. Maar, selfs later toe ou Jan dood is, het Bertel nog altyd teruggedink aan die stories veral dié van die gewonde leeu.

Jare het verby gegaan en altyd deur het Bertel hom toe gelê op sy teken- en boetseerwerk. Allerhande pragtige beelde en figure het hy uit klei gemaak in die hoop dat hy eendag dit in marmer sou kon uitvoer. Marmer was duur en hy was brandarm. Sy klei figure het al later beginne verbrokkel—en daar was geen kans om marmer te koop nie. Bertel wou net moedeloos word, toe 'n ryk man toevallig sy werk sien en hom 'n bestelling gee vir 'n groot marmer beeld. Bertel was tog te verheug met die uitkoms. Toe die marmer beeld klaar is en anders dit sien was Bertel gou, gou 'n beroemde man. Bestellings het van al kante ingekom en dit was nie lank nie of Bertel was die mees geroemde beeldhouer van Europa. Dit was omtrent die tyd toe Switserland die idee gekry het om 'n gedinkteken op te rig ter herinnering aan die Switserse garde, wat in Frankryk die heldedood gesterwe het.

Generaal Plyffer von Altishofen, 'n offisier van die garde, wat ontkom het, het toe in Luzern gewoon en dit was sy idee om die gedenkteken aan sy gesneuwelde medestryders op te rig.

Dit moes 'n buitengewone gedinkteken wees, het die Switserse volk gesê—en van oral het bydraes ingestroom.

„Maar wie sal dit maak?" word gevra.

„Wie anders as Thorwaldsen " kom die antwoord van alle kante.

En so kom dit dat Bertel Thorwaldsen ontbied word na die mooie Switserland met sy wit sneeuberge, en donkerblou mere. Maar hy het 'n moeilike taak voor gehad.

Hoe sou hy 'n geskikte ontwerp kry wat so 'n heldedaad in die geskiedenis van die Switserse volk waardig sou wees?

Dit m o e t iets buitengewoons, iets merkwaardigs wees.

Een tekening na die ander wat hy gemaak het gooi hy opsy omdat dit nie na sy sin is nie.

Toe, een nag lê hy en dink—die wind het die water van die meer op laat bruis en spat en dit herinner hom aan die see om die kus van sy geliefde Denemarken. En met die herinnering kom die gedagte aan ou Jan se verhaal.

„Staande met die spies in sy bors" het ou Jan gesê, „daag hy nog die jagters uit om die leeuin met die kleintjies aan te raak."

Wat kan meer toepaslig wees as dit, dink hy. En die volgende dag lê hy sy ontwerp voor—'n gewonde leeu wat die wapen van Frankryk beskerm—'n buitengewone idee waardig so 'n gedenkteken. Die Switserse volk was verheug met die ontwerp.

En daar in die graniet rots in die tuin van die ou generaal, bo die blou meer, word die pragtige beeld uitgekap van Die Leeu van Luzern.

Die dag met die onthulling was daar 'n nasionale vakansie uitgeroep. Van orals en alom het die mense in hulle duisende gestroom en almal het die Deense beeldhouer geroem vir die pragtige idee. Maar niemand het die geheim van sy inspirasie geweet nie.

Baie jare later, toe hy een aand met sy geliefde vriend en landgenoot, Hans Andersen, die groot kindervriend, vir 'n wandeling gegaan het, vertel Thorwaldsen hom die storie van ou Jan se jagverhaal.

„Ek was maar 'n kind toe ek dit gehoor het," sê hy—„maar ek sal dit nooit vergeet nie."

Die gewonde leeu van ou Jan se verhaal was die inspirasie vir die wonderlike beeldhouwerk, wat deur die hele wêreld bekend is as die „Leeu van Luzern."

RIKIE POSTMA.

Bloemfontein.

---

## „WEDERVERGELDING."

Als ons dink aan die hulpeloosheid, waarin kinders in die wereld kom, en waarin hulle die eerste lewensjaar deurbring.

Als ons dink aan die ontvangs van die kinders, als 'n erfdeel des Heren, deur die ouers. Hoe dat maande van te vore al vir hulle koms toebereidsels gemaak word.

Hoe hulle by hul geboorte opgeneem word, verpleeg en liefderik versorg word.

Hoe hulle hul daelikse voedsel op tyd ontvang en van die beste kleertjies voorsien, wat die beursie kan verskaf.

Dat daar by hulle siekbedjies gewaak en vir hulle gebid word.

Dan waarlik sou mens verwag, dat, wanneer hulle effentjies tot hulle verstandjies sal gekom het, hulle ongeveinsde gehoorsaamheid en opregte liefde aan die ouers sou bewys, als 'n klein blyk van wedervergelding vir hulle liefde en sorg.

Als 'n mens verder bedink, hoe dat die ganse toekoms van kinders geskep word deur die opvoeding van die ouers in die huis, en dat aan hulle toekomstige loopbaan stuur en rigting gegee word deur die atmosferiese invloede, wat op hulle inwerk deur die omgewing, waarin die ouers self woon, of hulle kinders in bring of heen stuur.

Als ons weet watter moeite en koste ouers soms aan die dag lê, om die kinders in geskikte skole te plaas en te hou.

Weet ook dat ouers menigmaal spaarsaam, ja karig, moet lewe, om vir hulle kinders 'n selfstandige bestaan te verseker in die vorm van 'n professie, 'n ambag, 'n woning, 'n stuk grond, trekdiere, gereedskap, ens.

Dan, seker, sou mens verwag, dat die kinders dit sal insien en erkentelik wees deur dubbel dankbaarheid te betoon.

En wanneer hulle eenmaal op die been is, en in goeie doen, ja welaf is, als 'n gevolg van die bemoeiing van die ouers, hulle hul dan nooit sal verstel teenoor die ouers nie, maar hul hoed sal kom afhaal vir die ouers, en hulle bedank vir die opvoeding, vir die bestaansmiddels aan hulle uit liefde, **gratis,** geskink.

Maar dit is nog nie genoeg nie, wanneer die ouers oud sal geword het, en misskien verarm en sonder lewensmiddel moet heen tob en sukkel, dan is dit elke selfrespekterende, gelowige kind se dure plig om sy ouers by hom in te neem, of vir hulle 'n woning te verskaf en kos en klere te gee, ja **alles** wat hulle nodig het.

En dit alles moet doen uit liefde en eerbied, als 'n kleine blyk van wedervergelding.

Kinders moet nooit toelaat, dat hulle ouers op die algemene publiek se genade sal gegooi word nie deur met 'n kollektelys rond te gaan, wat 'n oneer is vir die kinders, en vir die kerk.

Kinders moet nooit toelaat, dat hulle ouers afhankelik sal wees van die armbeurs, solang hulle nog gesond is en die ouers kan onderhou.

'n Mens sou verwag, dat kinders, aan wie soveel gedaan is deur hulle dierbare ouers, 'n ontwaakte pligsbesef sal hê, en dit vir die ouers op die oue dag so aangenaam en gerieflik moontlik sal maak.

Nog te meer waar die vader bev. weggeval het en die moeder weduwee is, en hulpeloos en reddeloos is.

In hierdie geval kan baie kinders lesse en vermaninge leer uit I Tim. 5.

Kinders wat arme ouers het of weduwee moeders lees tog I Tim. 5 weer oor!

Wat leer die praktyk van die lewe ons nou oor hierdie saak van die wedervergelding van kinders aan hulle ouers in sommige gevalle?

Ondergetekende het met huisbesoek 'n punt daarvan gemaak, om aan arme ouers te vra, wat hulle kinders, wat in 'n posiesie is, aan die ouers doen by wyse van wedervergelding.

Dan kom soms die droewigste klagtes.

In 'n paar gevalle, ook in my vroeër gemeentes, het ouers getuig, dat die Magistraat die seuns **verplig** om elke maand 'n som te stuur tot onderhoud van die ouers.

In een geval het 'n moeder, wat seer behoeftig is, getuig, dat sy in baie jare nie van haar seun gehoor het nie, en dat hy nie eers meer aan die oue moeder, 'n eie moeder, 'n brief skrywe nie, nog minder aan haar 'n klein wedervergelding doen.

Is dit nie gebrek aan liefde en eerbied nie? Is dit nie 'n gebrek aan besef van die plig van wedervergelding nie?

Is dit nie 'n vergeet van haar, wat by sy siekbed gewaak het en vir hom gebid het nie?

Dit is sonde teen die vyfde gebod: Eer u vader en u moeder.

Dat iemand kan nalatig wees om in die armbeurs iets te werp vir weduwees en wese is al erg genoeg, maar dat 'n kind sy ouers **vergeet** is seker ten strengste afkeurenswaardig.

Iets wat nooit kon verdedig word nie met Gods Woord in die hand. Kinders, jonge broers en susters, dink oor hierdie saak ernstig na.

A. H. VAN DER WALT.

Heidelberg, 27/1/26.

---

KENNISGEWING.

**BEVESTIGING DS. G. H. J. KRUGER.**

Namens die Kor. Gemeente van die O.V.S. wil die ondergetekende hiermee kennis gee dat Ds. G. H. J KRUGER behoorlik bevestig is volgens art. 4 K.O. as Herder en Leraar van die Geref. Gemeente, Vredefort, op 23 Januarie 1926.

C. W. M. DU TOIT,
Voorsitter, Kor. Gemeente, O.V.S.

Bloemfontein, 13 Februarie, 1926.

**VERLOWING.**

COETZER—PRETORIUS.—Pieter Coetzer, oudste seun van mnr. en mevr. J. J. Coetzer, Plaatjesfontein, Reddersburg, en Annie Pretorius, jongste dogter van mnr. en mevr. P. J. S. Pretorius, Bethulie, wens aan hulle familiebetrekkinge en vriende bekend te maak dat hulle verloof is.

**VERLOWING.**

PIENAAR EN COETSEE.—Hiermee maak Danie Pienaar, Roosterhoek, distrik Venterstad en mej. Bettie Coetsee, Winnaarsbaken, distrik Burgersdorp, aan familie en vriende bekend dat hulle verloof is.

**GEBOORTEBERIG.**

VISSER.—Van die Here ontvang op 2 Februarie, 1926, 'n lieflike dogtertjie.

Die dankbare ouers,

H. J. VISSER,
F. J. S. VISSER.

272 Theronstraat, De Aar.

**GEBOORTEBERIG.**

KRUGER.—Na 'n egverbintenis van drie jaar en een maand en 'n half, het die Here ons geseën met 'n welgeskape dogtertjie, op die 12de Februarie.

Die dankbare ouers,

J. C. KRUGER, en
J. A. KRUGER.

**GEBOORTEBERIG.**

REINECKE.—Aan mnr. en mevr. D. J. Reinecke, Goedehoop Skool, Petrusburg, is op 9 Februarie 'n flinke dogter gebore. Moeder en dogter wel.

**GEBOORTEBERIG.**

Op 31 Januarie van die Here ontvang oulike klein Lettie.

Die dankbare ouers,

MARIA en JAN V. COETZEE.

Potchefstroom.

**DOODBERIG.**

VENTER.—Ek maak met droefheid bekend die dood van my dierbare eggenoot

**CHRISTIAAN WILLEM ADRIAAN VENTER,**

slegs 40 jare.

Hy het nege maande 'n sware senuwee-stryd gehad, en daarby 'n onbeskryflike lyding in sy harsens. Op 18 Desember, 1925 het hy hom opgehang. Die wil van die Here moet geskied.

Die treurende eggenote,

N. J. S. VENTER (Geb. Coetsee).
Kindertjies:
C. W. A. VENTER.
HANSIE VENTER.
JOHANNES VENTER.

Ventersburg.

**DOODBERICHT.**

Heden overleed, in de hope des eeuwigen levens, onze geliefde Dochter, Zuster, Behuwdzuster en Tante,

**GEERTRUIDA VAN DER MARK,**

in die ouderdom van 47 jaar. Uit aller naam,

C. VAN DER MARK, Sr.

Pretoria, De Kockstraat 393,
31 Januarie 1926.

**DOODBERIG.**

Aan bloedverwante en vriende word bekend gemaak dat die Here op 29ste Januarie, 1926 deur die dood van ons weggeneem het, ons geliefde Dogter,

**ELSIE ISABELLA JACOBA VENTER,**

in die ouderdom van 17 jaar, 10 maande en 21 dae.

Sy was 'n lydster haar hele lewe lang. Sy was stom, en lam, en kon nooit praat, of loop in haar hele lewe hier.

Die bedroefde vader en moeder,

G. J. VENTER,
E. I. J. VENTER,
en kinders.

**TE KOOP.**

**GASLIGTE VIR DIE KERK.**

Die kerkraad, Geref. Gemeente Ladybrand, wens die teenwoordige gaslig in die Kerk te vervang met elektriese lig van die Stadsraad, en bied aan te koop die Gaslig-installasie vir **baie billike** terme.

Alle informasie is verkrybaar by ondergetekende,

D. P. DU PLESSIS, Voorsitter.

Bus 88, Ladybrand.

# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 135 Langmarkstraat, Kaapstad (Friedlandsgebou, 1ste vloer), Drapeerster, Kompleet uitruster Damesklere en -Hoede, of enig Damesbenodighede, Hoede- en Dresmaakster. Aand- en Troutabberds 'n spesialiteit. Persoonlike toesig.

**TABAK.**

EERSTEKLAS KWALITEIT.

**10 pond 12s. 6d.; 20 pond 22s. 6d.; 30 pond 31s.; 50 pond of meer 1s. per pond. Kontant of K.O.A. gelewer op my stasie.**

**Skryf aan J. M. ROETS,**

**P.K. Boschhoek, Rustenburg, Tvl**

**BYLAAG.**

**Notule van die Eerste Prowinsiale Sinode van die Geref. Kerke in Transvaal, in sitting te Pretoria op 16 Jan. 1926, en volgende dae.**

Art. 1.

Ds. D. Rumpff open die vergadering om 8 uur n.m. deur te laat sing Ps. 84:6 en gebed. SyEerw. lees Ps. 84 en spreek die Eerw. Vergadering heel kort toe. Daarna heet hy die afgevaardigdes welkom en spreek die wens uit dat hulle 'n aangename tyd hier mag deurbring.

Art. 2.

Die presensielys word gelees.

Teenwoordig uit die verskillende Klasse is:

Klassis Pretoria:

Pretoria, Ds. D. Rumpff, primus; Oud. H. B. K. Herman, primus.

Heidelberg, Ds. N. H. van der Walt, primus.

Bethal, Oud. J. J. Booysen, primus.

Volksrust, —.

Johannesburg, Ds. M. Postma, primus.

Germiston, Dr. P. J. S. de Klerk, primus.

Johannesburg Oos, Ds. T. Spoelstra, primus.

Standerton, Oud. L. van der Berg, primus.

Johannesburg Noord, Oud. N. J. van der Walt, primus.

Klassis Potchefstroom:

Potchefstroom, Ds. I. D. Kruger, primus; Oud. S. J. G. Yssel, primus.

Lichtenburg, Oud. E. A. Venter, primus.

Krugersdorp, Ds. L. F. Vorster, primus; Oud. T. Erasmus, primus.

Wolmaransstad, Oud. P. J. Venter, primus.

Schweizer Reneke, Oud. L. J. Fouche, primus.

Christiana, Oud. F. S. P. Boshoff, primus.

Zwartruggens, Ds. B. J. de Klerk, primus.

Zeerust, Oud. J. P. L. Snyman, primus.

Sannieshof, Oud. F. R. P. de Bruyn (spesiaal).

Klassis Rustenburg.

Rustenburg, Ds. D. N. Kotze, primus; Oud. C. J. H. du Plessis, primus.

Waterberg, Ds. H. J. Venter, primus; Oud. A. Flomp, primus.

Krokodilrivier, Oud. J. A. du Plessis, primus.

Koster, Oud. J. Robbertse, primus; Oud. T. A. van Wyk, primus.

Matlabas, Oud. P. B. Erasmus, sekundus.

Die Moot, Oud. J. D. Potgieter, primus.

Pietersburg, Ds. H. Ph. J. Pasch, primus.

Klassis Middelburg:

Middelburg, Oud. J. J. H. Opperman, primus.

Lydenburg, Oud. G. Stevens, sekundus.

Piet Retief, Oud. J. Coetzee, primus.

Erasmus, Ds. H. J. R. du Plessis, primus

Belfast, Oud. J. Lugtenburg, primus.

Carolina, Oud. T. N. van der Walt, primus.

Ermelo, Oud. J. Piekaar, primus.

Vryheid, Oud. F. Potgieter, primus.

Faulpietersburg, Oud. C. T. Labuschagne, primus.

Roossenekal, —.

Art. 3.

Afwesig met opening die Deputate van Krugersdorp (Ds. Vorster), Waterberg (Ds. H. Venter), Roossenekal, Pietersburg en Johannesburg Noord en kworum is aanwesig, en die Vergadering gaan oor tot die kies van 'n Buro, wat as volg saamgestel word:

Voorsitter, Ds. N. H. van der Walt.

Onder-voorsitter, Ds. D. Rumpff.

Skrieba, Dr. P. J. S. de Klerk.

Adj. Skrieba, Ds. B. J. de Klerk.

Die Boru neem hul plekke in, en die Voorsitter bedank namens die Buro vir die vertroue in hulle gestel.

Hierna versoek die Voorsitter Ds. I. D. Kruger om met 'n predikasie op te tree.

SyEerw. lees 'n gedeelte van Matt. 4 en spreek 'n ernstige woord naar aanleiding van Matt. 4:23. Sy Eerw. wys veral op Jesus, m.n. op Sy arbeidsveld en op Sy arbeid self. Die arbeidsveld is Noordelike Galilea, 'n onontwikkelde gebied, waar die Heiland na Sy verwerping deur Jerusalem ongeveer 'n jaar vertoef het. Opmerklik is dit dat Hy Hom tot die kleines en geringes wend. Wat moet ons kultuurwese daaruit leer? Ons wat dikwels te geleerd is vir die eenvoudige Jesus van Nasaret! Sy arbeid self het bestaan in woord en daad; in leer, prediking en liggaamlike genesing van alle soort siektes en kwale. Hy het as grote Profeet die **verstand** van die sondaar bearbei; as ewige Koning ons **wil** met Sy gesaghebbende prediking, wat onderwerping eis, en as enigste medelydende Hoëpriester ons **gevoelslewe** diep aangeraak deur genesing van siektes ens. In alles dus 'n kompetente Middelaar, Heelmeester, die Spesialis by uitnemendheid vir wie niks te moeilik was. En tog word deur ons geslag so smadelik verag, ook deur die ontwikkeldes van ons volk. Mag ons tog besef wat 'n ryk Heiland ons bely.

Art. 4.

Ds. I. D. Kruger sluit deur te laat sing Ps. 68:10 en dankgebed.

MAANDAGMORE.

**Art. 5.**

Die Voorsitter, Ds. N. H. van der Walt, lees Ps. 121, 122, en laat sing Ps. 123:1 en versoek Ds. H. Pasch voor te gaan in gebed.

Art. 6.

Die Voorsitter lees die Openlike Verklaring, en die Vergadering betuig hul instemming daarmee deur op te staan. In die Vergadering is nog aanwesig: Ds. H. Pasch, Ds. L. F. Vorster, Ds. H. Venter.

Art. 7.

Van Sannieshof is aanwesig as elfde afgevaardigde van die Klassis Potchefstroom, Oud. F. de Bruyn. Onder bespreking of die Broeder keurstem sal kry.

Voorstel (1) Dr. P. J. S. de Klerk—Ds. H. J. Venter: Ons gee die Broeder alleen adviserende stem.

Voorstel (2) Ds. H. Pasch—Oud. L. J. Fouche: Ons gee die Broeder keurstem.

Voorstel (1) met meerderheid aangeneem.

Art. 8.

Onder bespreking publikasie van Notule.

Voorstel: Oud. J. Lugtenburg—Oud. J. J. Opperman: Ons publiseer die Notule in **Die Kerkblad.** Algemeen aangeneem. Die Skrieba word versoek die Notule persklaar te maak.

Art. 9.

Oud. H. Herman bring onder die aandag van die Vergadering dat niemand van die Teol. Professore hier aanwesig is. Hy stel voor dat 'n skrywe sal gerig word aan die Professore en hulle te vra volgende Vergadering aanwesig te wees. Algemeen aangeneem.

Art. 10.

Besluit word dat die moresittings van 8.30 tot 12 uur sal wees en die middagsittings van 3 tot 6.30.

Art. 11.

Notule van Saterdagaand gelees en goedgekeur. Ds. L. P. Vorster maak die opmerking dat voor die naam van elke afgevaardigde sal genoem word van watter Klassis hy is.

Art. 12.

Die Buro word opgedra om 'n reëlingskommissie te benoem. Deur die Voorsitter word die volgende lede benoem: Ds. L. P. Vorster, Ds. I. D. Kruger en Oud. H. Herman.

Art. 13.

Beskrywingspunte I en V van Klassis Pretoria in behandeling.

Punt I nl. waar moet nou aansoek gedoen word uit die Kas van Hulpbehoewende Gemeentes?

Punt V—nl. dat elke Klassis sy eie kas vir hierdie fonds sal hou.

Na enige bespreking kom die volgende voorstel in: „Die Kas vir Behoeftige Gemeentes kom by die Prowinsiale Sinode, en die hulpbehoewende gemeentes vra deur die Klassis ondersteuning by die Prow. Sinode. —Oud. J. Lugtenburg en Oud. J. A. du Plessis. Algemeen aangeneem.

In verband met hierdie uitdeling nou kom die volgende voorstel in: „'n Kommissie word nou hier benoem by wie aansoek gedoen moet word, en die Kommissie doen dan 'n toewysing aan die verskillende Klasses deur wie dan uitbetalinge sal geskied. Hierdie Kommissie sal ook die kasboeke nasien". Voorstel Ds. D. N. Kotze en Oud. C. J. H. du Plessis. Algemeen aangeneem.

Die Kommissie word as volg benoem: Di. H. J. R. du PPlessis (konwener), H. J. Venter, B. J. de Klerk en T. Spoelstra.

Art. 14.

Punt II van Klassis Pretoria re voorsiening van koop en verkoop van grond in D. K. O. word terug verwys.

Art. 15.

In bespreking beskrywingspunt 4 van Klassis Pretoria re kombinasie van Heidelberg en Standerton. Oud. L. van der Berg lig die besware van Standerton toe. Heidelberg meen hy het die kombinasie verbreek deur alleen te beroep en Standerton geen geleentheid te gee, hoewel Standerton dit geëis het. Dr. de Klerk as gewese konsulent van Standerton en Heidelberg lig verder toe, en deel mee dat hy na die mislukking van die kombinasie bedank het as konsulent van Standerton. Na verdere bespreking kom die volgende voorstelle in: (1) Oud. J. A. du Plessis en Oud. J. Lugtenburg. „Die Prow. Sinode betreur die onvolkome beskrewe ooreenkoms tussen Heidelberg en Standerton, maar adviseer Standerton tot samewerking met Heidelberg."

(2) Ds. N. H. van der Walt en Ds. I. D. Kruger: „Die Prow. Sinode stap af van die punt.' '

(3) Ds. L. P. Vorster en Ds D. N. Kotze: „Die Prow. Sinode keur die handelswyse van Heidelberg af om alleen oor te gaan tot beroeping, terwyl daar geen stipulasie in die ooreenkoms was dat Heidelberg alleen in naam van andere gekombineerde gemeentes kan beroep. Tog meen die Vergadering dat by skulderkenning van Heidelberg van sy fout. dit wenslik sal wees dat die gemeentes sal saamwerk, en benoem 'n kommissie om te sien die saak in orde te kry of ander reëling te tref."

Voorstel (3) met meerderheid van stemme aangeneem. Ds. N. H. van der Walt gee kennis dat hy in die minderheid gestem het.

Art. 16.

Re punt V (laaste gedeelte) van beskrywingspunte van Klassis Pretoria, dat die nodige veranderings sal aangebring word in die besluite van die Algemene Vergadering wat deur die Klassikale indeling verval, word besluit om 'n kommissie te benoem om aan die versoek uitvoering te gee, waarna die konsep so gou moontlik op verskillende klasses vir bespreking en oorweging sal gestuur word, sodat die volgende Prow. Sinode wat daaroor finaal sal beslis op die hoogte mag wees. Voorstel Ds. I. D. Kruger en Oud. T. A. van Wyk. Algemeen aangeneem.

Art. 17.

Die Skrieba, Dr. P. J. S. de Klerk sluit deur te laat sing van Ps. 89:7 en gebed.

MAANDAGMIDDAG.

Art. 18.

Oud. T. Erasmus open deur te laat sing van Ps 89:8 en gebed.

Art. 19.

Die afgevaardigde van Johannesburg Noord is nou aanwesig as sekundus, nl. Oud. N. J. van der Walt. Hy betuig sy instemming met die Openlike Verklaring deur op te staan.

Art. 20.

As Kommissie vir die reëling van die kombinasie van Heidelberg en Standerton (kyk art. 15) word benoem die predikante van Krugersdorp en Potchefstroom.

As Kommissie vir nodige verandering van die besluite van die Algemene Vergadering wat nou met die Klassikale indeling verval, word benoem: Ds. H. J. R. du Plessis, Ds. T. Spoelstra en Oud. J. Lugtenburg.

Art. 21.

Die Reëlingskommissie doen verslag en beveel aan dat die volgende kommissies sal benoem word om die werk te bespoed: (1) en (2) Kommissie vir die reëling van punte **b** en **c** van ingekome stukke, nl. van grensreëling tussen Erasmus en Heidelberg, en briewe in verband met Ds. T. N. Venter wat nou te Pretoria woonagtig is.

Hierdie kommissie bestaan uit: Vir **b** nl. grensreëling: Oudl. J. Booysen, H. Herman en Ds. B. J. de Klerk.

Vir **c** nl. briewe van Ds. Venter: Ds. M. Postma, Oud. J. A. du Plessis en Ds. T. Spoelstra.

(3) Kommissie vir stukke **k** en **l** nl. brief oor houding van korrespondenderende kerkraad van Potchefstroom en korrespondensie tussen die kerkrade van Krugersdorp en Zwartruggens. As kommissie vir hierdie twee sake is benoem: Di. D. Rumpff, H Venter en Oud. L. van der Berg.

Art. 22.

Art. 59 van die vorige jaar se Notule word gelees en behandel, re onderwyskommissie. Ds. L. P. Vorster dien sy rapport in en gee verslag dat daar nie veel kans is vir samewerking met die ander Hollandse Kerke in ons land re christelike onderwys en vrye chr. skole. In verband hiermee word ook die volgende beskrywingspunt van Rustenburg behandel: „Die Eerw. Prow. Sinode probeer om weer samewerking tussen die kerke in die Unie te kry om die groepstelsel, wat behandel is op kerklike onderwyskongresse van Bloem-

fontein en Pretoria, op onderwysgebied ingevoer te kry in ons land." Ds. Kotze lig die punt toe. Algemeen word gevoel dat ons nie mag swyg nie maar aanhou om te getuie en om samewerking te soek. Na verdere bespreking kom die volgende voorstelle in: (1) Ds. D. N. Kotze en Ds. I. D. Kruger: „Hierdie Verg. besluit om 'n Kommissie te benoem om die Sinodes of Sinodale Kommissies van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal en van die Ned. Herv. Kerk te ontmoet, en toe te spreek oor hierdie saak, en stuur 'n beskrywingspunt naar die e.k. Sinode van ons Geref. Kerke om op die wyse samewerking tussen die Hollandse Kerke van die Unie te verkry."

(2) Oud. J. Lugtenburg en Oud. J. Piekaar: „Die Prow. Sinode dring by ons Geref. Gemeentes daarop aan om met kristelike onderwys te begin."

Voorstel (1) met meerderheid aangeneem.

Art. 23.

Arts. 60 en 63 van vorige jaar se Notule bly oorstaan tot later as die sendingsaak behandel word.

Art. 24.

Art. 67 van vorige Notule re Klassis-indeling en afvaardiging in behandeling. Hiervoor word 'n kommissie benoem om nog tydens die Vergadering rapport uit te bring. As kommissie benoem: Ds. H. J. R. du Plessis, Ds. D. N. Kotze en Oud. G. Stevens.

Art. 25.

As onderwyskommissie (kyk art. 22) word benoem: Di. I. D. Kruger, D. N. Kotze en Oud. M Vaandrager. Ds. Kruger konwener

Art. 26.

Rapport insake besoek van Ds. D. N. Kotze aan gemeentes Lusaka en Enkeldoorn. Die rapport word gelees, asook gemeenteverslae volgens art. 41 D.K.O Ds. Kotze word deur die Voorsitter bedank vir sy dienste aldaar. Die kommissie vir Klassikale indeling sal ook toesien hoe Lusaka en Enkeldoorn onder die Klassis-indeling kan inkom.

Art. 27.

Rapport oor Hospitale, Gevangenis, ens. van Pretoria gelees, en met dank kennis daarvan geneem. Voortaan sal die rapport voor die Klassis Pretoria kom, en alleen wat die Klassis daaruit belangrik ag sal naar die Prow. Sinode deurgestuur word.

Art. 28.

Punt **f** van die ingekome stukke re belydenisaflegging van 'n dooplid wat onder kerklike behandeling is te Matlabas, word naar 'n kommissie verwys. As Kommissie word benoem: Ds. P. J. S. de Klerk (Konwener), Oudll. J. J. H. Opperman en J. Robbertse.

Art. 29.

Sensuursaak.

Art. 30.

Punt **h** van ingekome stukke re herstel van Br. J. C. van der Walt. Verneem word dat Ermelo 'n spesiale afgevaardigde stuur om hul standpunt te kom toelig teen die besluit van die Klassis van Middelburg in. Na bespreking kom die volgende voorstel in: Die Prow. Sinode besluit om nie te wag vir die spesiale afgevaardigde van Ermelo, maar om met die saak van herstel van Br. J. C. van der Walt voort te gaan. Ds. T. Spoelstra en Oud. N. J. van der Walt. Met alg. stemme aangeneem.

Die Vergadering gaan oor in Komitee en die Voorsitter lees die nodige stukke van Br. J. C. van der Walt voor, waarin hy ernstig berou doen vir die stap wat hy gedaan het deur sy amp neer te lê, en dringend versoek om herstel.

Art. 31.

Ds. H. J. Venter sluit deur te laat sing Ps. 138 : 4 en gebed.

Art. 32

DINSDAGMORE.

Op versoek van die Voorsitter lees Ds. Rumpff voor Ps. 121 en open Ds. I. D. Kruger deur te laat sing Ps. 121:1 en gebed.

Art. 33

Notule van vorige dag gelees en goedgekeur.

Art. 34.

Ds. L. F. Vorster, gesek. deur Oud. T. Erasmus versoek „dat ook die saak van dogmaties onderwys (kyk terug art. 22) naar die Kommissie benoem in art. 25 verwys word." Algemeen aangeneem.

Art. 35.

Ds. I. D. Kruger bring onder die aandag van die Vergadering die saak van Kristelik Hoër Onderwys re aksie van die P.U.K. om die sog. gewetensklousule uit die Hoër Onderwyswet verwyder te kry.

Hy stel voor, gesek. deur Oud. S. J. G. Yssel: „Die Prow. Sinode van die Geref. Kerke van Transvaal, vergader te Pretoria, het met blydskap kennis geneem van die geadverteerde wysigingswet, waarin voorgestel word om die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege te verhef tot 'n instelling vir Kristelik Hoër Onderwys. Die Prow. Sinode wens hiermee 'n beroep te doen op die Ed. Ministers, insonderheid die Miniser van Onderwys, en Volksraadslede om hierdie wetsontwerp hul volkome ondersteuning te gee, en verklaar dat hy die dag met gejuig sal begroet wanneer al die Uniwersiteite en Kolleges verklaarde instellinge vir die Kristelike Wetenskap sal wees."

Met algemene stemme aangeneem.

Ds. D. Rumpff en Ds. I. D. Kruger stel voor „dat hierdie voorstel telegrafies gestuur word aan die Eerste Minister en die Minister van Onderwys. Verder dat die voorstel vertaal word in Engels ook gestuur word aan alle lede van die Parlement. Algemeen aangeneem.

Art. 36.

Weer in bespreking die saak van die herstel van Br. J. C. van der Walt Na breedvoerige bespreking kom die volgende voorstelle in:

(1) Ds. L. P. Vorster en Ds. B. J. de Klerk: „Die Prow. Sinode verwys die saak terug naar die Klassis van Middelburg, en raai die afgevaardigde van Piet Retief aan sy Kerkraad te adviseer hom met die saak in sy brief vervat te wend tot die Klassis van Middelburg of enig ander Klassis, waar die saak aanhangig gemaak word. Die Prow. Sinode benoem verder volgens D.K.O. drie deputate om die Klassis van Middelburg van advies te dien. Word die saak deur enig ander Klassis opnuut aanhangig gemaak, dan sal die Deputate sodanige Klassis van advies dien."

(2) Ds. H. J. Venter en Oud. A. Plomp: „Nadat die Eerw. Prow. Sinode die ingekome stukke insake Br. J. C. van der Walt ondersoek en breedvoerig bespreek het, besluit die Prow. Sinode dat hy oortuig is, dat die tyd nog nie aangebreek het nie om Br. J. C. van der Walt weer in die bediening op te neem omdat die Br. nog nie met seën in die Kerk sal kan dien nie."

Voorstel (1) met grote meerderheid aangeneem.

Art. 37.

In behandeling punt 1 van die ingekome stukke re korrespondensie tussen die Kerkrade van Krugersdorp en Zwartruggens. Ds. H. J. Venter rapporteer namens die Kommissie daarvoor aangestel. Na bespreking kom die volgende voorstelle in:—

(1) Ds. H. Pasch en ds. D. N. Kotze:

„Omdat hierdie saak volgens Art. 30 D.K.O. by die Klassis tuishoort, word die Kerkraad van Krugersdorp verwys na die Klassis van Potchefstroom."

(2) Ds. I. D. Kruger en oud. S. J. G. Yssel:

„Die Eerw. Prow. Sinode neem die rapport van die Kommissie oor die saak tussen die Kerkrade van Krugersdorp en Zwartruggens met dank aan, maar wys tegelyk op handhawing van Art. 30 D.K.O."

Voorstel (1) met meerderheid aangeneem.

Art. 38.

In behandeling kom die sendingsaak.

Dr. P. J. S. de Klerk lees as Prow. Sendingsdeputaat die sendingsverslag oor die afgelope jaar voor.

Art. 39.

Oud. H. Herman sluit deur te laat sing Ps. 119 : 1 en dankgebed.

DINSDAGMIDDAG.

Art. 40.

Oud. J. Lugtenburg open deur te laat sing Ps. 143 : 10 en gebed.

Art. 41.

Die Sendingsrapport word verder bespreek.

Die Finansiële Verslag word voorgelees en kom in bespreking. Oor die raming word gespreek, ook na aanleiding van die beskrywingspunt (3) van Klassis Pretoria, nl. dat die Prow. Sinode 'n meer doelmatige raming sal maak vir die bydrae van ons gemeentes in Transvaal vir die sending.

Na bespreking kom die volgende voorstelle in:

(1) Ds. L. P. Vorster en oud. N. van der Walt:

„Die raming deur die Prow. Sendingsdeputate ingedien word goedgekeur en vanaf begin 1925 in werking te tree, en die Prow. Sinode dra aan die Deputate op om 'n skrywe aan elke gemeente te rig en te vra om aan die raming te voldoen."

(2) Oud. Lugtenburg en oud. J. du Plessis:

„Selfde as bo met toevoeging om 1925 te verander in 1926.

Voorstel (1) met grote meerderheid aangeneem.

Art. 42.

Beskrywingspunt van Kerkraad Middelburg, nl.: „Die Prow. Sinode besluit dat die sendingsaak-reëling weer in hersiening sal geneem word, sodat dit sal wees soos dit vroeër was, en nie ons leraars oor en weer die Evangelie te bedien, soos dit nou die gewoonte gaan word, want dit veroorsaak verdeeldheid in die gemeentes omdat dit die gemoedere verontrus."

Die Sinodale Besluite word hieromtrent gelees, waarop ernstige bespreking volg. Vele Broeders is bang vir gelykstelling. Die volgende voorstelle kom in:

(1) Oud T. Erasmus en Oud. J. J. Opperman:

„Die beskrywingspunt word na die Generale Sinode verwys."

(2) Oud. J. Lugtenburg en Oud. L. van der Berg:

„Solang daar nog nie 'n sendingspredikant is nie, word die gemeentes opgewek hul predikant so nou en dan af te staan vir bediening van die sending."

Voorstel (1) met meerderheid aangeneem.

Hierna kom die volgende voorstel oor die sendingsaak in die algemeen in:

Ds. T. Spoelstra en Oud. N. J. van der Walt:

„Die Eerw. Prow. Sinode betuig sy innige dank vir die sendingsrapport, en vir die arbeid in die afgelope jaar verrig, en bid verder Gods seën op die arbeid toe, en wek die gemeentes in Transvaal op tot sterkere steun van die saak."

Algemeen aangeneem.

Art. 43.

In bespreking beskrywingspunt I van Klassis Potchefstroom, nl. hoe te handel met lidmate wat hul huwelik nie ook kerklik laat bevestig nie.

Ds. L. P. Vorster lig dit namens die Klassis van Potchefstroom toe.

Na bespreking kom die volgende voorstelle in:

(1) Dr. P. J. S. de Klerk en ds. B. J. de Klerk:

„Die Eerw. Prow. Sinode spreek as sy gevoele uit, dat die huwelik sy voltrekking ook deur die Kerk moet hê, en dat dus 'n huweliksbevestiging net van staatsweë kerklik onvolledig is. Op grond van Art. 70 D.K.O. word alle kerkrade aangemaan om ernstig toe te sien en te waarsku en te vermaan, waar lidmate van ons gemeentes alleen van staatsweë hul huwelik bevestig."

(2) Ds. M. Postma en Ds. H. J. Venter:

„Die beskrywingspunt word gestuur na die Sinode en die Kerkrade word opgewek om met vermaning en teregwysing die lidmate op te wek ingevolge Art. 70 D.K.O. om hul huwelik kerklik te laat bevestig.

Voorstel (2) aangeneem.

Art. 44.

Ds. H. J. R. du Plessis bring die rapport voor oor Klassisindeling en afvaardiging. Die Kommissie daarvoor benoem stel voor dat die oue Klassisindeling onverander bly. Lusaka en Enkeldorn sal sorteer onder die Klassis Rustenburg en Kenya Kolonie onder die Klassis Middelburg.

Wat die afvaardiging betref sal voortaan elke Klassis tien lede afvaardig na die Prow. Sinode, vyf predikante en vyf ouderlinge.

Op voorstel van oud. T. Erasmus en oud. P. J. Venter word die rapport met algemene stemme aangeneem.

Art. 45.

In bespreking die Rapport oor punt 1 van ingekome stukke re verskilsaak tussen Waterberg en Matlabas, nl. dat die konsulent van Matlabas 'n dooplid van Waterberg belydenis van geloof by hom laat aflê het, terwyl die dooplid onder kerklike behandeling was. Dr. P. J. S. de Klerk dra as rapporteur die Kommissierapport voor. Die Kommissie verwys die saak na die Klassis van Rustenburg, met die advies dat, aangesien die saak ernstig van aard is, die Klassis dit vir breëre behandeling na die volgende Prow. Sinode kan stuur.

Op voorstel van Oud. T. Erasmus en Oud. T. A. van Wyk word die rapport met algemene stemme aangeneem.

Art. 46.

Beskrywingspunt 2 van Klassis Potchefstroom in behandeling, nl. Wat 'n Geref. ouer moet doen waar die kinders op die Goewermentskole gedwing word om Gesange en Halleluja-liedere te sing. Ook wat met ouers gedoen moet word wat toelaat dat hul kinders Gesange sing in skool en wat met onderwysers moet gedoen word wat lede is van ons kerk en self Gesange in die skool laat sing.

Algemeen word gevoel dat ons hier met 'n beginsel van ons Kerk te doen het, en dat hierteen sterker moet opgetree word. Na bespreking kom die volgende voorstelle in:

(1) Ds. D. N. Kotze en Oud. C. J. H. du Plessis:

„Die Prow. Sinode wil nie die Kristelike vryheid van iemand aan bande lê nie, maar waarsku tog teen die gebruik van ongereformeerde liedere."

(2) Ds. H. Pasch en Oud. P. J. Venter:

„Re die beskrywingspunt van Klassis Potchefstroom adviseer hierdie Vergadering om alleen by die Boek van Psalms te bly, en elkeen word daartoe opgewek."

Voorstel (1) met meerderheid aangeneem.

Art. 47.

Besluit dat daar 'n aandsitting van 8—10 uur sal wees. Die Vergadering pouseer.

Art. 48.

Die Vergadering kom die aand weer byeen, en gaan voort met die rapporte. Die Kommissie oor die saak van Ds. T. N. Venter rapporteer:

Briewe is van Ds. T. N. Venter ontvang waarin hy vra dat die Eerw. Prow. Sinode sal help om sy skorsing weg te neem, en waarin hy vra om vyf konsulentsgemeentes te bedien.

Die Kommissie het geen vrymoedigheid om die saak hier te laat behandel, aangesien dit nog in behandeling is by die Algemene Vergadering van die O.V.S. en aangesien volgens 'n brief van die Kerkraad van Kroonstad Ds. Venter nog lidmaat is van die gemeente van Ventersburg. Ook konsulentskappe kan gevolglik nie toegestaan word nie. Op voorstel van Oud. C. J. H. du Plessis en Ds. D. N. Kotze word die rapport met algemene stemme aangeneem.

Art. 49.

In behandeling die saak van attestasies.

Hieroor is 'n beskrywingspunt van die Klassis van Potchefstroom wat vra wat gedoen kan word om meer eenvormigheid te kry insake aanvrae en afgee van atteste aan lidmate. Ook 'n beskrywingspunt van die Kerkraad van Germiston word hierby behandel, nl. dat Bewys van Lidmaatskap nie meer sal uitgereik word binne die kring van ons Geref. Kerke, en dat uitreiking van attestasies beter sal gereël word. Ook 'n beskrywingspunt van die Kerkraad van Pietersburg word hierby behandel, nl. of 'n Kerkraad attes kan weier weens agterstallige kerklike bydrae.

Na breedvoerige bespreking kom die volgende voorstelle in:

Dr. P. J. S. de Klerk en Ds. T. Spoelstra:

„Die Prow. Sinode spreek as sy gevoele uit dat alle gemeentes onder sy ressort voortaan geen Bewys van Lidmaatskap, en verklaar verder dat geen attestasie deur 'n kerkraad behoort afgegee te word tensy dat dit aangevra is. Ingeval van vertrek van lede word daarvan so spoedig moontlik kennis gegee aan die betrokke kerkrade, waarheen sodanige lede verhuis het, indien moontlik met adres van nuwe woonplek. Ingeval van ontroue lede en ook behoeftige lede sal 'n begeleidende brief met die attestasie gestuur word. Verder doen die Prow. Sinode 'n dringende oproep aan alle Kerkrade om toe te sien dat lede dadelik attestasie sal opvra sodra hulle vertrek, en dat hulle tog eers hul finansiële verpligtings sal nakom voordat hulle vertrek."

(2) Ds. Postma en Ds. H. Pasch:

„'n Kommissie word benoem om by die volgende Prow. Sinode advies op die beskrywingspunte in te dien." Daar geen van beide voorstelle 'n volstrekte meerderheid van stemme behaal, is hierdie belangrike saak van die tafel af.

Art. 50.

Beskrywingspunt van die Kerkraad van Waterberg oor die danswoede in ons tyd.

Oor die kwessie van dans volg nou 'n breedvoerige bespreking, waarin almal die openbare ergerlike sonde hiervan insien.

Die volgende voorstelle kom in:

(1) Ds. L. P. Vorster en Ds. H. J. R. du Plessis:

„Met die oog op die toenemende sonde van dans wek die Prow. Sinode ernstig die Kerkrade op om langs die gewone kerklike weg in onse Kerkrade aangewys die sonde te bestry soos andere sondes.

(2) Ds. M. Postma en Oud. T. A. van Wyk:

„'n Kommissie van twee lede word benoem om 'n brosjure in druk uit te gee teen die sonde van dans, wat onder onse gemeentes kan sirkuleer."

Aangesien die twee voorstelle nie teenoor mekaar staan nie, word afsonderlik oor altwee gestem en by meerderheid van stemme word altwee aangeneem.

Die Kommissie om die Brosjure oor dans uit te gee bestaan uit: Dr. P. J. S. de Klerk en Ds. H. J. Venter.

Art. 51.

Beskrywingspunt 2 van Waterberg in bespreking oor die noodsaaklikheid van 'n geskiedenisboek van die Geref. Kerk tot gebruik vir Katkisante en gemeentelede. Na enige bespreking en informasie dat iemand reeds besig is met so 'n boek, word hierdie punt by die bespreking gelaat.

Art. 52.

Beskrywingspunt van Kerkraad Johannesburg dat Diakonieë wat min of geen arme het, gemeentes sal steun wat vele arme het. By bespreking gelaat.

Art. 53.

Beskrywingspunt 2 van Johannesburg re toeligting oor die wyse van uitvoering van Art. 22 D.K.O. By bespreking gelaat.

Art. 54.

Oud. J. D. Potgieter gee kennis dat hy moet vertrek.

Art. 55.

Appèlsaak van Germiston: Deputate hiervoor na e.v. Generale Sinode: Ds. I. D. Kruger en Ds. D. N. Kotze.

As deputate van die Prow. Sinode met eventuele Klassis-behandeling van die saak van herstel van Br. J. C. van der Walt word benoem Di. N. H. van der Walt, H. J. R. du Plessis en L. P. Vorster.

Art. 56.

Ds. T. Spoelstra sluit deur te laat sing Ps. 119 : 3 en gebed.

WOENSDAGMORE.

Art. 57.

Die Voorsitter lees 'n gedeelte van Spr. 3 voor en versoek Ds. H. J. R. du Plessis te open. Sy Eerw. laat sing Ps. 105 : 24 en gaan voor in gebed.

Art. 58.

In bespreking punt **b** van ingekome stukke re grensreëling tussen Erasmus en Heidelberg en beskrywingspunt van Heidelberg, nl.: „Die Prow. Sinode kanseleer die besluit vroeër geneem re die grenslidmate tussen Heidelberg en Erasmus." Ds. B. J. de Klerk dra die rapport voor, wat in alle erns wys op die besluit van die Alg. Verg. van 1922, asook die Sinodale Besluit van 1924, en oordeel dat die saak

broederlik onder die twee gemeentes moet opgelos word, en dat niemand meer van die grensbewoners van Erasmus deur Heidelberg sal opgeneem word nie. Na bespreking kom die volgende voorstelle in:

(1) Dr. P. J. S. de Klerk—Ds. D. Rumpff: „Ons neem die rapport met dank aan."

(2) Oud. G. Stevens en Oud J. J. Opperman: „Die Prow. Sinode dra aan die betrokke gemeentes Erasmus en Heidelberg, op om die saak van grensreëling onder mekaar te skik, desnoods met behulp van twee naburige Kerkrade."

Voorstel (1) met meerderheid aangeneem.

Art. 59.

Punt K. van ingekome stukke re brief van Die Moot oor die houding van die korresponderende Kerkraad van Potchefstroom, in behandeling. Die rapport van die Kommissie hieroor word voorgedra. Die klag van Die Moot word daarin verwys na die Klassis Potchefstroom.

Op voorstel van Oud. T. Erasmus en Oud. T. A. van Wyk word die rapport met dank aangeneem.

Art. 60.

Re beskrywingspunt I van Belfast of 'n Diakonale Vergadering (Konferensie) volgens Gods Woord is word besluit dit by die bespreking te laat.

Art. 61.

Ook beskrywingspunt II van Belfast, nl. dat ons predikante in wit kleredrag die Evangelie sal bedien, word van min belang beskou en by bespreking gelaat.

Art. 62.

As Kommissie om die Kasboek van die korresponderende Kerkraad na te sien, word benoem Ds. H. J. Venter en Oud. A. Plomp. As Kommissie vir die Kas van hulpbehoewende Diakonieë, en vir oorweging van aansoeke uit genoemde kas, word benoem Ds. D. Rumpff en Oud. J. Lugtenburg.

Art. 63.

Beskrywingspunt II van Heidelberg in behandeling, nl. hoe te handel met idiote met die oog op die aflê van Belydenis van Geloof. Na bespreking word met algemene stemme besluit op voorstel van Ds. M. Postma en Ds. H. Pasch, „dat so 'n saak heeltemal moet oorgelaat word aan die oordeel van die betrokke Kerkraad."

Art. 64.

Beskrywingspunt **a** van Klassis Rustenburg, nl. die wenslikheid om in die gemeentes wat onder dieselfde Klassis sorteer een lesblad te kry. **b** Ook die beskrywingspunt van die Kerkraad van Die Moot kom hierby in behandeling, nl. dat meer eenstemmigheid moet verkry word in die leerboekies vir die Katkisasie.

Oor punt (a) kom die volgende voorstel in:

Di. L. P. Vorster—H. J. Venter: „Die saak word oorgelaat aan elke Kerkraad en Klassis."

Algemeen aangeneem.

Op punt (b) word met algemene stemme besluit om die Rapport van die Sinode hieroor af te wag.

Art. 65.

Akte van bevestiging van Ds. N. H. van der Walt as Herder en Leraar van Heidelberg, gelees en vir kennisgewing aangeneem. Voortaan sal dit alleen by die Klassis tuishoort. Daarom word die Akte van Bevestiging van Ds. Snyman te Johannesburg-Noord na die Klassis Pretoria verwys. So ook die losmaking van Ds. J. V. Coetzee.

Art. 67.

Verslag van die E.P.P.W. en W. fonds. Op voorstel van Ds. L. P. Vorster en Dr. P. J. S. de Klerk word besluit om al hierdie rapporte na die verskillende Klasses te stuur.

Art 68.

Brief van Reddersburg wat Lydenburg aanmaan om hul agterstallige gelde vir die Sinodale Kas aan te stuur. Besluit word dat Lydenburg gevra sal word die saak met Reddersburg in orde te bring.

Art. 69.

Besluit word dat die middagsitting om 2 uur sal begin. Oud. N. J. van der Walt sluit deur te laat sing Ps. 25 : 4 en dankgebed.

WOENSDAGMIDDAG.

Art. 69.

Oud. T. A. van Wyk open deur te laat sing Ps. 134 : 1 en gebed.

Art. 70.

Brief van die Kerkraad van Roos—Senekal insake bediening gelees. Die Vergadering neem met dank kennis dat die Voorsitter die gemeente in Februarie sal bedien.

Art. 71.

Brief re bediening van wyk Bloemhof deur Wolmaransstad gelees. Besluit word dat die saak van Wolmaransstad terugverwys word na die Klassis.

Art. 72.

Verslag van die Kommissie van die Kas vir hulpbehoewende Diakonieë. Ook verslag van die uitdeling van aanvrae vir hulpbehoewende Diakonieë.

Die volgende Diakonieë is gesteun:

Pretoria £17, Germiston £13, Zwartruggens £9, Johannesburg £9, en £2 bonus aan penningmeester.

(1) Voorstel Ds. L. P. Vorster—Dr. P. J. S. de Klerk: „Ons neem die verslag met dank aan."

(2) Voorstel, Oud. J. Lugtenburg en Ds. D. N. Kotze: „Die Prow. Sinode besluit om van Pretoria £2 af te trek, van Germiston £1, van Johannesburg en Zwartruggens elk 10/-, van die steun, en die som van £4 aan Roos—Senekal te gee, en die rapport met dank aan te neem.

Voorstel (2) met meerderheid anageneem.

Art. 73.

Die Kommissie re Kas van hulpbehoewende gemeentes doen rapport. Die steun is as volg hierdie jaar: Pietersburg £50, Pretoria £15, Krugersdorp £15, Christiana £8 en Rhodesië £15, totaal £103.

Die boeke is in orde bevind, met die versoek dat voortaan die nodige stukke om die boekte te kontroleer sal verskaf word.

Verder doen Ds. H. J. R. du Plessis verslag van die bydrae en agterstallige gelde.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Daar was 'n saldo van ... ... ... ... ... | £14 | 7 | 8 |
| Inkomste tot 15 Jan. 1926 ... ... ... ... | 167 | 18 | 4 |
| Uitgawe tot 15 Jan. 1926 ... ... ... ... | 145 | 4 | 2 |
| Saldo ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 37 | 1 | 10 |

Verder word besluit dat hierdie kas ook die belasting op die erwe te Eendracht sal betaal. Voorstel: „Die kommissie-rapport word in dank aangeneem, met besondere dank aan die Penningmeester van die Kas." Ds. D. Rumpff en Oud. T. A. van Wyk. Algemeen aangeneem.

Art. 74.

Geen kommissie-rapport is ter tafel van die Voorsitter van die Korresponderende Kerkraad.

Die volgende voorstel kom hieroor in:

„Die Prow. Sinode betreur dit dat hier geen rapport is van die Korresponderende Kerkraad, en benoem Ds. N. H. van der Walt en Ds. D. N. Kotze

om na afloop van hierdie vergadering die boeke te ouditeur en volgende vergadering rapport te doen. Ds. L. P. Vorster—Oud. T. Erasmus. Algemeen aangeneem.

Art. 75.

Die Prow. Sinode besluit dat die Kerkraad van die korresponderende gemeente vorms van kredensie-briewe vir ons klassikale afvaardiging sal opstel en laat druk, en dit aan die korresponderende kerkrade van die Klasses sal stuur.

Art. 76.

'n Brief van die Organiserende Sekretaris van die Kristelike Jongeliede Bond word gelees en vir kennisgewing aangeneem.

Art. 77.

Briewe van die korresponderende kerkraad met die Hoë Owerheid word gelees o.a. in verband met 'n bid- en dankdag. Die rapport word met dank aangeneem.

Art. 78.

Dr. P. J. S. de Klerk bring die saak van die Randse Evangelasasie van ons Geref. Kerke aldaar deur middel van 'n brief namens die Sentrale Bestuur van die Evangelisasie onder die aandag van die Vergadering, en handig 'n kopie van die Nuwe Skema van arbeid oor aan die Buro. Verder vra hy die afgevaardigdes om hulle steun in hierdie saak.

Na enige bespreking kom die volgende voorstel in: Ds. D. N. Kotze en Oud. S. J. G. Yssel:

„Ons neem met blydskap kennis van die arbeid van die Evangelisasie van die vyf Randse gemeentes, en wek ons gemeentes op hierdie beweging te steun met goeie bydrae, en vra die Sentrale Bestuur om 'n skrywe te rig aan die verskillende gemeentes, en die Sentrale Bestuur verwys die saak na die verskillende Klasses."

Algemeen aangeneem.

Art. 79.

Vergoeding aan Koster van £1 per dag.

Art. 80.

Die Deputaat van Bethal nooi die volgende Prow. Sinode daarheen uit. Met dank word dit aangeneem.

Art. 81.

Na die gewone bedankings vir die arbeid van die Buro, die plaaslike gemeente, en die susters van die gemeente vir al die verversings wat verskaf is, gaan die Voorsitter oor tot sluiting deur die aandag van die Vergadering by 2 Sam. 12 korteliks te bepaal. Daarna gaan hy voor in gebed en laat sing Ps. 75 : 2.

P. J. S. DE KLERK,
Skrieba.

Germiston, 2 Februarie, 1926.

---

**FINANSIëLE VERSLAG.**

(Van 1 Aug. 1925 tot 31 Des. 1925.)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ontvange ... ... ... ... ... ... ... ... | £41 | 7 | 3 |
| Uitgawe oor selfde tydperk ... ... | 23 | 16 | 0 |
| Saldo in Bank ... ... ... ... ... ... | £17 | 11 | 3 |
| In Januarie ontvang ... ... ... ... | £13 | 10 | 0 |
| In Januarie ontvang (nog ontvang alhier) ... ... ... ... ... ... ... | 17 | 10 | 0 |
| | £31 | 0 | 0 |
| TOTAAL ... ... ... ... | £48 | 11 | 3 |

**OOR DIE VRAAGSTUK VAN DIE DAG:**

**MATIGHEID DIE ENIGSTE OPLOSSING.**

**Prys 6d. Posvry.**

Die Pamflet bevat die volgende:—

**Wat Gods Woord leer oor die Drankvraagstuk.**—Ds. C. W. M. du Toit.

**Opienies van Teologiese Professore en Predikante.**—Prof. Dr. J. D. du Toit, Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, Prof. J. A. du Plessis, Prof. Dr. A. Moorrees, Ds. D. S. Botha, Prof. Dr. E. E. van Rooyen, Ds. D. G. Malan, Ds. W. J. van der Westhuizen, Ds. J. F Botha.

**Die Drankvraagstuk uit Sosiale Standpunt beskou.**—Dr. A. I. Perold.

**Alkohol en die Dokter.**—Dr. C. Louis Leipoldt.

**Wyn en Dronkenskap: Die vraagstuk van die dag.** Referate gelewer op die Pêrelse Kongres van 7 en 8 Mei, 1924. Prys 1/- posvry.

Ook in Engels verkrybaar teen dieselfde prys.

VERKRYBAAR BY:

**DIE VOLKSBLAD-BOEKHANDEL, Maitlandstraat,**

**Foon 849. BLOEMFONTEIN. Bus 325.**

BESTEL NOU

**36 PSALME**

in Afrikaans

Berym deur

TOTIUS

Musiek bewerk deur

F. W. JANNASCH.

**PRYS 6/- POSVRY.**

**Stuur kontant met bestelling aan**

**Die Volksblad Boekhandel,**

**Maitlandstraat,**

**BLOEMFONTEIN.**

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 574 2 MAART 1926 26ste JAARGANG

**KERKBLAD GRATIS.**

**As daar nog Kerkrade is wat lyers(esse) het wat in behoeftige omstandighede verkeer, aan wie die Kerkblad gratis moet gestuur word op die Danie Smal Fonds, kan hul die name en adresse stuur aan ondergetekende.**

**C. W. M. DU TOIT,**

**1a Waverleyweg, Bloemfontein.**

## GEREFORMEERDE KERKVERBAND.

### VI.

Dat hier 'n Gereformeerde Kerkverband ontstaan het afgesonder van die Hervormde en Ned. Geref. Kerke is in ons vorige stuk aangetoon, waarby dit ook duidelik geword het hoe die Gereformeerde Kerk in S. Afrika die Gereformeerde Kerkverband gelê het met die Kristelik Gereformeerde Kerk in Nederland.

Die Sinode van ons Kerk het in 1862 aan die van die Kristelik Geref. Kerk in Nederland o.a. geskrywe:— ,,Deze Synode gevoelt zich niet alleen het meest verpligt aan de Christelik Afgescheidene Gereformeerde Kerk in Nederland, en aan haar het naauwst verbonden; maar acht zich met haar één te zijn.

Daarom wenscht zij ook met U, HoogEerw. Vergadering, steeds in de vriendelikste broederlike correspondentie te delen."

Toe in 1892 die Dolerende Kerke in Nederland, wat uitgegaan het uit die Hervormde Kerk, verenig het met die grootste gedeelte van die Kristelik Gereformeerde Kerk onder die naam ,,De Gereformeerde Kerken in Nederland" het ons Kerk in Kerkverband gekom met die Gereformeerde Kerke in Nederland. Die Korrespondensie hieroor is opgeteken in die Bylae G van ons Sinode 1894.

Om die belangrikheid van die saak gee ons hier die inhoud van die korrespondensie.

Ds. W. H. Gispen en Dr. A. Kuyper onderteken 'n skrywe gerig aan ,,De Buitenlandsche Gereformeerde Kerken" en gedateer Amsterdam, 1 Julie 1892. In hierdie brief word kennis gegee van die ineensmelting van die kerke, 700 in getal, wat in Sinode vergader is. Hierdie Sinode word genoem ,,de wettige opvolgster van de allerwege bekende Synode, die in 1619 te Dordrecht saamkwam." Hierdie Kerke, so deel die brief verder mee, lewe onder die Kerkeordening van 1619. Dan word die Gereformeerde Kerkverband gesoek in die volgende bewoordinge:— ,,Deze kerken wenschen, naar het beginsel van het Gereformeerde Kerkrecht, in correspondentie te staan met alle Gereformeerde Kerken in Europa en daarbuiten, voor zover ook deze kerken in goeden zin Presbyteriaansch ingericht zijn, en de Confessie, die zij in den historischen weg verkregen nog belijden en handhaven.

Het is daarom dat de Generale Synode van Amsterdam aan ons als hare Deputaten *ad hoc* in last gaf, mededeling van de plaats gehad hebbende vereniging aan de buitenlandsche kerken toe te zenden, en, bij gelijke gezindheid, correspondentie met deze kerken aan te vragen."

Op hierdie brief het ons Sinode geantwoord deur P. Postma, Praeses, Louis P. Vorster, Scriba, gedateer Reddersburg, 9 April, 1894, dat die Sinode met blydskap kennis geneem het van die inhoud van bogenoemde brief en dan volg oor die Kerkverband die volgende:—

,Dat zij volgaarne de correspondentie, welke feitelik reeds van af de wording onzer gemeenten in Zuid Afrika heeft bestaan, zal voortzetten, terwijl zij tevens bij dezen ter kennisse uwer Synode brengt, dat de eerstvolgende Synode der Gereformeerde Gemeenten in Zuid Afrika, zoo de Heere wil, over drie jaar staat gehouden te worden, op een nader te informeren plaats en datum, er den wensch bijvoegende alsdan een of meer afgevaardigden van de Nederlandsche Gereformeerde Kerken in haar midden te mogen zien." Sedert die tyd is die korrespondensie onderhou met die Gereformeerde Kerke in Nederland en het die nut vir ou Kristelik Geref. Kerk opgehou.

Wat die verband met die Kristelik Geref. Kerk in Amerika aangaan is die volgende van belang.

Die Kerk daar was eers bekend onder die naam ,,De Ware Hollands Geref. Kerk." In die notule van ons Sinode 1869 rapporteer Ds. D. Postma dat 'n brief van genoemde kerk aan die Geref. Kerk alhier ontvang is, maar dat S.Eerw. vermaan tot versigtigheid.

Besluit werd om aan die kerk 'n eksemplaar te stuur van die handelinge van ons Sinode met 'n begeleidende skrywe ,,in welk schrijven de correspondent zich moet wachten van alle oordeelvellingen over den kerkeliken toestand in Noord-Amerika, omdat de berichten zoo lijnregt tegen elkander overstaan, en de Synode niet bij magte is uitspraak te doen." In 1876 rapporteer die Algemene Korrespondent op ons Sinode dat hy nog in korrespondensie is met ,,de ware Hollandsche Geref. Kerk in Amerika, maar nu niets belangriks heeft mede te delen."

Ook in Nederland was die Kristelik Geref. Kerk huiwerig om die Kerkverband te erken met die Kerk in Amerika tot op 1880, toe die Kr. Geref. Kerk in Nederland 'n uitnodiging gestuur het na die Amerikaanse Kerk om deputate te stuur na Nederland. (Beets—The Christian Reformed Church.)

Op ons Sinode van 1879 lees die korrespondent weer 'n brief voor van die Sinodale Kommissie van ,,de Ware Hollandsch Geref. Kerk in N.-Amerika, ondertekend door G. Hemkes." Op hierdie brief word algemeen besluit om 'n broederlike skrywe te rig aan hierdie Kerk. Sedert die tyd staan ons Kerk in Kerkverband met die Kerk in Amerika, waarvan die naam in 1890 verander is in ,,Christelik Gereformeerde Kerk."

Wat die Kerkverband van die Ned. Geref. Kerk met buitenlandse kerke aangaan kon ons moeilik die gegewens kontroleer. Ons meen egter dat hier geen leidende beginsel is nie. Die Ned. Geref. Kerk staan in nou verband met die Presbiteriaanse Alliansie, en ontvang op sy Sinodes briewe en deputate van verskillende kerke en handel dan wederkerig.

Wat die verlede betref weet ons dat dié kerk in nou verband gelewe het met die Herv. Kerk in Nederland.

Van gesaghebbende kant uit die Ned. Geref. Kerk skrywe iemand aan ons :—,,Ons Kerk staan nie op enige wyse in verband met die Ned. Herv. in Nederland nie. Ek dink 'n mens sê die band het met die instandkom van die Britse Okkupasie (1806) opgehou te bestaan. Ons kerk staan ook nie met enig ander kerk in offisiële kerkverband nie."

Volgens die Handelinge van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1897 is ook 'n brief gerig aan die Ned. Geref. Kerk van die Geref. Kerke in Nederland, wat beantwoord is deur twee predikante namens die Sinode, en die Moderatuur rapporteer aan hierdie Sinode dat hulle op versoek van die Gereformeerde Kerke Ds. C. F. J. Muller as deputaat gestuur het om die Kaapse Sinode op die Sinode van die Gereformeerde Kerke 1896 te vèrteenwoordig.

Of Ds. Muller in Nederland was en wat hy op die Sinode van 1897 gerapporteer het kon skrywer hiervan nie ontdek nie.

Wat die verband tussen die Ned. Geref. Kerk en die Herv. Kerk in Nederland aangaan, moet ons in die oog hou die verskil tussen die Institutêr verband, waardeur die Kerk in S.-Afrika gesorteer het onder die Kerk in Nederland sonder 'n eie Kerkverband, wat opgehou het in 1806 deur die invoering van die Kerkelik Reglement van de Mist, en die ander verband waarmee selfstandige kerke met mekaar in verband staan.

Nog in 1862 toe die Geref. Kerk in sy Sinode die verband gelê het met die Kristelik Gereformeerde Kerk in Nederland het die Ned. Geref. Kerk in sy Sinode die band gehandhaaf met die Hervormde Kerk, hoewel daar stemme opgegaan het teen hierdie Kerkverband en op die Sinode 'n voorstel ingedien was ,,om den band te breken." Die Sinode het egter met meerderheid van stemme besluit op 'n amendement van Prof. Hofmeyr om die band nie te verbreek nie, maar in plaas daarvan te stel ,,de stem te verheffen en getrouwe getuigenis af te leggen" en deelneming te kenne te gee met die ,,broeders in Nederland die aan de leer der Kerk getrouw gebleven zijn."

J. P.

(Word vervolg.)

## SKRIFOORDENKING.

DIE HERE JESUS DEUR PETRUS VERLOëN.—

(Luk. 22:61.)—Hierby te lees Joh. 18:12-27.

Die gemeente van die Here staan in hierdie weke stil in sonderheid by die lyde van die Here Jesus. In die gedeelte wat ons hier oordenk sien ons weer die goddelike ontferming wat ons Verlosser betoon het teenoor sy gevalle disiepel.

Ons word egter ook so duidelik en so pynlik gewaarsku vir die swakheid en sondigheid wat in ons is, deur die sprekende voorbeeld van Petrus in die voorhof van Kajafas.

1. Sien ons Petrus in die voorhof.

2. Sien ons die pyn en teleurstelling wat hy Jesus aandoen.

3. Sien ons die blik van ontferming wat Jesus op hom slaan.

1. *Petrus in die voorhof.* Toe die Here Jesus by die poort van Getsémanie deur Judas verraai en deur die woeste bende gevange geneem is, het al die disiepels gevlug (Mat. 26:56). Twee, n.l. Petrus en Johannes, het Hom egter vèrlangs begin te volg in die donker. Die skare gaan deur die donker strate van Jerusalem na die huis van Annas, en vandaar na die huis van die hoëpriester, Kàjafas. Daar sou die verhoor plaasvind. Die bende met hul lanterns en hul stokke staan eindelik voor die donker muur van Kajafas se groot huis.

So'n oosterse gebou het nie deure en vensters voor op die straat soos by ons nie. Hy is gebou in 'n vierkant, met 'n oop ruimte, 'n vierkant blok, in die middel. Daarin kom die deure uit. Op die straat is alleen 'n groot poort, wat toegang verleen na 'n gang, wat deurloop na die ope voorhof binnekant.

Die groot poort gaan ope, en die skare dring na binne met hul gevangene. Met sy hande vasgemaak word Hy binne gelei.

Johannes wat bekend was by die Hoëpriester gaan met die skare in. Toe hy binne is merk hy dat Petrus buite gebly het. Hy gaan weer terug, en laat Petrus ook inkom.

Dan gaan Johannes na die kamer of saal waar Jesus verhoor word. Hy is skynbaar nie vreemd nie, en hy beweeg hom met vrymoedigheid. Petrus wat buite al getwyfel het, voel hom nou ontuis in die vreemde omgewing van die paleis. Toe hy binne was, die poort agter hom gesluit, en Johannes vasberade voortloop om te verneem wat van Jesus word, staan hy besluiteloos in die gang.

Die knegte, wat die Here Jesus gevang het is klaar het hul werk. Die gevangene staan nou onder verhoor. Hulle maak 'n vuur in die ope voorhof, waaromheen hulle gesels oor die gebeurtenisse van die nag.

Petrus loop ook nader om hom by die vuur warm te maak. Iemand het hom egter gesien toe hy so besluiteloos in die donkere gang gestaan het. Die diensmeisie wat die poort bewaak (v.g.l. ook Hand. 13:13, 14) het hom bespeur. Hy het haar aandag getrek. Sy het oor hom gepraat met die diensmeisie wat haar kom aflos by die poort. As sy, na sy afgelos is, by die vuur en die pratende knegte verbyloop na haar kamer, sê sy vir Petrus: „Is jy nie ook een van die disiepels van daardie mens nie?" Petrus wat hier „staan op die weg van die sondaars en sit in die gestoelte van die spotters," ontken dit. Hy het hom reeds aangesluit by mense wat jil en spot met die valse rabbie, en hy het geswyg. Hy het sy Meester nie verdedig nie. Onverwags het hierdie diensmaag nou die aandag van die woestaards op hom getrek. Hy verloën die gemeenskap wat hy gehad het met daardie bespotte rabbie.

Maar hy voel nou vreesagtig. Hy gee pad van die vuur en wil deur die gang by die poort uit. Daar staan nou die ander diensmaag, wat die eerste een afgelos het. Sy gesels waarskynlik met 'n paar van die knegte as Petrus daar aankom, en sy sê vir hulle (Mat. 26:71): „Hy was ook by Jesus, die Naseréner." Verskrik dat hy hier ook weer geken word, sweer Petrus roekeloos met 'n eed, dat hy Jesus nie eens ken nie.

Hy gaan nou terug na die vuur. Hy meng hom in die geselskap. Hy wil miskien die aandag ontgaan deur mee te praat soos een van die ander. Maar Petrus is nou in 'n valstrik. Die knegte wat by die poort was gaan na die vuur en voeg daar weer toe: „Ja, waarlik, ook hy was met Hom, want hy is ook 'n Galileër! Sy spraak maak hom openbaar!" Petrus neem weer 'n eed dat hy Jesus nie ken nie. O nee! roep een uit, terwyl die lig van die vuur op Petrus se gesig val, ek het jou gesien in Getsemanie, saam met Hom (Johs. 18:26)—dit is 'n familielid van Malchus wat daar praat.

Petrus word nou soos 'n wilde dier wat vasgekeer is. Woes begin hy te vloek en te sweer. Hy roep die toorn van die Almagtige oor hom in, as hy ooit iets met daardie rabbie te doen gehad het. Mag hy dan van God verlaat word, as hy 'n volgeling was van daardie man! (Mat. 26:74.)

2. *Die pyn en teleurstelling wat hy Jesus aandoen.*— Op daardie oomblik, as die oue, onwedergeborene vissersnatuur van Petrus weer bo kom, en hy roekeloos soos 'n wêreldling sy roeping verwerp, en die Heiland verloën, kraai die haan.

Wat het Petrus gedoen? Hy het gesê: ek ken daardie mens nie. En waarlik hy het op doeltreffende wyse getoon aan die wêreld dat hy geen disiepel van Jesus is nie. Sulke taal verwag

selfs die wêreldling nie van die gelowige nie. Die wêreld erken dat hy betere dinge van ons verwag. 'n Man wat so praat, wat so laster, kan dus in die oog van die wêreld geen disiepel, geen troue volgeling van Jesus wees nie.

Maar daardie haangekraai! Waaraan herinner dit vir Petrus? O wee! die haan kraai want die dageraad sal netnou begin te skemer, maar in die siel van Petrus is dit, o, so donker.

Toe Jesus die diepte van die lydensnag voor hom sien, het Hy gesê: julle sal almal aan my ge-erger word. (Mat. 26:31.)

Toe was Petrus se taal: Al sal hul ook almal aan U ge-erger word, met my sal dit nooit gebeur nie. Al moet ek ook met U sterf, tog sal ek U nooit verloën nie!

En nou? Die hoëpriester het pas daarbinne uitgeroep: hy is die dood skuldig, hy het God gelaster. Die Meester word verder bespot, in die gesig geslaan, en bespuug. Hy is omring van Oosterlinge wat hom haat, woes soos dit in die Ooste kan gaan. Staan nou die disiepel van die verlaagde rabbie op om sy Meester te verlos? Hy wat vir Jesus sou sterf! O, die diep beledigde Jesus hoor tussen al die hatelike spotstemme ook 'n bekende stem, dis die stem van sy Petrus. En roep dié vol heilige verontwaardiging oor die smaad wat sy Jesus aangedoen word? Ag, nee! Die Here Jesus moet hoor uit daardie mond: ,,Ek ken hierdie mens nie!"

Ek ken hierdie mens nie! Ja dit is wat die lyde van die Here Jesus so bitter gemaak het. Hy moes in sy lewe gedurig ondervind dat sy eie disiepels Hom nie ken nie, en Hom ook nie liefhet nie. Wat, ken sy eie disiepels Hom nie? Het hulle Hom nie lief nie? O, ja; hulle ken sy uitwendige verskyning. Hulle het Hom ook lief as hulle Hom vra wanneer Hy die Koninkryk weer aan Israel sal oprig. As hul Hom vra of hul aan sy regter- en linkerhand mag sit. Maar die Here Jesus het aldeur besef dat selfs sy disiepels sy geestelike optrede nie besef nie. Die ware roeping om te *ly* vir die sonde van die wêreld het hulle nie deurgrond nie. En daarom het Hy die drietal nog weer gewaarsku in die hof van Getsémanie om te waak en te bid dat hul nie in versoeking val nie. Maar ook daar het hul geslaap, soos vandag 'n oorgrote deel van die Kristendom geestelik slaap, en nie bereid is om die lyde te dra wat oor die gehele wêreld gaan kom nie. Ook nou is die volk van die Here te veel ingewikkel in wat aards is, soos Petrus en Israel 'n aardse koninkryk verwag het.

Ons is nie bereid om die lyde en opofferings te verduur vir die Naam van Kristus wat van ons verwag word nie. Waaragtige geestelike prediking is dan ook verlore vir 'n groot deel van die kristendom, soos dit verlore was vir Petrus en die ander apostels. Jesus was *alleen* in sy lyde, verlaat van sy volgelinge. Petrus wou nie waak en bid soos die Here hom gewaarsku het nie en hy het in versoeking gekom en geval. As die haan kraai sny die woorde van Jesus deur sy siel: eer die haan gekraai het sal jy My drie keer verloën het. En as daardie swarte skaduwee oor sy siel trek, draai die Here Jesus om, en Hy kyk vir Petrus aan, sê Lukas (Hoofstuk 22:61.)

3. *Die blik van ontferming wat Jesus op hom slaan.*— O, wat kan daar 'n wêreld van gedagtes spreek uit die oog van 'n mens! Die oog kan 'n bittere haat verkondig, maar die oog kan ook uitdra die teerheid van gemoed wat in ons skuil. En terwyl Jesus daar staan beledig en bespuug deur die vyande, verloën en verraai deur sy disiepels met bittere teleurstelling in sy hart oor die handelwyse van sy eie Petrus, kyk hy Petrus aan. Hy weet wat nou in Petrus omgaan. Hy besef die berou wat daar onstuimig woel in die hart van sy volgeling.

En Hy wat geen simpatie ontvang het nie, Hy wat alleen die wynpersbak van Gods toorn tree, Hy sien sy gevalle Petrus aan.

• • •

Petrus gaan uit na buite. Nou dring hy by die poort uit. Waar gaan hy heen? Na Akeldama? Na die akker van bloed waar op daardie selfde dag 'n ander disiepel homself van die hoogte sou afstort in die selfmoord waartoe wanhoop prikkel?

O, Gode sy dank, nee! Petrus ween bitterlik. Dit is nog donker soos dit donker is in sy siel, maar in die Ooste begin dit te lig as Petrus, gevalle in sonde, vlug van die toneel waar hy sy Meester onteer het. Hy vlug van die plek van sy skande. Hy vlug met die smart van sy siel. Maar gelukkig! Die Meester wat sy hand geneem het toe hy weggesink het op die see in sy ongelowigheid, het ook nou, waar hy sou wegsink op die lewenssee, sy hand geneem en hom van ondergang bewaar.

O, uit daardie laaste blik, waarin seker teleurstelling te lese was, het geen haat, geen verwyt gespreek nie. Nee, Jesus spaar hom deur nie sy naam te noem tussen daardie vyandige skare nie. Hy het hom net aangesien. En uit daardie blik het ook simpatie gespreek vir die arme gevalle disiepel. Petrus het die taal van daardie oog verstaan. En daardie oog van sy

Saligmaker het 'n straal van lig in sy donker en sombere verskeurde siel laat val soos die lig van die son daar in die Ooste begin aan te breek.

En nou ween Petrus. Hy ween bitterlik oor daardie Meester wat hy verloën het. Daardie Meester wat gespreek het soos nog nooit 'n mens gespreek het nie, en wat nou ook vergewe, soos nooit 'n mens vergewe het nie.

Daardie blik van Jesus het gehelp dat Petrus se lewe nie ge-eindig het in selfmoord nie. soos die van Judas. Jesus red van die dood.

Hy het gesterf dat ons mag leef. Mag ons waak en bid om nie te val as die versoeking daar is nie. Mag die Here ons die genade betoon dat ons sy gemeenskap nooit verloor nie. Mag ons in die ure van berou en smarte, as ons in ons sondigheid en onwaardigheid aan onsself ontdek word soos Petrus, deel in daardie liefde en simpatie wat ons liggeag en verloën het menige dag in ons lewe.

---

## DIE HEL.

XX.

Sover as wat ons nou gekom het, was daar eintlik net twee rigtinge wat, ten opsigte van die ewige straf, mekaar uitgesluit het en dus duidelik vanmekaar onderskeie kan word. Aan die een kant die leer (wat ons bely) dat daar 'n ewige straf is vir die wat goddeloos lewe en sterwe. Aan die ander kant staan die universaliste wat ontken dat daar 'n *ewige* pyniging is, en wat beweer dat uiteindelik álle mense, nadat hulle hierna vir hul sondes geboet het, na die geluksaligheid teruggelei sal word.

In die 18e en 19e eeu (en ook in ons tyd) het daar egter manne opgestaan wat hulle met geeneen van die twee bogenoemde rigtinge kon verenig nie. Hulle het gemeen dat daar 'n derde pad is wat bewandel moet word—'n pad nie so hard as die van die Christelike Kerk, en ook nie (soos húlle meen) so on-skriftuurlik soos dié van universalis en wider-hope-man nie.

Ons het die oog op die leer van 'n *kondisionele* (of voorwaardelike) *onsterflikheid* wat van die universalisme formeel hierin onderskeie is (1) dat dit groot moeite doen om 'n bewys uit die Skrif te lewer en (2) dat dit 'n baie groot getal belyders gewerf het.

Volgens Dr. A. J. Th. Jonker wat in die „Theol. Studiën" (I Deel) 'n simpatieke reeks artiekels oor die kondisionele onsterflikheid geskryf het, kom dié leer in hoofsaak hierop neer:

Die populêre mening dat die mens *as sodanig* onsterflik is, is onjuis en moet als vernaamste leuen beskou word van die voorstellinge wat die mens hom vorm aangaande sy voortbestaan na die dood.

Alleen God besit die onsterflikheid in absolute sin (1 Tim. 6:16). Die eerste mens was so geskep dat hy langs die weg van vrye gehoorsaamheid 'n ewige lewe kon verwerf, en hy het geweet dat op oortreding van die gebod van God die dood sal volg. Die mens het dus in so'n toestand verkeer dat hy *kon-sterwe* maar dat hy ook *nie-kon-sterwe*. As hy in sy gehoorsaamheid volhard het, sou hy in die toestand van *nie-kon-sterwe* gekom het. Nou hy egter die gebod van God oortree het, het hy afgedaal, in die toestand van sterwe en dood. Deur die verbreking van die gemeenskap met die lewende God, die Bron van alle lewe, is die mens van die ewige dood 'n prooi geword.

God het Hom egter oor die mens ontferm en Sy Soon Jesus Christus in die wêreld gestuur; in Hom is die lewe en die sondaar (wat volgens hierdie leer van nature of kragtens sy wese geen onsterflikheid besit nie) bevind hom deur die koms van Christus in die moontlikheid om hierdie onsterflikheid, die ewige lewe, deelagtig te word.

Die voorwaarde wat vir hom gestel word, is die geloof. Alleen as hy aan hierdie voorwaarde voldoen, sal hy op 'n eindelose voortbestaan kan reken. Vandaar die benaming: kondisionele of voorwaardelike onsterflikheid. As die sondaar buite Christus bly, bly hy in die dood en moet hy verwag dat hy eenmaal sal ophou om te bestaan en 'n prooi sal word van onherstelbare vernietiging.

Eienaardig het die Fransman, G. Steinheil, die verskillende teorieë gekarakteriseer wat ons nou bespreek het. Hy sê:

„'n Kranke word gesond òf hy sterwe. Die uiteindelike genesing van almal—dis die hoop van die universaliste.

Die genesing van die een en die dood van die ander—dis die bewering van die voorstanders van 'n kondisionele onsterflikheid.

Nie die genesing en ook nie die dood nie, maar die ewige siekte van die sondaars—dis die stelling van die oorgelewerde orthodoksie!

In geskiedkundige opsig is die leer van 'n kondisionele onsterflikheid nie al te belangrik nie. Wel voer Dr. Jonker 'n aantal getuienisse uit die Christelike oudheid aan, maar ons meen dat hy daarmee nie bewys het dat die kondisionele onsterflikheid 'n leer is wat so oud

is as die Christelike Kerk nie. Dit bly waar wat Dr. Bavinck sê: ,,Hoewel die vroeëre teologie dikwels van die onsterflikheid gespreek het in *geestelike* sin as 'n gawe wat Christus verwerf het, tog het amper niemand daaraan gedink om die *natuurlike* onsterflikheid van die siel te ontken nie."

Wat Bavinck bedoel is dit: Die eerste leraars van die kerk het wel geleer dat ons die ewige lewe deelagtig word deur die geloof in Christus (onsterflikheid in geestelike sin), maar daarmee het hulle nooit wou beweer dat iemand wat *nie* in Christus geloof, vir ewig vernietig sal word, m.a.w. dat die mens *van nature* sterflik sou wees. Hierdie laaste punt is juis die nuwigheid van die valse leraars met wie ons nou besig is.

Dit is eers die Sosiniane wat in die Hervormingstyd geleer het dat die siele nie van nature onsterflik is nie, maar dit eers word in geval van gehoorsaamheid, deur 'n gawe van God. Daaruit moet dan volg, wat die Sosiniane ook beweer het, dat die goddelose mense en die duiwels kragtens 'n natuurlike vergankelikheid eenmaal sal moet ophou om te bestaan.

Hierdie Sosiniaanse dwaling is in Engeland deur manne soos Locke, Warburton, Whiston, Dodwell e.a. oorgeneem. Veral die boek van Edward White, getietel "Life in Christ," het die leer van 'n kondisionele onsterflikheid 'n kragtige stoot vorentoe gegee, sodat dié leer teenswoordig talryke verdedigers vind in alle lande.

'n Volgende keer hoop ons kritiek te oefen op die beskouings wat ons nou voorgedra het en wat afwyk van die geloof wat eenmaal aan die heilige oorgelewer is.

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,— In my vorige brief het ek iets gesê oor die moeilikheid vir ons seuns en dogters, om 'n betrekking te kry, waardeur hul in hul eie bestaan kan voorsien, en ook daarby op die feit gewys, dat die grond vir ons boereseuns begin skaars word. Hierdie laaste is slegs ten dele waar. Daar is in ons wye Suid-Afrika nog plek genoeg om te boer, maar dan moet die man, wat van die plek wil gebruik maak, moed en lus besit. Nou met my reis na Kuruman, Olifantshoek en Postmasburg het ek weer op nuut kennis gemaak met die gestadige aanwas en groei van ons bevolking in daardie streke.

In 1899 het die toenmalige minister W. P. Schreiner 'n groot weldaad aan sy volk bewys, waarvan die vrugte hede nog met dankbaarheid kan gesien word. Genoemde minister het toe die gronde wat aan die kafferhoofde Luka Jantjie, Totte en Galisaw behoor het, oopgeset vir ons mense teen betaling van 'n geringe som oor 'n tyd van 20 jare.

Baie van ons mense, wat toe werklik weens allerlei teenspoed in Griqualand-Wes in moeilike omstandighede verkeer het, het van die aanbod gebruik gemaak, en die meeste van hul is daardeur gered geword, en welgestelde boere geword. In die jaar 1902 het ek 'n toggie deur die streke gemaak, en die plase gesien met hul klein rooi huisies en hier en daar ook 'n tent, en vandag staan daar mooi wonings met tuine daarby, en is van die plase party seker 3 en 4 duisend pond wêrd.

Die daad van wyle Minister Schreiner het duisende van ons mense gered, en gaan nog altyd voort om vrugte te dra.

Latere regerings het met hierdie weldadige politiek aangehou en op die wys is daar tans streke bewoon, waar voorheen amper geen witmens gekom het nie. Minister Grobler was onlangs ook daar en ons verwag, dat hy die raad, wat hom daar gegee is sal opvolg, om n.l. die gronde in die Kalaharie beskikbaar te stel voor 6 pennies per morg. Dan moet die bewoner natuurlik self water soek, en dit is daar van 200 tot 500 voet diep.

As mens daar 'n sterk boorgat het van 300 voet is hy geholpe, en sal hy vorentoe gaan. U sal seker skrik van hierdie diepte van water, maar die boere verseker my, dat as daar onder aan die suier van die pomp 'n fout kom, hul hom binne vier uur uittrek en weer insit. Hul doen dit met 'n katrol en donkies. Die veragte en veel gesmade donkie is daar in die streke ewe nuttig en onmisbaar as die arm en bespotte Fordkar.

Die grond is daar by Langberg en Kuruman vrugbaar. Op die Boeredag laas week te Olifantshoek gehou, was tamaties van 1 en 'n half pond swaar. Die wêreld is daar verder vir mense baie gesond en koors is daar nie.

U kan wel verstaan, dat sulk 'n ruig en afgeleë wêreld 'n taai en gesond ras van mense aankweek. Om u 'n klein voorbeeld te gee. Nou kort gelede word daar op 'n plaas, 10 myl van Kuruman 'n seuntjie gebore, gesond en fris,

maar wat 'n klein gebrek aan sy lyfie gehad het, wat die dokter alleen kon verhelp. Die kind moes dus dorp toe, maar wie bring vir hom daar. Die perde is in die veld en ver weg. Met die kar is daar dus nie kans nie. 'n Medelydende Tante bied toe aan, dat sy die kind na die dorp sal bring as die buurman sy mak rydonkie wil gee. Die man is toe so goed om dit te doen en die suster neem nou die seuntjie, bind dit in 'n doek oor haar bors en beklim die geduldige rydier. Die vader gaan te perd saam as 'n geleide, en op die manier is die klein kêrel by die dokter gekom, en ook weer na sy wagtende moeder vervoer. Ek het nou vir hom te Kuruman gedoop.

Ons regering moet algar wat lus het daar pionierswerk te doen, op alle maniere help en dit sal tot voordeel van ons land en ook tot welvaart van die bevolking wees. Daar behoor 'n spoorlyn soontoe gebou te word, en daarmee moet nie gewag word tot die wêreld daar bewoon is nie, maar die trein moet as 't ware die sleutel wees waarmee daardie lang geslote wêreld geopen word. As die moedige en werksame voortrekker daar met sweet en moeite en taaie volharding iets produseer, dit sy vir die veemark, dit sy vir die wol- of graanmark, dan moet hy dit maklik kan vervoer. Soos dit nou is, het hy weens die groot afstande ook amper nie kans nie om so nou en dan weer 'n bietjie sy famielie, wat in die bewoonde streke woon, te besoek en op die wys weer sy moed te verfris.

As hy kinders het dan is daar amper nie 'n geleentheid, om hul goed te laat leer, en as hul 'n bietjie na die kosskool moet gaan om, soos 'n ou vriend van Karoodorp altyd gesê het, daar te leer, hoe om die mes en vurk te hou vas, is die ontsaglike afstand ook weer daar, wat nee sê.

Nou daar motorkarre is, moet die regering ook sy medewerking verleen, dat daar goeie paaie is. Dit is vir my so hinderlik, dat ons mense, wat die moed het, om in afgeleë streke te gaan bly, altyd so moet soebat om 'n trein te kry. Ja, as daar op sulke plekke diamante of iets anders in die grond gevind word, dan is spoedig die pad met sy yster spore daar, want dit betaal dan mos dadelik. Is dit nie baie beter, om die land te ontwikkel deur boerdery en landbou dan om myne te hê met dikwels so baie ongeregtigheid. Ek sou so dink. Dit lyk, dat ek afdwaal, maar in die grond van die saak, is dit nie so nie. Ons volk moet tot groei en bloei kom; ons moet ons vlerke kan uitslaan. Daar moet werk wees vir ons jong mense en plek om sig te ontwikkel. Ons sit ook nog veels te veel vas aan ons ou ideë op die gebied van boerdery, en laat ons jong mense leer en ook buiteland toe gaan, om te gaan sien, hoe ander nasies hul groot lappe woeste grond gaan ontgin, soos b.v. Kanada, waar teenswoordig so baie boere uit Nederland heen trek. Ek ag dit noodsaaklik, dat ons aan daardie dinge ons aandag wy. Dit is ook die roeping van ons as leraars, want ons sinode handel mos ook oor die armblanke saak. Toe ek die laaste maal te Kaapstad was in '24 het die minister van spoorweë aan my gesê, dat ons as predikante ook wat skuld het aan die armblanke vraagstuk. Na sy mening praat ons te veel met ons mense oor die geestelike dinge, en ons vergeet dat ons hier op aarde ook 'n roeping vir die maatskappy het. Ons predikante moet as leiers dit die gemeentes duidelik maak. So het die minister beweer en ek stem hom dit toe. Eendag praat ek oor skape en oom Gert van K. vra toe met 'n sekere verwondering, of Meneer dan ook belang stel in boerdery. Ek het toe amper haastig geword en sê: Maar wat dink oom dan? Meen oom dan, dat ek nie sien nie, dat die welvaart van ons boerebevolking die welvaart van die kerk en die skool is, en dat stoffelike voorspoed ook sy groot sedelike betekenis het en meen oom, dat ek wil hê, dat die Bond (die Afrikaner Bond het toe nog gebloei) uit 'n klomp arm mense moet bestaan. Wat sal ons dan uitvoer, teen die ryk kapitalis. Ja, ja sê oom Gert daarop, dit is waar, en ek het dit nog self nooit so ingesien nie.

Met Ds. Kruger van Postmasburg gaan dit mooi beter, hoewel die broeder by my vertrek weer nie so wel was nie.

Ons was saam ook by die diamantmyn van Sir Abe, naby die dorp, en toe ons so staan en kyk na die gewroetel in die grond, en die wassery van alles wat uit die diepte opgebring word, en dit ooral slyk en modder is, sê ek: Hier is dit ooral werklik van die begin tot die end „aardse slyk." Alles word daarvoor hier gedoen. Ah, antwoord broeder Kruger: 'n Diamant kan mens nie aardse slyk noem nie, want die strate van die hemelse Jerusalem is dan van diamante en edelstene gemaak. Ons het daarop 'n gesprek gevoer, oor die vraag of werk aan 'n diamantmyn gedoen, nie eintlik verkwiste arbeid is. Dit lewer niks op nie. Ploeë en saai, dammemaak en bome-plant is

vir die maatskappy en die mensheid tog baie meer produktief. Dit lewer iets op, maar wat maak ons met diamante. Hul is vir weelde. Nou is 'n diamant, as hy fyn geslyp is, vir my ook wel mooi, hoewel ek nie een, so groot as 'n speldekop op my naam het nie, maar tog het ek my ook al ge-erger aan hierdie pragtige blink klippie as hy aan die vinger was van iemand, wat daarmee hinderlik pronk en spog.

Wel, ek sal die diamante nou maar laat rus en ek dink, dat dit beter vir Suid-Afrika sou gewees het, as hy hier nooit ontdek was nie. Oor goud dink ek enigsins anders. Dit is aan die een kant 'n nuttig metaal, hoewel reeds die digter Vergilius 'n paar duisend jaar gelede al uitgeroep het:

......Quid non mortalia pectora cogis,
Auri sacra fames.........

O gevloekte honger na goud, waar dryf jy die harte van die sterwelinge nie toe nie.

Hartlike groete.

U vriend,

T. H.

C., 24 Febr., 1926.

## EWOLUSIE EN DIE H. SKRIF.

Ons verwys die lesers na die stukke van Prof. Dr. de Wet onder die hoof ,,'n Gelowig Geknoei" in die korrespondensiekolom, waarvan die eerste verskyn het in die vorige uitgawe. In *Het Zoeklicht* van Febr. kom Dr. Snyman van Woodstock ook op teen die beskouing van Dr. van der Merwe, die Moderator. Hierdie stryd gaan ook oor die Inspirasie van die Skrif. Dr. van der Merwe het bevoorbeeld, so sê Dr. Snyman, gevra:— ,,Maar is Gen. 1 dan niet geinspireerd? Gewisselik ja; maar in de woorden van Dr. Dods, "not the material, but the spirit," so skryf Dr. van der Merwe."

Dit beteken dat nie die inhoud van Gen. 1 geinspireer is nie, maar die gees daarvan. ,,Die aanname van so 'n stelling," so sê Dr. Snyman nou, ,,is niks minder as die verdwasing van die Skriftuur." In Nederland is 'n generale Sinode saamgeroep geword oor die twyfelagtige uitlatings van Dr. Geelkerken oor Gen. 2 en 3. Ook hier is bedenklike verskynsels, wat om oplossing vra.

J. P.

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. J. du Plessis).

In *Stemmen des Tijds* skrywe H. L. Baarbe: ,,Het verdrag van Locarno bestaat zoo men wil uit vijf overeenkomsten. Het westelik veiligheids-pact tusschen Frankrijk, België en Duitschland, met Engeland en Italië als gezanten, een Duitsch-Fransch, een Duitsch-Belgisch, een Duitsch-Poolsch en een Duitsch-Tsecho-Slowakysch arbitrage-verdrag."

Dit is honde en brakhonde aan mekaar gebind om die vrede van die wereld te bewaar. Locarno word dan ook oral geroem en Chamberlain, wie se vader Duitsland nie kon verbind met Engeland nie, dra die meeste eer weg. Die verdrag van Locarno is dan ook in sy kantore geteken. Wat beteken alles? Is die bedoeling onderlinge vrede of 'n Pakt tussen westers Europa teen die ooste met Rusland aan die hoof? Dat dit vrede, altyd vrede, beteken geloof ek nie. Ek dink dat ook die volkerehart geneig is tot boosheid. Ek glo nie aan die volmakings-teorieë nie. Prof. de Zwaan sê in sy pas verskyne boekie oor die Openbaring ,,dat wij regelrecht naar een Harmageddon gaan, waarbij de vizioenen van den profeet van Patmos nog muziek zullen zijn."

Die gelowiges moet hulle oë oop hou en hulle nie laat mislei nie. Ons mag die Here dank dat Hy nog in Sy algemene genade Locarno- en ander Pakte laat vorm om die sonde te temper en die oordeel te weerhou.

Maar die uitbarsting kom gou. Die wêreld is vol probleme, ook hier in ons land, en prebleme moet opgelos word.

Wat ons rasse-probleme aangaan is daar mense wat ons waarsku om nie deur mags-geweld die meerderhede en die minderhede te onderdruk nie en hulle ontwikkeling op 'n meganiese wyse te strem nie. Hulle sê dit sal gewreek word. Ek dink hierdie mense is reg. Mr. Th. Heemskerk skrywe in *Stemmen des Tijds*: Eene minderheid, die de heerschappij heeft weten te verwerven kan ook rechtsbeginselen schenden. Maar dat zal zich wreken. Zoo wreekte het zich dat de Koning van Spanje in de Nederlanden de Reformatie met geweld wilde onderdrukken, ofschoon hij staatsrechtelik de destijds gangbare leer van zijn standpunt toepaste, dat de overheid de ,,ware religie" desnoods door dwangmaatregelen moest handhaven; zoo heeft het zich in Frankrijk gewroken, dat Lodewyk XIV de Hugenoten uitdreef, al kwam de ineenstorting eerst na zijn tijd; zoo wreekte zich de fout van het Tsarisme in Rusland, dat aan het volk zijne politieke opvoeding onthield; zoo zullen zich ook wreken alle excessen (buitensporighede) der democratie. Wanneer de democratie niet het recht weet te eerbiedigen en te handhaven, maar zich van de juiste rechtsbeginselen losmaakt, en daarvoor machtsregels in de plaats stelt, dan

zal het zich even goed wreken. Een democratische regeringsvorm zal slechts zegenrijk kunnen werken, wanneer de democratie willekeur weet te vermijden, en zich aan hogere normen gebonden acht. Zij graaft anders haar eigen graf."

---

In *Oude Paden* van ds. Knap word melding gemaak van die vonds van 'n portret van Kalvyn. Ons weet daar is verskillende portrette van Kalvyn, maar altyd is dit nog onseker waar die egte Kalvyn te sien is. Hierdie portret is in Engelse hande en die beste kunskenners van Europa het dit gaan bekyk en hulle is algemeen van oordeel dat dit 'n skilderstuk is van die tyd van Kalvyn. Nou is in Holland 'n komitee gevorm om dit aan te koop vir die Nederlandse volk, en as dit geluk, sal goedkope afdrukke verkrybaar gestel word.

---

Een van die *beroemdste* persone van die wêreld het ons land besoek, en sy is in die groot stede koninklik ontvang. Natuurlik het haar grootheid nie toegelaat dat sy die kleinere dorpies kon besoek nie.

Haar naam is Pawlowa, of iets van die aard, en sy kom ergens uit Rusland se wêreld.

Die mense roem haar grootheid. Sy is namelik 'n baas-danster. Dit moet 'n naarheid wees om haar in die lug te sien skop. So sê die mense, ten minste. Ek kan dit goed verstaan, dat hulle 'n „guinea" betaal om dit te aanskou en te bewonder, of ek kan dit nie verstaan nie. *Die Volksblad* se dansediteur vertel hoe Pawlowa op Bloemfontein gedans het. „Die spanning in die saal," sê hy, „was soos die stilte van 4 uur in die more," waarvan die Bloemfonteiners maar min weet. „Op die kritieke oomblik" sê hy, „staan sy as in die grond geplant, dan is sy in 'n oogwenk weg, vlieg oor die verhoog op 'n snelheid wat skaars die oog kan byhou." Pawlowa, vervolg hy, „het vir Bloemfontein die vraag opgelos van: Is daar skoonheid in dans?" Nes of hulle dit nog nodig het. Ek kan my voorstel dat in so 'n spanning die arme ou Johannes sy hoop verloor het toe Herodias se dogter vir Herodes en sy gaste mal gemaak het. Ek verstaan Pawlowa maak in 'n paar aande omtrent £1,000. Onderwyl sy die Bloemfonteiners en ander in verrukking bring en hulle guineas uit dans sit daar in 'n kamertjie 'n paar man wat hulle siele pynig en hulle hoofde breek oor die vertaling van Gods Woord in Afrikaans en hulle kry baie minder geld in die jaar, wat moet uitgetrek word uit die beurse, en ergens in donker Afrika is 'n sendeling wat sy lewe waag om die Evangelie te verkondig om heidene te verlos van die sonde en hulle danswoede teen 'n paar honderd pond om van te lewe.

Teëstelling:—'n Dansende wit Kristendom en 'n swart heidendom, verlos om die Here te dien! Of dit so is? *The Star* deel mee dat net soos nou gesoek word na 'n *nuwe Godsdiens*, so soek die *wêreld* ook na 'n *nuwe dans*. Daar was die mars, die Fox-trot, die Jazz en wat nie al nie, en die dinkende wêreld is besig om al sy kunssin te hulp te roep om 'n nuwe soort dans. 'n *Nuwe godsdiens en 'n nuwe dans*, dit is die duiselende hellevaart van die blanke Kristendom.

---

Of dit so is? Lees hier iets anders wat ek uit *De Bazuin* knip: „In den oorlogstijd meldde een Londensch blad, dat in het Engelsche leger van een poppetje van eikenhout, zilver of goud meer dan een millioen werden verkocht. De soldaten aan het front droegen 't op de borst. En de ontwerper kreeg dag aan dag brieven van militairen, die hun behoud aan dien amulet toeschreven............

Ook in ons land wint dit bijgeloof veld. Op auto's en vliegtuigen brengt men een *Billiken* aan, een klein gedrochtelik beeldje, dat dienst moet doen als voorbehoedmiddel tegen ongelukken. Een bekend vliegenier wilde niet opstijgen, toen hij merkte, dat het afgodje aan zijn machine ontbrak.......

En denk dan eens aan de zg. „gelukspoppen," die in rijke verscheidenheid achter de winkelruiten geëtaleerd liggen, en die buitengewoon veel aftrek vinden.

Zeker, ge hebt er, die zoo'n gelukspop meer als een „aardigheidje" beschouwen, die het kopen zonder dat ze er een bepaalde betekenis aan hechten.

Maar niet bij allen is dit zo. Er zijn kringen, waarin er beslist een geheimzinnige kracht aan toegeschreven wordt en men er afgoderij mee bedrijft.

Hoever sommiger denkleven reeds totaal verheidenscht is, kan men zien uit een artikel in de *Groene Amsterdammer* over „Onze Gelukspoppen."

We ontleenen er enkele passages aan, en onderstrepen hier en daar een tiperende uitdrukking:

„De menschheid schijnt wel algemeen overtuigd te zijn van haar tekort aan dageliksche vreugden: meer dan ooit is 't een lieve gewoonte geworden om vrienden bij allerlei gelegenheden te verrassen met een materiëlen gelukwensch in den vorm van een „geluks-pop"......'t Zij als grappige kabouter, tuimelend aan de huiskamerlamp, 't zij als pierrot op de leuning van de canapé, als neergehurkt meisje op de toilettafel, of zelfs als aapje, varkentje, of hondje, bengelend aan 'n koordje op de jurk van onze jongste.

„En *zeker* is, dat dit popje, hoe verstard het ook moge rondkijken in onze woning, *in staat is, er geluk te brengen*, wanneer we maar *geloven aan zijn zending*, en overtuigd blijven dat zijn bezit ons *waarborg* is voor allerlei goeds. Want dan immers zal het *vertrouwen* in *de macht* van dit zwijgzame wezentje ons dwingen,

ons te bezinnen op ons geluk; dan immers zal, telkens wanneer we het aanzien, onze sluimerende aandacht opbloeien tot die heimelike blijdschap, die met ongeweten duidelikheid het goede van den dag herkent en ons hart tot stille dankbaarheid beweegt.

,,Fétichisme? Och, wat doet het er toe!—Zou het *veel verschil maken*, of wij door den aanblik van een bespottelik bontzijden flodderwezentje, dan wel van den fonkelenden avondhemel er toe gebracht worden, ontvankelik te zijn voor al het mooie, waardoor we zijn omringd?—voor de genade, die het leven is, voor het bezit van onze dierbaren, voor hunne liefde —voor onze zegenrijke herinneringen, voor vogelenzang en zonnenschijn?......

,,Laat ons dan dageliks *een oogenblik offeren aan onze gelukspop* en *haar dankzeggen* voor alles, wat haar aanwezigheid ons heeft geopenbaard. Laat ons *voor haar onbewogen blik* al het goede bedenken, wat wij heden genieten; laten wij er toe besluiten, *in haar bijzijn* een oogenblik *in te keren tot onszelf* en te bekennen, dat wij gelukkig zijn......dat wij juist daarom zoo ongevoelig langs de grote zegeningen van het leven gaan, omdat wij rijk zijn, schat- en schàtrijk en niet van node hebben, onze hunkerende gedachten uit te zenden naar het allerdiepst bezit, wat voor ons bewaard blijft tot de dagen, waarin onze armoede zijn allesoverheerschenden troost zal behoeven."

## KERK EN SKOOL.

Molteno:— Saterdag die 26ste Desember 1925 het ds. Postma, oom Jan van der Walt, van Burghersdorp en oom Gert Kruger van Steynsburg oor gekom met die losmaking van ons geliefde Leraar, ds. F. P. J. Snyman.

Sondag more het ds. Postma die diens waargeneem, en Sondagmiddag het ds. Snyman sy afskeidspreek gelewer, na aanleiding van Hebr. 10—23. Na afloop van die preek het ouderling de Klerk hom 'n adres en 'n beurs namens Kerkraad en gemeente oorhandig. Toe het suster Kruger 'n adres en beurs oorhandig aan mev. Snyman, namens die susters van die gemeente.

Mnr. Piet Coetzer het ook 'n adres en beurs oorhandig namens die kinders en jongmense van die gemeente. Daarna het die Ned. Gerf. predikant ds. Botha gepraat. Ds. Spuy het uit naam van die Wesleyaanse en die Engelse Kerke en ons geagte magistraat en burgemeester het ook gepraat. Ds. Postma het gespreek namens die Kuratore. Sy Eerw. het daarna geantwoord.

Maandag more om 6 uur het die motors by die pastorie bymekaar gekom, en daarvan het ag motors hom gevolg tot op ,,Stormbergsnek."

Ja waarlik die gemeente van Molteno het nie alleen hul leraar verloor nie, maar 'n vriend, 'n broer, en 'n suster, want die pastorie was dag en nag oop vir sy gemeente.

Mag God die weg van ds. Snyman en huisgesin seen.

Korrespondent W. J. K.

*Hoeksteenlegging van die Geref. Kerkgebou te Zastron.*—Saterdag die 6de Februarie was 'n vreugdevolle dag vir die gemeente van Zastron. Om tweeuur werd die hoeksteen van ons kerkgebou gelê deur ds. E. L. J. Venter van Aliwal Noord. Presies om tweeuur was daar 'n groot skare. Ds. Yssel het die verre afstand gekom van Reddersburg. Ook ds. de Vos en kerkraad was teenwoordig. Ds. Venter het gespreek na die hoeksteenlegging oor die woorde op die steen: ,,Jesus Kristus is die uiterste hoeksteen van die Kerk." Sy eerw. wys op drie punte (a) een hoeksteen verbind twee mure met mekaar. So bly Kristus die band in die gemeente om die harte aanmekaar te verbind. (b) Die gebou rus op die hoeksteen. Die gemeente, die kerk, rus op Kristus, die vaste hoeksteen, en daarom kan sy nie vernietig word nie. (c) Die hoeksteen is die mooiste steen in die gebou: Kristus is die skoonste onder die mensekindere. Hy is skoon in Sy persoon, en skoon in Sy reddingswerk.

Die voorsitter van die boukommissie, die oue vader Piet du Plooy wys op die klein begin van die gemeente. Die begin was met homself en ses lidmate en nou het dit al 'n tamelike groot gemeente geword. Hy wys op Zag. 4:10: ,,Wie veracht de dag der kleine dingen." Dat die grote dinge te voorskyn gekom het uit die kleine dinge skryf hy toe aan die Gees van God want die profeet sê: ,,niet door kracht noch door geweld maar door Mijn Geest zal het geschieden." Hy wys op die pragtige samewerking tussen die die twee plaaslike Hollandse gemeentes en dank veral ds. de Vos vir al sy ondersteuning. Ds. Yssel sê ons soek nie uitwendige skittering nie maar inwendige krag. Reddersburg is in sekere sin die moeder van Zastron en daarom verbly die moeder haar vandag omdat die dogter so'n vreugdevolle dag beleef. Namens sy kerkraad en gemeente wens sy eerw. Zastron geluk met wat hulle bereik het. Hy wys ook op die betekenis van kleine dinge. Baie groot sake het al te voorskyn gekom uit kleine dinge. Ons moet ons krag nie soek in uitwendige skittering nie maar in inwendige krag.

Ds. de Vos, die plaaslike leraar van die Ned. Geref. Kerk het daarna gespreek oor die woorde: ,,De heiligheid zij uwen huize sierlik." Die skoonheid en sierlikheid van 'n gemeente lê nie in haar gebou nie maar in Kristus en in die reine wandel van die gemeente. Hy wys op die noodsaaklikheid van samewerking veral tussen die Hollandse kerke om die ongeloof wat ons volk aangryp, te beveg.

Ds. Venter het 'n brief gelees van Ds. D. Postma van Burgersdorp waarin sy eerw. die Kerk-

raad en gemeente gelukwens met die hoeksteenlegging. Daarna het die aanwesiges hulle gifte op die steen gelê en dit het 'n aansienlike som opgebreng.

Sondag het die gemeente Nagmaal gevier. Die dienste werd waargeneem deur ds. Venter van Aliwal Noord. Ds. Yssel moes weer dieselfde middag terug na Reddersburg. Ons bly egter sy eerw. dankbaar vir die groot moeite wat hy hom getroos het om oor te kom.

S. D. DU PLESSIS,
Skrieba-ouderling.

---

*Evangelisasie.*— In hartelike dank ontvang vir Evangelisasie: Mej. C. van Oversteeg £1; Geref. Gem. Johannesburg Noord £1 2s. 6d.: Geref. Gem. Fordsburg 19s.; Geref. Gem. Krokodilrivier £1 12s.; Jonge suster Dora Viljoen, Ficksburg £1; 'n Vriend uit die Kaap Provinsie £5 0s. 6d. Die broeder uit die kolonie sê o.a. ,,Werk, want al sou dit selfs op 'n mislukking uitloop, is dit beter as stilsit, en kritiseer en kla."

Slaan die broeder nie die spyker op die kop nie? Is ons soms nie geneig om stil te sit, te kritiseer, en te kla nie? En verder weinig te doen?

Hier is plek om u kragte in te werp, deur u steun geldelik by te voeg by die wat dit reeds gedoen het.

T. SPOELSTRA,
Kassier.

92 Kitchener Laan,
Kensington, Johannesburg.
9 Febr. 1926.

---

*Kuruman.*—Op die 14de Februarie het die gemeente die voorreg geniet om weer die Heilige Avondmaal te vier. Saterdag is ook deur 10 jongeliede belydenis des geloofs afgelê. By die geleentheid het ds. Hamersma van Colesberg die dienste hier waargeneem, die opkoms was bo verwagting, daar die droogte swaar is.

Dit was vir die gemeente 'n blydskap om ds. Hamersma te ontmoet, vir vele van ons 'n herinnering van die verlede tyd, toe ds. H. ons met so veel opoffering bedien het—dertien jaar lank. Mag die Here hom nog lank spaar en sy arbeid rykelik seen. Vir ons kerkraad en gemeente is die krankheid van ons geliefde leraar ds. Kruger wat so vele jare in ons midde was, 'n oorsaak van droefheid. Ons hoop die Here sal hom volkome genesing skink, en krag om sy uitgestrekte arbeidsveld weer te bedien.

KORRESPONDENT.

18/2/1926.

---

*Kerklike toestand in Durban.*—Vir byna vier jaar gelede is die Gereformeerde gemeente hier gestig, met 'n ledetal van sestien, van wie hier by die stigte Attestasies was. Deurdat die getal so klein was, het ons dan ook soms byna wanhopig die toekoms tegemoet gesien. Om hier te bestaan as 'n Gereformeerde Gemeente met net sestien lede, was waarlik nie 'n saak waarby daar enige steun op 'n vleeslike arm gewees het nie. Maar ons het alleen vertrou op Hom wat die werke van Sy hand nie sal laat vaar nie.

Ons is dan ook, wat betref die uiterlike groei van die gemeente nie teleurgestel nie; die aangroei van die ledetal het selfs ons verwagting ver oortref. Soos blyk uit die Almanak van 1926, is die getal aangegroei tot 70 belydende lede. En na die Statistiek opgemaak is, het hier alweer 'n paar Attestasies ingekom, ons kan dus die ledetal vasstel op 75. Ons voel dus baie dankbaar oor die vermelde vooruitgang.

Maar wat ons byna alle moed ontneem, is die agteruitgang wat daar te bespeur is op geestelik gebied; vanaf die stigte is hier op elke Sondag tweekeer leeslienste gehou, in afwesigheid van die Konsulent, en is een uur op elke Sondag bestee aan katkisasie met die kinders, maar omdat die opkoms na die leesdienste met die tyd steeds verminder het, sodat daar soms net twee van die kerkraadslede, en 3 of 4 ander lede opdaag, is daar omtrent 'n jaar gelede 'n besluit geneem, om net alle 14 dae twee leesdienste te hou. Dit is seker te betreur dat daar so'n besluit moes geneem word, want in die eerste plek gaan dit nou slegter met die katkisasie, die kinders leer nou twee weke se leste aaneen, daardeur leer hulle dan al die leste soos aangegee word in die Lesblad; maar deurdat die katkiseermeesters aan die dubbele les net dieselfde tyd moet bestee, as vroeër aan die enkele les, spreek dit vanself dat die katkisasie daardeur baie skade ly. En in die twede plek kom daar nou net die helfte minder geld in vir die Armekas, wat ook in ons geval veel sê.

Wat sou nou eigenlik die oorsaak wees van die geestelike slapheid en agteruitgang, nieteenstaande die uiterlike groei van die gemeente? Dit is 'n vraag wat sig gedurig voor ons stel, en waarop ons geen ander antwoord kan gee as die wat hier volg.

Dit is omdat die gemeente meesal bestaan uit lede wat voordat hier 'n gemeente gestig is, vir 'n lange tyd, in sommige gevalle vir jare, hier of elders in Natal, geleef het sonder kerk, en dus sonder bediening van Woord en Sakramente. Nadat sulke lede dan by die gemeente aangesluit het, besoek hulle vir die eerste tydjie nogal tamelik die dienste, maar hou daarmee nie lank aan nie; want die leesdienste is tog te droog, en te eentonig, (so word gesê); ons kan maar self ook 'n preek lees in ons huislike kring, of ander weer, ek gaan liewer luister by die ander kerk na die Predikant, dit is tog net so goed of nog beter as om te gaan luister na die voorlese van 'n preek.

Maar die lede wat vanaf die stigte, of van dat hulle aangesluit het by die gemeente, vir 'n tyd getrou opgekom het na die dienste en ook getrou gewees het met hulle bydrae, en dan later so verslap dat hulle seer selde, of nooit meer die dienste bywoon nie, en ook al 'n goeie verma-

ning, en soms meer as een, nodig het om hulle bydrae af te gee; dit lyk of die lede nie daarom dink hoe 'n groot kwaad hulle doen nie; in die eerste plek minag hulle die gemeenskap van die heilige, en in die twede plek gee hulle aan ander lede 'n slegte voorbeeld, wat maar altegou nagevolg word. Want 'n mens is van nature geneig tot kwaad, en volg so gou en maklik 'n verkeerd voorbeeld na.

Die twede, en voornaamste deel van die antwoord wat ons kan gee op die vraag hierbo gestel, is, omdat die gemeente sonder herder is. Soos ek reeds aangehaal het, was 'n groot deel van die lede al gewoon aan die lewe sonder bediening, en ook sonder herderlike opsig; en ons meen dat vir die gemeente in geheel, maar meesal vir die onvaste lede 'n herder en leraar, hier 'n onmisbare iets is.

Die kerkraadslede is almal mense wat net soos die ander lede, elke dag moet hard werk om te kan leef, en kan dus met die beste wil nie die lede besoek soos dit behoort te wees nie, hulle kan maar net een keer in die drie maande hulle wyke deurgaan, en ook dan gebeur dit nog dat hulle die lede wat op diens is nie te sien kry nie.

As hier dus 'n predikant sou wees, dan kan hy lede gereeld besoek, en as hy 'n lid nie tuis kry nie, kan hy oor 'n week of twee weke weer gaan, wat vir 'n ouderling, in die geval van Durban onmogelik is, en behalwe dit, is die besoek van 'n predikant tog veel meer doeltreffend, as die van 'n ouderling.

Ons meen dus, dat vir die voortbestaan, en die uitbreiding van hierdie gemeente, dit noodsaaklik is, dat ons hier meer steun van uit die binneland kry. Ons hoop dat die versoek vir meer bediening van die Woord, wat ons hierdie keer voor die Ew. Algemene Vergadering van die O.V.S. sal lê, iets goeds vir die Gemeente sal uitwerk; om hulp te verleen is altyd goed, maar hoe eerder hier meer hulp kan verleen word hoe beter sal dit wees vir die Gemeente hier, en te Maritzburg, en vir die Gereformeerde Kerk oor die algemeen.

Ons is byna seker dat as 'n Predikant, die twee Gemeentes, Durban en Maritzburg, vir 'n jaar kan bearbei, met die seën van die Here, die twee Gemeentes dan in kombinasie 'n Predikant sal kan beroep.

Wat betref die Konsulent dienste, die word goed bygewoon, elke lid wat dit kan bekom, en wat nie siek of op diens is nie, woon die dienste by. Daarom voel ons meer oortuig, dat die geestelike agteruitgang meesal ontstaan omdat hier nie 'n predikant is nie. En ongelukkig het ons vanaf 21 Februarie 1925, tot nou, net maar twee keer bediening van Woord en Sakramente gehad.

Ons vertrou dat die broeders in die binneland sal besef wat ons hier op die uithoek moet deurmaak. Die stryd van die lewe vir die geestelike sowel as vir die tydelike bestaan, eis veel op, en as ons nie meer hulp kry, wat betref die bediening van die Woord en bearbeiding van die gemeente deur 'n predikant nie; dan voel ons dat dit nog baie lank sal duur, voor dat die twee Gemeentes hier sover sal kan kom, dat hulle daaraan sal kan dink om 'n predikant te beroep. Ons vaste vertroue is nog steeds (nieteenstaande die hier vermelde moeilikhede) dat met die seën van die Koning van die Kerk, hier nog eenmaal 'n bloeiende gemeente sal bestaan, met 'n eie predikant, en 'n gereelde bediening.

Verder kan ons ook melding maak van die afsterwe van die oudste lid in die gemeente, naamlik Weduwee Coetsee. Na 'n lange siekte waaronder sy altyd geduldig, en blymoedig was het sy eindelik, op die 23ste Januarie, verhuis van die tydelike na die ewige. Vir wie haar geken het, in haar gesonde dae sowel as in haar siekte, was sy altyd 'n goeie voorbeeld gewees. Mog haar voorbeeld dan ook navolging vind in die gemeente. Mog die Here haar kinders wat treur oor haar heengaan, vertroos. Veral dink ons aan haar dogter, mevr. Cooks, by wie sy ingewoon het, en wat die leë plek nie alleen in die hart voel nie maar dit ook in haar huis kan sien. Ook sy was 'n voorbeeld ten goede veral vir die jongmense; mog elke ouer op sy ou dag wanneer hy siek is, en hulp nodig het, deur sy kinders so gewillig, en met so 'n teer hart en hand, versorg word.

C. M. DU PLOOY.
Korrespondent.

Durban, 18 Februarie 1926.

---

*Wysigingswet, P.U.K.*—

In dank ontvang van:— Ds. H. J. Venter, Nylstroom per Oudl. J. H. Venter, Petrusburg, £1; Mnr. C. N. Venter, Petrusburg 10/6; Mnr. J. V. Coetzee, Potchefstroom 10/-; Mnr. J. C. Geertsema, Schweizer Reneke 10/-; Mnr. en mevr. D. J. van Rooy, Potchefstroom £1/10/0; Geref. Gemeente Krokodilrivier £20/0/0; Geref. Gemeente Postmasburg £7/1/0; Geref. Gemeente Ventersburg £1/12/8; Geref. Gemeente Olifantshoek £3/8/3; Prof. J. A. du Plessis, Potchefstroom £1/0/0; Dr. P. J. S. de Klerk, Germiston £1/0/6; Mnr. D. J. Coetsee, Uitschot, Lichtenburg £1; Mnr. A. J. Coetsee, Uitschot, Lichtenburg, £1; Mnr. S. A. Schutte, Uitschot, Lichtenburg £1; Mnr. J. J. Snyman, Uitschot, Lichtenburg, 2/6; Mnr. A. J. v. d. Walt, Uitschot, Lichtenburg 2/6; Mnr. P. J. W. Schutte, Uitschot, Lichtenburg, 1/-; Mnr. F. J. P. Schutte, Uitschot, Lichtenburg, 5/-; Mnr. H. W. v. d. Walt, Uitschot, Lichtenburg, 1/-; Mnr. G. Buddingh, Vermaas, Lichtenburg, £1. Reeds erken £108/17/8. Totaal £151/12/7.

Die eerste koste is hiermee gedek waarvoor my hartlike dank aan die milde gewers. Aangesien die gewraakte klousule in die wet nou langs 'n ander weg bestry word, n.l. die algehele verwydering van die gewetensklousule deur 'n gesamenlike aksie van al die Hollandse Kerke,

word hiermee gevra vereers nie meer geld te stuur nie.

W. J. DE KLERK,
Potchefstroom, 22/2/'26. Registrateur.

(Kerkblad lesers sal graag nader informasie wil hê oor hierdie nuwe aksie.—Red.)

---

*Die Teol. Skool en die P.U.K.* is weer in volle gang. Op die Teol. Skool is 10 studente en op die P.U.K. is omtrent 172 waarvan omtrent 30 hulle voorberei vir B.A. met die oog op die Teologiese studie.

Ons wens ook nog van harte geluk Prof. J. C. Coetsee wat sy Dokterseksamen in die Pedagogiek (onderwys) hier met goeie gevolg afgelê het en Prof. J. C. van Rooy wat ook met goeie gevolg in Amsterdam aan die Vrye Uniwersiteit sy Doktoraal in Filosofie afgelê het. Verder het Lektor L. J. du Plessis, M.A., in sy B.E. Kon., wat 'n eksamen is in Staathuishoukunde geslaag. Ook hiermee geluk. Lektor A. v. d. Walt, M.A., is op verlof om verder te studeer, nou nog in Kaapstad en later in Europa.

Ons merk dus dat ons jongmanne aan die P.U.K. vorentoe beur. Dit is mooi. Mag hulle trou bly aan die Gereformeerde beginsels en die wetenskap doseer as gelowiges!

Vrydagaand, die 19de, is die Teologiese Skool en P.U.K. offisieel geopen in die saal van die Teol. Skool. Die Rektor van die P.U.K., Prof. Dr. Postma, het eers 'n gedeelte uit Gods Woord gelees, 'n Psalm laat sing en 'n gebed gedoen, waarna hy verskillende mededelings gedoen het oor die werk in die afgelope jaar aan die Teol. Skool en die P.U.K. Ook werd meegedeel dat Prof. Dr. J. C. Coetsee nou weer verbind sal word aan die Normaal Skool, lektor sal wees aan die P.U.K., en dat vier onderwysers aan die Normaal Skool ook lektore word van die P.U.K.

Oor hierdie saak kan ons nog nie verder inligtings gee nie.

Ons wens ook die twee Teologiese studente, wat geslaag het in hulle B.A. eksamens, J. P. Jooste B.A. van die 5de jaar, en J.A. van Rooy, B.A. van die 4de jaar B.D. geluk.

Ons sal bly wees as in die toekoms oor die werksaamhede en verrigtings van die P.U.K. aan die *Kerkblad* mededelings gedoen sal word. As die Redaksie dit nie doen nie dan weet ons mense niks.

---

*Godsdienseksamen vir opleiding van Katkiseermeesters en algemene ontwikkeling.*— 1e Jaar Kursus: Ter informasie van aanstaande kandidate vir bogenoemde eksamen. dien die volgende: (a) Die eksamen word *skriftelik* afgeneem.

Papiere vir die 1e jaar word gestel in Byb. Geskiedenis O. en N. Testament; in Byb. Aardrykskunde, en in *Algemene Kerkgeskiedenis*. Die handboek vir aardrykskunde is "Frohnemeyer," en vir kerkgeskiedenis "Van der Mast." Te kry by die Afr. Boekwinkel, Bus 190, Potchefstroom. (b) Inskrywingsfooi van 7/6 per kandidaat moet ondergetekende voor of op 21 Maart 1926 bereik.

(c) Die vrae word kort voor skryfdatum aan die adres van die kandidaat self gestuur onder verseëlde koevert wat deur *die opsigter* in die kandidaat se teenwoordigheid eers mag oopgemaak word. Op die kandidaat se eerlikheid word gereken. (d) Die opsigter neem elke beantwoorde papier *dadelik* onder sy sorg en stuur almal saam, na afloop van die eksamen (1½ dag) aan ondergetekende terug.

(e) Die eksamen vind plaas *gedurende die April vakansie* 1926. *Uur, dag en plek* moet deur die kandidaat self *tydig gereel en vasgestel* word in oorleg met die *opsigter*.

Vir so 'n opsigter, sowel as vir papier (foolscap), ink en pen moet self sorg gedra word.

Netheid en duidelike handskrif word sterk in aanmerking geneem. Antwoorde mag net op één kant van die papier geskrywe word.

(f) Inskrywings bly ope tot die 15*de Maart*, 1926. Aan die end van die 2e kursus word 'n sertifikaat uitgereik aan die suksesvolle kandidate.

Verder besonderhede word op die eksamenpapiere vermeld. Aan die 2e jaar kandidate in 1926 word die papiere oor kerkleer, sedeleer en vaderlandse kerkgeskiedenis ook toegestuur. Die handboeke daarvoor is: die 3 formuliere van Eenheid; die boek „Christelike Ethiek" van Dr. H. Visscher, en die Kerkgeskiedenis deur Drs. du Toit, Los en Ds. Hamersma plus die boekie van Ds. D. G. Venter.

Van harte hoop die kommissie, dat daar dié jaar 'n hele groep kandidate sal wees, anders sal dit die moeite nie loon, om met die eksamen aan te hou nie. Laat my dus spoedig u volle naam en volledige pos adres met 7/6 ontvang. Die tyd is kort. Die 2e jaar kandidate sluit 5/- in.

I. D. KRUGER,
Skriba.
Namens die Kommissie.
Kerkstraat, Potchefstroom, Tvl.

---

Ds. J. H. Boneschans van Venterstad het die beroep na Middelburg, Tvl. aangeneem.

## VRAEBUS.

---

*H. P. de Wet, Jnr.*, distrik Tarkastad, sê hy was in 'n Geref. Kerkdiens en na afloop het die orrelis iets gespeel, wat vir hom soos 'n *mars* gegaan het. Hy wil weet of dit Gereformeerd is en of dan nie 'n Psalm kan gespeel word nie.

Antw. :— Kerkrade moet toesien dat orreliste nie marse speel nie. Die vraag is egter wat 'n mars is. Ken die vraer die Dode-mars in Soul? Daar is statige kerkmusiek en ek glo nie dat sulke musiek verkeerd is nie.

'n Goeie orrelis weet om voor en na afloop van die diens iets te speel wat in verband

staan met die karakter van die diens, iets, wat of die dankbaarheid of die droefheid van die gemeente vertolk. Somar so 'n spelery lyk vir my onsin. En alle wilde musiek moet geweer word uit die Kerk. 'n Orrelis wat nie die fyn kunssin het, wat geheilig is deur Gods Gees nie, moet liewer 'n Psalm-wysie speel. Kalvyn wou geen musiek in die Kerk hê nie, en alle ou gereformeerdes in verskillende lande, ook die Skotse Presbiteriane het die orrel verban uit die kerk, eensdeels as reaksie teen die Roomse erediens en ook, omdat, soos sulle beweer het, musiek in die kerk Ou-Testamenties is.

---

Ouderling Herman het in die vorige uitgawe gevra of 'n Gereformeerde lid mag wees van 'n Sosialistiese Vakunie.

Nou spreek dit vanself dat ons blad nie diep op sulke vraagstukke kan ingaan nie. Br. Herman praat van Sosialistiese vakunies. Wat moet ons daaronder verstaan?

Bedoel dit dat alle vakunies sosialisties is, of wil dit sosialistiese vakunies onderskei van ander wat nie sosialisties is nie. Nou is die woord sosialisties ook vatbaar vir verskillende betenis. Ons het gesien in die dagpers dat die Arbeidersparty twee vleuels het, die een 'n gematigde en die ander 'n ekstremistiese. Dan is daar nog 'n derde radikale rigting, genoem die Kommunistiese, wat die karakter dra van die Bolsjewisme in Rusland.

Daar is ook Kristen-sosialiste, wat hulle beroep op die Skrif. So 'n Kristen-sosialis is Slotemaker de Breyne in Nederland. Die woord *sosialis* kom van 'n Latynse woord "socius," wat beteken 'vriend' of 'maat.'

Letterlik geneem sou sosialis beteken iemand wat in bond staan met 'n ander, en sosialiste sou dan ,maats' wees wat 'n gemeenskaplik belang het. Die uiterste sosialis ontken alle privaat besit van 'n uitgebreide aard en wil dat die staat die groot-besitter sal wees, bev. van spoorweë, myne, grond ens. Hulle word ook genoem staatssosialiste.

Op die beginsels van die sosialisme, waarvan veral Marx en Engels die verteenwoordigers is kan ons hier nie ingaan nie. Wat is 'n *vakunie*? In die algemeen kan ons sê dat dit 'n organisasie is van mense wat dieselfde vak uitoefen. Onderwysers vorm 'n organisasie, boere in hulle ko-operatiewe Verenigings vorm 'n organisasie, die Kamers van Koophandel is organisasies, almal in die lewe geroep om hulle gemeenskaplike belange te behartig.

Die werkgewers in verskillende vakke vorm ook unies. Die werknemers het dus ook hulle unies.

Hulle verteenwoordig verskillende vakke, soos timmerwerk, messelwerk ens. Daar is *bedrewe* en *onbedrewe* arbeiders. Die bedrewe arbeiders is mense wat kennis het van hulle besondere vak. Onbedrewe arbeiders kan ons beskou as handlangers. Altwee hierdie klasse van arbeiders kan unies vorm om hulle gemeenskaplike belange te behartig, maar alleen die bedrewe arbeiders kan tot 'n vakunie behoor.

Dit spreek vanself dat waar die werkgewers kombineer ook die werknemers hulle aaneen sluit.

Om tot 'n vakunie te behoor is dus geen kwaad nie. Eerder verdien dit aanbeveling.

Nou kom egter die vraag of 'n Gereformeerde lid mag wees van 'n *Sosialistiese Vakunie*?

Hierdie beswaar is altyd gevoel, en daarom is vir enkele jare gelede pogings aangewend, ook deur bemiddeling van predikante, om kristelike arbeiders-verenigings op te rig, wat hopeloos misluk het.

Dat 'n Gereformeerde geen sosialis mag wees nie, spreek vanself. Die hoofbesware teen die sosialisme kan ons onder 'n paar punte opsom:

1e. Die materialistiese wereldbeskouing van die sosialis.

2e. Die klasse-stryd, wat hy in die lewe roep.

3e. Die miskenning van die besitsreg.

4e. Die vernietiging van die indiwiduele vryheid.

5e. Sy staatsmonopolie.

Dit is seker ongewens dat 'n Gereformeerde lid sal wees van 'n vakunie, wat sosialisties is, en waardeur hy sou gekompromitteer of gedwing word om sy beginsels te verloën. Daarom is in Nederland Protestants Kristelike en Rooms Kristelike Vakorganisasies, en hiertoe sal die Kristelike arbeider ook in ons land moet kom.

Dit is seker nie nodig dat hy lid sal wees van 'n sosialistiese vereniging nie.

J. P.

---

## VRYSTAATSE ALGEMENE VERGADERING.
## SPOORWEGKONSESSIES VIR AFGEVAARDIGDES.

**Die ondergetekende het vandag aan die korrespondente van die verskillende gemeentes wat sorteer onder die Vrystaatse Algemene Vergadering konsessie-vorms gepos vir die spoorwegreis van die afgevaardigdes. Die afgevaardigdes moet self die name, klas van kaartjie en datum van hulle afreis invul, waar dit nie reeds gedoen is nie. Afgevaardigdes kan nie vroeër as 5 Maart op Ventersburg arriveer nie, en moet nie later as 12 uur middernag op 17 Maart weer hulle reis voltooi nie, volgens die spoorweg-regulasies. Passasiers moet langs die kortste weg reis, en mag hulle reis heen of terug nié breek nie.**

**C. W. M. DU TOIT,**
**Konsessieregistrateur.**

**1a, Waverleyweg,**
**Bloemfontein,**
**1 Maart, 1926.**

---

# KORRESPONDENSIE.

## DIE VYFPONDLYS VIR DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

## 'N MISVERSTAND WEGGERUIM.

Waarde Redaksie,—Namens die Daaglikse Bestuur van die Kommissie vir die Afrikaanse Bybelvertaling

wens die ondergetekende korteliks 'n misverstand weg te ruim. Dit het nou in verskeie blaaie reeds voorgekom dat korrespondente die wenk aan die hand gegee het, dat persone of liggame wat £5 bydra op die vyfpondlys, 'n gratis Bybel sal ontvang as 'n aandenking. Die wenk was seker baie goed bedoel. Ons besef dat die eerste broeder wat dit aan die hand gegee het ongetwyfeld bedoel het om so die fonds vinnig vooruit te help.

Dit blyk nou dat korrespondente in kerklike en ander blaaie die eerste suggestie waarskynlik nie onder oë gehad het nie, en nou reeds onder die indruk verkeer dat die Daaglikse Bestuur of die Breë Kommissie vir die Bybelvertaling self so 'n wenk gegee het, en bereid is om bydrae onder daardie kondiesie te aanvaar.

Die Daaglikse Bestuur wil net duidelik maak dat die wenk nie van hom kom nie, en dat hoewel die Bestuur graag die milde ondersteuners van die Bybelvertaling in Afrikaans 'n present eksemplaar sou wil gee, is dit nie moontlik om so iets te belowe nie. Ons weet self nie hoe ons fonds gaan staan by die end van die werk nie. Bowendien is daar gewers wat ons vroeër bygestaan het met die werk, van wie nie apart boekgehou is nie, en wat ook £5 of meer gegee het.

Die Daaglikse Bestuur voel hom geroepe om hierdie verduideliking te maak, omdat daar nou reeds insenders is wat die stipulasie maak dat hulle £5 stuur onder die voorgestelde verstandhouding dat hulle 'n goeie Bybel present kry.

Ons hoop dit is duidelik dat die penningmeester nie bydrae kan ontvang onder so 'n stipulasie nie. Ons het die saak ernstig oorweeg, en hoop dat die geëerde publiek die £5-bydrae sal instuur so vinnig moontlik, omdat daar veel geld vereis word om die werk met sukses te beëindig.

Binnekort sal die Breë Kommissie seker self die een en ander publiek maak in verband met die finansies, sodat die algemene publiek meer sal besef van die koste wat aan die werk verbonde is. Laat ondertussen elkeen doen wat hy kan om die lys van 1,000 vyfponders te voltooi. Die werk word kragtig voortgesit, en ons vertrou dat die Afrikaanse volk nog 'n Bybel in sy eie taal sal ontvang wat onder ons sal leef soos die State Bybel geleef het, en roem verwerf het as 'n getroue en kunstige oorsetting.

C. W. M. DU TOIT,
Sekretaris Daaglikse Bestuur.

Bloemfontein, 25 Februarie, 1926.

---

**P. Kruger, Kameelfontein,** skryf dat ons tyd 'n gejaag is, en hy sien in alles die voorbereiding van die Antikris, wat deur J. Brandt laat aankondig het dat Kristus in 1918 sal kom, en later is in Amerika aangekondig in pamfletjies dat Hy in 1925 kom. Hy werk in die verwerping van die uitverkiesing en nou in die ewolusie. Hiervoor gebruik hy nie heidene nie maar die Kristendom, en nou kom hy as 'n Engel van die lig.

---

**Een van die ou garde,** Middelburg, wil hê dat ons 'n stukkie moet oorneem uit die „Kristelike Skoolblad," geskrywe deur I. J. Mommsen, oor die ou onderwysers, wat pal gestaan het vir C.N.O. Veral wek die skrywer die ouere predikante op om te pleit vir die regte van die ou onderwysers, wat pensionering betref. Hulle word sleg behandel. Ons ruimte is te beperk. Onderwysers moet deur hulle organisasies werk.

---

**Dopper** skrywe teen **Verkopings, Basaars en Konserte** in die Kerk. Hy haal aan Matth. 21 : 12. Ons plaas hier die helfte van die brief, wat te lank is:—

„Die doel heilig die middel" is al 'n leuse by enkele wat nog die gereformeerde leer bely—Is dit reg? Nou ja, dis die geval of ons dit nou wil weet of nie. Ek sal maar op die verkoping gaan koop want dis vir 'n goeie saak. Sal hierdie rigting in die kerk nie so ontaard en degenereer nie, dat Kristus ons ook later sal moet uitdryf nie ? Sal dit nie 'n publieke verkoping word nie, waar die artiekels naderhand sal opgejaag word tot die hoogste pryse nie? Ontstaan daar nie naderhand 'n woekergees in die kerk nie? Instede dat ons Saterdag voorbereidingsdiens moet hê om ons voor te berei vir die Avondmaal sal ons sit en dink oor die verkoping. As ek na die kerk gaan sê ek vaarwel vir die stoflike—nou wil ek die geestelike alleen beoefen. Ek wil sielespyse gaan soek in die Huis van die Here. Ons wil gesels oor sielstoestande as ons by die kerk is. Ons wil lewe in gemeenskap met die Here. Waar is die dominee? Kom ons gaan hom opsoek om te gesels oor sieletoestande—ons soek—ja hier is hy by die verkoping, nou sal ons seker oor die sielstoestand kan gesels „Wag hier is nog 'n paar kêrels, hulle het nog niks gekoop nie," sê dominee terwyl hy ons by die arm neem. Weg is die begeerte om oor die eintlike saak te gesels. Nou praat ons maar liewers oor die basaar —ekskuus „verkoping." Dus die siel moet ly terwille van die stoflike. Sondag sal ons dan nou seker kan praat en gesels oor die sielelewe—ons loop die tente deur: „Die verkoping het darem 'n mooi klompie opgebring;" of „Die keer was dit maar baie swak volgens wat dominee gesê het vanaf die kansel." Dis algemeen die geselskap van die dag.

Moet die stoflike dan die geestelike so verdring? Wel, dit word nog erger. Ek hoor veral onder die jong mense praatjies wat my laat dink. „As ons nou nog 'n konsert hou dan sal daar mos meer geld gemaak word." Ja, ek stel my voor: Ek hoor dominee alreeds van die kansel afkondig dat daar volgende Saterdagaand 'n konsert gehou sal word op die, en die plek, om fondse bymekaar te kry om 'n nuwe kerk te bou." Ek mag pessimisties wees, maar die mens is geneig om te ontaard in alles en wat sal die opkomende geslagte doen onder al die vreemde invloede. Waar trek die mode van vandag, kan ons dit nog keer?

Hoe lyk dit op sedelik gebied—het ons nog hoop? Hoe staan dit met danspartye—kan ons dit nog keer? Hoe gaan dit met gemengde baaiery—kan ons dit stop Ek mag dwaal, maar mag die Here dan my oë verlig, sodat ek mag insien dat die verkoping nie so 'n verkeerde rigting is nie, as wat ek dit my voorstel nie. Sal een van ons ou leraars soos b.v. ds. Vorster of Postma ons nie in die Kerkblad 'n sketsie gee omtrent die saak nie?

---

**J. C. Oosthuizen, Steenkoppies,** is nie tevrede met die antwoord van dr. Du Toit oor die vraag hoe ver die Hemel van die Hel is. Hy vra 'n duidelike uitleg en nie **te kort nie.** Dit gaan oor Jes. 66, die laaste vers

## 'N GELOWIG GEKNOEI.

II.

In ons eerste artiekel het ons probeer aanwys dat die skeppingsleer van die Heilige Skrif nie te versoen is met die ontwikkelingsleer van die sogenaamde teïstiese ewolusie. **Skepping** beteken iets in aansyn roep wat daar nie was, **ontwikkeling** beteken voortkome van iets uit iets wat daar reeds was.

Die verdraaiing van die skeppingsleer deur die gelowige ewolusioniste het o.i. 'n dieper oorsaak, nl. die **godsbegrip.**

Die Heilige Skrif leer ons reeds in Gen. 1 : 1 'n **teïstiese godsbegrip,** d.i. hy leer ons dat 'n ewige ongeskape, geestelike en persoonlike Wese wat ons God noem, die Heelal in aansyn geroep het deur sy magwoord; dat die God oneindig **verhewe** is bowe sy skepping, hoewel Hy ook in Sy skepping **inwerk** deur Sy alomteenwoordige krag waardeur Hy alle dinge dra en bestuur; dat die verhewe God ook in Kristus onse Vader geword het.

Die vernaamste kenmerk van die God van die H.S. in Sy verhouding as Skepper tot Sy skepsel is dus Sy **verhewenheid** of transendensie; Sy immanensie (inwerking) kom in die twede plek. Die doel van H.S. hiermee is om **deureenmenging** van Skepper en skepsel te vermy, om uitwissing van die grense tussen Skepper en skepsel te voorkom.

Die Skepper is **essensieel** verskillend van die skepsel en oneindig verhewe bowe hom.

Wie en wat is nou die ewolusie-god? Een van die artiekels in die „Zoeklicht" stel drie voorwaardes om die ewolusie te aanvaar, nl., De eerste voorwaarde is de erkenning van God als Schepper en Regeerder van al wat er is. 'n Ander artiekel sê: 't Evolutionisme van 't heden stelt 'n Persoonlike God nommer een, als de eeuwige kracht die achter alles is.

Dus: erkenning van God, selfs 'n persoonlike God! Dit lyk **letterlik** beskou mos alles pluis, alles volgens die Skrif.

Maar wat verstaan die skrywers nou onder „God"? Dis moeilik om dit op te maak uit hul eie woorde, maar die aanhalings uit ander skrywers werp meer lig op hul godsbegrip.

Die ewolusie-god word beskryf as 'n ewige **krag** wat agter alles is, as 'n wyse en weldadige **Wil,** wat alle dinge volgens bepaalde wette tot 'n bepaalde einde stuur.

Hierdie beskrywing is nog tussen die boom en die bas, is nog tussen teïsme en panteïsme, maar die ingeslae weg kan nie anders as uitloop op 'n **panteïstiese** godsbegrip, wat dan ook duidelik blyk wanneer een van die artiekels met goedkeuring die woorde van Pope aanhaal: All are but parts of one stupendous whole, whose body Nature is, and God the soul.

Dus: Die Skepper en die skepsel is één in wese. van die Heelal is God die **siel** en die Natuur is die **liggaam.**

Maar volgens die ewolusie self leer, maak die liggaam 'n wordingsproses deur; hoe kan nou in 'n onvolwasse liggaam 'n **volwasse siel** wees? Dus: God as die siel van die Heelal moet ook 'n wordingsproses met die skepping deurmaak, d.i., God moet gedurig ook nog **word,** Hy moet Homself nog gedurig in en deur die ontwikkelingsproses bewus word—dis immers puur en simpel: **panteïsme;** dis niks anders as die „Weltseele" (wêreldsiel) van Schleiermacher, ja, konsekwent en logies deurgetrek, is die godsbegrip van die sogenaamde teïstiese ewolusie niks anders as die **panteïsme** van die **oosterse godsdienste,** soos die ewolusie-leer in sy wese **heidens** is; dis die godsbegrip wat Gandhi nog verlede jaar weer op die Sendingskonferensie te Kalkutta aan die Westerse Christendom opgedis het, nl. God is „that indefinable Essence" wat in alles is. Dat hier van 'n **persoonlike** God geen sprake meer kan wees is heel duidelik; dat op die **immanensie** van God alle nadruk val is heel logies en konsekwent. 'n Panteïstiese God kan nie **skep** volgens Gen. 1, maar moet sy werk doen deur 'n ewolusie-proses, omdat hy self nog onvolmaak is en dus nog **nie almagtig** is nie.

Dis byna grappig om te lees wat die **profyt** is wat die ewolusie-leer afwerp vir ons godsbegrip. Een van genoemde artiekels sê: Ernstige geesten beginnen het in te zien dat ons Godsbegrip door de evolutie-leer verrijkt wordt."

Die „verryking" bestaan dan o.a. daarin (a) Ons geloof aan 't bestaan van God wordt versterkt, want evolutie postuleert 'n begin .'. . . . . ! Asof die skeppingsleer van Gen. 1 nie duisendmaal meer en duideliker 'n **begin** postuleer. (b) Ons begrip van Gods almacht en wijsheid wordt verruimd! Asof 'n God wat volgens Gen. 1 die Heelal in aansyn geroep het en in die sesdaagse skepping dit toeberei het nie duisend maal meer almag en wysheid openbaar as die ewolusie-god wat eeue moet sukkel om soiets tot stand te bring. (c) Onze leer van de immanentie van God ontvangt 'n nieuwe nadruk! Asof daar iets is wat die immanensie van God meer en beter leer as die menswording van Christus en die inwoning van die Heilige Gees.

En so sou ons nog meer „winste" kon opsom, maar dis voorwaar **skrale profyt** wat die ewolusie vir ons christelike geloof afwerp! 'n Mens vra jouself af: is dit nou die resultaat wat „ernstige geesten" oplewer?

Dat die teïstiese ewolusie ook ander begrippe soos godsdiens, sonde, genade, ens., moet verdraai en verwater hoop ons in 'n volgende artiekel aan te wys.

C. J. H. DE WET.

Potchefstroom, 20 Februarie, 1926.

## ONS STUDERENDE EN GELEERDE JEUG EN KERK.

Geagte Redaksie,—Met groot belangstelling het ek die stuk van dr. Steyn oor ons jongmense gelees. Hy openbaar ons treurige toestande maar sy stuk is terselfdertyd inspirerend. Ek wil ook graag iets oor die saak sê omdat dit my baie interesseer. Gewoonlik word daar baie kapsie gemaak op die sogenaamde „geleerde" mense wat afdwaal van Gods Woord en ons volkstradiesie, maar dan word vergeet dat dit 'n teken van die tyd is, en dat ons dieselfde verskynsels bemerk by die jongmense in die algemeen. Ons moet onthou dat nie net die ontwikkeling van die verstand oorsaak van die afval is nie, maar die algemene tydgees.

Ek meen dat daardie gees die eerste suur vrugte is van ons neutrale onderwys, wat in baie gevalle afbreek wat in die huis opgebou word. En was dit nog maar by die huis suiwer dan kon ons verwag het dat die fondament wat daar gelê is nie sal beswyk onder die gebou van geleerdheid nie, maar—helaas—in baie gevalle moet die ouers met soebat

en dreiging oover gebring word om die kinders katkisasie toe te stuur. En dan kom die skool met sy eensydige ontwikkeling nl. net die verstand, terwyl die hart leeg bly, met die gevolg dat die kinders topswaar word en omtuimel.

Nie veel beter gaan dit in ons Uniwersiteite nie. Gelukkig dat ons darem nog so 'n inrigting het as die P.U.K. wat openlik uitkom vir sy kristelike karakter. Ek is daarvan oortuig dat alleen as die wetenskap **„In U Lig"** bestudeer word daar die regte vrugte van gepluk kan word. Dan laat die vermeerdering van kennis die student altyd dieper buig vir die Majesteit van die Skepper van al die wondere wat die ware wetenskap vir ons laat sien. Dan is daar nie gevaar vir die opgeblasenheid van baie van ons meneertjies nie wat reken dat 'n sertifikaat 'n edelbrief is en hulle 'n trappie hoër stel as hulle ongeleerde ouers of ouderlinge. Ek het bo gepraat van **sogenaamde** geleerdheid, want dit is juis die groot fout van die studente van ons uniwersiteite dat hulle hulle **verbeel** dat hulle geleerd is—terwyl tog die kenmerk van die ware geleerde sy ootmoed is en sy versigtigheid om hom uit te laat oor die groot vraagstukke van die lewe. Die kultuurontwikkeling van ons volk het te vinnig gekom en—dit moet sterk bene wees wat die weelde dra. Ons het te hoogmoedig geword op ons kwasi-geleerdheid en vergeet dat die ware adeldom nie spruit uit die hoof nie maar uit die hart.

Dit is ook opmerklik dat meeste van die geleerde mense wat ongelowig word in die eerste plek **onkerks** is, maar tog nog op 'n manier godsdienstig of „kristelik" is. Maar ons weet dat daar baie onder hierdie term verstaan kan word. Dit wys tegelykertyd die hoogmoed en die domheid van sulke mense. Die kerk is daar vir die eenvoudige mense wat hulle maklik deur die predikante alles laat voorsê, sonder dat hulle self dink. Die kerk is net uitwendige vorm, die godsdiens is 'n saak van die hart (alias gevoel) en hoe minder daarvan na buite kom, hoe beter. In hulle domheid sien hulle dan nie dieper in die wese van die kerk nie en so bly hulle natuurlik ook onbekend met die organiese karakter daarvan.

Sulke „Kristene" is m.i. baie gevaarliker as die mense wat openlik erken dat hulle Gods Woord verwerp, want hulle is die wolwe in skaapsklere wat die godsdiens laat verwater. Ons kan nie halfhartigheid verdra nie—daar moet gekies word voor of teen God.

Alle kompromisse van geloof en wetenskap (l.g. meesal teorieë wat more verwerp word) doen afbreuk aan een van die twee.

Mag die oë van ons volk oopgaan vir die gevare van ons onderwys en mag daar kragtige aksie kom vir skole en uniwersiteite wat beslis kies vir die kristelike lewensbeskouing. Dit word elke dag duideliker dat die stryd in die toekoms nie gaan wees tussen Sap en Nat nie, maar tussen gelowig en ongelowig.

Met dank vir opname,

Die uwe,

JUVENIS.

Potchefstroom, 8 Februarie, 1926.

---

## DIE KRISTELIK GEREFORMEERDE KERK.

Waarde Redakteur,—As ou lidmaat van die Kristelik Geref. Kerk in Nederland, was ek al so 'n bietjie daaraan gewoon geraak dat die kerk hier te lande ge-ignoreer word en—vir dopers word gebrandmerk.

Aangenaam verras was ek dus in No. 570 van „Die Kerkblad" te lees: „Maar in Nederland bestaan ook nog die Kristelik Gereformeerde Kerk van wie ons eintlik 'n dogter is."

Op die paar laaste sinnetjies van die stukke „Geref. Kerkverband" in No. 572 van „Die Kerkblad" wens ek terug te kom. Daar staan: „Ook het die Kristelik Ger. Kerk nog altyd 'n eie Kerk-reglement gehad. Hierdie beswaar is egter nou weggeneem deur die aanname van die Dortse Kerkeordening." Die laaste is nie geheel reg nie, en kan altans die lesers onder die indruk bring dat die Kristelik Ger. Kerk bestuur word na of volgens 'n deur hulle opgestelde kerkelike reglement in die sin soos die Ned. Herv. of Ger. Kerk in Suid-Afrika. Dit is nie so nie.

Die saak is so: In die jaar 1867 werd te Middelburg (Holland) één Sinode gehou van die Christelike Afgescheidene en van die Gereformeerde gemeente onder 't Kruis. Op die Sinode is 'n reglement opgetrek waarin beskrewe is dat die twee genoemde kerke groepe tot een groep saamvloeide en die naam Kristelike Gereformeerde Kerk, aannam. Hierdie reglement is die Nederlandse regering toegesonde om volgens landswette erkenning, of liewer regspersoonlikheid te verkry.

Toe in 1892 'n klein gedeelte van die Chr. Gereformeerde nie wou opgeswelg word by of in die vereniging met die Dolerendes, het hulle die regering kennis gegee dat hulle sou bly bestaan as die Kris. Ger. Kerk. Dus na die reglement van 1869.

Dit was dus alleen 'n kwessie hoe die kerk by die Staat ingeskrywe gestaan het. Dit is nou verander. Die Kr. Geref. Kerk het nou ook by die Staat die Dortse Kerkorde ingelewer as „haar" reglement.

Die eie kerk-regering was en is nog altyd gebaseer op die D.K.

Die Sinode te Utrecht, 1893 besloot dan ook „De Kerkordening van Dordrecht van 1618 en 1619 wordt als enige regel in de regering der Chr. Ger. Kerk in Nederland aangenomen."

Hier voor my op die tafel lê dan ook De Kerkorde van Dordrecht, benewens die latere bepalinge van die Chr. Ger. Kerk in Nederland, uitgawe 1893.

Ek meen duidelik genoeg te wees, oor leerstellige verskille gaan ek nou nie in nie. Mogelik kan dit enige lesers belang inboesem om die volgende te weet:

Die Christelik Ger. Kerk die nie saamging met die Doleansie was baie klein. Slegs drie gemeentes met volle kerkeraad in besit van hulle kerke. Oral verspreid wonende lidmate en kerkerade sonder kerklike besittings, en vier predikante.

Nou tel die kerk 112 gemeentes, het 57 predikante en 'n bloeiende Teologiese Skool.

Met vier Dosente te Apeldoorn, 'n eie weeshuis te Toestdijk, haar kerklike orgaan is „De Wekker." Wissel die Redaksie van „Die Kerkblad" ook ruilnommers? Ek hoop so. So nie, hier is die adres: Doc. F. Lengkeek, Bornelaan 4, Apeldoorn (Holland). Uitgewers adres: Bureau der Administratie, „De Wekker," van Humboldtstraat 2, Utrecht, Holland.

Die uwe,

Rustenburg. A. VISSER.

**DIE AMPTELIKE BEDIENING IN DIE KERK.**

Eerwaarde Heer,—Dit word hoe langer hoe meer 'n gewoonte by ons, as iemand gekies word as ouderling of diaken om somar te bedank, selfs gebeur dit dat daar twee- of driemaal 'n herkiesing moet plaasvind. Dit is voorwaar 'n treurige verskynsel, en 'n sonde wat nie ernstig genoeg opgeneem word nie as of daar geen belangstelling meer is in die amptelike bediening van Kristus se Kerk nie. As dit so moet toeneem dan vrees ek dat die predikant naderhand alleen en alles sal wees in die regering van die kerk.

Die grootste oorsaak hiervoor is tog maar toe te skrywe aan die liefde vir die wêreld en die Mammon van die teenswoordige, want neem in aanmerking, hoe daar geslaaf word vir die tydelike en om gelyk met die voorste na die wêreld te lewe; maar om in die kerk te dien het hy nie tyd nie, dan is hy te arm, as of jy ryk moet wees om in die kerk te dien, nee daarvoor het ons tog nie rykdom nodig nie. Waar is daar tog 'n enkele plaas in die Woord van die Here dat Hy die ryke kies bo die arme in Sy diens?

Die algemene verontskuldiging van „ek is te arm of te onbekwaam" is tog waarlik van alle grond ontbloot, want die Here tog maak ryk en Hy maak arm, en het Hy nie Self gesê: „Zoek eerst het Koninkrijk der Hemelen en al deze dingen zullen u toe geworpen worden;" is Hy dan nie by magte om in die nodige behoefte te voorsien nie, of is Sy Woord dan nie meer waarheid nie, toe Hy gesê het u Hemelse Vader weet wat u nodig het. Met die verontskuldiging van „onbekwaamheid" is dit nie beter gesteld nie; want wie was dan ooit bekwaam as die Here hom roep. Was Moses bekwaam? of David, of Salomo, of enigeen? Sê Poulus dan nie so merkwaardig, „onze bekwaamheid is uit God." Want bekwaamheid uit onsself is by God tog nie geldig nie. Sulke persone roep die Here ook nie om in Sy Kerk te dien nie, gevolglik is dit tog niks anders as snode ongehoorsaamheid en sorgvuldigheid van die wêreld wat 'n sonde voor Gods aangesig is, wat Hy ook gewisselik besoek, want wat doet 'n vader anders met 'n kind wat ongehoorsaam is, as om hom te tug. So is dit ook hier, as die Here jou roep dan moet jy gaan. Hy is tog te soverein dan dat Hy dit in ons keuse sou laat om te sê ja of nee.

'n Duidelike voorbeeld sien ons in Jona. Wie kan nou sê dit het by toeval gebeur dat hy op die oomblik op die skip was, toe die storm op see was, en waar ons op grond van Gods Woord bely dat daar niks by toeval gebeur nie. As dit dan nie opsettelike ongehoorsaamheid is nie, dan sou ek graag wil vra, waar kry jy die reg om te bedank of moet ons dan die woorde in die bevestigingsformulier so lees of so verstaan, nl. „Gevoel u in u hart dat u deur die Gemeente Gods en mitsdien deur God Self g e v r a is tot die amp" en dit u vry gelaat is om te sê ja of nee, en as dit dan ook nie die geval is nie, dan vra ek nog eens, waar kry jy die reg om te bedank.

Laat ons dan tog nie die voorbeeld van Saul volg nie, wie se sonde by uitnemendheid daarin bestaan het, waarop die profeet gesê het „Gehoorsaamheid" is beter as offerande.

Die uwe,
J. H. PRETORIUS,

Shannon,
Bloemfontein.

**KENNISGEWING.**

**KLAGTES OOR „DIE KERKBLAD."**

As daar enige klagtes mag wees in verband met toesending van „Die Kerkblad" of rekenings vir die blad, moet hulle asseblief gestuur word aan ondergetekende:

C. W. M. DU TOIT.

1a, Waverleyweg,
Bloemfontein.

---

**DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGFONDS.**

Verantwoord in Die Kerkblad, 2 Feb., 1926, £1,131 9s. 5d. Verder met dank ontvang: Gem. Zeerust, £2 3s. 6d.; Aliwal Noord, £2 18s. 7d.; Vrindin, Bloemfontein, £1; Geref. Ver., Bloemfontein, £5; Geref. Gem. Bloemfontein, £12 5s.; Kerkraad, Bloemfontein, £5; Dorkas Ver., Bloemfontein, £5; Katkisante, Bloemfontein, £5; Geref. Gem. Elliot, £1 6s. 7d.; Br. J. D. Malan, Koster, 13s. 3d.; Geref. Gem. De Moot, £5 0s. 6d.; Br. B. R. Grobler, Burgersdorp, 12s. 6d.: tesame, £45 19s. 11d.; totaal tot op datum, £1,177 9s. 4d

C. W. M. DU TOIT.

1a Waverleyweg, Bloemfontein, 24 Feb., 1926.

---

**KENNISGEWING.**

**VERGADERING VAN DIE „KLASSIS PRETORIA" TE FORDSBURG OP DINSDAG, 18 MEI, e.k. om 7 uur n.m.**

Die Kerkrade in die „Klassis Pretoria," naamlik Pretoria, Heidelberg, Bethal, Volksrust, Johannesburg, Standerton, Germiston, Johannesburg-Oos, Johannesburg-Noord, word hiermee versoek om kennis te neem dat die e.v. vergadering van die „Klassis Pretoria" D.V. geopen sal word in die Kerkgebou van die Gereformeerde Kerk te Fordsburg (61 Mint-weg)

**op DINSDAGAAND, 18 MEI, om 7 uur.**

Elke Kerkraad vaardig sy predikant met 1 ouderling af, en, waar geen predikant is, 2 ouderlinge. Ook het kleinere gemeentes, ter wille van die onkoste, die vryheid om, as die dit verkies, maar 1 afgevaardigde te stuur.

„Beskrywingspunte" moet aan die ondergetekende op sy adres hieronder gestuur word vóór 10 April e.k.

Die kredensie of lasbriewe ook aan sy adres vóór 5 Mei e.k.

Namens die Kerkraad van die roepende gemeente Johannesburg.

M. POSTMA,
Voorsitter.

Adres: Ds. M. Postma, 61 Mint-weg, Fordsburg, Tvl.

---

## NUWE BOEKE.

Die resensie in die vorige uitgawe van *De Geschiedenis der Nieuwe Testamentische Godsopenbaring* door Dr. F. W. Grosheide was van C. 'n Setters-fout het egter van *kronologiese* gemaak *grondlogiese*.

*Mev. T. A. v. d. Walt, Witrand* en *Mej. Martha du Plessis, Waterval,* vra *Kuischheid* van Ds. Knap, *Alles Genade* van Ds. W. Snyman, *Sanderkes Reis, Ik zocht Hem.* Ons het nie die boeke om te verkoop nie. Vra een van die

Boekhandelaars, by voorkeur die wat adverteer in *Die Kerkblad* en sê u het in *Die Kerkblad* die resensies gesien. Noem die skrywers en uitgewers van die boeke.

---

*Almanak.* Herv. Kerk 1926. 'n Gewoon Kerkelik almanak.

Die seel op die eerste bladsy met die wapen van die S. Afr. Republiek is 'n anakronisme. Out of date. Uit die dae van die Staatskerk. In die mengelwerk is interessante stukke.

Belangrike historiese sketse van S. P. E. met portrette, een daarvan van Kommandant Viljoen, wat Ds. Cachet onder die sambok gehad het en Ds. Postma wou belet om in Mariko te preek. 'n Tiepiese Hervormer. Jammer dat S.P.E., 'n jong Afrikaner, nog so styf Afrikaans-Hollands skrywe.

Twee gediggies van J. K. en G. E. Alers oor die Herv. Kerk verraai Kerkisme in erge vorm. J. K. verheerlik Ds. van der Hoff as ,,bouheer van Volkskerk en Staat." Ds. Alers begin elke versie met ,,Mijn Kerk!," wat verag, versmaad is, maar uit wie se martelaarsbloed (waar het dit gevloei?) nuwe saad ontkiem. ,,Bij God zijt G' uitverkoren!" Die statistiek van die geheel ontbreek.

Buite Transvaal het die Herv. Kerk gemeentes in Bechuanaland, op Bloemhof, Gwelo, Heilbron, Memel, Parys, Pietermaritzburg, met 350 belydende lede.

J. P.

---

*Het Boek der Psalmen.* Opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard door Dr. A. Noordtzy.

Die uitgawe van die ,,Korte Verklaring der H. Schrift" wat by mnr. J. H. Kok in Kampen (Nederland) verskyn, vorder fluks. Al enige tyd gelede het ons ontvang die IIe Deel van die ,,Boek der Psalmen" deur Dr. Noordtzy.

Hierdie IIe Deel is 'n groot verbetering op die Ie Deel deurdat Dr. Noordtzy sy verklaring nie so erg bekort het as in die Ie Deel nie. As ons reken dat Psalm 17 verklaar word deur net maar 7½ reël, dan voel ons dadelik: Dis te kort. Uit die paar, reëltjies is dan ook vir die Skrifleser amper niks te haal nie. En dan nog so'n heerlike Psalm!

In die IIe Deel is Dr. Noordtzy meer in sy krag (hoewel die Ie Deel ook pragtige stukke bevat). Wat ons op die oomblik natuurlik meeste interesseer, is die keurige en korrekte vertaling van so'n bekende taalgeleerde.

J. D. DU TOIT.

---

*Die Kerk en die Drankvraagstuk.* Uitgewers Nas. Pers Bep., Bus 267, Bloemfontein, deur Ds. C. W. M. du Toit, 27 bladsye., 3d. stuk.

Hierdie brosjure is 'n herdruk van die stukke deur Ds. du Toit geskrywe in *Die Volksblad.* Die skrywer bestry die Prohibisie-beginsel en toon aan wat die roeping van die Kerk as Instituut en as Organisme is teenoor die drankvraagstuk.

---

*Zilveren Bruiloft.*— J. N. Voorhoeve, Den Haag. 'n Klein boekie, ,,een blijvend aandenken aan het heugelik feit, dat God onze Koningin en den Prins een kwarteeuw voor elkaar en voor ons heeft gespaard," met portrette van Koningin Wilhelmina, Prins Hendrik, en Prinses Juliana. Teen 25 eksemplare kos die werkie omtrent 3d.

---

*Die Koninkryk van die Hemele*—deur Dr. P. J. S. de Klerk. Uitgewers Nas. Pers Bep., Bloemfontein. Resensie oor hierdie preek-bundel later.

J. P.

---

**VERLOWING.**

DU PLOOY—HECHTER.—Ons, Alida, enigste dogter van mnr. en mevr. Hendrik Hechter, Elliot, en Simon, oudste seun van mnr. en mevr. Dirk du Plooy, Oos-Londen, maak hiermee bekend aan familie en vriende dat hulle verloof is.

---

**TE KOOP.**

**KERKORREL.**

Een manuaal met pedaal, 7 stoppers, met die hand gepomp, 2 komposiesie pedale, die hele ingesluit in orrelkas. Hoogte 8 vt. 0 dm., diepte 4 vt., wydte (langs voorkant) 7 vt. 6 d.m.

Doen aansoek by

**CHURCHWARDENS, ST. JOHN'S PARISH,**
**Wynberg, K.P.**

---

**"LAAT ONS MEKAAR EN ONSE GOEIE SAKE HELP."**

Ons het 'n ruime sortering geokuleerde en geënte Vrugtebome wat ons kan aanbied planttyd. Deur lesers van Die Kerkblad word jaarliks duisende bome aangeplant en waar ons instaat is om die te kan lewer, bied ons nou aan om van alle orders wat ons deur middel van Die Kerkblad kry, 10 persent af te gee vir die Evangelisasiewerk op die Rand. Ons bome is goed, ons pryse billik.

*Vra ons katalogus en as u order uitmaak, set net bo:—,,Kerkblad order."*

J. LIGTHELM & KO.,
Geregistreerde Boomkwekers.

Pos Selons Rivier,
*via* Middelburg, T.

---

# DAMES UITRUSTING.

Mev. E. J. van der Walt, 135 Langmarkstraat, Kaapstad (Friedlandsgebou, 1ste vloer), Drapeerster, Kompleet uitruster Dameklere en -Hoede, of enig Damesbenodighede, Hoede- en Dresmaakster. Aand- en Troutabberds 'n spesialiteit. Persoonlike toesig.

---

**GASLIGTE VIR DIE KERK.**

Die kerkraad, Geref. Gemeente Ladybrand, wens die teenwoordige gaslig in die Kerk te vervang met elektriese lig van die Stadsraad, en bied aan te koop die Gaslig-installasie vir **baie billike** terme.

Alle informasie is verkrybaar by ondergetekende,

D. P. DU PLESSIS, Voorsitter.

Bus 88, Ladybrand.

**DOODBERIG.**

PRETORIUS.—Na 'n soete samelewe van 20 jaar, het die Almagtige van my weggeroep op die 10de Februarie, na 'n smartlike lyding aan water, onse dierbare eggenoot en moeder

**JOHANNA MAGRETA PRETORIUS (geb. Van Wyk)**

in die ouderdom van 38 jaar en 11 maande.

Hoe swaar die slag ook vir ons is, swyg ons onder die wil van ons Hemelse Vader, en sê ons met die Psalmdigter: „Mijn ziel is immers stil tot God."

Bedroefde eggenoot en kinders.

C. J. H. PRETORIUS,
J. L. PRETORIUS.
W. A. J. PRETORIUS.
C. J. H. PRETORIUS.
D. J. F. PRETORIUS.

Elandskraal, Rustenburg.

**DOODBERIG.**

Met innige droefheid en hartlike simpatie met die bedroefde weduwee moet die Kerkraad alhier kennis gee van die plotselinge afsterwe van broeder diaken

**JAN ALBERT NICOLAAS ACKERMAN**

op 6 Februarie, 1926. Die broeder was Saterdag die 6de Februarie nog in sy werk, en het die aand gesellig met sy vrou en drie kinders in huis verkeer. Hy het wel nie heeltemal gesond gevoel die laaste tyd nie, maar niemand het iets ernstigs gevrees nie. Na hy die aand in bed was het die broeder skielik 'n sware hartkramp gekry en is na sowat 'n uur oorlede. Hy was 41 jaar en byna 11 maande. Hy het jare lank die gemeente van die Here hier trou gedien. Daar was groot belangstelling by die begrafnis. Ons sal die broeder mis in die kerkraad. Hy was een van die stille in die land, maar getrou in sy pligte.

Hy sal boweal gemis word deur sy treurende eggenote en kinders, vir wie hy 'n voorbeeldige vader was. Mag die Here self deur Sy Gees die bedroefde familielede, ook die bejaarde moeder, troos. Mag hulle treur soos diegene wat hoop het.

Namens die Kerkraad,
C. W. M. DU TOIT (Voors.)

Bloemfontein, 15 Februarie, 1926.

**DOODBERIG.**

Na 'n gelukkige egverbintenis van 43 jaar, 6 maande en 17 dae het dit die Here van lewe en dood behaag om van my sy weg te neem op die 8ste Februarie, 1926, my dierbare eggenote

**ANNA DOROTHEA VORSTER (Geb. v.d. Walt)**

in die ouderdom van 64 jaar, 5 maande en 17 dae.

Ons het deur Gods genade 5 kinders mog grootmaak. Een is haar vroeg vooruitgegaan. Hoewel die verlies vir my en die kinders bitter is, berus ons in Gods welbehae in die hoop van 'n salige wedersien.

Hartelik bedank ons almal wat ons so trou bygestaan het by die dood en begrafnis.

T. G. VORSTER.

Willemburgersrivier, Middelburg, K.P.

**DOODBERIG.**

Aan bloedverwante en vriende word hiermee bekendgemaak dat op 18 Februarie, 1926 oorlede is

**CORNELIA SUSANNA COETSER (geb. Geyer)**

in die ouderdom van 68 jaar en 7 maande. In haar swaar lyde aan water was sy vir ons 'n voorbeeld van geduld en lydsaamheid, en het sy gedurig uitgeroep die woorde van Ps. 66 : 8: „'k Sloeg heilbegerig 't oog naar boven."

Onse moeder was nog een van die weiniges wat teenwoordig was by die stigting van die Gereformeerde Kerk hier, en nooit was haar sitplek ledig in die Kerk.

Namens die bedroefde kinders,
LOURENS STEFANUS JORDAAN,
CORNELIA SUSANNA JORDAAN.
(Geb. Coetser).

Sterkstroom, K.P., 19 Febr. 1926.

**DOODBERIG.**

Op Saterdagmôre die 13de Februarie, 1926, is plotseling oorlede aan hartverlamming, ons geliefde weduweemoeder

**MARIA ELIZABETH VAN DER WALT (geb. Coetsee)**

in die ouderdom van 61 jaar, op haar woonplaas Knapdaar.

Ons sal swyg, wat die Here doen is wel gedaan. Mog ons haar voetstappe navolg, want getrou was sy aan haar Kerk en volk.

Namens die bedroefde kinders en kleinkinders.

H. B. AUCAMP.
H. H. M. AUCAMP (geb. Van der Walt).
J. N. VAN DER WALT.
H. VAN DER WALT (geb. Van der Walt).
J. F. VAN DER WALT.
M. C. C. VAN DER WALT (geb. Du Plooy.)
J. C. VAN DER WALT.
LENIE VAN DER WALT (geb. Coetsee.)
H. C. COETSEE.
M. J. COETSEE (geb. Van der Walt).
H. B. VAN DER WALT.
A. VAN DER WALT (geb. Van der Walt).
D. J. VAN RENSBURG.
ELLIE VAN RENSBURG (geb. Van der Walt).
I. J. VAN DER WALT.
ANNIE VAN DER WALT (geb. Van der Walt).
SIENE VAN DER WALT.
H. B. VAN DER WALT,

Knapdaar, Burgersdorp, 20 Febr., 1926.

**DOODBERIG.**

Op 23 Februarie, 1926, is oorlede, na 'n siekbed van slegs drie dae, aan harsingkoors,

**WILLEM HENDRIK SWANEPOEL**

in die ouderdom van 13 jaar en 8 maande. Sy skielike heengaan word betreur deur sy bedroefde vader, Hendrik Swanepoel en die treurende pleegouers.

DIRK en JOHANNA ACKERMAN.

Tempe, Bloemfontein, 24 Feb., 1926.

# DIE KERKBLAD

VAN DIE

## GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

No. 575 | 16 MAART 1926 | 26ste JAARGANG

### GEREFORMEERDE KERKVERBAND.

---

Daar is nou in Suid-Afrika drie Hollandse kerke, wat al drie dieselfde belydenis het, en tog van mekaar verskil in die toepassing van die belydenis in diens, tug en kerkregering. Ons konstateer hier net die feit. Die vraag kom op of hierdie kerke ook in kerkverband met mekaar kan lewe.

Die geskiedenis toon aan hoe pogings om in een kerkverband te lewe nog altyd misluk het.

Ons herinner, om nie te spreek van die eerste mislukte pogings in 1859 nie, aan die gebeurtenisse in 1882 in die Suid-Afrikaanse Republiek, toe deputate van die Herv. Kerk en van die Ned. Geref. Kerk vergader het om die vereniging van hierdie kerke te bespreek. Die Geref. Kerk, wat ook uitgenodig was, was deur een of ander misverstand nie verteenwoordig nie.

Hierdie voorstel tot kerkvereniging, wat uitgegaan het van die Ned. Geref. Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek en gerig was tot die Algemene Vergadering van die Geref. Kerk in Transvaal, is egter behandel op ons Sinode van 1882. Eers het die Sinode te kenne gegee dat 'n gedeeltelike kerkvereniging afgekeur moet word, maar dat hy wil saamwerk op grond van sy Opelike Verklaring tot vereniging op die volgende grondslae:

(a) Zuiver Bijbelsen grondslag in leer, dienst en tucht, zoo als die gelegd en vasgesteld is door de oude moederkerk te Dordrecht, Nederland anno 1618 en 1619, te weten: De formulieren van enigheid der Geref. Kerk in Nederland nl. de Catechismus, de xxxvii geloofs artikelen, en de leerregels der Dordsche Synode tegen de Remonstranten, insgelijks de Liturgische schriften dier kerk tot voorschrift in de uitoefening van den Heiligen Dienst.

(b) Dat in de kerkregering zooveel de omstandigheden van het land en de toestand der gemeenten het toelaten, de Kerkorde, vastgesteld in die Synode te Dordrecht anno 1618 en 1619 aangenomen moet worden. Waartoe ook de Post-Acta dier Synode behoren.

(c) Dat in de uitoefening van den Openbaren Godsdienst alleen zullen gezongen worden de 150 Psalmen Davids en de gezangen van welke de Tekst in Gods Woord staat uitgedrukt, de Berijming der Tien Geboden tot en met het gebed des Heeren ingesloten. Wel te verstaan de berijming van 1773 door de Geref. Kerk in Nederland vervaardigd en in gebruik genomen.

(d) Dat geen vrijmetselaar, noch lid van enig ander geheim genootschap lid van de kerk kan zijn noch blijven op grond van 2 Cor. 6 : 14-18; Joh. 3 : 19-21.

In 1888 rapporteer die aangewese kommissie dat die hele saak dood geloop het.

Vir ons onderwerp is ook van belang die Sinode van die Geref. Kerk, Reddersburg, 1910. By hierdie Sinode werd ingedien 'n ,,Kerken-ordening der Gereformeerde Kerken onder het Kruis in Zuid-Afrika," onderteken deur S. J. du Toit, voorsitter en C. J. Liebenberg, sekretaris.

Artiekel I van hierdie kerkordening lui: ,,De Gereformeerde Kerken onder het Kruis in Zuid-Afrika gronden zich wat de *Leer* betreft op Gods onfejlbaar Woord, als de enige en algenoegzame heilsopenbaring Gods en kenbron der waarheid en in overeenstemming daarmee op de 3 formulieren van enigheid, als vastgesteld door de Nationale Synode van Dordrecht 1618—1619; en wat *kerkbestuur* aangaat op de Dordtse Kerkenordening, voor zover die nog van toepassing is onder onze gewijzigde omstandigheden." Artiekel III lui: ,,Zij verklaart zich bereid tot broederlike verhouding en samenwerking met andere protestantse kerken, die zich op dezelfde beginselen gronden in leer en kerkbestuur."

In 'n begeleidende skrywe aan die sinode spreek die Kerke onder die Kruis die begeerte uit om die broederband te versterk. Op ons Sinode van 1913 verskyn deputate van die Kerke

onder die Kruis, en is daar sprake van inlywing by ons kerkverband. Reeds was die gemeentes Lindley en Frankfort in die kerkverband van die Geref. Kerk opgeneem. Die Sinode besluit dat by verdere inlywing die Kerke onder die Kruis hulle moet voeg by die respektiewe algemene vergaderings. So is die kerkverband gevorm tussen die Geref. Kerk en die Gereformeerde Kerke onder die Kruis.

Op dieselfde Sinode van 1910 is ook behandel 'n brief van ds. P. Nel, skrieba van die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal, waarin kennis gegee word dat hierdie sinode 'n kommissie benoem het om ,,met de beide andere Hollandse kerken over toenadering te onderhandelen."

'n Kommissie, deur ons Sinode benoem, het drie rapporte hieroor ingebring, en die van ds. Hamersma, wat lui: De Synode der Gereformeerde Kerk is bereid, indien de Ned. Herv. of Geref. Kerk geheel instemt met onze openlike verklaring hierby gevoegd, het verzoek om een kommissie om over toenadering te handelen in overweging te nemen," met meerderheid van stemme aangeneem. Aan ons Sinode van 1913 skrywe ds. P. Nel: ,,De Moderatuur onzer kerk heeft mij opgedragen op uw schrijven te antwoorden, dat aangezien de kerk die wij vertegenwoordigen zich grondt op dezelfde beginselen als uitgedrukt in de Openlike Verklaring der Gereformeerde kerk, zijn wij van oordeel dat ene ontmoeting ener kommissie uit de twee kerken wenselik is, ten einde punten van overeenkomst of verschil te bespreken, en te zien of er ene mogelikheid bestaat tot ene toenadering, waardoor er een betere verstandhouding en samenwerking bewerkstelligd kunnen worden, tot heil van ons volk, en in belang van Gods Koninkrijk."

Ons Sinode het toe 'n kommissie benoem ,,om in onderhandeling te treden over de inhoud van het schrijven van ds. Nel."

Op die Sinode van 1910 word ook nog behandel twee besprekingspunte, een van die predikant van Bloemfontein,, ds. W. Postma, en een van die predikant van Venterstad, ds. W. J. Snyman, wat altwee inhou samewerking met die ander kerke ,,die tot grondslag hebben dezelfde belijdenisschriften als de Geref. kerk." 'n Mens merk 1910 is die Unie-jaar, die jaar van verbroedering.

Die Sinode besluit: De Synode acht het zeer wenselik dat er een goede verstandhouding in christelik-maatschappelike zaken, zoals bedoeld is in de beschrijvingspunten, besta tussen Christenen in Zuid-Afrika. Zodanige verstandhouding kan echter niet aangekweekt worden door Synode-besluiten, maar behoort uit de omstandigheden, waarin wij leven, ontwikkeld te worden."

Die kommissie aangewys deur die Sinode 1910 om te onderhandel met die Verenigde Kerk in Transvaal op die skrywe van ds. Nel rapporteer op die Sinode van 1916.

J. P.

(Word vervolg.')

## SKRIFOORDENKING.

### GEHOORSAAMHEID GELEER.
### HEBR. 5: 7—10.

*(Deur ds. D. G. Venter.)*

Die skrywer van hierdie brief het met sy brief so ver gevorder, dat hy kon sê ons het 'n Hoëpriester, wat deur die hemele met sy versoeningsbloed deurgegaan het, en ons mag nou met vrymoedigheid toe tree na die genadetroon. Want Jesus ken ons in al ons swakheid en moeilikheid. Hy is ook een van ons, en een vir ons by God.

Ons hoef nie te twyfel nie. God Self het Hom vir ons as Hoëpriester verordineer en gestel. Hy is ook God se Hoëpriester. Dit lê vir ons gewaarborg daarin dat die Kristus self God is: ,,Gij zijt mijn Zoon, heden heb Ik U gegenereerd." Net soos Kristus ewig God is, so is Hij ewig Hoëpriester. Waaragtig regvaardig mens en waaragtig ewig God. Van God gestel tot Sy Hoëpriester het Kristus Homself dit ook betoon met die daad. Net soos God dit in Sy ewige Raad bepaal het, net so het Kristus dit ook bewys.

In die vorige verse van die hoofstuk het die Apostel langsaam hiertoe opgeklim, en so vir ons 'n bron van troos, rus en vrede ontsluit. Nou gaan hy hier aantoon dat die Kristus met die daad getoon het so 'n Hoëpriester te wees. Daarmee maak hy die troos vir ons waarlik 'n dubbel troos, en gee 'n dubbel waarborg.

Die nuwe bron van troos, die twede waarborg van Kristus se hoëpriesterskap—die daad het ons in Sy omwandeling hier op aarde, en begin die Apostel tereg met ,,in die dae, toe Hy vlees was." Hy sê dus, as die Kristus een van ons was, het Hij geen engelenatuur gehad nie, maar onse navuur. Hy was in die vlees, en, hoewel Hy sonder sonde was, het Hy tog honger gekry,

dors gehad, moeg geword, pyn gevoel, benoudheid en angs geken. Hy het 'n liggaam en 'n siel gehad, net soos ons, en gestaan in die lydenssee van hierdie lewe, geworstel met die golwe en bare van God se toorn. Geen ander vlees, geen ander liggaam, geen ander siel nie as wat ons het, net Hy het geen sonde geken nie.

Daarom, in die Evangelies staan nie maar volledigheidshalwe nie dat Hij weggevlug het en nagte eensaam op die berge in gebed deurgemaak het. Hy het ook nie maar gebid omdat die mens bid nie. Hier staan ,,gebede" en ,,smekinge." Diep in Sy siel was daar 'n behoefte, 'n drang na die gebed, en moes Hy Sy siel uitstort, soos nooit 'n mens dit ooit gedoen het nie. Uit hierdie lewe, midde uit die bose magte hier, onder die skaduwee van die dood het Sy siel begerig maar weer en weer opgeskiet na bo, waar die Lewensbron, God die Ewige is. Daar alleen was verademing.

Alleen het Hy Heilige, maar in ons vlees, gestaan teenoor die dood en al sy magte, en was dit nou maar net om Hom, staande in ons plek, te verweer, dan was dit nog iets anders. Die skrywer bedoel dit wel maar nie net dit nie. Hy gebruik die woordjie ,,offer," en, dit nou in verband geneem, wys seker op die reukofferdiens. Gedurig moes, aangesteek met die vuur van die brandoffer, die reukoffer brand. 'n Geur, 'n lieflike en geheiligde geur moes die heilige vervul.

Dit beteken dan dat Kristus, terwyl Hy Sy versoeningswerk doen 'n gedurige reukoffer moes brandende hou. Soos uit Sy liggaam die versoeningsbloed gevloei het, moes uit Sy siel opstyg 'n reukoffer. So weet ons ook, toe daar van die Kruis Sy bloed neergedruppel het, hoe die gebede oor Sy lippe gevloei het. In die plek van die reuk van die dood moes van Hom opgaan 'n reuk van lewe.

Dit het geskied met ,,sterke roeping en tranen." Ons sal sê dit het Hom baie gekos. Want dit was nie 'n kwessie van lydelik maar dra en verdra nie. Dit ook. Maar, soos Hy daar gans alleen gestaan het, was dit 'n kwessie om daartoe nie net instaat te wees nie, maar self dit op te neem en te doen. Sy worsteling was nie net onder die lyde nie maar om gedurig dieper daar in te kom. Dit wil sê hoe groter Sy lyde word, hoe dieper Hy daarin, self daarin dring. O, eers as ons dit verstaan, weet ons wat daardie gebede, daardie smekinge, daardie roep en trane gewees het, 'n brandende reukoffer. Dit was die woelinge en worstelinge binne in Sy siel, Sy gebed tot God.

God het Hom gestuur, en Hy, as Soon, het dit self so gewil. Maar nou moet Sy mensesiel worstel om ook met die Vader, Sy eie goddelike natuur en die Heilige Gees eenswillend te wees en te bly. Want daar was vir Hom geen uitredding, geen verligting, geen verandering, geen terugval nie. Tot die einde en tot die volste maat moet Hy dit self wil, soos God dit wil. Dit is al.

Maar hier staan nie dat Hy gehoorsaam gebly het nie. Hier lees ons ,,hoewel Hy die Soon was, het Hy nogtans gehoorsaamheid geleer." Sy worsteling was om eenswillend met God te bly in die vlees. God het Hom daarom gehoor, en Hy kon daarin bly omdat Hy Soon was, maar Sy vlees, Sy menselike natuur het prikkel vir prikkel van die dood gevoel. Onder die lyde het Hy eers gewaar en ondervind wat dit in werklikheid is. En stap vir stap het Hy dit moes ondervind tot Hom die bloedsweet uit die liggaam gepers is, en Hy moes roep: My siel is geheel bedroef tot die dood; My God, My God, waarom het U My verlaat. Het Hy proefondervindelik die lyde leer ken, ook die ontsaglike spanning van eenswillendheid met God het Hy leer ken proefondervindelik.

Die mens, Jesus, moes die ganse skuldlas self en alleen dra en wil dra; die ganse toorn van die Oneindige self en alleen verduur en wil verduur; self en alleen daardie reukoffer brand en brandende hou. O, waarlik, dit is nie nodig om dieper in die siel van die Man van smart te sien nie, as net dat Hy gehoorsaamheid geleer het, en te verstom en meer te sink in die stof van die aarde. Hy het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het.

Nou kom vers 9. Daarin lê die troos.

Tot hierdie hoogtepunt gebring, ,,geheiligd zijnde," het Hy vir ons geword 'n oorsaak van ewige heil.

Dwarsdeur die donkerhede en ontsaglike dieptes van dood en graf het Hy heengebreek, en wou heen breek. En nou loop daar 'n oop pad, 'n koninklike pad, vol geregtigheid en heiligheid, op tot voor God se genadetroon. Geen skaduwee val daarop, geen hinderpaal lê daar, geen oneffenheid is daar nie, maar stroom vol heerlikheid en druppel van vrede. Dit is die opening van hier na die genadetroon toe.

Maar vs. 10 laat ons sien van die genadetroon af tot hier toe, van bo na onder. God sien daar die mens, Sy tempelpriester, Jesus na die ordening van Melchizedek. God het die mens 'n priester gemaak en daar is Hy nou, soos God Hom gemaak en bedoel het. Ere sy God in die hoogste hemele, vrede op aarde, in die mense 'n welbehae.

In vs. 9 is egter 'n beperking. Dit is alleen

vir die wat Hom gehoorsaam is. Vir al die ander wag die buitenste duisternis, die ewige en eindelose donkerhede van die dood.

Ons moet Hom gehoorsaam wees. Sy gehoorsaamheid moet onssinne word. So gehoorsaam moet ons Hom wees, as of ons self, ja elke een self en alleen, God gehoorsaam is.

O, probeer dit maar nie. Geen mens is daartoe ooit instaat gewees nie. U sal in wanhoop moet wegsink. Maar buig u neer in stof en as en bid God dat Hy u deur Sy Heilige Gees gee die geloof. Daardeur sal u gehoorsaam word, sal Kristus se gehoorsaamheid uwe word. Dit is geloofsgehoorsaamheid. Deur die geloof alleen, is daar lewe.

Maar dit beteken nie dat u soos 'n blok op die water voortgeja word nie, maar dat u deur die geloof Kristus gehoorsaam word, eenswillend met Hom word, en so self kruis, lyde, en smarte dra en wil verdra; self na al God se gebooie leef, en wil leef. Dit is geestelike aktiwiteit, die grootste geestelike aktiwiteit en lewe deur die geloof.

Mag ons dan weldra ook deurbreek en met onse reukoffers op daardie glorie-pad staan, priesters van God.—Amen.

---

## DIE HEL.

### XXII.

Een van die gronde waarop die ewigheid van die straf geloën word, is dat die woord *ewig* in die Heilige Skrif nie beteken *eindeloos* nie, maar dat daaronder verstaan moet word 'n *tydduur wat ons deur menslike berekening nie duideliker kan bepaal nie.*

As dus die Heilige Skrif van 'n ,,ewige pyn" spreek, so redeneer ons teenstanders, dan wil ,,ewig" nie sê dat daar geen end aan die pyn sal wees nie; nee, maar ,,ewig" beteken dan dat daar 'n pyn sal wees wat bo 'n *korter of langer ,,eeu"* sal uitgaan, m.a.w. baie lank sal duur. ,,Baie lank," sê hulle, is wel 'n verbasend uitgerekte periode, maar ,,baie lank," of ,,ewig," kry tog eindelik 'n end.

Hierdie redenasie wat teenswoordig so baie gehoor word, noodsaak ons om 'n kort ondersoek in te stel aangaande die betekenis van die woord ,,ewig" in die Heilige Skrif.

Die Hebreeuse taal druk die begrip ,,ewig" uit deur 'n woord wat die wortelbetekenis het van *verberg* of *toemaak*. Vandaar dat *olam* (,,ewig") in die grondtaal van die Ou Testament soveel wil sê as *verborge, toegemaakte, onafsienbare tydruimte.*

By die aanwending blyk dit dat ,,onafsienbare tydruimte" kan slaan op wat verby is. So lees ons in Gen. 6: 4 van reuse, die helde *uit die ou tyd*, letterlik *uit die ewigheid;* ons sou kon sê: Helde uit vanmeléwe se dae.

Maar dié onafsienbare tydruimte kan in die twede plek slaan op wat toekomstig is. So laat die Here in 2 Sam. 7: 16 vir Dawid aansê: ,,Jou huis sal bestendig wees en jou koninkryk *tot in ewigheid;* jou stoel sal vas wees *tot in ewigheid.*" Hier beteken ,,ewigheid," voorsover dit betrekking het op die sigbare koninkryk van Dawid, niks anders as onafsienbare tydduur in die nog verborge of toegemaakte toekoms.

Selfs kan ,,ewigheid" 'n betreklik kort periode in die toekoms aanwys, so lank as dit maar nie binne menslike berekening in jare en dae val nie, dus ook onafsienbare tydruimte is.

Van die slaaf wat nie van sy baas af wil weggaan nie, staan daar geskrywe in Eks. 21:6: ,,Laat sy baas hom na die gode (die regters) toe bring en vir hom by die deur of die sypos bring; en sy baas moet sy oor met 'n els deurboor; dan moet hy hom vir ewig dien." Hier kon in plaas van ,,vir ewig," dit voel elkeen, net so goed staan ,,vir altyd," d.w.s. so lank as die slaaf lewe. As hy dood is, kan hy sy baas nie meer dien nie!

Eindelik kan die woord ,,ewigheid" ook as hiperbool of in oordrywende sin gebruik word. Batseba sê vir Dawid: ,,Laat my heer die koning Dawid *in ewigheid* lewe! (1 Kon. 1: 31)—wat natuurlik wil sê: Mag hy *baie lank* lewe!

Voorbeelde om hierdie drie groeperinge van betekenisse te verduidelik, sou ons sterk kon vermenigvuldig. Maar dit is nie nodig nie. Die leser kan self telkens uit die verband opmaak watter van dié drie bedoel word. Ons oogmerk is alleenlik om aan te toon dat die eenvoudigste betekenis van die Ou Testamentiese begrip ,,ewig" is: *onafsienbare tydruimte,* hetsy in die verlede of in die toekoms.

Maar nou moet ons verder gaan. Op die geskape, *sienlike dinge* word die begrip ,,ewig" toegepas as dit blyk dat hulle tydduur deur ons nie kan oorsien word nie. Hulle het dan wel 'n end, maar ons kan dit nie nader bepaal nie; vandaar dan die onbestemde segswyse van ,,ewig."

Maar hoe nou gemaak as die menslike taal moet kwalifiseer die bestaanswyse van die *onsienlike dinge?* Ons het net woorde wat aan die sienlike wêreld hulle ontstaan te danke het; hoe moet ons nou vir ons red as oor die onsigbare wêreld moet gehandel word?

Laat ons byvoorbeeld net dink aan die saak wat ons besighou. Die sigbare dinge kan soms baie lank bly bestaan, sodat hulle tydduur vir ons onafsienbaar is; *maar 'n end het hulle,* dit sê die Heilige Skrif ons duidelik. Die onsigbare dinge se duur is óók onafsienbaar vir ons, *maar hulle het geen end nie.* Hoe moet ons dit nou uitdruk? Daar is net een middel: ons moet die woord neem wat naaste aan daardie betekenis is. Dit het die Hebreeuse taal gedoen. Die woord *olam* of *ewig* wat gebruik word vir iets wat 'n onafsienbaar lang bestaan het, *al kom daar 'n end aan,* word nou toegepas op iets wat óók 'n onafsienbaar lang bestaan het, maar *waar géén end aan kom nie.* Die Hebreeuse woord *olam* word dus ook aangewend om te sê dat iets geen end sal hê nie. Al in Gen. 3: 22 lees ons dat God aangaande die mens waarsku: ,,Laat hom nou sy hand nie uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet, en *in ewigheid* lewe nie."

In dieselfde eerste Bybelboek word die begrip *olam* selfs gebruik om die bestaanswyse van God aan te dui. In Gen. 21: 33 staan dat Abraham in Berseba 'n tamariskboom geplant en daar die Naam van die Here, *die ewige God,* aangeroep het.

Die hele saak kom dus hierop neer. Die Hebreeuse woord *olam* word gebruik van sienlike dinge wat 'n baie lang bestaan het, maar waar tog 'n end aan kom. Dan moet *olam* vertaal word met *altyd* of *vir altyd.* Maar *olam* dien ook om die bestaanswyse van die onsienlike dinge uit te druk, dinge wat géén end het nie. Dan moet *olam* vertaal word met *ewig* of *vir ewig* in die eintlike sin van die woord.

Ons gee dus toe dat ,,ewig" in die Ou Testament kan beteken 'n baie lang duur van tyd; insover het ons teenstanders gelyk; maar dan het dié woord net betrekking *op die sienlike, aardse dinge.* Wat ons handhaaf is dat die woord ,,ewig," wanneer dit die bestaanswyse aandui van die onsienlike, komende dinge, beteken *duur sonder end.* Geen onpartydige Skrifondersoeker kan 'n ander uitsplaak gee nie.

Wat die Nuwe Testament aangaan—daarby hoef ons nie so lank stil te staan nie, omdat die Griekse woord vir ,,ewig" net aangewend word om die Outestamentiese hoofbetekenisse van *olam* uit te bring. Dr. Bavinck sê: ,,Dikwels word die woord *aioonios* (ewig) ook in die Nuwe Testament nog gebruik van die hele *wêreldtyd* wat tot op die verskyning van Christus toe verbygegaan het" (waar dus 'n end aan gekom het)—soos in Luk. 1:70, Hand. 3:21, Rom. 16:25, ens. Maar, so gaan Bavinck voort, die woord *aioonios* (ewig) dien in die Nuwe Testament veral om die onverganklike, bo alle bederf en verderf verhewe natuur van die weldade wat deur Christus verwerf is, aan te dui, en word dan insonderheid dikwels met *lewe* verbind: die *ewige lewe* wat Christus skenk aan elkeen wat geloof, het sy begin reeds hier op aarde, maar word tog eers in die toekoms volkome openbaar; dit behoort by die toekomende eeu (Luk. 18:30), is onverderflik (Joh. 11: 25, 26) en heet *ewig,* net soos die woonstede wat uit God is (2 Kor. 5: 1), die saligheid (Hebr. 5: 9), die verlossing (9:12), die erfenis (9:15), die heerlikheid (2 Tim. 2:10), die koninkryk (2 Petr. 1: 11); net soos ook God, Christus en die Heilige Gees ewig genoem word (Rom. **16:26,** Hebr. 9: 14, 13: 8 ens.)"

Dit is dus aan geen twyfel onderhewig dat *ewig,* wanneer dit gebruik word met die oog op die *toekomende eeu* en alles wat daarmee verband hou, die betekenis het van *duur sonder end.*

J. D. DU TOIT.

## BRIEF.

Waarde Vriend,

"In Cruce Salus," dat wil sê "In die Kruis lê die Saligheid." Die is die opskrif op die groot Roomse klooster wat in Aliwal Noord staan. Nou met ons Algemene Vergadering neem ek Maandag môre vroeg so op my eentje 'n wandeling deur daardie mooi dorp, en kom toe ook af op die genoemde klooster. Ek is baie teen die Roomse en is vervul met vrees, dat baie van ons Afrikaners hul nog sal laat verlei deur die Roomse kerk, maar ek moet erken, dat die mooi woorde bo op die gewel van die klooster my getref het. Wat is die geboue ook uit 'n volle beurs opgetrek. Die kerk is van klip, en soos mens van buite kan sien, is die vensters pragtig gekleur en ongetwyfel ook met allerhande mooi skilderasies versier.

Die Roomse kerk het die oudste geskiedenis, ten minste sy maak aanspraak op die ganse ryk geskiedenis, wat voor die Hervorming lê, en so is die mooi spreuke en pragtige gesegdes van die groot en vroom manne uit die gryse kristelike oudheid ook hare, so beweer sy altans, en dit is tog nie so nie. Toe ek vanmelewe tentamen (voorlopig ondersoek) by wyle Prof. J. Woltjer in Grieks gedoen het, gee hy vir my 'n boekie in hande, waar ek 'n stuk uit moes vertaal. Dit

was 'n brief in Grieks aan die Heere Jesus geskryf. Nadat ek die opskrif en 'n stukkie vertaal had, vra die Professor, of ek weet watter geskrif ek daar vertaal. Ja, Professor, antwoord ek: Ek sien dit is 'n boodskap van 'n koning Abgar aan die Heiland, en voeg toe daarby, dat dit somar weer 'n legende is van die Roomse kerk, wat sê, dat Kristus met hierdie koning 'n korrespondensie gehad het.

U spreek wel 'n bietjie ligvaardig oor wat u daar die Roomse kerk noem, maar u moet weet, dat daar toe nog nie eintlik 'n Roomse kerk was nie, want die kerk van die vroeëre tye was ook ons kerk, en wat vóór die Hervorming lê, is die kerke hul gemeenskaplike geskiedenis.

Die tentamen was nie oor kerkgeskiedenis en dit het vir my toe by die Professor maar daar op aangekom, of ek die stukkie ongesiene Grieks goed kon vertaal, wat my bo verwagting geluk het.

Wat die geleerde Professor daar toe egter ter loops oor die ou geskiedenis opgemerk het, het my later baie laat dink. Dit was en is waar, en tog op party punte ook weer nie heeltemal nie. Die ou kerk was ook ons kerk, seker, maar alles wat sy in die loop van die tyd gedoen en bely het, keur ons as Protestante darem nie goed nie, en neem dit ook nie vir ons rekening nie.

Nou ja, ek dwaal 'n bietjie af, maar dis niks nie. 'n Regte briefskrywer moet dit doen, anders is sy brief nie gesellig nie.

In die Kruis lê die Saligheid, of die Heil, soos mens dit ook kan vertaal. Ons is teenswoordig in die lydensweke, en Sondags word die gemeente bepaal by die plaasbekledend lyden van ons geseënde Heiland. So hoor ons baie van die Kruis en verstaan ons weer opnuut dat die Saligheid en Vrede deur die Kruis is.

My geliefde Professor Wyle Dr. A. H. de Hartog, 'n man wat die Kerkvaders so goed geken het, het vir hom in sy moeilike lydensweg gedurig getroos met die ou vroom spreuk: Ubi Crux, ibi Lux: Waar die Kruis is, daar is die Lig. As die Professor gespreek het, was hy so lief, om so nou en dan 'n spreuk van die ou Kerkvaders daar as 'n korrel welriekende spesery tussen te gooi, en vir hierdie woord met sy mooi klanke en diepe sin het die mistieke man so veel gevoel. Wonderlik hoe baie en graag die ou Kerk oor die heerlikheid van die Kruis gepraat het, en sy het dan natuurlik in die eerste plaas gemeen, die Kruis van ruwe balke, waar die Heiland met Sy gekneusd en gefolterd liggaam op Golgotha aan gehang het tot aanfluiting van die hoë vernamen en die skorrie-morrie van Jerusalem, maar die ou vaders het dan ook meteen gesinspeel op die kruis, wat die disiepel van die Heiland sy heilige Meester moet agterna dra. Hul het gemeen, dat in daardie kruis, die kruis wat ons daeliks te dra het, saligheid en heil opgeslote is. Die jonge meisie wat nou word sê die wêreld, die hoop op 'n huwelik, op 'n aangenaam lewe vaarwel, en sny alles af, wat haar aan die wêreld verbind, neem die swarte kleed aan, en stap gesluier met 'n strak gesig, en die oë na die grond oor die straat, en soms tussen die mense op die platform deur, trein toe, en sy sê: In die dra van die Kruis lê die Saligheid en die Geluk. Ja, antwoord ons: Die spreuk is waar, in die Kruis die Saligheid, maar dan moet mens dit nie so toepas nie, as die kloosterling dit doen. Mens moet die volle lewe in, en sy plig, wat hom van God opgelê word doen, en die kruis wat vir hom daarby gegee word, gewillig die Heere na dra. Dat is die Saligheid en dit gee die Vrede. Waar die Kruis is, daar skyn die Lig.

Ons Algemene Vergadering sal nou hier in die ou Kolonie ook nie meer sit nie onder die ou naam. Ons is nou ook opgesny in "classes" en dan sal ons ook bymekaar kom as Provinsiale Sinode. Ek wil hoop, dat hierdie verandering 'n verbetering sal wees. Die tyd sal ons dit later wel leer. Die voorsitter van ons Algemene Vergadering te Aliwal het by ons heengaan 'n kleine lykrede uitgespreek op die afskaffing en, in figuurlike sin, die begrafenis van ons ou kerklike vergadering, wat ons jaarliks vir oor die sestig jare gehou het.

Hy het gesê, dat dit vir hom 'n aandoenlik oomblik was, om van die heengegane afskeid te neem, en daar was die spreker die tolk van my hart. Nou kry ons dan die classes, 'n woord wat ons ou mense weer sal moet leer spel en uitspreek.

Ons het op hierdie laaste Algemene Vergadering ook 'n besluit geneem oor 'n baie teer saak, nl. die afneming van die geboortes van kindertjies, wat ook duidelik waar te neem is in ons kerk. Hierdie onwederlegbare feit, spreek boekdele. Dit is 'n teken van 'n verkeerde lewensbeskouing onder ons; van onsedelike praktyke en van 'n gewisse ondergang van die nasie. Baie van ons jonger geslag het die mond vol van nasionaliteit, en roep dat ons 'n groot volk moet word, en hul sing die lof op hoë tone van die voortrekker-vader en veral van die voortrekker-vrou, maar baie van hul het nie die lus en die moed, om 'n vader of 'n moeder van 'n

flukse huisgesin te wees nie. Mens kan nou hierdie jong vrou en dan weer daardie sien trek, met 'n hoop geskrifte in die tas, na die konferensie van die Nasionale of ander Vrouetak of na die Helpmekaar, ywerig en vol vuur vir die welstand en opbou van ,,ons volk." Party van hul skryf boeke en krant artiekels vir die groot doel, maar met papiere kinders bou jy nie 'n nasie op nie. Nee, daar moet wees kinders van vlees en bloed, en waar is hul?

Gister wys iemand my 'n mediese krant (dokters-krant) waarin staan, dat in die vorige jaar daar oor die nege duisend klein kinders uit die groot stad Parys weg geneem is na buite, omdat die moeders nie die kinders wou opvoed en groot maak, en dieselfde artiekel sê ook, dat in die laaste jaar daar sewe honderd onderwysers in Frankryk hul ontslag gekry het, omdat daar nie kinders vir die skole was, wat hul sou kan onderwys.

Daar gaan dit met ons ook na toe? Dit is een van die ergste en droewigste verskynsele onder ons volk en in ons kerk. Ek veronderstel dat party hier oor lag en altemit wel grappe maak, maar waarlik hul weet nie wat hul doen. Mag die Heere hierdie besluit van die Algemene Vergadering seën.

Beste groete

U Vriend,

T. H.

C., 11 Maart, 1926.

## PSALM 138.

1. 'k Sal met my hele hart, o Heer!
u roem en eer
met lof vermelde.
'k Sal voor die gode in psalmgeklank
my grote dank
aan u vergelde.
Ek sal my neerbuig op u eis,
na u paleis,
die oog na bowe.
En, om u guns en waarheid saam,
u heil'ge Naam
eerbiedig lowe.

2. Want om u Naam 's in elke oord
u trou en woord
so hóóg verhewe!
U het my siel, op sy gebed,
verhoor, gered,
my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o Heer!
u grootheid eer
in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor
en aansweef oor
hul wank'le trone.

3. Dan breek hul saam in sangstem uit;
'n lofgeluid,
dié klink u teë.
Want groot is God se heerlikheid,
sy majesteit
in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog,
op hul die oog
wat ned'rig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan
van grootheidswaan
wat hoog wil strewe.

4. As in my angs en teëspoed
die krag en moed
my wil begewe,
as vyande van veglus brand,—
dan kéér u hand
en red my lewe.
Die Heer is goed en baie sterk:
Hy sal sy werk
deur niks laat keer nie.
Laat my, o Heer, wat my bewaar!
tog nóu nie vaar,
en nimmermeer nie!

—*Totius.*

## UIT EN OOR DIE PERS.

(Deur Prof. J. A. du Plessis.)

Ek het my lesers laas gewys op die geroep van die wêreld om 'n *Nuwe Godsdiens* en 'n *Nuwe Dans.*

Ons land word nou besoek deur 'n getal Engelse boere en ook het 350 vooraanstaande Amerikane geland om ons land te sien. Hulle het gekom onder leiding van Mnr. Eugene van Wyk, wat in Amerika studeer.

'n Meisie onder die geselskap het aan 'n verteenwoordiger van "The Star" gesê: ,,Jy het seker gehoor van ons *nuwe* dans, die *Charleston.* Wel ons dans dit elke nag. Dit het al die ander danse dood gemaak, omdat dit wilder is."

Of dit nou die *nuwe* dans is wat die wêreld soek, weet ek nie. Uit Amerika kom baie nuwe goed, miskien ook die Nuwe Godsdiens vir die wêreld.

* * *

Hierdie Amerikane is nie prohibisioniste of afskaffers nie. Toe hulle twaalf myl van Amerika was, is die kantien op die skip oop gemaak. Kan hulle dan nie drank in Amerika kry nie?

Die volgende berig uit Nu-York knip ek uit "The Star":—,,Londen, Donderdag.—'n Bacchanaliese roes, wat skynbaar gelyk op die suippartye wat die ondergang van Keiserlike Rome voorafgegaan het, het plaas gevind in Nu-York, die nag van die 23ste Februarie. Die partytjie was gegee deur die toneeluitvoerder, wat die toneelstuk van Gravin Cathcart, getietel ,,Ashes" op die planke gebring het. Die hoogtepunt van onbehoorlikheid was bereik toe 'n koor-meisie in 'n bad, gevul met sjampanje gespring het, en die drank uitgedeel het aan die gaste. Harry Thaw, wat Stanford White vermoor het, was een van die vernaamste feesmakers. Die prohibiesie agente is ,geskok.' "

By die *Nuwe Godsdiens* en die *Nuwe Dans* sal hierdie dronkemanssmerigheid seker die kenmerk word van die *Nuwe Toneel*. Hierdie Gravin Cathcart is geskei van haar man, en word aangehou in Ellis Eiland, waar verbode emigrante eers moet wag. Aan haar was egter toegelaat om 10 dae in Nu-York te kom en toe is haar toneelstuk opgevoer deur bewonderaars van geskeie vroue. So het sy haar roem verwerf.

* * *

Baie mense kom nou ons land besoek. Hulle sê ons is baie gasvry. Ons gasvryheid versorg ons soms moeilike dae. Nou het weer 'n Engelse lord, wat Mohamedaans geword het, en 'n hoë Indiër, aangekom. Hulle kom om van ons Mohamedane te maak—of van die naturelle en kleurlinge, en om ons Asiate- en Naturelle kwessie nog meer te bemoeilik. Heerlike vryheid en gasvryheid! Hierdie lord het sy Lord, die Here Jesus, verraai en hy wil ons kom wysmaak hoe salig dit is om dit ook te doen. Ek het in 'n gemeente van my ook eenmaal 'n seun gehad, wat Mohamedaans geword het, maar hy het nie al sy varkies bymekaar gehad nie.

* * *

,,De Kerkbode" van 3 Maart, het twee belangrike stukke, een van Dr. van der Merwe, die Moderator van die Ned. Geref. Kerk, waarin 'n sterk pleidooi gelewer word teen die Gewetensklousule, en een van die Editeur, met die opskrif: ,,'n Gevoel van Onrus!" waarin die Editeur sy vrees openbaar maak oor 'n paar stukke, wat verskyn het in ,,Het Zoeklicht" van die hand van die kerklike voormanne, van wie Dr. van der Merwe een is. Die stukke het Dr. de Wet nou al 'n paar maal in ,,Die Kerkblad" onder hande gehad.

* * *

Dit is eienaardig dat die Ned. Geref. Kerk se voormanne so prominent die Roomse en die Gereformeerdes koppel. Ons weet dat Prof. du Plessis van Stellenbosch beweer dat die Gereformeerdes Rooms is, o.a. omdat hulle voorstanders is van 'n Kalvinistiese Uniwersiteit. Hierdie swakheid kan ons S. Gel. vergewe. Maar nou het die Sinodale Kom. van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. 'n beswaarskrif uitgevaardig teen die Drank-Wetsontwerp van Minister Roos, waarin die volgende in ,,Die Burger" uitgawe daarvan staan:—

,,Deur die wering van lede van genootskappe wat drankgebruik en misbruik teengaan sal dit moontlik wees dat alleen lede van die Roomse en Gereformeerde Kerkgenootskappe op sulke howe kan dien terwyl alle ander Christelike Kerkgenootskappe geweer word."

Volgens ,,De Kerkbode" lui hierdie passaat:—,,Deur die wering van lede van genootskappe, wat drankhandel teengaan, sal dit moontlik wees dat alleen lede van die Roomse en Gereformeerde Kerkgenootskappe op sulke howe kan dien, terwyl alle andere Kristelike Kerkgenootskappe geweer word."

Altwee hierdie stellings en konklusies is verkeerd en misleidend. Wat is die saak? Die Wetsontwerp sê, sover ons weet, dat persone wat belang het in die drankhandel sowel as prohibisioniste (afskaffers) nie lede mag wees van lisensiehowe nie. Hier word nie gepraat van lede van Kerkgenootskappe nie, maar van afskaffersgenootskappe.

Lede van ander Kerkgenootskappe as die Gereformeerde en Roomse Kerke word seker nie uitgesluit qua (as) kerklede nie. Daar is tog seker baie lede van die Ned. Geref. Kerk wat nie afskaffers is nie. Hoe weet die Sinodale Kom. dat die Roomse Kerk teen prohibiesie is? Omdat die Roomse Kerk nie op die Kongres van Bloemfontein was nie? Weet hulle dan nie dat die Roomse Kerk nie met ander Kerke op Kerklike Kongresse sal saam vergader nie, omdat hulle nie met ketters op Kerklike Kongresse hulle sal vereenselwig nie. Die Gereformeerde Kerk, wat nie 'n Kerk*genootskap* is nie, kan nie geklassifiseer word onder genootskappe, wat nie ,,drankgebruik en drankmisbruik," of wat nie ,drankhandel' teëgaan nie. Is daar dan moedwillige verblinding in die spel? Die verskil gaan hier tog oor die beginsel van afskaffing en oor die *metode* vir drankmisbruik bestryding.

* * *

In die Parlement is 'n Wetsontwerp onder behandeling oor die Feesdae, en o.a. word voorgestel om die Kristelike feesdae te behou, om 'n Lentedag in Oktober vas te stel en om Dingaansdag te verander in *Voortrekkersdag*.

Ek hoop die laaste dwaasheid sal nie begaan word nie, en wat Lentedag aangaan, wel, dit sal in die meeste gevalle 'n wonderlike lentedag wees, as dit so droog is soos 'n kurk. Die *Boland* alleen sal kan rondspring miskien.

Oor die Godsdienstige feesdae juig ek toe wat Dr. Malan, die Minister, gesê het. Hy het gesê: Daar is twee dinge waarmee (sic!) 'n mens nie kan veg nie, en as jy dit probeer ly jy altyd op die ou end die nederlaag. Een is die geskiedkundige gevoel en die ander die *godsdienstige oortuiging* van 'n volk. As ons aan die godsdienstige feesdae gaan torring, sou ons lynreg gaan teen die geskiedenis van eeue en *lynreg teen die godsdienstige gevoel* van die volk."—(,,Burger," 20 Februarie.)

In die eerste plek wil ek daarop wys, watter inspanning die Minister geopenbaar het ten opsigte van Kristelike fees*dae*. Die P.U.K. se Raad vra nie Kristelike fees*dae* nie, maar Kristelike *onderwys;* 'n saak, 'n *hoofsaak*, waarom *alles* draai, ook Kristelike fees*dae*. Kristelike feesdae kan ons present kry, maar vir Kristelike onderwys word ons beboet. In die twede plek, is ek seker dat Dr. Malan, na sy spiets oor Kristelike feesdae, ook aan die hoofsaak, die Kristelike onderwys van sy volk, reg sal laat wedervaar.

* * *

Die Nederlandse kerklike pers bring nou die verslae oor die Sinode wat die Geelkerken-kwessie behandel het. Dit blyk dat *Reuter* 'n leun vertel het in sake die dood van Dr. de Moor. Die kabel het berig dat Dr. de Moor op 'n kommissie-vergadering, waar dit heftig gegaan het, 'n beroerte gekry het. Die Moderamen van die Sinode ontken dit. Die vergadering het rustig afgeloop en Dr. de Moor was in 'n goeie stemming. Naby sy losieshuis het hy 'n aanval gekry, wat die dood veroorsaak het. Die voorsitter van die Sinode het die volgende dag 'n roerende rede gehou en die Sinode is vir die dag verdaag.

* * *

Hier is nog 'n aardigheid van Reuter oor Dr. Geelkerken. Hy kabel op 5 Maart:—,, 'n Kommissie van die Generale Sinode van die Nederlandse Geref. Kerk, wat gehandel het oor sekere onortodokse uitlatings van die ,Geelkerken,' het 'n ultimatum aan daardie liggaam gestuur waar in geëis word 'n ondertekende verklaring van die aanname van die letterlike opvatting van die gedeeltes in Genesis wat handel oor Eva, die slang en die Boom van Kennis." (Uit "The Star.")

As hierdie besluit van die Sinode nou maar nie die gevolg het dat ons 'n splitsing kry van "Gereformeerde Kerken" en "Geel Kerken!"

* * *

Ek was aangenaam verras toe ek in ,,Die Volksblad" van 2 Maart lees dat die Editeur verduidelik het dat hy nie deur die gebruik van die woord *noodlot* die blinde heidense noodlot bedoel het nie.

In dieselfde uitgawe skryf *Rondloper* oor 'n onverwagte erfenis wat iemand ontvang het, en hy vang sy verhaal aan deur die volgende te sê:

,,Die noodlot is soms baie hard en skynbaar onregverdig, maar dan, asof vervul met medelye vir die swaar van die ongelukkige sterfling, word ,sy dae van verdrukking' skielik geeindig, die een geluk volg die ander en ons dink by onsself: ,wat 'n gelukkige skepsel.' "

Ek wil graag weet, wie of wat is die *noodlot*? Ek versoek *Rondloper* en ander om te lees Kategismus Sondag 10. Dit het my opgeval dat die woord *noodlot* baie in ons Afrikaanse pers voorkom.

As die pers die woord gebruik vir God, dan sondig hy teen die Derde Gebod, en as hy dit gebruik in 'n heidense sin dan is hy ongelowig. Waarom nie gepraat van *God* nie? Ons word tog beskou as 'n Kristenvolk, wat glo ,,dat *God* die lotgevalle bestuur."

---

## KERK EN SKOOL.

---

*Katkisasieboeke.*—Die laaste Sinode van die Geref. Kerke, op Rustenburg gehou, het (Art. 102) 'n Kommissie benoem om 'n Katkisasieboek op te stel vir die gemeentes se gebruik, verder om eenvormigheid te bevorder in die Kategetiese werk, en boeke in Afrikaans te kry.

Die Kommissie het op Potchefstroom, 'n dag voor die laaste Kuratoresitting bymekaar gekom. Prof. Dr. J. Chr. Coetsee was ook bygevra. Hulle het die saak breed en degelik bespreek. Die slotsom waartoe hulle gekom het, kan ek saamvat as volg:—

(a) *Een* handboek, wat al die nodige leerstof sal bevat, is buite die kwessie.

Die Kommissie het met eenstemmigheid besluit om aan te beveel:

(b) 'n Reeks van boeke, wat dan in al die gemeentes eners is, en rekening hou met die bevattelikheid van die katkisante en volgens 'n konsentriese leergang is.

Die Kommissie meen dat daar *Vier Afdelings* moet wees:

I.—Kinders van sowat 6—9 jaar;
II.—Van 10—12 jaar;
III.—Van 13—16 jaar;
IV.—Bokant 16 jaar.

Vir hierdie vier afdelings moet die leerstof nou behoorlik gereel word, en die Kommissie reken as vernaamste die *Bybel* en die *Kategismus* (Skrifkennis en Kerkleer) en as aanvullende vakke *Kerkgeskiedenis* en die beginsels van Geref. *Kerkregering*.

Hiervoor is dan noodsaaklik 'n *Handboek vir die Onderwyser* (*Kategeet*), waarin gegee word (1) 'n Inleiding op die H. Skrif; (2) 'n Indeling van die stof en (3) Aardrykskundige en oudheidkundige gegewens. Vir Afdeling 1 word dan uit die Bybel net vertel en Afdeling IV. kry weer meer openbaringsgeskiedenis.

Dit vir die leerstof uit die Bybel.

Dan is in die twede plek nodig (1) 'n *Vraeboekie* vir onderwyser en kind, wat maklik is en uit die Kategismus getrek. Dit is bedoel vir Afdeling II.; (2) nog 'n *Vraeboekie*, ook uit die Kategismus, maar meer volledig, vir Afdeling III. Afdeling IV. leer dan die *Kategismus* self en kry 'n sistematiese uiteensetting van die goddelike waarhede daarin vervat.

Dit is vir Kerkleer.

Vir *Kerkgeskiedenis* en die beginsels van Geref *Kerkregering* is net een boekie nodig. Al die stof wat bedoel is vir Afdeling III. (S.A. Kerkgeskiedenis) en IV. (Hoofpunte uit die Algemene Kerkge-

skiedenis), met die beginsels van die Geref. *Kerkregering* word dan hierin verwerk.

Daar is dus nodig vier boekies:—

(1) Handboek vir die Onderwyser;
(2) 'n Begin Vraeboekie;
(3) 'n Gevorderde Vraeboekie, en
(4) Die Kategismus.

Al die Skrifkennis word dan opgebou, langsaam opgebou uit die *Skrif;* al die Kerkleer uit die *Kategismus.*

As ons hiertoe kan kom, bring dit eenvormigheid, enerse boeke, en sisteem in die werk. Die Kommissie is hard besig om 'n uitgewerkte plan en 'n degelike rapport klaar te maak.

D. G. VENTER.

Steynsburg,
23/2/26.

(Is dit dan nie vyf boekies nie? Die handboek vir die onderwyser kan tog seker ook deur die kinders gebruik word as handleiding vir Skrifkennis.—Red.)

* * *

*Vryburg.*—Dit was vir die Geref. gemeente van Vryburg 'n groot voorreg om op Saterdag, 20 Februarie, 1926, hulle nuwe kerkgebou in gebruik te neem. Die opkoms was besonder goed, sowel van die Geref. Kerk as van die Ned. Geref. Kerk. Ons het by die Engelse kerk bymekaar gekom wat goedgunstig aan ons afgestaan is vir ons dienste gedurende die jaar wat ons nie ons eie kerk had nie. Daarvandaan het die prosessie begin. Een van ons oudste lidmate, Oom Sarel Venter, het voor geloop met die State Bybel, daarna die boumeester, mnr. Olivier, en Ds. B. J. de Klerk, ons Konsulent, en daarna die boukommissie, die Kerkraad en die Kerkraad van die Ned. Geref. gemeente alhier, toe het die gemeente vier aan vier gevolg tot voor ons kerkdeur. Daar is eers gesing Psalm 146:1; toe is die kerkdeur oopgesluit, en het almal plek geneem. Ds. de Klerk het tot teks geneem Psalm 127:1. Daarna het Ds. Esterhuizen van die Ned. Geref. Kerk van Stella, 'n paar mooi woorde gesê oor die woorde: „Vrees die Heiligdom van God." Ook het Rev. Legg 'n paar treffende woorde gesê, waarna mnr. Du Plessis, L.P.R., ons van harte geluk gewens het met ons pragtige nuwe kerk. Ons het ook die voorreg gehad om die Sondag Nagmaal te vier. Ons dank Ds. De Klerk van harte vir sy opoffering, en waardeer dit ten volle. Die aangename dae sal ons nie gou vergeet nie.—(Oud.) M. J. de Beer, Korrespondent.

• • •

*Frankfort, O.V.S.*—Op Sondag, 21 Februarie had die gemeente weer die voorreg om Nagmaal te vier. Die opkoms van die gemeente was besonder goed. Die kerkgebou was goed gevul by al die dienste, sodat enkele broeders al hier en daar die gedagte uitgespreek het dat dit tyd word om die kerkgebou te vergroot. Wat 'n teëstelling met ongeveer 13 jaar gelede! Toe die gemeente destyds grond aangevra het vir kerkbou, had die Stadsraad en die algemene publiek so 'n swak opinie omtrent die lewensvatbaarheid van die gemeente dat hulle dit nodig geag het om 'n stipulasie te maak dat as die gemeente (of sekte, soos hulle dit genoem het) tot minder as 25 sou val, dat dan die grond, met alle geboue daarop, sou terugval aan die Stadsraad! Wat is daardie kleingeloof tog nie beskaam geword nie! In Frankfort het dit, deur Gods genade geblyk, watter krag daar nog sit in die Gereformeerde waarheid.

Die kerkraad kon dan ook nou die laaste bedraggie van ongeveer £300 wat nog skuld was, aflos, sodat die gemeente dan nou vry is van alle skuld.

Saterdagmiddag, by die voorbereiding, het die leraar die gemeente bepaal by die ware bruidsgestalte. Sondagoggend het hy oor Johannes 6: 35, 55 tot die gemeente gespreek oor 'n geestelike maaltyd met geestelike voedingsmiddele. Na gewoonte is daar ook nog Sondagaand 'n onderlinge samekoms gehou waarin gehandel is oor die vrug van ware Awondmaalsviering.

Ook het die kerkraad besluit om kragtig te werk in die belang van die Afrikaanse Bybelvertaling. Met die eersvolgende kerkraadsvergadering sal dan verslag gedoen word en ons vertrou dat daar dan reeds 'n aansienlike som vir die saak sal kan opgestuur word.

Teen die end van verlede jaar het dit gelyk asof daar vanjaar glad geen mielieoes sal wees nie. Party mense moes die lande toe tot vierkeer oorplant, omdat die ruspes die jong mielies telkens opgevreet het. Tog is onse kleingeloof tot so ver hierin ook beskaam. Nieteenstaande die ruspesplaag, is hier nog goeie verwagtings.—(Ons moet in die toekoms die naam hê van die beriggewer.—Red.)

* * *

*Port Elizabeth.*—Br. M. J. Pretorius, Middelburg, skrywe dat hy in Port Elizabeth was, en daar het hy ontmoet br. P. J. van der Walt. Hulle is 10 lidmate daar, sê hy, en daar word by hulle aangedring om aan te sluit by die Ned. Geref. Kerk. Die lidmate daar is bereid om die koste van 'n leraar te betaal. Di. van der Walt en Hamersma was lank gelede daar. Hy vra of Burgersdorp, Venterstad of Philipstown dan nie 'n leraar kan stuur nie. Die lidmate daar is verlangend om bedien te word met Woord en Sakrament. Hulle kan die Skotse kerk ook kry vir gebruik.

* * *

*Kaapstad Kerkboufonds.*—Alreeds erken: £530 13s. 11d.; Mev. Smit, £1 5s.; Mnr. en Mev. L. P. Vos, £2 13s.; Frankfort, twede bydrae, £1 17s. 6d.; Bethlehem, £1 10s.; Sterkstroom, £3 17s.; Rente, £8 12s.; Totaal, £550 8s. 5d.

N. VAN DER WALT.

65, Buitengrachtstraat, Kaapstad.

*Wysigingswet P.U.K.*—In dank ontvang van: Mnr. H. A. Swart, Doornplaat, Harrisburg, 10s.; Bosveld Wyk (Diak. J. M. Malan) Gemeente Rustenburg, £2 9s. 4d.; Reeds erken, £151 12s. 7d.; Totaal, £154 11s. 11d.

W. J. DE KLERK,
Potchefstroom, Registrateur.
8 Maart, 1926.

(In verband met ons vorig berig dat Prof. Coetsee weer aan die Normaalskool verbind sou word, kan ons nou meedeel dat hierdie verwisseling nie plaas vind nie en dat Prof. Coetsee aan die P.U.K. bly.—Red.)

* * *

*Adresverandering.*—Hiermee word kennis gegee dat alle kerklike korrespondensie in verband met die Geref. Kerk, Johannesburg Oos, gerig moet word aan: Oud. B. W. Dykstra, No. 18, 8ste Laan, Bezuidenhout Valley, Johannesburg, en nie meer aan Oud. Thomassen nie.
Namens die Kerkraad,

T. SPOELSTRA (Voorsitter.)
92, Kitchener Laan, Kensington,
5 Maart, 1926.

* * *

*Middelburg,* Transvaal.—Soos reeds vermeld, het Sy Eerw. Ds. J. H. Boneschans, van Venterstad, die beroep van Middelburg aangeneem en sal die bevestiging plaas vind op 3 April, a.s. Hierby word dan ook hh. Predikante en Kerkraadslede genooi om teenwoordig te wees en die versoek van die Kerkraad is dat diegene wat van die uitnodiging gebruik maak, kennis hiervan gee aan die korrespondent, Bus 12, Middelburg, Transvaal, sodat vir losies kan gesorg word.

SKRIEBA.

## BOEKE-LYS OF KALVINISTIESE STUDIE-KRING.

Br. Van der Merwe van Boshof het vir 'n tyd gelede 'n boek-lys gevra om die Kalvinistiese beginsels te bestudeer. Dit is moeilik om so 'n lys saam te stel. 'n Mens moet eintlik weet wat die bekwaamheid van die persoon is en in watter rigting hy graag wil lees. Maar ek het op 'n ander gedagte gekom en dit is of ons nie 'n Kalvinistiese Studiekring in die lewe kan roep nie, en dan dink ek is dit 'n saak vir die Kristelike Unie. Ek sal dan die vraag voor die Bestuur van die Unie lê en as hulle dit goed vind, is ek oortuig daarvan dat Professore en Lektore aan die Teol. Skool en die P.U.K. sal help. Maar die doel van so 'n studie moet net wees om die Kalvinistiese beginsels te studeer vir verskillende terreine van die lewe. Die wat op hierdie manier ons beginsels wil studeer moet aan ondergetekende skrywe en meld:

1.—Hoe ver hulle gevorder is in kennis.
2.—Watter vakke hulle wil lees.
3.—Wat hulle werk is.
4.—Hoe oud hulle is.

J. A. DU PLESSIS.
Potchefstroom.

## NUWE BOEKE.

*Tobie Muller* deur B. B. Keet en Gordon Tomlinson. Uitgewers Nasionale Pers, Kaapstad. Tobie Muller, M.A., Th. Dr., Ph.D., was predikant van die Ned. Geref. Kerk op Philippolis. 'n Belowende jong Afrikaner, wat in die krag van sy lewe weggemaai is deur die griep in 1918. Eers kry ons 'n lewensbeskrywing van hierdie jong geleerde, dan word sy aandeel beskrywe in die twede Afrikaanse taalbeweging, daarna word hy geteken as geleerde en Filosoof. Die laaste hoofstuk laat hom sien as Patriot en Volksman, en die boek sluit af met enkele gedigte en toesprake van Dr. Muller. Op 22-jarige leeftyd is Tobie op Stellenbosch hard gewikkel in die taalstryd, tussen die jong bloed en die ou garde. Die stryd het begin met die oprigting van die A.T.V. en is later voortgesit deur die uitgawe van ,,Ons Moedertaal."

Van die eerste was Tobie die eerste voorsitter, en van die laaste een van die Redaksie-lede. Dr. Tobie Muller het gepromoveer in Utrecht en sy proefskrif is getietel: Die Kennis-leer van die Anglo-Amerikaanse Pragmatisme. Dr. Muller het die Pragmatisme gehuldig, iets waarop ons nou nie kan ingaan nie. Daarvoor sou nodig wees 'n beoordeling van sy Proefskrif. En tog het, soos een van die skrywers sê, die Kalvinistiese wereld- en lewensbeskouing vir hom altyd sterker aantrekkingskrag gehad.

In die Bylaes leer ons Dr. Muller beter ken. Wat 'n ernstige oortuiging en 'n vroom gemoed spreek uit sy toespraak tot Stellenbosche studente oor ,,Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid." ,,Sonder die vrees van die Here is opvoeding onmoontlik. Want al kan iemand skilder soos 'n Rembrandt, komponeer soos 'n Beethoven, en al het hy die dinkkrag van 'n Aristoteles, die digkuns van Homerus, en die natuurkunde van 'n Helmholtz of 'n Darwin, maar weet nie wat dit is om God te vrees nie, dan is hy minder opgevoed as die vissers van Galilea," so het hy die studente wou inspireer om die Here te vrees.

Hierdie biografie van Tobie Muller is 'n Inspirasie. Ons jongmense veral moet dit lees—en Tobie Muller, die geleerde, die predikant, maar die vriend van jongmense, sal hulle ook na sy dood, wat ons nog betreur, inspireer met en vir hoër dinge......as? 'n Student wat om sy nasionale eer 'n Oxford beurs geweier het, en 'n jong man wat 'n Professoraat afgeslaan het om sy roeping as predikant te vervul is 'n inspirasie.

J. P.

*Dr. J. Eijkman: F. W. Foerster als zedelijke Opvoeder.* 2e druk. D. A. Daamen's, Uitgeversmaatschappy, ing. f1.50, geb. f2.25.

Hierdie werk is 'n dissertasie ter verkryging van die doktorstietel. Die feit dat dit 'n twede druk belewe is alreeds 'n bewys dat daar iets besonder goeds in die werkie moet sit. In sy lengte sit dit seker nie, want dit is slegs 76 pagina's groot. Gevolglik moet dit in die inhoud sit. Foerster is vir my in baie opsigte 'n simpatieke opvoedkundige skrywer en hierdie simpatie is baie versterk deur die bestudering van die werkie van Dr. Eykman.

Die doel wat Dr. Eykman homself gestel het is volgens sy ,,Woord vooraf" na te gaan (1) die regmatigheid van die gesag van Foerster om bestempel te word as die van 'n wereldnaam, en (2) die antwoord wat F. gee op die vraag: hoe en in watter rigting voed ons ons kinders op? Hierdie doel trag Dr. E. te bereik deur agtervolgens te behandel: Foerster en zijn Beoordelaars (1—13), De Leidende Gedachten uit F.'s voornaamste werken (14—34), en Beoordeling (35—76). Die eerste hoofstuk vorm 'n baie saaklike historiese oorsig van F. se loopbaan en van sy teenswoordige posiesie as skrywer en mens. In die twede hoofstuk skets die skrywer F. se lewens- en wêreldbeskouing aan die hand van sy vernaamste werke en hoe hierdie beskouing sy stempel druk op sy opvoedkundige insigte. In hierdie hoofstuk het veral twee dinge my getref: (1) die verbasende beheer wat die skrywer toon in verband met sy hantering van die literatuur, en (2) sy goed-volgehoue soberheid en eenvoud in die uiteensetting van F. se standpunt. Dr. E. gee ons hier 'n mooi objektiewe uiteensetting, waarin hy sover moontlik trag (en ook slaag) om hom bloot te bepaal by F. se gedagtes. Net een of twee keer kon ek hom betrap op 'n vervroegde kritiek, b.v. bl. 28, 29. Daar is byna geen enkele gedagte-eenheid wat nie bewys word uit F. se eie werke nie. Die groot belesenheid en detail-kennis van Dr. E. dwing ons bewondering af. Die 2e hoofstuk (en trouens die hele boekie) lees as 'n klassieke werk: vol soberheid, eenvoud, ingetoënheid, afgerondheid. Ek meen dan ook dat die S. werklik geslaag het met die doel om sy 2e hoofstuk n.l. ,,slechts de leidende gedachten uit zijn werken naar voren te brengen en ze zoó te rangschikken dat de logische lijn daarvan het best tot haar recht komt." In die 3e hoofstuk wil die S. die agtergrond van F. se beskouing soek te ontdek en te wys op die besware waardeur hierdie beskouings gedruk word. Eers gee hy sy waardering oor F. en sy werk, daarna wys hy op die groot eienskappe van F. as skrywer, om in die derde plek sy oordeel te gee oor (a) hoe sien F. die mens, (b) hoe voed ons mense op, (c) wat F. sê van die invloed van die religie en van die persoon en die werk van Christus, en (d) wat by F. die verhouding is tussen outoriteit en ervaring. Ek meen dat Dr. E. deurgaans by sy beoordeling daarin geslaag het om die verhouding te bewaar tussen waardering en beoordeling, om die goeie van die slegte te skei, om ons te wys waar F. dwaal en in hoeverre sy beskouing deur ons as Kalviniste nie aanvaar kan word nie. Die werkie word afgesluit deur 'n baie goed versorgde literatuuropgawe.

Dat iemand in ons tyd van lang boeke so 'n intense onderwerp kan afhandel in 76 pagina's is werklik bewonderenswaardig en te waardere.

Ek wil sluit met die volgende kritiese opmerkinge:

1. Dat Dr. E. 'n baie verdienstelike werk geskrywe het oor F. se lewens- en wêreldbeskouing, maar dat hy van F. se opvoedkunde nie veel sê nie en dat die tietel "Foerster as sedelike opvoeder" eintlik misleidend is. 'n Opvoedkundige werk is die arbeid van Dr. E. in die eerste plek nie.

2. Die boekie het geen inhoudsopgawe, geen bladwyser nie; daar is geen nommering van die hoofstukke en die paragrawe nie. In ons tyd van baie boeke moet 'n skrywer dit vir die leser maklik maak om eers 'n algemene oorsig van die werk te kry en om dan maklik die belangrigste plekke weer op te soek. Soos die boekie nou ingerig is moet jy hom heeltemal deurblaai om die gang van die gedagte te kry.

Wat die druk en afwerk van die boek betref het ek niks anders as lof nie. Daar is feitlik geen drukfoute nie; die druk self is helder, duidelik en groot, en die papier glinster nie.

J. Chr. COETZEE.

---

*Dr. A. Kuyper en het ,,Neo-Calvinisme" te Apeldoorn veroordeeld?*
(De rectorale rede van Docent J. J. v. d. Schuit.)
Door K. Schilder.—Gereformeerd Predikant.
1925—Boekhandel en Drukkery W.D. Meinema —Delft.

Bovenvermeld boekje of brochure met groot genoegen gelezen. Wij waren, ook wegens de verre afstand, niet zo goed op de hoogte van de bezwaren van de Christelik Gereformeerde broeders tegen de beschouwingen van Dr. A. Kuyper.

Dr. A. Kuyper heeft geleerd, en zelf hebben we hem dit op zijn colleges horen voorstellen en duidelik maken, hoe in sommige gevallen de wedergeboorte bij de mens kan plaats grijpen, zonder dat deze terstond zich in 'n daadwerkelike bekering openbaart en in 'n godzalig leven uitkomt.

Dr. Kuyper leert en dit is met vele plaatsen uit zijn geschriften aan te tonen, dat de wedergeboorte zo *kan* plaats vinden en ook wel werkelik zo plaats heeft.

Op dit punt is nu de geleerde professor van verschillende kanten aangevallen en helaas, menigmaal verkeerd voorgesteld. De bestrijders trachten dan aan te tonen, dat Dr. Kuyper tegen de Schrift in leert, dat de wedergeboorte altijd lang aan de bekering vooraf gaat en al die tijd

dan ,,slaapt" of in dormante toestand verkeert. In 'n rectorale rede over ,,De religieuse psychologie en de bekering" heeft Ds. J. J. v. d. Schuit, docent aan de theologiese school van de Chr. Gereformeerde Kerk te Apeldoorn, gehandeld over drie punten n.l.

1. De moderne of evolutionistische richting.
2. De Neo-Calvinistische of Kuyperiaanse richting.
3. De Schriftuurlike of confessioneele richting.

Onder punt 2 wordt Dr. Kuyper aangevallen en beslist verkeerd voorgesteld.

Ds. K. Schilder van Delft treedt nu in zijn geschrift tegen de voorstelling van docent v. d. Schuit op, en we hebben zijn pleidooi met groot genoegen, zoals wij boven zeiden, en ook met instemming gelezen, waar hij het standpunt van Dr. K. duidelik maakt en verdedigt.

Het is diep te betreuren, dat er zoveel verschil en verdeeldheid onder de Gereformeerden in Nederland is, en mocht toch dit geschrift van Ds. K. Schilder, dat helder, duidelik en op broederlike toon geschreven is, dienen om misverstand weg te nemen.

Wij bevelen de lezing van dit boekje vooral bij onze predikanten aan.

T. H.

C. 26 Febr., 1926.

---

*Vier Afrikaanse Liedjies.*—Musiek deur Ds. M. de Villiers, uitgegee deur R. Müller, Kaapstad. Prys 2/6.

Die bundeltjie bevat (1) Op die Toring (Th. Wassenaar); (2) Afrikaans vir My (M. L. de Villiers); (3) Aandliedjie (Wassenaar); (4) Daar 's 'n Boernooi. Hierdie liedjies met musiek is die sesde van ,,Almal se Liedere."

J. P.

---

*Die Apostoliese weerlegging van hul dwalings.*—Deur Dr. P. J. S. de Klerk, verkrybaar by die skrywer en die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, Kaapstad. 'n Brosjure, 14 bladsye, prys 1d. stuk.

---

*Die Koninkryk van die Hemele.*—Deur Dr. P. J. S. de Klerk. Uitgewers, Nas. Pers Bpk., Bloemfontein. 162 bladsye. Hierdie bundel bevat 16 kort preke, elkeen van 10 bladsye. Ons kan hulle dus eintlik nie uitgewerkte preke noem nie Die preke handel oor skrifgedeeltes, wat bedoel om die betekenis en die eise van die *Koninkryk van die Hemele* te verklaar. Die onderwerp is baie groot, en dit spreek vanself dat die behandeling daarvan moes ly in 'n kort bestek. Maar wie durf nou waag om vir *ons* lesende publiek 'n dik boek of 'n serie boeke oor 'n onderwerp in vooruitsig te stel? Die skrywer sê dan ook in sy Voorwoord dat hy hierdie ,,proefuitgawe gewaag het." Ons hoop egter, dat hy baie lesers sal kry en dat hierdie bundeltjie preke deur ons lidmate in hulle Huisgodsdiens sal gebruik word. Die skrywer weet om dinge raak te sê, en in 'n paar woorde ook baie te sê. Daarom moet die preke langsaam gelees en *oordink* word.

J. P.

---

## KORRESPONDENSIE.

---

Ons het weer 'n briefie van die vorige korrespondent, M. T. A. Ackerman, ontvang, en ook 'n privaat brief van Lidmaat, ook 'n vorige korrespondent, oor die Sending. Br. Ackerman protesteer daarteen dat ons nie stukke teen die Sending wil opneem nie en dan skrywe hy tog teen die Sending.

Ons het duidelik gesê dat ons wel gewillig is om stukke te plaas wat handel oor die **metode** van die Sending, dit beteken, die manier waarop die Sending gedryf word, as die stukke bedoel **opbouende** kritiek. Dit is vir ons duidelik dat Gods woord wil dat die Kerk Sendingwerk moet doen, dit is, die Evangelie verkondig aan heidene. Dit is 'n uitgemaakte saak en **Die Kerkblad** sal nie stukke opneem, wat bereken is om hierdie roeping te verydel nie. Dit is sonde. As persone teen die besluite van meerdere vergaderings oor die Sending is, laat hulle dan die Kerklike weg volg. Dit gaan nie aan om 'n geskryf voor en teen die Sending toe te laat nie. Ons neem nog hier 'n brief van Dr. De Klerk op, omdat sy naam deur vorige skrywers genoem is.

---

**LIDMAAT,** Edenburg, skrywe oor die gebruik van die Stadsaal vir Kerkdienste. Hy stuur nie sy naam nie, en daarom kan sy vraag nie behandel word nie.

Ons hou niks van die valsnaam briewe nie. Skrywers moet liewer hulle name teken. Iemand stuur aan ons 'n Doodberig en die geld vir die advertensie. Lees tog wat daar staan op die eerste buiteblad van Die Kerkblad. —Red.

---

### 'N GELOWIG GEKNOEI.
### III.

In ons laaste stuk het ons probeer aantoon dat die verdraaide skeppingsleer van die teïstiese evolusie vrug is van sy valse n.l. panteïstiese godsbegrip.

Hierdie godsbegrip is onversoenbaar met die H. S.

Maar wie in sy **Godsbegrip** onsuiwer is, moet in al die ander begrippe ook onsuiwer word.

Laat ons sien hoe die evolusie ook ander begrippe vervals. Een van genoemde artiekels in ,,Het Zoeklicht" het drie voorwaardes vir die aanvaar van die evolusie gestel: die eerste was erkenning van 'n God. Ons het laas gesien wat dit beteken.

Die twede voorwaarde is: de erkenning van geestelike ervaringen. Met die term **geestelike of godsdienstige ervaring** word daar in ons tyd gedweep; dit is feitelik die bron en maatstaf van die godsdiens, ook die kristelike godsdiens geword. Dit beteken dus die godsdiens met alles wat daarmee in verband staan. So vat genoemde artiekel dit ook op, want hy sluit daaronder inspirasie, wedergeboorte ens. **Godsdiens** is dus ook volgens die evolusie 'n **ervaring,** en wel 'n ervaring as gevolg van **kontak met die Oneindige.**

Dis niks anders as wat Schleiermacher reeds onder godsdiens verstaan het n.l. ,,Sinn und Geschmäck für das Unendliche" (gevoel vir die oneindige). Maar as ons van die evolusie so'n godsdiens moet aanneem, dan is daar **geen verskil** meer tussen **kristen** en **heiden;** want die heidene soek ook na kontak met 'n mag wat hul

nie ken maar wat hul tog besef en gevoel; vandaar dat Kristus aan die Samaritaanse vrou sê: julle aanbid wat jul nie weet nie.

Maar Hy laat dan ook dadelik daarop volg: ons aanbid wat ons weet. Hier teken Kristus vir ons die **essensiële verskil** tussen die heidense en kristelike godsdiens; die heidense godsdiens is 'n kontak met 'n onbekende mag, wat ook nooit geken kan word; die kristelike godsdiens is 'n **bewuste en gewilde band** tussen die mens en die God wat die H. S. hom geleer ken het as 'n persoonlike Skepper en Vader in Kristus; die band was in en met die skepping van die mens gelê, en is deur Kristus weer herstel. Die evolusie-godsdiensbegrip kan dus nooit versoen word met die kristelike.

Die derde voorwaarde vir die aanvaarding van die evolusie is, dat die **misterie-wêreld** onaangetas sal bly. Die vernaamste misterie is dan Kristus wat nie in die terme van die evolusie kan verklaar word. Natuurlik word hier van die **mensheid** van Kristus gespreek. Ons kan egter nie sien hoe Kristus uitgeskakel kan word uit die evolusie-proses, as **Maria 'n produk** daarvan was, want Hy het tog ons vlees en bloed uit die Maagd Maria aangeneem.

Vir die evolusioniste is Kristus nog 'n wonder, maar eindelik sal Hy maar net 'n **ideale mens** wees, wat vir ons net 'n voorbeeld was hoe om goed te doen. Dit blyk reeds uit hul beskouing oor **verlossing..** Uit die volgende sinne kan ons enigsins opmaak wat verlossing volgens die nuwe evolusie beteken:

(1) Want indien evolutie waar is, dan streven alle dingen naar volmaaktheid . . . .

(2) Ontwikkeling is steeds in de richting van 'n groter batig saldo van geluk over lyden. . . .

(3) Onze hoop op 'n heerlik hierna helderder. . . . .

(4) Rather would I see in the upward trend of evolution a proof of the hidden but powerful activity of the Immanent God, ever working in the direction of greater perfection, and a pledge and promise of greater progress yet to come, the "New Heavens and new Earth" of which prophets and apostles dreamed.

Dus: die verlossing kom deur n **gestadige ontwikkelingsproses,** waardeur die natuur en die mensheid die kwaad sal **ontgroei** of **uitgroei.** Afgesien nog van die vraag of wat in bogenoemde sinne gesê word, beantwoord aan die werklikheid b.v. dat pyn verminder en geluk vermeerder ens., is die **grondstelling** van hierdie verlossingsleer vals volgens die H. S., want die verlossing (hier en hierna) kom nie deur 'n gestadige proses, maar deur die **herskeppende werk** van God in die siel reeds hier en in die natuur by die voleinding (Openb. 21:5.)

Uit die verlossingsleer van die evolusie blyk ook sy **valse begrip** van **sonde.** Sonde kan hier niks anders beteken as 'n **onvolmaakte toestand** waarmee die mens in aansyn gekom het; die sonde behoor dus tot sy **natuur,** en hy kan dit daarom alleen deur 'n natuur-proses ontgroei; sonde is hier ook bloot 'n **negatiewe** iets, 'n **gebrek** aan volmaaktheid; die Skrif begrip van sonde as 'n **aanranding** (dus **aktief)** van Gods eer, en as iets wat van buite af gekom het en sedert die val, soek jy verniet by die evolusie. Maar dis genoeg, geagte Red., om ons te oortuig, dat die sogenaamde gelowige evolusioniste wel onder die dekmantel van die H. S. kom, maar in werklikheid die Skrif verloën en verwerp. Wat Dr. Bavinck gesê het van Schleiermacher is seker ook op hul toepaslik, n.l. dat al gebruik Schleiermacher ook **dieselfde terme** as die Kerk, dan verstaan hy tog daaronder **heel iets anders** as die Kerk.

Schleiermacher wou 'n **filosofiese** kristendom fabriseer wat gewillig die krulle en grille van die kultuurmens moes gehoorsaam, en mee moes dans in die draaie en swaaie van die sogenaamde wetenskap.

Dis presies wat die sogenaamde teïstiese evolusie wil doen.

In 'n slotartiekel hoop ons om nog op 'n paar sake van meer praktiese aard terug te kom.

C. J. H. DE WET.

Potchefstroom,
7/3/26.

---

**SENDINGKRIESIS?**

Dit kom my voor of ons Kerk op die oomblik 'n kriesis op sendingsgebied deurmaak, en dit kom my verder voor dat die roepstemme wat nou nog teen die sending verneem word ook kriesis-stemme is. Hulle is nie meer so hard veroordelend nie, maar weet ook al te praat van 'n sendingsplig. Alleen daar is soveel ander pligte wat moet voorgaan dat hierdie laaste plig tog maar moet rus. En wonderlik, by al onse ander pligte as Afrikaners gaan ons steeds terug tot die fondament van Gods Woord, maar wie waag dit met die sending? Br. Ackerman, volgens sy brief in die laaste **Kerkblad,** durf nogal beweer „ons moet nie net die saak van Bybelse standpunt beskou nie." Verbeel jou! Hier by die sending moet ons meer let op „meriete (?!) en omstandighede". Hoe verkeerd sou Dr. De Klerk nie gewees het as hy so durf geskrywe het! En ja vir die sending hoef, ja werklik **moet** ons nie gereformeerd, maar Metodisties wees, en dan bereik mens nog net die stadium van Fariseisme. Treurig voorwaar, om so'n dunk van die Heilige Evangelie te hê! dieselfde Evangelie wat in één oomblik se tyd die hart van 'n nuwe stokbewaarder in die tronk te Filippi verander het, en van hom 'n sagmoedige christen gemaak het. Nee, Br. Ackerman, 'n gereformeerde soek nie sieltjies nie, maar verkondig Gods Woord en is gehoorsaam aan Sy bevel en laat die uitkoms aan God oor. En God is geen God van Fariseërs nie. Die Evangelie van Christus tog besit 'n hart verowerende krag wat geen godsdiens ter wêreld besit nie. Of sou hierdie krag vir die naturel in Suid-Afrika nie geld nie? Maar ja, daar is mos in Suid-Afrika eers nog soveel reg te maak voor ons op sendingsgebied gehoor kan gee aan die goddelike bevel. Ons wil uitweë soek. Wat het Br. A., en „Lidmaat" van Middelburg miskien al gedoen aan ons Evangelisasie onder die verwaarloosde blanke Afrikaners op die Rand? Ek vra maar. Ek wil dade hê, en nie ydele woorde nie.

„Lidmaat" van Middelburg wil weet of ons nog op Bybelse standpunt is. Hy vrees ons word te begaan oor die Kaffer en laat ons eie mense in steek. Weer 'n valse vrees. Bewys eers waar ons hier ons arme nalaat. Vir ongeveer £280 vir armgelde gee ons hier in G. maar £10 vir die arme blinde heiden. Hoe lyk dit? So 'n handelwyse is Bybels, ja seker. Weet „Lidmaat" nie dat toe die Reformasie deurgebreek het, toe het die Gereformeerde Kerke in 'n treurige toestand verkeer. En wat het Kalvyn gedoen? Het hy heel gemoedelik tuis al sy kragte te Geneve aan sy gemeente, wat so liberaal was en treurig daaruit gesien het, bestee? Nee, in 1555 het Kalvyn met Coligny vanuit Geneve die onderneming van Durand de Villegaignon gesteun, en twee skepe vol Hugenote is naar Brasilië gestuur met die doel om vandaar uit te arbei aan die bekering van die blinde heidene. Maar ja, hulle was seker nie Kaffers? Ja seker en miskien erger nog.

En was die eerste christelike Kerk beter bearbei wat die arme ens. betref? En watter magtige sendingsaksie het hulle tog gevoer! Wat het Poulus en Barnabas nie gedoen nie? Het die H. Gees gesê hulle moes wag totdat eers al die arme van die pas gestigte gemeente van Antiochië versorg is? Nee, terwyl in Jerusalem veel armoede in die gemeente gewees het, het Poulus en Barnabas tog gehoorsaam aan hul sendingsroeping. (Hand. 13:1, 2.) En wat was die gevolg? Het die arme verwaarloos? Nee, ryke gifte het Poulus en Barnabas van Masedonië terug gebring vir die arme te Jerusalem. Laat ons nie slimmer as Gods Woord wil wees nie. Neem verder die geskiedenis van die sending onder onse Germaanse vaders. Was hulle moreel-godsdienstig beter as die Kaffers? En tog is die Evangelie onder hulle uitgedra.

Ons roep die Geref. Kerk dan ook met Br. A toe: ontwaak, maar ontwaak vir die sending as u geen swartmansland wil word nie. Die Evangelie tog alleen bring waaragtige beskawing, en waar die Evangelie nie durf gebring word nie, daar moet barbarisme heers. Mag onse broeders tog eers en vir altyd begryp dat ons hemelsbreed teen alle verbroedering is. Dit het my so gegrief op onse laaste Prow. Sinode dat sovele broeders Ouderlinge bang is vir verbroedering met die Kaffer. Broeders, lees tog onse vroeëre Sinodale Besluite, en wat my betref lees tog my Proefskrif, bl. 165-172. Ons wil juis teenoor die vroeëre verknoeide metode van sending, aparte organisasies op kerklik en maatskaplik gebied vir die Kaffer hê. Ons wil die skeidslyn wat God tussen die rasse getrek het nie uitwis nie. Daarom wil ons ginds agter die Soutpansberge ons eie geref. organisasie van die sending hê. Br. A. weet nie eers wat daar gedaan is, jammer! Daar wil ons nasionale Kaffer-kerke hê, wat, volgens onse Sendingsorde, hulself moet onderhou. Maar niemand kan hom tog self onderhou voor daar eers gearbei is. As dit die geval in ons eie blanke gemeentes is, hoeveel temeer ander barbare wat nog eers hul plig moet ingeskerp word. Dis jammer dat lidmate sulke onmoontlike dinge direk van die sending eis wat ons nie eers hier by onsself kan regkry nie. Nee, ons **wil** nie verbroeder nie, maar wil die skeidslyn wat God getrek het, respekteer.

Wanneer sal ons tog vorder tenopsigte van ons sending? Is dit nie treurig dat daar op ons Prow. Sinode besluit is dat ons weer die sendingssaak naar die Sinode moet verwys. Die Sinode het laas net besluit, en nou word deur Broeders van wie sommige saamgestem het op die laaste Sinode weer besluit ons moet die Sinode versoek om in hersiening te neem die sendingssaak. Middelburg wil hê ons moet ou trant toe terug: geen blanke predikant Kaffers toe, en geen blanke missionêre Dienaar op onse kansels? Word iemand wat vir die Kaffers gaan preek dan 'n Kaffer? Filippus tog het ook nie geskroom nie om vir 'n swarte Moor te preek nie. En ja dieselfde gemeente wil selfs nie sommige predikante van ons Kerk op hul kansel toelaat nie, omrede hulle bemoei hulle te veel met die sending. Is ons nog maar sover?

En industriële en landbou-onderwys? Dr. De Klerk is ook hier die sondebok, maar Br. A. pleit darem bietjie vir hom, „hy begin nou al dieper sake in te sien as wat hy laat deurskemer het toe hy sy studies voltooi het." Ek word, gelukkig, besadiger, ek is bly dat ander dit insien. Ek wil Br. A. net vra of mens die Evangelie aan iemand kan bring en van hom 'n christen maak, maar terselfdertyd hom nog heidens laat lewe. Nee, Br. ons gaan geen landbou-kollege, en 'n tegnies hoër skool op die sendingsveld oprig nie. Al wat ons doen, en daartoe het die Sinode ons Deputate opdrag gegee, is om 'n sendingsveld te soek. Nou ja, wie durf nou 'n sendingsstasie gaan oprig sonder eiendom te hê? Of moet die sendeling dan tussen hemel en aarde woon? Hy moet sy woning tog hê, en wie gaan bou nou graag op andermans grond? Ons wil slegs 'n stukkie grond hê waar ons die sendeling kan laat woon. Vandaaruit is sy werk dan onder al die rondwonende Kaffers.

Maar ons wil graag hê dat so'n stasie homself moet betaal (dit wil Br. A. ook) daarom wil ons dat die Kaffers wat die Evangelie aanneem, nie leeglopers en luiaards sal wees nie, dis mos ook nie goed nie, nie waar? Nou ja, ons laat hulle eenvoudig die grond bewerk, laat hulle houtwerk doen, soos wa en ploeg repareer, om hulself te kan help. Ek op die manier kry ons inkomste van die sending en die Kaffer-christene leer om 'n christelike arbeidsame lewe te voer. Dis mos sending. Of is sending, net Evangelie verkondig en almal verder aan eie heidense lewens- en werkwyse oorlaat? Ek hoop hiermee aangetoon te hê die belang van onse sending. Ons is gereformeerd en dit wil ons ook wees in ons sending. Gelukkig, die kriesis kom, en sal ons ten goeie kom. Gods Gees sorg self vir Sy werk en vir die uitbreiding van Sy Koninkryk.

Mag ons 'n ietwat ruimer word in ons opvatting teenoor ander wat van ons verskil in ondergeskikte punte.

P. J. S. d. K.

---

## 'N GEREFORMEERDE ONDERWYSERSBOND.

Eerw. Redakteur van die Kerkblad,—Laat my toe om iets te sê in verband met bostaande onderwerp, wat aangeroer is deur Ds. D. P. du Plessis van Ladybrand. Ds. du Plessis raak met die voorstel van 'n Geref. Onderwysersbond 'n baie aktuele vraagstuk aan. Eweas Ds. du Plessis het baie van ons onderwysers ook alreeds die gemis aan 'n Geref. Onderwysersbond gevoel. Die rede waarom dit nog nie aangeroer is nie, lê sekerlik in die oënskynlike onwaarskynlikheid van die verwesenliking van so'n ideaal. Suid-Afrika met sy onsaglike afstande maak die bestaan van organisasies wat hulle lede oor die lengte en die breedte van die land moet tel baie moeilik, en in die verlede nog altyd onmoontlik. Die ou-Studente Reunie het as organisasie op dieselfde moeilikheid gestuit.

Voor 'n mens oor die doel en die beginsels, oor die program van aksie van so'n Onderwysersbond kan handel—trouens ons is seker almal deurdring van die wenslikheid van so'n bond—moet 'n mens tog eers goed onder die oog sien die moontlikheid van die bestaan. Met ander woorde: kan so'n bond georganiseer word en waarin sal die organisasie bestaan? En verder sal so'n organisasie aan die eerste eis voldoen: is daar lede, en woon die lede nagenoeg bymekaar om 'n lewende organisasie te bewerkstellig en in stand te hou?

Ons sal dus eers die statistieke moet opmaak van al die Geref. onderwysers in ons land. Ek glo self dat die aanhangsel in die Almanak baie onvolledig is en dat dit vir uitbreiding baie vatbaar is. Daar is seker baie meer as, sê, 200 Geref. onderwysers in die land. Gestel dat daar 4 of 5 honderd is. Nou kan 'n mens 'n taamlik sterk organisasie in die lewe roep met 4 of 5 honderd lede—**as** die lede almal in mekaar se bereik is; maar nou is die toestand so dat die paar honderd Geref. Ondrewysers versprei is oor die hele Unie. Van 'n lewende bond is m.i. geen sprake nie—daarvoor het 'n mens daadwerklike voeling nodig. En tog gevoel

ons almal dat ons eendag moet **kom** tot 'n vereniging van alle Geref. Onderwysers!

Die enigste oplossing wat ek voorlopig sien is 'n baie los organisasie en wel 'n organisasie wat in die eerste plek moet uitgaan van ons Kerk en eers in die twede plek van die onderwysers self. Die Kerk sal deur middel van sy predikante en sy offisiële orgaan die bearbeiding van die geref. onderwysers moet begin, en hulle geleidelik opvoed tot die besef dat 'n geref. onderwysersbond verwesenlik moet word — **teen** alle moeilikhede in! Ek sou dan aan die hand gee dat die organisasie op die volgende manier begin word: Elke predikant van ons Kerk—en in die ware sin van die woord is hy in die eerste plek ook **opvoeder**—sal in sy gemeente die voortou neem en trag om die geref. onderwysers in sy gemeente te organiseer. Doen elkeen dit dan kry ons die boustene bymekaar vir 'n groter gebou. Ek meen dat alle bonde uitsterf omdat hulle van bo aan begin en gebou word—ons moet 'n organisaie by sy eenheid begin n.l. by die plaaslike „gemeente." Ek meen dat 'n onderwysersbond op dieselfde prinsiepe moet ontstaan en groei as 'n Kerk. Ons kan ons immers geen Kerk dink voor daar nie eers 'n gemeente (of gemeentes) is nie. So moet ook hierdie bond begin en groei: soek eers 'n plaaslike „gemeente" van onderwysers te stig en laat ons daarvandaan uit groei tot een groot ‚gemeente' van onderwysers. Is die onderwysers eenmaal in elke gemeente georganiseer dan kan afgevaardigdes (eers natuurlik die predikante) bymekaar kom en doel, beginsels en program en 'n groot organisasie bespreek. Dan kan eers oorgegaan word tot die stigting van 'n Gereformeerde Onderwysersbond. En verder in die voorlopige organisering sal die Kerkblad 'n belangrike rol moet speel, omdat dit die enigste middel is wat alle geref. onderwysers bereik en waardeur die verskillende klein ‚gemeentes' van onderwysers kennis van mekaar se bestaan, doel, beginsels en program van aksie kan kry. Die Kerkblad is dan verder ook die gewenste middel vir die propagandering van die ideaal. Intussen sal die Kerkblad dus van sy ruimte moet beskikbaar stel vir die verwesenliking van so'n ideaal! Dit kan hy doen deur (1) Korrespondensie oor die saak toe te laat of (2) 'n vaste rubriek af te sonder om die gereelde bespreking van kalvinistiese opvoedkundige beginsels ens.

En eindelik om die stukrag aan die beweging te gee, sal dit nodig wees dat 'n (self)-gekose komitee bestaande uit entoesiaste vir die saak sigself sal moet konstituëer om die nodige leiding te gee en die gewenste verband te lê tussen alle kleinere bewegings wat heenstuur na 'n ideaal van 'n geref. onderwysersbond!

P. U. K. J. Chr. COETZEE.
8/3/26

# VIR DIE KINDERS.

## „DIE LAASTE AVONDMAAL."

In 'n ou klooster in Milaan, 'n stad in Italië, is daar op 'n muur 'n skildery wat byna 400 jaar oud is.

Dit is genoem „Die Laaste Avondmaal" en werd geskilder deur die Italiaanse skilder Leonardo da Vinci, Soos die naam aanduië stel dit die laaste avondmaal voor, wat die Heere Jesus met Sy disiepels gebruik het in die „groot toegeruste oppersaal", waar hulle dit op Sy bevel **berei het.**

Die skildery teken vir ons die oomblik van ontroering onder die twaalf manne, daar om die lang tafel in die oppersaal, toe die Heere vir hulle voorspel het dat een van die, wat met Hom aansit, Hom sou verraai. So lewendig is die voorstelling dat ons op die gesigte en in die houding van die disiepels hulle ontsteltenis sien, en dis of ons die spanning voel, waarin hulle verkeer, as hulle, die een na die ander angstig vra: „Ben ik het? Ben ik het, Heere?"

Met so'n wonderlike teerheid en eenvoud is die skildery geskilder, dat dit vandag na byna vier honderd jaar, nog gereken word, vir een van die beroemdste, so nie die beroemdste skildery in die wêreld. Daarom is dit nuttig en ook interessant om iets van die geskiedenis van die skildery te weet — Toe die monnike vir Leonardo da Vinci gevra het om vir hulle Klooster 'n skildery te maak, was hy reeds deur die hele Italië en Frankryk beroemd as die mees voortreflike skilder van sy tyd. Tog het Leonardo veel voorbereiding en 'n diepe studie nodig geag om die groot werk te voltooi. 'n Skildery in daardie eeu, toe die gewone mense nie kon lees nie, moes dien as 'n boek of 'n preek om die bybelgeskiedenis wat hulle anders nie sou geken het nie voor oë te skilder. Die skilders het gevoel dat hulle 'n groot, verantwoordelike en bo-al 'n God-verheerlikende werk doen en hulle het met liefde en toewyding hulle taak vervul.

Dit was ook die geval met Leonardo. Onvermoeid het hy gewerk en vooraf honderde ruwe sketse geteken van die grootse idee, wat hy in gedagte had—sommige van die sketse is nog te sien in 'n Museum van Europa.

Leonardo wou die karakter van elke disiepel op die gesig laat uitkom. Daarvoor het hy gedurig gesigte bestudeer en altyd die drukste plekke van die stad besoek, waar allerhande soorte mense bymekaar gekom het, en hy hulle noulettend kon beskou.

Selfs het hy arm mense bymekaar gemaak en op sy eie onkoste vir hulle ete verskaf, nie uit jammerte alleen nie, maar dat hy op die manier ongemerk die gesigte kon gadeslaan en die regte tiepe kon uitsoek, met die oog op die groot werk, wat hy mee besig was.

As hy dan 'n idee gekry het, gaan hy alleryl na die Klooster en werk onvermoeid, van sonop tot sononder, aan die skildery daar op die pleisterklei van die muur, sonder om aan voedsel of rus te dink.

Die monnike kom vermonderd om hom staan, maar hy merk hulle nie. Sy gedagtes is net besig met wat hy daar op die muur wil te voorskyn bring.

Jaar na jaar het hy gearbei daaraan, nie altyd juis besig met die skilderwerk self nie—vir maande het hy nie naby die skildery gekom nie, wanneer hy net ronddwaal om gesigte te bestudeer.

Dit word vertel dat die Kloosterhoof naderhand ongeduldig geword het en hom gaan verklae het by die regerende Vors, Lodovico. Daar was nog net een gesig in die skildery, wat nog nie ingeskilder was nie, en nou laat Leonardo dit onvoltooi, sê hy, groteliks vererg. Lodovico laat daarop vir Leonardo roep en vra hom hoe dit is, maar Leonardo beweer dat hy elke dag gereeld twee uur aan die skildery werk. „Wat", roep die Klooster-hoof verontwaardig uit, „twee uur op 'n dag? En hy was nog die hele laaste jaar nie naby die Klooster nie!"

„Ja," sê Leonardo bedaard, „dit is waar ek was lank laas by die Klooster, maar dit is tog waar dat ek elke dag minstens twee uur aan die skildery wye. Die

gesig van Judas Iskariot moet nog net geskilder word, en om 'n gesig te kry, wat sy verraderlike karakter getrou weergee, het ek vir die afgelope jaar elke dag die Borghetto, waar die laagste klasse woon, besoek. En nog het ek nie die tiep gesig gekry, wat ek soek.

As ek dit kry, kan ek die skildery in 'n dag klaar maak."

Dit word nog gesê dat Leonardo bygevoeg het: „As ek tog nie daarin slaag om die regte tiep te kry, sal ek verplig wees om die gesig van die Kloosterhoof te gebruik as model, dit sal goed beantwoord vir my doel, hoewel ek nog steeds gehuiwer het om so'n vryheid te neem."

Dat Leonardo tog uiteindelik die gelaatstrekke van die Klooster-hoof na geskilder het vir die gesig van Judas word beweer.

Toe die skildery na vier jaar eintlik klaar was, het almal, wat dit gesien het verklaar dat dit die beste skildery was, nog ooit geskilder.

En die eeue het die oordeel bekragtig. Die pragtige skildery moes in die loop van tyd veel ly.

Veral het die klamheid van die muur gedurig deurgeslaan en groot skade aangerig. Verder het die monnike dit ook nog beskadig deur later jare 'n deur in die muur te breek, om toegang na die aangrensende kamer te verkry!

Eenmaal met 'n oorstroming het die kamer, waarin die skildery is, vol water gestaan vir daë.

Elke maal is onhandige skilders gekry om die skildery hier en daar te herstel. Maar, nieteenstaande dit alles, en die feit dat die kleure elke jaar bleker en dowwer word, is wat oorbly, nog beskou as een van die wonderlikste dinge in die wêreld.

As ons 'n goeie afdruk van die skildery bestudeer, sal ons effens 'n idee kry van die wonderlikheid daarvan—die pragtige rangskikking van die persone om die lang tafel, in die middel waarvan die Heere Jesus sit.

Die uitdrukking op die gesig van elke disiepel is verskillend. Simon sien ons, redeneer heftig met Mattheus en Thaddeus, aan die een ent van die tafel. Verbasing is op die gesigte van Bartholomeus, Jakobus en Andreas, aan die ander ent van die tafel, van waar hulle verbluf kyk na Thomas, Jakobus en Philippus net aan die linkerhand van die Heere Jesus sittende en angstig vraënde een na die ander: „Ben ik het?" „Ben ik het?"

Aan die regterhand van Jesus sit Johannes die geliefde disiepel en Petrus buig oor en wenk hom om die Heer te vra, wie dit is.

En Judas—Judas sit nog met die hand om die geldsakkie geklem, terwyl hy onrustig na Johannes kyk.

Daar is iets merkwaardigs om op te let—net voor Judas op die tafel lê die sout-potjie omgekeer en die sout uitgeval op die tafel. Dit is 'n teken van die verraad, wat in Judas se hart skuil. Die mense van Leonardo se tyd sou dadelik die betekenis hiervan begryp. Want van die vroegste tye was sout die simbool van 'n vrindskapsband, 'n heilige verbond—die omgevalle sout-potjie dan 'n teken van die verbreking daarvan.

Na hierdie kort beskrywing van die skildery sal die lesertjies miskien met meer aandag en belangstelling dit beskou, wanneer hulle 'n afdruk weer teëkom in 'n Bybel prenteboek en elders.

Bloemfontein. RIKIE POSTMA.

## DRIE MISTIEKE.

### HENDRIK SUSO, DIE DERDE VRIEND VAN GOD

Die Kristenreis van Bunyan beskryf die moeilike reis van die sondaar van uit die stad Verderf na die Hemel van Behoud. Sy tog is dus 'n vlug van die ewige verdoemenis na die heerlike Sion.

Die Vriende van God het die reis van 'n Kristen anders beskou, en daar uit kan mens hul eigenaardige standpunt sien. By hul is die reis die uitgaan uit die vervreemding van God na die geseënde liefde van die Almagtige, waar die welkom en die kus gevolg word deur die mistieke lewe en die geestelike fees. Dit is by hul die reis van die yskoue velde van bloot en verstandelike belydenis na die soetheid en die heerlikheid van die verborge heiligdom, waar die aangesig van God gesien word. Die boek van Rulman Merswin, getietel „Die Nege Rotse" gee dit mooi aan. Die kort inhoud van hierdie mistieke boek kan ek hier nie meedeel nie. Ons Protestante wat na die Hervorming leef, ken die weg Gods nou beter en duideliker, maar of ons wel so innig en warm in die gelowe is, bly 'n oop vraag.

Ek kom nou tot die derde Vriend van God, nl., Hendrik Suso, 'n geliefde vriend van Johannes Tauler.

Hierdie Suso het geskryf o.a. die boek „Van Die Ewige Wysheid," wat hede nog bestaan.

Die naam van hierdie man was eintlik Hendrik de Berg, maar hy het hom steeds genoem met die geslagsnaam van sy moeder Suso, omdat hy so baie van haar gehou het. Sy vader was 'n man van 'n oude ryk familie naby die stad Constance. Hendrik was van aanleg 'n sanger en 'n digter; hy word dan ook wel genoem die minnesanger of troubadour van die Vriende van God. Hy was sag van aard en het baie van mense en diere, en veral kleine diere gehou. Hul leed en pyn het vir hom seer gemaak. Al wat in die Natuur te hoor en te sien was, was vir Hendrik mooi en aanloklik. Die hoë berge, die Alpe, die snelle rivier die Ryn; fonteine en blomme, die skitterende sterre en die skoon klinkende lied van die voëls het vir hom bekoor. Toe hy 13 jare oud was, het hy sy vrome moeder verloor, en die jong seuntjie word nou in die Dominikaner klooster naby Constance geplaas. Hy leef baie vroom en toe hy 18 jaar oud was, kry hy eendag in die kapel, terwyl die ander monnike sit en eet in die refektorie of eetsaal, 'n verrukking van sinne. Hy sien en ervaar hemelse dinge, onuitspreeklik soet. Later weer sien Hy die Here blinkende as die môrester. Sy kroon was die Ewigheid en Sy sierlik kleed die Verlossing.

Op die manier vind hy God, en hy noem nou vir homself „Die dienskneg van die Ewige Wysheid." Die goddelike wysheid was vir hom meer wêrd as die hele wêreld met al wat daar in is. Hy is oorverheug, uitbundig in lof en die hoogste en skoonste woorde, wat hy kan vind, gebruik hy om die Heiland te prys.

Wat ons van Hendrik Suso weet het ons hoofsaaklik van Elizabeth Staglin, 'n non, wat uit haar geheue opgeteken het, wat Suso haar self meegedeel het. Heeltemal vertroubaar is dit nie. Verhaal word, dat Suso baie drome en gesigte gehad het. Dit mag wonderlik vir ons skyn, maar in die dae was dit by 'n heilige onmisbaar. Geeneen kon ook, so het hulle toe ook gemeen, as 'n ware kind van die Here heilig wees sonder pyniging van die vlees. Om die straf van die sonde te ontvlug en die Hemel te win, moes die lyf gekasty word. So het dan ook Hendrik Suso vir hom-

self aan sy liggaam gemartel, so as seker nooit deur 'n ander gedoen is nie. En daarmee het hy 22 jare aangehou. Twee punte het by die selfkwelling altyd op die voorgrond gestaan. Ten eerste het hul gemeen dat die vlees „daaronder" moes, en in die twede plaas was die gedagte, dat iemand wat Kristus volg, moet ly; 'n kruis dra, al is dit dan een, wat die mens vir homself maak. Hendrik Suso begeer ook 'n uitwendig teken, dat hy die Here toebehoor en hy neem 'n skerp yster pen, en prik die naam „Jesus" met groot letters op sy blote bors oor die hart. Toe bid hy: „O Here, skryf nou self U naam in my hart. Die naam „Jesus" het op sy bors bly staan tot sy dood toe. Hoewel ons mag glimlag oor sulk 'n daad, moet ons tog weet, dat kinderlike liefde tot die Heiland Suso daartoe gedryf het.

Dit was maar die begin. Hy dra voortaan 'n dik, harig kleed oor sy lyf en rondom sy lyf 'n yster ketting, en 'n gordel, oordek met yster naels, waarvan die punte in sy vlees ingedring het. Snags het hy handskoene van leer aan, ook met skerp ystertjies bedek. Dit doen hy, omdat hy bang is, dat hy anders die seerplekke op sy liggaam in die slaap mag vryf tot versagting, en die handskoene sal hom dit belet. Daeliks gesel hy homself met 'n gesel beset met skerp haakies as vishoeke, en vryf die wondplekkies met sout en asyn in. Hy slaap op 'n ou deur, wat weggegooi is en bedek hom met 'n verslete biesemat.

Ja, dan het hy op sy blote rug onder sy harige mantel 'n hout kruis gedra, met 30 yster naels daarin. Dit het hy 8 jare daar gehou. Sy kussing is 'n sak met seeskulpies en as hy slaap, lê hy op die hout kruis en hou die gordel ook om. Vir 25 jaar was hy nie in 'n vertrek, waar vuur was en in al die tyd het hy ook nooit 'n bad geneem. Vuilheid en heiligheid het by mekaar gepas, volgens die mening van die ou monnike. Hy eet slegs in al die tyd eenmaal op 'n dag, en drink daeliks nooit meer as 'n koppie water, en dit doen hy, terwyl die Ryn dag en nag langs die klooster stroom.

Nieteenstaande sy vroomheid, geraak Suso tog in twyfel, of hy wel 'n ware kind van die Here is, en nou hoor hy Vader Eckart preek. Hierdie in die geskiedenis so wel bekende man, was 'n ware ketter, maar een, wat roerend oor die liefde van die Here en die nietigheid van die mens kon spreek, en dit was treffend en heerlik vir Hendrik Suso, en voortaan is hy nou ook een van die „Vriende van God."

Hy kom tot die heilsame oortuiging, dat selfkwelling en selfkastyding geen nut vir die mens aan bring nie, en hy kom so ver, dat hy al die voorwerpe en instrumente van pyniging in die rivier gooi, en dinge wat hy vir heilig gehou het en vir hom tot hede meer wêrd was as goud, laat hy eweneens in die diepte verdwyn. Maar hierdie daad het hom by sy medebroeders in die klooster sy heiligheid laat verloor en voortaan verag hul vir hom. Van hierdie tyd begin die lydensgeskiedenis van die waarlik vrome en innige man.

Eers word hy op 'n bloot gesegde van 'n kind beskuldig, dat hy 'n kapel besteel het. Hy was daar net in gewees om te bid. Sy suster, wat 'n non was, val in sonde, wat vir hom vreeslik grief. Hy gaan uit om haar te soek en kry haar ook. Later word hy deur 'n dronk monnik beskuldig, dat hy die fonteine en putte van 'n seker stad met gif vergiftig en op die manier die swarte pes versprei. Die Jode is in daardie tyd ook dikwels van hierdie lae daad aangeklaag. 'n Woedende menigte het Suso toe amper gedood. As deur 'n wonder is hy gered. Behalwe hierdie dinge laat die Here hom nog andere beproewinge ook ondervind. Hy was daardeur soms baie verslae, maar die Here sê vir hom, dat hy nie alleen diegene, wat vir hom smaadheid aandoen, moet verdra, maar hul ook met liefde moet behandel en teder toespreek en sagmoedig met hul redeneer. Hy doen dit, en die uitwerking was wonderbaar. Wat hom eers bespot het, kry groot respek vir hom. Die volgende keer die slot.

Hier laat ek een van sy versies volg.

6 Februarie, 1926. T. H.

---

**U SAL VAN ALMAL GEHAAT WORD.**

**DIE MAT.**

Dit was op 'n wintermôre
In die dae van voorheen,
In sy sel sit vader Hendrik
Stom van sorg en gans verkleum.

Ag, my God, hoe moeg is ek,
Sug hy in sy hart,
Al die broeders vir my haat
Om my ywer vir U saak.

Was daar net één, wat my liefhet,
O, hoe soet sou dit nie wees.
Eén soet woordjie, wat gee sonskyn
Vir die lang en donker jaar.

Maar hul spot my, en verag my,
Tot my hart dit nie kan hou,
En my woord klink skerp en bitter,
Onregeerbaar word my tong.

Maar die Heer sê: Ek is met U
En vertrou geheel op My;
Sluit u venstertjie nou ope
Let nou op, wat daar gebeur.

Droewig maar opmerksaam kyk nou
Vader Hendrik, vol verwagting,
Daadlik uit die donker klooster
In die bytend koue wind.

Was daar dan 'n vriend aan komme,
Deur 'n engel aangestuur?
Nee, 'n hond jaag, wild en woes,
Vinnig om die kloostermuur.

'n Vuile mat, verslyt, vergete,
Gryp hy in sy wilde vaart;
Skeur en ruk en sleep dit
Rasend om die klooster heen.

Kyk, die hond is as die broeders,
Sê 'n ou bekende Stem,
As U nou die mat is, dierbre,
Wat sou U dan wel moet doen?

Needrig gaan nou vader Hendrik,
En hy dra die vuile mat
In sy kille sel, en hou dit
Voortaan as 'n ryke skat.

Baie winters, baie somers
Bly hy deur die klooster
Wandel, welgemoed en bly,
Vas gelowend: God is hier met my.

As 'n bitter woord hom erger,
Vlug hy daadlik na sy sel,
Neem die mat, beskou dit ernstig
Sê dan saggies: Alles is nog wel.

Moet die minste en die laagste,
Dan nie ook die laagste lê?
Ja, gewis, en Heer ek dank U,
dat ek as die mat mag wees.

En dan ween hy, want in stilheid
Hoor hy sag sy Bruigom sê:
Eens was Ek ook so veragtlik
Spraakloos lydend voor U heil.

Ja, my wang vir slaag en spuwe
Het Ek toe om u gegee;
Is u dan ook nou die laagste,
Dink dan slegs aan My.

(15 Augustus, 1925.) T. H.

(Weens plaasgebrek moet twee bydraes van brs. H. P. de Wet en J. Lugtenburg oorstaan.)

### HUWELIK

VAN DER WALT—SCHOEMAN.—Willie van der Walt van die Geref. Gemeente Fauresmith, en Helena Schoeman van die Geref. Gemeente Bethulie, wens hiermee ons familie en vriende-(inne) bekend te maak, dat ons huweliks bevestiging sal plaats vind in die Geref. Kerk, Bethulie, D. V. op Maandag 26 April 1926 om 10 uur v.m.

Gelukwensing te huise van mev. wed. C. Buys, Bethulie.

W. J. VAN DER WALT.

Marquard
3:3:26.

### VERLOWING

MEINTJES—VENTER.—Johannes Meintjes, twede seun van mev. S. Meintjes, Grootgeluk, dist. Ficksburg, en Magdalena Venter, twede oudste dogter van mnr. en mev. Gabriel en Sarie Venter , Grootgeluk, dist. Ficksburg wens aan hulle familiebetrekkinge en vriende bekend te maak dat hulle verloof is.

### DANKBETUIGING.

Ons betuig hiermee ons hartelike dank, aan al die Gereformeerde Predikante, en ook aan ds. Van Rooyen en sy eggenote mev. Van Rooyen, van die Ned. Gereformeerde Kerk, en ook aan al die vriende die haar so trou besoek het gedurende haar lyden.

Dan wens ons spesiale dank te betuig aan, mev. Gericke, mev. Coetsee, mev. Victor, vir hulle troue bystand tot op die laaste.

MEV. COOKS.

112, North St.,
Durban.

### DANKBETUIGING.

Voor de belangstelling en deelneming ons betoond by het overlyden van onze dochter en zuster

**GEERTRUIDA VAN DER MARK**

betuigt de ondergetekende, namens de familie, hartelike dank.

C. VAN DER MARK Sr.

Pretoria, 3 Maart 1926

### IN MEMORIAM

Onvergetelyk bly ons die vroege morgen van 19de Maart 1924, toen van ons weggenomen is myn geliefde vrouw en moeder

**REGINA BARBARA VAN NIEKERK.**

(geb. Pretorius.)

Mijn ziel is immers stil tot God.

De bedroefde L. G. VAN NIEKERK en kinders.

### TER GEDAGTENIS AAN ONS OU VADER S. P. PRETORIUS.

Met innige droefheid moet ons melding maak van die afsterwe van ons geliefde vader

**STEPHANUS PETRUS PRETORIUS**

op die 23ste Feb., 1926, in die geseende ouderdom van 76 jaar 5 maande en 4 dae, na 'n smartelyke lyding aan water, wat hy met geduld gedra het. Nou dat hy heengegaan is sal hy nie alleen deur sy bloedverwante en vriende, maar ook deur sy medegeloofsgenote baie gemis word.

Met afwisseling het hy in die dae van sy krag die Kerk des Heeren gedien, eers as diaken en later as ouderling in die Ned. Geref. Gemeente van Lindley, en was altyd 'n voorstander van die waarheid en suiwerheid van die leer. Hy het altyd getrou gewaarsku teen al die verkeerdhede wat die Kerk sou binne dring.

In 1911 het hy vertrek na die distrik van Vryburg, en daar het hy deur sy gemoedsoortuiging sy kerk verband met die Ned. Geref. Kerk opgesê, en hom by die Gereformeerde kerk gevoeg, waarin hy ook spoedig weer as ouderling gedien het, totdat hy weëns liggaamlike kwale 'n eervolle ontslag gekry het.

Namens die bedroefde kinders,
E. HAASBROEK (geb. Pretorius.)

Steynsrust,
26/2/1926

### DOODBERIG

Oorlede op 23 Feb. ons geliefde seun

**CASPER JAN HENDRIK**

in die ouderdom van 20 jare en 10 maande. Hy was nog besig met sy studies aan die P. U. K. toe hy siek geword het.

Ons berus in die wil van die Here.

Hiermede wens ons ook om te bedank, die professore, studente en vriende wat ons per brief, telegram of andersins hul deelneming betuig het. In sonderheid wens ons om te bedank ds. M. Postma vir sy troue besoek aan die kranke

Die bedroefde ouers
S. VAN WYK.
A. VAN WYK (geb. Snyman)

11, Cumberland Road,
Kensington-Johannesburg.

**DOODBERIG**

Op die 27ste Febr. 1926 is plotseling oorlede aan 'n hartkwaal wat sy van die griep oorgehou het ons kleine liefling

**GERBRECHT ELIZABETH NIENABER.**

Hoewel sy 'n aangenome kind was, het ons haar bemin as ons eie en dank ons die Here vir so 'n mooi lewe van omtrent 14 jaar, wat sy in ons huis deurgebring het. Ons beween haar heengaan en troos ons met die gedagte dat sy tans die ewige rus geniet.

WILLEM en HESTER VORSTER.

Meintjes Straat.
Middelburg, K. P.

**DOODBERIG**

Dit het die Heer behaag van ons weg te neem ons dierbare moeder

**ANNA JACOBA KRUGER**

(geb. Snyman.)

in die ouderdom van ruim 71 jaar op 30 Nov. 1925, na een sware lyding van ses dae aan beroerte.

P. J. VENTER,
Holkrans oor Grikwastad Namens Kinders.

**IN MEMORIAM.**

Onvergetelik bly die vroeë more van 17 Maart 1925 vir my en familie toe van ons weg geneem is deur die dood My Eggenote en Moeder van twee wesies

**CORNELIA MAGRIETHA FOURIE.**

Namens Myself en familie,
GERT J. FOURIE.
Brandspruit—Venterstad ANNA EN NELIE

**DOODBERIG**

Aan bloedverwante en vriende word hiermee bekend gemaak dat op die 23ste Januarie 1926 oorlede is, weduwee

**MARIA MAGDELENA ELIZABETH COETSEE**

(geb. Steenekamp.)

In die ouderdom van 75 jare, 11 dae, in haar smartelike lyden van twee en een half jaar. Hoe swaar die slag ook vir ons is, swyg ons onder die wil van ons Hemelse Vader, en sê ons met die Psalmdigter: „Mijn ziel is immers stil tot God."

Bedroefde kinders.

N. COETSEE,
M. COETSEE, (geb. Coetsee.)
J. COETSEE,
M. COETSEE, (geb. Vermeulen.)
S. COOKS,
M. COOKS, (geb. Coetzee.)
J. COETSEE,
C. COETSEE, (geb. du Plessis.)
L. NEILSEN,
S. NEILSEN (geb. Coetsee.)
G. COETSEE,
G. COETSEE (geb. Victor.)
J. J. COETSEE.

**DOODBERIG**

Op die 15de Feb. 1926, het die Here deur die dood van ons weg geneem ons seer geliefde moeder

**REGINA BARBARA HATTINGH**

(geb. Van Zyl.)

na een lydende siekbed van 4 maande aan water in die ouderdom van 59 jaar, 2 maande, 23 dae. Hoe groot haar lyding was, was sy altyd stil in haar God, ons troos ons daarin soals in Openbaring 14:13 staan Ons bedank ook al die famielie en vriende wat ons so trou bygestaan het gedurende die siekte.

Die bedroefde kinders en kleinkinders.

FREDERIK JACOBUS HATTINGH,
ANNA JOHANNA HATTINGH (geb. Labuscagne.)

Kleinkinders

REGINA BARBARA HATTINGH
JOHANNES PETRUS LOURENS HATTINGH,
JOHANNA JACOBA HATTINGH


## "LAAT ONS MEKAAR EN ONSE GOEIE SAKE HELP."

**Ons het 'n ruime sortering geokuleerde en geënte Vrugtebome wat ons kan aanbied planttyd. Deur lesers van Die Kerkblad word jaarliks duisende bome aangeplant en waar ons instaat is om die te kan lewer, bied ons nou aan om van alle orders wat ons deur middel van Die Kerkblad kry, 10 persent af te gee vir die Evangelisasiewerk op die Rand. Ons bome is goed, ons pryse billik.**

***Vra ons katalogus en as u order uitmaak, set net bo:—„Kerkblad order."***

**J. LIGTHELM & KO.,**
**Geregistreerde Boomkwekers.**

**Pos Selons Rivier,**
***via* Middelburg, T.**

# DAMES UITRUSTING.

**Mev.** E. J. van der Walt, 135 Langmarkstraat, Kaapstad (Friedlandsgebou, 1ste vloer), Drapeerster, Kompleet uitruster Damesklere en -Hoede, of enig Damesbenodighede, Hoede- en Dresmaakster. Aand- en Troutabberds 'n spesialiteit. Persoonlike toesig.


**GASLIGTE VIR DIE KERK.**

Die kerkraad, Geref. Gemeente Ladybrand, wens die teenwoordige gaslig in die Kerk te vervang met elektriese lig van die Stadsraad, en bied aan te koop die Gaslig-installasie vir **baie billike** terme.

Alle informasie is verkrybaar by ondergetekende,

D. P. DU PLESSIS, Voorsitter.

Bus 88, Ladybrand.